


LitNet Akademies

Jaargang 14, Nommer 2, 2017



'n Akademiese joernaal vir die
Geesteswetenskappe,
Godsdienwetenskappe, Opvoedkunde
Natuurwetenskappe en Regte

www.litnet.co.za

ISSN 1995-5928

Redaksie: *LitNet Akademies*

Hoofredakteur

Etienne van Heerden (PhD, LLB, DLitt h.c.), Universiteit van Kaapstad

Hoofbestuurder en -redakteur: *LitNet Akademies*

Uitvoerende redakteur: LitNet

Geesteswetenskappe-redakteur

Francis Galloway (DLitt)

Godsdienswetenskappe-redakteur

Pieter G.R. de Villiers (DTh, ThDrs)

Regte-redakteur

Johann Neethling (LLM LL.D), Universiteit van die Vrystaat

Natuurwetenskappe-redakteur

Dirk Laurie (MSc in Wiskunde, PhD), Universiteit Stellenbosch

Natuurwetenskappe-ereredakteur

**Hendrik Geyer (MSc in Teoretiese Fisika, PhD in Teoretiese Kernfisika, FRSSAf),
Universiteit Stellenbosch**

Natuurwetenskappe-ereredakteur

**Jannie Hofmeyr (BSc Hons in Biochemie, MSc in Biochemie, PhD, FRSSAf),
Universiteit Stellenbosch**

Opvoedkunde-redakteur

Estelle Kruger (DLitt)

Personeel

Redaksionele bestuurder

Naomi Bruwer (MA in Afrikaans-Nederlands), Senior inhoudsbestuurder by LitNet

Redaksionele assistent

Liné Enslin (BA, Nagraadse diploma in Vertaling)

Taaladviseur

Nicky Grieshaber (MA)

Adviesraadslede van *LitNet Akademies*

Ruth Baitsewe, Universiteit Stellenbosch – Suid-Afrika
Andries Bezuidenhout, Universiteit van die Pretoria – Suid-Afrika
Frikkie Botha, Bestuurder: QCanes, BSES Limited – Australië
Gerrit Brand, Universiteit van Stellenbosch – Suid-Afrika
Guillaume Brümmer, Universiteit van Kaapstad – Suid-Afrika
Naomi Bruwer, Inhoudsbestuurder by www.litnet.co.za – Suid-Afrika
Joel Claassen, Universiteit van Kaapstad – Suid-Afrika
Eugene Cloete, Universiteit Stellenbosch – Suid-Afrika
Neil Cochrane, Universiteit van Suid-Afrika – Suid-Afrika
Ronald Cools, Katholieke Universiteit Leuven – België
Scarlett Cornelissen, Universiteit Stellenbosch – Suid-Afrika
Darryl David, Universiteit van KwaZulu-Natal – Suid-Afrika
Leon Dicks, Universiteit Stellenbosch – Suid-Afrika
Ian Dubery, Universiteit van Johannesburg – Suid-Afrika
Heilna du Plooy, Noordwes-Universiteit – Suid-Afrika
Jat du Toit, Noordwes-Universiteit – Suid-Afrika
Kobus Eloff, Universiteit van Pretoria – Suid-Afrika
Hans Ester, Radboud Universiteit Nijmegen – Nederland
Eep Francken, Universiteit Leiden – Nederland
Francis Galloway, LitNet Akademies: Geesteswetenskappe-redakteur – Suid-Afrika
Ena Jansen, Vrije Universiteit van Amsterdam – Nederland
Thys Human, Universiteit van Johannesburg – Suid-Afrika
Jerzy Koch, Adam Mickiewicz Universiteit, Poznań – Pole
Chris Koen, Universiteit van die Wes-Kaap – Suid-Afrika
Derek Litthauer, Universiteit van die Vrystaat – Suid-Afrika
Catharina Loader, Universiteit van Wenen – Oostenryk
Amanda Lochner, Universiteit Stellenbosch – Suid-Afrika
Braam Louw, Universiteit van Pretoria – Suid-Afrika
Johann Lutjeharms, Universiteit van Kaapstad – Suid-Afrika
Johan Malherbe, Universiteit van Pretoria – Suid-Afrika
Jean Meiring, Universiteit van Cambridge – Engeland
Johan Meyer, Universiteit van die Vrystaat – Suid-Afrika
Albert Neitz, Universiteit van Pretoria – Suid-Afrika
Desmond Painter, Universiteit Stellenbosch – Suid-Afrika
Marius Potgieter, Noordwes-Universiteit – Suid-Afrika
Sakkie Pretorius, The Australian Wine Research Institute – Australië
Heinrich Raubenheimer, Universiteit van Johannesburg – Suid-Afrika
Helgard Raubenheimer, Universiteit Stellenbosch – Suid-Afrika
Koot Reinecke, Universiteit Stellenbosch – Suid-Afrika
Egmont Rohwer, Universiteit van Pretoria – Suid-Afrika
Vasti Roodt, Universiteit Stellenbosch – Suid-Afrika
Alfred Schaffer, Universiteit Stellenbosch – Suid-Afrika
Arnold Schoonwinkel, Universiteit Stellenbosch – Suid-Afrika
Hendrik Swart, Universiteit van die Vrystaat – Suid-Afrika
Christo van der Rhee, Afrikaanse Handelsinstituut – Suid-Afrika
Etienne van Heerden, Universiteit van Kaapstad – Suid-Afrika

Ian van Rooyen, Universiteit van Kaapstad – Suid-Afrika
Hannes van Staden, Universiteit van KwaZulu-Natal – Suid-Afrika
Helize van Vuuren, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit – Suid-Afrika
Steward van Wyk, Universiteit van die Wes-Kaap – Suid-Afrika
Emile van Zyl, Universiteit Stellenbosch – Suid-Afrika
Rudi Venter, Oxford University Press – Suid-Afrika
Louise Viljoen, Universiteit Stellenbosch – Suid-Afrika
Andries Visagie, Universiteit van Pretoria – Suid-Afrika
Gideon Wolfaardt, Ryerson University – Kanada
André Weideman, Universiteit Stellenbosch – Suid-Afrika
Hein Willemse, Universiteit van Pretoria – Suid-Afrika

Uitgewer: LitNet

LitNet Akademies is 'n geakkrediteerde akademiese aanlynjoernaal.

Besoek: <http://www.litnet.co.za/Category/akademies/litnet-akademies>

E-pos: akademies@litnet.co.za

Telefoonnommer: 021 886 5169

ISSN 1995-5928

Ondersteun deur:



**TRUST^{VIR}
AFRIKAANSE
ONDERWYS**

Inhoudsopgawe

Afdeling: Geesteswetenskappe

Riglyne vir die bevordering van die welstand van Suid-Afrikaanse sielkundiges	1
Erika Hitge en Izanette van Schalkwyk, Gesondheidswetenskappe: Sentrum vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies, Noordwes-Universiteit	
Verkennde verbeeldingswêreld: die ontsluiting van die Willem Boshoff Argief	26
Josef van Wyk, Suzanne De Villiers-Human en Dirk van den Berg, Departement Kunsgeskiedenis en Beeldstudie, Universiteit van die Vrystaat	
Die rol van die Universiteit Stellenbosch se Departement Afrikaans en Nederlands in die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie deur sy betrokkenheid by die Woordeboek van die Afrikaanse Taal	65
Gerda Odendaal, nadoktorale navorsingsgenoot, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch	
Die staatsdiens van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1890 tot voor die Jameson-inval van 1895	92
Heinie Heydenrych, onafhanklike navorser	
Titus Matiyane, kartograaf en transnasionale <i>flâneur</i>	125
Elfriede Dreyer, Departement Kunsgeskiedenis, Visuele Kunste en Musiekwetenskap, Universiteit van Suid-Afrika	
Plekspesifieke digitale literatuur: samespel en wisselwerking in nuwe kontekste	147
Franci Greyling, Skryfkuns, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)	
'n Oorsig van die problematiek rakende die modernisering van die SANW vir deelname aan multinasionale vredesteunoperasies in Afrika	190
Theo Neethling, Departement Politieke Studie en Regeerkunde, Universiteit van die Vrystaat	
Die veranderende betekenis van die Voortrekkermonument: erfeniswins of erfenisverlies?	214
Anton C. van Vollenhoven, buitengewone professor in Geskiedenis, Noordwes-Universiteit (Mafikeng-kampus)	
Om wêreld te verbeel(d): tekstuele relasionaliteit in <i>Wonderboom</i> (Lien Botha)	238
Adèle Nel, Vakgroep Afrikaans en Nederlands, Noordwes-Universiteit (Vaaldriehoek-kampus)	

'n Heideggeriaanse benadering van landskap as woon in Breyten Breytenbach se *Nege landskappe van ons tye bemaak aan 'n beminde* (1993) 267

Alwyn Roux, Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap, Universiteit van Suid-Afrika

Hein Viljoen, Navorsingseenheid: Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse konteks, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

Oorwegings vir die dekolonisering van die verwante musieksoorte van Westerse en Suid-Afrikaanse kunsmusiek 301

Etienne Viviers, MASARA Nisenteit, Skool vir Musiek, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

Afdeling: Godsdienswetenskappe

Vreemdheid as geleentheid. Enkele gedagtes oor die hermeneutiese potensiaal van 'n ongemaklike begrip 326

Bernard C. Lategan, Departement Inligtingwetenskap, Universiteit Stellenbosch

Die juk van askese: Slawe in kloosters en kloosterlike huishoudings in die sendeling Johannes van Efese se *Commentarii de beatis orientalibus* 350

C.L. de Wet, Departement Bybelse en Antieke Studie, Universiteit van Suid-Afrika

Voortdurende onbekendheid en vreemdheid. Die implikasies van Michael Welker se teologie van die Gees vir 'n teologiese hermeneutiek vir vreemdelinge 368

Henco van der Westhuizen, Teologiese Fakulteit, Universiteit van die Vrystaat

Mag, die staat en die kerk in Suid-Afrika 390

Johann Rossouw, medeprofessor, Departement Filosofie, Universiteit van die Vrystaat

Die liturgie van die 1995-Wêreldrugbybeker-eindwedstryd: 'n ruimtelik-liturgiese refleksie deur die lens van 'n sosiale-kohesie-model 413

Daléne Flynn, Departement Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria

D.J. Opperman se verbond met die skeppende God: 'n Interpretasie van *Heilige beeste en Negester oor Ninevé* 439

Lina Spies, Universiteit van die Vrystaat

Afdeling: Opvoedkunde

'n Neurowetenskaplike beskouing van die leeshandeling 460

Ansie Lessing en Marike W. de Witt, Departement Sielkundige Opvoedkunde, Universiteit van Suid-Afrika

Rolkonflik by getroude manlike onderwysers vroeg in die 21ste eeu	492
Deon Vos en Philip van der Westhuizen, Fakulteit Opvoedingswetenskappe, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)	
'n Vergelykende studie van die standaardisering van die ontwikkeling van skoolleierskap in die VSA en Suid-Afrika	518
Clarence G. Williams, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Wes-Kaapland	
Performatiwiteit as verskynsel in die onderwys	540
Milton van Wyk en Lesley le Grange, Departement Kurrikulumstudie, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit Stellenbosch	
Omgewingsdiskoers in wetenskapfiksie vir kinders met verwysing na die <i>Anna Atoom</i>-reeks deur Elizabeth Wasserman	565
Henriëtte Loubser, Departement Kurrikulumstudie, Universiteit Stellenbosch	
Die gebruik van fiksie vir die ontwikkeling en optekening van navorsing in die sosiale wetenskappe	609
Julian Müller, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat Marguerite Müller, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van die Vrystaat	
Die invloed van selfgerigteleergereedheid op die aanleer van die blindtiktegniek	627
Elsie Lubbe, Fakulteit Opvoedingswetenskappe, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)	
Hoërskool-onderwysers in die Vrystaat se ervaring van psigologiese geweld	650
Nehemiah Phooko, Mensehulpbronopleiding en -ontwikkeling, Skool vir Mensehulpbronwetenskappe, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) Helen Meyer, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) Erika Fourie, Statistiese Konsultasiedienste, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) Tiaan Kirsten, Fakulteit Opvoedingswetenskappe, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)	
Taalbewussyn as komponent van geletterdheidsvaardigheid: 'n ondersoek na narratiefvaardigheidontwikkeling by Graad 3-leerders	696
Irene Brand, postdoktorale navorsingsgenoot, Departement Algemene Taalwetenskap, Universiteit Stellenbosch Christine Anthonissen, professor emerita, Departement Algemene Taalwetenskap, Universiteit Stellenbosch	
Neurowetenskaplike insigte oor leer en wording aan die hand van twee gevallestudies	726
Petro van Niekerk, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Suid-Afrika	

Afdeling: Regte

- Vonnisbespreking: Die regspraak bevestig die gedingsvatbaarheid van afrokkeling as iniuria** 747
Roberts v Van Schalkwyk en Roberts 2017-3-16 saaknr. 1984/2014 (FSB)
Johann Neethling, Departement Privaatreg, Universiteit van die Vrystaat
- Skoonlief en die ondier: 'n Ondersoek na die nut van aanlyn bemiddeling in gesinsgeskille in Suid-Afrika** 755
Amanda Boniface, Departement Privaatreg, Universiteit van Johannesburg
Andreas Velthuisen, Institute for Dispute Resolution in Africa (IDRA), Regskollege, Universiteit van Suid-Afrika
- Caveat magister! Die uitsetting van kosgangers uit koshuise van openbare skole weens onbetaalde koshuisgeld** 780
Danie (D.F.) Kloppers, konsultant, EduKat Educational Consulting
Henk (H.J.) Kloppers, Fakulteit Regte, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)
- Vonnisbespreking: Die nuwe onregmatigheidstoets: 'n Trojaanse perd wat delikteregbeginsels bedreig? Pro Tempore v Van der Merwe 2016-3-24 saaknr. 20853/2014 (HHA) ([2016] ZASCA 39)** 813
Johan Potgieter, Departement Privaatreg, Universiteit van Suid-Afrika
- Putatiewe noodweer as verweer in die Suid-Afrikaanse strafreg: 'n Kritiese oorsig van die onseker pad tot by Pistorius en daarna** 831
Rinda Botha, Departement Publiekreg, Universiteit van die Vrystaat

Afdeling: Geesteswetenskappe

Riglyne vir die bevordering van die welstand van Suid-Afrikaanse sielkundiges

Erika Hitge en Izanette van Schalkwyk

Erika Hitge en Izanette van Schalkwyk
Gesondheidswetenskappe: Sentrum vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies, Noordwes-Universiteit

Opsomming

In hierdie artikel word riglyne aangebied om 'n program wat gemik is op die beskerming en bevordering van Suid-Afrikaanse sielkundiges se welstand te ontwikkel. Die sosio-ekonomiese situasie in Suid-Afrika lei daartoe dat sielkundiges leef en werk in gemeenskappe wat gekenmerk word deur misdaad, armoede, siekte en maatskaplike euwels, wat hierdie riglyne vir die verryking van sielkundiges se welstand 'n noodsaaklikheid maak. Hierdie studie benadruk dat welstand nie outomaties plaasvind nie, maar dat dit strategies ontwikkel moet word. Die navorsers het die welstandskonsepte betekenis, veerkragtigheid en positiewe affek van Suid-Afrikaanse sielkundiges ondersoek en waardevolle temas geïdentifiseer wat aanduidend is daarvan dat spesifieke bevoegdhede, soos selfsorg, bewustheid, liefdevolle goedheid en selfdeernis, noodsaaklik is vir die bevordering van welstand. Deur die bevordering van welstand tot op 'n vlak van florerend, kan sielkundiges net blote bestaan verbystek en 'n rykdom van lewenservaring ondervind.

Trefwoorde: positiewe sielkunde; riglyne; Suid-Afrikaanse sielkundiges; welstandsbevordering

Abstract

Guidelines for the promotion of the well-being of South African psychologists

The question in well-being research has changed from why people become ill to how people can experience a good and full life despite life problems, and this article addresses that specific question in relation to South African psychologists.

Investment in the well-being of health professionals is crucial, as their professional contribution is vital to the effective provision of health services. Psychologists have been referred to as happiness facilitators and their work involves assisting with clients' well-being

and mental health. It is therefore important to provide guidelines for South African psychologists to sustain and enhance their own well-being, and this makes the present research necessary and important.

Social, economic and political problems are endemic to South Africa, while there exists a severe shortage of qualified health-care professionals, with a mere 0,32 psychologists per 100 000 people of the population. In addition, mental health-care budgets are disproportionately low in comparison with the high prevalence of mental disorders in South Africa. While the availability of psychologists as a resource in the South African health care sector is rather low, mental illness is very prevalent, with an estimated 16,5% of the population requiring mental health services, of whom a mere 25% actually receive mental health-care. This information clearly needs to be taken into account considering the impact that it may have on psychologists in terms of workload and functioning.

Many researchers have investigated the spill-over effect between people's work and personal lives. Although psychologists implement strategies such as professional boundaries to prevent spill-over, certain types of spill-over still occur. Spill-over is an especial reality for psychologists, as they bring the tools of their trade, namely themselves, to each of their life roles. Psychotherapy works in two directions: while psychologists affect their clients they are also affected by their clients, which may impact psychologists' well-being.

The American Psychological Association (APA) indicated that psychologists need measures to protect them against occupational stress. However, despite the clear need for such measures, this need is often ignored. The recommendations of the APA for psychologists towards self-care include awareness in order to avoid becoming overwhelmed by the challenges posed by their profession. Psychologists are also encouraged to identify mechanisms to reduce stress and foster proper self-care. In South Africa the word *self-care* does not even appear in the Health Professions Act (1974) that regulates psychologists' professional behaviour. Although many psychologists dedicate themselves to caring for others, it is questionable whether they are able to create a sustainable balance between client care and self-care with a view to experiencing well-being.

Psychologists work long and inconvenient hours, have an unstable income when working in private practice, work with difficult cases such as homicide and suicide and are frequently faced with clients' exhausted medical aids. The limitations and problems experienced by psychologists as a result of scope of practice in psychology has led to legal action on the part of practitioners to attempt to have their experience and knowledge acknowledged and to be reimbursed for their services by medical aids.

Complete mental health protects people against physical disease. The maintenance and promotion of mental health is therefore as important as the prevention and treatment of mental illness. Well-being can be promoted and protected via the strengthening of psychological capacity and by paying attention to possible threats to health. When such efforts are undertaken, it may ensure the experience of psychologists' well-being, as well as impact the level of service delivery to clients. Enhancing the well-being of psychologists will therefore contribute positively to the mental health sector in South Africa.

The big question in positive psychology is how well-being can be advanced and how life problems can be survived. The central question of this article corresponds to the stated

question of positive psychology: How can the well-being of South African psychologists be promoted while practical solutions are found for the career-specific problems experienced by them? This focus on well-being and intentional activities makes positive psychology an ideal paradigm for the development of guidelines for enhancing South African psychologists' well-being.

This article is based on a thesis titled "The well-being of South African psychologists: a mixed method study" by the first author, Erika Hitge. The thesis consisted of a literature study and a qualitative and quantitative study pertaining to the well-being of South African psychologists (henceforth "psychologists", unless stated otherwise) and conclusions and recommendations. The researcher investigated well-being constructs namely meaning, resilience and positive affect of psychologists and valuable themes were identified indicating that specific skills and competencies are crucial aspects relative to the enhancement of well-being. The study emphasised that well-being does not occur automatically, but has to be strategically cultivated. It is suggested that enhancing well-being and experiencing flourishing can assist people in moving beyond mere existence to experiencing a well-lived life.

The guidelines for the promotion of the well-being of psychologists are based on data forthcoming from the results of the mixed-method study, along with existing literature. Psychologists' well-being and character strengths need to be compared through pre- and post-testing to establish whether the guidelines and the resulting programme do indeed promote the well-being of local psychologists. Participants in the programme should be interviewed to establish the strengths and limitations of the programme. Once a pilot study has been conducted and the above steps have been executed to refine the programme, it will be possible to make recommendations to the Health Professions Council of South Africa (HPCSA) and the Psychological Society of South Africa (PSYSSA) with a view to national application of this well-being programme.

Aspects that should be incorporated into a well-being programme for psychologists are flourishing, character strengths, self-care, self-compassion, mindfulness, lovingkindness, work content and context, relationships and personal resources. The suggested programme consists of 13 sessions.

These guidelines constitute an attempt to avoid focusing on what is negative and problematic regarding the work of psychologists, such as exhaustion, burnout, isolation and compassion fatigue. Instead, these guidelines focus on well-being as a motivation to accept the positive and negative dimensions of life and still to experience well-being through enhanced self-care.

Practising these guidelines may result in a more meaningful life in which people use their best strengths in the service of both their own and others' well-being. Deciding to use these guidelines may require a willingness to be flexible and to grow increasingly towards acting on life, as opposed to merely consuming wellness. Designing a well-being programme for South African psychologists can also assist in promoting and protecting the well-being of these healthcare professionals through enabling psychologists to apply specific skills, such as practising of character strengths, career-sustaining behaviours and self-care, mindfulness, lovingkindness and self-compassion, with due consideration of the relevant context.

Keywords: guidelines; positive psychology; South African psychologists; well-being promotion

1. Inleiding

Hierdie artikel is gebaseer op 'n proefskrif getiteld “The well-being of South African psychologists: a mixed method study” van die eerste skrywer, Erika Hitge (2015). Die proefskrif bestaan uit 'n literatuurstudie en 'n kwalitatiewe en kwantitatiewe studie rakende die welstand van Suid-Afrikaanse sielkundiges, riglyne vir die bevordering van die welstand van sielkundiges in Suid-Afrika en gevolgtrekkings en aanbevelings. Betroubaarheid van data is verseker deur die betroubaarheid van die meetinstrumente wat gebruik is te bepaal en die instrumente is inderdaad betroubaar bevind. Wat die kwalitatiewe studie betref, is betroubaarheid verseker deur die resultate met deelnemers uit te klaar sodat bevestig is dat die resultate hul denke weerspieël, onderhoude op band op te neem wat interne betroubaarheid verhoog, asook deur eksterne spesialiste te gebruik om die tematiese ontleding te oorsien. Verder is triangulering en kristallisering aangewend om betroubaarheid van data en resultate te verseker. Die riglyne vir die bevordering van die welstand van Suid-Afrikaanse sielkundiges is gebaseer op data wat verkry is uit die resultate van die gemengde-metode-studie, asook bestaande literatuur. Goedkeuring vir hierdie studie is verkry van die Gesondheidsnavorsing Etiese Komitee van die Noordwes- Universiteit onder die etieknommer NWU-00092-14-S1.

Sielkundiges ervaar veelvuldige beroepsuitdagings, soos uitbranding (Bradley, Drapeau en DeStefano 2012), depressie, angs en emosionele uitputting (Johnson en Barnett 2011), isolasie (Webb 2011) en alkohol- en dwelmmisbruik (Smith en Moss 2009). As gevolg van 'n verandering in toepassingsbestek van sielkundiges se werk deur die HPCSA (2014) is sielkundiges verhinder om werk waarvoor hul opgelei is en waarin hulle ervaring het, te verrig. Mediese fondse het ook vanaf 2016 betalings aan ander kategorieë as kliniese sielkundiges vir vele diagnoses gestaak. Hierdie beroepspesifieke probleme het aanleiding gegee tot die stigting van die Recognition of Life Long Learning in Psychology Action Group (ReLPAG). In 2016 het ReLPAG geregtelike stappe gedoen en 'n hooggeregshofbevel bekom wat die HPCSA genoodsaak het om die toepassingsbestek in die professie van sielkunde te heroorweeg en wat mediese fondse noop om sielkundiges soos vantevore uit te betaal vir professionele konsultasies (ReLPAG 2016). In kontras met hierdie beroepsuitdagings word van sielkundiges in Suid-Afrika verwag om hul kliënte of pasiënte te versorg, selfs tot nadeel van hulself en hul eie belange (HPCSA 2014). Sielkundiges word beskou as sekondêre instandhouders van kliënte of pasiënte se welstand (Van Zyl, Deacon en Rothmann 2010; Young 2013) en dit is daarom uiters belangrik dat hulle in belang van hul eie funksionering en in belang van hul kliënte of pasiënte optimale welstand ervaar (Wise, Hersh en Gibson 2012).

Die bopunt van die geestesgesondheidskontinuum, genaamd florerend, verwys na hoë vlakke van welstand en positiewe funksionering (Keyes 2002). Florerende volwassenes beskik oor hoë vlakke van emosionele welstand en positiewe funksionering, is gevul met emosionele energie en funksioneer goed op sielkundige en sosiale gebied (Keyes en Lopez 2002). Mense met hoë vlakke van emosionele welstand leef moontlik langer (Danner, Snowdon en Friesen 2001) en is meer produktief, betroubaar en kreatief (Diener en Ryan 2009). Hierdie artikel verskaf 'n motivering vir die ontwikkeling van riglyne om Suid-Afrikaanse sielkundiges by te staan om hul welstand optimaal en verkieslik tot op die vlak van florerend te ontwikkel.

2. Positiewe sielkunde en welstand

Welstand kan nagestreef word uit die hedoniese, die eudaimoniese, of 'n kombinasie van die twee uitgangspunte. Hedoniese welstand behels selfbevrediging, hoë vlakke van positiewe en lae vlakke van negatiewe affek (Ryan en Deci 2001) en impliseer finansiële welvaart en die beskikbaarheid van baie geleenthede (Waterman, Schwartz en Conti 2008). Voorbeelde van hedoniese aktiwiteite wat mense in 'n spesifieke oomblik en in klein hoeveelhede gelukkig maak, soos inkopies, goeie kos en werk vir 'n lewe, lei nie tot vervulling op die lang duur nie (Ryan en Deci 2000). Die term *eudaimoniese welstand* verwys na groei, sinvolheid en betekenis in die lewe (Fredrickson 2013). Om geluk op langer termyn te ervaar, is dit nodig dat mense aktief deelneem aan aktiwiteite wat lewensbevestigend is en wat vreugde skep, terwyl hulle probeer om hulle positiewe emosies en karaktersterktes te bevorder (Lyubomirsky, King en Diener 2005; Peterson en Seligman 2004; Seligman 2011), in ooreenstemming met die eudaimoniese perspektief. Hedonia en eudaimonia is egter met mekaar verweef en in die konteks van welstandsontwikkeling is dit belangrik om sowel goed te voel as om goed te funksioneer (Keyes en Annas 2009).

Die positiewe sielkunde vra hoe welstand bevorder kan word en hoe probleme oorleef kan word (Sin en Lyubomirsky 2009). Die sentrale vraag van hierdie navorsing is in ooreenstemming hiermee: Hoe kan die welstand van Suid-Afrikaanse sielkundiges bevorder word, terwyl werkbare oplossings gevind word vir die probleme wat hulle ondervind?

3. Konseptuele agtergrond

Belegging in die welstand van gesondheidspraktisyns is noodsaaklik, omdat hulle professionele bydrae onontbeerlik is vir die effektiewe verskaffing van nasionale gesondheidsdienste (Van den Berg 2013). Daar word van goeie gesondheidspraktisyns verwag om hul lewenslank toe te wy aan hul beroep en om in die beste belang van hul medemens en die groter gemeenskap op te tree (HPCSA 2014).

Daar word na sielkundiges verwys as fasiliteerders van geluk (Van Zyl e.a. 2010), aangesien hulle met mense se welstand en geestesgesondheid werk (Young 2013). Sielkundiges se welstand ondersteun hul professionele bevoegdheid (Wise e.a. 2012). Bevoegdheid weer is 'n vereiste vir sielkundiges om te mag praktiseer (Wet op Gesondheidsprofessies Nr. 56 van 1974) en dit is daarom wenslik en nodig om riglyne te bied om doelbewus die welstand van sielkundiges te bevorder. Sielkundiges het volkome gesondheid en welstand nodig om optimaal te funksioneer, maar omdat hulle medeverantwoordelik is vir die welstand van hul kliënte of pasiënte (Young 2013), moet sielkundiges se eie welstand beskerm en bevorder word.

Onder sielkundiges is sekondêre trauma (Johnson, Johnson, Sullivan, Bongar, Miller en Sammons 2011; Maltzman 2011), depressie, ontwigte verhoudings (Johnson en Barnett 2011; Smith en Moss 2009), isolasie (Webb 2011), uitbranding (Roothman 2010), alkohol-en dwelmmisbruik (Smith en Moss 2009), selfdoodideeë (Johnson en Barnett 2011) en lang werksure standaardstressors. In 'n studie van Suid-Afrikaanse sielkundiges is bevind dat 56,3% van deelnemers bogemiddelde angsvlakke gerapporteer het en 54,2 % matig depressief was. Die gevolgtrekking van hierdie navorsing was dat Suid-Afrikaanse

sielkundiges nie hul eie emosionele spanning hanteer nie en met simptome van depressie en angs manifesteer (Jordaan, Spangenberg, Watson en Fouché 2007).

Sosiale, ekonomiese en politieke probleme is boonop endemies aan Suid-Afrika, terwyl daar 'n gebrek aan gekwalifiseerde gesondheidsverskaffers is, met 'n geringe 0,32 sielkundiges per 100 000 mense in die populasie (WHO 2007). Verder is geestesgesondheidsbegrotings disproporsioneel laag in vergelyking met die hoë voorkoms van geestesongesteldheid in Suid-Afrika (Burns 2011). Terwyl die beskikbaarheid van sielkundiges as 'n hulpbron in die plaaslike gesondheidsektor redelik laag is, is geestesgesondheid ook laag, met 'n geskatte 16,5% van die bevolking wat geestesgesondheidsdienste benodig, van wie slegs 25% inderdaad dienste ontvang (Petersen, Bhana, Campbell-Hill, Mjadu e.a. 2009). Hierdie inligting moet in ag geneem word wanneer gedink word oor welstand, asook die impak daarvan op sielkundiges se werkslading en funksionering.

Pooler (2011) het professionele florerings beskryf as iets wat plaasvind by die aansluiting tussen beroepstevredenheid en om 'n gesonde balans tussen werk en leef te handhaaf. Selfsorg onderskryf professionele florerings. Die gevolge van oortoeleing tussen mense se werk en persoonlike lewe geniet voortdurend navorsingsaandag (Benefiel, Fry en Geigle 2014; De Simone 2014; Rothmann 2013). Hierdie aspek is van belang wanneer die welstand van sielkundiges oortoele word, omdat dit die potensiaal het om emosies wat deur werkverrigting ontstaan, te laat oortoele na en te laat inbreuk maak op hul persoonlike lewe, byvoorbeeld in die konteks van roubegeleiding van kliënte of pasiënte (Breen, O'Connor, Hewitt en Lobb 2014). Daarteenoor verskaf betekenisvolle werk aan mense genot in die werksplek en hierdie genot kan na ander areas van mense se lewens oortoele, byvoorbeeld na hul verhoudings. Sielkundiges is besonder vatbaar vir oortoeleing van emosies tussen verskillende lewensfere, omdat hulle hul werkstoerusting, naamlik hulself, na elke lewensaspek saambring (Burks en Robbins 2011). Psigoterapie werk in twee rigtings: terwyl sielkundiges hul kliënte of pasiënte beïnvloed, het hul kliënte of pasiënte ook 'n effek op hulle (Webb 2011), wat gevolge vir sielkundiges se welstand kan hê.

4. Die noodsaak van die bevordering en beskerming van Suid-Afrikaanse sielkundiges se welstand

Alhoewel die American Psychological Association (APA) aangedui het dat maatstawwe vasgestel moet word ter beskerming van sielkundiges rakende werksstress, word hierdie behoefte dikwels geïgnoreer (APA 2010; Canning 2011). Norcross (2002) het reeds meer as 'n dekade gelede daarop gewys dat min navorsing bestaan wat betref die beskerming en bevordering van sielkundiges se welstand en dit bly steeds 'n gaping in die navorsingsveld en literatuur.

Die unieke eienskappe van die Suid-Afrikaanse bevolking maak hierdie welstandsnavorsing absoluut noodsaaklik, in ag genome die hoë aanwesigheid van geestesongesondheid, wat aangevuur word deur die feit dat 'n groot gedeelte van die samelewing arm, gemarginaliseerd en ontwig is, veral kinders, vroue, bejaardes, vlugtelingen en mense met ongesteldhede (Lund, De Silva, Plagerson, Cooper e.a. 2011).

Navorsingsresultate met betrekking tot sielkundiges in privaatpraktyk in Suid-Afrika het bevind dat hulle lang, ongerieflike ure werk, 'n onstandvastige inkomste het, met moeilike gevalle soos moord en selfdood werk, en dikwels met kliënte of pasiënte se uitgeputte mediese fondse en niebetaling te kampe het. Hierdie aspekte kan sielkundiges uitgeput, uitgebrand, geïsoleer en emosioneel afgetakel laat voel (De Lange 2010).

Die aanbevelings van die APA (2010) vir sielkundiges rakende selfsorg plaas klem op bewustheid as teenvoeter vir beroepspesifieke uitdagings en om meganismes te identifiseer om stres te verminder en om behoorlike selfsorg te vestig. Die woord "selfsorg" kom nie eers voor in die Wet op Gesondheidsprofessies (1974) wat die professionele gedrag van sielkundiges reguleer nie. Desnieteenstaande laat bestaande literatuur oor die onderwerp geen twyfel oor die noodsaaklikheid van selfsorg nie (Brucato en Neimeyer 2009; Wise e.a. 2012; Wise en Gibson 2012). Alhoewel baie sielkundiges hulle daaraan toewy om ander te versorg, is dit 'n groot vraag of hulle 'n volhoubare balans tussen selfsorg en sorg vir kliënte of pasiënte handhaaf (Wise e.a. 2012) en of hulle inderdaad welstand ervaar. Hierdie aspek is baie belangrik, omdat selfsorg geïdentifiseer is as een van die aanduiders van sielkundiges se volhoubare welstand (Hitge 2015). Die ontwikkeling van 'n welstandsprogram vir sielkundiges kan bydra tot die bevordering en beskerming van hul welstand deur fasilitering van spesifieke vaardighede, byvoorbeeld aanwending van karaktersterktes, beroepsonderhoudende gedrag, selfsorg, bewustheid, liefdevolle vriendelikheid en selfdeernis.

Welstand is eindeloos meer as blote oorlewing en daarom behoort florerings (hoë vlakke van welstand) nagestreef te word as volhoubare welstand oorweeg word (Keyes 2002). Dit is noodsaaklik vir sielkundiges om doelbewus 'n selfsorgplan te kies, alhoewel selfsorgplanne aanpasbaar moet wees en sielkundiges moet verstaan dat dieselfde plan 'n persoon nie altyd op langer termyn en onder alle omstandighede sal baat nie (Wise e.a. 2012). Die fokus op welstand en doelbewuste aktiwiteite (Wise e.a. 2012) maak die positiewe sielkunde 'n ideale paradigma vir die ontwikkeling van riglyne om sielkundiges se welstand te bevorder.

5. Keyes se model en florerings

Geestesgesondheid dui op volledige gesondheid sonder psigopatologie, maar met die teenwoordigheid van florerings (Keyes 2002, 2005). Die afwesigheid van patologie is verwyderd van florerings, daarom is die bevordering en behoud van welstand 'n noodsaaklikheid (Keyes 2006). Florerings word gekenmerk deur 'n beweging in die rigting van vervulling van mense se beste moontlikhede in die lewe (Keyes 2007) en verwys na hoë vlakke van emosionele, psigologiese en sosiale welstand tesame met optimale positiewe funksionering. Dit impliseer die oorkoming van lewensprobleme, terwyl 'n persoon floreer ten spyte van sulke probleme, en dit is presies wat vereis word vir die riglyne van hierdie studie. Vir Keyes (2002) is florerings so goed as 'n waarborg om 'n vol lewe te lei, eerder as om net te oorleef. Florerende mense voel goed en vaar goed (Keyes 2007). Florerings manifesteer in hoë vlakke van welstand, emosionele energie, hoë selfwaarde, positiewe psigologiese en sosiale funksionering, goeie werkverrigting en fisieke welstand (Keyes 2007). Volgens Keyes (2006) is dit noodsaaklik vir mense wat wil floreer om hul eie hulpbronne en vermoëns te ontwikkel.

6. Sterktes as psigologiese hulpbronne

Die ken en uitleef van unieke sterktes (daardie sterktes wat 'n persoon definieer) gee aan mense 'n sin van betekenis, veral wanneer hierdie sterktes gebruik word in diens van iets groter as die mens self (Seligman 2011). Wanneer mense hul eie sterktes ondersoek en ken, funksioneer hulle beter, voel tevrede met hul lewens, het beter selfinsig, het meer betekenisvolle verhoudings, het meer selfrespek (Guse 2010) en is aangevuur om hul sterktes te gebruik (Peterson en Seligman 2004). Karaktersterktes is implisiet aan florerings van individue en die gemeenskap (Park, Peterson en Seligman 2006).

Die gebruik van karaktersterktes op kreatiewe maniere kan welstand, selfbeeld, energie (Seligman 2002) en positiewe affek bevorder (Wood, Linley, Maltby, Kashdan en Hurling 2011) en kan simptome van depressie en stres verminder (Mitchell, Stanimirovic, Klein en Vella-Brodrick 2009; Seligman, Steen, Park en Peterson 2005). Mense wat hul sterktes in die werksomgewing gebruik, voel betrokke en gelukkig by die werk (Harter, Schmidt en Keyes 2002). Sterktes het ook die vermoë om veerkragtigheid te vermeerder, om mense teen psigopatologie en ander probleme te beskerm en om geestesgesondheid te bevorder (Park en Peterson 2009; Van Schalkwyk en Wissing 2013). Die gebruik van karaktersterktes is vervullend en hou verband met mense se sin van self, identiteit, outentiekheid (Proctor, Maltby en Linley 2011), welstand, 'n goeie lewe en florerings (Avey, Luthans, Hannah, Sweetman en Peterson 2012).

Tabel 1 gee 'n aanduiding van al die sterktes en deugde wat deel vorm van Peterson en Seligman (2004) se waardes-in-aksie-model en spesifiseer die sterktes wat in Hitge (2015) se studie deur 'n groep Suid-Afrikaanse sielkundiges geïdentifiseer is as voordelig in hul soeke na en bevordering van welstand.

Tabel 1. Sterktes en deugde

Deug	Sterkte	Teenwoordig in studie
Wysheid en kennis	Kreatiwiteit	✓
	Weetgierigheid	✓
	Onbevooroordeeldheid	✓
	Liefde vir leer	✓
	Perspektief	✓

Moed	Dapperheid	✓
	Deursettingsvermoë	✓
	Integriteit	Integriteit is nie spesifiek genoem nie, maar is inherent tot die etiek van sielkundiges
	Lewensvreugde	✓
Menslikheid	Liefde	✓
	Goedheid	✓
	Sosiale intelligensie	Geen deelnemer het na homself as sosiaal intelligent verwys nie, maar uit voorbeelde wat genoem is, was dit duidelik dat hulle oor sosiale intelligensie beskik.
Geregtigheid	Burgerskap	✓
	Billikheid	✓
	Leierskap	Leierskap is nie spesifiek genoem nie, maar is implisiet tot die werk van sielkundiges.
Bedaardheid	Vergifnis en genade	Vergifnis en genade is nie spesifiek genoem nie, maar dit dui nie op die afwesigheid daarvan by sielkundiges nie.
	Nederigheid en beskeidenheid	✓
	Omsigtigheid	✓
	Selfregulering	✓
Transendering	Waardering van skoonheid	✓
	Waardering	✓
	Hoop	✓
	Humor	✓
	Spiritualiteit	✓

7. Onderhouding en versterking van die sosiale welstand van sielkundiges

Sosiale welstand is empiries geïdentifiseer as die swakste aspek van Suid-Afrikaanse sielkundiges se welstandsmoeding, veral wanneer dit vergelyk word met hul emosionele en

psigologiese welstand (Hitge 2015). Die behoefte om te behoort is algemeen in alle kulture (Baumeister en Leary 1995). Alle mense het 'n blywende behoefte aan verbintenisse met ander mense (Ryff 1995). Sosiale welstand word bereik wanneer mense die samelewing beskou as betekenisvol en verstaanbaar en met die potensiaal om te groei, as hulle beleef dat hulle behoort en aanvaarding ervaar, wanneer hulle meestal die samelewing aanvaar en hulself sien as bydraend tot die samelewing (Keyes 1998, 2002).

Soeke na sosiale ondersteuning is 'n belangrike voorspeller van sosiale welstand (Willers, Potgieter, Khumalo, Malan, Mentz, Ellis 2013). Hitge (2015) het ondersteunende verhoudings geïdentifiseer as 'n ondersteuningstelsel wat 'n bydrae tot die welstand van sielkundiges lewer. Volgens Van Schalkwyk (2009) behoort die ontwikkeling van sosiale bevoegdheid 'n prioriteit te word, in ag genome die diversiteit van die bevolking. Verbeterde sosiale welstand moet verstaan word in die konteks van die plaaslike kulturele begrip van *ubuntu*, wat beteken dat mense mens is deur ander mense. Volgens Simmons en Lehmann (2013) benadruk 'n sterkteperspektief vermoëns, sosiale netwerke, positiewe eienskappe, kennis, vaardighede, talente en hulpbronne om sosiale welstand te help beskerm en bevorder. Hierdie skrywers voer ook aan dat die aanwending van 'n sterkteperspektief die vermoë het om sosiale welstand te bevorder.

Dieselfde benadering moet gevolg word ten opsigte van die versterking van die sosiale welstand van sielkundiges. Sosiale welstand (hetsy florerings, middelmatige welstand of kwyning) is nie staties nie. Dit is daarom belangrik om erkenning te gee daaraan dat Van Schalkwyk (2009) empiries bewys gelewer het dat die sosiale welstand van 'n groep Suid-Afrikaanse adolessente toegeneem het na blootstelling aan 'n program ter bevordering van hul sterktes. Doelbewuste aktiwiteite om sosiale welstand te beskerm en te bevorder is dus 'n vereiste in die konteks van algehele welstand.

8. Riglyne om sielkundiges se welstand te versterk: 'n welstandsprogram

8.1 Doel van 'n welstandsprogram

Die riglyne wat in hierdie afdeling bespreek word, het ten doel om by te dra tot die ontwikkeling van 'n welstandsprogram wat die positiewe gesondheid en funksionaliteit van plaaslike sielkundiges sal beskerm en bevorder en word gerig deur die begrip *florerings*. So 'n program behoort te fokus op die doelbewuste versterking van sielkundige sterktes en sodanige ander fasette wat geïdentifiseer is om sielkundiges ten beste te ondersteun.

8.2 'n Welstandsprogram

Die ontwikkeling van 'n welstandsprogram sal gerig word deur die beginsel van florerings, en dui op hoë vlakke van welstand (Van Schalkwyk en Wissing 2013). Betekenis, veerkragtigheid en positiewe affek word geassosieer met mense wat floreer, daarom word hierdie aanduiders ook beskou as bronne van welstand (Seligman 2011). Welstand is nooit staties nie en gesonde funksionering vind nie outomaties of instinktief plaas nie. Doelbewuste pogings is dus nodig om gesonde vlakke van funksionering te verhoog (Goleman 2013). Wanneer programme erkenning gee aan die feit dat mense tyd- en hulpbronnbeperkings het, word die beste resultate meestal verkry. 'n Welstandsprogram behoort daarom gebruik te

maak van gewone daaglikse leefervarings van sielkundiges in hul soeke na optimale gesondheid en welstand. 'n Welstandsprogram moet benut kan word in die konteks van die alledaagse lewe tuis en by die werk (Cornum, Matthews en Seligman 2011; Peterson, Park en Castro 2011).

Die ontwerp van die welstandsprogram moet die komponente in aanmerking neem wat geïdentifiseer is in bestaande literatuur, asook die navorsingsbevindings van Hitge (2015) betreffende die aard en voorkoms van Suid-Afrikaanse sielkundiges se welstand. Selfsorg is fundamenteel tot professionele florerings (Pooler 2011) en moet dus aangewend word om welstand te optimaliseer. Volgehoue selfsorg is sentraal tot sielkundiges se welstand (Hitge 2015) en sluit in om tyd af te neem van werk, vakansies, fisieke oefening, sosialisering, beoefening van stokperdjies, verkryging van professionele ondersteuning en die algemene onderhouding van 'n gesonde leefstyl. Selfsorg behels die aanwending van strategieë om 'n lang lewe en welstand te verseker en is 'n belangrike aspek in die aankweek, onderhouding, beskerming en bevordering van die welstand van sielkundiges.

8.2.1 Die selfsorg van sielkundiges

Selfsorg kom neer op aktiwiteite wat mense aanpak en deurvoer ter wille van hulself in 'n strewe om lewe, gesondheid en welstand te handhaaf (Dodd 2007). Doelbewuste aktiwiteite dra by tot welstand en ondersteun bewustheid, werkverrigting, selfvertroue, sin in die lewe en aanpasbaarheid (Ablett en Jones 2007; Bush 2009; Hassed, de Lisle, Sullivan en Pier 2008). Paradoksaal mag stres mense se vermoë om selfsorg toe te pas verlaag, alhoewel die beskerming van welstand, veral gedurende sulke moeilike tye, deur selfsorg toe te pas, baie belangrik is (Moskowitz, Shmueli-Blumberg, Acree en Folkman 2012). Dit is juis gedurende problematiese lewensgebeure, wanneer gesondheidsbevorderende gedrag soos selfsorg maklik opsygestoot kan word, dat die beskerming van welstand en gesondheid nog meer noodsaaklik en kosbaar is.

Positiewe loopbaanondersteunende gedrag is 'n voorbeeld van hoe welstand tot stand kan kom in die konteks van selfsorg. Sulke gedrag behels aktiwiteite soos tyd weg van die werk af neem, om optimale hoeveelhede rus en oefening te kry en om gesond te eet (Bamonti, Keelan, Larson, Mentrikoski, Randall, Sly, Travers en McNeil 2014). Nog 'n benadering tot selfsorg is deur bewustheidsingrepe, byvoorbeeld bewustheidsgebaseerde stresvermindering, wat gebruik word om angs, depressie en stres te verminder (Chiesa en Serretti 2009; Williams en Penman 2011). Die gebruik van bewustheid as vorm van selfsorg lei tot die versterking van veerkragtigheid (Foureur, Besley, Burton, Yu en Crisp 2013). Vriendelike goedheidsmeditasie lei tot gevoelens van omgee en sorg teenoor die self en ander en is ook 'n instrument wat selfsorg kan bevorder deur middel van bewustheid (Boellinghaus, Jones en Hutton 2013). Die belangrikste aspek van selfsorg is die vermoë daarvan om positiewe veranderinge in 'n persoon teweeg te bring en dat dit dien as teenvoeter vir moeilike werk en werksomstandighede (McDonald, Jackson, Wilkes en Vickers 2013). Wat betref die ontwerp van 'n welstandsprogram, moet riglyne in verband met selfsorg deeglik kennis neem van selfdeernis, bewustheid en liefdevolle goedheid.

8.2.2 Selfdeernis

Selfdeernis en bewustheid het 'n groot invloed op die versterking van welstand (Henriques, Kleinman en Asselin 2014; Rybak 2013). Selfdeernis gaan daaroor dat 'n mens verstaan en

erken dat alle mense probleme ervaar en dat 'n mens eerder hierdie probleme in die gesig moet staar as om daarvan weg te hardloop. Dit behels ook die begrip dat, omdat alle mense probleme ondervind, juis hierdie aspek mense verenig (Germer en Neff 2013). Selfdeernis laat mense toe om hulself met welwillendheid eerder as met hardvoggigheid te hanteer en dit laat mense te midde van lewensprobleme toe om hul balans te behou (Neff en McGehee 2010). Selfdeernis help mense ook om sagmoedig te reageer ten opsigte van hul eie foute (McNulty en Fincham 2012; Williams en Penman 2011). Daar is veelvuldige redes waarom die toepassing van selfdeernis belangrik is, insluitend die feit dat selfdeernis die vermoë het om interpersoonlike invloed en verhoudings te bevorder (Neff en Beretvas 2012). Hierdie genoemde uitvloeisels van selfdeernis word deur Hitge (2015) beskou as van uiterste belang wat betref hul impak op sielkundiges. Selfdeernis vergemaklik ook veerkragtigheid deurdat dit 'n aanpasbare houding teenoor teenspoed aanmoedig (Hollis-Walker en Colosimo 2011) en mense ondersteun om beter geestesgesondheid te verkry (Barnard en Curry 2011; Neff, Rude en Kirkpatrick 2007). Selfdeernis hou ook verband met positiewe affek (Neff e.a. 2007). 'n Belangrike aspek met betrekking tot selfdeernis is dat dit bydra tot selfaanvaarding, wat mense (ook sielkundiges) bystaan om moeilike emosies suksesvol deur te werk (Barnard en Curry 2011). Alle mense het die vermoë tot selfdeernis, gegewe dat hulle bereid is om die vaardighede wat met selfdeernis verband hou te ontwikkel (Neff 2011).

8.2.3 Bewustheid

Sin en Lyubomirsky (2009) beskou bewustheid as 'n praktyk in die positiewe sielkunde wat welstand bevorder. Bewustheid hou verband met karaktersterktes via affektiewe kwaliteite, byvoorbeeld die beoefening van dankbaarheid, wat lei tot verhoogde breinaktiwiteit (Fredrickson 2009; Kabat-Zin 2005). Bewustheid behels teenwoordigheid en verstandsprosesse, waarneming op 'n sensoriese vlak en reaksie op wat teenwoordig is in die oomblik, terwyl 'n nie-evaluerende houding teenoor gedagtes en emosies ingeneem word en die teenwoordigheid van sensasies, kognisies en emosies herken word sonder om daardeur oorweldig te word (Baer, Smith, Hopkins, Krietemeyer en Toney 2006). Bewustheid het baie voordele, insluitend die bevordering van gesondheid en welstand (Baer, Lykins en Peters 2012; Carruthers en Hood 2011; Fagley en Adler 2012); beskerming van mense teen depressie, stres en ang (Brown, Ryan en Creswell 2007; Wood, Maltby, Gillett, Linley en Joseph 2008); 'n kalmerende en geankerde effek (Huppert en Johnson 2010); en neurobiologiese welstand (Hölzel, Carmody, Evans, Hoge, Dusek, Morgan... Lazar e.a. 2010).

Bewustheid word deur baie navorsers beskou as die kern van veerkragtigheid (Foureur e.a. 2013; Rybak 2013). Veerkragtigheid is 'n uiters noodsaaklike karaktersterkte wanneer 'n persoon teenspoed in die gesig staar (Fredrickson 2013) soos wat kan gebeur in die loopbane van sielkundiges (Phillips 2011). Bewustheid is veral voordelig vir sielkundiges in die sin dat empatie verhoog kan word deur bewustheid te gebruik, wat weer kan lei tot beter verhoudings met kliënte of pasiënte en kollegas en wat uiteindelik mag lei tot hoër vlakke van werkstevredenheid (Davis 2009) en kliënte of pasiënte tevredenheid. Die beoefening van bewustheid kan sielkundiges ook help om minder op lewens- en loopbaanprobleme te fokus, wat kan lei tot verhoogde lewenstevredenheid en vreugde en betekenis in die lewe (Siegel 2010; Wise e.a. 2012). Bewustheid is gevolglik persoonlik en professioneel belangrik vir sielkundiges (Shapiro en Carlson 2009), omdat dit positiewe werksresultate kan bevorder (Grepmaier, Mitterlehner, Loew, Bachler, Rother en Nickel 2007; Stafford-Brown en Pakenham 2012). Verbeterde beradingsvaardighede en verhoudings is ook in

navorsingstudies waargeneem wanneer sielkundiges se bewustheid hoog is (Aggs en Bambling 2010; Richards, Campenni en Muse-Burke 2010).

Dit is bemagtigend om in die konteks van die aanbieding van riglyne vir die welstand van sielkundiges te weet dat bewustheid aangeleer kan word en vir alle mense beskikbaar is (Brown e.a. 2007). Desnieteenstaande ontwikkel bewustheid nie selfdeernis en deernis met ander nie. Liefdevolle goedheid is daarom ook nodig vir die ontwikkeling van selfsorg (Boellinghaus e.a. 2013).

8.2.4 Liefdevolle goedheid

Fredrickson, Cohn, Coffey, Pek en Finkel (2008) het liefdevolle goedheid beskryf as 'n stil aktiwiteit wat sittend uitgevoer word. 'n Mens fokus tydens hierdie proses op asemhaling en verskuif dan die aandag na die oopmaak van die hart vir warm en positiewe emosies teenoor die self en brei hierdie emosies dan uit na geliefdes en dan verder en wyer. In liefdevolle-goedheid-meditasies word 'n reeks frases herhaal, byvoorbeeld "mag ek gelukkig, of gesond, of rustig wees" (Baer e.a. 2012). In die konteks van hierdie meditasies word dit makliker vir mense om pynlike lewensinhoud na die oppervlak te laat kom in volle bewustheid, omdat bewustheid gekoppel is aan die wete dat wanneer mense goed is vir hulself, dan is pyn draaglik (Germer en Neff 2013) en word 'n geleentheid geskep om hul emosionele balans selfs in die teenwoordigheid van teenspoed te behou (Rybak 2013). Die skrywers is van mening dat hierdie kenmerke van liefdevolle goedheid 'n belangrike invloed kan hê op sielkundiges se selfaanvaarding, hantering van sekondêre trauma en selfregulering.

Liefdevolle goedheid lei tot welstand en meegevoel, wat dit ideaal maak in die strewe na selfsorg (Boellinghaus e.a. 2013; Cohn en Fredrickson 2010) van sielkundiges. Liefdevolle goedheid bevorder positiewe emosies (Fredrickson e.a. 2008), wat 'n positiewe invloed op selfaanvaarding, gevoelens van bemeestering en betekenis in die lewe het (Xanthopoulou, Bakker, Demerouti en Schaufeli 2012), en dien dus as teenvoeter vir sommige van die probleme wat in die sielkundeberoep uitgewys is. Liefdevolle goedheid bevorder gevoelens van warmte, omgee en goedheid, beide in die persoon wat dit beoefen en in mense wat in kontak met so 'n persoon kom (Baer e.a. 2012), wat uiteraard 'n positiewe invloed op terapie het.

Navorsing deur Carson, Keefe, Lynch, Carson, Goli, Fras en Thorp (2005) het empiriese getuienis gelewer dat liefdevolle goedheid pyn, woede en psigologiese ongemak verminder. Volgens Fredrickson e.a. (2008) is liefdevolle goedheid 'n stimulant vir positiewe emosie wat 'n langtermyn-effek het. Hierdie bevindings staan in teenstelling met die sogenaamde hedoniese trapmeul, wat beweer dat, ten spyte van goeie of slegte veranderings in mense se vlakke van geluk, hulle vinnig aanpas by enige vlak van geluk en dan na 'n vasgestelde basisvlak terugval. Liefdevolle goedheid, as meditasie en as selfdeernis, is 'n waardevolle vaardigheid wat aangeleer en versterk kan word (Salzberg 2009) en behoort erkenning te geniet dat dit die vermoë het om by te dra tot die ontwikkeling en onderhouding van hoër vlakke van welstand, ook by sielkundiges.

Bostaande inligting is geïdentifiseer deur Hitge (2015) gedurende onderhoude met Suid-Afrikaanse sielkundiges en word in bestaande literatuur bevestig. Hierdie punte geld as die "moete" wat oorweeg moet word wanneer 'n welstandsprogram ontwikkel word. In kort, die inhoud van 'n program om plaaslike sielkundiges se welstand te bevorder en te beskerm,

behoort die identifikasie en versterking van persoonlike uitstaande sterktes, en sterktes in die algemeen, in te sluit. So 'n program moet ruimte maak vir die aankweek van die sosiale welstand van sielkundiges, omdat hierdie aspek geïdentifiseer is as 'n kwesbaarheid relatief tot algehele welstand (Hitge 2015), en die program moet selfsorgpraktyke insluit.

8.3 Implementering van 'n welstandsprogram

Die rede waarom 'n welstandsprogram vir sielkundiges ontwikkel word, is om die welstand van hierdie gesondheidsorggewers te bevorder en te beskerm, aangesien hulle 'n sleutelrol in die gesondheidssektor speel. Hierdie program sal sielkundiges ondersteun om spesifieke vaardighede, soos beoefening van karaktersterktes, beroepsonderhoudende gedrag en selfsorg, bewustheid, liefdevolle goedheid en selfdeernis, toe te pas. Die welstandsprogram verteenwoordig 'n sintese tussen die verstaan van en die toepassing van welstand in 'n poging om volhoubare florerings te bevorder.

Tabel 2 demonstreer aspekte wat uitgewys is as belangrik vir die welstand van sielkundiges in die navorsing van De Lange (2010) en Hitge (2015) rakende die welstand van sielkundiges in Suid-Afrika, en die uiteindelijke voorgestelde welstandsprogram is hierop gebaseer.

Tabel 2. Welstandsaspekte vir oorweging in 'n welstandsprogram

Welstandsaspek	Voorbeeld	Sessie in welstandsprogram waar die aspek vergestaltung vind
Werkinhoud en werkskonteks	Stel van gepaste grense, volgehoue professionele ontwikkeling en opleiding, ervaring van werk as betekenisvol, loopbaanondersteunende gedrag soos met vakansie gaan en breke neem deur die dag	Sessies 5–12
Verhoudings	Ondersteuningstelsels soos professionele ondersteuning, kollegiale ondersteuning, mentorskap, persoonlike terapie, sosiale en familieverhoudings	Sessies 5–12
Selfsorg	Godsdiens, spiritualiteit, bewustheid, selfkennis, praktiese aspekte soos luister na ontspannende musiek, 'n borrelbad neem, liggaamlike oefening, slaap	Sessies 3 en 4
Persoonlike hulpbronne	Karaktersterktes, genieting en beloning van werk, aanvaarding van self en die professie, balans	Sessies 2 en 3
Selfdeernis	Meditasie, bewustheid van selfkritiek en negatiewe gevoelens, positiewe selfspraak, fokus op betekenis in die lewe	Sessies 2, 3 en 5–12
Bewustheid	Asemhalingsoefeninge, selfwaarneming, inoefening van aanvaarding eerder as veroordeling, begronding, stresvermindering	Sessies 2, 3, 4 en 5–12

Liefdevolle goedheid	Selfdeernis, meditasie	Sessies 3 en 5–12
Konsolidering van vorige sessies se leerervarings	Integrasie en toekomsvisie	Sessie 13

8.4 Struktuur van die welstandsprogram

Welstandsprogramme behoort deel uit te maak van die gewone roetine van deelnemers. 'n Voorstel is dus om die program te laat akkrediteer as 'n volgehoue professionele ontwikkelingsaktiwiteit (VPO-aktiwiteit) by die HPCSA, omdat sielkundiges verplig is om aan VPO-aktiwiteite deel te neem. Vier sessies van vier ure elk word voorgestel, waarna agt een-uur-sessies gebaseer op die bewustheidsprogram van Williams en Penman (2011) weekliks aangebied moet word om welstand te ondersteun. 'n Finale sessie van twee ure word voorgestel om alle leerinhoud saam te snoer in toekomstige aktiwiteite om op volgehoue basis welstand te bevorder en te beskerm.

Sessie 1: Ontwikkeling van begrip vir sielkundiges se vlakke van welstand en die noodsaaklikheid van welstand. Blootstelling van sielkundiges aan teorieë van welstand. Aanvaardings- en verbintenis oefeninge het ten doel om mense te leer om die agenda van beheer af te sweer en word prakties tydens hierdie sessie aangebied met die oog op ontwikkeling van hierdie vaardigheid. Dit behels dat sielkundiges geleer word om op te tree in ooreenstemming met hul waardes, ten spyte van gedagtes, gevoelens en stressors – dan ontstaan groter sielkundige buigsaamheid en neem lewensvrede toe (Wise e.a. 2012).

Sessie 2: Vasstelling van sielkundiges se huidige vlakke van welstand deur assessering van veerkragtigheid, betekenis, positiewe affek en karaktersterktes. Die sessie sal gebruik maak van 'n verskeidenheid van positiewe-sielkunde-ingrepe, insluitend die skryf van briewe van waardering, toepassing van optimistiese denke, lag en humor.

Sessie 3: Oorweging van persoonlike sterktes en welstands aanduiders en besluitneming betreffend die bevordering en beskerming van spesifieke areas van kommer terwyl daar in die wydste sin op welstand gefokus word. Sielkundiges sal blootgestel word aan meditasie, liefdevolle goedheid en selfdeernis en die daaglikse toepassing van selfsorg sal aangemoedig word.

Sessie 4: Hierdie sessie sal voorsiening daarvoor maak dat sielkundiges terugvoering kan gee oor die ervaring van die toepassing van selfsorgvaardighede. Blootstelling aan verdere positiewe-sielkunde-ingrepe soos die herhaling van positiewe ervarings, waardering van skoonheid en beweging sal die sessie verryk. Empiriese navorsing het getoon dat waardering van skoonheid welstand tweërlei beïnvloed: eerstens waardering van skoonheid 'n geïdentifiseerde karaktersterkte en tweedens waardering van skoonheid geïdentifiseer as 'n positiewe selfsorgaktiwiteit. Die sessie sal ook oefeninge insluit wat unieke sterktes identifiseer en omarm, en daar sal dinkskrumssessies gehou word om nuwe maniere te vind waarop hierdie sterktes aangewend kan word.

Sessies 5 tot 12: Hierdie sessies sal gebruik word om verskeie meditasies in te oefen en om gewoontes af te breek wat selfbeperkend is en wat negatiewe denkpatrone insluit. Ander ingrepe, soos professionele ondersteuning, praktykgemeenskappe en mentorskap van

sielkundiges, sal verken word, omdat dit waardevol is in die vaslegging en onderhouding van welstand.

Sessie 13: Hierdie sessie sal gebruik word om leerervarings saam te snoer in toekomstige aktiwiteite met die oogmerk om op volgehoue basis welstand te bevorder en te beskerm.

Sielkundiges se welstand en karaktersterktes sal deur middel van voor- en natoetsing vergelyk kan word om vas te stel of die program wel die oogmerk van welstandsontwikkeling bevorder. Daar sal ook met deelnemers onderhoude gevoer word om sterktes en leemtes in die program uit te wys. Wanneer hierdie program op 'n loodsgroep toegepas is, en bostaande stappe uitgevoer is ter verfyning van die program, sal dit moontlik wees om aanbevelings te maak aan die HPCSA en die sielkundeberoepsraad met die oog op die nasionale toepassing van hierdie welstandsprogram.

9. Gevolgtrekking

Hierdie riglyne word aangebied sodat dit omarm en geïntegreer kan word, gebaseer op die sienswyse dat selfsorg, welstand en geluk nie geoormerk hoef te word as doelwitte wat bereik moet word nie, maar eerder dat dit deel van 'n vervullende en betekenisvolle lewe vorm (Wise e.a. 2012). Hierdie riglyne is die resultaat van 'n poging om te vermy dat gefokus word op dit wat problematies en negatief is met betrekking tot die werk van sielkundiges, byvoorbeeld uitbranding en empatie-uitputting (Barnett e.a. 2007; Di Benedetto en Swadling 2014; Figley 2002) te ontwikkel. Daarteenoor fokus hierdie riglyne op welstand as 'n motivering om probleme te hanteer en dien as aanmoediging vir sielkundiges om die welstandskontinuum te aanvaar wat op positiewe en negatiewe dimensies van die lewe fokus. Huidige navorsing beklemtoon selfsorg, selfdeernis, bewustheid en liefdevolle goedheid as moontlike strategieë wat sielkundiges kan gebruik om welstand te versterk (Boellinghaus e.a. 2013; McNulty en Fincham 2012; Wise e.a. 2012). Dit is bemoedigend dat SA sielkundiges ook sulke praktyke geïdentifiseer het as noodsaaklike voorvereistes vir hul welstand (Hitge 2015).

Die beloning vir die beoefening van hierdie riglyne sal lewensvreugde, diepte en oorwoënhed insluit. Die toepassing van hierdie riglyne het die potensiaal om te lei tot 'n meer betekenisvolle lewe, waarbinne mense hul beste sterktes aanwend in diens van hul eie, asook ander se welstand (Boellinghaus e.a. 2013). Die besluit om hierdie riglyne te gebruik om welstand te optimaliseer vereis 'n bereidwilligheid om buigbaar te wees en om toenemend te groei in toetrede tot en reaksie op die lewe, eerder as om bloot 'n verbruiker van welstand te wees (Flora 2009).

Bibliografie

Ablett, J.R. en R.S.P. Jones. 2007. Resilience and well-being in palliative care staff: a qualitative study of hospice nurses' experience of work. *Psycho-Oncology*, 16:733–40. doi:10.1002/pon.1130.

Aggs, C. en M. Bambling. 2010. Teaching mindfulness to psychotherapists in clinical practice: the mindful therapy programme. *Counselling and Psychotherapy Research*, 10:278–86. doi:10.1080/14733145.2010.485690

APA (American Psychological Association). 2010. *The role of psychologists in health centers*. <http://www.apa.org/about/gr/issues/chc/psychologists-role.aspx> (2 Februarie 2014 geraadpleeg).

Avey, J.B., F. Luthans, S.T. Hannah, D. Sweetman en C. Peterson. 2012. Impact of employees' character strengths of wisdom on stress and creative performance. *Human Resource Management Journal*, 22(2):65–181. doi:10.1111/j.1748-8583.2010.00157.

Baer, R.A., E.L.B. Lykins en J.R. Peters. 2012. Mindfulness and self-compassion as predictors of psychological wellbeing in long-term meditators and matched nonmeditators. *The Journal of Positive Psychology*, 7(3):230–8, doi:10.1080/17439760.2012.674548.

Baer, R.A., G.T. Smith, J. Hopkins, J. Krietemeyer en L. Toney. 2006. Using self-report assessment methods to explore facets of mindfulness. *Assessment*, 13:27–45. doi:10.1177/1073191105283504.

Bamonti, P.M., C.M. Keelan, N. Larson, J.M. Mentrikoski, C.L. Randall, S.K. Sly, R.M. Travers en D.W. McNeil. 2014. Promoting ethical behaviour by cultivating a culture of self-care during graduate training: a call to action. *Training and Education in Professional Psychology*, 8(4):253–60.

Barnard, L.K. en J.F. Curry. 2011. Self-compassion: Conceptualizations, correlates interventions. *Review of General Psychology*, 15:289–303.

Barnett, J.E., E.K. Baker, N.S. Elman en G.R. Schoener. 2007. In pursuit of wellness: the self-care imperative. *Professional Psychology: Research and Practice*, 38:603–12. doi:10.1037/0735-7028.38.6.603.

Baumeister, R.F. en M.R. Leary. 1995. The need to belong: desire for interpersonal attachments as a fundamental human motivation. *Psychological Bulletin*, 117:497–529.

Benefiel, M., L.W. Fry en D. Geigle. 2014. Spirituality and religion in the workplace: history, theory, and research. *Psychology of Religion and Spirituality*, 6(3):175–87. doi:10.1037/a0036597.

Boellinghaus, I., F.W. Jones en J. Hutton. 2013. Cultivating self-care and compassion in psychological therapists in training: the experience of practicing loving-kindness meditation. *Training and Education in Professional Psychology*, 7(4):267–77. doi:10.1037/a0033092.

Bradley, S., M. Drapeau en M. DeStefano. 2012. The relationship between continuing education and perceived competence, professional support, and professional value among clinical psychologists. *Journal of Continuing Education in the Health Professions*, 32(1):31–8. doi:10.1002/chp.21120.

- Breen, L.J., M. O'Connor, L.Y. Hewitt en E.A. Lobb. 2014. The “spectre” of cancer: exploring secondary trauma for health professionals providing cancer support and counselling. *Psychological Services*, 11(1):60–7. doi:10.1037/a0034451.
- Brown, K.W., R.M. Ryan en J.D. Creswell. 2007. Mindfulness: theoretical foundations and evidence for its salutary effects. *Psychological Inquiry*, 18:211–37.
- Brucato, B. en G.J. Neimeyer. 2009. Epistemology as a predictor of therapists’ self-care and coping. *Journal of Constructivist Psychology*, 22:269–82. doi:10.1080/10720530903113805.
- Burks, D.J. en R. Robbins. 2011. Are you analysing me? A qualitative exploration of psychologists’ individual and interpersonal experiences with authenticity. *The Humanistic Psychologist*, 39:348–65. doi:10.1080/08873267.2011.620201.
- Burns, J.K. 2011. The mental health gap in South Africa – a human rights issue. *The Equal Rights Review*, 6:99–113.
- Bush, N.J. 2009. Compassion fatigue: are you at risk? *Oncology Nursing Forum*, 36:24–8. doi:10.1188/09.ONF.24-28.
- Canning, S. 2011. Out of balance: why I hesitate to practice and teach self-care. *Journal of Psychology & Christianity*, 30(1):70–4.
- Carruthers, C. en C.D. Hood. 2011. Mindfulness and wellbeing. *Therapeutic Recreation Journal*, 3:171–89.
- Carson, J.W., F.J. Keefe, T.R. Lynch, K.M. Carson, V. Goli, A.M. Fras en S.R. Thorp. 2005. Loving-kindness meditation for chronic low back pain: results from a pilot trial. *Journal of Holistic Nursing*, 23:287–304.
- Chiesa, A. en A. Serretti. 2009. Mindfulness-based stress reduction for stress management in healthy people: a review and meta-analysis. *Journal of Alternative and Complementary Medicine*, 15(5):593–600. doi:10.1089/acm.2008.0495.
- Cohn, M.A. en B.L. Fredrickson. 2010. In search of durable positive psychology interventions: predictors and consequences of long-term positive behavior change. *The Journal of Positive Psychology*, 5(5):355–66.
- Cornum, R., M.D. Matthews en M.E.P. Seligman. 2011. Comprehensive soldier fitness: building resilience in a challenging institutional context. *American Psychologist*, 66:4–9. doi:10.1037/a0021420.
- Danner, D.D., D.A. Snowdon en W.V. Friesen. 2001. Positive emotions in early life and longevity: findings from the nun study. *Journal of Personality and Social Psychology*, 80(5):804–13. doi:10.1037/0022-3514.80.5.804.
- Davis, M. 2009. A perspective on cultivating clinical empathy. *Complementary Therapies in Clinical Practice*, 15(2):76–9.

De Lange, E.F. 2010. The fortigenic exploration of psychotherapists' experiences in full-time private practice. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

De Simone, S. 2014. Conceptualising well-being in the workplace. *International Journal of Business and Social Sciences*, 5(12):118–23.

Di Benedetto, M. en M. Swadling. 2014. Burnout in Australian psychologists: correlations with work-setting, mindfulness and self-care behaviours. *Psychological Health and Medicine*, 19(6):705–15.

Diener, E. en K. Ryan. 2009. Subjective well-being: a general overview. *South African Journal of Psychology*, 39(4):391–406.

Dodd, M. 2007. Intervening with self-care. Presented as the Robert Tiffany Memorial Lecture from the Fourth International Conference on Cancer Nursing, Toronto, Ontario, Canada. *International Cancer Nursing News*, 19:4–5.

Fagley, N. en M. Adler. 2012. Appreciation: a spiritual path to finding value and meaning in the workplace. *Journal of Management, Spirituality & Religion*, 9:167–87. doi:10.1080/14766086.2012.688621.

Figley, C.R. 2002. *Treating compassion fatigue*. New York, NY: Brunner/Routledge.

Flora, C. 2009. The pursuit of happiness. *Psychology today*. <http://www.psychologytoday.com/articles/200812/the-pursuit-happiness> (19 Augustus 2015 geraadpleeg).

Foureur, M., K. Besley, G. Burton, N. Yu en J. Crisp. 2013. Enhancing the resilience of nurses and midwives: pilot of a mindfulness-based program for increased health, sense of coherence and decreased depression, anxiety and stress. *Contemporary Nurse*, 45(1):114–25.

Fredrickson, B.L. 2009. *Positivity*. New York, NY: Crown.

—. 2013. Positive emotions broaden and build. *Advances in Experimental Social Psychology*, 47:153. doi:10.1037/a0033584.

Fredrickson, B.L., M.A. Cohn, K.A. Coffey, J. Pek en S.M. Finkel. 2008. Open hearts build lives: positive emotions, induced through loving-kindness meditation, build consequential personal resources. *Journal of Personality and Social Psychology*, 95(5):1045–62. doi:10.1037/a0013262.

Germer, C.K. en K.D. Neff. 2013. Self-compassion in clinical practice. *Journal of Clinical Psychology: In Session*, 69(8):856–67. doi:10.1002/jclp.22021.

Goleman, D. 2013. *Focus*. New York, NY: Harper Collins.

Grepmaier, L., F. Mitterlehner, T. Loew, E. Bachler, W. Rother en M. Nickel 2007. Promoting mindfulness in psychotherapists in training influences the treatment results of their patients: a

randomized, double-blind, controlled study. *Psychotherapy and Psychosomatics*, 76:332–8. doi:10.1159/000107560.

Guse, T. 2010. Positive psychology and the training of psychologists: students' perspectives. *South African Journal of Industrial Psychology*, 36(20):21–6. doi:10.4102/sajip.v36i2.848.

Harter, J.K., F.L. Schmidt en C.L.M. Keyes. 2002. Well-being in the workplace and its relationship to business outcomes: a review of the Gallup studies. In Keyes en Haidt (reds.) 2002.

Hassed, C., S. de Lisle, G. Sullivan en C. Pier. 2008. Enhancing the health of medical students: outcomes of an integrated mindfulness and lifestyle program. *Advances in Health Sciences Education*, 14:387–98.

Henriques, G., K. Kleinman en C. Asselin C. 2014. The nested model of well-being: a unified approach. *Review of General Psychology*, 18(1):7–18.

Hitge, E. 2015. South African psychologists and well-being: a mixed method study. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Noordwes-Universiteit.

Hollis-Walker, L. en K. Colosimo. 2011. Mindfulness, self-compassion, and happiness in non-meditators: a theoretical and empirical examination. *Personality and Individual Differences*, 50(2):222–7.

Hölzel, B.K., J. Carmody, K.C. Evans, E.A. Hoge, J.A. Dusek, L. Morgan en S.W. Lazar. 2010. Stress reduction correlates with structural changes in the amygdala. *Social Cognitive and Affective Neuroscience*, 5:11–7. doi:10.1093/scan/nsp034.

HPCSA (Health Professions Council of South Africa / Suid-Afrikaanse Raad vir Gesondheidsberoep). 2011. *Proposed regulations defining the scope of practice of practitioners of the profession of psychology*. http://www.hpcsa.co.za/Uploads/editor/UserFiles/downloads/legislations/regulations/psychology/proposed/proposed_regulations_gnr263_gg33080_20100406.pdf (17 Julie 2015 geraadpleeg).

HPCSA (Health Professions Council of South Africa / Suid-Afrikaanse Raad vir Gesondheidsberoep). 2014. *Guidelines for good practice in the health care professions*. http://www.hpcsa.co.za/Uploads/editor/UserFiles/downloads/conduct_ethics/Booklet%201.pdf (17 Julie 2015 geraadpleeg).

Huppert, F.A. en D.M. Johnson. 2010. A controlled trial of mindfulness training in schools: the importance of practice for an impact on well-being. *The Journal of Positive Psychology*, 5(4):264–74. doi:10.1080/17439761003794148.

Johnson, W.B. en J.E. Barnett. 2011. Preventing problems of professional competence in the face of life-threatening illness. *Professional Psychology: Research and Practice*, 42:285–93. doi:10.1037/a0024433.

- Johnson, W.B., S.J. Johnson, G.R. Sullivan, B. Bongar, L. Miller en M.T. Sammons. 2011. Psychology in extremis: preventing problems of professional competence in dangerous practice settings. *Professional Psychology: Research and Practice*, 42(1):94–104. doi: 10.1037/a0022365.
- Jordaan, I., J.J. Spangenberg, M.B. Watson en P. Fouchè. 2007. Emotional stress and coping strategies in South African clinical and counselling psychologists. *South African Journal of Psychology*, 37:835–55.
- Kabat-Zinn, J. 2005. *Coming to our senses: healing ourselves and the world through mindfulness*. New York, NY: Hyperion.
- Keyes, C.L.M. 1998. Social well-being. *Social Psychological Quarterly*, 61:121–40. doi:10.2307/2787065.
- . 2002. The mental health continuum: from languishing to flourishing in life. *Journal of Health and Social Behavior*, 43:207–22. doi:10.2307/3090197.
- . 2005. Mental illness and/or mental health? Investigating axioms of the complete state model of health. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 73:539–48. doi:10.1037/0022-006X.73.3.539.
- . 2006. Mental health in adolescence: is America's youth flourishing? *American Journal of Orthopsychiatry*, 76:395–402. doi:10.1037/0002-9432.76.3.395.
- . 2007. Promoting and protecting mental health as flourishing: a complementary strategy for improving national mental health. *American Psychologist*, 62:95–108. doi:10.1037/0003-066X.62.2.95.
- Keyes, C.L.M. en J. Annas. 2009. Feeling good and functioning well: Distinctive concepts in ancient philosophy and contemporary science. *The Journal of Positive Psychology*, 4:197–201.
- Keyes, C.L.M. en S. Lopez. 2002. Toward a science of mental health: positive direction in diagnosis and interventions. In Snyder en Lopez (reds.) 2002.
- Lund, C., M. De Silva, S. Plagerson, S. Cooper, D. Chisholm, J. Das en V. Patel. 2011. Poverty and mental disorders: breaking the cycle in low-income and middle-income countries. *The Lancet*, 378:1502–14.
- Lyubomirsky, S., L. King en E. Diener. 2005. The benefits of frequent positive affect: does happiness lead to success? *Psychological Bulletin*, 131:803–55. doi:10.1037/00332909.131.6.803.
- Maltzman, S. 2011. An organizational self-care model: practical suggestions for development and implementation. *The Counselling Psychologist*, 39(2):303–19. doi: 10.1177/0011000010381790.

- McDonald, G., D. Jackson, L. Wilkes en M.H. Vickers. 2013. Personal resilience in nurses and midwives: effects of a work-based educational intervention. *Contemporary Nurse*, 45(1):1 34–43.
- McNulty, J.K. en F.D. Fincham. 2012. Beyond positive psychology? Toward a contextual view of psychological processes and well-being. *American Psychologist*, 67(2):101. doi: 10.1037/a0024572.
- Mitchell, J., R. Stanimirovic, B. Klein en D. Vella-Brodrick. 2009. A randomized controlled trial of a self-guided internet intervention promoting well-being. *Computers in Human Behavior*, 25:749–60. doi:10.1016 /j.chb. 2009. 02.003.
- Moskowitz, J.T., D. Shmueli-Blumberg, M. Acree en S. Folkman. 2012. Positive affect in the midst of distress: implications for role functioning. *Journal of Community & Applied Social Psychology*, 22:50218. doi:10.1002 /casp. 1133.
- Neff, K.D. 2011. *Self-compassion*. New York, NY: William Morrow.
- Neff, K.D. en S.N. Beretvas. 2012. The role of self-compassion in romantic relationships. *Self and Identity*, 1–21. doi:10.1080/15298868.2011.639548.
- Neff, K.D. en P. McGehee. 2010. Self-compassion and psychological resilience among adolescents and young adults. *Self and Identity*, 9(3):225–40.
- Neff, K.D., S.S. Rude en K. Kirkpatrick. 2007. An examination of self-compassion in relation to positive psychological functioning and personality traits. *Journal of Research in Personality*, 41:908–16. doi:10.1016/j.jrp.2006.08.002.
- Norcross, J.C. (red.). 2002. *Psychotherapy relationships that work*. New York, NY: Oxford University Press.
- Park, N. en C. Peterson. 2009. Character strengths: research and practice. *Journal of College & Character*, 10(4):1–10.
- Park, N., C. Peterson en M.E.P. Seligman. 2006. Character strengths in fifty-four nations and the fifty US states. *The Journal of Positive Psychology*, 1(3):118–29.
- Petersen, I., A. Bhana, V. Campbell-Hill, S. Mjadu, C. Lund, S. Kleintjes, V. Hosegood, A.J. Flisher, The Mental Health and Poverty Research Programme Consortium en A.J. Flisher. 2009. Planning for district mental health services in South Africa: a situational analysis of a rural district site. *Health Policy and Planning*, 24:140–50. doi:10.3109/09540261.2010.536152.
- Peterson, C., N. Park en C.A. Castro. 2011. Assessment for the U.S. army comprehensive soldier fitness program: the global assessment tool. *American Psychologist*, 66:10–8. doi:10.1037/a0021658.
- Peterson, C. en M.E.P. Seligman. 2004. *Character strengths and virtues: a handbook of classification*. New York: Oxford University Press.

Phillips, S.B. 2011. Up close and personal: a consideration of the role of personal therapy in the development of a psychotherapist. In Klein e.a. (reds.) 2011.

Pooler, D.K. 2011. Professional flourishing: re-visioning self-care using Imago Dei. *Social Work & Christianity*, 38(4):440–52.

Proctor, C., J. Maltby en P.A. Linley. 2011. Strengths use as a predictor of well-being and health-related quality of life. *Journal of Happiness Studies*, 12:153–69. doi:10.1007/s10902-009-9181-2.

ReLPAG. 2016. <http://relpagpsychology.wixsite.com/mysite> (21 Februarie 2017 geraadpleeg).

Richards, K.C., C.E. Campenni en J.L. Muse-Burke. 2010. Self-care and well-being in mental health professionals: the mediating effects of self-awareness and mindfulness. *Journal of Mental Health Counseling*, 32:247–64.

Roothman, B. 2010. Burnout and work engagement among South African psychologists. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Noordwes-Universiteit.

Rothmann, S. 2013. From happiness to flourishing at work: a Southern African perspective. In Wissing (red.) 2013.

Ryan, R.M. en E.L. Deci. 2000. Self-determination theory and the facilitation of intrinsic motivation, social development, and well-being. *American Psychologist*, 55:68–78. doi:10.1037/0003-066X.55.1.68

—. 2001. On happiness and human potentials: A review of research on hedonic and eudaimonic well-being. *Annual Review of Psychology*, 52:141–66. doi:10.1146/annurev.psych.52.1.141

Rybak, C. 2013 Nurturing positive mental health: mindfulness for well-being in counseling. *International Journal of Advanced Counselling*, 35:110–9. doi:10.1007/s10447-012-9171-7.

Ryff, C.D. 1995. Psychological well-being in adult life. *Current Directions in Psychological Science*, 4(4):99–104.

Salzberg, S. 2009. Voorwoord. In Germer (red.) 2009.

Schwartz-Mette, R.A. 2009. Challenges in addressing graduate student impairment in academic professional psychology programs. *Ethics & Behavior*, 19(2):91–102. doi:10.1080/10508420902768973.

Seligman, M.E.P. 2002. *Authentic happiness*. New York, NY: Free Press.

—. 2011. *Flourish*. New York, NY: Simon & Schuster.

Seligman, M.E.P., T.A. Steen, N. Park en C. Peterson. 2005. Positive psychology progress: empirical validation of interventions. *American Psychologist*, 60:410–21. doi:10.1037/0003-066X.60.5.410.

Shapiro, S.L. en L.E. Carlson. 2009. *The art and science of mindfulness: integrating mindfulness into psychology and the helping professions*. Washington, DC: American Psychological Association. doi:10.1037/11885-000

Siegel, D.J. 2010. *The mindful therapist: a clinician's guide to mindsight and neural integration*. New York, NY: Norton.

Simmons, C.A. en P. Lehmann. 2013. Strengths and psychotherapy. In Simmons Lehmann (reds.) 2013.

Simmons, C.A. en P. Lehmann (reds.). 2013. *Tools for strengths-based assessment and evaluation*. New York, NY: Springer.

Sin, N.L. en S. Lyubomirsky. 2009. Enhancing well-being and alleviating depressive symptoms with positive psychology interventions: a practice-friendly meta-analysis. *Journal of Clinical Psychology: In Session*, 65:467–87. doi:10.1002/jclp.20593.

Smith, P.L. en S.B. Moss. 2009. Psychologist impairment: what is it, how can it be prevented, and what can be done to address it? *Clinical Psychology: Science and Practice*, 16:1–15. doi:10.1111/j.14682850.2009.01137.

Stafford-Brown, J. en K.I. Pakenham. 2012. The effectiveness of an ACT intervention for managing stress and improving therapist qualities in clinical psychology trainees. *Journal of Clinical Psychology*, 68(6):592–613. doi:10.1002/jclp.21844.

Van den Berg, H.S. 2013. Resilience and thriving among health professionals. In Wissing (red.) 2013.

Van Schalkwyk, I. 2009. Flourishing in a group of South African adolescents. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Noordwes-Universiteit.

Van Schalkwyk, I. en M.P. Wissing. 2013. Evaluation of a programme to enhance flourishing in adolescents. In Wissing (red.) 2013.

Van Zyl, L.E., E. Deacon en S. Rothmann. 2010. Towards happiness: experiences of work-role fit, meaningfulness and work engagement of industrial/organisational psychologists in South Africa. *SA Journal of Industrial Psychology*, 36(1):1–8. doi:10.4102/sajip.v36i1.890.

Waterman, A.S., S.J. Schwartz en R. Conti. 2008. The implications of two conceptions of happiness (hedonic enjoyment and eudaimonia) for the understanding of intrinsic motivation. *Journal of Happiness Studies*, 9(1):41–79. doi:10.1007/s10902-006-9020-7.

Webb, K.B. 2011. Care of others and self: a suicidal patient's impact on the psychologist. *Professional Psychology: Research and Practice*, 42(3):215–21. doi:10.1037/a0022752.

Wet op Gesondheidsprofessies. Wet nommer 56 van 1974. Suid-Afrikaanse Regering. Pretoria: Staatsdrukker.

WHO (World Health Organisation). 2007. *The World Health Report*. Geneva: World Health Organisation. <http://www.who.int/whr/2007/en> (8 Mei 2014 geraadpleeg).

Willers, M.W., J.C. Potgieter, I.P. Khumalo, L. Malan, P.J. Mentz en S. Ellis. 2013. Coping and cultural context: implications for psychological health and well-being. In Wissing (red.) 2013.

Williams, M. en D. Penman. 2011. *Mindfulness. A practical guide to finding peace in a frantic world*. Londen: Piatkus.

Wise, E.H. en C.M. Gibson. 2012. Continuing education, ethics and self-care: a professional life span perspective. In Neimeyer en Taylor (reds.) 2012.

Wise, E.H., M.A. Hersh en C.M. Gibson. 2012. Ethics, self-care and well-being for psychologists: reenvisioning the stress-distress continuum. *Professional Psychology: Research and Practice*, 43(5):487–94. doi:10.1037/a0029446.

Wood, A.M., P.A. Linley, J. Maltby, T.B. Kashdan en R. Hurling. 2011. Using personal and psychological strengths leads to increases in well-being over time: a longitudinal study and the development of the strengths use questionnaire. *Personality and Individual Differences*, 50(1):15–9.

Wood, A.M., J. Maltby, R. Gillett, P.A. Linley en S. Joseph. 2008. The role of gratitude in the development of social support, stress, and depression: two longitudinal studies. *Journal of Research in Personality*, 42:854–71. doi:10.1016/j.jrp.2007.11.003.

Xanthopoulou, D., A.B. Bakker, E. Demerouti en W.B. Schaufeli. 2012. A diary study on the happy worker: how job resources relate to positive emotions and personal resources. *European Journal of Work and Organizational Psychology*, 21(4):489–517. doi:10.1080/1359432X.2011.584386.

Young, C. 2013. South African counselling psychology at the crossroads: lessons to be learned from around the world. *South African Journal of Psychology*, 43(4):422–33. doi:10.1177/0081246313504697

Verkennde verbeeldingswêreld: die ontsluiting van die Willem Boshoff Argief¹

Josef van Wyk, Suzanne de Villiers-Human en Dirk van den Berg

Josef van Wyk, Suzanne De Villiers-Human en Dirk van den Berg,
Departement Kunsgeskiedenis en Beeldstudie, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Hierdie artikel stel die eerste kontekstuele verkenning en ontginning van die Willem Boshoff Argief daar. Deur middel van 'n vergelykende studie ontsluit ons die verbeeldingryke, konseptuele en unieke aard van hierdie argief en poog ons vervolgens om die betekenis wat daarin opgesluit is, te verwoord. Ter oriëntasie van hierdie ontsluitingsproses tref ons vergelykings met soortgelyke argivale en kunstenaarsversamelings, soos etlike *Wunderkammern*, Aby Warburg se *Mnemosyne Atlas* (1924–1929), Walter Benjamin se *Passagenwerk* (1927–1940) en *Der Ursprung des Deutschen Trauerspiels* (1925), asook die digitale argief en *Murderme*-kunsversameling van Damien Hirst (1965–). Die idiosinkratiese begrippe wat die skeppers van hierdie verskillende verbeeldingswêreld gebruik om die sin en samehang van hulle versamelings te verklaar, word voorts met die Druide-persona van Boshoff vergelyk ten einde lig te werp op die performatiewe manier waarop hierdie verbeeldingswêreld kennis genereer en werklikhede herbeskryf.

Trefwoorde: Aby Warburg; argivale versamelings; Damien Hirst; verbeelding; Walter Benjamin; Willem Boshoff; Willem Boshoff Argief; *Wunderkammern*

Abstract

Exploratory, fictitious worlds: the unlocking of the Willem Boshoff Archive

The South African artist Willem Boshoff recently donated his digital archive, which serves as the source as well as the documentation of his artworks, to the University of the Free State in order to make it more accessible to researchers. Thus far (in the current interpretations of his artworks) the historical and philosophical complexity of Boshoff's thought world, which is connected to his artworks and is becoming accessible through his archive, has not been interpreted. In the national and international research domain parts of the Willem Boshoff Archive have been explored, but the Archive has not been contextualized generally within

archival discourses. The Archive has also not been interpreted as a meaningful cultural technique and has not been compared with other visually based intellectual projects. Therefore this article serves as the first contextual exploration of the Willem Boshoff Archive. Through this article we also suggest further research possibilities.

Comparable archival projects include the work of various contemporary artists who have also been influenced by “archive fever” (Derrida 1995) and the “archival impulse” (Foster 2004) as well as various cultural thinkers of the 20th century, e.g. Gerhard Richter’s (1932–) *Atlas* (1962–), Hanne Darboven’s (1941–2009) *Kulturgeschichte (1880–1983)* (1980–1983), Horst Haack’s (1940–) *Chronographie Terrestre* (1981–), Ydessa Hendeles’s (1948–) *Partners – The Teddy Bear Project* (2004), David Goldblatt’s (1930–) *Intersections* (2005) and other exhibitions, Pippa Skotnes (1957–) and her leading role at the Centre for Curating the Archive, Michaelis School of Fine Art, University of Cape Town, Katie Paterson’s (1981–) *Framtidsbiblioteket* or *Future library* (2014–2114), Ernst Haeckel’s (1834–1919) *Kunstformen der Natur* (1904), Karl Blossfeldt’s (1865–1932) *Urformen der Natur* (1929), Aby Warburg’s (1866–1929) *Mnemosyne Atlas* (1924–1929) and Walter Benjamin’s (1892–1940) archive and writings, e.g. *Das Passagenwerk* (1927–1940).

Willem Boshoff’s archive is a unique example of experimental and conceptual archiving and imaginative, digital curating which involves a disciplined, thorough, systematic approach, but which is at the same time alternative, creative, open, playful, informative, performative, artistic and sensory. In the current academic environment digital archives and imaging records accompanied by texts are considered recognised forms of scientific practice and inquiry of which museums, academies, laboratories, observatories, test centres and publication networks are examples. In this article we refer to Paul Ricoeur’s insightful views on fiction and imagination, especially as expressed in his article “The function of fiction in shaping reality” (1979). We refer to the thoughts expressed there in order to unleash the creative and conceptual nature of the archive. This leads to the comparison of the archive with specific archival collections like *Wunderkammern* as an early modern phenomenon, as well as with later intellectual projects like those of the German cultural thinkers Aby Warburg (*Mnemosyne Atlas*, 1924–1929) and Walter Benjamin (*Das Passagenwerk*, 1927–1940, *Der Ursprung des Deutschen Trauerspiels*, 1925) and the British artist Damien Hirst (1965–) in order to illuminate the distinctive nature and meaning of the Willem Boshoff Archive.

Through these comparisons we argue that these intellectual projects not only offer new descriptions of reality, but also reveal new insights and dimensions of knowledge. We argue that the collections of Willem Boshoff, as in the case of these figures, originate in the spirit of the critical reconsideration and questioning of thresholds, transitions, turning points and cultural-historical crises. By comparing the diverse imaginary worlds created by each of these remarkable figures we highlight facets of Boshoff’s individual enterprise in comparison to theirs.

We argue that the ways in which Boshoff and other creators of fictitious worlds highlight specific idiosyncratic concepts to explain the meaning and structure of their distinctive collections are comparable. With the Willem Boshoff Archive it is the persona of the Druid, created by Boshoff as a figure of artistry, around which Boshoff’s conceptualisations of *cathexis*, *catharsis*, *chiasm* and *chance* revolve. In comparison with Walter Benjamin it is primarily his concepts of the *ruin* or the *relic* and *allegory*, and with Aby Warburg it is his

innovative concepts of pathos formulae and Mnemosyne (*Nachleben der Antike* in the collective memory) which summarise the rationale of each of their projects. The performative ways in which each of these imaginative worlds generate new concepts and knowledge are investigated comparatively.

In the article we first provide a brief overview of the Willem Boshoff Archive. The archive's fictional, imaginative and creative nature and its capacity to create interrelated imaginative worlds make it historically comparable with early modern *Wunderkammern*. This comparison highlights specific dimensions of Boshoff's archival fictitious world. We refer to the more recent analysis of fundamental archival concepts by Jacques Derrida (1995), Wolfgang Ernst (Parrika 2013) and Ernst van Alphen (2014a), which contribute, to our argument that a *Wunderkammer* mentality is relevant to contemporary society. The concepts of *fiction* and *imagination* aid us with a comparative study of Boshoff, Warburg, Benjamin and Hirst when we discuss and compare each of these creators' fictions and imaginary worlds.

Boshoff's archive provides a fictitious world that consists of various elements from diverse fields of knowledge; it includes: digital photographs of plants taxonomically ordered, various music recordings, dictionaries that he has written and photographs of his artworks. Reality is redescribed and a new dimension of reality is revealed by the intertwining of these elements through the fiction of the Druid and the continuous hard work and determination of the artist.

This fictitious world can be interpreted and understood in terms of the "submedial space" of archives to which Boris Groys refers. According to Groys (2012:10), paper, films and computers are usually seen as the carriers of data and media in the archive, but they are also technical equipment forming part of the archive. "Behind" the carriers of data and media lie diverse production processes, electrical networks and economic processes. But what lies "behind" these networks and processes? The answers become vague among the various options: nature, history, reason, desire, a series of events, serendipity, subjects and dust. This is the obscure "submedial space" to which Groys refers where hierarchies of sign systems sink into dark, cloudy spaces. This "submedial space" is the *das Andere* of the archive. It is probably behind these material carriers of media and data, networks and processes and in the dark, cloudy spaces of the archive that fictions, fictitious worlds and the conceptual nature of Boshoff's archive exist. This is where the researcher finds the Druid tending to the fictitious world of Boshoff's mind.

Keywords: Aby Warburg; archival collections; Damien Hirst; imagination; Walter Benjamin; Willem Boshoff; Willem Boshoff Archive; *Wunderkammern*

1. Inleiding

Ten einde dit vir navorsers meer toeganklik te maak, het Willem Boshoff onlangs sy digitale argief, wat enersyds een van die hoofbronne vir sy kunswerke is en andersyds as dokumentasie daarvan geld, aan die Universiteit van die Vrystaat geskenk.² Die interpretasie van die historiese en filosofiese rykheid van die verbeeldings- en gedagtewêreld waarmee sy kunswerke in verband staan en deur die argief toeganklik word, was tot dusver meestal genegeer in die uitleg van sy kunswerke. Hoewel dele van die Willem Boshoff Argief alreeds binne die nasionale en internasionale navorsingdomein gevestig is, is dit nog nie argivaal

gekontekstualiseer nie. Dit is ook nog nie as 'n betekenisvolle kultuurtegniek (wat prosesse van bevoegdheid- en kennisverwerwing insluit) ontleed nie, nóg met ander visueel-gebaseerde intellektuele pioniersprojekte (waarby verwondering, spel, nuuskierigheid en verbeelding betrokke is) in verband gebring.

Hierdie artikel dien dus as die eerste kontekstuele ontginning en verkenning van die Willem Boshoff Argief (voortaan soms “die argief”), om daardeur ook verdere navorsingsmoontlikhede aan die hand te doen. Soortgelyke argivale projekte sou talle eietydse kunstenaars wat deur “argiefkoors” (Derrida 1995) en die “argivale impuls” (Foster 2004) gedryf word, kon insluit, asook 'n aantal vooraanstaande kultuurfigure van die 20ste eeu, soos Ernst Haeckel (*Kunstformen der Natur*, 1904), Karl Blossfeldt (*Urformen der Natur*, 1929), Aby Warburg en Walter Benjamin.³ In onlangse argivale diskoerse word ook verwys na die argivaris as kurator oftewel na 'n kuratering (“curating”) van die argief (Hamilton en Skotnes 2014), asook na 'n tentoonstelling en opvoering (“staging”) van die argief (Van Alphen 2014).⁴ In 'n onlangse uitstalling, *Walter Benjamin: exilic archive* (Tel Aviv Museum of Art, 4 November 2015 – 6 Februarie 2016) het al drie hierdie aspekte ter sprake gekom. By hierdie uitstalling is rekords uit Benjamin se argief saam met eietydse kunswerke uitgestal. 'n “Argiefkoors” is duidelik hier ter sprake.

Willem Boshoff se argief is 'n unieke voorbeeld van eksperimentele en konseptuele argivering én verbeeldingryke digitale kurering wat, hoewel uiters sistematies van opset, ook alternatief, kreatief, oop, speels, informatief, performatief, kunstig en sensories is. In die huidige akademiese omgewing word digitale argiewe van beeldende rekords met meegaande teks ook gereken as erkende vorme van wetenskaplike praktyk, waarvan museums, akademies, laboratoria, sterrewagte, toetsentra en publikasienetwerke as goeie voorbeelde sou kon geld. Instellings soos hierdie is bronne van teoretiese heroriëntering op grond van hulle verkennende, ondersoekende en bewarende werksaamhede.

Die Willem Boshoff Argief is 'n verkennende ruimte vir persepsie, eksperimentering, waarneming, oordrag en kommunikasie, wat die verbeeldingryke beroep op meerdere sinne (kyk, hoor, aanraak) aanmoedig, om ryker konseptuele wyses van wetenskaplike kennisverwerwing te fasiliteer. Dit verruim die gewone prosesse van deelname aan kennisverwerwing en -verspreiding deur die sensoriese en estetiese aanbieding van kennis gebaseer op die eng verhouding tussen sy argiverings- en kunsmaakprosesse. 'n Gedeelte van die argief oorvleuel ook met Boshoff se webtuiste (<http://www.willemboshoff.com>), wat deurentyd uitgebrei word en wat dit ten doel stel om die argief op 'n interaktiewe wyse aan gebruikers aan te bied.

In hierdie artikel word Paul Ricoeur se insiggewende opvatting oor fiksie en verbeelding, soos uiteengesit in sy artikel “The function of fiction in shaping reality” (1979), betrek om die ontsluiting van die kreatiewe en konseptuele aard van die argief te inisieer. Dit lei enersyds tot die vergelyking daarvan met sekere argivale versamelings, naamlik *Wunderkammern*, as 'n vroeg-moderne instelling, andersyds ook met latere intellektuele projekte soos dié van die Duitse kultuurhistorikus Aby Warburg (*Mnemosyne Atlas*, 1924–1929), die Duitse kultuurkritikus Walter Benjamin (*Das Passagenwerk*, 1927–1940, *Der Ursprung des Deutschen Trauerspiels*, 1925) en die Britse kunstenaar Damien Hirst (1965–), om sodoende die eiesoortige aard en betekenis van die Willem Boshoff Argief te peil.

Deur onderlinge vergelykings word aangevoer dat hierdie intellektuele projekte nie net *werklikhede* herbeskryf nie, maar ook nuwe insigte en dimensies van kennis onthul. Daar word betoog dat die versamelings van hierdie figure (soos ook terloops dié van ander eietydse Suid-Afrikaanse argiefkunstenaars soos Pippa Skotnes en David Goldblatt) ontstaan in die gees van die kritiese heroorweging van drumpels, oorgange, keerpunte en kultuurhistoriese krisisse. Deur die uiteenlopende verbeeldingswêrelde wat deur elkeen van hierdie invloedryke figure geskep is, beeldend met mekaar te vergelyk, word fasette van elkeen se onderneming belig.

Ons voer aan dat die wyse waarop Boshoff en die ander skeppers van die betrokke projekte sekere idiosinkratiese begrippe uitlig om die sin en samehang van hulle eiesoortige versamelings te verklaar, vergelykbaar is. In die geval van die Willem Boshoff Argief is dit die persona van die Druïde wat deur Boshoff as figuur van kunstenaarskap geskep word en waarmee sy konseptualiserings van *cathexis*, *catharsis*, *chiasme* en *gebeurlikheid* omvat word. By Walter Benjamin is dit oorwegend sy begrippe van die *ruïne* of die *reliëk* en die *allegorie*, en by Aby Warburg hoofsaaklik sy vernuwende opvattinge van die patosformules en mnemosyne (*Nachleben der Antike* in die kollektiewe geheue), wat die *rationale* of motivering van die onderlinge projekte opsom. Die performatiewe wyse waarop elkeen van hierdie verbeeldingswêrelde nuwe begrippe en kennis genereer, word hier onder vergelykend ondersoek.

In hierdie vergelykende ondersoek is 'n mate van spel ter sprake. Hans-Georg Gadamer (1987) gebruik die metafoor van spel in sy ondersoek na die ontologiese digtheid van die estetiese ervaring. Dit is moontlik vir deelnemers om deur 'n spel aangegryp te word omdat hulle eerstens uitgedaag word. Rilke, na wie Gadamer in sy bespreking van spel verwys, illustreer hierdie opvatting deur die metaforiese beeld van 'n bewegende bal. Die appél van 'n kunswerk, of in hierdie geval die appél van die Willem Boshoff Argief, bereik die betragter of navorser soos 'n bal wat in sy of haar rigting gegooi word – 'n uitnodiging om dit te vang, om saam te speel, om deel te neem aan 'n nog onbekende spel voordat hy of sy enige inisiatief geneem het. As 'n bal na jou gegooi word, moet daarop gereageer word. Om te speel is om toe te laat dat jy in die spel opgeneem word deurdat jy die kunswerk se speluitnodiging aanvaar het (Grondin 2003:42–3). Ricoeur (1981:187), geïnspireer deur Gadamer se opvatting van ontiese spel, kombineer toe-eiening met spel. Toe-eiening of *Aneignung* beteken om dít wat oorspronklik vreemd was en nie aan jou behoort het nie, jou eie te maak: om jou daaraan bloot te stel, jou te laat verander en om dit vir jouself toe te eien. Dit is die doel van alle hermeneutiek om teen kulturele afstand en historiese vervreemding te stry. Dít wat voorheen vir die deelnemers vreemd was, maak hulle hul eie deur samespel. Die proses van interpretasie veronderstel 'n sekere spelgereedheid en kan verstaan word as spelbelewenis – ontdekking van en deelname aan 'n spel. Die fiksies in die verbeeldingswêrelde van Boshoff, Benjamin, Hirst en Warburg kan as speluitnodigings beskou word – dít vra vir samespel, en die reaksie van die navorser of deelnemer daarop behels samespel wat uiteenlopende soorte spel insluit.



Figuur 1. Willem Boshoff, *Big Druid in his cubicle* (Art Basel/Basel Art Fair, 2009) © 2016 Willem Boshoff/Universiteit van die Vrystaat

In hedendaagse kuns soos dié van Willem Boshoff en Damien Hirst is daar 'n groeiende belangstelling in argivale metodes (Foster 2004:3). Voorbeelde hiervan is die opstellings wat in Boshoff se *Big Druid in his cubicle* (2009) (figuur 1) en Hirst se *The collector* (2003–2004) gedokumenteerd is, waar die betrokke kunstenaars ('n pop in die geval van Hirst) as stigters van georganiseerde versamelings voorgestel word.⁵ In die werklikheid is beide kunstenaars ook stigters van georganiseerde versamelings: Boshoff van sy argief en die verskeidenheid versamelings in sy huis en Hirst van sy reuse-kunsversameling *Murderme*, waarvoor hy die Newport Street Gallery in Londen laat bou het en waar hy as kurator optree.

Werke van ander betreklik onlangse kunstenaars met 'n belangstelling in vergelykbare argiewe sluit in Gerhard Richter (1932–) se *Atlas* (1962–);⁶ Hanne Darboven (1941–2009) se *Kulturgeschichte (1880–1983)* (1980–1983) (ook uitgestal by Dia:Beacon, 2003–2005);⁷ Horst Haack (1940–) se *Chronographie Terrestre* (1981–);⁸ Yedessa Hendeles (1948–) se *Partners – The Teddy Bear Project* (2004);⁹ David Goldblatt (1930–) se *Intersections* en ander uitstallings (2005);¹⁰ en Katie Paterson (1981–) se *Framtidsbiblioteket of Future Library* (2014–2114).¹¹ Ook Pippa Skotnes (1957–) moet vanweë haar leidende rol in die Centre for Curating the Archive, Michaelis School of Fine Art, Universiteit Kaapstad¹² genoem word.

Konseptuele kuns in die besonder vertoon 'n noue verbintenis met argiewe, maar in die eietydse kunstoneel, wat onder meer deur strategieë van herkombinasie gekenmerk word, het

argiewe objekte van estetiese ontdekking geword (Ernst 2013:83). Volgens Hal Foster (2004:5) is kunswerke wat argivaal van aard is, nie net gebaseer op formele argiewe nie, maar produseer hulle ook informele argiewe en word dit op so 'n wyse gedoen dat die aard van die argivale materiaal as gevind dog gekonstrueer, feitelik dog fiktief, openbaar dog privaat blootgelê word. In hierdie artikel ondersoek ons die wyses waarop sodanige eienskappe van kunswerke en van denkwyses wat met argiewe in verband staan, op kreatiewe wyse onvoorsiene dimensies van kennis en betekenis openbaar.

In hierdie artikel verskaf ons eerstens 'n algemene beskrywing van die Willem Boshoff Argief. Die argief se fiksionele verbeeldingryke en kreatiewe aard en die vermoë daarvan om 'n wêreld van ryke samehang te skep, maak dit histories vergelykbaar met vroeg-moderne *Wunderkammern*, wat tweedens bespreek word. Hierdie vergelyking belig spesifieke dimensies van Boshoff se argivale verbeeldingswêreld. Jacques Derrida (1995), Wolfgang Ernst (Parikka 2013) en Ernst van Alphen (2014a) se meer onlangse ontledings van die fundamentele argivale konsepte dra daartoe by om die eietydse tersaaklikheid van 'n *Wunderkammer*- of rariteitsmentaliteit verder te beredeneer. Derdens word daar kortliks aandag gegee aan die konsepte van *fiksie* en *verbeelding*, voordat die vergelykende studie tussen Boshoff, Warburg, Benjamin en Hirst plaasvind waarin hierdie skeppers se fiksies en verbeeldingswêreldes uiteengesit en vergelyk word.

2. Algemene beskrywing van die Willem Boshoff Argief

Die argief is die produk van jare lange intensiewe, gedissiplineerde en uitgebreide navorsing en dokumentasie. Dit bestaan uit argivale rekords in drie hoofafdelings: plantkunde, taal en musiek. Die plantkunde-afdeling bestaan uit 'n groot databasis van sistematies geordende taksonomiese dokumentasie van foto's van bome en plante (skaars en algemeen) van regoor die wêreld. Boshoff is 'n kundige met betrekking tot bome en taksonomiese fotografie en 'n voormalige voorsitter van die Botaniese Vereniging van Suid-Afrika. Sy internasionaal-erkende reeks kunswerke getiteld *Garden of words* het geleidelik vorm aangeneem sedert 1984, toe hy begin het om 'n lys van 376 plantspesies in sy eie tuin saam te stel. Dit was die eerste van 30 soortgelyke lyste wat hy saamgestel het deur tuine en parke regoor die wêreld te besoek (Gentric 2004 en 2013). Boshoff vergelyk sy inskrywings met die jongste wetenskaplike plantindekse. Teen 2004 het sy lyste byna 15 000 inskrywings bevat. Dit is uit hierdie lyste, bewaar in die argief, dat hy die verskillende weergawes van *Garden of words* geskep het.

Die taalafdeling van sy navorsing en studie wat in die argief versamel is, behels verskeie digitale woordeboeke wat hy saamgestel het. Tesame bestaan dit uit ongeveer 18 000 inskrywings, elkeen met 'n bykomende verduideliking oor die oorsprong, geskiedenis en betekenis van soms eienaardige en obskure woorde (Clarkson 2006). Die woordelyste bevat ook woorde wat dieselfde lyk of naastenby dieselfde klink in Afrikaans en Engels, asook die uitleg van vreemde Engelse tegniese terme en woorde in elk van die 11 amptelike Suid-Afrikaanse tale. Die lyste dien as bron van verskeie kunswerke, wat onder andere historiese Suid-Afrikaanse taalkonflikte oproep, asook simpatie vir gemarginaliseerde taalgroepe kweek, soos byvoorbeeld in *Writing in the sand* (2000) en *Kring van kennis* (2000).¹³

Die derde hoofafdeling van die navorsing en dokumentasie is musikaal van aard. Boshoff versamel 'n buitengewoon uiteenlopende spektrum van uitsonderlike musikale opnames met meegaande dokumentasie, in verskeie genres en van uiteenlopende etniese kulture – van Afrikamusiek tot Innuitiese keelsang, van klassieke tot eietydse musiek. Hy vors ook spesialissonderwerpe na en dokumenteer byvoorbeeld verbande tussen komponiste, kunstenaars en filosowe, en verhoudings tussen orale en optiese ervarings in sekere werke van byvoorbeeld Piet Mondriaan en Constantin Brâncuși. Klank-teks-verhoudings is ook te vinde in *KYKAFFRIKAANS*, 'n bundel konkrete poësie wat in 1980 uitgegee is deur Uitgewery Pannevis en opgeneem is in die Sackner Archives of Concrete and Visual Poetry¹⁴ in Miami, Florida. Hierdie 90 konseptuele gedigte in Afrikaans is getik op 'n draagbare Hermes 3000-tikmasjien wat deur die kunstenaar soos 'n kwas of potlood gebruik is om komposisies van grafiese vorme uit te stippel (Paton 2000). Stemvertolkings van hierdie gedigte is ook in klanklêers in die argief opgeneem. Die deelnemers aan die werke wissel deurentyd tussen kyk- en leeshandelinge, vergelykbaar met die tipografiese eksperimente van die Dadaïste en die Futuriste. Die epigraaf van die werk lui: “Jy kan met oë hoor maar nie met ore kyk nie” (Boshoff 1980). Hierdie spel met sintuie is ook ter sprake in Boshoff se *Blind alphabet* (1990–), waarin die kunstenaar verskeie ongeskrewe reëls en taboes verbreek deur juis die aanraking van kunswerke aan te moedig.

Afgesien van hierdie drie belangrike databasisse sluit die argief ook 'n versameling foto's van geologiese verskynsels, dokumentasie oor verskillende vorme van waarsêery en, natuurlik, ook Boshoff se eie noukeurige fotografiese en tekstuele dokumentasie van al sy kunsuitsette, insluitende resensies en ander navorsing oor hierdie kunswerke, in.

3. *Wunderkammern*

Uit die benaming *Wunderkammern* kan die beduidende rol wat “wonder” daarin speel afgelei word: beide met betrekking tot die ontsluiting van mense se denke én met betrekking tot die kweking van 'n begeerte vir kennis, wat aanleiding tot verdere studie en navorsing gee. Onians (1994:11–2) onderskei tussen die twee betekenis van *wonder*, naamlik om oor 'n saak te wonder (dit te bevraagteken) of om verwondering daaroor te ervaar (om erkenning te gee aan buitengewone en treffende sensoriese ervarings – sedert Aristoteles die basis van kennisverwerwing in die empiristiese denktadisie). Ons wonder byvoorbeeld oor die aard en betekenis van Boshoff se argief of oor die herkoms van die objekte in die *Wunderkammern*, terwyl ons ook in verwondering staan oor alles wat in die argief en in *Wunderkammern* versamel is en hoe daar deur die skeppers van hierdie versamelings verbande gelê word tussen hierdie magdom uiteenlopende objekte.

Die samestelling van die Willem Boshoff Argief se argiefmateriaal uit meerdere velde en Boshoff se verbandlegging daarin tussen plantkunde, taal en kuns en musiek, maak reeds die vergelyking met *Wunderkammern* moontlik. Hierdie ooreenkoms is egter oppervlakkig en daar is meer vrugbare vergelykings om te tref. Dit is ons siening dat daar by Boshoff en die skeppers van *Wunderkammern* 'n basiese oortuiging is dat die werklikheid 'n sinvolle, samehangende geheel vorm en dat daar by Boshoff en die ander skeppers 'n strewe is om só 'n kosmiese totaliteit van samehang ten toon te stel. Dit is hierdie ooreenkoms waarop ons fokus in ons vergelyking van die Willem Boshoff Argief met *Wunderkammern*.

Volgens Bredekamp (1993:102) het *Wunderkammern* oor die vermoë beskik om grense tussen kuns, wetenskap en tegnologie te oorskry. Daar vind oorbruggings plaas tussen *naturalia* (objekte uit die natuurryk en die Grieks-Romeinse Antieke, wat munte en beeldhouwerke, asook fossiele en argeologiese objekte insluit), *artificilia* (kunswerke van alle genres, solank dit in die ruimte van die *Wunderkammer* kan pas) en *scientifica* (meetinstrumente, aardbolle, horlosies en outomate) (Bredekamp 1993:38). Die verbandlegging en verbindings wat deur die toedeling van 'n plek in 'n argief bewerkstellig word, veroorsaak dat die betekenis van die objekte wat so ingedeel is, gemanipuleer, verbreed en gekonkretiseer word.

Die alternatiewe moontlikhede van oriëntering deur fiksionalisering en kennisverwerwing in *Wunderkammern* word sedert die 20ste eeu herontdek, soos onder meer bevestig deur verskeie onlangse skouspelagtige uitstallings in Amerika en Engeland.¹⁵ Een voorbeeld is die Museum of Jurassic Technology, 'n museum in Los Angeles, wat in 1989 deur David Wilson, 'n liefhebber van natuurhistoriese museums, gestig is. Alles wat in hierdie museum versamel en tentoongestel is, word as feitlike en reële *musealia* aangebied, maar van die eienaardige objekte is fiktief of andersins opgeneem binne 'n fiksionaliserende mise-en-scène. Dit word aan die museumbesoeker oorgelaat om verbeeldingryk saam te speel met verrassende verhoudings tussen die feitlike en die fiktiewe. Die museum bevat byvoorbeeld die Kameroense stinkmier, 'n skaars voorbeeld van 'n takbok en die Deprong Mori, 'n wit Suid-Amerikaanse vlermuis wat volgens legende deur mure kan vlieg – en dit word alles met hologramme en reuksimulasies gekombineer (Weschler 1995, Crane 2000:60).

Die skynbaar argaïese en bygelowige versamelingsbeginsels van *Wunderkammern* word op 'n eiesoortige wyse in die virtuele wêreld van die rekenaar(skerm) en die internet nagevolg. Die voortbestaan van die belangstelling in *Wunderkammern* kan moontlik aan 'n hedendaagse verlange na oriëntering in die era van die beeldevloed gekoppel word, soortgelyk aan die wyse waarop *Wunderkammern* destyds in die era van die ontdekkingsreise en die begin van Westerse koloniale uitbreiding as 'n instrument van oriëntasie gedien het (Beßler 2012:14, 18).

Die *Wunderkammern* of rariteitskabinette van die vroeg-moderne era kan as ensiklopediese versamelings van skaars, fantastiese en nuttige objekte beskryf word, onder meer minerale, skulpe, vreemde taksidermiese objekte, kuns- en wetenskapswonders, slim masjinerie en speelgoed, wat in kamers en kabinette in herehuiswonings en paleise versamel is. Die pragtige skulpe en insekte vasgevang in amber, skoenlappers, kristalle, gekerfde pitte van vrugte, edelstene, medaljes, munte, horlosies, kompasse en outomate, het saam “universele teaters” gevorm, soos dit byvoorbeeld beskryf word in Samuel Quicchelberg se *Inscriptiones vel Tituli Theatri* (1565) (Stafford 2001:6)¹⁶ en kan alternatiewelik as “teaters van kennis” beskryf word (Beßler 2012:15).

Destydse kunskabinette het ook, soos die *Wunderkammern*, meestal *naturalia*, *scientifica* en *artificilia* bevat, maar het uit baie kleiner versamelings bestaan. Die 17de-eeuse kunskabinet wat deur die Augsburgse meester van hoofse *Kunstschrank*, Philipp Hainhofer vervaardig is (figuur 3), is 'n pragtige, kleurvolle kabinet versier met edelgesteentes, korale, skulpe, klein beeldhouwerke en miniatuurskilderye.¹⁷ Die vorm van sulke kunskabinette herinner sterk aan die gewyde opstelling van eertydse altaarstukke. Die kabinet bevat laaie en kaste waarin 'n verskeidenheid objekte, byvoorbeeld munte of meetinstrumente, bewaar en

gerangskik kan word.¹⁸ Dit is egter nie net objekte wat in hierdie laaie bewaar en gerangskik word nie, maar ook herinneringe.

Geskiedenis is nie net iets wat plaasgevind het of besig is om plaas te vind nie. Geskiedenis is veel meer: dit bestaan uit geskifte *oor* die geskiedenis en *uit* dít wat deur geskiedenis geproduseer is. Die objekte in *Wunderkammern* en die argief kan daarom beskou word as produkte van die geskiedenis (Crane 1997:1372). In sy *Lieux de mémoire*-reeks behandel Pierre Nora 'n verskeidenheid objekte, plekke en konsepte as terreine. Hierdie terreine was eenmaal 'n geïnternaliseerde sosiale, kollektiewe geheue, maar is nou 'n eksterne, gevestigde ruimte van kollektiewe geheue. Daar is 'n skuif vanaf *milieux de mémoire* ('n genaturaliseerde kollektiewe geheue) na *lieux de mémoire*, wat verteenwoordigend is van selfbewuste pogings om geheue volgens historiese wyses te bewaar. Voorbeelde hiervan is argiewe, museums, gedenkmale en herdenkings (Crane 1997:1379). Ons moderne geheue is argivaal van aard. Dit maak staat op die materiële kwaliteit van die spoor, die sigbaarheid van die beeld. Ons hedendaagse obsessie met argiewe en versamelings en die herlewering van *Wunderkammern* is gegrond op pogings om die hede asook ons verlede te bewaar en te stoor (Nora 1989:13). *Wunderkammern* en argiewe kan daarom beskryf word as bewaringsplekke van herinneringe. In *Wunderkammern* en in Boshoff se argief, asook in die verskeie versamelings in sy huis, vind die betragter materiaal ingebed in geskiedenis en herinneringe, byvoorbeeld munte, gereedskap, edelstene en kristalle, porselein, kunswerke, plante en kunswerke. Volgens Nora (1989:9) word geheue veral in die konkrete, in ruimtes, gebare, beelde en objekte gevind. 'n Argivering van herinneringe vind in hierdie versamelings plaas.

Hierdie argivering van herinneringe en van die geskiedenis is ook ter sprake in die geskiedenis van kerke. Dink byvoorbeeld aan die manier waarop die reste en liggaamsdele van heiliges en martelare in pragtig-versierde relikwiehouers gestoor is, asook aan die kultiese objekte wat in die heiligdomme van kerke uitgestal en deur Middeleeuse pelgrims besoek is. Hierdie objekte kan volgens Stephen Bann (1995:21) ook as die voorlopers van *Wunderkammern* beskou word. In Engeland en in die Nederlande, soos beskryf deur Victor Stoichita (1997:122), of in Sentraal-Europa, soos beskryf deur Thomas DaCosta Kaufmann (1995), was die skep van *Wunderkammern* dikwels handelinge van heling of herstelling ná die verliese wat as gevolg van die beeldestormings en onteienings gedurende die Reformasietyd en die middel-17de-eeuse Britse burgeroorlog gely is.

Freud se begrip van “treurarbeid” (*Trauerarbeit*) is daarom volgens Bann van nut om die uitstalling van “wonders”, rariteite of kuriositeite in hierdie versamelings te verstaan – naamlik as handelinge van aanpassing en rou, as objekte tussen teologie en wetenskap, of die belewenis van objekte verbonde aan die botsende gesag van geloofstradisies en rasionale denke. Hierdie eienskap is terug te vind in die verstaan van die argivale versameldrang as reddingspoging by figure soos Walter Benjamin en Willem Boshoff, soos later bespreek word.



Figuur 2. Philipp Hainhofer, *Die Augsbургse Kunskabinet, geskenk aan Gustavus Adolphus, koning van Swede* (1632). Die museum Gustavianum. www.gustavianum.uu.se



Figuur 3. Romeyn de Hooghe, *Bezoekers in het natuurhistorisch kabinet van Levinus Vincent in Haarlem* (ca. 1706). Die Rijksmuseum. www.rijksmuseum.nl



Figuur 4. Levinus Vincent, *Wondertoneel der Nature* (Tab VII) (1715)



Figuur 5. Levinus Vincent, *Wondertoneel der Nature* (Tab I) (1715)

Die ruimte van *Wunderkammern* was dikwels eng met studie en bepeinsing vervleg en die kamers of kabinette daarin was telkens die gevolg van 'n idiosinkratiese versamelaar se obsessiewe moeite, soos ook in die geval van die argiewe wat hier ondersoek word. Dit was telkens 'n uitdrukking van 'n individuele versamelaar se smaak, passie, belangstelling, lewensweg en roem. Die ruimtes getuig van 'n menslike passie of begeerte vir kennis en is veronderstel om die betragter se gees ontvanklik te maak vir die wonders van die wêreld, maar ook om verdere studie en nadenke van horison tot horison aan te moedig (Crane 2000:65–8). Die objekte in die *Wunderkammern* het as gesprekstukke gedien vir die deelname aan intellektuele diskoerse en het die uitruil van en verbandlegging tussen wysshede aangemoedig. In die 18de-eeuse illustrasie *Bezoekers in het natuurhistorisch kabinet van Levinus Vincent in Haarlem* (figuur 3) (die titelblad van die geïllustreerde inventaris, *Wondertoneel der natuur, ofte een korte beschrijvinge zo van bloedeloze, zwemmende, vliegende, kruipende, en viervoetige geklaauwde eijerleggende dieren bevat in de Kabinetten van Levinus Vincent* [Boek I, Amsterdam, 1706]) neem die betragter 'n toneel waar waarin die oorgang vanaf die humanistiese geleerdheid van die Renaissance na die begin van die *Aufklärung* sigbaar is. Hier is 'n uitbeelding van 'n vakwetenskaplike ruimte waarin sistematiek en klassifikasie belangrik is, soos wat in die uitsers geordende tentoonstelling van Vincent se wonders in laaie en op rakke gesien kan word. Besoekers wou aan hierdie instelling van 'n elite-kultuur van geleerdheid deelneem. Die voorgestelde kabinetruimte vertoon pare en groepe besoekers wat tot lering en vermaak met hulle aandagtige houdings en beduiende vingers aan gesprekke en debatte rondom objekte in die laaie, op die tafels en in die uitstallings teen die mure deelneem. Dit was die aard van hierdie versamelings wat hierdie tipe sosiaal-intellektuele gedrag by besoekers aangemoedig het en dit het regdeur die geskiedenis 'n eienskap van kreatiewe versamelings gebly. Dit is dan ook die geval, by dié versamelings van Aby Warburg en Willem Boshoff, waar besoekers se interpretasie van die ordenende begrippe onderliggend aan hulle versamelings tot die intellektuele diskoerse bydra.

Die kosmos wat in die *Wunderkammern* georgiveer word, is nie 'n statiese *tableau* nie; dit is eerder 'n dramatiese toneel in 'n skouburg van moontlike verbande wat nog tussen die voorwerpe ontdek moet word. Die samehang wat daarin opgesluit lê, moet dus aktief in diskoerse geïdentifiseer en uitgelig word. Die wonders en rariteite van die *Wunderkammern* tree as die akteurs in hulle versamelaars se verbeeldingswêreld op en die kabinet of kamer waarin hulle bewaar word, is hulle verhoog: allegories gerig op die kosmiese metafoor van die *Welttheater*. Die teatermetafoor van die dramatiese proses van kennisontvouting in die *Wunderkammern* word in die titel van Levinus Vincent se *Wondertoneel der nature* aangedui en verder gesuggereer deur Romeyn de Hooghe se voorstelling van *Bezoekers in het natuurhistorisch kabinet van Levinus Vincent in Haarlem* (figuur 3), waar gordyne teruggebund word om die *Wunderkammer* as teaterverhoog te onthul. Die uitnodiging aan deelnemers om as 't ware die gordyne weg te trek en die versameling aktief en deelnemend te onthul, leef by moderne argivale versamelings voort (Stafford 2001:6–7).

Die vroeë *Wunderkammer* was 'n konseptuele sisteem waarmee versamelaars die wêreld wat hulle bewoon, kon verken, verower, interpreteer en orden. Dit het gedien as 'n organiseringsbeginsel vir kultuuraktiwiteite. Nog onontdekte kennis, verstrooid oor die wêreld, sou dalk iets beteken indien dit in die *Wunderkammer* saamgebring kon word sodat dit bestudeer en onderling aan die hand van objekte vergelyk kon word. Versamelings het as 'n naasmekaarstelling van idees en objekte gedien. Die *musaeum* was die as waardeur alle strukture van versameling, kennis en kategorisering geloop het. Dit was 'n vervlegting van

woorde, objekte en beelde in 'n algemeen-toeganklike ruimte (Findlen 2004:162–6). Waar 'n veranderende wêreld 'n verwarde web van betekenis was, was dit 'n funksie van die versamelaar om die aangepakte lae en verwarrende kolke van betekenis te deurdring met die vergelykende, taksonomiese en ensiklopediese aard van die versamelingsprojek – soos by Boshoff se argief, waar 'n multidissiplinêre oorbrugging van die skeidings tussen dissiplines plaasvind (Findlen 2004:173).

Die organisering van die wêreld in die *Wunderkammer* is gemotiveer deur die oortuiging dat die heelal samehangend is en dat dit die taak van die versamelaar is om hierdie verborge samehang bloot te lê en ten toon te stel. 'n Onderliggende, natuurwetmatige samehang in die heelal word gesuggereer in inventarisillustrasies van Levinus Vincent se *Wondertoneel der Nature* (figure 4 en 5), waar horisontale en vertikale verhoudings aangedui word deur die los laaie en spesimens wat in die voorgrond ten toon gestel word, in kontras met die geslote laaie van die kabinette in die agtergrond. Hierdie tentoonstelling is vergelykbaar met die kolomme wat op die rekenaarskerm vertoon word wanneer 'n soektog op die Apple-rekenaars in die Willem Boshoff Argief geloods word. Sisteme van ooreenkomste – soos visuele patrone wat as toevallig mag voorkom – word deur horisontale en vertikale samehange in die kabinette en in die illustrasies daarvan uitgedruk.

Die *Wunderkammer* was nie net 'n blote bymekaarbring van voorwerpe nie, maar eerder 'n geordende visuele nabetraging en liriese interpretasie van die toe-eiening van die wêreld (Beßler 2012:16). Die *Wunderkammer* staan parallel tot die goddelike skepping van die makrokosmos. In hierdie opsig leef die Middeleeuse grondmetafoor van die leesbaarheid van die wêreld of die boek van die natuur (waar Natuur naas Skriftuur as die terreine van goddelike skepping, heerskappy en openbaring beskou is) steeds in vroeg-moderne rariteitskabinette voort (Blumenberg 1979). Die wonders en rariteite wat in die fiktiewe, verbeeldingryke en simboliese wêreldbeelde van *Wunderkammern* georden is, is vergelykbaar met die digitale “wonders” wat in Boshoff se argief versamel is. Die kunstige foto's van plante herinner aan die *naturalia* van *Wunderkammern* terwyl die foto's van sy kunswerke herinner aan die *artificialia*. Die woorde in sy woordeboeke is vergelykbaar met die insekte in *Wondertoneel der Nature Tab I* (figuur 5) wat Vladislavić (2005:82) beskryf as “polysyllabic oddities, many-jointed creatures that astonish and repel”.

By hierdie digitale wonders wat in die argief gestoor is, kan ook ander wonders gevoeg word. Boshoff se huis in Kensington, Johannesburg, kan as 'n hedendaagse *Wunderkammer* beskou word. Sy huis en ateljee is vol kabinette, waarin hy 'n verskeidenheid van objekte versamel en orden: houtwerkgereedskap, naaldwerkgereedskap, ginekologiese instrumente, tandartsinstrumente, meetinstrumente, speelgoed, raaisels, legkaarte, skulpe, skilpaddoppe, klippe, kristalle, vere, porselein, parfuumbottels, objekte vir gebruik in waarsêery, ens. Dit is egter nie net objekte wat in die proses van versameling bewaar word nie. Historiese en kulturele inligting en gebruike word saam met hierdie voorwerpe versamel en bewaar.

4. Fiksie en verbeelding by Ricoeur

In sy artikel “The function of fiction in shaping reality” bespreek Ricoeur eers sy konseptualisering van fiksie, waarna hy daaraan 'n plek in 'n algemene teorie van die verbeelding toeken. In sy bespreking kontrasteer hy fiksie met die idee van die beeld as 'n

portret of replika. Vir hom is fiksie nie *replikas* van die werklikheid nie, maar *verwys* dit eerder *na* die werklikheid, skep en herskep dit die werklikheid (Ricoeur 1991:117). Hy beskryf fiksie as iets sonder 'n voorafgaande of bestaande model, met ander woorde as iets wat glad nie bestaan nie of dikwels nie kán bestaan nie (1991:120–1). Dit verander bestaande werklikhede, deurdat dit nuwe werklikhede skep of ontdek. Fiksie verwys op 'n produktiewe wyse na die werklikheid omdat dit nie oor 'n voorafgaande verwysing beskik nie. Daarom kan dit selfs bydra tot die toename of uitbreiding van die betekenis van die werklikheid. *Wunderkammern* reproduseer byvoorbeeld nie voorafgaande werklikhede nie, maar skep hulle eie bepaalde werklikhede of verander (herbeskryf) bestaande werklikhede deurdat dit 'n mens uitnooi om op nuwe wyses na die wêreld te kyk. Fiksie vorm daarom deel van die produktiewe verbeelding.

Volgens Ricoeur (1991:122, 128) is verbeelding produktief wanneer denke aktief is. Die skryf van 'n gedig, die vertel van 'n verhaal, die skep van 'n vraagstelling of hipotese, plan of strategie bied almal kontekste waarin die verbeelding gebruik word en toegelaat word om produktief te wees. In die skep van kunswerke, die ontwerp en organisering van argiewe of *Wunderkammern*, asook die identifisering van die samehang daarin, word aan die verbeelding 'n geleentheid gebied om produktief betrokke te wees. Die verbeelding wat aktief is in 'n werk produseer 'n verbeeldingswêreld – egter nie een daaragter verborge nie, maar eerder voor die werk geprojekteer. In die verbeelding se vrye spel van moontlikhede kan 'n fiksie die werklikheid herbeskryf. Hoe meer die verbeelding van die bekende en aanvaarde werklikhede verskil, hoe nader is dit aan die kern van die werklikheid, wat nie meer 'n wêreld van manipuleerbare objekte is nie, maar eerder die wêreld waarin almal by geboorte geworpe is; waarin almal probeer om hulself te oriënteer sodat hulle daarin kan woon (Ricoeur 1991:133).

Die onderskeid wat Ricoeur tussen die produktiewe verbeelding en die reproduktiewe verbeelding tref, ontleen hy aan Kant. Kant bespreek die verbeelding hoofsaaklik in sy *Kritiek van die suiwer rede* (1781). Hy onderskei tussen reproduktiewe verbeelding, produktiewe verbeelding, transendentale verbeelding, die skematisme (dit is in die formulering van die skematisme waar die standaard interpretasie van Kant se verbeelding die duidelikste is), en laastens die kreatiewe werking van die verbeelding, soos dit by reflekerende oordele betrokke is (Thompson 2009). Wanneer die produktiewe en reproduktiewe verbeelding gewoonlik bespreek word, word eienskappe soos “oorspronklikheid”, “werklikheid”, “reproduksie” of “verbeelding” in die sin van “afbeelding” daarmee in verband gebring. Vir Ricoeur is hierdie model van die *oorspronklike* gestel teenoor *reproduksie* verteenwoordigend van reproduktiewe verbeelding. In die geskiedenis van die Westerse filosofie word daar hoofsaaklik aan die reproduktiewe verbeelding aandag gegee. Vir Ricoeur bestaan daar egter vier soorte produktiewe verbeelding, naamlik die sosiale of kulturele verbeelding, waaronder utopieë fiksies is; die epistemologiese verbeelding, waarvolgens die teoretiese model in die wetenskaplike domein 'n fiksionele funksie vervul (deur die toepassing van die teoretiese model op die empiriese word die werklikheid herbeskryf); die poëtiese verbeelding, waarvolgens die metafoor 'n fiksionele funksie vervul (die poëtiese verbeelding kan deur middel van metafore nuwe dimensies van die werklikheid ontvou en soos die epistemologiese verbeelding die werklikheid verander); en laastens religieuse simbole (Taylor 2006:94–7).

Om doeltreffend te wees moet die produktiewe verbeelding bestaande kategorieë transformeer en kan dit nie heeltemal buite en afsonderlik van die werklikheid bestaan nie.

Dit beteken dat enige utopie, wetenskaplike model of gedig elemente van reproduktiewe verbeelding moet bevat wat toereikend uit die bestaande werklikheid geput het, sodat die afstand tussen die produktiewe en reproduktiewe verbeelding nie te groot is nie. Dit is egter belangrik dat die produktiewe verbeelding 'n fiksie oplewer. Slegs op hierdie wyse kan dit die werklikheid herbeskryf en 'n nuwe dimensie van die werklikheid verskaf (Taylor 2006:97–8).

Vervolgens word ondersoek hoe die kreatiewe intellektuele projekte van Boshoff, Warburg, Benjamin en Hirst nuwe kennisdimensies deur middel van fiksies en die produktiewe verbeelding laat ontvou.

5. Argiewe: die kreatiewe argivale versamelings van Boshoff, Warburg, Benjamin en Hirst

Vir Van Alphen (2008:66) is die ordening van versamelde of geargiveerde items uiteindelik 'n klassifikasiehandeling of 'n vorm van verbinding en samevoeging. Versameling en argivering as aktiwiteit maak die totstandkoming van betekenis, orde, grense, samehang en rede moontlik uit dít wat voorheen ongeordend, toevallig en sonder grense was. Hierdie beskrywing van die argief toon ooreenkomste met die ideologiese onderbou van *Wunderkammern*.

Derrida (1995) bring die grondslag van argiewe in verband met die *archoniese* beginsel, oftewel die beginsel van oordrag – oordrag in die sin van om saam te groepeer. Hy betrek die Griekse *arkheion*, wat aanvanklik verwys het na die woning, tuiste of adres van belangrike magistrate, die *archons* oftewel dié wat beveel het. Derrida beskryf die *archons* as die bewaarders van die dokumente in die argief. Hulle sorg nie net vir die veiligheid van die dokumente nie, maar beskik ook oor die hermeneutiese reg, vaardigheid en mag om die argiewe te interpreteer. Die mag van die *archon*, wat ook die funksies van vereniging, identifikasie en klassifikasie betrek, is ook die mag van oordrag. Met *oordrag* word daar nie net verwys na die aksie om aan iets 'n spesifieke plek of adres toe te ken nie, maar ook na oordrag in die sin van die versameling van “tekens” of dan betekenisvolle argivalia. *Arkhe* beteken beide “gebod” en “aanvang”. Dit is 'n woord wat twee norme tegelykertyd kommunikeer: die oorsprong van dinge (fisiese, geskiedkundige of ontologiese norme), en ook die wetlike norm, oorgeset synde daar waar mense en gode regeer en beveel, daar waar gesag en sosiale orde uitgeoefen word (Derrida 1995:9–10). Dit is die beginsels of “wette” waarop die toedigting of aanwysing van 'n plek in die argief gebaseer is.

In die individuele versamelings van Willem Boshoff, Walter Benjamin, Damien Hirst en Aby Warburg kom daar uit gesprekke met en geskrifte van die individuele argiefskeppers telkens (self-)regverdigende begrippe na vore. Die afleiding sou kon volg dat hierdie idiosinkratiese begrippe deur Derrida se beskrywing van die funksie van die *archons* omvat word, of dat die versamelings se bemagtigende begrippe as die *archoniese* beginsels van oordrag of saamgroepering, plasing en samehang van items funksioneer. Die fiksies en verbeeldingswêreld wat deur hierdie figure met hulle versamelings geskep word, bring konsepte na vore waarmee werklikhede herbeskryf word en waaruit nuwe dimensies van die werklikheid na vore kom (à la Ricoeur). Die konseptuele aard van Boshoff, Benjamin, Hirst en Warburg se intellektuele projekte kan soos volg opgesom word:

Boshoff	Benjamin	Hirst	Warburg
Chiasme, <i>cathexis</i> , <i>catharsis</i> , toeval	Ruïne (allegorie) Reliek	Verganklikheid	<i>Pathosformeln</i> <i>Mnemosyne</i>

5.1 Willem Boshoff

Die konsepte *catharsis*, *cathexis*, *chiasme* en *toeval* het telkens na vore gekom in onderhoude en gesprekke met Willem Boshoff (Boshoff e.a. 2015). Ons meen dat al hierdie begrippe omsluit word deur die persona of *imago* van die “Big Druid”, wat Boshoff gekies het om sy omvattende kreatiewe projek mee te begrond.

Die verbeeldingswêreld in Boshoff se argief sou metafories beskryf kon word as ’n fiktiewe woud met die Big Druid (as beide vergestaltung van die poëtiese verbeelding se fiksieskeppende rol én die skepper en onderhouer van die argief) te midde daarvan. Die Druïde, soos Boshoff dit in sy voorlegging vir die installasie *Big Druid in his cubicle* by Art Basel, oftewel die 2009 Basel Art Fair (Boshoff 2009) uiteensit, skryf woordeboeke, oftewel versamel obskure woorde en onderneem verkennende “Druid walks”, waar hy op beplande wandelings saam met kunsliefhebbers en ander deelnemers nuwe omgewings besoek om toevallige besonderhede, waar die *genius locus* onder meer in plante, strate en oppervlakke manifesteer, op sy pad te fotografeer. Die Druïde tree in persoonlike verhoudings met plante en maak kennis met spesifieke spesies oor lang tydperke en op uiteenlopende plekke (soos botaniese tuine regoor die wêreld) deur aan die blare en takke te vat, te vryf en te ruik en die beste voorkoms daarvan te fotografeer. Dit is vergelykbaar met die wyse waarop Joseph Beuys met ’n coyote kennis gemaak het in die bekende *Aktion* in die New Yorkse René Block-kunsgalery, *I like America and America likes me* (1974)¹⁹ (Tisdall 1976).

Vir die Druïde gaan dit oor die behoud van en stryd teen die uitsterwing en verlies van plantspesies deur middel van die herdenkende inbeelding van plantname en die skep van “woordtuine”. Die Druïde lê homself die taak op om die “tuin” van sy gedagtes mnemotegnies te versorg deur middel van tekste, woordeboeke en prente, plantprofile wat hy saamstel, die ondersoek van verhoudings tussen die sigbare en hoorbare, die skryf van konkrete poësie, die manipulasie van sy denkprosesse en die identifikasie van nimfe of *genius loci* (Boshoff 2009). Die woorde wat die Druïde bestudeer en versamel, word op klippe gegraveer.

Hy beluister die musiek wat van regoor die wêreld op die wind aangewaaï kom en versamel tonale eienaardighede wat strek van argaïese, etniese en Middeleeuse instrumentasie tot eietydse toonkunseksperimente, en hy skep kunswerke uit en oor die kennis wat hy verwerf én dít wat hom fassineer. Die Druïde beoefen ook waarsegging en toevalspele, wat ’n beduidende rol in beide sy werke en aksies, asook in die ordening van sy argief speel. Die Druïde se baard en hare is lank, hy dra meestal grys en beige hemde, swart of donkergroen Crocs, beige onderbaadjies en langbroeke, soos gesien kan word in figuur 7, waar die Druïde ’n demonstrasie met sy speelgoedeend Lucky uitvoer.



Figuur 6. Willem Boshoff, *Big Druid in his cubicle (die Druide met sy speelgoedeend "Lucky")* (Art Basel / Basel Art Fair, 2009) © 2016 Willem Boshoff / Universiteit van die Vrystaat

Die spesifieke voorkoms van die Druide is vergelykbaar met dié van ander kunstenaars, wat bekend geword weens hulle spesifieke voorkomste, soos Joseph Beuys wat altyd 'n bruin vilthoed, blou denimjeans ingestee by sy stewels, 'n wit hemp en onderbaadjie gedra het, of Frida Kahlo met haar helder etniese kleredrag, baie juwele, blomme in haar hare en haar monowenkrou, wat net so bekend is as die snor van Salvador Dali.

Die Druide is 'n vergestaltung van 'n lewenswyse, 'n persona gebaseer op historiese of mitiese druïdes van die verlede, maar wat eienskappe en kwaliteite bekom wat ons hedendaagse kennis van druïdes oortref. Die Druide in die argief is dus soos 'n embleem sonder 'n oorspronklike, 'n fiktiewe *imago* wat 'n unieke en veelseggende houding, benadering en perspektief open van waaruit hy nuwe en veral kritiese konseptuele dimensies van die werklikheid ontsluit. Daarby moet 'n mens die sleutelfaktor van emblematisiese beelding in gedagte hou. Dít is inherent aangewese op die bemiddelde verbeeldingryke deelname van ontvanklike en nadenkende mense aan die oordragtelike kennis- en wysheidskeppende werking van fantasiewêrelde.

Die Druïde-figuur werp ook lig op die konseptuele aard van Boshoff se argief. *Cathexis* beteken vir Boshoff dat hy energie (*energeia*) en krag (*kratos/amandla*) bekom, maar dat hy dit ook weer vrystel (*catharsis*) (Boshoff e.a. 2015). Volgens Boshoff poog hy om in sy kunswerke en die argief gestalte te gee aan dít wat in die lug hang en rondsweef. Hy wil konkrete betekenis en gestalte gee aan abstrakte verbande en spirituele betekenis. Die persona van die Druïde inkorporeer die abstrakte konsepte *cathexis*, *catharsis*, *chiasme* en *toeval*. Boshoff verduidelik die konsepte van *cathexis* en *catharsis* aan die hand van asemhaling. By geboorte, sê hy, snak babas na hulle eerste asem en neem hulle suurstof in (*cathexis*) en wanneer mense eendag sterf, blaas hulle hul laaste asem uit (*catharsis*). Tussendeur moet 'n mens sonder ophou inasem en uitasem. *Cathexis* en *catharsis* is, volgens sy verduideliking, dus deel van die daaglikse liggaamlike bestaan van alle mense. *Cathexis* kan ook verbind word met versameling: om iets in te neem of op te neem, om iets te versamel en te besit. *Catharsis* is dan die teenoorgestelde daarvan en kan beskryf word as “ontlasting”, met ander woorde om 'n mens van laste te bevry, om te “laat gaan” (Boshoff e.a. 2015).

Hierdie bevryding is in Boshoff se beskrywing 'n lewensnoodsaaklike teruggawe of donasie. *Catharsis* word bewerkstellig deur die skenking of donasie van fiksie of die herbeskrywing van die wêreld, in Ricoeur se sin van die woord, deur die skep van verbeeldingswêreld en kunswerke, of neem kumulatief in die argief vorm aan. Hierdie uitleg van die terme deur Boshoff verklaar sy besondere persoonlike eienskap van vrygewigheid ten opsigte van sy kennis en insigte, en sy verdraagsame ontvanklikheid teenoor medemense. Vir sy kunswerke versamel Boshoff woorde, klippe, name van plante, porseleinstukke, hout, sand, en so meer. Vir die argief versamel hy digitale fotografiese opnames, dokumente en lêers. Die argief in sy geheel is aan die Universiteit van die Vrystaat geskenk om dit digitaal so wyd as moontlik toeganklik te maak en word deurentyd deur Boshoff bygewerk soos wat hy die argief uitbrei.


Chiasme word deur Merleau-Ponty gebruik om 'n nuwe konseptualisering van die liggaam se vervlegting met die wêreld te tipeer as 'n vervlegting van subjektiewe ervaring en objektiewe bestaan (Baldwin 2004:247). Om die konsep van *chiasme* te verduidelik, gebruik Merleau-Ponty die voorbeeld van 'n persoon wie se twee hande mekaar omsluit. Hierdie aanraking stel twee dimensies van ons “vlees” bloot: enersyds 'n tipe fenomenologiese ervaring en andersyds vlees as iets wat aangeraak kan word. Dit dui sodoende op die dubbelsinnige aard van ons liggame as beide subjek en objek, of iets wat subjektief én objektief funksioneer (Merleau-Ponty 2004:256). Sigbaar en beweegbaar is die liggaam 'n objek tussen objekte – één van hulle. Dit is in die materie van die wêreld verstrengel en die samehang daarvan is dié van 'n objek – maar omdat dit sien en beweeg, hou dit objekte in 'n sirkel rondom sigself. Hierdie objekte is 'n verlenging van die liggaam, dit is deel van die liggaam se vlees en daarin opgeneem. Die objekte is deel van die definisie van die liggaam en die wêreld is uit dié liggaam geskep (Merleau-Ponty 1993:124–5). Hierdie vervlegting van subjek, objek en die vlees, met laasgenoemde wat optree as 'n bindingsmiddel tussen subjek en objek in Merleau-Ponty se opvatting van *chiasme*, is 'n wyse waarop die wêreld verstaan word. *Chiasme* verwys na ingewikkelde oorkruisings of omgekeerde parallelisme wat nie bloot as spieëlbeeld of simmetrie verduidelik kan word nie, maar meer gekompliseerd is. Chiasme word 'n metafoor vir die bykans ondeurgrondelike orde van die wêreld, waarvan die mens deel is. So is die Druïde byvoorbeeld met die landskap vervleg en deel van die samehang daarvan, veral met die plante en bome wat hy bestudeer, fotografeer, aanraak en beruik.

Boshoff se implementering van die konsep van *chiasme* kan op konkrete wyse aan die hand van die kunswerk *Cube* (figuur 7 en figuur 8) verduidelik word. In *Cube* vind 'n besonder

komplekse ordeningsbeginsel van Boshoff se verbeeldingswêreld visueel gestalte. *Cube* is 'n aluminiumkubus wat kan oopvou, met blokkies daarbinne wat inmekaar pas om die kubus op te vul. Die toegevoede soliede kubus suggereer simmetrie en reëlmatigheid, maar wanneer dit oopgevou word, ontvou dit as uiters komplekse gestalte. 'n Meer ingewikkelde orde en samehang word daardeur gesuggereer. Boshoff (2007) noem dat die kubus 'n simbool vir die kosmos is en dat die opgevoede beeldhouwerk die wêreld in die vorm van 'n abstrakte stad vergestalt. Wanneer die "stad" oopgevou word, word dit blootgestel, maar dit is eers in die toegevoede "stad", wanneer al die dele bymekaarkom en met mekaar vervleg is, dat die "stad" gerealiseer kan word. Wanneer die kante van 'n kubus oopgevou word, soos meestal gebruiklik in tessellasie, is dit in die vorm van 'n kruis. Hierdie kubus ontvou egter in die minder gebruiklike trapvorm, wat op 'n leer as verbinding tussen spirituele en bewoonbare wêreldes sinspeel.



Figuur 7. Willem Boshoff, *Cube* (1976–1982), toegevou. © 2016 Willem Boshoff



Figuur 8. Willem Boshoff, *Cube* (1976–1982), gedeeltelik oopgevou. © 2016 Willem Boshoff

Boshoff se beskrywing van hierdie kunswerk kan ook in 'n metaforiese sin verstaan word as sy emblematisiese vertolking van samehang in die wêreld, soos vroeër vergestalt in die allegoriese ordenings van vroeg-moderne kunskabinette en *Wunderkammern*. Dit kan ook verbind word met Ricoeur se opvatting dat nuwe insigte in fiktiewe verbeeldingswêreldes ontdek word. Die chiasitiese ordening stel die ingewikkelde vervlegting van spirituele en bewoonbare wêreldes ten toon. In die Boshoff-argief manifesteer hierdie ordening ook as samehang en vervlegtings tussen die taal, musiek, plantkunde en kuns; in sy kunsuitings word dit vergestalt in werke soos *Writing in the sand* (2000) as vervlegting van taal en kuns, *Garden of Words I, II, III* (1982–2006) as vervlegting van plantkunde en kuns; en *KYKAFFRIKAANS* (1980) of *Abamfusa Lawula* (1997) as vervlegting van musiek en kuns.

'n Verdere konsep in die argief wat bydra tot die identifisering van samehang, is *toeval*. In Boshoff e.a. (2015) noem Boshoff dat hy die "heelyd" na "alles" soek. Hy weet egter nooit wat hy gaan kry nie. Die onophoudelike soektogte na "alles", waar dit nooit duidelik is wat opgelewer gaan word nie, hou vir hom verband met die beginsel van toeval en gebeurlikheid. Boshoff se navorsing oor Dadaïsme het daartoe bygedra dat hy homself tot 'n mate met die Dadaïste en hulle stochastiese eksperimente met toeval vereenselwig. Die Dada-kunstenaars het hulleself vry gemaak van rede en kousaliteit deur toeval in die skeppingsproses te verwelkom. Deur toeval is dit vir die Dada-kunstenaar moontlik om ou estetiese gewoontes te vernietig en nuwe vorme van persepsie te skep (Watts 1980:1). Dada-kunstenaars, of

kunstenaars soos Boshoff wat Dada-elemente in hulle werk inkorporeer, poog dus om mense op 'n heeltemal nuwe of verrassende manier na die wêreld te laat kyk. Die Druïde beoefen gereeld waarsegging, waarin toeval 'n rol speel. Sy speelgoedeend Lucky word dikwels hiervoor gebruik, asook die plastiekeiers wat die eend lê, die letter A, 'n karretjie en 'n blonde kaal poppie. Alhoewel Boshoff teen dobbelary gekant is, is daar volgens hom 'n element van dobbelspel in alles wat hy doen. Die beginsel van toeval word enersyds deur hom gebruik om sin te maak uit 'n idee, of probleme, of van mense. Vir hom hou dit verband met hoe 'n persoon sy/haar gedagtegang daarop kan instel om sin te maak uit dít wat toevallig gebeur (Boshoff e.a. 2015). Andersyds is dit 'n manier om na die onderliggende sinvolheid van die bestaan te soek en te ontdek, deurdat telkens op een of ander ordelikheid gestuit word, as daar lank genoeg met die toevalspel volgehou word. Hy beoefen waarsegging en gebruik toeval met die oog daarop om aandagtig en met verloop van tyd samehang en betekenis te ontbloot. Toeval is dus nie net 'n manier om mense op 'n nuwe en verrassende manier na die wêreld te laat kyk nie, maar is ook 'n vorm van oriëntering, 'n manier waarvolgens 'n mens sin kan maak uit die lewe. Die absolute aanvaarding van toeval het volgens Richter (1965:60) die Dadaïste tot die sfeer van die magiese, orakels, toordery en waarsegging, soos van ouds “vanuit die ingewande van voëls en lammers”, gelei.

In sy bespreking van die konjektuurmodel noem Carlo Ginzburg (1980:13) dat waarsegging 'n gedetailleerde ondersoek van die werklikheid verg, met die doel om die spore van gebeure wat die waarnemer nie direk kan ervaar nie, te ontbloot. Voorbeelde is die ondersoek en interpretasie van die ingewande van diere, druppels olie op water, sterre en onwillekeurige bewegings. Ginzburg (1980:13) onderskei tussen drie intellektuele fases in die interpretasie van tekens in die waarseggingsproses: ontleding, vergelyking en klassifikasie. Dit is ook die waarsêer se taak om die boodskappe van die gode wat in die sterre geskryf is, op menslike liggame en orals in die heelal te ontsyfer en sodoende groter insig in die wêreld en die betekenis daarvan te verwerf. Die drie intellektuele fases in die interpretasie van tekens in waarsêery is ter sprake in die Boshoff-argief, waar die Druïde sowel as die gebruikers van die argief die versamelde *archivalia* ontleed, vergelyk en klassifiseer.

Deur die bespreking van die konseptuele aard van ander argivale fiksies en verbeeldingswêreld, soos dié van Warburg, Benjamin en Hirst, kan verdere aspekte van Boshoff se argief in terme van konsepte, filosofieë en die organisering van die argief aan die lig gebring word.

5.2 Aby Warburg

Sy *Mnemosyne Atlas* en die versamelde boekery in die *Kulturwissenschaftliche Bibliothek Warburg* (figuur 9) is saam met sy geskifte die vernaamste manifestasies van Warburg se verbeeldingswêreld. Die atlas en biblioteek bestaan parallel aan en kan vergelyk word met die *Wunderkammern* van vorige eeue. Volgens Johnson (2012:67) is die Warburg-biblioteek 'n *denkinstrument*. Didi-Hubermann (2002:41) beskryf die Warburg-biblioteek as 'n poging om brûe te bou waar grense tussen dissiplines ontstaan het. Die oogmerk met beide die *Mnemosyne Atlas* en die biblioteek is die skep van skakels tussen dissiplines (Johnson 2012:68–9) wat op die vind van groter kulturele samehang gerig is – 'n oogmerk wat ten spyte van die verskille ook kenmerkend is van Boshoff se argief.



Figuur 9. Aby Warburg, foto van die *Mnemosyne Atlas* uitgestal vir die Ovidius-uitstalling in die Warburg-biblioteek (1927). © 2016 Die Warburg Instituut, Universiteit van Londen

Warburg se atlas het uit panele (elk ongeveer 150 x 200 cm) bestaan wat met swart doek oorgetrek is en waarop fotografiese drukke van uiteenlopende herkoms te georganiseer was.²⁰ Hierdie panele vertoon geordende versamelings van kunsreproduksies, advertensies, koerantknipsels, geografiese kaarte en persoonlike foto's wat herhaaldelik deur Warburg herrangskik is, soos hy ook die boeke in sy biblioteek herhaaldelik herrangskik het ooreenkomstig die ontwikkeling en verandering van sy denkraamwerke. Die atlas was vir Warburg 'n instrument van oriëntasie en ontwerp om die migrasie van uitgebeelde figure in die kultuurgeskiedenis deur verskeie vlakke van kennis te volg (Michaud 2004:277).

Foster (1999:52) beskryf dit as 'n kultuurhistoriese instrument wat die verlede aan die hede beskikbaar stel en wat, in sy rangskikking en organisering van beeldmateriaal, die kragtige en dinamiese verbande tussen die energieë wat die wêreldgeskiedenis beheers (aan die hand van standhoudende en herhalende *Pathosformeln*) sigbaar maak. Die atlas karteer volgens Johnson (2012:8–9) letterlik en figuurlik die *tropos* in Warburg se studie van die Renaissance-kuns en kosmologie. Dit is 'n *Bilderatlas*²¹ wat gepoog het om die sogenaamde *Nachleben der Antike* aan die hand van die voorkoms van die klassieke *Gebärdensprache*, of gebaretaal, tydens die Renaissance en daarna, te karteer. Warburg het elke paneel van die atlas gefotografeer voordat 'n nuwe rangskikking van beeldmateriaal aangepak is. Warburg wou minstens 79 panele voltooi van 'n voorsiene ongeveer 200. Die laaste weergawe van die atlas, wat uit 63 panele bestaan het, het ongelukkig vergaan. Al wat behoue gebly het, is 'n stel van swart-wit fotografiese drukke van 18 x 24 cm (Warburg 2000).

In die *Mnemosyne Atlas* van Warburg betree die navorser “'n rivier van beelde”, 'n rivier van die geskiedenis en herinnering waar Mnemosyne heers. Wanneer die navorser die rivier betree, word hy/sy geneem op 'n herinneringsreis deur die geskiedenis met Mnemosyne, die moeder van die Muses, asook die personifikasie van herinnering (Johnson 2012:1), wat

hom/haar aan die hand lei. Warburg noem dat die atlas die geskiedenis as 'n fabel "vertel" en dat dit "'n spookverhaal vir volwassenes" is: "Diese Geschichte ist märchenhaft to vertellen."²² Gespenstergeschichte f. ganz Erwachsene" (Johnson 2012:12–3).

Die figuur van Mnemosyne in die verbeeldingswêreld van die atlas en in die konseptuele wêreld van die biblioteek is vergelykbaar met die fiktiewe persona van die Druïde in die argief van Boshoff. Beide Mnemosyne en die Druïde is metaforiese personifikasies wat op beeldende en verbeeldende wyses die rigtings en aard van hulle bepaalde argiefversamelings as *systemes figurés* stempel. Mnemosyne is 'n kultuurtegniek van die verstand en die Druïde en argief kan ook as kultuurtegnieke verstaan word, omdat dit deur Boshoff gebruik word om sy gedagtes en werk te orden (Weigel 2013:2–3).

Warburg se atlas bied 'n skematiese, pikturale tentoonstelling van die kultuurgeskiedenis en betrek die ontwikkeling van menslike kulture vanaf die *Greifmensch* ('n mens wat vashou met die hande, soos Warburg dit omskryf) na 'n ontwikkelde vlak van *Begreifen* (teoretiese begrip). Op die eerste paneel van sy atlas (figuur 10) het Warburg drie voorstellings van kennis saamgegroeper: 'n kaart van astrologiese prente, 'n kaart van Europa, Klein-Asië en Noord-Afrika getiteld *Wanderstraßenkarte* (Wandelstraatkaarte) en 'n kaart van bewegende paaie en 'n familiestamboom van die Medici's/Tornabuoni's. Hierdie historiese kaarte en skemas verrai die onderliggende leesmodel van die beeldmateriaal se konfigurasies, wat hy telkens saamgroeper. Hierdie kaarte en skemas tree as historiese embleme van mitologiese, vroeg-moderne en moderne konstruksies van die wêreld en die orde van dinge op (Weigel 2013:9, 18).



Figuur 10. Aby Warburg, *Mnemosyne Atlas*, Paneel A (1924–1929). © 2016 Die Warburg Instituut, Universiteit van Londen

Die fiktiewepersona of *imago* van die Druïde in Boshoff se argief funksioneer op dieselfde vlak as die drie kaartsoorte op die eerste paneel van die Warburg-atlas. Soos op die eerste paneel dui die Druïde-figuur die wyse aan waarop die geordende versameling van die argief gebruik, geïnterpreteer en verstaan moet word. Soos wat die kaarte en skemas van die konstruksie van die wêreldgeskiedenis en die orde van dinge in Warburg se verbeeldingswêreld getuig, impliseer die Druïde-figuur ook kosmiese samehang – hier egter gewortel in die Druïde se ontdekking van geestelike spore of nimfe in sy wyse van mantiese verkeer met die wêreld van bome, plante, woorde en musiek. In stede daarvan dat Warburg se atlas die kultuurhistoriese materiaal volgens die basiese geografiese metafoor van kartografie op 'n tweedimensionele vlak projekteer, bestaan dit uit 'n aantal afsonderlike panele waarop 'n konfigurasie van reproduksies verskyn wat onder 'n algemene tema georganiseer is en meestal van opskrifte vergesel is. Dit is opvallend dat die gefotografeerde reste, maar ook die oorspronklike atlas, slegs uit betreklik swak-gereproduseerde beeldmateriaal bestaan. Onteenseglik dien hierdie panele met gereproduseerde prente slegs as 'n lanseerplatform vir die verbeelding van die navorser. Die hermeneutiek van 'n beeldargief kom hier ter sprake.

Die historiese aandag van die navorser moet eerstens vanaf die reproduksies wegbeweeg na die oorspronklike voorwerpe (hetsy skilderye, gravures, beeldhouwerke, kaarte, foto's). Laasgenoemde kan as uiteenlopende visuele of beelddraende media die navorser se historiese verbeelding na die imaginêre engramme as beeldkragte in die kollektiewe geheue lei. Die atlas stel die historiese *Wanderung* (wandeling) van simbole, motiewe, figure, gebare en patosformules ten toon wat Warburg in sy navorsing geïnterpreteer het. Soos die *Wunderkammern* was die atlas en biblioteek plekke van kennis, bestudering en bepeinsing, van imaginêre beeldvorming van historiese en ikonologiese verhoudings.


Die reeks panele het saam 'n *Denkraum* (denkruimte) gekonstrueer – 'n fiktiewe ruimte vir nadenke en gedagtevorming. Johnson (2012:27, 56) beskryf Warburg se *Denkraum* as 'n instrument vir oriëntering en distansiëring, die ruimte waarin hy ontwerp en skep. Warburg het die verlies van die *Denkraum* gevrees en hy het dit ook die *Zwischenraum* (tussenruimte) en *Wunschraum* (wensruimte) genoem. Die gapings tussen panele en die interalle tussen die prente wat op elke paneel gerangskik is, het nuwe verbeeldingsruimtes geopen om die geskiedenis van beelde, ikonologie en kultuur te ontdek, te lees, te interpreteer en te herdenk (Weigel 2013:5). Die atlas is die belangrikste medium van wat Warburg 'n laboratorium vir eksperimentering en navorsing oor *kulturwissenschaftliche Bildgeschichte* (kultuurwetenskaplike beeldgeskiedenis) genoem het. Hy skep die laboratorium as 'n ruimte waarin akademië vanuit die kunsgeskiedenis, filosofie en godsdienswetenskappe rondom dieselfde tafel kan vergader. Die medium van die atlas word die ideale kultuurtegniek vir Warburg se metodologiese en teoretiese perspektief in sy ondersoek na die geskiedenis van beelde as 'n funksie van die tegniek van die verstand. Dit word 'n argief van patosformules (Weigel 2013:6).

Johnson (2012:9) noem dat die naasmekaargeplaaste beelde van die atlas insig moet verskaf in die *Nachleben* van patosbelaaide uitbeeldings van “bewegtes Leben”. Patosformules verwys na artistieke wyses waarop sterk emosies in verskillende media vir betragters voorgestel en bemiddel is. In Duits verwys *Pathos* na sterk gevoelens. Dit funksioneer stilisties en konseptueel as metafore, wat dit vir Warburg moontlik maak om eenheid en betekenis te vind in die meervoudigheid van die geskiedenis. Die term *Pathosformel* ontken enige onderskeid tussen inhoud en vorm. Die tema van 'n moeder in rou se patos word 'n

herhalende formule wanneer dit as 'n ekspressiewe en aktiewe liggaamlike kombinasie van houding, gebaar en gelaatsuitdrukking op 'n Griekse vaas, in 'n Renaissance-skildery of in 'n koerantfoto teruggevind word (Johnson 2012:14). By Warburg tree die patosformules as beeldende en verbeeldende kragte op wat die drempel tussen bewuste en onbewuste in die kollektiewe geheue oorskry. In patosformules ontdek hy voetspore in die gang van die kultuurgeskiedenis, meersinnige leidrade vir kultuurhistoriese verbandlegging en oriëntasie in die geskiedenis. Boshoff se argief is nie saamgestel uit patosformules nie. Tog bied dit aan hom ook 'n instrument van kennisverwerwing waarmee hy gedeeltes van sy lewe, sy werk en die heelal organiseer en betekenis daaruit lees.

Johnson (2012:xi) wys daarop dat die *Denkraum* 'n belangrike aspek van Warburg se werk uitmaak, omdat dit 'n neerslag van sy intellektuele swerwerslewe en sy veragting van dissiplinêre, konseptuele en kronologiese grense is. Die atlas beliggaam 'n swerwerselement. Die rangskikkings van prente op die panele en die verbindings daartussen is nie altyd duidelik nie en dit moet gelees word deur visueel (met die oë) tussen die prente te swerf. Verskillende paaie moet gevolg word om sodoende die argeologiese lae van die konstellasië te rekonstrueer (Weigel 2013:6). Warburg se metafoor van *Wanderung* (wat die migrasie van beelde, astrologiese figure en simboliek tussen kulture, tye en geografiese plekke verbeeld) verkry dus ook 'n liggaamlike kwaliteit.

Met die swerfkarakter as 'n epistemologiese metafoor en as 'n manier om beelde te lees, kan die atlas as 'n moderne navorolger van antieke en Middeleeuse kartografie beskou word. Om piktorale kaarte te lees, beteken om rond te dwaal in verbeeldingswêreld. Soos Warburg 'n "intellektuele swerwer" is, wat onder andere grense tussen dissiplines verafsku, is ook die Druide 'n swerwer wat die grense tussen dissiplines oopmaak. Die Druide wandel deur woude en stede op sy Druide-wandeling. Tydens sy wandeling fotografeer hy wat hy raaksien of wat sy aandag trek en waarin hy die nimf van 'n stad of woud kan erken. Die *Druid walks* is, soos Warburg se *Wanderstraße* (wandelstraat), 'n middel om samehang te onthul.



Figuur 11. Willem Boshoff, *Apple Skermkoot (MacNat – Plant Index slide show)* (2015). © 2016 Willem Boshoff / Universiteit van die Vrystaat

Vergelyk die skermkoot van die rekenaarskerm in die Willem Boshoff Argief (figuur 11) met die panele van die *Mnemosyne Atlas* (figuur 10). Soos wat navorsers met hulle oë oor die atlas moet swerf om die verbindings tussen prente te ontdek en te identifiseer, moet navorsers in die argief ook met hulle oë tussen duisende digitale fotografiese opnames swerf om sodoende die verbande en samehang tussen hierdie digitale fotografiese opnames te identifiseer, te konstrueer en te beproef. Om te swerf word 'n metafoor van kennisverwerwing.

5.3 Walter Benjamin

Twee van Benjamin se bekendste werke is *Der Ursprung des deutschen Trauerspiels* en *Das Passagenwerk*. Benjamin het in 1925 *Der Ursprung des deutschen Trauerspiels* aan die Universiteit van Frankfurt as sy *Habilitationsschrift* ingelewer. Die werk is 'n studie van die onbekende 17de-eeuse Duitse literêre genre, die emblemitiese treurspel of *Trauerspiel*. In die studie beklemtoon Benjamin die rol van allegorie en die ruïne in die *Trauerspiel* en hoe dit ook in ons wêreld bestaan of weerspieël word. Die werk bevat meer as 600 aanhalings uit verskillende treurspele.

Benjamin se ander bekende werk, *Das Passagenwerk* (1927–1940), maak ook gebruik van aanhalings en fragmente. *Das Passagenwerk*, geïnspireer deur die arkades van Parys, bestaan uit meer as 'n 1 000 gedrukte bladsye en is 'n versameling van aanhalings wat bestaan uit honderde uittreksels uit boeke, koerante en tydskrifte oor die filosofie, geskiedenis, sielkunde, tegnologie, sosiologie en letterkunde. Hierdie versameling se hooftema, wat verbindings/samehang tussen al hierdie velde skep, is moderniteit en die stad Parys. Saam met hierdie versameling aanhalings in Duits en Frans is daar ook die versameling van tekste met Benjamin se kommentaar op hierdie aanhalings, wat saam *Das Passagenwerk* uitmaak (Stoljar 1996:100).

In die werk van Walter Benjamin (veral in sy *Der Ursprung des deutschen Trauerspiels* en *Das Passagenwerk*) vind die navorser 'n vervalle en gebroke wêreld waar alles vernietig is en net die skerwe, fragmente en ruïnes oorbly. Die ruïne is 'n metafoor, dit wil sê 'n fiksie wat deur Benjamin gebruik word om allegorie te verduidelik. Gilloch (2002:4) verwys na objekte, tekste en beelde wat gefragmenteer, gebreek en vanuit hulle oorspronklike kontekste uitmekaargespat het, met die gevolg dat hulle weer met moeite in kritiese, kontemporêre konstellasies gerekonstrueer kan word. Dit is Benjamin as die “eklektiese ingenieur” wat deur hierdie vervalle, gebroke wêreld loop en die brokstukke en ruïnes versamel. Die figuur van die ingenieur wat deur die gebroke en geruïneerde wêreld wandel, is vergelykbaar met die Druïde wat deur 'n woud wandel om die bome en plante te memoriseer en te leer ken in 'n poging om dit van uitsterwing te red. Die ingenieur jukstaponeer verskeie onverwante objekte, vorme en media om sodoende 'n elektriese spanning te genereer wat tot 'n eksplosiewe beligting van elemente in die hede lei. Buck-Morss (1989:32) noem dat 'n vroeë titel vir *Das Passagenwerk* 'n *Dialektiese Feëtoneel* was en dat Benjamin van plan was om die verhaal van die Slapende Skoonheid vir 'n tweede keer te skryf. Hierdie fantastiese elemente van *Das Passagenwerk* is ook vergelykbaar met die fantasiefiguur van die Druïde in die Willem Boshoff Argief.

Twee hoofelemente van Benjamin se dialektiese denke in *Der Ursprung des deutschen Trauerspiels* is vernietiging en rekonstruksie. Hierin bespreek hy die hiernamaals van die objek, die kunswerk en die “eklektiese ingenieur”. Die hiernamaals van die objek verwys na

die proses van disintegrasie en ruïnering waarin die objek te voorskyn kom uit vroeëre kontekste, ontnem van vorige, oorspronklike betekenis, maar wat in die proses nuwe betekenis in die hede bekom (Gilloch 2002:4). Die *Trauerspiel* is vir Benjamin 'n ruïne oor ruïnering. Dit stel die menslike lewe as 'n nuttelose soektog na betekenis in 'n katastrofale en verlate wêreld voor, as die onophoudelike toename van fragmente en die verrotting van die kreatuurlike liggaam (Gilloch 2002:58).

Allegorie stem met die verval en verlate wêreld ooreen en gee uitdrukking aan die geruïneerde wêreld. In *Der Ursprung des deutschen Trauerspiels* ontwikkel Benjamin 'n aantal idees wat vir hom van durende belang was: hieronder geld die konseptualisering van die fragment as 'n teeltjie van 'n mosaïek en as 'n monade, kritiek as vernietiging en rekonstruksie, en melankolie, allegorie en geskiedenis as katastrofe en redding. Die mosaïek, 'n vorm van beeldende voorstelling wat bestaan uit vele *tesserae*, word Benjamin se hoofmodel. Ware kritiek en filosofiese skryfwerk behels vir hom die skepping van tekstuele mosaïeke waar aanhalings soos losstaande fragmente is. Vir Benjamin verskyn die uniekheid van die kunswerk en die onderlinge verhoudinge met ander kunswerke slegs deur die gebruik van konsepte. Dit is in die identifisering en ontleding van konsepte soos *rou*, *noodlot*, *melankolie*, *allegorie*, *historiese tyd* en die *ruïne* dat die oppervlakkige verhoudings tussen verskynsels ontstel word en ware verhoudings tussen skynbaar onverwante verskynsels gevind en gestruktureer word (Gilloch 2002: 68-69).

Theodor Adorno, 'n tydgenoot en vriend van Benjamin, lewer veral belangrike insigte ten opsigte van die *monade*, 'n konsep wat ook belangrik is in die werk van Benjamin. Adorno wend hom in sy bespreking van die monade tot Leibniz (1646–1716) se metafoor van die monade om die verhouding tussen outonome kuns en die samelewing te verduidelik. Leibniz voer aan dat monades individuele eenhede is, wat in hulleself die totaliteit van die kosmos as 'n samehang van monades bevat, wat oor 'n interne dinamika beskik en vensterloos is deurdat monades nie mekaar affekteer of beïnvloed nie (Adorno 2004:308).

Volgens Benjamin se opvatting van die monade verberg en openbaar elke fragment van die skepping, hoe klein of onbelangrik dit ook al mag wees, die heilige oorsprong en messiaanse potensiaal daarvan: dit sinspeel op God. Elke fragment besit in miniatuur, maar tog in leesbare vorm, die geheel waarvan dit deel vorm. Elke kunswerk is 'n mikrokosmos van 'n groter sfeer van idees. Dit beteken dat elke idee die beeld van die wêreld bevat. Die voorstelling van idees is daarom 'n klein uitleg van die beeld van die wêreld, vergelykbaar met die voorstelling van die wêreld in die *Wunderkammern* of die wêreld wat voorgestel word in Boshoff se argief. In sy ontvouing van die treurspele van die 17de eeu herskep Benjamin dus die beeld van die wêreld tydens die Barok (Gilloch 2002:71–2).

Die melankoliese figuur is die onvermoeide ondersoeker en denker wat die sfeer van objekte in besonderhede bestudeer. Melankolie verloën die wêreld ter wille van die ontdekking van kennis. In sy selfversonkenheid omhels die melankoliese figuur dooie objekte in sy bepeinsing, om sodoende hierdie objekte te red. Geduld, verdieping, redding en afdwaling is die kenmerke van melankoliese denke. Die ware kritikus of filosoof is 'n uitstekende voorbeeld van die melankolis, vir wie die aardse wêreld 'n boek of teks word om te ontsyfer en te bestudeer (Gilloch 2002:79).

Boshoff deel nie Benjamin se melankoliese benadering nie. Die ontsyfering en bestudering van die wêreld vind by hom plaas deur middel van sowel sy waarseggingspraktyke as sy

obsessiewe studie van plante, woorde en musiek. Die Druïde in die argief is ook besig met reddingspogings soortgelyk aan die reddingspogings van die melankoliese figuur in die verval, gebroke wêreld van Benjamin. In die argief is dinge egter nog nie vernietig nie en probeer die Druïde dit red voordat dit vernietig word. In Boshoff se werk is 'n sterk etiese element te vinde – enersyds in sy obsessiewe bewaringswerk en andersyds in die besondere arbeid en moeite wat hy in sy installasies inploeg. Hierby kan Boshoff se vrygewigheid ook in ag geneem word, byvoorbeeld die erkenning wat hy verskaf aan almal wat onder sy leiding meewerk aan sommige van sy kunswerke, asook die tyd wat hy afstaan aan studente en navorsers om aan hulle hulp en raad te verskaf in terme van hulle eie werk, om sy kennis en wysheid met hulle te deel.

In die argief vind die navorser nie die gefragmenteerde, geruïneerde wêreld van Benjamin nie, maar eerder 'n geheel van samehang in komplekse chiasiese verhoudings. Die Druïde red vreemde woorde wat niemand gebruik nie deur hulle op te skryf in sy woordeboeke van vreemde woorde,²³ of hy red plante deur hulle name te memoriseer en hulle in foto's en kunswerke te dokumenteer voordat hulle uitsterf. Soos by Benjamin weerspieël die items (fragmente) in die argief die geheel waarvan dit deel vorm. Elke fotografiese reproduksie van 'n kunswerk of 'n plant verwys na die oorspronklike kunswerk of plant en impliseer 'n risomatiese geheel.

Die melankolis in die geruïneerde wêreld laat vir homself/haarself slegs 'n enkele plesier toe: allegorese. Benjamin beskou allegorie as iets wat nie die wêreld se volheid en volmaaktheid saamvat nie, maar wat eerder die verbrekking en vernietiging daarvan uitdruk. Allegorie stel sigself voor as betekenislose woordrykheid en as die gebroke en arbitrêre taal van die gevalle mensdom, kulturele rommel en die smartvolle natuur. Die ruïne stel die verganklikheid en ydelheid van menslike arbeid as 'n gedoemde proses van onomkeerbare verval en uiteindelijke uitsterwing voor (Gilloch 2002:80–2). Volgens Benjamin (1998:178) vervul allegorie in die sfeer van gedagtes dieselfde funksie as wat ruïnes in die sfeer van materiële objekte doen. Allegorie het duidelik 'n spesifieke verbintenis met die ruïne. Die oë van die allegoris is gefokus op die wêreld van objekte en dit herken die eienskap van objekte om na dinge buite hulleself te verwys. Dit gee aanleiding tot bindings en verbandleggings daartussen, maar uiteindelik kan die allegoris nie 'n spesifieke betekenis daarin erken nie. Daarom versamel die *Grübler* voortdurend fragmente waaroor hy nadink en waarvan hy die betekenis nie kan peil nie (Gilloch 2002:82). Die Druïde is, soos die allegoris, in staat om te sien dat objekte na dinge buite hulleself verwys en dat daar onderlinge verbande tussen hulle bestaan, met ander woorde dat hierdie objekte/idees met mekaar vervleg is. Die Druïde erken egter 'n spesifieke betekenis daarin wat bydra tot die skepping van samehang in die argief. Dit kom die beste in die chiasiese aard van Boshoff se argief na vore.

Vir Benjamin verander die allegorieë van verrotting en ruïnering egter tog van rigting en transformeer hulself in allegorieë van redding en verlossing. In die dialektiese spel, wat volgens Benjamin deel van die aard van die allegorie is, word die aardse wêreld vernietig en gereduseer tot fragmente en ruïnes – net sodat dit weer gerekonstrueer kan word. Die dooie vlees van die lyk transformeer sigself tot 'n allegorie van opstanding en lewe. Die laggende kopbeen, die kop van die dood, word die gesig van 'n engel. Alles wat voorheen aards was, word weer heilig. Vir Benjamin is 'n waardering van die tydelikheid van dinge en die behoefte om dit vir die ewigheid te red een van die sterkste drange van die allegorie (Gilloch 2002:85).


Hierdie metafore ten opsigte van lewe en dood herinner aan die verbeeldingswêreld van Damien Hirst en sy belangstelling in die tema van verganklikheid, wat daarmee vergelykbaar is.

5.4 Damien Hirst

Damien Hirst se verbeeldingswêreld vertoon geen heersende “fiksie” soos deur homself geïdentifiseer nie, hetsy die beginsel van byvoorbeeld die Druïde, die ruïne, die “eklektiese ingenieur” of Mnemosyne. Elke kunswerk wat hy skep is egter ’n fiksie, ’n verrassende herbeskrywing van die werklikheid deur die oë van ’n spesifieke soort versamelaar. In *The collector* kan ’n mens die figuur van ’n navorser (voorgestel deur ’n pop) waarneem, omring met lewende plante en skoenlappers, wat in teenstelling met die gewone praktyk van biologiese studie is – aangesien wetenskaplikes en navorsers dikwels nie lewende plante en diere nie, maar eerder dooie plante en diere bestudeer – en wat sodoende die tema van verganklikheid oproep.

Hirst (2001:21) erken dat hy ’n obsessie met die dood het, maar dat dit nie morbied is nie en eerder ’n viering van die lewe beteken. In talle van sy werke vind die betragter die tema van verganklikheid. Dikwels word daar weer lewe gegee aan dít wat voorheen dood was: in *For the love of God* (2007) blaas Hirst weer lewe in ’n 18de-eeuse skedel – ’n moontlike sinspeling op Esegïël 37:1–11, waar vlees en vel weer oor bene groei nadat lewe daarin geblaas is en ’n menigte lewendes verskyn het.

Hirst se diamantskedel lag en die skitterende diamante kan beweging voorstel soos wat die lig daarop val en weer weerkaats word. So ook word sy skoenlapperskilderye, entomologiese skilderye en formaldehydewerke monumente ter viering van die verskeidenheid van die natuur en van die lewe. Hierdie werke herinner aan die *Wunderkammern*. Die entomologiese skildery en skoenlapperskildery herinner aan die laaie in *Wondertoneel der Nature Tab I* (figuur 5).



Figuur 12. Joris Hoefnagel, *Insekte en die kop van 'n windgod* (ca. 1590–1600). The Metropolitan Museum of Art, geskenk deur mev Darwin Morse, 1963. www.metmuseum.org.

Die geometriese patrone en simmetrieë in die organisering en rangskikking van die helderkleurige versameling van insekte en skoelappers in hierdie werke suggereer ook samehang en onderliggende ordes. Hirst se eie webtuiste herinner ook aan die *Wunderkammer*. Op sy webtuiste word al sy kunswerke versamel en volgens kategorieë met eie identifikasiekodes georganiseer. Hier vind die kyker versamelings van skoelappers, insekte, sigaretstompies, diamante, skulpe, pille, taksidermiese voorbeelde, ens. Sy kunswerke, webtuiste, *Murderme*-versameling en galery suggereer sowel obsessie as onderliggende ordes en samehang, vergelykbaar met *Wunderkammern* en Boshoff se argief.

In die verbeeldingswêreld van Hirst (wat ook een van sy bekendste veilinguitstallings, *Beautiful inside my head forever*, Sotheby's, Londen, 16–18 September 2008, tipeer) word die insekte en skoelappers weer lewend soos in die tekening van Hoefnagel (figuur 12). In die tekening van Hoefnagel word naaldekokers, sprinkane, 'n spinnekop, besies en skoelappers lewend uitgebeeld en simmetries gerangskik – ornamenteel en emblematisies en/of vermaaklik en lerend, vergelykbaar met die werke van Hirst, ten spyte van die groot tegnologiese afstand tussen hulle. Tekeninge/embleme soos dié van Hoefnagel kan as *Wunderkammern* in boek- of bladvorm beskryf word, verwant aan die geïllustreerde inventaris van *Wunderkammern*. In die werke van Hirst wil die oorweldigende veelheid van dooie insekte die indruk skep dat hulle weer krioel en dat die skoelappers weer fladder. Soos by Benjamin moes vernietiging eers genadeloos plaasvind, voordat dit wat vernietig is, weer gerekonstrueer kan word. In die werk van Hirst moet diere en mense eers sterf, waarna die opstanding uit die dood kan plaasvind en die lewe gevier kan word.

In Boshoff se argief bestaan daar nie die dialektiese spanning wat by Benjamin en Hirst aanwesig is nie. Vernietiging hoef nie éers te geskied voordat rekonstruksie kan plaasvind nie. Woorde en plante word deur die Druïde gered deur die versameling daarvan in fotografiese lyste (die plantkunde-afdeling van die argief) en woordlyste (die woordeboeke in die argief), asook deur die gebruik daarvan in kunswerke. Deur hierdie obsessiewe versameling en optekening verhoed die Druïde die vernietiging van hierdie plante en woorde. Die Druïde gee egter ook in sommige van sy werke erkenning aan tale, soos Latyn, wat reeds uitgesterf het, byvoorbeeld *Prehistoric dice* (2013) en *Noli Turbare Ciculos Meos* (2009). In Boshoff se argief bestaan daar nie 'n vervalte, gebroke wêreld vol katastrofes en rûnes soos in die werk van Benjamin nie; die argief stel die beginsel van chiasme eerder as Benjamin se fragmentering voor. Daar is egter, soos in die werk van Benjamin, allegoriese elemente in Boshoff se argief ter sprake. Soos die allegories van Benjamin het ook die Druïde 'n waardering vir die tydelikheid van dinge en het hy 'n behoefte om dit te red. In die argief hoef dit wat lewend is, ook nie eers dood te gaan voordat die lewe soos by Hirst gevier kan word nie. Die Druïde vier egter ook die lewe soos Hirst en het ook 'n passie vir die natuur en alle lewende dinge daarin, wat veral in die plantkunde-afdeling in die argief gesien word in sy obsessiewe bestudering van plante en meer onlangs selfs diere en insekte. Bogenoemde elemente is veral sigbaar in Boshoff se *Garden of words I, II, III* (1982–2006), waarin 30 000 plantspesies opgeteken is. Nie een van die spesies wat in die kunswerk genoem word, het al uitgesterf nie; dit werp egter lig op die 30 000 plantspesies wat bedreig is en kán uitgesterf indien ingryping nie plaasvind nie. Die kunswerke dien as 'n uitroep om in te gryp vóór dit vir hierdie plante te laat is en vernietiging wel plaasvind.

6. Ten slotte

Boshoff se argief bied 'n verbeeldingswêreld wat uit verskeie elemente van sy geskakeerde lewenswêreld bestaan: hieronder geld digitale fotografiese opnames van plante, musiekopnames, woordeboeke en fotografiese opnames van sy kunswerke. Die vervlegting van hierdie elemente deur die fiksie van die Druïde en die volgehoue, hardwerkende arbeid en deursettingsvermoë van die kunstenaar bied egter 'n nuwe dimensie van die werklikheid of alternatiewelik / overgeset synde 'n herbeskrywing daarvan. Die verbeeldingswêreld kan in terme van die “submedialeruimte” van argiewe, waarna Boris Groys verwys, verstaan word. Volgens Groys (2012:10) word papier, films en rekenaars dikwels as die draers van data en media in die argief beskou, maar hierdie tegniese apparatuur is self deel van die argief. Daaragter kan verdere en uiteenlopende produksieprosesse, elektriese netwerke en ekonomiese prosesse teruggevind word. Wat steek agter hierdie netwerke en prosesse? Die antwoorde vervaag tussen die vele opsies: natuur, geskiedenis, rede, begeerte, reekse gebeure, toeval, subjekte, stof. Vandaar sy verwysing na 'n obskure “submedialeruimte”, waarin hiërgargië van tekendraers in donker, wolkerige ruimtes versink. Hierdie “submedialeruimte” is *das Andere* van die argief. Dit is agter hierdie materiële draers van media en data, netwerke en prosesse, en in die donker, wolkerige ruimtes van die argief waar fiksies, verbeeldingswêreldes en die konseptuele aard van Boshoff se argief bestaan. In hierdie ruimte vind die navorser die woud met die Druïde te midde daarvan.

Bibliografie

- Adorno, T.W. 2004. *Aesthetic theory*. Vertaal deur R. Hullot-Kentor. Londen: Continuum.
- Baldwin, T. Introduction. In Baldwin (red.) 2004.
- Baldwin, T. (red.). 2004. *Maurice Merleau-Ponty: basic writings*. Londen: Routledge.
- Bann, S. 1995. Shrines, curiosities and the rhetoric of display. In Cooke en Wollen (reds.) 1995.
- Benjamin, W. 1998. *The origin of German tragic drama*. Vertaal deur J. Osborne. Londen: Verso.
- . 2002. *The arcades project*. Vertaal deur H. Eiland en K. McLaughlin. Cambridge, Mass.: The Belknap Press of Harvard University Press.
- Bernasconi, R. (red.). 1987. *The relevance of the beautiful and other essays*. Vertaal deur N. Walker. Cambridge: Cambridge University Press.
- Beßler, G. 2012. *Wunderkammern. Weltmodelle von der Renaissance bis zur Kunst der Gegenwart*. Berlin: Reimer.
- Blumenberg, H. 1979. *Die Lesbarkeit der Welt*. Frankfurt am Main: Suhrkamp.
- Boshoff, W. 1980. *KYKAFRIKAANS*. Johannesburg: Pannevis.

—. 2007. *Cube/Kubus*. <https://www.willemboshoff.com/product-page/cube> (8 November 2015 geraadpleeg).

—. 2009. *Big Druid in his cubicle: Proposal*. Willem Boshoff Argief, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Boshoff, W., E.S. Human en D.J. van den Berg. 2015. *Onderhoud met Willem Boshoff*, 29 Januarie, Bloemfontein.

Bredenkamp, H. 1993. *Antikensehnsuch und Maschinenglauben: die Geschichte der Kunstammer und die Zukunft der Kunstgeschichte*. Berlyn: Verlag Klaus Wagenbach.

Buck-Morss, S. 1989. *The dialectics of seeing: Walter Benjamin and The Arcades Project*. Cambridge, MA: MIT Press.

Clarkson, C. 2006. *Willem Boshoff: art of the dictionary*. Voordrag gelewer by die jaarlikse konferensie van die internasionale vereniging van filosofie en literatuur, by die Universiteit van Freiburg, Duitsland, 5–10 Junie. Willem Boshoff Argief, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Cooke, L. en P. Wollen (reds.). 1995. *Visual display: culture beyond appearances*. New York: The New Press.

Crane, S.A. 1997. Writing the individual back into collective memory. *The American Historical Review*, 102(5):1372–85.

—. 2000. Curious cabinets and imaginary museums. In Crane (red.) 2000.

Crane, S.A. (red.). 2000. *Museums and memory*. Stanford: Stanford University Press.

Derrida, J. 1995. Archive fever: a Freudian impulse. *Diacritics*, 25(2):9–63.

Didi-Huberman, G. 2002. *L'image survivante, Histoire de l'art et temps des fantômes selon Aby Warburg*. Parys: Les Éditions de Minuit.

Eco, U. 2009. *The infinity of lists*. Londen: Quercus.

Ernst, W. 2013a. Underway to the dual system: classical archives and digital memory. In Parikka (red.) 2013.

—. 2013b. Discontinuities: does the archive become metaphorical in multimedia space? In Parikka (red.) 2013.

Findlen, P. 2004. The museum: its classical etymology and Renaissance genealogy. In Preziosi en Farago (reds.) 2004.

Fischer, G. (red.). 1996. *“With the sharpened axe of reason”: approaches to Walter Benjamin*. Oxford: Berg.

- Forster, K.W. 1999. *The renewal of pagan antiquity: contributions to the cultural history of the European Renaissance*. Inleiding deur A. Warburg. Los Angeles, CA: Getty Research Institute for the History of Art and the Humanities.
- Foster, H. 2004. An archival impulse. *October*, 110(Herfs):3–22.
- Fried, M. 1988. *Absorption and theatricality: painting and beholder in the age of Diderot*. Chicago: Chicago University Press.
- Gadamer, H.G. 1987. *The relevance of the beautiful. Art as play, symbol, and festival*. In Bernasconi (red.) 1987.
- Gentric, K. 2004. Garden of words, Willem Boshoff remembering not to forget. Voordrag gelewer by die South African Association of Art and Architectural Historians, Durban.
- . 2013. Willem Boshoff, monographie d'artiste et catalogue. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Université de Bourgogne.
- Gilloch, G. 2002. *Walter Benjamin: critical constellations*. Cambridge: Polity Press.
- Ginzburg, C. 1980. Morelli, Freud and Sherlock Holmes: clues and scientific method. *History Workshop*, 9 (Lente), ble. 5–36.
- Grondin, J. 2003. *The philosophy of Gadamer*. Ithaca, NY: McGill-Queen's University Press.
- Groys, B. 2012. *Under suspicion: a phenomenology of the media*. New York: Columbia University Press.
- Hamilton, C. en P. Skotnes (reds.). 2014. *Uncertain curvature: in and out of the archive*. Johannesburg: Jacana Media.
- Hirst, D. en G. Burn. 2001. *On the way to work*. Londen: Faber & Faber.
- Holly, M.A. en M. Smith (reds.). 2008. *What is research in the visual arts? Obsession, archive, encounter*. Williamstown: Sterling and Francine Clark Art Institute.
- Jauss, H.R. 1982. *Aesthetic experience and literary hermeneutics*. Vertaal deur M. Shaw. Minneapolis, Minn.: University of Minnesota Press.
- Johnson, C.D. 2012. *Memory, metaphor, and Aby Warburg's Atlas of images*. Ithaca, NY: Cornell University Press.
- Johnson, G.A. en M.B. Smith (reds.). 1993. *The Merleau-Ponty aesthetics reader: philosophy and painting*. Evanston, Il.: Northwestern University Press.
- Kant, I. 1998. *Critique of pure reason*. Vertaal deur P. Guyer en A.W. Wood. Cambridge: Cambridge University Press.

Kaufmann, T.D. 1995. *Court, cloister, and city: the art and culture of Central Europe, 1450–1800*. Londen: Weidenfeld & Nicholson.

Marx, U., G. Schwarz, M. Schwarz en E. Wizisla (reds.). 2015. *Walter Benjamin's archive: images, texts, signs*. Londen: Verso.

Merleau-Ponty, M. 1993. Eye and mind. In Johnson en Smith (reds.) 1993.

—. 2004. The visible and invisible: the intertwining—the chiasm. In Baldwin (red.) 2004.

Michaud, P.A. 2003. *Aby Warburg and the image in motion*. New York: Zone Books.

Nora, P. 1989. Between memory and history: Les lieux de mémoire. *Representations*, 26:7–24.

Onians, J. 1994. “I wonder ...” A short history of amazement. In Onians (red.) 1994.

Onians, J. (red.). 1994. *Sight and insight. Essays in honour of E.H. Gombrich at 85*. Londen: Phaidon.

Parikka, J. (red.). 2013. *Digital memory and the archive*. Minneapolis: University of Minnesota Press.

Paton, D. 2000. Of worms and words: *Wurm* as genesis for *KYKAFRIKAANS* and the South African Artists' Book. Voordrag by Art: Spaces and Contexts of Display. The 16th Annual Conference of the South African Association of Art Historians (SAAAH) aangebied by Rhodes Universiteit, Grahamstad, 21–24 September.

—. s.j. *Willem Boshoff and the book*.

https://www.academia.edu/7237207/Willem_Boshoff_and_the_book (17 Mei 2016 geraadpleeg).

Preziosi, D. en C. Farago (reds.). 2004. *Grasping the world: the idea of the museum*. Aldershot: Ashgate.

Richter, H. 1965. *Dada: art and anti-art*. New York: McGraw-Hill.

Ricoeur, P. 1981. Appropriation. In Thompson (red.) 1981.

—. 1991. The function of fiction in shaping reality. In Valdes (red.) 1991.

Schmidt, D.J. 2013. *Between word and image: Heidegger, Klee, and Gadamer on gesture and genesis*. Bloomington: Indiana University Press.

Stafford, B.M. 2001. Revealing technologies/magical domains. In Stafford en Terpak (reds.) 2001.

Stafford, B.M. en F. Terpak (reds.). 2001. *Devices of wonder. From the world in a box to images on a screen*. Los Angeles: Getty Research Institute.

Stoichita, V. 1997. *The self-aware image: an insight into early modern meta-painting*. Cambridge: Cambridge University Press.

Stoljar, M.M. 1996. Sirens of gaslight and odalisques of the oil lamp: the language of desire in the *Arcades Project*. In Fischer (red.) 1996.

Taylor, G.H. 2006. Ricoeur's philosophy of imagination. *Journal of French Philosophy*, 16(1):93–104.

Thompson, J.B. (red.). 1981. *Hermeneutics and the human sciences: essays on language, action and interpretation*. Cambridge: Cambridge University Press.

Thompson, M. 2009. Roots and role of imagination in Kant: Imagination at the core. Ongepubliceerde PhD-proefschrift, Universiteit van South Florida.

Tisdall, C. 1976. *Joseph Beuys, Coyote*. München: Schirmer/Mosel.

Valdes, M.J. (red.). 1991. *A Ricoeur reader: reflection and imagination*. New York: Harvester Wheatsheaf.

Van Alphen, E. 2008. Archival obsessions and obsessive archives. In Holly en Smith (reds.) 2008.

—. 2014a. *Staging the archive: art and photography in the age on new media*. Londen: Reaktion Books.

—. 2014b. Staging the archive: Ydessa Hendeles and Hanne Darboven. *Journal of the Taipei Fine Arts Museum*, 28:107–34.

Vladislavić, I. 2005. *Willem Boshoff*. Johannesburg: David Krut.

Warburg, A. 2000. *Der Bilderatlas Mnemosyne*. Gesammelte Schriften, Abteilung 2, Band II.1. Heruitgegeef deur M. Warnke in samewerking met C. Brink. Berlyn: Akademie Verlag.

Watts, H.A. 1980. *Chance: a perspective on Dada*. Ann Arbor: UMI Research Press.

Weigel, S. 2013. Epistemology of wandering, tree and taxonomy. The system figuré in Warburg's Mnemosyne project within the history of cartographic and encyclopaedic knowledge. *Images Re-vues*, Hors-série 4 (2013): Survivance d'Aby Warburg. <http://imagesrevues.revues.org/2934> (8 November 2015 geraadpleeg).

Weschler, L. 1995. *Mr. Wilson's cabinet of wonder*. New York: Vintage.

Lys van beeldmateriaal

Figuur 1: Willem Boshoff (1951–), *Big Druid in his cubicle* (Basel Art Fair) (2009). Installasie-en-performance-werk. Basel Art Fair, Basel. Willem Boshoff Argief, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Figuur 2: Philipp Hainhofer (1578–1647), *Die Augsburg Kunskabinet geskenk aan Gustavus Adolphus, koning van Swede* (1632). Museum Gustavianum, Uppsala.
<http://www.gustavianum.uu.se/gustavianum-eng/exhibitions/permanent-exhibitions/the-augsburg-art-cabinet> (20 Mei 2016 geraadpleeg)

Figuur 3: Romeyn de Hooghe (1645–1708), *Bezoekers in het natuurhistorisch kabinet van Levinus Vincent in Haarlem*. Gravure as frontispies vir Levinus Vincent se *Wondertoneel der natuur, ofte een korte beschrijvinge zo van bloedelooze, zwemmende, vliegende, kruipende, en viervoetige geklaauwde eijerleggende dieren bevat in de Kabinetten van Levinus Vincent* (Boek I). (Amsterdam: F. Halma, 1706). <https://www.rijksmuseum.nl/en/collection/RP-P-BI-5324> (30 Oktober 2015 geraadpleeg).

Figuur 4: Levinus Vincent (1658–1727), *Wondertoneel der natuur, ofte een korte beschrijvinge zo van bloedelooze, zwemmende, vliegende, kruipende, en viervoetige geklaauwde eijerleggende dieren bevat in de Kabinetten van Levinus Vincent* (Boek II, bladsy 299) Tab VII. (Amsterdam: Gerard Valk op den Dam, 1715). <http://docnum.u-strasbg.fr/cdm/compoundobject/collection/coll13/id/47263/rec/6> (13 Mei 2015 geraadpleeg).

Figuur 5: Levinus Vincent (1658–1727), 1715. *Wondertoneel der natuur, ofte een korte beschrijvinge zo van bloedelooze, zwemmende, vliegende, kruipende, en viervoetige geklaauwde eijerleggende dieren bevat in de Kabinetten van Levinus Vincent* (Boek II, bladsy 293) Tab I. (Amsterdam: Gerard Volk op den Dam, 1715). <http://docnum.u-strasbg.fr/cdm/compoundobject/collection/coll13/id/47263/rec/6> (13 Mei 2015 geraadpleeg).

Figuur 6: Willem Boshoff (1951–), *Big Druid in his cubicle* (die Druide met sy speelgoedeend “Lucky”) (Basel Art Fair) (2009). Installasie-en-performance-werk. Basel Art Fair, Basel. Willem Boshoff Argief, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Figuur 7: Willem Boshoff (1951–), *Cube* (1976–1982). Aluminium 5 x 5 cm x 5 cm. Privaatversameling. <https://www.willemboshoff.com/product-page/cube> (8 November 2015 geraadpleeg).

Figuur 8: Willem Boshoff (1951–), *Cube* (1976–1982). Aluminium 5 x 5 cm x 5 cm. Privaatversameling. <https://www.willemboshoff.com/product-page/cube> (8 November 2015 geraadpleeg).

Figuur 9: Aby Warburg (1866–1929), Foto van die *Mnemosyne Atlas* uitgestal vir die Ovidius-uitstalling in die Warburg-biblioteek (1924–1929).
<http://warburg.sas.ac.uk/typo3temp/pics/902cf822cf.jpg> (24 Mei 2016 geraadpleeg).

Figuur 10: Aby Warburg (1866–1929), *Mnemosyne Atlas, Paneel A* (1924–1929).
<http://warburg.sas.ac.uk/collections/warburg-institute-archive/bilderatlas-mnemosyne/mnemosyne-atlas-october-1929> (13 Mei 2015 geraadpleeg).

Figuur 11: Willem Boshoff (1951–), *Apple skermkoot (MacNat – Plant index slide show)* (2015). Willem Boshoff Argief, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Figuur 12: Joris Hoefnagel (1542–1601), *Insekte en die kop van 'n windgod* (ca. 1590–1600). Pen en bruin ink, gekleurde waterverf en goue verf op perkament. 12 x 17,3 cm. The Metropolitan Museum of Art, New York
<http://www.metmuseum.org/art/collection/search/335631> (3 Mei 2016 geraadpleeg).

Eindnotas

¹ Hierdie artikel spruit uit 'n nagraadse werkstuk. Ek bedank graag die anonieme keurders vir hulle waardevolle insigte en gee erkenning aan hulle insette.

² Gedeeltes van die argief kan by die volgende webwerf besigtig word:
<http://scholar.ufs.ac.za:8080/xmlui/handle/11660/2565> (24 November 2016 geraadpleeg).

³ Enkele fotografiese voorbeelde sluit in: Wilson Alwyn Bentley (1865–1931) se *Snowflake*-projek (1885–1891); August Sander (1876–1964) se *Anlitz der Zeit* (1929) en *Menschen des 20. Jahrhunderts* (ca. 1920–1964); die Becher-egpaar, Bernd (1931–2007) en Hille (1934–), se industriële-konstruksietipe-reeks; Martha Rosler (1943–) se *Bringing the war home, House Beautiful* (1962–1972, 2004–2008); Nicholas Nixon (1947–) se *The Brown Sisters* (1975–2014); Sebastião Salgado (1944–) se *Genesis*-projek (2003–2013) en Rachel Sussman (1975–) se *The oldest living things in the world* (2004–2016).

⁴ In hierdie artikel, asook in 'n ander ondersoek, verwys ons ook na die performatiewe aspekte wat by versamelings en argiewe ter sprake is.

⁵ As gevolg van kopieregkomplikasies kan die Damien Hirst kunswerke nie gereproduseer word nie. Lesers word aangemoedig om 'n Google-soektog na die beelde uit te voer.

⁶ Vergelyk die kunstenaar se webwerf, <https://www.gerhard-richter.com/en/art/atlas> (25 Januarie 2016 geraadpleeg).

⁷ Vergelyk Van Alphen (2014b) asook die Dia Art Foundation-webwerf, <http://www.diaart.org/program/exhibitions-projects/hanne-darboven-kulturgeschiede-18801983-exhibition> (23 Januarie 2016 geraadpleeg).

⁸ Vergelyk die kunstenaar se webwerf, <http://www.horsthaack.com/index2.html> (23 Januarie 2016 geraadpleeg).

⁹ Vergelyk onder meer Van Alphen (2014b), asook die *Archives ciel variable*-webwerf, <http://cielvariable.ca/ydessa-hendeles-collector-and-curator-john-bentley-mays-archiver-les-anxietes-contemporaines/> (23 Januarie 2016 geraadpleeg); die *designboom newsletter* van 8 September 2010, <http://www.designboom.com/art/partners-the-teddy-bear-project-by-ydessa-hendeles-at-gwangju-art-biennale-2010> (23 Januarie 2016 geraadpleeg).

¹⁰ Vergelyk onder meer die 2005-uitstallings in die Michael Stevenson-gallery, Kaapstad, <http://archive.stevenson.info/exhibitions/goldblatt/intersections2008/index.htm> (23 Januarie 2016 geraadpleeg) en van 2009 in die New Digital Archive Museum, New York, http://archive.newmuseum.org/index.php/Detail/Occurrence/Show/occurrence_id/939 (23 Januarie 2016 geraadpleeg).

¹¹ Vergelyk die *Framtidsbiblioteket*-webwerf, <http://www.futurelibrary.no> (23 Januarie 2016 geraadpleeg).

¹² Vergelyk die webwerf van die Centre for Curating the Archive, <http://www.cca.uct.ac.za> (23 Januarie 2016 geraadpleeg).

¹³ Die titels van kunswerke word weergegee in die taal waarin die kunstenaar dit op sy webblad plaas.

¹⁴ <http://ww3.rediscov.com/sacknerarchives> (4 Mei 2016 geraadpleeg).

¹⁵ Vergelyk *Wunderkammer: a century of curiosities* (30 Julie – 10 November 2008) by die Museum of Modern Art, New York (<http://www.moma.org/interactives/exhibitions/2008/wunderkammer/flashsite>), (11 Februarie 2016 geraadpleeg), *Curiosity: Art and the pleasures of knowing* (24 Mei – 15 September 2013) by die Turner Contemporary gallery in Londen (<https://www.turnercontemporary.org/exhibitions/curiosity-art-and-the-pleasures-of-knowing>) (11 Februarie 2016 geraadpleeg) en *The wonders of the visible world* (27 Oktober 2011–4 Februarie 2012) by die Northern Gallery for Contemporary Art, in Sunderland (<http://www.ngca.co.uk/home/default.asp?id=173>) (11 Februarie 2016 geraadpleeg).

¹⁶ Vergelyk <http://www.theatra.de/repertorium/ed000075.pdf> (11 Februarie 2016 geraadpleeg).

¹⁷ Ontdek die kabinet en die objekte daarin deur 'n virtuele toer [http://konstskapet.gustavianum.uu.se/webb/#__utma=1.799351596.1463732370.1463732370.1480490749.2&__utmb=1.8.10.1480490749&__utmc=1&__utmx=-&__utmz=1.1480490749.2.1.utmcsr=konstsamlingarna.uu.se|utmccn=\(referral\)|utmcmd=referral|utmct=/en/exhibitions/the-augsburg-art-cabinet/&__utmv=-&__utmk=238631424](http://konstskapet.gustavianum.uu.se/webb/#__utma=1.799351596.1463732370.1463732370.1480490749.2&__utmb=1.8.10.1480490749&__utmc=1&__utmx=-&__utmz=1.1480490749.2.1.utmcsr=konstsamlingarna.uu.se|utmccn=(referral)|utmcmd=referral|utmct=/en/exhibitions/the-augsburg-art-cabinet/&__utmv=-&__utmk=238631424) (30 November 2016 geraadpleeg).

¹⁸ Vergelyk die insiggewende “The chamber of curiosities and the Kunstschränk”, ’n onderafdeling van die omvattende uitstalling *Art of the royal court: treasures in “pietre dure” from the palaces of Europe*, Metropolitan Museum of Art, New York, 1 Julie – 21 September 2008, <http://www.metmuseum.org/exhibitions/listings/2008/pietre-dure/the-chamber-of-curiosities-and-the-kunstschränk> (23 Januarie 2016 geraadpleeg).

¹⁹ Coyote. Joseph Beuys in America, <https://vimeo.com/5904032> (16 Januarie 2016 geraadpleeg).

²⁰ Vergelyk *Mnemosyne: meanderings through Aby Warburg’s Atlas*, Cornell University Library en The Warburg Institute, <http://warburg.library.cornell.edu> (19 Januarie 2016 geraadpleeg).

geraadpleeg) en *engramma: la tradizione classica nella memoria occidentale*, <http://www.engramma.it/eOS2/atlane> (19 Januarie 2016 geraadpleeg).

²¹ By die term *Bilderatlas* moet in gedagte gehou word dat *Bild* in Duits beide “prent” (*picture*) en “beeld” (*image*) beteken. Oppervlakkig beskou is dit ’n “prente-atlas”, aangesien dit saamgestel is uit versamelde fotografiese drukke op panele. Warburg hou hom egter besig met ’n “beelde-atlas”, want die patosformules is dinamiese beeldende of imaginêre kragte wat in die sosiokulturele of kollektiewe geheue van die mensdom ’n bestaan voer en veral in krisistye in allerlei pikturale en skulpturele voorstellings opnuut te voorskyn kom.

²² Die uitdrukking “to vertellen” is *Plattdeutsch* (Johnson 2012:13).

²³ Die woordeboeke in die argief is egter nie die enigste geskrifte van Boshoff nie. Tekste soos *Genesis* (1974–1976) (’n religieuse sowel as filosofiese teks wat handel oor woorde, die Woord, die mens, God, die verbeelding en die skepping, sowel as wat dit beteken om te skep), *Aesthetics of the skin (Notes towards a “blind” aesthetic)* (’n filosofiese uiteensetting oor sig en blindheid ter voorbereiding van die kunswerk *Blind alphabet* (1990–)) en sy tekste oor sy wording as Druïde en wat dit alles behels. Boshoff beskou hierdie en van sy ander geskrifte oor sy kuns as geïntegreerd met sy rol as kunstenaar.

Die rol van die Universiteit Stellenbosch se Departement Afrikaans en Nederlands in die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie deur sy betrokkenheid by die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*

Gerda Odendaal

Gerda Odendaal, nadoktorale navorsingsgenoot, Departement Afrikaans en Nederlands,
Universiteit Stellenbosch

Opsomming

In hierdie oorsigartikel word ondersoek ingestel na die rol van die Universiteit Stellenbosch, en in die besonder sy Departement Afrikaans en Nederlands, in die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie deur sy betrokkenheid by die omvattende Afrikaanse verklarende woordeboek, die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*.

In die eerste deel van die artikel word aangedui hoe die eerste dosent in Afrikaans aan die Universiteit Stellenbosch en later die eerste hoofredakteur van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, J.J. Smith, se betrokkenheid by die Nederlands-Afrikaans-stryd op spellinggebied daartoe gelei het dat dié stryd ook oorgespoel het na die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. Dít word gedoen deur te wys op die invloed wat Nederlands op veral die eerste dele van dié woordeboek gehad het. Vervolgens word daar gefokus op die bydrae van die Universiteit Stellenbosch se Departement Afrikaans en Nederlands tot die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie deur sy betrokkenheid by die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. Daar word veral gekyk na die bydrae tot die ontwikkeling van die Afrikaanse metaleksikografie, strategiese woordeboekbeplanning en die optekening van die breër Afrikaanse leksikon onder leiding van nog 'n voormalige dosent aan die Universiteit Stellenbosch se Departement Afrikaans en Nederlands, D.J. van Schalkwyk.

Trefwoorde: Departement Afrikaans en Nederlands; leksikografie; leksikon; metaleksikografie; Nederlands-Afrikaans-stryd; Nederlandse invloed; J.J. Smith; Universiteit Stellenbosch; D.J. van Schalkwyk; woordeboekbeplanning; *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*

Abstract

The role of Stellenbosch University's Department of Afrikaans and Dutch in the development of Afrikaans lexicography through its involvement in the *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (Dictionary of the Afrikaans Language)

This aim of this article, which forms part of a bigger project on the role of Stellenbosch University's Department of Afrikaans and Dutch in the development of Afrikaans lexicography, is to give an overview of this department's involvement in the comprehensive Afrikaans descriptive dictionary, the *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (Dictionary of the Afrikaans Language; henceforth WAT) and its subsequent role in the development of Afrikaans lexicography. The Department of Afrikaans and Dutch's relationship with the WAT starts with J.J. Smith. After Smith was appointed as the first lecturer in Afrikaans at Stellenbosch University in 1920, he was approached by the Nasionale Pers to help with compiling an Afrikaans dictionary. After the university granted Smith special permission, he started work on the envisioned Afrikaans dictionary in 1926. Smith's material for compiling the dictionary consisted of numerous word lists that he had collected with the help of his students in Afrikaans at Stellenbosch University from 1920. Other lecturers in the department that were tasked with helping Smith collecting material for the dictionary were B.A. de Wet and F.E.J. Malherbe. They also used their students to help them with material collection. This intensive collection of material led to the fact that the dictionary was not being anywhere near completion after three years, as had been initially planned.

Another factor that delayed the dictionary's progress was the conflict between Smith and the official authority on Afrikaans spelling, the Taalkommissie (Language Commission) of the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (South African Academy for Science and the Arts). Smith, who was a member of the Taalkommissie who had compiled the very first *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (Afrikaans word list and spelling rules; henceforth AWS) in 1917, decided to go against the spelling rules as set out in the AWS. Smith decided to keep the orthography of unfamiliar words closer to that of Dutch in the WAT. The Taalkommissie, however, followed a more Afrikaans orthography. Although Smith's orthography was finally rejected, even by Stellenbosch University, he was allowed to follow his more "Dutch" orthography in compiling the dictionary. By 1945, when Smith stepped down as editor of the WAT, the dictionary had, however, still not been completed.

After Stellenbosch University offered to take over responsibility for the dictionary and a number of shifts were made in the organisational structure of the WAT, the first volume of the WAT (A–C) was finally published in 1950. The envisaged concise Afrikaans dictionary has since grown into a comprehensive, multivolume Afrikaans descriptive dictionary with Volume II (D–F) having been published in 1955, Volume III (G) in 1957, Volume IV (H–I) in 1961, Volume V (J–KJ) in 1968, Volume VI (KLA–KOL-) in 1976, Volume VII (KOM–KOR-) in 1984, Volume VIII (KOS–KYW-) in 1991, Volume IX (L) in 1994, Volume X (M) in 1996, Volume XI (N–O) in 2000, Volume XII (P–Q) in 2005, Volume XIII (R) in 2009, and Volume XIV (S–SKOOI) in 2013.

Partly due to Smith's "Dutch" approach to the Afrikaans orthography, especially the first three volumes of WAT are characterised by the inclusion of Dutch lemmas that never became part of the Afrikaans lexicon. The WAT was also criticised, especially by lecturers of Stellenbosch University's Department of Afrikaans and Dutch, for the "Dutchness" of the

definitions in *WAT*, as well as the excessive use of translated example sentences from Dutch. As the years went by and more volumes of the *WAT* appeared, this Dutch influence on the dictionary was, however, decreased and as the *WAT* came into its own, it made (in part due to its relationship with the Department) a valuable contribution to Afrikaans lexicography.

The first area in which the Department of Afrikaans and Dutch contributed to the development of Afrikaans lexicography through its involvement with the *WAT* is Afrikaans metalexicography. It was especially lecturers of the Department commenting on the various volumes of the *WAT* in reviews that served as a stimulus for Afrikaans metalexicography. This, in turn, had a positive impact on the content of subsequent volumes of the *WAT*. Apart from reviews of the *WAT*, other metalexicographical activities by lecturers and students of the Department include masters and doctoral studies on various aspects of the *WAT*.

Another area of Afrikaans lexicography in which Stellenbosch University's Department of Afrikaans and Dutch indirectly played an important role, was the strategic planning of the *WAT*. During the 1980s a comprehensive project was launched to bring the content of the *WAT* in line with theoretical lexicography, thus improving the quality of the dictionary, and to speed up work on the *WAT*. This project was led by D.J. van Schalkwyk, who was also a lecturer in the Department from 1971 to 1978. In addition to focusing on the external reflexive component of the *WAT*, in which lectures from the Department played an important role (see above), Van Schalkwyk also involved experts in the field of lexicography, which included two lecturers of the Department, J.G.H. Combrink and R.H. Gouws. This resulted in the compilation of an editorial system for the *WAT* which was implemented from Volume IX onwards. Secondly, this project also included the revision of the dictionary's policy regarding the treatment of pejorative or offensive lexical items, which represented a first in the international lexicography. Another aspect of this project included the establishment of so-called co-operative lexicography, which involved establishing contact with various other national and international lexicography projects. The board of the *WAT* also had a hand in establishing the African Association for Lexicography, and the Bureau of the *WAT* played an important supporting role in the establishment of the National Dictionary Units that was created by the Pan South-African Language Board (PanSALB) after 2000. Van Schalkwyk also assisted with the strategic planning of other local language bodies, as well as international dictionaries. Furthermore, the Bureau of the *WAT* plays an important role in training lexicographers from around the country and the world. In turn, the Department of Afrikaans and Dutch has played an important role in training lexicographers working at the Bureau of the *WAT* over the years. The personnel of the Bureau have also had a hand in various other dictionaries being published – often in conjunction with lecturers of the Department of Afrikaans and Dutch. Lastly, under the leadership of Van Schalkwyk the Bureau also contributed to the launching the international lexicography journal *Lexikos*. Students and lecturers of the Department of Afrikaans and Dutch have made an important contribution to the international metalexicography by publishing various articles and reviews in *Lexikos* over the years – about 40% of the articles to be exact. Various lectures and students have also been editors of and served on the editorial board of the journal.

Lastly, but perhaps most importantly, is the *WAT*'s role in recording the Afrikaans lexicon in its widest sense. This includes lexical items from spoken as well as written Afrikaans, regionalism, idioms, as well as loan words from Khoi, Malay, Arabic and English.

Over the years the vast majority of personnel of the Bureau of the WAT have been graduates of Stellenbosch University, who had often also studied in its Department of Afrikaans and Dutch. This includes all the editors-in-chief. Various lecturers at Stellenbosch University have also served as subject specialists, helping editors with subject-specific content as well as terminology lists. Here, too, lecturers of the Department of Afrikaans and Dutch have played a role. Lecturers of this Department have also served on the dictionary's board of directors since its inception. Finally, Stellenbosch University has supported the WAT financially over the years.

That Stellenbosch University's Department of Afrikaans and Dutch has played an indispensable role in the activities of the Bureau of the WAT, thus contributing to the development of Afrikaans lexicography, is, therefore, very clear.

Keywords: Department of Afrikaans and Dutch; dictionary planning; Dutch-Afrikaans battle; Dutch influence; lexicography; lexicon; metalexicography; J.J. Smith; Stellenbosch University; D.J. van Schalkwyk; *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (Dictionary of the Afrikaans Language)

1. Inleiding

Reeds voor die totstandkoming van die Departement Nederlands en Afrikaans (vanaf 1952 bekend as die Departement Afrikaans-Nederlands en sedert 1979 Departement Afrikaans en Nederlands)¹ aan die Universiteit Stellenbosch in 1922, is daar belangrike baanbrekerswerk in die Afrikaanse leksikografie aan dié universiteit gedoen (Odendaal 2016:260–2). Hierdie baanbrekerswerk op leksikografiese gebied is egter gedoen te midde van 'n breër, nasionale stryd, wat hom ook binne die Universiteit Stellenbosch se Departement Afrikaans en Nederlands afgespeel het, tussen die voorstanders van Afrikaans, wat Afrikaans as 'n selfstandige taal naas Nederlands wou vestig, en die voorstanders van Nederlands, vir wie Afrikaans se band met Nederlands onontbeerlik was vir die voortbestaan van Afrikaans (Odendaal 2016:262–5).

Nadat die pro-Nederlandse en pro-Afrikaanse faksies met die stigting van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns verenig is, is die stryd verder gevoer op spellinggebied met die totstandkoming van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (Odendaal 2016:266–71). 'n Belangrike rolspeler in dié stryd was J.J. Smith, wat sedert 1917 op die nuutgestigte Taalkommissie gedien het (die kommissie wie se taak dit was om die eerste *Afrikaanse woordelys en spelreëls*; voortaan AWS saam te stel) en wat in 1920 aangestel is as die eerste dosent in Afrikaans aan die Universiteit Stellenbosch. Toe hy in 1926 as die eerste hoofredakteur van die *Woordeboek van die Afrikaanse taal* (voortaan WAT) aangestel is, het sy betrokkenheid by die spellingstryd veroorsaak dat die stryd noodwendig oorgespoel het na die WAT. Ten spyte van die aanvanklike invloed van Nederlands op dié woordeboek, het die WAT egter oor die verloop van die afgelope 90 jaar 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie gelever.

Die Universiteit Stellenbosch se betrokkenheid by die woordeboek het egter nie by Smith se redakteurskap geëindig nie. Deur dié universiteit, maar in die besonder sy Departement

Afrikaans en Nederlands, se noue betrokkenheid by die WAT het dié departement oor die jare 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie gelewer.

Hierdie studie² stel ondersoek in na die rol van die Universiteit Stellenbosch (voortaan US), en in die besonder sy Departement Afrikaans en Nederlands, in die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie deur sy betrokkenheid by die omvattende verklarende woordeboek die WAT sedert 1926 en teen die agtergrond van die Nederlands-Afrikaans-stryd wat aanvanklik op Stellenbosch geheers het (Odendaal 2016). Eerstens word aangedui hoe die eerste dosent in Afrikaans aan die US en later die eerste hoofredakteur van die WAT, J.J. Smith, se betrokkenheid by die Nederlands-Afrikaans-stryd 'n invloed gehad het op veral die eerste dele van die WAT. Vervolgens word die bydrae van die Departement Afrikaans en Nederlands tot die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie onder die loep geneem deur veral te fokus op studente en dosente van dié departement se bydrae tot die ontwikkeling van die Afrikaanse metaleksikografie en die optekening van die breër Afrikaanse leksikon, asook strategiese woordeboekbeplanning onder leiding van nog 'n voormalige dosent aan die US se Departement Afrikaans en Nederlands, D.J. van Schalkwyk.

2. Aanloop en Nederlands-Afrikaans-stryd

In 1914 word J.J. Smith, voorvegter vir die Afrikaanse taalsaak op Stellenbosch aan die begin van die 20ste eeu (Odendaal 2016:264–5), as professor in Frans en Duits aan die Victoria Kollege³ aangestel (Snijman 1964:11; Kapp 2013:36). Kort hierna word daar op 'n kongres van die Afrikaanse Taalvereniging (ATV) in Stellenbosch, waarvan Smith 'n leidende lid en later nasionale voorsitter was, besluit dat 'n tweetalige Afrikaans-Engels/Engels-Afrikaanse woordeboek saamgestel moes word deur 'n kommissie waarvan Smith ook deel uitgemaak het (Snijman 1964:11; Gericke 1991b:7–8; Gouws en Ponelis 1992:17–8; Kapp 2013:27). 'n Standaardwoordeboek van Afrikaanse woorde en idioome is ook in die vooruitsig gestel (Gericke 1991b:8). In hierdie stadium het daar egter nog 'n fel Nederlands-Afrikaans-taalstryd op Stellenbosch gewoed waarin ook Smith gewikkel was (Odendaal 2016:262–5). Gevolglik is die idee van 'n woordeboek eers weer in 1920 geopper toe die Nasionale Pers Smith, wat in dieselfde jaar aangestel is as die eerste professor in Afrikaans aan die US, se hulp ingeroep het met die opstel van 'n woordeboek (Snijman 1964:11; Du Toit 1966:72; Kotzé 1966:465; Snijman 1975:3; Gouws en Ponelis 1992:18).

Alhoewel daar volgens Smith (in *Die Burger* van 10 Julie 1920) eers beplan is om “'n meer populêre tweetalige woordeboek, Afrikaans-Engels en Engels-Afrikaans, uit te gee”, sou daar tegelykertyd ook gewerk word aan “'n so volledig moontlike versameling van ons Afrikaanse woordeskat, sodat daar later 'n nog groter, vollediger en wetenskapliker tweetalige woordeboek, asook 'n verklarende eentalige Afrikaanse woordeboek uitgegee kan word” (Schoonees 1950:i; Snijman 1964:11; 1975:3; Gouws en Ponelis 1992:18). Aangesien Smith die “versameling van die Afrikaanse woordeskat” as “'n volksaak” en “die voltooiing van die eerste min of meer volledige Afrikaanse woordeboek” as “'n volksgebeurtenis” beskou het, het gesprekvoering oor die opstel van sowel die tweetalige as die eentalige woordeboek spoedig oorgehel ten gunste van 'n verklarende Afrikaanse woordeboek (Schoonees 1950:i; Snijman 1964:11; 1975:3). So het D.B. Bosman, dosent in Nederlands en Smith se voorganger in die Departement Afrikaans en Nederlands aan die US, in *Die Burger* van

20 Augustus 1924 enkele voorstelle gemaak vir die samestelling van “’n beknopte maar gesaghebbende Afrikaanse woordeboek” (Boshoff 1926:315, 319).

Ondertussen is onderhandelinge tussen Smith, die Nasionale Pers, die US, die regering en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gevoer (Snijman 1964:11; 1975:3). Nadat die regering op 12 Maart 1925 aanbeveel het dat “’n volledige en gesaghebbende woordeboek met Staatsteun opgestel word”, het die Universiteitsraad buitengewone verlof vir drie jaar aan Smith toegestaan ten einde hom in staat te stel om as hoofredakteur aan die beoogde Afrikaanse woordeboek te werk (Schoonees 1950:i; Snijman 1964:11; Du Toit 1966:181; Snijman 1975:3–4).

Alhoewel die ooreenkoms tussen Smith, die Nasionale Pers en die US vir die opstel van die beoogde woordeboek met behulp van staatsteun eers op 25 Maart 1926 bekragtig is met die sluiting van ’n kontrak tussen die Nasionale Pers en die destydse Minister van Onderwys en Binnelandse Sake, D.F. Malan, het Smith reeds in Januarie 1926 in Kaapstad met werk aan *Die Afrikaanse Woordeboek* (later *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*) begin (Schoonees 1950:i; Snijman 1964:11; Du Toit 1966:181; Malan 1974:292; Snijman 1975:3–4). Dit kan volgens Gericke (1991a:104) as die begin van die professionele leksikografie in Suid-Afrika beskou word.

Smith, wat reeds sedert 1911 aandag gegee het aan die optekening van Afrikaans vir die opstel van ’n woordeboek, was reeds in besit van ’n menigte woordelyste wat hy sedert 1920 as professor in Afrikaans aan die US met behulp van sy studente versamel het. Met die aanvang van sy werk aan die WAT het hy ook begin om ’n netwerk van medewerkers van regoor die land te vestig wat hom verder behulpsaam was in die optekening van streek- en vaktaal. Een so ’n medewerker was B.A. de Wet, wat sedert 1921 dosent in Hollands-Afrikaanse letterkunde en letterkundige esteties aan die US se Departement Afrikaans en Nederlands was, aan wie die taak opgelê is om Smith behulpsaam te wees met die insameling van materiaal vir die WAT. Hy het, soos Smith, sy studente vir hierdie taak ingespan, maar self veral woorde en uitdrukkings uit die Karoo opteken. ’n Subredaksie, waarvan die dosent aan die Departement Afrikaans en Nederlands van 1926 tot 1959, F.E.J. Malherbe, ’n lid was, is later die taak opgelê om materiaal in te samel. Ook Malherbe het, nes sy voorgangers, sy studente ingespan om taalmateriaal te versamel. Adviseurs op tegniese en vakkundige gebied, staatsdepartemente en lesers van *Die Burger*, *Die Huisgenoot* en *Die Boerevrou* het ook aansienlike bydraes tot die materiaalversameling gelewer. Personeel van verskillende departemente aan die US het in hierdie opsig ’n groot rol gespeel. Vanaf 1930 ontvang Smith ook die hulp van voltydse assistente wat, tot sy uittrede in 1945, op een uitsondering na almal US-gegradueerdes was (Schoonees 1950:i, v–xi; Snijman 1964:13; 1975:4; Gericke 1991b:8–9).

Die aanvanklike bedoeling was om ’n verklarende standaardwoordeboek met woordverklarings, afleidings en voorbeeldsinne, van ongeveer dieselfde omvang as die destydse standaarddeskriptiewe Nederlandse *Van Dale*, binne drie jaar te voltooi. Smith se intensiewe versameling van materiaal en sy bemoeienis met etimologiese vraagstukke het egter werk aan die woordeboek laat ontspoor (Snijman 1964:11, 13; 1975:4; Gouws en Ponelis 1992:18, 22; Odendal 2006:281).

Nog ’n rede vir die vertraging in die werk aan die woordeboek was die spellingstryd wat tussen Smith en die Taalkommissie⁴ van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en

Kuns geheers het. Alhoewel Smith 'n voorvegter vir Afrikaans op Stellenbosch was, was hy sedert sy betrokkenheid by die Taalkommissie in 1917⁵ nog altyd ten gunste van 'n meer Nederlandse spelvorm, en het hy daarom besluit om vreemde woorde in die WAT op 'n meer konserwatiewe wyse, nader aan die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling, te skryf. (Anon. 1930(a):11; Anon. 1930(b):1; Malan 1974:292; vgl. Odendaal 2016:270–1 vir 'n volledige uiteensetting van die spellingstryd tussen Smith en die Taalkommissie.) Nadat 'n spellingkonferensie in 1930 nie daarin kon slaag om 'n end aan die spellingstryd tussen Smith en die Taalkommissie te maak nie, is 'n tweede konferensie in 1932 op Stellenbosch gehou (Kapp 2009:122). Smith het in sekere gevalle ingewillig om die Taalkommissie se meer verafrikaanste spelvorme te aanvaar deur byvoorbeeld *-sch* en *qu* deur *-sj* en *k* of *kw* te vervang, en vreemde woorde met *-air*, *ai*, *eau*, *y*, *c*, *-ice*, *ch*, *gn*, *ph*, *rh*, *th* en *x* wisselvorme met onderskeidelik *-êr*, *ê*, *o*, *i/ie*, *k* of *s*, *-ise*, *g*, *nj*, *f*, *r*, *t* en *ks* te gee (Anon. 1932:35). Alhoewel Smith se spelwyse uiteindelik wyd ten gunste van die Taalkommissie se verafrikaanste spelling verwerp is (selfs aan die US), is Smith steeds toegelaat om sy eie spellingrigting te volg en sou daar nie ingegryp word in die spellingbenadering van die WAT nie (Anon. 1933:5; Gericke 1991b:47). Die gevolg was dat Smith steeds 'n meer Nederlandse spelling in die WAT sou volg.

Te midde van die spellingstryd aanvaar die regering in 1929 'n aanbod van die US om verantwoordelikheid vir die woordeboek by die Nasionale Pers oor te neem en word die woordeboekkantoor op 1 April 1930 verskuif na Stellenbosch, waar dit sedertdien gehuisves word (Schoonees 1950:i; Snijman 1964:14; Du Toit 1966:181; Snijman 1975:3–4; Odendaal 2006:281).

Nadat die US verantwoordelikheid vir die WAT oorgeneem het, is daar ooreengekom dat die woordeboek teen 1936 voltooi moes word. Saam met die spellingstryd het ekserpeerwerk, etimologiese ondersoek en vraagstukke oor terme egter weer eens daartoe gelei dat vordering aan die woordeboek in die slag gebly het (Snijman 1964:14; 1975:4). Die regering het geweier om verdere finansiële bystand te bied alvorens die stand van sake ondersoek is. 'n Komitee onder voorsitterskap van senator F.S. Malan is vir dié doel saamgestel. Nadat daar op aanbeveling van genoemde komitee in 1937 'n Woordeboekkomitee saamgestel is om beheer van die WAT oor te neem, is fondse vir nog vyf jaar bewillig. Die Woordeboekkomitee, waarin die regering en die US verteenwoordig was, het 'n aantal deskundiges benoem om terme te definieer en in 1941 opdrag gegee dat die versamelde materiaal binne drie jaar bewerk moes word. (Snijman 1964:14) Ná twee jaar moes Smith egter siekteverlof neem weens swak gesondheid, waarna administratiewe beheer van die WAT oorgeplaas is na die rektor van die US, R.W. Wilcocks (Schoonees 1950:i; Snijman 1964:14; 1975:4). 'n Gebrek aan staatsfondse het die universiteit ook genoop om van April 1945 tot Maart 1946 die hele finansiële las van die woordeboek te dra. Op 21 Augustus 1945 lê Smith die tuig as hoofredakteur van die WAT neer weens sy volgehoue swak gesondheid (Schoonees 1950:ii; Snijman 1964:14; 1975:4). So kom die Smith-era tot 'n einde sonder dat 'n enkele woordeboekuitgawe die lig gesien het.

Ná Smith se uittrede het die regering 'n komitee aangestel, wat later bekend gestaan het as die Broeksma-komitee, om ondersoek in te stel na die vordering van die woordeboek (Schoonees 1950:ii; Snijman 1964:14; 1975:4; Odendaal 2006:281). Die voormalige Stellenbosse dosent in Nederlands D.B. Bosman het ook in dié komitee gedien (Schoonees 1950:ii). Die komitee, wat die US geloof het vir “sy geestelike, sowel as geldelike, bydrae”, het aanbeveel dat 'n Raad van Beheer oor Die Afrikaanse Woordeboek in die lewe geroep

word, saamgestel uit verteenwoordigers van die regering, die US en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, onder voorsitterskap van die sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap en onder administrasie van die rektor van die US (Schoonees 1950:ii; Snijman 1964:15; 1975:4; Odendal 2006:281). 'n Verdere verandering in die organisasie van die WAT wat deur die Broeksma-komitee voorgestel is, was die aanstelling van twee voltydse reviseurs, twee voltydse hoofopstellers, een sekretaris-leksikograaf en 'n administrateur (Schoonees 1950:ii). Ondertussen (van 1945 tot 1946) is die woordeboekbedrywigheide aan die gang gehou deur twee van die assistente, N. van Blerk en M.F. Toerien, albei Stellenbosch-gegradueerdes (Schoonees 1950:v). Met 'n meer gestruktureerde grondslag nou gevestig, kon daar uiteindelik in alle erns begin word om die WAT 'n werklikheid te maak.

3. Ontwikkeling van die WAT te midde van die invloed van Nederlands

Alhoewel daar nooit 'n amptelike besluit geneem is dat die WAT eerder 'n omvattende verklarende woordeboek as 'n standaardwoordeboek moes wees nie, het Smith se strewe om Afrikaans as onafhanklike taal naas Nederlands te laat geld uiteindelik as dryfveer vir sy omslagtige werkwyse gedien (Gouws en Ponelis 1992:23–4). Aangesien Afrikaanse literatuur in hierdie stadium nog beperk was en die taalkundige beskrywing van Afrikaans nog onderontwikkel was, was Afrikaans volgens Gouws en Ponelis (1992:20–1) egter nog nie gereed vir 'n verklarende woordeboek nie, wat nog te sê 'n omvattende verklarende woordeboek. Die gevolg was dat die WAT nie alleenlik 'n beperkte bydrae tot die aanvanklike ontwikkeling van Afrikaans gelewer het nie, maar selfs 'n belemmerende invloed op die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie gehad het, aldus Gouws en Ponelis (1992:21–2).

So sien die eerste deel (A–C) van die WAT eers in 1950 die lig – 24 jaar nadat Smith met die werk aan die WAT begin het. Dit word opgevolg deur Deel II (D–F) in 1955, Deel III (G) in 1957, Deel IV (H–I) in 1961, Deel V (J–KJ) in 1968, Deel VI (KLA–KOL-) in 1976, Deel VII (KOM–KOR-) in 1984, Deel VIII (KOS–KYW-) in 1991, Deel IX (L) in 1994, Deel X (M) in 1996, Deel XI (N–O) in 2000, Deel XII (P–Q) in 2005, Deel XIII (R) in 2009, en Deel XIV (S–SKOOI) in 2013. Reeds in die eerste deel van die WAT word die doel van die woordeboek verwoord as “om, so volledig moontlik, 'n beeld te gee van die Afrikaanse taalskat in sy ruimste omvang” (Schoonees 1950:iii). Dit sluit nie net die standaardtaal in nie, maar ook geselstaal, gewestelike taalmateriaal met 'n wyer gebruiksomvang, verouderde woorde, terminologie, vreemde woorde, algemeen bekende handelsname, obsene woorde, eiename met 'n oordragtelike betekenis of wat spreekwoordelik geword het, geografiese name, byvoeglike naamwoorde wat afgelei is van eiename, en neologismes (Schoonees 1950:iii). Die feit dat die redaksie ook 'n plek toegeken het aan “verouderde woorde wat dikwels nog sluimerende lewenskrag openbaar” of “wat uit kultuurhistoriese oogpunt belangrik is”, asook “vrygewig” was “met die opneem van vreemde woorde” (Schoonees 1950:iii), het daartoe gelei dat die gedeelte woordeskat tussen Afrikaans en Nederlands oor die jare in die WAT neerslag gevind het (Gouws 2003:80).

Soos Schoonheim (1998:37) tereg opmerk, kan 'n mens verwag dat die Nederlandse invloed in 'n omvattende verklarende woordeboek uitvoeriger as in 'n standaardwoordeboek sou wees. Waar 'n standaardwoordeboek veronderstel is om slegs die standaardtaal te weerspieël soos dit tans daar uitsien, laat 'n omvattende verklarende woordeboek se omvattender

opnamebeleid ruimte vir die opneem van meer leksikale items wat nie tot die kernwoordeskat van Afrikaans behoort nie, wat daartoe aanleiding kan gee dat leksikale items wat weinig in Afrikaans gebruik word en eintlik tot die Nederlandse leksikon behoort, dikwels opgeneem kan word. Wat verder hiertoe bygedra het, is die feit dat Afrikaans nog in sy standaardiseringskinderskoene was toe daar met die samestelling van die WAT begin is. Soos Gouws en Ponelis (1992:16) aantoon, is dit 'n voorvereiste vir die samestelling van 'n omvattende verklarende woordeboek dat die standaardtaal reeds gevestig moet wees. Veral die beperkte en onvaste aard van die Afrikaanse vakleksikon te midde van ontwikkeling op tegniese en natuurwetenskaplike gebied het egter die redaksie genoop om ruimer aan Nederlands te ontleen deur "nuttige terme uit Nederlands" oor te neem (Schoonees 1950:iii; De Villiers 1951:4; Botha 2003a:167). Dit het daartoe gelei dat die redakteurs van Deel I hulle nie beperk het tot die opname van "onmisbare en onvervangbare woorde" uit Nederlands nie, maar ook "woorde wat ons in die toekoms nodig mag kry en stamwoorde waarvan die afleidings en/of samestellings in Afrikaans gangbaar is" en selfs Nederlandse argaïsmes opgeneem het (Schoonees 1950:iii). Die gevolg is dat daar veral in die eerste drie dele "heelwat Nederlandse woorde opgeneem is wat nie deel van die Afrikaanse woordeskat was of geword het nie", aldus Botha (2003a:59).

M. de Villiers (1951:4), wat vanaf 1947 verbonde was aan die US se Departement Afrikaans en Nederlands, waar hy ook later die Jan Marais-leerstoel beklee het, het reeds met die verskyning van die eerste deel van die WAT beswaar gemaak teen die opname van Nederlandse lemmas sonder leksikografiese etikette. Lemmas wat hy in hierdie verband uitlig, is *abel* ("bevallig, lief"), *abituriënt* (leerling of student van die hoogste klas), *barre* (vloedgolf aan die mond van sommige riviere), *borrel* ("drank/drank drink"), *bryn* ("soutwater, pekel") en *brik* (rytuig) (De Villiers 1951:4; 1952:5). Vergelyk in hierdie verband ook die volgende lys Neerlandistiese lemmas of lemmas met 'n Neerlandistiese betekenis wat in die WAT opgeneem is met die meer algemene Afrikaanse vorme daarnaas:⁶

abonneer ("inteken"), *abonnement* ("intekening/intekengeld"), asook verskeie onverklaarde samestellings met dié lemma, *agternaam* ("van"), *belendend* ("aangrensend"), *benieu* ("nuuskierig maak"), *benieud* ("nuuskierig"), *blootshoof(s)* ("kaalkop"), *blootsoet(s)* ("kaalvoet"), *briewebesteller* ("posbode/-man"), *briewebus* ("posbus"), *felisitasie* ("gelukwens(ing)"), asook onverklaarde samestellings met dié lemma, *felisiteer* ("gelukwens"), *fiets* (ww.) ("fietsry"), *heg* ("heining"), *houthakker* ("houtkapper"), *invasie* ("inval"), *invektief* ("skel(d)woord"), *invitasie* ("uitnodiging"), asook onverklaarde samestellings met dié lemma, *kameleon* ("verkleurmanneling"), *kapper* ("haarkapper"), *moedervlek* ("geboortemerk/-vlek").

Al hierdie lemmas is ongeëtiketteer opgeneem. Die ongeëtiketteerde opname van lemmas in 'n woordeboek impliseer volgens Gouws (1989:201) dat dit standaardtaalvorme is en skep sodoende die indruk by woordeboekgebruikers dat daar geen beperking op die gebruik van die lemmas is nie. In die meeste gevalle is daar egter van sinoniemdefinisies gebruik gemaak by bogenoemde lemmas. Die gebruik van hierdie strategie in woordeboeke dui volgens Gouws (1989:145) daarop dat die woordeboekgebruiker met 'n minder frekwente lemma te make het. Hoewel daar nie eksplisiet in die inleiding van Deel I aangedui word dat hierdie strategie ook in die WAT gevolg is nie, word daar wel aangedui dat definisies by wisselvorme gegee word "by die vorm wat as die beste of gangbaarste beskou word" (Schoonees 1950:iv), met ander woorde by die vorm wat die gebruiklikste is. Dit sou nie vergesog wees om aan te neem dat hierdie strategie ook (of ten minste tot 'n mate) ten opsigte van die hantering van

sinonieme gevolg is nie, met ander woorde dat die minder frekwente lid van die sinoniemparadigma slegs van 'n sinoniemdefinisie voorsien is terwyl die volledige betekenisomskrywing by die sinoniem met die hoogste gebruiksfrekwensie gegee is.⁷ Lemmas waar daar van sinoniemdefinisies gebruik gemaak is, is *abonneer*, *abonnement*, *belendend*, *benieu*, *benieud*, *blootshoof(s)*, *blootsoet(s)*, *felisitasie*, *felisiteer*, *houthakker*, *invektief*, *invitasie*, *kameleon*, *kapper* en *moedervlek*. Die afleiding wat hieruit gemaak sou kon word, is dat hierdie lemmas die minder frekwente lede van die sinoniemparadigmas verteenwoordig, terwyl die lemmas wat as sinoniemdefinisies by hierdie lemmas aangebied word, die meer frekwente lede van die sinoniemparadigma verteenwoordig. Die wyse waarop hierdie lemmas gedefinieer is, is dus reeds 'n aanduiding vir die woordeboekgebruiker dat die lemmas nie algemeen gebruikte Afrikaans verteenwoordig nie.

Reeds in Deel I van die WAT word daar ook in die inleiding aangedui dat sommige Neerlandistiese woorde as “*meer N.*” (meer Nederlands) gemerk is (Schoonees 1950:iv). Voorbeelde hiervan is die Neerlandistiese lemmas *aak*, *aandyk*, *aangluip*, *afbroddel*, *ajourneer*, *assorteer*, *beduus*, *belabberd*, *beu*, *bil*, *boerinen*, *brui* en die Neerlandistiese betekenisonderskeidings van die lemmas *aandoen* (“aantrek”/“aansteek”), *aanhang* (“vaskleef”), *aanmaak* (“vervaardiging”), *afdoen* (“uittrek”) en *bysit* (“begrawe”). Daar is egter ook lemmas en betekenisonderskeidings opgeneem wat met die etiket “*N.*” (Nederlands) gemerk is. Dit sluit in *aalmoesener*, *aanbras*, *aanbrug*, *aanlaveer*, *aanpoot*, *aardgal*, *aasdom*, *afbet*, *afbik*, *begraas* en *boterham*.

Benewens woorde met die herkomsetiket “*meer N.*” en “*N.*” is daar ook 'n aantal Neerlandistiese lemmas met stilistiese en temporele etikette, asook ander herkomsetiket opgeneem. Die teenwoordigheid van hierdie etikette in 'n woordeboek dui daarop dat hierdie leksikale items 'n beperkte gebruiksfrekwensie het (Gouws 1989:201). Vergelyk die volgende lemmas⁸ wat in die WAT opgeneem is en hulle ooreenstemmende etikette:

Lemma	Leksikografiese etiket(te)
<i>bigotterie</i> (“skynheiligheid”)	<i>F.</i> (Frans)
<i>jarig</i> (“verjaar”)	<i>w.g.</i> (weinig gebruiklik)
<i>kloset</i> (“toilet”)	<i>via N.</i> < <i>E.</i> closet (via Nederlands ontleen aan Engels closet)
<i>kus</i> (s.nw./ww.) (“soen”)	<i>verh.</i> (verhewe)
<i>origineel</i> (“oorspronklik”)	<i>minder gebruiklik</i>
<i>pardon</i> (tw.) (“ekskuus”)	(<i>enigsins formeel; verouderend</i>) (<i>Fr.</i>) (Frans)
<i>pardonneer</i> (“kwytskeld/vergewe”)	<i>enigsins formeel; verouderend</i>
<i>serieus</i> (“ernstig”)	<i>enigsins formeel; verouderend</i>
<i>skavuit</i> (“skelm/skurk”)	(<i>verouderd</i>) (< <i>Ndl.</i> schavuit) (ontleen aan Nederlands schavuit)

Benewens leksikografiese etikette is daar ook ander maniere aangewend om gebruikers bedag te maak op die Neerlandistiese aard van sommige lemmas. In 'n geval soos *bloesem* (“bloei”) word die woordeboekgebruiker nie van 'n betekenisomskrywing voorsien nie, maar na 'n meer gebruiklike vorm in Afrikaans verwys: “Sien BLOEISEL.” In die betekenisomskrywing van die lemma *internaat* (“kosskool”) word die gebruiker daarop

gewys dat hy/sy hier te make het met 'n benaming wat “veral in Europa” gebruik word, waarna die sinoniem “kosskool” dan verskaf word.

W. Kempen, wat vanaf 1936 Smith se kollega in die Departement Afrikaans en Nederlands was en in 1949 die Jan Marais-leerstool in Afrikaans by hom oorgeneem het, was in 1946 nog ten gunste van die opneem van Nederlandse kultuurwoorde in die WAT wat nie deel gevorm het van Afrikaans nie, maar wat “in die toekoms vir ons (in Afrikaans) nodig sal wees” (Gericke 1991b:75; Botha 2003a:19). Selfs hy het egter in reaksie op die verskyning van Deel III van die WAT gewaarsku teen 'n “nederlandsheid” wat nie-Afrikaans is” in definisies in die WAT (Kempen 1959:7; Botha 2003a:58). Vergelyk in hierdie verband die eerste betekenisonderskeiding by die lemma *gladdigheid*, waar die Neerlandistiese *gladdig* in die definisies gebruik is in plaas van die Afrikaanse *gladderig* (Kempen 1959:7), asook die gebruik van die Neerlandistiese lemmas *blootshoofs* en *blootsvoets* in die definisies van die eerste betekenisonderskeiding van die lemma *amende*:

glad'digheid s.nw.

1 Toestand of hoedanigheid van gladdig of glibberig te wees; taamlike gladheid; gladderigheid, glibberigheid: [...]

amende s.nw. (*Frans*)

1 Genoegdoening, vergoeding; openbare skuldbekentenis en versoek om vergiffenis, veral as *amende honorable*, 'n vorm van straf en genoegdoening vir 'n misdaad of belediging, in die vroeë kerk en o.a. in die Romeins-Hollandse, maar veral in die Franse reg [waar dit in 1894 afgeskaf is] gebruiklik, en bestaande uit 'n formele en vernederende skuldbekentenis in die geregsaal of, by swaarder oortreding, op die markplein, waarheen die skuldige blootshoofs en blootsvoets, met 'n waskers in die hand, 'n skandbord op die bors en 'n strop om die nek, deur die beul gelei is: [...]

Hierdie gedagte is deur Terblanche (1956:56) geëggo toe hy daarop gewys het dat Deel II definisies bevat wat woordeliks ooreenstem met dié in die *Woordenboek der Nederlandsche Taal*.

Vergelyk ook die kollokasie *begane grond* wat by die eerste betekenisonderskeiding van die lemma *grond* (s.nw.) aangebied word:

Die begane grond, natuurlike oppervlak van 'n terrein sonder enige kunsmatige verhoging.

Ook hier is daar eerder sprake van 'n Standaardnederlandse uitdrukking (Nederlandse Taalunie 2015; De Boer (hoofred.) 2015; Den Boon en Hendrickx (hoofreds.) 2015) wat in Afrikaans meer algemeen bekend is as die *grondverdieping* of *grondvlak*.

Kempen (1959:7; Botha 2003a:66) het ook gewaarsku teen die oormatige gebruik van vertaalde sitate uit Nederlandse bronne. Vergelyk in hierdie verband die volgende sitate by die lemmas *funksie*, *gladhamer*, *grisaille*, *grond* en *homonimie* wat uit Nederlands vertaal is (Kempen 1959:7; Terblanche 1959:37):

'n Byvoeglike naamwoord het bepalende funksie. In Bredero se "Klucht van de Koe" (1611) vind 'n mens 'n twaalfstal den-vorme, waarvan verskillende by selfstandige naamwoorde in onderwerpsfunksie (A.A. Verdenius).

Die gedrewe voorwerpe moet, om die onreëlmatige en ontsierende spore van die hamerslae te verloor, ten laaste gladgehamer word (G. Kuyper).

Grisaille word met water en gom op 'n glasplaat tot 'n dik pap gevryf ... en word dan, na behoefte verdun, met pensele op die glas gebring (C.A. Meischke).

Na die hoofbestanddele van grond word verskillende grondsoorte onderskei, soos sandgrond (80% of meer sand), kleigrond (arm aan sand), leemgrond (ryk aan sand), mergelgrond (klei en sand met minstens 20% kalk), kalkgrond (ryk aan koolsuurkalk), veengrond (minstens 30% humus), ens. (R. Zondervan).

'n Mens moet ... die belang van die homonimie nie oordryf nie: die woorde word byna nooit alleen gebruik nie en ontleen 'n gedeelte van hulle betekenis aan hul omgewing (C.P.F. Lecoutere).

Terblanche (1956:59) het ten slotte daarop gewys dat die redaksie by die spelling van eiename en persoonsname in samestellings ten opsigte van hoofletter- en koppeltekengebruik en aanmeekaarskryf eerder die leiding van die Centrale Taalcommissie voor de Techniek in Nederland nagevolg het as om die gebruiklike Afrikaanse vorme te gebruik.⁹

Die Nederlandse invloed in die vroeëre dele van die WAT het volgens Botha (2003a:167) 'n rimpeleffek op latere dele gehad, byvoorbeeld deur verwysing. Die Nederlandse invloed wat in vroeëre dele aanwesig was, is met ander woorde deurgevoer na latere dele deurdat daar dikwels in die latere dele terugverwys is na Neerlandistiese lemmas en betekenisonderskeidings in vorige dele. Vergelyk byvoorbeeld die aanwesigheid van die Neerlandistiese lemmas *abonneer* en *agternaam* in die artikels van die lemmas *inteken* en *familiënaam* in latere dele van die WAT:

in'teken ww., ingeteken; byv. ingeteken, ingetekende.

1 (met op, soms vir) 'n Som geld bydra, betaal of onderneem om te betaal vir die gereelde toesending van 'n koerant, tydskrif, ens. of as een van 'n groep bydraers tot 'n fonds vir die uitgee van 'n boekwerk, ens.; jou abonneer, inskryf: [...]

fami'liënaam s.nw.

[...]

2 Geslagsnaam, in teenst. met *doopnaam* of *voornaam*; van, agternaam: [...]

Buiten die invloed van Nederlands op die inhoudelike ontwikkeling van die WAT, het Nederlands ook op institusionele vlak 'n invloed op die Buro van die WAT uitgeoefen deur die samewerkingsooreenkomste tussen die Buro en Nederlandse leksikografiese instansies (Gouws 2003:80). Reeds in 1948 onderneem die toenmalige hoofredakteur, P.C. Schoonees, 'n studiereis na onder andere Nederland en Engeland waartydens hy kontak opneem met leksikografiese instansies in daardie lande (Snijman 1964:15). Dit is dan ook die omvattende *Oxford English Dictionary* (OED) en *Woordenboek der Nederlandsche Taal* (WNT) wat voortaan as voorbeeld vir die WAT sou dien (Van Schalkwyk 2003a; Odendal 2006:281).

Ook Schoonees se opvolger, F.J. Snijman, het hom beywer vir die vestiging en bevordering van bande met die *WNT* (Hauptfleisch 1984:i). Nadat hierdie band gedurende die 1980's verswak het, is dit weer onder die hoofredakteurskap van D.J. van Schalkwyk verstewig (Van Schalkwyk 2003a; sien 4.2). Onder sy leierskap het daar “’n aktiewe wisselwerking” tussen die *WAT* en *WNT* ontwikkel, aldus Gouws (2003:80). Die publikasie van die *Etimologiewoordeboek van Afrikaans* (voortaan *EWA*) in 2003 is te danke aan samewerking tussen die Buro van die *WAT* en die Instituut voor Nederlandse Lexicologie, waarmee die Buro hegte bande het (Van Schalkwyk in Van Wyk, Cloete, Jordaan, Liebenberg en Lubbe 2003:i; Botha 2005:i). Opleiding vir die samestellers van die *EWA* is aangebied deur A.M.F.J. Moerdijk, oudhoofredakteur van die *WNT* en die *Algemeen Nederlands Woordenboek* en hoogleraar in Nederlandse leksikografie, terwyl die woordeboek saamgestel is danksy fondse wat uit Nederland bewillig is (Van Schalkwyk in Van Wyk e.a. 2003:i). Die Buro van die *WAT* het ook hegte bande met woordeboekeenhede in België gesmee (Botha 2005:i). Verskeie Nederlandse organisasies is tot vandag toe ankerdonateurs van die *WAT*, teweete Fonds Neerlandistiek, die Nederlandse Taalunie en Sdu Nederland (Botha 2013:Donateurs). Dele van die *WAT* is ook gereeld aan Nederlandse en Belgiese instansies voorgelê vir resensering (Botha 2003a:23).

4. Bydrae van die Departement Afrikaanse en Nederlands tot die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie deur sy betrokkenheid by die *WAT*

Ten spyte daarvan dat die *WAT* aanvanklik, volgens Gouws en Ponelis (1992:21–2), ’n belemmerende invloed op die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie gehad het, sou die *WAT* teen die einde van die 20ste eeu ’n belangrike invloed op die ontwikkeling van sowel die praktiese as die teoretiese Afrikaanse leksikografie uitoefen (Gouws 2003:73). Hierin het die US se Departement Afrikaans en Nederlands ’n belangrike rol gespeel deur sy voortgesette betrokkenheid van verskeie dosente en studente by dié woordeboek.

4.1 Ontwikkeling van die Afrikaanse metaleksikografie

Verskeie dosente en studente van die departement het bygedra tot die ontwikkeling van die Afrikaanse metaleksikografie deur hulle metaleksikografiese bemoeienis met die *WAT*. Botha (2003a:12) toon aan dat hoewel die praktiese leksikografie reeds ’n aantal jaar in Afrikaans bedryf is, dit veral die werk aan die *WAT* was wat gelei het “tot ’n eerste teoretiese besinning in Afrikaans oor die praktyk van woordeboekmaak”. Reeds voor die verskyning van die eerste deel van die *WAT* het taalkundiges soos die Stellenbosse dosent Kempen (sien afd. 3) deur uitsprake, raadgewing of kritiek ’n invloed op die samestelling van die *WAT* uitgeoefen (Botha 2003a:19). Voor die verskyning van die eerste deel is ’n deel van die voltooide manuskrip in 1945 ook aan onder andere Kempen en sy kollega in die departement, E.C. Pienaar, voorgelê vir kommentaar (Botha 2003a:19–20). Volgens Gouws (2003:76–7) het veral die eksterne refleksiewe komponent van die *WAT* (d.w.s. resensente se kritiek op die *WAT*) as stimulus vir metaleksikografiese belangstelling in Afrikaans gedien. Buiten enkele leksikografiese publikasies deur Odendal en Eksteen in die 1960's is die Afrikaanse metaleksikografie in die eerste twee dekades ná die verskyning van die eerste deel van die *WAT* veral in die vorm van resensies oor die *WAT* bedryf (Botha 2003a:12, 23). Die *WAT* was dus as ’t ware die motivering agter die ontwikkeling van die Afrikaanse metaleksikografie.

Soos reeds in die vorige afdeling (3) aangedui is, het dosente van die departement oor die jare 'n belangrike rol in die eksterne refleksiewe komponent van die WAT gespeel. Reeds ná die verskyning van die eerste deel van die WAT het mense soos A.C. Bouman (van 1921 tot 1933 dosent in Germaanse filologie aan die departement), W. Kempen en M. de Villiers in 1951 en 1952 resensies laat verskyn (vgl. Botha 2003a). Dit is opgevolg deur resensies oor Deel III en IV deur Kempen in onderskeidelik 1959 en 1961 (Botha 2003a). Dit is egter veral J.G.H. Combrink, wat van 1976 tot 1995 dosent in Afrikaanse taalwetenskap aan die departement was, se resensies van 1962 en 1979 oor die vierde en sesde dele van die WAT wat volgens Gouws (2003:76–7) “as die eerste werklik diepgaande besprekings van die WAT, maar ook die eerste diepgaande bespreking van enige produk van die Afrikaanse leksikografiepraktyk beskou [kan] word”. Hierdie resensies het die nodige stukrag vir die verskyning van ander soortgelyke resensies verleen. Vergelyk in hierdie verband die gerekende leksikograaf en dosent in leksikografie en Afrikaanse taalkunde aan die departement, R.H. Gouws, se resensies en bespreking van verskillende uitgawes van die WAT, asook aspekte van die WAT se redaksionele stelsel in 1985, 1989, 1990, 1992, 1994, 1996, 1997, 1999 (vgl. Botha 2003a; Gouws 2003:77). Onder Gouws se leiding was die WAT sedert die 1980's ook (deels) die onderwerp van verskeie magister- en doktorsale studies. Kyk in hierdie verband magisterstudies deur onder andere I.L. Vos (1992), H. Keyser (2003), M.J. Mongwe (2006), G. Simpson (2012) en A.H. du Plessis (2015) en 'n doktorsale studie deur M. Fouché-Van der Merwe (1999) (Botha e.a. 2013:295–9). Resensies deur die Stellenbosse dosent in Afrikaans en Nederlands A.E. Feinauer oor die agtste en negende dele van die WAT het onderskeidelik in 1993 en 1996 verskyn (Botha 2003a).

Alhoewel Gouws (2003:76–7) en Botha (2003a:267) aantoon dat die teoretiese leksikografie aanvanklik nie in die praktiese sy van die WAT neerslag gevind het nie, sou die ontwikkeling in die metaleksikografie waartoe die WAT aanleiding gegee het, uiteindelik ook 'n invloed op die WAT self hê. Volgens Botha (2004:2) het die eksterne refleksiewe komponent van veral die eerste agt dele van die WAT “'n beslissende impak” op die samestelling van die daaropvolgende dele gehad. Aspekte waaraan daar verbeter is na aanleiding van kritiek op die eerste agt dele, sluit in ensiklopedisiteit, ingewikkelde of onverstaanbare definisies, ondeurdagte opname van konteksinsligting, 'n gebrek aan volledige uitspraakleiding, en stadige vordering (Botha 2004:2). In verdere dele is daar na aanleiding van resensies ook aandag geskenk aan die opname van meer Engelse leenvertalings en verafrikaanse spelvorme en ander lemmas uit Omgangsafrikaans, die verbetering van die voorteks “Toeligting by die gebruik van die Woordeboek”, die verbetering van uitspraakleiding, die aanbieding van sillabeverdeling, verbetering in die hantering van wisselvorme, ens. (Botha 2004:2–3, 5–7, 14–6; sien Botha 2003a vir 'n uitvoerige uiteensetting van die impak van die metaleksikografie op die samestelling van die WAT).

4.2 Strategiese beplanning

Volgens Botha (2003a:220) sou die strategiese beplanning van die WAT “weer eens 'n belangrike stimulus verskaf vir die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografieteorie en ook leksikografie in die algemeen”. Gedurende die 1980's het die redaksie van die WAT, waarskynlik deels in reaksie op die eksterne refleksiewe komponent van die WAT (sien afd.4.1), tot die besef gekom dat drastiese veranderinge aan die redaksionele stelsel van die woordeboek aangebring moes word ten einde die inhoud van die WAT met die metaleksikografie te belyn en werk aan die woordeboek te versnel (Botha 2003a:130; Gouws 2003:74).

Hoewel hierdie proses, wat onder die redakteurskap van D.C. Hauptfleisch aan die gang gesit is, daartoe gelei het dat Deel VIII meer as enige vorige deel blyke gee van wisselwerking tussen die praktiese en teoretiese leksikografie, was die verandering nog nie drasties genoeg nie (Botha 2003a:130; Gouws 2003:74). Onder leiding van die toenmalige senior mederedakteur van die WAT, D.J. van Schalkwyk, sou die woordeboek egter “ontwikkel in ’n moderne woordeboek, saamgestel volgens die heersende teoretiese beginsels”, aldus Botha (2005:i).

Nadat Van Schalkwyk van 1968 tot 1970 as mederedakteur by die WAT werksaam was, was hy van 1971 tot 1978 dosent in Afrikaans aan die US se Departement Afrikaans en Nederlands. In 1988 keer hy terug na die Buro van die WAT, waar hy tot 1990 as senior mederedakteur en van 1991 tot 2003 as hoofredakteur ’n leidende rol in die hervorming van die WAT sou speel (Botha 2005:i). In 1989 word Van Schalkwyk genader om die strategiese beplanning van die WAT te lei (Botha 2003a:131).

Van Schalkwyk (2003a) sonder die rol wat die US se Departement Afrikaans en Nederlands gespeel het in die instel en ontwikkeling van kursusse in die metaleksikografie uit as ’n belangrike stimulus wat die transformasieproses van die Buro van die WAT beïnvloed het. Die doel van die strategiese beplanning was enersyds om die gehalte van die WAT te verbeter en andersyds om werk aan die woordeboek te versnel (Botha 2003a:131; Gouws 2003:77). Volgens Gouws (2003:77) het die vernuwing van die WAT begin met ’n interne refleksiewe komponent deurdat werk aan Deel VIII gestaak is sodat daar meer indringend op die kritiek op vorige dele gefokus kon word (sien afd. 4.1).

Ten einde te verseker dat toekomstige dele ’n beter taalkundige en metaleksikografiese grondslag sou hê, is daar voorts besluit om met ’n aantal metaleksikograwe en Afrikaans-taalkundiges in gesprek te tree oor die hersiening van die WAT se redaksionele stelsel (Botha 2003a:132; Gouws 2003:77; Van Schalkwyk 2003a). Twee personeellede van die Departement Afrikaans en Nederlands, J.G.H. Combrink en R.H. Gouws, het van 27 tot 29 November 1989 aan hierdie gesprek deelgeneem (Botha 2003a:132). Gouws se publikasie *Leksikografie*, wat deur Carstens (1994:252) ’n “epogmakende werk” genoem is, is ook geraadpleeg in die proses om die WAT se redaksionele stelsel te hervorm (Botha 2003a:134).

Na afloop van die gesprek is die hersiene redaksionele stelsel voorts gerekenariseer en vanaf Deel IX geïmplementeer (Botha 2005:i; Van Schalkwyk 2003a). Botha (2003a:135) toon aan dat baie van die teoretiese en praktiese oorwegings rakende die hervorming van die redaksionele stelsel ook deel geword het van die Afrikaanse metaleksikografie deurdat dit in akademiese artikels gemotiveer is.

Ten einde aansluiting te vind by die veranderende Suid-Afrikaanse politieke bestel in die vroeë 1990’s het die WAT onder leiding van Van Schalkwyk ook ’n proses van stapel gestuur om die woordeboek se beleid ten opsigte van die hantering van beledigende leksikale items te hersien (Van Schalkwyk 2003a; Botha 2005:i). Ná verskeie konsultasieprosesse (vgl. Hartevelt en Van Niekerk 1995:233–8) is daar van 8 tot 10 Februarie 1994 ’n internasionale kongres met die tema “Die hantering van rassismes, seksismes en ander sensitiewe terme in die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*” op Stellenbosch gehou wat deur Afrikaanse en Nederlandse metaleksikograwe, die WAT-redaksie en verteenwoordigers van verskillende Afrikaanse spraakgemeenskappe bygewoon is (Hartevelt en Van Niekerk 1995:234; Botha 2003b:43; Van Schalkwyk 2003a; Botha 2005:i). Dit het uiteindelik aanleiding gegee tot die

formulering van 'n beleid vir die hantering van beledigende en sensitiewe lemmas in die WAT, insluitende rassistiese terme, seksismes en sensitiewe leksikale items wat gestigmatiseerde seksuele verskynsels, praktyke en voorkeure by die mens aandui, sensitiewe leksikale items wat gestigmatiseerde fisieke of geestelike toestande en verskynsels by die mens aandui, sensitiewe leksikale items binne 'n sosiale, politieke en godsdienstige struktuur, en plat en vulgêre leksikale items, skeltaal en vloeke (Van Schalkwyk 2003a; vgl. Hartevelde en Van Niekerk 1995:238–47 vir 'n volledige uiteensetting van dié beleid). Nadat die beleid sowel plaaslik as internasionaal vir kommentaar gesirkuleer is, is dit vanaf Deel X in die WAT toegepas; ook terugwerkend tot by Deel I in die *Elektroniese WAT* (Van Schalkwyk 2003a; Botha 2016). Gevolglik het die WAT volgens Schoonheim (1998:122) 'n belangrike posisie in die internasionale leksikografie ingeneem deurdat dié beleid as voorbeeld vir leksikograwe in ander lande gedien het.

Toe daar in 1989 met strategiese beplanning by die Buro van die WAT begin is, was die woordeboek grootliks geïsoleerd op nasionale vlak, binne Afrika en binne die groter internasionale konteks (Van Schalkwyk 2003a). Soos wat reeds uit die voorgaande duidelik is, was die strategiese beplanning dus ook daarop gemik om die Buro uit sy isolasie te laat breek “en homself as 'n rolspeler in nasionale en internasionale leksikografie [te vestig]”, aldus Botha (2005:i). Dié doel is verder bereik deur samewerking met ander woordeboekprojekte – sogenaamde koöperatiewe leksikografie – op sowel nasionale as internasionale vlak (Botha 2003b:43; Gouws 2003:77; Van Schalkwyk 2003a). Soos reeds aangedui is, is die Buro van die WAT se bande met verskeie Nederlandse leksikografiese instellings onder Van Schalkwyk se hoofredakteurskap verstewig (sien afd. 3). Besoeke aan leksikografiese projekte in Europa, Amerika en die Skandinawiese lande het gelei tot samewerking tussen die Buro van die WAT en die Instituut voor Nederlandse Lexicologie (INL), asook die Akademie der Wissenschaften in Göttingen, die tuiste van die Grimm-broers se *Deutsches Wörterbuch* (Van Schalkwyk 2003a). Die Buro, wat reeds lid was van die European Association for Lexicography (EURALEX) en die Dictionary Society of North America (DSNA), het deur Van Schalkwyk se verteenwoordiging ook lid geword van die Australasian Association for Lexicography (AUSTRALEX), die Asian Association of Lexicography (ASIALEX), die Lexicographical Society of India (LXSI), en die China Association of Lexicography (CHINALEX) (Van Schalkwyk 2003a; Botha 2003b:47).

Hier te lande het die beheerraad van die WAT in 1992 'n lewensvatbaarheidstudie na 'n instituut vir Suider-Afrikaanse leksikografie laat onderneem ten einde leksikografiese samewerkingsmoontlikhede in Afrika te ondersoek (Alberts 1993; Van Schalkwyk 1994:iv; Hartevelde 1995:x; Botha 2003b:43; Alberts 2005:316–20). In hierdie verslag is op die behoefte aan die stigting van 'n leksikografiese vereniging gewys, wat deur die Buro ondersteun is (Alberts 1993:42–5). So kom die African Association for Lexicography (AFRILEX) op 14 Julie 1995 op Stellenbosch tot stand (Hartevelde 1995:x; Alberts 2005:320–4).

Die Buro het voorts 'n belangrike ondersteunende rol gespeel in die vestiging van die Nasionale Woordeboekenhede wat ná 2000 deur die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) op die been gebring is (Van Schalkwyk 2000:i; 2003a; Botha 2005:i). Die Buro het naamlik as rolmodel gedien vir die woordeboekenhede vir die ander inheemse tale, en as raadslid en lid van die subkomitee vir leksikografie van PanSAT het Van Schalkwyk sy kundigheid op leksikografiese en bestuursvlak aan die ander eenhede beskikbaar gestel (Gouws 2003:81–2). Hierbenewens het Van Schalkwyk die strategiese beplanning van ander

plaaslike taalliggame soos die Provinsiale Taalkomitees en die Instituut vir Vertalers en Tolke begelei, en het hy op internasionale vlak die strategiese beplanning van die *Svenska Akademiens Ordbok* in Lund, Swede, en die *Norsk Ordbok* in Oslo, Noorweë, gefasiliteer (Botha 2003b:46–7).

Die Buro van die WAT het deur opleiding “’n aktiewe rol [gespeel] in die opheffing van ongelykhede op die terrein van die leksikografie”, aldus Van Schalkwyk (2003a). Op nasionale vlak het die Buro reeds in 1995 begin om kursusse in die algemene leksikografie, rekenaarleksikografie en die beplanning en bestuur van leksikografieprojekte aan kollegas by universiteite, provinsiale owerhede en PanSAT en sy woordeboekeenhede aan te bied (Van Schalkwyk 2003b). Die Buro was in die verlede ook al betrokke by die opleiding van studente van die Pretoria Technikon en Kaapse Technikon, asook nagraadse studente van die US se Departement Afrikaans en Nederlands (Botha 2003a:222–3; Van Schalkwyk 2003a). Die Buro het sedert 1997 daartoe bygedra om die vlak van die leksikografie in Afrika te help verhoog deur die opleiding in Gaboen van leksikograwe uit 10 Afrikalande (Van Schalkwyk 2003a; 2003b). Buiten 11 Gaboenese wat in 2003, en ongeveer drie per jaar in die daaropvolgende drie jaar, opleiding in die praktiese leksikografie by die Buro en in die teoretiese leksikografie in die US se Departement Afrikaans en Nederlands ontvang het, is daar ook persone uit Namibië, Angola, Malawi, Tanzanië, Zambië en Zimbabwe by die Buro opgelei (Botha 2003b:43; 2016; Van Schalkwyk 2003a; 2003b). Danksy samewerkingsooreenkomste met verskeie Nederlandse universiteite het die Buro ook al opleiding aan nagraadse studente van die Universiteit van Leiden, die Universiteit van Amsterdam en die Vrije Universiteit van Amsterdam verskaf (Botha 2003a:222–3; Van Schalkwyk 2003a). Tans bied die Buro werksinkels aan vir graad 7- tot graad 12-leerders oor die gebruik van elektroniese woordeboeke en aan onderwysers en onderwysstudente in die gebruik van die *Elektroniese WAT* in die onderrig van Afrikaans op skool, kursusse in algemene en rekenaarleksikografie vir dosente en studente in die leksikografie, asook praktiese opleiding aan binne- en buitelandse senior en nagraadse leksikografiestudente (Botha 2016; Woordeboek van die Afrikaanse Taal 2016).

Nog ’n gevolg van Van Schalkwyk se fokus op koöperatiewe leksikografie is die uitgawe van verskeie leksikografiese satellietpublikasies in samewerking met buiteskrywers (Van Schalkwyk 2003a; Botha 2005:i). Die eerste hiervan was die publikasie van *Woordkeusegids: ’n Kerntesourus van Afrikaans*, wat in 1992 verskyn het (Van Schalkwyk 1994:iv). Die WAT-redaksielid P. Hartevelt het dit in samewerking met die voormalige hoofredakteur van die WAT, D.C. Hauptfleisch, en ’n taalkundedosent verbonde aan die US se Departement Afrikaans en Nederlands, L.G. de Stadler, uitgegee (Hartevelt, De Stadler en Hauptfleisch 1992).¹⁰ In 2006 is dit onder die titel *Sinonieme en verwante woorde* heruitgegee (Buro van die WAT 2006). Ander publikasies waarby die Buro in ’n koördinerende hoedanigheid betrokke was, sluit in *Afrikaanse idioome en ander vaste uitdrukkings* deur R.P. Botha, C.H. Winckler en die dosent wat die program in vertaling aan die US se Departement Afrikaans en Nederlands begin het, G. Kroes, in 1994, en die *Etimologiewoordeboek van Afrikaans* met sy *Supplement*, asook die CD-ROM-weergawe van die twee geïntegreerde woordeboeke in 2003, 2007 en 2015 onderskeidelik (Van Wyk e.a. 2003; Van Wyk, Cloete, Liebenberg, Lubbe en Prinsloo 2007; Van Wyk, Cloete, Jordaan, Liebenberg, Lubbe en Prinsloo 2015; Botha 2003b:42; 2005:i; 2016; Botha, Kroes en Winckler 1994). Laasgenoemde is in samewerking met verskeie Nederlandse instansies onderneem (sien afd. 3).

'n Verdere fokuspunt wat uit die Buro se strategiese beplanning voortgevloei het, is “om in die vorm van wetenskaplike publikasies tot die leksikografiese teorie en praktyk by te dra”, aldus Van Schalkwyk (2003a). 'n Belangrike ontwikkeling in hierdie verband is die totstandkoming van die internasionale leksikografiese vaktydskrif *Lexikos* in 1991, wat deur die Buro saamgestel en uitgegee word (Botha 2003a:220; Van Schalkwyk 2003a). Hierdie vaktydskrif, wat sedert die sesde volume die mondstuk van die African Association for Lexicography is, het nie net verder as stimulus vir die ontwikkeling van die Afrikaanse metaleksikografie gedien nie, maar het ook, as die enigste eksklusief leksikografiese vaktydskrif in Afrika, 'n bydrae gelewer tot die ontwikkeling van die algemene metaleksikografie op nasionale en internasionale vlak (Van Schalkwyk 1994:iv; Botha 2003a:220–1; Van Schalkwyk 2003a). Studente en dosente verbonde aan die US se Departement Afrikaans en Nederlands het oor die jare 'n belangrike bydrae tot die metaleksikografie gelewer deur die publiserings van verskeie artikels en resensies in *Lexikos*. De Schryver (2009:381–2, 398) toon aan dat die departement in die eerste 18 jaar van *Lexikos* se bestaan verantwoordelik was vir ongeveer 39% van die artikels wat in dié vaktydskrif gepubliseer is. Tot die verskyning van volume 25 in 2015 het daar 95 artikels in *Lexikos* verskyn waarvan minstens een van die skrywers op die datum van publikasie as dosent, student of navorsingsgenoot met die US se Departement Afrikaans en Nederlands geaffilieer was.¹¹ Dit sluit in die dosente J.G.H. Combrink, L.G. de Stadler, R.H. Gouws, A.E. Feinauer, F.A. Ponelis, G.S. van der Merwe en M. Swart, die buitengewone professore H. Bergenholtz en S. Tarp, asook 19 navorsers wat van 1991 tot 2015 studente aan die departement was (wat onder andere die Buro-personeellede P.A. Louw, W. Botha en H. Fourie Blair insluit). Gouws het nie alleenlik die meeste navorsingsbydraes van die departement gelewer nie, maar die meeste bydraes van alle navorsers wat tot 2008 in *Lexikos* gepubliseer het (De Schryver 2009:378–9). 'n Oorsig oor die artikels wat sedert 2009 in *Lexikos* verskyn het, blyk hierdie bevinding verder te staaf. Hierbenewens het Gouws (1995–1996), De Stadler (1995–2004) en Ponelis (1995–2004) in *Lexikos* se redaksiekomitee gedien en vorm Feinauer sedert 1997 steeds lid van dié komitee, terwyl Gouws sedert 1997 in die adviesraad dien. Gouws was ook in 2014 die redakteur van *Lexikos*. Verskeie nagraadse studente van die departement het ook in die redaksiekomitee gedien of dien steeds daarin.

Benewens hulle optrede as redakteurs van *Lexikos* het personeel van die Buro oor die jare ook self 'n bydrae tot die metaleksikografie gelewer deur verskeie artikels in *Lexikos* te publiseer (vgl. Botha 2003a:220–1). Volgens De Schryver (2009:381–2, 398) het die Buro tot 2008 die grootste bydrae tot die publikasie van wetenskaplike artikels in *Lexikos* gelewer deurdat sowat 45% van die artikels deur personeellede van die Buro geskryf is. In enkele gevalle was hulle bydrae tot die metaleksikografie baanbrekerswerk deurdat hulle onbekende terreine in die Afrikaanse en selfs internasionale metaleksikografie oopgeskryf het (Botha 2003a:222). Personeel van die Buro van die WAT het voorts magister- en doktorsale studies oor verskeie aspekte van die leksikografie onderneem (vgl. Botha 2003a:220–1; Botha e.a. 2013:295–8). Ook hierin het die US se Departement Afrikaans en Nederlands sedert die 1980's 'n belangrike rol gespeel deurdat verskeie WAT-personeellede hulle magister- en doktorsale studies onder leiding van R.H. Gouws onderneem het, te wete A.E. van Niekerk (nou Cloete) (1989), F.J. Lombard (1990), L. Rademeyer (1992), P. Harteveld (1994), P.A. Louw (2004), W.F. Botha (2003) en H. Fourie (2013) (Botha e.a. 2013:295–8). Redaksielede is ook op ander terreine betrokke by die leksikografie, byvoorbeeld deur kongresbywoning en as resensente en keurders vir vaktydskrifte (Botha 2003a:221).

4.3 Optekening van die breër Afrikaanse leksikon

As omvattende verklarende woordeboek is die WAT reeds sedert die eerste deel gemoeid met die optekening van Afrikaans in sy ruimste sin deurdat sowel gesproke as geskrewe materiaal uit al die variëteite van Afrikaans opgeteken word (Van Schalkwyk 1994:i; 1996:i). So spreek M. de Villiers (1951:2) in reaksie op Deel I sy dankbaarheid uit “dat die volkswoorde en -uitdrukkings so ruim verteenwoordig is in dié deel”. Talle woorde en uitdrukkings uit die omgangs- en streekstaal is naamlik opgeneem (De Villiers 1951:2). Voorbeelde van die “volop” “gewestelike uitdrukkings en woorde” waarvoor De Villiers (1951:2) sy dankbaarheid uitspreek, is die volgende:

appelpoe (“misverstand”), *bartel* (“gedoente/lawaai/petalje/rusie/remoer”), *blu* (“verleë/bot/dom”), *bang* (“mooi”, bv. Die goed groei bang), *bittertjie* (swart, bitter koffie), *bristen* (“briesend”), *basement* (baasspelerige optrede), *borsneuker/bekneuker/smoelneuker/bekslaner* (“konsertinahek”), *boorling* (“iemand wat op ’n genoemde plek gebore is”), *bejieks/bejoeks/bejoets/bejorries/betjoeks* (“befoeterd”), *betjoeks/betjoins/betjols* (“deurmekaar”), *die perd beken* (“flou word”), *beesrin/bokrin* (uitroepe vir diere).

De Villiers en sy kollega Kempen het self hiertoe bygedra deur voort te bou op Smith, De Wet en Malherbe se benadering om studente van die Departement Afrikaans en Nederlands by die versameling van woorde vir die WAT te betrek. Hulle het vanaf 1947 gesamentlik meer as 32 200 kaartjies tot die WAT se versameling bygedra (vgl. Schoonees 1950:vi, xi; 1955:iv; 1957:iii; Snijman 1968:v). Hierdie lyste vorm volgens Schoonees (1950:vi) “een van die waardevolste bydraes tot die Woordeboek se materiaalversameling”, deurdat baie volksbenamings vir verskillende plante deur die studente opgeteken is.

Oor die jare het die Buro van die WAT ook, aldus Van Schalkwyk (1994:iii), “besondere moeite gedoen om soveel as moontlik voorbeelde van streektaal vir sy databasis te versamel ten einde ’n omvattender en meer verteenwoordigende dekking daaraan in die Woordeboek te kan gee”. Daar is onder andere kontak gemaak met verskillende gemeenskappe ten einde streektaal op te teken (Van Schalkwyk 1996:ii). Volgens Terblanche (1959:6–7) is dit reeds in Deel III opvallend hoeveel lemmas van Khoi-afkoms in die WAT opgeneem is, soos *gha*, *ghaai*, *ghaaisa*, *ghaap*, *ghartjie* en *ghei*. Ook woorde van Maleise afkoms, soos *agar-agar*, *aloen-aloen*, *asam*, *bandjir*, *boreh*, *djati*, *djimat*, *edah*, *ghantang*, *ghiela* (vgl. Terblanche 1959:7), woorde uit Afrikatale, soos *dagha*, *ejeka*, *fagadola*, *gamet*, *ghielangghaap*, en uit Arabies, soos *abdat*, *aleikoem salaam*, *alim*, *amil*, *boernoe*, *chatieb*, *dhikr*, *djami*, *fatiha*, *fikh* en *ghasidsja* is reeds in die eerste dele opgeneem.

Sedert die 1990’s word daar toenemend op die versameling van gesproke materiaal gefokus (Van Schalkwyk 1996:i). Die US se Departement van Afrikaanse Kultuurgeskiedenis het hierin ’n belangrike rol gespeel, deurdat dosente en studente se dekadeslange optekening van die gesproke taal van Afrikaanssprekende gemeenskappe regoor Suid-Afrika aan die Buro beskikbaar gestel is (Van Schalkwyk 1996:i–ii).

Alhoewel die WAT in die verlede al daarvoor gekritiseer is dat daar nie genoegsame Engelse leenvertalings en verafrikaanse spelvorme opgeneem is nie (sien afd. 4.1), het die redaksie tog sedert die eerste uitgawes ’n poging aangewend om rekenskap te gee van Engels se onmiskenbare invloed op Afrikaans. Alhoewel hierdie leenvertalings in die eerste deel

dikwels as anglismes aangedui is (bv. *afhê* (“vry wees”), *afsit* (“hinder”), *afsien* (“groet”), *angstig* (“gretig”), *appliseer* (“aansoek doen”), *applikant* (“aansoeker”), *as sulks* (“as sodanig”) en *besigheid* (“sake”)), toon De Villiers (1952:4–5) aan dat daar baie lemmas ongemerk (dus nie as anglisisties nie) in die eerste deel van die WAT opgeneem is wat deur skoolgrammatikas verkeerdelik as anglismes aangedui is. Voorbeelde wat in hierdie verband deur De Villiers genoem word, sluit in *bloukous*, *belofte hou*, *in dieselfde bootjie wees*, *dit was so by vyfuur*, *by sy belofte hou*, *by wet bepaal*, *by ’n trap opklim*, *goed by wees* (op hoogte) en *by dag en nag*. Ander Engelse leenwoorde wat, tot Terblanche (1959:56–7) se ontsteltenis, in die WAT opgeneem is, is *enjin*, *flat* (“woonstel”), *dans* (“dansparty”), *deursit* (“deurskakel”), *drom* (“trom”) en *bottelstoor* (“drankwinkel”). Deur die opname van hierdie leksikale items en uitdrukkings gee die WAT verder erkenning aan die Afrikaanse omgangstaal. Deel IX slaag ook volgens Feinauer (1996:237) in ’n groter mate as vorige dele daarin om erkenning te gee aan die werklike taalgebruik van sprekers deur die opname van Engelse leenwoorde.

In Desember 2012 is daar begin met die digitalisering van die Buro van die WAT se materiaalversameling, wat ’n oorsig gee oor gesproke en geskrewe Afrikaans regoor Suid-Afrika en Namibië sedert 1875 (Botha 2013:i). Daar word beoog om dit uiteindelik op die internet beskikbaar te stel ten einde die hele Afrikaanse spraakgemeenskap, asook buitelandse navorsers en belangstellendes, tot diens te wees (Botha 2013:i). Ten spyte van ’n wankelrige begin, het die Buro van die WAT en die WAT as leksikografiese produk uiteindelik “as groeipunt en stimulus vir leksikografiese aktiwiteite en metaleksikografiese denke in Suid-Afrika” gedien, aldus Van Schalkwyk (2003a).

5. Die US se voortgesette verbintenis met die WAT

Benewens die US, en in die besonder sy Departement Afrikaans en Nederlands, se rol in die eksterne refleksiewe komponent van die WAT (sien afd. 4.1) en sy bydrae tot die strategiese beplanning van die WAT (sien afd. 4.2) en die leksikon van Afrikaans (sien afd. 4.3), het die US oor die jare ook ’n bydrae gelewer tot die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie deur die betrokkenheid van ’n groot aantal US-gegradueerdes by die werksaamhede van die Buro van die WAT. Van die personeel¹² wat van 1947 tot 2013 by die WAT betrokke was, het die oorgrote meerderheid aan die US studeer. Dit sluit al die hoofredakteurs sedert J.J. Smith in (P.C. Schoonees, F.J. Snijman, D.C. Hauptfleisch, D.J. van Schalkwyk en W.F. Botha), asook die meerderheid van die res van die redaksielede en redaksionele steundienste.

Oor die jare is daar ook voortgebou op Smith se werkswyse om vakkundige medewerkers te betrek om deskundige advies aan die redaksie van die WAT te verskaf. Weens die WAT se noue verbintenis met die US is dit nie verbasend dat daar oor die jare ruim geput is uit die kennis van ’n hele aantal departemente en dosente verbonde aan die universiteit nie. Veral op tegniese en natuurwetenskaplike terrein is ’n aantal vakkundiges op Stellenbosch gevra om hulle onderskeie vakgebiede grondig te bewerk. Hierdie deskundiges het die Buro se kaartjieverzameling met sowat 15 000 aangevul. Daar is oor die jare heen ook uit die kennis van dosente verbonde aan die Departement Afrikaans en Nederlands geput, te wete E.C. Pienaar (Afrikaanse kultuurgeskiedenis), M. de Villiers, W. Kempen, J.G.H. Combrink, F.A. Ponelis en R.H. Gouws (taalkunde) en F.E.J. Malherbe, W. du P. Erlank en L. Viljoen (letterkunde). Die departement is ook sedert die totstandkoming van die Raad van Beheer oor

Die Afrikaanse Woordeboek¹³ in 1946 in dié liggaam verteenwoordig, by name deur W. Kempen, H. van der M. Scholtz, J.G.H. Combrink, R.H. Gouws, L.G. de Stadler en H.M. Lesch. Gouws is sedert 2005 ondervoorsitter van die Direksie van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal. (Vgl. Schoonees 1950:vi–xi; 1955:ii–iii; 1957:i–iii; 1961:i–ii; Kotzé 1966:468; Snijman 1968:ii–v; 1976:ii–vii; Hauptfleisch 1984:ii–vi; 1991:ii–vi; Van Schalkwyk 1994:v–viii; 1996:ii–v; 2000:i–iv; Botha 2005:ii, iv–v; 2009:i, iii–iv; 2013:i–iv.)

Die US het egter ook op 'n materiële vlak ondersteuning aan die WAT gebied. Die universiteit is nie net tot vandag toe steeds een van die ankerdonateurs van die Buro van die WAT nie (Botha 2013:Donateurs), maar huisves ook die Buro sedert 1 April 1930 in verskeie geboue¹⁴ (Van Schalkwyk 2000:i). In 1973 het die WAT 'n vaste staanplek op Stellenbosch gekry met die instelling van die Buro van die Woardeboek van die Afrikaanse Taal, 'n regs persoon, ingevolge die Wet op die Woardeboek van die Afrikaanse Taal, 1973 (Wet No. 50 van 1973) (Snijman 1975:6; 1976:i). Hierdie wet is in 1986 deur die Wysigingswet op die Woardeboek van die Afrikaanse Taal gewysig, ingevolge waarvan die Buro van die Woardeboek van die Afrikaanse Taal aan die US gesetel is (Hauptfleisch 1991:i). Die rekenmeester T.G.D. van Schalkwyk, later registrateur (finansies) van die US, het van 1946 tot 1974 in sy vrye tyd die Buro se geldsake behartig. Sedertdien word dit teen vergoeding deur die universiteit behartig (Snijman 1976:i).

6. Ten slotte

In hierdie studie is 'n oorsig gegee oor die rol van die Universiteit Stellenbosch, en veral die universiteit se Departement Afrikaans en Nederlands, in die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie deur dié departement se betrokkenheid by die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* oor die afgelope 90 jaar teen die agtergrond van die aanvanklike Nederlands-Afrikaans-stryd wat in die departement, asook in die breër Afrikaanse spraakgemeenskap, geheers het (vgl. Odendaal 2016). Eerstens is daar aangedui hoe die voormalige Afrikaanse dosent J.J. Smith se betrokkenheid by die Nederlands-Afrikaans-stryd neerslag gevind het in sy werk aan die WAT. Daar is ook op die aanvanklike invloed van Nederlands op die eerste dele van dié woordeboek gewys.

Alhoewel die WAT aanvanklik in die onproduktiewe fase van 1926 tot 1946 'n beperkte bydrae tot die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie gemaak het, het die Departement Afrikaans en Nederlands se betrokkenheid by die eksterne refleksiewe komponent van die WAT sedert die verskyning van die eerste deel, aan die een kant, en die strategiese woordeboekbeplanning onder leiding van nog 'n voormalige dosent aan die US se Departement Afrikaans en Nederlands, D.J. van Schalkwyk, aan die ander kant, daartoe gelei dat dié woordeboek hom mettertyd as belangrike rolspeler in die Afrikaanse en internasionale leksikografie laat geld het. Dosente en studente van dié departement het ook reeds vroeg in die WAT se geskiedenis 'n belangrike bydrae gelewer tot die versameling van die Afrikaanse taalskat deur middel van die optekening van Afrikaanse woorde en uitdrukkings en deur as adviseurs op te tree. Hierbenewens het die departement oor die jare 'n belangrike rol gespeel in die opleiding van die personeel van die Buro van die WAT, asook die bestuur van die woordeboek. Dit is ongetwyfeld só dat die US se Departement Afrikaans en Nederlands inderdaad 'n onontbeerlike rol in die werking van die WAT gespeel het en hierdeur gesorg het

dat Afrikaans sy ondergeskikte posisie ten opsigte van Nederlands afgeskud het en vandag as gelykwaardig aan Nederlands beskou word.

Bibliografie

Alberts, M. 1993. *Lewensvatbaarheidstudie: Instituut vir Suider-Afrikaanse Leksikografie*. Buro van die WAT, Stellenbosch.

—. 2005. The African Association for Lexicography: After ten years. *Lexikos*, 15:316–24.

Anoniem. 1926. *Gedenkboek ter eere van die Genootskap van Regte Afrikaners (1875–1925)*. Potchefstroom: Afrikaanse Studentebond.

—. 1930(a). Geen nuwe spelling beoog nie. *Die Burger*, 8 Augustus, bl. 11.

—. 1930(b). Prof. J.J. Smith oor fonetiese spelling. *Die Volkstem*, 12 Augustus, bl. 1.

—. 1932. Die spellingooreenkoms. *Die Huisgenoot*, 23 September, bl. 35.

—. 1933. Mnr. Hofmeyr oor die spellingopdrag: doel eenvormigheid. *Die Volkstem*, 3 Junie, bl. 5.

Boshoff, S.P.E. 1926. 'n Standaardwoordeboek van Afrikaans. In Anoniem 1926.

Botha, W. 2004. Die impak van kritiek op die samestelling van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT). *Lexikos*, 14:1–16.

Botha, W. 2016. Persoonlike mededeling. 5 Desember.

Botha, W. (red.). 2003. *'n Man wat beur*. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Botha, W., P. Mavoungou en D. Nkomo (reds.). 2013. *Festschrift: Rufus H. Gouws*. Stellenbosch: SUN PReSS.

Botha, W.F. 2003a. Die impak van die leksikografieteorie op die samestelling van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Universiteit Stellenbosch.

—. 2003b. Curriculum vitae: D.J. van Schalkwyk. In Botha (red.) 2003.

Carstens, A. 1994. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek as spieël van normverplasing*. *Lexikos*, 4:249–81.

—. 1995. 'n Kritiese beskouing van *HAT*³. *Lexikos*, 5:138–65.

De Schryver, G.-M. 2009. *Lexikos at eighteen: an analysis*. *Lexikos*, 19:372–403.

- De Villiers, M. 1951. Die Afrikaanse Woordeboek I. *Ons Eie Boek*, 17(4):2–5.
- . 1952. Die Afrikaanse Woordeboek I (Vervolg). *Ons Eie Boek*, 18(1):2–6.
- Du Toit, P.S. 1966. Die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte. In Thom e.a. (reds.) 1966.
- Feinauer, I. 1996. Die negende deel van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. *Lexikos*, 6:233–71
- Gericke, W. 1991a. Vroeë woordelyste en woordeboeke in verband met Afrikaans. *Lexikos*, 1:104–12.
- . 1991b. Die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* – ’n kultuurhistoriese verkenning. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- Gouws, R.H. 1989. *Leksikografie*. Kaapstad: Academica.
- . 2003. Oor patriotte en ander leksikografiese vernuwers. In Botha (red.) 2003.
- Gouws, R.H. en F.A. Ponelis. 1992. Issues in the development of Afrikaans lexicography. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, Supplement 12:1–44.
- Harteveld, P. 1995. Voorwoord. *Lexikos*, 5:x–xi.
- Harteveld, P. en A.E. van Niekerk. 1995. Beleid vir die hantering van beledigende en sensitiewe leksikale items in die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. *Lexikos*, 5:232–48.
- Kapp, P. 2009. *Draer van ’n droom*. Hermanus: Hemel & See Boeke.
- . 2013. *Maties en Afrikaans: ’n Besondere verhouding, 1911–2011*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Kempen, W. 1959. Woordeboek het ver gevorder. *Die Burger*, 1 Januarie, ble. 6–7.
- Kok, B. (red.). 1974. *Afrikaans: Ons pêrel van groot waarde*. Johannesburg: Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge.
- Kotzé, D.J. 1966. Stellenbosch se bydrae. In Thom e.a. (reds.) 1966.
- Luther, J. 2010. A language on the back foot. The Afrikaans lexicographer’s dilemma. EURALEX. Euralex 2010 Proceedings.
http://www.euralex.org/elix_proceedings/Euralex2010/054_Euralex_2010_3_LUTHER_A%20language%20on%20the%20back%20foot_The%20Afrikaans%20lexicographers%20dilemma.pdf (2 Junie 2016 geraadpleeg).
- . 2015. HAT 50 jaar. Lesing gelewer by die African Association for Lexicography (AFRILEX) 20th International Conference, 6-8 Julie, Universiteit van KwaZulu-Natal, Durban.

Malan, S.I. 1974. Die groei van Afrikaans as skryftaal. In Kok (red.) 1974.

Nederlandse Taalunie. 2015. Taalunieversum. Taaladvies. Gelijkvloers/begane grond/beneden-verdieping.
http://taaladvies.net/taal/advies/vraag/1021/gelijkvloers_begane_grond_benedenverdieping/ (2 Mei 2016 geraadpleeg).

Odendaal, G. 2016. Die rol van die US se Departement Afrikaans en Nederlands in die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie: Die Nederlands-Afrikaans-stryd gedurende die aanvangsjare. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(1):257–76.

Odendal, F.F. 2006. HAT veertig jaar – ’n persoonlike oorsig. *Lexikos*, 16:280–9.

Ponelis, F.A. 1992. Standaardafrikaans in oorgang. In Webb (red.) 1992.

Schoonheim, F. 1998. Een studie naar aspecten van de invloed van de Nederlandse lexicografie op Afrikaanse woordenboeken. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Snijman, F.J. (hoofred.). 1964. *U woorde, u woordeboek*. Stellenbosch: Raad van Beheer oor Die Afrikaanse Woordeboek.

—. 1975. U woorde, u woordeboek. *Lantern*, 25(1):2–9.

Terblanche, H.J. 1956. Die Afrikaanse Woordeboek. *Standpunte*, 11(2):53–61.

—. 1959. Deel III van Woordeboek. Kritiek en lof. *Die Huisgenoot*, 23 Januarie, bl. 37.

Thom, H.B. e.a. (reds.). 1966. *Stellenbosch 1866–1966. Honderd jaar hoër onderwys*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Van Houwelingen, F. en A. Carstens. 1998. “Nederlandismes” in *HAT*³. *Literator*, 19(2):1–12.

Van Schalkwyk, D.J. 2003a. Transformasie van die Buro van die WAT. *Trefwoord*.
http://ivdnt.org/images/stories/onderzoek_en_onderwijs/publicaties/trefwoord/transformasie-van-die-buro-van-die-wat.html (26 Mei 2016 geraadpleeg).

—. 2003b. Leksikografie in (Suid-)Afrika. *Trefwoord*, Jaargang 2003.
http://ivdnt.org/images/stories/onderzoek_en_onderwijs/publicaties/trefwoord/leksikografie-in-suid-afrika.html (26 Mei 2016 geraadpleeg).

Webb, V.N. (red.). 1992. *Afrikaans ná apartheid*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Woordeboek van die Afrikaanse Taal. 2016. WAT. Opleiding.
<http://www.wat.co.za/index.php/af-ZA/wat/opleiding> (7 November 2016 geraadpleeg).

Woordeboeke

Botha, R.P., G. Kroes en C.H. Winckler. 1994. *Afrikaanse idiomie en ander vaste uitdrukkings*. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.

Botha, W.F. (hoofred.). 2005. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Twaalfde Deel P–Q. Stellenbosch: Buro van die WAT.

—. 2009. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Dertiende Deel R. Stellenbosch: Buro van die WAT.

—. 2013. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Veertiende Deel S–SKOOI. Stellenbosch: Buro van die WAT.

—. 2014. *Elektroniese WAT*, A-SKOOI [CD-ROM]. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Buro van die WAT. 2006. *Sinonieme en verwante woorde*. Kaapstad: Pharos Woordeboeke.

De Boer, T. (hoofred.). 2015. *Dikke Van Dale Online 2015. Hedendaags Nederlands*. Van Dale Uitgevers. <https://www.vandale.nl/zoeken/zoeken.do>.

Den Boon, C.A. en R. Hendrickx (hoofreds.). 2015. *Dikke Van Dale Online 2015*. Van Dale Uitgevers. <https://www.vandale.nl/zoeken/zoeken.do>.

De Stadler, L.G. en A. de Stadler. 1994. *Groot Tesourus van Afrikaans*. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.

—. 2007. *Tesourus van Afrikaans*. Kaapstad: Pharos Woordeboeke.

Harteveld, P., L.G. de Stadler en D.C. Hauptfleisch. 1992. *Woordkeusegids. 'n Kerntesourus van Afrikaans*. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.

Hauptfleisch, D.C. (hoofred.). 1984. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Sewende Deel KOM–KOR. Pretoria: Die Staatsdrukker.

—. 1991. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Agste Deel KOS–KYW. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Schoonees, P.C. (hoofred.). 1950. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Eerste Deel A–C. Pretoria: Die Staatsdrukker.

—. 1955. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Tweede Deel D–F. Pretoria: Die Staatsdrukker.

—. 1957. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Derde Deel G. Pretoria: Die Staatsdrukker.

—. 1961. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Vierde Deel H–I. Pretoria: Die Staatsdrukker.

Snijman, F.J. (hoofred.). 1968. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Vyfde Deel J–KJ. Pretoria: Die Staatsdrukker.

—. 1976. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Sesde Deel KLA–KOL. Pretoria: Die Staatsdrukker.

Van Schalkwyk, D.J. (hoofred.). 1994. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Negende Deel L. Stellenbosch: Buro van die WAT.

—. 1996. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Tiende Deel M. Stellenbosch: Buro van die WAT.

—. 2000. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Elfde Deel N–O. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Van Wyk, G.J. (red.), A.E. Cloete, A. Jordaan, H.C. Liebenberg en H.J. Lubbe. 2003. *Etimologiewoordeboek van Afrikaans*. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Van Wyk, G.J. (red.), A.E. Cloete, H.C. Liebenberg, H.J. Lubbe en A. Prinsloo. 2007. *Etimologiewoordeboek van Afrikaans Supplement*. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Van Wyk, G.J. (red.), A.E. Cloete, A. Jordaan, H.C. Liebenberg, H.J. Lubbe en A. Prinsloo. 2015. *Etimologiewoordeboek van Afrikaans (EWA) en Supplement* [CD-ROM]. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Eindnotas

¹ Die departement staan vandag steeds bekend as die Departement Afrikaans en Nederlands en daar sal voortaan dienooreenkomstig daarna verwys word.

² Die artikel vorm deel van 'n omvattender projek van die dekaan van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe van die Universiteit Stellenbosch oor die geskiedenis van die fakulteit. Dit is die tweede artikel in 'n beoogde reeks artikels oor die rol van die Universiteit Stellenbosch se Departement Afrikaans en Nederlands in die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie teen die agtergrond van Afrikaans se stryd teen Nederlands. Die artikel bied nie 'n volledige oorsig oor dié departement se rol in die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie nie, maar fokus in die besonder op die departement se betrokkenheid by die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*.

³ Vanaf 1 April 1918 bekend as die Universiteit van Stellenbosch (Kapp 2013:47).

⁴ Die kommissie het oor die jare verskillende benamings gehad. In 1917 het dit as die Woordelys-Kommissie bekend gestaan, met die verskyning van die 1921-uitgawe as die Woordelys-Komitee en met die 1931-uitgawe as die Spelling-kommissie. Sedert die vyfde uitgawe in 1937 staan dit as die Taalkommissie bekend. Ten einde verwarring te voorkom, sal daar in hierdie artikel deurgaans daarna verwys word as die Taalkommissie.

⁵ Smith het in die kommissie gedien wat in 1917 die eerste *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (AWS) die lig laat sien het. Daarna was hy nog betrokke by twee uitgawes van die AWS (1918 en 1921). Kapp (2009:121) meen dat die saadjie vir die botsing tussen die Taalkommissie en Smith reeds met die verskyning van die eerste uitgawe van die AWS geplant is. Smith was reeds in 1917 ontevrede met die spelreëls. Die onmin het daaruit gespruit dat Smith se gedeelte van die manuskrip van die AWS verander is sonder dat sy goedkeuring gevra is. Hierdie situasie het hom tot 'n mindere mate by die verskyning van die 1921-AWS herhaal, waaraan Smith sonder enige entoesiasme meegewerk het. Hierdie gebeure het Smith se geesdrif vir verdere samewerking aan die AWS gedemp en teen 1926 het hy nie meer die vergaderings van die Taalkommissie bygewoon nie en ook nie sy verkiesing tot raadslid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aanvaar nie. Hy het hom uiteindelik in Februarie 1928 aan die Taalkommissie onttrek. (Gericke 1991b:34–5; Kapp 2009:116, 121)

⁶ Die lys is gedeeltelik oorgeneem uit Ponelis (1992:80–1), Carstens (1995:154), Van Houwelingen en Carstens (1998:5–8), Luther (2010:677) en Luther (2015) en bygewerk uit die *Elektroniese WAT* (Botha 2014). Al die lemmas in die lys is gekontroleer aan die hand van die *Dikke Van Dale Online* (Den Boon en Hendrickx 2015) en *Van Dale Online Hedendaags Nederlands* (De Boer 2015). Behalwe *invektief*, wat as formeel geëtiketteer is in *Hedendaags Nederlands*, kom al die lemmas of hulle spesifieke betekenis ongeëtiketteer in *Dikke Van Dale* en *Hedendaags Nederlands* voor, wat daarop dui dat hulle as deel van die Nederlandse standaardtaal beskou word (vgl. Gouws 1989:147, 201).

⁷ Dit is sedert Deel IX meer eksplisiet in die inleiding gestel: “By *lugdinamikus* word *aërodinamikus* as sinoniemdefinisie aangegee [...]. By die samestelling van deel IX was dit op grond van die uitgebreide databasis vir die redakteur moontlik om te besluit dat dié twee terme sinonieme is en dat *aërodinamikus* meer gebruiklik is as *lugdinamikus*, Die definisie hoort dus by *aërodinamikus* [...]”

⁸ Sien eindnota 6.

⁹ Terblanche (1956) verskaf ongelukkig nie voorbeelde hiervan nie.

¹⁰ In 1994 publiseer De Stadler in samewerking met A. de Stadler die *Groot Tesourus van Afrikaans*, wat in 2007 heruitgegee is onder die titel *Tesourus van Afrikaans* (De Stadler en De Stadler 1994; 2007).

¹¹ Hier word die affiliasie aangetoon soos deur die skrywers self bo- of onderaan die artikels of resensies aangedui.

¹² Met “personeel” word hier spesifiek verwys na die redaksie en redaksionele steundienste (met ander woorde nie sekretariële/kantoorbestuurpersoneel nie).

¹³ Hierdie raad is sedert 1973 ingevolge die Wet op die Woordeboek van die Afrikaanse Taal, 1973 (Wet No. 50 van 1973), bekend as die Beheerraad van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (Snijman 1976:i-ii). In 2001 is die Beheerraad opgevolg deur die Direksie van die WAT nadat die WAT 'n artikel 21-maatskappy geword het (Botha 2005:ii).

¹⁴ Die Buro van die WAT is van Augustus 1980 tot aan die einde van Februarie 1999 in die Lettergebou van die US gehuisves, waarna dit aan die begin van Maart 1999 na Banghoekweg 115 verskuif het, waar dit steeds gehuisves word (Hauptfleisch 1984:i; Van Schalkwyk 2000:i).

Die staatsdiens van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1890 tot voor die Jameson-inval van 1895

Heinie Heydenrych

Heinie Heydenrych, onafhanklike navorsers

Opsomming

Die staatsdiens in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) was in verskeie opsigte gebrekkig. Gedurende die tydperk 1890 tot net vóór die Jameson-strooptog van Desember 1895 was hierdie tekortkominge opvallend. Dit het veral gegeld ten opsigte van die gehalte van die personeel wat aangestel is en die rol wat patriotisme in dié verband gespeel het. Dié faktor het veroorsaak dat persone in betrekkings aangestel is waarvoor hulle nie geskik was nie. Die gevolg was swak dienslewering weens die onervarendheid en swak opvoedingspeil van amptenare. Amptenare wat onderpresteer het, is ook in hul poste behou. Die polisie diens, die Departement Mynwese en die verkiesingsadministrasie dien as illustrasie van die gebreke.

In die Johannesburgse polisie diens moes die kommandant van polisie vyf jaar lank vanaf 1889 sonder die nodige wetgewende raamwerk sy pligte uitvoer. Ná belowende verbeterings onder prokureur-generaal Ewald Esselen in 1894–95 in dié departement het sy bedanking in November 1895 egter getoon dat daar teenstand van konserwatiewe regeringslede teen hervorming van die staatsdiens was.

Die Departement van Mynwese, 'n sleuteldepartement, was vanaf 1886 vir die administrasie van die Johannesburgse goudveld verantwoordelik. Die departementshoof, C.J. (Christiaan) Joubert het, in meer as een opsig nie die mas opgekom nie. Hy is egter as groot vertroueling van president Paul Kruger in sy amp behou omdat Kruger sy steun as invloedryke lid van die Hervormde Kerk en dié kerk se lidmate nodig gehad het. Die wanadministrasie in dié departement het in 1892–93 duidelik tydens die sogenaamde standplaasskandaal geblyk. Nogtans het Kruger die departementele amptenare se swakhede goedgepraat.

Die verkiesingsadministrasie was ewe gebrekkig. Dit het veral tydens die presidentsverkiesing van 1893 duidelik geword toe ernstige vrae oor die prosedure tydens die verkiesing en die finale stemgetalle ontstaan het.

Trefwoorde: Esselen, Ewald; finansiële beheer; Grondwet; Joubert, Christiaan; “landzoons”; mynwese; nepotisme; patriotisme; polisie diens; presidentsverkiesing; Schutte, D.E;

standplaasskandaal; stemregvereistes; Trimble, Andrew; verantwoordbaarheid; verkiesingsadministrasie; Wolmarans, J.J.H.; Wolmarans, J.M.A.

Abstract

The civil service in the South African Republic under Paul Kruger, 1890 to 1895

The civil service in the South African Republic was often the target of scathing criticism during the early 1890s. Both the Dutch and English language press exposed the shortcomings mercilessly during the years 1890 to 1895. One of the most serious points of criticism by the English language press was the role that patriotism played in the appointment of officials. This had led to the appointment of Dutch-speaking patriots who were not necessarily suitable for the functions involved. This state of affairs, coupled with a lack of proper training and education, led to poor service being rendered by the incumbents. Moreover, officials who did not perform well were seldom dismissed and in some cases President Kruger even defended them.

The three key government departments of police, mines and election administration provide ample proof of the serious shortcomings in the civil service.

In the Johannesburg police department, which was established in 1889, Commandant D.E. Schutte had to operate for five years without any legal framework to guide him. Schutte eventually became so frustrated with conditions within the force that he wrote a public letter to the *Standard and Diggers' News* in October 1894 bemoaning his helpless situation. When Ewald A. Esselen was appointed attorney-general in May 1894 he was given carte blanche to reform the police force. With the permission of the Cape Colony authorities he temporarily appointed Andrew Trimble, an experienced senior detective officer of Kimberley, as head of the force. The police force was transformed within the following year into an effective unit and this improvement was generally welcomed by the residents of Johannesburg. When the possibility was raised late in 1895 in the Executive Council of making Trimble's appointment permanent, Esselen insisted that he be naturalised as a citizen of the Republic. The Council refused this request, Trimble was dismissed and Esselen resigned.

The circumstances surrounding these events became clear only later, when it was revealed by the press that the decision to dismiss Trimble had been taken by only three members of the Council, namely Kruger, J.M.A. Wolmarans and J.M.H. Kock. State Secretary W.J. Leyds was allegedly in favour of Trimble's permanent appointment, but he, Gen. Piet Joubert, the commandant general, and Gen. N.J. Smit, the deputy president, were all absent when the decision was taken. According to speculation in the press the decision in the Council was largely due to the opposition of its conservative members to the progressively minded Esselen, whose appointment they had never approved.

These events proved how difficult it was to effect reform in government departments in the face of such conservatism. Even the pro-government paper *De Volksstem* expressed its despair over the clique within the government which opposed any kind of reform.

In the case of the Department of Mines the incompetence of its head, Christiaan Joubert, justified the criticism regarding the appointment of patriots who were not equal to the task. During the so-called stands scandal on the Johannesburg gold diggings in 1892–93, stands to erect houses and business premises were illegally awarded to persons who did not qualify for them. The resultant speculation in stands caused an uproar.

The weaknesses in the Department of Mines exposed by the stands scandal were vehemently condemned in the press and Joubert was severely taken to task. Although the scandal was thoroughly investigated by a commission of the Second Volksraad its condemnatory revelations of the dubious actions of the officials of the department were finally simply ignored by the government and the officials were exonerated.

The stands scandal reflected very poorly on Christiaan Joubert's ability as head of the Department of Mines. He refused to accept responsibility for the conduct of his officials and later declared in an official report that nothing untoward had been done regarding the allocation of stands. He was not reprimanded by Kruger and was kept in office because he was a staunch supporter of Kruger's and a prominent member of the Hervormde Church, whose support the president needed to prop up his government.

Christiaan Joubert was a supreme example of President Kruger's tendency to appoint and protect patriotic persons on whom he could rely for political support. The whole stands affair ended in a complete whitewash with the adoption of a resolution by the Second Chamber to the effect that nothing irregular had been done and that there was no justification to call the matter a scandal.

During the investigation of the stands scandal several related unsavoury matters emerged which affected Kruger's reputation as president. Bension Aaron of Johannesburg, who was a confidante and supporter of Kruger's, was found guilty of attempting to bribe officials to remain silent about a large and valuable portion of stands which had been erroneously allocated to him. He was sentenced to imprisonment for one month and a fine of £500. Kruger's association with Aaron did not do the president's reputation any good. It also appeared during another court case arising from the stands scandal that Joubert's personal finances were in a deplorable state, and the judge in this case declared that the witnesses' testimony – which included that of Joubert – was utterly unreliable. Joubert's image was also dealt a blow when he clashed with the mining engineer in his department about the qualifications of a boilermaker he wished to appoint. The quarrel led to Joubert's temporary suspension from his post for about six weeks. In the light of the circumstances he should rather have been dismissed.

The third government function which came in for severe criticism was the administration of elections. This became especially clear during the presidential election of 1893, in which Kruger beat his biggest rival, Piet Joubert, by an unusually narrow margin.

Both the Dutch and the English language press were unanimous in their condemnation of the poor handling of the election. Allegations were made by Joubert's election committee of irregularities during the voting process and the press was vociferous in this regard, *De Volksstem* even declaring that the administration had been so poor that it was possible for convicted criminals, lunatics, minors and unenfranchised persons to vote.

After the provisional election result had become known a commission of the First Volksraad was therefore elected to recount the votes and submit a report. It was pointed out by the press that this matter should rather have been referred to the High Court instead of being entrusted to a Volksraad commission. The commission had only a few days, from Friday, 5 May 1893 to the following Tuesday, to perform its task and this was quite insufficient time for such a task.

The commission eventually confirmed the provisional result, but in the Volksraad and the press there were still serious doubts as to its reliability. After the election result had been confirmed, Eugène Marais, the editor of *Land en Volk*, published a report by advocate J.W. Wessels which stated that the election had taken place in terms of Act No. 4 of 1871 and not in terms of Act No. 13 of 1891, as claimed by the government. This legal opinion cast further doubt over the election result.

It is clear that there were serious shortcomings in the civil service of the South African Republic during the early 1890s. Obviously it is the head of state who is ultimately responsible for good governance, which in turn necessitates an efficient civil service. The conduct of the civil service of the Republic did not reflect well on Kruger's presidency.

Keywords: accountability; Constitution; election administration; Esselen, Ewald; financial control; franchise requirements; Grondwet; Joubert, Christiaan; "landzoons"; mining department; nepotism; patriotism; police service; presidential election; Schutte, D.E.; stands scandal; Trimble, Andrew; Wolmarans, J.J.H.; Wolmarans, J.M.A.

1. Inleiding

Die staatsdiens van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) onder Paul Kruger se regering het in die jare negentig van die 19de eeu nie hoë aansien geniet nie. Hoewel Kruger toe alreeds sedert 1883 die presidentsetel beklee het, het die tydgenootlike koerante dikwels op swak administrasie van staatsdepartemente kommentaar gelewer, en veral die Engelstalige pers het die rol van 'n buiteparlementêre opposisie in dié verband gespeel. Soos later aangedui word, het die Nederlandstalige koerante, *De Volksstem* en *Land en Volk*, egter ook aan die kritiek meegedoen.

Kort nadat die uitslag van die presidentsverkiesing van 1893 bekend geword het, skryf *The Star* na aanleiding van Kruger se onoortuigende oorwinning oor sy teenstander, Piet Joubert, dat die President se prestige beslis aan die kwyn is en skryf dit onder meer daaraan toe dat "he has [...] failed in his management of domestic affairs[...]"¹ Dié koerant spreek daarom die wens uit vir "a strong and representative Commission to enquire into the character of Mr. Kruger's past administration, not in one department, but in all [...]"² En in Februarie 1895 verwys die *Transvaal Advertiser* na die blootlegging deur lede van die Tweede Volksraad van "maladministration which has made the Republic a by-word and reproach amongst the nations".³

Die getuienis oor swakhede in die staatsdiens is egter nie slegs uit die koerante afkomstig nie en swakhede is soms ook deur bekleërs van staatsposte erken. Die ope brief van kommandant D.E. Schutte van die Johannesburgse polisiediens in die pers, waarna later verwys word, is 'n

sprekende voorbeeld hiervan. In April 1894 het Ewald Esselen, prokureur-generaal onder Kruger van Mei 1894 tot November 1895, ook in 'n brief aan sir Henry de Villiers, hoofregter van die Kaapkolonie, erken dat Koos Smit, die visepresident, teenoor hom beken het dat daar ernstige tekortkomings in die administrasie van die Republiek was en dat belangrike veranderings in die Grondwet en die regering van die land aangebring sou moes word (Marais 1961:58).

Die swakhede in die staatsdiens moet gesien word teen die agtergrond van wat Stanley Trapido (2012:76) in die *Cambridge history of South Africa* noem “(t)he endless poverty of the ZAR”. Die ekonomie was naamlik vóór die ontdekking van goud op die Witwatersrand grootliks op die landbou – en spesifiek ekstensiewe veeboerdery – en jag en transportryery gebaseer. Boonop was die staat uitgesluit van die diamantveld by Kimberley, omdat die ZAR nie gedeel het in die voorspoed wat die voltooiing van die Kaapse spoorweg tot daar in 1885 meegebring het nie. Die staat was dus arm en het voor 1886 die tipiese eienskappe van 'n pre-industriële samelewing vertoon. Toe Shepstone die Republiek in 1877 geannekseer het, was dit feitlik 'n bankrot staat, want belasting is dikwels nie ingevorder nie (Trapido 2012:80). Toe Kruger in 1883 as eerste president sedert die herwinning van die onafhanklikheid gekies is, het hy dus 'n arm staat geërf. Boonop het hy bitter min formele opvoeding gehad – slegs sowat drie maande se onderrig deur 'n rondreisende onderwyser (SABW I, bl. 465). Kruger het ekonomiese ontwikkeling probeer stimuleer deur plaaslike monopolieë tot stand te bring; en soos Trapido (2012:82) dit stel: “[U]sing the language of the Dutch East India Company, he called these ‘konsessies’ [...]”.

Hoewel 'n superintendent van onderwys in 1882 aangestel is, was die onderwysstelsel nog in sy kinderskoene en min Transvaalse burgers het voldoende formele opvoeding gehad om hulle vir 'n betrekking in die staatsdiens te bekwaam. Dit is om hierdie rede dat Kruger Nederlanders soos W.J. Leyds en Nicolaas Mansvelt in sleutelposte soos dié van prokureur-generaal (later staatsekretaris) en superintendent van onderwys in sy administrasie aangestel het. Hoewel die ontdekking van goud in 1886 die staatskas laat bult het, het die omstandighede ná 1886 in baie opsigte die staat se regeertaak bemoeilik, omdat die nuwe intrekkers uit veel meer gevorderde omstandighede in Brittanje en elders afkomstig was en groot eise ten opsigte van dienslewering en demokratiese regte aan die Republiek se regering en staatsdiens gestel het.

Die jaar 1890 is vir hierdie bydrae as aanvangsdatum gekies omdat Kruger toe alreeds, as staatshoof sedert 1883, sewe jaar lank die presidentsamp bekleed het en dus voldoende tyd gehad het om 'n binnelandse administrasie te vestig. Sekere eienskappe van die staatsdiens onder sy leiding was dus teen 1890 al duidelik herkenbaar. Die jaar 1895 tot vóór die Jameson-inval is as afsnypunt gebruik, omdat Kruger se verhouding met die Uitlanders toe krisisafmetings begin aanneem het en die regering se aandag ná die strooptog toenemend in beslag geneem is deur die staat se verhouding met Brittanje as gevolg van die stemregkwessie. Van toe af het die Republiek se verhouding met Brittanje in die aanloop tot oorlog in 1899 die ZAR se geskiedenis oorheers en het binnelandse kwessies, soos die gehalte van die staatsdiens, 'n minder prominente rol gespeel. Die bedanking van Ewald Esselen as staatsprokureur in November 1895 – wat belangrike tendense in die staatsdiens illustreer – 'n bietjie meer as 'n maand voor die Jameson-inval val ook met dié keuse van die afsluiting binne die bestek van die artikel.

Daar is nog min oor die staatsdiens onder Kruger se bewind geskryf. In P. de Klerk (1969) se verhandeling oor die geskiedskrywing oor Paul Kruger kom nie één bydrae voor wat spesifiek oor die staatsdiens onder Kruger handel nie. G.N. van den Bergh se deeglike proefskrif oor die polisie diens in die ZAR wat in die *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* van 1975 gepubliseer is, vorm in dié opsig 'n welkome uitsondering. Daarbenewens is hoofstuk 4 van C.T. Gordon se werk oor die toenemende weerstand vanuit Boeregeledere teen Kruger se bewind van 1890 tot 1895, *The growth of Boer opposition to Kruger to 1895* (1970:86–111), een van die min bydraes wat aspekte daarvan grondig ondersoek en ontleed. Waar Gordon dit egter uit 'n suiwer politieke oogpunt doen, word in hierdie bydrae administratief daarna gekyk en die effek van gebrekkige staatsadministrasie op Kruger se presidentskap ondersoek. Gebreke in die staatsdiens was beslis 'n faktor wat opposisie teen Kruger se bewind versterk het en ook sy aansien in die oë van die Uitlanders verswak het. Die tydgenootlike pers se gereelde kritiek op die staatsdiens onder Kruger dien as die belangrikste bron van ontevredenheid omtrent gebreke daarin.

Hierdie bydrae handel oor die doeltreffendheid van die staatsdiens onder Paul Kruger en nie oor korrupsie in die algemeen nie. Die hipotese is dat ernstige tekortkominge in die staatsdiens onder Kruger voorgekom het. Dit staan dus in skerp teenstelling met sy rol as onverdrote beskermer van die Republiek se politieke onafhanklikheid en sy reusebydrae tot die bevordering van die land se ekonomiese selfstandigheid deur middel van sy spoorwegbeleid. Die probleme in die staatsdiens was gedeeltelik daaraan toe te skryf dat die hoofde van staatsdepartemente in die Republiek aan die Uitvoerende Raad verantwoordelik was en nie aan die Volksraad nie,⁴ maar dié gebreke moet nietemin in aanmerking geneem word wanneer Kruger se aansien as leiersfiguur bepaal word.

Wat volksraadsdebatte betref, is dikwels gebruik gemaak van *De Volksstem* se verslae daarvan eerder as van die amptelike *Notulen*. Die rede is dat die *Volksstem*-weergawes die uitsprake van volksraadslede meer akkuraat en woordeliks weergee.⁵

Veral drie sleutelentiteite in die staatsdiens was aan die ontvangkant van kritiek, naamlik die polisie diens, die Departement Mynwese en die verkiesingsadministrasie.

2. Algemene beskouings omtrent die staatsdiens

In Junie 1893 vergelyk die *Transvaal Advertiser* die staatsorganisasie in die Kaapkolonie met dié in die ZAR na aanleiding van verslae van departementshoofde in die kolonie wat aan die koerant gestuur is. Die koerant is vol lof vir onder meer die ouditreëls en regulasies wat deur die kontroleur en ouditeur-generaal van die Kaapkolonie opgestel is en skryf:

Here we have no such arrangements for the protection of the public purse, and the President and Executive Council do pretty much as they please as regards the disposal of the money of the taxpayers [...] There is every need for a reform in this department of our civil service.⁶

Die vergelyking met die Kaapse staatsdiens is dalk ietwat onregverdig, omdat die kolonie se staatsdiens beman is deur goedopgeleide amptenare en die hulpbronne gehad het wat met die geskiedenis van die Britse Ryk gepaard gaan. Nogtans illustreer die vergelyking die feit dat

die ZAR se staatsdiens heelwat minder gesofistikeerd was as dié van een van sy Suid-Afrikaanse buurkolonies.

G.A.A. Middelberg, die plaaslike verteenwoordiger van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM) in die Republiek, bevestig in 1898 die *Transvaal Advertiser* se indruk en skryf die Volksraad het weer bymekaargekom om die begroting te bespreek, maar die regering het nog nooit daarby gehou nie (Marais 1961:21n). Selfs *De Volksstem*, wat Kruger se bewind selde gekritiseer het, spreek ernstige kritiek uit op “het gebrekkig finansiële beheer” en verwys na “De oppervlakkigheid waarmee de Raad de financieele organisatie van den Staat overweegen [...]”.⁷ Die moontlikheid van die aanstelling van ’n staatsfinansier as waghond oor die staat se finansies is oor die jare heen etlike kere bespreek, maar die pos is eers in 1899 goedgekeur en gevul (Marais 1961:22). Die swak finansiële beheer blyk daaruit dat in 1898 gevind is dat geen rekenskap gegee kon word van nagenoeg £2 400 000 wat sedert 1883 deur middel van voorskotte aan amptenare uitbetaal is nie (Marais 1961:21). Skynbaar het die gebruik al jare lank bestaan om bestelvorms wat deur die President onderteken is, na die tesourie te verwys wat dit dan uitbetaal het sonder om navraag te doen of dit deur die Volksraad gemagtig is (Marais 1961:21–2). Dit dui op ernstige laksheid in finansiële beheer deur die staat.

Wat die verantwoordbaarheid van ampsbekleërs in die Republiek betref, verwys die *Transvaal Advertiser* na die gebeure in die Kaapkolonie in verband met die toekenning van die alleenreg vir die verskaffing van verversingslokale langs die Kaapse spoorlyn na Kimberley aan J.D. Logan, die stigter van Matjiesfontein. Die kontrak het daartoe gelei dat Cecil John Rhodes in 1893 as eerste minister bedank het en drie ontevrede ministers uit sy nuut-saamgestelde kabinet weggelaat het (SABW II, bl. 421). So iets is in die Republiek ondenkbaar, skryf die koerant:⁸ In die Kaapkolonie is ministers wat besware teen die Logan-kontrak geopper het, afgedank, maar in die Republiek is sake heel anders gesteld, skryf die koerant, en wys daarop dat die meeste van die Kaapse ministers die belange van die publiek belangriker as hulle eie of as hul persoonlike verbintenis met die eerste minister of staatshoof ag. Daarteenoor is dit in die Republiek ondenkbaar dat die lede van die Uitvoerende Raad dit sou oorweeg om van hul ampte en vergoeding afstand te doen “on account of some questionable transaction made by one of their colleagues than they would think of flying”.⁹ Volgens die *Transvaal Advertiser* het regeringslede in die Republiek dus veel minder verantwoordbaarheid getoon as dié in die Kaapkolonie.

Die koerant haal dan die woorde aan van James Rose Innes, een van Cecil John Rhodes se drie kabinetslede wat beswaar teen die monopolistiese aard van die kontrak gemaak het en uiteindelik uit die kabinet weggelaat is. Rose Innes se woorde lui onder meer:

Looking at what is taking place in other parts of Africa, we cannot too strongly condemn the establishment of a monopoly in this country [...] especially when that monopoly is of such a nature that it is calculated to put political power into the hands of the man upon whom it is bestowed.¹⁰

Hierdie opmerkings van Rose Innes word vertolk as ’n direkte verwysing na die Republiek, waar konsessies so vrylik na die koerant se mening deur die President en sy kollegas toegeken word. Die koerant se gevolgtrekking is dat die staatsadministrasie in die ZAR en die gesindheid van regeringslede en amptenare in direkte kontras met Innes se sentimente omtrent die situasie in die Kaapkolonie staan.

Teen die einde van 1895 het die situasie in die staatsdiens van die Republiek nog steeds negatiewe kommentaar uitgelok. Dit was veral die Engelstalige pers wat dit genadeloos blootgelê het. In November daardie jaar skryf die *Transvaal Advertiser* byvoorbeeld:

For six years the whole of intelligent and progressive Boerdom and the Afrikaners and aliens have been urging the Government to bring about a certain system of reformation in certain departments [...] so that the scandals [...] attaching to the quasi-prosecution of the delinquent Boer and Hollander officials shall be done away with.¹¹

Nepotisme in verband met aanstellings in die staatsdiens het tot die kritiek bygedra. As gevolg van die aanstelling van familieleden en vriende in staatsposte sonder inagneming van hul bekwaamhede was amptenare soms nie bevoeg om hul werk behoorlik te doen nie. In Oktober 1893 bevestig die *Transvaal Advertiser* die bestaan van hierdie probleem en skryf verontwaardig:

In every possible direction ingenuity and cunning are [...] employed to oust able and competent men from good Government positions, and to sneak in one of these tribes, or a near relative, who has to pick up some little measure of proficiency during a term of years at the public expense.¹²

Blatante nepotisme het beslis tydens Kruger se bewind voorgekom, soos blyk uit die gebeure rondom die sogenaamde Eloff-waterkonsessie van 1890 wat volledig bespreek is in Heydenrych (2014). Kruger het in daardie geval die Volksraad versoek om 'n konsessie toe te ken aan sy skoonseun en private sekretaris Frikkie Eloff wat hom sou magtig om water uit die Vaalrivier na Johannesburg te lei. Nóg 'n voorbeeld van 'n nepotistiese aanstelling is dié van 'n broers- of susterskind van president Kruger se vrou Gezina as sekretaris van die Pretoriase dranklisensieraad in 1892. 'n Aantal dienende staatsamptenare het om die betrekking aansoek gedoen, maar uiteindelik is ene Du Plessis, "night warder of the Government Buildings, and nephew to Mrs. Kruger" – soos 'n brieffskrywer in die *Transvaal Advertiser* hom beskryf – in die betrekking aangestel. Die brieffskrywer voeg by dat Du Plessis se klerklike bekwaamheid bestaan uit "a rare ability to read and write".¹³ Dié aanstelling kon beslis nie tot goeie dienslewering en funksionering deur die dranklisensieraad bygedra het nie.

Die staat se werkswyse wat die maak en onderhoud van paaie betref, het ewe veel op nepotisme neergekom, of was ten minste ewe bedenklik. Kontrakte is vir dié werk toegeken sonder dat tenders aangevra is. Die werk is gewoonlik uitgevoer deur familieleden van die sogenaamde padinspekteur en dikwels was die padinspekteur die gesamentlike kontrakteur met sy seun of broer. Nadat die padbouwerk voltooi is, het die padinspekteur dit self ondersoek, die rekening as korrek onderteken en die werk goedgekeur, waarna hy sy betaling ontvang het.¹⁴ Hoewel padbouwerk nie streng gesproke onder die staatsdiens geressorteer het nie, illustreer hierdie soort toewysing van werk 'n algemene neiging in die Republiek om op 'n informele basis mense vir openbare werk in diens te neem en hulle daarvoor te vergoed.

Die bevoordeling van individue en families was in die negentigerjare alombekend. In November 1893 vaar die *Transvaal Advertiser* soos volg daarteen uit:

Mr. Kruger's administration, his most zealous apologist must admit, has degenerated into a pure and simple family hothouse sacred to the pampering and preservation of

three families. [...] The real fact is that since this administration has now placed the brothers and sons and nephews and cousins of all its members, it is now branching out into placing the still further removed sections of the family tree. One fact is always a dead certainty, and that is when a set is made to remove an official where the reasons are not apparent, there is a *kleinzoon*, or a third cousin, standing ready to be propped into the situation, be his qualities what they may.¹⁵

Die drie families hier ter sprake is die Wolmaranse, die Krugers en Schuttes, want elders verwys die koerant na “the insidious encroachment [...] of the Krugers, Wolmaranses and Schuttes”.¹⁶

Die Wolmarans-familie is in 1894–95 uitermate begunstig deurdat J.M.A. Wolmarans, wat lid van die Uitvoerende Raad was, in Oktober 1894 saam met die Okkupasiekommissie vir Soutpansberg na die noorde vertrek het. Hy het steeds sy salaris van £1 250 as lid van die Raad ontvang en boonop drie ghienies per dag as daggeld plus ’n reistoelae gekry. Deur sy bemiddeling is aan sy seun, J.M.A. Wolmarans junior, wat ’n salaris van £250 per jaar as tweede klerk in die Departement van Publieke Werke verdien het, nege maande verlof met volle betaling toegestaan. Hy is onmiddellik deur sy pa as sekretaris van die kommissie aangestel, waarvoor hy 30 sjielings per dag betaal is, en het terselfdertyd ’n reistoelae ontvang. Pa en seun het gevolglik albei maande lank dubbele salarisse ontvang en het addisionele vergoeding as lede van die kommissie gekry.¹⁷

Uit die bogenoemde voorbeelde moet dit duidelik wees dat daar ’n geregverdigde persepsie bestaan het dat alles nie pluis was in die ZAR se staatsdiens nie.

Die toestand en gebeure in drie sleutelafdelings van die staatsdiens – die polisiediens, die Departement van Mynwese en die verkiesingsadministrasie – dien as illustrasie van die probleme in die staatsdiens onder Paul Kruger. Dié drie staatsafdelings word dus om die beurt bespreek om aan te toon hoedat hul funksionering die owerheid se verhouding met die inwoners geraak het en kritiek uitgelok het.


3. Die swak polisiediens en Ewald Esselen se hervorming daarvan

Teen Oktober 1894 noop die toedrag van sake in die Johannesburgse polisiediens D.E. Schutte, die kommandant van polisie in Johannesburg sedert 1889,¹⁸ om in reaksie op voortdurende kritiek in die koerante op die polisiemag, die ongehoorde ding te doen om ’n brief daaroor aan ’n plaaslike koerant te skryf waarin hy sy magteloosheid bekla om die mag doeltreffend te laat funksioneer. Op 11 Oktober 1894 verskyn dié lang brief in die *Standard and Diggers’ News*.¹⁹ Die genoemde artikel oor Schutte in deel V van die SABW vermeld dat met Schutte se aanstelling as kommandant in 1889 “die doeltreffende ontwikkeling van die Johannesburgse polisie begin” het. Die teenoorgestelde is egter waar, want teen die einde van 1894 was daar nog geen verbetering te bespeur nie, soos later aangetoon word. Die feit dat Schutte dit so openlik in die pers gedoen het, beklemtoon juis hoe benard die toestand nog teen Oktober 1894 in die polisiemag was.

Die *Standard and Diggers' News* merk oor dié ongewone stap van Schutte op: "(I)t is subservient of all ideas of discipline for a police officer to publicly write in the strain adopted by Commandant Schutte [...]." ²⁰

The Star se mening oor die brief lui:

There is very little in his letter which was not either known or suspected before; but Mr. Schutte's position enables him to dot the i's and cross the t's of an indictment which the public press has not hitherto been in a position to formulate with anything like the same definiteness or precision, and his revelations are sufficiently explicit to show very clearly where and why the boot pinches. ²¹



Figuur 1. D.E. Schutte, eerste kommandant van die Johannesburgse polisie

Met die verskyning van Schutte se brief was hy reeds byna ses jaar in bevel van die Johannesburgse polisie en dus in 'n posisie om sy frustrasie te verwoord. Sy stellings word hier redelik volledig as eerstehandse getuienis weergegee.

Eerstens verklaar Schutte dat daar, soos hy dit stel, “no law, no rule, no regulations” is, om leiding aan hom te verskaf nie. Hy beklemtoon dat in die afwesigheid van so ’n regulatoriese raamwerk enige dissipline of straf wat hy op sy bemanning mag toepas, totaal onwettig en sonder effek is. Schutte verklaar oor dié situasie: “In one word, the entire *esprit de corps* is shattered through the non-existence of binding regulations.” Hierdie grondliggende tekortkoming ten opsigte van die polisie diens is reggestel eers toe die Polisie wet van 1895 aangeneem is.

Tweedens beklemtoon Schutte dat die wortel van die kwaad in die polisie diens is dat hy wetlik verplig is om slegs stemgeregtigde persone aan te stel. Hy voeg hierby: “(T)he young burghers of the country are not the material to make policemen out of” en vra ook hoe dit moontlik is “to inculcate ideas into anyone unable to read or write?” Hy bekla dan sy lot deur daarop te wys dat hy uit hierdie “untutored material” ’n behoorlike polisie mag moet saamstel en ook offisiere moet vind.

Hy skryf hy het altesaam 176 man onder sy bevel, bestaande uit 30 berede offisiere en manskappe en 146 manskappe te voet. *The Star* wys in reaksie daarop dat 176 manskappe heeltemal onvoldoende vir ’n stadsbevolking van 40 000 wit mense en net soveel swartes is.²² Hoe kritiek die misdaadsituasie was, word geïllustreer deur die feit dat hierdie polisie mag van Januarie tot Oktober 1894 vir die inhegtenisneming van 23 500 misdadigers verantwoordelik was.

Wat behuising betref, wys Schutte daarop dat daar geen voorsiening vir polisie barakke gemaak word nie. Die meeste van sy manskappe is getroude mans en hulle woon verspreid oor die hele Johannesburg gebied.

Elke manskap ontvang boonop slegs twee uniforms, twee paar kouse, twee paar stewels en twee hemde per jaar. Die stewels is gewoonlik na ’n maand en ’n half onbruikbaar en gedurende die reënseisoen moet die manskappe deur modder en nattigheid daarmee voortsukkel. Boonop is die vergoeding slegs £13 per maand, afgesien van rang. Daar is ook geen moontlikheid van bevordering nie en geen aanspooring vir lede van die mag om te presteer nie.

Schutte vermeld dat hy al herhaaldelik die genoemde probleme onder die aandag van die owerheid gebring het,

and still I have to bear the onus and opprobrium of one of the greatest scandals existing in this state [...] I acknowledge the rottenness of the entire police force, but decline to accept the disgrace attached thereto, having striven to reorganise the same, but failed through lack of support.

Alle vorige staatsprokureurs onder wie se jurisdiksie die polisie mag geressorteer het, het die mag soos die pes vermy, sê Schutte. Uiteindelik is Josephus J.H. Wolmarans in 1892 as hoofkommissaris van polisie te Pretoria aangestel en Schutte sê hy het gehoop sake sou daarna verbeter, maar tevergeefs.



Figuur 2. Josephus J.H. Wolmarans, kommissaris van polisie vanaf 1892

Wolmarans is opdrag gegee om reëls en regulasies op te stel, maar dit het nog nie gebeur toe Schutte se brief verskyn het nie. Die *Standard and Diggers' News* bevestig in Mei 1894 dat 'n dokument twee jaar tevore deur 'n kommissie opgestel is nadat die regulasies van alle polisiedepartemente elders in Suid-Afrika ondersoek is en aan Wolmarans voorgelê is met die oog op verbeteringe in die Transvaalse polisie diens, maar voeg by: "It is needless to say that the whole thing is still calmly dead in Mr. Josephus Wolmarans' hands."²³

Tot sover Schutte se brief.

Ná Ewald Esselen se aanstelling as staatsprokureur in Mei 1894 (SABW V, bl. 264) kry hy opdrag van die Volksraad om die polisiemag aan te vul en te verbeter,²⁴ en die *Standard and Diggers' News* skryf hoopvol: "We are pleased to learn that the State Attorney is carefully considering this problem, [...] and we are assured that drastic changes will soon be made."²⁵ Esselen neem inderdaad die speur- en polisie departemente van Johannesburg en die hele Republiek onder hande en kom met die Kamer van Mynwese ooreen oor die stigting van 'n spesiale speurmag wat deur die regering en die kamer gefinansier sou word om die diefstal van goud en goudamalgaam op die myne teen te werk (Marais 1961:58). Hy stel Andrew Trimble, 'n ervare speuroffisier van Kimberley, met die toestemming van die Kaapse

owerheid tydelik as hoofspeurder van die Republiek aan nadat die Johannesburgse inwoners gedreig het om die stad se eie waaksaamheidskomitee tot stand te bring.²⁶

Soos die *Standard and Diggers' News* dit stel, het Trimble binne 'n jaar die polisie-atmosfeer van "the foeted (sic) vapours of corruption, dishonesty and disrepute"²⁷ gesuiwer. Die polisiemag het gevolglik spoedig 'n meer professionele vorm aangeneem. Trimble se aanstelling is egter nooit deur die regering permanent gemaak nie, maar toe dit ter sprake kom, het Esselen daarop aangedring dat Trimble genaturaliseer word. Die Uitvoerende Raad het dit egter geweier en Trimble is ontslaan (Marais 1961:59). *De Volksstem* wys tereg daarop dat die naturalisering van Trimble nie in die weg van sy permanente aanstelling hoef te gestaan het nie, aangesien die naturalisering van amptenare wat uitgenooi is om poste in die staatsdiens te vul al herhaaldelik plaasgevind het.²⁸ Dié koerant bevestig ook dat toe die speurafdeling in 1888 ingestel is, die staatsprokureur *carte blanche* ten opsigte van aanstellings gegee is, selfs wat ongenaturaliseerde persone betref.²⁹



Figuur 3. Ewald Esselen, staatsprokureur van Mei 1894 tot November 1895

Esselen se standpunt oor die kwessie van Trimble se naturalisering was volgens die *Standard and Diggers' News* skynbaar: As julle Trimble nie behou nie, sal julle my ook nie hê nie.³⁰

Volgens dié koerant het J.M.A. Wolmarans en J.M.H. Kock met Kruger se ondersteuning in die Uitvoerende Raad Esselen se bedanking uit sy pos afgedwing³¹ deurdat die waarnemende staatsekretaris, Cornelis van Boeschoten, alleen teen die ander drie aanwesiges die onderspit moes delf (Muller 2016:177). W.J. Leyds, die staatsekretaris, was skynbaar ten gunste van die permanente aanstelling van Trimble, maar Leyds, Piet Joubert en generaal N.J. Smit was afwesig toe die besluit oor Trimble deur die Uitvoerende Raad geneem is en *The Star* was van mening dat hulle daarop behoort aan te gedring het dat daar nie in hul afwesigheid daaroor gestem word nie.³² Die besluit het in werklikheid gelui dat Trimble se aanstelling nie bevestig word nie en dat alle niegenaturaliseerde speurders uit die mag afgedank word en aan hulle 'n maand se salaris as kompensasie toegeken word (Muller 2016:176). Kruger het na bewering die publiek verseker dat Esselen se uittrede as staatsprokureur 'n jammerte is (Muller 2016:177).

Esselen het wel die steun van die gemeenskap gehad, maar aan die ander kant was daar, soos die *Transvaal Advertiser* dit stel, “a suspicious and bigoted Government [...] with a number of sneaking advisors, who challenged every step that he took.”³³ Die konserwatiewe groep in die regering het naamlik nooit ten volle Esselen se aanstelling aanvaar nie (Gordon 1970:235) en dit wil voorkom of daar van meet af aan 'n kliek was wat daarop ingestel was om Esselen in elke opsig te dwarsboom.³⁴ Dié teenstand het na alle waarskynlikheid 'n rol in die besluit oor Trimble se afdanking gespeel. Uiteindelik het Esselen in November 1895 bedank, waarskynlik uit frustrasie.

Die koerante was eenstemmig in hul mening dat Trimble goeie werk gedoen het en die *Transvaal Advertiser* maak ná die verwikkelings in die Uitvoerende Raad en Esselen se bedanking die stelling: “We are now to relapse into that state of chaos and jobbery which obtained previous to these attempts at reformation.”³⁵ Die *Standard and Diggers' News* se verklaring vir die onverkwiklike situasie is dat Esselen die fout begaan het om politiek by suiwer departementele sake in te sleep en “that he could not throw off the politician and remain the lawyer.”³⁶ Die *Transvaal Advertiser* verklaar mismoedig: “The whole matter seems incomprehensible”, en voeg by: “Messrs Kruger, [J.M.H.] Kock and [J.M.A.] Wolmarans break down all this good work by one stroke of the pen.”³⁷

Die situasie in die polisiemag, soos in kommandant Schutte se brief en in die pers geopenbaar, is deur die *Standard and Diggers' News* onder die opskrif “The greatest state scandal” bespreek. Die gebeure van 1895 in verband met die polisiemag openbaar inderdaad 'n uiters ongesonde stand van sake in één afdeling van die staatsdiens onder Paul Kruger en die krisis rondom Esselen se bedanking word deur dié koerant “a scandalous fact” genoem.³⁸

Die *Transvaal Advertiser* se verwysing na raadgewers wat Esselen se hervormings heftig teengestaan het – die “sneaking advisors” soos hulle genoem word – beklemtoon hoe moeilik dit was om hervorming in staatsdepartemente in die ZAR te bewerkstellig. *De Volksstem* verwys ook na die kliek wat hervormingspogings probeer dwarsboom het “wegens redenen haarzelve het beste bekend”,³⁹ en die *Transvaal Advertiser* praat in dié verband van “(t)he atmosphere of this Government [which] is compounded of deceit and cunning [...]”.⁴⁰

'n Belangrike bykomende faktor in verband met die weiering om Trimble te laat naturaliseer en hom permanent aan te stel word deur Charles van Onselen in *Showdown at the Red Lion. The life and times of Jack McLoughlin* (2015) vermeld. Trimble was naamlik 'n Ier van geboorte, was nie Nederlands magtig nie, en, nog belangriker, het tydens die Eerste

Vryheidsoorlog van 1880–81 Suid-Afrika toe gekom om aan die kant van die Britte teen genl. Piet Joubert se troepe te veg (Van Onselen 2015:287). Hy het egter te laat gearriveer om aan die geveg te deel te neem (Muller 2016:150; SABW III, 806). Dit is moontlik dat Trimble se bereidheid om teen die Boeretroepe te veg die hiperkonserwatiewe raadslede oorreed het om sy naturalisering teen te staan en Kruger het hulle gesteun. Die Eerste Vryheidsoorlog het sentraal in Kruger se visie van die Transvaalse geskiedenis gestaan as die groot heldedaad van die herwinning van die staat se onafhanklikheid, en Kruger sou dit moeilik gevind het om iemand wat in daardie oorlog téén die Republiek wou veg te vergeef en hom boonop permanent in die regeringsdiens aan te stel. Kruger het ’n lang geheue gehad en kon griewe vir lank teen mense koester. Hy sou dus beswaarlik die bekwame Trimble, wat deur Van Onselen (2015:287) as “incorruptible” beskryf word, as lid van sy staatsdiens kon verdra het.

4. Die Departement van Mynwese en sy hoof, C.J. (Christiaan) Joubert

Die stand van sake in die landsadministrasie met betrekking tot die aanstelling van amptenare soos deur die koerante geïdentifiseer, verklaar grootliks waarom daar in die staatsdiens van die Republiek so dikwels skandale en wanadministrasie voorgekom het. Die *Transvaal Advertiser* skryf in Augustus 1893 dat dit die prosedure met die aanstelling van amptenare is wat die amptenary in die Republiek in oneer gebring het, “and which has made our public morality a bye-word in all other parts. [...] Mr. Kruger has never hesitated for one minute to follow his own bent and inclination in the appointment of officials.”⁴¹ Die Krugerregering was naamlik in die algemeen geneig om “landzoons”, dit wil sê gebore Transvalers, in die staatsdiens aan te stel wat as gevolg van beperkte onderwysgeleenthede in die Republiek nie opgevoed genoeg was om staatsamptenare te word nie. Gevolglik is persone uit die oorwegend plattelandse burgerbevolking wat dikwels ’n bestaanseconomie beoefen het, aangestel (Webb 1952:3). In 1898 het die inspekteur van kantore wel voorgestel dat ’n staatsdienseksamen ingestel word ten einde te verseker dat kandidate oor die minimumkwalifikasies beskik, maar die Volksraad het die idee verwerp (Marais 1961:19).

Die *Transvaal Advertiser* het sy vinger op die probleem in die staatsdiens gelê: dat behalwe in ’n paar gevalle, die keuse van amptenare deur één oorweging bepaal is, nl. die noodsaaklikheid om ’n patriot vir die pos te verkry wat dan die Kruger-regering as afhanklike aanhangers kon stut. Die koerant skryf dat persone sonder die minste begrip van klerklike of boekhoukundige werk gevolglik aangestel word wat onbevoeg is om bestuur toe te pas, wat ongewoond daaraan is om groot bedrae geld te hanteer en bestuur en sonder enige direkte toesig hul pligte moet uitvoer. Die *Advertiser* noem hulle summier “rudderless patriots”.⁴²

Patriotisme het beslis ’n rol by staatsdiensaanstellings gespeel. ’n Persoon wat generaal Piet Joubert versoek het om sy invloed te gebruik om vir hom ’n staatspos te bekom, kla byvoorbeeld oor ’n mededinger wat voorheen niks meer as ’n mielieboer was nie wat ’n pos gekry het en wat nie die vaagste benul van kantoorwerk besit het nie (Gordon 1970:87). Gordon haal ’n hele aantal voorbeelde uit die Joubert-versameling aan van persone wat versoek dat die generaal sy invloed gebruik om vir hulle betrekkings in die staatsdiens te verkry, van wie feitlik almal verwys na hulle patriotisme in die vorm van diens aan en opofferings vir die land eerder as na hul professionele geskiktheid vir die poste.

4.1 Patriotisme in verband met Christiaan Joubert se hoofskap van die Departement van Mynwese

Dat die kwessie van patriotisme swaar by die aanstelling van amptenare geweeg het en soms selfs as 'n verskoning vir onbekwaamheid deur hulle voorgehou is, blyk duidelik uit die verweer van Christiaan Joubert, die hoof van die Departement van Mynwese, toe die onreëlmatige toekenning van standplase op die goudveld in Johannesburg vir spekulatiewe doeleindes in Julie 1892 in die Tweede Volksraad ter sprake gekom het. Hierdie standplaasskandaal en die Verstegen-saak wat daaruit voortgevloei het, is volledig bepreek in Heydenrych (2014), maar in die konteks van die aanstelling van onbekwame mense op grond van hul patriotisme is dit hier ter sake. Die gebeure rondom die standplaasskandaal dien ook as voorbeeld daarvan dat swak bestuur van staatsdepartemente in die ZAR verdra is en selfs deur die President goedgepraat is.



Figuur 4. Penskets in *The Star* van Christiaan Joubert, hoof van die Departement van Mynwese

Die beskerming van 'n vertroude en lojale vriend van Kruger in 'n leidende posisie in die staat en staatsdiens word ten beste geïllustreer deur die geval van Christiaan Joubert. In die middel van 1892 beskryf *De Volksstem*, wat normaalweg Paul Kruger se regering ondersteun het, die Departement van Mynwese as "het meest verrotte en minst geëerbiedigde van alle

kantoren onzer staatsadministrasie” en “een voorwerp van spot en verachting, een broeinest van schandalen”.⁴³ *Land en Volk*, wat uiters krities oor Kruger se administrasie was, verklaar eweneens oor dié departement:

[M]nr. Christiaan Joubert, het hoofd, en mnr. Izaak van Vooren, zijn verantwoordelijke klerk, baren meer opsien [...] dan voor het algemeen belang voordelig is. Het is daartoe gekomen dat er bijna geen groot schandaal meer is of het mijnwezen wordt er in verband mee genoemd.⁴⁴

In Februarie 1893 maak die *Transvaal Advertiser* dié stelling omtrent Joubert en Van Vooren: “In no other country in the world would Messrs. Joubert and Van Vooren have survived in their official capacities the stands scandal exposure, without having cleared themselves of the heavy charges brought against them.”⁴⁵

En die volgende maand beskryf *The Star*, na aanleiding van die skandaal rondom die standplase en die gebeure wat daaruit voortgevloei het, die departement as “little better than a den of thieves”.⁴⁶

Toe Joubert se departement in die Eerste Volksraad na aanleiding van die standplaasskandaal gekritiseer is, het hy verklaar hy is geen spekulant nie, “en men moet niet op hem [as verantwoordelike hoof] afkomen in deze saak”, en verder beklemtoon dat hy van kindsbeen af sy plig gedoen het, “ook by Amajuba”.⁴⁷ F. Boshof, lid van die Tweede Volksraad, aan wie standplase vir spekulasie toegeken is, het die verweer gebruik dat sy ouers ná die Slag van Boomplaats in 1848 na die Transvaal verhuis het,⁴⁸ om skynbaar daarmee te kenne te gee hoe lojaal hy aan die Republiek is. Sowel Joubert as Boshoff het hul dus probeer verontskuldig deur agter hul patriotisme te skuil in stede daarvan om vir hul optrede verantwoordelikheid te aanvaar. Dis geen wonder nie dat die *Transvaal Advertiser* vir Christiaan Joubert die bynaam “Amajuba Chris” gegee het.⁴⁹

The Star gee met reg sy misnoeë te kenne omtrent mense wat aanvoer hulle het vir hul land geveg en gebloei, deur te skryf:

Whether it is Mr. Christiaan Joubert who “stood” – he doesn’t say fought – at Majuba, or another implicated member of the Raad whose parents (mark that, his parents not himself) ran away from Boomplaats in the forties, this debased and debasing use of the strong instinct of patriotism in the Boer never misses its effect.⁵⁰

Kruger se verbintenis met Joubert het ongetwyfeld die President se reputasie met betrekking tot die staatsdiens groot skade berokken. Dit is duidelik as in aanmerking geneem word watter skerp stelling regter De Korte gemaak het ná die Verstegen-saak wat uit die standplaasskandaal voortgevloei het toe hy die getuienis in die algemeen – wat dié van Joubert insluit – as uiters onbetroubaar beskryf het.⁵¹

Boonop het die skuldigbevinding van Bension Aaron in 1893 aan gepoogde omkoperie van amptenare toe ’n groot stuk grond in Johannesburg foutiewelik aan hom toegeken is – soos in Heydenrych (2014) volledig bespreek – ’n ernstige refleksie op Kruger gewerp vanweë die verbintenis tussen die twee.

Die aggressiewe wyse waarop Kruger vir Joubert in die Tweede Volksraad in verband met die skandaal verdedig het, toon duidelik dat hy amptenare en regeringslede se bedenklieke optrede wou goedpraat en dat Joubert se patriotisme vir hom swaarder as sy bekwaamheid geweeg het. Kruger het eenvoudig die verdoemende onthullings van die Tweede Volksraad se kommissie van ondersoek na die standplaasdebakel eenkant gegee. Toe die kommissie se verslag op 31 Julie 1893 aan die Tweede Volksraad voorgelê is, het Kruger persoonlik vir die amptenare in die Departement van Mynwese in die bresse getree en onder meer gevra hoe die staat op enige wyse deur die verkoop van die standplase benadeel is en diegene wat besware teen die prosedure gehad het uitgedaag om te bewys dat alle standplase deur middel van vendusies verkoop moet word. Hy het bygevoeg dat dit in elk geval die regering se reg was om te besluit of die privaat of openbare verkoop van standplase in die beste belang van die staat was (Gordon 1970:106; vgl. ook Notule Tweede Volksraad, 1893, art. 728).

Die pers het Kruger heftig oor sy houding en optrede gekritiseer. 'n Voorbeeld hiervan is die sarkastiese uitspraak van die *Transvaal Advertiser*:

Advocate Kruger hesitated at nothing in the defence of Mr. Christiaan Joubert. He seemed to take a positive delight in perverting argument, in inverting truth, in ignoring law, in abusing his calling, in breaking through the rules of Court, in trampling logic under foot, and in bamboozling their honours of the Second Chamber.⁵²

Wat die hele kwessie van Joubert se onbekwaamheid vererger het, is die feit dat hy ná die Verstegen-saak vir Gerrit Ribbink uit die diens van die departement ontslaan het. Die rede vir die ontslag is waarskynlik tereg, volgens die *Transvaal Advertiser*, dat Ribbink ongelukkig genoeg was om tydens dié regsgeding die waarheid in die getuiebank te vertel. "Apparently, in the public service under the Kruger regime, truth is the most baneful and disastrous commodity that an official can have about him, and it is enough to make Mr. Ribbink eschew it for ever."⁵³

Gordon verklaar tereg omtrent die resoluë wat uiteindelik aangaande die skandaal in die Tweede Volksraad aanvaar is: "Thus, by the simple expedient of legislatively declaring black to be white, the 'Stands Scandal' was disposed of and the unsavoury 'irregularities' [...] declared to be 'in the best interests of the State'" (Gordon 1970:107). Dit is 'n verdoemende uitspraak oor die regering se hantering van ongerymdhede in die staatsadministrasie en Kruger se persoonlike rol daarin. Boonop het die verslag van Christiaan Joubert, as hoof van mynwese, daarna onbegryplik bevind dat daar niks verkeers in verband met aansoeke om standplase gedoen is nie (Gordon 1970:107).

Kruger het boonop in sy openingstoespraak in die Eerste Volksraad in Mei 1893, terwyl die skandaal gewoed het, nie 'n woord gerep omtrent die suiwering van die staatsdiens nie en *The Star* spreek sy skok en teleurstelling oor dié leemte in die toespraak soos volg uit:

[I]t offers no word of repentance and regret for the scandals which have filled the public ear. There is no hint that the Chief Sinner in the Mining Department [...] will be dealt with according to his deserts [...] and not only will the Minister of Mines not be impeached, but after all [is] said and done, he will not resign, and the Government knows better in its own selfish interests than to ask him to do so.⁵⁴

'n Belangrike rede waarom Kruger nie teen Joubert wou optree nie en hom konsekwent verdedig het, was dat hy 'n prominente plek in die Hervormde Kerk beklee het en die president sy steun en dié van die Hervormde Kerk se lidmate vir sy regering nodig gehad het (Mendelsohn 1991:87). Daar was bespiegeling hieroor in die Engelstalige koerante. Die *Transvaal Advertiser* verwys byvoorbeeld na "Mr Kruger's re-election, [in 1893] which was only possible, if it does happen, by Mr. Christiaan Joubert and his church's support [...]".⁵⁵

Dat Kruger so heftig vir Joubert verdedig het en hom ná die onthullings in die standplaasskandaal as hoof van mynwese behou het, bevestig die neiging om afhanklike aanhangers in staatsposte te behou wat die regering en Kruger kon steun en stut. Boonop is die resoluë ingevolge waarvan die kommissie van ondersoek na die ongerymdhede in die departement aangewys is, alreeds in September of Oktober 1892 aangeneem, maar die hantering van die aangeleentheid is uitgestel tot ná die presidentsverkiesing. *The Star* lei hieruit af dat stemme vir Kruger in die verkiesing bekom is wat heel waarskynlik na sy teenstander, Piet Joubert, sou gegaan het "if the rotten character of his administration had been more widely known".⁵⁶


Joubert se jaarverslag oor sy departement wat in Mei 1893 aan die Volksraad voorgelê is, het sy onbekwaamheid onderstreep. Waar *De Volksstem* uiters oppervlakkig en goedkeurend in net een sin berig het: "Het rapport [...] maakt een gunstigen indruk en geeft een aangenaam beeld van de verlevendiging die onze minerale nywerheid in de laatst verlopen maanden gekenmerkt heeft",⁵⁷ het die Engelstalige koerante die jaarverslag in besonderhede gekritiseer. *The Star* het daarop gewys dat die verslag geen statistiese gegewens bevat wat die departement in staat behoort te wees om te verskaf nie, byvoorbeeld die totale koste om al die goud te produseer, die omvang van die arbeid daarby betrokke en die gemiddelde loon van arbeiders. Die koerant vergelyk dit in hierdie opsig met die verslae van die myndepartemente van Victoria en Queensland in Australië en voer aan dat die regering se belange eensydig beklemtoon word. Dit blyk daaruit dat die verslag die voordele vir die regering uit die mynbedryf behandel, skryf dié koerant, "in much the same way as the agent of a landlord would report to his employer on the increasing value of his land due to the enterprise displayed by his tenantry".⁵⁸ Dit beklemtoon hoeveel inkomste die goudveld vir die staat oplewer, maar swyg omtrent die dividend wat die belegger gedurende die jaar ontvang het, sê die koerant, en dit vermeld ook niks omtrent die kwessie van Sondagarbeid in die mynbedryf wat toe baie aktueel in die Republiek se politiek was nie. Die *Transvaal Advertiser* skryf boonop dat Joubert tydens die bespreking van die verslag 'n "child-like innocence" geopenbaar het omtrent kwessies rakende die mynbedryf waarin raadslede belang gestel het en voeg by: "In this examination Mr. Joubert himself proved how incompetent he is to be at the head of a department upon the successful management of which the prosperity of this country so largely depends."⁵⁹ Dieselfde koerant beweer ná die bespreking van die jaarverslag in die Eerste Volksraad: "He did not know about many things which came within his official purview half as much as hon. members did who had no particular connections with mining matters."⁶⁰

Mynwese was die één staatsafdeling wat direk met sake op die goudveld in Johannesburg gemoeid was en die swak bestuur in dié departement het die delwersgemeenskap ten nouste geraak en beslis die aansien van die staatsdiens onder Kruger 'n groot knou in hul oë besorg.⁶¹ Die goudbedryf van Johannesburg se Uitlanders het immers teen 1895 vir sowat vier vyfdes van die staat se inkomste gesorg en daarom het betrokkenes by die bedryf die reg gehad om goeie administrasie van die goudveld te verwag.

4.2 Joubert se twis met die staatsmyningenieur

Op die koop toe was Joubert by groot omstredenheid betrokke toe hy en die bekwame Duits-gebore staatsmyningenieur in sy departement, J. Klimke, omtrent 'n interne aanstelling van mening verskil het. In Junie 1893 wou Joubert 'n ketelinspekteur in die departement aanstel teen wie se kwalifikasies Klimke beswaar gemaak het.⁶² Joubert het beweer dat Klimke sy gesag ondergrawe en dat hy as hoof van mynwese nie deur die Mynreguleringskommissie in verband met die aanstelling geraadpleeg is nie.⁶³ Die twis tussen hom en Klimke het verskeie kere in die Volksrade ter sprake gekom.

Nadat Joubert vir Klimke op grond van beweerde weerspannigheid geskors het, het die staatsmyningenieur daarop aangedring dat die saak deur die regering ondersoek word. Toe 'n vraag in die Volksraad omtrent die kwessie gevra is, het Kruger volgens die *Transvaal Advertiser* iets onhoorbaars gemompel,⁶⁴ maar die President en die Uitvoerende Raad het uiteindelik vir Klimke gelyk gegee omtrent gepoogde inmenging in sy afdeling van die departement en Joubert is op wat die koerant denkbeeldige verlof noem, geplaas.⁶⁵



Figuur 5. J. Klimke, die staatsmyningenieur

Klimke het immers uitstekende kwalifikasies en ervaring gehad. Hy is in Duitsland gebore en begin hom op die ouderdom van 19 jaar op praktiese aspekte van die mynwese toelê. As

vakleerling vir twee jaar doen hy ervaring op in steenkool-, silwer- en sinkmyne in die landsdeel Silesië. Daarna studeer hy 'n paar jaar lank aan die Mynskool van Duitsland waar hy hom in onder meer opmeetkunde, chemie, geologie en mineralogie bekwaam. Hy doen 'n paar jaar lank ervaring op van die dreinerings van landbougrond, spoorwegkonstruksie en alle vertakkings van siviele ingenieurswese. Hy slaag die Duitse staatseksamen in bogrondse en ondergrondse opmeetkunde en dien drie of vier jaar lank in die Duitse staatsdiens as myn- en siviele ingenieur. Hy is verskeie jare lank verbonde aan die El Callao-goudmyn in Venezuela, waartydens hy die Diploma in Openbare Mynwese van die Universiteit van Venezuela verwerf. Ná sewe jaar keer hy terug Duitsland toe, maar word deur 'n Duitse sindikaat na Suid-Afrika gestuur om die goudontdekkings by Knysna te ondersoek en terselfdertyd deur 'n Britse sindikaat om oor die goudmyne aan die Witwatersrand verslag te doen. Hy arriveer in Januarie 1889 in Kaapstad en tree vir twee jaar aan die Rand as myningenieur op. In September 1891 word hy as staatsmyningenieur aangestel.⁶⁶

In die lig van bogenoemde kwalifikasies en ervaring van Klimke was dit gekheid van Joubert om oor 'n tegniese aangeleentheid soos die kwalifikasies en geskiktheid van 'n ketelinspekteur met hom swaarde te kruis. Dis duidelik dat die uitval met Klimke nie oor 'n kwessie van beginsel of botsende jurisdiksie gehandel het nie en dit wil voorkom asof “some paltry question of disputed patronage”, soos *The Star* dit noem, in werklikheid daaragter gesit het.⁶⁷ Die hele aangeleentheid het Joubert in 'n nog swakker lig as tevore gestel en was beslis 'n verleentheid vir Kruger se regering.

Dat Joubert tydelik van sy pos onthef is, beklemtoon dat die regering ernstige twyfel oor sy bekwaamheid gehad het. Dit sou beter gewees het indien hy vervang was. Die Tweede Volksraad het dit later aan die regering opgedra om stappe te doen om dergelike onenigheid tussen Joubert en Klimke in die toekoms te voorkom, hetsy by wyse van wysiging in die diensregulasies of sodanige ander stappe wat die gewenste resultaat kon bereik.⁶⁸

4.3 Die swak inspeksie van mynkantore

In Augustus 1894 word 'n kommissie aangewys om die inspeksie van die kantore van die Departement van Mynwese te ondersoek. Dié bespreking na aanleiding van Joubert se jaarverslag van sy departement moes eintlik al in Mei van daardie jaar plaasgevind het, toe besluit is om die kommissie aan te wys,⁶⁹ maar Joubert was toe siek.⁷⁰ Groot kritiek is in die kommissie se verslag oor die gehalte van die inspeksie van die departement se kantore uitgespreek en lede van die Tweede Volksraad het met mening onder die bestuur van die departement ingeklim.

Die eerste klousule van die verslag lui dat as die mynkantore behoorlik geïnspekteer was, die wanbesteding van baie groot bedrae geld vermy kon gewees het.⁷¹ J.F. Celliers, die lid vir Witwatersrand, maak gevolglik beswaar daarteen dat die hoof van mynwese een van sy onderhoriges aanwys om inspeksie van mynkantore te doen en dring daarop aan dat die inspeksies deur bekwaame en onafhanklike inspekteurs uitgevoer word.⁷² G. Brecher, die lid vir Vryheid, voer aan dat swendelary onder die neus van die destydse inspekteur plaasgevind het en voeg by dat die hoof van mynwese nie in staat is om sy onderhoriges te beheer nie.⁷³ Ná verdere bespreking versoek Joubert ernstig dat die Raad hom ondersteun ten einde bekwaame inspeksie van die kantore te verkry. Dit klink maar redelik pateties vir 'n departementshoof van 'n staatsdepartement om te vra dat hy in hierdie opsig gehelp word. Dis dus geen wonder dat die bespreking van die verslag taamlik warm geraak het nie.

Daar was ook tydens die debat kritiek op die departement se kantoor by Klein Letaba, waar die hoeveelheid werk aansienlik toegeneem het en 'n tekort in die kas ontdek is, as gevolg waarvan die betrokke amptenaar ontslaan is. 'n Inspekteursverslag is gelees wat verwys na onreëlmatighede in dié kantoor en daar was ook diefstal in die departement se kantoor te Florida.⁷⁴ 'n Ernstige bespreking oor die laksheid in die departement se kantore in die algemeen was die gevolg. Die debat het die Tweede Raad se bedenkinge omtrent die behoorlike bestuur van die departement en Christiaan Joubert se onvermoë in dié verband oopgeplek en dit moes beslis 'n verleentheid vir Kruger gewees het.

Die swak kantoorinspeksie in die departement het ook 'n nadraai in die staatsdiens in sy geheel gehad. Dit blyk duidelik uit die prosedure by die aanstelling van 'n inspekteur van kantore vir die hele staatsdiens in Oktober 1894. Laat in 1894 is besluit dat die inspeksie van die boekhouding en bestuur van die verskillende staatskantore, wat tot in daardie stadium deur afsonderlike departementele inspekteurs uitgevoer is, vervang sou word deur 'n sentrale stelsel van inspeksie van alle staatskantore, onafhanklik van enige departement.⁷⁵ Die regering het gevolglik besluit om 'n sentrale departement vir dié doel tot stand te bring. Staatsekretaris Leyds het gesê as knap amptenare wat hul werk verstaan, aangestel word, sou die inspektering deur afsonderlike departementele inspekteurs en die koste daaraan verbonde vermy word.⁷⁶

H. Kroes is in hierdie pos aangestel, maar ongelukkig het hy nie die soort knap amptenaar geblyk te wees wat Leyds in gedagte gehad het nie. Toe die *Transvaal Advertiser* ondersoek instel na Kroes se kwalifikasies vir die pos, is vasgestel dat hy verskeie jare in Christiaan Joubert se Departement van Mynwese gewerk het, onder meer as spesiale inspekteur van mynkantore.⁷⁷ In die Tweede Volksraad is hy egter genadeloos gekritiseer deur Frank Watkins, die lid vir Barberton. *De Volksstem* skryf in sy weergawe van die betrokke debat bloot dat Watkins gekla het oor 'n inspekteur te Barberton wat deur die plaaslike mynkommissaris self reggehelp moes word toe hy die kantoor se boeke geïnspekteer het.⁷⁸ Die betrokke inspekteur was niemand anders as Kroes nie.

Die volle verhaal is deur die *Transvaal Advertiser* ontbloot: Nadat Kroes die mynkommissaris van Barberton se kantoor geïnspekteer het, het hy sy tevredenheid met die stand van die boekhouding uitgespreek. Daarna het die mynkommissaris binne 'n paar minute aan hom 'n aantal growwe foute getoon wat hy self raakgesien het of dalk opsetlik as 'n lokval vir Kroes onveranderd gelaat het. Dit het Kroes se onbekwaamheid lelik blootgelê. Watkins het tereg die vraag in die Tweede Volksraad gestel of dit 'n behoorlike situasie is dat die mynkommissaris aan die inspekteur moes aantoon hoe die inspeksie eintlik moes geskied het.⁷⁹

Dit was egter nie die einde van die verhaal nie. Daarna is Kroes na die Laeveld om mynkantore te ondersoek. Intussen het ene Liebenberg – na bewering 'n lid van die tesourier-generaal se kantoor – te Letaba vlugtig gekyk na die boeke wat Kroes pas geïnspekteer het. Spoedig het hy afgekom op 'n ongerymdheid van £600 waarvoor die kleiminspekteur later vervolg is. Die *Transvaal Advertiser* sluit sy berig hieroor sarkasties soos volg af: “Who shall say that in this colony of the survival of misfits, the keen Kroes is not entitled to the first appointment as inspector of offices [...]”⁸⁰

Kroes het in antwoord op die koerantberig in 'n brief ontken dat die mynkommissaris van Barberton hom op sy foute gewys het, aangesien dié man gedurende daardie tyd met siekte

afwesig was; ook dat hy te Letaba geldverduisterings misgekyk het, aangesien dié bedrog ná sy besoek plaasgevind het. Hy het ook daarop gewys dat die Liebenberg wat volgens die koerant se berig die beweerde foute raakgesien het, nie van die tesourier-generaal se kantoor was nie, maar 'n boekhouer van die Departement van Mynwese.⁸¹ Die koerant het dadelik geantwoord dat hy weet dat Watkins se feite korrek is. Watkins het trouens in die Tweede Volksraad gesê dat die mynkommissaris van Barberton hom persoonlik oor die gebeure ingelig het.⁸² Die *Transvaal Advertiser* skryf dat wat hy oor Kroes se optrede berig het, sal toon of sy “biografie” hom vir die pos van inspekteur van kantore kwalifiseer.⁸³ In die lig van bogenoemde feite was Kroes beslis 'n swak aanstelling en dié gebeure het nie belofte ingehou dat inspeksie van die boekhouding van staatskantore voortaan sou verbeter nie.

5. Die gebrekkige verkiesingsadministrasie

Daar was ernstige kritiek in die pers op die gebrekkige administrasie van die verkiesingstelsel in die algemeen en spesifiek tydens die presidentsverkiesing van 1893. Inderdaad het selfs die Kruger-gesinde *De Volksstem* ná die verkiesing van 1893 verwys na “de slordige manier [...] waarop soms te werk gegaan is” en erken dat dit moontlik is dat veroordeeldes, kranksinniges, minderjariges en persone wat nie stemgeregtig was nie, aan die verkiesing deelgeneem het.⁸⁴ Toe nuwe lede vir die twee Volksrade in Februarie 1895 verkies moes word, verklaar die *Transvaal Advertiser* steeds: “The election system of the Transvaal is so crude and defective that it is impossible to forecast the candidates who will finally triumph in the coming contests [...]”⁸⁵ Later dieselfde maand voeg dié koerant by: “Unfortunately there is no proper machinery in this country to secure purity of election and to ensure that candidates of whatever shade of political opinion shall be treated with fairness.”⁸⁶

Die stand van die stemme in die verkiesing aan die einde van Februarie 1893 soos deur die Uitvoerende Raad in *De Volksstem* bekend gemaak, was: 8 114 vir Kruger, 7 310 vir Joubert en 86 vir J.G. Kotzé.⁸⁷ In ooreenstemming met die Grondwet is daar 'n hertelling deur die Uitvoerende Raad gedoen wat bevind het dat die syfers moes wees: 7 881 stemme vir Kruger, 7 009 vir Joubert en 81 vir Kotzé.⁸⁸ Generaal Piet Joubert se verkiesingskomitee het egter beweer dat ernstige ongerymdhede tydens die verkiesing plaasgevind het en het protes teen Kruger se inswering aangeteken.⁸⁹ Hulle het gevolglik op 'n onpartydige hertelling van die stemme aangedring (Gordon 1970:213).

Eers ná die opening van die Eerste Volksraad se sitting op 1 Mei 1893 kon die kwessie van Joubert-hulle se besware en die aandrang op 'n ware onpartydige hertelling aandag geniet. Kruger het toe voorgestel dat 'n kommissie van die Eerste Volksraad aangewys word om vas te stel of die verkiesing wel wettig plaasgevind het.⁹⁰ Daar was teen hierdie tyd al groot ontevredenheid oor die onsekerheid omtrent die verkiesingsuitslag en *Land en Volk* het selfs reeds op 2 Maart gewaarsku dat daar “verzet – lijdelijk of met geweld” sal wees indien daar nie 'n onpartydige hertelling van die stemme plaasvind nie.⁹¹ 'n Kommissie bestaande uit drie lede van die Joubert-faksie en drie van die Kruger-faksie is daarna deur die Eerste Volksraad aangewys om 'n noukeurige hertelling van die stemme te doen en daarvoor verslag te doen.⁹²

Die kommissie het egter slegs 'n paar dae, van Vrydag 5 Mei 1893 tot die volgende Dinsdag, tot sy beskikking gehad om sy ondersoek te voltooi. Daarom skryf *The Star* tereg dat die tyd wat toegelaat is, “entirely insufficient” was “to satisfy the adamant dissatisfaction of the bulk

of the Joubert party”.⁹³ Die kiesers, sê die koerant, sal weier om te glo dat die komitee in drie werksdae ’n taak kan verrig wat die uitvoerende gesag byna drie weke geneem het om af te handel. Daarom vra die koerant: “[W]hat other term will suffice to describe their enquiry as a solemn farce?”⁹⁴ Die hele aangeleentheid moes eerder na die hooggeregshof verwys gewees het, skryf *The Star* en voer aan dat die Joubert-party ’n groot taktiese fout begaan het deur hul besware omtrent die ongerymdhede tydens die verkiesing aan ondersoek deur ’n Volksraadskommissie oor te laat.⁹⁵ Carl Jeppe, die Eerste Volksraadslid vir Johannesburg, het ook in ’n belangwekkende toespraak die mening gelug dat ’n hof, en nie ’n Volksraadskommissie nie, oor die finale uitslag moes beslis het.⁹⁶ *The Star* het selfs so ver gegaan om te skryf: “The Executive should have been summoned to appear before the High Court and show cause why the Presidential election return should not be amended.”⁹⁷

Die kommissie het uiteindelik die voorlopige uitslag bevestig, maar in die Volksraad was daar steeds ernstige bedenkinge oor die korrektheid daarvan. R.K. Loveday, die lid vir Barberton, het daarop gewys dat daar geen verwysing in die kommissieverslag was na generaal Piet Joubert se protes nie en dat Joubert ook nie die geleentheid gegee is om bewyse of dokumente ter stawing van sy protes te verskaf nie.⁹⁸ Die *Transvaal Advertiser* maak ook in ’n kort beriggetitel “The so-called scrutiny” die hertelling van die stemme as ongeloofwaardig af.⁹⁹

Verdere twyfel oor die administrasie tydens die verkiesing is gesaai toe Eugène N. Marais, die redakteur van *Land en Volk*, kort ná die verkiesing ’n regsmening deur advokaat J.W. Wessels gepubliseer het wat verklaar dat dit ingevolge Wet No. 4 van 1871 plaasgevind het en nie in terme van Wet No. 13 van 1891 soos die regering aangevoer het nie. Wessels het ook bevind dat indien stembiljette in sommige gevalle na die landdroste in plaas van direk na die Uitvoerende Raad gestuur is, soos beweer is, daardie stemme ongeldig was. Dit is dus verstaanbaar dat *The Star* gewag maak van “the state of constitutional chaos under which we live!” en na aanleiding van die bekendmaking van die finale verkiesingsuitslag verklaar: “[I]t has yet to be shown if the one party can shout, [or] whether the other is not sternly prepared to do the shouting.”¹⁰⁰ In dieselfde asem vra die koerant dat die Grondwet hersien word: “How urgent the necessity of reducing the Constitution into some order, into some harmony with the new conditions of the State [...]”¹⁰¹

Die swakhede in die administrasie van verkiesings het egter nie bloot daaroor gegaan of die korrekte prosedure by die stempunte gevolg is en of die stembiljette na die korrekte amptenaar of instansie gestuur is nie, want die kieserslyste self was soms onakkuraat. Die veldkornette moes lyste van stemgeregtigdes in hul onderskeie wyke jaarliks in November en Desember op datum bring en ’n gesertifiseerde afskrif daarvan aan die landdros verskaf, wat dit op sy beurt aan die staatsekretaris moes stuur (Hugo 1947:50). Dié lyste was dikwels onnoukeurig en is soms ook nie deur die landdroste of die mynkommissarisse in die goudmyngebiede – na gelang van die omstandighede – gesertifiseer nie.

Die pers was deeglik van dié gebreke bewus. Daarom skryf *The Star* in verband met die uitslag van die verkiesing ná die hertelling van die stemme: “So faulty is the law, according to our information, that the burgher lists, where any such exist, cannot even be regarded as final [...]”¹⁰² As in aanmerking geneem word dat die lyste moes toon watter nuwe kiesers jaarliks in die wyke aangeteken is en watter as gevolg van verhuising of om ander redes uitgesluit is, asook wie vir lede van die Eerste Volksraad en die Tweede Volksraad

onderskeidelik mag stem (Hugo 1947:50), was daar 'n groot moontlikheid van onduidelikhede en foute gedurende die stemproses.

Kruger self as president word deur die pers vir die gebrekkige kiesstelsel geblameer en *The Star* betwyfel dit of die verwarring hoegenaamd onder sy presidentskap opgeklaar sal kan word: "Is it possible for him to revise the *Grondwet*, to cleanse the public departments and to break up that pernicious system of centralisation which renders the Republic a Republic in nothing more than name?" En die koerant betreur "the entire absence of the judicial element from our electoral procedure [...]." ¹⁰³

Die *Transvaal Advertiser* het die hertelling van die stemme deur die kommissie afgemaak as "the so-called scrutiny of the polling lists, cooked by by members of the Raad, Fieldcornets, Landdrosts and Mining Commissioners". ¹⁰⁴ Dié koerant het sy verontwaardiging omtrent die hele verkiesingsage soos volg opgesom: "Never in the history of this country has there been so profound a sentiment stirred in the bosoms of the burghers as on the present occasion." ¹⁰⁵

Hierdie heftige gevoelens wat die bedenklike hantering van die verkiesingsuitslag ontketen het, is waarskynlik die akkuraatste uitgedruk deur die *Express* soos in 'n hoofberig in die *Advertiser* aangehaal: "The Transvaal presidential election is about the meanest bit of business a man could come across." ¹⁰⁶

The Star het oor die stemmery in Johannesburg beweer dat 'n klomp stemme daar uitgebring is deur persone wie se name nie op die kieserslys verskyn het nie en tot die slotsom gekom: "If practices such as this have prevailed to a similar extent all over the country [...] what a lamentable and abominable farce [...]." ¹⁰⁷

Die "oplossing" van die onenigheid omtrent die wettigheid van die verkiesing en van die uitslag, naamlik om dit in die hande van 'n kommissie van die wetgewende liggaam te laat, was totaal onversoenbaar met 'n demokratiese staat. Dit moes in die hande van die hooggeregshof gelaat gewees het.

6. Slotbeskouing

Kruger se reputasie as staatshoof is beslis geraak deur swak bestuur en wanpraktyke in die staatsdiens. *Land en Volk* skryf by geleentheid dat die President sy vriende swak kies en wys in dié verband op sy verbintenis met Bension Aaron. ¹⁰⁸ In Heydenrych (2014) is gemeld dat Aaron die voorsitter van Kruger se Johannesburgse verkiesingskomitee voor en tydens die presidentsverkiesing van 1893 was, en dat hy na bewering persoonlik £1 000 tot Kruger se verkiesingsfonds bygedra het. Boonop was Aaron grootliks daarvoor verantwoordelik dat Kruger oorreed is om vir die opening van die Joodse Parkstraat-sinagoge in September 1892 Johannesburg toe te kom – een van sy min besoeke aan die stad. Die *Standard and Diggers' News* spreek sy verbasing uit dat Kruger hiertoe ingestem het: "How Mr. Raphaely and Mr. Bension Aaron have worked the oracle so successfully remains unexplained and a delicious mystery." ¹⁰⁹ Die skuldigbevinding van Aaron aan gepoogde omkoperij in verband met die standplaasskandaal op die Johannesburgse goudveld en die boete van £500 en gevangenisstraf van een maand wat hy in 1893 opgelê is, moes dus ongetwyfeld Kruger se aansien in die openbare oog skade berokken het. Dit kon één belangrike rede gewees het

waarom hy nie so goed in die presidentsverkiesing van 1893 gevaar het nie. Daar steek dus waarheid in die vroeër genoemde bewering van *Land en Volk* dat Kruger sy vriende sleg gekies het en dit het beslis ook die aanstellings in die staatsdiens en sy omgang met regeringslede en amptenare geraak. Sy noue verbintenis met en lojaliteit teenoor Christiaan Joubert, en sy verdediging van Joubert en sy amptenare in verband met die standplaasskandaal is 'n sprekende bewys hiervan.

Ander gebreke in die staatsdiens onder Kruger, soos die aanstelling en behoud van amptenare bloot op grond van hul patriotisme, het beslis die administrasie 'n slegte naam gegee. Afgesien van die geval Christiaan Joubert as hoof van die Departement van Mynwese was daar ook swak aanstellings soos dié van H. Kroes as inspekteur van kantore wat min belofte ingehou het dat dit die gebrekkige finansiële bestuur van staatskantore sou verbeter.

Kruger se verdediging van amptenare se tekortkominge en foute het die situasie vererger. Afgesien van die President se verontskuldiging van Christiaan Joubert en sy amptenare in verband met die standplaasskandaal het dit ook in ander gevalle gebeur, byvoorbeeld toe die mynkommissaris van Krugersdorp in 1894 twee en 'n half maande langer as sy verloftyd van sy kantoor afwesig was.¹¹⁰ Later verklaar die *Transvaal Advertiser*: "And yet Mr. Kruger sings psalms and revels in a holy fervour."¹¹¹ Dit is 'n verwysing na Kruger se neiging om, veral tydens sy Paardekraaltoesprake, godsdienstige verwysings te gebruik en psalms te laat sing, terwyl die administrasie van die land, na dié koerant se mening, veel te wense oorlaat.

Die tekortkominge in die staatsdiens van die Republiek was vroeg reeds merkbaar, maar is grootliks deur omstandighede na die ontdekking van goud op die Witwatersrand vererger, omdat die administrering van die goudveld groot nuwe uitdagings gestel het. En ongelukkig was juis die administrasie van die goudveld onder Christiaan Joubert gebrekkig.

Die probleme rondom die administrasie van die presidentsverkiesing van 1893 werp ook 'n swak lig op die gehalte van die staatsdiens. Die onsekerheid wat na afloop van die verkiesing ontstaan het omtrent die korrekte wetgewing ingevolge waarvan die presidentsverkiesing moes plaasgevind het, toon duidelik die gebrekkige situasie in die staatsmasjinerie ten opsigte van die uiters belangrike kwessie van vry en regverdigde verkiesings. Bowendien was die oplossing wat op Kruger se voorstel daarvoor aangewend is, naamlik die aanstel van 'n kommissie van die wetgewende gesag om die kwessie te besleg, bedenklik en totaal vreemd aan 'n demokratiese opset. 'n Regsmening deur die regterlike gesag oor die onsekerheid omtrent die wettigheid van die verkiesing sou die aangewese oplossing gewees het.

Soos aan die begin van hierdie artikel aangedui is, het die finansiële administrasie onder Kruger ook sleg afgesteek teenoor dié in die Britse kolonies soos die Kaapkolonie, waar die amptenare baie jare se ervaring van goeie finansiële administrasie in hul vaderland, Brittanje, opgedoen het. Daarteenoor het die swak opvoedingspeil van burgers van die Republiek wat as amptenare moes dien, en Kruger se eie gebrek aan opvoeding en sy ontoereikende kennis van regeerkunde, beslis tot administratiewe gebreke in die Republiek bygedra, en so ook Kruger se onvoldoende begrip van die demokrasie en magsdeling. Dié gebreke, soos dit in die landsadministrasie uiting gevind het, lê oop en bloot voor die navorser en die leser.

Bibliografie

Boeke, verhandelings, proefskrifte en tydskrifartikels

De Klerk, P. 1969. Die geskiedskrywing oor Paul Kruger. Ongepubliseerde MA-verhandeling, PU vir CHO.

Gordon, C.T. 1970. *The growth of Boer opposition to Kruger, 1890–1895*. Kaapstad: Oxford University Press.

Heydenrych, H. 2014. Eugène N. Marais as redakteur van *Land en Volk*, 1890–1896. *LitNet Akademies*, 11(3):896–938.
http://www.litnet.co.za/assets/pdf/joernaaluitgawe_11_3/GW_14_Eugene_Marais_as_redakteur_van_Land_en_Volk_Heydenrych.pdf (30 Januarie 2017 geraadpleeg).

Hugo, M.J. 1947. Die stemregvraagstuk in die Zuid-Afrikaansche Republiek. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*. Kaapstad: Staatsdrukker.

Marais, J.S. 1961. *The fall of Kruger's Republic*. Oxford: Oxford University Press.

Mendelsohn, R. 1991. *Sammy Marks. "The uncrowned king of the Transvaal"*. Kaapstad: David Philip Publishers en Jewish Publications, South Africa.

Muller, C.H. 2016. Policing the Witwatersrand: A history of the South African Republic Police, 1886–1899. Ongepubliseerde DPhil-proefskrif, Universiteit van die Vrystaat.

Ross, R., A.K. Mager en B. Nasson (reds.). 2012. *Cambridge history of South Africa. Volume 2: 1885–1994*. Cambridge: Cambridge University Press.

SABW (*Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*). Deel I, W.J. de Kock (red.) 1976 (2de druk), Pretoria: RGN; Deel II, W.J. de Kock en D.W. Kruger (reds.) 1986 (2de uitgawe), Pretoria: RGN.; Deel III, D.W. Kruger en C.J. Beyers (reds.) 1977 (1ste uitgawe), Pretoria: RGN.; Deel V, C.J. Beyers en J.L. Basson (reds.) 1987, Pretoria: RGN.

Trapido, S. 2012. Imperialism, settler identities, and colonial capitalism: The hundred-year origins of the 1899 South African War. In Ross e.a. (reds.). 2012.

Van den Bergh, G.N. 1975. Die polisiediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*. Kaapstad: Staatsdrukker.

Van Onselen, C. 2015. *Showdown at the Red Lion. The life and times of Jack McLoughlin, 1859–1910*. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.

Webb, C. 1952. The Uitlander movement in the South African Republic before the Jameson Raid. Ongepubliseerde BA Hons-skripsie. Universiteit van die Witwatersrand.

Koerante

De Volksstem, 1890–1895

Land en Volk, 1890–1895

Standard and Diggers' News, 1890–1895

The Press, 1894–1895

The Star, 1890–1895

Transvaal Advertiser, 1890–1895

Amptelike publikasies

Notulen Eerste en Tweede Volksraad, 1890–1895

Eindnotas

¹ *The Star*, 20 Maart 1893, “Tried and found wanting”.

² *The Star*, 16 Maart 1893, “Republics and their attributes”.

³ *Transvaal Advertiser*, 2 Februarie 1895, Hoofberig.

⁴ *Transvaal Advertiser*, 29 Augustus 1893, Hoofberig.

⁵ Vgl. C.T. Gordon se opmerking hieroor in *The Growth of Boer opposition to Kruger, 1890 to 1895*, ble. xii–xiii.

⁶ *Transvaal Advertiser*, 13 Junie 1893, Hoofberig.

⁷ *De Volksstem*, 18 Augustus 1894, “Bestuur”.

⁸ *Transvaal Advertiser*, 20 Junie 1893, Hoofberig.

⁹ *Transvaal Advertiser*, 20 Junie 1893, Hoofberig.

¹⁰ *Transvaal Advertiser*, 20 Junie 1893, Hoofberig.

¹¹ *Transvaal Advertiser*, 15 November 1895, Hoofberig.

¹² *Transvaal Advertiser*, 14 Oktober 1893, “About goals – Who ought to be in them?”

¹³ *Transvaal Advertiser*, 5 Desember 1892, “The ills of nepotism”.

¹⁴ *Transvaal Advertiser*, 8 Desember 1893, “Amphi Bias. Publick works”.

- ¹⁵ *Transvaal Advertiser*, 1 November 1893, “Nepotisme”.
- ¹⁶ *Transvaal Advertiser*, 14 Oktober 1893, “About goals – Who ought to be in them?”
- ¹⁷ *Transvaal Advertiser*, 30 Augustus 1895, “Another Wolmarans move”.
- ¹⁸ Volgens Cornelis Muller se doktrale proefskrif (2016:64) is sy aanstelling in November 1887 deur die Uitvoerende Raad goedgekeur maar nie deur middel van ’n formele resoluëie bekragtig nie; volgens Schutte se biografie in die SABW, V:739 het hy die pos sedert 1889 bekleë.
- ¹⁹ *Standard and Diggers’ News*, 11 Oktober 1894, “The Great State Scandal. The Police of Johannesburg. Commandant Schutte on their condition. Undermanned and underpaid”.
- ²⁰ *Standard and Diggers’ News*, 15 Oktober 1894, “The Johannesburg police force”.
- ²¹ *The Star*, 13 Oktober 1894, “Police and public”.
- ²² *The Star*, 13 Oktober 1894, “Police and public”.
- ²³ *Standard and Diggers’ News*, 2 Mei 1894, “Johannesburg police force”.
- ²⁴ *The Star*, 13 Oktober 1894, “Police and public”.
- ²⁵ *Standard and Diggers’ News*, 15 Oktober 1895, “The local police force”
- ²⁶ *The Star*, 15 November 1895, “The civil service chaos”.
- ²⁷ *Standard and Diggers’ News*, 15 November 1895, Hoofberig.
- ²⁸ *De Volksstem*, 16 November 1895, “Het ontslag van den Staatsprocureur”.
- ²⁹ *De Volksstem*, 16 November 1895, “Het ontslag van den Staatsprocureur”.
- ³⁰ *Standard and Diggers’ News*, 15 November 1895, “Wanted: A State Attorney”.
- ³¹ *Standard and Diggers’ News*, 15 November 1895, “Wanted: A State Attorney”.
- ³² *The Star*, 15 November 1895, “The civil service chaos”.
- ³³ *Transvaal Advertiser*, 15 November 1895, Hoofberig.
- ³⁴ *De Volksstem*, 16 November, 1893, “Het ontslag van den Staatsprocureur”.
- ³⁵ *Transvaal Advertiser*, 15 November 1895, Hoofberig.
- ³⁶ *Standard and Diggers’ News*, 15 November 1895, “Wanted: a State Attorney”.
- ³⁷ *Transvaal Advertiser*, 15 November 1895, Hoofberig.

- ³⁸ *Standard and Diggers' News*, 11 Oktober 1894, "The greatest state scandal".
- ³⁹ *De Volksstem*, 16 November 1895, "Het ontslag van den Staatsprocureur".
- ⁴⁰ *Transvaal Advertiser*, 15 November 1895, Hoofberig.
- ⁴¹ *Transvaal Advertiser*, 10 Augustus 1893, Hoofberig.
- ⁴² *Transvaal Advertiser*, 10 Augustus 1893, Hoofberig.
- ⁴³ *De Volksstem*, 9 November 1892, "Het kantoor van mijnwezen".
- ⁴⁴ *Land en Volk*, 14 Julie 1892, "Nog eens het mijnwezen".
- ⁴⁵ *Transvaal Advertiser*, 10 Februarie 1893, "Mr. Christiaan Joubert and Mr. Van Vooren".
- ⁴⁶ *The Star*, 16 Maart 1893, "Republics and their attributes".
- ⁴⁷ *De Volksstem*, 27 Julie 1892, "Tweede Volksraad, Woensdag 27 Julie".
- ⁴⁸ *De Volksstem*, 30 Julie 1892, "Tweede Volksraad, Donderdag 28 Julie".
- ⁴⁹ *Transvaal Advertiser*, 25 Mei 1893, "The Raads in session".
- ⁵⁰ *The Star*, 29 Julie 1892, "Do anything but snivel".
- ⁵¹ *De Volksstem*, 19 April 1893, "Hooggerechtshof. De Staat vs. Gerrit Verstegen".
- ⁵² *Transvaal Advertiser*, 22 Julie 1893, "S.J.P. Kruger, Q.C.".
- ⁵³ *Transvaal Advertiser*, 14 Maart 1893, "The Minister of Mines and Mr. Ribbink".
- ⁵⁴ *The Star*, 2 Mei 1893, "The speech".
- ⁵⁵ *Transvaal Advertiser*, 10 Februarie 1893, "Mr. Christiaan Joubert and Mr. Van Vooren".
- ⁵⁶ *The Star*, 16 Maart 1893, "Republics and their attributes".
- ⁵⁷ *De Volksstem*, 31 Mei 1893, Redaksioneel.
- ⁵⁸ *The Star*, 31 Mei 1893, "The Minister's report".
- ⁵⁹ *Transvaal Advertiser*, 10 Junie 1893, Hoofberig.
- ⁶⁰ Vgl. *Transvaal Advertiser*, 10 Junie 1893, Hoofberig.
- ⁶¹ *Transvaal Advertiser*, 2 Mei 1893, "Amphi Bias".

⁶² *The Star*, 19 Junie 1893, “Inviting the thunderbolt”; *Transvaal Advertiser*, 21 Junie 1893, “Fallen out”.

⁶³ *The Star*, 24 Junie 1893, “Oom Christiaan again”.

⁶⁴ *Transvaal Advertiser*, 23 Julie 1893, Hoofberig.

⁶⁵ *Transvaal Advertiser*, 23 Julie 1893, Hoofberig.

⁶⁶ Loopbaanskets in *The Star*, 15 September 1891, “State Mining Engineer. Portrait and jottings”.

⁶⁷ *The Star*, 19 Junie 1893, “Inviting the thunderbolt”.

⁶⁸ Notule Tweede Volksraad, 1895, art. 162.

⁶⁹ Notulen Tweede Volksraad, 1894, art. 182.

⁷⁰ Notulen Tweede Volksraad, 1894, art. 142.

⁷¹ *Transvaal Advertiser*, 21 Augustus 1894, “Afternoon sitting”.

⁷² *Transvaal Advertiser*, 22 Augustus 1894, “Second Chamber, Wednesday 22 August. Inspection of offices”.

⁷³ *Transvaal Advertiser*, 22 Augustus 1894, “Second Chamber, Wednesday August 22. Inspection of offices”.

⁷⁴ *Standard and Diggers’ News*, 25 Augustus 1894, “Second Chamber. Inspection of offices”.

⁷⁵ Notulen Tweede Volksraad, 1894, art. 185.

⁷⁶ Notulen Tweede Volksraad, 1894, art. 781.

⁷⁷ *Transvaal Advertiser*, 29 Oktober 1894, “Survival of the misfits, or universal selection”.

⁷⁸ *De Volksstem*, 1 Augustus 1894, “Tweede Volksraad”.

⁷⁹ Notulen Tweede Volksraad, 1894, art. 782

⁸⁰ *Transvaal Advertiser*, 29 Oktober 1894, “The survival of the misfits, or Universal Selection”.

⁸¹ *Transvaal Advertiser*, 31 Oktober 1894, “Original correspondence”.

⁸² Notulen Tweede Volksraad, 1894, art. 781.

⁸³ *Transvaal Advertiser*, 31 Oktober 1894, “Original correspondence”.

- ⁸⁴ *De Volksstem*, 22 April 1893, “Een nieuwe verkiesing?”.
- ⁸⁵ *Transvaal Advertiser*, 2 Februarie 1895, Hoofberig.
- ⁸⁶ *Transvaal Advertiser*, 26 Februarie 1895, Hoofberig.
- ⁸⁷ *De Volksstem*, 1 Maart 1893, “Presidents-Verkiezing”.
- ⁸⁸ *De Volksstem*, 15 April 1893,, “Presidents-Verkiezing”; *Land en Volk*, 20 April 1893, “De Kiezing”.
- ⁸⁹ Notulen Eerste Volksraad, 1893, art. 53; Sien ook brief van Joubert aan Kruger en lede van die Uitvoerende Raad, 21 Maart 1893 in *Land en Volk* van 18 Mei 1893.
- ⁹⁰ Notulen Eerste Volksraad, 1893, art. 52.
- ⁹¹ *Land en Volk*, 2 Maart 1893, “Rechtvaardigheid of oproer”.
- ⁹² Notulen Eerste Volksraad, 1893, art. 55.
- ⁹³ *The Star*, 9 Mei 1893, “Sold”.
- ⁹⁴ *The Star*, 9 Mei 1893, “Sold”.
- ⁹⁵ *The Star*, 10 Mei 1893, “A false move”
- ⁹⁶ *The Star*, 13 Mei 1893, “Mr. Jeppe’s speech”.
- ⁹⁷ *The Star*, 10 Mei 1893, “A false move”.
- ⁹⁸ *Transvaal Advertiser*, 12 Mei 1893, “All the fault of the Volksraad”.
- ⁹⁹ *Transvaal Advertiser*, 14 April 1893, “The so-called scrutiny”.
- ¹⁰⁰ *The Star*, 13 April 1893, “The numbers are not up”.
- ¹⁰¹ *The Star*, 13 April 1893, “The numbers are not up”.
- ¹⁰² *The Star*, 20 Maart 1893, “Tried and found wanting”.
- ¹⁰³ *The Star*, 20 Maart 1893: “Tried and found wanting”.
- ¹⁰⁴ *Transvaal Advertiser*, 7 April 893, “Kodikasine. The scrutiny”.
- ¹⁰⁵ *Transvaal Advertiser*, 22 Maart 1893, Hoofberig.
- ¹⁰⁶ *Transvaal Advertiser*, 5 Maart 1893, Hoofberig.
- ¹⁰⁷ *The Star*, 20 Maart 1893, “An abominable scandal”.

¹⁰⁸ *Land en Volk*, 4 Mei 1893, “Kruger’s vrienden”.

¹⁰⁹ *Standard and Diggers’ News*, 9 September 1892, “The President and the Jews”.

¹¹⁰ Vgl. hieroor *The Star*, 25 Augustus 1894, “How it works”; *Transvaal Advertiser*, “Second Chamber, Afternoon Sitting, Mr. Smit-Krugersdorp”; *De Volksstem*, 25 Augustus 1894, “Tweede Raad, Dinsdag, 21 Augustus, Mijnheer Smit te Krugersdorp”; Notulen Tweede Volksraad, 1894, art. 993.

¹¹¹ *Transvaal Advertiser*, 23 Maart 1894, “Kodikasine. Offices, offices everywhere, and not a soul to trust”.

Titus Matiyane, kartograaf en transnasionale *flâneur*

Elfriede Dreyer

Elfriede Dreyer, Departement Kunstgeskiedenis,
Visuele Kunste en Musiekwetenskap, Universiteit van Suid-Afrika

Opsomming

Die stedelike panoramas van die Suid-Afrikaanse kunstenaar Titus Matiyane (geb. 1964) – ’n eietydse buitestanderkunstenaar – is ’n waardevolle bron vir die bestudering van die begrippe *geokartering* en *flânerie* in eietydse Suid-Afrikaanse kuns. In hierdie artikel word die kunstenaar se panoramas geïnterpreteer in terme van geokartering as ’n uitdrukking van utopie, transendensie en bemagtiging van die plaaslike Suid-Afrikaner in die lig van koloniale en apartheidsgeskiedenis. Die kunstenaar word as ’n karterende *flâneur* geïnterpreteer en sy kunswerke word vertolk beide as produkte van verbeelde *flânerie* en, as gevolg van die groot skaal daarvan, as fisiese “plekke” wat verkenning en *flânerie* ontlok. In sy panoramas word die alledaagse werklikheid getransformeer in ’n globale simulakrum van utopiese eksotisme en glans waar die kunstenaar as *flâneur* die stad virtueel kan besoek en deurwandel. Jeremy Bentham se *panoptikon* en Michel Foucault se interpretasie hiervan is verdere teoretiese raamwerke wat die interpretasie van die kunswerke belig. Daar word bevind dat Matiyane ’n model vir globale, transnasionale identiteit daarstel deur middel van die oorskryding van sy eie fisiese en materiële beperkinge en sy dekonstruksie van die magshiërargieë van Eerste- en Derdewêreldstede. Matiyane word uiteindelik geïnterpreteer as ’n outentieke stem in die dekoloniale vestiging van Afrikaëse moderniteit.

Trefwoorde: buitestanderkunstenaar; dekolonialiteit; *flâneur*; geokartering; mag; Matiyane, Titus; panorama; solipsisme; utopie

Abstract

Titus Matiyane, cartographer and transnational *flâneur*

The urban panoramas of South African artist Titus Matiyane (b. 1964) – a contemporary outsider artist – is a valuable source in the study of the concepts of *geomapping* and *flânerie* in contemporary South African art. In this article the artist’s panoramas are problematised in

terms of geomapping as an expression of utopia, transcendence and empowerment of the local South African in the light of colonial and apartheid histories. The artist is interpreted as a mapping flâneur, while his artworks are considered both as products of imagined flânerie and, due to its large scale, as physical “places” that evoke surveillance and flânerie. In his panoramas everyday reality becomes transformed into a global simulacrum of utopian exoticism and glamour where the artist as flâneur can virtually visit and stroll through the city. Jeremy Bentham’s *panopticon* and Michel Foucault’s interpretation of it are further theoretical frameworks that illuminate the artworks. It is concluded that Matiyane creates a model for global, transnational identity by exceeding his own physical and material limitations and by his deconstruction of the power hierarchies of First and Third World cities. Matiyane is finally interpreted as an authentic voice in the decolonial establishment of African modernity.

Keywords: decoloniality; *flâneur*; geomapping; Matiyane, Titus; outsider artist, panorama; power; solipsis; utopia

1. Titus Matiyane: ’n inleiding

Die Suid-Afrikaanse kunstenaar Titus Matiyane (geb. 1964) kan met reg as ’n eietydse “outsider”-kunstenaar of buitestanderkunstenaar¹ beskou word, soos byvoorbeeld ook Helen Martins (1897–1976) van die Uilhuis in Nieu-Bethesda, of Jackson Hlungwani (1923–2010) wat in Mbokota Village naby Elim geleef en gewerk het. Buitestanderkunstenaars produseer met of sonder formele kunsopleiding in afsondering van die samelewing, dus sonder beïnvloeding van die kunsmark of -bedryf; óf hulle is selfonderrig en funksioneer binne die samelewingstrukture, en is buitengewoon suksesvol as kunstenaars. Die afwesigheid van bepaalde norme vir suksesvolle kunspraktyk in die produksie van buitestanderkuns maak die werk van hierdie kunstenaars potensieel besonder insiggewend as bron vir sosiopolitieke kommentaar, vir die ontleding van die ontologie van kunsmaakstrategie, en ook vir ’n studie van die kunsmark in Suid-Afrika. Die brute direktheid en eerlikheid wat meestal met buitestanderkuns gepaard gaan, soos in die geval van Matiyane, maak dit ook besonder geskik vir ’n ondersoek na onbelemmerde, outentieke stemme in ’n dekoloniale ondersoek na Afrikaïese moderniteit.

As buitestanderkunstenaar funksioneer Matiyane binne die samelewing, maar hy het nooit formele kunsopleiding ondergaan nie; hy produseer obsessief vanuit sy persoonlike visie en hy gebruik tegnieke en prosesse waarvan hy persoonlik oortuig is. Hy het dus nooit die formele taal van kuns of die maniërismes van institusionele onderrig geabsorbeer nie en daar is ook nie begrip vir die meganismes van evaluering en goedkeuring daaraan verbonde nie. Vanuit sy werksruimte in Atteridgeville skep hy panoramas van groot wêreldstede (figuur 1) en funksioneer hy in sy eie oë as ’n tipe argivaris, ’n dokumenteerder van plek en plaaslike geskiedenis wat nie deur fotografie vasgevang kan word nie. In sy werksproses word die kunstenaar van sy alledaagse bestaan vervreem en virtueel gewerp in ’n transnasionale en globale, maar kunsmatige identiteitswenteling wat met mag en grensloosheid flanker, en hy “reis” so deur die wêreld as ’n tipe virtuele, globale flâneur.

In hierdie artikel word daar ’n saak daarvoor uitgemaak dat die kunstenaar se skepping van panoramas as ’n verbeeldingryke vorm van flânerie eerstens as ideologies en utopies van aard

beskou kan word en tweedens as 'n simptoom van 'n begeerte na wording, simulakrum en transendensie.



Figuur 1. Titus Matiyane, *Panorama of Antwerp*, 2014. Gemengde media op Fabriano, 140 x 600 cm. Foto: Elfriede Dreyer

2. Geokartering

In die geoeskiedenis van 'n kunswerk speel die plek en omgewing waaruit dit ontspring 'n sentrale rol, ook so in die geval van Matiyane se kuns, wat in 'n omgewing met 'n postkoloniale geskiedenis van magsentra en -periferieë geproduseer word. In *Time and place: the geohistory of art* voer Thomas DaCosta Kauffmann² (2005:5) aan dat kartografie en kartering nog altyd een van die hoofmetodes van die geografering van kuns behels het, omdat dit die fundamentele kenmerke van die aard, karakter en identiteit van die kunswerk ontbloom, byna soos met die bestudering van aardoppervlakke.³ Sodanige kartering beteken dat die plek van kunsproduksie, die geskiedenis van die spesifieke plek en die karakter van die plek bepalend is vir die identiteit en betekenis daarvan, maar ook vir die *provenansie* ('n begrip vir die herkoms) van die werk. In "Mediating place-identity: Notes on Mathias Woo's *A very good city*" (2008) spreek Alice Ming Wai Jim (2008:264) die mening uit dat die bevestiging van "wie ons is" dikwels intiem verband hou met "waar ons is", 'n idee wat in die psigologiese greep van die omgewingskonsep van plek-identiteit gevange is. Geokartering is deel van sodanige plek-identiteit van die kunswerk, wat ook transmutasie van plek kan inhou.


Matiyane se kunstenaarsvisie is gegrond op die geskiedenis van die spesifieke plek en die karakter van die Suid-Afrikaanse geskiedenis van apartheid – ook gewortel in rassepolitiek – wat bepalend is vir die identiteit en interpretasie van sy werk. Om 'n kunswerk in die konteks van die geografie daarvan te interpreteer, beteken dat idees oor nasionaliteit, identiteit en rassedenke in die proses verweef raak, aangesien, soos DaCosta Kauffmann (2005:5) aanvoer, ras nog altyd die basis vir ideologiese nasieskap gevorm het, alhoewel dit ook 'n sosiale konstruksie is. Die kunstenaar woon en werk in Atteridgeville, 'n dorp langs Pretoria in Tshwane. Dorpe soos Atteridgeville wat sedert 1948 in Suid-Afrika tydens die apartheidsregime geskep is, was aanvanklik op rassebasis gedetermineer en het inwoners soos dié van Atteridgeville se operasionele beweeglikheid in 'n groot mate beperk, en ook tot in 1985 'n bepalende invloed op die werksaamhede en uitsluiting van kunstenaars van alle rassegroepe in Suid-Afrikaanse uitstallings uitgeoefen.⁴

Ondanks die sosiopolitieke ommekeer en transformasie van Suid-Afrika sedert die 1990's (en veral na 1994, toe die African National Congress aan bewind gekom het), word die impak en oorblyfsels van die segregasiebeleid nog steeds deur veral die ouer geslag van kunstenaars

soos Matiyane ervaar. Alhoewel Matiyane al verskeie solo-uitstallings in van die belangrike museums in wêreldstede – soos Bamako,⁵ Lyon, Delft, Berlyn en Johannesburg – aangebied het, funksioneer hy as kunstenaar sonder 'n behoorlike ateljee en sonder galery-verteenwoordiging, aangesien hy gewikkel is in 'n daaglikse oorlewingstryd wat sy beweeglikheid, kommunikasiekanale en bedryfskapitaal beperk. Hy woon in 'n huis van ongeveer 25 vierkante meter saam met 'n eggenoot en verskeie kinders en produseer sedert 1990 sy monumentale panoramas op 'n klein koffietafelblad van 40 x 60 cm.

Alhoewel Matiyane afgesien van enkele internasionale besoeke dus gebonde is aan sy huis in Atteridgeville, produseer hy panoramas van verskeie dorpe en stede in Suid-Afrika en elders in die wêreld. Hierdie panoramas, wat subjektiewe dokumentasie en verbeeldingryke herkartering behels, wissel van 250 tot 4 500 cm in lineêre dwarslengte. *Panorama of Pretoria* (2014) is byvoorbeeld 1 800 lopende cm lank en die beeld strek van Mamelodi buite Pretoria tot by Soweto buite Johannesburg; *Panorama of the Netherlands: Rotterdam to Amsterdam* (2000) is 2 300 cm lank. Die vertrekpunt in Matiyane se werk is kommersiële kaarte wat deur borge of opdraggewers geskenk word of by plaaslike skryfbehoeftewinkels aangekoop word en (sedert 2008, toe hy 'n rekenaar kon aankoop met toekenningsfondse van die staat) Google-kaarte. Deur middel van die bestudering van hierdie kommersieel beskikbare kaarte en internetbeelde van wêreldstede, karteer hy stede dan as groot panoramakunswerke volgens sy eie interpretasie en visie sonder dat hy in die oorgrote meerderheid van die gevalle ooit die stad besoek of kon besigtig het. Deur middel van sy verbeelding word hy dus 'n globale, transnasionale reisiger wat uitbeeldings van die geoeskiedenis van hoofsaaklik bekende wêreldstede produseer. Só word die tuiste van die plaaslike plek-identiteit omskep in 'n proses van virtuele globalisering.

Die kunstenaar se “oorvereenvoudigde” vormgewing, sy “inkleur”-styl (in sy geval met kleurpotlode en viltpenne), sy gebruik van skematiese buitelyne, en sy insluiting van heelwat skrif toon 'n sterk ooreenkoms met die algemene styl van reisjoernale en dagboeke (figuur 2). Suid-Afrikaanse koloniale reisigers soos Thomas Baines (1820–1875) en Thomas Bowler (1812–1869) se kartografiese uitbeeldings⁶ het ook hoofsaaklik die geografie van die land behels en mense is grootliks uitgelaat (Huigen⁷ 2009:209), of is proporsioneel op klein skaal binne die oorweldigende skaal van die landskap uitgebeeld, soos byvoorbeeld dié in reisjoernale van David Livingstone. Mense is merendeels as natuurverskynsels beskou en uitbeeldings het eerder op die panoramas van verlate landskappe gefokus, asof in voorbereiding vir koloniale uitbreiding en kapitalistiese uitbuiting. Hierdie reisigers het ook hulle eie teenwoordigheid probeer verbloem om so die indruk van objektiwiteit te versterk. “Where, one asks, is everybody? The landscape is written as uninhabited, unpossessed, unhistoricized, unoccupied even by the travellers themselves” (Pratt 1992:51).




Figuur 2. David Livingstone, handgetekende kaart van Livingstone se velddagboek.
(<http://oregonwin.com/ua/ncs/archives/2015/jun/scottish-explorer-david-livingstone's-writings-drawings-now-available-through-onli>)

Dit kan aangevoer word dat sodanige koloniale uitbeeldings 'n skyn van objektiwiteit onder invloed van die etnografiese en wetenskaplike impulse van die 19de eeu vertoon; Huigen (2009:77–8) voer aan dat 17de- en 18de-eeuse empiriese wetenskap hoofsaaklik op utiliteitskennis gegrond was, soos Robert Boyle (1627–1691)⁸ wat verwys het na die betroubaarheid van die verhale van “eenvoudige”, “eerlike” handelaars, asook na Montaigne (1533–1592), wat voor Boyle in 'n essay oor kannibale (Des Cannibales, *Essays* I, xxxi) aanbeveel het dat “eenvoudige” mense as betroubare waarnemers geag moet word (Huigen 2009:78).⁹ Volgens Huigen is die reisjoernale van handelaars as eerliker, en daarom as waardevoller, as navorsers se tesse geag, aangesien die siening was dat laasgenoemde daarop gemik was om 'n eie standpunt of siening uit te beeld en daarom geneig was om feite te verdraai.¹⁰ Maar, soos Neville Smith (2015:80) met verwysing na Thomas Baines aanvoer, dit sal misleidend wees om koloniale uitbeeldings as eenvoudige naturalistiese uitbeelding of as “objektief” te beskou. In sy interpretasie van Baines se 1859-uitbeelding van twee slawevroue aan boord van die Britse patrollieboot *HMS Lynx* toon Smith aan hoe die kunstenaar “became entrapped in his own processes of representation and how the images may be seen both to serve his purpose of recording his observations and obscuring them” (Smith 2015:81). Terwyl Baines etnografiese besonderhede uitgebeeld het, het hy terselfdertyd sy eie ongemak met die vroue se situasie uitgedruk (Smith 2015:81), al is dit dan bloot deur sy keuse van onderwerpsmateriaal. Sodanige uitbeeldings was dus eerder pseudowetenskaplik, spekulatief en subjektief van aard.


Matiyane se geokartering van groot wêreldstede behels op soortgelyke wyse 'n eenduidige, “eerlike” perspektief wat gegrond is op 'n deduktiewe herverbeelding van die waargenome landskap. Volgens hom is sy panoramas gegrond op 'n feitelike dokumentering van 'n stad, maar die werke toon dikwels 'n uitlaat van besonderhede, “onakkurate” kartering en gestileerde uitbeelding. In figuur 3 beeld Matiyane byvoorbeeld die rasgebaseerde ruimtelike verdeling van stede en omliggende gebiede tydens die apartheidsregime uit met 'n omlyning

van die buitedorp “Shapville” (sic, vir Sharpeville) met die dorpe Vryburg en Bloemhof weerskante daarvan;¹¹ maar in sy uitbeelding (byvoorbeeld van die buiterandvoorstede om Pretoria, figuur 4) word die “negatiewe” besonderhede (soos tekens van armoede, verwaarloosing en onverwyderde rommel) van buitedorpe uitgelaat; huise word minimalisties en gestileerd uitgebeeld; en die “glans” van die Wonderboomlughawe en sy vliegtuie word ’n fokuspunt. Hy sluit ook slegs figuratiewe inhoud in as deel van sy uitbeelding van monumente, soos die Cristo Redentor-beeld op Berg Corcovado in sy *Panorama of Rio de Janeiro*(2013), figuur 5, en collage van Nelson Mandela in sommige panoramas, soos byvoorbeeld in *Panorama of Gauteng*(2010), figuur 6. Die landskap oorheers en die figure word oënskynlik op neutrale wyse as deel van die proses van die kartering van die landskap ingesluit.

Wat betref sy blote keuse van onderwerpsmateriaal – groot stede van die wêreld – asook die stilistiese tegniek en die rol van sy verbeelding, word ’n behoefte aan ’n identiteit wat groter en glansryker is as die plaaslike identiteit uitgedruk. As sulks ontstaan daar visuele spanning tussen die sogenaamde “korrekte” dokumentasie van die stad – waarvan die kunstenaar oortuig is – en die konseptuele implikasies onderliggend aan die gebrek aan korrektheid. Matiyane se keuses spreek van persoonlike vertolking, subjektiewe kommentaar en dikwels ’n emosionele beleving van die geografie, ’n situasie of gebeurtenis. Hy oorkom só die beperkinge van koloniale en apartheidserfenisse en -politiek wat hom weerbaar gelaat het in Atteridgeville, en op optimistiese wyse omarm hy wel sy identiteit as deel van ’n spesifieke geografie en geskiedenis, maar hy probeer hom ook doelbewus daarvan distansieer. Die kunstenaar skep sodoende ’n veelvlakkige integrasie met die geskiedenis van apartheid in Suid-Afrika, wat nie net beheer in terme van plek en beweeglikheid behels het nie, maar ook die regte van die individu aangetas het; meer nog, karteer hy op skynbaar meganiese en neutrale wyse die argitektoniese en geografiese impak van apartheid.¹²



Figuur 3. Titus Matiyane, *Panorama of Gauteng* (detail), 2010. Gemengde media op Fabriano, 120 x 350 cm. Foto: Elfriede Dreyer



Figuur 4. Titus Matiyane, *Panorama of Gauteng* (detail), 2010. Gemengde media op Fabriano, 120 x 350 cm. Foto: Elfriede Dreyer



Figuur 5. Titus Matiyane, *Panorama of Rio de Janeiro* (detail), 2013. Gemengde media op Fabriano, 120 x 1 000 cm. Foto: Elfriede Dreyer



Figuur 6. Titus Matiyane, *Panorama of Gauteng* (detail), 2010. Gemengde media op Fabriano, 120 x 350 cm. Foto: Elfriede Dreyer

3. Utopie

Die kunstenaar se geokartering stel vrede, harmonie, orde, stelsel, struktuur en vooruitgang voor en in hierdie sin artikuleer dit utopiese sentiment. *Utopie*¹³ is essensieel 'n fiktiewe konstruksie, 'n verbeelde ontwerp in ruimte, tyd en plek (Dreyer 2001:16) en kan verwys na enige plek, staat of situasie van ideale perfeksie, of enige visionêre skema of sisteem vir 'n ideale perfekte sosiale orde (Gallagher 1964). Maar dit kan ook 'n reaksie op 'n onwenslike sosiale of politieke toestand aandui as 'n tipe manifestasie van die onervulde hoop en drome van mense sodat “goeie” en “ideale” utopiese konstruksies oorwegend 'n immanente digotomie tussen werklike en verbeelde wêreld bevat (Dreyer 2001:16).

Van spesifieke belang vir Matiyane se werk is die sosioloog Karl Mannheim (1936:36) se siening van utopie as 'n sisteem wat poog om die huidige situasie te verbeter deur 'n ander stelsel met “goeie” teleologiese uitkomst in die plek van die status quo te ontwerp. As kunstenaar en persoon funksioneer Matiyane binne 'n dominante en kragtige sosiopolitieke struktuur, en sy artistieke ingesteldheid en konseptuele stukrag is tekenend van 'n individu wat ondergeskik staan aan sodanige struktuur.¹⁴ In die konteks van sy daaglikse moeilike omstandighede blyk die ooglopend spektakulêr-suksesvolle karakter van groot wêreldstede se argitektuur, motors, modieuse inwoners en winkels met die nuutste produkte 'n globale utopie vir hom te wees; plekke waarheen hy kan ontvlug om van sy moeilike omstandighede en angstigtheid te vergeet. Deur meestal stede uit te beeld wat hy nog nooit besoek het nie, druk Matiyane 'n begeerte en 'n verlange na die eksotiese Ander uit, sodat sy verhouding tot plek essensieel deur utopiese transmutasie gekarakteriseer word. Daar is 'n aanduibare verhouding tussen utopiese konstruksie en plesier (Dreyer 2001:26) in die daarstelling van 'n plek van ontvlugting of 'n geïdealiseerde staat van sogenaamde perfekte ontwerp wat geluk

kan waarborg. In dié verband word die konsep van die groen tuin (byvoorbeeld eiland- en paradyskonstruksie) en veral streng geordende tuine (Renaissance) ook verbind aan utopie.¹⁵

Ironies genoeg is Matiyane se werk 'n reaksie op utopiese apartheidsontwerp wat (eenduidig) daarop gemik was om die geluk en harmonie in die Suid-Afrikaanse samelewing te bewerkstellig. Die kunstenaar skep 'n reaktiewe utopiese uitdrukkingsvorm wat hy in die globale sfeer, maar ook in die Suid-Afrikaanse nasionale arena van die groot stad aktiveer. Die grafiese elemente in sy werk – lyne wat kruis en dwars die ordening en bewoning van die stad, horisonne, asook die verdeling van die grond aandui – word utopiese aanwysers van plek en ruimte. Die fisiese aksie van die trek van die lyn is utopies van aard, deurdat die kunstenaar so te sê die verlede teleologies “trek” na 'n nuwe horison en 'n nuwe plek van vrede, harmonie en geluk. Tog, alhoewel die geografie van plek en die spesifieke moment in tyd in die produksie van sy werk deurslaggewend is, bly sy uitbeelding simulatie eerder as dokumentering.

4. 'n Magspel

Suggesties van beheer en mag speel 'n sentrale rol in die werk van Matiyane. Deur middel van die uitbeelding van 'n magtige, imposante stad bemagtig die kunstenaar homself en verkry hy “beheer” oor die stad en die geografie, veral omdat hy dit kan na eie goëddunke doen. Matiyane was nog altyd geïnteresseerd in nasieskap en die magsverhoudings wat in regerings en vennootskappe gesetel is: netwerke en strukture waarmee die kunstenaar homself vereenselwig. Op 'n onlangse uitstalling, *Titus Matiyane, Panoramas of the BRICS Capitals* (2015),¹⁶ het Matiyane byvoorbeeld ses panoramas van die hoofstede van die BRICS-lande uitgestal, insluitende *Panorama of Moscow* (2015), *Panorama of New Delhi* (2015), *Panorama of Shanghai* (2013, figuur 7), *Panorama of Rio de Janeiro* (2013), *Panorama of Gauteng* (2014) en *Panorama of Africa: Cape to Cairo* (2015).¹⁷ Matiyane word gefassineer deur politieke spiere en die kommersiële en kulturele masjinerie wat in die groot stede aan die werk is, soos verteenwoordig in beelde van fabriek, tegnologie en politieke simbole in sy werk.

In die meeste van die kunstenaar se panoramas word ingewikkelde, magtige en vinnige voertuie soos vliegtuie, treine en groot skepe ingesluit wat lang afstande maklik kan oorbrug. Die verbindingslyne en roetes word aangedui, om sodoende die geografie van die aarde te omskep tot 'n globale komplekse netwerk waar gelykheid en ekwivalensie seëvier. In die panoramas is daar verder ook eenwording tussen die sogenaamde Derde en Eerste Wêreld; ekonomieë en fasiliteite word verenig en merkbare verskille val weg. Grense is byna onsigbaar en gebiede word slegs deur plekbenoeming aangedui. Grensuitwissing vind plaas deur middel van 'n deurlopende of formulistiese styl in die hantering van die verskillende komponente van die panorama en die skep van aaneenlopendheid, byna asof die panorama net as 'n “toevallige” keuse of dwarssnit uit die groter panorama van die wêreld funksioneer. Vanweë die kunstenaar se uitwissing van hiërargieë is daar ook geen merkbare verskille of teenstellings tussen dié wat het en dié wat nie het nie, dus tussen armoede en welvaart nie; en daar is geen ang, verlies of rassediskriminasie nie. 'n Postapartheid, globale psigografie van ruimte word geskep waarin kulturele verskille gelykgemaak word in die uitbeelding van stede en omliggende gebiede. Deur middel van speelse maskerade skep Matiyane vorme van

simulakrum deur middel van die uitvoering van kunsmatige, ideale identiteit en grensuitwissing.



Figuur 7. Titus Matiyane, *Panorama of Shanghai* (detail), 2016. Gemengde media op Fabriano, 120 x 130 cm. Foto: Elfriede Dreyer

Die kunstenaar se uitwissing van grense kan verder vertolk word as 'n bemagtigingsaksie waarin postkoloniale begrening gedekonstrueer word en 'n nuwe, herontwerpte, gedepolitiseerde wêreld geskep word. Sy werk spreek in dié sin van 'n "ontheiliging" van ruimte in sy panoramas waar teenstellings wegval en die spore van kolonialisme, apartheid en nasiestaat-hiërgargieë en die groot verskille tussen Eerste en Derde Wêreld uitgeskakel en gedekonstrueer word; so ook die binêre verhoudinge tussen ras en plek. Volgens Michel Foucault in *Of other spaces* (1986:2) bly sekere eietydse ruimtes teoreties steeds "heilig", ondanks die netwerke van kennis wat die mens in staat stel om dit te begrens of formaliseer. Hiermee bedoel Foucault dat sekere opposisies en teenstellings steeds bly bestaan, soos die verskil tussen private en openbare ruimte, tussen familie en sosiale ruimtes, en ontspanningsruimtes teenoor werksruimte. "All these are still nurtured by the hidden presence of the sacred," skryf hy (Foucault (1986:2). Daarteenoor gaan Matiyane dissosiatief en analities te werk, byna wetenskaplik, met 'n toeristiese blik¹⁸ in die mees radikale vorm, bestaande uit die oppervlakkige indrukke van 'n volkome buitestander wat op die oog af neutraal en gedistansieerd waarneem. Hierdie houding bemagtig hom om te "ontheilig", radikaal die koers van die geskiedenis te probeer stuur, en selfs aan die verlede te skaaf.

Matiyane se buitestanderkuns is ongeskool en *brut*, maar gerig op 'n gehoor. In gesprek met die kunstenaar stel hy dit keer op keer dat hy die beroemde en magtige stede as onderwerpsmateriaal kies omdat die kunsversamelaars van die uitgebeelde land, die politieke rolspelers, of die ambassades – "hulle" – daarvan sal hou en die werk sal geniet. As deel van sy kunstenaarsvryheid kies Matiyane meestal die groot en beroemde stede van die wêreld,

maar hy beeld ook soms perifere plekke van identiteit uit, byvoorbeeld dorpe soos Soweto en Atteridgeville. Deur soms minder prominente Suid-Afrikaanse stede en dorpe in sy kanon van beroemde stede in te sluit, suggereer die kunstenaar 'n strategie van intervensie wat die paradigmatische wêreldpersepsie van 'n Afrikastad soos Johannesburg as Derdewêreld en gemarginaliseerd dekonstrueer. In 'n werk soos *Johannesburg, City of Gauteng*, sluit Matiyane beelde in van Mandela, die FIFA Wêreldbeker-trofee, O.R. Tambo Internasionale Lughawe en 'n inskripsie wat lees: "The Fifa executive members who hold our future in their hands". Sy metode word daarom 'n strategie van magmediasie om die land se instrumente van voordeel uit te lig in die globale sfeer.

In die lig van Matiyane se afhanklikheid van borgskappe en sy bewondering vir mag en magstrukture ontwikkel sy kunstenaarsidentiteit ironies genoeg in 'n konstruksie wat terugverwys na die bekende beskermheerstelsels sedert die antieke tyd waarin die kunstenaar 'n ondergeskikte posisie teenoor magshebbers en werkgewers uit die adelstand, koninklikes en die kerk (byvoorbeeld die Huis van die De Medici in Florence gedurende die 15de eeu) beklee het en die kunswerk dikwels 'n onderhandelbare kommoditeit geword het. As sodanig word die proses van dekonstruering van historiese prosesse van marginalisering en die kunstenaar se diskoers van weerstand gesedimenteer deur dieselfde magstrukture wat dit poog om te weerstaan.

Matiyane word 'n magtige nomade in sy verbeelding; verplaas en diaspories in sy soeke na roem en rykdom deur middel van sy persoonlike fusie met "beroemde" en "suksesvolle" stede. Só word hy bemagtig en verhef uit sy alledaagse bestaan tot 'n globale reisiger met keuses en op verbeelde wyse toegerus met die nodige middele tot 'n virtuele plesiervolle, vrye lewe van wêreldreise. Tog bly die kunstenaar se magspel gemoeid met 'n impotente simulatie van mag deurdat sy werk geen werklike impak op magstrukture kan hê nie, en hy ook geen werklike invloed op utopiese magstelsels kan uitoefen nie. Dit bly 'n kunsmatige verhouding en 'n persepsie met bestaansreg in die verbeelding. Maar, die kunstenaar se visie projekteer optimisme en hoop, en dekonstrueer die opvatting van historiese prosesse as kategorie vas en ononderhandelbaar.

5. Die *panoptikon*

In die konstruksie van sy lang, "lopende" multiperspektiefkomposisies skep Matiyane panoptikonagtige ontwerpe waar hy funksioneer as 'n tipe "toesighouer" wat die stad van 'n enkele punt van waarneming verken – sy eie. In 1791 het die Engelse filosoof en sosiale teoretikus Jeremy Bentham, die idee van die *panoptikon* geformuleer as 'n spesifieke tipe institusionele gebou-ontwerp waar toesig deur 'n enkele wag dit op sodanige wyse moontlik gemaak het dat die totale instansie vanaf 'n enkele gesigspunt verken kon word.¹⁹ Bentham se argitektoniese ontwerpe was gemik op die ontwerp van instansies soos tronke of korporatiewe omgewings waar gevangenes of werkers waargeneem kon word sonder dat hulle bewus is daarvan (Bentham 1995:6).²⁰ In sy kritiese beskouing van Bentham se idee van die panoptikon argumenteer Foucault (1995:207–8) dat die panoptikon amplifikasie ten doel gehad het:

[A]lthough it arranges power, although it is intended to make it more economic and more effective, it does so not for power itself, not for the immediate salvation of a

threatened society; its aim is to strengthen the social forces – to increase production, to develop the economy, spread education, raise the level of public morality, to increase and multiply.

Foucault (1995:208) argumenteer verder dat die panoptikon hierdie prosesse slegs deur middel van die produktiewe vermeerdering van mag in die fondasies van die gemeenskap wat verband hou met dissiplinering en orde kan bewerkstellig.

Elemente van hierdie Foucaultiaanse politieke anatomie van magsontwikkeling is terug te vind in Matiyane se magsontplooiing op die vlak van stadsplan en -argitektuur as 'n simboliese ontwerp van ordening, op die oog af gedissiplineerd en geregimenteerd. Die kunstenaar poog om postapartheid toestande van demoralisasie te dekonstrueer, maar dit gaan vir hom ook oor die magsvertoon verborge in sy vermoë om 'n uitgebreide, oorsigtelike panoptikon van die stad te kan skep. Foucault (1995:208) verwys na die beroemde beeld van Bentham se sirkelvormige tronkhok, 'n “wetende” toring van mag, wat ooreenkomste toon met Matiyane se toring in sy *Panorama of Shanghai*, figuur 7. Vir Bentham het die toring gestaan as verbeelding van die perfekte gedissiplineerde instelling met magsimplikasies deur middel van verkenningstrategieë; vir Matiyane funksioneer dit as 'n simbool van die mag self.

Die kunstenaar se onbewuste gebruik van panoptikonperspektief bevestig sy verbeelde magsverhouding met groot wêreldmoondhede, verteenwoordig deur hul stede. Net so, voer die Nigeriese kurator Okwui Enwezor (2004:37) aan, het apartheid se ontwerp van staatsbeheer 'n karakter van panoptiese beheer vertoon, waar 'n “archival and indexical referent [...] exists between norms of inscription and exposure, surveillance and disappearance”. Wanneer die utopiese sisteme van mag inskop – soos in die konteks van die panoptikon van apartheid, koloniale imperialisme of ander totalitêre stelsels – word die stelsel onderdrukkend deurdat die eenpuntperspektief en beheer verontmensliking, en in vele gevalle die afwesigheid van empatiese nuanses, veroorsaak. Insgelyks voer David Lyon in *The electronic eye: The rise of surveillance society* (1994) aan dat industriële omgewings (soos stede) panoptiese gemeenskappe van “toesig” (of liever “verkenning”) (“surveillance”) geword het deur middel van die konstant vernuwende gevorderde vlakke van tegnologie, en hierby kan ook die elektroniese en digitale omgewings gevoeg word waar digitale soek, delwing en verkenning uitstaande eienskappe is, en ook grotendeels deur ontmensliking gekenmerk word.

6. Matiyane die flâneur

Die idee van verkenning en die panoptikon is konseptueel verwant aan die idee van die *flâneur*,²¹ die wandelaar in die stad, wat in die 19de eeu in die Franse digter Charles Baudelaire se werk ontwikkel het, duidelik in byvoorbeeld “Paysage”(uit *Les fleurs du mal*, 1857), waar die digter vanuit sy soldervenster na “the chimneys, the clock towers, those masts of the city, and the great skies that make one dream of eternity” van die stad staar (Sharpe 1990:41). Meer as 'n 100 jaar later word dieselfde gesigspunt aangetref in die mistige fotografie van Parys in die werk van die kunstenaar-fotograaf Brassai, eenmaal beskryf as die “oog van Parys”. In sy werk word die fisiese grense van die stad oorskry en word die manlike blik (“gaze”) van die fotograaf getransfikseer op die skoonheid van die stedelike argitektuur

en die verborgenheid en dubbelsinnigheid daarvan. Volgens Dreyer en McDowall (2012:41) verwys die manlike blik na die idee dat mans die draers is van die blik en vrouens die onderwerpe daarvan is; manlike plesier vorm deel van hierdie proses. Hulle (2012:31) motiveer die manlike gendraard van die flâneur as volg:

[Men as flâneurs were] privy to unexpected and unplanned sensual encounters on the streets, since the only women on the streets were prostitutes and working girls. It is here that the male gaze comes to the fore, where the flâneur has the opportunity to consume the women on the streets without the necessity of a monetary transaction.

Dreyer en McDowall (2011:9) argumenteer dat die flâneur se vermoë om die stad tot skouspel te reduceer en sy vermoë vir obsessiewe waarneming van kardinale belang is vir die verstaan van die konsep van die flâneur. Hulle argumenteer verder dat die flâneur en die ontluiking van verkenning as 'n integrale deel van die eietydse sosiale lewe analoog is met die ontwikkeling van 'n verbruikersgemeenskap, aangesien verbruiksdata voortdurend deur middel van die verkenning bymekaar gemaak word (2011:6). Hulle voer aan dat soos wat die samelewing van industriële produksie na postmoderne verbruiking beweeg het, laasgenoemde die betekenisvolste kenmerk van die eietydse lewe geword het (2012:31). Die flâneur word aangetrek na die skouspel van die stad en die kommoditeite wat aangebied word en bevind homself in 'n diepgaande massamedia-gemeenskap wat uit simulaties bestaan wat nie noodwendig bevraagteken word deur diegene wat daaraan blootgestel word nie. Die inligtingsoorlading word merendeels verbruik sonder dat betekenis daaruit verhaal word, en as sodanig word die flâneur “a vicarious conqueror, self-confirmed in his mastery of the empire of the gaze while losing his own self in the commodified network of popular imperialism” (Dreyer en McDowall 2012:31).

Deur middel van kartering weerspieël Matiyane se flânerie 'n “verbruiking” van die stadsomgewing en versadig sy geokartering van die stad 'n behoefte aan besitting en oordad. As *flâneur* psigoromantiseer hy die stad en swig hy voor die verleidelikheid van die skouspel van die stad as paradys. Sy blik is obsessief, maar as gevolg van sy gestileerde, “onemosionele” vorm van uitbeelding word die skyn gewek dat hy nie betrokke raak by sy gekose onderwerpsmateriaal op morele, sosiale of politieke vlak nie; hy bly skynbaar neutraal en bly niks meer as 'n waarnemende toeskouer nie. Maar Matiyane se vorm van uitbeelding moet eerder as 'n handhawing van 'n posisie van dissosiasie gesien word en as 'n proses van ontvlugting van die problematiese sosiale realiteite van postapartheid Suid-Afrika. Verder stel hy met virtualiteit betekenisvolle verhoudinge op deur sy formele en konseptuele fokus te beperk tot die piktorale ontwerp en detail van sy onderwerp, soos in sy uitbeelding van figure in sy panoramas wat beperk bly tot die dokumentering van openbare beelde soos die Cristo Redentor (figuur 5) en Nelson Mandela as 'n simbool van mag in *Panorama of Africa, Cape to Cairo* (figuur 8), wat as 'n god of swewende engel in 'n verhewe posisie bo die stad geplaas word. In die konsep van die kunstenaar as flâneur wat die stad uit 'n “verhewe” oorsigtelike, panoptikonposisie waarneem, word die kunstenaar een met die legendariese vorige Suid-Afrikaanse staatspresident en Nobelpryswenner en word hy só uitermate bemagtig.



Figuur 8. Titus Matiyane, *Panorama of Africa, Cape to Cairo* (detail), 2015. Gemengde media op Fabriano, 120 x 800 cm. Foto: Elfriede Dreyer

Alhoewel flânerie en bemagtigingsaksies in die verbeelding van die kunstenaar geskied, impliseer die aanskouing van Matiyane se panoramas tog ook fisiese flânerie van die aanskouer deurdat sommige van sy panoramas tot 4 600 cm beloop (*Panorama of Pietersburg to Sasolburg*, 2004) en die totale beswaarlik in 'n enkele oogopslag ingeneem kan word. Dit vereis van die kyker 'n fisiese handeling van loop langs die werk verby, byna soos die flâneur in die stadsomgewing verby 'n winkelvenster of op 'n sypaadjie loop.

Matiyane se skep van lang “loop”-panoramas behels op tweërlei wyse 'n vorm van weerstand en transformasie: eerstens vir die kunstenaar self as 'n proses waarin die feitelike onaangename werklikheid weggeromantiseer kan word in die flânerie-handeling; en tweedens as 'n proses waarin die kyker in die flânerie-handeling deel kan word van die alternatiewe geromantiseerde visie van die kunstenaar en visueel verlei en vermaak word deur die speelse en idiosinkratiese detail van die werk. Ruimtelike ordening binne die raamwerk van sy panoramas bemagtig die ontluiking van alternatiewe ruimtes as dié van die waargenome en beleefde realiteite; dit word gedekonstrueerde, verbeelde ruimtes waarin die toeskouer wegdryf en die gegewe realiteit transformeer.

7. Liggaamlikheid en solipsisme

Die verbintenis tussen die menslike liggaam en die beboude omgewing was nog altyd 'n gekonnekteerde en verweefde verhouding. In sy inleiding tot 'n publikasie wat handel oor die definiëring en omvang van die neerslag van die flâneur in hoofsaaklik letterkunde en film, beskryf Robert Wrigley (2014:1) een van die fundamentele eienskappe van die flâneur as 'n “embodiment of the anguished urbanity in retreat from the inhospitable environment of the city and its threatening crowds”. Vir Morris (2006:677) is flânerie 'n vorm van liggaamlike

weerstand: hy verwys na Michel de Certeau se *The practice of everyday life* (1984) in hierdie verband, en hoe van die sleutelbydraes wat laasgenoemde tot kultuurstudies gemaak het, uit sy idee van praktyk as 'n vorm van persoonlike uitdrukking gespruit het. De Certeau se argument in dié verband is dat ruimte en plek nie merendeels neutrale eienskappe van die beboude omgewing is nie, maar dat hulle deur gebruikers en verbygangers geaktiveer word as retoriese praktyke (Morris 2006:677). De Certeau (1984:98) argumenteer soos volg:

[I]f it is true that a spatial order organizes an ensemble of possibilities (e.g. by a place in which one can move) and interdictions (e.g. by a wall that prevents one from going further), then the walker actualizes some of these possibilities. In that way, he makes them exist as well as emerge. But he also moves them about and invents others, since the crossing, drifting away, or improvisation of walking privilege, transform or abandon spatial elements.

Deurdat Matiyane sy werke beliggaam deur “loop”-panoramas te skep en flânerie in die besigtiging van sy werk instigeer, word nuwe ruimtelike verhoudings opgestel en nuwe sosiopolitieke betekenisse van plek gevind.

As liggaamlike aksie van geokartering werk flânerie solipsisties en bewerkstellig op impotente wyse die flâneur se uitgaan van en terugkeer na sy eie liggaam. Matiyane se ingesteldheid as kunstenaar is uitermate solipsisties deurdat hy die wêreld slegs vanuit sy eie standpunt verken en verstaan, en hy skep binne die raamwerk van die beperkinge van sy begrip en kennis van die wêreldstede. Sy eie liggaam skep 'n omlynde werklikheidsstruktuur wat die vorm en inhoud van sy kunswerke bepaal, asook sekere interdiksies opstel. Net soos in die geval van menige ander buitestanderkunstenaar is daar in Matiyane se werk 'n elisie of uitstoting van elemente (Maclagan 2010:54) ter wille van 'n mengsel van alfabetiese en piktografiese elemente. Die menigte geografiese, argitektoniese en feitelike “foute” in die uitbeelding van 'n stad spreek van sy solipsistiese benadering, maar skep daarmee saam ook 'n besonder outentieke siening van die stedelike omgewing en die geskiedenis daarvan. In figuur 7 word groot stede soos Pretoria en Johannesburg byvoorbeeld gereduseer tot minuskule skematiese strukture as gevolg van die dramatiese verhoging in hoogteperspektief. Elisie in hierdie werk is konseptueel gemotiveer, aangesien nuwe hiërargieë opgestel word met Mandela as regerende god vër bo die landskap as boonste vlak. Tog bly die suggestie van die kunstenaar wat as skepper en as “toesighouer” nog hoër rangorde as selfs Mandela geniet.

Matiyane se solipsistiese kunsmaakproses behels 'n hoë graad van outomatisme waarin transpersoonlike faktore tot die konfigurasie van die proses toetree. Maclagan (2010:54) argumenteer dat wanneer kuns nie noodwendig gemik is op 'n toeskouer nie en eerder solipsisties funksioneer, dit wil sê, gemik is op die selfvervulling van die kunstenaar se eie doelwitte, bly dit nog steeds 'n proses van buite die self te beweeg en 'n artefak met 'n eie identiteit en outonomie te produseer. Volgens Maclagan bly daar dus 'n operasionele paradoks, omdat die werk van buitestanderkunstenaars – soos Matiyane – ondanks soms uiterse afsondering nog steeds gemik is op 'n gehoor van die een of ander aard.

8. Ten slotte

Deur middel van die ondersoek van verskeie van Titus Matiyane se panoramas het dit duidelik geword dat sy panoramas as 'n verbeeldingryke vorm van flânerie ideologies en utopies van aard is. In sy werksproses word Matiyane van sy alledaagse bestaan vervreem en as kunstenaar word hy virtueel gewerp in 'n transnasionale, globale maar kunsmatige identiteitswenteling wat met mag en grensloosheid flankeer. Deur die grense van die self en die plaaslike omgewing te oorskry in sy uitbeelding van stede en omliggende gebiede op verskillende vastelande, daag Matiyane die idee van puristiese identiteit uit en stel hy globale, transnasionale identiteit in die plek daarvan as 'n kenmerkende eienskap van eietydse kultuur gegrond op die tegnologiese verbruikerskultuur. Die alledaagse werklikheid verdwyn in sy panoramas in 'n reduksionistiese simulakrum van oënskynlike utopiese eksotisme en glans waarin die kunstenaar as flâneur die stad besigtig, virtueel besoek en deurwandel. Só kan Matiyane dan onomwonde as 'n virtuele flâneur van die stede van die wêreld en 'n kartograaf van verbeelde ruimte beskou word.

As 'n buitestanderkunstenaar vertolk hy op eerlike wyse die eietydse Suid-Afrikaanse sosiopolitiek en druk hy 'n begeerte na globale wording en transendensie uit; meer nog, hy skep 'n verbeelde simulakrum deur middel van sy panoramas om hierdie prosesse te realiseer. Alhoewel hy buite om die akademiese-opleidingsfeer in die visuele kunste asook buite die grootste gedeelte van beide die eietydse én die kunshandwerkbedrywe funksioneer, is sy werk konseptueel en vertoon dit ooreenkomste met dié van ander internasionale kunstenaars wie se werk nomadiese eienskappe in konsep en inhoud artikuleer. Deur die skepping van sy unieke en "heilige" ruimtes – uitbeeldings wat ander episteme, insigte en narratiewe bring – kan Matiyane dus met reg as 'n uitnemend outentieke stem in die dekoloniale vestiging van Afrikaëse moderniteit geag kan word.

Bibliografie

Asselin, O., J. Lamoureux en C. Ross (reds.). 2008. *Precarious visualities: new perspectives on identification in contemporary art and visual culture*. Montreal, Kingston, Londen, Ithaca: McGill-Queen's University Press.

Baudrillard, J. 2001a. Simulacra and simulations. In Poster (red.) 2010.

—. 2001b. The illusion of the end. In Poster (red.) 2010.

Behrent, M.C. 2013. Foucault and technology. *History and Technology*, 29(1):54–104.

Bentham, J. 1890. *Utilitarianism*. Harvard: Progressive Publishing Company.

—. 1995. *The panopticon writings (Radical thinkers)*. Inleiding deur M. Božovič. Gebaseer op *Panopticon; or The inspection house*, 1791. Londen, New York: Verso.

- Bloch, E. 1986. *The principle of hope*. Volume 1. Vertaal deur N. Plaice e.a. Oxford: Blackwell.
- Briganti, G. 1970. *The view painters of Europe*. Londen: Phaidon.
- Brodie, D. en O. Enwezor. 2004. *Personal affects. Power and poetics in contemporary South African art*. New York: Museum for African Art; Kaapstad: Spier.
- Colbert, B. 2004. Bibliography of British travel writing, 1780–1840: The European tour, 1814–1818 (excluding Britain and Ireland). *Romantic textualities: Literature and print culture 1780–1840*, 13 (Winter). http://www.romtext.org.uk/articles/cc13_n01 (18 Februarie 2016 geraadpleeg).
- DaCosta Kauffmann, T.D. en E. Pilliod (reds.). 2005. *Time and place: the geohistory of art*. Hants, Burlington: Ashgate Publishing.
- De Certeau, M. 1984. *The practice of everyday life*. Vertaal deur S.F. Rendall. Berkeley: University of California Press.
- Dehaene, M. en L. De Cauter (reds.). 2008. *Heterotopia and the city: Public space in a postcivil society*. Londen, New York: Routledge.
- Dreyer, E. 2001. Dystopia and artifice in late twentieth-century visual culture. Ongepubliseerde doktorsproefskrif. Pretoria: Unisa.
- Dreyer, E. en E. McDowall. 2012. Imagining the *flâneur* as a woman. *Communicatio*, 38(1):30–44.
- Enwezor, O. 2004. Contemporary South African art at the crossroads of history. In Brodie en Enwezor 2004.
- Foucault, M. 1986 [1984]. Of other spaces: Utopias and heterotopias. Vertaal deur J. Miskowiec. *Diacritics*, 16(1):22–7.
- . 1995 [1977]. *Discipline and punish. The birth of the prison*. Vertaal deur A. Sheridan. New York: Vintage Books.
- Gallagher, L. 1964. *More's UTOPIA and its critics*. Chicago: Scott Foresman.
- Gates, H.L. (red.). 1986. *"Race", writing, and difference*. Chicago, Londen: University of Chicago Press.

Huigen, S. 2009. *Knowledge and colonialism: Eighteenth-century travellers in South Africa*. Leiden, Boston: Brill.

Johnson, P. 2012. The Eden Project – Gardens, utopia and heterotopia. *Heterotopian Studies*. <http://www.heterotopiastudies.com/wp-content/uploads/2012/05/4.2-The-Eden-Project-pdf.pdf> (4 Mei geraadpleeg).

MacLagan, D. 2010. *Outsider art: From the margins to the marketplace*. Londen: Reaktion Books.

Mannheim, K. 1991 [1936]. *Ideology and utopia*. Oorspronklik in 1936 gepubliseer met 'n voorwoord deur L. Wirth. Die 1991-uitgawe se voorwoord is deur B.S. Turner. New York, Londen: Routledge.

McDowall, E. 2011. The flâneur in contemporary society with special reference to the work of Francis Alÿs. Ongepubliseerde magisterverhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Ming Wai Jim, A. 2008. Mediating place-identity: notes on Mathias Woo's *A very good city*. In Asselin e.a. 2008.

Morris, B. 2004. What we talk about when we talk about "walking in the city". *Cultural Studies*,18(5):675–97.

Poster, M. (red.). 2001. *Jean Baudrillard: Selected writings*. Cambridge: Polity.

Pratt, M.L. 1986. Scratches on the face of the country; or, What Mr. Barrow saw in the land of the Bushmen. In Gates (red.) 1986.

—. 1992. *Imperial eyes. Travel writing and transculturation*. Londen: Routledge.

Sharpe, W. 1990. *Unreal cities urban figuration in Wordsworth, Baudelaire, Whitman, Eliot, and Williams*. Baltimore, Londen: The Johns Hopkins University Press.

Shields, R. 1994. Fancy footwork: Walter Benjamin's notes on flânerie. In Tester (red.) 1994.

Slavery in South Africa. 2016. Iziko Slave Lodge. <http://slavery.iziko.org.za/slavelodgelivingconditions> (2 Oktober 2016 geraadpleeg).

Smith, N. 2015. Emancipation and "the Great Wheel of Labour": enduring liminality in Rayda Jacobs's *The Slave Book* (1988) and a painting of two slave women (1859) by Thomas Baines. *English in Africa*, 42(3):71–88.

Tester, K. (red.). 1994. *The flâneur*. Londen, New York: Routledge.

Urry, J. 1990. *The tourist gaze: leisure and travel in contemporary societies*. Londen: Sage.

Wrigley, R. (red.). 2014. *The flâneur abroad: Historical and international perspectives*. Newcastle upon Tyne: Cambridge Scholars Publishing.

Eindnotas

¹ By die 2016-Outsider Art Fair in Parys (http://www.outsiderartfair.com/outsider_art) word daar in terme van buitestanderkuns terugverwys na *art brut* soos wat die Franse kunstenaar en kurator Jean Dubuffet dit in sy 1947-manifes geformuleer het. Hy beskryf dié kuns as werk wat deur mense gemaak is wat onaangeraak deur artistieke kultuur is; waar nabootsing geen rol speel nie; en waar kunstenaars alles uit hul eie dieptes delf en nie uit die konvensies van klassieke of modieuse kuns nie. Roger Cardinal meen in *Outsider art* (1972) dat 'n kritieke faktor in die bepaling van buitestanderkuns is dat daar 'n ekspressiewe impuls moet wees wat ongemontoreer is in terme van konvensionele kunshistoriese kontekstualisering.

² DaCosta Kaufmann is die Frederick Marquand-professor van kuns en argeologie aan Harvard-universiteit.

³ In *Time and place: The geohistory of art* verskaf DaCosta Kauffmann (2005:4) 'n breë oorsig van die ontwikkeling van kunsgeografie as 'n vertakking binne kunsgeeskiedenis as dissipline. Hy verduidelik hoe kunsgeografie verweef is met die denke van die 19de eeu, soos byvoorbeeld nasieskap en positivisme, en die vestiging van talle wetenskappe. Kunsgeografie het ontstaan as *Kunstgeographie*, wat gepoog het om monumente te verstaan in die konteks van die fisiese, kulturele, nasionale, etniese en rasse-elemente wat die kuns en argitektuur van die tyd onderlê het. *Kunstgeographie* het ook verbande met *Anthropogeographie* getoon, soos veral in die werk van Friedrich Ratzel en sy konsep van *Lebensraum* (DaCosta Kauffmann 2005:4), en in die vroeë 21ste-eeuse kunsgeeskiedenis konsepte soos *Kunstlandschaft* en *Kulturlandschaft* ingesluit (DaCosta Kauffmann 2005:7). Ander merkwaardige historici in hierdie verband was Focillon, Kubler en Braudel.

⁴ Die *Tributaries*-uitstalling, gekureer deur Ricky Burnett in 1985 en deur BMW geborg, was die eerste Suid-Afrikaanse manifestasie van 'n poging om die werk van swart kunstenaars – van beide plattelandse en stedelike herkoms – in 'n nasionale, eietydse uitstalling in te sluit.

⁵ Matiyane het o.a. in 2007 en 2008 'n wêreldtoer van sy werk onderneem met 'n uitstalling getiteld *Cities of the World*, wat vanaf Delft in Nederland tot Aedesland in Berlyn en die Nasionale Museum van Mali in Bamako plaasgevind het. Hy het ook in 2015 aan die Pretoriase Kunsbiënnale, *Cool Capital*, deelgeneem en sy werk is verskeie kere in Johannesburg (by Museum Africa en die UJ-galery) asook by Fried Contemporary

Kunsgalery en Studio in Pretoria uitgestal. Sy werk is in die meeste gevalle deur my gekureer.

⁶ Verwys byvoorbeeld na Thomas Bowler, *Train crossing Berg River bridge (Western Cape)* (s.j.). Versameling: Ellerman House, Kaapstad.
(https://commons.wikimedia.org/wiki/File:Thomas_Bowler09.jpg).

⁷ Siegfried Huigen (medeprofessor van Nederlandse letterkunde en kultuurgeskiedenis in die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit Stellenbosch, asook die Erasmusvoorsitter van Nederlandse filologie aan die Universiteit van Wroclaw) het wyd oor vroegmoderne uitbeeldings van die ekstra-Europese wêreld gepubliseer.

⁸ Boyle was 'n Anglo-Ierse natuurfilosoof, chemikus en fisikus en een van die pioniers van die wetenskaplike metode.

⁹ Huigen (2009:77) staaf sy stelling soos volg:

In 1673, for example, Boyle had been willing to revise his views on the origin of ambergris on the basis of a VOC report that had been captured by English pirates. The journal stated that ambergris did not originate from the “excrements” of a whale, but from a tree of which the roots extended into the sea and secreted a resin that rose to the surface. Boyle had to admit that this report was incomplete because it did not discuss the question whether all types of ambergris were formed in this manner.

¹⁰ Om presies hierdie redes is die ekspedisiejoernale van Hendrik Hop (1716–1771), 'n “burgher-kaptein” van Simon van der Stel, as van groot waarde geag (Huigen 2009:76).

¹¹ Op 21 Maart 1960 het 'n groep van tussen 5 000 en 10 000 inwoners van Sharpeville as 'n protesaksie by die polisiestasie vergader om hulself aan te gee aangesien hulle nie wou pasboeke dra nie.

¹² In die plek van rasgebaseerde identiteitskaarte, soos wat in Suid-Afrikaanse pasboeke aangetref word, het Bataafse apartheid ook sekere kleredragkodes voorgeskryf. Soortgelyke voorskrifte word gevind in Suid-Afrikaanse koloniale uitbeeldings, byvoorbeeld in die ekstraklein slawefiguur in *Train crossing Berg River bridge (Western Cape)* wat uitgeken word aan sy spesifieke hoed wat vir slawe voorgeskryf was nadat hulle Hollands bemeester het (*Slavery in South Africa* 2016) en hy dra skoene en het 'n wandelstok, wat beteken dat hy vrygestel is. Die slaaf is op pad na 'n nuwe lewe met die landskap wat groot en oop voor hom lê. Die plek-identiteit spreek duidelik uit die spesifieke geokartering in hierdie werk waarin die geskiedenis en die mens se plek en lot daarin revisionisties ontvou kan word. Robert Cowherd (in Dehaene en De Cauter 2008:276) argumenteer dat afgesien daarvan of die Hollanders apartheid uitgedink het en of dit van die inheemse kulture wat hulle onderdruk het, “afgekyk” het, bly een van die mees ekstreme demonstrasies van ruimtelike segregasie steeds dié van 16de- en 17de-eeuse Batavia. Vir meer as 'n eeu het dié Hollandse maatskappy inheemse volke verbied om Batavia binne te kom – selfs as slawe – om sodoende rebellie te

probeer voorkom. Hierdie verdelingsmetode is ook in ander kolonies gevind en het eeue later in die berugte apartheidsisteem van Suid-Afrika ontwikkel.

¹³ Thomas More se 1516-publikasie *De optimo reipublicae statu deque nova insula utopia* word algemeen beskou as die literêre oorsprong van die term *utopie* (Runes 1960, sv. *utopia*). Neologisties beteken die woord *utopie* beide 'n plek van geluk en perfeksie (Gr. *eu-topos*) en 'n plek wat nie bestaan nie (Gr. *ou-topos*) (Dreyer 2001:17).

¹⁴ Soos aangetref in afbeeldings en geskifte oor Arkadië, Utopie, Elders en die Ander Wêreld, is die idee van die stad as 'n aangename skouspel in werke soos Jonathan Swift se *Gulliver's travels* (1726) geartikuleer. Net so het die Britse reisskrywer William Coxe (Briganti 1970:227) in 1778 geskryf: "As I walked about this metropolis I was filled with astonishment upon reflecting, that [...] the views upon the banks of the Neva exhibit the most grand and lively scenes I have ever beheld."

¹⁵ Die vormende invloed van Plato, Vitruvius en ander klassieke skrywers op Renaissance-argitekte en -stadsbeplanners dwarsdeur Europa het gemanifesteer in die ontwerp van "ideale" stede en was gebaseer op ideale menslike proporsies, orde, balans en geometrie; tuine was deel hiervan. 'n Bekende spesialis op die gebied van utopiese studie, Peter Johnson (2012:1), argumenteer dat die ontwerp van 'n tuin op sigself 'n afbeelding is van die wêreld waarin dit geskep word, en in die geval van utopie-konstruksie word dit 'n ruimte van simulاسie van paradysagtige toestande, 'n plek van andersheid waar drome gerealiseer kan word in die uitdrukking van 'n beter wêreld. Johnson (2012:1) verwys na die sentrale plek van die tuin in Thomas More se geskifte en hy haal Ernst Bloch aan in sy stelling dat in More se utopie "life is a garden" (Bloch 1986:475). Die tuin figureer sterk in Foucault (1986 [1984]:27) se filosofie, veral tuine met 'n spesifieke formasie, soos botaniese tuine as voorbeelde van Foucault se "heterochronia".

¹⁶ Deur E. Dreyer van 7 Oktober tot 11 November 2015 by die UJ-galery gekureer.

¹⁷ *BRICS* is die akroniem vir die utopiese broederskap van vyf groot ontluikende nasionale ekonomieë, naamlik Brasilië, Rusland, Indië, Sjina en Suid-Afrika. Die BRICS-lande vorm 'n magsplatform deur vennoot- en bondgenootskappe, en deur 42% van die wêreldbevolking uit te maak – dus met potensieel heelwat mag ter beïnvloeding van die wêreld se stand van sake. Bilaterale verhoudinge tussen die BRICS-nasies word hoofsaaklik op die basis van geen inmenging, ekwivalensie en gemeenskaplike voordeel gesmee, en dit word algemeen geskat dat die gekombineerde GDP (BBP) van BRICS teen 2020 VSA\$50 triljoen sal haal.

¹⁸ John Urry het bekendheid verwerf vir die skepping van die uitdrukking "tourist gaze" in *The tourist gaze: leisure and travel in contemporary societies* (1990).

¹⁹ Die term *panoptikon* is van *Panoptes* in die Griekse mitologie afgelei wat die verhaal vertel van 'n reus met 'n honderd oë en wat as 'n baie goeie bewaker bekendgestaan het. Bentham se idee van die panoptikon vorm die dominante inspirasie vir Michel Foucault se idee van mag. Foucault (1995:197–8) argumenteer soos volg:

Hence the major effect of the Panopticon: to induce in the inmate a state of conscious and permanent visibility that assures the automatic functioning of power. So to arrange things that the surveillance is permanent in its effects, even if it is discontinuous in its action; that the perfection of power should tend to render its actual exercise unnecessary; that this architectural apparatus should be a machine for creating and sustaining a power relation independent of the person who exercises it; in short, that the inmates should be caught up in a power situation of which they are themselves the bearers. To achieve this, it is at once too much and too little that the prisoner should be constantly observed by an inspector: too little, for what matters is that he knows himself to be observed; too much, because he has no need in fact of being so. In view of this, Bentham laid down the principle that power should be visible and unverifiable. Visible: the inmate will constantly have before his eyes the tall outline of the central tower from which he is spied upon. Unverifiable: the inmate must never know whether he is being looked at at any one moment; but he must be sure that he may always be so. [...] The Panopticon is a machine for dissociating the see/being seen dyad: in the peripheric ring, one is totally seen, without ever seeing; in the central tower, one sees everything without ever being seen. It is an important mechanism, for it automatizes and disindividualizes power.

²⁰ Bentham se idees het as voorloper gedien vir 20ste-eeuse tegnologie soos geslotebaan-televisie (CCTV).

²¹ Volgens Tester (1994:1) kan die term *flâneur* (van die Franse werkwoord *flâner* wat “wandel” beteken) as ontwykend beskryf word as gevolg van die historiese posisie daarvan tussen moderniteit en postmoderniteit. Alhoewel Walter Benjamin die begrip eers in 1983 ontwikkel het ná bestudering van Baudelaire se werk (Tester 1994:3), het die idee van die *flâneur* as die moderne manlike wandelaar as ’n produk van moderniteit gedurende die 1950’s in Parys verder begin ontwikkel. Laurent Turcot (in Wrigley 2014:41) handhaaf ’n puristiese standpunt met betrekking tot die *flâneur* en voer aan dat die *flâneur* uit en uit ’n Paryse verskynsel was en spesifieke betrekking op ’n kultuurhandeling van wandeling in die Franse 19de-eeuse samelewing het. Sodanige historiese ankerings is korrek, maar maak nie voorsiening vir verdere mitologisering of metaflânerie of pseudoflânerie-aktiwiteite nie. Mazlish (1994:43) byvoorbeeld interpreteer die *flâneur* meer breedweg as “the ‘spectator’ of the modern world”.

Plekspesifieke digitale literatuur: samespel en wisselwerking in nuwe kontekste

Franci Greyling

Franci Greyling, Skryfkuns, Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus)

Opsomming

Die snelveranderende tegnologiese omgewing bied nuwe skeppende en publikasie-moontlikhede vir skrywers en kunstenaars, soos plekspesifieke digitale literatuur, waarin multimodale tekste op 'n spesifieke plek met digitale toestelle beskikbaar gestel word en die konkrete plek deel van die leeservaring word. In hierdie dinamiese omgewing word daar ook opnuut gesoek na benaderings en kritiese taal om die ontwikkelende narratiewe vorme en praktyke te verstaan, dit te beskryf en daaroor te teoretiseer. Ten einde die nuwe skeppende en publikasie-moontlikhede te ondersoek, is 'n interdisiplinêre praktykgebaseerde navorsingsruimte vir die eksperimentering met en verstaan van plekspesifieke digitale literatuur geskep. *Byderhand 2015* is as deel van die woordkunsprogram by die Clover Aardklop Nasionale Kunstefees aangebied en is as 'n interaktiewe leesfees bemark. Die vraag wat in hierdie artikel ondersoek word, is hoe die wisselwerking en samespel binne hierdie eksperimentele publikasiesisteem vir plekspesifieke digitale literatuur verstaan en voorgestel kan word, sodat dit van waarde kan wees vir: (i) die konseptualisering en aanbieding van plekspesifieke digitale literatuurprojekte; (ii) die verstaan, beskrywing en ontleding van multimodale plekspesifieke digitale literatuur. Vir hierdie doeleindes is 'n multimodale ensemble vir plekspesifieke literatuur saamgestel, waarin gesteun word op Miller (2011) se sleutelemente van digitale media, Kress en Van Leeuwen (2003) se multimodale teorie van kommunikasie, en Page (2010) se multimodale ensemble vir narratiewe ontleding. Drie dimensies van die komposisie en orkestrasie word in die voorgestelde multimodale ensemble vir plekspesifieke digitale literatuur onderskei, naamlik: (i) die komponente van plekspesifieke digitale literatuur; (ii) kommunikatiewe praktyke en tegniese prosesse; en (iii) meelewende ervarings.

Trefwoorde: *Byderhand*; mobiele literatuur; multimodale ensemble; plekspesifieke digitale literatuur; publikasie; skryfkuns; tegnologie

Abstract

Site-specific digital literature: ensemble and interaction in new contexts

The fast-changing technological environment characteristic of the digital era offers new creative and publishing opportunities for writers and artists. This study looks at one of the possibilities the writer can explore, namely site-specific digital literature. Site-specific digital art and literature are multimodal creative works located in a particular place and experienced through digital technology. The article offers a broad overview of site-specific digital art and literature in the context of technological development; describes an interdisciplinary project which explored the possibilities of the literary form in practical terms; and discusses a multimodal ensemble for site-specific digital literature that was developed in the above-mentioned study.

The site-bound nature of site-specific digital creative work implies a close connection between place, artist, technology, content and the reader. Not only is there a strong connection between *place* and the writer or artist and artwork (text), but the reader's physical presence, participation and social relationships are also deemed to be obvious in site-specific projects (Sheller 2014:199). New possibilities for creation, publication, reception, immersive experiences and interaction are offered in this manner. In light of the far-reaching impact which mobile and geospatial technology has already had on society in a very short time, creative work that makes use of this technology can provide insight into the evolving relationship between people, technology, literature and space. In this dynamic environment, there is once again a search for approaches and critical language to understand the developmental narrative forms and practices, to describe them and to theorise about them (Page en Thomas 2011:3, 8, 13; Farman 2014a:535).

In order to explore the new creative and publishing possibilities, an interdisciplinary practice-based research space was created for experimenting with and understanding site-specific digital literature. *Byderhand* ("At hand") 2015 was presented as part of the word art programme at the Clover Aardklop National Arts Festival in Potchefstroom and was marketed as an interactive reading feast. *Byderhand* 2015 may be regarded as an experimental publication system because the project entailed the conceptualisation, production, execution, mediation and reception of site-specific digital literature. Through the involvement of diverse authors, artists and programmers, a wide variety of multimodal texts was created and published on a platform specially created for the project. Readers used their smart phones to scan QR codes to gain access to the texts.

The project consisted of four subprojects, each with different genres and target groups. The anchor project, *Tuinverse* (*Garden Verses*), was presented in the NWU Botanical Garden. The *Tuinverse* installation consisted of poems and children's verses by 15 poets. The verses, which were written with the garden in mind and read by the poets themselves, were supplemented with various forms of processing – including kinetic typographical animations, musical arrangements and programming for an interactive poem. *Rusplekstories* (*Haven Stories*) was presented in the Book Oasis, a temporary bookstore and conference space for the duration of the arts festival. This subproject consisted of short stories and children's stories (set in Potchefstroom) by 30 writers and illustrators. The children's stories, which also contained illustrations, were presented in a digital picture book format. The target group of the *Dwaalverhaal* (*Wandering Story*) at the Technical High School in Potchefstroom was high

school learners. Hans du Plessis wrote the story and developed it further into an interactive follow-the-story, with the help of creative writing students and the production team. The story, which is divided into eight episodes and deals with the developing friendship between two girls, takes place on the school grounds; the word text was combined with short video clips which portrayed incidents in the story. The *Taxi Strips* were combined with the festival shuttle route. Khaya Mtshali designed a set of 15 characters and QR codes for the characters were placed in each shuttle bus, as well as at the bus stops. This subproject was combined with social media.

The question that is investigated in this article is how the interaction and ensemble within this experimental publication system for site-specific digital literature can be understood and depicted so that it can be of value for (i) the conceptualisation and presentation of site-specific digital literature projects and (ii) the understanding, description and analysis of multimodal site-specific digital literature.

For this purpose, a multimodal ensemble for site-specific literature was compiled, based on Miller's (2011) key elements of digital media, Kress and Van Leeuwen's (2003) multimodal theory of communication, and Page's (2010) multimodal ensemble for narrative analysis. Three dimensions of the composition and orchestration are distinguished in the proposed multimodal ensemble for site-specific digital literature, namely: (i) the components of site-specific digital literature; (ii) communicative practices and technical processes; and (iii) immersive experiences. The six distinct (but not divisible) components of site-specific digital literature are infrastructure, devices, text, body, physical environment and experience interface. Each of these components is present in the design, production and distribution of site-specific digital literature and should also be taken into account in analysing site-specific digital literature. To indicate the dynamic, moving, processual and repetitive nature of site-specific digital literature, the ensemble is presented in a spiral form. The technical processes and cultural forms identified by Miller (2011:12) with regard to digital culture are part of the digital environment in which digital literature functions and are thus an integral part of its conceptualisation and design. These technical processes and cultural forms are not only assumed, however, but they are also actively created by the communicative practices of discourse, design, production, distribution and interpretation. The active participation of the reader implies that the different components are actively connected and this results in a unique reading experience. This participatory and immersive experience is achieved by the ensemble of all the dimensions and agents in the specific site-specific project.

The multimodal ensemble for site-specific digital literature can be used to conceptualise, design, produce and distribute site-specific digital literature projects with consideration of the local context and media ecology. The ensemble can also be used for understanding, describing and analysing multimodal site-specific digital literature – for a project as a whole, or for subprojects, or for specific texts.

Keywords: *Byderhand*; creative writing; mobile literature; multimodal ensemble; publication; site-specific digital literature; technology

1. Inleiding

Van die vroegste tye af vergestalt vertellers, skrywers en kunstenaars die mens se ervaring van en verhouding met plek. Vertellers, skrywers en kunstenaars ontgin ook voortdurend die moontlikhede wat elke nuwe medium en tegnologie bied, en wat dan binne die betrokke konteks die vorm van literatuur en kuns bepaal – onder meer hoe ervarings vasgevang en weergegee word, hoe dit versprei kan word, en hoe dit deur ander ontvang en ervaar word.

Tegnologiese verandering – veral intellektuele tegnologieë¹ – bring ook telkens ’n verskuiwing in menslike bewussyn mee (Carr 2010:44). Hierdie verandering en verskuiwing kan aan die hand van Regis Debray se konsep van die mediasfeer – ’n “tegnomaatskaplike milieu van oordrag en vervoer met sy eie tyd-ruimte” (Rossouw 2008:24) – verstaan word. Debray onderskei drie mediasfere in die geskiedenis, te wete die logosfeer, die grafosfeer en die videosfeer. ’n Mediasfeer word met verdrag deur ’n volgende mediasfeer vervang. Dit beteken nie dat die vorige mediasfeer verdwyn nie, maar wel dat dit nie meer so opvallend is nie (Rossouw 2008:24). Die verspreiding van inligting, asook die groter beweeglikheid wat met elke mediasfeer gepaard gaan, het ingrypende gevolge vir die mens se begrip en ervaring van plek en tyd. Die beskikbare tegnologie beïnvloed ook die aard en vorm van literatuur, insluitende die multimodale aanbieding daarvan.

In die logosferiese era (wat met Walter Ong 1982 se begrip primêre oraliteit vereenselwig kan word) het die gesproke woord en landvervoer oorheers. Vertellers en luisteraars was saam op die plek waar stories vertel is en het aktief deelgeneem aan die vertellings, wat konkreet en sintuiglik ervaar is. Soms is elemente van vertellings teen rotswande of op klippe aangebring. Brokkies van die vertellings het in die volksmond oorleef, of in die vergetelheid verdwyn. Met die ontwikkeling van skrif en draagbare tegnologie soos kleitablette, papyrusrolle en perkament kon die stories en inligting maklik vervoer word, maar die besit daarvan was steeds buite bereik van die meeste mense (Carr 2010:59). In die grafosfeer, die era van die boekdrukkuns en geletterdheid, oorheers die gedrukte woord en seevervoer. Die vervlietende woorde van die logosferiese era kan nou op ’n bladsy vasgevang word, en meervoudige kopieë kan gedruk en versprei word en op enige plek gelees word. Met die geleidelike ontwikkeling van die druktegnologie kon illustrasies en ontwerpselemente op toenemend gesofistikeerde wyses in publikasies aangebring word. In die videosfeer of elektroniese era oorheers die oudiovisuele en lugvervoer. Die wêreld het gekrimp en luisteraars of kykers kan vertellers nou oor die radio hoor, en die gebeure op die film- en televisieskerms sien afspeel. Die videosfeer is ook die era van die sogenaamde sekondêre oraliteit (Ong 1982) – die aanpassing van die mondelinge tradisie by nuwe mediums van oordrag.

Aan die begin van die 21ste eeu bevind skrywers en kunstenaars hulle in die digitale era. Die ontwikkelende kommunikasie-revolusie van die “nuwe media” – soos Mark Poster (in Miller 2011:12) daarna verwys – het ingrypende veranderings meegebring. Die uitsendingsmodel, wat vereenselwig word met enkele senders, eenrigtingkommunikasie en verskeie ontvangers, is vervang met die internetmodel, wat gekenmerk word deur baie senders, tweerigtingkommunikasie en baie ontvangers (Miller 2011:12). Teenoor ouer media word die nuwe media vereenselwig met kenmerkende tegniese prosesse, kulturele vorme en indompelende/meevoerende/verdiepende ervarings (“immersive experiences”) wat op verskeie wyses in die praktyk neerslag vind en wyses van oordrag kombineer en vernuwe (Miller 2011:12). Direkte wisselwerking tussen die verteller en gehoor, wat kenmerkend was

van die logosfeer, is nou in 'n nuwe en verreikende vorm beskikbaar, met kommunikasie wat oor grense van plek en tyd strek. Mobiele media is besig om die mees deurdringende tegnologie op die planeet te word (Farman 2015:101). Die wêreld het 'n spreekwoordelike dorpie geword met toegang daartoe in die palm van 'n hand. Van die skrywer – en trouens van enige persoon – word nou verwag om transgeletterd te wees, dit wil sê, om suksesvol op alle maniere te kan kommunikeer: vanaf gebare, die gesproke woord en die gedrukte teks tot die multimodale uitdrukkingsmoontlikhede van nuwe media én die onmiddellikheid van sosiale-media-netwerke (Thomas, Joseph, Laccetti, Mason, Mills, Perril en Pullinger 2007). Die skrywer is nie meer iemand wat slegs met woorde skep nie, maar ook (hetsy individueel of in samewerking met ander) visuele, klankmatige, bewegings- en wisselwerkende aspekte kan konseptualiseer, uitvoer, versprei en onderhou. In die stroomversnelling van tegnologiese ontwikkeling moet die skrywer verkenner van en uitvinder in dié wêreld word.

Teen hierdie agtergrond maak dit sin om ruimte te bied vir die eksperimentering met die instaatstellingsmoontlikhede (“affordances”) en beperkinge (“constraints”) van die nuwe media en tegnologie. Dit is voorts nodig om die ontwikkelende genres, prosesse en rolspelers te dokumenteer en karteer. Scott Rettberg (2011:187) wys daarop dat aangesien daar nog nie 'n uitgewersbedryf vir elektroniese literatuur bestaan nie, die samewerkende poging in die skep, publikasie en verspreiding van die werk veel sigbaarder is as in die tradisionele uitgewersbedryf, waar die samewerking as 't ware onsigbaar geword het. Die rolle van ontwerpers, kunstenaars en redakteure word in dié eksperimentele omgewing gewoonlik duideliker herken en erken, omdat die skrywer sonder hierdie hulp alles self sou moes doen. Hierdie liminale sone bied daarom goeie geleentheid om met nuwe kulturele vorme te eksperimenteer, dit na te speur en te beskryf (Greyling 2012:447). In hierdie snelveranderende omgewing word daar ook opnuut gesoek na benaderings en kritiese taal om die ontwikkelende narratiewe vorme en praktyke te verstaan, dit te beskryf en daaroor te teoretiseer (Page en Thomas 2011:3, 8, 13; Farman 2014a:535).

Een van die moontlikhede wat die skrywer kan verken, is plekspesifieke digitale literatuur. Met die ontwikkeling van tegnologie is dit nou moontlik om multimodale tekste op 'n spesifieke plek beskikbaar te stel, sodat *plek* op hierdie wyse deel van die leeservaring kan word. Nuwe moontlikhede vir skep, publikasie, ontvangs, inlewing en wisselwerking word sodoende gebied. Gesien in die lig van die ingrypende impak wat mobiele en georuimtelike tegnologie reeds in 'n baie kort tydperk op die samelewing gehad het, kan skeppende werk wat van dié tegnologie gebruik maak, insig bied betreffende die ontwikkelende verhouding van mens, tegnologie, literatuur en plek.

Na aanleiding van die voorgaande is *Byderhand* geskep – 'n interdisiplinêre praktykgebaseerde navorsingsruimte vir eksperimentering met en die verstaan van (plekspesifieke) digitale literatuur. *Byderhand 2015* is as deel van die woordkunsprogram by die Clover Aardklop Nasionale Kunstefees in Potchefstroom aangebied en is as 'n interaktiewe leesfees bemark. *Byderhand 2015* kan as 'n eksperimentele publikasiesisteem beskou word, aangesien die projek die konseptualisering, produksie, uitvoering, bemiddeling en resepsie van plekspesifieke digitale literatuur behels het. Deur die betrokkenheid van uiteenlopende skrywers, kunstenaars en programmeerders is 'n groot verskeidenheid multimodale tekste geskep en gepubliseer op 'n platform wat spesiaal vir die projek geskep is. Lesers het hul selfone (of tablette) gebruik om QR-kodes ² te skandeer en het sodoende toegang tot die tekste – en 'n unieke leeservaring – verkry.

Die vraag wat in hierdie artikel ondersoek word, is hoe die wisselwerking en samespel binne hierdie eksperimentele publikasiesisteem vir plekspesifieke digitale literatuur verstaan en voorgestel kan word, sodat dit van waarde kan wees vir (i) die konseptualisering en aanbidding van plekspesifieke digitale literatuurprojekte (ii) die verstaan, beskrywing en ontleding van multimodale plekspesifieke digitale literatuur.

Teen die agtergrond van die inleiding bestaan die res van die artikel uit (2) Oriëntering, terminologie en oorsig oor plekspesifieke digitale literatuur; (3) Projekbeskrywing van *Byderhand* 2015; (4) Die ontwikkeling en toepassing van 'n multimodale ensemble vir plekspesifieke digitale literatuur; (5) Samevatting en slotsom.

2. Plekspesifieke digitale kuns en literatuur – oriëntering, terminologie en oorsig

Plekspesifiekheid verwys na die unieke eienskappe van 'n spesifieke plek wat nie na 'n ander plek oorgedra kan word nie (Farman 2014b:3). Plekspesifieke kuns en literatuur is skeppende werk wat op 'n spesifieke plek geplaas en ervaar moet word, met die konkrete plek as fundamenteel deel van die werk en die ervaring daarvan. Beeldende kuns en literatuur en die performatiewe is dikwels hier verweef: vergelyk byvoorbeeld 'n monument met inskripsies daarop aangebring en die stories wat in en oor daardie plek vertel word.

Plekspesifieke kuns en literatuur word ook met beweging en mobiliteit verbind, soos met die ervaring van mosaïekwerke en deelname aan pelgrimsroetes (bv. die Via Dolorosa) (Farman 2014b:7). Benewens die beweeglikheid en beweging van die leser/gebruiker verwys mobiliteit ook na die draagbare teks/tegnologie wat mens in staat stel om literatuur op spesifieke plekke te kan lees. Alhoewel kleitablette, boekrolle en boeke draagbaar is, verwys *mobiel* binne die huidige konteks na tegnologiese toestelle – in besonder die slimfoon (Farman 2012:1). Navorsers soos Goggin en Hjorth (2014a:2) beklemtoon dan ook dat nuwe media/mobiele media en kunsvorme 'n kombinasie of remediasie van ouer media is, maar dat nuwe tegnologie nuwe instaatstellingsmoontlikhede bied. Die meer onlangse konvergensie van handtoestelle, 'n infrastruktuur van netwerke en geolokatiewe tegnologie (Goggin 2012:203) het reeds gelei tot die ontwikkeling van verskeie geolokatiewe toepassings en eksperimentering met verwante kulturele vorme. Voortgesette en ingrypende ontwikkelings en toepassings word voorsien wat toenemend die mens se bewussyn gaan vorm en die samelewing gaan beïnvloed. Onlangse publikasies is dan ook aanduidend van navorsers se belangstelling in die ontwikkelende veld van mobiele tegnologie en kommunikasie, kulturele vorme en plek, byvoorbeeld: *The Routledge companion to mobile media* (Goggin en Hjorth 2014b), *Studying mobile media: Cultural technologies, mobile communication, and the iPhone* (Hjorth, Burgess en Richardson 2012); *Netlocality: Why location matters in a networked world* (Gordon en De Souza e Silva 2011); *Mobile technology and place* (Goggin en Wilken 2012); *Mobile interface theory: Embodied space and locative media* (Farman 2012); *The mobile story: Narrative practices with locative technologies* (Farman 2014c).

Tegnologie word meermale vir funksies gebruik waarvoor dit nie aanvanklik bedoel was nie. Farman (2014b:4) beskou dit as 'n vorm van kreatiewe misbruik. Hy beskryf kreatiewe misbruik en die potensiële invloed daarvan as “[c]reatively using a technology in a way in which it was never meant to be used, the results of which offer a thoroughly transformed view of the technology, its place in society, and future practices with the technology”. Die

kreatiewe misbruik van en eksperimentering met tegnologie kan op die lange duur (wat in die tegnologie era besonder relatief is) tot alledaagse, genormaliseerde gebruik lei. Richardson en Hjorth (2014:256–7) toon byvoorbeeld aan dat plekgebaseerde speletjies (soos “urban games”, “big games” en “mixed reality games”) ontstaan het uit avant-garde nuwemediakuns, dat dit eksperimentering met opkomende mediakoppelvlakke, platforms en netwerke behels het en ook dat dit ’n doelbewuste poging was om die alledaagse en bekende omver te werp deur openbare plekke in speelplekke (“playful places”) te omskep.³ Plekverwante sosiale speletjies is nou in die hoofstroom opgeneem, genormaliseer en in handelsware omskep as deel van die algemene kulturele verskuiwing na “gamefication” (Richardson en Hjorth 2014:256–7).

In hierdie eksperimentele en hibriede ruimte is die onderskeid en grense tussen kuns, literatuur, opvoering, spel en inligting dikwels vaag en oorvleuelend. In haar bespreking van mobiele kuns voer Sheller (2014:197–205) aan dat dit nie slegs met digitale kuns, “net art”, of “software art” verbind moet word nie, maar ook met die breër geskiedenis van performatiewe kuns, relasionele kuns, indompelende teater (“immersive theater”), eksperimentele video, klankkuns en sosiaal betrokke openbare kuns. Mobiele kuns is vir Sheller ’n vorm van openbare kuns wat die grense van die gallery of museumruimte uitbrei: “Mobile art has in fact expanded the spatial and social field in which art takes place by experimenting with the mobile interface as a bridge between digital and physical space, a hybrid mediation of human sensory perception and technological connectivity” (Sheller 2014:198). Sheller (2014:198) verwys na Tuters en Varnelis se onderskeid tussen twee tipes mobiele kuns – annotatief (’n virtuele kodering van die wêreld) en fenomenologies (die opsporing/naspur van die handeling van die subjek in die wêreld) – en dui aan dat mobiele kuns ’n reeks handelinge behels, insluitende plekspesifieke storievertelling, klankwandeling, publieke annotasie, digitale graffiti, emosionele kartering en samewerkende kartografie.

Die verskeidenheid terme wat gebruik word om na digitale plekspesifieke kreatiewe werk te verwys, is aanduidend van die hibriede, liminale en dinamiese aard daarvan. Breedweg kan projekte onderskei word waarin klem geplaas word op kuns (beeldend en uitvoerend), woordkuns (literatuur), spel (bv. plekgebaseerde mobiele speletjies) en navigasie en inligting (bv. stadswandeling, museums en erfenisterreine). Terme wat in die literatuur gevind word om digitale plekspesifieke kreatiewe werk aan te dui, sluit in: mobiele kuns/literatuur/storievertelling (“mobile art/literature/storytelling”); mobiele media-storievertelling (“mobile media storytelling”) (Oppegaard en Grigar 2014:17), plekspesifieke kuns/literatuur(“site-specific art/literature”); lokatiewe literatuur/kuns (“locative literature/art”); mobiele lokatiewe narratiewe (“mobile locative narratives”) (Ritchie 2014:53), plekgebonde literatuur in lokatiewe media(“place-bound literature in locative media” (Løvlie 2009); plekgebaseerde mobiele speletjies(“location-based mobile games”) (Richardson 2012:139); werklike-wêreld plekgebaseerde speletjies(“real world location-based games”); draagbare digitaal-tegnologie-gemedieerde plekspesifieke literatuur(“portable digital technology mediated site-specific literature”) (Wilson 2011), en alomliggende literatuur (“ambient fiction/literature”) (Abba 2013). Oppegaard en Grigar (2014:22) wys tereg daarop dat ons, selfs ná ’n dekade van blootstelling aan mobiele fone, nog nie eers seker is wat om die verskynsel van storievertelling met hierdie toestelle te noem nie:

Mobile storytelling? Ambient storytelling? Geostories? Interreality? Mixed reality?
Locative narrative? Ubiquitous media? Consistent terminology has become a concern

within this field, a barrier keeping us all from talking about what we think we are talking about.

Hulle stel die term *intermedial communication* voor as 'n besonder breë sambreelterm waaronder fundamentele besprekings oor die verhoudings tussen media kan begin. Vir die doeleindes van hierdie artikel word die term *plekspesifieke digitale literatuur* as oorkoepelende term gebruik.

Spesifieke terme en definisies illustreer die samespel tussen en oorvleueling van kuns, literatuur en spel; die beskikbare tegnologie; en die wisselwerking tussen tegniese prosesse, kulturele vorme en indompelende ervarings kenmerkend van die digitale kultuur. Verder is dit opvallend dat terme verander soos wat bepaalde tegnologie as vanselfsprekend aanvaar word en onderskeibare genres ontstaan (wat as gevolg van die snelle ontwikkeling van tegnologie, dikwels kortstondig van aard is). Só verwys die term *lokatief* ("locative") in hierdie konteks nie bloot na plek of ligging nie, maar na die gebruik van lokatiewe mobiele mediatoestelle en toepassings wat sowel deurdringend as konteksbewus is (soos GPS-toestelle en selfone) en wat by implikasie sensitief vir die gebruiker se fisiese ligging is (Løvlie 2009).

Die kategorisering van die werk hang ook saam met die betrokke kunstenaar, skrywer of ontleder se benadering. Wilson (2011) identifiseer byvoorbeeld die volgende kenmerke van draagbare digitale tegnologiebemiddelde plekspesifieke literatuur: die projekte poog om plekspesifiekheid te bevorder; beskik oor boekeienskappe (dit is intiem, draagbaar, hanteerbaar en goedkoop); beskik oor literêre kenmerke; en is geskrewe of gesproke woorde (klank- of videomatig aangebied). Met sy fokus op boek- en literêre eienskappe sluit Wilson spesifiek musiek, akteurs en speletjies uit. Hy gee egter toe dat daar wel uitsonderings in dié verband kan wees. Elke nuwe tegnologiese ontwikkeling skep weer nuwe toepassings- en kombinasie moontlikhede, wat opnuut kategorisering bevraagteken.

Die plekgebonde aard van plekspesifieke digitale skeppende werk impliseer 'n hegte verband tussen plek, kunstenaar, tegnologie, inhoud en die leser.⁴ Wanneer plekspesifiekheid in mobiele storievertellingprojekte toegepas word, omarm dit volgens Farman (2014b:3) die eienskappe van die plek, insluitende die geskiedenis, kulturele konflik, gemeenskappe en argitektuur, en maak hierdie aspekte fundamenteel deel van die ervaring van die plek. As sodanig sluit dit aan by Mclver (2004) se beskouing van plekresponderende kuns en die kunstenaar se ondersoek van die plek (geografie, lokaliteit, topografie, gemeenskap en geskiedenis) as deel van die skeppingsproses en die kunswerk.

Benewens die skrywer of kunstenaar en die kunswerk (teks) se verband met die plek, word ook die leser se liggaamlike teenwoordigheid, deelname en sosiale verhoudings as voor die hand liggend in plekspesifieke projekte beskou: "Mobile locative art practice today tends to engage the body, the physical location, the digital interface, and social relations both near and distant" (Sheller 2014:199). Die aandrang op die fisiese teenwoordigheid van die kyker is 'n kerneienskap van installasiekuns; installasiekuns kommunikeer direk met die aanskouer as 'n letterlike teenwoordigheid in die ruimte en bewerkstellig 'n beliggaamde ("embodied") ervaring waarin die kyker se sinuïglike ervaring opgeskerp word (Bishop 2005:6). Die skepping en die ervaring van plekspesifieke werk kan as sowel 'n ingeplaaste skeppingsaksie as 'n ingeplaaste leesaksie of ervaring verstaan word (Greyling 2015).

Plekspesifieke digitale kuns en literatuur bied, deur die liggaamlike betrokkenheid en teenwoordigheid van sowel die skrywer/kunstenaar as die leser/kyker, die moontlikheid om die vervreemdende effek van mobiele tegnologie waaroor denkers soos Nicholas Carr (2010) en Edward Casey (2012) besin, teen te werk. Casey (2012) redeneer dat die “draadlose” omgewing waar mense oor grense van tyd en plek, en op multimodale wyse, met mekaar kan kontak maak, nie slegs voordele vir die mens inhou nie, maar deur die ingrypende uitwerking daarvan op die menslike ervaring, groot verlies meebring. Dié uitwerking is volgens Casey (2012:178) die kragtigste in die primêre en onderling verbonde areas van persoonlike outonomie, plek en tyd. Die tegnologies bemiddelde teenwoordigheid van ’n ander persoon skep die illusie dat ek, sonder koste of verlies, die konkrete “ander” met sy of haar ikoon kan vervang. Aangesien ons in hierdie situasie onder andere die subtiele leidrade van die liggaamlike teenwoordigheid (soos asemhaling, spraakpatrone, velkleur, senuweeagtige energie, kalmte, ens.) mis, bring die gebrek aan die fisiese teenwoordigheid van ’n ander persoon ingrypende verlies aan kommunikasie mee. Eweneens gee die mens, deur staat te maak op GPS-navigasietoestelle (“wat mens in staat stel om by ’n spesifieke plek uit te kom, maar niks oor die plek self vertel nie”), sy eerstehandse waarneming en ervaring prys: “I have found my site in space but lost my way in place” (Casey 2012:177).

I lose touch with what is essential to and a counterpart, of my lived body: place. For *there is no body but in place*. I am nothing if not this body – it is the primary requirement of my existing at all. And I am also nothing if not in place. When I use wireless technologies that take me out of place, no matter how convenient or practically valuable that move may be, I am moving into a disembodied experience that deprives me of the very basis of my personal and interpersonal identity. (Casey 2012:177; oorspronklike beklemtoning)

Die verlies van die ervaring van plek hou ook verband met die krimping van tyd na die huidige oomblik (Casey 2012:180). Casey verduidelik dat ’n mens in die geval van videotegnologie onmiddellik ’n stortvloed van beelde en teks op sy/haar skerm kan kry, byvoorbeeld verskeie uitsigte van draadlose tuisveiligheidskameras, foto’s wat via e-pos of kamerafone gestuur is, of intydse webcam-uitsendings van regoor die wêreld. In effek word die verlede en toekomshorisonne van tyd op radikaal nuwe maniere verontagsaam, sodat ’n “freezing of being” (’n konsep van Merleau-Ponty) voorkom. Dit impliseer nie dat dié horisonne gekanselleer of uitgeskakel is nie, maar dat die verlede en toekoms in die moment van besigtiging opgeskort word en dat die organiese skakel met die oomblik verbreek word.

But past and future are suspended in the moment of the event of viewing. True, they can be remembered or, in extremity, posited as having had to be there; but their organic link to the present is severed. [...] In short, the kind of *becoming* that is intrinsic to the full experience of time is short-circuited; it is reduced to what-has-now-become – and only insofar as it is set before me on a liquid crystal display, plasma screen, or other representational surface. (Casey 2012:179; oorspronklike beklemtoning)

Omdat plekspesifieke digitale literatuur die deelnemer se fisiese teenwoordigheid op ’n spesifieke plek veronderstel, word die eerstehandse konkrete en sintuiglike belewenis opnuut van belang. Die digitale toevoeging het juis die doel om die ervaring van die omgewing te verryk en ’n verhoogde bewussyn en aktiewe deelname (ook ten opsigte van betekenisgewing) van die leser/deelnemer te bewerkstellig. Met dié dat die deelnemer se

aandag toegespits is op die samehang tussen die konkrete plek, die liggaamlike en sintuiglike ervaring, en die digitale aanbieding, kan dit ook tot 'n verlangsaamde tydsbeleving en verdiepte bewussyn lei.

Die verhouding tussen mens, plek en tyd kan deur plekspesifieke digitale kuns en literatuur vernuwe word en nuwe verhoudinge teweegbring, soos Sheller (2014:203) dit stel:

Through mobile art there is an ongoing effort to reweave relational interactions between people, places, environments, and technologies that might alter or create anew our sense of place, presence, embodiment, spatiality, and temporality, which includes a politics of the everyday, both analog and digital.

Die plasing van literêre tekste in openbare plekke kan help om literatuur en die verhouding met die stad – die onsigbare lae van betekenis – sigbaarder en toegankliker te maak; 'n bydrae lewer tot die bewaring en bekendmaking van kulturele erfenis; mense se ervaring van hulle plaaslike omgewing verryk (Løvlie 2009), en die onderlinge verhoudinge tussen mense bevorder (Oppegaard en Grigar 2014:19). Drie belangrike eienskappe of kragte van plekspesifieke literatuur is vir Wilson (2011) die skep van herinneringe – spesifiek deur die gebruik van die “hier” (m.a.w. die konkrete tydruimte); die navigeringswyse wat ooreenkomstoon met hiperteksnarratiewe; en die skep van 'n (storie)wêreld (“worldbuilding”): “So site specific literature might come to be about re-imagining the world” (Wilson 2011). Hierdie herverbeelding van die wêreld kan verstaan word aan die hand van die metafoor van “oordek” (“overlay”) – soos dit in aanvullende of verrykte werklikheid (“augmented reality”) verstaan word. Wilson (2011) verkies egter die metafoor van die ondermyning van werklikheid: “To take the world as it is, and give people experiences of the process of imagining it differently.”

Die kenmerk van plekspesifieke literatuur om tot die geslaagdheid van 'n plek by te dra, sluit aan by die konsep van “urban markup” (wat as “stadsinskripsie” vertaal kan word). Farman (2014b:4) gebruik dié term wat deur McCullough bekendgestel is en wat verwys na die wyses waarop narratiewe aan 'n spesifieke plek in die stad geheg word, naamlik deur duursame inskripsies (soos uitgekerfte woorde in 'n klipfasade in 'n gebou of standbeeld), of deur efemere (kortstondige) inskripsies (soos baniere, advertensieborde, graffiti en plakkers). Hierdie twee vorme van plekspesifieke storievertelling demonstreer ook die magsdinamika en hiërargieë van wie die storie van 'n plek mag vertel (Farman 2014b:6). Eietydse mobiele mediavertellings val volgens McCullough iewers tussen die spektrum van die duursame en efemere inskripsies (Farman 2014b:7). In beginsel kan ontelbare stories, deur 'n verskeidenheid stemme vertel, deur middel van digitale stadsinskripsie aan 'n spesifieke plek verbind word, en tot die betekenis en gelaagdheid van die plek bydra (Farman 2014b:6). Sommige plekspesifieke digitale literatuurprojekte, soos Løvlie se *textopia*, maak spesifiek voorsiening vir die publiek om hulle eie tekste tot die sisteem by te voeg. Die lokatiewe medium kan sodoende vir gebruikers 'n nuwe soort mag bied om die kulturele landskap van hulle eie omgewing te vorm (Løvlie 2009).

Die meeste plekspesifieke digitale literatuurprojekte word met 'n bepaalde doel voor oë, vir spesifieke plekke, plaaslike omstandighede en bepaalde teikengroepe gekonseptualiseer. Projekte betrek dikwels verskeie skrywers en kunstenaars in diverse samewerkingsverhoudinge. Verder dra die beskikbare tegnologie, die keuse en kombinasie van media, kunsvorme en modusse en die deelname deur die leser (of deelnemer) by tot die unieke

karakter van elke projek. Projekte is dikwels eksperimenteel van aard en van 'n kort tydsduur, byvoorbeeld vir die duur van 'n literêre fees. Projekte kan egter ook meer permanent wees. Suksesvolle projekte kan tot verdere toepassings lei.

2.1 Voorbeelde van plekspesifieke digitale literatuurprojekte

Die volgende is enkele voorbeelde van plekspesifieke digitale literatuurprojekte. Uiteenlopende benaderings en tegnologiese toepassings word in die projekte gedemonstreer.

WoordenWoud (2004/2005) – literêre wandeling vir kinders (5–14), ouers en onderwysers – is aangebied op die terrein van die Middelheimpark, 'n opelug-kunsmuseum in Antwerpen. Die projek het saamgeval met Antwerpen as Wêreldboekestad 2004 en is aangebied deur NCJ/Villa Kakelbont, die Middelheimmuseum en ABC2004. In die projek is 30 beelde uit die Middelheimmuseum se versameling gekies en gekombineer met tekste deur bekende jeugskrywers wat spesiaal vir die geleentheid geskryf en gekies is. Die besoekers kon op draagbare CD-spelers (wat in die park beskikbaar gestel is) na voorlesings van die gedigte en verhale luister of dit in 'n gedrukte bundel volg. Drie literêre roetes, elk vir 'n ander ouderdomsgroep, is uitgestippel en kon individueel of in 'n groep bewandel word. Groepe kon ook deelneem aan werksinkels wat spesiaal vir die projek georganiseer is (Stappaerts 2006).⁵

textopia (2008/2009) was 'n lokatiewe-media-ontwerpseksperiment deur Anders Løvlie in die stad Oslo. In dié projek het gebruikers tydens 'n stadswandeling na tekste geluister wat vertel oor die plekke waarlangs die persoon stap – hiervoor is lokatiewe media ("location-aware cellphones") gebruik. Die tekste het outomaties begin speel wanneer die gebruiker hom/haar in die nabyheid van 'n spesifieke plek bevind het. Die projek het ook voorsiening gemaak vir die publiek om met die literêre erfenis in gesprek te tree deur hulle eie tekste te skryf en op 'n pleksentriese stelsel by te dra (georeferensiële wiki van plekgebonde literêre tekste). Gebruikers/bydraers is deur 'n skryfkompetisie by die projek betrek; en die finaliste is verder ten opsigte van die tegniese aspekte begelei (Løvlie 2009).

StoryTrek (2011) is as 'n prototipe-skrif-en-leeshulpmiddel vir lokatiewe hipernarratiewe ontwikkel deur Brian Greenspan en sy span van die Carleton Universiteit, Ottawa, Kanada. Die doel van hierdie navorsingsprojek is om die meer algemene gebruik te deurbreek, waarin die georuimtelike aan statiese narratiewe elemente verbind word (Greenspan 2011). *Crisis 22*, die werk wat in die prototipe uitgetoets is, was 'n spannings-/gruverhaal wat op 'n karakter se herhalende ervaring van 'n traumatiese gebeurtenis gefokus het. Gebruikers navigeer die stelsel deur met 'n mobiele toestel met GPS deur 'n stedelike of natuurlike omgewing te stap, terwyl die storie in reaksie op ongestruktureerde beweging van die leser volg. Die narratiewe patrone word dus aangepas by die gebruiker se ligging, roete en navigasiestyl (Greenspan 2011).⁶ Die stelsel het die skepping van lokatiewe narratiewe (sg. "storytreks") moontlik gemaak deur die storiepatrone oor Google-kaarte te plaas. 'n Leestoestel ('n mobiele toestel met GPS) het die gebruiker se fisiese beweging deur die terrein vasgelê en die beweging met 'n verskeidenheid tersaaklike storiepatrone verbind (Greenspan 2011).

2stories/4stories/6stories/7stories (2012, 2013) is lokatiewe literatuurprojekte deur Matt Blackwood en is voorbeelde van die groot verskeidenheid plekspesifieke digitale literatuur waarmee hy eksperimenteer. In hierdie reeks word QR-kodes in boekwinkels, kafees en ander

openbare plekke aangebring. *4stories* in 'n buitelugkafé in Degraafesstraat, Melbourne, Australië, het bestaan uit vier vertelde stories wat vanuit verskillende perspektiewe by verskillende sitplekke gehoor kon word. *7Stories* is die vertelde fiksionele stories van 'n verskeidenheid mense (insluitende hawelose mans en Roemeense vlugtelinge) langs Melbourne se Swanstonstraat en Bourke Street Mall. Die QR-kodes van die plekspesifieke stories is op groot plakkate met 'n sterk visuele ontwerp op die sytaadjie aangebring. (Kyk <http://mattblackwood.com>.)

StreetReads (2013, 2014, 2015), 'n interaktiewe stap-en-lees-ervaring vir kinders ouer as 10 jaar (of vir enige persoon met 'n slimfoon), illustreer die wisselwerking tussen die ontwikkeling van tegnologie en kreatiewe toepassingsmoontlikhede. In die kies-jou-eie-avontuur-projek wat oorspronklik in 2012 in Adelaide aangebied is (*Adelaide: choose your adventure*) het gebruikers QR-kodes, plakkate en kaarte gebruik om te navigeer en om die storie op selfone te lees en daarna te luister. Die tekste is ook van illustrasies en 'n klankbaan voorsien. Op versoek van die stadsraad van Brisbane het die produksieleier en skepper, Emily Craven, soortgelyke projekte in dié stad aangebied in samewerking met plaaslike skrywers en kunstenaars (2013, 2014). In 2015 is die *Story City app* beskikbaar gestel, wat die QR-kodes en kaarte vervang en wat gebruikers in staat stel om al die stories (vir Adelaide, Brisbane en Gold Coast) te ervaar. Elke storie begin op 'n spesifieke ligging in die betrokke stad en vertak, afhangende van die gebruiker se keuse, na verskeie plekke binne stapafstand en wat onder andere belangrike landmerke en kunswerke insluit. Wanneer die toepassing bespeur dat die gebruiker op die plek is waar die gebeure afspeel, word 'n volgende deel van die storie ontsluit. Stories kan ervaar word deur daarna te luister of dit op die skerm te lees (Craven 2015; <http://www.storycity.com.au>; <http://streetreads.com>).

3. *Byderhand* 2015

Byderhand het voortgevloei uit 'n suksesvolle loodsprojek wat in 2014 met 'n tweedejaar-skryfkgroep onderneem is en waarin die sogenaamde QR-kode gebruik is om toegang tot die skeppende werk op die internet te verkry. Die ontdekking van die instaatstellingsmoontlikhede van dié tegnologie en die skeppende moontlikhede van plekspesifieke digitale literatuur het aanleiding gegee tot die gedagte om 'n soortgelyke projek op 'n groter skaal aan te pak. Vervolgens is 'n eksperimentele ruimte tot stand gebring waarbinne plekspesifieke digitale literatuur deur middel van praktykgebaseerde navorsing (Borgdorff 2011) en vanuit verskeie invalshoeke ondersoek kan word. Spesifieke doelwitte van die interdisiplinêre navorsingsruimte is geformuleer, naamlik om:


- 'n verskeidenheid deelnemers (skrywers en kunstenaars, programmeerders, navorsers, studente) te betrek in die skep van en ondersoek na plekspesifieke digitale literatuur
- die uitvoerbaarheid en praktiese implementering van plekspesifieke digitale literatuurprojekte in 'n Suid-Afrikaanse plaaslike konteks te ondersoek
- aan die hand van diverse subprojekte (gedefinieer deur veranderlikes soos konteks, genre, formaat en teikenleser) plekspesifieke digitale literatuur prakties en teoreties te ondersoek
- by te dra tot die skep en verstaan van digitale literatuur in die dinamiese tegnologiese omgewing van vandag

- by te dra tot die verstaan van die resepsie en die deelnemende en wisselwerkende aard van tekste binne die digitale omgewing
- by te dra tot die ondersoek na en verstaan van publikasie in die snelveranderende tegnologiese omgewing
- by te dra tot die toerusting van skryfkunsstudente in die dinamiese omgewing
- vanuit die skeppende dissiplines 'n bydrae tot die digitale humaniora te lewer, veral met betrekking tot die kreatiewe skryfmoontlikhede wat dit bied.

'n Plekspesifieke digitale literatuurprojek (*Byderhand 2015*) met vier subprojekte vir verskillende genres, teikengroepe en plekke, is gekonseptualiseer met die oog op die jaarlikse Clover Aardklop Nasionale Kunstefees in Potchefstroom. Ná voorlegging is die projek as een van die produksies in die 2015-woordkunsprogram aanvaar. Ondersteuning is verkry van instansies wat bereid was om die eksperimentele projek te befonds. Die geïntegreerde projek (produksie, bemarking, onderrig en navorsing) is beplan en bestuur binne 'n oorkoepelende ruimte wat as skeppend, eksperimenteel, deelnemend, akkommoderend, dinamies en ontdekkend beskryf kan word. 'n Kernspan bestaande uit die projekteier, subprojekteiers/-sameroepers, projek- en navorsingsassistent, multimedia-ontwerper, rekenaar tegnoloog en voorgraadse assistente (wat deel van die loodsprojek was), was betrokke by die konseptualisering, beplanning, produksie, organisasie en aanbidding van *Byderhand 2015*. In die meeste gevalle het lede van die kernspan verskeie rolle vertolk, insluitende dié van skrywers, kunstenaars en navorsers. Die jongmense in die projek (veral die multimedia-ontwerper en projekassistent) het onontbeerlike bydraes gelewer vanweë hulle belangstelling in en ervaring van tegnologie en 'n digitale leefwêreld, byvoorbeeld ten opsigte van die implementeringsmoontlikhede en die gebruik van digitale media en sosialemediabemarking. Belangstelling en ondersteuning van verskeie individue, belanghebbende en instansies het tot die ontwikkeling van die projek bygedra.

Om aan te sluit by die plekspesifieke fokus is sowel gevestigde as jong skrywers met Potchefstroomverbintnisse uitgenooi om 'n bydrae in een van die subprojekte te lewer. Die geïdentifiseerde skrywers het die konseptuele raamwerk, projekbeskrywing en doelwitte ontvang, asook besonderhede van die spesifieke subprojek. Die inhoud en formaat van die tekste sou bepaal word deur die aard van die bydraes en die verdere moontlikhede wat dit bied of vra. Na gelang van die behoeftes van die projek is persone met bykomende kundighede betrek, soos 'n programmeerder, taalversorger en grafiese ontwerpers.⁷ In die meeste van die gevalle het die projekteier die bykomende kunstenaars (ook met Potchefstroomverbintnisse) genader en as fasiliteerder van die proses en produksie opgetree. Genooide kunstenaars het deur hul eie inisiatief ander kunstenaars en kunsvorme deel van die projek gemaak, byvoorbeeld as illustreerders vir die kinderverhale, en met musiekkomposisies en die vertolking daarvan. Die volgende dissiplines was op een of ander wyse by die projek betrokke: skryfkuns, grafiese ontwerp, letterkunde, filosofie, rekenaarlinguistiek, plantkunde en musiek.

Figuur 1 toon die rolspelers in *Byderhand 2015*.



Figuur 1. Betrokkenes in *Byderhand 2015*

Binne 'n praktykgebaseerde navorsingsruimte is die *proses* net so belangrik (of selfs belangriker) as die eindproduk, en die refleksie oor die proses en die produk is inherent aan die praktykgebaseerde navorsingsbenadering (Borgdorff 2011). In 'n samewerkende projek impliseer dit ook verskeie vorme van gesprek – ook met betrekking tot die konseptualisering, uitvoering of evaluering van die projek (Marley en Greyling 2010:171–2; Greyling 2015:314–5). Dié gespreksituasie is onontbeerlik vir die siklus van kennisomskakeling en -oordrag wat deel uitmaak van die kennisbestuur in multipraktisyns-praktykgebaseerde navorsingsprojekte (Marley 2012:7–10; Marley 2015:320). Die kernspan, belanghebbers, medewerkers, navorsers uit verskillende dissiplines, die skrywers en kunstenaars, asook skryfkunsstudente, was op verskeie wyses en stadiums deel van hierdie gesprek. Verskeie voorleggings tydens die verloop van die projek, byvoorbeeld in navorsingsgesprekke en kollokwiums, het gedien as 'n vorm van refleksie en konsolidering en het bygedra tot 'n beter verstaan van waarmee ons besig was. Gesprekke en onderhandelings met belanghebbers soos Clover Aardklop, lokaalborge en mediavennote het voorts bygedra tot insig in die praktiese aspekte met betrekking tot die funksionering van 'n kunstefees. Die gemeenskap – sowel die feesgangers as die breër gemeenskap – is deurentyd as belanghebbers in ag geneem, wat ook die formaat van die projek beïnvloed het.

Byderhand 2015 kan beskou word as 'n eksperimentele publikasiesisteen wat insluit die konseptualisering, produksie, bemaking en verspreiding, bemiddeling en resepsie van die tekste. Soos in die inleiding aangetoon is, word die verskillende funksies in 'n gevestigde publikasiesisteen deur 'n verskeidenheid rolspelers vertolk, wat tot gevolg het dat die rolle grootliks onsigbaar is. Die eksperimentele aard van die *Byderhand*-projek het meegebring dat die projekspan vir die totale produksiesisteen verantwoordelik was en dat die verskillende en verweefde take en handelinge opvallend geword het. In hierdie dinamiese ruimte het daar voortdurend nuwe uitdagings en kreatiewe moontlikhede opgeduik. Skrywers, kunstenaars en ander medewerkers het ook met voorstelle vorendag gekom; voorstelle wat dan verder ontgin, ontwikkel en verfyn is en wat die projek help vorm het.

Die produksie het vanweë die eiesoortige aard van elke subprojek en spesifieke tekste, verskillende produksie-aspekte en -fases, asook verskeie vorme van samewerking behels. Benewens redaksionele take het die produksie van die eksperimentele tekste ook uiteenlopende multimodale produksies en aktiwiteite behels, insluitende stemopnames, animasies, illustrasies, programmering, komposisie, musikale voordrag, filmproduksie en redigering. Praktiese oorwegings tydens die ontwikkeling van die projek het meegebring dat idees en planne voortdurend aangepas moes word. Met die konseptualisering van die projek was die aanvanklike gedagte byvoorbeeld om vir die publikasie van die tekste van bestaande platforms (soos Google Drive) gebruik te maak. Dit was egter vroeg reeds duidelik dat 'n doelmatige publikasieplatform vir die projek geskep moes word. Hierdie taak het op die skouers van 'n multimedia-ontwerper gerus wat 'n platform moes skep om die verskeidenheid formate te publiseer. Daar is wel van bestaande sosialemidiaplatforms gebruik gemaak vir die publisering van video's (YouTube) en vir lesersdeelname (Facebook). 'n Visueel aantreklike en gebruikersvriendelike koppelvlak wat geskik is vir klein selfoonskermes en wat by elke subprojek anders vertoon en gefunksioneer het, is ontwerp om toegang tot die inhoud te verkry.

Die beskikbare tegnologie, toegang en praktiese implementering is deurgaans in ag geneem. Ten einde die QR-kodes te kan skandeer moet 'n deelnemer se mobiele toestel oor die nodige tegnologie beskik om toegang tot die internet en selfoontoepassings te kry; die selfoon moet ook beskik oor 'n kamerafunksie waardeur die kode geskandeer kan word. Hierdie is funksionaliteite van die sogenaamde slimfoon. Waar mobiele tegnologie en storievertelling soos vroeër in die artikel beredeneer is, potensieel 'n demokratiserende uitwerking kan hê, word dit deur die afwesigheid van die nodige tegnologie en toestelle asook deur die hoë koste van data in Suid-Afrika aan bande gelê. Daar sou wel aangeneem kon word dat die meeste besoekers aan die kunstefees oor slimfone beskik.⁸ Die gebruik van die fisiese QR-kodes bied konkrete en visuele aanduidings van die projek (en die spesifieke tekste) – sodoende kan besoekers/lesers makliker die plekke (en die tekste) raaksien. As gevolg van die eiesoortige aard en plek van elke subprojek, het die fisiese formaat van die QR-kodes en implementering daarvan verskil.

Byderhand 2015 is by die Clover Aardklop Nasionale Kunstefees (6–10 Oktober 2015) as 'n interaktiewe leesfees bemark en ontplooi.

Die ankerprojek, *Tuinverse*, is in die NWU se Botaniese Tuin aangebied. Die Botaniese Tuin en Galery is een van die kunslokale tydens Clover Aardklop en is die beginpunt van die kunssafari en openingsgeleentheid van die kunstefees. Die *Tuinverse*-installasie het bestaan uit gedigte (14) en kinderversies (20) deur 15 digters, asook kort bepepsings (6) deur die digter T.T. Cloete. Die verse wat met die tuin in gedagte geskryf is, en deur die betrokke digter self voorgelees is, is aangevul met 'n verskeidenheid verwerkinge of remediasies – onder meer kinetiese tipografie-animasies, musikale verwerkings en programmering vir 'n interaktiewe gedig. Terwyl sommige gedigte vir 'n spesifieke plek in die tuin geskryf is (bv. “Onder die soetdoring” van Hein Viljoen en “Paddaluisterbankie” van Bernard Odendaal), hou ander gedigte meer met die tuin- of natuurgegewe oor die algemeen verband. Strijdom van der Merwe, 'n bekende landkunstenaar, het as genooide kunstenaar 15 totempale gemaak wat by die verse aansluit en wat by die betrokke gedigte in die tuin geplaas is (sien figuur 2). 'n WiFi-netwerk (Byderhand-netwerk) vir die projek is vir die duur van die kunstefees vir die gerief van besoekers in die tuin aangelê.⁹ Besoekers kon ook (soos dit die geval met die ander subprojekte was) van hulle eie netwerkverskaffers gebruik maak. Die plekke waar die gedigte


gelees kon word, is op 'n kaart, wat by die uitstalling beskikbaar was, aangedui (sien figuur 3). Om die gedigte te kan lees, beweeg die leser deur die tuin, skandeer die QR-kodes wat by bankies en ander plekke aangebring is (sien figuur 4), en kies op 'n keuseskerm tussen die moontlikhede wat vir 'n betrokke gedig beskikbaar is. Om die tuinverse te ervaar, is derhalwe 'n sensoriese en multimodale ervaring.



Figuur 2. Hans du Plessis by die totempaal wat Strijdom van der Merwe vir sy gedig “Botaniese tuinsonnet” gemaak het. (Gebruik van foto met toestemming van Hans du Plessis)



Figuur 3. Kaart van die Botaniese Tuin met aanduiding van die ligging van die tuinverse



Figuur 4. QR-kode van 'n tuinvers teen 'n tuinbankie

Rusplekstories is aangebied in die Boeke-oase, 'n tydelike boekwinkel en gespreksruimte wat vir die duur van die kunstefees in die B2-gebou (Bennie Pienaarsaal) ingerig is. Die gebou op die NWU-kampus is oorkant Cachetpark op die Bult geleë. Die subprojek het bestaan uit kortverhale (18) en kinderstories (6) deur 30 skrywers en illustreerders. Hierdie verhale, wat almal in Potchefstroom afgespeel het, sluit verhoudingsverhale, liefdesverhale, herinneringsketse, 'n speurverhaal, asook verhale met 'n meer literêre strekking in. Die kinderverhale speel hoofsaaklik in die Boeke-oase, op die Bult en in die konteks van die kunstefees af. Aangesien die verhale op 'n selfoonskerm en in 'n enkele sitting gelees moes kon word, is 'n riglyn van maksimum 1 500 woorde aan skrywers voorgestel. Die kortverhale het, op enkele uitsonderings na, slegs uit woordteks bestaan. Die kinderstories, wat ook illustrasies bevat het, is in 'n digitale prenteboekformaat wat by die unieke formaat van elke werk gepas het, aangebied. Die kinderverhaalskrywers het self hulle werk geïllustreer (bv. Flip Hattingh) of iemand betrek wat hulle daarmee kon help. In die spanpoging van Deon Meiring en Zinelda McDonald het hulle spesifiek die formaat van 'n selfoonskerm vir die bladontwerp in ag geneem (figuur 5). Besoekers aan die koffiewinkel in die binnehof het QR-kodes ontvang wat toegang tot een van die verhale gegee het. Die verhale was slegs genommer, sodat die skrywer daarvan as 'n verrassing vir die leser gehou is. 'n Inkleurkaart met bekende landmerke in Potchefstroom het bykomende geleentheid vir deelname in die openbare ruimte gebied (figuur 6).



Figuur 5. QR-kode van “'n Melkskommel vir Minki” deur Deon Meiring en Zinelda McDonald



Figuur 6. Inkleurkaart as bykomende geleentheid vir deelname

Die *Dwaalverhaal* by die Hoër Tegniese Skool, Potchefstroom is spesiaal vir tieners geskep. Daar is op dié skoolterrein as ruimte vir die subprojek besluit aangesien die ATKV-Tienertoneel tydens Clover Aardklop in die skoolsaal aangebied is en die toneelgroepe (die teikenlesers van die verhaal) in die koshuis tuisgegaan het. Hans du Plessis het die verhaal geskryf en dit verder saam met skryfkunststudente en die produksiespan tot 'n interaktiewe volg-die-verhaal ontwikkel. Die verhaal, wat in agt episodes verdeel is en oor die ontwikkelende vriendskap tussen twee meisies handel, speel op die skoolterrein af; 'n spookkarakter bring die geskiedkundige dimensie van die geskiedkundige skoolterrein na vore. Elke QR-kode wat by die verskillende plekke aangebring is (figuur 7), het toegang gegee tot die woordteks (wit op swart) en 'n meegaande kort videogreep waarin die betrokke verhaalinsident uitgebeeld is. Die videogrepe met 'n musiekklinkbaan was ook die werk van die produksiespan. Hier het Gustaf Tempelhoff, die veelvaardige multimedia-ontwerper, verskeie rolle vervul, naamlik as die regisseur, fotograaf en redigeerder van die video asook die komponis van die atmosferiese agtergrondmusiek. 'n Kaart van die terrein en foto's wat die verskillende plekke aandui, was deel van die gebruikerskoppelvlak. Deur die QR-kodes te volg, kon die lesers hulle op dieselfde plekke as die karakters bevind (figuur 8). Die beginpunt van die *Dwaalverhaal* is aangedui deur 'n lewensgrootte-kartonaafbeelding van die twee karakters.



Figuur 7. Dwaalverhaal: QR-kode van Plek 3 (Ou hek)



Figuur 8. Skandeer van Dwaalverhaal: QR-kode wat teen 'n pilaar aangebring is

Die *Taxistrips* was deel van die FNB-pendelroete, 'n pendeldiens wat tydens die kunstefees aangebied word om vervoer tussen die verskillende feeslokale te verskaf. Vir die projek het die kunstenaar en dosent in grafiese ontwerp, Khaya Mtshali, 'n reeks van 15 karakters in grafiese formaat geskep (figuur 9). Drie verskillende QR-kodes (wat op plakkers gedruk is) is in elke taxi asook by die bushaltes by die verskillende feeslokale aangebring. Die gedagte hier was dat die leser die karakters op die pendelroete kan ontmoet en "versamel". Die gebruikerskoppelvlak het ook daarvoor voorsiening gemaak dat lesers wat op Facebook aangeteken was, kommentaar oor karakters kon lewer en ook ander se bydraes kon lees. Ten einde die *Taxistrips* meer toeganklik te maak en ook die taxibestuurders en die breër gemeenskap te betrek, is hierdie subprojek in Engels aangebied.



Figuur 9. Voorbeeld van 'n *Taxistrip*-karakter deur Khaya Mtshali

'n Baie belangrike aspek van die projek is die bemarking en mediëring. Uit vorige ervaring van soortgelyke kreatiewe en navorsingsprojekte is die noodsaak van 'n herkenbare projekidentiteit vir sowel die medewerkers as die publiek/gebruikers besef. Hiervoor was dit onder andere nodig om 'n treffende projeknaam (vandaar *Byderhand*) en projekembleem te ontwerp. Vanweë die relatiewe onbekendheid van die gebruik van QR-kodes asook van die konsep van plekspesifieke digitale literatuur, was dit voorts nodig om die projek en die tegnologie so goed as moontlik bekend te stel. 'n Domeinnaam (byderhand.net) is geregistreer en 'n webtuiste (www.byderhand.net) is vir die projek ontwikkel.

Die webtuiste, wat deur die multimedia-ontwerper ontwerp en gebou is, bestaan uit twee dele, naamlik die openbare gedeelte met inligting oor die projek (subprojekte en medewerkers, navorsingsfokus, span) en die "verskuilde" publikasieplatform vir die publikasie van die tekste wat via die QR-kodes bereik kan word. Die bloggedeelte van die webblad (Wordpress) dien as 'n dagboek van die aktiwiteite en bied die geleentheid vir medewerkers om hier bydraes te lewer. 'n "So maak mens"-inligtingsblokkie verskyn opvallend op die webtuiste, asook op gedrukte bemarkingsmateriaal.

Benewens die oorkoepelende projekembleem het die multimedia-ontwerper ook kenmerkende embleme en baniere vir die onderskeie subprojekte ontwerp. Hierdie ontwerpe, wat deur die uitbeelding van die plekke waar die verskillende subprojekte aangebied is, die plekspesifieke karakter van die projek versterk het, is op die webtuiste en ander

bemarkingsmateriaal gebruik. Die subprojekte is sodoende van mekaar onderskei, terwyl 'n samebindende visuele eenheid terselfdertyd bewerkstellig is. Benewens die webtuiste is sosialemediaprofiel (Facebook, Instagram, Twitter) en hutsmerke vir bemarking en kommunikasiedoeleindes geskep. Persberigte, artikels en radio-onderhoude het deel uitgemaak van die bekendstelling van die projek. Tydens die kunstefees is van 'n groot verskeidenheid bemarkingsmateriaal en -aktiwiteite gebruik gemaak om die projek onder die publiek se aandag te bring (plakkate, inligtingskaartjies, kompetisies, T-hemde vir die span, sosiale media, ens.). Van hierdie items (soos die fisiese QR-kodes, plakkate en kaarte) kan ook as stadsinskripsies en as paratekstuele elemente beskou word.¹⁰ (Figuur 10 toon die hoofplakkaat.)



Figuur 10. Hoofplakkaat van Byderhand

Die implementering (verspreiding) van die subprojekte self was deel van die dinamiese proses en het van almal wat daarby betrokke was, 'n soepel en probleemoplossende benadering vereis. Daar was heelwat tegnologiese en praktiese aspekte wat aandag gevestig het, byvoorbeeld die formaat en publikasie van die groot verskeidenheid tekste, funksionering

van die QR-kodes en die installering van die *Byderhand*-netwerk in die Botaniese Tuin. In verskeie toetslopieë waarby onder andere skryfkunststudente betrek is, is die verskillende subprojekte asook navorsingsmetodes prakties getoets. Tydens die kunstefees het studente-assistente 'n onontbeerlike rol vervul. Subprojekassistenten het die verantwoordelikheid vir 'n betrokke projek gedra en is bygestaan deur assistente wat onder andere inligting verskaf het en besoekers met tegniese aspekte bygestaan het.

Die kernspan moes ook voortdurend evalueer of die projek werk soos dit beplan en voorsien is en die nodige aanpassings maak. Dit het geïmpliceer dat die spanlede deurentyd met mekaar in kontak moes wees. Daaglikse spanvergaderings oor ete was 'n noodsaaklike gespreks- en refleksiegeleentheid waar die kernspan op hoogte gehou is van die verskillende subprojekte en knelpunte hanteer is. Tussendeur het sosiale media (veral WhatsApp se funksie van kitsboodskappe en stembodskappe) blitsvinnige kommunikasie en besluitneming moontlik gemaak.

As deel van die gemeenskapsbetrokkenheid van die projek is 'n groep leerders van 'n plaaslike hoërskool (Promosa Sekondêr) genooi om die *Byderhand 2015* eerstehands te ervaar. Dié uitstappie, wat besoeke aan die verskillende subprojekte, 'n bywoning van 'n tienertoneelproduksie, asook 'n piekniek in die Botaniese Tuin ingesluit het, is deur een van die assistente in die projek georganiseer. Die leerders het elkeen selfoondata ontvang sodat hulle die tekste op die projek se onkoste kon ervaar. Die implementeringsfase is voorts benut om waarnemings ten opsigte van die resepsie van die tekste te doen en het ook gedien as verkenning van die wyses waarop data in hierdie nuwe publikasiekontekste verkry en verwerk sou kon word.¹¹ Die projek en aktiwiteite is op verskeie wyses gedokumenteer, onder andere deur verfilming met die oog op 'n projekvideo. Probleme wat tydens die implementering ervaar is, is as deel van die eksperimentele karakter van die projek beskou en het insig gebied in die praktiese uitvoering van die projek en die ontvangs daarvan deur die feesgangers.

4. Multimodale ensemble en wisselwerking in plekspesifieke digitale literatuur

Ten einde die wisselwerking en samespel binne multimodale plekspesifieke digitale literatuur te kan verstaan en voorstel, stel ek 'n multimodale ensemble vir plekspesifieke literatuur voor.

In multimodale studies verwys die term *ensemble* na voorstelling van kommunikasie wat uit meer as een modus bestaan en wat saamgebring word met die oog op gesamentlike en interafhanklike betekenis. Die woord *ensemble*, wat aan musiek ontleen is, suggereer as metafoor die diskrete dele (modusse) wat, soos melodieë wat op verskillende instrumente gespeel word, op komplekse wyses met mekaar verband hou en as 'n samehangende geheel bymekaargebring word (Mavers 2013). 'n Ensemble is in die eerste instansie die "komposisie en orkestrasie" van modusse deur die *betekenismaker* om die beste passing vir 'n spesifieke doel te bewerkstellig. Dié ensemble, wat saamgestel word binne die raamwerk van sosiaal, kultureel en geskiedkundig geregleerde wyses om betekenis te skep, toon dan ook spore van die maker se belangstelling en agentskap – insluitende estetiese oorwegings. Hiernaas kan die ontleding van die prosesse in die konstruksie van die multimodale ensembles die ontleder in staat stel om te verduidelik hoe betekenis tot stand gebring word (Mavers 2013).

Plekspesifieke digitale literatuur word in besonder gekenmerk deur beweging, verandering en samespel, insluitende: die eksponensiële tegnologiese ontwikkeling; uiteenlopende samewerkingsverhoudings, praktyke en prosesse; die wisselwerking tussen media en modusse; en die aktiewe deelname van die leser. Die metafoor van 'n ensemble is daarom besonder gepas om die relasionaliteit en wisselwerking met betrekking tot plekspesifieke digitale literatuur te verstaan. Ten einde so 'n multimodale ensemble te kan saamstel, is dit nodig om die samehang en dinamiese wisselwerking ten opsigte van tegnologie, materialiteit, multimodaliteit, kommunikasie en produksie te oorweeg. Hier word veral gesteun op Miller (2011) se sleutelemente van digitale media, Kress en Van Leeuwen (2003) se multimodale teorie van kommunikasie, en Page (2010) se multimodale ensemble vir narratiewe ontleding. Drie dimensies van die komposisie en orkestrasie word in die voorgestelde multimodale ensemble vir plekspesifieke digitale literatuur onderskei, naamlik: (i) die komponente van plekspesifieke digitale literatuur; (ii) kommunikatiewe praktyke en tegniese prosesse; en (iii) meelewende ervarings.

In sy bespreking van die sleutelemente van digitale media verduidelik Miller (2011:12) dat sedert Mark Poster se 1995-bespreking van die ontwikkelende kommunikasie-revolusie, mense die nuwe media onder andere deur die samestelling van kenmerke probeer verstaan het. Miller (2011:12) verwys spesifiek na Martin Lister e.a. (gedurende 2009) en Lev Manovich (gedurende 2001) se indelings. Lister e.a. lys die kenmerke van nuwe media as digitaal, interaktief, hipertekstueel, verspreid en virtueel; Manovich bou weer sy model op die tegniese elemente van digitale mediaproduksie en verander dit in kulturele kategorieë en argumenteer dat nuwe media numeries, modulêr, geoutomatiseer, veranderlik en getranskodeer is. Miller (2011:14–45) volg die middeweg tussen die twee benaderings. Hy verdeel die eienskappe van digitale media in drie hooftemas, waar dit in kombinasie met mekaar en in vergelyking met die media van die verlede as vernuwend beskou kan word, naamlik tegniese prosesse, kulturele vorme en meevoerende ervarings (“immersive experiences”).

Tegniese prosesse verwys na die tegnologiese boublokke van digitale media; dit is die tegnologiese aspekte van produksie, verspreiding en gebruik wat bydra tot die vorm, karakter en potensiaal van digitale media (Miller 2011:14). Digitale media is naamlik digitaal, genetwerk, interaktief, hipertekstueel/hipergemedieer, geoutomatiseer en is datagebaseer. Manovich suggereer dat databasisse een van die dominante kulturele vorme van ons tyd word (of reeds is) (Miller 2011:21). Databasisse – gestruktureerde versamelings data – kan 'n byna oneindige stel moontlikhede bied vir die onttrekking, filtrering en organisasie van data. 'n Webblad is 'n voorbeeld van so 'n databasis. Alhoewel 'n webblad op die oog af na 'n samehangende visuele artefak lyk, is dit in werklikheid 'n assemblage van verskillende elemente: databasisse van teks, beelde, bewegende beelde en klank, wat alles in verskillende lêers gestoor is en saamgestel word wanneer 'n gebruiker daarna kyk (Miller 2011:21). Die samestelling van 'n databasis en besinning oor die wyses waarop die inhoud onttrek en saamgestel kan word, is 'n kernaktiwiteit in die skep van digitale literatuur. Ook die ander tegniese prosesse word voorveronderstel in die skep van (plekspesifieke) digitale literatuur.

Kulturele vorme verwys na die effek wat tegnologiese instaatstellingsmoontlikhede het op die wyses waarop digitale voorwerpe geskep, teëgekom en gebruik word (Miller 2011:21). Elke houer van inligting en die wyse waarop dit georganiseer word (bv. argief, museums, biblioteke, boeke en mense), skep 'n inligtingsargitektuur wat bepaalde kulturele implikasies het, soos hoe ons die wêreld organiseer en kategoriseer, asook wie die vermoë en gesag het

om dit te doen. Aangesien 'n databasis lyste of versamelings is, is dit nooit volledig nie en kan daar altyd nuwe inligting bygevoeg word en kan verhoudings altyd aangepas word en voortdurend verander. As tegnologiese instaatstellingsmoontlikhede gee tegniese prosesse aanleiding tot kulturele vorme wat met digitale mediavorwerpe vereenselwig kan word. Digitale mediavorwerpe word naamlik gekenmerk deur konteks (of 'n gebrek daaraan), veranderlikheid, risomatiese organisasie en proses. Miller (2011:30) argumenteer dat, as gevolg van die veranderlike en transformatiewe aard van digitale media, nuwe mediaprodukte beskou kan word as prosesse (of gesprekke) eerder as materiële voorwerpe. Dit impliseer ook dat die skepper van (plekspesifieke) digitale literatuur as 't ware 'n lewende organisme ontwerp, skep en bestuur.

Hierdie verskuiwing na nuwe media as 'n proses bring nuwe opvattinge van die gehoor of gebruiker asook die transformasie van die gebruiker se ervaring mee – naamlik dié vanaf die *statiese* rol van kyker na die rol van 'n *aktiewe*, mobiele gebruiker of deelnemer.¹² Sodoende bied dit vir digitale media die moontlikheid om bepaalde verhoudings met en ervarings vir die leser te skep. Die indompelende of meevoerende ervarings word vergestalt in die kenmerke van teleteenwoordigheid (“telepresence”), virtualiteit en simulasie (Miller 2011:21). Die kombinasie van die digitale en die konkrete kan benewens teleteenwoordigheid ook ander verweefde vorme van teenwoordigheid en ervaring bewerkstellig of ten opsigte daarvan verstaan word, byvoorbeeld medeteneenwoordigheid (“copresence”) gelokaliseerde teenwoordigheid, netlokale teenwoordigheid (Richardson en Wilken 2012:195; Gordon en De Souza e Silva 2012:90), beliggaming, hibriede beliggaming, en ingeplaasheid.¹³ Om voorsiening te maak vir die diverse ervaringsdimensies, word die term *immersive* vir die doeleindes van die multimodale ensemble met “meelewend” of “meevoerend” vertaal.

Die opkoms van digitale tegnologieë en gepaardgaande multimodale produkte het die ontwikkeling van die akademiese studie van multimodaliteit versnel (Gibbons 2012:9). In die verlede (veral in die oorheersing van die grafosfeer) het die klem op die *woord* (die verbale) meegebring dat die ander modaliteite (tipografie, illustrasies, klank, ens.) en die betekenis wat dit in literêre werke bydra, nie altyd na waarde geskat is nie. Hierteenoor gaan die ontwikkelende terrein van multimodaliteit en multimodale narratiewe ontleding van die veronderstelling uit dat alle narratiewe kommunikasie multimodaal van aard is – soos onder andere Page (2010), Finnegan (2005), Kress en Van Leeuwen (2001) aanvoer. 'n Onderskeidende bydrae van multimodale ontleding is 'n fokusverskuiwing vanaf *mediana* modusse – spesifiek semiotiese modusse (Page 2010:6). Breedweg kan *modus* verstaan word as 'n sisteem van keuses wat gebruik word om betekenis te kommunikeer (Page 2010:5). Kress (2010:79) beklemtoon dat 'n *modus* sosiaal en kultureel gevorm is, met die primêre funksie van representasie en kommunikasie. Hy lys voorbeelde van sodanige modusse, soos beeld, skrif, uitleg, musiek, gebare, spraak, bewegende beelde, klankbaan en driedimensionele voorwerpe. Page bied 'n breër definisie aan wat daarvoor voorsiening maak dat modale kategorieë na gelang van gebruik kan verander (Gibbons 2012:10). Page (2010:6) verduidelik dat “What might count as a mode is an open-ended set, ranging across a number of systems including but not limited to language, image, color, typography, music, voice quality, dress, gesture, spatial resources, perfume, and cuisine.”

Semiotiese modusse word deur spesifieke media gematerialiseer. Die term *medium* verwys hier na die fisiese materiaal wat gebruik word in kommunikasieoordrag (bv. drukmedia, luggolwe, radio), asook na die kommunikasiekanaal. Beide betekenis is belangrik in multimodaliteit, wat die potensiaal van materialiteit vir betekenis skepping erken (Page

2010:6). 'n Semiotiese modus kan in verskillende media verskyn – taal kan byvoorbeeld geskryf of gepraat word; en woorde kan op papier gedruk word, op 'n rekenaarskerm verskyn, of in klip gegraveer word. Verskillende modusse kan ook in dieselfde medium gerealiseer word, byvoorbeeld beelde en woorde in strokiesprente of prenteboeke. Aangesien materialiteit kan funksioneer as 'n bron van verskil en by implikasie ook van betekenis, word media deur multimodale narratiewe ontleding beskou as een van die elemente binne die wyer ensemble van semiotiese modusse wat in storievertelling gebruik word (Page 2010:6). Die verhouding tussen materialiteit en multimodaliteit vestig aandag op die fisiese werk wat in die narratiewe prosessering betrokke is: enersyds die gereedskap en tegnologie en andersyds die menslike liggaam en sensoriese organe (Page 2010:6). Page (2010:7) wys daarop dat narratiewe kommunikasie self ook beliggaam is. Vertellers en die “gehoor” gaan verskillend met die grondstof van hulle stories om, hetsy deur die gebruik van gebare en stemtoon in gesprekstories, of deur sensories-motoriese manipulasie van bladsye, 'n toetsbord, die skerm, of ander materiaal. In die multimodale narratiewe ontleding word byvoorbeeld gevra na die rol wat bepaalde modusse in narratiewe produksie en resepsie speel, asook hoe die menslike liggaam met verskillende soorte narratiewe materiaal in wisselwerking tree (Page 2010:6). Farman (2014a:534) beklemtoon dat materialiteit – dié van die plek, asook van die medium waardeur die storie gekommunikeer en ervaar word – 'n belangrike konsep is om die leser se verhouding met mobiele storievertelprojekte te verstaan, en dat die instaatstellingsmoontlikhede en beperkinge van die medium die manier waarop die inhoud ervaar word, heeltemal transformeer.

Gedagtig daaraan dat die skepper(s) van plekspesifieke digitale literatuur midde-in 'n kommunikasiesituasie is en, soos reeds aangetoon, gewoonlik verantwoordelikheid aanvaar vir die beplanning en uitvoering van die hele projek (wat as 'n publikasiesisteem beskou kan word), is Kress en Van Leeuwen (2001) se multimodale teorie van kommunikasie van waarde vir die samestelling van 'n multimodale ensemble vir plekspesifieke digitale literatuur. Kress en Van Leeuwen (2001:2) wys daarop dat waar daar in die verlede verskillende, hiërargiesgeorganiseerde spesialiste in beheer van verskillende modusse was en dat 'n redigeringsproses hierdie werk byeengebring het, die verskillende modusse in die era van digitalisering op 'n soort vlak van representasie tegnies dieselfde geword het en dat dit alles deur 'n veelsydige persoon uitgevoer kan word deur een koppelvlak (een modus van fisiese manipulasie) te gebruik. Hierdie persoon kan dan op elke punt vra of iets visueel of verbaal met klank of musiek uitgedruk moet word (Kress en Van Leeuwen 2001:2). Die skrywers (Kress en Van Leeuwen 2001:110) wil dan juis aantoon dat betekenis op baie verskillende maniere tot stand kom – altyd in die velerlei verskillende modusse en media wat gesamentlik in 'n kommunikasie-ensemble teenwoordig is.


Waar Kress en Van Leeuwen op multimodale werke konsentreer, is Dena (2010) veral geïnteresseerd in werk wat uit verskillende vorme bestaan en op verskillende platforms gepubliseer word – soos onder andere transmediale narratiewe waar 'n oorkoepelende narratiewe storiewêreld geskep word. Dena (2010:187) stel die term *polymorphic fiction* vir hierdie werke voor en argumenteer dat die skepper van sodanige polimorfiese fiksie (wat ook vorme van plekspesifieke digitale literatuur kan insluit) eerder sal vra of 'n betrokke deel van die fiksionele wêreld in 'n roman, rekenaarspeletjie, skildery of film uitgedruk sal word. Dena se benadering beklemtoon die verwikkelde moontlikhede en verhoudings in eietydse narratiewe. In plekspesifieke digitale literatuur sal die skrywer of skepper ook vra wáár die werk geplaas en ervaar moet word.

Kress en Van Leeuwen (2001) se multimodale teorie van kommunikasie fokus, benewens op die semiotiese bronne van kommunikasie en die modusse en media, ook op die kommunikatiewe praktyke waarbinne dié bronne gebruik word. Dié kommunikatiewe praktyke word as multigelaagd gesien en sluit diskursiewe praktyke, produksiepraktyke en interpretatiewe praktyke in; dit kan ook ontwerppraktyke en/of verspreidingsaktiwiteite behels. Elkeen van dié lae en aktiwiteite dra by tot betekenis: “The key point here is that meaning is made not only with a multiplicity of semiotic resources in a multiplicity of modes and media, but also at different ‘places’ within each of these” (Kress en Van Leeuwen 2001:110). Die kommunikatiewe praktyke kan ook as strata voorgestel word, met as basis van stratifikasie die onderskeid tussen die inhoud en uitdrukking van kommunikasie. Vanweë die ontwikkeling van skryfkuns kan inhoud verder gestratifiseer word as diskoers en ontwerp, en vanweë die uitvinding van moderne kommunikasietegnologieë kan uitdrukking verder gestratifiseer word in produksie en verspreiding. Modus is aan die inhoudkant en medium aan die uitdrukkingkant (Kress en Van Leeuwen 2001:20).

Ten einde die rol en wisselwerking van die verskillende modusse in die ontleding van multimodale tekste in ag te neem, stel Page (2010:7) ’n multimodale ensemble voor met die onderskeibare dimensies van tekstuele bronne, platform van oordrag, fisiese omgewing en sensoriese modaliteite. Sy verduidelik dat die ontleding van semiotiese kodes faktore kombineer wat gebruik word in die tekstuele aanbieding (soos woordkeuse of ’n gebruik van ’n diagram), die sensoriese persepsie (byvoorbeeld die gebruik, of oproep, van sig of aanraking) en die oordragmedia, en wat almal in ’n spesifieke fisiese omgewing gesitueer is: “The semiotic resources combine in multiplex configurations across these parameters, demonstrating that multimodal narrative analysis is far more than a text-based concern” (Page 2010:7).

Aan die hand van Page se ensemble identifiseer ek ses onderskeibare (maar nie skeibare nie) komponente van plekspesifieke digitale literatuur, naamlik: infrastruktuur, toestelle, teks, liggaam, plek (fisiese omgewing) en ervaringskoppelvlak. Elkeen van hierdie komponente is teenwoordig in die ontwerp, produksie en verspreiding van plekspesifieke digitale literatuur en behoort ook in ag geneem te word met die ontleding van plekspesifieke digitale literatuur.

Die komponente van plekspesifieke digitale literatuur word in figuur 11 voorgestel.



Figuur 11. Die komponente van plekspesifieke digitale literatuur

Die infrastruktuur behels die tegnologie wat die kommunikasie moontlik maak: satelliete, selfoontorings, internet, netwerke, lokale netwerke, draadlose tegnologie, sensorbeliggaamde slimgeboue. Die infrastruktuur sluit ook verspreidingskanale (soos die App Store en Google Play) in en kan ook infrastrukture wat met drukmedia vereenselwig word, insluit. Die beskikbare infrastruktuur is deurslaggewend vir die praktiese uitvoerbaarheid en implementering van 'n plekspesifieke projek.

Toestelle verwys spesifiek na die platform van oordrag of oordragmedia, soos die digitale skerm, die gedrukte bladsy, filmskerm/TV-skerm, aangesig tot aangesig of telefoon (Page 2010:7). In plekspesifieke digitale literatuur is die platform van oordrag gewoonlik die digitale skerm, maar dit kan ook met ander oordragmedia gekombineer word (bv. 'n gedrukte bladsy).¹⁴ Digitale skerm is beskikbaar in talle toestelle, wat wissel van slimfone tot speletjiekonsoles en tafelrekenaars. In plekspesifieke digitale literatuurprojekte is die slimfoon – 'n kragtige minirekenaar waarin 'n groot verskeidenheid toestelle, toepassings en funksies saamgesmelt is – tans die aangewese tegnologie.

Toestelle word verder vereenselwig met generatiewe of vernuwingsplatforms. Platforms is stelsels wat herprogrammeer kan word en wat 'n omgewing bied waarbinne ontwikkelaars/gebruikers werk (Banks 2012:157–8). Programmatuur (“sagteware”) is fundamenteel tot die funksionering van platforms; en programmeerders, ontwerpers en kunstenaars word gevorm deur die instaatstellingsmoontlikhede en beperkinge van die spesifieke platform waarop hulle fokus, byvoorbeeld persoonlike rekenaars en selfone, bedryfstelsels soos Apple iOS, en sosiaalnetwerkplatforms soos YouTube (Banks 2012:158). Die groot verskeidenheid toestelle wat in die handel beskikbaar is, stel veral uitdagings met betrekking tot die aanpasbaarheid van toepassings vir die verskillende toestelle. Met die eksponensiële ontwikkeling van tegnologie kan dit voorsien word dat plekspesifieke digitale literatuur voortdurend nuwe tegnologieë, toestelle en platforms sal verken.

Alhoewel die fisiese infrastruktuur en toestelle in die ensemble onderskei word, is dit belangrik om in ag te neem dat dit in werklikheid deel van 'n media-ekologie is, waar die konvergering van verskeie tegnologieë en toepassings tot nuwe ontwikkelings en instaatstellingsmoontlikhede lei, soos Goggin (2012:203) aantoon:

[T]he development of place-making and referencing technologies in mobiles came from other directions – from the incorporation of Bluetooth into mobiles, the parallel development of sat-nav devices, and, attached to the Internet, the rise of the geospatial web, and mapping applications. This has immediate and significant implications for how we understand mobile technologies in relation to location – and, by extension, to place. From their inception the kinds of location technologies in mobile media – that skew it as locative media – very much work in a media ecology, rather than just being based on a particular technological system.

Die beskikbare media-ekologie (infrastruktuur, toestelle, platforms, toepassings) asook die funksies waarmee die betrokke gemeenskap of teikengroep vertrou is, is grootliks bepalend vir die ontwerp van 'n plekspesifieke digitale literatuurprojek, die formaat van die tekste, en die deelnemende modusse wat oorweeg kan word. Hierdeur word die oorweging van plaaslike omstandighede beklemtoon.


Teks behels die kreatiewe werk wat as die inhoud van 'n projek beskou kan word, en wat dan ook die primêre aard daarvan bepaal; in hierdie konteks woordkuns (literatuur). Dit sluit in genre/tekstipe (bv. gedig, tienerverhaal, bloginskrywing, speletjie, brief, e-pos), die inhoudelike van die teks, asook die tekstuele bronne (die modus van representasie). Die modus van representasie is byvoorbeeld woord, beeld, klank, beweging, olfaktoriese bronne, ens. (Page 2010:7), asook enige kombinasie daarvan. Hier sou digitale modusse soos 3D-projeksies en verrykte werklikheid nuwe moontlikhede bied. Ontwerpelemente (soos tipografie, uitleg, vorm, kleur, balans, ens.) is integraal aan die aanbieding van enige teks en veral in die kombinasie van mediums. Die skep en manipulasie van digitale tekste impliseer die gebruik en kreatiewe misbruik van bestaande sagteware, asook doelmatige programmering. Ander kunsvorme (ook in konkrete vorm) kan ook deel van die teks wees.

Liggaam behels die fisiese liggaam van die leser-deelnemer. Hier kan onderskei word tussen die sensoriese modaliteite en die deelnemende modaliteite. Die sensoriese modaliteite, wat konkreet is of opgeroep kan word, sluit in sig, gehoor, tas, reuk en smaak (Page 2010:7). Benewens sensoriese persepsie impliseer plekspesifieke digitale literatuur die leser-deelnemer se aktiewe en handelende deelname. Om hierdie rede word deelnemende modaliteite (aktiwiteite) as integraal aan plekspesifieke digitale literatuur beskou. Deelnemende modaliteite kan die volgende insluit: die hantering en manipulasie van toestelle en konkrete voorwerpe (bv. die gebruik van die funksies van 'n selfoon; manipulasie van die haptiese skerm; hantering van 'n kunswerk); verskeie vorme van interaktiwiteit en wisselwerking (bv. leser-teks-wisselwerking, leser-skrywerwisselwerking, leser-leser-wisselwerking); spel (bv. woordspel, verbeeldingspel, fisiese spel); skeppende aktiwiteite (bv. om self kreatiewe werk tot die stelsel by te dra); navigasie (aan die hand van bv. kaarte, GPS-koördinate; wat ook die gelyktydige navigering in die konkrete en digitale ruimtes kan impliseer); beweging (fisiese makrobeweging, mesobeweging, mikrobewegings met die skermruimte, virtuele beweging – Richardson 2012:143); en sosiale wisselwerking. Die moontlike of geïmpliseerde aktiwiteit, wat ook verstaan word met betrekking tot die deelnemende en performatiewe aard van installasiewerke, is alles potensieel deel van die betekenisgewing van die werk.

Fisiese omgewing behels eerstens ligging, plek en konteks. Page (2010:8) dui aan dat die fisiese omgewing waarin 'n narratief ervaar word, 'n reeks semiotiese bronne ontplooi wat 'n rol in die betekenisgeving speel. Aangesien die spesifieke plek in plekspesifieke digitale literatuur déél van die werk word, word Page se geïdentifiseerde modaliteite – privaat/publiek; binne/buite; lig/donker; voorwerpe – aansienlik uitgebrei. Die mise-en-scène van 'n bepaalde plek of nodus, asook die verbinding tussen plekke/nodusse in die vorm van roetes word deel van die ontwerp en produksie asook van die ervaring van die werk. Ruimtelike bronne en semiotiese kodes wat met die spesifieke omgewing en teks verband hou, byvoorbeeld argitektuur, parkuitleg en stads- en streeksbeplanning, kan deur die werk geaktiveer word. Die wisselende en veranderende aard van die omgewing, byvoorbeeld vanweë of in die vorm van seisoene, weersomstandighede en tye van die dag en die spesifieke konteks is ook ter sprake. Die skepper van plekspesifieke digitale literatuur werk dus onder andere met 'n veranderlike en veranderende omgewing. Aangesien plekspesifieke projekte gewoonlik in stedelike en openbare ruimtes funksioneer, is die sosiokulturele ruimte sowel as sosiale wisselwerking op verskeie wyses ter sake. Hier is ook die uitkringende ruimte en kontekste van belang.

Ervaringskoppelvlak: 'n plekspesifieke digitale literatuurprojek kom neer op die ontwerp van 'n ervaring vir die leser-deelnemer. Die ontwerp van die voorgestelde wyse waarop die leser die projek moet meemaak, kan as 'n soort (geïmpliseerde) draaiboek of partituur gesien word wat as gevolg van die plekspesifieke aard van elke plek en projek uniek aan die betrokke werk is.¹⁵ Om die ervaring toeganklik te maak, impliseer dat 'n ervaringskoppelvlak geskep moet word waardeur die verskillende komponente (infrastruktuur, toestelle, teks, liggaam en fisiese omgewing) en die kommunikatiewe praktyke en tegniese prosesse só verbind en ontsluit word dat dit bepaalde (meevoerende) ervarings tot gevolg kan hê. Hierdie ervaringskoppelvlak kan as 'n poort na die plekspesifieke digitale literatuur beskou word. Dit kan aspekte insluit soos konkrete aanduidings van 'n projek (bv. plakkaat en QR-kodes); gebruikerskoppelvlakke (bv. mobiele koppelvlak, webblad, koppelvlak na 'n publikasieplatform); navigasiehulpmiddels (kaarte, geolokasiewe tegnologie); en aangepaste en doelgemaakte toepassings. Die tekste in plekspesifieke digitale literatuur moet êrens gepubliseer word. Hiervoor word 'n databasis geskep wat van bestaande platforms gebruik kan maak of die skep van 'n eie doelgemaakte platform kan behels. Die ervaringskoppelvlak kom daarop neer dat verhoudings (relasies) ontwerp en tot stand gebring word.

Om die dinamiese, bewegende, prosesmatige en herhalende aard van plekspesifieke digitale literatuur aan te dui, word die ensemble in 'n spiraalvorm voorgestel. Die tegniese prosesse en die kulturele vorme wat Miller (2011:12) ten opsigte van die digitale kultuur geïdentifiseer het, is deel van die digitale omgewing waarin digitale literatuur funksioneer en is dus integraal deel van die konseptualisering en ontwerp daarvan. Hierdie tegniese prosesse en kulturele vorme word egter nie slegs veronderstel nie, maar ook aktief geskep deur die kommunikatiewe praktyke van diskoers, ontwerp, produksie, verspreiding en interpretasie. Die leser se aktiewe deelname impliseer en bring mee dat die verskillende komponente aktief verbind word, en het 'n unieke leeservaring tot gevolg. Hierdie deelnemende en meelewende ervarings word bewerkstellig deur die samespel van al die dimensies en agente in die spesifieke plekspesifieke projek.



Figuur 12. Multimodale ensemble vir plekspesifieke digitale literatuur

Die frase *multimodale ensemble vir plekspesifieke digitale literatuur* kan gebruik word om plekspesifieke digitale literatuurprojekte met oorweging van die plaaslike konteks en media-ekologie te konseptualiseer, ontwerp, produseer en versprei. Die ensemble kan ook gebruik word vir die verstaan, beskrywing en ontleding van die multimodale plekspesifieke digitale literatuur – hetsy vir ’n projek in sy geheel, subprojekte of spesifieke tekste.

4.1 Toepassing – “Skryfopdrag” in die Botaniese Tuin

Met plekspesifieke digitale literatuurprojekte wat binne ’n bepaalde konteks (insluitende die tydsgewrig, ideologiese, sosiale en kultuurraamwerke ingebed is, is dit vanselfsprekend dat sodanige projekte deur diskoerse van die tyd gekenmerk sal word. Dié aansluiting kan ook doelbewus en doelgerig wees, soos in die geval van *Byderhand 2015* wat ten doel gehad om met plekspesifieke digitale literatuur te eksperimenteer binne die konteks van ’n kunstefees. Hierdie doel, gepaardgaande doelstellings, en die inrig van die interdisiplinêre kreatiewe en navorsingsruimte kan as die onderliggende konseptuele raamwerk van die projek beskou word. Die konseptuele raamwerk is vir elk van die vier subprojekte nouer afgespits, veral wat betref die genre, plek en teikenleser.

Die eksperimentele ruimte is ingerig as ’n ontdekkende ruimte waar medewerkers op verskeie vlakke uitgedaag en toegelaat is om self ontwerpers te word en op verskillende plekke tot betekenis skepping kon bydra. Elke subprojek (asook van die individuele werke, soos elke gedig en die kinderverhale) het as afsonderlike produksies ’n eie dinamiek vertoon, eiesoortige samewerkings en kreatiewe probleemoplossings genoodsaak, en unieke leeservarings gebied. Met die wisselwerking, interaktiwiteit en risoommatige prosesse wat deel is van digitale kultuur en van plekspesifieke digitale literatuurprojekte in die besonder, en die aktiewe deelname en keuses wat die leser op verskeie vlakke kan uitoefen, het elke leser ook ’n deelnemer (en selfs “ontwerper” van die eie ervaring) geword. Die bydraes van die verskeidenheid medewerkers in die produksie van die teks en die wisselwerking tussen die verskeidenheid agente, komponente van plekspesifieke digitale literatuur, kommunikatiewe praktyke en tegniese prosesse, en meelewende ervarings dra by tot ’n unieke proses, produk en ervaring.

Hierdie wisselwerking word aan die hand van ’n gedig, “Skryfopdrag” (Adri Breed), in die *Tuinverse*-subprojek verduidelik. Adri Breed het as genooide digter gekies om ’n gedig te skryf by ’n bankie wat aan die bopunt van die rantjie in die Botaniese Tuin geplaas is. In die gedig wat ontstaan het ná ’n vroegoggend-besoek van die digter aan die Botaniese Tuin, word verwys na die stap-ervaring, die onmiddellike omgewing, en die kontrasterende belewenis by die bankie. Die digter se eerstehandse ervaring van die omgewing kan as ’n beliggaamde en ’n ingeplaaste ervaring en skryfhandeling beskou word. Die gedig is ná terugvoering van die subprojekteleier, Bernard Odendaal, verder afgerond.

Skryfopdrag

Bankie nommer 10 in die NWU Botaniese tuin

Soms is die langste stap in ’n tuin
op roetes wat wel naby lyk, maar te ver word,
want dou trek by jou broeksoom in
soos bondels klits wat deur jou kousstik ryg
en hoekdorings haak aan jou elmboogmou;

oggendmodder maak jou skoensole glad
dat jy mooi moet let waarop jy trap
terwyl jy klim teen die mensgemaakte rant
en gryp na uitsteektakke van bywortelkruid.

Jy kom bo in die verwagting van uitsig as beloning
maar daar is die vullis van die vorige dag se vryers
op die bankie waar jy wil sit.
En as jy tog sit, sien jy agter jou
'n treinspoor en dakke en 'n beton-inskuifmuur
en voor jou is kleinbos en ruigte en 'n tak.
'n Uitsig sal jy self moet versin.


Jy probeer luister anderkant die dreuning van die trok
op die Carletonvillepad wat jy ook van die rant af kan sien
en die rooi kar op die brug
en die geratel van die nuwe groen ingenieursgebou,

tót jy dit raakhoor:
uit die ruigte, net betyds, kom
die opgekropte getortel wat nog die heeldyd daar was.

Soos dit met al die gedigte in die projek¹⁶ die geval is, het die skrywer self haar gedig vir die stemopname voorgelees; haar vertolking dra derhalwe by tot die interpretasie en betekenis van die gedig. Twee kunswerke is na aanleiding van die teks en vertolking geskep, naamlik die tipografiese animasie deur Marcell Smit en die totempaal deur Strijdom van der Merwe. Die visuele interpretasie van die gedig deur die animeerder en die kombinasie van die voordrag en kinetiese tipografie (beweging, lettertipe, kleur, vorm, uitleg, ens.) bring verdere lae van betekenis mee. Ná 'n eerste weergawe van die animasie het Adri Breed bepaalde voorstelle gemaak ten opsigte van die styl, lettertipe en beweging sodat die animasiestyl by die eenvoud van die teks kon pas. Die laaste strofe word as 'n geheel aangebied, en die skermbeeld eindig, nadat die ander woorde van die laaste strofe vervaag het, met die woord “getortel”; sodoende word die geluid en die ervaring beklemtoon. Strijdom van der Merwe se totempaal van 1,5 m bestaan uit 'n reeks skoensole waardeur die stap-ervaring uitgebeeld word. Die totempaal moes egter ook, in die woorde van die kunstenaar, “as 'n kunswerk onafhanklik kan staan van die gedig”, waarvoor “standaarde van kuns: *perspektief, vorm, tekstuur, balans, ens.*” gebruik is (Cloete en Van der Merwe 2016). Met die “ontwerp” en produksie van die “teks” het die skrywer en kunstenaars, benewens die inhoud en genre, verskeie modusse van representasie en mediums oorweeg wat met die bepaalde kunsvorm verband hou. Die konteks van die projek, die ligging en plek, deelnemende modaliteite, en platform van oordrag was deurentyd deel van die skeppingsproses.

Die QR-kode (figuur 13) is op die bankie teen die mensgemaakte rant aangebring met die totempaal vlakby (figuur 14). Besoekers kan dus op die bankie sit en die gedig, kunswerk en omgewing ervaar. Gustaf Tempelhoff, die multimedia-ontwerper, het verskillende digitale tekste op die *Byderhand*-webtuiste (databasis en platform) geplaas (met uitsondering van die animasies op die videoplatform, YouTube). Vir die *Tuinverse*-gebruikerskoppelvlak het hy 'n minimalistiese keuseskerm ontwerp wat voorsiening maak vir die verskillende weergawes van die gedig (figuur 15). Belangrike beginsels wat met die ontwerp van die

gebruikerskoppelvlak in ag geneem is, is die verskeidenheid toestelle, die selfoonskerm, navigasie, netwerkspoed en datagebruik, sowel as die fisiese leeskonteks. Effektiewe koppelvlakontwerp en vinnige toegang tot die inhoud is onmisbaar vir 'n bevredigende gebruikerservaring. In 2016 is die keuseskerm uitgebrei deur ook voorsiening te maak vir 'n Engelse vertaling van die gedig, asook vir Strijdom van der Merwe se beplanningskets van die totempaal. Die vertaling wat deur Etienne Terblanche gedoen is, is deur Adri Breed en Janien Linde herbewerk. Die verskeidenheid weergawes van die gedig en die gebruikerskoppelvlakontwerp dra by tot die gelaagdheid, betekenis en ervaring van die “teks”, asook van die plek.




Figuur 13. QR-kode van “Skryfopdrag” (Adri Breed)



Figuur 14. Totempaal (Strijdom van der Merwe) van “Skryfopdrag” (Adri Breed) in die Botaniese Tuin

Skryfopdrag

Adri Breed



Figuur 15. Keuseskerm van “Skryfopdrag” (Adri Breed)

Om die werk te kan ervaar moet die leser of deelnemer eers self die mensgemaakte rant uitklim. Die leser bevind hom of haar dan op dieselfde plek as die skrywer. Vir toegang tot die digitale werk kon lesers gebruik maak van ’n eie netwerk of van die Byderhand-netwerk wat vir die duur van die fees in die tuin aangebring is (infrastruktuur).¹⁷ Lesers kan kies watter weergawe of kombinasie daarvan hulle wil ervaar: of hulle die gedig wil lees, daarna wil luister (en die teks volg), en of hulle na die animasie wil kyk.¹⁸ Soos die kaart van die tuin, die wandelpaadjies, die QR-kode teen die bankie en die totempaal, is die selfoonskerm deel van die ervaringskoppelvlak waardeur die potensiële ervaring (sintuiglike en deelnemende modaliteite) van die deelnemer gesuggereer word. Deurdat die leser hom of haar op dieselfde plek as die skrywer van die gedig bevind, kan die leser self die omgewing waarneem en dit met dié in die gedig vergelyk. Hiermee saam kon die konkrete kunswerk, die totempaal, tot die geheelervaring bydra.¹⁹ Die reaksie en terugvoer van lesers beaam dat die gedig as ’t ware ’n lens of meganisme word waardeur die omgewing bekyk en ervaar word, soos die volgende twee aanhalings illustreer:²⁰

Ek was mal oor Adri Breed se gedig. As mens die paadjie opvolg en bo op die heuwel gaan sit en na haar gedig luister beskryf sy dit perfek dis asof sy dit op daardie spesifieke oomblik beskryf. Absoluut stunning! (SKRK211/7)

“Skryfopdrag”. Die ligging was die bankie bokant die waterval. Die gedig is ’n eenvoudige beskrywing gebaseer op die onmiddellike omgewing van die tuin, waar jy besig is om te sit. Dit was uiters akkuraat, en veroorsaak dat jy dinge raaksien wat jy nie voorheen opgelet het nie. Toe ek die laaste reël van die gedig lees, was daar werklik ’n tortelduif se geluid in die bome, en dit het my laat glimlag. (SKRK211/12)

Hierdie meelewende ervarings van sowel die skrywer as die leser kan beskryf word as ’n ingeplaaste skryf- en leeservaring. (Vgl. Susan Smith 2017 se ervaring as *Tuinverse*-digter.) Die leeservaring van plekspesifieke digitale literatuur is moontlik gemaak deur die gebruik

van tegnologie, insluitende funksionele gebruikerskoppelvlakontwerp en platformontwerp en die beskikbare infrastruktuur.²¹

Waar die verhouding tussen die digter, die gedig en die plek in hierdie geval besonder heg is, is dit nie met al die tuinverse die geval nie. Van die gedigte handel oor die tuin, omgewing of natuurgegewe oor die algemeen. Digtters het ook nie in alle gevalle aangedui waar hulle gedigte geplaas moet word nie, met die gevolg dat die projekteiers as kurators die geskikte plekke gekies het. Deur die onderlinge verband tussen die gedig en die plek kan verskillende verhoudings potensieel tot stand kom en tot die betekenis en ervaring bydra. Wat wel duidelik geblyk het, is dat gedigte soos dié van Adri Breed en Hein Viljoen wat 'n hegte verband met die spesifieke plek vertoon en wat deur die verwysing na spesifieke landmerke of voorwerpe in die omgewing 'n opvallende performatiewe karakter vertoon, moeilik na 'n ander plek of tuin verplaas sou kon word. Hierdie dinamiese wisselwerking tussen plek, teks en liggaam en meelewende ervaring sou aan hand van die ensemble verder ondersoek kon word.

As projekteier was ek by alle aspekte van die projek betrokke en kon ek ook heelwat veldwaarnemings doen. Wat in al die subprojekte, en in besonder in die *Tuinverse*-installasie, opgeval het, was die sosiale wisselwerking tussen besoekers. Besoekers beweeg dikwels in pare of kleiner groepe, deel byvoorbeeld 'n toestel, help mekaar met tegniese aspekte, luister en kyk saam na die werk, of lees vir mekaar voor – aktiwiteite wat as deelnemende modaliteite beskou kan word. Die persoonlike toestel (vgl. Wilson ten opsigte van die boekeienskappe, intieme, draagbare en intieme toestel) dra op hierdie wyse ook by tot 'n gedeelde ervaring.

Uit hierdie kort bespreking blyk die verhoudings, samespel en wisselwerking in die multimodale ensemble vir plekspesifieke digitale literatuur. Elkeen van die komponente en dimensie of kombinasies daarvan kan verder uitgepluis word om iets van die verhouding tussen tegnologie, literatuur, mens en plek te verstaan. Hierdie verhoudings en die wisselwerking in die verskillende subprojekte word in opvolgende artikels ondersoek.

5. Samevatting en slotsom

Eksperimentele plekspesifieke digitale literatuurprojekte soos *Byderhand 2015* bied 'n verkennende ruimte vir die ondersoek na die instaatstellingsmoontlikhede van die tegnologie en alternatiewe wyses vir die skep, publikasie en ervaring van literatuur in die dinamiese digitale omgewing. Die aanbieding van *Byderhand 2015* as deel van die woordkunsprogram by die Clover Aardklop Nasionale Kunstefees 2015 het getoon dat 'n projek soos hierdie suksesvol aangebied kan word en 'n verskeidenheid doelstellings kan bereik. Die projek is goed ontvang en is met die ATKV-Aartvarkprys vir grensverskuiwende werk bekroon; die beoordelaars het onder andere melding gemaak daarvan dat die omgewingspesifieke moontlikhede wat digitale tegnologie bied, ten beste aangewend is (Van Wyk 2015).

In 2016 is die beeldmateriaal wat tydens die kunstefees versamel is, verwerk in 'n kort video oor die vier subprojekte met voorbeelde van die werk en hoe die projekte in die praktyk gewerk het. Die video, wat deur Alrike Claasen van Dmedia geredigeer is, is beskikbaar met 'n Afrikaanse en Engelse klankbaan.



<https://www.youtube.com/watch?v=hwaSJmss2W0>

Projekvideo *Byderhand* 2015

Na afloop van die kunstefees is die verskillende subprojekte verder ontwikkel vir voortgesette navorsing oor die instaatstellingsmoontlikhede van plekspesifieke digitale literatuur.

In samewerking met Strijdom van der Merwe en die NWU Botaniese Tuin en Galery is *Byderhand Tuinverse* nou 'n permanente installasie in die tuin. Sedert Maart 2016 word die gedigte met verdrag in Engels en Setswana vertaal sodat dit vir meer lesers toeganklik kan wees; die keusemoontlikhede op die keuseskerm word dienooreenkomstig aangevul. Strijdom van der Merwe se sketse van die totempale kan nou ook via die keuseskerm besigtig word – sodoende word die verhouding tussen die verskillende kunsvorme digter geweef. Die *Tuinverse*-installasie is reeds met verskeie geleenthede gebruik om plekspesifieke digitale literatuur aan groepe bekend te stel en skeppende skryfwerk te stimuleer. 'n Klein keuse van die gedigte en kinderverse is in Junie 2016 tydens die DHSI (Digital Humanities Summer Institute) as voorbeeld van digitale literatuur op die kampus van Victoria University, Victoria, Kanada uitgestal. Die gebruik van die QR-kode as toegang tot die digitale inhoud het hierdie “verplasing” van die kunswerke moontlik gemaak. Na aanleiding van die sukses van die projek is die span versoek om 'n kleiner *Tuinverse*-produksie vir die Tuin van Digters by die Breytenbachsentrum in Wellington te onderneem. Hierdie projek is tydens die Digtersfees in September 2016 bekendgestel.

In Mei 2016 het die *Dwaalverhaal* by die Hoër Tegniese Skool, Potchefstroom herleef. 'n Dwaalverhaal-projek is vir graad 11-leerders (Afrikaans Eerste Addisionele Taal) van die skool aangebied wat onder andere behels het dat die leerders met die skrywer kennis gemaak het, die verhaal ervaar het, 'n werkwinkel oor die skryfproses en digitale storievertelling bygewoon het en hulle eie plekspesifieke verhale geskryf het. Dié verhale is op die projekplatform gepubliseer en QR-kodes is hiervoor geskep. Leerders kon sodoende hul eie asook vriende se verhale via QR-kodes by die spesifieke plekke op die skoolterrein lees.

Die *Rusplekstories* kan vanaf Augustus 2016 in De Jonge Akker-koffiewinkel op die Potchefstroomkampus gelees word ('n QR-kode met die skrywer en titel aangedui is in elke spyskaart gevoeg). Die gedagte is dat die versameling Rusplekstories mettertyd uitgebrei kan word om 'n groter verskeidenheid stemme te verteenwoordig. Die potensiaal om die *Byderhand*-tekste in die databasis aan te vul, anders te kombineer, elders beskikbaar te stel, ens., bevestig Miller (2011:30) se gedagte dat nuwe mediaprojekte as prosesse (of gesprekke) eerder as materiële voorwerpe beskou kan word.

Die refleksie oor die samespel en wisselwerking in die praktykgebaseerde navorsingsruimte en eksperimentele publikasiesisteme het die samewerkende poging in die skep, publikasie en verspreiding van die werk sigbaar gemaak en bygedra tot 'n beter begrip van ontwikkelende genres, prosesse en rolspelers. Hieruit is 'n multimodale ensemble vir plekspesifieke literatuur saamgestel waarin gesteun word op Miller se sleutelemente van digitale media, Kress en Van Leeuwen se multimodale teorie van kommunikasie en Page se multimodale ensemble vir narratiewe ontleding.

Drie dimensies van die komposisie en orkestrasie word in die voorgestelde multimodale ensemble vir plekspesifieke digitale literatuur onderskei, naamlik: (i) die komponente van plekspesifieke digitale literatuur; (ii) kommunikatiewe praktyke en tegniese prosesse; en (iii) meelewende ervarings. Hierdie multimodale ensemble vir plekspesifieke digitale literatuur kan gebruik word om plekspesifieke digitale literatuurprojekte met oorweging van die plaaslike konteks en media-ekologie te konseptualiseer, ontwerp, produseer en versprei. Die ensemble kan ook gebruik word vir die verstaan, beskrywing en ontleding van die multimodale plekspesifieke digitale literatuur – hetsy vir 'n projek as geheel, subprojekte of spesifieke tekste. Elkeen van die komponente en dimensies of kombinasies daarvan kan verder uitgepluis word om iets van die verhouding tussen tegnologie, literatuur, mens en plek te verstaan.

Bibliografie

- Abba, T. 2016. Drawing what's not there. Ambient literature. <http://ambientlit.com/index.php/2016/11/09/drawing-whats-not-there> (3 April 2017 geraadpleeg).
- Banks, J. 2012. The iPhone as innovation platform: Reimagining the videogames developer. In Hjorth, Burgess en Richardson (reds.) 2012.
- Biggs, M. en H. Karlsson (reds.). 2011. *The Routledge companion to research in the arts*. New York en Londen: Routledge.
- Bishop, C. 2005. *Installation art: A critical history*. Londen: Tate Publishing.
- Björk, S. en J. Holopainen. 2004. *Patterns in game design*. Boston, MA: Charles River Media.
- Blackwood, M. 2015. About. <http://mattblackwood.com> (31 Julie 2016 geraadpleeg).

Borgdorff, H. 2011. The production of knowledge in artistic research. In Biggs en Karlsson (reds.) 2011.

Carr, N. 2010. *The shallows: How the internet is changing the way we think, read and remember*. Londen: Atlantic Books.

Casey, E.S. 2012. Going wireless: Disengaging the ethical life. In Goggin en Wilken (reds.) 2012.

Cloete, D.J. en S. van der Merwe. 2016. Die skep van die Tuinverse totempale – 'n kunstenaarsblik. <https://byderhand.wordpress.com/2016/09/07/die-skep-van-die-tuinverse-totempale-n-kunstenaarsblik> (15 November 2016 geraadpleeg).

Craven, E. 2015. Story City. <http://www.storycity.com.au> (31 Julie 2016 geraadpleeg).

Dena, C. 2010. Beyond multimedia, narrative, and game: The contributions of multimodality and polymorphic fictions. In Page (red.) 2010.

Farber, L. (red.). 2010. *On making: Integrating approaches to practice-led research in art and design*. Johannesburg: Universiteit van Johannesburg.

Farman, J. 2012. *Mobile interface theory: Embodied space and locative media*. New York en Londen: Routledge.

—. 2014a. Storytelling with mobile media: Exploring the intersection of site-specificity, content, and materiality. In Goggin en Hjorth (reds.) 2014b.

—. 2014b. Site-specificity, pervasive computing, and the reading interface. In Farman (red.) 2014c.

Farman, J. (red.). 2014c. *The mobile story: Narrative practices with locative technologies*. New York en Londen: Routledge.

Farman, J. 2015. Stories, spaces, and bodies: The production of embodied space through mobile media storytelling. *Communication Research and Practice*, 1(2):101–16. <http://dx.doi.org/10.1080/22041451.2015.1047941>

Finnegan, R. 2005. The how of literature. *Oral Tradition*, 20(1):164–87.

Gibbons, A. 2012. *Multimodality, cognition, and experimental literature*. New York en Londen: Routledge.

Goggin, G. 2012. Encoding place: The politics of mobile location technologies. In Goggin en Wilken (reds.) 2012.

Goggin, G. en L. Hjorth. 2014a. Introduction: Mobile media research – state of the art. In Goggin en Hjorth (reds.) 2014b.

Goggin, G. en L. Hjorth (reds.). 2014b. *The Routledge companion to mobile media*. New York en Londen: Routledge.

Goggin, G. en R. Wilken (reds.). 2012. *Mobile technology and place*. New York en Londen: Routledge.

Gordon, E. en A. de Souza e Silva. 2011. *Net locality: Why location matters in a networked world*. West Sussex: Wiley-Blackwell.

—. 2012. The urban dynamics of net localities: How mobile and location-aware technologies are transforming places. In Goggin en Wilken (reds.) 2012.

Greenspan, B. 2011. The new place of reading: Locative media and the future of narrative. *Digital Humanities Quarterly*, 5(3).
<http://www.digitalhumanities.org/dhq/vol/5/3/000103/000103.html> (31 Julie 2016 geraadpleeg).

Greyling, S.F. 2012. Die skrywer en nuwe publikasiekontekste: Interaktiwiteit en wisselwerking in aanlyn gemeenskappe – Fanie Viljoen se *Pynstiller* as gevallestudie. *LitNet Akademies* 9(3):442–86. http://litnet.co.za/assets/pdf/Greyling_9_3_GW4.pdf.

—. 2013. *Tinboektoe toe: 'n Ruimtelike ontdekkingsreis*. *Literator*, 34(2):1-15. <http://dx.doi.org/10.4102/lit.v34i2.428>.

—. 2015. Sin van plek, ingeplaasheid en bioregionaliteit in 'n kunstenaarsboek-installasie, *Moorivier: weerspieëling en weerklank*. *LitNet Akademies*, 12(3):308–57.
http://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2015/12/LitNet_Akademies_12-3_FranciGreyling_308-57.pdf.

Hjorth, L., J. Burgess en I. Richardson (reds.). 2012. *Studying mobile media: Cultural technologies, mobile communication, and the iPhone*. New York en Londen: Routledge.

Kress, G. 2010. *Multimodality: A social semiotic approach to contemporary communication*. New York en Londen: Routledge.

Kress, G. en T. Van Leeuwen. 2001. *Multimodal discourse: The modes and media of contemporary communication*. Londen: Bloomsbury Academic.

Løvlie, A.S. 2009. Poetic augmented reality: Place-bound literature in locative media. In Lugnayr e.a. (reds.) 2009.

Lugnayr, A., H. Franssila, O. Sotamaa, P. Näränen en J. Vanhala (reds.). 2009. *Proceedings of the 13th International MindTrek conference: Everyday life in the ubiquitous era*. New York: ACM.

Marley, I.R. 2012. Investigating the appropriateness of the theory of organisational knowledge creation as a management model for practice-led research. *Literator*, 33(1):1–10. <http://dx.doi.org/10.4102/lit.v33i1.30>.

—. 2015. Organisational knowledge creation applied to multi-practitioner arts-related practice-led research projects. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit.

Marley, I.R. en S.F. Greyling. 2010. The Tracking Creative Creatures project: Negotiating space for interdisciplinary practice-led research at the North-West University. In Farber (red.) 2010.

Mavers, D. (s.j.). Ensembles. *Glossary of multimodal terms*.
<https://multimodalityglossary.wordpress.com/ensembles> (14 April 2016 geraadpleeg).

McIver, G. 2004. ART/SITE/CONTEXT: Site Specific Art.
<http://www.sitespecificart.org.uk/6.htm> (31 Januarie 2015 geraadpleeg).

Miller, V. 2011. *Understanding digital culture*. Los Angeles: Sage.

Moeller, D. 2012. Different types of immersion and how they work.
<https://ispr.info/2012/06/28/different-types-of-immersion-and-how-they-work> (28 Augustus 2016 geraadpleeg).

Ong, W.J. 1982. *Orality and literacy: technologizing of the word*. Londen: Routledge.

Oppegaard, B. en D. Grigar. 2014. The interrelationships of mobile storytelling: Merging the physical and the digital at a national historic site. In Farman (red.) 2014c.

Page, R. (red.). 2010. *New perspectives on narrative and multimodality*. New York en Londen: Routledge.

Page, R. en B. Thomas. 2011. Introduction. In Page en Thomas (reds.) 2011.

Page, R. en B. Thomas (reds.). 2011. *New narratives: Stories and storytelling in the digital age*. Lincoln, NE: University of Nebraska Press.

Poushter, J. 2016. Smartphone ownership and internet usage continues to climb in emerging economies. <http://www.pewglobal.org/2016/02/22/smartphone-ownership-and-internet-usage-continues-to-climb-in-emerging-economies> (3 April 2017 geraadpleeg).

Poushter, J. en R. Oates. 2015. Cell phones in Africa: Communication lifeline texting most common activity, but mobile money popular in several countries.
<http://www.pewglobal.org/files/2015/04/Pew-Research-Center-Africa-Cell-Phone-Report-FINAL-April-15-2015.pdf> (23 Augustus 2016 geraadpleeg).

Rettberg, S. 2011. All together now: Hypertext, collective narratives, and online collective knowledge communities. In Page en Thomas (reds.) 2011.

Richardson, I. 2012. Touching the screen: A phenomenology of mobile gaming and the iPhone. In Hjorth, Burgess en Richardson (reds.) 2012.

Richardson, I. en L. Hjorth. 2014. Mobile games: From Tetris to Foursquare. In Goggin en Hjorth (reds.) 2014b.

- Richardson, I. en R. Wilken. 2012. Parerga of the third screen: Mobile media, place, and presence. In Goggin en Wilken (reds.) 2012.
- Ritchie, J. 2014. The affordances and constraints of mobile locative narratives. In Farman (red.) 2014c.
- Rossouw, J. 2008. Tegniek en Republiek: Wisselende vryheidsbegrippe in Afrikaner- en Suid-Afrikaanse politiek. *LitNet Akademies*, 5(1):21–42. <http://www.litnet.co.za/tegniek-en-republiek-wisselende-vryheidsbegrippe> (10 Augustus 2015 geraadpleeg).
- Sheller, M. 2014. Mobile art: Out of your pocket. In Goggin en Hjorth (reds.) 2014b.
- Smith, S. 2017. Digstring. “By die soetdoring.” <http://versindaba.co.za/2017/02/07/digstring-by-die-soetdoring-susan-smith> (2 April 2017 geraadpleeg).
- Stappaerts, G. 2006. WoordenWoud. Persoonlike korrespondensie met persverklarings.
- Story City. 2016. <http://www.storycity.com.au> (31 Julie 2016 geraadpleeg).
- Street Reads. 2016. <http://streetreads.com> (7 Augustus 2016 geraadpleeg).
- Thomas, S., C. Joseph, J. Laccetti, B. Mason, S. Mills, S. Perril en K. Pullinger. 2007. Transliteracy: Crossing divides. *First Monday*, 12(12). <http://firstmonday.org/ojs/index.php/fm/article/view/2060/1908> (10 Augustus 2015 geraadpleeg).
- Van Wyk, C. 2015. ATKV-Aartvarkprys vir grensverskuiwende werk. <https://byderhand.wordpress.com/2015/10/14/atkv-aartvark-prys-vir-grensverskuiwende-werk> (15 Augustus 2015 geraadpleeg).
- Wilken, R. 2014. Mobile media, place, and location. In Goggin en Hjorth (reds.) 2014b.
- Wilson, A. 2011. Site specific literature explained. *The Literary Platform*. <http://theliteraryplatform.com/2011/07/site-specific-literature-explained> (14 April 2016 geraadpleeg).

Erkennings: Hiermee word die finansiële bydrae van Die Dagbreek Trust en die Noordwes-Universiteit erken wat die implementering van *Byderhand 2015* by Clover Aardklop Nasionale Kunstefees 2015 moontlik gemaak het. Elke skrywer, kunstenaar, individu, instansie en deelnemer wat op een of ander wyse ’n bydrae tot *Byderhand 2015* gelewer het, word van harte bedank. Die bydrae van die *Byderhand*-span en ander belangstellendes in die ontwikkeling van die projek, die argument van die artikel en die voorgestelde multimodale ensemble vir plekspesifieke literatuur word met dank erken. Hierdie werk is gebaseer op die navorsing wat deur die Nasionale Navorsingstigting (NRF) ondersteun word. Enige mening, bevinding en gevolgtrekking of aanbeveling wat in hierdie materiaal uitgespreek word, is dié van die outeur(s) en die NNS aanvaar geen aanspreeklikheid in hierdie verband nie. Die

artikel vloei uit die skrywer se professorale intreerede in skryfkuns aan die NWU (29 Oktober 2015).

Eindnotas

¹ Die gereedskap wat mens in staat stel om geesteskrag (“mental powers”) uit te brei of te ondersteun, insluitende om inligting te vind en te klassifiseer, om idees te formuleer en te artikuleer, om kundigheid en kennis te deel, om metings te neem en berekeninge uit te voer en om die vermoë (kapasiteit) van jou geesteskrag uit te brei (Carr 2010:44).

² Die QR-kode (*Quick Response-kode*) is ’n tweedimensionele stafieskode. Dit is in Japan ontwikkel en is aanvanklik in die motorvervaardigingsbedryf gebruik. QR-kodes word deesdae vir baie gebruike ingespan, onder andere om direkte toegang tot die internet te verkry. Gewoonlik word ’n slimfoon (of tablet) as ’n QR-skandeerder gebruik. Om ’n QR-kode te kan lees, is dit nodig om ’n QR-leser (bv. *QR code reader*) op die mobiele toestel af te laai. Die geskandeerde kode word dan in ’n bepaalde vorm omgeskakel, byvoorbeeld na ’n URL vir ’n webwerf. Gebruikers kan hulle eie QR-kodes aanlyn skep.

³ Vgl. die plekverwante Pokémon GO speletjie wat binne dae na die vrystelling daarvan in Julie 2016 reeds wêreldwyd enorme aanhang geniet het.

⁴ Binne die konteks van hierdie studie word die terme *leser* en *deelnemer* verkies bo verwante terme soos *gebruiker*.

⁵ Die eerstehandse ervaring van hierdie projek tydens ’n besoek aan Antwerpen in Junie 2005 het ’n bepalende invloed gehad op my belangstelling in multimodaliteite en die onderneming van interdisiplinêre praktykgebaseerde kreatiewe en navorsingsprojekte.

⁶ In hierdie opsig toon dit ooreenkoms met Tuters en Varnelis se fenomenologiese tipe, naamlik die naspeur van die handeling van die subjek in die wêreld.

⁷ Die multimedia-ontwerper en digitale ontwerpers is studente en oudstudente van die Vakgroep Grafiese Ontwerp en Multimedia Ontwerp aan die NWU (Potchefstroomkampus). Die projekteier se betrokkenheid met interdisiplinêre projekte tussen Skryfkuns, Grafiese Ontwerp en Kunsgeskiedenis het bygedra tot die kennis van die vaardighede waaroor die studente in Grafiese Ontwerp beskik.

⁸ Volgens die Pew Research Centre is selfone in Suid-Afrika so volop as in die VSA. Slimfone wat toegang tot die internet en toepassing het, word egter minder gebruik. In 2014 het ongeveer ’n derde (34%) van Suid-Afrikaanse selfooneienaars aangedui dat hulle ’n slimfoon besit; 57% mense met ’n sekondêre of hoër opleiding, beskik oor dié tegnologie (teenoor 67% in die VSA). In 2015 het die getal volwassenes in Suid-Afrika wat slimfone besit, tot 37% gestyg (46% van persone tussen die ouderdomme 18 en 34) (Poushter en Oates 2015; Poushter 2016).

⁹ Die projekspesifieke netwerk is aangelê sodat besoekers nie nodig gehad het om hulle eie data (wat in Suid-Afrika duur is) te gebruik nie. Met die groter aantal besoekers wat tydens

die feestyd in die dorp verwag word, kon die openbare netwerke ook oorlaai word, wat 'n uitwerking kon hê op die spoed waarteen die werk afgelaai kon word.

¹⁰ Aangesien die konsep en die gebruik van QR-kodes vir die meeste mense onbekend is, was dit nodig om duidelike instruksies oor die gebruik daarvan te verskaf. Die navorsingsfokus van die projek is telkens ook in die bemerking aangedui.

¹¹ Die volgende metodes is tydens die fees gebruik: waarneming (foto's, video's, sosiale interaksie, handeling, ens.), semigestruktureerde onderhoude, kompetisies (vraelys Fluid Surveys), vaslegging van metadata en gebruikerstatistiek, multimodale en oop sosialemediaterugvoer en informele gespreksgeleenthede met deelnemers (kunstenaars, skrywers, navorsers) tydens die feesweek.

¹² Page en Thomas (2011:8) verwys ook na die uitdaging om 'n taal te vind om die konsep van teks as statiese objek met die idee van teks as dinamiese prosesse te vervang en die behoefte om lesers en gehore nie as passiewe ontvangers van semantiese kontekste te beskou nie, maar eerder as deelnemers in die koproduksie van die betekenis.

¹³ Die byvoeglike naamwoord *immersive* verwys na, of hou verband met, indompeling of absorpsie, en word toenemend gebruik om te verwys na digitale tegnologie of beelde wat mens se sintuie aktief betrek en 'n veranderende geestestoestand skep; beelde kan skynbaar rondom die gehoor of speler wees, sodat hulle heeltemal betrokke by iets voel. (Kyk <http://dictionary.cambridge.org/dictionary/english/immersive>; <http://www.oxforddictionaries.com/definition/english/immersive>.) Moeller (2012) identifiseer vier vorme van "immersion" in speletjiesteorie wat ook op plekspesifieke digitale literatuur van toepassing sou kon wees, naamlik: strategiese, taktiese, narratiewe en ruimtelike indompeling. Eersgenoemde drie strategieë kan ook as sensories-motoriese, kognitiewe en emosionele indompeling verstaan word (Björk en Holopainen 2004:206).

¹⁴ Dena (2011:186) beskou die *straat* (plek) as 'n vorm van oordragmedia in polimorfiese fiksie.

¹⁵ Elke subprojek in die *Byderhand*-projek het op 'n ander manier gefunksioneer en 'n ander soort deelname van die leser vereis/geïmpliseer.

¹⁶ Met uitsondering van die kinderverse wat geskryf is deur Franci Greyling en wat voorgelees is deur Alanka Craffert.

¹⁷ Juan Steyn, die tegnoloog in die projek, was verantwoordelik vir die *Byderhand*-netwerk.

¹⁸ Die moontlikheid wat aan lesers gebied word om keuses uit te oefen en op 'n verskeidenheid wyses met media-artefakte betrokke te raak, is deel van die interaktiwiteit, buigsaamheid en samehang in samewerkende multimediasamestelling (Oppegaard en Grigar 2014:27).

¹⁹ 'n QR-kode van 'n kindervers, "Klippepad", wat ook oor die stap-ervaring en die spesifieke plek handel, is by dieselfde bankie aangebring, waardeur die ervaringsmoontlikhede vir die leser verder uitgebrei is.

²⁰ Terugvoer ontvang n.a.v. 'n praktiese Skryfkunsklas (10 Februarie 2016) in die Botaniese Tuin as antwoord op die vraag: "Skryf oor jou ervaring van een van die tuinverse."

²¹ Terugvoer oor die web- en gebruikerskoppelvlakontwerp asook die gemak waarmee die tegnologie (QR-kodes en QR-leser) werk, was oorwegend positief. Probleme is wel ervaar ten opsigte van netwerke en internettoegang. In sommige gedeeltes van die tuin is die netwerkseine nie altyd sterk genoeg nie, met die gevolg dat animasies (video's op YouTube) stadig aflaai. Gebruikers het ook soms aangedui dat die video's en klankopnames heelwat data gebruik en ook veroorsaak dat selfoonbatterye vinnig op word. Dit is tegniese aspekte wat met die infrastruktuur en beskikbare tegnologie verband hou en wat (soos die bekostigbaarheid vir die gebruiker) in ag geneem behoort te word in die aanbieding van 'n plekspesifieke digitale literatuurprojek.

’n Oorsig van die problematiek rakende die modernisering van die SANW vir deelname aan multinasionale vredesteunoperasies in Afrika

Theo Neethling

Theo Neethling, Departement Politieke Studie en Regeerkunde, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Sedert die einde van die 1990’s was verskeie verdedigingsontleders oortuig dat daar oormatige klem op die primêre funksies van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) geplaas is, en dat dit geskied het ten koste van die groeiende (internasionale) belangrikheid van die sekondêre of nietradisionele militêre rolle. Daar is aangevoer dat sodanige benadering onvolhoubaar sou wees omdat die SANW toenemend by multinasionale vredesteunoperasies betrokke sou raak en dat die verdedigingsbegroting nie ruim genoeg was om die SANW se sekondêre funksies, in die besonder vredesteunoperasies, te kon uitvoer met die kollaterale of aanvullende bruikbaarheid van die primêre magsontwerp nie. Daar is inderwaarheid selfs aangevoer dat die SANW toenemend sy vermoë sou verloor om as ’n betekenisvolle buitelandsebeleidsinstrument van die Suid-Afrikaanse regering aangewend te kon word. Die gepaardgaande opgradering van die SANW se konvensionele wapentuig is ook wyd gekritiseer as ontoepaslik in die Afrika-verband. Die genoemde problematiek het ná ongeveer ’n dekade en ’n half teen die einde van die vorige dekade op die politieke vlak die nodige erkenning gekry, en daar is uiteindelik in 2010 besluit om ’n nuwe Verdedigingsoorsig op te stel. Na ’n uitgebreide proses van raadpleging het die samestellers van wat bekend geword het as Verdedigingsoorsig 2015, in hulle finale produk erkenning gegee aan die noodsaaklikheid daarvan om die SANW se magsontwerp meer in ooreenstemming te bring met die politieke verwagting dat die SANW ’n rol in vredesteunoperasies in Afrika sal speel. Dit kan egter betekenisvol gedoen word slegs indien die SANW die nodige befondsing ontvang. Ofskoon daar nou klaarblyklik meer beleidsklarigheid is oor die buitelandse rol en funksies van die SANW en sy meegaande magsontwerp, word daar ten slotte in hierdie artikel aangevoer dat die politieke, ekonomiese en sosio-ekonomiese omstandighede nie gunstig skyn te wees vir ruimer befondsingsmoontlikhede vir die SANW nie.

Trefwoorde: buitelandse beleid; magsontwerp; primêre en sekondêre verdedigingsfunksies; SANW; verdedigingsbegroting; verdedigingsbeplanning; Verdedigingsoorsig; vredesteunoperasies

Abstract**An overview of the problems concerning the modernisation of the SANDF for participation in multinational peace support operations in Africa**

The South African Constitution, the 1996 White Paper on Defence and the subsequent Defence Review 1998 are all unambiguous in defining the primary function of the South African National Defence Force (SANDF) as that of defending and protecting the South African state, its territorial integrity and its people. Generally, this boils down to defence against external military aggression or threats. Although the above-mentioned policy stance seems to be logical and quite straightforward, its practical consequences have been severely questioned and criticised over many years, specifically when, in the mid-1990s, the South African government focused on the modernisation or upgrading of the SANDF and related defence spending on sophisticated conventional, high-tech military capabilities.

This article revisits the reasoning of authoritative defence analysts that a too heavy focus on the primary function of the SANDF has not facilitated or enabled the execution of the secondary or non-traditional tasks – tasks which the SANDF increasingly had to assume as a foreign-policy instrument after 1994. To this end, the study on which this article is based revisited criticism from top defence analysts that there was an obsession with the primary function in SANDF force planning, and that it was wrong to adopt a policy stance of focusing on the primary function and executing the secondary functions with the collateral utility derived from the primary force design. These arguments were raised from a point of view that the SANDF had neither the budget nor the equipment or the personnel to execute secondary functions on the basis of collateral utility. It was further maintained that it was primarily in the secondary functions arena that most militaries have been deployed in the post-Cold War period and that the South African military of the future would be increasingly configured around non-traditional roles or secondary functions.

Furthermore, since the mid-1990s, several authoritative defence analysts increasingly argued that the main security challenges or threats in Africa clearly relate to weak states and resource-driven agendas, energy sources and/or water, or severe stress factors, such as burgeoning population numbers and inadequate governance capacity. For such challenges or threats, conventional high-tech weaponry would not provide any solutions, because no expenditure on large quantities of weapons or powerful military equipment could adequately or even partly address the causes of such insecurities or their consequences.

Towards the end of the first decade of the 2000s, it was acknowledged in political circles that the distinction between primary and secondary functions in the South African defence policy framework needed to be reviewed to strike the right balance between these two functions and to give peacekeeping its rightful place in the force design of the SANDF. There was also an acknowledgement of the problem that the SANDF was in a critical state of decline and that it was in need of a greater budget allocation. In view of the above, the Minister of Defence and Military Veterans constituted a Defence Review Committee in 2011, and mandated the Committee to look critically at the South African defence policy and budgetary needs, given the rapid and fundamental changes that have occurred in the strategic environment since the 1990s.

This article provides an analysis and discussion of the new comprehensive guidelines for a more balanced defence force design embodied in what became known as Defence Review 2015 (Verdedigingsoorsigkomitee 2015), and further reflects on some of the most important policy implications for the SANDF in this regard – specifically given the demands placed on the SANDF in relation to peace support operations. In addition, the article also reports on an examination of and reflection on the suggestion in Defence Review 2015 that there must be either a greater budget allocation or a significantly scaled-down level of foreign policy ambition and commitment relating to the SANDF as a foreign-policy instrument.

From another angle, the article also addresses arguments from defence sceptics that defence spending in South Africa is still too high for a country where acute poverty and desperation are the order of the day for the vast majority of South Africans. Such criticism came from various role-players in civil society and has, of course, been fuelled by criticism that the country's post-1994 force planning and defence acquisition projects were based on an inappropriate emphasis on high-tech military capabilities. Allegations that political elites were benefiting from corrupt defence acquisition packages also did not help to facilitate a sober analysis of South Africa's defence needs and related future financial implications.

In the final analysis, on the basis of Defence Review 2015, the author contends that leading defence functionaries should now have a clear idea of or perspective on what the specific budgetary needs of the SANDF are, as well as what the future role, function(s) and force design of the South African military should be. However, the author also argues that the SANDF would probably find it very difficult to convince politicians and taxpayers that an increase in the defence budget is imperative and required for the SANDF to play a more meaningful role in South Africa's foreign policy in the domain of international peace support operations. This reasoning is premised on three points of discussion. Firstly, research indicates that in South Africa, a high corruption risk is publicly associated with defence matters. Secondly, recent research also reveals that military issues are no longer a priority in South African political-societal matters and that there is a growing knowledge gap on military matters in South Africa, which has far-reaching implications for strong civil-military relations. Thirdly, domestic economic growth outlook remains extremely challenging following the contraction in the gross domestic product (GDP) of recent years. These three factors are likely to discourage taxpayers and politicians from being supportive of an increased budget allocation to the military – despite the SANDF's being underfunded in the international comparative context and showing signs of erosion in key defence capabilities.

Keywords: defence budget; defence planning; Defence Review; force design; foreign policy; peace support operations; primary and secondary defence functions; SANDF

1. Inleiding

Die 1996 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, die 1996 Witskrif op Verdediging van 1996 en veral die Verdedigingsoorsig van 1998 (Departement van Verdediging 1998a) is almal dokumente wat grondliggend en rigtinggewend is ten opsigte van die rol en funksie(s) van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW). Al hierdie dokumente stel die primêre funksie van die SANW vas as die verdediging en beskerming van die Republiek van

Suid-Afrika en dus die handhawing van die gebiedsoewereiniteit van die Suid-Afrikaanse staat en die bevolking daarvan.

Hierdie bepaling klink baie logies en voor die hand liggend, maar die praktiese implikasies daarvan ten opsigte van die aanvaarding van 'n bepaalde magsontwerp vir die SANW het sedert die aanvaarding van Verdedigingsoorsig 1998 tot heelwat verskille en selfs spanning in verdedigingskringe gelei. Die kernprobleem is dat daar in politieke en verdedigingskringe fondse toegewys is om die weermag te moderniseer, in die besonder sover dit die konvensionele verdedigingsvermoëns van die SANW betref. Hierdie uitgangspunt en die aanskaffing van konvensionele wapentuig in die laat 1990's het oor baie jare tot hewige kritiek op die magsontwerp van die SANW gelei. Een van die kernaspekte van kritiek was dat daar nie voorsiening gemaak is vir 'n veranderende en meer veelsydige rol vir die SANW nie en dat die aanskaf van konvensionele wapentuig die SANW nie goed toegerus het om met 'n gebalanseerde magsontwerp optimaal in 'n toekomstige multinasionale vredesteunrol op die vasteland aangewend te kan word nie.

Sedert die aanvaarding van Verdedigingsoorsig 1998 as 'n nuwe platform vir verdedigingsdenke in Suid-Afrika en die daaruit voortspruitende proses vir die aanskaf van nuwe konvensionele wapentuig vir die SANW het daar bykans twee dekades verloop. In dié tyd was daar heelwat debat en nadenke oor verskeie belangrike vrae, waaronder wat die rol en funksie van die SANW in 'n Suider-Afrikaanse streeksverband moet wees; wat die verwagtinge is wat die Suid-Afrikaanse regering aan die SANW as 'n buitelandsebeleidsinstrument (kan) stel; hoe die SANW sy beperkte fondse moet aanwend om in sowel 'n verdedigings- as 'n buitelandse vredesteunrol aangewend te kan word; en hoe die hooftrekke van 'n (meer) gebalanseerde magsontwerp daar moet uitsien.

In 2015 is 'n nuwe Verdedigingsoorsig deur die parlement aanvaar. Hierdie dokument is tans die belangrikste en betekenisvolste beleidsdokument in verdedigingsgeledere en is die produk van 'n uitgebreide raadplegingsproses wat oor ongeveer vier jaar gestrek het (2010–2014). In parlementêre geledere is die dokument beskryf as 'n “monsterdokument” van 344 bladsye wat die resultaat was van 436 vergaderings met belanghebbendes en 76 voorleggings aan die taakspan (Maynier 2015).

Hierdie artikel het ten doel om, aan die hand van 'n literatuurstudie, 'n oorsig te gee van die problematiek rakende die modernisering van die SANW sedert die aanvaarding van die Verdedigingsoorsig 1998 tot die onlangse aanvaarding van Verdedigingsoorsig 2015. Daar word gekonsentreer op die vraag of 'n veranderde magsontwerp die SANW in staat sal stel om nie alleen sy primêre verdedigingsfunksie doeltreffend te vervul nie, maar terselfdertyd ook deur die regering as buitelandsebeleidsinstrument aangewend te word. Wat laasgemelde aspek betref, word die ondersoek spesifiek daarop gerig om vas te stel of 'n veranderde magsontwerp die SANW beter in staat sal stel om aan voortgesette en toekomstige multinasionale vredesteunoperasies in Afrika deel te neem.

Die werkswyse sien soos volg daaruit: Eerstens word 'n oorsig gegee van die verdedigingsbeplanning en verdedigingstendense in Suid-Afrika na die demokratiese oorgang in 1994 en die aanvaarding van Verdedigingsoorsig 1998. Tweedens word 'n opsomming verstrekkend van verdedigingsbeplanners en -kenners se kritiek op die magsontwerp van die SANW in besonder. Derdens word Verdedigingsoorsig 2015 verduidelik, asook die idees daarin vervat betreffende 'n gemoderniseerde en gebalanseerde SANW wat (na verwagting)

funksionele deelname aan multinasionale vredesteunoperasies in Afrika moontlik sal maak. Vierdens word 'n bespreking gevoer oor die politieke en ander hindernisse wat veral finansiële belemmerend inwerk op die soeke na 'n gemoderniseerde SANW wat met die nodige opleiding en ondersteuning aan voormelde operasies kan deelneem. Die artikel word afgesluit met 'n samevatting en enkele slotopmerkings.

2. Verdedigingsbeplanning en -tendense ná 1994

Vanaf die 1960's het die voormalige Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) verskeie binnelandse en buitelandse operasies onderneem. Laasgenoemde was veral toegespits op die destydse bevrydingsbewegings in Rhodesië/Zimbabwe, Suidwes-Afrika/Namibië en Angola. Wat dit betref, was die SAW betrokke by operasies wat gemik was teen wat deur die destydse Suid-Afrikaanse regering beskou is as 'n "volskaalse eksterne bedreiging in alle fasette". In die laat 1960's het die fokus van die SAW sterk aansluiting gevind by wat bestempel is as "onkonvensionele oorlogvoering" teen die agtergrond van "terroriste-aktiwiteite" in Suidwes-Afrika/Namibië, Mosambiek en Angola. Terselfdertyd was die SAW ook betrokke by gemeganiseerde operasies, asook in die "onderdrukking van stedelike en plattelandse terrorisme en bystand aan die Suid-Afrikaanse Polisie in die handhawing van wet en orde" (Departement van Verdediging 1987:39, 89).

Dit is bekend dat die einde van die Koue Oorlog en die politieke oorgang in Suid-Afrika in April 1994 'n nuwe hoofstuk in verhoudinge tussen Suid-Afrika en sy buurstate asook die vasteland van Afrika in sy geheel ingelui het. Die nuutgevormde SANW (wat die resultaat van politieke onderhandeling was en die SAW vervang het) is die taak opgelê om die grondwetlike orde in Suid-Afrika te beskerm. Wat voorts betekenisvol is, is dat hoofstuk 32 van die 1996 Witskrif op Verdediging en hoofstuk 4 van Verdedigingsoorsig 1998 dit duidelik gemaak het dat Suid-Afrika nie op daardie tydstip of in die toekoms 'n aggressiewe houding jeens enige ander staat sou inneem nie, asook nie op daardie stadium deur 'n militêre bedreiging in die gesig gestaar is nie. Trouens, daar is ook voorsien dat Suid-Afrika in die toekoms by multinasionale vredesteunoperasies in ander Afrikastate betrokke kon raak (Departement van Verdediging 1996:12–3; Departement van Verdediging 1998a:5–6).

In ooreenstemming met Westerse verdedigingskonvensie (Williams 1998:23) bepaal artikel 200(2) van die Grondwet van Suid Afrika dat die primêre doelwit van die SANW is om die land, sy gebiedsoewereiniteit en inwoners te verdedig en te beskerm (Departement van Verdediging 1996:16). Hoofstuk 4 van die Witskrif op Verdediging van 1996 verbind die SANW eweneens aan 'n primêre rol, en wel om Suid-Afrika teen buitelandse militêre aggressie te beskerm. Hierdie bepaling word verder gevoer in hoofstuk 3 van Verdedigingsoorsig 1998 waar verklaar word dat die omvang, ontwerp, struktuur en begroting van die SANW hoofsaaklik deur sy primêre funksie bepaal word (Departement van Verdediging 1996:16; Departement van Verdediging 1998a:10–2). Laasgenoemde word in hoofstuk 1 van Verdedigingsoorsig 1998 duidelik uitgespel as die verdediging van die Republiek van Suid-Afrika en sy inwoners teen militêre bedreigings, terwyl die sekondêre funksies uiteengesit word as internasionale vredesteunoperasies, ondersteuning aan die Suid-Afrikaanse Polisie diens by wyse van interne ontplooiings, en ander en niemilitêre aktiwiteite. Een van die belangrikste – en mees omstrede – bepalings was voorts dat die SANW sy

sekondêre funksies hoofsaaklik met sy “kernverdedigingsvermoë” moes uitvoer (Departement van Verdediging 1998a:3, 12).

’n Ander faktor wat die magsontwerp van die SANW wesenlik beïnvloed het, hou verband met die feit dat die verdedigingsbegroting tussen 1989 en 1999 aansienlik verklein is vanweë ’n verskuiwing van fondse vir doeleindes van sosio-ekonomiese besteding. Waar die verdedigingsbegroting in 1989 op 4,5% van die bruto nasionale produk (BNP) gestaan het, is die syfer teen 1999 tot 1,4% verlaag (Departement van Verdediging 1999:1).

Dit het spoedig duidelik geword dat die SANW – veral die Suid-Afrikaanse Vloot en die Suid-Afrikaanse Lugmag – dringend ’n proses van modernisering moes ondergaan deur die aankaf van nuwe wapentuig (GlobalSecurity.org 2005). Selfs sommige kritici van die SANW het erken en aangevoer dat daar ’n dringende behoefte ontstaan het om die SANW te moderniseer (Barrel 1998:27):

Generals are at least talented at inducing apocalypse as they are presenting themselves as the only defence against it. So it is not always sensible to believe their dire predictions. Yet, in the case of the SANDF, our generals appear to have a good case. Almost everyone with a claim to some military expertise – from military commanders to security analysts and opposition defence spokespeople – agrees that the SANDF is woefully inadequately equipped and underfunded.

Na aanleiding hiervan is ’n kabinetsbesluit op 19 November 1998 geneem om die volgende wapentuig vir die SANW aan te skaf (Departement van Verdediging 1998b:1):

- 28 Gripen ligte vegvliegtuie (van SAAB) en 24 Hawk ligte vegteropleidingsvliegtuie (van British Aerospace) onderskeidelik
- 40 Agusta ligte veeldoelige helikopters (van ’n Italiaanse vervaardiger)
- 4 patrolliekorvette/-fregatte (van ’n Duitse konsortium)
- 3 duikbote (van ’n Duitse konsortium).

Wat egter betekenisvol is, is dat daar nie in die behoefte wat in Verdedigingsoorsig 1998 uitgespreek is, naamlik om die SANW se inventaris van 224 Olifant Mk1A/1B-tenks te vervang, voldoen is nie. Dit was egter te verwagte in die afwesigheid van ’n duidelike konvensionele bedreiging teen Suid-Afrika (Cilliers 1998).

In afwagting op die lewering van bogenoemde wapentuig het Helmoed-Römer Heitman, een van Suid-Afrika se voorste verdedigingsontleders, die SANW se swakpunte soos volg uitgespel (Heitman 2003:18–9):

- Die SA Leër het nie genoeg troepe om (vredesteun-)operasies op ’n beduidende skaal te onderneem nie, en dit ontbreek ook die nodige lugvervoervermoë om doeltreffende snelontplooiings van troepe uit te voer.
- Die lugvervoervermoë van die SA Lugmag is onvoldoende vir snelontplooiing, en sonder die verwagte bestelling Gripen ligte vegvliegtuie kon die SA Lugmag nie aan sy grondmagte die nodige ondersteuning bied nie.
- Die vermoë van die SA Vloot om toerusting en voertuie ter see te vervoer was onvoldoende, en sonder die verwagte bestelling korvette het die SA Vloot mank

gegaan aan gevegsvaartuie ter see en kon operasies seewaarts nie genoegsaam ondersteun word nie.

Wat laastens in dié verband vermeld moet word, is dat Suid-Afrika in die tydperk ná 1994 nie by enige multinasionale vredesteunoperasies betrokke was nie. Sedert die politieke oorgang in April 1994 het die land weer tot die internasionale gemeenskap toegetree en vanuit politieke isolasie na herintegrasie beweeg. Die SANW was egter in 'n proses van konsolidasie nadat verskeie magte saamgevoeg is om die SANW te vorm. Ná 1994 was die SANW vir bykans vier jaar by geen buitelandse operasies betrokke nie, maar sake het 'n spoedige wending geneem toe die SANW in September 1998 as 'n buitelandse-beleidsinstrument – meer spesifiek as 'n ingrypingsmag – van die Suid-Afrikaanse regering saam met die Botswana Weermag by die politieke konflik in Lesotho betrek is. Ofskoon die aanvanklike aard daarvan 'n ingrypingsoperasie was, was dit die SANW se eerste tree na multinasionale vredesteunoperasies op die vasteland wat met die aanvang van die nuwe dekade (2000) verdere momentum sou kry en die SANW by die punt gebring het waar dit uiteindelik 'n betekenisvolle rolspeler in konflikbeslegting in Afrika sou word.

Tussen 1999 en 2004 het die SANW in verskeie vredesteunoperasies betrokke geraak, waarvan die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK), Burundi en Soedan (Darfoer) sekerlik die belangrikste was, terwyl daar ook noemenswaardige bydraes gelewer is in die konflik op die Comoro-eilande en in die grensgeskil tussen Ethiopië en Eritrea. Die operasie in die DRK sou groei tot die Verenigde Nasies (VN) se grootste internasionale vredesteunoperasie, en hierin was Suid-Afrika geen geringe rolspeler nie.

Die SANW se hertoetrede as 'n rolspeler in Suid-Afrika se buitelandse beleid en betrokkenheid by vredesteunoperasies is soos volg deur die destydse hoof van die SANW, Sipiwe Nyanda (2003:4), verwoord:

South Africa has just recently become involved in peace missions in Africa, and more deployments are on the horizon. After a healthy pause, post-1994, during which time the SANDF integrated and transformed, the SANDF is on the march – a march for peace, development and prosperity.

Kort na afloop van die SANW se historiese betekenisvolle ingryping in en toetrede tot 'n vredesrol in Lesotho het Williams (1998:171) tereg verklaar dat die Suid-Afrikaanse regering asook Suider-Afrikaanse regerings 'n beleidsraamwerk moes opstel op grond waarvan toekomstige multinasionale operasies van 'n soortgelyke aard onderneem kon word. Wat Suid-Afrika betref, het dit inderdaad gebeur met die parlementêre aanvaarding van die Witskrif op Suid-Afrikaanse Deelname aan Internasionale Vredesmissies in Februarie 1999.

Voordat vervolgens oor kritiek op verdedigingsbeplanning in Suid-Afrikaanse verband en die gepaardgaande magsontwerp van die SANW besin word, moet kortliks genoem word dat die bepaling van verdedigingsdoelwitte gewoonlik die gevolg is van wisselwerking tussen regerings as verteenwoordigers van bevolkings en verdedigingsadviseurs van velerlei aard. Sodanige adviseurs bedien die regering van kundige advies op die terrein van verdedigingsake en bepaalde spesialisterreine. Regerings bepaal die funksies wat hulle weermagte moet vervul asook die raamwerk en begrotings waarbinne verdedigings-funksionarisse moet optree, en so word dit die taak van verdedigingsbeplanners en ander

ampsbeksleërs om prakties hieraan te help uitvoering gee. Alles geskied in 'n proses van wisselwerking op regeringsvlak (Le Roux 1998:57).

Beleidsformulering is aan die een kant 'n burokratiese proses. Beleidsformulering is aan die ander kant egter ook in 'n groot mate 'n weerspieëling van die politieke en sosio-ekonomiese konteks waarin dit ontwikkel word. Suid-Afrika se politieke posisie sedert 1994 was uniek en die formulering van verdedigingsbeleid op daardie tydstip was eweneens uniek. Daar was 'n buitengewoon sterk betrokkenheid van veral akademici, asook ander rolspelers uit die burgerlike samelewing wat ideologies sterk met die nuwe regeerders verbind was. Dit het 'n besondere dinamika aan die formulering van 'n nuwe verdedigingsbeleid in Suid-Afrika verleen en volgehoue kritiese denke aangaande verdedigingsake sterk bevorder (Kenkel 2006:5).

In die geval van Suid-Afrika se beleidsformulering aangaande verdedigingsake sedert 1994 is dit dus belangrik om die akademiese en verbandhoudende perspektiewe rondom die verdieping en verbreding van die algemene denkrigtings oor veiligheid in die bostaande konteks in gedagte te hou. Dit is veral belangrik omdat die betrokkenheid van akademici en navorsers buite die verdedigingsektor inderwaarheid reeds in die voor-1994 tydperk 'n besondere kenmerk geraak het van gesprekke rondom die samestelling van 'n nuwe weermag en gesprekke rondom 'n toekomstige verdedigingsbeleid (Kenkel 2006:6), en hierdie dinamika en kritiese gesprekke is sedert die aanvaarding van Verdedigingsoorsig 1998 effektief verder gevoer.

3. Kritiek op verdedigingsbeplanning en die magsontwerp van die SANW

Soos reeds genoem, het die primêre rol van die SANW ingevolge die 1996 Grondwet van Suid-Afrika regstreeks verband gehou met die verdedigings- en beskermingsrol aangaande die Republiek van Suid-Afrika. Wat egter tot heelwat diskoers en ernstige meningsverskil in verdedigingskringe gelei het, het te make met hoe die magsontwerp van die SANW (ingevolge Verdedigingsoorsig 1998) daar moes uitsien.

Verskeie vooraanstaande en gerespekteerde verdedigingsontleders het ernstige kritiek uitgespreek op die benadering wat gevolg is met die magsontwerp van die SANW. Onder die vier mees prominente kritici was Rocklyn Williams, voormalige Umkhonto we Sizwe- (MK-) operateur en latere direkteur van operasionele beleid in die ministerie van verdediging, Jakkie Cilliers, voormalige uitvoerende hoof van die Instituut vir Sekerheidstudies, Len le Roux, afgetrede hoof van strategie en beplanning in die SANW en latere ontleder by die Instituut vir Sekerheidstudie, en Helmoed-Römer Heitman, Suid-Afrikaanse korrespondent van *Jane's Defence Weekly*.

Williams (1998:23) het veral kritiek gelewer op die feit dat die 1996 Witskrif op Verdediging en Verdedigingsoorsig 1998 soveel klem op die primêre funksie van die SANW geplaas het, asook dat albei dokumente verdedigingsbeplanners daarop gerig en effektief verplig het om die magsontwerp van die SANW op sy primêre funksie te skoei. Volgens Williams was dit nie 'n uitvloeisel van die Grondwet as sodanig nie, maar veral van die benadering wat die opstellers van die Witskrif gevolg het.

Volgens Williams (1998:23) is daar weliswaar erkenning gegee aan die sekondêre of nietradisionele rolle wat die SANW moet vervul, maar daar is vanuit 'n Westerse paradigma te sterk op die primêre rol gefokus. Die probleem was veral die uitgangspunt dat daar ontwerp en begroot moes word vir die primêre funksie van die SANW en dat die sekondêre funksies uitgevoer moes word met die kollaterale of aanvullende bruikbaarheid van die primêre magsontwerp. Laasgenoemde was volgens Williams onhoudbaar en nie in ooreenstemming met eietydse tendense nie, omdat die sekondêre funksies van weermagte internasionaal toenemend op die voorgrond gekom het. Die vraag wat eerder oorweeg moes word, was: "Hoe primêr is die primêre funksie van die SANW?" Met ander woorde, die vraag was of die sekondêre funksies by hedendaagse weermagte nie algaande swaarder weeg as die primêre funksie nie. Dié vraag was van kardinale belang, omdat die nietradisionele rolle van weermagte wêreldwyd van toenemende belang by verdedigingsbeplanning geraak het (Williams 1998:23).

Sover dit vredesteunoperasies betref, was die begroting van die SANW volgens Williams (1998:34) nie van so 'n aard dat daar genoeg ruimte en voorsiening was vir die aankoop van tegnologieë gevorderde wapentuig (in aansluiting by die primêre funksie van die SANW) en daarbenewens nog fondse en toerusting beskikbaar om by die sekondêre take uit te kom nie. Wat nodig was, was 'n groter balansering van die primêre en sekondêre funksies in Suid-Afrika se verdedigingsbeplanning en gepaardgaande magsontwerp.

Teen hierdie agtergrond het Williams (1989:35) geoordeel dat die SANW in stand gehou moes word om sy verdedigingsfunksie te kon uitvoer, maar dat goedkoper, ligter en minder tegnologieë-intensiewe wapentuig oorweeg moes word. Sodanige oorweging sou die SANW meer in ooreenstemming bring met die eise wat aan weermagte op die Afrika-vasteland gestel word en minder in ooreenstemming met 'n Eurosentriese magsontwerp. Dit sou ook beteken het dat daar wegbeweeg word van 'n magsontwerp wat in werklikheid nie aansluiting (sou) vind by die eise wat toenemend op Afrika-bodem aan die SANW gestel sou word nie.

Le Roux (1999:61–3) het hom eweneens skerp uitgespreek teen die uitgangspunt dat die sekondêre funksies uitgevoer moes word met die kollaterale of aanvullende bruikbaarheid van die primêre magsontwerp. Volgens Le Roux vereis verdediging teen eksterne aggressie die aanskaf van wapentuig wat nie noodwendig bruikbaar is vir vredesteunoperasies nie. Laasgenoemde behels ontplooiings oor groot afstande; langafstand logistieke ondersteuning; 'n lug- en seevervoervermoë; en die uitvoering van operasies met ander weermagte op 'n multinasionale grondslag. Kwalitatief en kwantitatief verg dit 'n andersoortige magsontwerp as dit wat ingevolge verdedigingsbeleid sedert 1994 gegeld het, en die probleem was dat die SANW 'n keuse gemaak het vir 'n magsontwerp wat gegrond was op die primêre-funksie-oriëntering in plaas daarvan om 'n magsontwerp te volg wat op 'n breër spektrum van moderne verdedigingsfunksies berus.

Le Roux (1999:64) het sy argument gegrond op 'n uitgangspunt dat die uitdagings in Afrika-verband in die 21ste eeu eerder rekening moes hou met 'n afwesigheid van interstaatlike konflik en groot uitdagings op die gebied van intrastaatlike konflik. Met ander woorde, oorloë tussen Afrikastate is van minder belang by verdedigingsbeplanning as die voorkoms van burgeroorloë en rebelleopstande. Om daardie rede moes die nietradisionele funksies sedert 1994 groter aandag geniet het by verdedigingsbeplanning in Suid-Afrika, terwyl daar ook aandag geskenk moes word aan die uitdagings wat massamigrasie, seerowery en terrorisme sou meebring.

Williams (1998) en Le Roux (1999) se uitgangspunte is gedeel deur Cilliers (2006:9–10) wat gemeen het dat die “kernoriëntasie” van die SANW geskoei moes wees op “krisisvoorkoming” en “krisisintervensie”, eerder as op konvensionele verdediging in die klassieke verband. In ’n belangwekkende aanbieding aan die SA Leër het Cilliers se argument daarop neergekom dat indien die SANW se magsontwerp op die sekondêre funksies geskoei was, die SANW steeds daarin sou kon slaag om die primêre funksie uit te voer, naamlik die verdediging van Suid-Afrika. Cilliers (2006:10) was – soos Williams (1998) – die mening toegedaan dat die denke wat die SANW se magsontwerp ná 1994 onderlê het, op die “oorloë van ’n vorige generasie” gegrond was en dat die SANW toenemend deur die VN en die Afrika-unie (AU) by vredesteunoperasies betrek sou word wat saamgehang het met internasionale verwagtinge wat aan Suid-Afrika gestel is.

Cilliers (2006:8) het sy uitgangspunte ook sterk gegrond op die veranderende en veranderde aard van oorlog en veiligheidsuitdagings in die tydperk ná die Koue Oorlog. Een van die aspekte wat spesifiek in Afrika in dié tydperk na vore gekom het, was dat klassieke oorlogsverklarings en die oorloë wat daaruit voortgespruit het, nie langer aan die orde van die dag was nie, maar eerder internasionale konflikte wat verband hou met sake soos mededinging om skaars hulpbronne, uiterste armoede, maatskaplike ontworteling en vele meer. Ter steun van Cilliers se standpunt wys Kampala (2016) daarop dat volskaalse grensoorloë en klassieke interstaatlike konflik ’n betreklik lae voorkoms in Afrika het, maar dat grensgeskille wel geen vreemde verskynsel is nie, ofskoon wedywering om hulpbronne – waaronder olie, gas, vis en weiveld – dikwels ’n belangrike faktor is wat konflik aanvuur. Geskille op gemeenskapsvlak as gevolg van verwarring oor grenslyne kom ook soms voor.

Wat egter belangrik is, is dat daar teen die einde van die 20ste eeu in Afrika suid van die Sahara meer mense in konflik omgekom het as wat daar gesamentlik in die res van die wêreld dood is. Dwarsoor Afrika, van Sierra Leone in die weste tot Soedan in die noordooste, het konflikte sedert die beëindiging van die Koue Oorlog duisende menselewens geëis (Cilliers 2006:1). Daarom moes die SANW sy voorbereiding vir toekomstige operasies doen met inagneming van die verwagtinge dat Suid-Afrika toenemend by ’n verskeidenheid vredesteunoperasies betrek sou word. Van die take waarvoor die SANW hom moes voorberei, was veral die beskerming van burgerlikes in konflikgebiede, ontwapening van strydende magte, optrede teen opstandelinge en rebelle, hulp met die organiseer en beveiliging van verkiesings, die beskerming van politieke leiersfigure, demobilisering en herintegrasiëprojekte, die opleiding van gewapende magte van na-oorlogse of oorgangsregerings en dergelike vredesteuntake. Hierbenewens moes die SANW ook sy rol as bewaker van die grense van Suid-Afrika ernstig opneem (Cilliers 2006:10).

Heitman (2008:1) het soortgelyk geargumenteer vir “gebalanseerde, algemeen-doelmatige magte” in die SANW, magte wat in ’n bepaalde sin, volgens sy treffende beskrywing, selfs bestempel kon word as “jacks of all trades”- en potensieel “masters of none”-tipes magte. Dit kom neer op magte wat die nodige buigzaamheid vir die eise van die omstandighede toon – magte wat in ’n breë spektrum konfliktsituasies in verskillende dele van Afrika met eiesoortige omstandighede aangewend kan word. Dit het volgens Heitman (2008) nie die verkryging en instandhouding van ’n soort “iets van elk” beteken nie, maar magte wat konstruktief ondersteuning kon bied aan die Suid-Afrikaanse regering met betrekking tot sy kontinentale veiligheidsverantwoordelikhede. Laasgenoemde hou amper altyd verband met operasies van ’n lae intensiteit. Soos al die voorgenoemde ontleders het Heitman eweneens ’n

wegbeweeg van die “tradisionele rolle en strukture” in Suid-Afrikaanse militêre denke bepleit (Heitman 2008:29).

Teen hierdie agtergrond moet daar in hierdie bespreking teruggekeer word na ’n aspek wat vroeër genoem is, naamlik die drastiese afname in die verdedigingsbegroting sedert die einde van die 1980’s. In 2000 het Heitman (soos gerapporteer deur Gibson 2000b:2) verklaar dat daar internasionaal aanvaar word dat 2% van ’n land se BNP voldoende is om ’n weermag in vredestand in stand te hou. In die geval van die SANW was dit slegs 1,5% van die BNP in Suid-Afrika. Met die verwagting dat die SANW toenemend in die buiteland moes ontplooi, was dit “totaal onrealisties” (Gibson 2000b:2) en dus nie volhoubaar nie. Reeds in 1998 het Cilliers (soos gerapporteer deur Swart 1998:12) verklaar dat die afname in die befondsing veroorsaak het dat die SANW ’n punt bereik het waar sy operasionele doeltreffendheid aangetas word. Ofskoon Suid-Afrika nie so ’n groot weermag as tevore nodig gehad het nie, was die SANW swakker toegerus as die voormalige SAW om sy uitdagings die hoof te bied. Dit was egter nie slegs vanweë ’n afnemende begroting en omrede die SANW sy begroting tot op die been moes sny nie, maar ook vanweë die probleem dat die SANW sy toekomsrol verkeerd vertolk het.

Nie alle rolspelers was dit egter eens dat die SANW ’n groter begroting verdien het nie. Dit het veral saamgehang met kritiek dat die SANW se bestelling van (Gripen-) vegvliegtuie en duikbote geen plek in Suid-Afrika se bestelling van nuwe wapentuig moes gehad het nie – veral in die lig van die groeiende belangrikheid van vredesteunoperasies (Sylvester en Seegers 2008:62). Uit die parlementêre opposisiegeledere het die leier van die Demokratiese Alliansie, Tony Leon, in 2002 aangevoer dat die oorblywende tweede en derde fases van die wapentransaksie, waaronder die lewering van 19 Gripen-vegvliegtoe aan die SANW, gekanselleer moes word. Volgens hom kon die fondse verskuif word om ’n vermeerdering van die aantal polisielede moontlik te maak, asook om befondsing te voorsien vir aangeleenthede soos die mediese behandeling van kinders wat die slagoffers van verkragting was, ’n vermindering in die verlies van lewens van babas wat MIV-positief gebore word, en subsidies vir gesinne sonder behuising (Pressly 2002:6). Hierdie uitgangspunt was kenmerkend van die “gewere versus botter”- (“guns versus butter”-) diskoers wat reeds in die 1990’s gevoer is (Kasrils 1997:26) en is gesteun deur aktiviste wat hulle beywer het vir demilitarisering in postapartheid Suid-Afrika – aktiviste wat selfs sterk gevoel dat die verminderde aantal SANW-lede van 70 000 steeds te hoog was. Vir aktiviste was daar geen vooruitsig dat die SANW ’n militêre bedreiging uit die streek die hoof sou moes bied nie, terwyl daar wegbeweeg moes word van die politieke vertrekpunt dat ’n sterk weermag politieke status aan ’n land verleen. Om as ’n werklike vredemaker in Afrika op te tree, moes die voorbeeld van demilitarisering voorts aan ander rolspelers gestel word en fondse vir openbare besteding en werkskepping bewillig word (Harris 2001:73–4).

Van regeringskant het die destydse minister van verdediging, Mosiuoa Lekota, egter die parlement probeer oortuig van Suid-Afrika se toenemende behoeftes, veral met betrekking tot die beoogde ondertekening van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap se gesamentlikeverdedigingspakt. As die grootste ekonomie in die streek sou daar van Suid-Afrika verwag word om ’n groot verantwoordelikheid daarvoor te dra en daarbenewens het die SANW reeds dubbel soveel vredesoldate in Burundi en die DRK ontplooi as wat aanvanklik beplan was. Lekota het daarop gewys dat ’n leidende streeksmoondheid soos Nigerië se verdedigingsbesteding 4,4% van BNP beloop het, terwyl Botswana op 5,4% en Namibië op 6,3% gestaan het. Derhalwe het Suid-Afrika onderbestee aan verdediging en sou

die SANW nie genoegsaam kon bydra tot die totstandbrenging van die langverwagte Afrikabystandsmag wat deur Afrikaleiers in die vooruitsig gestel is nie (Msomi 2003:4).

Wat laastens van belang is, is dat die destydse hoof van die SANW, Siphile Nyanda, dit in 2000 – ses jaar ná die totstandkoming van die SANW – duidelik gemaak het dat die regering en die inwoners van Suid-Afrika moes besluit in welke mate die SANW as 'n buitelandsebeleidsinstrument aangewend moes word, asook dat daar nie van die SANW verwag kon word om 'n stabiliseringsrol te speel as die nodige fondse en instandhouding nie beskikbaar is nie. Die sogenaamde dubbele rol van die SANW was dus problematies, en is nog moeiliker gemaak deur verpligtinge wat die SANW opgelê is om binnelands met misdaadvoorkoming te help (Gibson 2000a:2).

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die politieke verwagtinge wat aan die SANW gestel is, nie deur die nodige befondsing gerugsteun is nie. Wat die saak gekompliseer het, is die vertrekpunt dat die SANW sy buitelandse verpligtinge in vredesoperasies moes uitvoer teen die agtergrond van 'n beleidsraamwerk waar die primêre rol grootliks die magsontwerp bepaal het, terwyl die sekondêre of nietradisionele rolle, in die besonder betrokkenheid by vredesteunoperasies, van toenemende belang geraak het. Hierdie aangeleenthede word in die bespreking hier onder verder ondersoek.

4. Verdedigingsoorsig 2015 en 'n gemoderniseerde en meer gebalanseerde SANW

'n Baie duidelike politieke erkenning dat die problematiek met betrekking tot die magsontwerp van die SANW Suid-Afrika se rol by die bevordering van vrede en veiligheid op die vasteland negatief geraak het, het gekom van die destydse adjunkminister van verdediging, Thabang Makwetla. Makwetla (2009:3) het dit duidelik gestel dat Suid-Afrika se verdedigingsbeleid hersien moes word en dat die SANW sy bydrae tot vredesteunoperasies moes uitbrei. Wat veral van belang was, was sy stelling dat die onderskeid tussen die primêre en sekondêre funksies van die SANW hersien moes word met die oog daarop om 'n groter balans te vind, asook dat die SANW se vredesteunrol 'n "regmatige" plek moes kry.

Met die aanvaarding van hierdie uitgangspunt, en in die afwesigheid van 'n goedgekeurde veiligheidsbeleid, was die weg gebaan om 'n nuwe verdedigingsoorsig op te stel wat Verdedigingsoorsig 1998 sou vervang en sodoende toekomstige verdedigingsdenke asook die SANW in die besonder vir die volgende twee tot drie dekades sou rig en stuur. Vir daardie doel is daar op regeringsvlak onder die leiding van die eertydse minister van verdediging en militêre veterane, Lindiwe Sisulu, 'n komitee van 14 kundiges aangewys om die proses verder te voer. Onder die voorsitterskap van Roelf Meyer, 'n oudkabinetsminister en afgetrede politikus, het die komitee sy werksaamhede in Julie 2011 afgeskop, waarna 'n besprekingsdokument in 2012 gevolg het. 'n Voortgesette, uitgebreide raadplegingsproses is gevolg en na meer as 350 sessies oor 'n tydperk van drie jaar (vanaf 2011) is die nuwe verdedigingsoorsig op 17 Maart 2014 deur die kabinet aanvaar. 'n Jaar later is die finale produk, Verdedigingsoorsig 2015, aan Jacob Zuma oorhandig (Verdedigingsoorsigkomitee 2015:i).

In die finale dokument stel die Verdedigingsoorsigkomitee (2015:0–5) dit dat Suid-Afrika se toenemende betrokkenheid by vredesteunoperasies in Afrika die regering daartoe

gebring het om sy verdedigingsrol en meegaande funksies te herprioritiseer ten einde dit in ooreenstemming te bring met die “Afrika-agenda”. Die finale dokument is ’n breedvoerige dokument wat talle sake bestryk, waaronder strategiese en veiligheidsomgewings, militêre leierskap, militêre opvoeding, militêre dissipline, verdedigingsbestuur en vele meer. Die voorsitter van die komitee het egter in sy voorwoord minstens ses belangrike insigte aangaande die SANW verwoord wat hier baie saaklik uitgelig moet word, omdat dit van groot belang is vir doeleindes van die bespreking in hierdie artikel (Verdedigings-oorsigkomitee 2015:iii–vi):

- Tradisioneel het weermagte spesifiek op die rol wat hulle in die verdediging van die soewereiniteit van die nasiestaat moet speel, gefokus. Die jongste verdedigingsoorsig bespreek egter die meer omvattende rol van die weermag en fokus nie noodwendig op “waarteen weermagte opgestel is nie” (dit wil sê vyandelikhede), maar eerder “waarvoor weermagte bestaan” en “wat die nasie se verwagting is aangaande dit wat die weermag moet uitvoer”.
- Suid-Afrika se militêre vermoë moet in ooreenstemming wees met die land se internasionale status, strategiese uitkyk en onafwendbare kontinentale leierskap.
- Die weermag moet in stand gehou word as ’n gebalanseerde, moderne en buigsame mag wat oor gevorderde tegnologie beskik vir aanwending in Afrika-verband.
- Daar word van die weermag verwag om ’n wye verskeidenheid multidimensionele militêre operasies uit te voer ten opsigte van ’n breë spektrum komplekse, hoogs vloeibare en dikwels hoogs gevaarlike situasies waar ’n verskeidenheid bedreigings aan die orde van die dag is.
- Suid-Afrika bestee tans minder as 1,2% van sy BNP aan verdediging. Dit laat die SANW in ’n situasie van onderbefondsing waar veel minder as 5 sent uit elke rand aan verdedigingsdoeleindes bestee word. Gevolglik verkeer die weermag in ’n kritieke staat van agteruitgang en veroudering; dit toon ’n gebrek aan die nodige veerkragtigheid, en kan nie sy bestaande verdedigingsfunksies uitvoer nie.
- Daar moet ’n groter begroting vir die weermag bewerkstellig word, of anders moet daar ’n aansienlik afgeskaalde vlak van politieke verwagting en verbintenis wees.

Die benadering wat in Verdedigingsoorsig 2015 ten opsigte van veiligheidsuitdagings in Suider-Afrika en op die Afrika-vasteland in die geheel gevolg word (sien byvoorbeeld Verdedigingsoorsigkomitee 2015:D-15–D-16), stem oor die algemeen ooreen met Mills (2011:11) se oortuiging dat die belangrikste veiligheidsuitdagings in Afrika regstreeks met sogenaamde swak state en hulpbrongedrewe agendas in interne konflikte ten opsigte van minerale hulpbronne en energiebehoefte verband hou. Hierbenewens is daar dikwels faktore wat druk plaas op en spanning veroorsaak in samelewings, waaronder snelgroeiende bevolkings en onvoldoende regeringskapasiteit. Vir sodanige uitdagings kan die aanwending van gesofistikeerde en tegnologie gevorderde wapentuig nie oplossings of antwoorde bied nie. Mills voer aan dat wapentuig soos tenks en besteding aan konvensionele militêre toerusting trouens dalk van minder belang of hulp kan wees as watervoorsiening of ander vorme van hulpbronvoorsiening in konflikgeteisterde gebiede, ’n standpunt waarvan die opstellers van Verdedigingsoorsig 2015 skynbaar in beginsel nie verskil het nie.

Dit blyk ook dat die opstellers van Verdedigingsoorsig 2015 sterk bewus was van kritiek wat sedert die middel-1990’s op die magsontwerp van die SANW gelewer is en wat deur Cilliers (2006:10) as ’n “verkeerde indruk van die primêre funksie” van die SANW bestempel is. Die

onderstaande siening dui ook daarop dat die nietradisionele militêre funksies groter erkenning ontvang het (Verdedigingsoorsigkomitee 2015:3-8-3-9):

The Defence Force will be increasingly employed in traditionally non-military roles owing to its readiness profile, training and capacity for organised action, often as a first response to natural disasters and other serious civil contingencies. This will accordingly require specialised training tailored to this expanded role, supported by current, validated and authoritative doctrine [...] In addition to its traditional conventional role, the Defence Force will be required to play a constructive role in post-conflict reconstruction efforts in collaboration with other government departments and other agencies [...]

Dit is ook opmerklik dat die opstellers van Verdedigingsoorsig 2015 (gevolglik) wegbeweeg het van die soort onderskeid wat vroeër tussen die primêre en sekondêre funksies van die SANW getref is, soos dit in Verdedigingsoorsig 1998 verwoord was. Reeds in die inleidende oorsig van die voorsitter as aanhef tot Verdedigingsoorsig 2015 word die SANW in hooftrekke beskryf as 'n unieke instrument waardeur die staat sy nasionaleveiligheidsfunksies en buitelandsebeleidsprioriteite kan ondersteun (Verdedigingsoorsigkomitee 2015:3-8-3-9). Dit beteken nie dat die SANW nie die verdedigingsaspek en handhawing van die soewereiniteit van Suid-Afrika minder ernstig opneem as tevore nie. Ook hier word duidelik verklaar dat enige bedreiging teen Suid-Afrika se soewereiniteit, gebied, nasionale belang of sy inwoners die primêre verdedigingsfunksie bly (Verdedigingsoorsigkomitee 2015:3-8-3-9). Eweneens word duidelik verklaar dat die verdediging van Suid-Afrika belangriker is as alle ander take en dat dit 'n staande verdedigingsverbintenis bly (Verdedigingsoorsigkomitee 2015:3-8). Terselfdertyd word dit duidelik gemaak dat Suid-Afrika se strategiese omgewing vloeibaar en uitdagend is wat sowel die plaaslike as die internasionale verband betref. Daar is toenemende bedreigings van 'n nietradisionele aard, niestaatlike rolspelers wat bedreigings inhou en niekonvensionele manifestasies van onveiligheid en onstabiliteit (Verdedigings-oorsigkomitee 2015:38).

Teen hierdie agtergrond het die opstellers van Verdedigingsoorsig 2015 spesifiek aandag geskenk aan die noodsaak daarvan om 'n "gebalanseerde stel verdedigingsvermoëns" daar te stel wat op onder andere die onderstaande aspekte betrekking het (Verdedigings-oorsigkomitee 2015:10-21, 10-2):

- Balans ten opsigte van voorbereiding vir hoë- en lae-intensiteitsoperasies. Weermagte word soms daarvan beskuldig dat hulle beplan vir "die laaste oorlog" en nie "die komende oorlog" nie. Suid-Afrika moet egter vir albei voorsiening maak.
- Balans ten opsigte van voorbereiding vir hoogs waarskynlike, waarskynlike en "onmoontlike" bedreigings. Om aan te neem dat 'n bepaalde soort bedreiging onmoontlik is, sou onverantwoordelik en gevaarlik wees. Alle moontlike gebeure en die risiko's daaraan verbonde moet uitgewys word, asook die vlak van die uitwerking wat dit kan hê.
- Balans ten opsigte van verdedigingsuitgawes en ander regeringsuitgawes. 'n Onderbefondste weermag sal daartoe lei dat die weermag nie sy grondwetlike verpligtinge kan uitvoer nie en daarom moet 'n balans gevind word tussen uitgawes wat enersyds nasionaal vir maatskaplike en ontwikkelingsprogramme bestem moet word en dié wat andersyds aan nasionaleveiligheidsverpligtinge bestee moet word.

Ten einde die SANW op 'n pad van modernisering te plaas, het die opstellers van Verdedigingsoorsig 2015 vyf beplanningsmylpale uitgestippel om die SANW oor die volgende 15 tot 20 jaar te ontwikkel. Die vyf mylpale is (Verdedigingsoorsigkomitee 2015:viii, 0-7):

Beplanningsmylpaal 1: Hanteer die agteruitgang in kritieke vermoëns deur onmiddellike en regstreekse ingrypings.

Beplanningsmylpaal 2: Herorganiseer en herbalanseer die SANW sodat daar 'n basis vir toekomstige groei bestaan.

Beplanningsmylpaal 3: Skep 'n volhoubare SANW wat in staat sal wees om sy verdedigingsverbintenisse of -take uit te voer.

Beplanningsmylpaal 4: Verbreed die SANW se vermoë om nuwe of opkomende bedreigings die hoof te kan bied.

Beplanningsmylpaal 5: Verdedig Suid-Afrika teen 'n regstreekse of naderende bedreiging.

Die ideaal om 'n beter-toegeruste en meer gebalanseerde magsontwerp daar te stel sal egter van befondsing afhanklik wees. Verdedigingsoorsig 2015 kyk indringend na die befondsingsuitdagings van die SANW en stel dit duidelik dat die weermag tans nie voldoende befonds word en toegerus is om sy wye verskeidenheid take uit te voer nie. Die toename in verdedigingsverpligtinge sedert 1999, die aankoop van nuwe, moderne wapenstelsels op regeringsvlak, en die lae verdedigingsbegroting maak die SANW onvolhoubaar en daarom kan die weermag sy funksies net ten dele uitvoer. Die SANW word onder geweldige druk geplaas by die uitvoering van sy take en daar is 'n ingreep nodig om die weermag op 'n volhoubare grondslag te plaas (Verdedigingsoorsigkomitee 2015:3–8).

Sonder om in hierdie bespreking op te veel besonderhede te konsentreer, noem ek die volgende punte uit Verdedigingsoorsig 2015 wat illustreer hoe die toerusting van die weermag kwantitatief afgeneem het (Verdedigingsoorsigkomitee 2015:3–8):

- In 1961 het die weermag oor ongeveer 680 gevegsvoertuie beskik wat teen die einde van die 1990's tot 'n totaal van ongeveer 6 470 voertuie gegroei het. Teen 2011 het dit tot 1 680 voertuie afgeneem.
- In 1961 het die weermag ongeveer 91 vegvliegtuie gehad wat teen die middel van die 1980's tot ongeveer 335 vliegtuie gegroei het. Met die ontvangs van die SAAB Gripen ligte vegvliegtuie het dié syfer op 65 te staan gekom.
- In 1961 het die weermag oor ongeveer 23 gevegsvaartuie (skepe) in sy vloot beskik, en dit het teen die 2011 tot ongeveer 11 vaartuie afgeneem.

Wat voorts betekenisvol is, is dat die SANW se onlangse bydrae tot vredesteunoperasies (sedert 2000) afgeneem het tot die laagste vlakke in sowel VN- as AU-operasies – veral nadat die Suid-Afrikaanse regering in 2016 besluit het om nie langer aan die VN-operasie in Darfoer deel te neem nie (De Carvalho en Nganje 2016). Afgesien van gebrekkige fondse mag laasgenoemde dalk ook verband hou met 'n skynbaar groter regeringsfokus op interne stabiliteit, grensbeskerming en teenmisdadoperasies en die aanwending van die SANW in

dié verband. Laasgenoemde het onder andere te make met sogenaamde groen veiligheid en verbandhoudende pogings om renosterstropery hok te slaan.

Desondanks is daar steeds antimilitêre aktiviste en ander rolspelers wat van oordeel is dat Suid-Afrika op grond van sy sosio-ekonomiese behoeftes nie sy militêre besteding kan verhoog nie. Veral beskuldigings en bewerings dat hoë politieke lui op 'n korrupte wyse gebaat het by die wapentransaksies van die laat 1990's het daartoe bygedra dat daar nie altyd op 'n sobere en ewewigtige wyse na Suid-Afrikaanse verdedigingsbehoefte gekyk is nie. Wat in dié verband ook interessant is, is dat Transparency International in 'n verslag aangedui het dat daar, ten spyte van 'n uitgebreide teenkorrupsieraamwerk in Suid-Afrika, 'n baie lae vlak van openbare vertroue is sover dit transaksies insake wapenaankope betref. Anders gestel, onder belastingbetalers is daar 'n baie hoë vlak van skeptisisme sover dit skoon en gesonde praktyke rakende die aankope van militêre toerusting en wapens betref (DefenceWeb 2015). Aan hierdie en ander kwessies word in die laaste besprekingspunt hier onder aandag geskenk.

Laastens is dit nodig om hier met Cilliers (2014:7) akkoord te gaan dat daar baie meriete is in Verdedigingsoorsig 2015 en dat die dokument as 'n eerste stap kan dien in die "herlewing" van die SANW, maar dat dit terselfdertyd nie die einde van gesprekke oor Suid-Afrikaanse verdedigingsake beteken nie. Terugskouend op die eerste besprekingspunt in hierdie artikel kan daar ook aangevoer word dat die SANW ingevolge Verdedigingsoorsig 2015 moontlik nou nader kan beweeg aan wat Williams (1998:23, 34–5) bykans twee dekades gelede aangedui het met betrekking tot die toenemende belangrikheid van die nietradisionele funksies van die SANW (waaronder veral vredesteunoperasies), asook 'n meer bekostigbare, ligter en tegnologieë minder intensiewe magsontwerp. Dieselfde geld vir beplanning en 'n meegaande magsontwerp wat (beter) sal aansluit by die velerlei veiligheidsuitdagings in die streek en op die vasteland van Afrika, asook die besteding van fondse in 'n Suid-Afrikaanse omgewing wat sterk deur ernstige sosio-ekonomiese behoeftes gedefinieer en gekenmerk word.

5. Politieke en ander hindernisse met betrekking tot die soeke na 'n gemoderniseerde SANW

In die bespreking hier bo is veral op die problematiek ten opsigte van 'n gebalanseerde magsontwerp vir die SANW gekonsentreer. Die fokus was veral op die veelbesproke wanbalans tussen die primêre (tradisionele) en sekondêre (nietradisionele) funksies van die SANW. Dit is belangrik om te meld dat daar ook ander aspekte is wat die genoemde balans versteur, waaronder die uitermate hoë besteding aan salarisse in die SANW (Verdedigingsoorsigkomitee 2015:vii), maar vir die doeleindes van hierdie artikel is nie daarop gekonsentreer nie. 'n Ander uitdaging van die SANW hang saam met die feit dat beskerming van die landsgrense sedert 2010 deur die regering as 'n funksie van die Suid-Afrikaanse Polisie diens na die SANW oorgedra is sonder 'n wesenlike bykomende begroting. Ook dié aangeleentheid kan nie hier verder belig of bespreek word nie.

Die vraag wat in hierdie laaste afdeling aan bod kom, is of daar nog enige ander faktore is wat die SANW kan verhoed om ingevolge Verdedigingsoorsig 2015 by die doelwit van 'n meer gebalanseerde magsontwerp uit te kom. Wat dit betref, moet daar ongelukkig aangevoer

word dat daar inderdaad uitdagings bestaan wat met die politiek verband hou en wat tans inhiberend of negatief inwerk op die modernisering en meer optimale funksionering van die SANW. In die bespreking hier onder sal spesifiek op twee faktore gefokus word, naamlik befondsing en verswakkende burgerlik-militêre verhoudings.

Wat befondsing betref, is reeds gemeld dat Verdedigingsoorsig 2015 die begrotingsproblematiek van die SANW sterk belig. Saam met 'n onvoldoende verdedigingsbegroting word oorspanne verwagtinge in regeringskringe oor waartoe die SANW as 'n buitelandsebeleidsinstrument in staat is, ook baie treffend as seker een van die belangrikste uitdagings uitgelig (Verdedigingsoorsigkomitee 2015:9-9):

The persistent disconnect between the defence mandate, South Africa's growing defence commitments and the resource allocation has eroded defence capabilities to the point where the Defence Force is unable to fully fulfil its constitutional responsibility to defend and protect South Africa and its people, and is hard pressed even to maintain its current modest level of commitments.

Vir Abel Esterhuyse, dosent in militêre strategie by die Militêre Akademie, soos gerapporteer deur De Wet (2012), is dit 'n eenvoudige keuse: groter besteding aan die SANW of aanvaarding dat die SANW nie optimaal kan funksioneer nie. Dit beteken nie noodwendig groot besteding aan kapitaalintensiewe wapenaankope nie. Fondse word dringend benodig vir die gewone bedryfsuitgawes van die SANW, hoewel vliegtuie en voertuie wat magte kan vervoer, ook benodig word. David Chuter, 'n Britse verdedigingskundige, wys daarop dat Suid-Afrika oor goeie vliegtuie beskik, maar in sy alledaagse operasionele bedryf die risiko loop om nie oor die nodige vlieëniers te beskik om die vliegtuie te benut nie (soos gerapporteer deur De Wet 2012). Meer nog: gebrekkige befondsing, wat vererger is deur lomp burokratiese strukture en gebrekkige bestuur van menslike hulpbronne in die SANW, het reeds beduidende negatiewe gevolge gehad. Kortliks, die instelling bevind hom tans in 'n posisie waar hy oor 'n beperkte ontplooiingsvermoë beskik, nie oor die nodige operasionele beweeglikheid beskik nie, en nie aan meervoudige operasionele ontplooiings oor langer periodes kan deelneem nie (Esterhuyse 2016:41).

Wat meer en beter befondsing betref, kan hier geargumenteer word dat die SANW in die huidige omstandighede nie in 'n gunstige posisie verkeer om 'n hoër verdedigingsbegroting te beding nie. Vir 'n aantal jare reeds was Suid-Afrika se ekonomiese groei gewoon nie sterk genoeg om indiensneming aan te moedig, beleggings te bevorder en staatskuld te verminder nie. Die situasie het onlangs verder agteruitgegaan terwyl verwagtinge vir groei verminder het, die rand as geldeenheid gedeprimeer en sake- en verbruikersvertroue gedaal het (Nasionale Tesourie en Suid-Afrikaanse Inkomstediens 2016).

Ekonomiese groei het in 2015 op 'n lae 1,3% gestaan en in 2016 het dit selfs afgeneem. Een van die probleme is dat lae ekonomiese groei tot laer belastinginkomste lei. 'n Ander probleem is dat die gaping tussen staatsbesteding en -inkomste in 2015/16 op 4,2% van die BNP te staan gekom het. Wat belangrik is, is dat besteding inkomste oortref het omdat die regering sy diensleweringprogramme voortgesit het ten spyte van swak ekonomiese prestasie. Die gevolg is dat skuld in daardie tydperk geleidelik toegeneem het (Nasionale Tesourie en Suid-Afrikaanse Inkomstediens 2016).

Die vraag is: Waar laat dit die SANW en sy begrotingsuitdagings? Oor die volgende drie jaar (2017–2020) sal die regering die bestedingsplafon moet verlaag, belastinginkomste waarskynlik verhoog, en die grootte van die openbare sektor – die arbeidsmag van die regering – beter moet bestuur of selfs moet verklein. Om dit te kan vermag, sal die regering vergoedingsbegrotings in 2017/18 met R10 miljard en in 2018/19 met R15 miljard moet probeer verminder. Voorts sal belastinginkomste oor die volgende drie jaar verhoog moet word deur middel van belastingaanpassings en verbeterde belastinginvordering. Maatskaplike toelaes sal egter beskerm word en kern maatskaplike en ekonomiese programme sal eweneens in stand gehou moet word. Laastens: sonder vinniger inklusiewe ekonomiese groei kan die land nie sy ontwikkelingsdoelwitte bereik nie en sy openbare finansies sal sterker moet vertoon. Uiteraard is ekonomiese groei afhanklik van verhoogde vlakke van vertroue en beleggings deur die privaatsektor (Nasionale Tesourie en Suid-Afrikaanse Inkomstediens 2016).

Onder sodanige omstandighede gaan dit uiteraard baie moeilik wees om die regering, parlementariërs en die publiek in die algemeen van die meriete van 'n ruimer verdedigingsbegroting te oortuig. Wat meer is, Suid-Afrika het in 2016 hewige studenteprotes op universiteitskampusse landwyd ervaar onder die vaandel van die #FeesMustFall-veldtog. Die brandende kwessie is stygende klasgelde en die agtergrond daarvan is dat Suid-Afrika in 2012 slegs 0,71% van sy BNP aan hoër onderwys bestee het teenoor byvoorbeeld 4,5% in Kuba. In die tydperk ná 1994 het studentegetalle van ongeveer 400 000 tot meer as 1,2 miljoen opgeskiet (Jansen 2016). Dit is voorts ook betekenisvol dat die persentasie wat die regering tot universiteite se begrotings bygedra het, tussen 2000 en 2013 van 49% tot 40% afgeneem het (Gouws 2016). Dit alles veroorsaak dat die SANW op politieke vlak nie in 'n sterk posisie is om mee te ding om beperkte, beskikbare staatsfondse nie.

As 'n laaste punt moet gemeld word dat die sogenaamde “gewere versus botter”-kwessie wat sedert 1994 uit antimilitêre geledere gestook is, nog geensins verdwyn het nie. Dit was byvoorbeeld onderliggend aan die onderstaande ondervraging van Simmy Lebala, die getuienisleier van die Seriti-kommissie van Ondersoek na beweerde korrupsie in die wapentransaksies van die 1990's, toe hy Robert (Rusty) Higgs oor die aankope van duikbote en korvette in die 1990's uitgevra het (News24 2013):

Why do we have to behave like superpowers, given our limitations? The history of our country, socio-economic factors, surroundings, and the background inform us that our priorities are health, houses, feeding the poor, HIV and Aids ... Still you want us to employ the military resources that we have on equating us to superpowers. Why can't we be superpowers in our own right by focusing on economic issues?

'n Tweede faktor wat dit vir die SANW moeilik gaan maak om 'n ruimer begroting te ontvang, berus op 'n gevolgtrekking in belangwekkende navorsing van Heineken (2016:47) rakende 'n toenemende burgerlik-militêre gaping in Suid-Afrika. In dié navorsing het veral drie aspekte sterk opgeval:

a. Navorsingsinstitute en -sentrums wat voor en ná 1994 navorsingsprojekte op die militêre omgewing toegespits het, lewer deesdae baie min of geen navorsingsuitsette in dié verband nie. Heineken (2016:37–8) wys byvoorbeeld op die Pretoria-gebaseerde Instituut vir Sekerheidstudie as 'n treffende voorbeeld. Een van die redes is dat daar bloot nie befondsing

verkry kan word vir sodanige navorsing nie vanweë lae vlakke van belangstelling in militêre aangeleenthede. Dieselfde geld in 'n mindere of meerdere mate vir die Suid-Afrikaanse Instituut vir Internasionale Aangeleenthede in Johannesburg. Nog 'n sprekende voorbeeld is die feit dat die Instituut vir Strategiese Studie aan die Universiteit van Pretoria – wat oor dekades van die belangrikste navorsing op die gebied van strategiese en militêre studie gepubliseer het – in onlangse jare omvorm tot die Instituut vir Strategiese en Politieke Aangeleenthede en daar is kennelik 'n beweging weg van 'n pertinente fokus op strategiese en militêre studie. Die Universiteit van die Witwatersrand se Sentrum vir Verdedigings- en Veiligheidsbestuur is een van die min akademiese instellings (indien nie die enigste nie) op tersiêre vlak wat op verdedigingsake fokus, ofskoon dit ook gemeld moet word dat die fokus spesifiek op vrede en veiligheid in suider-Afrika en weermagte in demokratiese ordes is.

b. Die tweede aspek hou verband met die feit dat daar op politieke vlak skynbaar min belangstelling getoon word in sake van 'n militêre aard. Tydens die (parlementêre) staatsrede van Jacob Zuma in 2015 was daar geen betekenisvolle verwysing na die SANW nie – ten spyte van die feit dat Verdedigingsoorsig 2015 gefinaliseer en vir politieke goedkeuring voorgelê is (Heinecken 2016:45). Die gebrek aan belangstelling in militêre sake het die Demokratiese Alliansie se skaduminister van finansies (en voormalige vlootoffisier), David Maynier, in frustrasie laat verklaar (Maynier 2015):

However, when the Defence Review was finally tabled in Parliament it was remarkably, given the urgency, ignored. Repeated high-level interventions by the Chief Whip of the Opposition, John Steenhuisen, were required to (1) first establish the Joint Standing Committee on Defence and (2) then to force the Joint Standing Committee on Defence to begin work on the Defence Review. The fact is that had we not intervened the Defence Review would still be gathering dust in the storeroom in the bowels of this Parliament. It was clear from the start, that my ruling party colleagues, serving on the committee, had absolutely no intention of taking the Defence Review seriously, despite knowing that every day they wasted, accelerated the decline of the Defence Force.

Die toedrag van sake soos hier bo gemeld staan in skerp teëstelling met die na-1994 tydperk toe Verdedigingsoorsig 1998 geformuleer is. Trouens, in daardie jare het verdedigingsaangeleenthede baie aandag gekry van politici, burgerlike organisasies en akademici, omdat die SANW sentraal gestaan het in die politieke oorgangsproses in Suid-Afrika van 'n wit minderheidsregering na 'n breë demokratiese bedeling (Kenkel 2006:5).

c. Daar is onder gewone Suid-Afrikaners 'n baie gebrekkige kennis van militêre sake. Die publiek sien geen militêre bedreiging nie en het gevolglik min belang by militêre sake. Daar word ook by universiteite in vakke soos politieke studie min of geen aandag aan subdissiplines soos strategiese studie en verbandhoudende militêre sake geskenk nie. Oorsake van oorloë en die gevolge daarvan kry ook min of geen aandag nie. In 'n wyer verband neem die publiek gewoonlik kennis van die SANW net wanneer daar in die media oor skandale of dissiplinêre probleme in verband met die SANW gerapporteer word, wanneer die SANW in operasies terugslae of lewensverlies ondervind, of wanneer opspraakwekkende getuienis oor omstrede wapenaankooptransaksies gelewer word, soos tydens die sittings van die Seriti-kommissie (Heinecken 2016:45–6).

In aansluiting by die bostaande kan daar voorts gemeld word dat sogenaamde hoërordeveiligheidsdenke in akademiese en militêre kringe wat sedert 1994 die verdedigingsdebat in Suid-Afrika onderlê het, sterk verband gehou het met die idee van mensveiligheid (“human security”). Die grondslag van hierdie beskouing of paradigma op daardie tydstip was dat die rol en gebruik van militêre mag in die internasionale politiek sou afneem in die na-Koue Oorlogse periode, en volgens sommige waarnemers sou militêre mag as ’n beleidsinstrument selfs sy waarde toenemend verloor. Trouens, die gedagte en ideaal was dat veiligheid as ’n konsep gedemilitariseer moes word en dat menslikeontwikkelingsuitdagings sterk(er) met veiligheid en veiligheidsdenke in verband gebring moes word (Esterhuyse 2016:33–4). Volgens Esterhuyse (2016:45) het dit in Suid-Afrika inderwaarheid daartoe gelei dat die fokus weggelei is van die SANW en dat laasgenoemde sêlf ook nooit ernstig gevra of nagedink het oor hoe die instelling homself moes posisioneer ten opsigte van sy organisasie, opleiding en operasies nie.

Die belangrikste punt van alles wat hier bo bespreek is, het waarskynlik daarmee te make dat beter befondsingsvooruitsigte vir die SANW tans stuit teen volgehoue lae ekonomiese groei in Suid-Afrika. Die Internasionale Monetêre Fondse se groeiverwachting vir Suid-Afrika is dat die land vanjaar (2017) teen slegs 0,8% sal groei (Maswanganyi 2017), en met ’n amptelike werkloosheidskoers van meer as 25% (News24 2016) is daar min vooruitsig dat meer aan verdediging gespandeer sal word. Die rede is doodeenvoudig dat militêre behoeftes onder sulke omstandighede ondergeskik is aan akute sosio-ekonomiese behoeftes en verbandhoudende politieke doelwitte. Wat dit betref, moet daar akkoord gegaan word met David Maynier van die Demokratiese Alliansie as hy aanvoer dat die slotvoorstel in Verdedigingsoorsig 2015, waarin gevra word vir ’n SANW van 189 000 militêre en burgerlike personeel (in plaas van die 93 000 personeellede tans) en ’n begroting van 2,4% van die BNP (in plaas van 1,1% soos wat tans die geval is), onrealisties is (Maynier 2015). In die lig van die bostaande gegewens sal dit moeilik wees om die verdedigingsbegroting selfs net tot 1,5% van die BNP te verhoog.

6. Samevatting en slotopmerkings

Samevattend is dit duidelik dat daar sedert die einde van die 1990’s verskeie verdedigingsontleders was wat oortuig was dat daar oormatige klem op die primêre funksies van die SANW geplaas is en dat dit geskied het ten koste van die toenemende (internasionale) belangrikheid van die sekondêre of nietradisionele rolle. Daar is aangevoer dat genoemde benadering onvolhoubaar sou wees omdat die SANW toenemend by multinasionale vredesteunoperasies betrokke sou raak en dat die verdedigingsbegroting nie ruim genoeg was om die SANW se sekondêre funksies, spesifiek met betrekking tot die uitvoer van vredesteunoperasies, te kon verrig met die kollaterale of aanvullende bruikbaarheid van die primêre magsontwerp nie. Daar is inderwaarheid selfs aangevoer dat die sekondêre funksies mettertyd die primêre funksie van die SANW sou word en dat indien dit nie in verdedigingsbeplanning en -modernisering erkenning sou kry nie, die SANW toenemend sy vermoë sou verloor om as ’n betekenisvolle buitelandsebeleidsinstrument van die Suid-Afrikaanse regering aangewend te word. Dit sou die Suid-Afrikaanse regering met ander woorde in ’n posisie plaas waar die SANW nie optimaal in sy buitelandse rol in vredesteunoperasies aangewend kon word nie. Die SANW sou ook nie sy verwagte rol in ’n toekomstige Afrika-bystandsmag optimaal kon speel nie.

Die genoemde problematiek het teen ongeveer die einde van die vorige dekade, ná twee dekades op politieke vlak, die nodige erkenning gekry en uiteindelik is daar besluit om 'n nuwe verdedigingsoorsig op te stel. Ná 'n uitgebreide proses van raadpleging het die samestellers van Verdedigingsoorsig 2015 in hulle finale produk erkenning aan onder andere die onderstaande sake gegee:

- Suid-Afrika se militêre vermoë moet in ooreenstemming wees met die land se internasionale politieke profiel en leierskap in Afrika.
- Suid-Afrika se groeiende betrokkenheid by vredesteunoperasies in Afrika het die regering nou daartoe gebring om die SANW se verdedigingsrol en samehangende funksies in ooreenstemming met die “Afrika-agenda” te bring.
- Die SANW moet in stand gehou word as 'n gebalanseerde, moderne en buigsame mag wat oor gevorderde tegnologie beskik vir aanwending in Afrika-verband.
- Daar word van die SANW verwag om 'n wye verskeidenheid multidimensionele militêre operasies uit te voer ten opsigte van 'n breë spektrum komplekse, uiters vloeibare en dikwels hoogs gevaarlike situasies waar 'n verskeidenheid bedreigings aan die orde van die dag is.
- Die SANW verkeer in 'n kritieke staat van agteruitgang en veroudering, toon 'n gebrek aan die nodige veerkragtigheid, en kan nie sy bestaande verdedigingsfunksies uitvoer nie.
- 'n Groter begroting moet vir die SANW bewerkstellig word, of andersins moet na 'n aansienlik afgeskaalde vlak van politieke verwagting en verbintenis beweeg word.

Uiteindelik is die vraag of die SANW beter befonds kan word om dit in ooreenstemming te bring met die blywende verwagting dat die SANW 'n rol in vredesteunoperasies in Afrika sal speel, asook om 'n sleutelrol in die verwagte Afrika-bystandsmag te vervul. Per slot van rekening is dit immers 'n geval van dat iets uitgevoer kan word net indien dit die nodige befondsing ontvang. Ofskoon daar nou klaarblyklik meer beleidsklarigheid is oor die buitelandse rol en funksies van die SANW en sy meegaande magsontwerp, moet daar op grond van die voorlaaste afdeling van hierdie artikel laastens aangevoer word dat die politieke, ekonomiese en sosio-ekonomiese omstandighede nie gunstig lyk vir beter befondsingsmoontlikhede vir die SANW nie. Militêre sake geniet nie werklik groot aandag by politici en die publiek nie, en Suid-Afrika verkeer tans in 'n ekonomiese klimaat waar sy inwoners en belastingbetalers swaar trek. Hierbenewens is daar 'n hoë vlak van agterdog met betrekking tot wapenaankope wat korrupte politici tot voordeel (kan) strek. Vanuit hierdie oogpunt is dit dus te betwyfel of die SANW uiteindelik 'n punt sal bereik waar beter befondsing dit in staat sal stel om 'n sterker rol as 'n buitelandsebeleidsinstrument in vredesteunoperasies te speel. Dit wil dus voorkom asof die SANW na alle waarskynlikheid steeds met dieselfde uitdagings kan sit wat sedert die 1990's die instelling se bestaan en funksionering gekenmerk en beperkend daarop ingewerk het.

Erkenning

Die skrywer wil graag erkenning gee dat dié werk gebaseer is op finansiële ondersteuning van die Nasionale Navorsingstigting van Suid-Afrika. Die menings, bevindings of aanbevelings wat in die artikel verskyn, is dié van die outeur, en die Nasionale Navorsingstigting aanvaar geen aanspreeklikheid daarvoor nie.

Bibliografie

- Barrel, H. 1998. Why SA needs to bite the bullets. *Mail & Guardian*, 20–26 November, bl. 27.
- Carreiras, H., C. Castro en S. Frederic. 2016. *Researching the Military*. New York: Routledge.
- Cilliers, J. 1998. *Defence acquisitions – unpacking the package deals*. ISS Occasional Paper, 29. <http://www.armsdeal-vpo.co.za/articles03/unpacking.html> (20 November 2016 geraadpleeg).
- . 2006. *The African strategic environment 2020: Challenges for the SA Army*. Referaat aangebied by die SA Leër Seminaar 21, Security Challenges Shaping the SA Army: A Reality Check for SA Army Vision 2020, 31 Oktober – 1 November.
- . 2014. *The 2014 South African Defence Review*. ISS Policy Brief, nr. 56. <https://issafrica.s3.amazonaws.com/site/uploads/PolBrief56.pdf> (23 Maart 2016 geraadpleeg).
- De Carvalho, G. en K. Nganje. 2016. South Africa's conflict prevention efforts must be more strategic. *ISS Today*, 14 November. <https://www.issafrica.org/iss-today/south-africas-conflict-prevention-efforts-must-be-more-strategic> (19 November 2016 geraadpleeg).
- DefenceWeb*. 2015. High corruption in the South African defence environment. 13 November. http://www.defencweb.co.za/index.php?option=com_content&task=view&id=41422&catid=111&Itemid=242 (17 November 2016 geraadpleeg).
- Departement van Verdediging. 1987. *South African Defence Force Review*. Marine Parade: Walker Ramus Trading Co.
- . 1996. *South African White Paper on Defence 1996*. Pretoria: 1 Military Printing Regiment.
- . 1998a. *South African Defence Review*. Pretoria: 1 Military Printing Regiment.
- . 1998b. Statement on defence acquisition package. *Bulletin*, 85, 19 November, bl. 1.
- . 1999. The Minister of Defence on the occasion of the defence budget vote in the National Assembly. *Bulletin*, 21, 10 Maart, ble. 1–5.
- De Wet, P. 2012. From bully boys to wimps: the decline of SA's military. *Mail & Guardian*, 4 May. <http://mg.co.za/article/2012-05-04-lack-of-funds-leaves-sa-vulnerable> (22 November 2016 geraadpleeg).
- Esterhuyse, A. 2016. Human security and the conceptualisation of South African defence: Time for a reappraisal. *Strategic Review for Southern Africa*, 38(1):29–49.
- Gibson, E. 2000a. Dubbele rol van die weermag nie onderhoubaar – Nyanda. *Beeld*, 29 November, bl. 2.

—. 2000b. Selfs Zim meer paraat as SANW. *Beeld*, 7 Oktober, bl. 2.

GlobalSecurity.org. 2005. Military: Military budget.
www.globalsecurity.org/military/world/rsa/budget.htm (20 November 2016 geraadpleeg).

Gouws, N. 2016. “Nuwe stelsel” nodig vir universiteite. *Netwerk24*, 11 Augustus.
<http://www.netwerk24.com/Nuus/Algemeen/nuwe-stelsel-nodig-vir-universiteite-20160811>
(15 November 2016 geraadpleeg).

Harris, G. 2001. The incompatibility of peacemaking and military power. *South African Journal of International Affairs*, 8(1):67–74.

Heinecken, L. 2016. Reflections on insider-outside experiences of military research in South Africa. In Carreiras, Castro en Frederic (reds.) 2016.

Heitman, H.-R. 2008. Preparing for the right war. Referaat aangebied by die SA Panser Simposium, Radisson Hotel, Kaapstad, 16 September.

—. 2003. Enthusiasm outruns capacity for peacekeeping efforts of SA. *SA Soldier*, 10(10):18–20.

Jansen, J. 2016. Why free university education won’t work. *Financial Mail*, 14 Oktober.
<http://www.financialmail.co.za/coverstory/2016/10/14/why-free-university-education-won-t-work>
(23 November 2016 geraadpleeg).

Kampala, L.T. 2016. Why Africa’s borders are a mess. *The Economist*, 17 November.
<http://www.economist.com/blogs/economist-explains/2016/11/economist-explains-10>
(17 November 2016 geraadpleeg).

Kasrils, R. 1997. Guns, butter, peace and security. *Sunday Times*, 15 Junie, bl. 26.

Kenkel, K.M. 2006. Civil society participation in defence policy formulation: Academic experts and South Africa’s post-apartheid Defence White Paper. *Journal of Security Sector Management*, 8(5):2–26.

Le Roux, L. 1999. Defining defence requirements: Force design considerations for the South African National Defence Force. *African Security Review*, 8(5):56–64.

Makwetla, T. 2009. Speech by the Deputy Minister of Defence, Mr Thabang Makwetla, during the Department of Defence Budget Vote. Nasionale Vergadering, Kaapstad, 26 Junie.

Maswanganyi, N. 2017. IMF cuts SA’s 2016 forecast due to jobless and economic uncertainty. *Businesslive*, 4 Oktober. <https://www.businesslive.co.za/economy/2016-10-04-imf-cuts-sas-2017-growth-forecast-due-to-joblessness-and-economic-uncertainty> (5 Maart 2017 geraadpleeg).

Maynier, D. 2015. We need a revised Defence Review. *Democratic Alliance*, 4 Junie.
<https://www.da.org.za/2015/06/we-need-a-revised-defence-review> (18 Oktober 2016 geraadpleeg).

Mills, G. 2011. *An option of difficulties? A 21st century South African defence review*. Discussion Paper, 7:1–25. Johannesburg: The Brenthurst Foundation.

Msomi, S. 2003. Lekota wants more money for defence force. *Sunday Times*, 15 Junie, bl. 4.

Nasionale Tesourie en Suid-Afrikaanse Inkomstediens. 2016. Ons bly by ons verbintenis om die ekonomie op die regte pad te plaas. *Die Publiek se Gids*.
<http://www.treasury.gov.za/documents/national%20budget/2016/guides/2016%20People's%20Guide%20Afrikaans.pdf> (3 November 2016 geraadpleeg).

News24. 2013. SA Navy short of ships. 22 Augustus.
<http://www.news24.com/SouthAfrica/Politics/Navy-short-of-ships-20130822> (5 Desember 2015 geraadpleeg).

—. 2016. Unemployment rate: South Africa is a ticking time bomb. 23 November.
<http://www.news24.com/MyNews24/unemployment-rate-south-africa-a-ticking-time-bomb-20161123> (23 Januarie 2017 geraadpleeg).

Nyanda, S. 2003. *The South African National Defence Force and peace missions in Africa*. Referaat aangebied by kongres onder beskerming van die African Center for the Constructive Resolution of Disputes (ACCORD), die Centre for International Political Studies (CIPS) en die Pretoria-tak van die South African Institute for International Affairs (SAIIA), Universiteit van Pretoria, 27 Februarie.

Pressly, D. 2002. State gives nod to full military monty. *Mail and Guardian*, 5–11 April, bl. 6.

Swart, P. 1998. “Keer verval nou – of dit is klaarpraat”. *Rapport*, 22 Maart, bl. 12.

Sylvester, J. en A. Seegers. 2008. South Africa’s strategic arms package: A critical analysis. *Scientia Militaria*, 36(1):52–77.

Verdedigingsoorsigkomitee. 2015. *South African Defence Review*. Pretoria: Departement van Verdediging.

Williams, R. 1998. Against meta-narratives? The strengths and weaknesses of modernism within contemporary South African defence thinking. *Strategic Review for Southern Africa*, XX(1):1–40.

Die veranderende betekenis van die Voortrekkermonument: erfeniswins of erfenisverlies?

Anton C. van Vollenhoven

Anton C. van Vollenhoven, buitengewone professor in Geskiedenis,
Noordwes-Universiteit (Mafikeng-kampus)

Opsomming

Die Voortrekkermonument is waarskynlik die belangrikste erfenissimbool van Afrikaners. Dit het 'n simboliese-ideologiese betekenis, en die oorig daarvan het 'n noue verbintenis met Afrikanernasionalisme. Monumente word maklik die slagoffers van diegene met sienswyses wat verskil van dit wat die monument simboliseer. Gevolglik is daar sedert 1994 by die Voortrekkermonument pogings aangewend om persepsies van die publiek ten opsigte van die monument te verander. Hierdie artikel het ten doel om aan te toon dat die veranderinge egter tot die dekontekstualisering daarvan kan lei. 'n Oplossing word vervolgens aan die hand gedoen.

Matilda Burden se metodologiese model vir kultuurgeskiedenis as dissipline word gebruik en verbind met erfenisbestuur en internasionale bewaringskonvensies. Bronne wat gebruik word, sluit literatuur en tydgenootlike beskrywings in.

Regeringsinmenging tydens die oorig van die monument het ideologiese kwessies daargestel waarmee vandag steeds geworstel word. Dit is as apartheidsimbool gebrandmerk en het ander groepe vervreem. Om hierdie persepsies van die monument te verander het die klem verskuif na die kulturele waarde daarvan. Dit word nou as simbool van versoening en nasiebou bemark. Een van die gevolge hiervan was die verklaring van die Voortrekkermonument tot nasionale erfenisterrein.

Die afgelope aantal jare is verskeie strukture op die terrein van die monument opgerig wat daartoe kan lei dat die terrein se kulturele integriteit aangetas word. Die gedagte dat die monument die aangewese plek is vir die oorig van ander Afrikanerstandbeelde, is ook problematies, want dit kan die erfenisstatus daarvan in gedrang bring en daartoe lei dat die monument sy status as nasionale erfenisterrein verloor. Om die probleem die hoof te bied, word die instel van verskillende belangesonies voorgestel, waar daar algaande wegbeweeg word van die monument in die plasing van bykomende strukture. Daar moet wel besin word

of gedenktekens wat nie strook met die boodskap van versoening en nasiebou nie, by die Voortrekkermonument opgerig behoort te word, omdat dit die huidige beeld kan skaad.

Trefwoorde: Afrikanernasionalisme; Burden, Matilda; dekontekstualisering; erfenisbelang; erfenishulpbron; Erfenisstigting; nasiebou; simbool; versoening; Voortrekkermonument

Abstract

The changing meaning of the Voortrekker Monument: heritage gain or heritage loss?

The Voortrekker Monument in Pretoria is arguably the most important heritage symbol for Afrikaners. It is more than merely a monument erected to commemorate the Great Trek, as it has a deep symbolic and ideological significance linked to Afrikaner nationalism. During the planning of the monument, emphasis was placed on its colossal stature as a symbol of the colossal nature of the Voortrekkers. It furthermore depicts their unsophisticated nature, firm courage, self-confidence, piety, integrity, boldness and heroic deeds. The monument was also built to serve as inspiration and give praise to the worthy.

The strong symbolic-ideological nature of monuments makes them vulnerable as they can easily fall victim to opponents of the sentiments of the creators. (Events during the autumn of 2015 in South Africa, when monuments and statues were vandalised, are an example of the reaction against an unacceptable heritage.) To counter the possibility of this happening to the Voortrekker Monument, the management at the monument has made a concerted effort since 1994 to change perceptions about the monument.

This article issues a warning that such a change needs to be dealt with carefully as it may lead to the decontextualisation of the monument, which in turn may result in it losing its status as Grade I heritage site. A possible solution for this is proposed.

This article falls within the theoretical framework of Matilda Burden's model for the methodology of cultural history as a discipline. It implies the study of the interdependent components within the totality of cultural elements. Monuments form part of the cultural heritage of a country, and heritage management implies that a historical site has meaning for the contemporary community.

Sources used include literature on the origin of the Voortrekker Monument and its symbolism. The change in meaning of the monument was studied via literature and contemporary sources. Other sources include international conventions regarding the preservation of cultural heritage and the National Heritage Resources Act (Act 25 of 1999).

The planning for the building of the Voortrekker Monument was done from 1931 by Afrikaner cultural organisations. In 1935 the government of the day declared that the monument was of national importance, and that the government should, therefore, be involved in its planning and funding. This transformed the monument to the genre of national monument art and placed ideological questions on the table. Even today the monument carries the burden of this government interference.

Gerard Moerdyk (Moerdijk) was appointed as the architect of the monument and Pretoria was chosen as the location. The laying of the cornerstone was planned for 1938, even though the monument would not be completed by then. 1938 was to be the year in which the centenary of the Great Trek would be commemorated. It included a symbolic trek with ox wagons from various parts of the country to Pretoria.

Together with the celebrations on 16 December 1949, when the monument was inaugurated, Afrikaner nationalism reached a peak. This date was selected to coincide with the commemoration of the Battle of Blood River, the importance of which was emphasised by the shining of sun rays through the roof of the monument on a cenotaph with the words “Ons vir jou Suid-Afrika” (We for you South Africa).

The design of the monument incorporates two ideas. The first is the laager (a circle of ox wagons) which is seen as typical of the Afrikaner and his military defence system. The second is a massive building which serves the purpose of a sacred place. The Bible was used as the inspiration for the underlying idea of an altar. The cenotaph forms the sacred centre of the building and serves as a reminder to the descendants of the sacrifices made to attain freedom. The dome is a symbol of the extent of the deeds of the Voortrekkers and the sun rays symbolise God’s blessing on the life and aspirations of the Voortrekkers.

It is interesting that Moerdyk included an African motif, the zigzag pattern from the Zimbabwe ruins, on the outside of the monument. There is, however, no proof that he implied a wider meaning to this.

Other groups regarded the Voortrekker Monument as a symbol of apartheid. It has also been described as a place where black people were portrayed as barbarians and that it is insensitive to groups other than the Afrikaner.

In 1994 the management of the monument launched a campaign to change the perceptions of the monument. Emphasis was placed on its cultural significance rather than its political meaning. An example is the visit of Nelson Mandela to the site in 2002, which has been described as one of the most important and symbolic visits ever to it. Black guides were also trained and the narrative given to visitors was adapted.

Despite these efforts to portray the Voortrekker Monument as a symbol of reconciliation and nation-building, some groups are still sceptical. Changing perceptions is, of course, not easy, especially since so-called right-wing Afrikaner groups have been unwilling to accept these.

The different approach to the significance of the monument resulted in a growth in international tourists to the site. Tourism brings an increase in the financial position of the monument and therefore specific marketing campaigns have been launched. These were successful, as different accolades have been received. From an almost bankrupt position in 1999 things changed dramatically. The presentation of various functions at the site also added to bringing financial independence.

In 2011 the Voortrekker Monument was declared a National Heritage Site – a clear indication that the changes made were deemed positive. It is interesting to note that the “Statement of significance” of the site made no mention of its symbolic meaning. One of the most important aspects when a monument is declared relates to the physical views as well as its importance

and preservation of the symbolism. At the Voortrekker Monument, the architectural merit was emphasised as well as the historical events of the Great Trek.

The criteria for the determination of cultural significance are listed in the National Heritage Resources Act, and are in line with the Burra and Venice Charters, both international conventions for the preservation of monuments. Cultural significance is determined by the

- cultural value — the importance of a site or place for the community
- social value — the religious, political, national or other cultural sentiment a place has
- historical value — the history of a site
- scientific value — the uniqueness, quality and representativity of a site
- aesthetic value — the beauty of design, ambience and associations of a site.

These values need to be scrutinised constantly to ensure that the cultural integrity of a site is not jeopardised. Relating to the Voortrekker Monument, it holds that anything done within the declared area that is of a permanent nature and may change the physical appearance of the site should be approved by the South African Heritage Resources Agency (SAHRA). However, anything done outside of the declared area that is of a permanent nature and may have an effect on the view should also be approved by SAHRA.

It is nevertheless difficult for the Voortrekker Monument to cut itself loose from its political legacy. The Afrikaner community pressurised the institution to act in order also to safeguard other Afrikaner-related monuments. This led to the establishment of the Heritage Foundation in 2002.

Over the last few years the Heritage Foundation has erected various structures, memorials and statues at the Voortrekker Monument site. These may have a negative influence on the heritage status of the monument, as some of these are aesthetically displeasing or are encroaching on the view to the monument. Also, visitors to the site are not struck at first by the grandiosity of the monument as they should be, but rather their first impression is of these other structures. In a subtle way this leads to the decontextualisation of the monument.

The idea that all unwanted Afrikaner-related monuments should be moved to the Voortrekker Monument site can therefore not be supported as long as it is done in such a way that the cultural integrity of the site is being scarred. Thorough planning is needed before this can be considered. A solution would be the creation of different buffer zones. Structures with a direct connection to the monument could be placed in the closest zone to it, with others being erected further away. No future planning should be done without the creation of these buffers.

Another concern that comes to mind is the erection of memorials dedicated to the former South African Defence Force. This creates an unbalanced view of the past, as such memorials seem to be favoured while other aspects of Afrikaner history are perceived to be neglected. A bigger issue is that these memorials perhaps do not portray the message of nation-building and reconciliation. The unclear distinction between the Voortrekker Monument and the Heritage Foundation also may be problematic, as the latter seems to place emphasis on Afrikaner heritage, which can be perceived as not being in line with the new symbolism of the monument. This would indeed undo all the hard work done over the past few years and may lead to the monument's losing its national heritage status.

Keywords: Afrikaner nationalism; Burden, Matilda; decontextualisation; Heritage Foundation; heritage importance; heritage resource; nation-building; reconciliation; symbol; Voortrekker Monument

1. Inleiding

Die Voortrekkermonument in Pretoria was sedert sy oprigting waarskynlik die vernaamste simbool van die Afrikanergeskiedenis en moontlik ook van Afrikanernasionalisme.¹ Nie alleen was die oprig daarvan ten nouste verbind met die regering van die dag en die nasionalistiese strewe van Afrikaners nie, maar feitlik alle Afrikaner-kultuurorganisasies het op die een of ander wyse 'n bydrae tot die oprigting daarvan en feesvieringe daaromheen gelewer. 'n Mens sou tereg kon sê dat die Voortrekkermonument die belangrikste erfenissimbool, of ten minste een van die belangrikste erfenissimbole van Afrikaners is en dat dit daarmee saam 'n simbool van Afrikaneridentiteit is.

Hierdie gedagte is in ooreenstemming met Maré (2002:16) se definisie van 'n monument as 'n fisiese objek wat in die openbaar vertoon word en wat diegene wat daarna kyk, aan 'n spesifieke individu of gebeurtenis herinner. Sy gaan voort deur dit dan pertinent te koppel aan 'n spesifieke gemeenskap of groep. In hierdie geval word die Groot Trek herdenk en word die monument aan die Afrikaner gekoppel.

Vir die Sentrale Volksmonumentekomitee (SVK), wat hoofsaaklik die taak gehad het om die Voortrekkermonument te laat oprig, was dit belangrik dat die “beliggaming van die Voortrekkeridee” in die ontwerp ingesluit moes wees. Aspekte wat beklemtoon is, was dat dit moes inspireer, ruim van opvatting moes wees en eer moes gee aan diegene wat dit verdien (Moerdyk 1949:43).

Benewens die argitektoniese meriete het monumente gewoonlik ook 'n sterk simboliese-ideologiese karakter. Menige monument word opgerig met 'n ideologiese doel voor oë (Maré 2002:22) – in die geval van die Voortrekkermonument was dit Afrikanernasionalisme (Ferreira 1975:93–7; Marschall 2005:23). Dit laat monumente natuurlik baie weerloos, omdat dit maklik die slagoffer van teenpartye kan word.

As voorbeeld hiervan dien die onlangse debat oor die aanvaarbaarheid van standbeelde, monumente en gedenktekens met 'n veronderstelde ideologiese grondslag en die daarmee gepaardgaande vandalisering daarvan (Van Vollenhoven 2015:20). Dit voorspel waarskynlik niks goeds vir Afrikanererfenisse nie en gevolglik is dit noodsaaklik om te voorkom dat hierdie erfenisse, wat volgens sommige steeds 'n sogenaamde onaanvaarbare betekenis² uitdra, nie onnodig blootgestel word nie. Hierdie relaas gaan nie oor oplossings vir die standbeeldekwestie nie, hoewel daar beslis raakvlakke is waarvan kennis geneem moet word. Die moontlike verskuiwing van sogenaamde Afrikanermonumente en -gedenktekens laat noodwendig die vraag ontstaan of die Voortrekkermonument-terrein nie dalk die aangewese plek hiervoor is nie.

Dit is nietemin ook belangrik dat kennis geneem word van standpunte van ander partye oor die erfenisstatus van die Voortrekkermonument. 'n Teenoorgestelde opinie wat gehuldig word, kom daarop neer dat enigiets wat die fokus van die monument af wegneem, 'n

negatiewe uitwerking op die kulturele belang, en gevolglik ook die erfenisstatus daarvan sal hê.

2. Doel


Die artikel sal aantoon dat die verandering in die interpretasie van die betekenis van die Voortrekkermonument sedert die 1990's gelei het tot die verklaring daarvan as 'n Graad I-erfenisterrein. Die doel is egter om vervolgens aan te toon dat hierdie nuwe betekenis op subtiële wyse ondermyn word deur die onoordeelkundige plasing van ander strukture langs die monument. Op hierdie wyse word teenstrydige boodskappe in verband met die betekenis van die monument uitgedra, waardeur dit gevaar loop om gedekontekstualiseer te word en sy waarde as nasionale erfenisterrein te verloor. 'n Oplossing hiervoor word vervolgens aan die hand gedoen.

3. Teoretiese raamwerk

Die breë teoretiese raamwerk vir hierdie artikel is Matilda Burden se metodologiese model (sien figuur 1) vir die dissipline kultuurgeskiedenis (2000). Die model het sy ontstaan te danke aan die debat oor die definiëring van die vakgebied kultuurgeskiedenis in die 1980's (Burden 2000:13–5). Hierdie debat het geëindig met 'n omskrywing van die vakgebied, maar het nagelaat om die metodologie daarvan na behore te verduidelik. Ferreira het reeds bepleit dat kultuurgeskiedenis sy studieveld moet verbreed sodat dit benewens die sogenaamde hoogkultuur ook volkskultuur insluit (Ferreira 1997:117). Hierdie aspekte word gevolglik deur Burden se model ingesluit.

In die uiteensetting van die model word dit duidelik gestel dat kultuurgeskiedenis hoofsaaklik die onderlinge verband tussen verskillende kultuurelemente bestudeer. 'n Deeglike studie van die onderskeie kultuurprodukte is nodig alvorens die konteks binne die geheel bestudeer kan word (Burden 2000:16–7).

Die wese van kultuurgeskiedenis is die mens en sy leëwêreld (Burden en Ekermans 2001:24). Ferreira (1997:121) dui aan dat dit moontlik is om 'n kultuuruiting in 'n bepaalde kultuurperiode in konteks te bestudeer slegs indien daar inter- of multidisziplinêre navorsing gedoen word. Dit is voorts belangrik om daarop te wys dat Burden (2000:19) aantoon dat kultuurgeskiedenis een van die geesteswetenskaplike vakdissiplines is wat hom die beste tot interdisiplinariteit leen.



Figuur 1. Burden se metodologiese model vir kultuurgeskiedenis (Burden 2000:21).

Kortliks kom die model op die volgende neer:

- Die model bestaan uit drie asse wat mekaar reghoekig sny. Die asse word deur 'n sirkel omring wat die geheel van 'n bal vorm. Buite-om hierdie sirkel is nog twee sirkels wat die natuurlike en bonatuurlike omgewing voorstel (Burden 2000:20–1).
- Die vertikale as word die AB-as genoem en dui op die twee tipes kultuurprodukte, naamlik geestelike (nietasbare) en stoflike (tasbare) kultuur. Klem word daarop gelê dat die verband tussen geestelike en stoflike kultuur nie misgekyk mag word nie (Burden 2000:20–2).
- Die horisontale as is die CD-as en verteenwoordig die verskillende vlakke waarop kultuur geskep kan word, met patrisiërkultuur (formeel) en volkskultuur (nieformeel) as uiterstes op die kontinuum, en implisiet verskeie vlakke tussenin. Wat hier van belang is, is dat volkskultuur nie noodwendig gekoppel kan word aan 'n bepaalde groep nie, maar eerder dui op dit wat enige persoon skep in gebiede waarbinne hy nie akademies opgelei is nie. Patrisiërkultuur verwys dan na dit wat formeel deur akademies opgeleide persone geskep word (Burden 2000:23–5).
- Die diagonale as, die EF-as, is 'n tyd-as en dui op tradisionele en eietydse kultuur as pole. Eersgenoemde verwys na dit wat reeds as tradisie deur 'n bepaalde groep aanvaar is, terwyl laasgenoemde verwys na hedendaagse verskynsels wat nog nie as tradisies erken is nie (Burden 2000:25).
- Die twee sfere verteenwoordig die natuurlike en bonatuurlike omgewing. Beide hierdie sfere oefen 'n invloed op die skep van kultuur en kultuurprodukte uit (Burden 2000:26).

Monumente kan onder verskeie temas van die kultuurgeskiedenis ingedeel word. In wese is 'n monument 'n stoflike produk, en die Voortrekkermonument kan dus onder die boukuns

ingedeel word. Monumente het egter 'n sterk simboliese karakter en as sodanig het dit gewis ook 'n geestelike dimensie. As kultuurproduk, geskep weens 'n bewustelike besluit om iets te gedenk, is dit waarskynlik patrisiërkultuur, maar die manier waarop dit vir alledaagse mense emosionele betekenis kry, sal inderdaad daaraan 'n element van volkskultuur verleen. Monumente is onteenseglik eietydse kultuurprodukte. Daarteenoor gee die wyse waarop vieringe rondom 'n monument soos die Voortrekkermonument plaasvind, daaraan 'n tradisionele dimensie. Gevolglik is dit duidelik dat 'n studie van monumente volkome deur die kultuurgeskiedenis gedek word en alle aspekte daarvan aansny.

Daar kan nie na monumente verwys word sonder om ook by die begrip *erfenisbestuur* stil te staan nie. Meyer (1995) het erfenisbestuur binne die teoretiese raamwerk van die vakgebied argeologie geplaas, en meer spesifiek binne die kontekstuele benadering. Hieruit is 'n erfenishulpbronbestuursparadigma daargestel. Dit is juis die toepaslikheid van erfenis vir vandag se samelewing, genoem die hedendaagse dimensie, wat deel van hierdie denkrigting vorm (Van Vollenhoven 2000:553–5), wat van belang is. Die paradigma vereis dat 'n historiese terrein 'n direkte verband met die hedendaagse samelewing moet hê en as sulks 'n behoefte vir die gemeenskap van vandag aanspreek. Dit is belangrik om daarop te let dat hier nie noodwendig 'n hele gemeenskap ter sprake is nie, maar dat dit voldoende sou wees indien slegs die behoefte van 'n gedeelte daarvan (selfs 'n minderheidsgroep) bevredig word (Van Vollenhoven 2016: 22). Monumente spreek ongetwyfeld hierdie behoefte aan.

Erfenisbestuur is afkomstig uit 'n tradisie van internasionale konvensies. Hieronder tel verskeie protokolle wat deur die Internasionale Raad vir Monumente en Terreine (ICOMOS)³ daargestel is. Die waarde van erfenisterreine, wat ook monumente insluit, word gemeet aan die mate waarin daar aan die begrip *kulturele belang* of *erfenisbelang* voldoen word. 'n Aantal onderliggende kriteria word bestudeer om kulturele belang vas te stel (ICOMOS 1964; ICOMOS 2013). Hierdie aspek word later breedvoerig bespreek.

4. Metodiek

In die artikel word die ontstaan van die Voortrekkermonument kortliks weergegee. Hierop volg 'n bespreking van die historiese betekenis van die monument. Daar is 'n noue verband tussen hierdie twee aspekte, en gevolglik is verskeie bronne wat met die ontstaan en simboliek van die monument verband hou, bestudeer. Soortgelyke bronne is bestudeer om die veranderende interpretasie van die terrein aan te toon. Hieronder tel hoofsaaklik literatuur en tydgenootlike beskrywings omtrent die monument.

Kulturele belang word uiteengesit deur die gebruik van internasionale konvensies oor die bewaring van kultuurerfenisse en verskaf sodoende internasionale konteks. Laastens word die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999) (RSA 1999) benut, omdat dit die Suid-Afrikaanse konteks daarstel waarbinne die monument bestaan.

5. Oprigting van die Voortrekkermonument

Die doel van hierdie artikel is nie om die Sentrale Volksmonumentekomitee (SVK) se geskiedenis en sy bydrae tot Afrikanerfenisse in die geheel te bespreek nie. Daar word dus volstaan met enkele gedagtes rondom die oprig van die Voortrekkermonument, bloot as agtergrond. Die ontwerp en simboliek daarvan word later bespreek.

Tydens die kongres van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) in 1931 is die SVK gestig. Die doel van die komitee was hoofsaaklik om 'n monument ter ere van die Voortrekkers te bou (Grobler 2001:6; Ferreira 1975:4–8). In September 1933 besluit die SVK dat 'n gedenkteken opgerig moet word om onder meer die kolossale gestalte van die Voortrekkers te versinnebeeld (Ferreira 1975:51).

Die regering van die dag verklaar in 1935 dat sodanige monument van nasionale belang is en dat hulle daarom inspraak in die beplanning en uitvoering van die projek behoort te hê. Die regering het so ver gegaan om lede by die SVK te voeg en om pond vir pond tot die fondse daarvan by te dra (Jansen 1949:37–8). Staatsbefondsing sou uiteindelik veel meer as die helfte van die projek bedra (Grobler 2001:10).

Die gedagte dat die Voortrekkermonument die simbool van Afrikaneridentiteit is, tesame met regeringsinmenging in die projek, is tekenend van wat deur Villet (2012:66) beskryf word as regeringsmentaliteit (“governmentality”), 'n komplekse administratiewe en burokratiese magstelsel waardeur een groep beheer oor 'n land se politieke, ekonomiese en veiligheidstelsels uitoefen. Hierdie gedagte plaas gevolglik die monument in die genre van nasionale monumentkuns en veroorsaak ideologiese kwessies wat opgelos moes word. In hierdie geval was van die vraagstukke die betrokkenheid van politici by die feesvieringe en of die Britse nasionale lied “God save the queen” gesing sou word al dan nie (Duffey 2006:28). Dit is onder sodanige omstandighede van politieke inmenging dat die Voortrekkermonument sy beslag gekry het en dit is gedeeltelik die problematiek waarmee die monument vandag steeds te make het om tersaaklik te bly.

In 1936 word daar besluit dat die monument in Pretoria opgerig moet word en is die argitek Gerard Moerdyk (Moerdijk) aangestel om dit te ontwerp. Daar is ook besluit dat die hoeksteen reeds in 1938 gelê sou word, al sou die monument nie voltooi wees nie (Ferreira 1975:50–2). 1938 is as datum vir die eeufesherdenking van die Groot Trek geoormerk. Dit staan bekend as die Simboliese Ossewatrek, waartydens nege gedenkwaens vanaf verskillende plekke in die land na Pretoria gereis het. Onderweg het uitgebreide feesvieringe plaasgevind, en het die hele proses tot 'n opbloeï in Afrikanernasionalisme gelei (Grundlingh 2001:98). Op 16 Desember 1938 vind die hoeksteenlegging van die monument as hoogtepunt van hierdie vieringe plaas (Grobler 2001:20).

Die monument is in 1949 voltooi en op 16 Desember van daardie jaar ingewy (Grobler 2001:28; Grundlingh 2001:95, 98). Die dag is doelbewus gekies om saam te val met die herdenking van die Slag van Bloedrivier. Die belang van hierdie gebeurtenis word ook beklemtoon deur die ontwerp van die monument, naamlik dat 'n sonstraal op hierdie dag op die senotaaf val en die woorde “Ons vir jou Suid-Afrika” belig. Die feesviering tydens hierdie geleentheid was selfs groter as dié in 1938 (Grundlingh 2001:98–9). Op dieselfde dag is die bestuur van die monument aan 'n beheerraad oorgedra, met die SVK-dagbestuur as kern. Die SVK sou mettertyd ook toesien dat ander monumente vir die Voortrekkers opgerig

word (Anoniem 2010:3) Hieronder tel onder meer die Voortrekkermonument in Winburg, wat in 1968 onthul is, en die Bloedriviermonument op die terrein van die Slag van Bloedrivier, wat in 1971 ingewy is (Swart e.a. 1989:117–9, 238).

6. Historiese betekenis van die Voortrekkermonument

Dit is reeds vermeld dat die monument die kolossale gestalte van die Voortrekkers moes versinnebeeld. Die besluit van die SVK dui voorts daarop dat dit:

'n grootse monument moes wees waartoe elke Afrikaner hul deel kon bydra, wat in sy massiwiteit ook die ruime siel van die Voortrekkers sou versinnebeeld, wat in sy verhewe eenvoud die reine, grootse en ongeunstelste eenvoud van die Voortrekkers sou vergestalt en sodoende as massiewe kolos vir alle nageslagte kan dien as simbool van die Voortrekkers se onwankelbare moed, selfvertroue, godsvrug, onkreukbare trou, durf en daad. (Ferreira 1975:50–1)

Nadat voorstelle vanaf die publiek ontvang is, is besluit om twee gedagtes rondom die vorm van die monument te kombineer. Die eerste hiervan is die laervorm, wat gesien is as tipies Afrikaans en die grondslag was van die Voortrekkers se verdedigingsmetodes. Die tweede gedagte was Moerdyk se idee van 'n massiewe gebou wat die behoefte van 'n gewyde plek sou vervul (Grobler 2001:8).

'n Kort opsomming van Moerdyk se idees met die ontwerp en bou van die monument (natuurlik in opdrag van die SVK) moet vermeld word. Benewens die bogenoemde aspekte dui Moerdyk aan dat hy die Bybel as inspirasie gebruik het en dat die idee van 'n altaar onderliggend aan die simboliek van die monument sou wees (Moerdyk 1949:44). Hy het die grootsheid van die daad van die Voortrekkers probeer versinnebeeld en het met die senotaaf 'n gewyde middelpunt daargestel. Hierdeur word die nageslag herinner aan die offers wat gebring is om die ideaal van vryheid te verwesenlik. Die koepel dien as simbool van die omvang van die daad van die Voortrekkers, met die sonstraal wat daardeur skyn die simbool van God se sien op die lewe en strewende van die Voortrekkers (Ferreira 1970:69–70).

Die klem op hierdie simboliek het duidelik neerslag gevind in verskeie van die toesprake wat tydens die inwyding van die Voortrekkermonument gelewer is (Anoniem 1950:9–44). Noodwendig is daar veel meer wat oor die simboliek van die monument vermeld kan word. Die fyner nuanses van betekenis, soos uiteengesit in Heymans (1986) en Grobler (2001), staan egter in diens van dit wat reeds vermeld is en verg gevolglik nie verdere uitbreiding nie.

'n Laaste opmerking hieroor is wel nodig, omdat dit aanleiding gee tot die moontlike veranderende simboliek van die monument sedert die 1990's. Moerdyk se ontwerp toon fisiese ooreenkomste met Europese monumente soos die Dôme des Invalides in Parys en die Völkerschlachtdenkmal in Leipzig, wat 'n dominante Europese karakter aan die Voortrekkermonument verleen. Daarby het Moerdyk ook Afrika-elemente ingebring, soos die sigsagpatroon aan die buitekant van die monument (Grundlingh 2001:96). Dit was 'n doelbewuste ontwerp en Moerdyk (1949:47) het self aangedui dat hy inspirasie daarvoor in die Zimbabwe-ruïnes gekry het (sien figuur 2). Duffey (2006:27) dui aan dat Moerdyk se altaargedagte geïnspireer is deur die sogenaamde Voortrekkermonument-koppie naby

Mapungubwe. Daar is egter geen inligting wat daarop dui dat Moerdyk die monument hierdeur 'n wyer simboliese betekenis wou gee as dit wat hier bo vermeld is nie. Inteendeel, die 1938-fees het 'n uitsluitlik Afrikaanse karakter gehad, wat negatief deur ander groepe ervaar is (Ferreira 1975:103–5; Marschall 2005:25). Tog bly die insluiting van Afrika-elemente 'n aspek wat met vrug tot 'n verbreding in interpretasie benut kan word.



Figuur 2. Die sigsagpatroon aan die buitekant van die Voortrekkermonument (Foto: A.C. van Vollenhoven).

7. Hedendaagse betekenis

Ander groepe in Suid-Afrika het 'n ander persepsie van die Voortrekkermonument gehad. Die reaksie teen die historiese simboliek en ideologie het waarskynlik bygedra tot die veranderende betekenis wat sedert die 1990's daaraan toegeken is. Die monument is in 1952 by die opening van die South African Indian Congress as simbool van apartheid gebrandmerk (Van der Westhuizen 1991:11). Dit was die eerste van verskeie soortgelyke uitsprake sedertdien. Hieronder tel uitsprake deur Tokyo Sexwale in 1996 en 'n joernalis van *The Star* in 2003 (Unsworth 1996; Nessman 2003:19).

Die monument is selfs beskryf as 'n plek waar swart mense as barbare uitgebeeld word omdat hulle in die pad van die heroïese Voortrekkers staan wat daarop aanspraak maak dat hulle beskaaftheid na die binneland van Suid-Afrika gebring het (Grundlingh 2001:96).

Grundlingh bestempel die monument voorts as die voorganger vir ander argitektoniese werke wat as simbool van die Afrikanerdom sou dien, naamlik die Randse Afrikaanse Universiteit (nou Universiteit van Johannesburg) en die SAUK-gebou in Johannesburg (Grundlingh 2001:97).

Grundlingh beskryf die monument verder as simbool van Afrikanernasionalisme, etniese miteskepper en apartheid. Hy wys nietemin daarop dat die monument, soos ander monumente wêreldwyd, se simboliese betekenis aan verandering onderworpe is en dat dit tot 'n verandering lei in hoe monumente beskou en verstaan word (Grundlingh 2001:97–8). Hiermee saam was dit ook nodig om 16 Desember (Geloftedag) te depolitiseer en die klem eerder op die religieuse konteks as die militêre te plaas (Grundlingh 2001:100).

Ongeveer saam met die algehele demokratisering van die land in 1994 het die beheerliggaam van die Voortrekkermonument verskeie pogings aangewend om die persepsie van die monument as simbool van apartheid af te breek. Klem is op die kulturele waarde van die monument geplaas eerder as om dit as politieke ikoon te bemark (Marschall 2005:31). Een van die geleenthede in hierdie verband was die besoek van Nelson Mandela in 2002 om die Danie Theron-standbeeld by Fort Schanskop, neffens die monument, te onthul. Dit is as een van die belangrikste historiese en simboliese besoeke beskou (Voortrekkermonument Argief 2002). Intussen is swart gidse ook opgelei en het die monument verskeie toekennings gekry wat daarop dui dat die apartheidsgedagte waarskynlik in 'n groot mate die wyk geneem het en dat dit veel eerder begin het om 'n simbool van versoening en selfs nasiebou te word (Anoniem 2005:7).

Die persepsies van swart Suid-Afrikaners wissel nietemin steeds. Sommige sien dit bloot as 'n monument wat die Voortrekkers gedenk; ander beskou dit as 'n simbool van iets (apartheid) wat tot die verlede behoort, terwyl daar ook diegene is wat dit as onsensitief beskryf (Grundlingh 2001:103). In teenstelling hiermee is die monument ook al beskryf as niks anders as nog 'n strydmonument (“struggle monument”) nie (Chance 2005:44). Dit dui daarop dat wisselende sukses behaal is met die poging om die persepsies daarvan te verander.

Dit is natuurlik geen maklike taak om aan ander Suid-Afrikaners 'n nuwe beeld van die monument voor te hou en sodoende die negatiewe daarrondom die hoof te bied nie. Dit word onder andere gekortwiek deur verskeie verregse Afrikanerorganisasies wat die monument as simbool vir hulleself begin toe-eien en daardeur in botsing met die bestuur van die monument gekom het, omdat laasgenoemde gepoog het om dit van politiek los te maak en die idee te laat posvat dat almal daar welkom is (Koekemoer 2007:4; Marschall 2005:31). Hierdie verskuiwing is 'n duidelike aanduiding dat daar van die Afrikaner se ideologie van republikenisme en later nasionalisme aanbeweeg is na 'n verbruikerskultuur, as aspek wat hier onder bespreek word.

Ook op bestuursvlak is veranderinge aangebring en is die Voortrekkermonument in 1993 in 'n Artikel 21-maatskappy omskep (Grobler 2001:32). Hierdie besluit blyk 'n poging uit Afrikanergeleedere te wees om te verhoed dat die monument in 'n veranderende politieke omgewing bedreig sou word. Die gevolg hiervan was dat die status van die monument inderdaad verander het van een wat nasionale besit was, na een wat onder beheer staan van diegene met 'n spesifieke kulturele (Afrikaner-) belang (Grundlingh⁴ 2001:100). Desnieteenstaande het die ANC-regering steeds met befondsing van die monument voortgegaan, al sou die bydraes jaarliks krimp.

In verdere pogings om die monument meer aanvaarbaar te maak, is daar selfs 'n alternatiewe verhaal aan besoekers aangebied en insette hieroor is onder meer van die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAHRA)⁵ aangevra – 'n duidelike poging om meer inklusief te wees en om brûe tussen gemeenskappe te bou. Die alternatiewe verhaal spreek onder meer aspekte soos die Difaqane, gronduitbreiding en konflik aan (Kruger 2010a:1–3).

Die Voortrekkermonument het inderdaad sedert 1994 'n groot omwenteling ondergaan wat onder meer tot 'n toename in internasionale besoekers gelei het. Die klem wat gelê word op die monument as argitektoniese meesterwerk eerder as op die ontstaan en simboliek daarvan, het waarskynlik hiertoe bygedra. Die monument word veel eerder beskou as 'n "erfenis", iets wat klaarblyklik meer aanvaarbaar is as bloot 'n monument (Grundlingh 2001:107–8).

Die genoemde veranderinge was hoogs waarskynlik nie slegs polities gemotiveer nie. Die Voortrekkermonument het ook tussen 1999 en 2003 finansiële ondergang in die gesig gestaar. Dit het waarskynlik die besluit in die hand gewerk om bemaking en kommunikasie te depolitiseer. Nuwe kontekste wat vir alle Suid-Afrikaners aanvaarbaar is, is daargestel en hierna het besoekersgetalle inderdaad weer gestyg (Anoniem 2016:2). Toerisme het al hoe belangriker geword, omdat dit daartoe bygedra het om die koffers van die monument te vul. Die harde werk aan die opskerping van die bemaking van die monument het vrugte afgewerp, nie net deur stygende besoekersgetalle nie, maar ook in die ontvang van verskeie toekennings, onder meer die Golden Arrow-toekenning vir die opwindendste en interessantste erfenisterrein in Gauteng (Geldenhuys 2005:2). Soos hier bo vermeld, hou hierdie verskuiwing verband met die skuif in die Afrikaner se ideologie van republikanisme in die 19de eeu na 'n ideologie van nasionalisme in die 20ste eeu, en 'n verbruikerskultuur sedert die 1970's. Hiervolgens kry ekonomiese ideale voorkeur bo politieke idees (Villet 2012:75). Dit wil derhalwe voorkom asof die strewe na die finansiële onafhanklikheid van die monument hiermee verband hou en dat die strengheid ten opsigte van wat toelaatbaar is in die monument gevolglik verslap is. 'n Verskeidenheid funksies, anders as bloot die volksfeeste van die verlede, word deesdae by die monument, of ten minste op die terrein, aangebied. Hieronder tel musiekkonserte en markte.

Hierdie verskuiwing in betekenis is niks nuuts vir monumente nie. Dit is soortgelyk aan die omskepping van die 10de-eeuse moskee in Còrdoba in 'n Christelike katedraal, asook van die Hagia Sophia-kerk, wat in 360 n.C. in Konstantinopel (vandag Istanbul) gebou is, maar in 1453 'n moskee geword het. Daar was selfs sprake dat die Voortrekkermonument op soortgelyke wyse deur die ANC-regering heropgedra ("rededicated") kon word (Maré 2002:19) om dit meer aanvaarbaar vir 'n groter gedeelte van die samelewing, nasionaal en internasionaal, te maak. Die monument se beheerliggaam het egter seker gemaak dat hulle steeds in beheer bly en het self die nodige aanpassings gemaak. Die oprig van Vryheidspark op 'n nabygeleë koppie het nietemin die sogenaamde ander kant van die geskiedenis daargestel.

Die Voortrekkermonument-maatskappy probeer steeds om die monument as 'n belangrike deel van die erfenisbesit van Suid-Afrika te vestig. In hierdie verband word klem gelê op die monument as erfenis en iets wat 'n brug verskaf tussen die verlede, die hede en die toekoms, maar ook tussen verskillende gemeenskappe – 'n ware toekomsgerigte erfenisinstantie. Die alternatiewe verhaal, wat deesdae deur gidse by die monument oorgedra word, bevat verskeie voorbeelde van hoe die Voortrekkermonument aanpassings gemaak het om meer inklusief te

wees en ander kultuurgroepe te betrek (Kruger 2010a:1–3). Dit is ’n uiters belangrike ideologiese skuif, ’n gedagte wat hier onder weer aangeraak sal word.

Parallel hiermee is die gedagte agter die verandering in die benaming van Geloftedag na Versoeningsdag. Verskeie aktiwiteite wat by die Voortrekkermonument aangebied word, het sedertdien, met wisselende sukses, veel eerder die klem op versoening as op Afrikanernasionalisme probeer plaas (Grundlingh 2001:101–2).

Dit is egter steeds moeilik vir die monument om volkome onafhanklik van sy wortels te staan. So het die toenemende persepsie dat die Afrikaner se erfenisgoedere bedreig word, daartoe gelei dat druk op die monument se bestuur uitgeoefen is om by die bewaring van andere terreine betrokke te raak. Dit lei tot die daarstel van die Erfenisstigting in 2002 as afsonderlike Artikel 21-maatskappy (Anoniem 2010:11). Die effek hiervan word later onder die loep geneem.

8. Nasionale erfenishulpbron

’n Uitvloeisel van die veranderende interpretasie was dat die Voortrekkermonument in 2011 tot ’n nasionale erfenisterrein verklaar is. Dit toon die sukses wat behaal is om dit meer aanvaarbaar te maak. Dit is inderdaad insiggewend om daarop te let dat in die “Verklaring van belang” van die monument daar bloot melding daarvan gemaak word dat die monument opgerig is om die Voortrekkers te gedenk, dat dit op ’n gebeurtenis fokus (die Slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838) wat die gang van die geskiedenis verander het, dat dit ’n herinnering is aan die ontwaking van Afrikanernasionalisme, en dat dit ’n onteenseglike effek op die ontwikkeling van die nuwe Suid-Afrikaanse demokrasie⁶ gehad het. Voorts word die argitektoniese meriete daarvan ook beklemtoon (RSA 2011:6). Geen melding word spesifiek van die simboliese betekenis daarvan gemaak nie – waarskynlik ’n baie duidelike boodskap dat die klem nie meer daarop val nie. Nietemin word hierdie simboliek geïmpliseer deurdat daar na die “ontwaking van Afrikanernasionalisme” verwys word (RSA 2011:6).

Die verklaring van die monument tot nasionale erfenishulpbron beteken inderdaad dat dit amptelike erkenning geniet en as ’n erfenis van nasionale belang beskou word. Weer eens dui dit daarop dat die bestuur van die monument suksesvol was in hulle pogings om die simbolies-ideologiese beeld daarvan te verander – van een gekoppel aan apartheid na een van nasionale versoening. Laasgenoemde is ’n gedagte wat gereeld deur amptenare van die monument (en Erfenisstigting) in kommunikasie met die media gebruik word (vgl. bv. Ley 2015:18–9).

Die presiese betekenis van die verklaring van erfenisterreine word dikwels misverstaan. In hierdie geval sluit die verklaring die onmiddellike 15 hektaar rondom die monument in (RSA 2011:6). Die terrein is egter veel groter en die verklaring sluit dus alles buite die 15 hektaar uit. Tog is dit interessant dat daar geen kaart opgestel is om aan te dui presies waar die grens van hierdie 15 hektaar loop nie (sien figuur 3). Hierdie aspek is van kardinale belang, aangesien dit juis veronderstel is om die manifestering van die kulturele belang van die monument daar te stel. Daarsonder kan daar maklik aktiwiteite op die verklaarde kerngebied plaasvind wat uiteindelik negatief op die bepaling van kulturele belang kan inwerk.

Ander aspekte moet in samehang hiermee in ag geneem word. Een van die heel belangrikste hiervan, omdat dit hier oor 'n monument gaan – iets wat simboliese betekenis het – is die fisiese aansigte daarnatoe wat juis tot die verklaring aanleiding gegee het (figuur 4). Hiermee saam hang ook die beklemtoning en bewaring van die simboliek. Die argitektoniese meriete van die monument is pertinent vermeld in die verklaring van die terrein, terwyl die vermelding van die herdenking wat dit aan die historiese gebeure van die Groot Trek verleen, sterk gekoppel word aan die simboliek van Afrikanernasionalisme (RSA 2011:6).

Daar moet dus altyd wyer gekyk word. So het die Voortrekkermonument-bestuur self in hulle motivering vir die verklaring aandag gegee aan die uitgebreide stelling van belang (Statement of significance) van die monument. In hierdie dokument word onder meer strukture soos die klipstapel van 1938, die amfiteater, die voorstelling van trekroetes oos van die monument en replikas van Zoeloe hutte vermeld. Aandag word ook aan die nietasbare erfenis verleen met die vermelding van die Simboliese Ossewatrek van 1938 en die gebeure tydens die hoeksteenlegging van die monument (Kruger 2006; Kruger 2010b:1–7). Dit is gevolglik duidelik dat die groter geheel in ag geneem moet word.



Figuur 3. Kaart van die Voortrekkermonument-terrein. Die linkerkantse gedeelte in rooi belyn behoort aan die Voortrekkermonument-maatskappy, maar is groter as 15 hektaar. Dit bestaan uit twee subgedeeltes, albei groter as 15 hektaar. Die eerste is gedeelte 12, 13 en 24 van die plaas Groenkloof 358 JR en huisves die monument, amfiteater en ander historiese strukture. Die tweede is gedeelte 9 van die plaas Groenkloof 358 JR en huisves Fort Schanskop. Ander gebiede behoort aan die Departement Openbare Werke en die Stad Tshwane (Stad Tshwane, Departement Stadsbeplanning en Ontwikkeling).



Figuur 4. Die Voortrekkermonument. Die foto is geneem om spesifiek 'n onbelemmerde aansig tot die monument te wys. (Foto: A.C. van Vollenhoven)

9. Bepaling van kulturele erfenisbelang

Om bostaande beter te begryp, is dit nodig dat daar kortliks stilgestaan word by die bepaling van die begrip *erfenisbelang*. Dit is standaardpraktyk dat wanneer die kulturele of erfenisbelang van 'n voorwerp of terrein bepaal word, daar 'n vasgestelde stel reëls is wat in aanmerking geneem moet word. Hierdie evaluasie word op grond van die volgende kriteria gedoen:

- die unieke aard van 'n terrein
- die integriteit van die argeologiese afsetting
- die breër historiese, argeologiese en geografiese konteks van die terrein
- die ligging van die terrein in verhouding tot ander soortgelyke terreine of verskynsels
- die diepte van die argeologiese afsetting
- die toestand van preserving van die terrein

- die uniekheid van die terrein
- die potensiaal van die terrein om huidige navorsingsvrae te beantwoord. (RSA 1999:14)

'n Terrein hoef aan slegs een van hierdie kriteria te voldoen om as belangrik geag te word. Die kriteria is saamgestel uit internasionale konvensies insake erfenis (bv. die Burra- en Venesiese protokolle) en word in die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999), soos volg opgesom:

- Hulpbronne wat belangrik is in die verloop van belangrike gebeure in Suid-Afrikaanse geskiedenis
- Hulpbronne wat 'n rare of bedreigde aspek van Suid-Afrika se natuurlike of kulturele erfenis reflekteer
- Terreine wat die potensiaal het om belangrike inligting vir die verstaan van Suid-Afrika se natuurlike of kulturele erfenis te bevat
- Terreine wat belangrik is omdat dit oor belangrike kenmerke van die natuurlike of kulturele omgewing of voorwerpe van 'n spesifieke groep in Suid-Afrika beskik
- Terreine wat belangrik is omdat dit kenmerke besit wat vir 'n spesifieke gemeenskap of kultuurgroep van estetiese belang is
- Terreine wat 'n hoë graad van kreatiewe of tegnologiese vaardigheid van 'n spesifieke periode aandui
- Hulpbronne wat sterk sosiale, kulturele of religieuse bande vir 'n spesifieke gemeenskap inhou
- Terreine wat verband hou met die werk en lewe van 'n belangrike persoon, groep of organisasie in die geskiedenis van Suid-Afrika
- Terreine wat verband hou met die geskiedenis van slawerny in Suid-Afrika. (RSA 1999:14)

Die kulturele belang van 'n terrein word ingevolge die bostaande bepaal. *Kulturele belang* is 'n kernbegrip in die bepaling van erfenisbelang en die volgende aspekte word gebruik om dit vas te stel:

- kulturele waarde
- sosiale waarde
- historiese waarde
- wetenskaplike waarde
- estetiese waarde. (ICOMOS 1964; ICOMOS 2013:2; Kerr 1985:8)

By kulturele waarde gaan dit oor die waarde wat 'n plek of voorwerp vir die gemeenskap of 'n gedeelte daarvan het. Kulturele waarde is hoofsaaklik op die ander vier waardes gebaseer. Dit is vervat in die plek self, met ander woorde die materiaal waarvan dit gemaak is, die konteks, gebruik, assosiasies, betekenisse, rekords ens. (ICOMOS 2013:2). In die geval van monumente word hierdie waarde dikwels per definisie daaraan toegeken omdat dit amptelik as erfenis verklaar word (Marschall 2005:31).

Sosiale waarde het te make met die geestelike, politieke, nasionale of ander kulturele sentiment wat met 'n plek of voorwerp verbind word. Die waarde kan deur 'n meerderheids- of minderheidsgroep daargestel word. Dit word beïnvloed deur die bekendheid van die

terrein, die toestand daarvan of die wetenskaplike waarde daarvan. Sosiale waarde word dikwels as die belangrikste van die waardes beskou (Van Vollenhoven 2003:42–3).

Historiese waarde hou verband met die plek se bydrae tot kennis. Die toestand daarvan speel 'n belangrike rol, en vrae wat beantwoord moet word, is of dit 'n tipiese voorbeeld van 'n spesifieke tydperk of styl is en of dit moontlik uniek is. 'n Verdere aspek wat belang bevorder, is of dit met 'n bepaalde belangrike persoon verbind kan word. Hierdie waarde word gewoonlik verhoog indien 'n plek of voorwerp 'n lang kontekstuele geskiedenis en outentiekheid het (Van Vollenhoven 2003:27).

By wetenskaplike waarde gaan dit oor die potensiaal van 'n plek om kennis te verskaf. Dit hou gevolglik verband met rariteit, kwaliteit en verteenwoordigendheid (Van Vollenhoven 1998:41; Van Vollenhoven 2003:27).

Estetiese waarde het te make met skoonheid in ontwerp, atmosfeer en assosiasies. Dit sluit ontwerp, styl, artistieke ontwikkeling en vlak van vaardigheid in. Dit is duidelik van groot belang wanneer daar met geboue gewerk word en word gevolglik ook soms *argitektoniese waarde* genoem (Van Vollenhoven 1998:41; Van Vollenhoven 2003:27).

Uit die bostaande is dit duidelik dat die bepaling van erfenisbelang 'n komplekse taak is. Dit is voorts duidelik dat daar baie aspekte is wat in gedagte gehou moet word en dat hierdie aspekte voortdurend nagegaan moet word om te verseker dat die kulturele integriteit van die erfenisterrein in stand gehou word.

10. Dekontekstualisering van die Voortrekkermonument

Die voorgaande beklemtoon dat die totale konteks van 'n kultuurhulpbron daaraan betekenis gee. In die geval van die Voortrekkermonument is dit duidelik dat die argitektoniese elemente 'n kardinale rol gespeel het in die verklaring daarvan tot nasionale erfenisterrein en dat dit ook van groot belang was in die beplanning vir die bou daarvan. Verwant hieraan is die fisiese aansigte, oftewel die sigbare beeld van die monument as gebou. Enigiets wat belemmerend hierop inwerk, sal noodwendig hierdie aspek benadeel. Gevolglik is dit van die uiterste belang dat geen aksie wat dit benadeel, toegelaat word nie.

In effek beteken dit dat enigiets wat binne die verklaarde gebied gebeur wat van permanente aard is en wat die fisiese gesteldheid van die terrein verander, eers deur SAHRA goedgekeur moet word. Dit kan egter maklik vergeet word dat ook enigiets wat buite die 15 hektaar-radius gebeur en van permanente aard is of die fisiese gesteldheid van die terrein verander, waarskynlik 'n effek op hierdie aansig kan hê en gevolglik ook onderhewig is aan goedkeuring deur SAHRA.

Dit bring die Erfenisstigting ter sprake, wat oor die afgelope aantal jare verskeie strukture, standbeelde en gedenktekens op die terrein van die Voortrekkermonument opgerig het. Hoewel die Voortrekkermonument en die Erfenisstigting twee afsonderlike maatskappye is, deel hierdie instansies verskeie hulpbronne, waarvan die belangrikste sekerlik die terrein is waar die Erfenissentrum in 2008 ook neffens die monument opgerig is. Selfs hierdie aspek het 'n invloed op die moontlike persepsies van die Voortrekkermonument, omdat dit in

sommige gevalle nie voor die hand liggend is om die gedagte van versoening en nasiebou met dié van alle Afrikanererfenisse in verband te bring nie. Dit kan gevolglik maklik vertolk word as synde in stryd daarmee.

Die oorig van die genoemde strukture kan moontlik daartoe lei dat die erfenisstatus van die monument in gedrang kom. Hier is twee sake ter sprake. Eerstens is daar die blote oorig van strukture wat vir sommige esteties onaanvaarbaar mag wees, of wat die aansig tot die monument belemmer en gevolglik 'n negatiewe effek daarop en die daaruit voortspruitende erfenisbelang daarvan het. Dit sluit selfs die moontlikheid in dat besoekers nie heel eerste deur die grootsheid van die monument getref word wanneer hulle op die terrein aankom nie. Die oorspronklike gedagte met die monument was juis 'n "majestueuse monument bo-op 'n koppie waar dit onmiddellik die aandag van die toeskouer sou vang en hou" (Duffey 2006:27–8). Besoekers se eerste indruk is moontlik nie meer die monument nie, maar die ander nieverbandhoudende strukture.

Tweedens strook die boodskap van sommige van die strukture wat opgerig is, waarskynlik nie met die boodskap van die monument nie. Die tweede saak is veel ernstiger, omdat dit op subtile wyse tot die dekontekstualisering van die monument kan lei en gevolglik die nuwe beeld daarvan kan aantast. Enigiets wat nie bydra tot die nuwe interpretasie nie, sou hieronder kon ressorteer.

11. Bevindings

In die bostaande is aangedui dat die simboliese waarde van die Voortrekkermonument twee uitinge het. Eerstens is dit 'n simbool van die Afrikaner se strewe na vryheid en tweedens is dit 'n simbool van versoening. Hierdie twee interpretasies kan soms as moeilik versoenbaar beskou word, en hoewel dit nie noodwendig waar is nie, kan daar juis daarom nie toegelaat word dat toevoegings tot die terrein gemaak word wat moontlik hierdie tweeledige boodskap weerspreek nie. Dit is veral belangrik – en is as sodanig in 2014 deur 'n SAHRA-amptenaar vermeld – dat die aanhoudende plasing van ander monumente en gedenktekens in 'n gebied te naby aan die Voortrekkermonument die fokus daarvan wegneem en dus op die lange duur 'n negatiewe uitwerking op die kulturele belang daarvan sal hê (Sipoyo 2014).

Die genoemde debat rakende standbeelde en die moontlike verskuiwing daarvan het die vraag laat ontstaan of die Voortrekkermonument-terrein nie dalk die aangewese plek vir standbeelde met 'n definitiewe Afrikanerbelang sou wees nie. In die lig van die bostaande is die antwoord feitlik onomwonde ontkennend, want as dit die kulturele belang van die grootste van alle Afrikanermonumente gaan bedreig, kan dit nie toegelaat word nie. (Die woord *feitlik* word met voorbedagte rade gebruik, want dit sou onder sekere omstandighede wel moontlik wees om standbeelde en gedenktekens na die groter terrein te bring, maar slegs na deeglike besinning oor die posisionering daarvan en die moontlike invloed daarvan op die simboliese dekontekstualisering van die monument.)

In effek beteken dit dat die konteks van die Voortrekkermonument deeglik in ag geneem moet word by die plasing van ander strukture en gedenktekens aldaar. Een moontlikheid sou wees om 'n definitiewe buffersones te skep, wat ongetwyfeld daartoe sal bydra dat die monument se betekenis nie afgewater word nie. Daar sou selfs verskillende sones geskep kon

word sodat daar al hoe verder van die kerngebied beweeg kan word in die plasing van die genoemde strukture. Aspekte wat 'n direkte verband met die monument het, kan in die eerste sone, die naaste daaraan, geplaas word. Strukture met 'n minder direkte skakel kan in die volgende sone geplaas word, en so aan tot die laaste sone, die verste van die monument af, waar Afrikanergedenktekens met 'n uiters geringe of selfs geen skakel met die monument nie, geplaas kan word. Die presiese afbakening van hierdie sones is 'n saak van dringende belang sodat 'n beleid daargestel kan word waarvolgens toekomstige ontwikkelinge kan geskied. Dit sou gewis minder aanvegbaar wees as die huidige tendens van die oënskynlik lukrake plasing van strukture.

Die Voortrekkermonument se direksie het self die monument 'n toekomsgerigte erfenisinstansie genoem. Die plasing van ander strukture, soos hier bo aangedui, laat egter ernstige bedenkinge daaroor ontstaan. Sommige hiervan mag moontlik aanvaarbaar wees, maar hiervoor is dit nodig dat daar opnuut na die geheel gekyk moet word. Iets wat onder meer wel die wenkbroue laat lig, is die gedenktekens van onder andere instansies van die voormalige Suid-Afrikaanse Weermag (SAW). Dit skep 'n eensydige militêre beeld en gee die indruk dat ander aspekte van die Afrikanergeskiedenis afgeskeep word. Daar is reeds ander plekke waar die ou SAW erkenning kry, onder meer by die Johannesburgse Oorlogsmuseum en die Lugmagmuseum. Belangriker nog is dat dit juis hierdie gedenktekens is wat gewis nie in alle opsigte 'n boodskap van versoening en nasiebou oordra nie en wat in elk geval nie noodwendig slegs Afrikanergerig is nie. Hierdeur word 'n ideologiese dilemma geskep wat nie maklik verduidelik of negeer kan word nie en wat die harde werk om die toekoms en konstruktiewe betekenis van die monument te verseker, tot niet maak.

Voorts is die onderskeid tussen die Erfenisstigting en Voortrekkermonument dikwels onduidelik. Benewens die feit dat dieselfde persoon tans as besturende direkteur van beide optree, wil dit voorkom asof, afgesien van die terrein waar al twee geboue voorkom, ook ander hulpbronne gedeel word. Hierdie ineengevlegte situasie kan moontlik die persepsie daarstel dat die monument eerder op die bewaring van Afrikanererfenisse as op die gedagte van versoening en nasiebou ingestel is.

Dit is allermens die gedagte om koud te staan teenoor Afrikanermonumente en – gedenktekens, maar dit het tyd geword dat daar minder emosioneel hiermee te werk gegaan word. Daar kan nie toegelaat word dat die dekontekstualisering van die Voortrekkermonument voortgaan, nadat daar soveel moeite gedoen is om die beeld daarvan meer aanvaarbaar te maak nie. Dit mag nie ongedaan gemaak word deur die voortgesette ondeurdragte plasing van ander gedenktekens en standbeelde wat oënskynlik hierdie beeld aftakel nie. Nie alleen sou dit die nuwe interpretasie van die Voortrekkermonument skaad nie, maar dit sou daartoe kon lei dat die monument sy status as nasionale erfenisterrein kan verloor.

Onlangse besluite by die monument blyk meer in ooreenstemming te wees met dít wat in hierdie artikel bepleit word. Gebeure van die afgelope aantal jare het daartoe gelei dat 'n nuwe beleid oor die plasing van beelde en ander strukture by die monument daargestel is. Na aanleiding van die onsuksesvolle poging om ook die Troepiemonument vanaf Fort Klapperkop na die terrein van die Voortrekkermonument te verskuif, asook die kritiek wat daarmee gepaard gegaan het, het die direksie van die Erfenisstigting en Voortrekkermonument-maatskappy, herbesin. Die vakkundige komitee het 'n beleidstuk opgestel wat deur die direksie aanvaar is en waarvolgens hierdie gebruik om allerlei ander

strukture op die terrein op te rig, gestaak word. In hierdie stadium sluit die besluit die moontlike verskuiwing van dit wat oor die afgelope aantal jare opgerig is, uit (Van Wyk 2017).

Hierdie beleid is sedert Januarie 2015 in werking. Die dokument stel beginsels daar vir die plasing van ander strukture op die terrein van die Voortrekkermonument, maar dit skiet te kort aan praktiese riglyne (Voortrekkermonument 2015). Hieronder tel die afbakening van verskillende sones of gebiede, gekoppel aan spesifieke gebeure of tydperke, soos hier bo voorgestel. Nietemin is dit 'n stap in die regte rigting. Die beleidstuk kan in die afsienbare toekoms bygewerk word om hierdie leemtes aan te spreek en kan ook die meriete aanspreek om strukture wat reeds opgerig is, te evalueer en moontlik te verskuif. Hierdie verskuiwing kan fisies wees, maar daar is ook ander maniere, soos om dit simbolies te verskuif. Dit is 'n nuwe debat, maar in kort kom dit daarop neer dat dit deur die aanbod van inligting aan besoekers aangespreek word. Op hierdie wyse kan die kulturele integriteit van die Voortrekkermonument en die terrein herstel word.

Bibliografie

Anoniem. 1949. *Inwyding van die Voortrekkermonument. Amptelike program en gedenkboek*. Johannesburg: Voortrekkerpers Beperk.

—. 1950. Historiese rekord van die opening van die Voortrekkermonument. Johannesburg.

—. 2005. VTM gidse ontvang akkreditasie. *Vryheid Herald*, 4 Maart, bl. 7.

—. 2010. Die Voortrekkermonument as simbool: waarvandaan en waarheen? Ongepubliseerde dokument, Die Erfenisstigting.

—. 2016. Die Erfenisstigting se betrokkenheid by Groot Trek-verwante erfenishulpbronne, Die Erfenisstigting. <http://es.org.za/wp-content/uploads/2016/01/2016.01.21-ES-en-Stand-van-Groot-Trek-verwante-erfenishulpbronne.pdf> (28 Desember 2016 geraadpleeg).

Burden, M. 2000. Die metodologie van Kultuurgeskiedenis. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 14(2):13–30.

Burden, M. en E. Ekermans. 2001. 'n Klassifikasiestelsel vir Kultuurgeskiedenis. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 15(2):21–40.

Chance, K. 2005. Monumental effort. *The Property Magazine*, Oktober, bl. 44.

Duffey, A. 2006. 'n Egte lugkasteel: Moerdijk, Van Wouw en die Voortrekkermonument. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 20(2):22–41.

Ferreira, O.J.O. 1970. Die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

- . 1975. *'n Volk se hulde: die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee*. Johannesburg: Perskor.
- . 1997. Kultuurgeskiedenis by 'n kruispad. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 11(2):116–26.
- Geldenhuys, H. 2005. A long trek to one prize. *Sunday Times*, 6 November, bl. 2.
- Grobler, J. 2001. *Ontdek die Voortrekkermonument*. Pretoria: Grourie Entrepreneurs.
- Grundlingh, A. 2001. A cultural conundrum. Old monuments and new regimes: The Voortrekker Monument as symbol of Afrikaner power in postapartheid South Africa. *Radical History Review*, 81:95–112.
- Heymans, R. 1986. *Voortrekkermonument Pretoria*. Pretoria: Business Print Centre.
- ICOMOS. 1964. *International charter for the conservation and restoration of monuments and sites (the Venice charter)*. Venesië: ICOMOS.
- . 2013. *The Burra charter: The Australia ICOMOS charter for places of cultural significance*. Burra: ICOMOS.
- Jansen, E.G. 1949. 'n Ideaal verwesenlik. In Anoniem 1949.
- Kerr, J.S. 1985. *The conservation plan. A guide to the preparation of conservation plans for places of European cultural significance*. Sydney: ICOMOS.
- Koekemoer, J. 2007. Die Voortrekkermonument – simbool van beskerming. *Die Afrikaner*, 24 Junie, bl. 7.
- Kruger, C. 2006. Die Voortrekkermonument, Pretoria, terreinnominasievorm. 18 Julie.
- . 2010a. Concept document for input from SAHRA, Voortrekker Monument narrative. Ongepubliseerde dokument, Die Voortrekkermonument.
- . 2010b. Graderingsbrief (Voortrekkermonument-aansoek). Brief van senior bestuurder erfenisbewaring aan C. Muller, graderingskomitee SAHRA, 4 Februarie, ble. 1–7.
- Ley, M. 2015. Monument nou die hele land s'n. *Beeld*, 21 Februarie, ble. 18–9.
- Maré, E. 2002. The aesthetics of ideology: the vicissitudes of monuments. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 16(2):15–24.
- Marschall, S. 2005. Forging national identity: institutionalising foundation myths through monuments. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 19(1):18–35.
- Meyer, A. 1995. Argeologie en kultuurhulpbronbestuur: 'n Voorgestelde paradigma vir kultuurhulpbronbestuur. In Van den Bos en Moolman (reds.) 1995.

- Moerdyk, G. 1949. Die Voortrekkermonument. In Anoniem 1949.
- Nessman, R. 2003. Breaking out of the stone laager. *The Star*, 8 Mei, bl. 19.
- RSA (Republiek van Suid-Afrika). 1999. *Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet nr. 25 van 1999)*. Kaapstad: Die Staatsdrukker.
- . 2011. Declaration of the “Voortrekker Monument”, farm Groenkloof, situated on certain portions of portion 12, 13 and 24/R of farm 358-JR, Pretoria as a National Heritage Site. *Die Staatskoerant*, 8 Julie, ble. 6–9.
- Sipoyo, G. 2014. SAHRA-amptenaar, persoonlike kommunikasie, 6 Desember.
- Swart, M.J. e.a. (redaksiekomitee). 1989. *Afrikanerbakens*. Aucklandpark: Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge.
- Unsworth, A. 1996. Tokyo’s groot trek. *Sunday Times*, 15 Desember.
- Van den Bos, J. en M. Moolman (reds.). 1995. *Metodologie in navorsing*. Sunnyside: Transvaal Streektak (SAVK).
- Van der Westhuizen, G. 1991. Geloftedag se ander kant. *Beeld*, 14 Desember, bl. 11.
- Van Vollenhoven, A.C. 1998. Kultuurhulpbronbestuur (KHB) binne die funksionele konteks van museums in Suid-Afrika. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- . 2000. ’n Voorgestelde paradigma vir navorsing op histories-argeologiese erfenishulpbronterreine in Suid-Afrika aan die hand van gevallestudies in Noordelike Gauteng. Ongepubliseerde DPhil-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- . 2003. Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 17(2):23–45.
- . 2015. Dealing with statues, monuments and memorials in South Africa – a heritage based response to current controversies. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 29(1):7–21.
- . 2016. *Erfenisriglyne. ’n Praktiese gids vir alledaagse gebruik*. Pretoria: V&R Drukkery.
- Van Wyk, W.C. 2017. Voorsitter van die Direksie van die Erfenisstigting en Voortrekkermonument-maatskappy. Persoonlike onderhoud op 10 Mei.
- Villet, C. 2012. Loftus as Afrikaner heterotopia: The life world of rugbymentality. *Image & Text*, 19:64–79.
- Voortrekkermonument. 2015. Voortrekkermonument Erfenisterrein beleid vir die insamel en bestuur van beeldhouwerke, grafstene en ander gedenkstrukture op die VTM Erfenisterrein.
- Voortrekkermonument Argief. 2002. Mediaverklaring, 2 Februarie.

Eindnotas

¹ Hierdie artikel het nie ten doel om die begrip *Afrikaner* te definieer nie, maar die bedoeling met die term sou ten minste wees om nasate van die Voortrekkers, asook diegene wat hulle met die strewe van die Voortrekkers assosieer, in te sluit.

² Die woord *betekenis* dui enersyds op die intrinsieke betekenis van monumente, maar andersyds sinspeel dit in hierdie artikel ook op verskillende persepsies en interpretasies van die Voortrekkermonument.

³ International Council on Monuments and Sites.

⁴ Grundlingh dui aan dat dit “volksbesit” was, maar in sy verduideliking is dit duidelik dat hy “nasionale besit” bedoel. Die probleem is natuurlik dat “volksbesit” en “nasionale besit” ten tye van die oprig van die monument waarskynlik sinonieme was, maar vandag nie meer is nie. Daar sou tereg vandag aangedui kon word dat die monument nou volksbesit is, maar nie meer nasionale besit nie.

⁵ Die Afrikaanse akroniem is eintlik SAEHA, maar omdat SAHRA maklik op die tong val, word dit algemeen gebruik.

⁶ Met die woorde “dat dit ’n onteenseglike effek op die ontwikkeling van die nuwe Suid-Afrikaanse demokrasie gehad het”, word waarskynlik verwys na die versoenende rol wat die bestuur van die monument in die jare sedert 1994 gespeel het. Dit sinspeel op samewerking met ander groepe, versoening en nasiebou, asook uitreiking en die aanbied van hulp met betrekking tot die bewaring van ander groepe se kultuurgoedere.

Om wêrelde te verbeel(d): tekstuele relasionaliteit in *Wonderboom* (Lien Botha)

Adéle Nel

Adéle Nel, Vakgroep Afrikaans en Nederlands, Noordwes-Universiteit (Vaaltriehoekskampus)

Opsomming

In hierdie artikel word ondersoek ingestel na die verhouding tussen visuele tekste en die geskrewe teks, asook die wêrelde in beeld en wêrelde in woord in Lien Botha se roman *Wonderboom* (2015). Lara-Rallo (2009) se opvatting dat teks en teks, dus beeldteks en woordteks, as spieël en teks funksioneer, dui op tekstuele relasionaliteit en dit is die fokus van my ondersoek. Die foto's wat in die roman as deel van die teks aangebied word, kan gesien word as 'n koppelvlak met die res van Botha se oeuvre, gevolglik word ook Botha se visuele oeuvre in die ondersoek betrek. Aan die begin van elke hoofstuk in die boek is daar boonop 'n foto van 'n konstruksie/collage wat as visuele inleiding dien, maar wat terselfdertyd in die roman as ontbindende beeldsekwensie toegepas word. Die collage wat deurlopend deel vorm van die literêre teks, bestaan uit 'n versameling van verskillende fragmente; beelde van verafgeleë of vergane wêrelde wat ook "gelees" kan word as fragmente van die geheue (ou beelde) wat sy toe-eien in die hede, dus wêrelde *in* wêrelde. Die visuele vergestaltung van hierdie wêrelde word aangebied as verdwene (letterlik) van die een na die volgende, asof dit in die hede verskyn én verdwyn. Daarby is die plekke van die verlede wat in die roman (her)besoek word, nie langer werklik nie, maar per definisie verbeel. Dit kan dus bestempel word as *verbeelde wêrelde*. Die problematiek van geheue, hetsy om te onthou en/of te vergeet, is nie slegs deurgaans 'n integrale deel van *Wonderboom* se verhaal nie, maar dit is ook (saam met die reisgegewe) die kern waarom die gebeure in die verhaal ontvou. Verbeelding en geheue hou, naas tydsbeleving, met nostalgie verband. Die onmoontlikheid om na die tuiste as beginpunt van die self terug te keer, wat nostalgie definieer, bied gevolglik een interpretasiemoontlikheid vir die oop slot van die verhaal.

Trefwoorde: Botha, Lien; collage; geheue; geskrewe teks; tekstuele relasionaliteit; verbeelding; visuele tekste; wêrelde; *Wonderboom*

Abstract

Imaging and imagining worlds: textual relationality in *Wonderboom* by Lien Botha

In her felicitously titled article “Pictures worth a thousand words: metaphorical images of textual interdependence” (2009), Carmen Lara-Rollo draws attention to the renewed sense of interest in the interface between image and word. This image/word or visual/verbal connection is indicative of textual relationality. In the introduction of *The future of text and image* (2012) the compilers Amihay and Walsh stress the importance of investigations regarding the interplay between the visual and the textual in literature, which they regard as a discipline that is fast gaining its independence. In the afterword, Hirsch (2012) suggests a possible strategy where the relationship between image and word is concerned, namely a combined reading/viewing, causing a “close encounter of the third kind” which is inherently hybrid and divided, and yet is simultaneously suggestive of “relationality, connectivity and contrapuntally”.

It is these preceding insights that serve as the premise that guides the objective of this article, which is to investigate the relationship between the visual text and written text, in addition to worlds-in-words and worlds-in-image, in Lien Botha’s acclaimed novel *Wonderboom* (2015). Lara-Rallo postulates the function of text and text (or image-text and word-text) as that of *mirror* and text, a clear indication of textual relationality – and the focus of this investigation. In an interview with Naomi Meyer (2015) Botha explains the textual relationality of word and image in her novel: “I suppose *Wonderboom* is what I have always been working towards, but I only see it now. The image and text have only just dovetailed.”

The photos in the novel, presented as part of the text can be considered an interface with Botha’s overall oeuvre, as they featured in her previous solo exhibitions. As a result, Botha’s visual oeuvre is also considered for the purpose of this investigation. It should also be noted that as a fine-art photographer, Botha tells visual stories with the images she captures. Consequently, the images included in *Wonderboom* should not be seen as mere “illustration” of the word-text, but as an integral component of the story. Botha tells the story through words, through text, and the confluence of these two aspects.

Important insights for the reading of the novel can be gleaned from Botha’s artistic views, which relate to surrealist photography. According to Jamal (2002:2) her artistic views do not derive from surrealism as such, but instead resonate with the feeling of discontentment and unrest (which is apparent in the work of, for example, Giorgio de Chirica and Max Ernst). In the *Yonder* exhibition (2014) the pieces are clearly the result of the unresolved tension that stems from the difficulty of making sense of environments scarred by loss, faded memories and the brevity of life. Botha’s rapport with surrealism also permeates the written text. The protagonist, Magriet de Vos, experiences her surrounding world as discomfiting and out of kilter (214). The novel sketches a post-revolutionary wasteland, an economic and social apocalypse. For Magriet, the sense of malaise is established by dystopia and catastrophe, resulting from the loss of a once trusted and meaningful world. The chaos of Magriet’s world causes her defence against anomia, against the terror of meaninglessness, to collapse. This collapse indicates the problem of ontological security, a central theme of the novel. The deterioration of Magriet’s ontological certainty can be ascribed to the desolation of her physical and social surroundings. The ruined structures in her surroundings (literally ruined and dangerous spaces, and the complete disintegration of socially constructed frameworks),

the encroaching threat of her amnesia, in addition to her meaningless existence, cause the collapse of a once meaningful framework.

This story is told visually. The beginning of every chapter contains a photo of a construction/collage serving as an introduction to the chapter, but more importantly functioning as leitmotif for the theme of absence and loss. In the notes at the end of the novel, Botha refers to the so-called “image sequence” of British photographer Eadweard Muybridge (1830–1904). In the novel she applies this image sequence to the collage in *Wonderboom*, which serves a similar function, namely that of a disintegrating image sequence (224). This reference sends the reader to the oeuvre of Muybridge for him or her to follow the possible influence of precursory texts. Muybridge is famous for his pioneering work with photographic studies of motion: he designed series of photographs which aim to “write” *motion* visually – to encode movement in language.

The collage can further be described as a collage of contradictions (220). It consists of a collection of fragments, presented in the novel as a photo-in-sepia, which consequently creates a link to a bygone era. The collection of images incorporates natural objects from the plant and animal kingdoms, fragments of these natural objects as remains of once living creatures, or depictions of the actual object, like a dead crab, a stuffed lion, and animal skeletons. The collage also includes cultural artefacts – photos, maps, and books – as a testament to the creativity of the human spirit. This collection of images from which the collage is constructed, fragments of things that once had meaning (Botha 2014), are of distant, bygone worlds, images that can be “read” as fragments of memory (old images), which she attempts to reclaim in the present, therefore creating worlds within worlds. These fragments can also be read as a private account of the world of the artist – fragments removed from their original context and rearranged into a new construction or collage, to create *new* contexts and new relationships. A continuation of this theme is that Botha’s collection of images can also be read as a way to gather the/a world, or to *image/imagine* the/a world. This theme of collecting images to construct worlds illustrates that these images are a visual reflection of the human dependence on images to construct and experience our own world and reality.

The visual manifestation of these worlds is presented as lost (in the literal sense) from one to the next, as if it appears and disappears in the present. In addition, the places of the past which are (re)visited in the novel are no longer real, but are by definition imagined, and can therefore be described as *imaged/imagined* worlds. In the final depiction, the collage is completely empty, an image representative of Magriet’s reality in the first paragraph of the wordtext: But there is nothing (11). At the end of the novel, this “nothing” is visually told/depicted: the completeness of presence in the construction at the beginning has literally disintegrated into absence (only a few leaves remain visible). The process of disintegration and accompanying loss of worlds of an idyllic existence is crucial to the novel. Lara-Rallo’s notion (2009) that text and text (image-text and word-text) function as a mirror and text is clearly illustrated in the novel.

An important aspect that Botha emphasises in the visual works, but especially in the novel, is the interface between loss and memory. The issue of memory, whether to remember and/or to forget, is an integral part of the story throughout the novel, and (in combination with journey as theme) is the centre around which the events in the story unfold, as Magriet retraces the steps of the years one last time (67). In the novel, memory is visualised: the convolution of

memory and imagination in relation to images (the visual) is a central aspect in Botha's work. The disappearing image sequence in the novel can be associated with the role of imagination and memory (the past), and is apparent from specific incidents of the plot, which are emphasised in this article.

Over the course of the novel Magriet undertakes a physical journey northwards, from the present, to the future. Simultaneously, it is a spiritual journey to the imagined world(s) of the past. In order to see old images, fragments and memories in the present, she must look back while she moves forward. In other words, the journey determines her experience of time. Imagination and memory, in addition to temporal experience, are related to nostalgia. Nostalgia, the absolute impossibility to return "home", where home is the genesis of the self, provides one possible interpretation for the open ending of the story.

The conclusion of this investigation is that Botha's unique novel forces the reader to employ a combined reading/viewing, to look at images in the novel, but also to look at images through the mind's eye, necessitated by the imagined worlds that the word-text and the images evoke. However, the reader is expected to "read" as well, not only the written word-text, but also the images, singularly employed to tell a story, or to tell a story that contributes to the written text. The novel does indeed give rise to close encounters of the third kind (Hirsch 2012) which, in turn, create additional layers of meaning.

Keywords: Botha, Lien; collage; imagination; memory; textual relationality; visual texts; worlds; *Wonderboom*; written texts

1. Inleiding

In 'n artikel met die veelseggende titel "Pictures worth a thousand words: metaphorical images of textual interdependence" (2009) vestig Carmen Lara-Rallo aandag op die hernude belangstelling in die koppelvlak tussen woord en beeld, asook literatuur en musiek, in wat sy noem 'n era van interkonnektiwiteit. Hedendaagse kultuur kan gevolglik beskryf word in terme van sy interartistieke en intermediale aard (2009:101). Hierdie woord/beeld of verbale/visuele verbinding dui op tekstuele relasionaliteit. Die verhouding van teks en interteks, of teks én teks, funksioneer gevolglik as spieël en teks – elk werp lig op die ander en op hierdie wyse word enige hiërargiese of waardebepalende onderskeid tussen twee aanverwante tekste uitgewis (Lara-Rallo 2009:99).

In die inleiding van *The future of text and image* (2012) beklemtoon die samestellers, Amihay en Walsh, die belang van ondersoek na die verband tussen die visuele en die tekstuele in die literatuur, en sien dit selfs as die kern van 'n toenemend selfstandige dissipline. In dié boek word daar deur die verskillende bydraers ondersoek ingestel na die "intermediale sameloop" (2012:viii) wat inspeel op die tradisionele rolle van die visuele en die verbale, maar dit terselfdertyd ook ondermyn. Daar word dan veral ondersoek ingestel na die insluiting van visuele elemente in 'n literêre teks, na visuele maniere van skryf, asook die tekstualiteit én letterkundigheid van beelde. Hirsch (2012) wys in die nawoord op 'n moontlike strategie waar beeld en woord ter sprake is, naamlik 'n gekombineerde lees/kyk wat 'n nabye ontmoeting van 'n "derde soort" oplewer, wat inherent hibried en verdeel is, maar terselfdertyd ook spreek van relasionaliteit, verbondenheid en kontrapunt. Hoewel hierdie

sogenaamde ontmoeting van 'n derde soort moeilik omskryfbaar is, beklemtoon Hirsch dat dit 'n saamgestelde simboliese leesstrategie en 'n kyk in indeksale *en* verbeelde registers impliseer.

Dit is met die voorgaande insigte as uitgangspunt dat die verhouding tussen die visuele tekste en die geskrewe teks, asook die verhouding tussen wêrelde in beeld en wêrelde in woord in Lien Botha se *Wonderboom* (2015) verken kan word. Botha is 'n suksesvolle en bekroonde kunsfotograaf wat na 25 jaar in die visuele bedryf haar hand aan 'n roman gewaag het, wat eweneens suksesvol blyk te gewees het. (Die roman is bekroon met die Eugène Maraisprys vir 2015.) Sy verduidelik dan ook self in 'n onderhoud met Naomi Meyer (2015) die tekstuele relasionaliteit ten opsigte van beeld en woord in haar roman: "*Wonderboom* is waarnatoe ek maar gewerk het. Ek sien dit nou. Die beeld en die teks het nou eers geswaelstert."

Hierdie verbintenis tussen woord en beeld impliseer in die eerste plek 'n besliste verskil. Mitchell (2012:2) verduidelik soos volg: die visuele dui 'n spesifieke sensoriese kanaal aan, terwyl die verbale wys op 'n spesifieke semiotiese register. Volgens Mitchell (2012:2) is die verskil tussen die visuele en die verbale egter gesetel in twee verskille – die een gegrond in die sintuie (sien teenoor hoor), die ander in die aard van tekens en betekenis (woorde as arbitrêre, konvensionele simbole, teenoor beelde as representasies op grond van ooreenkomste of gelykenis). Waar daar sprake is van tekstuele relasionaliteit maak Mitchell (2012:9) dan ten slotte die geldige uitspraak dat die beeldteks in die tweede plek die punt van *sameloop* is van semiotiek, die teorie van tekens, en estetika, die teorie van die sintuie. Dit is met ander woorde die plek waar die oog en die oor logiese, ooreenstemmende en kognitiewe verbintenisse aangaan wat bykomende betekenis tot stand bring.

Die vraag ontstaan gevolglik wát die moontlike bykomende betekenis is wat tot stand kom deur die energieke en bowenal eiesoortige kombinasie van teks en beeld binne die konteks van die roman. Aan die begin van die roman is daar 'n foto uit 'n 2009-uitstalling getiteld "Rooivlerkspreus in die herfs, Bettysbaai".



Figuur 1. Rooivlerkspreus in die herfs, Bettysbaai, 2009.

<http://www.litnet.co.za/tien-vrae-en-fotos-wonderboom-deur-lien-botha>

Aan die einde is daar weer eens 'n visuele beeld wat die laaste “woord spreek”: 'n foto uit Botha se tiende solo-uitstalling, *Yonder* (Maart–Mei 2014):



Figuur 2. 25° 41' 14"S, 28° 11' 30"O. Wonderboom, Pretoria, Januarie 2013. (*Yonder*, Kaapstad 2014.) <http://www.lienbotha.co.za/Lien-Botha-YONDER-publication-2014.pdf>

Albei die foto's is nie slegs lukraak deel van die roman nie, maar albei kan óók gesien word as 'n koppelvlak met die res van Botha se oeuvre, omdat albei deel was van vroeëre solo-uitstallings. Botha integreer hierdie foto's in die roman en stuur so die leser na haar visuele oeuvre. Op grond van hierdie koppelvlak kan die wisselwerking tussen Botha se woordteks en die beelde in die roman, maar ook die verhouding tussen die roman en Botha se visuele oeuvre, ondersoek word. Dit is veral die uitstalling *Yonder* wat talle raakpunte met die roman toon. Daar moet terselfdertyd in gedagte gehou word dat Botha as kunsfotograaf ook deur middel van haar beelde stories vertel – dus visuele verhale. Die beelde wat sy in *Wonderboom* insluit, moet gevolglik nie gesien word as bloot “illustrasie” van die woordteks nie, maar as 'n integrale deel van die verhaal. Kortom: Botha vertel die verhaal op eiesoortige wyse deur middel van woord én beeld én die sameloop van woord en beeld.

Aan die begin van elke hoofstuk in *Wonderboom* is daar 'n foto van 'n konstruksie/collage wat nie alleen dien as inleiding tot die hoofstuk nie, maar ook gelees kan word as 'n leitmotief vir die tema van verlies en afwesigheid in die roman. In die notas aan die einde van die roman verwys Botha na die sogenaamde *image sequence* van die Britse fotograaf Eadweard Muybridge (1830–1904) wat sy in die roman met betrekking tot die collage as “ontbindende beeldsekwensie” (224)¹ toepas. Hierdie verwysing stuur die leser na Muybridge se oeuvre om die moontlike inspraak van voorgangertekste na te speur. Muybridge is bekend vir sy baanbrekerswerk ten opsigte van fotografiese studies oor beweging. Hy het naamlik reekse foto's ontwerp met die doel om *beweging* visueel te “skryf”² – letterlik te “ver-taal”.

Stephan Barber skryf gesaghebbend oor Muybridge se lewe en werk in sy navorsingsprojek met die veelseggende titel *Muybridge: The eye in motion*. Die eerste afdeling van die boek is getiteld “Visualising memory”. Barber (2012:9) beklemtoon dat die oog – dié van Muybridge, die verbeelde oog en die oog van die kyker – in Muybridge se werk

onophoudelik in beweging is dwarsoor die nuut-oopgeskeurde sones in stoflike tyd en ruimte. Hy beskryf Muybridge se beeldopeenvolging waar liggaamlike beweging ter sprake is as veelvuldige kettings van fragmente. Barber (2012:13) ondersoek ook die wyse waarop Muybridge se werk 'n *aperture* bied vir die wyses waarop die geheue werkzaam is, en toon aan hoe 'n veelvuldige versameling werke soos dié van Muybridge gevisualiseer en verenig word hoofsaaklik deur geheuespore en oorblyfsels. In 'n hedendaagse era van snelle verandering, waarin uitwissing en vergetelheid by uitstek elemente van die visuele kultuur is, word dokumente van herinneringe/geheue steeds waardevoller – maar terselfdertyd broos en bedreig – artefakte onderwerp aan verlies. Muybridge se werk funksioneer binne 'n dinamiese raamwerk van onmiddellikheid, sowel in die buitmaak van oombliklike beweging deur middel van die beeldopeenvolging, as in sy dwingende onophoudelike strewe om verandering aan te bring of anders vergetelheid in die gesig te staar. Hierdie begeerte vir onmiddellikheid verklaar die wyses waarop sy geheuespore verstaan moet word, want oorblyfsels, reste en fragmente, eerder as “volledige” werke,³ is noodsaaklik in 'n poging om herinneringe momenteel vas te gryp.

Botha se visuele oeuvre, en spesifiek ook die collage in die roman, kan met die kunsopvattinge en werkswyse van Muybridge in verband gebring word. Dit is veral die poging om geheue te visualiseer en geheuespore vas te gryp wat ter sake is. Henning Snyman (2015) noem *Wonderboom* dan ook “'n roman van verskuiwende vlakke. [Want in] 'n sekere sin lees hierdie roman soos 'n stel foto's.” Hy maak verder die belangrike stelling: “Elke hoofstuk is 'n nuwe foto, in woord en in prent.”

Die verband tussen die visuele en geheue in die literêre werk, en spesifiek foto's en geheue, word ook deur Lauren Walsh (2012) beredeneer met betrekking tot die literêre werke van Marcel Proust en W.G. Sebald. Sy munt die term *photo-textual memories* (2012:94). Benewens werklike foto's wat deel vorm van 'n literêre teks, kan die abstrakte konsep van onwillekeurige geheue die vorm van 'n foto aanneem (hoewel op figuurlike vlak), maar dan bestaan dié foto in woorde. In hierdie konteks is daar in Botha se roman dus sprake van *foto-tekstuele herinneringe*, want daar is nie alleen sprake van foto's as vertelling en vertelling as foto's nie, daar is ook sprake van die verbintenis van beeld en woord, dus tekstuele relasionaliteit.

Wonderboom kan voorts ook gelees word binne 'n paradigma van mobiliteit.⁴ Nie alleen is hier sprake van die oog in beweging nie, maar boonop kan die roman in wese beskryf word as 'n soektog – 'n geografiese reis wat die protagonis onderneem om haarself en haar oorsprong in *Wonderboom* te verken en te verreken. Die reismotief word reeds visueel aan bod gestel deur die kaart van Magriet Vos se reis aan die begin van die roman. Sy reis in die loop van die verhaal deur verskeie wêrelde: benewens die konkrete reis deur die verskillende streke van die land, reis sy deur die wêreld van herinnering, asook die wêreld van die verbeelding. Die problematiek van tydsbeleving en van geheue (onthou én vergeet) word gevolglik ook 'n dwingende gegewe in die verhaal.

Die doel van hierdie artikel is om ondersoek in te stel na die verhouding tussen bepaalde visuele tekste en die geskrewe teks as volledige deel van die roman, dit wil sê 'n ondersoek na tekstuele relasionaliteit in *Wonderboom*. Met die grondliggende tema van verlies as uitgangspunt, beoog ek verder om die verskillende wêrelde – wêrelde in beeld en wêrelde in woord – wat in die roman verbeel(d) word, na te speur, met die klem op die wêreld van die verbeelding en die (verdwene) wêreld van die geheue. Vanweë die belangrike rol wat

fototekstuele herinneringe in die roman speel, die poging om geheue te visualiseer, word ook hierdie saak bespreek.

2. Titel en omslag

Die titel van die roman kan reeds met die konsep *wêreld* in verband gebring word, want dit verwys geografies na 'n deel van Pretoria waar die protagonis se outobiografie begin en eindig. Botha verduidelik in 'n onderhoud (Meyer 2015) dat die titel óók verwys na die beroemde Wonderboom wat spesifiek in hierdie bepaalde wêrelddeel voorkom:

Dit het letterlik te make met die Wonderboom (*Ficus Salicifolia*) aan die voet van die Magaliesberg en haar oorsprong uit 'n stam van sowat 'n duisend jaar met ouer- en dogterbome vertak oor 'n area van 50 vierkante meter. Van kindsbeen af ken ek reeds die boom en jy kan sê die boom is soos 'n familielid. Die terrein het 'n stem uit die steentydperk en volgens oorlewering is daar amakosana onder die boom begrawe. Wanneer jy by die boom vertoef, kan jy fluisteringe hoor wat benede roer.



Figuur 3. Wonderboom, Pretoria, 2013.

<http://www.litnet.co.za/tien-vrae-en-fotos-wonderboom-deur-lien-botha>

Botha se verwysing na “'n familielid” kan by implikasie verwys na 'n familiestamboom en 'n verlore wêreld in die verlede. Magriet Vos spreek dan ook die versugting uit:

Ek wil terug na my broers en my suster. Terug na die voet van die berg en onderstebo gaan hang aan die hoogste tak van die Wonderboom en wag tot die môre wanneer hulle my sal kom haal. Daar wil ek afkyk na 'n tapyt van blare, geweef deur die geeste van die amakosana wat onder die boom begrawe lê. (58)

Hierdie aanhaling hou terselfdertyd direk verband met die laaste foto in die roman (met die ooreenstemmende titel “Wonderboom”) as visuele vergestaltung van haar versugting na 'n

moontlike tuiskoms. Magriet se nostalgiese begeerte om terug te keer na haar wêreld van oorsprong is onder andere 'n wens na geborgenheid, na veiligheid as gevolg van die bedreigende en distopiese ruimte waarin sy haar aan die begin van die roman bevind.

In die onderhoud met Meyer (2015) verwys Botha na verdere moontlike verwysingsvelde van die boom in die titel: "Daar is natuurlik soveel ander assosiasies ook: boom as papier vir die skrywer; as instrument (viool) vir die musikant; medisyne vir die heler; voedsel; skerm – huis." Op die agterplat van die roman val die klem op die boom as objek van die visuele kunswerk, want daar is 'n foto van 'n J.H. Pierneef-houtsnee van 'n enkele boom, 'n beeld wat ook in die collage sy verskyning maak. In die titel van elke hoofstuk staan bome sentraal, want dit is óf verbindings met die stam **-boom** en 'n toepaslike premorfeem, óf kwalifikasies by die stam, byvoorbeeld "Diereboom", "Spookboom" of "Skaduboom vir skape". Hierdie boomverwysings of -benamings hou telkens verband met die inhoud van die betrokke hoofstuk. Die verskillende soorte bome waarna verwys word, skep boonop 'n katalogiserende effek wat kan dui op die kunstenaar as versamelaar – 'n raakpunt met die collage as 'n versameling van uiteenlopende visuele fragmente. Snyman (2015) wys ook tereg daarop dat die boom 'n bindende rol in die ontwikkeling en uitbou van die roman speel: "In 'n sekere sin baken dit die ontwikkelingspatroon af en word dit 'n blad vir elke nuwe foto."

As gevolg van 'n boom se lang vertikale vorm en sy wortels ondergronds word die spil-van-die-wêreld-simboliek daaraan gekoppel. Volgens Cirlot (1983:347) verbind dit drie wêrelde: die wortels is in die onderwêreld (die hel of onderbewuste) en die stam in die middelwêreld of aarde, en die takke en blare reik na die hemel (die boordse). In die Bybel is daar twee simboliese verwysings na 'n boom. In die paradys was daar in die eerste plek die boom van kennis van goed en kwaad. In die tweede plek korrespondeer die boom ook met die kruis van verlossing, en dit word gevolglik verbind met die Boom van die Lewe (Cirlot 1983:347). Die boom as simbool van kennis hou uiteraard verband met wat deur die bepalende stam *wonder*-verwoord word: "nuuskierig voel, graag wil weet", terwyl die betekenis van "iets bonatuurliks, buitengewoons; iets wat nie met die verstand alleen verklaar kan word nie omdat dit teennatuurlik is; mirakel", ook in term *wonder*- ingebed is (Odendal 1994).

Bome bied ruimte vir voëls om nes te maak, soos blyk uit die volgende aanhaling: "*Voëls verskyn uit die bloute – soos gissings – net om weer te verdwyn. Versamelvoëls; elke nes uniek en moeisaam geweef tot 'n huis in die lug*" (57, oorspronklike kursivering). Magriet verwys na haar eie blyplek as haar "nes by die see" (46), en later ook: "Haar bed is 'n nes. Sy het dit so gemaak: rond, ovaal eintlik, met walle van takke en stukke pluim, ou lappe en komberse soos 'n wewersnes op die vaalwit pad tussen Springbok en Pofadder" (57).

Die voorblad as parateks⁵ (getiteld "Parrot Jungle: South African Museum, Cape Town, 2009") met sy kleurrike voëls en enkele boomtakke stel die belang van voëls op die voorgrond. Dié beeld roep 'n paradyslike bestaan of 'n natuurlike staat op, tog is hierdie voëls op paradoksale wyse 'n vergestaltung van die dood – 'n verwysing na dit wat afwesig is, of eens lewend was. Die foto is naamlik geneem van opgestopte voëls in die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad: die museum as spesifiek 'n argief vir die bewaar van artefakte en spesies met die doel om te onthou. Die spanning tussen lewe en dood, teenwoordigheid en afwesigheid, vergeet en onthou wat 'n deurslaggewende rol in die roman speel, word reeds so aan bod gestel. In aansluiting by hierdie fotoreeks is die talle foto's van opgestopte diere wat in Botha se oeuvre aangetref word. Op hierdie wyse dokumenteer sy die gewronge, of die dooies, as fragmente van herinnering aan 'n groter landskap en geskiedenis. In die roman

word daar ook vroeg reeds verwys na die diorama van Albino X wat as lewensbedreigend voorgestel word: “Dit, of sy gaan opgestop word soos al die ander” (14). En verder: “[D]an word sy gevang en vir Albino X se diorama gevoer” (15).⁶

Wonderboom word ingelei deur twee visuele tekste, naamlik ’n kaart van Magriet Vos se reis noordwaarts, dus ’n topografiese verwysing na ’n bepaalde wêrelddeel, en die foto getiteld “Rooivlerkspreus in die herfs, Bettysbaai” – eweneens ’n spesifieke plekaanduiding. Daarna volg ’n motto, ’n aanhaling uit ’n gedig van Paul Celan, wat insgelyks ’n verwysing na ’n wêreld is: “Fallow-voiced, lashed out of the depth: no word, no thing, and the unique name of both, ready for falling in you, ready for flying in you, wound-winning of a world.”

Dit is betekenisvol dat die eerste sin van die roman letterlik na ’n voël verwys: “Sy eet vandag ’n spreu” (11). Die implikasie is dat die voël hier bydra tot menslike oorlewing. Die heel laaste sin van die roman lui: “Wonderboom is, soos wat die kraai sou vlieg, sewe kilometer weg” (218). Daar is dus sprake van ’n voëlvlug, van beweging en ’n ontstygning van die aarde, maar weer eens ook van ’n spesifieke plek: Wonderboom. Die boom as verbeelde eindpunt van die reis en van die narratief word dan visueel vergestalt in die foto op die teenbladsy.

Volgens Cirlot (1983:26–8) is voëls in die algemeen simbole van denke, verbeelding en die vlugheid van geestelike prosesse en verhoudings. In antieke tye is die voël vry algemeen ook gesien as ’n simbool van die menslike gees. Cirlot verwys ook na Jung se interpretasie van die voël as ’n weldadige dier wat geeste of engele, die bonatuurlike of verbeeldingsvlugte verbeeld. Hierdie simboliese verwysings kan pasklaar op Botha se teks van toepassing gemaak word: geeste, spoke, bonatuurlike verskynsels, gedagtes en oorpeinsinge asook verbeeldingsvlugte kom by talle geleenthede in *Wonderboom* voor. (Meer hieroor later.)

3. “’n [C]ollage van teenstrydighede” (22): die verband tussen woordteks en visuele beeldtekste

In ’n monografie oor Botha as visuele kunstenaar wys Ashraf Jamal (2002) op Botha se aanklank by die surrealisme. Volgens Jamal (2002:2) ontleen sy egter nie haar kunsopvatting aan die surrealistiese stroming as sodanig nie, maar sluit sy eerder aan by die gevoel van onbehaaglikheid en ongerustheid wat weerspieël word in die werke van byvoorbeeld Giorgio de Chirica en Max Ernst; ’n onbehaaglikheid wat die direkte resultaat is van onopgeloste spanning, ’n psigiese onbehae wat ten grondslag gelê is in die katastrofe en nasleep van die Eerste Wêreldoorlog (Jamal 2002:2).

Botha se kunsopvattinge kan moontlik ook gedeeltelik verklaar word as dit in verband gebring word met spesifiek surrealistiese fotografie. Rosalind Krauss se artikel “The photographic conditions of Surrealism” (1981), bied ’n bruikbare teoretiese raamwerk waarbinne Botha se oeuvre gelees kan word. Krauss (1981:26) is van mening dat surrealistiese fotografie die spesiale verband met die werklikheid waarmee alle fotografie sigself bemoei, verder ontgin. Daar moet in gedagte gehou word dat ’n foto ’n afdruk of ’n oordrag van die werklikheid, letterlik ’n “spoor van” die werklikheid, is. Volgens Charles Sanders Pierce se skema is ’n foto dan ’n indeksale teken (teenoor sketse en skilderye, wat as

ikone geklassifiseer word), terwyl die indeks gekarakteriseer word deur sy eksistensiële verwantskap met die objek.

Gibbons (2007:37) wys in hierdie verband daarop dat fotografie in die loop van die 19de eeu veral twee rolle gespeel het, naamlik wetenskaplik en artistiek. Ongeag watter funksie voorrang geniet, bly indeksikaliteit 'n belangrike faktor, omdat dit nie alleen 'n eksistensiële nie, maar ook 'n geestelike verband met die werklikheid aandui. Gibbons (2007:37) betoog verder dat die fotografiese proses 'n spookagtige oordrag van die werklikheid insluit (die verlies van stoflikheid), waarin objekte dematerialiseer en verander na beelde, sodat die verbintenis met die werklikheid nie net 'n transmutasie is wat deur sekere meganiese en chemiese prosesse geskied nie, maar bowenal ook alchemisties is.

Met verwysing na surrealistiese fotografie stel Krauss (1981:28, oorspronklike kursivering) dit duidelik:

[T]he photographic medium is exploited to produce a paradox: the paradox of reality constituted as sign – or presence transformed into absence, into representation, into spacing, into writing.

Now this is the move that lies at the very heart of surrealist thinking, for it is precisely this experience of *reality as representation* that constitutes the notion of the Marvellous or of Convulsive Beauty – the key concept of surrealism.

André Breton eindig sy roman *Nadja* (1928) met die uitspraak: “Beauty will be convulsive or will not be at all.” Dié idee van skoonheidsbeleving het hy verstaan as 'n ontroerende of krampagtige skok, nie net in die gemoed nie, maar ook in die liggaam – as 'n onwillekeurige sensasie van opgewondenheid of spanning (Paynor 2013). Die wonderbaarlike is volgens Paynor 'n waaksame, verhewe, bonatuurlike geestestoestand; 'n oomblik waarin die werklikheid openbaar word om die kern daarvan bloot te lê. Dit gaan met ander woorde oor die ondermyning van die gewone en die skep van 'n poëtiese werklikheid.

Krauss (1981:28–9) wys vervolgens op Breton se opvattinge soos uiteengesit in *L'Amour fou* (1937).⁷ Volgens hierdie manifest karakteriseer Breton die begrip *krampagtige skoonheid* aan die hand van drie basiese voorbeelde. In die eerste plek verwys hy na mimesis – of daardie gevalle in die natuur waar een ding 'n nabootsing van 'n ander is – die bekendste voorbeeld is die merke op 'n mot se vlerke wat oë naboots. Nabootsing is gevolglik 'n geval van die natuurlike produksie van tekens: van een ding in die natuur wat sigself verdraai in 'n vergestaltung van 'n ander.

Breton se tweede voorbeeld is die verval of verstryking van beweging – die ervaring dat iets wat in beweging moet wees, tot stilstand gebring of ontspoor of vertraag is. As voorbeeld in Botha se oeuvre is nie alleen die foto van die rooivlerkspreus in die roman nie, maar ook die foto van skoenlappers, met die titel “Ditsong Museum of Natural History IV, Pretoria, South Africa, April 2011”, wat deel was van die *Yonder*-uitstalling en wat ook in die collage ingesluit is. Hierdie skoenlappers, as deel van 'n diorama, dui weer eens op die teenwoordigheid van afwesigheid (soos 'n foto as indeksale teken of die spoke uit die verlede).



Figuur 4. 25° 45' 11', 28° 11' 21"O. Ditsong Museum of Natural History IV, Pretoria, April 2011. (Yonder, Kaapstad 2014.) <http://www.lienbotha.co.za/Lien-Botha-YONDER-publication-2014.pdf>

In die derde plek wys Breton op die gevonde objek óf die gevonde verbale fragment – in albei gevalle speel toeval 'n beslissende rol – waar 'n “geheime gesant” van die eksterne wêreld 'n boodskap dra van die ontvanger se geheime begeerte. Die voorwerp wat gevind word, is dan 'n *teken* van daardie begeerte. As moontlike voorbeeld kan verwys word na die foto “Witdraai 1”. Die swaan in dié foto is vir die reisende fotograaf 'n onwaarskynlike gevonde objek in 'n onwaarskynlike ruimte. Dit is boonop 'n mensgemaakte afbeelding van die werklike dier. Die foto staan egter duidelik in die teken van verlies en afwesigheid. Die droë woestynagtige landskap spreek van verlies aan water. Die dier in hierdie ruimte is van sy natuurlike habitat ontnem en getuig boonop van 'n verlies aan natuurlike lewe. Binne die konteks van Botha se oeuvre sou die afleiding gemaak kon word dat die foto by implikasie ook getuig van 'n verlore paradys en 'n gevolglike gevoel van onbehaaglikheid. Binne hierdie poëtika van verlies en afwesigheid word *begeerte* gevolglik gegenereer as gevolg van die gemis wat ontstaan het. Die swaan word met ander woorde 'n *teken* van die begeerte na die natuurlike habitat, en bowenal van die menslike begeerte na die verlore paradyslike bestaan waar die lewende dier hom eens bevind het.



Figuur 5. 26° 53' 36"S, 20° 39' 33"O. Witdraai 1, Kalahari, South Africa, September 2012. (Yonder, Kaapstad 2014.) <http://www.lienbotha.co.za/Lien-Botha-YONDER-publication-2014.pdf>

Indien die estetika van surrealisme veralgemeen word, is die konsep van die *Wonderbaarlike of Krampagtige Skoonheid*⁸ die kern van die estetiese: “reducing to an experience of reality transformed into representation. Surreality is, we could say, nature convulsed into a kind of writing” (Krauss 1981:29, oorspronklike kursivering). ’n Foto is dus nie ’n *interpretasie* van die werklikheid nie, maar ’n voorstelling van daardie selfde werklikheid as konfigurasie of kodering of geskrif. (Op hierdie punt kan selfs weer eens na Muybridge verwys word wat beelde wou “ver-taal” het.) Die ervaring van die natuur as ’n teken, of natuur as representasie, is gevolglik eie aan fotografie.

In die *Yonder*-uitstalling (2014) spreek Botha se visuele werke steeds van die onbehaaglikheid en ongerustheid waarna Jamal (2002) verwys. Die kunswerke is duidelik die resultaat van onopgeloste spanning om sin te maak van omgewings wat kenmerke dra van verlies en vervaagde herinneringe en van die kortstondigheid van lewe – “dit wat vir die kyker ontwykend skyn te wees, selfs onbegryplik” (Botha 2014). Virginia Mackenny (2014) skryf dan ook insiggewend in haar essay in die katalogus van *Yonder* dat die kyker wel aanvoel dat dit wat verlore is in Botha se wêreld, nie teruggevind kan word nie; dat die werk ’n weerspieëling is van die onafwendbaarheid van verlies, die stadige geweldpleging van tyd teen alle stoflike dinge en gevolglik ook ’n besinning oor ons eie sterflikheid – ’n eietydse *vanitas*. Hierdie tematiek van verlies en afwesigheid staan sentraal in *Wonderboom*; verlies “as ons daaglikse bondgenoot” (Botha 2014), maar ook die onafwendbaarheid van verlies in die slopende verbygaan van tyd. Reeds in die eerste hoofstuk word die tema van verlies en afwesigheid in die titel van die hoofstuk op die voorgrond gestel: “Bome ontbreek”. In aansluiting by dié titel word Magriet Vos se ervaring van verlies aan die natuurlike staat en die retoriek van katastrofe reeds in die eerste paragraaf duidelik:

Magriet Vos wil vir haarself lag oor hoe pateties haar situasie is, sy sou kon lag indien daar iets op die horison was wat die geringste rede tot optimisme kon bied. Maar daar is niks. Sy leef in die min of meer niks, die tyd van die groot honger.

Mens kan nouliks glo dat die meeste mense wat eens hier gebly het, nou almal óf weg óf dood is. (11)

Botha se aanklank by die surrealisme waarna Jamal verwys, skemer duidelik in die geskrewe teks deur. Magriet ervaar haar persoonlike en omringende wêreld onbehaaglik en “uit wans uit” (214). Die roman teken ’n postrevolutionêre woesteny, ’n sosiale en ekonomiese apokalips, en vir Magriet Vos is die onbehaaglikheid en ongerustheid ten grondslag gelê in die katastrofe en distopie as gevolg van die verlies van ’n eens vertroude en betekenisvolle wêreld. As gevolg van die chaos en ordeloosheid van die wêreld waarin Magriet haar bevind, stort haar verweer teen anomie, die verskrikking van betekenisloosheid, in duie. Anomie verwys naamlik na ’n toestand van sonder wet of orde te wees, maar in die psigiatrie ook na die onvermoë om die name van mense of plekke in die bewussyn op te roep (Odendal 1994).

Onderliggend aan die roman setel die probleem van ontologiese sekerheid. Laing (1990:39) skryf gesaghebbend oor die kwessie van ontologiese (on)sekerheid in *The divided self*, en verwys in sy definisie na twee entiteite, naamlik die mens en sy wêreld: “A man may have a sense of his presence in the world as a real, alive, whole, and, in a temporal sense, a continuous person. As such, he can live out into a world and meet others: a world and others experienced as equally real, alive, whole, and continuous.” Volgens Mellor (1996:12) verwys die term *ontologiese sekerheid* na mense se gevoel van orde en ononderbroke samehang met

betrekking tot gebeurtenisse waaraan hulle deelneem en ervarings wat hulle in hul daaglikse aktiwiteite het. Die ervaring van ontologiese sekerheid word met ander woorde emosioneel en kognitief geanker in die “praktiese bewussyn” van die betekenisvolheid van ons daaglikse aktiwiteite (Nel 2009:118), en dit is ’n volgehoue proses waarin ’n sinvolle verhouding met die wêreld gevestig word. Vanweë die vervalde strukture in haar omringende wêreld (letterlik vervalde bedreigende ruimtes én vervalde maatskaplik gekonstrueerde raamwerke), en die toenemende bedreiging van haar geheueverlies, tesame met die betekenisloosheid van haar eie bestaan, stort Magriet se ontologiese sekerheid ineen.

Vir die surrealiste lê daar wel redding in die geloof in die verbeelding. Jamal (2002:2, vry vertaal) omskryf sy siening van die term *verbeelding* soos volg:

Met verbeelding bedoel ek nie die fantastiese, sinlose sywaartse bewegings wat in die mindere werk wat onder dié van die Surrealistes val, verheerlik word nie. Ek sien die verbeelding eerder as ’n reddende en sieltergende ontwykende moment wat, deur ’n werk te vervreem, dit juis nader bring. Hierdie proses is nooit ’n doel of strategie op sigself nie. En hoewel dit ’n beroep op die gees doen, vra dit vir ’n wêreld wat nie outomaties vir die kognitiewe vermoë toeganklik is nie. Om met Max Ernst saam te praat, die verskrikte prosesse van die verbeelding maak “die alchemie van die beeld” moontlik.

Max Ernst verwoord hierdie alchemie welsprekend as die verkenning van die toevallige ontmoeting van twee ver van mekaar verwyderde werklikhede op ’n vlak wat geen van beide pas nie (Jamal 2001:77). Vir Jamal is dít die sleutel om te verklaar waarom Botha werk op die manier waarop sy dit doen. Jamal (2002:3) wys voorts daarop dat ’n kunswerk vir Botha iets is wat verandering ondergaan en voortdurend van ’n gevoel van ongemak en verplasing deurdring is, wat op sy beurt ’n verlange na eenheid onderstreep. Hierdie twee momente – die een ’n gevoel van gebrokenheid, die ander hunkerend na volledigheid – staan *naas* mekaar en vorm mekaar. Hierin setel die paradoks in die kern van Botha se visuele werk, ’n paradoks wat deurgaans in die geskrewe verhaallyn in *Wonderboom* aangetref word. Op hierdie punt is Krauss (1981:28) se verwysing na fotografie as medium wat paradoks tot stand bring, weer eens ter sake.

Reeds in die titel van die roman is paradoks ingebed, want *Wonderboom* kan enersyds dui op die bron (boom) van kennis (dus: weet), en andersyds op wonder (dus: wil graag weet). Die rol van die geheue is sentraal in die roman en afwisselend word onthou én vergeet voortdurend naas mekaar gestel. Ruimtelik setel die paradoks in die bewoonbaarheid en beskerming van die nes as woonplek én in die onbewoonbaarheid van ruimtes tydens die migrasie noordwaarts. Werklikheid én verbeelding, maar ook werklikheid én waansin speel op verskillende vlakke uit, terwyl afwesigheid én aanwesigheid ’n dwingende gegewe is. Dit is dus duidelik dat hier telkens sprake is van ’n verhouding tussen twee sake, sake wat mekaar egter nie uitsluit nie. Benewens die verband tussen woordteks en beeldteks(te) op grond van die paradoks, blyk die verhouding van teks én teks ook uit die visuele teks in die vorm van die konstruksie/collage wat deurlopend deel is van die narratief van *Wonderboom*. Hierdie visuele teks en die bykomende betekenis wat daardeur tot stand kom, word vervolgens bespreek.

4. Wêrelde in beeld: die collage as visuele verhaal

Only photography has been able to divide human life into a series of moments, each of them has the value of a complete existence. (Muybridge
https://www.instagram.com/p/BD_J2xTuP2q)



Figuur 6. Wonderboom series. Hoofstuk 1, 2015. (Contemporary African Art Fair, Londen, 2016.)

<http://barnardgallery.com/artists/lien-botha/artworks/wonderboom-series/>

Die collage wat deel is van die literêre teks bestaan uit 'n versameling van verskillende fragmente wat as 'n foto-in-sepia in die roman aangebied word – beelde wat gevolglik 'n verband met 'n vergange era lê. Die versameling beelde waaruit die collage gekonstrueer is, “fragmente van eens betekenisvolle dinge” (Botha 2014),⁹ is dié van verafgeleë of vergane wêrelde, beelde wat “gelees” kan word as fragmente van die geheue (ou beelde) wat sy toe-eien in die hede, dus wêrelde *in* wêrelde. Hierdie fragmente kan terselfdertyd gelees word as 'n private opgawe van die kunstenaar se wêreld: fragmente wat weggeneem is van die oorspronklike konteks en gegroepeer is in 'n nuwe konstruksie (collage) om nuwe kontekste te skep en nuwe verbintenisse aan te gaan. Hieruit vloei voort dat Botha se versameling beelde óók gelees kan word as 'n manier om 'n/die wêreld te versamel, of 'n/die wêreld te verbeel(d). Dit illustreer terselfdertyd dat dié beelde 'n visuele refleksie is van hoe ons afhanklik is van beelde om ons eie werklikheid (wêreld) te bou en te beleef.

Van Alphen (2005:49) wys daarop dat fotografiese of filmiese beelde oorspronklik die funksie gehad het om as spesifiek epistemologiese apparate die werklikheid te ken. Hy bespreek dan die werkwyse van die kunstenaars Fiona Tan wat, soos Lien Botha, hierdie

opvatting uitdaag. Tan argumenteer naamlik visueel, deur middel van haar video's, dat beelde nie opgebou word van die werklikheid nie, maar dat ons ons eie werklikheid deur middel van beelde bou. Hierdie ommekeer het tot gevolg dat beeld en werklikheid nie op sigself staande is nie. Die beeld word gerepresenteer as relasioneel: 'n beeld kan nie bestaan sonder oë wat daarna kyk/staar nie; die staar ("the gaze") is die bemiddelaar tussen mens en wêreld (Van Alphen 2005:49).

Botha is een van die min Suid-Afrikaanse kunstenaars wat in haar loopbaan ruim geëksperimenteer het met fotografie as medium buite sy dokumentêre raamwerk. Soos Tan, bou Botha telkens 'n eie wêreld/werklikheid deur middel van haar foto's. Op Botha se webwerf (Botha s.j.) word haar werkwyse soos volg beskryf: Sy ontwyk en weier fotografie se tradisionele verbintenis met die empiriese verhouding tot waarheid. Sy skep eerder enigmatiese beelde wat sinspeel op die maniere waarop ons die werklikheid en die wêreld ervaar en bou. Die agtergelate objekte of leë ruimtes wat dikwels in haar beelde aangetref word, is swanger van betekenis waarop egter nie 'n greep gekry kan word nie – daar is dus sprake van intuïsie eerder as direkte interpretasie.

Die versameling in die collage van die roman bestaan uit natuurlike objekte wat verwys na die diere- en planteryk, asook mensgemaakte dinge of kultuurgoed. Daar is foto's van vorige uitstallings (wat gevolglik weer eens dui op tekstuele relasionaliteit): die foto van die opgestopte leeu getiteld "Eeu Panthera Leo (2009)" is in die besit van die Suid-Afrikaanse Museum Kaapstad, terwyl die foto van die skoenlappers, met die titel "Ditsong Museum of Natural History IV, Pretoria, South Africa, April 2011", deel was van die *Yonder*-uitstalling. Ingesluit in die collage is kaarte wat die reise in die narratief karteer. Die foto van die Pierneef-houtsnee, asook die boek – Anna M. Louw se roman *Vos* – is produkte van die kreatiewe menslike gees. So ook die psalm- en gesangeboek, wat boonop getuigenis is van die religieuse binne 'n spesifieke kulturele verband. In die roman word dit duidelik gestel dat die houtsnee 'n foto is wat Botha van die Pierneef-kunswerk geneem het. Hier is dus sprake van 'n foto wat verwys na 'n iets wat verwys na die werklikheid. In die collage vorm dit (weer eens) 'n fragment wat weggeneem is van die oorspronklike konteks(te) en gegroepeer is in 'n nuwe konstruksie om 'n nuwe konteks te skep. Die fragmente van die natuurlike objekte is (soos trouens ook die talle diere in *Yonder*) reste van eens lewende wesens, of afbeeldings van die werklike objek, soos byvoorbeeld die (kitsch) porseleinhond op die stapel boeke. Die dooie krap, die opgestopte leeu en beendere van diere stel die dood op die voorgrond – daarteenoor is die skoenlappers op die foto 'n indeksale verwysing na lewende wesens wat in beweging gestol is. Ingesluit is die foto van die Wonderboom se blare wat in die roman as slotbeeld 'n prominente plek inneem, blare wat ook verrotting impliseer. Sonja Loots (2014) interpreteer die foto (in die katalogus van die *Yonder*-uitstalling) selfs as die ontbindende oorblyfsels van 'n boom wat eens in die Tuin van Eden gegroei het. Sy haal Botha se woorde aan: "Between the various images and connecting them, is the underlying reference to paradise lost."

Loots se interpretasie hou steeds steek in die (nuwe) konteks van die roman. In die regterkantste hoek van die collage is daar naamlik 'n houer waarop die woord *paradise* verskyn. In die eerste vyf afbeeldings van die collage in die roman is die woord volledig gespel, in die sesde ontbreek die *p* en in die sewende verdwyn die *a*. Die verdwyning van die letters is egter nie volstrek patroonmatig nie: aan die begin van hoofstuk 15 is die houer steeds sigbaar met slegs die letter *e* daarop en dit is eers in hoofstuk 16 dat die houer heeltemal verdwyn het. Dié verdwyning van die fragmente van 'n woord (met boonop so 'n

gelade betekenis) binne die groter geheel van die collage hou verband met die ontbindende beeldopeenvolging. Hierdie visuele vergestaltung van wêrelde in wêrelde wat in die konstruksie van die collage aangebied word, verdwyn in die loop van die roman letterlik van die een afbeelding na die volgende, asof dit in die hede verskyn én verdwyn. In die laaste afbeelding is die collage heeltemal leeg; 'n beeld wat verband hou met Magriet se leefwêreld in die eerste paragraaf van die woordteks: "Maar daar is niks" (11). Hierdie "niks" word dan aan die einde van die roman op paradoksale wyse visueel verbeeld: die volledige aanwesigheid in die konstruksie aan die begin het letterlik tot afwesigheid ontbind (slegs enkele blare is nog sigbaar). Snyman (2015) verduidelik dat die verskuiwende vlakke meebring dat die verhaal op verskillende maniere gelees en ervaar kan word: "Aan die kern is egter steeds die proses van ontbinding – by die mens en by die land, dalk ook wat die roman as medium betref." Hierby sou 'n mens ook kon voeg die proses van ontbinding van wêrelde, van 'n eens paradyslike bestaan.



Figuur 7. Wonderboom series, 2015.

<http://barnardgallery.com/artists/lien-botha/artworks/wonderboom-series>

5. Verbeelde wêrelde: die rol van verbeelding en geheue

Die vervlegting van geheue en verbeelding in verhouding met beelde (die visuele) is 'n sentrale gegewe in Botha se werk en word vervolgens nagespeur. Die verdwynende beeldopeenvolging kan in die roman dienooreenkomstig in verband gebring word met die rol wat die verbeelding, asook die geheue, speel, soos inderdaad ook blyk uit bepaalde insidente in die verhaallyn. Aan die einde van hoofstuk 1 twyfel Magriet byvoorbeeld aan die werklikheid van 'n pas afgelope ervaring:

Magriet besef dat Sidney nie meer langs die vuur sit nie.

Het ek my dit verbeel? wonder sy. Was hy ooit hier? (23)¹⁰

In hoofstuk 7, “’n Bloekom val in Atlantis”, word die verhouding tussen die visuele, die subjek en die omgewing, maar ook die verhouding werklikheid en verbeelding, soos volg beskryf (oorspronklike kursivering):

Dit is ’n pastorale prent wat jou kan laat vergeet waar jy jou bevind en kan maak dat jy jou verbeel jy is in ’n plek sonder gekwelde herinneringe en voortslepende verdriet. In jou geestesoog (in ’n ander lewe) sien jy [...].(80)

In hierdie aanhaling blyk die gelade betekenis van die sleutelwoorde duidelik: enersyds *verbeel* en *geestesoog*, andersyds *vergeet* en *gekwelde herinneringe*, alles ingebed in die visuele “pastorale prent” – die vervlegting van geheue en verbeelding word gevolglik so beklemtoon.

Verbeelding as “reddende en sieltergende ontwykende moment” (Jamal 2002:2) spreek voorts duidelik uit die insident in die Kompanjiestuin in hoofstuk 2, getiteld “Diereboom”. Aanvanklik bevind Magriet haar alleen op die strand met slegs verrottende robbe as tekens van eens lewende wesens, sodat die vraag ontstaan: “Wie kom by haar op? Wie spook hier tussen die geeste van die Hangklip-drosters se agttiende-eeuse vloek?” (26). Pas daarna kry sy ’n geleentheid Kaapstad toe, en die professor met wie sy saamry laai haar af aan die onderpunt van die Kompanjiestuin, wat bestempel word as “die Hollanders se mislukte groentetuin” (32). Hierdie mislukte tuin dui op die oorsprong van die koloniale geskiedenis aan die suidpunt van Afrika. Insgelyks beskryf sy die verval van dit wat eens ’n lushof was – by implikasie die bloeityd én die ondergang van ’n koloniale bestel. Magriet gaan lê dan op die uitgedorde gras en kyk boontoe, en in haar geestesoog sien sy die wonder van (ont)roerende skoonheid:¹¹ “Die wolke word pluimende bome. Hulle blare val¹² en begin soos sirkels rol, hulle stamme bult, dan gaan daar deurtjies in die stamme oop en binne-in verskyn diere wat eens op ’n tyd hier gewei het. Hulle knik en groet haar.” Sy groet die diere, Afrika se Groot Vyf, kinderlik by naam: “Hallo Leeu”, “Hallo Renoster”, “Olifant”, “Buffel”, “Luiperd”. Ook hier is dus die implisiete verwysing na die Tuin van Eden en die verlore paradys, “die lushof waar die eerste mensepaar gewoon het” (Odendal 1994). Die paradoks van gebrokenheid én volledigheid is egter ingebed in hierdie “alchemie van die beeld” (om weer eens met Max Ernst saam te praat), want die onverbidde realiteit onderliggend aan die verbeelde wêreld waarin Magriet haar bevind, is die krag van onnadenkende diere-uitwissing op ongehoorde skaal, soos reeds in die eerste hoofstuk aan bod gestel is. Daar kan gevolglik nogmaals ’n verband met die uiteindelijke *niks* van die collage gelê word.

Hoofstuk 3 se titel is “Spookboom”, en Magriet “word wakker onder die spokende moerbeiboom in die Kompanjiestuin” (43) – tydruimtelik het die grens tussen werklikheid en verbeelding vir haar momenteel vervaag, sodat die vraag gestel word: “Het sy gedroom? Sy is alleen hier en haar bondgenote die boemelaars is ook nêrens te bespeur nie. Dis net sy en die boom. [...] Sy wens dit wil oggend word sodat sy kan huis toe gaan, haar in haar voëlens gaan opkrul en vergeet van die mense wat sy laas nag moes aanskou [...]” (43). Die verwysings na spoke, en/of die moontlike teenwoordigheid van spoke in beide hoofstukke, dui op die onduidelike grenslyn tussen afwesigheid en teenwoordigheid: dit is afwesige teenwoordigheid, of teenwoordige afwesigheid. Op hierdie wyse word die spook die visuele vergestaltung van die onmoontlikheid om verlede en hede, of geskiedenis en hede, te skei – die verlede “spook” met ander woorde steeds in die hede. Lara-Rallo (2009:103) betrek in

hierdie verband die palimpses as metafoor, omdat dit die opmekaarplasing van hoorbare en onhoorbare stemme, die lewendes en dooies insluit. In die gelaagde struktuur van die palimpses smelt verlede en hede, die oue en die nuwe saam, sodat temporele grense tussen verlede, hede en toekoms vervaag.

Die implikasie van die collage as ontbindende beeldopeenvolging is, soos die beeld van die palimpses, dat die geheue (verlede) en verbeelding (wat ook 'n toekomsblik impliseer) nie gelees word as binêre opposisies nie, maar eerder as *vervlietende beelde*. Selfs geheue kan gevolglik gesien word as iets wat in die toekoms (kan) plaasvind, maar na die hede gestuur word. Daarby is die plekke van die verlede wat in die roman (her)besoek word, nie langer werklik nie, maar per definisie verbeel. Dit kan dus as *verbeelde wêreld* bestempel word.

Hierdie aspekte hou terselfdertyd óók met tydsbeleving verband. Hennie Aucamp (2013:276) skryf verhelderend as hy daarop wys dat die verlede – selfs net vyf minute gelede is al klaar geskiedenis – voortdurend by jou oombliklikheid indring: “Hede is dus onvermydelik ook ’n soort verlede. [...] Hede is dus ewe seer ’n soort toekoms.” Verlede, hede en toekoms kan met ander woorde nie meer as ’n lineêre kontinuïteit beskou word nie.

Derik Hook (2014) skryf min of meer in dieselfde trant oor tydsbeleving, en leun aan by die psigoanalitiese denkwys van “nielineêre veranderlikhede van tyd”, wat hy omskryf as die feit dat die hede aanhoudend die verlede herbesoek en herorganiseer; ’n verlede wat egter ook nie bloot ’n statiese samestelling van elemente is nie (Hook 2014:105). Ten slotte stel Hook (2014:204) ’n “etiek van temporaliteit” voor wat ’n ononderbroke naasmekaarstelling meebring, ’n plooiing van tye, waardeur die verlede ingrypend hervorm en die toekoms hervisualiseer kan word.

Magriet onderneem in die loop van die roman die konkrete reis in die hede noordwaarts die toekoms in, maar terselfdertyd is dit ’n geestelike reis na die verbeelde wêreld(e) van die verlede. Om in staat te wees om ou beelde, fragmente herinneringe, in die hede te sien, moet sy terugwaarts kyk terwyl sy voorwaarts beweeg; daar is dus sprake van ’n kontinue uitreik na die toekoms, maar ook van “emosionele en vloeibare tyd” (Aucamp 2013:276).

Terselfdertyd kan Magriet se selfbewuste tydsbeleving en haar toenemende geheueverlies (dus verlore tydsfragmente) eweneens in verband gebring word met haar verlies aan ontologiese sekuriteit. Laing (1990:108) bring ook ontologiese onsekerheid in verband met tydsbeleving en wys daarop dat die mens se bewuswees van hom- of haarself ’n bewussyn in tyd is. Indien daar egter gedeeltes van hierdie tydsbewussyn verlore raak, kan dit selfs as katastrofies ervaar word.

6. “[G]aan loop vir oulaas terug op die jare se spore” (67): om geheue te visualiseer

Die titel van die foto aan die einde van die roman is voorsien van GPS-koördinate, soos trouens al die foto’s van die *Yonder*-uitstalling. Nie alleen sou die kyker letterlik, of by wyse van spreke, die *spoor* daarheen kon neem nie, maar bowenal beklemtoon die koördinate die letterlike aanwysing na ’n plek van herinnering en/of oorsprong. Hierdie werkswyse stel dus beweging waarin betekenis ingebed is, op die voorgrond. Die titel *Yonder* beteken in Afrikaans “daar so”, “daar oorkant” of “daarheen”. Botha karteer in hierdie uitstalling

verskillende voorafgaande konkrete reise wat sy onderneem het en dokumenteer 'n gevolglike versameling beeldmateriaal. Indien die foto's op individuele vlak van naderby beskou word, blyk dit egter duidelik dat Botha ook innerlike reise karteer, sodat foto na foto óók skielike verborge insigte kommunikeer.

Miles Keylock se uitspraak in *Mail & Guardian* (soos aangehaal in die katalogus van die *Yonder*-uitstalling) is insiggewend: "In Botha's work, geography and soul are charted on the same map. This is the contemplative life as road movie, where details one might consider trivial, the moment-to-moment dislocation of daily existence contain hidden epiphanies." Die primêre gegewe in *Wonderboom* is ooreenstemmend Magriet Vos se lewe as "road movie". Die agterplat van die woordteks lig die belangrikste gegewe uit (my kursivering):

Magriet moet wederregtelik die agterpaaie vat en by familie in die noorde uitkom – voor sy vergeet wie sy is. Slegs flardes ou dagboekinskrywings en ander verdowwende flenters *geheue* bly oor om haar te help.

Wonderboom gaan oor 'n *oorlewingsreis*: om Suid-Afrika te oorleef, om die geskiedenis te oorleef, om die strikke – en *verliese* van 'n mens se eie geskiedenis te oorleef.

Magriet se reis kan egter ook in verband gebring word met nostalgie, sowel as met *geheue*. Ter verheldering lig ek vervolgens enkele teoretiese aspekte ten opsigte van nostalgie en *geheue* uit wat relevant is by die lees van *Wonderboom*.

Hoewel die begrip *nostalgie* in die onlangse dekades by sommige kritici in onguns verval het, maak Scanlan (2009) die geldige stelling dat daar 'n klimaatsverandering plaasgevind het as verzet teen die vereenvoudigde wyse waarop hierdie komplekse verskynsel onderskei word. Hook (2014) verwys in 'n ander konteks selfs na "the nostalgic turn", en skryf onder 'n veelseggende hofie, "In defence of nostalgia", op positiewe wyse oor dié verwikkelde begrip in die 21ste eeu. Nostalgie verwys na 'n behepthed met die verlede as 'n terrein van verlange, verwyd en begeerte; letterlik 'n pynlike verlange (*algia*) om terug te keer na 'n tuiste (*nostos*) wat nie langer bestaan nie, of wat selfs nooit bestaan het nie (Pratt en San Juan 2014:115; Boym 2007:7). Vir Casey (1987:362) ontspruit hierdie verlange per definisie uit verlies. Nostalgie verteenwoordig dan 'n terugkeer na die plek van oorsprong; 'n terugkeer na die tuiste (of 'n plaasvervanger) as die beginpunt van die self. Vergelyk weer eens Magriet se versugting om na *Wonderboom* terug te keer soos aan die begin van hierdie artikel aangehaal.

Dit is opvallend dat Casey se argumentasie rondom die begrip *nostalgie* op 'n sterk ruimtelike bewussyn dui. Waar nostalgie ter sprake is, dui dit spesifiek op verlange om na 'n *plek* terug te keer. Waar nostalgie ter sprake is, dui dit spesifiek op verlange om na 'n *plek* terug te keer: plek as 'n lewenswyse, 'n manier om in-die-wêreld-te-wees (Casey 1987:363).

Die gemis is dus 'n wêreld soos wat dit eens in 'n plek gevestig was. Casey beklemtoon dat die kern van nostalgie setel in 'n wêreld in die vorm van 'n absoluut onomkeerbare verlede tyd wat hy 'n "world-under-nostalgement" noem. Hierdie wêreld kom tot stand as 'n "volheid-van-plekke" ("plenum-of-places"), wat daaraan 'n gelaagde struktuur gee. Dit is dus meer as bloot net 'n geografiese plek-in-besonder of metaplek (dus 'n plek van terugkaatsing), maar is 'n omsluitende volheid bestaande uit spesifieke plekke wat op dinamiese wyse interaktief is. Hy beklemtoon dat die wêreld waaroor ons nostalgies is,

tegelyk duidelik omskrewe én onbereikbaar¹³ is: “When we are nostalgic, we wish to re-enter, *per impossible*, the past of a world that has effectively vanished from our lives and of which we are painfully reminded by its extant traces” (Casey 1987:365, oorspronklike kursivering).

Sowel Scanlan as Hook beklemtoon die verband tussen nostalgie en geheue, ’n aspek wat van besondere belang is vir die lees van *Wonderboom*. Hook (2014:192) kom tot dié gevolgtrekking: nostalgie is dikwels, hoewel nie alleenlik nie, ’n beskermende instrument of ontvlugtingsopsie – ’n manier om die verlede te sif sodat geselekteerde elemente van die verlede bewaar word, terwyl dit op gestruktureerde wyse óók daarin slaag om ander te vergeet. In sy beskouing van nostalgie skenk Casey nie slegs aan die verhouding nostalgie en geheue aandag nie, maar ook aan die verhouding nostalgie en verbeelding – dus die unieke menslike vermoë om dit wat afwesig is (vir persepsie en vir geheue) deur middel van die verbeelding teenwoordig te maak. Nostalgie is egter bowenal ’n manier waarop geheue werkzaam is. Dit is egter ’n kwessie van *geheuespore*: nie empiriese tekens van ’n aangeduide of betekende verlede nie, maar suiwer spore van die verslapping van tyd, of van ’n wêreld wat slegs enkele spore nagelaat het. Op hierdie punt kan daar ook verwys word na Walsh (2012) se opvattinge in verband met onwillekeurige geheue en foto-tekstuele herinnering waarvan eerder melding gemaak is.

In die inleiding van haar teks oor geheue konstateer Ann Whitehead (2009) dat hedendaagse Westerse kultuur obsessief is oor die kwessie van geheue, hetsy individuele of kollektiewe geheue. Met verwysing na die film *Memento* en die nagmerrie van geheueverlies maak Gibbons (2007:1) die stelling dat geheue die sleutel tot ons emosionele verstaan van onself en ons wêreld is, maar ook lewensnoodsaaklik vir kennis van die self en kennis van die wêreld.

Whitehead (2009) onderskei drie sleutel- of kritieke “idiome” van geheue wat aanhoudend na vore kom in die Westerse denkwysse rondom die geheue-diskoers, naamlik inskripsie, metafore van plek, en liggaamlike geheue. *Inskripsie* verwys na die gees as setel waar geheue ingeskryf word, inskripsie as metafoor, maar ook na die handeling van opskryf. In *Wonderboom* word dit vir Magriet ’n oorlewingstrategie: “Die klein swart boekie is die kaart van haar bewussyn. Dit herinner haar aan wie sy is elke keer wanneer sy die draad kwytraak” (86). Daar is dan ook ’n lang inskripsie in die boekie (148–9) waarin Magriet as ’t ware ’n opsomming van haar eie verhaal opskryf. Aan die einde van die roman verloor Magriet egter hierdie reddingsboei as sy haar rugsakkie in die bussie vergeet: “Haar laaste verbintenis met haar geheue is daarbinne; foto’s van haar familie en die notaboek om haar te herinner wie sy is en waarheen sy op pad is” (218). ’n Mens sou waarskynlik selfs ook die roman *Wonderboom* as die opskryf van Magriet se lewensreis onder hierdie “idioom” kon klassifiseer: dit is immers ook die opskryf van flardes kollektiewe geskiedenis (die verwysings na Vergelegen met sy “oorblyfsels uit die VOC-tydperk” (22), die Kompanjiestuin, die verlore fauna en flora), asook van vergange lewenswyses. Magriet se begeerte na onthou setel onteenseglik in verlies: verlies van haar lewensmaat, van geliefdes, van identiteit, van ’n vertroude en betekenisvolle wêreld, en uiteindelik die verlies van herinneringe.

Ten opsigte van *metafore van plek* beklemtoon Whitehead die verband tussen geheue en plek.¹⁴ Plek bevat herinneringe, hou en bewaar dit, terwyl die geheue self ook ’n plek is waar die verlede oorleef en herleef. Net soos Whitehead, meen Pratt en San Juan (2014:102) dat geheue en fisiese plek ’n lank-bestaande skakel het. In hierdie mnemoniese sisteem word

dinge wat onthou moet word, in verband gebring met spesifieke fisiese plekke, en is dit deur dié ruimtelike verwantskappe dat geheue gekweek en onderhou word. Die skakel tussen plek en geheue is egter nie staties nie, maar eerder 'n proses waarin die plekke van geheue (her)besoek word om geheue te hersien ten einde die uitdagings van die hede te kan hanteer. Die belang van hierdie kritieke "idioom" in Botha se oeuvre is reeds by implikasie genoem. Bloot die titels, *Yonder* en *Wonderboom*, is reeds ruimtelike merkers van plekke wat met geheue verband hou, en in die roman gaan loop Magriet "vir oulaas terug op die jare se spore" (67). Beweeglikheid hou gevolglik ook met tydsbeleving verband.

Whitehead se derde kritieke idioom, *liggaamlike geheue*, verwys na verstandelike en geestelike, maar ook fisiologiese prosesse. Hier kom geheueverlies ter sprake – 'n defek in die geheuefunksie as gevolg van 'n patologiese faktor. Die problematiek van "liggaamlike geheue" is grondliggend aan *Wonderboom*, want nie alleen is Magriet se toenemende geheueverlies die rede vir die reis nie, maar dit rig ook Magriet se uiteindelijke lot. Die klem word boonop visueel op dié beweeglikheid gelê deur die insluiting van die collage as 'n opeenvolging van ontbindende beelde.

Geheue dui op die vermoë om bewussynverskynsels (letterlik en figuurlik) in te prent of vas te lê, te bewaar en te reproduseer, en die *gees* as setel van dié vermoë om te onthou. In aansluiting by die tydsbeleving waarna eerder verwys is, is dit belangrik om in gedagte te hou dat die funksie van herinneringe nie alleen is om die verlede te herroep of te versoen of opnuut tot stand te bring nie, maar dat dit ook die hede verbeeld en bou.

Whitehead (2009:14) maak voorts 'n belangrike stelling as sy redeneer dat die diskoers van geheue veral ook die problematiek van vergeet op die voorgrond stel. Hierdie konsep is nie alleen die skadukant van onthou nie, maar vorm en definieer terselfdertyd die kontoere van dit wat teruggeroep en bewaar word.

In aansluiting by Whitehead is Mieke Bal (1999:vi) se opvatting oor geheue tersaaklik, 'n opvatting wat veral vir die verstaan van Botha se visuele(-)beeld-tekste belangrik is.

Waar geheue op die voorgrond gestel word, kom ook die begrip *kulturele geheue* ter sprake, en dit dui daarop dat geheue as kulturele, asook individuele (psigologiese) of sosiale verskynsel, verstaan word – dit beskryf die komplekse wyses waarop die verlede onthou word deur gebruik te maak van 'n verskeidenheid media (skryfkuns, fotografie, film ens.). Kulturele geheue is 'n aktiwiteit wat in die hede geskied, en waarin die verlede voortdurend gewysig en herskryf word, selfs as dit voortgaan om aan die toekoms 'n bepalende vorm te gee. Sy beklemtoon dat kulturele geheue die verlede met die hede en die toekoms verbind en daarom 'n *aktiewe proses* is. Hier is met ander woorde weer eens sprake van mobiliteit wat terselfdertyd verband hou met Muybridge se beeldopeenvolging of oog-in-beweging.

Verwysings na fragmente, oorblyfsels en spore van herinneringe is talryk in Botha se werke.¹⁵ 'n Belangrike aspek wat Botha aan die orde stel (in die visuele werke, maar veral ook in *Wonderboom*) is die koppelvlak tussen verlies en geheue. Amanda Botha (2014) lewer die volgende tersaaklike kommentaar in haar bespreking van die *Yonder*-uitstalling:

Botha nooi die kyker om sin te maak van die fragmente wat sy versamel het. Tog lyk dit asof wat sy met haar lens vasgevang het, saai en onbelangrik kan wees. Dit is die illusie wat sy deur nadere betragting omkeer. Alles wat hier is, hét 'n plek gehad,

maar n   is die waarde daarvan gestroop. Nou is dit herinneringe wat inslaan op nostalgie na wat eens sinvol en mooi was.

Jamal (2002:82) het dit ook oor die verhouding verlies en herinnering in Botha se vroe re werke, maar wat inderdaad ook op die roman van toepassing gemaak kan word. Jamal verwys hier na ’n voorval waarin Botha ontdek het dat ’n geliefde kledingstuk, wat aan haar grootmoeder behoort het, deur kleremotte aan flarde gevreet is – daar bly dus net herinnering oor aan iets wat eens tasbaar en sigbaar was. Omdat Botha moet vasklou aan ’n verlore-gegame w reld wat sy nooit weer kan oproep nie, behalwe in ’n herinnering wat net so stukkend is as die rok, ontstaan die vraag: “Gaan we op reis om te verliezen; en in dit verliezen, is dat hoe we herinneren, hoe we een ‘gevoel van verwondering’ oproepen? [...] Uit verlies en donkerte komt herinnering voort; uit herinnering het eindigen van een werk” (Jamal 2002:82). In *Wonderboom* is daar   k ’n verwysing na die onnadenkende krag van vernietiging deur natuurelemente: “*Bang die motte begin jou moeder se handewerk wegvreet. Dalk het jy ’n gebruik daarvoor*” (154, oorspronklike kursivering).

Die problematiek van geheue, hetsy om te onthou of te vergeet, is nie slegs deurgaans ’n integrale deel van *Wonderboom* se verhaallyn nie, maar is ook (saam met die reisgegewe) die kern waarom die gebeure in die verhaal ontvou. Geheue en die persoonlike geskiedenis word reeds aan die begin van die roman beklemtoon: “Sy onthou die uitstappies” (12); “Is dit een van haar heilige herinneringe?” (12); “dan begin haar kop kantel na ’n era van oorvloed” (12); “Sy onthou dit soos gister” (13). In dieselfde hoofstuk word daar egter ook eksplisiet geskryf: “Haar vergeet sluip nader, dit kom haar haal en dit is ’n bedreiging” (20). Die rol van geheue as rede en rigting vir haar reis word eweneens aan bod gestel: “Sy moet vlug voordat die vergeet haar heeltemal inhaal. [...] Afskeid neem van dit wat hier oor is, die flenterige landskap en herinneringe, en teruggaan na waar sy vandaan kom” (20). Die paradoksale verweefdheid van vergeet  n onthou, van twee momente, di  van gebrokenheid naas die hunkerende moment na volledigheid (waarvan eerder melding gemaak is), kom op paradoksale wyse na vore in die roman. Die gevaar en katastrofe van vergeet staan naas die ontvlugting van vergeet (of versugting om te vergeet) as verdedigingsmeganisme teen die aaklige werklikheid van ’n w reld wat genadeloos besig is om ineen te stort:

Nou weet sy wie sy is en dit bring alles terug wat sy vergeet het. Die genade van die Groot Vergeet. Amnesie laat jou toe om ’n ander identiteit aan te neem en algaande vergeet jy wie jy is en waar jy vandaan kom. Maar nou weet sy wie sy is. (136, my kursivering)¹⁶

Uit hierdie aanhaling blyk terselfdertyd die verwikkelde verhouding van geheue en identiteit. Die identiteit van ’n individu is onder andere daarvan afhanklik dat hy sy plek in die gemeenskap kan vind en sy handeling kan toets aan die norme van ’n gemeenskap soos wat dit in ’n bepaalde werklikheid bestaan. Magriet het die begeerte om die fragmente van die verlede te besoek deur dit as foto-tekstuele herinneringe te rekonstrueer. Hierdie sinsoekende en singewende aktiwiteit word egter ondermyn deur die problematiek van ontologiese sekerheid; die verlies aan betekenisvolheid van haar omringende w reld en die apokaliptiese sfeer waarin sy haar bevind. Gibbons (2007:1) se opvatting dat geheue een van die mees essensi le aspekte van ons geestesvermo ns (verstandelike vermo ns) is, word ook in hierdie aanhaling bevestig, want in die oomblik van helderheid, van onthou, besef Magriet dat geheue die sleutel is tot kennis van die self (“nou weet sy wie sy is”) en van haar/die w reld.

Die paradoks as kern van Botha se werk spreek uiteindelik die laaste woord. As Magriet die eindpunt van haar reis nader, lees ons: “Dit voel vir haar of die wêreld op ’n sekere vlak nou weer is waar dit moet wees nadat dit vir ’n lang tyd uit wans uit was” (214). Daar is dus duidelik ’n hunkering na, maar ook ’n suggestie van, volledigheid, en dit bring die “volheid-van-plekke” of omsluitende volheid waarvan Casey (1987:365) skryf, weer eens ter sprake. Tog eindig die roman met die woorde: “Magriet herken en onthou daar niks van nie. Sy het finaal en onteenseglik alles vergeet, want die sandsteen in haar brein het elke herinnering opgesuig en verorber. Wonderboom is, soos die kraai sou vlieg, sewe kilometer weg” (218).

Ten slotte is dit gebrokenheid, afwesigheid en verlies wat die laaste woord spreek, want alle spore, letterlik en figuurlik, loop dood as haar vioolrugsakkie as laaste verbintenis met haar geheue verdwyn. Sewe is die voltal, die volmaakte getal waar die Wonderboom te vind is, maar dit is vir Magriet finaal onbereikbaar. Op hierdie punt kom nostalgie weer eens ter sprake, want uiteindelik is die hertoetrede tot die wêreld van die verlede absoluut onmoontlik. Tog lê die verwysing na die kraai se vlug ’n assosiasie met die foto van die rooivlerkspreus in vlug aan die begin van die roman. Indien Cirlot (1983:26–8) se verwysing na voëls as simbole van verbeelding, en die vlugheid van geestelike prosesse en verhoudings hiermee in verband gebring word, sou die interpretasie óók kon wees dat die aardse beperking wel opgehef kon word. Die eindpunt van die reis kan dus moontlik wel bereik word via die wêreld van die verbeelding. Botha laat die paradoksale slotbeeld van die roman egter oor aan die oog van die leser se verbeelding.

7. Ten slotte

In hierdie artikel is ondersoek ingestel na tekstuele relasionaliteit – die verhouding tussen woord en beeld, tussen visuele tekste en die geskrewe teks in *Wonderboom*. Dié visuele tekste sluit die foto’s, sowel as die collage in die roman in, en word terselfdertyd ook gelees/gesien binne die groter konteks van Lien Botha se visuele oeuvre. Dit is veral Botha se kunsopvatting wat aansluit by die surrealistiese fotografie wat insigte bied wat ook vir die lees van die roman van belang is. Botha se eiesoortige roman dwing die leser tot ’n gekombineerde lees/kyk: ’n kyk na beelde in die roman, maar ook ’n kyk deur die oog van die verbeelding as gevolg van die verbeelde wêreld wat die woordteks, sowel as die beelde, oproep. Die leser moet egter ook lees: nie alleen die geskrewe woordteks nie, maar ook die beelde wat op ’n eiesoortige wyse ’n verhaal vertel, of bydraend tot die geskrewe teks vertel. Daar is dus inderdaad sprake van ’n nabye ontmoeting van die “derde soort” (Hirsch 2012), en op hierdie wyse kom bykomende betekenis tot stand.

Lara-Rallo (2009) se opvatting dat teks en teks, dus beeldteks en woordteks, as spieël en teks funksioneer, blyk ten slotte ook duidelik uit die roman. Van belang is die visuele collage as ontbindende beeldopeenvolging wat die protagonis, Magriet Vos, se verhaal van haar ontbindende wêreld, naas die geskrewe teks, vergestalt. Hierdie collage hou direk verband met ’n verbeelde én verbeeldingswêreld, want die versamelde afgebeelde fragmente wat eens deel was van ’n samehangende lewende werklikheid, is nou gedematerialiseer en verander na beelde. Insgelyks hou die fragmente van die collage verband met die verlede, of geheuespore wat steeds in die hede waargeneem kan word. Dit is dus duidelik dat die verhaalwêreld nie slegs gesetel is in die distopiese wêreld van die protagonis se hede nie. Daar is in die roman sprake van wêreld in wêreld: naas die herkenbare wêreld waarin Magriet haar bevind, is

daar ook sprake van die wêreld van die verbeelding en die wêreld van die geheue wat terselfdertyd verband hou met die visuele tekste as volledige deel van die woordteks. Verbeelding en geheue hou, naas tydsbeleving, met nostalgie verband. Die onmoontlikheid om na die tuiste as beginpunt van die self terug te keer, wat nostalgie definieer, bied gevolglik een interpretasiemoontlikheid vir die oop slot van die verhaal.

Erkenning

Die beeldmateriaal in hierdie artikel word gebruik met die toestemming van Lien Botha.

Hierdie artikel is 'n verwerking van 'n referaat gelewer by die ALV-kongres (2016) in Potchefstroom. Hiermee word die finansiële bydrae van die Nasionale Navorsingstigting (NRF) erken. Alle uitsprake, bevindinge en gevolgtrekkings of aanbevelings is dié van die skrywer en die NRF aanvaar gevolglik geen verantwoordelikheid in hierdie verband nie.

Bibliografie

Adey, P. 2010. *Mobility*. New York en Londen: Routledge

Amihay, O. en L. Walsh (reds.). 2012. *The future of text and image: collected essays on literary and visual conjunctures*. Cambridge: Cambridge Scholars Publishing.

Anoniem. s.j. <http://barnardgallery.com/artists/barnard-gallery-lien-botha/biography/> (13 April 2016 geraadpleeg).

Aucamp, H. 2013. *Koffer in Berlyn*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Bal, M. 1999. Introduction. In Bal e.a. (reds.) 1999.

—. 2001. *Louise Bourgeois' spider. The architecture of art-writing*. Chicago en Londen: University of Chicago Press.

Bal, M., J. Crewe en L. Spitzer (reds.). 1999. *Acts of memory. Cultural recall in the present*. Hanover en Londen: Dartmouth College.

Barber, S. 2012. *Muybridge: The eye in motion*. Chicago: Solar Books.

Boym, S. 2007. Nostalgia and its discontents. *Hedgehog Review*, 9(2):7–18.

Botha, A. 2014. Fine Music Radio. Kuns: Lien Botha – haar tiende solo-uitstalling – *Yonder*. Bespreking deur Amanda Botha. Uitgesaai op Woensdag 2 April.

Botha, L. 2015. *Wonderboom*. Kaapstad: Queillerie.

—. s.j. Lien Botha – haar tiende solo-uitstalling – *Yonder*. Bespreking deur Amanda Botha. www.lienbotha.co.za/FMR%20Lien%20Botha,April2014.docx (13 April 2016 geraadpleeg).

Casey, E. 1987. The world of nostalgia. *Man and World*, 20(4):361–84.

Cirlot, J.E. 1983. *A dictionary of symbols*. Londen: Routledge & Kegan.

Clark, D. (red.) 1996. *The sociology of death: Theory, culture, practice*. Oxford: Blackwell Publishers.

Gibbons, J. 2007. Contemporary art and memory. Images of recollection and remembrance. Londen en New York: I.B. Taurus.

Genette, G. 1997. *Paratexts: thresholds of interpretation*. Vertaal deur J.E. Lewin. Cambridge: Cambridge University Press.

Hirsch, M. 2012. Afterword. X/And: Close encounters of the third kind. In Amihay en Walsh (reds.) 2012.

Hook, D. 2014. *(Post)apartheid conditions. Psychoanalysis and social formation*. Kaapstad: HSRC Press.

Jamal, A. 2002. *Lien Botha*. Johannesburg: David Krut Publishing.

Keylock, M. 2009. *Mail & Guardian*. <http://www.lienbotha.co.za/reviews.html> (13 April 2016 geraadpleeg).

Krauss, R. 1981. The photographic conditions of surrealism. *October*, 19:3–34.

Laing, R.D. 1990. *The divided self*. Londen: Penguin.

Lara-Rallo, C. 2009. Pictures worth a thousand words: metaphorical images of textual interdependence. *Nordic Journal of English Studies*, 8(2):91–110.

Loots, S. 2014. Travelling with Borges and Baudelaire through Botha's worn worlds. <http://www.lienbotha.co.za/Lien-Botha-YONDER-publication-2014.pdf> (13 April 2016 geraadpleeg).

MacKenny, V. 2014. Beyond what one can see. <http://www.lienbotha.co.za/Lien-Botha-YONDER-publication-2014.pdf> (13 April 2016 geraadpleeg).

Mellor, P. 1996. Death in high modernity: the contemporary presence and absence of death. In Clark (red.) 1996.

Meyer, N. 2015. Tien vrae (en foto's): *Wonderboom* deur Lien Botha. <http://www.litnet.co.za/tien-vrae-en-fotos-wonderboom-deur-lien-botha> (13 April 2016 geraadpleeg).

Mitchell, W.J.T. 2012. Introduction: Image X text. In Amihay en Walsh (reds.) 2012.

- Nel, A. 2009. Sewe M-bleme vir Marlene (van Niekerk) en Marlene (Dumas): 'n metatekstuele lesing van *Memorandum: 'n verhaal met skilderye*. *LitNet Akademies*, 6(3):110–31. http://www.oulitnet.co.za/newlitnet/pdf/la/LA_6_3_nel.pdf.
- . 2013. “[T]erugdraai vir oulaas omkyk”: visie en mobiliteit in *Lot se vrou* van Joan Hambidge. *Stilet*, XXV(2):29–54.
- Nora, P. 1989. Memory and history: *Les Lieux de Mémoire*. *Representations*, 26:7–24.
- Odendal, F.F. 1994. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (HAT). Johannesburg: Perskor.
- Poyner, R. 2013. A dictionary of surrealism and the graphic image: design observer. <http://designobserver.com/feature/a-dictionary-of-surrealism-and-the-graphic-image/37685> (20 April 2017 geraadpleeg).
- Pratt, G. en R.M. San Juan. 2014. *Film and urban space. Critical possibilities*. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Scanlan, S. 2009. Introduction: Nostalgia. *The Iowa Journal of Cultural Studies*, 5. <http://digital.lib.uiowa.edu/ijcs/ijcs05-02.htm> (3 September 2016 geraadpleeg).
- Sheller, M. en J. Urry. 2006. The new mobilities paradigm. *Environment and Planning A*, 38(2):207–26.
- Snyman, H. 2015. LitNet Akademies-resensie-essay: *Wonderboom* deur Lien Botha. <http://www.litnet.co.za/litnet-akademies-resensie-essay-wonderboom-deur-lien-botha> (13 April 2016 geraadpleeg)
- Van Alphen, E. 2005. *Art in mind. How contemporary images shape thought*. Chicago en Londen: University of Chicago Press.
- Van Gorp, H. 1991. *Lexicon van literaire termen*. Groningen: Wolters-Noordhoff.
- Walsh, L. 2012. The *Madeleine* revisualized: Proustian memory and Sebaldian visuality. In Amihay en Walsh (reds.) 2012.
- Whitehead, A. 2009. *Memory*. Londen en New York: Routledge.

Eindnotas

¹ 'n Bladsynommer sonder skrywersnaam en publikasiedatum verwys telkens na Botha (2015).

² Bal (2001:196) verduidelik Muybridge se werkswyse: “The word ‘snapshot’ itself appears to summarize this philosophy of vision bound up with a class-specific aesthetic, indicating in

its wake a notion that movement can be visually recorded. This visual recording mechanism produces serial snapshots as a form of writing.”

³ Barber (2012:25) brei soos volg uit:

The eye of the spectator is also implicated in the precarious tight-rope act which a work of fragments projects. With no tangible narrative to follow beyond the conjuring of movement, the spectator is faced with a sequence of fragmentary images or texts that intimate their own ongoing obsolescence and surpassing, and their imminent transformation into traces of detritus. In that sense, a work of fragments such as that of Muybridge is in tension with a “total” or completed work that holds a coherent content.

⁴ Ek gebruik die term *paradigma van mobiliteit* in navolging van Sheller en Urry (2006:207–26) asook Peter Adey (2010). Adey (2010:12–3) onderskei tussen die begrippe *beweging* en *mobilititeit*. Mobiliteit is *beweging vervul met betekenis*, en is die integrale en onderliggende konsep waarin verskeie konsepte van beweging ingebed is. Mobiliteit as menslike praktyk hou in die eerste plek verband met liggaamlike tyd-ruimtelike en geografiese verplasing, maar dit sluit ook menslike perseptuele vermoë in; dit is met ander woorde ’n visueel mobiele praktyk wat bepalend is vir die verwantskap tussen die mens en sy wêreld. Vergelyk ook Nel (2013) in hierdie verband.

⁵ Die term *paratext* is gemunt deur Gérard Genette en uitvoerig bespreek in sy *Paratexts: thresholds of interpretation* (1997). Soos hierdie titel aandui, is die parateks vir hom die drempel wat die leser toelaat om die teks binne te tree (Genette 1997:1–2). In navolging van Lejeune beskryf hy dit as “a fringe of the printed text which in reality controls one’s whole reading of the text”. Van Gorp (1991:294) som die begrip op as alle tekstuele gegewens wat die “eintlike” teks aan die leser as teks aanbied en vir laasgenoemde as drempel of rigtingwysers of valstrikke dien. Volgens Genette (1997:1–2) word die parateks (in die meeste gevalle) deur die skrywer gewettig, en hy wys op die geweldige invloed daarvan op die publiek, die resepsie van die teks en die wyse waarop die boek gelees en verstaan word.

⁶ Vergelyk ook die verwysings na opgestopte musikante in Albino X se diorama: “’n Opgestopte wese van weleer – Yolandi – saam gekrom soos ’n klein, wit rot neffens Kurt en Kie” (16).

⁷ Die teks is in 1987 in Engels gepubliseer as *Mad love*.

⁸ Die term “wonderbaarlike” kan weer eens met die verskillende moontlike interpretasies van “wonder(boom)” in verband gebring word.

⁹ Amanda Botha (2014) gebruik hierdie frase om te verwys na die werke op die *Yonder*-uitstalling. Die verband tussen Lien Botha se visuele werke en die woordteks word egter weer eens so bevestig.

¹⁰ Vergelyk ook die volgende voorbeelde: “Het sy gedroom?” (43); “Of was dit ’n droom?” (210); “wonder sy” (13, 23); “mens wonder of” (17); “Hoe wonder jy nie” (57).

¹¹ 'n Mens sou selfs ook hier kon verwys na die ervaring van die natuur as 'n teken van geheime begeerte, of natuur as afbeelding wat eie is aan surrealistiese fotografie.

¹² Hierdie vallende blare kan insgelyks verwys na die blare in die foto aan die einde van die roman – moontlike oorblyfsels van 'n boom wat eens in die tuin van Eden gestaan het soos Loots (2014) daarna verwys.

¹³ Casey (1987:379) brei soos volg hierop uit: Miskien is dit juis hierdie paradoksale wisselwerking van die definitiewe en die onbepaalde in tyd en ruimte wat die oorsaak is van nostalgie se raaiselagtige samespel van soet en bitter, die persoonlike en die onpersoonlike, afstand en nabyheid, teenwoordigheid en afwesigheid, plek en geen plek, verbeelding en geheue, onthou en vergeet.

¹⁴ In sy invloedryke en omvattende navorsingsprojek (1984–1992) oor kollektiewe geheue, spesifiek binne die konteks van die Franse geskiedenis en kultuur, lê Pierre Nora ook klem op die verband tussen geheue en plek. As uitgangspunt maak hy die stelling dat daar gedurig oor geheue gepraat word juis omdat dit nie meer bestaan nie (Nora 1989:7), en maak dan die onderskeid tussen *milieux de mémoire* (letterlik “plekke van geheue”) en *lieux de mémoire* – as gevolg van die gebrek aan geheue is dít plekke wat ons herinner aan die verlede; aan 'n (gebroke) geheue.

¹⁵ Bal (2001:27) skryf insiggewend oor die gekompliseerde verhouding van geheue en kyk (dus beelde). Sy wys daarop dat die verhaal van besigtiging wedywer met die verhaal van geheue waarvan ons die teenwoordigheid aanvoel, maar nie ten volle kan begryp nie. Geheue word gevorm deur gevonde objekte wat ons volgens roetine saamvoeg in verhalende rame wat ontstaan uit die kulturele voorraad wat beskikbaar is. Daar kan egter wel weerstand gebied word teen hierdie samevoeging, omdat die plek waar die fragmente van geheue gevind word – die verlede van die persoon wat terugdink – nie grond bied vir so 'n samespel nie.

¹⁶ Vergelyk ook die aanhaling uit hoofstuk 7 (80) wat in 4.2 bespreek is.

'n Heideggeriaanse benadering van landskap as woon in Breyten Breytenbach se *Nege landskappe van ons tye bemaak aan 'n beminde* (1993)

Alwyn Roux en Hein Viljoen

Alwyn Roux, Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap,
Universiteit van Suid-Afrika

Hein Viljoen, Navorsingseenheid: Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse konteks,
Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

Opsomming

In hierdie artikel word 'n teoretiese benadering van landskap *as woon* uiteengesit met behulp van die Britse antropoloog Timothy Ingold (2000:185–6) se “woonperspektief”, wat afgelei is van Martin Heidegger se essay “Bauen Wohnen Denken” (1952) (vertaal in Afrikaans as “Bou, woon, dink” deur Holm en Schoeman 1989:165–79). Heidegger se doel is om die oorspronklike perspektief van “woon” terug te vind, en dit is dat sterflikes se aktiwiteite van bou – van dinge oprig en versorg – deel uitmaak van die bewoning van die wêreld (Ingold 2000:185–6). Die woonperspektief is die grondslag van die benadering van landskap as woon in hierdie artikel. Die benadering van landskap as woon is veral gemoeid met die werksaamhede of alledaagse take van sterflikes, wat deel uitmaak van hulle woon op aarde. Vervolgens word gevra na die verband tussen landskap en woon. Daar sal aangevoer word dat landskap en woon onlosmaaklik deel is van mekaar. Dit kan aan die hand van twee aannames geïllustreer word: die eerste aanname behels dat die menslike lewe 'n proses is wat tyd in beslag neem. Die tweede is dat hierdie lewensverloop die proses van die vorming van landskappe is waarin mense gelewe het (Ingold 2000:189–90). Hiervolgens is landskap saamgestel as “an enduring record of – and testimony to – the lives and works of past generations who have dwelt within it, and in doing so, have left there something of themselves” (Ingold 2000:189). Die teoretiese aspekte van landskap as woon sal vervolgens aan die hand van Breytenbach se gedigsiklus “dinkding” (NL 11–22) uit *Nege landskappe van ons tye bemaak aan 'n beminde* (1993) uitgewerk word. Dit word gedoen met die doel om die spreekwoordelike “vaarwaters” te beproef en insig te bied in die wyse waarop landskap as woon in Breytenbach se werk bestudeer kan word.

Trefwoorde: Breytenbach, Breyten; Heidegger, Martin; Ingold, Timothy; landskap; taakskap; vierskaar; woon

Abstract

A Heideggerian approach of landscape as dwelling in Breyten Breytenbach's *Nege landskappe van ons tye bemaak aan 'n beminde* (1993)

This article attempts to develop the theoretical approach of landscape as dwelling through analysing Breyten Breytenbach's series of poems "dinkding" ("think-thing") in *Nege landskappe van ons tye bemaak aan 'n beminde* [Nine landscapes bequeathed to a beloved] (1993) (NL 11–22). The approach of landscape as dwelling is derived from the anthropologist Tim Ingold's "dwelling perspective", inspired by Martin Heidegger's essay "Bauen Wohnen Denken" (1952).

Ingold (2000:185–6) develops the dwelling perspective from Heidegger's effort to regain the "original" perspective of dwelling, that is, to understand how our everyday activities of building – of cultivating and constructing things – belong to our dwelling in the world. This "original" perspective concerns itself with the idea that we do not dwell because we have built, but that we build because we are dwellers. From this, Ingold (2000:186) derives the foundation of his dwelling perspective:

[T]he forms people build, whether in the imagination or on the ground, arise within the current of their involved activity, in the specific relational contexts of their practical engagement with their surroundings.

Approaching landscape as dwelling is mainly concerned with the activities of mortals which form part of their dwelling on earth. To dwell suggests more than the mere fact of "accommodation", however. Heidegger (2010:347–8) shows that dwelling is not limited to "the houses in themselves": "The truck driver is at home on the highway, but he does not have his lodgings there" (Heidegger 2010:347). In the same way, housing gives "accommodation", but is not in itself a "guarantee" for dwelling (Heidegger 2010:348).

What is the meaning of *dwelling*? Heidegger (2010:351) describes the "essence" of dwelling regarding the elements of what he calls "the fourfold" as follows:

To dwell, to be set at peace, means to remain at peace within the free, the preserve, the free sphere that safeguards each thing in its essence. The fundamental character of dwelling is this sparing. It pervades dwelling in its whole range. That range reveals itself to us as soon as we recall that human being consists in dwelling and, indeed, dwelling in the sense of the stay of mortals on the earth.

But "on the earth" already means "under the sky". Both of these also mean "remain before the divinities" and include a "belonging to men's being with one another". By a primal oneness the four – earth and sky, divinities and mortals – belong together in one.

In summary, dwelling happens for mortals "[i]n saving the earth, in receiving the sky, in awaiting the divinities, in initiating the mortals" as part of the "fourfold preservation of the fourfold" (Heidegger 2010:353). However, dwelling is not "merely a staying on earth under the sky, before the divinities, among mortals", but rather "always a staying with things (Heidegger 2010:353). From these passages, one can see why dwelling means more than the

mere fact of accommodation: to dwell means to keep “the fourfold in that with which mortals stay: in things” (Heidegger 2010:353).

Ingold (2000:190) argues that landscape and dwelling are inextricably bound based on an analysis of what landscape is not: “It [landscape] is not ‘land’, it is not ‘nature’, and it is not ‘space’.” These distinctions bring about, as Wylie (2007:160) indicates, a phenomenological credo of landscape, rooted in everyday, embodied dwelling.

To foster a better understanding of dwelling, Ingold (2000:195) distinguishes between landscape and taskscape. Ingold (2000:195) defines a task as “any practical operation, carried out by a skilled agent in an environment, as part of his or her normal business of life”.

Because tasks are the constitutive acts of dwelling, this article pays specific attention to the analysis of the taskscape. Each task gets its meaning from the task’s specific position within an ensemble of tasks, performed in “series” or “parallel”, and mostly in combination with several other people contributing to the same task. The taskscape is this complete ensemble of tasks (Ingold 2000:195). The taskscape and the landscape are inherently part of the same process, but while a series of related characteristics constitute the landscape, a series of related activities constitute the taskscape (Ingold 2000:195). Acknowledging the fundamental temporality of the landscape diminishes the distinction between the taskscape and the landscape (Ingold 2000:201).

Breyten Breytenbach’s poem cycle “dinkding” consists of eleven poems that represent examples of Heidegger’s notion that dwelling is itself “always a staying with things” (Heidegger 2010:353). The title “dinkding/ ’n saamgestelde besinning” suggests a multifarious reflection about various things that produces thoughts about those things. In other words, the poems may indicate “things” that make thinking possible (thinking instruments), or “things” as the result of thinking. These poems can also be understood as thinking instruments of dwelling and building.

The first poem (NL 11) contains, for example, a landscape as a “think-thing”. The speaker looks through the window over the hills and says, “I am so proud of those hills/ as if I have drawn them myself” (lines 4–5, our translations). The speaker wants to claim the landscape scene as his own and capture it with his pride and drawing skills, but even more: he wants to recreate it in his own expression, thereby making it his product. In other words, the landscape scene is a thing that not only generates thoughts, but also produces things such as drawings that are the result of thinking.

The fourth poem (NL 14–5) illustrates how the landscape as the “solid form” (Ingold 2000:198) of the taskscape reveals artefacts as “thinking things”. Here the speaker mentions the prehistoric times of humankind and refers to “the denominators that trenched around the earth close by” (lines 11–2). The speaker compares the prehistoric times to a distant memory, because “hardly any pieces of bone” (line 15), and only “smoke-congealed dwelling caves” (line 16) and “mysterious figurines of the earth goddess” (line 18) remained as traces of the “denominators”. The landscape thus becomes a thing that congeals the past as a record of people who used to live there and inspires thoughts about prehistoric times.

In the seventh poem (NL 18) the speaker mentions the activity of digging, which links with the line “the patience that has been dug into such/ a landscape” (lines 2–3). This line indicates

a continuous taskscape and the activities of the mortals in proximity with the earth. The typographical white in the poem relates to the way in which the speaker digs *meaning* into the landscape as if the poem itself were the land. The typographical white emphasises the slow process of growth in the vineyards and the way the fourfold gets preserved in “the truncated vineyards” (line 4) that “shows” (line 4) their “green leaves” (line 5) only with the passing of time.

Approaching landscape as dwelling, emphasising everyday activities and the relationship of mortals with the elements of the fourfold, is a productive reading strategy for understanding Breytenbach’s series of poems. However, the approach can be criticised for its human-centredness, focusing on the “lifeworld” of human subjects. Although the world exists beyond subjectivity, humans cannot experience the world beyond subjectivity.

Keywords: Breytenbach, Breyten; dwelling; fourfold; Heidegger, Martin; Ingold, Timothy; landscape; taskscape

1. Inleiding

Hierdie artikel is ’n ondersoek na landskap as woon in Breyten Breytenbach se “dinkding” in *Nege landskappe van ons tye bemaak aan ’n beminde*, 1993(NL 11–22). Die teoretiese benadering van landskap as woon is ontleen aan die antropoloog Tim Ingold se *woonperspektief* (Ingold 2000:185), wat afgelei is van Heidegger se essay “Bauen Wohnen Denken” (1952).¹

Hierin word *woon* beskryf as “die wyse waarop sterflinge op aarde is” (Heidegger 1989:171). Volgens Wylie (2007:157) se beskrywing van die woonperspektief word “woon” (“dwelling”) geposisioneer as “an alternative, more holistic means of expressing human being-in-the-world”. Hierin word landskap nie gesien as ’n toneel in die verte nie, maar as die vertroude domein van die mens se woonplek waarin landskap gelykgestel word aan temporaliteit en menslike subjekte tyd beleef deur die uitvoering van alledaagse aktiwiteite (Ingold 2000:196).

Wylie (2007:157) se gebruik van die woorde “alternative” en “more holistic” dui die karakter van die landskapfenomenologie aan, wat verband hou met “some measure of direct, bodily contact with, and experience of, landscape” (Wylie 2007:139). Hierdie omskrywing van landskap as ’n wêreld wat bewoon word, sluit aan by Cloke en Jones (2001:651) aangehaal in Wylie (2007:157) se omskrywing van *woon* en word soos volg uitgedruk: “Dwelling is about the rich intimate ongoing togetherness of beings and things which make up landscapes and places, and which bind together nature and culture over time.” Hierdeur word landskap ’n uitdrukking van Dasein se “in-die-wêreld-syn” en uitgedruk as ’n wêreld waarin geleef word (Wylie 2007:149).

Heidegger se begrip van in-die-wêreld-syn staan in kontras met teorieë van die mens as ’n selfstandige teoretiese ego, waarin die mens verstaan word as “buite” enige veronderstelde geïsoleerdheid. Vir Heidegger is die mens in ’n bepaalde sin immanent, dit wil sê nie verwyderd van die wêreld, soos vir Cartesiaanse denke nie, maar ingebed in sosiale omgang, praktiese take, en sy eie belange. Blyke hiervan is dat die mens hom of haar altyd in ’n sekere

Stimmung(stemming) bevind. Dit is dan die gebied wat Heidegger die “wêreld” noem, en die betrokkenheid met daardie wêreld die “in-die-wêreld-syn” (Sheehan 2005:358).

Die term *wêreld* verwys na ’n dinamiese stel verwantskappe of verhoudings wat betekenis verleen aan die dinge waarmee die mens besig is – byvoorbeeld die wêreld van die kunstenaar of die wêreld van die timmerman. Sheehan (2005:358–9) wys dan ook op ’n “dinamiese stel verhoudings” wat ’n betekenisvolle wêreld tot stand bring:

A dynamic set of such relations (such as “useful to”, “suitable as”, “needed for”), all of which refer things to a human task and ultimately to a human possibility, constitutes a “world” and defines the current significance that certain things (for example, tools, trees and reeds) might have.

Ingold verkies om *woon* volgens praktiese bedrywighede te beskryf. Dit kan aan die hand van twee aannames geïllustreer word: die eerste is dat die menslike lewe ’n proses is wat tyd in beslag neem. Die tweede is dat hierdie lewensverloop die proses van die vorming van landskappe is waarin mense gelewe het (Ingold 2000:190). Hiervolgens is landskap saamgestel as “an enduring record of – and testimony to – the lives and works of past generations who have dwelt within it, and in doing so, have left there something of themselves” (Ingold 2000:189). Dit wil sê, landskap is die resultaat van woon.

1.1 Woon

Heidegger (1989:170) vra in sy essay wat dit beteken om te bou, wat dit beteken om te woon, en wat die verband daartussen is. Heidegger (1989:170) is van mening dat om te bou en om te woon skeibare, maar komplementêre aktiwiteite is en verwant is as ’n middel tot ’n doel. Huise bied akkommodasie, maar is dit in sigself ’n waarborg vir woon? Woon behels dus meer as blote akkommodasie. Die vraag ontstaan: Wat beteken dit om te woon? Heidegger (1989:170–1) wend hom tot ’n fenomenologies-etimologiese oefening, want soos hy aanvoer, is dit “taal” wat ons van die aard van iets vertel:

Wat is bou? Die Oudhoogduitse woord vir bou, naamlik “buan”, beteken woon, dit is om te bly. Hierdie betekenis van bou het verlore gegaan, behalwe vir ’n bedekte spoor daarvan wat nog behoue gebly het in die woord “*buurman*” (Nachbur = naas-boer). Die “*Nachgebauer*” is die persoon wat in die nabyheid woon. So ook buri, büren, beuren, beuron, buurt, boer. Gewoonlik praat ons van woon soos van ’n handeling naas baie ander. Ons werk hier en woon daar. Ons woon nie slegs nie (dit sou amper ledigheid wees); ons beoefen ook ’n beroep, ons bedryf sake, ons reis en ons woon tussendeur, nou hier dan daar. Bou beteken oorspronklik woon. Waar bou nog oorspronklik deurklink, daar klink ook mee *hoe ver* die wese van woon strek.

Bou, buan, bhu, beo is naamlik ook ons woord “wees” (ik ben, ich bin). *Ek* is beteken *ek woon*. Menswees beteken om as sterflike op die aarde te wees, en dit beteken om te woon. Bou beteken dus om te woon en *tegelyk* om te versorg of te pleeg soos in die akkerbou, wynbou, landbou.

Heidegger se doel is om die oorspronklike perspektief van woon terug te vind, sodat ons opnuut kan begryp hoe die aktiwiteite van bou – van dinge wat verbou word en die oprigting van geboue – tot ons woon in die wêreld, tot die manier waarop ons is, behoort (Ingold

2000:185–6). Die oorspronklike perspektief gaan daaroor dat ons nie woon omdat ons gebou het nie, maar dat ons bou omdat ons bewoners is. Ingold (2000:186) lei hieruit die grondslag van die *woonperspektief* af, wat hy soos volg omskryf:

[T]he forms people build, whether in the imagination or on the ground, arise within the current of their involved activity, in the specific relational contexts of their practical engagement with their surroundings.

Breytenbach se gedigte in “dinkding” kan vanuit Ingold (2000:186) se woonperspektief gelees word, waarin duidelike voorbeelde gegee word van verbeeldings- en konkrete boudinge. Dié dinge spruit voort uit die persoon se direkte betrokkenheid en praktiese aktiwiteite met die omgewing. Die oorspronklike betekenis van *bou* as “woon” speel dan ’n belangrike rol in Breytenbach se “dinkding”, soos uit die ontleding sal blyk.

1.2 Die vierskaar

David Krell skryf as voorwoord tot die Engelse vertaling van “Bauen Wohnen Denken” (“Building, dwelling, thinking”) dat ons in die poësie minder daartoe geneig is om dinge te manipuleer of te reduceer tot tegniese, wetenskaplike of kwantitatiewe raamwerke. Ons word eerder gemotiveer om die dinge te laat wees soos wat hulle is, en aangemoedig om die veelkantigheid van dinge raak te sien (Krell 2010:344). Breytenbach wys reeds op dié veelkantigheid in die titel en subtitel van sy gedigsiklus: “dinkding/ ’n saamgestelde besinning” (NL 11). Hier kan “dinkding” gesien word as ’n versameling van dinge wat denke oor daardie dinge tot gevolg het. Dit kan dui op die “ding(e)” waarmee gedink word (dinkinstrumente), of “ding(e)” as die resultaat van denke. Die handelinge van bewoonbaar maak (soos in talle van die gedigte in “dinkding” uitgebeeld), kan gesien word as ’n manier of ’n instrument van dink. Daar kan ook verder agter die woord “dinkding” aangeskryf word, waarin ’n ding wat bedink is, as ’n “bedenkseel” voorgehou word. Gedigte kan ook verstaan word as dinkinstrumente of bedinkseels van woon en bou.

Die stelling van Krell (2010:344) dat die veelkantigheid van dinge gesien moet word, laat ’n mens dink aan die Husserliaanse stelreël van die fenomenologie: “terug na die saak self”, aangesien dit vra na die wyse waarop dinge onthul word, alhoewel Heidegger in sy eksistensiële hermeneutiek eerder sou sê: “terug na die *vierskaar*, na die plek waar die syn onthul word”. Die vierskaar word beskryf as die “oorspronklike eenheid” van “vier”, wat insluit die “aarde en hemele, goddelikes en sterflikes byeen” (Heidegger 1989:172). Dit is belangrik vir die ontleding van die digter se werk om die (poëtiese) omskrywings van die elemente van die vierskaar volledig hier aan te haal:

Die aarde is dienend en draend, bloeiend en vrugdraend, uitgestrek in gesteente en waters, opwellend in gewasse en gediertes. As ons sê “aarde”, dan dink ons tegelyk aan die ander drie, maar die eenvoud van die vier bedink ons nie.

Die hemele is die gewelf van die sonnegang, die gedaantewisselende gang van die maan, die wandelende glans van die gesternte, die jaargetye en hul keer, lig en skemerte van die dag, duisternis en helderheid van die nag, aangenaamheid en guurheid van die weer, wandelende wolke en die bloue dieptes van die eter. As ons sê “hemele”, dan dink ons tegelyk aan die ander drie, maar die eenvoud van die vier bedink ons nie.

Die goddelikes is die winkende bodes van die godheid. Uit die heilige teenwoordigheid van die godheid verskyn die god in sy teenwoordigheid, of onttrek hom in sy verhulling. As ons sê “die goddelikes”, dan dink ons tegelyk aan die ander drie, maar die eenvoud van die vier bedink ons nie.

Die sterflikes is die mense. Hulle heet sterflikes omdat hulle kan sterf. Om te sterf beteken om die dood as dood te vermag. Alleen die mens sterf, en hy sterf allens solank hy op die aarde, onder die hemele, voor die goddelikes bly. As ons sê “die sterflikes”, dan dink ons tegelyk aan die ander drie, maar die eenvoud van die vier bedink ons nie. (Heidegger 1989:171–2)

Die ontleding van die wyse waarop die vierskaar in dinge versamel, is belangrik by die lesings van landskap as woon in die gedigte van Breytenbach. Die vierskaar illustreer in watter mate *woon* vir sterflikes bewerkstellig word op die aarde, onder die hemele, voor die goddelikes en in medemenslikheid. Heidegger (1989:173, 177) gee twee voorbeelde van die wyse waarop die vierskaar in dinge versamel. Die eerste is ’n brug, as “’n geboude ding”, en die tweede ’n plaasopstal in die Swartwoud. Daar is reeds gesien dat Heidegger (1989:171) van die standpunt uitgaan dat *bou* “woon” beteken, maar tegelyk ook “om te versorg of te verpleeg”. Albei hierdie maniere van bou, “bou as versorg (Lat. *colere, cultura*) en bou as oprig van geboue (*aedificare*)”, is ingesluit by die “eintlike bou” wat “woon” beteken (Heidegger 1989:171). Die wese van woon bestaan daarin “om tot vrede gebring te wees”, dit wil sê “beskerm in vryheid, die vryheid wat ieder in sy wese laat bly en spaar” (Heidegger 1989:171–2), waarin hierdie “gespaar wees” dan ook die “grondtrek” van woon is. Dit word nie net verstaan in die sin van “geen leed aandoen nie”, maar eerder: “in sy wese laat berus”, dit terug te plaas in sy eiendomlikheid, dit letterlik te ‘omhein’ of te ‘beskerm’ (’n skerm daarom oprig)” (Heidegger 1989:171–2). By die ontleding van woon moet daar dus gevra word in watter mate die vierskaar in die dinge beskerm word.

Eerstens woon sterflikes “in soverre hulle die aarde ‘red’”, wat nie bloot beteken “om ’n gevaar af te weer nie, maar om iets in sy eie wese vry te laat” (Heidegger 1989:172). Dié nosie van die aarde red kan veral in verband gebring word met landskap wat onthul word as ’n vorm van omgewingsbewustheid, wat beteken om die aarde “nie uit te buit nie”, ook nie te “bemeester of onderdanig te maak nie, want van daar af is dit maar ’n klein treetjie na onbeheerste uitbuiting” (Heidegger 1989:172). Tweedens woon sterflikes “in soverre hulle die hemele as hemele ontvang”, waarin die elementale dinge, die “son, maan en die sterre: in hul baan gelaat word”, en “jaargetye in hul seën en teëspoed” (Heidegger 1989:172). Derdens woon die sterflikes, “in soverre hulle wag op die goddelikes”, waarin hulle in hoop “hul onvervulde hoop” aan die goddelikes voorhou, “wag op die tekens van die goddelikes se koms”, “nie self hulle gode [maak] nie, en geen afgode [dien] nie” (Heidegger 1989:172). Vierdens woon sterflikes “in soverre hulle hul eie wese, naamlik om die dood as dood te vermag, in ontvangs neem sodat dit ’n goeie dood mag wees” (Heidegger 1989:172). Ten slotte word opsommend genoem dat woon gebeur in “die red van die aarde, die ontvang van die hemele, die wag op die goddelikes, die begeleiding van sterflikes” “as die viervoudige bewaring van die vierskaar” (Heidegger 1989:172–3).

Daar is reeds genoem dat die vierskaar in “dinge” versamel, wat beteken dat woon nie “alleen maar ’n verblyf op aarde, onder die hemele, voor die goddelikes en met die sterflikes wees” is nie, maar eerder “om altyd reeds by die dinge te vertoef”, wat impliseer dat *om te woon* beteken “om die vierskaar te behoed in dit waarby die sterflikes bly: in die dinge” (Heidegger

1989:173). Die vraag ontstaan egter hoe die vierskaar in die dinge versamel, wat ons bring by die voorbeelde van die “brug” as ’n “geboude ding”, en die voorbeeld van ’n plaasopstal in die Swartwoud. Om die voorbeeld van die wyse waarop die vierskaar in die “brug” versamel, kortliks te belig: “Die brug *versamel* die aarde as landskap om die stroom ... die brug is gereed vir die wisselvallige buie van die weer uit die hemele ... tegelykertyd verskaf hy ’n weg aan die sterflikes ... Die brug *versamel*, as die hangende oorgang, voor die goddelikes ...” (Heidegger 1989:173). Op hierdie wyse kan gesien word hoe die brug “op sy manier aarde en hemel, goddelikes en sterflikes in homself [versamel]”, dit wil sê die brug as ’n ding versamel die vierskaar (Heidegger 1989:173–4).

1.3 Landskap

Die siening dat landskap en woon onlosmaaklik deel van mekaar, is ontleen aan Ingold (2000:190), wat deur middel van ’n uiteensetting van dit wat landskap nié is nie, tot hierdie insig kom: “It [landscape] is not ‘land’, it is not ‘nature’, and it is not ‘space’.” Landskap is eerstens nie “grond” (“land” in Engels) nie; met ander woorde landskap is nie ’n hoeveelheid van iets wat wiskundig beskryf, gekwantifiseer of gemeet kan word nie. In teenstelling met grond, wat “kwantitatief en homogeen” is, moet landskap verstaan word as “kwalitatief en heterogeen” (Ingold 2000:190). Die verskil tussen “landskap” en “grond” kan aan die hand van Breytenbach se agtste gedig van “dinkding” (NL 19) geïllustreer word, waarin die spreker sê: “sewe-uur en reeds met die boer op die land” (reël 1). Die betekenis van “land” in verband met die grond beteken dat dit “kwantitatief” gemeet kan word, byvoorbeeld in hektaar. Dit staan egter teenoor die idee van “landskap” wat ’n “besondere aard” van die land veronderstel, met sy onderskeie kenmerke.

Tweedens is landskap nie “natuur” nie. Alhoewel *natuur* baie dinge kan beteken, gebruik Ingold (2000:191) dit op so ’n manier dat die “ontologiese fondament” daarvan ’n verbeelde skeiding tussen waarnemer en wêreld suggereer. Dit bring mee dat die waarnemer die wêreld in sy bewussyn moet herrangskik voordat enige betekenisvolle betrokkenheid daarmee kan plaasvind. ’n Algemene siening van die natuur is dat dit die dinge is wat “daar buite” is. Alle soorte entiteite is veronderstel om daar te kan bestaan, maar nie “ek” of “jy” nie. Ons lewe “hier binne”, in die “intersubjektiewe ruimte”, deur ons kognitiewe representasies uitgemerk. Die toepassing van hierdie logika forseer ’n aanhoudende dualisme, tussen objek en subjek, materiaal en ideaal, operasioneel en kognitief, en so meer (Ingold 2000:191). ’n Voorbeeld van skrywers wat hierdie terme op so ’n wyse gebruik, is Cosgrove en Daniels (1988) in hulle inleiding tot *The iconography of landscape* (Cosgrove en Daniels (reds.) 1988). Hierin word geskryf: “A landscape is a cultural image, a pictorial way of representing or symbolising surroundings” (1988:1).

Ingold (2000:191) kritiseer hierdie siening soos volg:

I do not share this view. To the contrary, I reject the division between inner and outer worlds – respectively of mind and matter, meaning and substance – upon which such distinctions rests. The landscape, I hold, is not a picture in the imagination, surveyed by the mind’s eye; nor is it an alien and formless substrate awaiting the imposition of human order.

Landskap is volgens Ingold nie soortgelyk aan natuur nie, maar landskap is ook nie aan die kant van die mensheid teen die natuur nie. As die vertroude domein van ons woonplek is

landskap met ons, en nie teen ons nie, maar ook nie minder werklik as gevolg daarvan nie. Deurdat ons daarin lewe is die landskap deel van ons net soos ons deel is daarvan (Ingold 2000:191). Breytenbach se slotgedeelte in die derde gedig van “dinkding” (NL 13) dui op ’n fenomenologiese verwewing van landskap en natuur, wanneer die spreker noem dat hy “die natuur algaande [...] rangskik tot ’n iets meer geordende/ bestaande as weiplek vir sterlig en die sekelmaan” (reëls 15–6). Hierin kan gesien word hoe landskap as woon die skeiding tussen natuur en kultuur langamerhand ophef.

Derdens is landskap nie “ruimte” nie. Ingold (2000:191) stel *ruimte* gelyk aan ’n kartografiese representasie van die aarde se oppervlak, en *landskap* aan die “liggaamlike beweging” van ’n reistog tussen punt A en punt B. Ook redeneer Ingold (2011:145) in sy *Being alive* (2011) dat *ruimte* van alle terme die mees abstrakte en afsydige term is om die realiteite van lewe en ervaring mee te beskryf:

Biologists say that living organisms inhabit *environments*, not space, and whatever else they may be, human beings are certainly organisms. Throughout history, whether as hunters and gatherers, farmers or herders of livestock, people have drawn a living from the *land*, not from space. Farmers plant their crops in the *earth*, not in space, and harvest them from *fields*, not from space. Their animals graze *pastures*, not space. Travellers make their way through the *country*, not through space, and as they walk or stand they plant their feet on the *ground*, not in space. Painters set up their easels in the *landscape*, not in space. When we are at home, we are *indoors*, not in space, and when we go outdoors we are in the *open*, not in space. Casting our eyes upwards, we see the *sky*, not space, and on a windy day we feel the *air*, not space. Space is nothing, and because it is nothing it cannot truly be inhabited at all.

Soos Wylie (2007:160) tereg opmerk, bewerkstellig hierdie onderskeidings ’n fenomenologiese kredo met betrekking tot landskap, gewortel in alledaagse, beliggaaemde bewoning. Landskap is verwant aan ’n “beliggaming”, wat Ingold sien as ’n voortgesette en vrugbare proses van handeling in en met die wêreld. Uit die oogpunt van woon, is landskap verweef met temporaliteit (Wylie 2007:160–1). Met die oog op landskap, in samewerking met temporaliteit, vermeld Ingold (2000:190) dat hy ten doel het om die onderskeid tussen landskap en temporaliteit op te hef. Om hierdie doel te bereik, kontrasteer hy “abstrakte chronologiese horlosietyd” en “geskiedenis” (as konstrakte van Westerse denke) met “beleefde”, “sosiale tyd”. Dit wil sê, temporaliteit word gegrond in betrokke, liggaamlike aktiwiteite, waarin ons tyd nie beleef as toeskouers nie, maar as deelnemers in die uitvoering van ons take (Ingold 2000:196).

1.4 Die taaskap

Om ’n beter begrip van *woon* te verkry, onderskei Ingold (2000:195) tussen die *landskap* en die *taaskap* (taskscape). ’n Taak word deur Ingold (2000:195) gedefinieer as “any practical operation, carried out by a skilled agent in an environment, as part of his or her normal business of life. In other words, tasks are the constitutive acts of dwelling.”

Deurdat take beskou word as die konstitutiewe handeling van woon, sal daar by die ontleding van die taaskap spesifiek ondersoek ingestel word na die wyse waarop die geheel van take woon uitmaak. Elke taak verkry betekenis vanaf daardie spesifieke taak se posisie binne ’n ensemble van take, wat in “serie” of in “parallel” uitgevoer word, meestal in

samewerking met 'n aantal ander mense wat daaraan meewerk. Dit is dan na die volledige ensemble take waarna verwys word as die “taakskap” (Ingold 2000:195).

Om die werking van die taakskap verder te verduidelik, kan die prosesse van 'n orkesuitvoering met dié van sosiale lewe vergelyk word (Ingold 2000:196–7). Hiervolgens kan gesien word dat die take in die taakskap soos 'n orkesuitvoering (1) ritmies eerder as metronomies is, (2) nie net uit een ritmiese siklus bestaan nie, maar uit 'n komplekse verwewing van verskillende en gelyktydige siklusse, en (3) dat die taakskap (soos musiek) uit beweging tot stand kom. Hieruit is dit duidelik dat musiek die vorm is wat die taakskap op die beste wyse weergee, terwyl skilderkuns die beste manier is om landskap weer te gee (Ingold 2000:196–7).

Die verskil tussen die taakskap en landskap is dat die landskap “pasklaar” (“readymade” in Engels) is. Die vorme van die landskap word op dieselfde wyse as musiek uit beweging gegenereer, maar anders as musiek het dit in 'n vaste medium gestol. Danksy die soliditeit daarvan bly die landskap daar vir bestudering lank na die beweging plaasgevind het (Ingold 2000:198).

Dan is dit ook belangrik om te noem dat die vorme van die landskap naas die vorme van die taakskap plaasvind. Landskap, as die “gestolde vorms” van die “taakskap”, verklaar dan ook waarom landskap op 'n “intuïtiewe” wyse die dinge is wat ons “sien”, terwyl die taakskap dit is wat ons “hoor”. Geen aktiwiteit is nodig vir iets om gesien te word nie (landskap), maar iets moet op aktiewe wyse klanke maak of deur die beweging daarvan klanke tot gevolg hê (taakskap) voordat ons dit kan hoor.

Dit kan soos volg verduidelik word: ek sien deur my venster 'n landskap van huise, bome, tuine, 'n straat en 'n sypaadjie. Ek hoor nie enige van hierdie dinge nie, maar ek hoor mense op die sypaadjie praat, 'n kar wat verbyry, voëls wat sing in 'n boom, honde wat êrens blaf in die verte, en die klank van die buurman besig om te werskaf in sy skuur (Ingold 2000:199). Hierdeur word gesien dat die domein van die taakskap nie net beperk is tot mense nie – ons hoor sowel diere as mense, byvoorbeeld voëls en honde (Ingold 2000:199).

Dan kan daar ook gevra word of die grense van die taakskap tot die grense van “lewend” beperk is. In die eerste plek is “ritme” die basis van lewe, maar nie beperk tot lewe nie. In die tweede plek kan die eienskap van “lewend wees” nie toegeskryf word aan objekte in isolasie nie. Die lewe is met ander woorde nie 'n beginsel wat sigself afsonderlik in individuele organismes vestig nie. Dit wil sê, wanneer ons aan die wêreld as 'n “totale beweging van wording” dink, kan die onderskeid tussen “lewende” en “nielewende” dinge opgehef word (Ingold 2000:200). Op grond hiervan kom Ingold (2000:200) tot die gevolgtrekking dat alles deel is van 'n wordingsproses en gesuspendeer is in beweging. Die wêreld is nie iets waarna ons kan kyk nie, maar 'n proses waarvan ons deel is.

Om die aspekte van die taakskap wat Ingold (2000:195–200) bespreek, kortliks saam te vat: die taakskap word gesien as die afgebakende ruimte waarbinne die alledaagse take van woon ontleed word. Die taakskap en die landskap is inherent deel van dieselfde proses, maar waar ons by landskap 'n reeks verwante *kenmerke* ondersoek, word 'n reeks verwante *werksaamhede* by die taakskap bestudeer (Ingold 2000:195). Die onderskeid tussen die taakskap en die landskap kan daarom opgehef word, mits menslike bewoning in die konteks

van die wordingsproses van die wêreld in sy geheel geplaas word. Dit kan gebeur slegs indien die fundamentele temporaliteit van die landskap erken word (Ingold 2000:201).

2. Landskap as woon in “dinkding”

Die gedigsiklus “dinkding” (NL 11–22) is opgeneem in die tweede afdeling van die bundel met die titel “landberig”. Soos Gouws (1993) tereg aandui, handel hierdie afdeling “oor die skeppingsruimte wat bewoon moet word”, wat deel uitmaak van ’n groter patroon wat in die gedigsiklus uitgewerk word.

In “dinkding” maak die bewoning van die skeppingsruimte nie net deel uit van die inrig van die woonhuis nie, maar ook van die opknappingswerk op die werf buite die huis, die verkenning van die omgewing waarin die woonhuis gesitueer is, die landerye in die omliggende gebied, die dorp en die industriële gebied, die hoogland van Monegros, die land (Spanje) en die kontinent (Europa) teenoor die ander kontinente (Afrika). Dié ruimtes word telkens nader ondersoek namate die gedigsiklus vorder, en maak deel uit van die spreker se “landberig”. Die verkenning van die skeppingsruimte wat die spreker deur die loop van die siklus beskryf en beskilder, openbaar dan ook die “fluïditeit” of “eenheid” (Beukes 2009:169) wat deur die aaneenlopende vervolg van die gedigte bewerkstellig word.

In die ontleding van “dinkding” (NL 11–22) sal ondersoek ingestel word na die onderliggende temporaliteit van die landskap soos dit in die gedigte openbaar word en die wyse waarop die sterflikes die vierskaar in die dinge versamel om vas te stel in watter mate *woon* (as die grondtrek van die syn) in Breytenbach se gedigsiklus in die vooruitsig gestel word, bewerkstellig word, of glad nie moontlik is nie.

2.1 Vensters oopmaak/ wind vang

Die eerste gedig van “dinkding” (NL 11) beskryf verskeie take by die intrek in ’n nuwe huis, van die betrek en bewoonbaar maak van vertrekke in die nuwe woonhuis (strofe een) en die oorkoepelende taak van sigself oriënteer in die omgewing (strofe twee), tot by die taak om die huis letterlik en liggaamlik te bewoon (strofe drie). Die slotkoeplet ontsluit die oorkoepelende tema van die gedigsiklus, wat nie vra net na die wyse waarop sterflikes op aarde woon nie, maar ook na wat dit beteken “om te behoort”.

- 1 nuwe matrasse na die boonste vloer gedra
- 2 katelstyle afgestof, vensters oopgemaak
- 3 sodat soet kruid die vertrekke kan balsem
- 4 uitgekyk: ek is so trots op daardie heuwels
- 5 asof ek hulle self geteken het

- 6 voëls sal geïdentifiseer moet word
- 7 noemname kry, windrigtings uitgesit
- 8 en bome herkenbare skete en loseerders
- 9 die hoepoe het ’n groen klok om die hals

- 10 dop geskink: Bell's (Old Scotch Whisky)
- 11 toe die deure gesluit om die duiwels
- 12 voorlopig buitenshuis te hou
- 13 en vuur gestook met die opgesaagde
- 14 halfdroë stompe in die kombuiskaggel

- 15 hier sal ek wind vang
- 16 oud word in 'n ander land.

Die vensters word in die eerste strofe van die gedig oopgemaak (reël 2), wat as betekenisvol gesien word in verhouding tot die vertrekke van die huis, “sodat soet kruid die vertrekke kan balsem” (reël 3), maar die oopmaak van die vensters is nie net betekenisvol wat betref die vertrekke in die huis nie: die vensters word ook na buite oopgemaak sodat die persoon kan uitkyk op “daardie heuwels” (reël 4) in die verte (let op die deiktiese woord “daardie” wat afstand te kenne gee). Die vensters wat oopgemaak word, het ten doel om die vierskaar in die dinge te versamel, wat woon as “die viervoudige bewaring van die vierskaar” (Heidegger 1989:173) in die vooruitsig stel.

Die welriekende lug, wat met die hemele verband hou, vervang die muwwe reuk van die toegestane huis. Die plante verrig 'n spesifieke taak, naamlik om die vertrekke te “balsem” (reël 3), wat metafores verband hou met die versagting van droefheid, maar ook preserving teen ontbinding. Laasgenoemde preserving hou spesifiek verband met die voortsetting van woon, dit wil sê die wyse waarop die elemente van die vierskaar nie net in die verskillende dinge *versamel* word nie, maar ook daarin *bewaar* bly. Die vensters is 'n uitkykpunt vir die spreker, wat 'n subjek-objek-verhouding bewerkstellig uit die oogpunt van die selfstandige subjek (die kunstenaar) wat vanuit 'n sekere sienswyse na die objek (die heuwels) kyk. Met sy uitkyk-handeling wil hy die landskaptoneel in besit neem, met sy trots en tekenvaardigheid die landskap annekseer, maar meer nog: tot sy eie uiting en produk omvorm.

In strofe twee dink die spreker aan take wat in die toekoms uitgevoer moet word, byvoorbeeld dat voëls geïdentifiseer moet word en noemname moet kry (reëls 6–7), asook dat “windrigtings uitgesit” (reël 7) moet word. Die take wat die spreker uitvoer, is *nadenke oor take* wat nog in die toekoms uitgevoer moet word. Die hoepoe se geluid word ikonies deur die herhaling van die *oe*-klank in die woorde *groen* en *hoepoe* (reël 9) uitgebeeld en dien terselfdertyd as onomatopoeë. Hierin kan gesien word hoe die taakskap nie net belig word in aktiwiteite wat uitgevoer word nie, maar ook op 'n dieperliggende vlak onthul word in die klankpatrone van die gedig, dit wil sê op taalvlak wat vorm gee aan die taakskap. Met inagneming van die benoeming van voëls en die uitsit van windrigtings, kan afgelei word dat die spreker homself in die nuwe omgewing oriënteer.

In strofe drie word die woonhuis as 'n skuiling teen gevaar buite tot stand gebring wanneer die spreker die deure sluit “om die duiwels/ voorlopig buitenshuis te hou” (reëls 11–2), wat die tipiese dialektiek in huisgedigte bewerkstellig tussen die veilige binnekant, met die kombuiskaggel (reël 14), en die onherbergsame buitekant met sy “duiwels” (reël 11). Binne die woonhuis word “dop geskink: Bell's (Old Scotch Whiskey)” (reël 10) en “vuur gestook met die opgesaagde/ halfdroë stompe in die kombuiskaggel” (reëls 13–4), wat dui op die take van die woonhuis in besit neem, vier, verwarm en gesellig maak. Die taak van “wind vang” (reël 15) word in die laaste strofe voor oog gestel, en “oud word in 'n ander land” (reël 16), wat die vraag na *behoort* aan die orde stel. Die spreker maak hierin duidelik dat hy hom nie

in sy geboorteland bevind nie, maar dat dit wel hier is waar hy wil oud word, wat verklaar waarom hy die vierskaar in die dinge wil versamel – vergelyk die windrigtings wat uitgesit en voëls wat benoem moet word – sodat woon in die vooruitsig gestel word.

'n Hele aantal werksaamhede kom in die gedig na vore wat spesifiek gaan oor die bewoonbaar maak van die nuwe woonhuis. Hierdie bedrywighede kry egter bykomende betekenis met betrekking tot die tematiek van emigrasie en hervestiging in 'n ander land wat vra na die betekenis van “om te behoort”, wat verder in die siklus ook aan bod gebring word. Die verskillende maniere waarop die sterflike die vierskaar in die dinge bring, sluit in die oopmaak van die vensters in strofe een, en die uitsit van die windrigtings in strofe twee, alhoewel woon hier nog net in die vooruitsig gestel word. Daar kan ook gewys word op die manier waarop die spreker in verhouding tree met die vierskaar deur sy onderskeie werksaamhede, wat sy ervaring van woon en dus ook die taakskap vooropstel.

2.2 Wynslim bewoon

In aansluiting by die verskillende aktiwiteite van die huis inrig en leefbaar maak, word in die tweede gedig van “dinkding” (NL 12) gewys op werksaamhede in die tuin van die woonhuis wat deel uitmaak van die wyse waarop die ek-spreker die verskillende ruimtes in die loop van die gedigsiklus verken. Dié gedig gaan oor die wyse waarop 'n “geboude ding” gemaak word vir die oprig van 'n prieel (en later ook die maak van wyn), waarin die vierskaar versamel. Dit toon aan hoe woon nie net in die vooruitsig gestel word nie, maar ook bewerkstellig word en die voortsetting daarvan verseker word. Die draad wat teen die muur gespan word, kan gesien word as 'n “geboude ding”, wat net soos Heidegger (1989:173) se “brug”, die vierskaar in sigself versamel. Verder illustreer die gedig ook Ingold (2000:186) se woonperspektief. Om te verduidelik: die formasies wat op die grond gebou word, sluit in die spykers wat “in die muur geplant”, en die draad wat daarteen gespan (reël 1) word, asook verbeeldingsboudinge, wat eers in die toekoms voltrek sal word “wanneer die druiwetrosse pers en ryp hang/ van die somer ...” (reëls 4–5). Dié formasies spruit voort uit die sterflike se betrokke werksaamhede met sy omgewing, wat nie net die vierskaar in die dinge bring nie, maar ook die voortsetting daarvan met die verloop van tyd verseker.

- 1 spykers in die muur geplant, draad gespan
- 2 om die wingerdstok aan op te lei
- 3 tot 'n prieel van groen geleerdheid
- 4 wanneer die druiwetrosse pers en ryp hang
- 5 van die somer sal ek hulle pluk en pars
- 6 om najaarsaande by die vuur
- 7 wynslim die woord groen-groen te vang.

Die wyse waarop die vierskaar in die dinge versamel, word aangedui aan die begin van strofe twee met die woord “wanneer”, wat veronderstel dat die druiwetrosse nog in die toekoms “pers en ryp” sal “hang/ van die somer”. Let veral op die woord “somer”, wat impliseer dat die hemele, wat met die seisoene geassosieer word, nog in ontvangs geneem sal word, sodat die druiwetrosse tot hulle volle ryping sal kom. Hierdeur versamel die draad wat met spykers teen die muur geïnstalleer is, die elemente van die vierskaar, wat woon bewerkstellig deurdadig daar by die dinge vertoef word (Heidegger 1989:173). Terselfdertyd word woon in die

vooruitsig gestel, aangesien dit 'n proses is wat oor seisoene heen voltrek word. Die spreker sal dan die druiwetosse pluk en pars wat tot wyn gemaak word. Wanneer hy dan “najaarsaande by die vuur” (reël 6) sit, sal die wyn gedrink word, wat die verlede en die vierskaar op 'n metaforiese wyse “preserveer” in die wyn wat gedrink word. Die spreker bring egter ook 'n gedig na vore deur “wynslim die woord groen-groen te vang” (reël 7), wat beteken dat hy gedigte skryf onder die (skynslim) invloed van die drank. Die woord “groen-groen” dui op die wyse waarop “die woord” dan “gevang” word: dit wil sê, hy kan die woord vinnig vang onder die invloed van die wyn, maar die gedig is nog groenerig, dit wil sê nog nie ryp nie – dit moet nog tot volwassenheid groei – wat ook dui op verdere afronding wat die verse nodig sal hê. Hier kan die skryftaak met die wynbou vergelyk word, aangesien die gedig soos die aanvanklike priedel, wat beskryf is as “'n priedel van groen geleerdheid”, eers deur seisoene tot volwassenheid kom.

Die vraag ontstaan na die plek van die “goddelikes” in die gedig. Holm en Schoeman (1989:178) noem in 'n voetnota by Heidegger se “Bou, woon, dink” dat die “goddelikes” die moeilikste is om te verstaan, en vra: “Waarom is hulle nie met ‘die sterflikes’ gekontrasteer en eerder ‘die onsterflikes’ of dan ‘God’ genoem nie?” In Heidegger (1989:173) se bespreking van die wyse waarop die vierskaar in die “brug” versamel, is daar egter 'n meer verstaanbare uiteensetting van die wyse waarop die goddelikes in dinge versamel:

Die brug *versamel*, as die hangende oorgang, voor die goddelikes – wanneer ons uitdruklik hulle teenwoordigheid gedenk en sigbaar ons dank daarvoor betuig soos in die figuur van 'n heilige (beskermheer) van die brug, of ook daar waar die goddelike teenwoordigheid verwring en selfs heeltemal eenkant toe geskuif word.

Die proses van die maak van die priedel en die maak van die wyn gebeur met ander woorde vóór die goddelikes, hetsy hulle teenwoordigheid gedenk word, in byvoorbeeld die drink van die wyn wat die gode gedenk, soos gebruiklik is met die Christelike nagmaal, hetsy die verwringing daarvan, wat vergelyk kan word met die deure (reël 11) wat in die vorige gedig op 'n metaforiese wyse gesluit word, met die doel “om die duiwels/ voorlopig buitenshuis te hou” (reëls 11–2). Hierdeur kan gesien word hoe die sterflike in verhouding tot die elemente van die vierskaar *woon* bewerkstellig. Heidegger (1989:177) noem dat woon “*die grondtrek van die Syn*” (oorspronklike kursivering) is, en dat sterflikes dienooreenkomstig bestaan – dit wil sê in soverre daar gewoon word, kan daar eers gebou word.

2.3 Herstelwerk op die werf

In “dinkding” se derde gedig (NL 13) word herstelwerk op die werf van die woonhuis verrig deur die uitvoer van verskillende take. In die gedig kan Heidegger se onderskeid in *Sein und Zeit* (1927) (vertaal in Engels as *Being and time* (1962) deur Macquarrie en Robinson) tussen *Vorhandenheit* (“belangeloos” in Afrikaans) en *Zuhandenheit* (“byderhand” of “ter-handewees” in Afrikaans) gebruik word in die ontleding van die woonaktiwiteite wat in die taakskap na vore kom. Om hierdie terme kortliks bekend te stel: dinge wat Dasein sien as toerusting, kan bestempel word as “byderhand”. In teenstelling hiermee dui “belangeloos” op die dinge waarby Dasein geen belang het nie (Watts 2011:47–8). Daar kan wel genoem word dat 'n ding wat “belangeloos” skyn te wees, wel verander kan word tot iets wat “byderhand” is, of dat iets wat vir een persoon “belangeloos” voorkom, vir 'n ander “byderhand” kan wees. In dié gedig is die voorbeeld van die “doringrige lote” wat belangeloos skyn te wees, maar “glad” (reël 12) gemaak word deur die spreker sodat hy “langsteel” kan “maak vir die

sekel” (reël 13) met die doel om “onkruid uit te roei” (reël 14), wat illustreer hoe die lote deur die aktiewe gebruik daarvan byderhand is om die taak mee uit te voer.

Vervolgens word gekyk na die verskillende take wat uitgevoer word, en op watter wyse woon bewerkstellig word.

- 1 te lank is die werf tot niet laat gaan
- 2 braambosse het muur en heining toegetakel
- 3 met die ou buurman se hulp kap ek ’n oopte
- 4 rondom die granaatboom by die stal
- 5 waar die dak lankal makeer
- 6 van die vrugte begin geel
- 7 reeds bloei na ’n rooier ryp soos sterre gulsig gryp
- 8 na die mooier lig van ’n ander heelal
- 9 die boom het wild gegroei
- 10 ons snoei dit
- 11 tot fatsoen en met die kapmes werskaf
- 12 ek een van die doringrige lote glad
- 13 om langsteel te maak vir die sekel
- 14 waarmee ek die onkruid uit gaan roei,
- 15 die natuur algaande te rangskik tot ’n iets meer geordende
- 16 bestaan as weiplek vir sterlig en die sekelmaan.

Die spreker wys daarop dat “die werf [te lank] tot niet laat gaan [is]” (reël 1). Dié toestand van die werf wat tot niet laat gaan is, dui daarop dat die geboude dinge (wat woon in die verlede bewerkstellig het) besig is om terug te trek in die aarde, met ander woorde die taakskap openbaar onthulling as die stryd tussen “wêreld” en “aarde”.² Dit is dan die taak van die spreker, in samewerking met “die ou buurman” (reël 3) om herstelwerk op die werf te doen, sodat die werf nie meer lyk asof dit tot niet gaan nie. Hierin word die werfdinge “gespaar”, dit wil sê in hul “vryheid” “beskerm”, wat die grondtrek is van *woon* (Heidegger 1989:171–2). Die kapding word geïmpliseer waarmee die spreker “met die ou buurman se hulp” “’n oopte/ rondom die granaatboom by die stal” (reëls 3–4) kap. Die kapding is met ander woorde “byderhand”. Die noem van die “dak” wat “lankal makeer” (reël 5) veronderstel herstelwerk wat in die vooruitsig gestel word, maar gee ook meer besonderhede oor die werfopset, wat in die eerste vyf reëls onthul word.

Die tipografiese wit in versreël 6 dui op ’n verandering in fokus, van die dak wat “makeer” na die vrugte wat “begin geel”, dit wil sê ryp word soos hulle “bloei na ’n rooier ryp” (reël 7) kleur. Dié bloei van die vrugte gebeur op dieselfde tydstip as toe die “sterre” op figuurlike wyse “gulsig gryp/ na die mooier lig van ’n ander heelal” (reëls 7–8), waarin die “gryp” van die sterre dui op beweging wat as gulsig beskou word, dit wil sê wat begerigheid of gretigheid aandui. Die beweging van sterre is “na die mooier lig van ’n ander heelal” (reël 8), wat veronderstel dat “sterre” die begeerte ervaar om dié “mooier lig van ’n ander heelal” te sien. Maar wat veronderstel dié “mooier lig van ’n ander heelal”? Hier kan gewys word op Heidegger se term *Ereignis* (“gebeurtenis”) wat dui op die manier waarop iets beweeg om sigself tot verwesenliking te bring. Dit wil sê die sterre wil “na die mooier lig van ’n ander heelal” beweeg ter verwesenliking van sigself, wat ’n metafoor word vir die wyse waarop die vrugte ryp word en die wyse waarop die werf ’n woonplek word wat die vierskaar versamel.

In hierdie sin laat die taaskap onthulling sien as “gebeurtenis”, wat dui op die werksaamhede wat ’n beweging aantoon om sigself te verwesenlik. Soos gesien kan word, is dié take nie net van toepassing op die sterflike nie, maar kan die sterflike die aarde “red” en die hemele as hemele ontvang. Die beskrywing van “die mooier lig van ’n ander heelal” kan dan ook gesien word as ’n transendente wêreld, of “die winkende bodes van die godheid” (Heidegger 1989:172), wat onthul word aan die spreker, wat in die redding van die aarde, in die ontvangs van die hemele en in medemenslikheid woon.

In die tweede strofe dui die spreker ’n boom aan wat “wild gegroei” (reël 9) het, en dan “tot fatsoen” (reël 11) gesnoei word, wat die snoeiskêr veronderstel wat “byderhand” is. ’n Voorbeeld van ’n ding wat “belangeloos” lyk, maar verwerk word tot iets wat “byderhand” is, kan gevind word in die verwerking van “een van die doringrige lote” wat “glad” (reël 12) afgewerk word met die doel “om langsteel te maak vir die sekel” (reël 13), sodat dit gebruik kan word om onkruid (reël 14) mee uit te roei. Hierin word die dinamiese verhoudings geïllustreer waarin dinge nuttig (en betekenisvol) aangewend word om sekere take suksesvol mee uit te voer (Sheehan 2005:359).

Ten slotte wys die spreker daarop dat hy met die take op die werf ten doel het om “die natuur algaande te rangskik tot ’n iets meer geordende/ bestaan as weiplek vir sterlig en die sekelmaan” (reëls 15–6), wat suggereer dat die werf tans nie geskik is vir menslike bewoning nie. Tog is daar reeds ’n stuk be-skawing in die veld wat ’n “weiplek” is van die makgemaakte sterlig en sekelmaan, maar daar kan van Ingold (2000:191) se siening uitgegaan word, naamlik dat hy met die kultivering van die “natuurlike” dinge van die veronderstelling uitgaan dat die natuur nie apart is van die mens nie, maar dat dit deel vorm van die domein van menslike bewoning. Deur die rangskikking van dinge kan die spanning tussen natuur en kultuur dus ondermyn word, wat tekenend is van die landskapfenomenologie.

Wylie (2007:11) kan in hierdie opsig aangehaal word:

Perhaps it is unproductive to think of “nature” and “culture” as two primary, given terms whose interaction, materially or discursively, produces “landscapes”. Perhaps instead we should think of *landscaping* first. That is, we should think about practices, habits, actions and events, ongoing processes of relating and un-relating, that come before any separation of “nature” and “culture”. Instead of landscape being the outcome of interactions of nature and culture, *practices* of landscaping – everyday things like walking, looking, gardening, driving, building – are in actuality the cause and origin of our ideas of what is “nature” and what is “culture”.

Dit is dan juis hierdie werksaamhede van die werf bewoonbaar maak wat laat blyk in watter mate die “natuur” deel is van die mens se woonwêreld. Dit veronderstel ’n wisselwerking met die landskap as “aarde” en stel ook die aard van die landskapfenomenologie, as ’n meer direkte, liggaamlike kontak met en ervaring van landskap (Wylie 2007:139), voorop.

2.4 Tussenwêreld

Die vierde gedig (NL 14–5) van “dinkding” illustreer verskillende dimensies van woon, en hoe betekenis deur dag en nag, en droom en werklikheid, maar ook rakende tussenwêreld tot stand gebring kan word, al is die betekenis daarvan op ’n paradoksale wyse dan ook nie

(meer) betekenisvol nie. Die wyse waarop dié landskappe ingevolge die benadering van landskap as woon betekenisvol kan wees, is gesetel in die idee dat die digter 'n soort halfgod is, wat in 'n tipe niemandsland verkeer en as bemiddelaar tussen die goddelikes en die sterflikes optree. In strofe een beskryf die spreker hoedat om “opgeskrik te word van jou droom” (reël 2) soortgelyk is daaraan “om van dimensie te verwissel” (reël 3). Die opskrik uit die slaap behels die ordening van die werklikheidselemente, aangesien “al die elemente” (reël 5) daar is, maar wel “van partituur en samehang ontwig” (reël 6). Die sterflike moet dus hierdie elemente orden om weer sin te kan maak van die werklikheid:

- 1 om met die kraak van die dag
- 2 opgeskrik te word van jou droom
- 3 is om van dimensie te verwissel soos die uil
- 4 in die blinde lig verwilder van sy nes
- 5 bloederige muis: al die elemente
- 6 is weer daar dog tans van partituur en samehang ontwig.

Die nag word in strofe twee as “prehistoriese” (reël 11) beskryf, wat skakel met drome; tog is die nag die wakker-wêreld van die uil, wat in hierdie ure “alles weet/ en een ding sien” (reëls 9–10), dit wil sê net gefokus is op die vang van sy prooi. In die oggend “verwilder” “die blinde lig” (reël 4) die uil van sy nes (wat 'n metafoor is vir die skryfproses van die digter gedurende die nag), en is daar “bloederige muis” (reël 5), tekenend van die uil se nagtelike jagtog. Die woord “prehistoriese” (reël 11) dui dan ook op die prehistoriese tye van die mens, en daar word uitgebrei oor “die noemers wat hier die aarde omgedolwe het” (reël 12). Hierin kan die landskap gesien word as die “gestolde vorm” van die taakskap (Ingold 2000:198), wat vergelyk word met 'n droom as vae herinnering, aangesien daar van die “noemers” “beswaarlik beenskerwe oorgebly” (reël 15) het, “rookbevrore woongrotte” (reël 16) en “raaiselagtige beeldjies van die aardgodin” (reël 18). Die woongrotte kom ooreen met die moderne huis wat beskerming bied vir die sterflike, en in die teken staan van die wete van woon, ondanks die prehistoriese.

- 11 nag, het ek gesê, is prehistoriese:
- 12 van die noemers wat hier die aarde omgedolwe het
- 13 en met pelsjasse aan die winterdiere
- 14 na kon maak en verorber
- 15 het beswaarlik beenskerwe oorgebly,
- 16 rookbevrore woongrotte, die name van bergpas
- 17 en woestyn en fontein, in koue leem
- 18 raaiselagtige beeldjies van die aardgodin
- 19 met die gulle heupe waarop jy heelnag hemel
- 20 toe kon ry, [...]

Die artefakte bring dus insig in die wyse waarop die prehistoriese mens gewoon het. Die “beeldjies van die aardgodin” (reël 18) dui byvoorbeeld op die wyse waarop die vierskaar in dinge gebring is, wat veronderstel dat die prehistoriese mens as sterflike 'n wete van sy sterflikheid gehad het. Ook word die “aardgodin” verbeel en tot 'n kunswerk gemaak, wat 'n wêreld oopmaak wat die noodsaaklikheid van voortplanting vir die voortbestaan van die mens onthul, maar ook wys op “die gulle heupe waarop jy heelnag hemel/ toe kon ry” (reëls 19–20), wat seksuele omgang vooropstel. Die tweede strofe word afgesluit met die woorde:

- 27 nag, het ek gesê, is van die aarde en dag
28 van rede omrede daar geen sonopgaan
29 sonder nagsterfte is.

Hierin word nag geassosieer met die aarde (reël 27), wat in Heidegger (2002:25) se essay oor die oorsprong van die kunswerk onthul word as dit wat in wese “verhulling” onthul. Die dag word geassosieer met die rede (reël 28), met ander woorde die moontlikheid om syndes (en die syn in die geheel daarvan) uitvoerig en resloos te ken. Die dag en rede hou dus verband met die “wêreld” as die sfeer van interpreteerbare kulturele oopheid, maar die “sonopgaan” (reël 28) is nie moontlik “sonder nagsterfte” (reël 29) nie, wat die wêreld-aarde-stryd metaforiseer volgens die dag as oop en interpreteerbaar en die nag as onkenbaar.

In strofe drie stel die spreker voor dat die “deur op ’n skrefie” (reël 30) oopgemaak word, sodat daar “deur die kraak tussen nag en dag” (reël 31) geglip kan word, wat ’n *tussenwêreld* veronderstel, ’n wêreld sonder patrone of betekenis, wat georden moet word:

- 30 maak die deur op ’n skrefie oop: om
31 deur die kraak tussen nag en dag te glip
32 is om op ’n verlate slagveld tereg te kom
33 en bysiende patrone te probeer maak;
34 jy draai die klippe om en kry wit ploeteraars
35 maar geen betekenis van klipwees nie,
36 situeer die wolk, waterpas die son,
37 hou dop hoe brommers ou stewels leeg vreet,
38 praat met die beminde lyk, trek
39 van jou skaduwee ’n strepie na die vrek-ek –
40 dit alles met lig blind besmeer

Om “deur die kraak van dag en nag te glip” veronderstel ’n plek van niebestaan, waarvandaan die betekenis van lewe bedink moet word, maar die betekenis daarvan nie gevind kan word nie. Vanuit hierdie posisie, wat beskryf word as “’n verlate slagveld” (reël 32) waar jy besig is om dood te gaan, lyk die wêreld on-gewoon, dit wil sê ’n plek waar woon nie meer moontlik is nie. Dié tussenwêreld is soortgelyk aan die tussenwêreld in Heidegger se siening van die digter as halfgod, wat soos volg deur Watts (2011:190) uiteengesit word (aldus Heidegger se besinning oor Hölderlin se poësie):

Influenced by his readings of Hölderlin, Heidegger sometimes spoke of the poet as being like a demi-god: a mediator between humankind (mortals) and the gods, situated in a no-man’s-land in between humans and gods, conveying what the gods are hinting to the people, the identity and destiny of mankind being determined in this no-man’s-land.

In die derde strofe word juis vanuit hierdie tussenwêreld gepraat, die wêreld van lewe en dood, waarin die veronderstelde personasie probeer sin maak van sy in-die-wêreld-syn. Die verbete handeling van sin maak “op ’n verlate slagveld” behels die omdraai van klippe, wat inderdaad “wit ploeteraars” (reël 33) ontbloom, “maar geen betekenis van klipwees nie” (reël 34), wat terugspeel na die betekenis van nag as onkenbaar. Die pogings tot singewing kan ook gesien word in die wyse waarop die persoon op die slagveld die wolk “situeer” en die son “waterpas” (reël 36), soos ’n landskaptekenaar, maar in die konteks van die slagveld en

die gedagte dat die persoon besig is om “patrone te probeer maak”, is dit nie sinvol nie. Dié dinge maak met ander woorde nie oop tot die vierskaar nie; dit wil sê woon word nie bewerkstellig of in die vooruitsig gestel nie. Die klippe sê niks van “klipwees” nie, dit wil sê dit bly on-gewoon. Die “ou stewels” word leeggevreet deur “brommers” (reël 37), daar word gepraat “met die beminde lyk” (reël 38), maar niks kan die “lyk” weer tot lewe bring nie. Selfs “van jou skaduwee” word “’n strepie na die vrek-ek” (reël 39) getrek, wat die lig (reël 40) as “dag”, “rede” of kortom “wêreld” as interpreteerbare kultuuruimte in die lig van die dood stel.

- 41 vanaand herinner jy jou ’n histerie
- 42 en ’n vreugde tot in die moer gevoel:
- 43 vanaand sit jy jou landskappe woorddroog in stansas uit
- 44 om histerektomies te onthou dat jy wêl gesien het.

In die laaste strofe dui “woorddroog” op ’n afstand tussen die “landskappe” wat be-leef is teenoor die woorde wat in stansas uitgesit word. Hierin word dus gewys op die preserving-funksie van gedigte. Dié landskappe van “onthou” (reël 44) is wel “histerektomies” (reël 44), dit wil sê die baarmoeder van onthou is uitgehaal. Die baarmoeder veronderstel die “be-leefde” landskappe, wat met ander woorde vrugbaar is vir die skryf, maar nie meer voor hande is nie. Ook interessant is die woord “jou” in “jou landskappe”, wat die wisselwerking aandui tussen die individu en die landskappe. Die wisselwerking het tot gevolg dat die individu die “landskappe” vir homself toe-eien, dit wil sê dit kan nie sonder hom bestaan nie. Daarom dat hy sy “landskappe woorddroog in stansas uit[sit]” wat andersins verlore sou raak. Maar die “onthou” daarvan is “histerektomies”, dit wil sê dit staan in sterk kontras met die belewing daarvan, wat beskryf word as “’n histerie/ en ’n vreugde tot in die moer gevoel” (reëls 41–2), en die skryfproses word daarsonder beskryf, dit wil sê sonder die “moer”, die baarmoeder; dit is afgekoel, tweedehands.

Die vraag ontstaan of daar ’n groter prentjie van landskap as woon in die gedigsiklus na vore kom, dit wil sê in verband met die woonhuis, die werf, die omgewing, ens. Daar kan geargumenteer word dat woon in die gedig tot stand gebring word in die wyse waarop die digter by die “skryfdinge” vertoef, dit wil sê in die wyse waarop oor die dinge gedink word, wat self ook as ’n aktiwiteit van woon onthul word.

2.5 Die ondraaglikheid van lig

Die vyfde gedig van “dinkding” (NL 16) beeld die alledaagse aktiwiteite van drie personasies uit. In die eerste strofe word dié van ’n blinde “loterykaartjie-/ verkoper” (reëls 2–3) uitgebeeld, in die tweede strofe ’n “blinde swaktongige” (reël 13) en in die derde strofe ’n selfportret van die spreker. Dié gedig fokus, anders as die eerste drie gedigte van “dinkding”, op die onmoontlikheid van woon in ’n wêreld waarin die vierskaar nie in dinge versamel word nie. In strofe een sit die blinde loterykaartjieverkoper “langs die hoofstraat op die hoek/ oorkant die poskantoor” (reëls 1–2), wat die dorpslandskap as ’n wêreld met sy gepaardgaande entiteite onthul. Sy oë word beskryf as “twee troebel moontlikhede/ in die oogkaste” (reëls 4–5). Hulle is met ander woorde ’n metafoor vir sy blinde oë, waarin die woord “troebel” sy “oogkaste” kwalifiseer as dit wat die moontlikheid tot waarneming onsuiver of onhelder maak. Daar word ook nie vanuit sy perspektief in die gedig gefokaliseer nie, wat hom op ’n afstand plaas en as ’n blote aktant kwalifiseer. Verder word hy beskryf as iemand “met die ingekorte gesig/ van iemand wat nooit te hoof lees of iemand/ hom liefhet

nie” (reëls 4–6), dit wil sê hy kan vergelyk word met iets wat nie deel vorm van die “intersubjektiewe ruimte” waarvan “ek” en “jy” deel uitmaak nie, maar is afgeskei van enige betekenisvolle taaskappe. Hy word dan ook nie as veel meer as groente beskou nie, met sy “snuffelaarvingers” wat “net so gevoelig maar slimmer as aspersies” (reëls 6–7) is. ’n Beeld van woon as hel-op-aarde word met ander woorde vooropgestel.

- 1 langs die hoofstraat op die hoek
- 2 oorkant die poskantoor sit die loterykaartjie-
- 3 verkoper, blind, twee troebel moontlikhede
- 4 in die oogkaste, met die ingekorte gesig
- 5 van iemand wat nooit te hoef lees of iemand
- 6 hom liefhet nie, en met snuffelaarvingers
- 7 net so gevoelig maar slimmer as aspersies
- 8 voel hy vlugtig al met die some van sy beurs langs:
- 9 koop ’n geluk! koop ’n geluk!

Die tweede figuur is ’n blinde swaktongige, wat op ’n bank langs die pad (reëls 12–3) in die son sit en “liefde tekenend met ’n hand” “beduie” (reël 14), wat die personasie beskryf volgens die omgewing waarin hy hom bevind. Die bankie waarop hy sit, is “in dieoordorp waar buitewyke van grys/ sement gebou is” (reëls 10–1), wat die dinge in dieoordorpse landskap as plek tot stand bring. Dié dinge sluit in die geboue wat van sement gebou is, die papierfabriek met sy skoorsteen (reël 12) en die “swaktongige” “langs die pad” (reël 13).

- 10 in dieoordorp waar buitewyke van grys
- 11 sement gebou is onder die lykekleed van stank
- 12 uit die skoorsteen van die papierfabriek op ’n bank
- 13 langs die pad en die son sit ’n blinde swaktongige
- 14 en beduie liefde tekenend met ’n hand, en lag
- 15 met tande ontbloot in ’n oergryns van vrees,
- 16 en swaai die logge skedel met vleesvrag heen en terug
- 17 sodat die lig in sy dik brilglase bies word:
- 18 koop ’n geluk! koop ’n geluk!

Die rook wat uit die papierfabriek se skoorsteen kom, word beskryf as ’n “lykekleed van stank” (reël 11), dit wil sê dit stink so sterk na dooie mense dat dit konkrete vorm aanneem as ’n kleed. Die woorde “oergryns van vrees” (reël 15) dui op ’n primitiewe, dierlike vrees van die “swaktongige”, wat sy “logge skedel” (reël 16) as groterige lomp kop heen en weer swaai en sê: “koop ’n geluk! koop ’n geluk!” (reël 18), wat refreinagtig herhaal word. Die landskap word dus as ’n wêreld onthul met sy gepaardgaande entiteite, en aan die lewe gebring deur die entiteite wat dit bevolk, maar dit juis nie bewoon nie, want hulle is nie tuis daarin nie. Die gedig kan ook gesien word as ’n uitdrukking van die spreker as interpreteerder se verstaan van die aktualiteit of primordiale werklikheid, waarin hy in die derde strofe poog om tot diepere insig van die wêreld te kom. Hierin noem die spreker, wat poog om ’n selfportret aan te bied, dat hy sy baard afgeskeer en geskok (reël 19) was “by die aangesig van die trieste gelaat” (reël 20):

- 19 vandag het ek die baard afgeskeer, geskok
- 20 by die aangesig van die trieste gelaat, die skaamte
- 21 aan dag en kaak gelê: só het ek ge-lyk toe ek vermom

- 22 die hel wou besoek: só dra iedereen in hom
- 23 'n spieël as die ondraaglikheid van lig om
- 24 die oerafbeeldings van self in te bêre, die opgeskorte
- 25 kop, die lag, die hiëna, nerf, erfsterwe: ek word
- 26 te oud, kan nie meer bekostig om reëls weg te gooi nie:
- 27 koop 'n geluk! koop 'n geluk!

Die woordbetekenis van “triesterig” is afgelei van die Latynse woord *tristia*, wat letterlik “treurig” beteken (HAT). By die onthulling van sy gelaat as treurig, dink die spreker dat hy “só [...] ge-lyk [het] toe [hy] vermom/ die hel wou besoek” (reëls 21–2). Dit skakel op 'n intertekstuele wyse met Breytenbach se motto tot sy bundel *Voetskrif* (1976):

- 1 ('nee, Kolonel,
- 2 ek speel nie;
- 3 ek soek spéling
- 4 in dié Hel.')

Dus skakel dié teks op 'n intertekstuele wyse met Breytenbach se gedigsiklus “dinkding”, wat met behulp van 'n biografiese kode ondersoek kan word. Die afbreek van die woord “ge-lyk” dui op hoe die persoon fisiek in die tronk gelyk het, en impliseer dat hy die voorkoms van 'n lewende lyk gehad het. Op assosiatiewe wyse dink die spreker dat “iedereen” “só [...] in hom/ 'n spieël as die ondraaglikheid van lig [dra] om/ die oerafbeeldings van self in te bêre” (reëls 22–4). Ten opsigte van hierdie versreëls verduidelik Viljoen (1998:284) dat die “ek” of die “self” “saamgestel” is as 'n “masker” van “herinnering en verbeelding”, en nie “'n vaste punt [is] soos die Cartesiaanse ego nie – nie 'n punt van waarheid nie”, maar in hierdie strofe word dit duidelik dat die wêreld ook geken word aan 'n gebrek aan Dasein, dit wil sê aan “oneintlikheid” of “die ondraaglikheid van lig” (reël 23) – die lig openbaar die “ondraaglikheid” van die wêreld. Woon op aarde word geopenbaar as 'n “hel” (reël 22) waarin “die oerafbeeldings van self” (reël 24) as skrik- of waanbeelde voorgestel word, van “die opgeskorte/ kop, die lag, die hiëna, nerf, erfsterwe” (reëls 24–5), dit wil sê van “oneintlik” en mis-herken wees. Die vierskaar word hierdeur ondermyn en tot stand gebring as “'n geluk” wat gekoop word, en nie iets wat deur woon as bou tot stand gebring kan word nie.

2.6 Herkenning in vreemde landskappe

Die sesde gedig (NL 17) van “dinkding” beskryf woon aan die hand van die belewing van 'n reënbui, wat die sinuïglike ervaring daarvan vooropstel. Hierin gaan die sterflike 'n baie spesifieke verhouding met die elemente van die vierskaar aan. Die reënbui volg “ná weke van blitsende hitte” (reël 1), wat die landskap in ooreenstemming met die klimaat daarvan onthul. Dit openbaar ook die sterflikes se verhouding met die hemele en die aarde. Hier kan reeds gewys word op die hitte wat weke geduur het, en die reënbui wat verligting van die hitte bring. Laasgenoemde kan ook verwys na 'n goddelike ervaring van soos wat die “hemel geskeur” (reël 3) het, waarin die woord “hemel” ook konnotasies met die goddelikes veronderstel. Die eerste woord, “wakker” (reël 1), impliseer wakker word as gevolg van die geluid van die reën, en die punt (leesteken) vestig die aandag op 'n oomblik se pouse nadat die persoon wakker geword het by die aanhoor van die reën. (Dit speel ook terug na die vierde gedig, waarin die spreker “opgeskrik” het van sy droom.) Die woord “blitsende” is beskrywend van die hitte as versengend, wat die krag van die hemel wat “geskeur” (reël 3)

het met die donderstorm benadruk. Die geluid van die reën word nageboots in die alliterasie van die *s*- en *r*-klanke in “strale/ silwer water” (reëls 5–6), wat ook op taalvlak vorm aan die taakskap gee. Die roosklammigheid aan mure (reël 6), en “groene in die binneplaas” (reël 7) belig die effek van die reën. Die woonhuis word sintuiglik onthul soos “die trappe” beskryf word wat “stink na perd” (reël 8), wat die reuk van trappe na die reën impliseer, en stink maar tog vol lewenskrag is. Dit wil sê, die taakskap word uitgebrei deur nie aandag te gee net aan dit wat gehoor word nie, maar ook wat geruik word. Ook Ingold (2000:199) beklemtoon die belangrikheid van die ander sintuie, alhoewel hy slegs aandag aan die gehoor- en sigsintuie gee.

- 1 wakker. ná weke van blitsende hitte
- 2 vanoggend toe die dag breek
- 3 het die hemel gebeur. ’n nat voëltjie
- 4 het ingevlieg en sit nou vou op ’n kosrak
- 5 in die kombuis. reguit val die strale
- 6 silwer water en die mure is roosklammig
- 7 en die groene in die binneplaas
- 8 bars oop die trappe stink na perd
- 9 die lig is oker en emaljekleurig
- 10 wanneer die storm ophou heerlik.
- 11 heerlik om in die bed te lê
- 12 langs die venster vars lug Afrika.
- 13 in Afrika waar die bloed loop
- 14 en woestyndiertjies die dou
- 15 van eie lieste moet lek om te oorlewe.
- 16 dit moet soos hemel toe gaan wees
- 17 om reën in Afrika af te neem.

’n Landskaptoneel word tot stand gebring ná die reën ophou (reël 10) val het en die lig onthul as “oker en emaljekleurig” (reël 9), waar emalje harde en blink kleure impliseer. Die spreker beskryf die tyd wanneer die storm verby is as “heerlik” (reël 10), wat sintakties dubbelsinnig is, waarin dié woord ook betrekking het op die volgende: “wanneer die storm ophou [is dit] heerlik [...] om in die bed te lê” (reëls 10–1). Die onthulling van die woonhuis met die reënstorm is sintuiglik ryk, wat insluit die stink reuk “na perd”, die aard van die lig as “oker en emaljekleurig” en waargeneem met ’n skildersoog, “die groene in die binneplaas” wat oop bars (reëls 9). Die reënstorm onthul dus ’n woonruimte in kleur en geur. Die ervaring van heerlikheid dra by tot die Dasein se in-die-wêreld-syn, wat sintuiglik onthul word. Die heerlikheid daarvan word by wyse van herhaling beklemtoon: “heerlik [...] langs die venster vars lug” (reëls 11–2) wat met Afrika (reël 12) geassosieer word. Die spreker lê nie letterlik langs Afrika nie, maar die “vars lug” is soos ’n venster tot die vasteland Afrika, wat woon bemiddel deur herinnering aan die Afrikalandskap. (Spanje is geografies direk langs die Afrika-kontinent geleë.) Hierin word gesien hoe die tema van behoort al verder in die gedigsiklus uitgewerk word.

’n Kontrasterende beeld hiervan word egter voorgehou, waarin dié vasteland beskryf word as ’n gewelddadige en droë vasteland, ’n woestynskap met “woestyndiertjies”, wat “die dou/ van eie lieste moet lek om te oorlewe” (reëls 14–5), en daarom sal dit “soos hemel toe gaan wees/ om reën in Afrika af te neem” (16–7), wat nie letterlik bedoel word nie, aangesien dit heelwat in Afrika reën, maar metafories skakel met die belangrikheid van ’n tuiste. Die

spreker word hierdeur onthul as balling wat nie in sy tuisland is nie, wat dit soos hemel toe gaan sou maak om 'n foto van reën in Afrika te neem.

In dié gedig onthul die reën 'n taakskap met sy entiteite. Die landskap word deur verskeie dinge tot stand gebring, wat insluit die reuk van die trappe en die lig toe die storm verbygegaan het. Dan word die reën met Afrika geassosieer, wat nosies oor die spreker se herkoms suggereer. Dié gedagte skakel met die eerste gedig van die reeks waarin die spreker meen: “hier sal ek wind vang/ oud word in 'n ander land” (reëls 15–6). Die “ander land” veronderstel dat hy geografies op 'n ander plek is as waar hy vandaan kom. Hierin kan gesien word hoe metafore van landskap belangrik is in die huidige konteks van globalisering en kosmopolitisme: mense versprei hulleself oor die aarde en verlaat hul tuistes, maar vind opnuut herkenning in vreemde landskappe. Dit gaan ook oor die skep van 'n taakskap wat in verhouding tot Afrika gesien word, dit wil sê woon het uitdruklik ook te doen met 'n in verhouding tree met Afrika.

2.7 Die geknotte wingerde wys

Die sewende gedig (NL 18) van “dinkding” begin met die woorde “oor die grens” (reël 1) en bring met behulp van die tipografiese wit 'n landskap tot stand wat die sterflike se interpretasie rakende verskeie grense belig. Hierdie landskap word saamgestel deur die voorgrond wat as “wingerde” (reël 4) onthul word, die “sonopkoms” wat “skielik” (reël 6) plaasvind, wat die grens tussen dag en nag (skemeroggend) veronderstel. Ook is daar “'n land papawers” (reël 8) en in die agtergrond “'n bergreeks sneeu” (reël 10), wat die spreker in verband bring met sy drome. Die gedig is tekenend van die sterflike se dromende denke ter aanskouing van 'n landskaptoneel, wat nie net in die verte as objek beskryf word nie, maar in wese 'n belewing is, veral met verwysing na voortdurende taakskap (vergelyk die woord “ingespit” in reël 3) en die beliggaming van “drome” (reël 7), wat konkrete vorm verkry, en sterflik is.

1	oor die grens:	
2	die geduld wat in so 'n landskap	
3		ingespit is
4	die geknotte wingerde wys	
5		groen blaartjies
6	met sonopkoms skielik	
7	(asof drome hier in die nek gestee is)	
8		'n land papawers
9	as verte-erende dekkleed byna onsigbaar	
10		'n bergreeks sneeu.

Die werksaamhede van “spit” word deurlopend in die gedig gebruik, wat met die versreël “die geduld wat in so 'n landskap/ ingespit is” (reëls 2–3), 'n voortdurende taakskap aandui en die sterflike se werksaamhede met die aarde beklemtoon. Die tipografiese wit tussen die tweede en die derde reël beklemtoon die betekenis van die “geduld”. Die tipografiese wit hou verband met die wyse waarop die spreker op 'n ikoniese wyse die betekenis in die landskap bewerk, asof die gedig grond is wat omgespit word. Die groeiproses van die wingerde kan nie aangejaag word nie, wat die vierskaar versamel in die landskap as die land, en die ontvang van die seisoene sodat “die geknotte wingerde” (reël 4) met verloop van tyd

hul “groen blaartjies” (reël 5) sal wys (reël 4). Die groen blaartjies wys nou – maar die spit en die geknot dui op die werksaamhede (van spit en snoei) wat dit moontlik maak.

Die tipografiese wit tussen reëls 4 en 5 beklemtoon die wagtyd vir jong groen blaartjies om aan die “geknottede wingerde” te verskyn en skep ’n temporele afstand tussen “geknottede wingerde” en “groen blaartjies” – parallel aan die skeiding dag en nag (net soos die ander dinge wat sigbaar word na sonsopkoms).

Die versreël “met sonopkoms skielik” (reël 6) tree in gesprek met die openingsversreël, “oor die grens”, en impliseer die oorgang tussen dag en nag (hier word ook ’n gesprek met die vierde gedig van “dinkding” veronderstel). Die “sonopkoms” word met wakker-word geassosieer, dit wil sê die dag, en die woorde tussen hakies in die sewende versreël, “(asof drome hier in die nek gestee is)”, kan gesien word as ’n metafoor vir wakker word, wat naas die versreël “’n land papawers” (reël 8) gestel word. Die naasmekaarstelling gee ’n beeld van drome wat aan die nek bloei, wat bloeiende papawers vorm. Die implikasie hiervan is dat drome ook liggaamlike en konkrete vorm verkry, en sterflik gemaak word, dit wil sê dat hulle doodgaan. Die “land papawers” word met sonopkoms as ’n “verte-erende dekkleed” (reël 9) beskryf. Die woorde wat uit die woord “verte-erende” gehaal kan word, is “verte”, “verterende” en “erende”, wat geassosieer word met verswelging, afstand en selfs ook die agting of eerbied wat die landskaptoneel bewerkstellig. Die woord “verte-erende” dui op die berge in die verte as agtergrond met “sonopkoms” en kan gesien word as ’n verterende (in die sin van verswelgende) aangesig.

Dié toneel verwys in dieselfde sin na ’n landskap wat eerbied of agting ontlok. Die woord “dekkleed” is ’n voorbeeld van die *apokoinou*-konstruksie,³ waarin die “dekkleed” met die “land papawers” verband hou, maar ook met die toegesneeude bergreeks (reël 10) in die agtergrond. Hierin word die sneeu gesien as ’n bedekking vir die berge wat met ’n tafel of liggaam vergelyk word. Die laaste woorde, “byna onsigbaar/ ’n bergreeks sneeu” (reëls 9–10), teken die agtergrond van die toneel. Die gedig bring met ander woorde ’n landskap tot stand met wingerde, ’n land waarop papawers ontdek word en berge vol sneeu in die agtergrond. Die landskap word “as verte-erende dekkleed” geopenbaar, wat ’n vermenging is van die sterflike se kyk-handeling en beleving van die landskaptoneel. Woon word moontlik gemaak in soverre die werksaamhede van agente die aarde, hemel en die sterflikes byeenbring. In die “verte-erende dekkleed” word moontlik iets van die goddelikes gesuggereer – die vierde element van die vierskaar.

2.8 Die barbare altyd byderhand

Heelwat gedigte in Breytenbach se latere werk dui op veranderinge in landskappe namate die dag verloop – vergelyk byvoorbeeld die eilandgedigte in *Nege landskappe*. In die agtste gedig (NL 19) van “dinkding” word die verloop van tyd met die landskap in verband gebring, maar ook met woonaktiwiteite – in hierdie geval met boerderytake – wat saam met die boer op die landerye uitgevoer word. Die spreker is reeds vroegoggend “saam met die boer op die land” (reël 1). Die uur word aangedui, “sewe-uur” (reël 1), en tydsverloop word in die gedig benadruk, soos later in die vers aangedui word, “sewe-dertig” (reël 22). Dié gedig bring ’n deel van die groter streek of distrik waarin die spreker hom bevind, tot stand. Hierin word spesifiek gefokus op die landerye en die wyse waarop die spreker homself oriënteer volgens die “vallei” waar “die vroeë mis” (reël 5) opklaar, terwyl “noord na die grens” (reël 12) rook van veldvure (reël 13) gesien word. Hier kan gesien word hoe die spreker die wêreld oproep,

wat nie net die woonhuis insluit of die werf buite die huis nie, maar ook die omgewing waarin die woonhuis gesitueer is, die omliggende landerye, en van daar ook ander ruimtes wat in die ontleding belig sal word. Die taak van water lei impliseer 'n liggaamlike en sintuiglike beleving van die land, wat die nabyheid tussen die boer, die spreker en die grond beklemtoon.

'n Landskaptoneel word gesien en beleef soos die son (reël 3) “agter die heuwelstronk” (reël 2) opkom. Die woord “heuwelstronk” is 'n samestelling van “heuwel” en “stronk”, as 'n oorblyfsel van 'n plant, asof die “heuwel” die oorblyfsel van 'n vrug is. Die son word onthul as 'n “brandding” (reël 3), wat aan “kurkeike/ 'n intieme donkerte” (reëls 3–4) gee, dit wil sê 'n landskaptoneel wat deur die spreker op poëtiese wyse gekleur word. Die tyd wat verbygaan word aan die hand van die landskap gekonkretiseer, soos die vroeë mis oor die vallei (reël 5) opklaar, en “'n skoner gesig” (reël 6), dit is 'n bykans wolklose hemelruim, gesien word. Teenoor die kenmerke van die landskap word ook gewys op die werksaamhede van die taakskap, wat volgens tyd gemeet word. Die ruimtelike dinge, soos “elke plant” met sy “plek” (reël 8) word vergelyk met “elke uur” met “sy kwartier in die dag se gebeure” (reël 9). Dié tydsindeling – kwartiere, halfure, ure – beklemtoon die produktiewe benutting van tyd, waarin die werksaamhede op die lande duidelik afgebaken en gemerk is, dit wil sê ordelik en rasideel beplan en uiteengesit. Die spreker noem dan ook hoe “ieder woord” beskik oor “'n eie holte”, wat die skryfaktiwiteit (as 'n deurlopende motief in die gedigsiklus) in verband bring met die landerye; die digter word 'n “woordboer”.

Die spreker verwys ook na die “liefde” (reël 11), wat refreinagtig deur die loop van die gedig herhaal word (versreëls 11, 21 en 28), asof die “liefde” 'n bindende faktor van die verskillende werksaamhede is.

- 1 sewe-uur en reeds met die boer op die land
- 2 om water te lei, agter die heuwelstronk
- 3 kom die son 'n brandding om die kurkeike
- 4 'n intieme donkerte te gee
- 5 en oor die vallei klaar die vroeë mis op
- 6 tot dou op blare en 'n skoner gesig
- 7 noord en suid
- 8 elke plant het sy plek
- 9 elke uur sy kwartier in die dag se gebeure
- 10 ieder woord 'n eie holte
- 11 en die liefde
- 12 noord na die grens toe bol torings
- 13 rook van veldvure
- 14 sprinkane het party distrikte beengrond gevreet
- 15 en elders reën dit paddas
- 16 of 'n applous skoelappers het 'n streekdorp ingeneem
- 17 en eindelose toejuiging maak kamermense se hande swart
- 18 snags is die drome onrustig swanger aan barbare
- 19 in die suide waar die vlamme aldag hoër groei
- 20 van 'n vreemde somer wat nie end wil kry
- 21 en die liefde
- 22 sewe-dertig die lig lê blink en glad
- 23 in die sloot wat die boer oopgegraaf het

24 om die droogte koud te lei
25 en lafenis by die boontjies te bring
26 die mielies, tamaties, spanspekke, brinjals,
27 uie, knoffel, aartappels
28 en die liefde

29 die barbare het gekom
30 was nog altyd byderhand.

Die beskrywing van die “rook van veldvure” (reël 13) gee ’n onheilspellende gevoel aan die verloop van gebeure, wat naas die beskrywing van die landskaptoneel ook klem lê op verskeie gerugte, byvoorbeeld dié van sprinkane wat “distrikte beengrond” (reël 14) vreet, en dat dit elders “paddas reën” (reël 15). Dié gerugte plaas die boer se handeling in die breër konteks van die land en die somer, wat later in die gedig beskryf word as “’n vreemde somer wat nie end wil kry” nie (reël 20). Dit wil voorkom asof die goddelikes hulle openbaar in plaes wat laat dink aan die tien plaes in Eksodus 7. Hierin kan gewys word hoe die vierskaar versamel in die “land” (reël 1) wat die boer (as sterflike) bewerk sodat boontjies (reël 25), mielies, tamaties, spanspekke, brinjals, uie, knoffel en aartappels (reëls 26–7) uit die lande te voorskyn kom. Dit gebeur te midde van die “guurheid (of eerder onplesierige warmte) van die weer” (Heidegger 1989:172), met spesifieke verwysing na die son as “’n brandding” (reël 3), en die “somer wat nie wil end kry” (reël 20) nie as die hemele. Die goddelikes, as “die winkende bodes van die godheid”, openbaar hulleself in die sprinkaan- en paddaplae, “as tekens van die goddelikes van die goddelikes se koms” (Heidegger 1989:172).

Die woord “of” dui egter die teendeel van die plaes aan: die “applous skoelappers” wat ’n streekdorp inneem, onthul die oopmaak en toemaak van die beweging van die vlerke van “skoelappers” (reël 16), wat ook herhaal word in die beweging van hande wat klap, in die “eindelose toejuiging” wat “kamermense” se “hande swart” (reël 17) maak, en moontlik wys op blomme wat verlep. Die mense in die streek voel wel bedreig, en hulle “drome” is “onrustig swanger aan barbare” (reël 18). Die vlamme wat “aldag hoër groei” (reël 19) is ’n ruimtelike teken en dui op die onrus wat toeneem, asook die “somer wat nie wil einde kry” (reël 20) – met ander woorde, dit bly te lank te droog, maar refreinagtig word “en die liefde” (reël 21) herhaal, wat in kontras met dié onrus staan.

Die spreker wys op die sloot wat die boer oopgrawe (reël 23) met die doel om die groente nat te lei, maar ook lafenis te bring teen die nag se onrustigheid. Dit suggereer dat die sloot altyd daar was, en maar net oopgegrawe hoef te word. In die sloot word die vierskaar saamgetrek. Die lig van die hemel lê “blink en glad” in die sloot. Dan word die droogte “koud” gelei (reël 24), sodat boontjies (reël 25) gelawe kan word, asook die ander (verganklike, sterflike) groentes: mielies, tamaties, spanspekke, brinjals, uie, knoffel, aartappels (reëls 26–8). Die refrein bring die lafenis van water terselfdertyd in verband met die liefde (reël 28) as moontlike teken van die goddelikes.

Die herhaling van die refrein gee ’n interne struktuur aan die gedig, wat dit in drie dele verdeel: die eerste, van versreëls 1 tot 11, wat handel oor vroegmôre op die land, die verskillende boerdery-aktiwiteite, die onthulling van die landskap met sonopkoms, en hoe elke ding ’n vaste tyd en plek in die loop van die dag se boerderyaktiwiteite verkry. In die tweede gedeelte, van versreëls 12 tot 21, word “elders” beskryf: veldbrande, sprinkaan- en paddaplae, skoelappers wat streekdorpe inneem, en onrus wat toeneem in die “suide”, en

“drome” van “barbare”. Die derde gedeelte, van versreëls 22 tot 28, beskryf hoe die natlei van die groente nie net lafenis bring teen die hitte nie, maar juis deur die vierskaar daarin saam te trek, ook lafenis bied teen “die drome onrustig swanger aan barbare” (reël 18).

In die slotkoeplet word gevra wie die “barbare” dan nou eintlik is, aangesien die “barbare” eintlik “altyd” nog “byderhand” (reëls 29-30) was, wat dui op die barbaarsheid binne die mees gekultiveerde. In Breytenbach (2009:155) se essay “Notes from the Middle World” haal hy Cavafy soos volg aan:

I’m done. But I cannot conclude without tipping a hat to a true ancestor of the Middle World, Constantin Cavafy, the Alexandrian poet of Greek extraction who died in 1933. He it was who famously wrote: “And now, what’s going to happen to us without barbarians? They were, those people, a kind of solution.” Well, we know now he need not have worried, since we are still here.

Die slotgedig van die siklus belig dan ook die barbaarsheid wat in die mees gekultiveerde te vinde is, soos wat die “eters” hul vingers (reël 13) skoonlek nadat hulle die “pasgestorwe fetus” (reël 5) van ’n konyn eet. Die gedig sou gelees kon word as ’n soort antwoord op die vraag wie die “barbare” dan nou eintlik is. Hulle is eintlik in ons.

2.9 Die hoogland van Monegros

In die negende gedig (NL 20) van “dinkding” word die landskap deur die spreker se retoriese vrae tot stand gebring, wat telkens met die aanvang van elke strofe ’n vraag stel: “wat is mooier ...?” (reël 1); “wat ruik lekkerder ...?” (reël 6); en “wat is heerliker ...?” (reël 9). Telkens word daar in die strofes op ’n ander sintuig gefokus: die sigsintuig in die eerste strofe, die reuksintuig in die tweede strofe en die tassintuig in die derde strofe, wat die landskap as ’n uitdrukking van Dasein se in-die-wêreld-syn op sintuiglike wyse onthul. Met inagneming van die wyse waarop die spreker homself in die nuwe omgewing oriënteer, kan hier gewys word op hoe landskappe in die “hoogland van Monegros” (reël 9) verken en ervaar word, wat die enigste aanduiding in die gedigsiklus is van die geografiese ligging waar die spreker hom bevind.

- 1 wat is mooier dan ’n vlug swaels
- 2 wat pas voor ’n storm
- 3 laag teen die hemel tydelikheid teken
- 4 in tierlantyntjies
- 5 en hul koppies teen die grys ewigheid stamp?
- 6 en wat ruik lekkerder as ’n natgeleide tamatieland
- 7 wanneer sommige vrugte reeds in die modder lê
- 8 en as daar nog ’n vyeboom ook is in die buurt?
- 9 en wat is heerliker oor die hoogland van Monegros
- 10 wanneer hitte ’n geskroeide swart wind is
- 11 om ’n boom koelte te vind
- 12 want dit is soos ’n vlerk van lewe?

In die eerste strofe gee die spreker visueel gestalte aan temporaliteit, deur middel van “’n vlug swaels/ wat pas voor ’n storm/ laag teen die hemel *tydelikheid* teken” (reël 3) (ons kursivering), terwyl die “ewigheid” (reël 5) ook sterk gekonkretiseer word in die uitgestrektheid van die landskap waarteen die swaels hul “koppies” stamp. Die “tydelikheid” van die gebeurtenis word vasgevang in die “tierlantyntjies” (reël 4) van die swaels, wat terselfdertyd ’n ruim gevoel skep van die landelike gebied, wat lyk asof dit nooit eindig nie. Die vlug swaels “teken tydelikheid” as swart merkies teen die “grys ewigheid”, wat gesien kan word as ’n soort skryf- of tekenarbeid, en wat verbygaan spel. In die aanskouing van die swaels wat tydelikheid teken, raak die sterflike bewus van sterflikheid, wat die ervaring van die landskaptoneel sterker laat uitkom. Die belewing van die sterflike betreffende die aarde en die hemele, gebeur dan ook voor die goddelikes, veral met verwysing na die “ewigheid” wat met gode geassosieer word teenoor die “tydelikheid” van sterflikes se bestaan op aarde. Die landskap word tot stand gebring deur die spreker se vraende beskouing, wat tekenend is van die sterflike se gewone ingesteldheid ten opsigte van die dinge.

Die klem in die vorige strofe was op die hemele, maar in die tweede strofe is dit op die sintuiglike waarneming van die aarde deur die reuksintuig. Die reuk van “’n natgeleide tamatieland” (reël 6) word beklemtoon, terwyl “sommige vrugte reeds in die modder lê” (reël 7), met ’n vyeboom wat ook “in die buurt” (reël 8) is. Verskillende reuke is wel nie tekenend van ’n landskap of ’n taaskap nie, alhoewel dinge wat reuke afskei, gesien kan word as ’n taak, hetsy van ’n vrug wat vrot word of tot bederf oorgaan, of ’n vyeboom se vrugte wat ’n reuk afskei. Dit wil sê, Ingold (2000:199) se gevolgtrekking dat “the landscape seems to be what we see around us, whereas the taskspace is what we *hear*”, kan uitgebrei word sodat die reuksintuig ook betrek kan word in die aktiwiteite wat deel uitmaak van die vorme van die taaskap. Die “natgeleide tamatieland” dui dus op die boerderyaktiwiteite, wat deel uitmaak van ’n sinvolle taaskap, en die reuk van die verrotting van “sommige vrugte” “in die modder” kan gesien word as die taak van ontbinding.

In die derde strofe noem die spreker die geografiese streek van “die hoogland van Monegros” (reël 9), wat ’n woestyngebied in Spanje is, gekenmerk deur langdurige droogtes. Die spreker beeld in die strofe die lewewekkende koelte van ’n boom uit, waarin die spreker hom verlustig. Die hitte van die streek word vergelyk met “’n geskroeide swart wind” (reël 10), wat brandend warm lug beklemtoon. Die kontras van die “boom koelte” (reël 11) is dan soos “’n vlerk van lewe” (reël 12), dit wil sê soos ’n vlerk van ’n voël wat lewe bring, en figuurlik op die vleuels van die “lewe” as iets soos die ervaring van ekstase of vervoering beklemtoon.

2.10 Mik-mik die verstand

Die hoofwerkwoord van die tiende gedig (NL 21) van “dinkding” kom in die voorlaaste reël tot uiting: “mik-mik die verstand” (reël 15), wat verduidelik kan word as ’n poging om die wêreld te verstaan en te skryf. Die “verstand” “mik-mik” saam met al die dinge wat in die gedig genoem word, byvoorbeeld “met die voël oor stoppellande graan” (reël 1), maar laat vaar uiteindelik die poging om te verstaan, wat aansluit by die onmoontlikheid om alle syndes uitvoerig te kan ken.

- 1 met die voël oor stoppellande graan
- 2 en droë akwadukke
- 3 nes die boom wat met die voëls beweeg
- 4 met die wolk wat in die hemel weeg

- 5 en wik en weer verdwyn
- 6 met die son wat soos 'n vis hier hang
- 7 en silwerwit te water gaan
- 8 met die trein wat deur die landskap slang
- 9 om gat te soek
- 10 met mense van 'n véraf land
- 11 wat hopeloos vir vryheid brand
- 12 met die woord se dieper skaduwoord
- 13 met die koelte se skuiwende bedoeling
- 14 potig al oor vers en kapittel
- 15 mik-mik die verstand
- 16 en bly vergaan.

Die landskappe wat onthul word, val saam met die “verstand” wat “mik-mik” met die dinge wat daarin te voorskyn kom, byvoorbeeld “met die voël oor stoppellande graan/ en droë akwadukke”. Hieruit word 'n landskap onthul vanuit 'n voëlvlugperspektief, waarin die stoppellande graan en droë akwadukke as 'n soort neweproduk van die verstand se werking ontstaan. Die voël word terselfdertyd in sy vlug in die hemele gesien, wat illustreer hoe die verstand albei tonele kan bedink: dié voëlvlugperspektief van bo en die voël in sy vlug van onder. Die “droë akwadukke” suggereer terselfdertyd dat daar droogte in die streek is en die taak om water aan te voer. Die verwysing na die voël wat in sy vlug van onder waargeneem word, val saam met die volgende versreël, wat beskryf hoe “die boom” saam “met die voëls beweeg” (reël 3), wat die aanskouer op liggaamlike wyse binne die toneel situeer (hy kyk met ander woorde op om die voël en die boom te kan sien beweeg). Die verstand “mik-mik” dan ook “met die wolk wat in die hemel weeg/ en wik en weer verdwyn” (reëls 4–5), waarin die wolk gepersonifieer word as iets wat “wik en weeg”, dit wil sê sorgvuldig oorweeg of dit byvoorbeeld moet reën, wat skakel met die behoefte aan water, en indien wel, waar dit dan moet reën. Hier dink die verstand vanuit 'n gepersonifieerde perspektief van die elementale dinge om sodoende die wêreld te probeer verstaan en op te skryf, maar soos die wolk “weeg/ en wik”, verdwyn dit ook weer. Dit val op allegoriese wyse weer met die verstand saam, wat die werkinge van wolke nie kan begryp nie. Die verstand mik-mik “met die son wat soos 'n vis hier hang/ en silwerwit te water gaan” (reëls 6–7); met ander woorde die verstand dink saam met die son wat soos 'n silwerwit vis in die water verdwyn, wat ook aandui dat die son besig is om te sak. Die gedig volg dus 'n sekere koers: dit word later in die dag, die son gaan onder en dit word donker. Hieruit kan gesien word hoe die vierskaar in hierdie genoemde dinge versamel word; die “stoppellande graan” wat geoeste lande veronderstel, dui byvoorbeeld op die aarde wat deur sterflikes bewerk is. Die hemele word ontvang soos die spreker nie net die wolke sien wat “weeg/ en wik en weer verdwyn” nie, maar met sy verstand probeer om die wolke se oorweging te verstaan. Woon word dus bewerkstellig in die gedig deur die besinnende ervaring van die sterflike ten opsigte van die landskapselemente wat gesien en beleef word.

Die verstand mik-mik “met die trein wat deur die landskap slang” (reël 8), wat die trein se beweging beliggaam deurdat dit deur die landskap “slang”, wat 'n kronkelpad aandui, “om gat te soek” (reël 9), dit wil sê 'n tunnel om die plek *hier* met 'n onbekende plek *daar* te verbind. Die verstand mik-mik om daardie plek te verbeel waarheen die trein op pad is, 'n plek wat beskryf word as “'n véraf land” (reël 10) waar mense “hopeloos vir vryheid brand” (reël 11). Daar sou egter geargumenteer kon word dat hierdie nuwe “met”-frase spekulasie van daardie “land” is, en niks te doen het met die trein nie, maar wel met die idee van

verganklikheid en vergaan. Die verstand mik-mik “met die woord se dieper skaduwoord” (reël 12), wat dui op die meervoudigheid van assosiasies wat die “verstand” maak om betekenis voort te bring. Dit bring assosiasies met donkerwoord aan die lig, wat verband hou met die skryfaktiwiteit van die spreker. Die verstand beweeg mik-mik soos die aand se koelte (reël 13) “potig” (reël 14) (*potig* beteken “sterk gespierd”) “al oor vers en kapittel” (reël 14), dit wil sê met die aand se koelte beweeg die verstand na singewing met volle besonderhede (die betekenis van die uitdrukking “vers en kapittel”). Saam met al hierdie dinge waarmee die verstand mik-mik – die voël, boom, wolk, son, trein, woord en koelte – bly die “verstand” as verstaan “vergaan” ten spyte daarvan dat daar “met” die dinge gedink is. (Die woord *met* beteken dat hierdie dinge ’n begeleidende funksie beklee sodat die verstand tot insig of verstaan of begrip kan kom.) Die gedig gaan daarvoor om die dinamika van die wêreld te probeer verstaan en op te skryf, maar eindelijk (noodgedwonge) die poging te laat vaar.

2.11 Die eters lek hul vingers skoon

Die laaste gedig (NL 22) van “dinkding” sien anders daar uit as die voorafgaande gedigte, wat meestal gekenmerk word deur die beskouende ervaring van die ek-spreker, in verhouding tot die vierskaar. Die eerste strofe van hierdie gedig wys vooruit na dié konyn (reël 1) op die bord (reël 2) wat geëet gaan word (reël 1). In die tweede strofe wys die spreker op “die eters” wat hul vingers (reël 13) skoonlek nadat die konyn (reël 1) geëet is, asook die maan wat “in die hemel gaan woon” (reël 14), “omdat die land reeds donker is” (reël 15).

- 1 dié konyn wat geëet gaan word
- 2 is sonder vel of kopdoek wit op die bord
- 3 op die tafel vol vlieë
- 4 met die bleek baarde vlees
- 5 van ’n pasgestorwe fetus
- 6 wat nog nooit die son gelyf het nie
- 7 die kop ’n bloederige wond met oë
- 8 die kop is ’n donker blom
- 9 goed vir die pen die pan en straks die eet
- 10 (dis vaginale vagevuur en vertering)
- 11 om en om die raaiselagtige beenkonstruksie
- 12 van stommer hardkoppige lewensdrang
- 13 die eters lek hul vingers skoon
- 14 die maan gaan in die hemel woon
- 15 ook maar omdat die land reeds donker is.

Die gedig begin met die noem van “dié konyn wat geëet gaan word” (reël 1), wat “sonder vel of kopdoek” (reël 2) is. Die woord “kopdoek” is vreemd, aangesien dit iets is wat eerder by ’n mens as by ’n konyn hoort. Dié vervreemdingstegniek bring mee dat daar reeds aan die konyn in meer “menslike” terme gedink word. Die plek waar die konyn geëet gaan word, is “op die tafel vol vlieë” (reël 3), wat rondom die vlees (as die beliggaming van die konyn se dood) saamdrom, wat ook sinspeel op die “eters” (as “vlieë” wat rondom die dood van die konyn versamel). Die “bleek baarde vlees” (reël 4), wat ’n personifikasie van die baarde is, dui op die tekstuur van die “pasgestorwe fetus/ wat nog nooit die son gelyf het nie” (reëls 5–6). Die woord “fetus” herinner aan “fetus”, maar ook “foto”, dit wil sê ’n representasie van die fetus, wat sinspeel op die konyn wat geëet gaan word. Die woord “pasgestorwe” (in

teenstelling met “pasgebore”) dui daarop dat die konyn nie op aarde gelewe het nie, en die woord “gelyf” is ’n werkwoord wat suggereer dat die konyn doodgemaak is voordat dit die son kon absorbeer (hierin hou die woord “gelyf” ook verband met “geleef” as woordspeling). Die vervreemdende uitbeelding van die konyn, wat dit byna in ’n “menslike” lig stel, benadruk die feit dat daar verskillende reëls geld vir diere as vir mense. Die kop van die konyn word byvoorbeeld beskryf as “’n bloederige wond met oë” (reël 7), wat ’n makabere uitbeelding is van die konyn wat geëet gaan word. Die kop word dan ook gesien as ’n “donker blom” (reël 8), “goed vir die pen die pan en straks die eet” (reël 9). Die konyn is daarom nie net vir die “eet” nie, maar ook ’n onderwerp wat die verbeelding aangryp, wat opsetlik as afsigtelik geteken word en die dood na vore bring, dit wil sê iets om oor te skryf as embleem van dood en verganklikheid.

Hierin kan gesien word hoe die mens in ’n subjek-objek-verhouding ten opsigte van die dier lewe, wat gereduseer is tot ’n objek. Oor die “konyn” as objek merk die spreker tussen hakies op: “(dis vaginale vagevuur en vertering)” (reël 10). Die woorde “vaginale vagevuur” veronderstel ook die strewe na die “goddelike” wat gereduseer word tot iets liggaamliks, seksueels. Sterflikheid word sterk vooropgestel in die verhouding met ’n ander sterflike wese. Die spreker beskou die konyn se “raaiselagtige beenkonstruksie” (reël 11) weer en weer, en merk dat die beenkonstruksie getuig van “stommer hardkoppige lewensdrang” (reël 12), wat sinspeel op die “dierlike” kenmerke daarvan, en waarin die beenkonstruksie ’n metafoor word van die lewensdrang. Hierdie uitvoerige beskrywing van die konyn stel die sterflikheid en vleeslikheid van die konyn voorop. In die metaforiek word die konyn sterk vermenslik, sodat die afstand tussen mens as subjek en die konyn as objek ondermyn word.

Die tweede strofe van die gedig beskryf hoe “die eters” (reël 13) ná afloop van die ete hul vingers skoonlek (reël 13), wat die plesier van die ete beklemtoon, wat onnadenkendheid by die mens impliseer aangaande sy “stommer hardkoppige” eetlus. Die relaas van die “maan” wat “in die hemel [gaan] woon” (reël 14), hou verband met die “donker” van die “land” (reël 15), wat nie net sinspeel op letterlike donkerte met die aanbreek van die aand nie, maar eerder op die figuurlike donkerte van die mens se bestaanswyse, wat wegkeer van die natuur in so ’n mate dat die “natuurlike” dinge nie meer deel uitmaak van die mens se woonplek nie. Daar kan geargumenteer word dat die eet van die konyn nodig is om te kan leef en te woon, alhoewel ’n meer aandagtige houding teenoor dinge vooropgestel word. Die gedig gaan dus oor die wyse waarop die mens op onnadenkende wyse met dinge in verhouding tree en nie ag slaan op die aard van hierdie verhouding of die betekenis daarvan nie. Daar sou geargumenteer kon word dat die gedig ’n meer bedagsame verhouding met dinge voor die oog stel, waarin die voorafgaande gedigte spesifiek wys in watter mate daar met dinge in verhouding getree kan word sodat woon in die vooruitsig gestel, bewerkstellig of gepreserveer word. Dié gedig wil egter wys dat woon nie moontlik is in ’n wêreld waar “die sterflikes self nie hulle deel doen om woon ten volle te verwesenlik nie” (Heidegger 1989:178).

3. Ten slotte

In hierdie artikel is ’n ontleding vanuit die benadering van landskap as woon van die gedigsiklus “dinkding” uitgevoer. Heidegger voer aan dat woon die grondtrek van die syn is (1989:177). Hieruit kan afgelei word dat syn onthul word deur sterflikes se woon op aarde.

Soos vroeër vermeld, kan opsommend genoem word dat woon gebeur in die “red” van die aarde, die “ontvang” van die hemele, die “wag” op die goddelikes, en die “begeleiding” van sterflikes “as die bewaring van die vierskaar” (Heidegger 1989:172–3), alhoewel woon nie “alleen maar ’n verblyf op aarde, onder die hemele, voor die goddelikes en met die sterflikes kan wees nie”, maar eerder beteken “om altyd reeds by die dinge te vertoef”. Dit wil sê, “om te woon” beteken “om die vierskaar te behoed in dit waarby die sterflikes bly: in die dinge” (Heidegger 1989:173). In hierdie artikel word geïllustreer op watter wyse landskap die domein van menslike en niemenslike agente word. Daar is dan ook gewys op verskillende aspekte van landskap in kontras met die taaskap, met die implikasie dat landskap nie net gesien word as ’n toneel in die verte nie, maar veel eerder as ’n wêreld wat bewoon word.

In Breytenbach se “dinkding” word heelwat aandag gegee aan die wyse waarop sterflikes in hulle alledaagse hoedanighede ten opsigte van dinge leef en woon. Oomblikke van vreemdheid en ontuisheid kom wel daarin na vore en kan gesien word as die vooronderstelling van die gedigsiklus, aangesien die spreker sy intrek in ’n nuwe wêreld neem. Uit die gedigontleding is dan ook gevind dat die ek-spreker ’n persoonlike verhouding met die elemente van die vierskaar openbaar. Dit het tot gevolg dat woon (in die Heideggeriaanse sin) meestal in die vooruitsig gestel of bewerkstellig word. Voorbeelde hiervan is die eerste drie gedigte van die siklus. Die eerste gedig (NL 11) toon aan hoe die uitvoer van take met die betrek en bewoonbaar maak van vertrekke in die huis, woon (met behoud van die vierskaar) in die vooruitsig stel. Die tweede gedig (NL 12) openbaar eweneens hoe die ervaring van woon vooropgestel word in bouaktiwiteite met die oprig van ’n prieel (reël 3), maar ook gepreserveer word deurdat die take in die hede met die toekoms in verband gebring word: “wanneer die druiwetrosse pers en ryp hang/ van die somer” (reëls 4–5). Die derde gedig (NL 13) maak duidelik dat die alledaagse werksaamhede van woon die landskap oopmaak as ’n wêreld waarin gewoon word, en sodoende die skeiding tussen natuur en kultuur oorbrug: “die natuur algaande te rangskik tot ’n iets meer geordende/ bestaan as weiplek vir sterlig en sekelmaan” (reëls 15–6).

Daar is egter ook voorbeelde van die wyse waarop woon nie met behoud van die vierskaar opgestel word nie. Dit gebeur in die vyfde gedig (NL 16) met die beskrywing van die bedelaars in die dorp. Deur die uitbeelding van die dorp, wat deur haweloses, bevolk word, word die wêreld nie juis uitgebeeld as ’n plek wat woon teweegbring nie. Die uitbeelding beklemtoon die tuistelose en oneintlike bestaan van diegene wat nie deel vorm van enige “betekenisvolle” taaskap nie. Die vierskaar word hierdeur ondermyn as ’n geluk wat verkwansel kan word – vergelyk die refrein “koop ’n geluk! koop ’n geluk” (reël 27) – en nie iets wat deur woon as bou tot stand gebring kan word nie. Die gedig dui met ander woorde die toenemende woon-nood van die moderne mens aan, waarin die medemenslike aspek ontbreek. Dit sluit ook aan by die laaste gedig van die siklus (NL 22), waarin die beskouende ervaring van die spreker wat die voorgaande gedigte kenmerk, in kontras staan met die sterflikes wat klaarblyklik die aarde uitbuit en oorheers. In die laaste gedig van die siklus, (NL 22), is die konyn (reël 1) as sterflike wese tekenend hiervan, wat ’n bykans perverse verhouding tussen die sterflikes en ’n ander sterflike wese uitbeeld – vergelyk die spreker se woorde ten opsigte van die konyn: “goed vir die pen die pan en straks die eet” (reël 9).

Die skryfhandeling speel self ook ’n belangrike rol in die wyse waarop woon beskryf word. Die vierde gedig (NL 14–5) laat blyk dat die digter in ’n tipe niemandsland verkeer en as bemiddelaar tussen die goddelikes en die sterflikes deur die neerskryf van landskappe optree. Die skryfaktiwiteit word ook in die agtste gedig (NL 19) met boerderyaktiwiteite in verband

gebring. Ook die tiende gedig (NL 21) gaan oor die dinamika tussen skrywer en wêreld in soverre die spreker die wêreld probeer verstaan en opskryf, maar eindelik (noodgedwonge) die poging laat vaar.

Ten slotte kan genoem word dat die benadering van landskap as woon met sy klem op alledaagse take en die verhouding van die sterflike ten opsigte van die elemente van die vierskaar 'n produktiewe leesbenadering is van Breytenbach se gedigsiklus “dinkding”. Kritiek ten opsigte van die benadering is die mensgesentreerdheid daarvan. Dit is te danke aan die Heideggeriaanse invalshoek, wat fokus op die “leefwêreld” van die subjek. Alhoewel die wêreld buite subjektiwiteit bestaan, kan die mens nie buite sy eie subjektiwiteit die wêreld beleef nie.

Bibliografie

- Bartning, O. (red.). 1952. *Darmstädter Gespräch. Mensch und Raum*. Darmstadt: Neue Darmstadter Verlagsanstalt.
- Beukes, M. 2009. Vlae tussen woorde as poëtikale spilpunte in *Nege landskappe van ons tye bemaak aan 'n beminde* en *Die windvanger* van Breyten Breytenbach. *Tydskrif vir letterkunde*, 46(2):169–83.
- Breytenbach, B. 1976. *Voetskrif*. Doornfontein: Perskor.
- . 1993. *Nege landskappe van ons tye bemaak aan 'n beminde*. Groenkloof: Hond.
- . 2009. *Notes from the Middle World. Essays by Breyten Breytenbach*. Chicago: Haymarket Books.
- Cloke, P. en O. Jones. 2001. Dwelling, place and landscape: an orchard in Somerset. *Environment and Planning A*, 33:649–66.
- Cosgrove, D. en S. Daniels. 1988. Introduction. In Cosgrove en Daniels (reds.) 1988.
- Cosgrove, D. en S. Daniels (reds.). 1988. *The iconography of landscape*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Craig, E. (red.). 2005. *The shorter Routledge encyclopedia of philosophy*. Londen: Routledge.
- Gouws, T. 1993. Dis 'n triomf vir Afrikaans. *Beeld*, 7 Junie.
- Heidegger, M. 1950a. *Der Ursprung des Kunstwerkes*. In Heidegger 1950b.
- . 1950b. *Holzwege*. Frankfurt: Vittorio Klostermann.
- . 1952. Bauen Wohnen Denken. In Bartning (red.) 1952.
- . 1989. Vertaalde weergawe van “Bauen Wohnen Denken” as “Bou, woon, dink”; kyk Holm en Schoeman 1989.
- . 2002. *Off the beaten track*. Cambridge: Cambridge University Press.

—. 2010. *Basic writings*. Londen: Routledge.

Holm, D. en M.J. Schoeman. 1989. “Bou, woon, dink” van Martin Heidegger. ’n Vertaling met kommentaar. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 29(1):165–70.

Ingold, T. 2000. *The perception of the environment: essays on livelihood, dwelling and skill*. New York: Routledge.

—. 2011. *Being alive: essays on knowledge, movement and description*. New York: Routledge.

Krell, D.F. (red.). 2010. Introduction: Building, dwelling, thinking. In Heidegger 2010.

Roux, A.P. 2015. ’n Vergelykende ondersoek na landskap as woon in die latere poësie van Breyten Breytenbach en Lucebert. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

Sheehan, T. 2005. Heidegger, Martin (1889-1976). In Craig (red.) 2005.

Van Coller, H.P. 1998. *Perspektief en profiel: ’n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel 1. Pretoria: Van Schaik.

Van Bork, G.J., D. Delabastita, H. van Gorp, P.J. Verkruijsse en G.J. Vis. 2012. *Algemeen letterkundig lexicon (2012-2016)*. DBNL.

http://www.dbnl.org/tekst/dela012alge01_01/dela012alge01_01_02016.php (2 Augustus 2017 geraadpleeg).

Viljoen, H. 1998. Breyten Breytenbach (1939–) alias Panus, alias Don Espejuelo, alias Bangai Bird, alias Kamiljoen. In Van Coller (red.) 1998.

Watts, M. 2011. *The philosophy of Martin Heidegger*. Durham: Acumen.

Eindnotas

¹ Aanhalings uit hierdie essay van Heidegger is uit die vertaling daarvan (“Bou, woon, dink”) deur Holm en Schoeman (1989).

² Vergelyk Heidegger (1950a) se essay “Der Ursprung des Kunstwerkes” (“The origin of the work of art”) en die spanning tussen “wêreld” as die sfeer van oopheid en interpreteerbaarheid en “aarde” as die sfeer van verskynende selfonttrekking.

³ Van Bork e.a. (2012) verduidelik die *apokoinou*-konstruksie as ’n term wat uit die stylleer geneem is ter aanduiding van “een ongrammaticale, vaak samengestelde zin die gekenmerk word deur het feit dat één element dienst doet als bestanddeel van twee zinsdelen of zinnen.”

Oorwegings vir die dekolonisering van die verwante musieksoorte van Westerse en Suid-Afrikaanse kunsmusiek

Etienne Viviers

Etienne Viviers, MASARA Nisenteit, Skool vir Musiek,
Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

Opsomming

Hierdie artikel bespreek die bevraagtekening van Westerse en Suid-Afrikaanse kunsmusiek binne Suid-Afrika sedert die afskaffing van wetlike apartheid, meer spesifiek in 'n konteks waar die dringende kwessie van dekolonisering reeds-gevestigde “nuwe” Suid-Afrikaanse ideologieë soos versoening en transformasie toenemend verplaas. Met hierdie artikel se vraag oor wat dekolonisering vir die verwante musieksoorte van Westerse en Suid-Afrikaanse kunsmusiek beteken, word daar gekyk na 'n openbare diskoers waarin hierdie musieksoorte alreeds lank van Eurosentrisme beskuldig word of andersins in 'n krisisliteratuur teen daardie bevraagtekening verdedig word. Onderzoek word ingestel na die koloniale nalatenskap van Westerse kunsmusiek, internasionaal en in Suid-Afrika, met die doel om te bepaal in watter mate hierdie ingevoerde musieksoort as vreemd of tuis op Suid-Afrikaanse bodem gereken kan word. Daar word veral gefokus op die Amerikaanse musikoloog Richard Taruskin se idee dat Westerse kunsmusiek 'n vorm van musikale kolonialisme verteenwoordig wat die skepping van ersatz nasionale kunsmusiekstyle aanmoedig. Dit lei tot 'n vraag en bespreking, aan die hand van Frantz Fanon se skrywe oor nasionale kultuur, oor of dekoloniale kunsmusiekkomposisie in Suid-Afrika herskeppend nasionaal of eerder idiolekties van aard moet wees. Die soeke in hierdie geval is na 'n breër en meer omvattende definisie van Suid-Afrikaanse kunsmusiek, maar ook na weë vir Suid-Afrikaanse kunsmusiek om aan die huidige dekoloniseringsgesprek deel te neem.

Trefwoorde: dekolonisering; Eurosentrisme; Fanon, Frantz; idiolekte; kolonialisme; nasionale kultuur; nasionalisme; Suid-Afrikaanse kunsmusiek; Taruskin, Richard; welstand; Westerse kunsmusiek

Abstract

Considerations for the decolonisation of the related music types of Western and South African art music

This article discusses the questioning of Western and South African art music that has taken place inside South Africa since the disbandment of legalised apartheid. More specifically, this discussion concerns a context where new and urgent ideas are being established that aim to move beyond a contemporaneous and continuing power imbalance among South Africa's diverse cultures, thereby both challenging and displacing already established "new" South African ideologies such as reconciliation and transformation. The protest actions and violence on South African university campuses over the past two years – together with similar civil protest actions, including and since the Marikana massacre – have positioned newer, more probing ideas than reconciliation and transformation on the foreground, with the aim of finding solutions for the continuing structural inequalities that maintain any coherence in our society as cosmetic and superficial. My reference in this instance is to the ubiquitous #MustFall hashtags, but more specifically in the context of music education at universities and primary and high schools, also the so-called decolonisation of knowledge, social practices and living environments which so-called "woke" and sometimes militant activists require as a condition for social wellbeing.

With a question as to what decolonisation means for the related music types of Western and South African art music, this article examines a public discourse in which these two music types have already long been accused of Eurocentrism, or have otherwise been defended against that line of questioning in a crisis literature. Consequently, the historical and present-day positions of Western and South African art music inside the academy and society are considered, with the aim of determining to what degree these two music types and their teaching traditions can participate or not participate, in a non-hegemonic manner, in the establishment and maintenance of a decolonised music knowledge and music world.

In developing a reciprocal connection between music and society, the article makes reference to the paradigms of the British ethnomusicologist John Blacking and the South African musicologist Klaus Heimes. Holding to the axiomatic conviction of such a reciprocal connection, I maintain that where a society like the "new" South Africa is continually coming undone or falling to pieces, music and music education can make a contribution to halting and undoing such developments. Nevertheless, I argue that this music-making and education needs to be culturally sensitive, and that colonial models of music uplift work against the aims of decolonisation as an avenue towards social wellbeing.

This leads into a discussion of the colonial legacies of Western art music and South African art music. An inquiry is made into the colonial legacy of Western art music, internationally and in South Africa, with the aim of ascertaining to what degree this imported music type can be regarded as strange or familiar in a South African context. Reference is made to ideas of the South African musicologist Christopher Ballantine concerning the typical colonial nature of university music departments in South Africa. Although Ballantine's writing in this instance was published more than three decades ago, it is discussed as remarkable that he already predicted for the 1980s a type of social and academic revolution that is similar to the current #MustFall activism and decolonisation debates. Although some of the changes Ballantine predicted in the 1980s occurred, many of his predictions read as being three

decades too early within the current socio-political context. Thus reference is made to various contemporary discussions and acts of activism that aim to force the decolonisation discussion on to the agendas of university music departments. The article then focuses on a reading of the exiled South African musician Jan Buis, who already foresaw in the early 1990s how this type of activism against especially Western art music would call its very survival into question.

After my discussion of Buis's ideas I give an overview of the crisis literature that has tried to defend Western and South African art music against accusations of Eurocentricity over the past three decades. These accusations amount to a questioning of especially Western art music, on account of how its diverse genres were originally imported from places in Europe, something that necessarily links Western art music's foreign origins with the European origins of South Africa's historical white settler communities. An important example of such crisis literature is located in a publication of the composer and music pedagogue Henk Temmingh's writings for the journal *South African Music Teacher*. In this article it is shown how Temmingh's intellectual strategy is to defend Western art music by simply considering it as better than other music types, and by universalising its relevance to mankind. My argument then is that any universal outlook on the relevance of specifically Western art music is incompatible with any attempts towards decolonisation, and that this music cannot shed its Eurocentricity without being defended against extinction long before it has undergone any kind of metamorphosis towards decolonisation. I argue that any hope for art music to decolonise in South Africa necessarily relies on the related music type of South African art music, and not on the Eurocentric mother culture's Western art music. With this in mind I turn to a discussion of the American musicologist Richard Taruskin's ideas about music and nationalism, which is then linked in the following section of the article with Frantz Fanon's ideas about national culture.

Special focus is given to Taruskin's idea that Western art music constitutes a form of musical colonialism that encourages the creation of ersatz national art music styles. To explain this, he makes special reference to Dvořák's Ninth Symphony, which presents American composers with an example of how to achieve an American compositional school and American art music style. This would involve subjecting indigenous music (e.g. "American Indian" music or "Negro" spirituals) to treatment in the fashion of Western art music, which is itself an unmarked or universal mother tongue. Taruskin consequently considers Western art music and the 19th-century conservatories that propagated this music type throughout the world as colonial. Their aim, he argues, is to universalise the Germanic mother culture's music while simultaneously encouraging non-universal or national styles of art music in other countries. In a local context this would require South African composers to unlock the themes and motives of native folk music or African music into a South African art music style. Taruskin maintains that this type of nationalism undermines the creative freedom of composers and sees it as a straightjacket to be avoided as much as other types of political nationalism. He instead makes use of the ethnomusicologist Mark Slobin's argument that people and their musical cultures have become idiolectic by nature.

This leads me into a discussion of the Martinique psychiatrist Frantz Fanon's writings on national culture in his 1963 book *The wretched of the earth*. I construct a question around Fanonian decolonisation's preoccupation with the national, while bearing in mind Taruskin's criticism of any compositional style that aims to be national. In analysing Fanon's ideas, I am particularly drawn to his suggestion that decolonial intelligentsia should bring an

archaeological approach to bear on precolonial culture, and thus shore it up – post-colony – into something national. Ultimately, I argue against Taruskin’s dislike of the national and its concomitant slide into nationalism, with an idea that decolonisers may want to rediscover the colonially obliterated national aspects in their own cultures before embracing idiolects. This argument is then applied to the position of South African composers and South African art music, with a question and discussion as to whether decolonial art music composition in South Africa should be re-creatively national or rather idiolectic by nature. My view leans towards the kind of pluralism that can embrace both the national and the idiolectic. The search in this instance is for a broader and more wide-ranging definition of South African art music, but also for avenues for South African art music’s participation in the current social project of decolonisation.

Keywords: colonialism; decolonisation; Eurocentricity; Fanon, Frantz; idiolects; national culture; nationalism; South African art music; Taruskin, Richard; wellbeing; Western art music

1. Inleiding

Nuwe denkstrome wat verby ’n hedendaagse en voortdurende magswanbalans tussen diverse kulture wil beweeg, is besig om in Suid-Afrika pos te vat, en juis deur die “nuwe” Suid-Afrikaanse ideologieë van versoening en transformasie op kritiese maniere uit te daag. Die afgelope twee jaar se protesaksies en geweld op Suid-Afrikaanse universiteitskampusse – tesame met soortgelyke burgerlike protesaksies, insluitend en sedert die slagting van Marikana – stel gevolglik nuwer, indringender idees as versoening en transformasie op die voorgrond, met die soeke na oplossings vir die voortdurende strukturele ongelykhede wat enige samehorigheid in ons samelewing kosmeties en oppervlakkig hou.

My verwysing hier is na die alomteenwoordige #MustFall-hutsmerke, maar meer spesifiek in die konteks van musiekonderrig by universiteite en laer- en hoërskole, ook die sogenaamde dekoloniserings van kennis, sosiale praktyke en lewensomgewings waarop die “wakker” (Engels: “woke”) en somtyds militante aktiviste as ’n voorwaarde vir maatskaplike welstand aandring. Die ideologie van dekoloniserings sal vorentoe nog strawwer druk op die ewewig van ons universiteite, skole en breër samelewing uitoefen as wat die “nuwe” Suid-Afrika se ideale van versoening en transformasie nog ooit gedoen het. Die hoofrede hiervoor is dat daar inderdaad alreeds transformerende strukturele veranderinge gedurende die postapartheid tydperk plaasgevind het, en dat hierdie verandering ’n tipe kritieke massa van bewuswording begin ontketen. By universiteite is daar ’n meer verteenwoordigende demografie van studente as twee of drie dekades gelede, asook ’n effens meer getransformeerde kurrikulum, met die gevolg dat ’n groter aantal protagoniste met geletterdheid in kritiese denke afkomstig vanuit strominge soos Marxisme en kontinentale filosofie aksies soos dekoloniserings teweeg wil bring wat ’n regverdiger wêreld in Suid-Afrika kan skep.

Hierdie artikel beskou die verwante musieksoorte van Westerse en Suid-Afrikaanse kunsmusiek se historiese en voortdurende posisies binne die Suid-Afrikaanse akademie en samelewing, met die doel om te bepaal tot in watter mate hierdie twee musieksoorte en hul onderrigtradisies op niehegemoniese maniere kan deelneem of nie kan deelneem nie aan die vorming en handhawing van ’n dekoloniale musiekkennis en musiekwêreld. Soos wat die

volgende afdeling van hierdie artikel duidelik maak, is veral die moontlikheid dat hierdie musieksoorte nie kan of mag deelneem nie 'n idee wat alreeds swaar aan historiese bagasie, meer bepaald "Eurosentrisme", dra. Want anders as met ingevoerde sportsoorte soos sokker (Hendrik Hofmeyr in Bezuidenhout 2007:20), of ingevoerde kossoorte soos mielies (Herbst 2006:208), word die bestaansreg van uitvoerende kunste soos Westerse en Suid-Afrikaanse kunsmusiek gereeld plaaslik aan bevraagtekening onderwerp. Hierdie bevraagtekening het gebeur ten spyte van die feit dat die Suid-Afrikaanse Grondwet en handves van regte multikulturele diversiteit as 'n ononderhandelbare fondament van die samelewing vooropstel, met die implisiete begrip dat die teenwoordigheid van 'n groot verskeidenheid musieksoorte (net soos 'n groot verskeidenheid landstale) noodsaaklik vir die land se multikulturele demokrasie en sosiale welstand is (Lüdemann 2009a; Lüdemann 2009b).

Van die mees fundamentele gewaarwordinge oor musiek het in elk geval daarmee te doen dat dit 'n menslike praktyk is waarvan die sosiale element samelewings help reguleer: die Britse etnomusikoloog John Blacking (1973) gebruik byvoorbeeld die omgeruilde idees van "humanly organized sound" en "soundly organized humanity" om hierdie aksiomatiese oortuiging te kommunikeer, dat die mensdom en musiek in onderlinge verwantskap met mekaar staan. Die Suid-Afrikaanse musikoloog Klaus Heimes (1985:138) maak weer gebruik van die sosiologie van musiek om ook soos Blacking in 'n Suid-Afrikaanse konteks te redeneer dat daar 'n wederkerige wisselwerking tussen 'n samelewing en sy musikale produkte bestaan. ('n Verandering in die een lei noodwendig tot veranderinge in die ander.) Met so 'n oortuiging sou die argument dus bestaan dat musiek en musiekonderrig, in die geval waar 'n samelewing soos die "nuwe" Suid-Afrika voortdurend verbokkel, 'n daadwerklike bydrae kan lewer om so 'n proses te kniehalter en ongedaan te maak. Maar presies watter musieksoorte en watter musiekonderrig so iets kan vermag, het natuurlik te doen met die betrokke magte wat besig is om druk op daardie samelewing uit te oefen.

Dit is eenvoudig nie so dat enige musiek en enige musiekonderrig fundamenteel harmonie en welstand in enige samelewing kan skep nie. Inteendeel, samelewings sal in verskillende kontekste sekerlik spesifieke musieksoorte en spesifieke benaderings tot musiekonderrig benodig om samehang te bevorder. Dit is 'n argument vir kulturele sensitiviteit in benaderings tot musiekonderrig, maar terselfdertyd ook 'n erkenning dat die dikwels normatiewe waardes en estetika van Westerse en Suid-Afrikaanse kunsmusiek nie op almal van toepassing gemaak moet word nie. Daar kan dus pogings wees (en daar is, soos bv. BUSKAID) om onderrig in vroeë musiek uit die barok- en voorbaroktydperk in townships en plakkerskampe te gee, met die doel om samehorigheid en welstand in die betrokke gemeenskappe te bevorder. Maar musikale uitreikingsprogramme kan weens die kunsmusiekagtergrond van hul bestuurders en onderwysers baie maklik die ondenkende assimilasië van 'n koloniale "beskawingsmissie" as die enigste moontlikheid vir musikale verryking voorhou.

Waar een of meer musieksoorte deur kolonialisme as 'n hegemoniese kultuurpraktyk daargestel is, moet kritiese vrae oor die bevoorregting van spesifieke tradisies gevra word, in soeke na antwoorde oor watter ander moontlike musieksoorte ook voordelig vir 'n gemeenskap of samelewing se welstand kan wees. Indien Westerse kunsmusiek, tesame met die verwante nasionale stroom van Suid-Afrikaanse kunsmusiek, deel van Suid-Afrika se oorgeërfde koloniale nalatenskap is – iets wat my navorsing ook as aksiomaties aanvaar – dan is hierdie musieksoorte uiteraard deel van die koloniale "probleem" wat dekoloniseringsaktiviste wil probeer oplos. Dit kom dan neer op 'n vraag oor watter

musieksoorte en watter musiekonderrigtradisies binne die konteks van dekolonisering met iets soos sosiale welstand kan help. Kortom: Wat beteken dekolonisering vir Westerse en Suid-Afrikaanse kunsmusiek wanneer hierdie musieksoorte 'n belangrike deel van Suid-Afrika se koloniale nalatenskap verteenwoordig? Die afgelope jare se protesaksies en bewusmaking bied belangrike teoretiese invalshoeke waaruit mens die plaaslike probleem van Westerse en Suid-Afrikaanse kunsmusiek se maatskaplike waarde, bestaansreg en oorlewing en voortbestaan op produktiewe maniere kan bestudeer.

Vir eers is dit egter nodig om 'n duidelike onderskeid tussen die verwante musieksoorte van Westerse en Suid-Afrikaanse kunsmusiek te tref, nie net om afsonderlike betekenisse aan hierdie twee begrippe te koppel nie, maar ook om 'n indruk te gee van watter musiek by hierdie terminologie ingesluit en uitgesluit word. *Kunsmusiek* verwys eerstens na die kulturele praktyk wat algemeen as “klassieke musiek” verstaan word, maar binne 'n Suid-Afrikaanse konteks dan juis op maniere wat Indiese “klassieke musiek” of Afrika se tradisionele “klassieke musiek” uitsluit (Stolp 2012:30); gevolglik: die musiek van internasionale komponiste soos Bach, Beethoven en Brahms, asook plaaslike komponiste soos Arnold van Wyk, Hubert du Plessis en Stefans Grové. Die kultureel bedagsame uitweg met hierdie drasties vernoude definisie van kunsmusiek is om spesifiek na “Westerse” en “Suid-Afrikaanse” kunsmusiek te verwys wanneer mens van dinge soos simfonieë, blaasorkeste, kamermusiek, operas, oratoriums en Lied-konserte praat. *Westerse kunsmusiek* verwys dan na die internasionale tradisie van meestal historiese wit manlike komponiste se “klassieke musiek”, terwyl die term *Suid-Afrikaanse kunsmusiek* na 'n lokale variant van hierdie internasionale styl verwys wat volgens 'n 19de-eeuse nasionalistiese ideologie gekonstateer is, waar elke nasie sy eie kunsmusiek en eie volksiel vanuit musikale volksoorspronge moet ontdek en uitbou (Bouws 1982:181–5). Ten spyte daarvan dat eiesoortige volksmusiektradisies hierdie nasionale kunsmusieksoorte se oorspronge besiel, word die nasionale kunsmusieksoorte so aangepas dat hulle almal morfologies en sintakties aan Westerse kunsmusiek verwant bly, omdat hulle van dieselfde musikale hulpbronne gebruik maak: dieselfde Westerse instrumente en instrumentasie, dieselfde harmoniese grondslag vir komposisie, dieselfde estetika en waardestelsel.

Wat die alreeds genoemde belangrike teoretiese invalshoeke van die afgelope jare se protesaksie en bewusmaking betref, wil ek die plaaslike probleem van Westerse en Suid-Afrikaanse kunsmusiek se maatskaplike waarde, bestaansreg en oorlewing en voortbestaan in 'n dekoloniserende omgewing met die volgende indringende aanhaling uit J.M. Coetzee se roman *Youth* toelig en dan verder formuleer:

Deeper than pity, deeper than honourable dealings, deeper even than goodwill, lies an awareness on both sides that people like Paul and himself, with their pianos and violins, are here on this earth, the earth of South Africa, on the shakiest of pretexts. This very milkman, who a year ago must have been just a boy herding cattle in the deepest Transkei, must know it. In fact, from Africans in general, even from Coloured people, he feels a curious, amused tenderness emanating: a sense that he must be a simpleton, in need of protection, if he imagines he can get by on the basis of straight looks and honourable dealings when the ground beneath his feet is soaked with blood and the vast backward depth of history rings out with shouts of anger. (Coetzee 2002:17)

Hierdie teks sny deur tot op die teerste senupunt van die huidige dekoloniseringsdebat. Dit opper 'n vraag oor die regmatige teenwoordigheid op Suid-Afrikaanse bodem van wit mense, tesame met die spesifieke kulturele praktyke wat hulle hier beoefen. Verder voer dit aan dat dit op een of ander manier onvoldoende vir wit mense is om die smal pad te bewandel en met eer te lewe wanneer hulle huidige posisie in die samelewing aan hierdie land se gewelddadige koloniale geskiedenis gemeet word. Wat Westerse en Suid-Afrikaanse kunsmusiek betref – die roman se klaviere en viole en hierdie artikel se onderwerp – raak die Coetzee-aanhaling aan 'n vermoede dat hierdie twee verwante musieksoorte, ten spyte van meer as 'n eeu se institusionele verskansing en bevoorregting, miskien op die wankeligste van voorwendsels binne Afrika teenwoordig is. In hierdie ongenaakbare opvatting van die Suid-Afrikaanse geskiedenis staan die uitgangspunte van postkolonialisme en dekolonisering duidelik in opposisie met die liberale of neoliberale etos waarvolgens hierdie land huidig bestuur word: anders as postkolonialisme en dekolonisering, wat 'n etiese en histories bewuste verantwoording van die geskiedenis verteenwoordig, kom liberalisme en veral neoliberalisme dikwels op 'n beskouing van Suid-Afrika se lewensruimte buite die land se traumatiese geskiedenis neer.

Laasgenoemde verskynsel vind moontlik plaas omdat die toenemende verekonomisering (*economisation*) van mense en alle menslike aktiwiteite – insluitende musiek – uitsluitlik die klem op huidige en toekomstige ekonomiese waarde lê (Mbembe 2016:39–40). Alhoewel hierdie kommodifisering van musieksoorte iets is wat alreeds indringend deur Marxistiese ontleders van musiek bespreek is, konsentreer die argument omtrent musiek in hierdie artikel nie op daardie aspek van kapitalisme en neoliberalisme nie. Dit konsentreer eerder op hoe die huidige neoliberale orde dit noodsaak dat ons as individue en gemeenskappe in die Suid-Afrikaanse projek en stryd om rassegeregtigheid nuwer verbintenisse en wederkerighede moet ontdek (Mbembe 2016:44). In hierdie konteks bly die groot verskeidenheid musieksoorte of taalsoorte in Suid-Afrika ter sake, solank as wat die beoefening en bevordering daarvan 'n radikale gelykop deling en universele inklusiwiteit aanmoedig. En dekolonisering is die spesifieke metode wat in gedagte gehou moet word om so 'n proses aan die gang te sit.

In my bespreking van Westerse en Suid-Afrikaanse kunsmusiek se moontlikhede om aan die vorming en handhawing van 'n dekoloniale musiekkennis en musiekwêreld te kan deelneem of nie te kan deelneem nie, kyk ek eerstens na die koloniale nalatenskap van Westerse en Suid-Afrikaanse kunsmusiek in Suid-Afrika, tweedens na die bevraagtekening, inkrementele wegmaking en verdediging van daardie nalatenskap oor die afgelope drie dekades, derdens na die wisselwerking van kolonialisme en nasionalisme as aspekte van hierdie twee verwante musieksoorte, en vierdens na dekolonisering en nasionalisme as 'n moontlike weg waardeur Suid-Afrikaanse kunsmusiek binne die huidige sosiopolitieke omstandighede aan die postapartheid-Suid-Afrikaanse maatskaplike projek kan deelneem.

2. Kunsmusiek se koloniale nalatenskap in Suid-Afrika

Die Suid-Afrikaanse musikoloog Christopher Ballantine (1983:53–4) skryf in 'n toonaangewende referaat dat universitêre musiekdepartemente in Suid-Afrika tipiese koloniale instansies is, oorwegend gevorm deur die ingevoerde tradisies, praktyke en doelwitte van Europese musiekdepartemente. Verder meen Ballantine dat die maatskaplike

funksie van musiekdepartemente in Suid-Afrika grootliks geag word as om 'n bepaalde stel koloniale waardes en 'n bepaalde koloniale manier van leef te beskerm en bevorder.

Alhoewel Ballantine se skrywe alreeds meer as drie dekades gelede gepubliseer is, en daar intussen merkbare veranderinge – insluitend sluiting en ontbinding – by sommige hoërsonderwys-musiekdepartemente plaasgevind het, is dit nietemin so dat ander musiekdepartemente baie konserwatief Duits, of ten minste Eurosentries, gebly het in die kurrikulum en konsertprogramme wat hulle aanbied (Stolp 2012). Dan is daar ook 'n nasionale musiekgraderingseksamen – op die Victoriaanse (tog weer eens Germaanse) koloniale model van Associated Board Royal Schools of Music en Trinity College se musiekgraderingseksamen gebaseer (Malan 1979:44–5, 52–3; Lucia 2007:181–3) – wat reeds dekades lank Eurosentriese repertorium, musiekontleding en musiekteorie vir duisende skoolleerders voorskryf, en wat sodoende die grootste en mees langdurige impak van alle kurrikuluminisiatiewe op die aard van Suid-Afrikaanse musiekonderrig het. Wat in die konteks van Ballantine se skrywe werklik verstommend is omtrent hierdie konserwatiewe musiekonderrigwêreld, is dat hy alreeds vir die 1980's 'n maatskaplike en universitêre omwenteling soortgelyk aan die huidige #MustFall-aktivisme en dekoloniseringsdebatte voorspel het. Dit wil sê, Ballantine se vooruitskatting van veranderinge in die status quo was in sommige opsigte met drie dekades te vroeg geweens:

Now if the scenario that I have sketched for the 80s is correct, I expect to see the beginnings of a process in which our music-department activities will lose their taken-for-granted apolitical character; what we do as music departments will increasingly become a matter for debate, for dispute even; the cosy security of our colonial music traditions will more and more be thrown into question by the growing ferment both inside and outside our universities.

This ferment will of course have conflicting and contradictory components: most starkly, the contradictory pressures arising from the right and from the left; from, on the one hand, those social groupings seeking some kind of conservation of the established order, and on the other hand those seeking the creation of a new social dispensation. What I am suggesting is that in the 80s these antagonisms are likely to reach critical proportions – of a kind and a degree that will penetrate even the sound-proofed walls of our music departments. (Ballantine 1983:53)

Rolspelers wat die afgelope drie dekades in universiteite se musiekdepartemente werksaam was, sal op 'n verskeidenheid strukturele veranderinge kan wys wat aanduidend daarvan is dat Ballantine se voorspelde sistemiese omwentelinge alreeds in 'n mate plaasgevind het. Dit sluit kurrikulumveranderinge by 'n verskeidenheid van ons universiteite se musiekdepartemente in – veral wat die bestudering van etnomusikologie en populêre musiek betref – asook die toenemende getalle van sogenaamde “nieblanke” studente wat nou as musiekstudente by hierdie voorheen hoofsaaklik wit musiekdepartemente ingeskryf is. Maar soos wat die volgende aanhaling wys, is daar nietemin iets in Ballantine se skrywe wat op die meer ingrypende revolusie van dekolonisering dui, alhoewel *dekolonisering* – of *revolusie* – nie 'n term is wat hy tóe gebruik het nie:

Increasingly during the 80s the question of *what* one teaches and researches in music departments – as elsewhere – is likely to become an issue with social and political connotations. Perhaps the most obvious instance of this will be the presence or

absence of a serious ethnomusicological engagement with African music: and not just its mere presence either, for the *direction* of these ethnomusicological studies, and the *purpose* of such studies, will also be very centrally at issue. [...] Musicology, for instance will lose its taken-for-granted character: urgent questions are likely to be raised about not only its scope – the objects it deems worthy of study – but also about its methodology: in other words about the extent to which it maintains its conservative, positivistic traditions, or engages with other, more critical, more self-reflexive, more sociological approaches. The practice of composition within our departments will also be interrogated, under a barrage of questions about the inherent Eurocentricity of most South African composition, its lack of any deep, structural engagement with our social, historical and geographical predicament, or with the indigenous music of our land. Not even musical performance will be exempt from such questions – questions asked for instance about the training of performers in the execution *only* of European instruments, and in the execution of an *exclusively* Eurocentric repertoire. And similarly for music education: every one of these questions is likely to be aimed at our music-education programmes, as we are called on to account for the particular set of biases that we require our prospective school-music teachers to impose on future generations of unsuspecting school-children. (Ballantine 1983:54)

In terme van etnomusikologiese en musikologiese studie het die voorspelde veranderinge wat Ballantine noem tot 'n mate alreeds plaasgevind. Inderdaad is daar steeds 'n groot aantal konserwatief-positivistiese navorsing wat verskyn – veral aanlyn beskikbare magisterverhandelinge en doktorsale proefskrifte. Maar die benutting van uitgangspunte vanuit die “nuwe” musikologie, tesame met 'n doelgerigte samesmelting van die land se etnomusikologiese en musikologiese verenigings in 2006, het terselfdertyd ook tot 'n opbloeï van meer kritiese, selfrefleksiewe en sosiologies-bewuste navorsing gelei. Wat die beoefening van komposisie en praktiese musiekuitvoering betref, is daar egter beduidende weerstand teen 'n tipe transformasie wat die juk van kolonialisme probeer afskud (Pooley 2011; Stolp 2012). Nietemin begin daar in die huidige klimaat druk uitgeoefen te word wat selfs hierdie konserwatiewe terreine van musiekstudie uitdaag tot dekolonisering: besittings van musiekbiblioteke, veldtogte op sosiale media asook kollokwiums en kongresse wat dekolonisering toenemend bespreek, dra alles by tot die verdere realisering van die sistemiese omwenteling wat Ballantine alreeds in die 1980's vir Suid-Afrika se musiekwêreld voorspel het.

As navorsingstema is daar nog baie min in Suid-Afrika oor die onderwerp van musiek en dekolonisering gepubliseer. 'n Samehangende diskoers is wel besig om vorm aan te neem, danksy referate by die jaarkongres van die South African Society for Research in Music (SASRIM) – spesifiek die krities-teoretiese referate van Stephanus Muller en Larissa Johnson by die 2016-kongres in Bloemfontein, asook 'n paneelbespreking by dieselfde kongres – en ander gesprekvoering wat op die internet plaasvind, in sosiale media natuurlik, maar ook op die webdagboeke van Mareli Stolp en Gwen Ansell. Tot dusver blyk baie van hierdie gesprekke met aktuele onderwerpe gemoeid te wees: Wat is die posisies van ons land se musiekdepartemente in hierdie militante tydvak van #MustFall en dekolonisering? Word musiekdepartemente net soos biblioteke met brandstigting geteiken? Kan “gehalte”-musiekonderrig enige aanpassings en tegemoetkominge in musiekleerplanne oorleef?

Verder word daar ook binne die musikologiese dissipline kritiese vrae oor die huidige stand van sake in ons land se musiekdepartemente gevra. Maar dit is moeilik om vrae oor die sigbare tekort aan sistemiese transformasie by 'n verskeidenheid van Suid-Afrika se naskoolse musiekdepartemente te stel en te beantwoord sonder om in antagonistiese gesprekvoering betrek te word. Enige metodiese kritiek van byvoorbeeld 'n spesifieke musiekdepartement se kurrikulum of konsertprogram word geïnterpreteer as 'n salvo wat gemik is op die verskillende individue wat daardie kurrikulums en konsertprogramme saamstel en monitor. Om te noem dat daar tussen x aantal individue wat op 'n departement se webtuiste as akademiese personeel gelys word, 'n oorweldigende meerderheid is wat wit mense is wat spesialiseer in die onderrig en beoefening van Westerse kunsmusiek, word maklik verstaan as 'n aanval op die loopbaangeleenthede van mense met dieselfde velkleur. Dit is waarskynlik so dat die bevraagtekening van spesifieke musieksoorte metonomies glip, en daardeur as die bevraagtekening van spesifieke mense wat daardie musieksoorte beoefen, ervaar word.

Die uitgeweke musikant Johann Buis het alreeds in 1991, by die tiende simposium oor etnomusikologie op Grahamstad, voorspel dat hierdie soort aktivisme teen veral Westerse kunsmusiek noodwendig sou beteken dat die oorlewing en voortbestaan van hierdie soort musiek in gedrang gebring word:

Emerging from the Black Consciousness movement during the 1970s and 1980s, proponents of Black majority rule do not endorse Western art music as relevant in the new non-racial South Africa. This music, say many of these idealists, is foreign to the African heritage, is elitist and alienates people by race and by class. Music exposure and education in a new South Africa, they say, should be truly African. That is to say, training from primary school to university level should reflect the rich diversity of African art musics, vocal and instrumental styles and incorporate modern African-based popular music. (Buis 1991:14)

Buis se referaat vra die vraag of Westerse kunsmusiek (wat hy spesifiek aan Bach se musiek koppel) in die “nuwe” Suid-Afrika moet oorleef en voortbestaan. Regdeur die referaat word daar gewys hoe die uitsonderlikheid (“exceptionalism”) van hierdie musieksoort as 'n Eurosentryse kode in Suid-Afrika funksioneer wat bybetekenisse van eksklusiwiteit en bevoorregting vir hoofsaaklik die wit groep van die Suid-Afrikaanse bevolking onderskraag het. Buis oorweeg dus die oorheersende redes waarom die toe nog komende demokrasie se swart meerderheid nie Westerse kunsmusiek as 'n regmatige kulturele aktiwiteit van die breër Suid-Afrikaanse samelewing sou wou erken nie: eerstens is essensialistiese kulturele identiteite deur dekades se wetgewing afgebaken, en daarbenewens is hierdie gemaakte identiteite konstant deur propaganda wat “nie-blankes” van Westerse kunsmusiek vervreem het, versterk. Ideologiese voorskrifte wat kunsmusiek as Europees, wit en beskaafd uitgebeeld het – dit wil sê as iets “anders” wat die kulturele posisie van swart Suid-Afrikaners transendeer – het noodwendig ook 'n wydverspreide bewustheid bevorder dat kunsmusiek elitisties, vervreemdend en uitheems tot Afrika se nalatenskap is:

Value-judgements that European music was superior and African music primitive have remained strong elements advancing isolation. As politicians try to find an equitable solution to establish a democratic society in South Africa, so musicians have to find a solution for a national musical culture which will embrace this nation's pluralism. (Buis 1991:14)

Binne hierdie konteks vind Buis dit verstaanbaar dat die swart meerderheid, wat onder andere deur die swartbewussynsbeweging gevorm is, skepties sou wees oor hoekom Westerse kunsmusiek in 'n demokratiese Suid-Afrika moet oorleef en voortbestaan. Intendeel sou kritiese stemme vanuit die swart struggle veel eerder 'n kulturele beleid daarstel wat daarop gemik is om inheemse Afrika-kunsmusiek en populêre musiek te bevorder. Dit sou dan hopelik die opbloeï van 'n inheemse Afrika-bewussyn aanmoedig, ná eeue van onderdrukking en uitrangering. Met hierdie laaste stellings voorsien Buis klaarblyklik die Afrosentriese ideologie van Thabo Mbeki se “Afrika-renaissance”, maar belangriker nog, ook die Afrosentriese ideale wat met dekolonisering geassosieer kan word. Afrosentriese denkstrome veroorsaak egter groot onsekerheid by diegene met Eurosentriese wêreldbeskouinge, en die volgende afdeling van hierdie artikel wys gevolglik hoe daar die afgelope twee dekades in Suid-Afrika geworstel en gewoeker is met kunsmusiek se Eurosentriese-beeld-probleem.

3. Die bevraagtekening van Westerse en Suid-Afrikaanse kunsmusiek: skandelige oorspronge as dwaalbegrip en Eurosentrisiteit as probleem

Die afgelope paar dekades in Suid-Afrika is daar 'n bevraagtekening – soortgelyk aan wat Buis noem en bespreek – van Westerse en Suid-Afrikaanse kunsmusiek wat algemeen in openbare diskoers plaasgevind het. Eerstens hamer hierdie bevraagtekening daarop dat die groot verskeidenheid genres van Westerse kunsmusiek oorspronklik vanuit plekke in Europa ingevoer is – iets wat uiteraard 'n verband trek tussen Westerse kunsmusiek se ingevoerdheid en die kolonisering van Suid-Afrika deur historiese wit setlaarsgemeenskappe wat hoofsaaklik vanuit Europa afkomstig is. Maar dit trek uiteraard ook 'n minder eksplisiete verband tussen Westerse kunsmusiek se ingevoerdheid en die ontginning en uitbouing daarvan in 'n nasionale variant soos Suid-Afrikaanse kunsmusiek. Met hierdie verbande wat bestaan kan Westerse, en in 'n mindere mate ook Suid-Afrikaanse, kunsmusiek as koloniserende praktyke beskou word, nie alleenlik omdat hulle as “beskaafde” kulturele praktyke deur generasies van koloniseerders beoefen was nie, maar ook omdat hul musikale morfologie en sintaksis by die musikale tradisies van alreeds inheemse bevolkingsgroepe geïnkorporeer is, soos in die geval van “swart” kerkmusiek.

Weens Suid-Afrika se komplekse geskiedenis van strukturele rassebevoorrouting en rassessekering word apartheid uiteraard ook outomaties aan hierdie koloniale bevraagtekening gekoppel, eerstens omdat dit as 'n voortsetting van kolonialisme se rassebeleid beskou kan word, maar ook omdat apartheid se ideoloë Westerse kunsmusiek volgens baie spesifieke koloniale paradigmas aan wit mense se kulturele identiteite gekoppel het (Muller 2000; Venter 2009; Stimie 2010). Enige probleemstelling oor kunsmusiek se etiese en maatskaplike waarde in vandag se samelewing raak dus aan die kulturele identiteit van wit mense; des te meer wanneer die geskiedenis betrek word met kolonialisme en dekolonisering as deel van die argument.

Die oorweldigende uitdaging met 'n koloniaal-dekoloniaal-probleemstelling is om met kritiese vraestelling deur rigied verskanste posisies te probeer sny sodat mens met beter insig kan bepaal wat alles die koloniale probleem se omvang behels en wat presies praktiese gedroom kan word as dekoloniale oplossings vir hierdie probleem. Daar bestaan dus 'n vereiste vir moeilike vraagstelling wat moontlik 'n meer komplekse aard van die probleem en

oplossing kan blootlê. Met so 'n poging is dit veral nodig om van 'n belangrike voorbehoud kennis te neem wat aansluit by Nietzsche se konsep van die *skandelijke oorsprong* (of *pudenda origo*). Dit het te doen met 'n soort genealogiese denkwysie waar die oorsprong van 'n idee, praktyk of tradisie op een of ander manier sleg en skandelik geag word, sodat denkers daarvan oortuig word dat dit nodig en beter sou wees om hierdie idees, praktyke en tradisies eerder agter te laat (Srinivasan 2011:17). So kan iemand wat krities oor kunsmusiek se geskiedenis en huidige posisie in ons samelewing is, op 'n geroetineerde manier besluit dat daar iets vals en onwettig omtrent hierdie musieksoort is omdat die Suid-Afrikaanse oorsprong daarvan gedurende die koloniale tydperk te vinde is en uit die hand en mond van koloniale setlaars posgevat het. Maar met so 'n onmiddellike gevolgtrekking, sonder enige verdere kritiese vraestelling, kan mens baie maklik 'n genetiese dwaalbegrip (*genetic fallacy*) formuleer deur outomaties skandelijke sosiale, kulturele en politieke eienskappe aan Westerse en Suid-Afrikaanse kunsmusiek toe te skryf, selfs nou waar dit in postapartheid Suid-Afrika oorleef en voortbestaan.

Hierdie genetiese dwaalbegrip is dan gegrond op 'n indruk dat die betrokke musiektradisie met skandelijke genetiese merkers gedurende die koloniale tydperk besoedel is, met die gevolg dat daar nou iets in die musiek se "DNS" is wat dit onvanpas en selfs nadelig vir die huidige demokratiese bestel maak. Maar die verhouding tussen oorsprong aan die een kant en waarheid, regverdiging en waarde aan die ander kant is nie naastenby so eenvoudig as wat 'n diagnose van "skandelijke oorsprong" suggereer nie (Srinivasan 2011:17). In hierdie artikel se spesifieke voorbeelde van Westerse en Suid-Afrikaanse kunsmusiek is dit nie noodwendig so dat hierdie musieksoorte stilisties onvanpas en reddeloos is omdat dit nog altyd sleg was, nog steeds sleg is, voortaan sleg sal wees, en gevolglik op groot skaal afgeskaf moet word nie. Die musikoloog en musiekopvoedkundige Anri Herbst (2006:208) argumenteer binne hierdie konteks dat dit baie maklik sou wees om inheemse musikale kunstekennissisteme te romantiseer, en om terselfdertyd alle Westerse musiekonderrig en musisering te verban omdat dit uitheems is. Maar in so 'n proses word die mens se simbiotiese verhouding met antropologiese kultuurpraktyke vergeet. (Musieksoorte weerspieël volgens Herbst die sosiokulturele geskiedenis van 'n nasie, en is ook 'n aktiwiteit waaraan mense aktief moet deelneem as dit gaan oorleef en voortbestaan.) En dit mag dalk net die geval wees dat Westerse en Suid-Afrikaanse kunsmusiek op een of ander manier voordelig vir die huidige samelewing is; in welke geval die vernietiging en uitrangering daarvan 'n jammerte en 'n fout sou wees.

Sedert die toenemende afskaffing van wetlike apartheid gedurende die laat 1980's en die 1990's het verskeie administrateurs, opvoedkundiges, praktisyns en navorsers van musiek hul bekommernis uitgespreek dat musiek se oorlewing en voortbestaan op kritieke maniere in demokratiese Suid-Afrika bedreig word (bv. Van Wyk 1989:91; Temmingh 1995:9; Otterman 1997:28; Solomon 1997:15–6; Lüdemann 2003:270; Spies 2010:21). Waar daar voorheen ruim befondsing vir kultuuraktiwiteite gekoppel aan veral Westerse kunsmusiek was, het 'n fundamentele omwenteling in kunstebeleid – in Junie 1996 deur die Departement van Kunste, Kultuur en Tegnologie in die *White Paper on Arts, Culture and Heritage* uiteengesit – hierdie musieksoort se maatskaplike waarde bevraagteken (Roos 2010:193; Roos 2012:142). Staatsubsidie vir instansies soos operahuise, orkeste en streeksrade vir die uitvoerende kunste is gevolglik in die laat 1990's onttrek. Hierdie verskraling van begrotings wat voorheen beroepsaktiwiteite in die kunsmusiekbedryf moontlik gemaak het, het musikante en gehore op voetsoolvlak geraak. En alhoewel 'n verskeidenheid privaatinisiatiewe daargestel is om die oorlewing en voortbestaan van Westerse en Suid-

Afrikaanse kunsmusiek te probeer verseker, heers daar steeds 'n vooringenomenheid by talle rolspelers in die kunsmusiekbedryf dat die toekomsvooruitsigte van hierdie musieksoort in Suid-Afrika baie onseker is.

Bekommernis oor Westerse en Suid-Afrikaanse kunsmusiek se oorlewing en voortbestaan in postapartheid Suid-Afrika is egter nie alleenlik in die werkskontekste van orkeste en operahuise ervaar nie, maar is ook verplaas na ander terreine, soos die musieksentrums van skole en die konservatoriums van universiteite waar musikante 'n baie groter deel van hul lewensinkomste moet probeer verdien. 'n Worsteling met die kulturele probleem van kunsmusiek se maatskaplike waarde, bestaansreg en gevolglike oorlewing en voortbestaan is opnuut in openbare skole se musieksentrums bevestig, waar soortgelyke privatiseringsmaatreëls as dié van operahuise, orkeste en streeksrade deur strukturele veranderinge in die staat se befondsing van musiekonderrig genoodsaak is. Organisasies soos die South African Society of Music Teachers (SASMT) het alreeds in 1992, met die geleentheid van hul 70ste algemene jaarkongres, 'n algehele besorgdheid oor die toekomsvooruitsigte van kunsmusiekonderrig in die nog ontluikende “nuwe” Suid-Afrika bespreek (Conrad 1992:25–7).

'n Oorsig van die tersaaklike vakliteratuur dui dus daarop dat daar in Suid-Afrika 'n beduidende musikologiese krisisliteratuur is wat met musiek se maatskaplike waarde, bestaansreg en oorlewing en voortbestaan bemoei is. Binne hierdie diskoers blyk daar amper uitsluitlik 'n geneigdheid te wees om op die lot van Westerse kunsmusiek te fokus; en hier is dit belangrik om te benadruk dat daar nie 'n soortgelyke letterkunde vir enige ander Suid-Afrikaanse musieksoorte bestaan nie. Maar in kunsmusiek se geval blyk daar 'n implisiete begrip of eksplisiete verduideliking te wees dat hierdie musieksoort – in die konteks van 'n huidige politieke, sosiale en kulturele krisis – “in 'n oorlewingstryd gewikkel is” (Lüdemann 2003:270). Daar word by die vermelde skrywers (die onderskeie verwysings regdeur hierdie afdeling van die artikel) veral op die kwessie van kunsmusiek se vermeende Eurosentrisiteit gefokus: Kan Eurosentriese musiek op die reg op oorlewing en voortbestaan in 'n demokratiese (lees: swart) meerderheidsbestel aandrang? (Kan enige musiek op enige regte aandrang?) Of is Eurosentriese musiek, soos wat Coetzee in die vroeër aangehaalde *Youth* aan die begin van hierdie artikel verduidelik, op die wankelrigste van voorwendsels teenwoordig op Suid-Afrikaanse bodem? Daar word by die onderskeie skrywers op 'n verskeidenheid maniere met Eurosentrisiteit as misplaaste kwessie of ware ongemaklike probleem omgegaan, maar bitter selde op maniere wat kolonialisme en dekolonisering – of selfs apartheid en transformasie – as geldige sake vir musiek erken en dit dan akkuraat probeer ontleed.

'n Toepaslike voorbeeld van 'n algemeen konserwatiewe en universalistiese wêreldblik omtrent Westerse kunsmusiek se Eurosentrisiteit verskyn in 'n tweetalige artikel van Henk Temmingh, die destydse president van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiek-onderwysers en die eertydse departementshoof van die Universiteit van Pretoria se Toonkunsakademie, wat in die joernaal *South African Music Teacher* gepubliseer is:

As hoof van 'n universitêre musiekdepartement, stel besorgde ouers dikwels hierdie probleem aan my: Die matriekdogter (of erger nog – seun) is getoets, kan feitlik enige beroep volg (want is intelligent en ambisieus), maar wil nou wragtig net musiek gaan studeer. Is dit verstandig? Is daar 'n toekoms? Gaan musiek in ons land bly bestaan? Poste word dan so kort-kort afgeskaf ...

I politely ask the parents and the scholar what they think my department deals in. I airily suggest soap powder, matches, filing cabinets ... I see them thinking – this is a strange man, this professor. No! I then say, with all the drama I can muster: *I deal in Western Art Music!* We make it, we create and re-create it, we eat and drink it, we live it. Western Art Music. No rubbish music, no nonsense, no cheap drivel, but Western Art Music. Of course, we do study and practice world musics, we do have a course in ethnomusicology. Especially in our country and in our times, it would be foolish not to do so. But basically and fundamentally we occupy ourselves with the great music of Western Civilisation.

And we do this, because this music has proved itself to be of very great value to mankind. It has proved itself for ages and it will always exist. Always (and please remember) *and everywhere in the world* people will want to listen to this music. They will want to play it themselves and they will want to study it. It is too great to be ignored, it is too valuable to be set aside. It has an utterly rich tradition and it is delightfully complicated.

Ek onderbreek my prekie aan bekommerde ouers om u te verseker dat Westerse Kunsmusiek ook in Suid-Afrika sal floreer, onafhanklik daarvan hoe ons land gaan ontwikkel. Ons mag (en sal waarskynlik, as gevolg van begryplike, dog uiteindelik misplaaste reaksie op “eurosentrisiteit”) laagtepunte beleef, maar ware kwaliteit kan nooit onderdruk word nie. Uiteindelik sal goeie musiek seëvier.

Temmingh se intellektuele strategie is kennelik om Westerse kunsmusiek te ag as iets wat eenvoudig beter as ander musieksoorte is (“no rubbish music, no nonsense, no cheap drivel”) en as iets wat daarom alreeds bewys is as meer waardevol vir die mensdom; gevolglik sal dit ook oorleef en voortbestaan, omdat hierdie grootse Westerse tradisie bloot nie anders kan nie (“ware kwaliteit kan nooit onderdruk word nie”). Die belangrikste deel van wat Temmingh skryf, is egter die klein deel in parentese heel aan die einde van sy prekie aan bekommerde ouers: die woorde “Ons mag (en sal waarskynlik, as gevolg van begryplike, dog uiteindelik misplaaste reaksie op ‘eurosentrisiteit’) laagtepunte beleef.” Dit is treffend omdat hy nooit die “begryplike, dog uiteindelik misplaaste reaksie” verduidelik nie – dit word intendeel vertel op ’n manier wat iets onduidelik as vanselfsprekend beskou. Meer as 20 jaar later is dit nou moeilik om te verstaan wat presies Temmingh as begryplik dog misplaas bedoel het. Vanuit die huidige perspektief blyk die “begryplik dog misplaaste” reaksie eerder te wees hoe Temmingh Westerse kunsmusiek se Eurosentrisiteit verdedig deur dit te veruniverseel. En hy is nie die enigste verdediger van Westerse kunsmusiek wat dit probeer veruniverseel om dit nie-Eurosentries en relevant te maak nie. In twee ander voorbeelde gebruik die komponis Hendrik Hofmeyr (in Bezuidenhout 2007:20–1) en die universiteitsadministrateur Anthony Melck (1993:45–6) dieselfde argument aan die hand van Bach se musiek: die musiek van ’n Duitser uit die 18de eeu word nou regoor die wêreld gekoester, en daarvolgens word Westerse kunsmusiek van universele waarde geag. Hierdie skrywers is almal merkwaardig vir die manier waarop hulle ’n universalistiese narratief oor Westerse kunsmusiek as iets ekumenies voorhou, terwyl hulle eintlik ’n bepaalde etnosentriese uitgangspunt probeer normaliseer.

Sonder veel ontleding is dit duidelik dat voorstanders van hierdie universalistiese blik op Westerse kunsmusiek geheel en al teen enige dekoloniseringspogings gekant sou wees. My bedoeling met hierdie stelling is nie dat individue soos Temmingh, Hofmeyr en Melck teen

dekolonisering gekant is nie, maar eerder dat daar onvermydelik 'n teenstrydigheid tussen 'n universele koloniserende musieksoort en 'n plaaslikgeoriënteerde dekoloniserende impuls sal bestaan. Weens die "universele" sienswyse van invloedryke mense wat in Suid-Afrika met Westerse kunsmusiek gemoeid is, sal hierdie musieksoort gevolglik moeilik sy Eurosentrisiteit prysgee, en sal die beskermers daarvan dit teen uitsterwing verdedig nog lank voordat dit enige kreatiewe gedaanteverwisseling tot dekolonisering ondergaan het. Hierdie onbuigsaamheid is waarskynlik alreeds in die 1980's bewys toe die komponis Kevin Volans sagkens 'n "Afrika-rekenaarvirus" in die hart van Suid-Afrikaanse kunsmusiek probeer plaas het met sy ikoniese komposisie *White man sleeps* (eerste weergawe 1982, tweede weergawe 1986) (Volans 2015). Sy idees is deur medekomponiste soos Peter Klatzow verwerp, en die moontlikheid dat Westerse en Afrika-musiekstyle 'n kreatiewe sintese kan ondergaan, is sedertdien uit gewoonte weggewuif met die Rudyard Kipling-frase "never the twain shall meet" (Pooley 2011).

Uiteindelik moet die oorlewing en voortbestaan van Westerse en Suid-Afrikaanse kunsmusiek nie as 'n ononderhandelbare *sine qua non* hanteer word nie, ten spyte van die moontlikheid dat hierdie musieksoorte se verdwyning nadelig vir die land se kulturele en maatskaplike welstand kan wees. So 'n uitsterwing is nie 'n resultaat wat ek uit die staanspoor sou aanmoedig nie. Maar dit is iets waaroor daar beduidend minder angns hoef te wees as wat die voorgaande krisisliteratuur weergee, omdat hierdie musiek hopelik juis op organiese maniere kan oorleef en voortbestaan deur 'n soort onherkenbare en dekoloniale gedaanteverwisseling te ondergaan. Enige hoop dat kunsmusiek in Suid-Afrika kan dekoloniseer steun egter op die verwante musieksoort van Suid-Afrikaanse kunsmusiek, en nie op die Eurosentriese moederkultuur se Westerse kunsmusiek nie. Bloot weens die naam daarvan suggereer Suid-Afrikaanse kunsmusiek die moontlikheid van 'n wegbreek van Eurosentrisiteit, sodat hierdie soort kunsmusiek baie makliker aan 'n dekoloniale kulturele program kan deelneem. Dit word ook minder universeel as die Germaanse weergawe van Westerse kunsmusiek geag, en het daarom minder hegemoniese potensiaal.

Met hierdie moontlikheid van 'n wegbreek van Eurosentrisiteit in gedagte ontleed ek in die volgende twee afdelings gesamentlik die probleem musikale kolonialisme se universele wêreldblik deur iets in die verwante musieksoorte van Westerse en Suid-Afrikaanse kunsmusiek te soek wat aan dekolonisering se wêreldblik gekoppel kan word. Daar word spesifiek op die gedeelde aspek van nasionalisme – of ten minste die "nasionale" – gesteun as 'n draaipunt wat hierdie gedagtegang moontlik maak.

4. Koloniaal en nasionaal: hoofstroom en rande

Die Amerikaanse musikoloog Richard Taruskin (1996:17) wys in 'n 1993-artikel vir die kunsteblad van die *New York Times* daarop dat alle 19de-eeuse konservatoriums buite die Duitssprekende lande 'n agentskap van musikale kolonialisme verteenwoordig. Sy stelling het daarmee te make dat hierdie instansies bepaalde idees van universaliteit en absolutisme aan Westerse kunsmusiek (tot 'n groot mate eintlik tog maar Germaanse kunsmusiek) gekoppel het en dit die wêreld deur versprei het. Dit is daarom 'n veruniverseelde Duitse nasionalisme – die idee dat die etiese waardes van hoofsaaklik Germaanse kunsmusiek universeel op die mensdom van toepassing is – wat Taruskin (1996:5) kritiseer as 'n vorm

van kolonialisme, en wat hy dan verder beskou as 'n sienswyse wat 'n hoofstroom/rande- (*mainstream/peripheries*) wêreldblik propageer.

Die spesifieke voorbeeld waarmee Taruskin hierdie stellings verduidelik is die 1993-eeufeesviering van Dvořák se New World-simfonie wat gedurende Dvořák se eerste jaar as direkteur van die National Conservatory of Music of America gekomponeer is.

Dvořák intended the work as an object lesson to his American pupils on how they might achieve an authentic American school of composition. As quoted by the critic Henry Krehbiel, Dvořák urged that they submit the indigenous musics of their country, namely Indian melodies and Negro spirituals, “to beautiful treatment in the higher forms of art”. That was his “nationalist” creed, and as a Bohemian subject of the Austrian crown, he practiced what he preached.

But as usual, what is most significant about this prescription was what it allowed to go unsaid. The “higher forms of art” that would justify and canonize the national were themselves considered not national but universal – or, to put it as a modern linguist would, “unmarked”. Yet they were national all along. They were German. Mrs. [Jeannette] Thurber’s [National Conservatory of Music of America], like all 19th-century conservatories outside the German-speaking lands, was an agency of musical colonialism. Dvořák was brought in to direct it not as a Bohemian or nationalist but as master of the unmarked mother tongue.

Like other colonialisms, this one sought justification in the claim that it could develop local resources better than the natives unaided. Like other colonialisms, it maintained itself by manufacturing and administering ersatz “national” traditions that reinforced dependence on the mother country. The benign picturesque “nationalism” Dvořák preached and practiced was of this type – a matter of superficially “marking” received techniques, forms and media with regionalisms (drones, “horn fifths”, polkas in place of minuets), as one might don a native holiday costume. (Taruskin 1996:18–9)

Die musikale kolonisering waarop in die bostaande aanhaling gewys word, vind dus in twee interafhanklike fases plaas: eers word die Europese (Germaanse) moederkultuur se “universele” musieksoort – Westerse kunsmusiek – deur middel van konservatoriums die wêreld deur gelewer, wat dit dan effektief vir die ganse mensdom “veruniverseel”, dan ontstaan daar 'n vereiste dat gekoloniseerde plekke die universele musieksoort van Westerse kunsmusiek moet nastreef deur hul eie nie-universele en verwante “nasionale” musieksoorte vanuit eie volksoorspronge te genereer. Sogenaamde volksmusieksoorte wat alreeds bestaan, moet dus ontgin word en opgehef word met “beautiful treatment in the higher forms of art”, sodat daar 'n heeltemal nuwe en ersatz nasionale kunsmusieksoort geskep kan word: 'n plaaslike kunsmusieksoort – verwant aan Westerse kunsmusiek – wat 'n ander alreeds bestaande nasionale musieksoort, dikwels sonder enige Westerse trekke daarin, effektief koöpteer, aanpas en verplaas. Vandaar Taruskin se stelling dat hierdie tipe musikale kolonialisme regverdiging soek in die bewering dat dit plaaslike hulpbronne beter as die “natives unaided” kan ontgin. In 'n plaaslike konteks sou die verwagting dus wees dat Suid-Afrikaanse komponiste volksmusiek of inheemse Afrika-musiek se motiewe moet ontgin en sodoende opnuut die nasionale musieksoort van Suid-Afrikaanse kunsmusiek skep – 'n plaaslike nie-universele en verwante weergawe van die universele Westerse kunsmusiek. Gevolglik word die universele koloniale musieksoort, oftewel Westerse kunsmusiek, die

hoofstroommusiek, terwyl die ontginde nie-universele en nasionale musieksoort randmusiek heet – die reeds vermelde hoofstroom/rande-wêreldblik wat sulke kolonialisme aanmoedig.

Taruskin skryf verder dat hierdie kolonialistiese nasionalisme 'n dubbelbinding (*double bind*) verteenwoordig:

Dvořák's Bohemianisms were at once the vehicle of his international appeal (as a "naïf") and the guarantee of his secondary status vis-à-vis natural-born Universals (say Brahms). Without the native costume, a "peripheral" composer could never achieve even secondary canonical rank, but with it he could never achieve more. If this was true for the mentor, how much truer would it be for the Americans whose "tradition" Dvořák purported to establish. (Taruskin 1996:19)

(Uiteraard sou dit ook waar wees vir Suid-Afrikaanse komponiste wat op hierdie gevestigde en algemene volksgeïnspireerde wyse 'n nasionale kunsmusiekstyl probeer skep. Stefans Grové, wat bekend daarvoor is dat hy Afrika-motiewe in sy musiek gebruik het, is 'n toepaslike voorbeeld.)

Gevolgtrek beskryf Taruskin nasionalisme as 'n euwel wat in musiek, soos op ander 20ste-eeuse terreine – mees opsigtelik in die politiek – 'n vervloeking en dwangbuis was. As deel van 'n gelykskakelende en effens verwarrende koppeling van *nasionalisme* as politieke ideologie en die *nasionale* as 'n komposisionele een, noem hy Amerikaanse komponiste wat hulle musiek baie suksesvol binne hierdie hoofstroom/rande-paradigma kon skep, tesame met ander wat uit hierdie binêre dubbelbinding wou wegbreek, maar wat gesukkel het om musiek volgens die meer hoofstroom "universele" internasionale estetika te komponeer:

Some American composers have successfully traded on it the way Dvořák did, particularly a greatly gifted left-leaning homosexual Jew from Brooklyn (a pupil of a Dvořák pupil), who managed to confect out of Paris and Stravinsky an ingratiating white-bread-of-the-prairie idiom that could be applied ad libitum to the higher forms of art. (But then, refused permission to relinquish his invented regionalisms, Aaron Copland ended his career embittered.) More often nationalism has been an invidious normative or exclusionary standard, a means of critical ethnic cleansing by which the legitimacy of American composers who do not choose to don a Stetson or grow an Afro can be impugned. (What business did Ellen Zwillich have vying with Mahler for a seat at the grown-ups' table? He's not part of her background, say I.)

But the demand that American composers – or any others – reflect their immediate geographical and temporal background (that is, stay put in their place) is not only patronizing or authoritarian. It betrays an altogether anachronistic idea of what anybody's immediate background is in an age when all the world's music, along with the music of all of history, is instantly available, electronically, to one and all. That does not mean that all must now partake in what Olivier Messiaen once called "the international gray on gray". That, thankfully, is another anachronism, albeit of more recent vintage. The present, and the foreseeable future, is an era of idiolects. No one has a place to stay put in anymore, and beware of those who say that they do (or worse, that you do). (Taruskin 1996:19–20)

Taruskin sluit af deur aan die hand van die etnomusikoloog Mark Slobin te verduidelik dat ons almal vandag as individuele mense verteenwoordigend van individuele musiekkulture is, maar ook dat ons, as gevolg van die universele aard van hedendaagse bestaan, terselfdertyd verteenwoordigend van alle musiekkulture is. Volgens hom is die mees vervelige en regressiewe ding wat enige komponis kan doen, om hom- of haarself aan sy of haar nasionale musikale identiteit te verknog.

Naas Taruskin se verduideliking van hoe Westerse kunsmusiek 'n koloniale nalatenskap regdeur die wêreld propageer, is dit sy verduideliking van nasionale kunsmusieksoorte ("Amerikaanse kunsmusiek", "Suid-Afrikaanse kunsmusiek", "Engelse kunsmusiek" ens.) se regionalismes wat op die mees ooglopende manier by die debat oor dekolonisering aansluit. Soos wat ek in 'n volgende afdeling van hierdie artikel aan die hand van Fanon se idees verduidelik, is dit omdat een van die heel eerste instinkte met kulturele dekolonisering is om weg te breek van 'n vooringenomenheid met die koloniale, ten gunste van 'n groter betrokkenheid by die nasionale. Taruskin se vermaning dat enige voorskrif vir nasionale komponiste om hulself op nasionale terrein met nasionale musiekstyle besig te hou 'n vervloeking en dwangbuis is, of andersins die mees vervelige en regressiewe ding is wat hulle kan doen, dui daarop dat 'n benadering tot dekolonisering wat op die vestiging van 'n nasionale kultuur fokus, moontlik foutief en beperkend sou wees. Die vraag ontstaan egter of Taruskin se teenstelling van 'n universele Westerse kunsmusiek met 'n nasionale kunsmusiektradisie soos Suid-Afrikaanse kunsmusiek nie 'n oneweredige magsbalans skep en vestig wat komposisionele aktiwiteite op nasionale vlak outomaties as vervelig en regressief sal brandmerk nie. Met die gevestigde magswanbalans waar die koloniale en "universele" vorm van Westerse kunsmusiek in 'n hegemoniese posisie teenoor nasionale kunsmusieksoorte staan, is die versoeking tog sterk vir dekoloniseerders en ander patriotte om die opbloei van 'n nasionale bewussyn te koester. En volgens Taruskin se argument blyk deelname – buite die gebruikelike dubbelbinding van Westerse en nasionale kunsmusiek – aan die "universele" vorm of andersins aan idiolekte veel meer produktief te wees.

Moontlik sou 'n ontleding soos Taruskin s'n aangaande nasionale komposisiestyle moet verskil in verskillende lande se unieke kontekste. In die VSA is dit waarskynlik so dat die voorsienbare toekoms, weens daardie land se oorvloed van kulturele en ekonomiese hulpbronne, uitsluitlik een van idiolekte is – 'n benadering tot komposisie waar kunsmusiek se komponiste in 'n radikale diversiteit uiting aan hul eie, unieke selfontdekte of selfgekoose musiekstyle kan gee, pleks van aan 'n nasionale styl of verskeie nasionale style. Maar hierdie welgestelde oorvloed van rykdomme herinner in elk geval aan 'n paradigma van Amerikaanse neoliberalisme. In 'n land soos Suid-Afrika, waar hulpbronne meer beperk is, en waar daar weens die bevolkingsamestelling ook beduidend meer druk uitgeoefen kan word om met die probleme en nalatenskap van 'n koloniale geskiedenis te worstel, staan musikale nasionalisme beduidend sterker op die voorgrond van ons komposisionele landskap. Ten spyte van 'n diverse kultuurlandskap, wat uiteraard idiolekte voor die hand liggend sou maak, en verder ook weens die feit dat Suid-Afrika se koloniale nalatenskap op meer onmiddellike maniere deur 'n groter segment van die samelewing beleef en waargeneem word, is die gebruikelike digotomie van 'n koloniale Westerse kunsmusiek en 'n nasionale musieksoort (hierdie keer nie noodwendig nasionale kunsmusiek nie) moontlik nog te oorweldigend of nog te dringend om vir 'n musikale landskap van postkoloniale en postnasionale idiolekte die nodige bestaansruimte te skep. Hiermee beskryf ek 'n teoretiese maar ook 'n praktiese dooie punt wat postkolonialisme en dekolonisering maklik kan sukkel om baas te raak: die skrale

moontlikheid om sig los te maak of weg te breek van die koloniale, weens gedeelde konsepte soos nasionalisme wat hierdie verskillende wêreldblikke inspireer en aan mekaar vasbind.

Hier ontstaan 'n moeilike vraag of daar in Suid-Afrika 'n meer legitieme noodsaaklikheid is dat dekoloniale kunsmusiek wel nasionale kunsmusiek moet wees. Wanneer mens in gedagte hou dat 'n koloniale musiekwêreld die oorspronklike nasionale musiek van prekoloniale kulture gekoöpteer en aangepas of selfs uitgewis het, dan is die behoefte aan 'n prekoloniale nasionalistiese impuls maklik verstaanbaar. Pleks van onmiddellik oorslaan na neoliberale idiolekte, waar elkeen 'n unieke musiekstem kan koester, ontdek en beoefen (amper die Babelse kakofonie van wanneer elke mens sy eie taal praat), sal die dekoloniseerders dit miskien eerste so wil hê dat die prekoloniale nasionale musieksoorte 'n slag prominent moet figureer om dit wat kultureel verlore is te probeer herwin.

5. Dekolonisering en nasionale kultuur in die konteks van 'n toeploegingsangs

Tot op hede is Suid-Afrika se geskiedenis op moeilike en nadelige maniere deur nasionalisme en daarmee gepaardgaande nasionale kultuur vorm gegee, iets wat ook in Suid-Afrikaanse kunsmusiek se geskiedenis waargeneem kan word. Nasionalistiese komposisies soos Arnold van Wyk se *Eeufeeskantate* (1938), Rosa Nepgen se *Die dieper reg* (1943), Stephen Eyssen se *Ons Boerwording* (1949), en Hubert du Plessis se *Suid-Afrika: nag en daeraad* (1966) het almal as individuele werke van 'n nasionale Suid-Afrikaanse kunsmusieksoort deelgeneem aan die uitbouing en handhawing van Afrikanernasionalisme voor en gedurende apartheid. Meer onlangse werke soos Bongani Ndodana-Breen se *Winnie* (2011) en die samewerkende trilogie Nelson Mandela-operas van Allan Stephenson, Mike Campbell en Péter-Louis van Dijk (2011) neem weer deel aan 'n musikale swart nasionale bewussyn wat ná apartheid die vroeëre musikale werke van Afrikanernasionalisme blyk na te streef. Tesame val hierdie lukrake lys van nasionale werke in die klas van nasionalisme waarteen Taruskin sulke hewige kritiek uitspreek, omdat hulle plaaslike praktyke gebruik om 'n Suid-Afrikaanse kunsmusiek uit nasionalistiese volksoorspronge te ontgin, maar belangriker, ook omdat hulle 'n amper steriele patriotisme van politieke nasionalisme se holrug-rituele nastreef.

Met 'n oog op die vraag of dekoloniseerders nasionalisme en nasionale kultuur moet omhels, help dit om te kyk na die werk van die Martinikaanse psigiater Frantz Fanon wat in sy boek *The wretched of the earth* (1963) 'n hoofstuk oor nasionale kultuur insluit. In hierdie hoofstuk noem Fanon dat daar 'n oorweldigende behoefte aan 'n nasionale kultuur onder voorheen gekoloniseerde kultuurmense bestaan:

For these individuals, the demand for a national culture and the affirmation of the existence of such a culture represents a special battle-field. While the politicians situate their action in actual present-day events, men of culture take their stand in the field of history. Confronted with the native intellectual who decides to make an aggressive response to the colonialist theory of pre-colonial barbarism, colonialism will react only slightly, and still less because the ideas developed by the young colonized intelligentsia are widely professed by specialists in the mother country. It is in fact a commonplace to state that for several decades large numbers of research workers have, in the main, rehabilitated the African, Mexican and Peruvian civilizations. The passion with which native intellectuals defend the existence of their

national culture may be a source of amazement; but those who condemn this exaggerated passion are strangely apt to forget that their own psyche and their own selves are conveniently sheltered behind a French or German culture which has given full proof of its existence and which is uncontested. (Fanon 1963:168)

Kreatiewe skeppers ontwikkel volgens Fanon dus 'n dekoloniale bewussyn waarin hulle die vorige beskawings (prekoloniale beskawings) van hulle betrokke lande herontdek en navors, met die doel om iets vergelykbaar met die koloniale moederkulture vanuit Frankryk of Duitsland te ontdek. Waar dit voorheen uitgemaak was dat daar niks behalwe prekoloniale barbaarsheid in 'n gekoloniseerde gebied was nie, fokus hierdie kultuurmense gevolglik op die ontdekking en herontdekking van wat ook al deur die koloniale beskawing oorweldig, onderdruk of vernietig is. Verder is dit merkwaardig dat Fanon 'n psigiese element aan hierdie opgrawende kultuurskepping koppel, wat verduidelik dat die Westerse beskawing baie meer sekuur en onbestrede staan met volle bewyse van sy kulturele waarde, terwyl die dekoloniale kultuur, wat homself ontdek en herontdek, 'n meer oordrewe benadering benodig.

Fanon skryf dat hierdie liefhebbers van 'n nasionale kultuur boonop onseker teenoor die kultuurskatte van die Westerse beskawing staan:

But it has been remarked several times that this passionate search for a national culture which existed before the colonial era finds its legitimate reason in the anxiety shared by native intellectuals to shrink away from that Western culture in which they all risk being swamped. Because they realize they are in danger of losing their lives and thus becoming lost to their people, these men, hot-headed and with anger in their hearts, relentlessly determine to renew contact once more with the oldest and most pre-colonial springs of life of their people. (Fanon 1963:168–9)

Fanon (1963:169) skryf dat hierdie woedende en passievolle argeologiese navorsing volgehou word en gedryf word deur die geheime hoop om, verby hedendaagse ellende, verby selfveragting, oorgawe en verloëning, een of ander pragtige en skitterende era te ontdek, waarvan die bestaan 'n rehabiliterende effek op gekoloniseerde nasies sal hê. Volgens hom kry die mense wat prekoloniale beskawings soek, uiteindelik niks om voor skaam te wees nie, maar eerder eer, glorie en plegtigheid. Die aanspraak op 'n nasionale kultuur rehabiliteer dus nie slegs 'n nasie met die hoop van 'n toekomstige nasionale kultuur nie, maar skep ook 'n psigiese ewewig by gekoloniseerde individue ("the native"). Dekolonisering word dus beskou as die manier om beide op nasionale en op individuele vlak 'n psigiese en kulturele skade te genees, en om sodoende welstand in 'n andersins verpletterde samelewing aan te moedig.

Die probleem van 'n kulturele toeploegingsangs by gekoloniseerdes kan verder verstaan word deur Ngũgĩ wa Thiong'o se beskrywing van kolonialisme se psigiese en kulturele skade in ag te neem:

But its [colonialism's] most important area of domination was the mental universe of the colonised, the control, through culture, of how people perceived themselves and their relationship to the world. Economic and political control can never be complete or effective without mental control. To control a people's culture is to control their tools of self-definition in relationship to others.

For colonialism this involved two aspects of the same process: the destruction or the deliberate undervaluing of a people's culture, their art, dances, religions, history, geography, education, orature and literature, and the conscious election of the languages of the coloniser. The domination of a people's language by the languages of the colonising nations was crucial to the domination of the mental universe of the colonised. (Ngũgĩ wa Thiong'o 1986:391)

In sy boek *Decolonising the mind* skryf Ngũgĩ wa Thiong'o (1986:392) verder dat daar by inheemse kinders in gekoloniseerde lande 'n losmaking en vervreemding van hulle onmiddellike omgewing plaasgevind het; 'n proses wat begin by die koloniale taal – in Ngũgĩ wa Thiong'o se geval, Engels. Volgens hom is hierdie losmaking daarna versterk in die onderrig van geskiedenis, aardrykskunde, musiek, en so meer, met 'n konstante wêreldbeskouing waar bourgeois Europa as die middelpunt van die heelal gereken word. Op dieselfde manier wat Ngugi wa Thiong'o Engels as 'n onderdrukkende koloniale taal beskou, kan mens die verwante musieksoorte van Westerse en Suid-Afrikaanse kunsmusiek ook as onderdrukkende koloniale tale beskou. Vir Suid-Afrikaanse kunsmusiek om op een of ander manier tot die handhawing van 'n dekoloniale psigiese ewewig en sosiale welstand by te dra, sal maniere uitgevind moet word waarop hierdie musieksoort – of dan ten minste die definisie van hierdie musieksoort – self 'n dekoloniale gedaanteverwisseling kan ondergaan.

Voordat ek daardie dekoloniale gedaanteverwisseling bespreek, is dit nodig om 'n aanduiding te gee van hoe merkwaardig daar 'n eenderse bekommernis oor kulturele oorlewing en voortbestaan by die dekoloniseerders se kultuur plaasvind as by kultuurmense wat met die Eurosentryse moederkultuur se posisie in die samelewing bemoei is. Die groot verskil is egter dat die kultuurpraktyke van die Westerse beskawing wel nog steeds bestaan en dat dit op 'n verskeidenheid plekke regoor die wêreld beoefen word, terwyl die meer plaaslike kultuurpraktyke wat Fanon en Ngũgĩ wa Thiong'o beaam op bepaalde maniere deur koloniale kultuur uitgewis en verplaas is. Om hierdie argument op kunsmusiek se posisie in Suid-Afrika van toepassing te maak: aan die een kant staan die alreeds beligte bekommernis oor die toekomstige uitwissing van Westerse en Suid-Afrikaanse kunsmusiek in hierdie land, ten spyte van die feit dat ten minste Westerse kunsmusiek baie sterk elders in die wêreld beoefen word, en aan die ander kant staan 'n bekommernis oor die verlede en hedendaagse uitwissing van inheemse musieksoorte wat volgens alternatiewe paradigmas ook as “kunsmusiek” geag kan word.

As gevolg van laasgenoemde dekoloniale toeploegingsangs, skryf Fanon sy argeologiese en nasionale benadering tot die herontdekking van voorkoloniale kultuur voor. Dit lyk of sy benadering op iets haalbaar dui, veral wat die loëning van prekoloniale barbaarsheid betref. Maar dit lyk terselfdertyd of hy 'n utopiese – spesifiek Arkadiese – register ontsluit waarin kultuurmense 'n soort eerste, onskuldige en onbevleete *nasionale* kultuur sou wou ontdek, maar dit dan *nasionalisties* op hulself en hul eie posisie in die wêreld van toepassing maak. Musiek – en veral kunsmusiek – is op uitsonderlike wyse daartoe in staat om hierdie utopiese registers van kultuurskepping op te roep. Dit is egter 'n moeilike proses wanneer die musiek wat hierdie utopiese registers moet oproep, amper glad nie meer beoefen word nie, of selfs nie meer bestaan nie. Hierdie projek sou dan byvoorbeeld vergelykbaar wees met hoe Afrikaners in die 1930's, deur 'n psigies getraumatiseerde dekoloniseringsproses weg van Britse kulturele invloede af beweeg het en 'n stel Arkadiese “Voortrekkerdeugde” van die 1830's op hulself van toepassing gemaak het; en verder sou dit byvoorbeeld ook

vergelykbaar wees met hoe Thabo Mbeki se reeds verwerpte ideologie van ’n “Afrika-rennaissance” ’n herbore Afrikanistiese beskawing in die moderne samelewing wou vestig.

Met Fanon se argeologiese en nasionale kultuurwerk moet daar baie versigtig gedink word of dekolonisering konseptueel gelykstaande aan prekolonisering is. In daardie geval sou daar ’n fanatiese verwerping van enigiets modern of Westers in enige tipe Suid-Afrikaanse kunsmusiek moes plaasvind – dieselfde redenasie oor hoe prekolonialisme die verwerping van moderne geriewe soos Gucci en BMW as lewensitems noodsaak. Waar prekoloniale musieksoorte nog gereken word om voort te bestaan (en hoe bewys mens dit onomwonde met ongeskrewe musiektradisies?), sou ’n prekolonialiseringsprojek daardie musiek moet opbou en ondersteun teenoor beter ondersteunde musieksoorte. En waar prekoloniale musieksoorte nie meer bestaan nie, sou dit op baie kreatiewe maniere moes “herontdek” en “herskep” word. Alhoewel die argeologiese uitgangspunt konseptuele ruimte vir interessante kultuurwerk skep, is dit prakties uiteraard meer sinvol om die dekoloniale en die prekoloniale nie so uitdruklik met mekaar te verwar nie, bloot omdat die wêreld ook op onvoorspelbare maniere móét verander (die moontlike fout hier is om Eurosentries of neoliberaal te lees, deur ook te skryf: bloot omdat die wêreld ook móét vorentoe beweeg). Dit sou moeilike en kritiese skeppende werk verg om vas te stel presies watter soorte kennis en kultuur gevolglik koloniaal (internasionaal?) van toepassing is, en watter soorte kennis en kultuur eerder dekoloniaal (nasionaal of andersins idiolekties?) uitgewerk en geskep moet word.

Bestaan daar ruimte in Fanon en Taruskin se onderskeie beskouinge omtrent nasionalisme en nasionale kultuur vir mekaar se afsonderlik dekoloniale en idiolektiese benaderings tot kultuurskepping? Ja en nee. Met hierdie vraag is dit nodig om ’n onderskeid tussen die nasionalisme van prekoloniale kunsvorme (spesifiek prekoloniale musiek) en die nasionalisme van Westerse kunsmusiek met plaaslike trekke (naamlik Suid-Afrikaanse kunsmusiek) te tref. Fanon se begrip van nasionale kultuur sal onafwendbaar musiek behels wat nie volgens gebruiklike Suid-Afrikaanse definisies van kunsmusiek as sulks geag word nie. Maar Taruskin se idiolekte – hier verwys ek slegs na komponiste se idiolektiese komposisionele stemme, nie individue se idiolektiese musieksmaak of na kulture se idiolektiese praktyke en kultuurskatte nie – kan wel die musiek insluit en waardeur wat Fanon se argeologiese benadering tot nasionale kultuur sou opgrawe. Behalwe: dekoloniale komponiste kan in hierdie geval nie met Taruskin se uitgangspunt saamstem dat om nasionaal-georiënteerde komponiste te wees die mees vervelige en regressiewe ding is wat enige komponis kan doen nie. Dit sluit dan verder ook aan by ’n vraag of dekolonisering ophou by ’n verwerping van kolonialisme se wêreldblik in ruil vir die nasionale, en of dit eerder beteken om verder oop te maak verby die koloniale wêreldblik na die res van die wêreld se idiolekte toe. Beteken dekolonisering se beklemtoning van die nasionale aspek dat ’n gedekoloniseerde kunsmusiek in Suid-Afrika slegs uit nasionalistiese Suid-Afrikaanse kunsmusiek sal bestaan, of is daar ook ruimte vir radikale pluralisme in hierdie paradigma?

Daar sal uiteraard dekoloniseerders wees wat die een of die ander van hierdie strategieë nastreef. Die groter uitdaging sou wees om die meerstemmigheid van ’n radikale pluralisme by ’n begrip van dekolonisering se nasionale belange te probeer inkorporeer; om nie een of die ander te kies nie, maar al twee. Hopelik kan ’n nasionale kunsmusieksoort soos Suid-Afrikaanse kunsmusiek sodoende wegbreek van die gevangenhoudende digotomie met Westerse kunsmusiek waarin dit gewikkel is, om konseptueel en morfologies en sintakties nie meer noodwendig verwant aan ’n Eurosentryse moederkultuurmusiek te wees nie. Hierdie opsie sou dan eerstens ’n dekoloniale gedaanteverwisseling verteenwoordig: Suid-Afrikaanse

kunsmusiek sal nie noodwendig meer vanselfsprekend as “klassieke musiek” op die manier van Westerse kunsmusiek verstaan word nie, maar eerder as ’n musieksoort wat argeologiese benaderings tot artistieke prekoloniale musieksoorte insluit. En hier dink ek spesifiek aan die kreatiewe argeologiese benadering van ’n komponis soos Hans Huyssen. Maar hierdie soort pluralisme in musiekkomposisie sou tweedens ook verby Fanon se argeologiese benadering tot ’n prekoloniale nasionale kultuur moes beweeg – wat noodwendig ook beteken: verby die glip tot politieke nasionalisme wat dit onvermydelik sou verteenwoordig. Ander idiolekte as slegs die prekoloniale en slegs die nasionale sou oorweeg moes word as moontlike weë tot komposisionele skepping, bloot omdat nie almal in Suid-Afrika uitsluitlik aan een homogene plek behoort of gebind is nie. Hierdie het dan te doen met my stelling heelwat vroeër in hierdie artikel dat samelewings in verskillende kontekste spesifieke musieksoorte sal nodig hê om samehang in hul gemeenskappe te bevorder. Volgens hierdie sienswyse kan mens byvoorbeeld die idiolektiese koormusiek van Suid-Afrikaanse Maleiers tegelyk as nasionaal Suid-Afrikaanse kunsmusiek en argeologies Maleisiese volksmusiek erken. Uiteindelik sal ’n verskeidenheid musieksoorte as outentieke Suid-Afrikaanse kunsmusiek erken kan word, sodat Suid-Afrikaanse kunsmusiek nie meer as een enkele homogene musieksoort tussen ander musieksoorte verstaan hoef te word nie, maar eerder as ’n groep nasionaal-georiënteerde stemme wat tesame diverse idiolekte verteenwoordig.

6. Ten slotte

Suid-Afrikaanse kunsmusiek is alreeds deur skrywers soos Stephanus Muller (2009:19) as die musiek van ’n minderheid binne ’n minderheid (die Westerse kunsmusiekwêreld) beskryf. Dit is gevolglik ’n baie optimistiese uitkyk wat hierdie musieksoort enigsins as deel van die dekoloniseringsgesprek sou wou opper. Die hoop wat met hierdie artikel uitgespreek word, is dat indien die gemeenskap wat veral met Suid-Afrikaanse kunsmusiek bemoei is, ’n uitweg na dekolonisering kan ontdek, dit ook in ander kontekste vir agente van koloniaal-oorgeërfde instansies moontlik sal voel om aan die dekoloniseringsgesprek deel te neem.

Die navorsing in hierdie artikel word aangebied in die konteks van ’n aktuele en dringende onderwerp wat hom daagliks op die strate van Suid-Afrika uitspeel. Daarom is dit belangrik om te erken dat hierdie artikel se werk binne die ivoortoring van die akademie afspeel. Nietemin is die navorsing in hierdie artikel dringend op soek na teorie binne ’n dissiplinêre konteks: teorie wat die praktiese skepping van ’n regverdiger wêreld moontlik probeer maak, ’n regverdiger wêreld in en buite/rondom die musiekwêreld. Soos wat ek in die inleiding aan die hand van Mbembe genoem het, is hierdie teorie ook daarmee gemoeid om maniere te ontdek waarop ons as individue en gemeenskappe nuwer verbintenisse en wederkerighede kan ontdek.

Alhoewel Westerse kunsmusiek – weens ’n algemene verknogtheid aan Eurosentrisme – sal sukkel om sulke nuwe verbintenisse en wederkerighede te vestig, kan ’n dekoloniale benadering tot Suid-Afrikaanse kunsmusiek op baie kreatiewe maniere hierdie noodsaaklike maniere van sosiale interaksie ontdek en versterk. Daar kort egter werk om die komponiste uit te soek en te koester wat bereid is om musikaal te sukkel met Suid-Afrikaanse kunsmusiek se koloniale nalatenskap, en wat dit dan kan opgrawe, omskep en kreatief herskep in ’n pluraliteit van nasionale kunsmusiekstyle wat ruimhartig met hierdie land se multikulturele omstandighede in gesprek tree.

Bibliografie

- Ballantine, C. 1983. Taking sides: Or music, music departments and the deepening crisis in South Africa. *Papers presented at the third and fourth symposia on ethnomusicology*. Grahamstad.
- Bezuidenhout, M. 2007. An interview with Hendrik Hofmeyr. *Musicus*, 35(2):19–21.
- Blacking, J. 1973. *How musical is man?* Seattle: University of Washington Press.
- Bouws, J. 1982. *Solank daar musiek is ...: musiek en musiekmakers in Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.
- Buis, J. 1991. Should Bach survive in a new South Africa? Redefining a pluralistic music culture in post-apartheid South Africa. *Papers presented at the tenth symposium on ethnomusicology*. Grahamstad.
- Coetzee, J.M. 2002. *Youth*. Londen: Vintage Books.
- Conrad, R. 1992. Presidential address at the 70th annual general conference, Durban-Westville, 13 April. *South African Music Teacher*, 120:24–7.
- Fanon, F. 1963. *The wretched of the earth*. Londen: Penguin.
- Heimes, K.F. 1985. Towards a South African sociology of music: Preliminary questions *re* situation and prospects of music in a consumer society (I). *South African Journal of Sociology*, 16(4):138–56.
- Herbst, A. 2006. The dancing “mealie”: A realistic perspective on musical arts education. In Potgieter (red.) 2006.
- Lucia, C. 2007. How critical is music theory? *Critical Arts*, 21(1):166–89.
- Lüdemann, W. 2003. Diabolus in musica: In dialoog met Thomas Mann se Doktor Faustus. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 43(3):259–76.
- . 2009a. *Musiek, kulturele diversiteit, menswaardigheid en demokrasie in Suid-Afrika*. Professorale intreerede voorgedra op 21 April. Universiteit Stellenbosch.
- . 2009b. Musiek en kulturele diversiteit in Suid-Afrika. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 49(4):639–57.
- Malan, J.P. 1979. *Die musiekskole in Duitsland en die toepassing van die idee in Suid-Afrika*. Pretoria: RGN.
- Mbembe, A. 2016. Decolonizing the university: new directions. *Arts & Humanities in Higher Education*, 15(1):29–45.
- Melck, A. 1993. Culture and universities: Eurocentric or Afrocentric at Unisa? *Ars Nova: Unisa Musicologica*, 25:44–6.
- Muller, S. 2000. *Sounding margins: musical representations of white South Africa*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif. Oxford, Balliol College.

—. 2009. 'n Blik op die resepsiegeskiedenis van Hendrik Hofmeyr se Sinfonia Africana. *Musicus*, 37(1):19–23.

Ngũgĩ wa Thiong'o. 1986. *Decolonising the mind*. Londen: Heinemann.

Otterman, R. 1997. Is music a luxury or a necessity? *South African Music Teacher*, 130:28–31.

Pooley, T. 2011. "Never the twain shall meet": Africanist art music and the end of apartheid. *SAMUS*, 30/31:45–69.

Potgieter, H. (red.) 2006. *The transformation of musical arts education: Local and global perspectives from South Africa*. Potchefstroom: North-West University Press.

Roos, H. 2010. Opera production in the Western Cape: strategies in search of indigenization. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Universiteit Stellenbosch.

—. 2012. Indigenisation and history: How opera in South Africa became South African opera. *Acta Academica Supplementum*, 2012(1):117–55.

Spies, B. 2010. Het klassieke musiek 'n toekoms in Suid-Afrika? *Woord en Daad*, 50(414):21–4.

Srinivasan, A. 2011. "Armchair v. Laboratory". *London Review of Books*, 33(18):17–8.

Stimie, A. 2010. Cosmopolitanism in early Afrikaans music historiography, 1910–1948. Ongepubliseerde MMus-verhandeling. Universiteit Stellenbosch.

Stolp, M. 2012. Contemporary performance practice of art music in South Africa: A practice-based research enquiry. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Universiteit Stellenbosch.

Taruskin, R. 1996. Introduction. *repercussions*, 5(1/2):5–20.

Temmingh, H. 1995. The President's message / Boodskap van ons President. *South African Music Teacher*, 126:9–10.

Van Wyk, C. 1989. Why analysis? A composer's view. *SAMUS*, 9:90–1.

Venter, C. 2009. The influence of early apartheid intellectualisation on twentieth-century Afrikaans music historiography. Ongepubliseerde MMus-verhandeling. Universiteit Stellenbosch.

Volans, K. 2015. Composer's statement: White man sleeps tonight. www.kevinvolans.com/essays (29 Julie 2014 geraadpleeg).

Afdeling: Godsdienswetenskappe

Vreemdheid as geleentheid. Enkele gedagtes oor die hermeneutiese potensiaal van 'n ongemaklike begrip

Bernard C. Lategan

Bernard C. Lategan, Departement Inligtingwetenskap, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Die artikel fokus op een faset van 'n veld wat reeds deurtastend ondersoek is, naamlik die *aard* van die interaksie tussen die *self* en die *ander*. Meer spesifiek gaan dit oor die vraag: Wat is die hermeneutiese potensiaal van die *ander* en die *vreemde* ten opsigte van die *self*? Ten einde hierdie vraag te beantwoord is dit nodig om die rigting waarin die interaksie tussen die *self* en die *ander* verloop, die magsverhouding wat die interaksie kenmerk en die aanspraak van die *ander* op die *self* nader te ondersoek.

Hierdie ondersoek geskied aan die hand van voorbeelde uit 'n aantal vakgebiede: antropologie en etnografie, kuns en kunsgeskiedenis, teologie, filosofie, kommunikasieteorie, en pedagogie. Hieruit blyk dat 'n aantal temas herhaaldelik voorkom: die magsverhouding tussen die *self* en die *ander* is asimmetries in die guns van die *self*; die handeling vloei in een rigting; en die *ander* of *vreemde* word selde uit eie reg waargeneem – dit word deurlopend gemeet aan die *self* en word deurgaans met negatiewe assosiasies verbind.

In die lig hiervan word 'n alternatiewe benadering voorgestel waarin die blikrigting van die *vreemde* na die *self* omgekeer word; die “onvolledigheid” van die *self* as uitgangspunt geld; die meerwaarde van die *ander* doelbewus ontgin word; die *self* nie langer die middelpunt van verhoudinge vorm en die interaksie beheer nie; die veilige eie tuiste verlaat en die onbekende betree word; en die impak van die *ander* en die *vreemde* op die *self* ernstig geneem word.

Die voorstel is nie dat die *self* deur die *vreemde* vervang word nie, of dat die *vreemde* per definisie goed is nie, of dat die eie en die *self* nie ook 'n positiewe bydrae te lewer het nie. In die gangbare denke oor die *vreemde* beklee die *self* egter steeds die dominante posisie en is dit die *vreemde* wat die voorwerp van denke en handeling is. Wanneer hierdie verhouding omgekeer word en die *self* ook oopgestel word vir verandering, kan 'n vrugbare verryking en verruiming plaasvind.

Die slotsom is dat vreemdheid as 'n geleentheid benut en as 'n bate gewaardeer behoort te word.

Trefwoorde: die ander; identiteitverruiming; vervreemding; vreemde; vreemdelinghaat; vreemdheid; xenofobie

Abstract

Strangeness as opportunity: Some thoughts on the hermeneutical potential of an uncomfortable concept

In a field that has already been extensively investigated, the article focuses on a particular aspect, namely on the *nature* of the interaction between the *self* and the *other*. The leading question is: What is the *hermeneutical potential* of the *other* and the *stranger* in relation to the self? In order to find an answer, the following dimensions are examined: the direction of flow of the interaction, the power relations involved in the process and the appeal or claim of the other on the self.

The first section examines various approaches to the other that have been developed by a number of disciplines: anthropology and ethnology, art and art history, theology, philosophy, communication theory, and pedagogy. A number of common traits are evident: the flow of action is pre-dominantly from the self to the other, meaning that the stranger is the recipient of attention, while the subject is normally not affected; the power relationship is unequal, skewed in favour of the self; the other is rarely perceived in his or her own right but is compared with the self, who serves as norm; the search is for similarities and therefore tends towards recognition of the self in the other; and strangeness is seen as inherently problematic and accompanied by negative connotations. There is consequently a constant attempt to scale down differences and to domesticate the other by various means.

Against this background the hermeneutical potential of strangeness is discussed. To counter conventional approaches to the other where negative associations dominate, it is important to remember that *xenos* in its original sense contains both negative and positive associations – the stranger is also a guest and friend who should be shown hospitality and treated with respect. Furthermore, in meeting the stranger the self does not remain unaffected. Far from the self dominating the encounter, the stranger challenges the self, makes a certain claim to which the self has to respond.

An alternative approach will therefore aim at reversing the normal power relationship and releasing the potential of change for the *self* in the encounter with the other. This requires a conscious decision to change the direction of action: from the other to the self and not vice versa. Furthermore, in order to break the binary hold of subject on object, the *decentring* of the subject is necessary. The self is no longer the centre of the universe, but only one node in a complex web of relationships. This requires the recognition of the “incompleteness” of human existence (Nyamnjoh 2015) which opens up the self for new possibilities. Acceptance of the radical openness of systems (in this case the “system” of human relationships) is the key to releasing the “excess” of potential available to the self in the encounter with the other and with what is strange and alien. Instead of domesticating the stranger and trying to absorb the other into the world of the self, otherness must be allowed to retain its integrity and to do so in all its sharpness. Socialised prejudice and inherited stereotypes are often so ingrained

that drastic measures are required to pry them loose from where they have embedded themselves so deeply.

In this way strangeness can act as a catalyst to challenge the self in its self-understanding and its preconceived ideas – for this reason Kristeva is a champion of the disruptive and transformative powers of “semiotic otherness”. But this requires a healthy dose of adventurism to leave the comfort of a known environment and to expose oneself fully to unknown and even unthinkable possibilities.

This approach has the added advantage that it moves beyond the confines of the binary I/Thou opposition. Embracing complexity as the new matrix of human relationships not only more adequately reflects the nature of the network society in which we find ourselves, but also opens a wider range of alternative possibilities. It is in this regard that Kearney pleads for a critical hermeneutic that moves beyond binary exclusions in order to cultivate a more complex understanding of the human condition.

What is proposed here is certainly counter-intuitive. In the “normal” encounter with the other, the flow of action is practically pre-determined in the sense that the other comes into view because there is already a self. Awareness of the other is a (secondary) step following the existing self-awareness of the self. In order to implement this approach in its full consequences, two complementary strategies are needed: liberation and expansion.

Liberation implies, in the first place, release from embedded stereotypes and inherited prejudice. In this regard the immediate presence of the other is of crucial importance. Distance from the other allows stereotypes to remain unchallenged, while the reverse is true in the presence of the other. It is for this reason that Levinas defends the face-to-face encounter so passionately as part of his “hermeneutics of lived experience”.

Liberation from self-centredness is just the first step. It opens the way for the expansion of the self by means of the other. This calls for the acceptance of complexity and the “radical openness of systems” (Chu 2003). It gives free rein to curiosity and lets the spirit of adventure explore the full spectrum of possibilities. The other signifies the range available to the self which far exceeds the reach of a single life or of a single self.

The proposal is not to *replace* the self by what is strange and unfamiliar, nor to claim that strangeness is by definition good, nor that the own and the self have nothing positive to contribute. But in the normal course of things, the self still assumes the dominant position while the stranger is the object to which attention and action are directed. When this relationship is reversed and the self opens itself to the possibility of change, enrichment and expansion of the self become possible.

The *other* and *strangeness* can therefore be understood as opportunities and be appreciated as generators of expansion. But is the “excess” inherent in the other thereby exhausted? There is indeed more to expect – more than recognising ourselves in the other, than opening ourselves to the other, than respecting and welcoming the other, than finding a therapy for strangeness, than understanding ourselves and others better, or developing a grammar for living together – however important these may be. The final destination of liberation and expansion is not understanding, but change. And the natural starting point of this change is the self. To

paraphrase the well-known dictum of Marx: the challenge is not merely to understand the other (and the world), but to change the self through the other.

Keywords: enrichment of identity; estrangement; otherness; selfhood; strangeness; strangers; the other; the self; xenophobia

1. Inleiding

Hierdie artikel vorm deel van 'n meer omvattende navorsingsprojek wat deur die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) as een van sy hooftemas ondersoek word, naamlik “Being Human Today”:

Hierdie tema ondersoek twee verwante vrae: Wat beteken dit om mens te wees? En: Wat is die aard van die wêreld waarin ons streef om mens te wees?

Om met die tweede te begin: Wat is die kenmerke van die omgewing waarin individue en gemeenskappe hul in die eerste helfte van die 21ste eeu bevind? Dit word onderskeidelik beskryf as die tegnologiese eeu, as 'n geglobaliseerde wêreld, as 'n netwerkgemeenskap of as postmodern. Elk van hierdie tiperings dui op 'n belangrike aspek, maar dek kwalik die geheel. Miskien is die mees opvallende kenmerk die groeiende gewaarwording van die kompleksiteit van ons wêreld en die besef dat ontwikkelinge op die sosiale, ekonomiese, politieke, tegnologiese en ander terreine op mekaar inspeel en mekaar beïnvloed. Die beperkte, dikwels eensydige en oorvereenvoudigde modelle van die samelewing en ons gefragmenteerde begrip van die wetenskap en van die planeet hou potensieel vernietigende gevolge in vir die wêreld, maar ook vir ons menswees. Ons omstandighede dwing ons om die fisiese en biologiese werklikheid verder te ondersoek.

In die proses moet ons egter ook oor die eerste vraag besin, naamlik wat ons menswees behels. Dit lei onvermydelik na verdere vrae, soos hoe die verstaan van ons bestaan beïnvloed word deur hierdie kontekstuele faktore en watter soort gemeenskap (of gemeenskappe) besig is om deur hierdie interaksie tot stand te kom. (Eie vertaling)¹

Die uiteensetting hier bo beskryf 'n uiters omvattende ondersoekgebied wat insette vanuit verskillende invalshoeke en vanuit verskillende dissiplines verg (vgl. De Gruchy 2010 as voorbeeld). Hierdie artikel wil slegs op een onderafdeling fokus, naamlik op wat Smit (2017) die soeke na 'n “grammatika vir ons lewe met mekaar” noem. Meer spesifiek word die aandag gevestig op die rol wat die *vreemde* en *vreemdheid* as sodanig in ons omgang met ander speel en op die vraag watter implikasies dit vir die verstaan van onself en vir ons lewe met mekaar inhou.

Die lewe met ander vorm die basis van wat ons die “menslike samelewing” noem en wat naas die mens se verhouding met die natuur die totaliteit van ons bestaan omvat. As die ander boonop as “vreemd” ervaar word, kom bykomende oorwegings in die spel wat nie alleen die saamleef met mekaar kompliseer nie, maar in ekstreme gevalle die moontlikheid van saambestaan as sodanig bedreig. Die menslike geskiedenis lewer hiervan – naas hoogtepunte

en uitsonderlike prestasies – ook tragiese getuienis van die herhaalde voorkoms van konflik, vreemdelinghaat, oorlog en vernietiging (Benjamin 1991:697–8). Die verstaan van en die omgang met die vreemde is daarom nie slegs van “akademiese” belang nie, maar is een van die groot eksistensiële uitdagings van ons tyd.

Die literatuur oor die ander en die vreemde² is haas oewerloos.³ Dit is werklik ’n vraag of daar nog iets nuuts oor die onderwerp gesê kan word. Hierdie bydrae gee nie voor om ’n geheeloorsig te bied nie. Die fokus is op die aard van die interaksie tussen die self en die ander. Daarby is die spesifieke vraag: Wat is die hermeneutiese potensiaal van die ander en die vreemde in hierdie proses? Sou dit moontlik wees om aan vreemdheid as ’n geleentheid dink? Om hierdie gedagtegang verder te volg, is dit nodig om die *rigting* waarin die interaksie normaalweg plaasvind, die magsverhouding wat die interaksie kenmerk en die aanspraak van die ander op die self⁴ van nader te bekijk.

In wat volg, word eers ’n ontleding gegee van hoe die interaksie met die ander/vreemde in ’n verskeidenheid van benaderings voorgestel word waarby laasgenoemde gewoonlik as “objek” figureer. Daarna word die fokus omgekeer. Wat gebeur as die subjek objek word? Wat is die effek van die vreemde en van vreemdheid op die self? Op basis van enkele gevolgtrekkings word ten slotte die buitelyne van ’n moontlike alternatiewe benadering geskets.

2. Voorstellings van die interaksie tussen die self en die ander/vreemde

Soos reeds in die inleiding aangedui is, hang die “meer menslike” samelewing waarna in die na-1994 Suid-Afrikaanse konteks gestreef word – of dit in terme van ubuntu, sosiale kohesie, inklusiewe demokrasie, of ’n vrye bestel beskryf word – af van die aard van die verhoudinge tussen mense. Meer spesifiek, of hierdie interaksies as positief, ondersteunend, bemagtigend en bevrydend ervaar word.

Die grondstruktuur van die matriks waarom dit hier gaan, word gevorm deur die verhouding met die ander. Die beginpunt hiervan is die selfgewaarwording van die enkeling of groep. Die bewussyn van ’n “ek” of “ons” kom in die eerste plek tot stand deurdat afstand geneem word van die “nie-ek” of die “nie-ons”. Sonder die bewussyn van ’n “ander” is daar nie ’n “ek” nie.

Die gevolg van hierdie wyse van bewussynsvorming is dat die “nie-ek” van meet af die potensiaal het om negatiewe assosiasies aan te trek. Hierdie tendens strek oor ’n hele spektrum vanaf die blote “neutrale” onderskeiding van ander tot die ervaring van die ander as vreemd, as ’n bedreiging en self as ’n monster (Kearney 2003)⁵. “Anders”, “vreemd” en “vyand” verteenwoordig slegs graadverskille wat in die verlengde van mekaar lê.

Hierdie denkwysse geld nie slegs die enkeling nie – ook groter entiteite soos volke en selfs hele “beskawings” toon dieselfde tendens. In sy meesterlike boek *Orientalism* toon Edward Said aan hoedat vanaf die 18de eeu ’n “houding” teenoor die Ooste ontwikkel het wat feitlik alle fasette van die Europese samelewing en denke deurdrenk het. Hierdie houding het ten diepste berus op die ervaring van vreemdheid – die “Orient” was vir die Europa van die tyd “one of its deepest and most recurring images of the Other” (Said 1991:1).

Verder is dit belangrik om daarop te let dat die denke in hierdie proses konstant in een rigting vloei – vanaf die subjek na dit wat deur hierdie subjek as vreemd ervaar word. “Vreemd” is vreemd in verhouding tot die kennende/ervarende subjek. Die fokus is op wie en wat die vreemdeling is, hoe die vreemdeling verstaan moet word en hoe met vreemdeling omgegaan behoort te word. Soos in die geval van diversiteit (hetsy van kultuur, ras, gender of funksie) word die verskynsel *self* inherent as problematies (of ten minste as potensieel problematies) ervaar (vgl. Lategan 1999). Dit is iets ongemaklik, selfs bedreigend en moet daarom op een of ander wyse geneutraliseer of onskadelik gemaak word. Die subjek-gedomineerdheid van die diskoers oor die vreemde is een van sy opvallende (maar tegelyk ook onderskatte) dimensies.

Hierdie denkwyse lei dikwels tot pogings om die vreemde op meer of minder aggressiewe wyse te *ontvreem* – deur anneksasie, assimilasie, reiniging, neutralisering, sanering, transformasie, bekering, gelykskakeling, “heropleiding”, inkorporering, onderwerping, verslawing – of selfs vernietiging. Die vreemde is die “instansie” wat veronderstel is om hierdie handelinge te ondergaan – gewilliglik of in verset, wat dan dwang of selfs geweld nodig mag maak. Die gerigtheid bly op die vreemde as die “dier” wat getem, die “duiwel” wat besweer moet word.

Maar wat sou gebeur as ons die blikrigting verander en die omgekeerde vraag vra: Wat gebeur met die vreemde se *teenparty* in hierdie proses? Hoe raak dit die *subjek* van wie hierdie poging tot vermindering of uitskakeling van vreemdheid in die eerste plek uitgaan?

Tog bly die oorheersende patroon een waar die aandag van die self op die vreemde gerig word wat dan die “ontvanger” van die handeling word. Die self bly in beheer en funksioneer as maatstaf van beoordeling. Hierdie patroon blyk duidelik as ons ’n aantal voorbeelde uit ’n verskeidenheid van vakgebiede van nader bekyk⁶.

2.1 Antropologiese en etnografiese perspektiewe

Die wetenskap wat hom by uitstek met die vreemde in die vorm van vreemde kulture en vreemde volkere bemoei, is die etnografie. Todorov (1982) het aan die hand van die groot “ontdekkingsreise” van die 15de eeu vier ontmoetingstipes met die onbekende onderskei.

Die eerste word geïllustreer deur Columbus self, wat Amerika nie soseer ontdek nie as *vind*. Op grond van sy geloof in die Bybel reis hy wes om die Christendom na Indië te bring en die nuwe wêreld vir die Spaanse koningspaar te verower. Hy vind nie soseer die onbekende nie, maar die bekende – in ooreenstemming met sy verwagtinge. In plaas daarvan om inheemse tale te leer, neem hy ’n paar inwoners na Europa sodat “hulle kan leer praat”. Columbus ontdek *Europa* in Amerika – die vreemde is my gelyke en is net tydelik vreemd (Sundermeier 1996:21).

By Las Casas vind ’n verskuiwing plaas. Ook hy gaan van die gelykheid van alle mense uit, maar wil dit verder voer. Die menswaardigheid van die Indiane moet ernstig opgeneem en teen die onreg van die Spaanse oorwinnaar beskerm word. Die inwoners moet in terme van hulle eie kultuur verstaan word. As die twee partye nie mekaar se tale ken nie, sal die een steeds ’n barbaar vir die ander bly. Die vreemde word – weliswaar as gelyke – in haar andersheid waargeneem.

Die teenposisie gaan uit van die *ongelykheid* van mense. Die andersheid van die vreemde staan in die middelpunt, wat uiteindelik (en onvermydelik) tot geringskatting en veragting lei. In sy ergste vorm word die Indiane as wesens beskrywe wat net met diere vergelyk kan word.

Ook die vierde model neem die andersheid van die vreemde as uitgangspunt, maar omskep dit dan in 'n utopiese ideaal. Die Indiane word geïdealiseer as die voorbeeld waarna alle mense behoort te strewe. Die gevolg is tweeledig: vir sommige beteken dit die volledige (of ten minste gedeeltelike) identifisering met die ander, vir ander 'n verdere motivering om die inheemse bevolking te onderwerp (Sundermeier 1996:23).

Ten spyte van diepgaande onderlinge verskille het hierdie benaderings één gemeenskaplike kenmerk, naamlik die *asimmetrie* in die verhouding met die vreemde. Die inisiatief, konseptualisering en handeling gaan uit nie van die vreemde nie, maar van die subjek in terme waarvan die vreemde as vreemd ervaar word. Hoewel daar by iemand soos Las Casas wel 'n waardering vir die eie van die vreemde is, is die dominante in die verhouding steeds die subjek self. Die gevolg van hierdie benadering word raak deur Sundermeier beskryf: die vreemde word nie as vreemde raakgesien nie. Wat die Europeër van die 15de eeu wel sien as hy na die nuwe wêreld kyk, is 'n spieëlbeeld van homself – 'n spieëlbeeld wat óf die beeld van homself bevestig óf sy selfbeeld weerspreek. Die gevolg is 'n etiese grondstruktuur met funeste gevolge: *assimilasie* of *onderwerping* – wat selfs vernietiging kan insluit.

Vir 'n lang tyd het hierdie denkraamwerk die etnologie en antropologie oorheers. Dit was eers Malinowski wat in die vroeë 20ste eeu hierin 'n verandering gebring het met die bekendstelling van sy “kaalvoetmetode” en sy “deelnemende waarneming”. Die vreemde staan nou in die middelpunt van belangstelling. Deur die inheemse taal te leer en persoonlik deel te neem aan die gewone lewe van die gemeenskap word gepoog om die wêreld deur die oë van die ander waar te neem en te beleef.

Maar wie en waartoe dien hierdie nuwe benadering? Steeds word die vreemde nie ter wille van die vreemde self waargeneem nie. Volgens Sundermeier is die grootse wenner die etnografie as wetenskaplike bedryf wat hierdie insigte gebruik om sy eie metodiek en werkswyse te vestig – hetsy om met behulp van die sosiologiese insigte van Durkheim die sosiale funksie van elke rite te ondersoek, of om via die strukturalisme met Lévi-Strauss die universele kode van sosiale strukture te konstrueer. Maar hierdeur word die afstand van die vreemde as vreemde net groter. Weliswaar openbaar die sosiale antropologie groter sensitiwiteit vir die rol van die navorser en dié se invloed op die resultate wat met wetenskaplike ondersoek behaal word. Maar ook hier word die ompad via die vreemde uiteindelik 'n weg tot sigself (Sundermeier 1996:29).

2.2 Kuns- en kunshistoriese perspektiewe

Kan kuns en kunsgeskiedenis ons verder help? Kunstenaars is immers die seismografe van hul tyd wat lank vooruit verskuiwinge aanvoel en in hul werk hiervan blyke gee. Veral die vreemde word met ander oë waargeneem en op ongewone wyse vergestalt. Groot kuns is daarom dikwels deur tydgenote van die kunstenaar aanvanklik as ongewoon en as vreemd ervaar, wat dan eers in die loop van tyd “genormaliseer” raak.

Die kunsgeskiedenis sedert die 15de eeu volg in breë trekke die algemene Europese gefassineerdheid met die “nuwe wêreld”. Ook hier word die inheemse inwoners van Amerika

en hul gebruike nie uit eie reg waargeneem nie, maar steeds in terme van die Europese skoonheidsideaal uitgebeeld. Hierdie houding duur tot in die vroeë 20ste eeu. 'n Opvallende voorbeeld is Gauguin wat Parys in 1890 verlaat op sy eerste besoek aan Tahiti met die uitdruklike doel om van alles wat kunsmatig en konvensioneel is, te ontsnap (Mathews 2001:157–67). Soos Malinowski later sou doen, leer hy die inheemse taal aan en skakel volledig by die plaaslike leefwyse in. Sy skilderstyl verander wel, maar sy eintlike gehoor bly steeds die kunskringe van Parys vir wie hy eintlik skilder. Soos Sundermeier (2001:41) dit frappant stel: “Der europäische Künstler geht zwar aus seinem Lande, aber er geht nicht aus sich heraus” (“Die Europese kunstenaar verlaat wel sy land, maar nie homself nie”). Ook Picasso en van sy tydgenote, soos Vlaminck en Derain aan die begin van die 20ste eeu, laat hulle deur vreemde kulture en wêreld inspireer sonder om hierdie vreemde hul eie te maak. Picasso is sterk beïnvloed deur voorbeelde van Afrika-kuns, veral die maskers wat hy in die destydse Musée d’Ethnographie ontdek het en die direkte aanleiding was vir sy skildery *Les Femmes d’Alger* (Leighton 1990:625). Hoewel hy dit later probeer ontken het (“L’art nègre? Connais pas!” (“Afrika-kuns? Ken ek nie!”)) – vgl. Howlett 1951:85), is die invloed onmiskenbaar. Dis die “primitiewe” van Afrika wat hom aantrek en hom in staat stel om deur sy kuns kritiek te lewer op dit wat hy as die Europese dekadensie van sy tyd ervaar. Nogtans bly sy kykerspubliek en sy intellektuele dampkring Europa – des te meer ironies omdat sy ingesteldheid basies antikoloniaal was en hy sy werk as ’n protes teen die vergrype van België en Frankryk in Afrika bedoel het (Leighton 1990:626).

2.3 Teologiese perspektiewe

In die lig van die feit dat die vreemde ’n prominente tema in die meeste godsdienste is en naasteliefde as ’n etiese ideaal voorgehou word, kan met reg verwag word dat hier belangrike algemene aanwysings vir ons tema gevind kan word. Die drie "godsdienste van die boek" (Judaïsme, Christendom en Islam) lê inderdaad groot klem op die verpligting van gasvryheid en die regverdige behandeling van vreemdelinge, van barmhartigheid teenoor almal en van ongekwalifiseerde naasteliefde. Die beskerming van en ontferming oor "die vreemdeling in jou poorte" is ’n deurlopende tema. Hierdie vreemdeling word selfs in die dekalog eksplisiet ingesluit in die sabbatsgebod (Eksodus 20:10). In Islam is die betoon van gasvryheid en respek teenoor die vreemde eweneens van die grootste belang. Dit is sowel ’n reg as ’n godgegewe plig waarvoor uitgebreide voorskrifte in die Koran gegee word, onder andere deur na die voorbeeld van Abraham se optrede teenoor sy gaste te verwys (Koran 51:24–27).

Nogtans gaan dit in hierdie etiese voorskrifte nie om die vreemde as vreemde of om die verandering wat dit vir die selfverstaan van die gelowige mag meebring nie. Die vreemde versteur nie die grens van die geloofsgemeenskap nie – trouens, die doel is eerder die *insluiting* van die vreemde in die geloofsgemeenskap. Ten spyte van onderlinge verskille is die grondhouding dié van die sendeling. Die ander is per definisie iemand wat van die geloofsgemeenskap *uitgesluit* is, wat *buite* die kring staan. (Ons laat vir die oomblik die verskille binne die eie geloofsgroep buite rekening.) Daarom is die ander die een wat tot en in die reeds-bestaande geloofsgemeenskap bekeer, verander, beskaaf, ingesluit, of geïntegreer moet word. Die ander is die een by wie daar iets ontbreek, die een wie se denke en gedrag verander moet word. Hierdie veranderingsproses kan brutaal of uiters verfynd verloop – van gedwonge bekering of doop tot die mees subtile oorreding wat met die gewillige medewerking van die bekeerling self geskied. Die magsverhouding bly daarby asimmetries. Die oortuigings van die missionêr en die missionêr self is nie op die spel nie⁷ – dié van die objek van bekering wel. Daarby maak dit weinig saak met watter motiewe of in watter

gesindheid die interaksie met die ander plaasvind, watter heroïese opoffering, watter selfverloënde toewyding, watter bewonderenswaardige integriteit en opregtheid van hart ook al ter sprake mag wees. Die gerigtheid bly steeds dieselfde en die veronderstelde resultaat (die bekering van die ander) onveranderd.

2.4 Filosofiese perspektiewe

Van alle dissiplines het die filosofie hom op die mees intense wyse met die tema van die “ander” bemoei. Die gefassineerdheid met die ander gaan vër terug in die geskiedenis van die filosofie. Reeds in sy *Simposium* (191 e.v.) bespreek Plato die mens se diepe hunkering na die ander. Die mens was oorspronklik androgeen – man en vrou ineen. Maar om die mens se groeiende mag te stuit, skei die gode die mens in man en vrou. Hierdie skeiding is die oorsprong van die mens se verlange na en uitreik na die ander – nie net na die ander as persoon nie, maar na alles wat goed en mooi en wys is. “Alle strewe van die mens na kennis kan ten diepste teruggevoer word na hierdie verlange na die verlore volmaaktheid van die mens.” (Ons kom later weer terug na die tema van onvoltooidheid.)

Met hierdie gedagte van ’n oerverlange word die tema van die mens se verhouding tot die ander reeds van meet af aan die orde gestel – ’n verhouding wat in die loop van die geskiedenis telkens nuut bedink en verskillend geïnterpreteer is. Tog was die blikrigting reeds vasgelê en die wissels van die begin af só gestel dat dit – soos Sundermeier (1996:53–4) aandui – op drie basiese modelle vir die verhouding met die ander uitloop. Die eerste berus op die ontdekking van die self in die ander. Die ander dien as spieël vir selfherkenning en selfbevestiging. Die tweede model fokus nie soseer op die self nie, maar op eendersheid – op dit wat ek met die ander gemeen het. Hierdie soeke na die gemeenskaplike vorm die basis van die strewe na harmonie, na konsensus, na vrede. Die derde model het ’n omgekeerde, “realistiese” uitgangspunt: die verskille met die ander word nie ontken of verdoesel nie, maar moet oorbrug word. Die strewe is nie soseer om die ander te verstaan of versoening te bewerkstellig nie, maar om gepaste maniere te vind om konstruktief met die verskille om te gaan.

Wat vir ons doel van groot belang is, is dat al drie hierdie benaderings poog om die vreemdheid van die ander op een of ander wyse te versag, buite werking te stel of selfs uit te skakel. Selfs in die derde model, waar die werklikheid van verskille erken word, is die strewe nogtans om dit te oorbrug, te bemiddel. “Die Gegensätze sollen durch das Tun des Guten überwinden, das Schlechte, Fremde und Häßliche in der gemeinsame Anstrengung abgelegt und ausgeschaltet werden” (Sundermeier 1996:54).

Verloop die denke oor die ander anders in die latere geskiedenis van die filosofie? Hoe word die interaksie tussen self en die ander hier verstaan? Op taamlik eklektiese wyse kyk ons na slegs vier denkers: Hegel, Husserl, Buber en Levinas.

Hegel se bekende dialektiese benadering wat hy op ’n groot verskeidenheid van terreine (en met name die geskiedenis) van toepassing gemaak het, het sy oorsprong in sy “fenomenologie van die gees”, waarin hy tot die kern van die menslike bewussyn probeer deurdring. Vir hom word hierdie selfbewussyn gekenmerk deur beide selfstandigheid en onselfstandigheid, wat op hul beurt weer die moontlikheid skep vir heerskappy en onderwerping. Die mens kan nie alleen tot die waarheid deurdring nie – daarvoor is die ander nodig. Maar hierdie wederkerige afhanklikheid veronderstel ’n spanningsverhouding wat

alleen deur stryd besleg kan word. Stryd moet dus nie vermy of afgewater word nie – dit laat ons juis skerp die kontoere van die waarheid sien. Belangrik vir ons tema is dat Hegel wel erns maak met die wisselwerking wat tussen die self en die ander plaasvind.

Husserl volg die fenomenologiese denkrigting verder, maar ontwikkel 'n veel kompleksere verstaan van die ander. Hierby neem hy nie die geskiedenis as verwysingspunt nie, maar wil hy deur die oppervlak van verskynsels breek om tot die “suiwere ek” deur te dring. Met sy besonder fyn-ontwikkelde tegniek van waarneming en “invoeling” soek hy na hierdie kern wat van alle vreemdheid bevry is. Die belangrike is egter dat hierdie proses in die teenwoordigheid van die vreemde plaasvind. Hy verduidelik dat hy as eerste stap daarna streef om die “Mir-Eigene” (die outentieke eie) duidelik af te grens van die vreemde. Hy soek doelbewus na die “Nicht-Fremdes” (nievreemdes) deur sy eie ervaringshorison van al wat vreemd is te bevry. Die selfontdekking kan alleen via die vreemde geskied, maar in hierdie proses word die vreemde terselfdertyd toeganklik gemaak deur na (transendentale) punte van ooreenstemming te soek. Die belangrike punt is dat die self hierby beide as die uitgangspunt en as die maatstaf funksioneer waaraan die vreemde gemeet en beoordeel word. Soos Waldenfels (1989:53) daarop wys, geld die self steeds as “Vorlage, als Original für das Fremde”. Die vreemde is hanteerbaar alleen in soverre dit vanuit die self benader en in terme van elemente van gemeenskaplikheid beoordeel word. Die vreemdheid van die vreemde word sodoende geneutraliseer. Meer nog: die verhouding met die ander veronderstel geen dinamiese, lewende interaksie nie. Dit is bloot die steriele markering van die grense van die self, van dit wat buite die self lê.

Kan Martin Buber, die groot eksponent van die ek-jy-verhouding en die gevierde kampvegter vir die “dialogiese beginsel”, ons verder help? Vir Buber is die verhouding met die ander beslis dinamies, maar die groot verskuiwing in sy denke is dat die self nie langer die bepalende subjek is wat 'n dominante posisie teenoor die ander inneem nie. Die self bestaan nie op sy eie nie, maar die self word deur die ander, bestaan slegs by die grasia van die ander.⁸ Die ander is konstituerend vir die self en vir menswees *überhaupt*.

Hoewel Buber die ongelykheid in die verhouding tussen die self en die ander fundamenteel deurbreek, duik daar 'n ander probleem op. Die ander word weliswaar nie deur die self oorrompel nie en is juis as teenpool noodsaaklik om die ek-jy-verhouding te laat slaag. Maar die vreemdheid van die ander word in die proses van sy vreemdheid ontnem. As konstituerende element van die self is dit inherent deel van die self en daarom nie langer vreemd nie. Het ons so die voordeel wat vreemdheid kan bring, verloor?

By Levinas kom daar 'n fundamentele verskuiwing. Dit is die uitvloeisel van sy lewenslange pelgrimstog om die aard van die aangesig-tot-aangesig-ontmoeting met die ander te verstaan, asook die etiese verantwoordelikheid wat hierdie ontmoeting ten opsigte van die ander meebring. Gevolglik ontwikkel hy 'n heel ander siening van die magsverhouding tussen die self en die ander wat Levinas se denke in nuwe bane gelei lei. Die resultaat is 'n “hermeneutics of lived experience in the world” (Bergo 2015).⁹

Veral drie faktore (wat ten nouste met mekaar saamhang) dra tot hierdie verskuiwing by. Eerstens vind daar wat genoem kan word 'n “desentrering” van die self plaas. Die self vorm nie langer die middelpunt nie, is nie die meester van die bewussyn nie, is nie meer die dominante vennoot in die verhouding met die ander nie, funksioneer nie as vanselfsprekende maatstaf waaraan die ander gemeet word nie, is nie die een wat deur die ander in haar

selfverstaan bevestig moet word nie, en is nie die party wat voordeel uit die interaksie trek nie. Tweedens word die perspektief omgekeer: die blikrigting is nie meer van die self na die ander nie, maar van die ander na die self. Die ander is nie langer die “objek” wat verstaan, gehanteer, desnoods besweer moet word nie. Die fokus op die self is nie in die sin van die behoeftes van die self wat bevredig moet word nie, maar in die sin van die aanspraak wat die ander op die self maak. Dit is in die aangesig-tot-aangesig-ontmoeting dat hierdie aanspraak vir die eerste keer sigbaar word, wat duidelik maak dat die self ’n (etiese) verantwoordelikheid ten opsigte van die ander het. Derdens word die self deur die ontmoeting met die ander vrygestel. Hierdie bevryding is in die eerste plek ’n bevryding van die beperkinge van die self en van die subjek-objek-tweedeling. Dit is terselfdertyd ’n bevryding om nuwe bane te betree, om op reis te gaan, om die vreemde te verken. “Levinas will unterwegs sein, wie Odysseus” (Sundermeier 1996:63).

Maar – en dit is die groot verskil met Odysseus en ook met Nietzsche en sy “Verlangen nach Wanderschaft, Fremde, Entfremdung, Erkältung, Ernüchterung, Vereisung” (2013 [1886]:vii-viii), of selfs Hansie Slim, wat maar alte gou weer wil terughardloop na die huis – die reis in die vreemde is nie bedoel as ’n blote ompad om uiteindelik weer terug te keer na die bekende nie. Die gerigtheid op die ander, op die vreemde en op die ongekende is ’n permanente ingesteldheid van openheid vir ander moontlikhede en van openheid na die toekoms. Vir Ricoeur (1992:318) neem hierdie openheid feitlik ontologiese status aan – iets wat Atkins (2017) as ’n “primordial openness” beskryf.

Nie alleen word die blikrigting omgekeer nie; nie slegs het die magverhouding verskuif nie, maar die inisiatief het ook van hande verwissel. Dit is nie meer die self wat die inisieerder van denke en handeling is, gerig op die vreemde as *Gegenüber* en as die (sekondêre) ontvanger van hierdie handeling nie. Dit is eerder die ander wat as vreemde ’n respons van die self as sekondêre stap ontlok. Dit is die aangesig-tot-aangesig-konfrontasie met die ander wat tot aksie lei, wat die eerste stap in die rigting van verandering moontlik maak.

Levinas se idees het nie oral byval gevind nie en vir baie bly hy ’n omstrede figuur.¹⁰ Nogtans bied sy aanslag belangrike vertrekpunte vir ’n moontlike alternatiewe benadering tot die vreemde, wat in die laaste gedeelte van die artikel verder bespreek sal word.

2.5 Kommunikasie-teoretiese perspektiewe

Hoewel sekere filosofiese vertrekpunte dus vrugbaar vir ons doel blyk te wees, gaan dit ook met bepaalde beperkinge gepaard. Dit geld veral (ironies genoeg) die filosofiese tradisie wat op die oog af die meeste te bied het wanneer dit oor die omgang met die ander en veral met die vreemde gaan, naamlik die hermeneutiek.¹¹

Hierdie benadering stel hom ten doel om die verstaansproses te ontleed, om toepaslike teoretiese raamwerke daarvoor te ontwerp en om praktiese riglyne te ontwikkel wat die proses van verstaan kan aanhelp en in goeie bane kan lei. Dit is daarom nie verbasend dat die hermeneutiese tradisie so wyd inslag gevind het nie – in die wetsuitleg, linguïstiek, letterkunde, teologie, kuns en geskiedenis, om slegs enkele te noem.

Om te *verstaan* is die sentrale punt waarom alles gaan. Dit is meer as blote kommunikasie of formele verklaring. Die basiese uitgangspunt is, soos Gadamer dit self omskryf, die aanname dat verstaan in wese op *herkenning* berus.¹² Daar is dus reeds iets gemeenskaplik by die ander

waarop gebou kan word – meer nog, die ideaal is dat die horison van die self met dié van die ander sal oorvleuel. Dit is hierdie “samesmelting van horisonne”¹³ wat vir Gadamer die einddoel is waarop die verstaansproses afstuur. Die andersheid van die ander en die vreemdheid van die vreemde moet idealiter uit die weg geruim word, opgelos word in die oorvleueling wat deur die hermeneutiese proses bewerkstellig word. Die *self*verstaan (*Selbstverständnis*) van die subjek bly die fokuspunt – nie die verstaan van die ander nie.

Hoewel Gadamer ander waardevolle insigte ontwikkel, soos vervlegtheid van verstaan en handeling in terme van hierdie verstaan, neig die strewe na die inmeekaarsmelt van horisonne na gelyk- of uitskakeling van die vreemde, wat nie vir ons doel bruikbaar is nie. Trouens: is die ideaal om die horison van die self met dié van die ander te laat oorvleuel en saamsmelt nie te veel gevra nie? Is “verstaan” in hierdie sin realisties haalbaar? Moet dit nie eerder vir ’n meer beskeie doelwit verruil word nie, naamlik dié van konsensus?

Niemand het die ideaal van konsensus so intensief nagestreef soos Habermas nie. Dit lê aan die wortel van sy *Theorie des kommunikativen Handelns* (1987) waarin hy sy idees oor rasonele optrede (“Händlungs-rationalität”) en sosiale rasionalisering (“gesellschaftliche Rationalisierung”) uiteensit. Aanleiding hiertoe was die studenteopstande van 1968 in Parys en daarna ook in ander Europese stede. Hierdie opstande was só ontwrigtend van aard en só disfunksioneel wat die kommunikasie tussen studente en owerhede betref (verlede jaar se studenteopstande in Suid-Afrika toon presies dieselfde kenmerke!) dat dit ’n ernstige vraag geword het of werklike begrip tussen die nuwe geslag van jongmense en die heersende owerhede regtig moontlik is. ’n Alternatiewe benadering was dringend nodig. Dis in hierdie omstandighede dat Habermas sy nuwe kommunikasiestrategie ontwikkel wat op volgehoue dialoog en rasonele argumentasie berus. Sy voorstelle het wye aanvaarding gevind, wat bewys hoe groot die behoefte aan ’n meer konstruktiewe hantering van sosiale konflik en van die spanning tussen ouer en jonger geslagte was. Dit het ongetwyfeld ’n nuwe stukrag verleen aan ’n demokratiese kultuur van ope gespek en van ’n klemverskuiwing in die rigting van oorreding deur oortuiging eerder as deur geweld.

Wat egter nie altyd so duidelik is nie, is dat Habermas se benadering dreig om belangrike aspekte van ons tema uit die gesigsveld te laat verdwyn. Sy strewe na konsensus kan alleen deur ’n proses van verenging aan die een kant en van gelykskakeling aan die ander kant bereik word.

Hy sien korrek in dat die ongelykheid in die magsverhoudinge tussen gespreksgenote suksesvolle kommunikasie kan belemmer en dat alle deelnemers gelyke kanse moet hê om gehoor te word. Maar hiervoor is dit nodig dat deelnemers hul vooraf verbind tot sekere spelreëls en dat daar genoeg oorvleueling tussen die “lewenswêrelde” (Habermas se “Lebenswelten”) van die gespreksgenote moet wees om dialoog en konsensus moontlik te maak. Wat die eerste betref, is dit in die praktyk selde moontlik om ongelyke magsverhoudinge heeltemal uit te skakel. Volgens Sundermeier (1996:88) kom ’n seminaarsessie aan die universiteit die naaste aan hierdie ideaal – maar dan sonder die teenwoordigheid van die professor, wat onmiddellik die magsverhouding sal versteur! Wat die tweede betref, is dit slegs ’n nou spektrum van lewenswêrelde wat rasonele oorreding as grondreël aanvaar. In die praktyk bly dit beperk tot ’n sekere vorm van (Westerse) demokrasie en sluit byvoorbeeld ’n “mitiese” lewenswêreld uit (vgl. Nyamnjoh 2017).

Die voorwaardes wat Habermas stel om die begeerde konsensus te bereik, impliseer dus 'n sekere vernouing van die modus van kommunikasie (rasionele dialoog) sowel as die gelykskakeling wat magsverhoudinge betref, wat hierdie benadering minder geskik maak vir die doel wat ons hier voor oë het.

2.6 Opvoedkundige perspektiewe

Die dominante rol van die self in die verhouding tot die ander blyk dus so vasgemessel te wees dat selfs in gevalle waar die interaksie met die vreemde doelbewus nagestreef word, die inisiatief, die evaluering en die strukturering van die gesprek steeds van die self uitgaan.

Dit is daarom verrassend dat uit 'n ander en onverwagte hoek, naamlik vanuit die opvoedkunde, daar wel nuwe perspektiewe na vore kom. Hoewel die opvoedingsproses ook hier eensydig kan verloop wanneer die opvoeder steeds die hef in die hand hou in 'n verhouding waar die leerder per definisie die ontvanger en ondergeskikte is, is die oorheersende einddoel 'n geslaagde *leer*proses. Anders as “bekeer” veronderstel “leer” tweerigtingverkeer wat dit in beginsel moontlik maak om die vloeiëriging van die interaksie om te keer.

Interessant genoeg is dit juis in godsdiensonderrig in multireligieuse en multikulturele omstandighede dat 'n eenrigtingbenadering in die praktyk deur tweerigtingverkeer vervang word, eenvoudig omdat eersgenoemde geen kans op sukses het nie. Twee uitgangspunte is hier van belang. In die eerste plek word verskille tussen die eie en die ander godsdiens nie ontken of verdoesel nie, en tweedens veronderstel dit 'n openheid om eie oortuigings in die lig van die interaksie in die spel te bring. “Bevor somit interreligiöses Lernen didaktisch modelliert werden kann, bedarf es einer Hermeneutik des Fremden, die grundlegend danach fragt, wie der oder das Fremde, Andere, Differente wahrgenommen und erschlossen werden kann” (Gärtner 2015:1). (“Voordat die inter-religieuse leerproses dus didakties gemodelleer kan word, is 'n hermeneutiek van die vreemde nodig wat fundamenteel gerig is op die vraag hoe die vreemde, die ander, diegene wat verskil waargeneem en ontsluit kan word.”)

Dit is teen die gangbare neiging van gelykskakeling en die versluiering van verskille in die interreligieuse gesprek in dat Sundermeier (1996:132–6) sy “Differenzhermeneutik” ontwikkel. Deur 'n soort “osmotiese uitwisseling” in die interaksie met die ander word dit moontlik om die eie identiteit te konstrueer in onderskeid van, maar ook in betrekking tot vreemde identiteite.

Die klem op die wisselwerking tussen die eie en die vreemde beteken verder dat die moontlikheid van *mislukte* kommunikasie en van *misverstaan* oop bly. Dit is slegs by 'n eenrigtingmodel, waar die inisiatief en beheer van die self uitgaan, dat 'n optimistiese verwagting van altyd geslaagde kommunikasie volgehou kan word. Bennett (2002:34–8) praat in hierdie verband van die weerstandspotensiaal wat in die omgang met die vreemde altyd aanwesig is. Verstaan is daarom 'n proses wat tyd verg en in opeenvolgende fases plaasvind (ontkenning, verdediging, onderbeklemtoning, aanvaarding, aanpassing en integrering van verskille).

In hierdie verband gee Streib (2005:236–8) 'n interessante tipering van die verskillende style waarmee vreemdheid gehanteer kan word. Vir ons doel is veral die styl van belang waarin vreemdheid as weerstand en as uitdaging ervaar word. Vir Streib gaan dit hierby om die

“Mehrwert” (die “meerwaarde” of “toegevoegde waarde”) wat vreemdheid vir die eie identiteit inhou sonder dat die vreemdheid self opgehef word. Hierdie “wins” wat vreemdheid vir die self inhou, bevat die sleutel tot ’n alternatiewe benadering tot die ander en tot vreemdheid wat in die volgende gedeelte aan die orde kom.

3. Kontoere van ’n alternatiewe benadering

Die voorgaande bespreking maak duidelik hoe kompleks die omgang met die ander en die behandeling van die vreemdeling kan wees. Voorts word hierdie interaksies deur negatiewe assosiasies oorheers. Die ander en die vreemde bly in beginsel ’n “probleem” of ’n potensiële bedreiging wat dan op allerlei wyses versag of besweer moet word. Daarby bly die subjek die dominante rolspeler. Wanneer verder gevra word hoe interaksie met die ander en die vreemde kan bydra om ’n meer menslike samelewing tot stand te bring, word die uitdaging des te groter.

Maar is dit realisties om iets anders te verwag? Die subjek is tog per definisie die inisiatiefnemende instansie van wie die handeling uitgaan. Daarom ook die vloei rigting van subjek na objek. Verder: die ander kom in die gesigsveld omdat daar reeds ’n subjek is wat die ander waarneem. Die “ander”, die “vreemde”, is anders en vreemd met betrekking tot die self, vanuit die perspektief en in terme van die ervaring van die self.

Is daar ’n ander aanloop moontlik? ’n Alternatief op die “standaardmodel” – wat dus eintlik kontraïntuïtief van aard sal wees?

Laat ons met hierdie doel in gedagte terugkeer na twee temas waarna reeds verwys is: Plato se hunkering na die verlore volmaaktheid van die mens en die etimologiese wortels van die term *vreemdeling*.

Wat die eerste betref: hoewel Plato spesifiek na die verlange tussen man en vrou verwys, is hierdie verlange ingebed in ’n wyer hunkering van ’n dieper omvang, naamlik die verlore volmaaktheid van die mens. Vandat die gode die skeiding tussen man en vrou deurgevoer het, word die “menslike toestand” gekenmerk deur die blywende besef van onvoltooidheid. Volgens Nyamnjoh (2015) het hierdie ervaring van onvoltooidheid belangrike implikasies vir ons omgang met ander.¹⁴ Dit beklemtoon nie alleen ons afhanklikheid van ander nie, maar maan ook tot beskeidenheid in dié sin dat ons nie alleenbepalend is vir wat met ons gebeur nie. Terselfdertyd help dit “conviviality” aan, dit wil sê die bereidheid om na ander uit te reik en konstruktiewe verhoudinge met ander aan te knoop. Hierdeur vind ’n eerste belangrike verskuiwing plaas in die rigting van die desentrering van die subjek, waarna ons straks terugkeer.

Tweedens is dit nuttig om die etimologiese wortels van die woord *vreemde* na te gaan. Hier moet ons egter versigtig wees, omdat die semantiek ons geleer het dat dit gevaarlik is om die betekenis van woorde uit hulle historiese ontwikkeling te probeer aflei. Dit is egter nie ons doel hier nie. Ons wil slegs die aandag vestig op ’n spoor wat wel aanwesig is in die oorspronklike stam, maar wat in die verdere ontwikkeling van die woord vervaag het. *Xenos* in Grieks het oorspronklik twee betekenisse: “gas” en “vreemdeling” (Liddell en Scott 1953:1189).¹⁵ Die gas is nie noodwendig onbekend nie, maar wel vreemd in dié sin dat hy of sy nie deel van die normale huishouding is nie. Nogtans word die gas verwelkom en word op die mees intieme wyse deel van die huisgesin. *Xenia* (“gasvriendskap”)¹⁶ en respek was ’n

heilige plig teenoor die vreemdeling wat immers 'n god in vermomming mag wees. Maar dit geld ook vir ander kulture. In Mali staan die hoofvertrek met 'n deur na die straat altyd gereed om die gas te ontvang terwyl die gesin die agterkwartiere bewoon. In die Vrystaat word verhale vertel waar die huisgesin hul ete moes ontbeer om dit vir (onverwagte) gaste aan te bied. Sodanige verwelkoming van en respek teenoor die gas en die vreemde staan in skrilte kontras met die negatiewe assosiasies wat die vreemde gewoonlik omring.

Hier vind ons reeds twee spore wat ons in die rigting van 'n alternatiewe benadering kan lei. Dit sal egter 'n meer omvattende voorstel verg om oortuigend te wees – 'n voorstel wat 'n aantal fasette insluit wat almal nou met mekaar saamhang. Dit is 'n taak wat vër buite die grense van hierdie voorlopige verkenning lê. Hier kan slegs in breë trekke enkele kontoere van so 'n benadering uitgestippel word. Die basiese boustene hiervoor het reeds in ons bespreking van Levinas na vore gekom, wat ons nou 'n stap verder kan neem.

Die eerste hiervan is 'n veranderde grondinstelling teenoor die ander en die vreemde. In die lig van die altyd aanwesige neiging om beide as negatief en bedreigend te ervaar, verg dit 'n doelbewuste besluit om op die positiewe van die ander te fokus. Dit gaan om veel meer as vriendelikheid en goedgunstige verdraagsaamheid, maar om die raaksien van die dikwels onderskatte *potensiaal* wat in die ander skuilgaan. Wandenfels (2004:322) maak in hierdie verband die baie belangrike opmerking dat ons hier met 'n "Überschuss", 'n oormaat, te make het wat die omgang met die vreemde voorafgaan en daarbo uitstyg.¹⁷ Maar dan moet ons onself vir hierdie groter waarde oopstel. Dit is juis die afskaling van die vreemde tot dit wat aan my bekend is of met my ooreenstem of die begeerte om die vreemde van alle vreemdheid te ontdoen wat die vreemde laat verstom en wat die potensiaal van die vreemde miskyk. Dit gaan hier om "einen Überschuss, der aller Fremdbetrachtung und Fremdbehandlung vorausgeht und über sie hinausgeht. Nicht nur die Reduktion von Fremdem auf Eigenes, auch der Versuch einer Synthese zwischen beiden gehört zu den Gewalttaten, die den Anspruch des Fremden zum Verstummen bringen". ('n oormaat, wat alle waarneming van en omgang met die vreemde voorafgaan en daarbo uitstyg. Nie slegs die afskaling van vreemde tot die eie maar ook die poging tot 'n sintese tussen beide behoort tot die dae van geweld wat die aanspraak van die vreemde tot swye bring.)¹⁸

Hier bo is na 'n uitspraak van Streib verwys waarin hy op soortgelyke wyse skryf oor die "meerwaarde" of "toegevoegde waarde" wat vreemdheid vir die eie identiteit inhou. Beide Wandenfels en Streib se benaderings impliseer dat met ander oë na die vreemde gekyk word – nie in die eerste plek as 'n probleem wat gehanteer of 'n bedreiging wat afgeweer moet word nie, maar as 'n potensiele bron van verryking, verruiming en vernuwing.

Daarby moet steeds onthou word dat die meerwaarde van die vreemde tot sy volle reg kan kom alleen as die *integriteit* van die vreemde onaangetas bly.¹⁹ Anders gestel: die vreemde moet in sy of haar volle vreemdheid tegemoet gegaan word, nie in afgewaterde, gesaneerde, of gebruikersvriendelike vorm nie. Dit beteken dat dit nie alleen om andersheid as sodanig gaan nie, maar dat by geleentheid die andersheid in sy volle omvang, in al sy rouheid, in sy ontstellende en skokkende werklikheid, in spel kom. Die eie verstaan van die werklikheid en gesosialiseerde stereotipes is soms so vasgegroeï dat meer as gewone maatreëls nodig is om hulle los te woel. Dit is waarom Führung (1996:115) soveel klem op die "irriterende potensiaal" van vreemdheid lê, omdat dit as "Auslöser für Herausforderungen" ("ontknoper van uitdagings") kan dien. In dieselfde gees pleit Kristeva dat ons die vreemde as katalisator sal waardeer. Daarom is sy 'n kampvegter vir die "disruptive and transformative powers of

semiotic 'otherness'" (Kearney 1994:337). En Kearney self verwys na die "limit-experiences" wat ons in die teenwoordigheid van "strangers, gods and monsters" ervaar. "They subvert our established categories and challenge us to think again" (2003:3).

Die ope ontmoeting met die vreemde impliseer dus ook die bereidwilligheid om die veilige nes te verlaat. Soos hier bo in die bespreking van Levinas geblyk het, verg dit 'n *Wanderlust* sonder dat die uiteindelijke bestemming vooraf heimlik afgespreek is. Dit is die radikale soeke na "Entfremdung, Erkältung, Ernüchterung" waarna Nietzsche verwys (2013 [1886]:viii) en wat 'n permanente ingesteldheid van openheid vir ander moontlikhede impliseer.

Die radikale openheid waarvan hier sprake is, het verreikende gevolge. Dit beteken dat die binêre raamwerk van 'n ek-jy-verhouding deurbreek word as 'n te enge inperking van 'n veel meer komplekse matriks van verhoudinge. Hoe belangrik die enkelvoudige relasie tussen enkelinge ook mag wees, is dit slegs deel van 'n veelvoudige net van verhoudinge. Die positiewe aanvaarding van kompleksiteit laat nie alleen beter reg geskied aan die werklikheid waarin ons ons bevind nie, maar stel ons ook vry om 'n groter verskeidenheid van alternatiewe moontlikhede te oorweeg. In hierdie verband pleit Kearney (2002:7) vir 'n kritiese hermeneutiek van die vreemde wat verby binêre teenstellings beweeg en wat van 'n meer komplekse verstaan van menseverhoudinge uitgaan "to expose the other in the alien and the alien in the other".

Die aanvaarding van die realiteit van kompleksiteit beteken terselfdertyd dat 'n onomkeerbare desentrering²⁰ van die self plaasgevind het, waarna reeds hier bo in ons bespreking van Levinas verwys is. In 'n komplekse matriks kan een node per definisie nie die middelpunt van die geheel wees nie. Hierdie desentrering ondergrawe alle vorme van oorheersing wat die self in konvensionele verhoudinge tot dusver uitgeoefen het. Die gewaande mag van die mens oor die natuur word toenemend in modelle van volhoubare ontwikkeling bevraagteken. Insgelyks kan dit nie meer as vanselfsprekend aanvaar word dat die self die verhouding met die ander beheer nie. Ons het reeds gesien hoe in Levinas se denke dit die bewuswording van die ander is wat in die eerste plek die besef van verantwoordelikheid teenoor hierdie ander in die self wakker maak. Die self is nog in hierdie geval die inisiatiefnemende instansie. Maar wanneer die vreemde hierdie rol oorneem deur 'n aanspraak (Waldenfels), 'n appèl op die self te maak, het die rolle omgeruil. Die self is nou die "voorwerp" van die handeling, die "ontvanger" van die aksie wat van die ander uitgaan. Dit is die self wat verander word deur die interaksie met die vreemde, nie omgekeerd nie.

Alle aspekte van die verhouding tussen die self en die ander word dus deur hierdie ommekeer geraak. Omdat dit so teen die grein van konvensionele gedrag en van gangbare opvattings ingaan, verg dit 'n omvattende en volhoubare strategie om dit enduit deur te voer. So 'n strategie behels twee komponente: bevryding en verruiming.

Die eerste mikpunt is die bevryding van die self van die stereotypes waarin hy of sy gesosialiseer is en van die skynbaar aangebore vooroordele teenoor die ander. Bevryding van die self is die noodsaaklike voorwaarde voordat die bevryding van ander aangedurf kan word. En in hierdie opsig is die onmiddellike teenwoordigheid van die ander van deurslaggewende belang. Afstand van die ander is 'n sekere waarborg vir die instandhouding van stereotypes, terwyl dit in die teenwoordigheid van die ander moeilik volgehou kan word. Soos hier bo aangetoon is, is dit die rede waarom Levinas hom so doelgerig met die aard van die aangesig-tot-aangesig-ontmoeting bemoei en uiteindelik 'n "hermeneutics of lived experience" (Bergo

2915:1) ontwikkel. Eie ervaring het dit duidelik gemaak dat bevryding van stereotipes in die praktyk 'n besonder uitdagende taak is. Hier kan die ander, en in besonder die onmiddellike teenwoordigheid van die ander, 'n belangrike rol speel. Natuurlik kan kennis van die ander deur eie inisiatief opgedoen en wanbeelde in die lig hiervan reggestel word, maar niks is so oortuigend soos die weerspreking van die stereotipe deur die ander *in eie persoon* en *in teenwoordigheid van* die ander nie (Lategan 1998). Hierdie teenwoordigheid is nie 'n kitsoplossing wat die noodsaaklikheid van mediëring en interpretasie uitskakel nie – van dit wat Ricoeur (1992:1) die “primacy of reflective meditation over the immediate positioning of the subject” noem. Nogtans skakel dit tussenvlakke uit wat die bemiddelingsproses kan bemoeilik of ontpoor.

Bevryding van selfgesentreerdheid en van die enge grense van die eie perspektief is egter net die eerste stap. Dit baan die weg vir die tweede stap, naamlik vir die voortgaande verruiming van die self deur die ander. Hiervoor is die aanvaarding van die “radical openness of systems” (Chu e.a. 2003) nodig – in hierdie geval die “sisteem” van ons menslike bestaan. Dit baan op sy beurt die weg om die ingebore nuuskierigheid van die mens vrye teuels te gee. Meyer (2011:104) toon tereg aan dat hierdie nuuskierigheid 'n belangrike impuls is, terwyl Nietzsche praat van 'n “gevaarlike nuuskierigheid” na 'n onontdekte wêreld.²¹ Dit kan nie sonder 'n gesonde skeut van avontuurlustigheid gebeur nie – die bereidwilligheid om die veiligheid van eie tuiste te verlaat en doelbewus die *onbekende* tegemoet te tree.

Hierdie losmaak van die bekende en die oopstel vir ander ervarings en moontlikhede²² word 'n permanente ingesteldheid. Daarby kan die aanspraak wat die ander of vreemde op die self uitoefen, 'n verskeidenheid van vorme aanneem. Dit kan, soos by Levinas, 'n besef van verantwoordelikheid teenoor die ander wakker maak. Maar dit kan ook 'n ander perspektief op sake bied, 'n ander verstaan van die werklikheid, 'n ander manier van doen en optree. Die ander verteenwoordig 'n reservoir van nog-nie-geleefde ervarings, van nog-nie-gerealiseerde opsies, van nog-nie-beproefde strategieë.

Omdat hier iets voorgestel word wat kontraïntuïtief is, is dit nodig om sekere aspekte te beklemtoon ten einde misverstande te voorkom. Die ingesteldheid van openheid en die aanvaarding van die “radical openness of systems” beteken nié die uitwissing van alle grense nie. Daar kan immers van 'n sisteem sprake wees slegs as daar 'n grens of grense bestaan wat dit van ander sisteme onderskei. Wat wel waar is, is dat hierdie grense nie absoluut nie, maar “poreus” is, en ook in die loop van die sisteem se ontwikkeling kan verskuif.

Hierdie voorstel is dus nie 'n pleidooi vir die “opheffing van grense” in die konteks van 'n postmodernistiese diskoers nie. Om die self te verruim moet die ander *anders* blý, moet die “irreducible non-integration of alterity” (Ziarek 1995:28) gerespekteer word. Dis juis deur pogings om die vreemde te ontvreem, met die self te integreer, om op punte van ooreenstemming te konsentreer dat die potensiële bydrae van die vreemde verlore gaan.

Verder moet beklemtoon word dat *nóg* die self, *nóg* die ander of die onbekende inherent goed of sleg is. Wanneer die self uitgedaag word om die eie tuiste te verlaat, word nie geïmpliseer dat die eie verwerplik is of geen bydrae te lewer het nie. Ons het tog met Castells (1997) geleer dat “local identities” en “global realities” mekaar kan stimuleer. Dit is wanneer die self inwaarts keer en sy heil in isolasie soek dat die moontlikhede van verruiming afgesny word.

Net so min as wat die self geïdealiseer behoort te word, net so min is die ander of die vreemde altyd die verkieslike. Hoewel die ander soms ten onregte met ongunstige assosiasies verbind word, is die ander sekerlik ook wel tot die kwade in staat en kan as vyand teenoor my te staan kom teen wie ek my (met reg) verset. Die potensiaal van die vreemde is dus nie 'n ongekwalifiseerde bate nie.

Betekén dit dat ons op die ou end – alle vrome bedoelings ten spyt – weer na die self terugkeer in 'n nuwe variasie van narsisme, met 'n nuwe bevestiging van die selfgesentreerdheid van die self?

Dit is *noodsaaklik* om na die self terug te keer – nie ter wille van selfbevestiging nie, maar juis om seker te maak dat die selfgesentreerdheid effektief verander word. Dit is die self wat in die eerste instansie verander moet word. Maar waarna ons – via die omweg van die ander – terugkeer, is nié dieselfde “ek” nie. Dit is 'n ek wat gedesentreer is, wat nou die “ontvanger” van die handeling is en nie die dominante speler nie, wat nie op verdediging alleen ingestel is nie, maar op verryking en verruiming.

Die ander verteenwoordig daarom 'n ryke bron van moontlikhede. Deur die ander word ons lewe potensieel verdubbel en vertiendubbel, word ons uitgedaag op wyses waarby ons self nie sou uitgekóm het nie. So word die grense van ons bestaan steeds verder uitgeskuif.²³

4. Ten besluite

Tog bly die vraag: Het ons die “meerwaarde” van die ander al ten volle ontgin? Soos hier bo geblyk het, is verskeie fasette van die ander en die vreemde reeds verken, wat tot belangrike insigte gelei het²⁴ – deur ons eie gesig in die spieël van die ander te sien; deur onself in die ander te herken; deur onself in terme van “andersheid” te verstaan; deur die raaisel van die self en van die ander te ontrafel; deur tussen verskillende soorte van self en verskillende soorte van ander te onderskei; deur onself volledig oop te stel vir die ander; deur onself as die ander te aanvaar; deur die vreemde meer bekend en die bekende meer vreemd te maak; deur die vreemde te respekteer en te verwelkom; deur die ander as katalisator te waardeer; deur 'n terapie vir vreemdheid te vind; en deur 'n “grammatika van saamleef” te ontwikkel.

Maar het die impak van die vreemde op die self nie meer te bied nie? Het die bevryding en verruiming van die self deur die ander werklik tot sy reg gekóm? Dit kan nouliks die geval wees. Dit gaan immers om meer as *verstaan* – dit gaan uiteindelik om *verandering*. En – soos Epiktetus en sy medestoïsyne ons reeds geleer het – die beginpunt van alle verandering is onself. Om 'n kinkel aan Marx se bekende uitspraak te gee: die uitdaging is nie bloot om die ander (en die wêreld) te *verstaan* nie, maar om die self deur die ander te *verander*.

Bibliografie

Adam, H. en K. Moodley 2014. *Imagined liberation: xenophobia, citizenship and identity in South Africa, Germany and Canada* (STIAS Series). Stellenbosch: SunMedia.

- Atkins, K. 1995. Paul Ricoeur. www.iep.utm.edu/ricoeur (22 Maart 2017 geraadpleeg).
- Atterton, P. en M. Calarro (reds.). 2010. *The third wave of Levinas scholarship*. Albany: State University of New York Press.
- Being human today. <http://stias.ac.za/research/themes/being-human-today/> (8 April 2017 geraadpleeg).
- Benjamin, W. 1991. Über den Begriff der Geschichte. In Tiedemann (red.) 1991.
- Bennett, M. 2002. In the wake of September 11. In Leenen 2002.
- Buber, M. 1970. *I and thou*. Vertaal deur W. Kaufmann. New York: Charles Scribner's Sons.
- Calvin, J. 1997. *Sermons on Galatians*. Vertaal deur K. Childress. Edinburgh: Banner of Truth Trust.
- Castells, M. 1997. *The power of identity*. Oxford: Blackwell.
- Chu, D., R. Strand en R. Fjelland 2003. Theories of complexity. Common denominators of complex systems. *Complexity*, 8(3):19–30.
- De Gruchy, J.W. (red.). 2010. *The humanist imperative* (STIAS Series). Stellenbosch: SunMedia.
- Elsenbast, V., P. Schreiner en U. Sieg (reds.). 2005. *Handbuch interreligiöses Lernen*. Gütersloh: Gütersloher Verlagshaus.
- Führung, G. 1996. *Begegnung als Irritation. Ein erfahrungsgeleiteter Ansatz in der entwicklungsbezogenen Didaktik*. Münster: Waxmann.
- Gadamer, H.-G. 1972. *Wahrheit und Methode. Grundzüge einer philosophischen Hermeneutik*. 3de, hersiene uitgawe. Tübingen: Mohr.
- Gärtner, C. 2015. *Hermeneutik des Fremden*. <http://www.bibelwissenschaft.de/stichwort/100078> (26 Maart 2017 geraadpleeg).
- Grünschloss, A. 1999. *Der eigene und der fremde Glaube. Studien zur interreligiösen Fremdwahrnehmung in Islam, Hinduismus, Buddhismus und Christentum*. Tübingen: Mohr.
- Habermas, J. 1987. *Theorie des kommunikativen Handelns*. Volume 2. Frankfurt: Suhrkamp.
- Hand, S. 2009. *Levinas*. Londen: Routledge.
- Howlett, J. 1951. L'art nègre? Connais pas! *Présence Africaine*, 10/11:85–90.
- Kearney, R. 1994. *Modern movements in European philosophy*. 2de uitgawe. Manchester: Manchester University Press.

- . 2002. Strangers and others: From deconstruction to hermeneutics. *Critical Horizons*, 3(1):7–36.
- . 2003. *Strangers, gods and monsters. Interpreting otherness*. Londen: Routledge.
- Kitzberger, I. (red.). 1988. *The personal voice in biblical interpretation*. Londen: Routledge.
- Kristeva, J. 1991. *Strangers to ourselves*. Vertaal deur Leon S. Roudiez. New York: Columbia University Press.
- Lategan, B.C. 1998. Reading the letter to the Galatians from an apartheid and a post-apartheid perspective. In Kitzberger (red.) 1998.
- . 1999. Kulturelle Diversität als strategische Chance. In Rüsen (red.) 1999.
- . 2014. “Ek is ...” Oor die problematiek van enkelvoudige en meervoudige identiteit. *LitNet Akademies*, 11(2):262–82.
- . 2015. “Incompleteness” and the quest for multiple identities in South Africa. *Africa Spectrum*, 50(3):81–107.
- Leenen, W.R. (red.). 2002. *Enhancing intercultural competence in police organizations*. Münster: Waxmann.
- Leighton, P. 1990. The white peril and *l’art nègre*. Picasso, primitivity and anticolonialism. *The Art Bulletin*, 72(4):609–30.
- Levinas, E. 1978. *Existence and existents*. Vertaal deur A. Lingis. Den Haag: Nijhoff.
- . 1987. *Time and the other*. Vertaal deur R. Cohen. Pittsburgh: Duquesne University Press.
- . 2003. *On escape*. Vertaal deur B. Bergo. Stanford: Stanford University Press.
- Liddell, H.G. en R. Scott. 1953. *Greek-English lexicon*. 9de uitgawe. Oxford: Clarendon Press.
- Mathews, N.M. 2001. *Paul Gauguin, an erotic life*. New Haven: Yale University Press.
- Meyer, K. 2011. Die Ambivalenz der Fremdheit und ihr religionspädagogisches Potential. *Loccumer Pelikan*, 3:103–7.
- Nietzsche, F.W. 2013 [1896]. *Menschliches, Allzumenschliches*. Erster Band. Philosophische Bibliothek Band 652. Hamburg: Felix Meiner Verlag.
- Nyamnjoh, F.B. 2015. Incompleteness: Frontier Africans and the currency of conviviality. *Journal of Asian and African Studies*. DOI: <https://doi.org/10.1177/0021909615580867> (22 April 2017 geraadpleeg).

- . 2017. *Drinking from the cosmic gourd. How Amos Tutuola can change our minds*. Bamenda, Kameroen: Langaa Research and Publishing.
- Orth, E.W. (red.). 1989. *Profile der Phänomenologie. Zum 50. Todestag von Edmund Husserl*. Freiburg: Alber Verlag.
- Plato 2003. *Symposium*. Vertaal deur B. Jowett. Millis, MA: Agora Publications.
- Ricoeur, P. 1992. *Oneself as another*. Vertaal deur K. Blamey. Chicago: University of Chicago Press.
- Rüsen J., H. Leitgeb en N. Jegelka (reds.). 1999. *Zukunftsentwürfe. Ideen für eine Kultur der Veränderung*. Frankfurt: Campus Verlag.
- Said, E. 1991. *Orientalism. Western Conceptions of the Orient*. Londen: Penguin.
- Smit, D.J. 2017. Religion and civil society in “South Africa”? Searching for a grammar for life together. In Welker (red.) 2017.
- Streib, H. 2005. Wie finden interreligiöse Lernprozesse bei Kindern und Jugendlichen statt? Skizze einer xenophobische Religionsdidaktik. In Elsenbast e.a. (reds.) 2005.
- Sundermeier, T. 1996. *Den Fremden verstehen*. Göttingen: Vandenhoeck.
- Tiedemann, R. en H. Schweppenhäser (reds.). 1991. *Walter Benjamin. Gesammelte Schriften*. Deel I/2. Frankfurt: Suhrkamp.
- Todorov, T. 1982. *Die Eroberung Amerikas. Das Problem des Anderen*. Frankfurt: Suhrkamp.
- Vosloo, R.R. 2006. *Engele as gaste: Oor gasvryheid teenoor die ander*. Wellington: Lux Verbi.
- . 2009. The displaced Calvin. “Refugee reality” as lens to re-examine Calvin’s life, theology and legacy. *Religion and Theology*, 16:35-52.
- . 2015. Between the prose of justice and the poetics of love? Reading Ricoeur on mutual recognition in the light of harmful strategies of “othering”. *Études Ricoeuriennes / Ricoeur Studies*, 6(2):105–17.
- Waldenfels, B. 1989. Erfahrung des Fremden in Husserls Phänomenologie. In Orth (red.) 1989.
- . 2004. Die Anspruch des Fremden. In Yousefi (red.) 2004.
- Welker, M., K. Vorster en N. Koopman (reds.). 2017. *Church and civil society. German and South African perspectives*. Stellenbosch: SunMedia.

Woodberry, R.D. 2012. The missionary roots of liberal democracy. *American Political Science Review*, 102(2):244–74.

Yousefi, H.R. (red.). 2004. *Interkulturelle Orientierung. Grundlegung des Toleranz-Dialog. Teil 1: Methoden und Konzeptionen*. Nordhausen: Verlag Traugott.

Ziarek, E. 1995. The uncanny style of Kristeva's critique of nationalism. *Postmodern Culture*, 5(2). <http://pmc.iath.virginia.edu/text-only/issue.195/ziarek.195> (20 April 2017 geraadpleeg).

Žižek, S. 2005. Neighbors and other monsters. A plea for ethical violence. In Žižek, Santer en Reinhard (2005).

Žižek, S., E.L. Santer en K. Reinhard. 2005. *The neighbor. Three inquiries in political theology*. Chicago: Chicago University Press.

Eindnotas

¹ <http://stias.ac.za/research/themes/being-human-today>.

² *Ander* en *vreemd* word in hierdie artikel as wisselterme gebruik om twee punte op dieselfde glyskaal aan te dui. Hoewel die “ander” nie noodwendig “vreemd” hoef te wees nie, is dit nogtans ’n “nie-ek”. Beide “ander” en “vreemd” kry hul profiel in teenstelling met die selfbewussyn van die “ek”. Dit gaan slegs om ’n graadverskil deurdat die “vreemde” verder verwyderd van die “ek” is as die “ander”.

³ Hier kan naas talle ander skrywers net eksemplaries verwys word na die werk van Buber (1970), Levinas (1978, 1987), Kristeva (1991), Ricoeur (1992) en Kearney (2003). In die Suid-Afrikaanse konteks kan die bydraes van Adam en Moodley (2014), Smit (2017) en Vosloo (2006, 2009, 2015) as onlangse voorbeelde dien.

⁴ *Self* word in hierdie artikel gebruik om die bewussyn van eie bestaan aan te dui. Dit is die bewussyn dat ek as afsonderlike persoon bestaan in onderskeiding van ander. Die Engelse terme *selfhood* en *identity* word ook soms in hierdie verband gebruik, hoewel elkeen sy eie nuances het.

⁵ Streib (2005:236–8) onderskei verder tussen vreemdheid as “xenofobiese angs”, “xenopolemiese vrees”, “dissonans”, “andersheid” en vreemdheid as “weerstand en uitdaging”.

⁶ Hierdie oorsig maak dankbaar gebruik van die uitstekende ontleding van Sundermeier (1996).

⁷ Grünschloss (1999:297) praat in hierdie verband (met verwysing na die ensikliek Nostra Aetate 2) van ’n “hermeneutisch unüberwindbare” posisie omdat die eie verstaanshorison in beginsel nooit prysgegee kan word nie.

⁸ Buber (1970:62): “I require a You to become: becoming I, I say You. All actual life is encounter.”

⁹ “Levinas's philosophical project can be called constructivist. He proposes phenomenological description and a hermeneutics of lived experience in the world. He lays bare levels of experience described neither by Husserl nor by Heidegger. These layers of experience concern the encounter with the world, with the human other, and a reconstruction of a layered interiority characterized by sensibility and affectivity.” (Bergo 2015:1)

¹⁰ Vgl. byvoorbeeld Žižek (2005) en Hand (2009:109–21). Dit gaan vir ons hier nie om ’n verdediging van Levinas se idees as sodanig nie, maar om aspekte daarvan wat vir ’n alternatiewe benadering van belang is.

¹¹ Gedurende die tweede helfte van die 20ste eeu het hierdie benadering ’n hoogtepunt bereik met talle prominente verteenwoordigers. Husserl, Dilthey, Heidegger, Gadamer en Ricoeur in die filosofie en Bultmann, Fuchs, Ebeling en Jüngel in die teologie is bekende voorbeelde.

¹² Gadamer (1972:357): “Zwar ist es richtig, daß alles Verstehen von Texten der Philosophie Wiedererkenntnis des in ihnen Erkannten verlangt.”

¹³ Horizonverschmelzung (Gadamer 1972:289, 375).

¹⁴ Die teenpool van hierdie besef van “onvolledigheid” is die houding van “selfgenoegsaamheid” (vgl. Levinas 2003:51). Onvolledigheid beteken nie dat die self nie as selfbewuste kan leef en optree of dat die self nou in ’n swewende algemeenheid opgelos word nie. Dit dui wel op die diepe besef van iets wat ontbreek, dat meer moontlik is – ’n besef wat tot nederigheid stem (in teenstelling met selfgenoegsaamheid).

¹⁵ Dieselfde dubbelslagtigheid kom in Latyn voor. In sy werk oor gasvryheid wys Derrida daarop dat die wortels van *hostis* op sowel “vyand” as “gasheer” kan dui (vgl. Kearney 2002:10–1).

¹⁶ Die Duitse vertaling “Gastfreundschaft” behou die idee van vriendskap, terwyl die ekwivalent in Afrikaans opvallend genoeg “gasvryheid” is (so ook in Nederlands). Sou dit dui op die vryheid wat die gas in die huis van die gasheer geniet?

¹⁷ Ziarek (1995:19) praat in hierdie verband van die “excess of alterity”.

¹⁸ Kearney (2003:3) verwys na die “uncontainable excess” wat in grenservarings opgesluit lê. Dit beteken terselfdertyd dat die self óók potensiële meerwaarde kan toevoeg tot die interaksie – maar dit gebeur juis wanneer die self die rol van die “ander” vervul.

¹⁹ Vgl. Kearney (2003:8): “The key is to let the other be other so that the self may be itself again.”

²⁰ Kearney (2003:3) beskryf dit as die gewaarwording van die ego “that it is never wholly sovereign”. Dit beteken dat die selfgenoegsaamheid van die self nie langer volgehou kan word nie en dat die “onvolledigheid” van die mens voortaan as vertrekpunt dien. Levinas

(2003:51) wys in hierdie verband op die beperkings wat deur die “sufficiency of the fact of being” veroorsaak word.

²¹ “Ein Antrieb und Andrang waltet und wird über sie Herr wie ein Befehl; ein Wille und Wunsch erwacht, fortzugehn, irgend wohin, um jeden Preis; eine heftige gefährliche Neugierde nach einer unentdeckten Welt flammt und flackert in allen ihren Sinnen. ‘Lieber sterben als hier leben’ – so klingt die gebieterische Stimme und Verführung: und dies ‘hier’, dies ‘zu Hause’ ist Alles, was sie bis dahin geliebt hatte! Ein plötzlicher Schrecken und Argwohn gegen Das, was sie liebte, ein Blitz von Verachtung gegen Das, was ihr ‘Pflicht’ hiess, ein aufrührerisches, willkürliches, vulkanisch stossendes Verlangen nach Wanderschaft, Fremde, Entfremdung, Erkältung, Ernüchterung, Vereisung ...” (Nietzsche 2013, Vorrede 3). Vir ’n eietydse beskrywing van dieselfde omstandighede, vgl. Kearney (2003:4).

²² Levinas (2003:55) praat in hierdie verband van die behoefte aan ontsnapping – ontsnapping “from the chains of the I to the self”.

²³ Dieselfde soort verryking vind plaas wanneer die voordele van ’n meervoudige identiteit ondersoek en omhels word (Lategan 2014).

²⁴ Vgl. Calvyn (1997); Buber (1970); Gadamer (1972); Levinas (1987); Ricoeur (1992); Kearney (2003); Smit (2017); Vosloo (2009).

Die juk van askese: Slawe in kloosters en kloosterlike huishoudings in die sendeling Johannes van Efese se *Commentarii de beatis orientalibus*

C.L. de Wet

C.L. de Wet, Departement Bybelse en Antieke Studie, Universiteit van Suid-Afrika

Opsomming

Die doel van hierdie artikel is om ondersoek in te stel na die verhouding tussen slawerny en die kloosterlewe in die Siriese kerkvader Johannes van Efese (507–589 n.C.) se *Commentarii de beatis orientalibus* (oftewel *Die lewens van die Oosterse heiliges*; hier afgekort as *Comm.b.orient*). Die studie gee 'n kort oorsig oor Johannes se lewe, sy geskrifte, en die sosiologiese konteks waarbinne hy skryf. Aandag word dan spesifiek geskenk aan die terminologie wat Johannes gebruik wanneer hy na slawe, en ook huurarbeiders, verwys. Slawerny funksioneer op drie wyses in hierdie geskrif. Eerstens sien ons dat slawe dien as tekens van die welvaart en luukse lewenstyl van die rykes. Tweedens sien ons dat monnike en kloosters ook slawe kon aanhou, maar nie in sulke groot getalle as die rykes nie. Johannes het gemeen dat Christene hul slawe en huurarbeiders in hul diens moet hou, en dat die slawe en diensknegte, saam met die vrouens en kinders van die huis, hulleself aan die kloosterlewe moet toewy. Laastens, en van die grootste belang, is die insig dat net soos die Christelike kloosterleer nie slawerny afgeskaf het nie, die toestand van slaaf-wees ook nie 'n struikelblok was vir die kloosterlewe nie. Vir Johannes verteenwoordig slawerny nie 'n krisis binne die samelewing nie, maar 'n instelling wat “vervlooster” moet word en sodoende in diens kan staan van 'n samelewing wat hom op 'n krisispunt bevind.

Trefwoorde: asketisme; Johannes van Efese; klooster; Laat Antieke; monnik; Patristiek; Sirië; Siries; slawerny; vroeë Christendom

Abstract

The yoke of asceticism: Slaves in monasteries and monastic households in the *Commentarii de beatis orientalibus* of the missionary John of Ephesus.

This article examines the relationship between slavery and the monastic life in the *Commentarii de beatis orientalibus* (abbreviated here as *Comm.b.orient.*) written by the missionary John of Ephesus (507–589 AD). The study begins by providing a brief biographical overview of John's life, writings, and the socio-historical context in which he composed this work. Attention is then given to the terminology that John uses when he refers to slaves, as well as hired labourers. Slavery functions in three ways in the *Comm.b.orient.* First, slaves serve a referential purpose in drawing the reader's attention to the decadent and luxurious lifestyles of the wealthy elite. Secondly, however, we find that monks and monasteries are indeed allowed to own slaves, but not in the large numbers and for the same purposes as the rich, who are criticised for their style of slaveholding. John did not expect monks to free all their slaves, even though some did indeed do so. Rather, John believed Christians should keep their slaves and hired labourers, and that these workers, along with wives and children, should follow the monastic life. Finally, and most importantly, John nowhere calls for the abolition of slavery, and for him slavery is not an impediment to the monastic life. For John, slavery was an institution that had to be Christianised and "monasticised" in order to stand in service of a society in crisis. Further details about these three aspects of slavery in the *Comm.b.orient.* are provided here.

In terms of the Syriac terminology John uses, the study shows that John consistently distinguishes between slaves and free hired labourers. This may support the claim that the circumstances, broadly speaking, in which slaves and the poor agricultural labourers on the larger estates of the Syrian Limestone Massif laboured were not necessarily that dissimilar. Hired labourers were also exploited by some wealthy landowners, and worked under similar conditions of control as slaves did, perhaps only with more mobility. We can deduce with some certainty that the combination of ^c*abdē* and ^a*amhātā* refers respectively to male and female slaves, who are differentiated from the various classes of hired labourers, servants and deacons.

The first function of mentioning slaves in the *Comm.b.orient.* is that they point to the excessive wealth and luxury of the wicked and wealthy elite, who have no regard for the poor and marginalised of society. Excessive slaveholding is a sign of the impious and sinful disposition of the powerful. However, it is not slavery itself that is sinful or oppressive – rather, it is wrong to own many slaves and to use them for selfish purposes. Slavery is never labelled as an evil in itself in the *Comm.b.orient.* Rather, John is of the opinion that the greatest injustice lies in the fact that the elite have so many resources, including scores of slaves, at their disposal, yet they never use these to the benefit of society. In the *Comm.b.orient.* slaves are situated somewhere between property and personhood. They remain nameless and are mostly listed alongside the inanimate wealth of the elite. In this regard, then, slaves have a referential purpose: they serve to highlight the luxury and decadence of the rich, as well as the wealthy lives that some of John's monks willingly renounced in favour of the monastic life.

Secondly, slaves also assist monks in their work of outreach and caring for the poor. Many early Christians would have considered it quite rigorous and unrealistic, and even heretical, if

someone had compelled them to free all their slaves. Similarly, Christians were not forced to renounce marriage and sexual intercourse. The universal renunciation of slavery and the married life was actually characteristic of a group known as the Eustathians. The 4th-century Synod of Gangra anathematised the Eustathians precisely because of their rigorous practices with regard to the renunciation of slavery and marriage. While John admires monks who free all their slaves, renounce marriage and give away all their possessions, he does not consider this to be the ideal expression of monasticism. Rather, John sees monasteries and monastic households as the points where charity and the needs of the poor and socially marginalised intersect. It was therefore better for would-be monks or nuns to utilise all their property in service of society. Thus we read of Tribunus, a lay monk, who lived in a monastery with two of his slaves, together making a living by building partridge cages. There was no ethical contradiction to John in being a monk and, at the same time, a slaveholder.

Finally, slaves also function as monks and ascetics in their own right. In fact, this is the only instance where slaves, in themselves, receive a measure of worth and meaning. John is fond of referring to the monastic life as a burden (*yūqrā*) or a yoke (*nīrā*) – this is based on Jesus' words in Matthew 11:30: "For my yoke is easy, and my burden is light" (English Standard Version). In *Comm.b.orient.* 9 John also refers to the notion of the "yoke of monasticism" (*nīrā d'dayrāyutā*). What John means by this is that slavery to God takes precedence over human slavery. John actually refers to the monk as the "slave of Christ" (*ʿabdā daMšīhā*) or the "slave of God" (*ʿabdā d'Allāhā*), and even speaks about the "bondmaid of Christ" (*amtāh daMšīhā*).

Thus, both male and female slaves, as well as hired labourers, could participate in the practices of the monastic life, including vigils, fasting, caring for the poor, prayer, thanksgiving to God, hymn-singing, and so on. The monastic life is not separated from the world, and because of the highly practical and domestic nature of John's ideal monasticism, slavery fits in quite naturally with the monastery and the monastic household. At best, John seems indifferent about one's social status – he is more concerned about the spiritual state of people, and the poor and marginalised in society gain much more sympathy from John than slaves. Slavery is unfortunately not part of the social crisis to which John responds, and to follow the monastic lifestyle did not necessarily imply manumission.

Keywords: asceticism; Early Christianity; John of Ephesus; Late Antiquity; monastery; monk; Patristics; slavery; Syria; Syria

1. Inleiding

Johannes van Efese (507–589 n.C.) was 'n Christelike monnik en sendeling afkomstig uit die gebied Amida in die noordelike deel van Mesopotamië. Volgens sy eie beriggewing (Brooks 1923:62–4)¹ het hy as 'n kind deel geword van die kloosterlewe, dalk reeds op die ouderdom van vier jaar. Volgens sy vertelling het al die seuns van Johannes se ouers gesterf voor hulle die ouderdom van twee jaar bereik het; dít as gevolg van 'n onbekende oorerflike siekte. Toe dit gelyk het asof Johannes ook gaan sterf, het sy ouers die plaaslike pilaarheilige,² Maro, besoek en hom versoek om, indien moontlik, hul seun te genees. Maro het Johannes se ouers beveel om die kind soveel moontlik lensies ('n algemene voedselsoort in die asketiese dieet) te voer, wat die kind sou genees. Maro se voorskrif van 'n lensiedieet was suksesvol, en twee


jaar later het Johannes se ouers hom aan Maro toegewy, wat hom toe in die kloosterlike lewenswyse opgelei het. 'n Aantal jare later, in die 520's, het Johannes hom by die bekende klooster van Mar Johannes Urtaya in Amida aangesluit.³



Illustrasie 1: 'n 18de-eeuse ikoniese uitbeelding van die pilaarheilige Alypius (2009; Wikimedia Commons; https://commons.wikimedia.org/wiki/File:Alypius_the_Stylite.jpg).

Johannes was deel van 'n oosterse Christelike gemeenskap wat gekant was teen die "twee-natuur"- of duofisitiese Christologie van die Konsilie van Chalcedon (451 n.C.). Hierdie anti-Chalcedoniërs (ook genoem monofisiete of miasisiete – oftewel, dié wat meer ten gunste was van 'n "een-natuur"-Christologie)⁴ is in die 5de en 6de eeu n.C. hewig vervolgt deur die Chalcedoniërs, wat ook die meerderheid in die staat verteenwoordig het. Sommige miasisitiese voorstanders het na Egipte gevlug en ander na die hoofstad Konstantinopel self, met die doel om invloed en ondersteuning ten gunste van die miasisiete te bewerkstellig. Johannes is veral bekend vir sy reise deur die oostelike Romeinse provinsies en Egipte. Rondom die jaar 540 n.C. het hy in Konstantinopel gaan woon om hulp aan die miasisiete te verleen. Twee jaar later het keiser Justinianus hom uitgekies om op 'n sendingreis deur Klein-Asië te gaan en om kerke en kloosters te stig. In ongeveer 558 n.C. is Johannes deur Jakobus Burd'aya ingeseën as titulêre biskop van Efese. Toe die vervolging teen die

miafisiete begin toeneem, veral onder die heerskappy van die keiser Justinus II in die 570's, is Johannes gevange geneem, en hy sterf 'n paar jaar later, moontlik in 589 n.C.



Illustrasie 2: Amida en omliggende gebiede (2017; Chris L. de Wet)

Johannes was, soos die meeste skrywers van sy gebied, tweetalig. Hy was waarskynlik antieke Grieks en Siries ('n latere oostelike dialek van Aramees; sien Beyer 1986:42–4) magtig. Sy oorgelewerde geskrifte is almal in Siries geskryf, maar hierdie werke is vol taalvermenging tussen Grieks en Siries. Johannes toon nie die styl en perfeksionisme van ander Siriese outeurs soos Afrem of Philoxenus van Mabbug nie. Sy Siries is in gesprekstyl geskryf. Onder Johannes se geskrifte wat behoue gebly het, vind ons die derde volume van 'n kerkgeskiedenisbundel, en sy *Commentarii de beatis orientalibus* (*Die lewens van die Oosterse heiliges*), hierna afgekort as *Comm.b.orient.* Laasgenoemde werk, waaroor hierdie artikel hoofsaaklik handel, is 'n versameling van hagiografiese narratiewe wat die lewens van verskeie miafisitiese monnike en askete uitbeeld. Die rede waarom hierdie geskrif gekies is, is die buitengewone hagiografiese aard en styl van die werk, asook die besondere insig in die monastieke roeping wat in die geskrif aangetref word.

Harvey (1990:37) skryf die volgende in verband met die *Comm.b.orient.*: “The holy is not restricted to certain persons (nobles, leaders) nor to certain places (cities). It is found in the people and places of daily lives; it is found in the midst of the same events that would seem to deny God’s presence.” Die *Comm.b.orient.* bied ons dus 'n seldsame en waardevolle blik op die daaglikse lewe van die mense van die 6de-eeuse Sirië en Mesopotamië, van monnike

sowel as gewone dorpsbewoners. Terwyl ag geslaan moet word op die kenmerkende omsigtigheid van hagiografie,⁵ is die *Comm.b.orient.* nogtans 'n nuttige bron vir die studie van laat-antieke kultuurgeskiedenis.

Harvey het hierdie punt aangetoon in haar boek *Asceticism and society in crisis: John of Ephesus and the lives of the Eastern saints* (1990). Sy dui die sosiale keerpunte van die 6de-eeuse Amida aan en toon aan hoe dié keerpunte, asook die toenemende vervolging van miafisitiese Christene, Johannes se besondere sienswyse van die asketiese gevorm het. Sy redeneer oortuigend dat hierdie sosiale keerpunte en uitdagings, wat deur die vervolging, maar ook 'n aantal natuurrampe, meegebring is, Johannes gedwing het om die teologie en praktyk van askese en die kloosterlewe te verstaan as instellings wat in diens van die samelewing moet staan. Johannes wil nie hê dat monnike hulself uit die samelewing moet verwyder, soos dit die gebruik was nie. Hy probeer om die monnike te oortuig om terug te keer na hul gemeenskappe, en om dáár 'n verskil te maak.

Asketisme moes dikwels antwoorde verskaf waar gemeenskappe swaarkry. Basilius van Sesarea moes byvoorbeeld die betekenis en waarde van vaspraktyke binne die konteks van hongersnood herdefinieer. Soos Holman (2001) en Rodrigues (2017) bewys het, word die praktyk van vas in Basilius se siening nie slegs 'n daad waarin 'n mens jouself kos en eet ontsê nie, maar word dit 'n geleentheid waar 'n mens jou kos kan deel met dié wat honger ly. Ons vind in die *Comm.b.orient.* wel monnike wat alleen en afgesonderd in die woestyn en berge woon, maar die ideaal vir Johannes is wanneer mense die kloosterlike lewenswyse aangryp, en dan in 'n gemeenskap van monnike in 'n klooster gaan woon, of hul huise in 'n tipe kloosterhuis omskep. Sowel die formele klooster as die kloosterhuise moes sorg en ondersteuning aan die gemeenskap bied.



Illustrasie 3: Die Mar Musa-klooster, oorspronklik in die laat 5de eeu gebou, is 'n goeie voorbeeld van 'n bestaande Siries-Ortodokse kloostergemeenskap (2007; Wikimedia Commons, https://commons.wikimedia.org/wiki/File:Mar_Musa.jpg; kyk ook Fowden 2016:175–77).

Hierdie studie volg 'n soortgelyke benadering, maar ondersoek hoofsaaklik voorvalle van slawerny (asook, tot 'n mindere mate, die aktiwiteite van vrye diensknegte) soos uiteengesit in die *Comm.b.orient.* Ons vind verskeie verwysings na slawe en diensknegte in hierdie geskrif, wat nie verbasend is nie, aangesien slawerny deurgaans deel was van die daaglikse lewe in die 6de-eeuse Ooste. Die voortduur van slawerny in die laat-antieke tydperk is reeds bevestig deur Harper (2011) en in Rotman (2009) se belangrike studie oor slawerny in die Bisantynse ryk. Helaas verwys Rotman slegs hier en daar na Johannes van Efese (kyk Rotman 2009:115, 148–9). Tot op datum bestaan daar geen breedvoerige ondersoek van slawerny in die Siriese Ooste nie; daar is wel goeie studies van slawerny in die konteks van die vroeë Islam en die antieke Arabiese verowerings (kyk byvoorbeeld Gordon 1987; Crone 1980; Lenski 2011:237–66).

Hierdie studie is deel van 'n projek om 'n uitvoerige kultuurgeskiedkundige uiteensetting te gee van slawerny in laat-antieke Sirië en Mesopotamië, met besondere aandag aan antieke Griekse en Siriese bronne, geskryf vanuit Christelike perspektiewe. In *Preaching bondage: John Chrysostom and the discourse of slavery in Early Christianity* (De Wet 2015) word 'n uiteensetting gegee van slawerny in die denke van die 4de-eeuse Griekse skrywer Johannes Chrysostomus, wat afkomstig was uit Antiogië in Sirië. Inleidende aspekte van slawerny in laat-antieke Sirië en Mesopotamië is ook gedek in *The unbound God: Slavery and the formation of Early Christian thought* (De Wet 2017b:13–31). Die enigste ander studie wat spesifiek aandag gee aan slawerny in Siries-Christelike bronne is dié van Ramelli (2016). Ongelukkig is Ramelli se boek nie gefokus op spesifiek hierdie bronne of aardrykskundige gebied nie, en voorsien slegs 'n oorsigtelike bespreking van outeurs soos Bardaisan, Afrahat en Jakob van Serug (kyk Ramelli 2016:131–47).

In hierdie artikel word aandag geskenk aan Johannes se beskouing van slawe, en hoe hy 'n onderskeid tref tussen slawe en vrye diensknegte. Verder word daar gevra watter doel slawe, volgens die *Comm.b.orient.*, dien, en waar hulle inpas in Johannes se visie van die kloosterlewe wat in diens staan van die samelewing. Is slawerny en die kloosterlewe versoenbaar, en indien wel, onder watter omstandighede en voorwaardes? In hierdie ondersoek word dus beoog om meer lig op die praktyke van slawerny onder die Christene van laat-antieke Sirië en Mesopotamië te werp, en sin te gee aan die ingewikkelde verhouding tussen slawerny en vroeg-Christelike asketisme. Die studie benader slawerny vanuit drie perspektiewe: (1) slawe as tekens van die rykdom en luukse lewenstyl van die elite; (2) slawe in die diens van monnike en kloosters; en (3) slawe wat self die kloosterlewe volg.

2. Slawe en diensknegte in die *Commentarii de beatis orientalibus*

Wanneer 'n mens die *Comm.b.orient.* lees, is dit maklik om die slawe oor die hoof te sien. Hul teenwoordigheid blyk so vanselfsprekend te wees dat hulle skaars enige bespreking van die outeur ontlok. Soos reeds hier bo genoem, was slawerny (*‘abdūtā*) 'n alledaagse verskynsel in Johannes se wêreld. Dit is belangrik om te noem dat landbouproduksie in Sirië en Mesopotamië gedurende die 6de eeu n.C. aansienlik toegeneem het, en dat die arbeidsmark dus gefloreer het weens 'n vraag na bekostigbare arbeid in die gebied. In sowel die Romeinse as die Sasaniese (Persiese) ryk is landbou-infrastruktuur, soos damme en besproeiingskanale, ontwikkel. Hierdie ontwikkeling het gepaard gegaan met breedvoerige

administratiewe en logistieke verfyning, veral ten opsigte van belastingopnames en dokumentasiebeleid (kyk Banaji 2001:190–212 vir die oostelike Romeinse ryk, en Choksy 1999:682–85 vir die Sasaniese ryk).

Banaji (2001:201) noem tereg die volgende: “[I]t is unnecessary to have to suppose that the agricultural institutions of the empire rested predominantly on a specific type of labour force or category of labour.” Huise en plase in hierdie gebied het dus gebruik gemaak van sowel slawe- as huurarbeid. Huurarbeiders en diensknegte, veral dié wat betrokke was by die landbou-aktiwiteite van die huishouding of plaas, was meestal vrygebore inwoners wat op die grond van die eienaar gewoon het. Hierdie arbeiders was ook nie altyd permanent in diens van grondeienaars nie, omrede hul werk, afhangende van die gewas, dikwels seisoensgebonde was.

Dit kon ook wees dat die arbeiders sogenaamde *coloni* was – ’n Romeinse begrip wat verwys na nie-elite-grondeienaars wat gebonde was aan die grond (of “oorsprong”, in Latyn: *origo*, die geboorteplek) en dus, amper soos slawe, onder die gesag van die grondeenaar geval het. (In Grieks word die Latynse woord *coloni* altyd met *geōrgoi* vertaal.) Ongelukkig is die antieke bewyse van die aanwesigheid van *coloni* in Sirië en Mesopotamië nie deurslaggewend nie. Daar is meer bewyse van vrye huurarbeiders, wat nie noodwendig hul eie grond besit het nie en wat in die elite-huishoudings saam met slawe gewerk het. Vrye arbeiders en diensknegte het verskil van slawe in die sin dat hul menswees, hul liggame, nie volgens wet die eiendom van die grondeienaars was nie. Wat die grondeenaar wel *besit* het, in die geval van sowel *coloni* as huurarbeiders, was die *arbeid* van die loonwerker. Huurarbeiders het in ’n bepaalde maar tog ook beperkte sin meer bewegingsvryheid gehad as slawe. Maar waarop Banaji (2001:197–99) verder wys, is dat die beheermetodes wat op sulke huurarbeiders uitgeoefen is, nie noodwendig minder onderdrukkend was as dié wat op slawe toegepas is nie.

In ’n preek van Johannes Chrysostomus (*Homilia in Matthaeum* 61.2; Migne 1862:591 reëls 42–51) lees ons hoe sommige van die grondeienaars hul huurarbeiders behandel het:

Want as enigiemand ondersoek moet instel na hoe die ryk grondeienaars hul arme en doodgewerkte plaasarbeiders [*geōrgois*] behandel, sal só ’n persoon sien dat hulle meer wreedaardig is as barbare. Want op dié wat vergaan van die honger en wat hul hele lewe lank handearbeid verrig, lê hulle aanhoudende en ondraaglike kontrakte, en swaar laste, en hanteer hulle die lywe van hul arbeiders soos esels of muile, of eerder soos klippe. Hulle word skaars toegelaat om asem te haal. En of die aarde opbrengs lewer of nie, dié arbeiders word steeds afgemat, en geen deel word aan hulle toegeken nie. En wat kan meer beklagenswaardig wees as hierdie feit, dat wanneer hulle deur die hele winter gewerk het, en verteer is deur koue en reën, en moes waak oor die land, hulle met leë hande – nee, in die skuld! – moet terugkeer.

Alhoewel Chrysostomus se retoriek soms hiperbolies kan wees (nie alle huurarbeiders het noodwendig sulke verdrukking beleef nie), stem hierdie opmerkings oor die algemeen ooreen met die bevindings van Banaji. Grondeienaars het dikwels huurarbeiders verdruk met onbillike kontrakte en onregverdige finansiële vereistes en uitgawes. Soms is hul loon weerhou, of deur onvoorsiene aftrekkings verminder. Alhoewel hulle nie slawe was nie, en tot ’n mate beskerm is teen die uitermatige straf en mishandeling wat slawe soms moes verduur, was die lewens van huurarbeiders en diensknegte ook nie juis gerieflik nie. Hulle het

soms onder dieselfde haglelike omstandighede as slawe geleef. Wat die saak verder bemoeilik, soos Colditz (2000:123–34) en Payne (2015:73, 138) aantoon, is dat hierdie huurarbeiders afkomstig uit die dorpsgebiede ook bekend gestaan het as *‘abdē*, die Siriese woord wat oor die algemeen na slawe verwys het. Weens hul leefomstandighede en die mag wat oor hulle uitgeoefen is, was die (oppervlakkige) onderskeid tussen huurarbeiders en slawe dalk nie altyd so duidelik sigbaar in plattelandse gebiede nie.

Wanneer ons Johannes van Efese se *Comm.b.orient.* van nader beskou, sien ons ook dat hy dikwels na beide slawe en diensknegte of arbeiders verwys. In hierdie verband moet ons in gedagte hou dat Johannes op groot skaal gereis het en oor slawe en arbeiders in verskillende kontekste (stedelik en plattelands) en verskeie gebiede (van Sirië en Kappadosië tot in Konstantinopel) skryf. Maar sy grondliggende sienswyses oor slawerny en huurarbeid is heel waarskynlik deur sy vormende jare in Amida gevestig. Die voordeel wat ’n mens dus by Johannes vind, is dat sy blik op Bisantynse slawerny deur ’n Siriese lens geskied. Hierdie basiese eenvormige blik op slawerny is duidelik sigbaar in die ooreenstemming met en deurlopendheid van slawerny-terminologie en -semantiek wat ons in *Comm.b.orient.* vind, ten spyte van die verskillende kontekste waarbinne die vertellings plaasvind.

Johannes gebruik ’n verskeidenheid terme wanneer hy na slawe, diensknegte en huurarbeiders verwys. Hy tref veral ’n onderskeid tussen slawe en vrye arbeiders. Wanneer hy die voormalige lewe van die Anzeteense⁶ *chorepiscopus* Harfat beskryf, noem hy dat Harfat “’n groot aantal slawe en slavinne asook huurarbeiders” gehad het (*Comm.b.orient.* 11; Brooks 1923:159). Die manlike slawe word *‘abdē* genoem, en die slavinne *‘amhātā*. Die huurarbeiders van Harfat se huishouding noem hy *‘agīrē*, wat waarskynlik na plaasarbeiders verwys. Hy tref ’n terminologiese onderskeid tussen die *‘agīrē* en die slawe, maar lys hulle altyd saam, wat waarskynlik ’n aanduiding is van die hegte ooreenkomste tussen hierdie groepe. Ons vind ’n soortgelyke lys van slawe en arbeiders in die verhaal van die asketiese handelaars, die broers Elia en Theodorus, wat later in Kappadosië gaan woon het: in hul huis het hulle “huurarbeiders en slawe en slavinne” (*‘agīrē wa‘bdē wa‘mhātā*) wat asketisme bedryf (*Comm.b.orient.* 31; Brooks 1924:583; kyk ook Brooks 1924:581). Hierdie kombinasie van terme kom baie algemeen in die *Comm.b.orient.* voor.

Johannes gebruik ook die uitdrukking *mšamšānē* saam met *‘abdē* om ’n onderskeid tussen slawe en diensknegte te tref (*Comm.b.orient.* 34; Brooks 1924:603). *Mšamšānē* verskil van *‘agīrē* in die sin dat eersgenoemde spesifiek na kerklike diensknegte of diakens verwys, en laasgenoemde na plaaswerkers of diensknegte in die algemeen. Daar is ook een geval waar Johannes na die “getroue diensknegte” van Theodorus die *castrensis* verwys (*Comm.b.orient.* 57; Brooks 1926:202). Die woord *mhaymnā*, wat na hierdie spesifieke tipe dienskneg verwys, kan oor die algemeen bloot ’n vertroueling aandui, maar beteken ook dikwels “ontmande” (Grypeou en Spurling 2013:438–9). Ontmandes het dikwels as administratiewe slawe in die Bisantynse staatsdiens gedien, en as Theodorus wel die amp van *castrensis* beklee het, sou dit nie ongewoon vir hom gewees het om ontmande slawe onder sy gesag te hê nie. Interessant genoeg is die amp van *castrensis sacri palatii* soms selfs deur ’n ontmande beklee (Tougher 2009:41–2; Costa 1972:358–87; Hopkins 1981:175–6). Ongelukkig verskaf Johannes nie genoeg inligting om hierdie afleiding te bevestig nie (kyk wel French 2016:162–4).

Die noukeurige onderskeid wat Johannes deurlopend tussen slawe en diensknegte tref, ondersteun moontlik die punt dat slawe en diensknegte, veral plaaswerkers, onder soortgelyke omstandighede en gesag gehandel het. Ons kan dus met sekerheid aflei dat die

kombinasie van ^c*abdē* en ^ʔ*amhātā* onderskeidelik na slawe en slavinne verwys, wat van die verskillende soorte huurarbeiders, diensknegte en diakens onderskei word.

3. Slawe as tekens van rykdom en 'n luukse lewenstyl

Johannes se uitgebreide reeks arbeidsterme dien om die uitermatige rykdom en luukse lewenstyl van sommige karakters in die *Comm.b.orient.* uit te lig. Dit was algemeen in die vroeg-Christelike etiese diskoers om die rykes te kritiseer vir die buitensporige aantal slawe wat hulle aangehou het (Harper 2011:51–3), en Johannes is geen uitsondering in hierdie opsig nie. Ongelukkig is daar geen sekerheid oor presies hoeveel slawe mense aangehou het nie. Sommige skrywers praat van mense met honderde en selfs duisende slawe, terwyl ander noem dat een of twee slawe voldoende vir 'n huishouding moet wees (De Wet 2015:105–13). Die rykdom van Harfat se huis – wat die monnik se “siel versteur” het – het 'n groot aantal slawe en slavinne ingesluit, en asof dit nie genoeg was nie, ook baie diensknegte (*Comm.b.orient.* 11; Brooks 1923:179). Presies dieselfde word gesê van die monnik Tomas die Armeniër (*Comm.b.orient.* 21; Brooks 1923:284). Grootskaalse slawerny word uitgebeeld as een van die redes waarom hierdie mense hul wêreldse lewens agterlaat en die kloosterlewe begin volg.

In nog een van Johannes se vertellings, dié oor Tomas (nie bogenoemde nie) en Stefanus, word Tomas beskryf as iemand wat 'n aansienlike landgoed besit het, met baie “slawe en slavinne [^c*abdē waʔmhātā*] en groot rykdom; hy was so bederf en fyn dat hy sy gesig en hande meer as tien maal per dag met water gewas het” (*Comm.b.orient.* 13; Brooks 1923:191–2). Weer eens word Tomas se uitgebreide arbeidskragte in direkte verband gebring met sy luukse lewe. Die beskrywing van Tomas se wasgebruike laat hom ook verfynd en vroulik voorkom, 'n uiters bedenklige uitbeelding in die antieke tye vir 'n man. In laat-antieke Christelike denke is dit as onmanlik beskou om van baie slawe en diensknegte afhanklik te wees. Johannes Chrysostomus het byvoorbeeld geglo dat mans eintlik sonder slawe sou kon klaarkom, maar dat vroue weens hul “verfynde” en sagte aard tog maar 'n paar slawe kan hê (Chrysostomus, *Contra eos qui subintroductae habent virgines* 9.49; Dumortier 1955:8; sien ook De Wet 2017a:67). Johannes van Efese se aanklag teen Tomas se vorige lewe was dus nie net gemik op sy rykdom en welvaart nie, maar in wese ook op sy manlikheid en eer.

Die teenoorgestelde kom voor in Johannes se storie oor die lewe van Simeon die Skriba. Volgens Johannes is Simeon ywerig om hulp aan mense te verleen, veral dié wat gaste by hom aan huis was. Simeon kook selfs vir hulle! Werk soos om te kook en vir gaste te sorg is in die antieke tyd beslis beskou as slawearbeid en gevolglik as onvanpas vir 'n vrygeborene. Maar hier in Johannes se narratief is Simeon se ywer en hulpvaardigheid juis tekens van sy selfgenoegsaamheid en manlikheid. Johannes vertel ons dat Simeon baie slawe en diakens gehad het, maar hulle, ten spyte van sy hoë ouderdom, nie nodig gehad het nie (*Comm.b.orient.* 34; Brooks 1924:603–4):

Hy het self en met sy eie hande al die dienstake verrig. En soos die patriarg voor hom, alhoewel hy 'n skare slawe en diakens [^c*amā da^cbdē wamšamšānē*] gehad het, het hy nie iemand anders beveel om na die trop te jaag en 'n kalf vir sy gaste te gaan haal nie. Nee, hy het self in sy oudag rondgehardloop sodat hy, en nie iemand anders nie,

die seën kon ontvang. Só het hierdie bejaarde man al die daaglikse dienstake uitgevoer.

Hier word die “skare” slawe en diakens van Simeon beklemtoon om sy toewyding aan diens tot sy medemens te prys. Selfgenoegsaamheid en diensbaarheid word nou manlike karaktereienskappe. Slawerny en diensbaarheid funksioneer hier in Johannes van Efese se skrywe, maar ook oor die algemeen in die laat-antieke konteks, dus as diskoerse wat ook ’n mens se geslagtelikheid (*gender*) beïnvloed en selfs bepaal.

Op grond van hierdie beginsel is daar dan ook ’n ironiese ondertoon in die vertelling oor die nonne Maria en Eufemia wat die rykes aanspreek oor hul luukse lewenstyl en afhanklikheid van slawe (*Comm.b.orient.* 12; Brooks 1923:179):

Is dit reg dat julle só sit terwyl slawe [^c*abdē*] staan en julle bedien? Is dit reg dat julle ’n verskeidenheid van smake in lekkernye en wyne geniet, en geniet van suiwer brood en pragtige matte, terwyl God platgeslaan word in die straat, met ’n swerm luise, flou van die honger? Het julle dan geen vrees vir God nie?

Afhanklikheid van slawe word weer eens geassosieer met swakheid, verfyndheid en oormatigheid. Die rykes word hier gekontrasteer met die klassieke beeld van die askeet. Die rykes lê en ontspan, terwyl die askeet selde gelê het, selfs om te slaap (baie het staande geslaap). Die rykes word deur slawe bedien, terwyl die askeet selfgenoegsaam is. Die rykes eet allerhande lekkernye en drink wyn, terwyl die askeet vas. Die rykes ignoreer die swaarkry van die armes, terwyl die askeet – in terme van Johannes se begrip van asketisme en die kloosterlewe – antwoord gee op die roepstem van die armes en die gemeenskap wat in krisistye verkeer. Dit was ’n algemene gebruik in die hagiografie om God te personifiseer as die armes, net soos Johannes dit hier doen. Dit is gegrond op Jesus se stelling in Matteus 25:35–40 dat wanneer sy dissipels vir die armes en behoeftiges sorg, hulle inderdaad vir Hom versorg.

Oormatige slawebesit is dus deel van die sosiale ongeregtigheid en verdrukking deur die rykes en die magshabbers. Die bose magistraat in Johannes se verhaal van Abraham en Maro word ook beskryf as “’n afskuwelike en goddelose man, wat die armes verdruk, en wat weeskinders en weduwees laat treur, ’n arbeider van alle bose werke van geldgierigheid en onreg en diefstal – en hy het baie eiendom gehad, en ’n groot huis, en slawe en slavinne” (*Comm.b.orient.* 4; Brooks 1923:72).

Maar dit is ongelukkig nie slawerny as instelling wat die rede vir die sosiale ongeregtigheid van die rykes is nie. Slawerny is, soos hier aangetoon sal word, in sy wese nie ’n onreg in die *Comm.b.orient.* nie. Dit is wel ’n skande wanneer ’n mens te veel slawe en diensknegte het, en afhanklik van hulle word. Volgens Johannes lê die grootste onreg daarin wanneer mense nie hul slawe, soos alle ander eiendom, tot die voordeel van die samelewing, armes en kerk gebruik nie. As ons net weer kyk na die lewensbeskrywing van Tomas en Stefanus, sien ons dat die slawe in Stefanus se huishouding gebruik word om die behoeftiges te help (*Comm.b.orient.* 13; Brooks 1923:212), terwyl die pasbekeerde vrou Sosiana haar slawe met al haar oorlede man se duur klere na die kerk stuur sodat hulle klede en sluiers daarvan kan maak (*Comm.b.orient.* 55; Brooks 1926:192–3).

In die *Comm.b.orient.* lê slawe se posisie helaas êrens tussen eiendom en menswees. Geen name van slawe word voorsien nie, en hulle word meestal saam met die eiendom van die rykes gelys. Hierdie punt kom duidelik na vore in die storie van die bese magistraat in die lewensbeskrywing van Abraham en Maro, waarna hierbo verwys is. Wanneer die magistraat Maro beledig, lees ons dat vuur uit die hemel neerreën en die man se hele huis en al sy besittings verteer. Die magistraat het kaal ontsnap, saam met al sy huishoudelike slawe. Die slawe ontkom dus aan die straf van die magistraat, en word nie onmiddellik self vir hul eienaar se sonde gekasty nie. Later in die vertelling lees ons wel dat sommige van die magistraat se slawe tog gesterf het, en dat ander gevlug het, wat aandui dat die magistraat wel al sy rykdom verloor het. Later in die verhaal sterf die magistraat self (*Comm.b.orient.* 4; Brooks 1923:74–6).

Tot dusver dien slawerny as 'n verwysingsdoel in die *Comm.b.orient.* – slawe funksioneer as narratiewe middele om na iets anders te verwys, naamlik die rykdom en luukse lewenstyl van die elite. Anders as aan die vrouens in Johannes se werk (Harvey 1990:108–33), word geen besondere plek aan die slawe in die stories toegeken nie. Slawe bly in die verre agtergrond in die *Comm.b.orient.*, sonder naam en verlore tussen eiendom en menswees.

4. Slawe in diens van monnike en kloosters

Met die ontwikkeling van Siries-Christelike asketisme was daar 'n aanname dat sekere gemeenskaplike instellings verwerp moet word indien die monnik volmaaktheid wil bereik. In van die vroegste tradisies is die huwelik (en ook seksuele omgang) een so 'n instelling wat ten volle onversoenbaar was met die kloosterlewe (kyk Vööbus 1958:69–108; Brock 1973:1–19). Slawerny het, verbasend genoeg, 'n baie meer onduidelike posisie gehad in die kloosterlike verbeelding van die vroeë Christene. Ons vind in die antieke Siries-Christelike bronne geen uitdruklike uitspraak wat slawerny afkeur nie.

Een van die mees invloedryke geskrifte wat antieke Siries-Christelike asketiese denke gevorm het, is die apokriewe *Handelinge van Tomas (HT)* (kyk Klijn 2003). In die *HT* word die hoofkarakter, die dissipel Judas Tomas, deur sy eienaar, Christus, as 'n slaaf verkoop aan 'n Indiese handelaar, Abban (*HT* 1–2; Klijn 2003:17–21). Tomas word op dié wyse verkoop omdat hy geweier het om op 'n sendingreis na Indië te gaan waartoe Christus hom opdrag gegee het. Deur hom as 'n slaaf te verkoop, dwing Christus vir Tomas om na Indië te gaan. Tomas word eers beskryf as 'n slaaf van Christus, en word dan onmiddellik 'n werklike slaaf (terwyl hy steeds 'n slaaf van Christus bly; dit is bykans onmoontlik om die grense tussen werklike slawerny en geestelike of metaforiese slawerny in die *HT* te onderskei) (Glancy 2012:3–21). Tomas se status as 'n slaaf word nie een maal as 'n struikelblok vir sy asketiese roeping gemeld nie. Intendeel, deur werklik as slaaf verkoop te word keer Tomas terug na die guns van sy Heer, Christus. Die *HT* is bekend vir sy uitsprake oor die gevare van die huwelik en veral seksuele omgang (Klijn 2003:10–1). Maar die *HT* verwag nie van askete om al hul eiendom te verkoop of hul slawe vry te laat nie (Rhee 2009:111–8).

Sommige monnike sou wel ontslae geraak het van al hul slawe (Ramelli 2016:212–31), saam met hul eiendom en geld. Slawerny kan gesien word as 'n wêreldse instelling wat die aandag van die kloosterlewe afgetrek het – dit was deel van die tydmors van huishoudelike bestuur (*rabat baytāyūtā*; of *oikonomia* in Grieks). En in die *Comm.b.orient.* vind ons tog monnike

wat slawerny gesien het as 'n struikelblok vir die asketiese lewe. Harfat se groot aantal slawe pla sy gewete, en Theodorus die *castrensis* het wel al sy slawe vrygelaat en, soos die algemene gebruik was (Rotman 2009:120–30), finansiële ondersteuning en geskenke aan hulle gegee. In die geval van Theodorus is ons nie seker of hy sy slawe vrylaat uit beginsel of uit irritasie nie, aangesien sy slawe “begin kla en fout gevind het met hom” weens die feit dat hy al sy geld en besittings aan die armes gegee het (*Comm.b.orient.* 57; Brooks 1926:202–4). Hierdie slawe was waarskynlik oor hul eie welstand en versorging bekommerd. As Theodorus nie meer geld het nie, kan hy immers nie vir sy slawe sorg nie.

In Johannes se verhaal oor twee Antiogeense monnike sê hulle 'n man, Procopius, aan om al sy slawe vry te laat en aan hulle finansiële ondersteuning te gee. Procopius laat sy slawe vry, maar dan gee hy ook al sy geld en besittings weg, en verbreek sy verlowing. Die verwerping van slawerny in hierdie verhaal gaan gepaard met die afsweer van alle besittings, erfposies en die huwelik. In 'n vorige studie is aangetoon dat die meeste mense waarskynlik die meerderheid van hul slawe vrygelaat het voor hulle by die kloosterlewe aangesluit het, maar wel 'n klein getal slawe aangehou het om geringe dienstake te verrig, soos kook, skoonmaak en rioolverwydering (De Wet 2015:105–13; 2017a:58–80).

Baie vroeë Christene sou dit as onredelik en onrealisties, en selfs as kettery, beskou het as iemand hulle sou dwing om al hul slawe vry te laat. So ook is mense nie gedwing om van die huwelik of seksuele gemeenskap af te sien nie. Die universele afsweer van slawerny en die huwelik was juis kenmerkend van 'n Christelike groep wat hulleself die Eustatiane genoem het. Gedurende die 4de-eeuse Sinode van Gangra is hierdie groep as ketters veroordeel, juis op grond van die feit dat hulle hul volgelinge gedwing het om hul slawe vry te laat en mense verbied het om te trou of om vleis te eet en wyn te drink (Percival 1900).

Johannes is beïndruk wanneer monnike al hul besittings weggee en hul slawe vrylaat, maar dit is nie vir hom die ideaal nie. In die *Comm.b.orient.* is die kloosters en kloosterlike huishoudings (of kloosterhuise) die punt waar liefdadigheid en die gemeenskap in krisistyd by mekaar uitkom. Vir Johannes is dit dus beter vir 'n monnik of non om sy of haar eiendom, insluitend slawe, tot die versorging en opbouing van die gemeenskap aan te wend – asketisme is baie prakties (en huishoudelik) van aard vir Johannes van Efese. As ons byvoorbeeld weer kyk na die storie van Stefanus, dan lees ons dat sy huis “'n huis van rus vir vreemdelinge” geword het (*Comm.b.orient.* 13; Brooks 1923:212). In die lewe van die monnik Tribunus sien ons iets soortgelyks. Tribunus was 'n lekemonnik wat naby Amida gewoon het, wat ook uit 'n ryk familie met baie slawe en diensknegte gekom het. Hy het die huwelik en rykdom prysgegee en het op sy oudag, vertel Johannes ons, soos volg in 'n klooster gewoon (*Comm.b.orient.* 44; Brooks 1924:665):

En so was Tribunus standvastig in die lewenswyse van afsondering en die uitvoering van geregtigheid. En alhoewel hy oud was, het hy steeds gehoop om die monniksgewaad te verkry, terwyl hy die meeste van sy dae in ons klooster en in die klooster van die heilige Z'ura deurgebring het. Hier het hy handwerk en 'n bietjie skryfwerk vir sy behoeftes verrig. Hy het verder ook patryshokke vervaardig en dié verkoop. So het hy saam met sy twee slawe, wat hom plegtig gedien het, geleef.

Hier vind ons dus vir Tribunus, 'n lekemonnik wat tog baie respek verwerf het, wat in 'n klooster woon, maar binne die klooster steeds twee slawe in sy diens het. Op hierdie wyse is Tribunus nie 'n las op die klooster of samelewing nie. Daar was geen teenstrydigheid daarin

geleë om tegelykertyd 'n monnik en 'n slawe-eienaar te wees nie. Slawe was eerder veronderstel om monnike en kloostergemeenskappe te help in hul opdrag om hulp aan die gemeenskap te verleen.

5. Slawe wat die kloosterlike lewenswyse volg

In *Comm.b.orient.* vind ons ook baie gevalle van slawe wat self die kloosterlike lewenswyse volg, terwyl hulle in diens van hul monnik-eienaars staan, sonder dat dit hul sosiale status beïnvloed. Dus kon monnike slawe besit het, maar slawe kon self ook as monnike geleef het (net soos Judas Tomas in die *HT* sowel 'n slaaf as 'n askeet was), indien die eienaar toestemming daarvoor gegee het. Kloosterhuise het slawe gehad wat net so ingewy was in die kloosterlike lewe as vrygebore monnike – 'n verskynsel wat Johannes bewonder. Volgens *Comm.b.orient.* 21 (Brooks 1923:290) het Tomas die Armeniër 'n klooster vir die gebruik van sy "vrou en sy kinders, en sy slawe en baie vrygebore mense wat verbonde was aan hom" op sy grond laat bou. Tomas die Armeniër se klooster was oop vir vrygeborenes en slawe, maar dit lyk nie asof deelname aan die kloosterlewe hierdie verskille in sosiale status tot niet gemaak het nie. Huishoudelike slawerny staan hier eerder in diens van die kloosterlewe.

Ons sien 'n soortgelyke reëling in die verhaal van Elia en Theodorus en hul twee susters, wat in Kappadosië gewoon het. Hierdie broers was welvarende handelaars, en vanuit hul sukses in die handel het hulle hul huis in 'n sorgsentrum verander: "[D]aar was 'n skare mense in daardie huis, insluitend slawe en huurarbeiders en slavinne, en reisigers ook en vreemdelinge wat almal tot die eer van God bymekaargekom het, en ook jong meisies, en ou vrouens, en blindes en kreupeles," vertel Johannes, "in so 'n mate dat hulle die handelinge van die kloosterlewe in elke vertrek van die huis beoefen het" (*Comm.b.orient.* 21; Brooks 1924:581). Verder sê Johannes dat "die huurarbeiders en slawe en slavinne hul tyd in toewyding en lofprijsing en danksegging tot God deurgebring het, terwyl hulle deurentyd gevas en gebed het" (*Comm.b.orient.* 21; Brooks 1924:583). In die storie van die lewens van Petrus en Fotius lees ons: "Petrus het 'n broer en 'n suster gehad wat albei die lekegewaad gedra het, aangesien hulle ook 'n besondere lewe van toewyding gevolg het, dermate dat hulle en hul slawe die psalms geleer het, en gebedstye onderhou het, en ook dienslewering net soos in 'n klooster van afgesonderdes" (*Comm.b.orient.* 56; Brooks 1926:198).

As ons vir 'n oomblik kan terugkeer na die kwessie van terminologie, sien ons dat Johannes moeite doen om te noem dat sowel manlike slawe as slavinne die kloosterlewe volg. Soos baie ander kon Johannes bloot net alle slawe onder die versamelwoord ^c*abdē* gegroepeer het. Waarom tref hy dan doelbewus 'n onderskeid ten opsigte van die geslag van die slawe? Hy wil waarskynlik hiermee beklemtoon dat geslag geen struikelblok in die navolging van die kloosterlewe hoef te wees nie. Sowel vroulike as manlike slawe was daartoe in staat om asketisme te bedryf. Hierdie siening stem ook ooreen met Johannes se beskouings oor vroue in die algemeen (Harvey 1990:103–10).

6. Gevolgtrekking

Soos in die meeste van die vroeg-Christelike literatuur is daar ook in die *Comm.b.orient.* ongelukkig geen oproep tot die afskaffing van slawerny nie. Slawe funksioneer nie soseer as mense uit eie reg nie, maar as naamlose tekens van die rykdom en luukse lewe van die elite. Monnike kon hul eie slawe aanhou, selfs binne 'n klooster.

Al waar persone in slawerny wel sin en betekenis kry, is wanneer hulle self die kloosterlewe begin lei. Johannes is lief daarvoor om na die kloosterlike lewenswyse te verwys as 'n las (*yūqrā*) of 'n juk (*nīrā*) – dit is natuurlik gegrond op Jesus se woorde in Matteus 11:30: “Want my juk is sag en my las is lig” (Nuwe Afrikaanse Vertaling). Dus vind ons in *Comm.b.orient.* 9 (Brooks 1923:135) die gedagte van die “juk van die kloosterlewe” (*nīrā d'dayrāyutā*). Wat hiermee bedoel word, is dat die “slawerny” of diens aan God voorrang bo menslike slawerny geniet. Johannes praat graag van die monnik as die “slaaf van Christus” (*ʿabdā daMšīḥā*) of die “slaaf van God” (*ʿabdā d'Allāhā*); hy gebruik selfs die uitdrukking “slavin van Christus” (*amtāh daMšīḥā*).

Slawe en slavinne kon aan alle asketiese praktyke deelneem, insluitend o.a. nagwake, vas, armesorg, gebed en lofprysing. Die kloosterlewe word nie van die wêreld afgesonder nie, en as gevolg van die praktiese en huishoudelike aard van Johannes se asketisme pas slawerny heel maklik en natuurlik by hierdie kloostergemeenskappe in. Dit lyk asof Johannes onbesorgd is oor die sosiale status van mense – hy is meer bekommerd oor hul geestelike toestand, en in die *Comm.b.orient.* verdien die armes en verdruktes meer sorg en simpatie as die slawe. Ongelukkig is slawerny nie deel van die sosiale krisis waarop Johannes reageer nie. Om die kloosterlewe te volg, het nie noodwendig beteken dat 'n slaaf wettig vry verklaar moet word nie.

Party skrywers het slawerny selfs as 'n daad van liefdadigheid gesien. Johannes Chrysostomus byvoorbeeld praat van slawerny as liefdadigheid (Grieks: *philanthrōpia*), en noem dat eienaars hul slawe eers 'n ambag moet leer voordat hulle hulle vrylaat (*Homilia in epistulam ad I Corinthios* 40.6; Field 1847:515; sien ook De Wet 2015:111–2). Dit stem ooreen met Johannes van Efese se beskrywings dat die monnike wat hul slawe vrygelaat het, dit gedoen het met finansiële ondersteuning vir die slawe. 'n Mens kan in hierdie opsig spekuleer dat Johannes van Efese geglo het dat deur slawe te hou en vir hulle te sorg, 'n mens nie die sosiale krisis vererger het nie. Dit is ook waarom vrylating gepaard moes gaan met finansiële ondersteuning.

Johannes het dus waarskynlik verkies dat Christene hul slawe en huurarbeiders in hul diens hou, en dat dié, saam met die vrouens en kinders, hulself aan die kloosterlewe moet toewy. Net soos die Christelike kloosterleer nie slawerny afgeskaf het nie, was die toestand van slaaf wees nie 'n struikelblok vir die kloosterlewe nie. Natuurlik is daar van eienaars verwag om hul slawe regverdig te behandel en nie teen hulle te sondig (byvoorbeeld deur hulle seksueel te misbruik) nie. Ten spyte van die feit dat Johannes duidelik onderskeid tref nie net tussen slawe en vrye huurarbeiders nie, maar ook tussen manlike en vroulike slawe, sê hy bykans niks uitdrukliks oor hoe Christene hul slawe of huurarbeiders moet behandel nie. Vir Johannes is slawerny nie 'n probleem nie, maar 'n instelling wat “verklooster” moet word en sodoende in diens staan van 'n samelewing wat in 'n krisis verkeer.

Bibliografie

Banaji, J. 2001. *Agrarian change in late antiquity: Gold, labour, and aristocratic dominance*. Oxford: Oxford University Press.

Beyer, K. 1986. *The Aramaic language: Its distribution and subdivisions*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Bowersock, G.W., P.R.L. Brown en O. Grabar (reds.). 2009. *Late antiquity: A guide to the postclassical world*. Cambridge, MA: Harvard University Press.

Brock, S.P. 1973. Early Syrian asceticism. *Numen*, 20(1):1–19.

Brooks, E.W. (red. en vert.). 1923. Lives of the eastern saints (*Commentarii de beatis orientalibus* I). *Patrologia Orientalis*, 17:i–306.

—. 1924. Lives of the eastern saints (*Commentarii de beatis orientalibus* II). *Patrologia Orientalis*, 18:514–697.

—. 1926. Lives of the eastern saints (*Commentarii de beatis orientalibus* III). *Patrologia Orientalis*, 19:151–284.

Brown, P.R.L. 1971. The rise and function of the holy man in late antiquity. *Journal of Roman Studies*, 61:80–101.

Choksy, J.K. 1999. Sassanians. In Bowersock, Brown en Grabar (reds.) 2009.

Colditz, I. 2000. *Zur Sozialterminologie der iranischen Manichäer: Eine semantische analyse im Vergleich zu den nichtmanichäischen iranischen Quellen*. Wiesbaden: Harrassowitz.

Costa, E.A. 1972. The *castrens* sacri palatii. *Byzantion*, 42:358–87.

Crone, P. 1980. *Slaves on horses: The evolution of the Islamic polity*. Cambridge: Cambridge University Press.

De Wet, C.L. 2015. *Preaching bondage: John Chrysostom and the discourse of slavery in early Christianity*. Oakland: University of California Press.

—. 2017a. Revisiting the *subintroductae*: Slavery, asceticism, and "syneisaktism" in the exegesis of John Chrysostom. *Biblical Interpretation*, 25:58–80.

—. *The unbound God: Slavery and the formation of early Christian thought*. Londen: Routledge.

Dumortier, J. (red.). 1955. *Saint Jean Chrysostome: Les cohabitations suspectes; Comment observer la virginité*. Parys: Les Belles Lettres.

Dunn, G.D., D. Luckensmeyer en L. Cross (reds.). 2009. *Poverty and riches: Prayer and spirituality in the early church*. Strathfield: St. Paul's.

D'yakonov, A.P. 1908. *Ioann Efesskiy i ego cerkovno-istori-českie trudi*. Sint Petersburg: s.n.

- Field, F. (red.). 1847. *Ioannis Chrysostomi interpretatio omnium epistularum Paulinarum*. Volume 2. Oxford: J.H. Parker.
- Fowden, E.K. 2016. Rural converters among the Arabs. In Papaconstantinou, McLynn en Schwartz (reds.) 2016.
- French, T.E. 2016. Many truths, one story: John of Ephesus's *Lives of the eastern saints*. In Monge, Chirico en Smith (reds.) 2016.
- Glancy, J.A. 2012. Slavery in *Acts of Thomas*. *Journal of Early Christian History*, 2(2):3–21.
- Gordon, M. 1987. *L'Esclavage dans le monde arabe: VIIe–XXe siècle*. Parys: Tallandier.
- Grypeou, E. en H. Spurling. 2013. *The Book of Genesis in late antiquity: Encounters between Jewish and Christian exegesis*. Leiden: Brill.
- Harper, K. 2011. *Slavery in the late Roman world, AD 275–425*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Harvey, S. Ashbrook. 1990. *Asceticism and society in crisis: John of Ephesus and the Lives of the eastern saints*. Berkeley: University of California Press.
- Holman, S.R. 2001. *The hungry are dying: Beggars and bishops in Roman Cappadocia*. Oxford: Oxford University Press.
- Hopkins, K. 1981. *Conquerors and slaves*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Klijn, A.F.J. 2003. *The Acts of Thomas: Introduction, text, and commentary*. Leiden: Brill.
- Lenski, N. 2011. Captivity and slavery among the Saracens in late antiquity. *Antiquité Tardive*, 19:237–66.
- Migne, J.-P. (red.). 1862. *Patrologiae cursus completus: Series graeca*. Volume 57. Parys: J.-P. Migne.
- Millar, F. 2013. The evolution of the Syrian Orthodox Church in the pre-Islamic period: From Greek to Syriac? *Journal of Early Christian Studies*, 21(1):43–92.
- Monge, R.G., K.P.C.S. Chirico en R.J. Smith (reds.). 2016. *Hagiography and religious truth: Case studies in the Abrahamic and Dharmic traditions*. Londen: Bloomsbury.
- Papaconstantinou, A., N. McLynn en D.L. Schwartz (reds.). 2016. *Conversion in late antiquity: Christianity, Islam, and beyond: Papers from the Andrew W. Mellon Foundation Sawyer Seminar, University of Oxford, 2009–2010*. Londen: Routledge.
- Payne, R.E. 2015. *A state of mixture: Christians, Zoroastrians, and Iranian political culture in late antiquity*. Oakland: University of California Press.
- Percival, H.R. (red.). 1900. Synodical Letter of the Synod of Gangra. *Nicene and Post-Nicene Fathers Series 2*. Buffalo, NY: Christian Literature Publishing Co.

Ramelli, I.L.E. 2016. *Social justice and the legitimacy of slavery: The role of philosophical asceticism from ancient Judaism to late antiquity*. Oxford: Oxford University Press.

Rhee, H. 2009. Wealth and poverty in *Acts of Thomas*. In Dunn, Luckensmeyer en Cross (reds.) 2009.

Rodrigues, A.C. 2017. Die rol van voedsel en eetgewoontes in die asketiese spiritualiteit van Basilius van Sesarea, Evagrius van Pontus en Johannes Chrysostomus. *LitNet Akademies* (Godsdienwetenskappe), 14(1). <http://www.litnet.co.za/die-rol-van-voedsel-en-eetgewoontes-die-asketiese-spiritualiteit-van-basilius-van-sesarea-evagrius-van-pontus-en-johannes-chrysostomus> (1 Februarie 2017 geraadpleeg).

Rotman, Y. 2009. *Byzantine slavery and the Mediterranean world*. Cambridge, MA: Harvard University Press.

Tougher, S. 2009. *The eunuch in Byzantine history and society*. Londen: Routledge.

Van Ginkel, J.J. 1995. John of Ephesus: A monophysite historian in sixth-century Byzantium. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Universiteit van Groningen.

Vööbus, A. 1958. *History of asceticism in the Syrian Orient, volume 1: The origin of asceticism; early monasticism in Persia*. Louvain: Secrétariat du CorpusSCO.

Eindnotas

¹ In verwysings na antieke bronne noem ek eers die plek in die antieke bron waar die verwysing voorkom (hier byvoorbeeld *Comm.b.orient.* 1), gevolg deur die verwysing na die moderne kritiese weergawe van die teks (dus Brooks 1923:62–4). Alle vertalings van antieke tekste is my eie.

² 'n Pilaarheilige (Engels: *stylite*) was 'n monnik wat die grootste deel van sy lewe alleen op 'n hoë pilaar in 'n afgeleë plek deurgebring het. Pilaarheiliges was volop in die laat-antieke wêreld, en het dikwels as bemiddelaars en raadgevers vir die bevolking opgetree (Brown 1971:80–101).

³ Vir biografiese studies oor Johannes van Efese, sien D'yakonov (1908); Brooks (1923:iii–xv); Harvey (1990); Van Ginkel (1995).

⁴ Vir 'n deeglike bespreking van hierdie terminologiese probleme, sien Millar (2013:51–8). Vir die doel van hierdie artikel, wat nie soseer fokus op Christologiese kwessies nie, sal die term *miafisiet/miafisities* gebruik word.

⁵ Hagiografie is nie noodwendig geskiedkundig van aard nie, maar het ander teologiese, sosiale, en ook politiese doelwitte in die oog.

⁶ Anzetenä is 'n streek ongeveer 100 km noordwes van Amida.

Voortdurende onbekendheid en vreemdheid.¹ Die implikasies van Michael Welker se teologie van die Gees vir 'n teologiese hermeneutiek vir vreemdelinge

Henco van der Westhuizen

Henco van der Westhuizen, Teologiese Fakulteit, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Die artikel fokus op die bydrae wat Michael Welker, die Duitse sistematiese teoloog, se teologie van die Gees tot 'n meer gedifferensieerde en gevarieerde teologiese hermeneutiek vir vreemdelinge kan lewer, veral in kontekste waarin samelewings met *voortdurende onbekendheid en vreemdheid* gekonfronteer word.

In die eerste gedeelte word verskeie diskoerse oor die saamleef met vreemdelinge ontleed aan die hand van die tipologie van Dirk J. Smit, die Suid-Afrikaanse publieke en sistematiese teoloog, wat hy gebaseer het op 'n oorsig van eietydse literatuur. Verskillende maniere, uitdagings en moontlikhede vir 'n saamleef met ander, spesifiek met *vreemdelinge*, word ondersoek.

In die tweede deel word aan die hand van Michael Welker ondersoek hoe 'n teologie van die Gees hierdie diskoerse opneem en uitbou. Sy Bybelse teologie differensieer en herdefinieer vier teologiese temas oor die Gees wat tot 'n meer genuanseerde teologiese hermeneutiek vir vreemdelinge bydra. Die fokus is op vier komplekse temas: die Gees wat uitgestort is; die Gees en die Bybelse wette; die Gees, die skepping en nuwe skepping; en die Gees en die komende ryk.

In die derde deel word die implikasies van Welker se teologie van die Gees vir 'n teologiese hermeneutiek vir vreemdelinge verder ontwikkel.

Ten slotte word gevra waarom Suid-Afrikaners, te midde van die bydrae van 'n teologie van die Gees tot 'n teologiese hermeneutiek vir vreemdelinge, steeds verdeel is en vreemdelinge vir mekaar is.

Trefwoorde: Dirk J. Smit; Heilige Gees; Michael Welker; vreemdelinge

Abstract

“Enduring foreignness and unfamiliarity.” The implications of Michael Welker’s theology of the Spirit for a theological hermeneutic for strangers

For a long time the separation of South Africans from one another in every conceivable way brought about serious, disconcerting challenges. Due to numerous divisive measures over many years, people became alienated, estranged from one another, in a variety of ways. For many reasons South Africans are *strangers* to one another. This essay argues that a biblical and public theology of the Spirit can contribute towards a more differentiated and diversified theological hermeneutics of strangers and can benefit societies that face enduring foreignness and unfamiliarity.

In the first part of the article various discourses about living with strangers are highlighted. The South African public and systematic theologian Dirk J. Smit researched the many, complex challenges emanating from the situation as described above. A thread throughout his research is his quest for a grammar and a frame of reference to address these challenges and to enrich or refine discussions about living together in contemporary societies. He investigated how to refigure discourses about living with strangers and how available discourses help to reflect on others, outsiders, those who are different. He designed a typology based on a survey of various discourses about living with others in contemporary literature that describe ways, challenges and possibilities of living particularly with *strangers*. These include the following: the recognition of kin, risking hospitality, reckoning on reciprocity, relying on tolerance, respecting human dignity, rejoicing in difference, restoring justice, resisting the enemy, regarding evil, remembering victims, realising one’s own strangeness, and redeeming kenosis.

The second part of this essay further differentiates and moves beyond several of these discourses. It investigates how a theology of the Spirit surpasses these discourses about strangers, referring particularly to the work of Michael Welker, the German systematic theologian who has researched these themes in depth. In his biblical theology he develops, differentiates and redefines at least four theological themes about the Spirit that contribute to a theological hermeneutic for strangers. They are the Spirit that has been poured out; the Spirit and biblical law; the Spirit, creation and new creation; and the Spirit and the coming reign.

In the light of a differentiated redefinition of these four theological themes related to the Spirit, a third section highlights the contribution of a theology of the Spirit to a more differentiated hermeneutic for strangers.

In conclusion it is asked why South Africans are strangers to one another if a theology of the Spirit contributes to a more differentiated theological hermeneutic for strangers.

A theology of the Spirit that takes the pouring out of the Spirit seriously, underscores the importance of the discourse that rejoices in difference. In an important section in his work with the title *God the Spirit*, Welker analyses pluralism and individualism. He (1994a:21-27) argues that the Spirit is being revealed in invigorating, pluralistic structures. This is not a disintegrative pluralism, but a pluralism that constitutes enriching, invigorating fields of power (*Kraftfelder*). It is also not about abstract, uniform individualism that reduces

everything to unrealistic equality or to “the ego” or “the subject” (Welker 1994a:21). Instead, the individualism of the Spirit “is marked by diverse concreteness and by concrete diversity, without crumbling into the indeterminate plurality of ‘pure’ individuality. *No one is totally the same as others, and no one is unique in every respect*” (Welker 1994a:22, my italics). The Spirit of God, in this manner, gives rise to multiple fields of power that are *sensitive to differences*.

A theology of the Spirit further differentiates and develops discourses that are concerned with a respect for dignity that guarantees respect for and protects the integrity of everyone, including strangers (Smit 2016:21). According to Welker, powerful and invigorating forms of pluralism are to be distinguished from disintegrative and debilitating forms, just like forms of individualism that enrich community are to be distinguished from forms that destroy it. The unity at issue here “permits many hierarchical structures to exist side by side and to alternate with each other” (Welker 1994a:23). Unity and equality are interrelated “with poly-individual diversity and abundance” (Welker 1994a:23). Plurality, therefore, does not simply mean “the infinite diversity of individuals in their respective uniqueness” (Welker 1994a:23).

A theology of the Spirit might in this manner contribute meaningfully to discourses concerned with the resistance of the enemy. The Spirit works union, unanimity and unity among people. The “unity of the Spirit” not only tolerates differences and differentiation, but also maintains and even cultivates differences that do not contradict the intentions of biblical law (Welker 1994a:22). For Welker, the Spirit is effective in such a way that a differentiated, diversified community is not only sensitive to differences, but consistently reduces differences that contradict the biblical laws of justice and mercy and in this way causes alienation (Welker 1994a:23). Enacting these biblical laws that should, according to him, contribute toward a security of expectations, can protect strangers against the so-called enemy, i.e. potential or real enemies who work against justice. Such a theology can also protect the enemy, when resistance turns to revenge, vengeance, retribution. In terms of the discourse regarding evil, such a theology might thus be able to work against the demonisation of the other and of strangers, the ones often regarded as evil.

A theology of the Spirit that differentiates the connection between the Spirit and biblical law furthermore takes up discourses concerned with the restoring of justice. The fact that Welker repeatedly emphasises that the elements of the law are to be expected with a degree of certainty, contributes to discourses reckoning on reciprocity. A Spirit-theology exceeds such discourses due to the fact that indirect reciprocity takes place almost unconsciously. It argues that reciprocity is so deeply interwoven with the fabric of contemporary life that people do not see their relationship with strangers in terms of an ethical or moral task or activity. “They do not feel challenged by the presence of any strangers, they do not consciously regard their participation as the result of ethical or moral considerations and decisions on their part” (Smit 2016:17). Smit argues that whenever these considerations and decisions no longer take place consciously, but must be decided or at least carry away people’s approval, “they often restrict their reciprocity and exclude others and strangers” (Smit 2016:17). In this sense a theology of the Spirit also extends beyond a mere reckoning on reciprocity. A theology of the Spirit precisely promotes a conscious, calculated decision to actively reduce differences that contradicts biblical laws. It works towards what Welker labels a withdrawal of the self precisely *for* the other, i.e. the stranger.

In addition, a theology of the Spirit further differentiates and develops discourses that remember victims. Welker's developed understanding of the relation between the Spirit and the law, that are to be expected also by others, by strangers, allows for remembering – not only in the future, but also in the past – those who have been alienated.

Welker develops his critique of natural law in his work on the creating and recreating work of the Spirit. For him natural law, in the words of Whitehead, has to ignore the fact that life lives at the expense of other life. A theology that further develops the creating and recreating work of the Spirit thus exceeds and surpasses discourses that are concerned merely with the recognition of kin. In those discourses, focused *inter alia* on living together with those who in some or other way are included "naturally", others are often excluded, regarded as not belonging, as no kin, as outsiders, strangers, perhaps even as threats and enemies (Smit 2016:15).

A theology of the Spirit also contributes toward discourses through its call for risking hospitality. Different spheres of life are to be integrated and brought into life-furthering relationships. It moves beyond hospitality discourses merely, or even primarily, applicable on a personal level, i.e. direct and immediate relationships of individuals with others (Smit 2016:17).

In addition, a theology of the Spirit reveals the shortcomings of discourses relying merely on tolerance. A theology of the Spirit, taking the creating and recreating work of the Spirit seriously, rather underlines the fact that "the reality is much more complicated and contested and that the real problems facing ethical projects are much more difficult and demanding" (Smit 2016:18).

A theology of the Spirit reflecting an ethos of free, creative self-withdrawal enriches discourses with the motif of redeeming kenosis. In addition, such a theology, focused not only on free, creative self-withdrawal on behalf of others, but also on self-withdrawal for our sake, on our behalf, further differentiates an attentiveness to the numerous discourses concerned with a realisation of our own strangeness.

Keywords: Dirk J. Smit; Holy Spirit; Michael Welker; strangers

1. Inleiding

Een van die mees uitdagende faktore in die huidige tydsgewrig is dat Suid-Afrikaners op feitlik elke denkbare manier verdeeld is. Vele verdelende meganismes het mense oor baie jare heen toenemend van mekaar vervreem en uitmekaar gedryf.² Suid-Afrikaners het, om baie redes, vreemdelinge vir mekaar geword. In hierdie artikel word geargumenteer dat samelewings wat gekenmerk word deur voortdurende onbekendheid en vreemdheid tussen mense kan baat by Michael Welker se teologie van die Gees en 'n meer gedifferensieerde teologiese hermeneutiek vir vreemdelinge wat daarmee saamhang.

In die eerste gedeelte van die artikel word verskeie diskoerse oor saamleef met vreemdelinge ontleed na aanleiding van waardevolle insigte van Dirk J. Smit, 'n Suid-Afrikaanse publieke en sistematiese teoloog, wat hy ontwikkel het in 'n tipologie wat gebaseer is op eietydse

literatuur. Op hierdie manier word verskillende wyses, uitdagings en moontlikhede oor die saamleef van vreemdelinge beskryf.

In die tweede deel word ondersoek hoe 'n teologie van die Gees hierdie diskoerse oorneem aan die hand van insigte van Michael Welker, 'n Duitse sistematiese teoloog. In sy Bybelse teologie differensieer en herdefinieer hy minstens vier teologiese temas oor die Gees wat tot 'n teologiese hermeneutiek vir vreemdelinge bydra. Die vier komplekse temas is die Gees wat uitgestort is; die Gees en Bybelse wette; die Gees, die skepping en nuwe skepping; en die Gees en die komende ryk. Hierdie vier temas word vervolgens in meer diepte ontleed.

Ten slotte word die implikasies van Welker se teologie van die Gees vir 'n teologiese hermeneutiek vir vreemdelinge verder ontwikkel.

2. 'n Hermeneutiek vir vreemdelinge?

Smit is deur die jare spesifiek gemoeid met die vele komplekse uitdagings wat uit bogenoemde Suid-Afrikaanse situasie spruit (2007a:11 e.v., 2007b:27 e.v., 2007g:257 e.v., 2007h:275 e.v.). Suid-Afrikaners, sê hy, is in so 'n mate van mekaar vervreem dat hulle in verskillende wêreldes leef (2007c:41 e.v., 2007d:57 e.v.). Volgens hom gaan die geskilpunt in Suid-Afrika steeds oor hoe om sáám te lééf in 'n verdeelde samelewing (Smit 2007e:101 e.v., 2015:1 e.v.): hy merk op hoe apartheid vervreemding, wantroue en bitterheid gegenereer het, en ook uitsluiting, marginalisasie, onderdrukking en ongeregtigheid. Mense is doelbewus en kragdadig van mekaar vervreem na eeue van kolonisasie, ongelykheid, kulturele verskille en konflik in die kerk en die samelewing (Smit 2016:1).

Vervreemding is egter nie net 'n Suid-Afrikaanse tendens nie. Ons leef in 'n wêreld van veranderlikheid, van uitgewekenes en vlugteling, asielsoekers, toeriste en besoekers, randfigure en nuwe aankomelinge, vreemdelinge en migrante, immigrante en vervreemdes – om saam te vat: 'n veranderende wêreld van toenemende vreemdheid en vreemdelinge, oral, wat vloeibaarheid, meer komplekse en inderdaad aanpasbare en veranderde maniere van lewe met ander en vreemdelinge verg (Smit 2016:10).

Iets wat soos 'n fyn draad deur Smit se werk loop (Ackermann 2011, Huber 2011), is sy soeke na 'n grammatika (Smit 2007f:229 e.v., 2008g:387 e.v.); 'n verwysingsraamwerk vir gesprek (Smit 2008c:307 e.v., 2008d:319 e.v.); 'n taal of die konstruering van diskoerse en kodes (Smit 2008a:35 e.v., 2008b:69 e.v.) vir saamleef in die breë om hierdie uitdagings genoegsaam te verreken (Smit 2008e:333 e.v., 2008f:349 e.v.). Hy vra, vanuit die mees diverse oogpunte, deurlopend die vraag hoe 'n hermeneutiek vir vreemdelinge gesprek kan verfyn en saamleef kan verryk (De Villiers en Smit 2008a:231 e.v.; 2008b:245 e.v.).

In 'n onlangse opstel (geskryf vir die *Festschrift* van Wentzel van Huyssteen) oor die konstruering van diskoerse ten einde saam te kan leef met vreemdelinge, vra hy onder andere hoe beskikbare diskoerse 'n mens help om oor buitelanders, oor hulle wat anders en vreemdelinge is, te praat (Smit 2016). Deur middel van 'n tipologie gebaseer op eietydse literatuur wys Smit op verskeie uiteenlopende diskoerse oor, uitdagings van en moontlikhede vir saamleef met vreemdelinge.

Hy noem die eerste diskoers “recognizing kin” (die herkenning van verwantskap; Smit 2016:15) waardeur mense leer om in verhouding met ander te leef, hetsy in familieverwantskappe of in ander direkte verbintenisse binne families en groepe. Hierdie diskoers fokus op die herkenning van familie. Dit behels om hulle én ander as familie te herken hoewel hulle nie noodwendig familie is nie, maar wel in sulke familieverhoudinge deel.

Die tweede diskoers is “risking hospitality” (gasvryheid waag; Smit 2016:16). Die gasvryheid-diskoers impliseer dat mens ook met ánder kan saamleef, juis ook met dié wat dalk nie herken word nie. Ten spyte van mense se verskille, ándersheid en vreemdheid word almal as mense beskou. Dit is moontlik om sáám te leef omdat mense basies dieselfde en gelyksoortig is en dieselfde behoeftes deel. Hierdie diskoers maak dit vir Smit in meer as een opsig die moeite werd om gasvry te wees, om die risiko te neem en gasvryheid te waag (Smit 2016:16).

“Reckoning with reciprocity” (rekening hou met wedersydsheid en wederkerigheid; Smit 2016:17) is die derde diskoers. Saamleef is totaal afhanklik van wat Smit “indirekte wisselwerking of wedersydsheid” noem. Mense is gewillig om ander te ondersteun, selfs om opofferinge vir ander te maak, in die verwagting dat daardie gewilligheid wederkerig en wedersyds sal wees. Hoewel ander nie die oorspronklike ontvangers van mens se ondersteuning en opoffering was nie, word van hulle ’n teenprestasie verwag. Hierdie gewilligheid is verborge. Dit impliseer daarom indirekte maniere van saamleef met ander, om met ander te deel, hulle te ondersteun, te help en om dan weer staat te kan maak op ander, om uit hulle voordeel te trek en deur hulle ondersteun te word (Smit 2016:17). Vanselfsprekend is hierdie leefwyse vandag ’n belangrike manier van saamleef met vreemdelinge.

Die vierde diskoers is “relying on tolerance” (steun op verdraagsaamheid; Smit 2016:18). Die diskoers van verdraagsaamheid lei tot ’n bewuswording en besef van vreemdelinge se teenwoordigheid (Smit 2016:18). Volgens hom is verdraagsaamheid afhanklik van hierdie besef. Dit veronderstel om die mees toepaslike reaksie daarop te wees. Ten spyte van die polemiese aard van die diskoers dink talle mense dat verdraagsaamheid die mees verantwoordelike manier is om met vreemdelinge saam te leef.

’n Verdere voorstel vir die lewe saam met vreemdelinge het te make met die betoning van respek. Volgens Smit is menswaardigheid die mees dominante diskoers oor respek. Die vyfde diskoers is daarom “respecting human dignity” (respek vir menswaardigheid; Smit 2016:19). Die beklemtoning van die mense se waardigheid dui daarop dat hierdie diskoerse inklusiwiteit nastreef (Smit 2013:285 e.v.). Die diskoers skep op hierdie manier dus verdere moontlikhede vir saamleef met vreemdelinge.

Die sesde diskoers heet “rejoicing in difference” (jou verheug in verskille; Smit 2016:21). Wat die lewe met vreemdelinge moontlik maak, is nie die eienskappe wat vreemdelinge met ander deel nie, maar juis wat hulle verskillend maak, wat hulle onderskei en wat hulle vréemdelinge maak (Smit 2016:21).³

Die sake wat mense van mekaar vervreem en verdeel, is nie noodwendig die gevolg van die andersheid en vreemdheid van die ander nie (Smit 2009a:87 e.v., 2009b:377 e.v.). Vervreemding is eerder die gevolg van verskillende vorme van ongelykheid (Smit 2007i:359

e.v.). Die sewende diskoers het met hierdie ongelykhede te doen. Die diskoers heet “restoration of justice” (herstel van geregtigheid; Smit 2016:22).

Die agtste diskoers word “resisting the enemy” (weerstand bied teen die vyand; Smit 2016:23) genoem. Hier word gevra na die perke van hierdie diskoerse: Wanneer word vreemdelinge potensiele of selfs werklike vyande? (Smit 2016:23).

Dit lei tot die “role of evil” (die rol van die bose), wat as die negende diskoers te doen het met die teenwoordigheid en rol van boosheid (Smit 2016:24). Hy verwys hier byvoorbeeld na die verhouding tussen dit wat as vreemd en as boos verstaan word, en die implikasies daarvan. Wanneer dít wat as boos verstaan word, direk met die vreemdeling verbind word, het dit dikwels vernietigende implikasies vir ’n hermeneutiek vir vreemdelinge.

“Remembering victims” (die onthou van slagoffers; Smit 2016:26) as die tiende diskoers herinner ons aan diegene wat nie in die huidige saamleef-diskoerse deel nie. Dit is die vreemdelinge van die hede en die toekoms, insluitende hulle wat in die verlede vervreem is. Hulle is die “uitgedefinieerdes” (Smit 2008h:277 e.v.). Smit noem hierdie slagoffers die “ultimate strangers” (die ultieme vreemdelinge). Vir hulle is dit onmoontlik om deel te word, ingesluit te word, tensy hulle onthou word (Smit 2016:26).

Die elfde diskoers heet “realizing our own strangeness” (besef van ons eie vreemdheid; Smit 2016:27). Dié diskoers verwys na die self as vreemdeling: dat mense vreemdelinge vir ander is, maar ook vreemdelinge vir hulleself.

Die finale diskoers is “redeeming kenosis” (kenosis [ontlediging] wat goed maak; Smit 2016:29). Die diskoers het te doen met ’n bereidwilligheid om opofferings te maak en met die prysgee van selfsugtige begeertes ter wille van ander, ook vreemdelinge (Smit 2009c:506 e.v., 2016:29).

3. God die Gees en ’n teologiese hermeneutiek vir vreemdelinge?

Die Duitse sistematiese teoloog Michael Welker, wat ook vertrou is met die situasie in en uitdagings van Suid-Afrika, het hom spesifiek op sommige van hierdie temas toegespits. Welker is, soos min ander Duitse sistematiese teoloë, ook uitgedaag deur vrae rondom die ander en vreemdelinge. Trouens, die eerste woorde van die titel van hierdie artikel, “voortdurende onbekendheid en vreemdheid”, is ’n direkte vertaling van die frase “bleibender Fremdheit und Unvertrautheit” uit sy werk *Gottes Geist (God the Spirit)*, wat funksioneer as basis vir die res van sy teologiese betoog (Van der Westhuizen 2015:711 e.v., 2016a:436 e.v.).⁴

In sy Bybelse⁵ teologie differensieer, ontwikkel en herdefinieer hy minstens vier teologiese temas oor die Gees wat ’n bydrae lewer tot ’n teologiese hermeneutiek vir vreemdelinge, wat vervolgens bespreek word.⁶

3.1 Die Gees wat uitgestort is

Die uitstorting van die Gees⁷ beteken vir Welker dat die Gees nie net deur individue of groepe werk nie, of net 'n invloed op hulle onmiddellike en verwyderde omgewings sal uitoefen nie. Die Gees gebruik ook ánder individue of groepe wat as't ware geplaas word in 'n kragveld, waaraan hulle deel het én waarvan hulle draers is, maar wat hulle nie op hulle eie kan dra nie (Welker 1994a:228).

Deur die uitstorting van die Gees word die verbrokkeling, verstrooiing en verwarring wat deur verskille veroorsaak word, uit die weg geruim. Die gevolg van die uitstorting is 'n gemeenskap waarin verskille nie verwyder of opsy gesit word nie, maar behoue bly (Welker 1994a:230).⁸ Die wonder van die uitstorting van die Gees lê nie in dit wat moeilik is om te verstaan, of selfs onverstaanbaar is, nie, maar in 'n totaal onverwagse en universele vermoë om te verstaan (Welker 1994a:231). Sonder om die veelvoud en kompleksiteit van hulle agtergronde prys te gee en sonder om hul eie vorme van verstaan opsy te skuif, ontstaan 'n byna ongelooflike gemeenskaplike ervaring en verstaan. Dit is vir hom juis hierdie verskil tussen die ervaring van plurale toeganklikheid tot mekaar en van voortdurende onbekendheid en vreemdheid enersyds, en die volkome gemeenskaplike vermoë om te verstaan andersyds, wat vir Welker die Gees se uitstorting so sinvol maak (Welker 1994a:233). Deur die uitstorting van die Gees kom elkeen tot die besef van sy/haar uniekheid te midde van poli-individualiteit en polikonkreetheid. Dit gebeur te midde van diversiteit wat, alhoewel vreemd met betrekking tot die individu, gemeensaamheid toelaat en moontlik maak.⁹

3.2 Die Gees en Bybelse wette

Dit is in en deur hierdie gedifferensieerde gemeenskap dat die uitgestorte Gees die universele vervulling van die intensies van die Bybelse wette bewerk. In *God the Spirit* skryf Welker dat sy oorspronklike oogmerk was om sy uitgebreide publikasies oor die belangrikste temas van die Christelike teologie met 'n monografie oor Bybelse wette te begin. Die inhoud en probleme, asook die wesenlike van hierdie navorsing het sy aandag egter gestuur in die rigting van 'n teologie van die Gees (Welker 1994:ix).¹⁰

In sy onlangse afskeidslesing, "Gottes Gerechtigkeit,"¹¹ dink Welker na oor sy teologiese loopbaan en vra na die bedoelinge van Bybelse wette wat vir hom deurgaans belangrik was. Die onvermoë om die verhouding tussen wet en Gees te verstaan was 'n struikelblok in die ontwikkeling van 'n realistiese teologie en het 'n verwronge begrip van die intrinsieke krag van die wet veroorsaak. Die Gees word juis duideliker gedefinieer deur die wet.

Die bedoeling van hierdie wet is die vestiging van geregtigheid, barmhartigheid en kennis van God.¹² Hierdie elemente van die wet kan met 'n mate van sekerheid daarin teruggevind word (Welker 1985:680 e.v.).¹³ Die wetlike kode van geregtigheid binne 'n samelewing van gelyke persone is gemoeid met die regulering van konflik en met herstel of gelykstelling (Welker 1993b:779 e.v.). Die kode van barmhartigheid wat naasbestaan en deelname van gelykes en ongelykes impliseer, soek voortdurend en opnuut na 'n geroetineerde beskerming van die gemarginaliseerdes en die bewaring van hul belange (Welker 1986b:39 e.v.).¹⁴ Die kultiese kode van die wet as kritiese bron en raamwerk van geregtigheid en barmhartigheid het te doen met die regulerende, publieke en relatief toeganklike verhouding met God. Die

Gees verbind hierdie aspekte van die wet (Welker 1989a:126 e.v.). Dit is presies in hierdie sterk onderlinge band met mekaar dat die Gees die wet universeel tot vervulling bring.

3.3 Die Gees, skepping en nuwe skepping

Die onderlinge verbintenis tussen die Gees wat die wet vervul en die skeppende en herskeppende Gees is van spesiale belang. Hy beskryf hierdie verhouding in *Creation and reality* (1999). Volgens hom is hierdie gedifferensieerde skeppingswerk van die Gees sigbaar slegs wanneer 'n mens besef dat die Gees nie op 'n abstrakte manier werk in dit wat bestaan nie. Die skepping is nie net 'n somtotaal van dit wat bestaan of op een of ander manier voortgebring is en daarom afhanklik is van 'n skepper nie. Dit is ook nie bloot die voortbring van dit wat reeds bestaan nie (Welker 2005a:48).

Die Bybelse tradisies beskryf eerder 'n proses waarby God nie net aktief skep nie, maar ook op gedifferensieerde wyses reageer op dit wat besig is om geskep te word (Welker 1991:208 e.v.). Hierdie tradisies onderstreep verder ook die belangrike deelname van dit wat geskep is in God se skeppingswerk. Dit verwys na die gedifferensieerde werk van dit wat voortgebring is, in dit wat nog in die skeppingsproses is. Die skeppingswerk van dit wat geskep is, bly vir hom egter dié van die geskapene.

In hierdie lig beskryf Welker die Bybelse idee van skepping as strukturerende en volgehoue werk waardeur verskillende, onderling verbonde geskapenes, deur die skeppingsproses en deelname daaraan, gelei word na interafhanklike verhoudinge tot mekaar (Welker 1995d:173 e.v.). Dit is slegs wanneer dit wat geskep is, verweef raak dat dit skepping word. Skeppingswerk kan in dié sin gekonsipieer word as verskillende skeppende sfere wat tot dieper wordende en lewensbevorderende verhoudinge van interafhanklikheid gebring word (Welker 1988b:119 e.v.).¹⁵ Welker erken hierdie skeppingswerk as die werking van die skeppende Gees (Welker 1999a:75).

Die skeppingswerk van die Gees staan dus nie verwyderd van die vlees nie. Deur die Gees word die vleeslike deel aan die lewensasem gegee. Die onttrekking van hierdie asem (die lewe-gewende Gees) van die vleeslike lei nie net tot 'n verlies aan lewe nie, maar ook tot 'n verlies aan dit wat gemeenskaplik is aan die lewende. Die skeppende Gees hou dus vleeslike lewe in verhouding tot mekaar deurdat hierdie lewe 'n deel kry aan die lewe-gewende Gees. Dit is ook waar van die vernuwing van die skepping deur die herskeppende Gees. Die vernuwing gaan gepaard met 'n vernuwing van *vleeslikheid*, dit wil sê van afhanklikheid en broosheid. Deur hierdie herskepping bring die Gees die dooie en sinlose vleeslike lewe tot interafhanklike, dieper wordende en lewensbevorderende vleeslike verhoudinge wat hulle natuurlike aard oorskry. Hierdie verhoudings gedy deur die werking van die Gees wat natuurlike én sosiale verhoudinge tot stand bring – verhoudinge wat wedersyds voordelig is tot die vernuwing van mekaar.

3.4 Die Gees en die komende ryk

Die ryk van die Gees is 'n ontluikende werklikheid as 'n werklikheid wat gekenmerk word deur wisselwerking tussen veelvuldige werklike gebeure. Hierdie gebeure lei deur fundamentele verandering as gevolg van wederkerigheid tot nuwe werklikhede. Die ryk as 'n gedifferensieerde werklikheid wat aan die kom is, is teenwoordig, immanent, en waarneembaar in soverre dit wisselwerking tussen werklike gebeure op 'n ontluikende wyse

verander. Die ryk is toekomstig in soverre dit nie opgelos word deur sulke veranderinge nie, maar voortgesit word deur mense te laat bydra tot hierdie werklikheid, ten spyte daarvan dat dit buite hul beheer bly (Welker 2012:230). Op hierdie manier oefen die ryk van die Gees, ten spyte van sy onopvallendheid, invloed uit.

Welker stem saam met Wolfgang Hüber dat beide die wet en die ryk van die Gees binne 'n etos van vrye selfbeperking funksioneer (Hüber 1990:223). Die ryk van die Gees kry vir hom egter verdere vorm in die radikaliserings van die bedoelings van die Bybelse wet, in die intensivering van hierdie etos van selfbeperking in wat hy noem 'n etos van vrye en skeppende selfterugname tot voordeel *van ander* (Welker 1992b:497 e.v.; 2002d:31 e.v.).¹⁶

Dit is veral duidelik in die konseptualisering van die koninklike vorm van die ryk, soos verduidelik in sy meer onlangse werk met die titel *God the Revealed* (2012).¹⁷ Hier word die koninklike heerskappy van Jesus Christus beskryf as een van liefde en vryheid (Welker 1989c:156 e.v., 1997d:68 e.v., 2011c:73 e.v.), met liefde as bemiddelaar. Hierdie liefde (wat nie slegs in terme van een-tot-een-verhoudings gedefinieer behoort te word nie)¹⁸ word gekenmerk deur vrye en skeppende selfterugname tot voordeel van ander, én deur die selfterugname van ander tot voordeel van die self.

4. Voortdurende onbekendheid en vreemdheid?

Die gedifferensieerde herdefiniëring van hierdie vier teologiese temas oor die Gees toon reeds die bydrae van 'n teologie van die Gees tot 'n hermeneutiek vir vreemdelinge.

'n Teologie van die Gees met die belangrike rol van die uitstorting van die Gees beklemtoon die belangrikheid van diskoerse wat verheug in verskille ("rejoicing in difference"). In 'n belangrike ondersoek van pluralisme en individualisme wys Welker (1994a:21–7) dat die Gees onthul word in verrykende, pluralistiese strukture wat nie 'n disintegrerende karakter het nie. Hulle toon dus nie 'n abstrakte, uniforme individualisme wat alles tot onrealistiese gelykheid of tot die "die self" of "die objek" reduceer nie (Welker 1994a:21). Die individualisme van die Gees word eerder gekenmerk deur 'n diverse konkreetheid en deur konkrete diversiteit. Niemand is presies dieselfde as iemand anders óf in alle opsigte uniek nie (Welker 1994a:22). Die Gees skep dus 'n kragveld wat sensitief is vir verskille.

'n Teologie van die Gees differensieer verder diskoerse met betrekking tot 'n respek vir menswaardigheid ("respect for dignity"). Verrykende vorme van pluralisme moet onderskei word van disintegrerende vorme: bepaalde vorme van individualisme moet gemeenskap versterk en verryk in teenstelling tot ander wat dit vernietig. Hierdie eenheid sal toelaat dat verskillende hiërargiese strukture sy aan sy bestaan en mekaar afwissel (Welker 1994a:23). Eenheid en gelykheid is gebonde aan poli-individuele veelvoud en diversiteit (Welker 1994a:23). Pluraliteit impliseer dus nie bloot die *oneindige* veelvoud en diversiteit van individue in hul onderskeie uniekhede nie (Welker 1994a:23). Waar hierdie idee van menslike waardigheid ook al in etiese diskoerse aangewend word, dien hulle die doel om respek en daardeur die integriteit van elkeen (vreemdelinge ingesluit) te waarborg (Smit 2016:21).¹⁹

'n Teologie van die Gees kan bydra tot 'n diskoers wat gekenmerk word deur weerstand teen die vyand ("resistance of the enemy"). Die Gees bewerk eenwording, eensgesindheid en eenheid onder mense. Die "eenheid van die Gees" *verdra* nie net verskille en verskeidenheid nie, maar *behou en bewerk* dit (Welker 1994a:22). Deur die Gees raak 'n gemeenskap nie net sensitief vir verskille nie. Terselfdertyd word verskille wat die Bybelse wette weerspreek, voortdurend gereduseer (Welker 1994a:23). Die Gees breek sodoende verskille af wat teenoor die geregtigheid en barmhartigheid van die Bybelse wet staan en wat vervreemding veroorsaak. Die toepassing van hierdie wette wat sekerheid skep, kan vreemdelinge beskerm teen onregverdige optrede deur hul sogenaamde vyande. 'n Teologie van die Gees kan ook die vyand beskerm wanneer weerstand teen hulle in wraak omslaan. In 'n diskoers wat gekenmerk word deur die rol van die bose ("regarding the evil"), bekamp so 'n teologie die demonisering van die ander, ook van vreemdelinge, maar ook booshede wat aan vreemdelinge toegedig word.

'n Teologie van die Gees wat die band van die Gees met Bybelse wette meer diepgaande uitbou, neem ook die etiese diskoerse oor die herstel van geregtigheid ("restoration of justice") oor. Die vaste verwagting van hierdie elemente van die wet skep etiese diskoerse wat met wederkerigheid ("reckoning of reciprocity") te make het. 'n Teologie van die Gees ontwikkel sulke diskoerse verder omdat wederkerigheid meestal indirek en onbewustelik plaasvind. Mense word nie uitgedaag deur die teenwoordigheid van vreemdelinge nie. Hulle deelname word dus nie bewustelik gesien as die gevolg van etiese oorwegings of besluite nie (Smit 2016:17). 'n Teologie van die Gees oorskry 'n blote staatmaak op wederkerigheid wanneer hierdie oorwegings en besluite nie langer onbewustelik plaasvind nie, maar oor besluit moet word. Dit is so omdat vreemdelinge, in gevalle waar bewustelike besluite ten opsigte van hulle gemaak moet word, dikwels uitgesluit word. 'n Teologie van die Gees bewerk juis 'n doelbewuste, berekende besluit om verskille wat teenoor die bedoeling van die wet staan te verminder. Die Gees bewerk juis wat hy noem 'n terugneem van die self tot voordeel van die ánder, die vreemdeling.

Daarbenewens dra 'n teologie van die Gees by tot diskoerse wat gekenmerk word deur die onthou van slagoffers ("remembering of victims"). Welker se dieper verstaan van die verhouding tussen die Gees en die Bybelse wette, wat met 'n verwagtingsekerheid gepaard gaan, maak voorsiening vir die onthou van en herinnering aan die vervreemdes, nie net van die verlede nie, maar ook van die toekoms.

Welker ontwikkel sy kritiek teenoor natuurwette in sy werk oor die skeppende en herskeppende werk van die Gees. Volgens hom moet natuurwette, in die woorde van Whitehead, noodwendig die feit ignoreer dat 'n lewe geleef word ten koste van ander lewe. 'n Teologie wat die skeppende en herskeppende werk van die Gees verder ontwikkel kan dus verder gaan as etiese diskoerse wat bloot te doen het met die herkenning van familie ("recognition of kin"), waar ander dikwels uitgesluit word, gesien word as hulle-wat-nie-behoort-nie, as nieverwant, as buitelanders, as vreemdelinge en selfs as die vyand (Smit 2016:15).

Verder sluit 'n teologie van die Gees aan by etiese diskoerse oor die risiko van gasvryheid ("risking hospitality"). Verskillende sfere van die lewe word in verwelkomende, lewensbevorderende verhoudinge met mekaar gebring. Dit gaan egter verder as hierdie diskoerse deurdat dit nie net op persoonlike vlak, of in direkte, onmiddellike verhoudings van individue met ander geld nie (Smit 2016:17).

'n Teologie van die Gees kan verder tekortkominge van diskoerse uitwys wat ander bloot verdra ("relying merely on tolerance"). 'n Teologie van die Gees wat die skeppings- en herskeppingswerk van die Gees as belangrik ag, onderstreep die feit dat die werklikheid baie meer kompleks en omstrede is en dat die werklike probleme waarmee etiese projekte te doen het, baie moeiliker en meer veeleisend is as blote verdraagsaamheid (Smit 2016:18). Die Gees skeep juis deur verskillende, van mekaar verwyderde, lewensfere in lewensbevorderende verhoudinge met mekaar te bring. Die Gees breek dus deur 'n blote verdraagsaamheid.

'n Teologie van die Gees met sy etos van 'n vrye, skeppende selfterugname help skeep etiese diskoerse wat gekenmerk word deur 'n kenosis wat goed maak ("redeeming kenosis"). So 'n teologie van die Gees is nie net gefokus op vrye, skeppende selfterugname ter wille van ander nie, maar ook op die terugname van ander ter wille van die self. Dit toon dus 'n verdere bewustheid vir die vele diskoerse wat te doen het met 'n besef van 'n mens se eie vreemdheid ("realisation of our own strangeness").

5. Slot

In die lig van die bostaande is die vraag waarom een van die mees uitdagende faktore in die huidige tydsgewrig stéeds is dat Suid-Afrikaners op feitlik elke denkbare manier verdeeld is, waarom vele verdelende meganismes oor baie jare heen mense toenemend van mekaar vervreem en uitmekaar gedryf het, en dit stéeds doen, waarom Suid-Afrikaners vreemdelinge vir mekaar geword het.

Die vrae word selfs meer pertinent wanneer in ag geneem word dat 'n oorgrote meerderheid van Suid-Afrikaners hulleself as Christene, oftewel "gees-telikes" beskou.

Daar sou verskeie redes hiervoor kon wees. Die eerste rede is alreeds deel van hierdie geestelikes se eie selfverstaan. Die Gees kan bedroef word (Ef. 4:30), kan teengestaan of geblus word (1 Tess. 5:19). Dit kan dus wees dat die Gees, volgens hulle eie selfverstaan, teengewerk word en dat dít dan die rede is waarom ook Christene vreemdelinge vir mekaar geword het.

'n Verdere rede sou kon wees dat die derde artikel, anders as die eerste en tweede, nie in besonderhede teologies bedink word nie. Hendrikus Berkhof, gewese professor in sistematiese teologie aan die Universiteit van Leiden, sou in sy bekende *De Leer van de Heilige Geest* reeds lank gelede skryf dat baie Christene vermy om oor die werk van die Gees te praat: "Volgens hen is dit zozeer een verborgen, persoonlijk en individueel werk, dat iedere poging het in theologische termen te formuleren, oneerbiedig zou zijn" (Berkhof 1965:9). Volgens Berkhof wil dieselfde Christene wel praat oor wat hulle van die Gees beleef. Hulle wil niteologies oor die Gees praat. Die resultaat, sê hy, is dat die Heilige Gees beperk word tot die persoonlike, die individu, tot "privé-gevoelens" (Berkhof 1965:10). Die Gees, in dié lig, sou bloot dan nie 'n bydrae kon lewer tot verdelende meganismes wat mense van mekaar vervreem en uitmekaar dryf nie.

'n Derde rede sou kon wees dat 'n Bybelse verstaan van die Gees verwar of ineen gedink word met konsepte van self, of kollektivismes wat die self voorop stel, dikwels teenoor

vreemdelinge. Die foutief opgevatte of misverstaande Gees bou in dié sin die self op, bou die self uit, en dra dus selfs by tot verskillende vorme van verdeling.

Vir die Gees om dus by te dra tot 'n teologiese hermeneutiek vir vreemdelinge vra dus in die eerste plek dat die teologie van die Gees sêlf van verskeie vorme van gevangenskap bevry word. Dit vra in die tweede plek dan wel vir 'n gedetailleerde, meer gedifferensieerde teologiese besinning oor die Gees, soos wat die Gees in die diverse Bybelse tradisies beskryf word.

Bibliografie

Alston, W. (red.). 2000. *Theology in the service of the church. Festschrift Thomas Gillespie*. Grand Rapids: Eerdmans.

Assmann, J., B. Janowski en M. Welker (reds.). 1998. *Gerechtigkeit. Richten und Retten in der abendländischen Tradition und ihren altorientalischen Ursprüngen*. München: Fink.

Bedford-Strohm, H., F. Höhne en T. Reitmeier (reds.). 2013. *Contextuality and intercontextuality in Public Theology. Theologie in der Öffentlichkeit 4*. Berlyn, Münster, Wenen: Lit.

Berkhof, H., 1965. *De leer van de Heilige Geest*. Callenbach, Nijkerk.

Christophersen, A. en S. Jordan (reds.). 2004. *Lexikon Theologie. Hundert Grundbegriffe*. Stuttgart: Reclam.

Clasen, W., M. Meyer-Blanck en G. Ruddat (reds.). 2002. *Evangelischer Taschenkatechismus*. Rheinbach: CMZ-Verlag.

Conradie, E.M. (red.). 2007. *Essays in public theology. Collected essays 1*. Stellenbosch: Sun Press.

Davies, P. en N.H. Gregersen (reds.). 2010. *Information and the nature of reality: From physics to metaphysics*. Cambridge: Cambridge University Press.

De Gruchy, J. 2005. *The Church struggle in South Africa*. Minneapolis: Fortress Press.

De Villiers, E. en D.J. Smit. 2008a. Waarom verskil ons so oor wat die wil van God is? Opmerkings oor Christelike morele oordeelsvorming. In Koopman (red.) 2008.

—. 2008b. Hoe Christene in Suid-Afrika by mekaar verbypraat ... Oor vier morele spreekwyses in die Suid-Afrikaanse kerklike konteks. In Koopman (red.) 2008.

Dennerlein, N. en M. Meyer-Blanck (reds.). 2006. *Evangelische Glaubensfibel*. Gütersloher: Gütersloh.

Drehse, V. en M. Baumotte (reds.). 1998. *Wörterbuch des Christentums*. Gütersloh: Mohn.

- Etzelmlüller, G. en H. Springhart (reds.). 2013. *Gottes Geist und menschlicher Geist*. Leipzig: Evangelische Verlagsanstalt.
- Etzelmlüller, G. en M. Welker (reds.). 2013. *Concepts of law in the sciences, legal studies, and theology*. Tübingen: Mohr Siebeck.
- Fahlbusch, E., G.W. Bromiley, J. Mbiti, J.J. Pelikan, L. Vischer (reds.). 1988. *Eerdmans-Brill Encyclopedia of Christianity Vol. 2*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Feldtkeller, A. (red.). 2001. *Konstruktive Toleranz – gelebter Pluralismus. Erfahrungen mit dem Zusammenleben von Religionen und Kulturen*. Frankfurt: Lembeck.
- Hansen, L. (red.). 2011. *Living theology. Festschrift Dirkie Smit*. Wellington: Bible Media.
- . 2013. *Opstelle oor Gereformeerde-wees vandag. Versameling Opstelle 4*. Stellenbosch: Sun Press
- Härle, W., H. Schmidt en M. Welker (reds.). 2000. *Das ist christlich: Nachdenken über das Wesen des Christentums*. Gütersloh: Gütersloher.
- Helmer, C. en B.K. Holm (reds.). 2011. *Transformations in Luther's theology: Historical and contemporary reflections, Arbeiten zur Kirchen- und Theologiegeschichte 32*. Leipzig: Verlagsanstalt.
- Hiller, D. en C. Kress (reds.). 2001. *“Daß Gott eine große Barmherzigkeit habe”. Konkrete Theologie in der Verschränkung von Glaube und Leben. Festschrift Gunda Schneider-Flume*. Leipzig: Evangelische Verlagsanstalt.
- Hübener, B. en G. Orth (reds.). 2007. *Wörter des Lebens. Das ABC evangelischen Denkens*. Stuttgart: Kohlhammer.
- Hüber, W. 1990. *Konflikt und Konsens: Studien zur Ethik der Verantwortung*. München: Christian Kaiser.
- Jarvis, C. en M. Welker (reds.). 2004. *Loving God with our minds: The pastor as theologian*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Koopman, N. (red.). 2008. *Opstelle oor geloof en openbare lewe. Versamelde opstelle 2*. Stellenbosch: Sun Press.
- Koslowski, P. (red.). 2001. *The concept of God, the origin of the world, and the image of humankind in the world religions*. Dordrecht: Kluwer.
- May, H. (red.). 1996. *Altruismus. Aus der Sicht von Evolutionsbiologie, Philosophie und Theologie*. Loccum: Evangelische Akademie Loccum.
- Mehlhausen, J. (red.). 1995. *Pluralismus und Identität. Veröffentlichungen der Wissenschaftlichen Gesellschaft für Theologie 8*. Gütersloh: Kaiser.

Peters, T., R. Russell en M. Welker (reds.). 2002. *Resurrection: Theological and scientific assessments*. Grand Rapids: Eerdmans.

Polkinghorne, J. (red.). 2001. *The work of love: Creation as kenosis*. Grand Rapids: Eerdmans.

Rau, G., H.R. Reuter en K. Schlaich (reds.). 1997. *Das Recht der Kirche: Zur Theorie des Kirchenrechts*. Gütersloh:Kaiser.

Schmidt, H. en H. Rupp (reds.). 2001. *Lebensorientierung oder Verharmlosung? Theologische Kritik der Lehrplanentwicklung im Religionsunterricht*. Stuttgart: Calwer.

Smit, D.J. 2007a. South Africa. In Conradie (red.) 2007.

—. 2007b. Reformed faith, justice and the struggle against apartheid. In Conradie (red.) 2007.

—. 2007c. Revisioning during reconstruction? Contemporary challenges for the churches in South Africa. In Conradie (red.) 2007.

—. 2007d. On the impact of the church in South Africa after the collapse of the apartheid regime. In Conradie (red.) 2007.

—. 2007e. Civil religion – in South Africa? In Conradie (red.) 2007.

—. 2007f. On learning to speak? A South African Reformed perspective on dialogue. In Conradie (red.) 2007.

—. 2007g. Living unity? On the ecumenical movement and globalization. In Conradie (red.) 2007.

—. 2007h. Unity in church and society? Theological reflections on an ongoing challenge in South Africa today. In Conradie (red.) 2007.

—. 2007i. “... The doing of the little righteousness”. On justice in Barth’s view of the Christian life. In Conradie (red.) 2007.

—. 2008a. Gemeenskap wat kan standhou? Nagedink oor vorme van sáám-leef in die wêreld vandag. In Koopman (red.) 2008.

—. 2008b. Oor die kerk as ’n unieke samelewingsverband. In Koopman (red.) 2008.

—. 2008c. Etiek na Babel? Vrae rondom moraliteit en die openbare gesprek in Suid-Afrika vandag. In Koopman (red.) 2008.

—. 2008d. Etiese spraakverwarring in Suid-Afrika vandag. In Koopman (red.) 2008.

—. 2008e. Het Suid-Afrika ’n gemeenskaplike morele taal nodig? In Koopman (red.) 2008.

—. 2008f. Oor die skepping van ’n grammatika van sáám-leef. In Koopman (red.) 2008.

—. 2008g. In diens van die tale Kanaäns? Oor sistematiese teologie vandag. In Koopman (red.) 2008.

—. 2008h. "... op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte ...". In Koopman (red.) 2008.

—. 2009a. Justification and divine justice. In Vosloo (red.) 2009.

—. 2009b. Compassionate justice. In Vosloo (red.) 2009.

—. 2009c. On self-love. Impulses from Calvin and Calvinism for life in society. In Vosloo (red.) 2009.

—. 2013. "Wherefore we must hold the human person sacred"? Vrae oor Gereformeerde geloof en menswaardigheid. In Hansen (red.) 2013.

—. 2016. Living with Strangers? On Constructing Ethical Discourses. In druk.

—. 2017. Religion and civil society in "South Africa"? Searching for a grammar for life together. In Welker (red.) 2017.

Strawn, B. (red.). 2002. *A God so near. Festschrift Patrick D. Miller*. Winona Lake: Eisenbrowns.

Sundermeier, T. 1992. Convivence. *Scriptura*, Supplementary Issue, 10:68–80.

—. 1995. *Konvivenz und Differenz: Studien zu einer verstehenden Missionswissenschaft. Anlässlich seines 60. Geburtstages*. Erlangen: Erlanger Verlag für Mission und Ökumene.

—. 1996. *Den Fremden verstehen. Eine praktische Hermeneutik*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Van der Westhuizen, H. 2015. "God the Revealed: Christology" – Michael Welker's response to Dietrich Bonhoeffer's question. *Stellenbosch Theological Journal*, 1(2):711–30.

—. 2016a. "God the Spirit" – Michael Welker's "biblical-realistic theology". *Stellenbosch Theological Journal*, 2(1):463–90.

—. 2016b. The Word and the Spirit – Michael Welker's Theological Hermeneutics (Part 1). *Stellenbosch Theological Journal*, 2(2):607-620.

—. 2017. The Word and the Spirit – Michael Welker's Theological Hermeneutics (Part 2). In druk.

Volf, M. (red.). 1996. *The future of theology. Festschrift Jürgen Moltmann*. Grand Rapids: Eerdmans.

Volf, M. en M. Welker (reds.). 2005. *Der lebendige Gott als Trinität. Festschrift J. Moltmann*. Gütersloh: Kaiser.

- Vosloo, R. (red.). 2009. *Essays on being Reformed. Collected essays 3*. Stellenbosch: Sun Press.
- Weinberger, O. en G.H. von Wright (reds.). 1993. *Rechtsnorm und Rechtswirklichkeit, Festschrift Werner Krawietz*. Berlin: Duncker & Humblot.
- Welker, M. 1981. *Universalität Gottes und Relativität der Welt. Theologische Kosmologie im Dialog mit dem amerikanischen Prozeßdenken nach Whitehead*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.
- . 1985. Erwartungssicherheit und Freiheit. Zur Neuformulierung der Lehre von Gesetz und Evangelium I. *Evangelische Kommentare*, 18:680–3.
- . 1986a. Security of expectations. Reformulating the Theology of Law and Gospel. *Journal of Religion*, 66:237–60.
- . 1986b. Erbarmen und soziale Identität. Zur Neuformulierung der Lehre von Gesetz und Evangelium II. *Evangelische Kommentare*, 19:39–42.
- . 1988a. Artikel: Heaven. In Fahlbusch e.a. (reds.) 1988.
- . 1988b. Schöpfung. In Drehsen e.a. (eds.) 1988.
- . 1989a. Der Heilige Geist. *Evangelische Theologie* 49:126–141.
- . 1989b. Gesetz und Geist. *Jahrbuch für Biblische Theologie*, 4:215–29.
- . 1989c. Freiheit und Halt im christlichen Glauben. 425 Jahre Heidelberger Katechismus als Bekenntnisschrift. *Reformierte Kirchenzeitung*, 156–60.
- . 1990. Righteousness and God's Righteousness. The 1989 Frederick Neumann Symposium on the Theological Interpretation of Scripture: The Church and Israel. Romans 9–11. *The Princeton Seminary Bulletin*, Supplementary Issue, 1:124–39.
- . 1991. Was ist "Schöpfung"? Genesis 1 und 2 neu gelesen. *Evangelische Theologie*, 51:208–24.
- . 1992a. *Gottes Geist: Theologie des Heiligen Geistes*. Neukirckener Verlag: Neukirchener- Vluyn.
- . 1992b. Das Reich Gottes. Heidelberger Antrittsvorlesung. Wolfgang Hüber zum 50. Geburtstag gewidmet. *Evangelische Theologie*, 52:497–512.
- . 1993a. Pluralismus und Pluralismus des Geistes. In Ziegert (red.) 1993.
- . 1993b. Dynamiken der Rechtsentwicklung in den biblischen Überlieferungen. In Weinberger e.a. (reds.) 1993.
- . 1994a. *God the Spirit*. Minneapolis: Fortress Press.

- , 1994b. Gottes Geist und die Verheißung sozialer Gerechtigkeit in multikultureller Vielfalt. In Weth (red.) 1994.
- , 1995a. *Kirche im Pluralismus*. Gütersloh: Kaiser.
- , 1995b. *Schöpfung und Wirklichkeit*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.
- , 1995c. Kirche zwischen pluralistischer Kultur und Pluralismus des Geistes. In Mehlhausen (red.) 1995.
- , 1995d. Creation: Big Bang or the work of seven days? *Theology Today*, 52:173–87.
- , 1996a. Geist und Wort – Wort und Geist. *Concilium*, 3:159–65.
- , 1996b. Routinisiertes Erbarmen und paradigmatische Öffentlichkeit. “Generalisierung von Altruismus” in alttestamentlichen Gesetzesüberlieferungen. In May (red.) 1996.
- , 1996c. Christian theology: What direction at the end of the second millennium? In Volf (red.) 1996.
- , 1997a. Dem Tun Gottes aufmerksam folgen. Der Christ in der gegenwärtigen Kultur. *Evangelische Aspekte* 1997:4–10.
- , 1997b. Recht in den biblischen Überlieferungen in systematisch-theologischer Sicht. In Rau e.a. (reds.) 1997.
- , 1997c. Creation and the image of God: Their understanding in Christian tradition and the Biblical grounds. *Journal of Ecumenical Studies*, 34:436–48.
- , 1997d. Die evangelische Freiheit. *Evangelische Theologie*, 57:68–73.
- , 1998. “Richten und Retten”. Systematische Überlegungen zu einer unverzichtbaren Funktion der Religion. In Assmann e.a. (reds.) 1998.
- , 1999a. *Was geht vor beim Abendmahl?*. Stuttgart: Quell.
- , 1999b. Travail and mission: Theology reformed according to God's word at the beginning of the third millennium. In Willis e.a. (reds.) 1999.
- , 2000a. The tasks of biblical theology and the authority of scripture. In Alston (red.) 2000.
- , 2000b. Die Gegenwart des auferstandenen Christus als das Wesentliche des Christentums. In Härle e.a. (reds.) 2000.
- , 2001a. Das Vierfache Gewicht der Schrift. Die mißverständliche Rede vom “Schriftprinzip” und die Programmformel “Biblische Theologie”. In Hiller e.a. (reds.) 2001.
- , 2001b. Christentum und strukturierter Pluralismus. In Feldtkeller (red.) 2001.

- . 2001c. Creation, the concept of God, and the nature of the human person in Christianity. In Koslowski (red.) 2001.
- . 2001d. Schöpfung in den kanonischen biblischen Überlieferungen und in der Programmatik eines Lehrplans. In Schmidt e.a. (reds.) 2001.
- . 2001e. Person, Menschenwürde und Gottebenbildlichkeit. *Jahrbuch für Biblische Theologie*, 15:258–62.
- . 2001f. Romantic love, covenantal love, kenotic love. In Polkinghorne (red.) 2001.
- . 2002a. Heiliger Geist. In Clasen e.a. (reds.) 2002.
- . 2002b. “Sola Scriptura?” The authority of scripture in pluralistic environments. In Strawn (red.) 2002.
- . 2002c. Who is Jesus Christ for us today? *Harvard Theological Review*, 95:137–42.
- . 2002d. Theological realism and eschatological symbol systems: Resurrection, the reign of God, and the presence in faith and in the Spirit. In Peters e.a. (reds.) 2002.
- . 2003a. Reformation theology and the Reformed profile. *The Bulletin of the Institute for Reformed Theology*, 3:4–9.
- . 2003b. Heiliger Geist und Zeitgeist. Gespräch mit Prof. Welker. *Entwurf, Religionspädagogische Mitteilungen*, 1:7–10.
- . 2004a. Serving God in a time when a worldview collapses: The pastor-theologian at the beginning of the third millennium. In Jarvis e.a. (reds.) 2004.
- . 2004b. Artikel: Heiliger Geist. In Christophersen e.a. (reds.) 2004.
- . 2005a. Gott ist keine Zaubermacht. Über die Todesflut, falsche Allmachtsvorstellungen und eine unzerstörbare Hoffnung. *Zeitzeichen*, 6:48.
- . 2005b. Der erhaltende, rettende und erhebende Gott. Zu einer biblisch orientierten Trinitätslehre. In Volf e.a. (reds.) 2005.
- . 2006a. Heiliger Geist. In Dennerlein e.a. (reds.) 2006.
- . 2006b. The Spirit in philosophical, theological, and interdisciplinary perspectives. In Welker (red.) 2006.
- . 2006c. Schöpfung des Himmels und der Erde, des Sichtbaren und des Unsichtbaren. *Jahrbuch für Biblische Theologie*, 20:313–23.
- . 2007. Artikel: Heiliger Geist. In Hübner e.a. (reds.) 2007.

- . 2010a. What is the “spiritual body”? On what may be regarded as “ultimate” in the interrelation between God, matter, and information. In Davies e.a. (reds.) 2010.
- . 2010b. Faith in the Triune God. *International Journal of Orthodox Theology*, 1:90–3.
- . 2011a. Rethinking Christocentric Theology. In Helmer e.a. (reds.) 2011.
- . 2011b. Menschlicher Geist und Gottes Geist. *Jahrbuch für Biblische Theologie*, 24:121–55.
- . 2011c. Where the Spirit of God is, there is freedom! In Hansen (red.) 2011.
- . 2012. *Gottes Offenbarung. Christologie*. Neukirchener: Neukirchen-Vluyn.
- . 2013a. *God the Revealed: Christology*. Grand Rapids: Eerdmans.
- . 2013b. Global public theology and Christology. In Bedford-Strohm, e.a. (reds.) 2013.
- . 2013c. “Imagine there’s no heaven”. Die Rede vom Himmel. *Ruperta Carola Forschungsmagazin*, 2:16–22.
- . 2013d. Justice – mercy – worship: The “weighty matters” of the Biblical Law. In Etzelmüller e.a. (reds.) 2013.
- . 2013e. Gottes Geist und menschlicher Geist. Zur Situation – und “How my mind has been transformed”. In Etzelmüller e.a. (reds.) 2013.
- Welker, M. (red.). 2006. *The Work of the Spirit: Pneumatology and Pentecostalism*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Welker, M., K. Vorster en N. Koopman (reds.). 2017. *Church and civil society. German and South African perspectives*. Stellenbosch: SunMedia.
- Weth, R. (red.). 1994. *Gottes Geist und Gottes Volk im Umbruch Europas*. Gütersloh: Kaiser.
- Willes, D. en M. Welker. 1999. *Toward the future of Reformed Theology. Tasks, topics, traditions*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Wolter, M. en M. Welker (reds.). 1999. Die Unscheinbarkeit des Reiches Gottes. *Marburger Jahrbuch Theologie*, XI:103–16.
- Ziegert, R. (red.). 1993a. *Vielfalt in der Einheit. Theologisches Studienbuch zum 175 jährigen Jubiläum der Pfälzischen Kirchenunion*. Speyer: Evangelischer Presseverlag Pfalz.

Eindnotas

¹ Welker (1992:218) wat verwys na “bleibender Fremdheit und Unvertrautheit”.

² Vir ’n goeie oorsig rakende die meganismes wat tot die verdeeldheid in Suid-Afrika bygedra het en die rol wat Suid-Afrikaanse kerke in die verdeling gespeel het, kyk De Gruchy (2005).

³ In die lig van die diskoers en sy verhouding met Suid-Afrika, Smit en Welker, is ook Theo Sundermeier, die Duitse missioloog, se bydrae nuttig. Sundermeier, wat ’n geruime tyd in Suid-Afrika deurgebring het, vind ook spesifiek hierdie diskoers waardevol. In *Konvivenz und Differenz* (1995), ’n erebundel ter viering van sy 60ste verjaarsdag, skryf hy juis oor die tema van saamleef en verskil. Die waarde wat hy in hierdie diskoers vind, word uitgedruk in sy praktiese hermeneutiek wat hy *Den Fremden verstehen* (Om die vreemde te verstaan) (1996) noem. Hier ondersoek hy ’n *hermeneutiek vir vreemdelinge*, en hoe só ’n hermeneutiek tot saamleef en verskil bydra. In ’n opstel oor die begrip *konvivensie* (saamleef), skryf Sundermeier dat ’n mens kan leer alleen deur die andersheid van die ander persoon te erken, en nie bloot die beeld wat ’n mens van daardie persoon gemaak het of die verwagting waarmee ’n mens na die persoon gekom het nie. Die andersheid moet vermeerder word. Daardeur ervaar ’n mens hoe hy of sy deur die ander persoon gevorm word. Dan eers beweeg een persoon nader aan ’n ander (Sundermeier 1992:80).

⁴ Welker se Teologie van die Gees is deel van ’n Trinitaries-teologiese onderneming (Welker 2005b:34 e.v., 2010b:90 e.v.). Vir sy eie verstaan en beskrywing van sy teologie, kyk Welker (2013e:356 e.v.).

⁵ Kyk Welker (1996a:159 e.v., 1996c:73 e.v., 2000a:232 e.v., 2001a:9 e.v., 2002b:375 e.v., 2003a:4 e.v., 2004a:74 e.v., 2006a:59 e.v.). Kyk ook Willis and Welker (1999). Vir ’n interpretasie van sy hermeneutiese verwysingsraamwerk, kyk Van der Westhuizen (2016b, 2017).

⁶ Welker het deur die jare verskeie artikels oor sy verstaan van die Gees gepubliseer. Kyk Welker (1989a:126 e.v., 1992a, 2002a:63 e.v., 2003b:7 e.v., 2004b:144 e.v., 2006b:221 e.v., 2007:107 e.v., 2011b:239 e.v.).

⁷ Kyk Welker (1981, 1988a:216, 1995b:56–68, 2006c:313 e.v., 2013c:16 e.v.).

⁸ Vir Welker se verstaan van die gedifferensieerde liggaam van Christus, kyk Welker (2010a:349 e.v.).

⁹ Kyk ook Welker (1993a:363 e.v., 1995a, 1995c:468 e.v., 2001b:89 e.v.).

¹⁰ Kyk ook Welker (1999b:136 e.v.).

¹¹ Die lesing is gehou op 21 Mei 2014 by die Universiteit van Heidelberg, waar hy vanaf 2003 professor in sistematiese teologie was.

¹² Welker het oor jare heen indringende navorsing gedoen oor die verbintenis van hierdie aspekte van Bybelse wette. Kyk Welker (1989b:215 e.v., 1990:124 e.v., 1994b:9 e.v., 1998:28 e.v., 2013d:205 e.v.).

¹³ Kyk ook Welker (1986a:23 e.v., 1997b:390 e.v.).

¹⁴ Kyk Welker (1996b:143 e.v.).

¹⁵ Kyk Welker (1995b:24–32; 2001c:80 e.v.; 2001d:22 e.v.).

¹⁶ Kyk Welker en Wolter (1999).

¹⁷ Vir 'n meer diepgaande verstaan van sy Christologie kyk Welker (1997a:4 e.v., 2000b:91 e.v., 2002c:137 e.v., 2011a:179 e.v., 2013a, 2013b:286 e.v.).

¹⁸ Kyk bv. Welker (2001f:127 e.v.), waar hy, deur middel van die Bybelse tradisies, tot 'n meer gedifferensieerde verstaan van liefde probeer kom.

¹⁹ Kyk Welker (1997c:436 e.v., 2001e:258 e.v.) vir meer oor sy siening van menswaardigheid.

Mag, die staat en die kerk in Suid-Afrika

Johann Rossouw

Johann Rossouw, medeprofessor, Departement Filosofie, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

In hierdie artikel word die vraag na mag, die staat en die kerk in Suid-Afrika aan die orde gestel met besondere verwysing na die eietydse postapartheid konteks, en toegespits op hoe die kerk vanuit 'n herbesinning oor die Christelike tradisie haarself kan posisioneer in die voortgesette soeke na geregtigheid. Hierdie doel word nagestreef deels deur middel van 'n ideehistoriese rekonstruksie, deels deur middel van aktualiteitsontleding.

Die ideehistoriese rekonstruksie het eerstens ten doel om aan te toon wat die filosofiese bronne van die opkoms van die eietydse fiksasie met mag as heuristiese sleutel in veral die humaniora – insluitend die teologie – is. Hier word kortliks aandag gegee aan die denke van Ockham, Machiavelli, Hobbes, Nietzsche en Foucault. Die tweede oogmerk van die ideehistoriese rekonstruksie is om aan die hand van belangwekkende eietydse filosofiese teoloë veral verbind met die Radikale Ortodokse beweging 'n kritiek op die ontologiese aannames van dié fiksasie op mag as heuristiese sleutel te ontwikkel. Denkers wat hierby betrek word, sluit in John Milbank en Catherine Pickstock.

Wat aktualiteitsontleding betref, word 'n taksering van die eietydse Suid-Afrikaanse Christendom gemaak met verwysing na die geskiedkundige agtergrond van die Westerse sendingwerk in Suid-Afrika, en die durende koloniale aard van die Suid-Afrikaanse staat en ekonomie. Ten slotte word enkele gedagtes aangebied oor die rol wat die kerk in Suid-Afrika as alternatiewe sentrum van waarheid en geregtigheid kan speel teenoor die magsentralistiese Suid-Afrikaanse ekonomiese en staatstruktuur.

Trefwoorde: mag; kerk; kolonialisme; postapartheid; Suid-Afrikaanse Christendom; Suid-Afrikaanse staat en ekonomie

Abstract

Power, the state and the church in South Africa

In this article questions concerning power, the church and the state in post-apartheid South Africa are considered. This consideration takes place against a specific background, that is, an intellectual-historical reconstruction of the modern rise of power as a heuristic concept in the humanities, including theology. After this reconstruction the focus turns to post-apartheid South Africa as what is referred to as an enduring colonial state. In the closing section some thoughts concerning the church as an alternative centre of truth to the South African state are proposed.

The intellectual-historical reconstruction of the rise of power as a heuristic concept in the humanities begins by pointing out a rather salient irony: while more recent, particularly French, exponents of this approach such as Michel Foucault saw themselves as writing from the margins of their society, the influence of their work has been so strong that a power-centric research paradigm has become all but dominant in the humanities. In its most absurd form just about every institution, idea or tradition is under paranoid suspicion for some or other secretive agenda of power.

From here the discussion moves on to a consideration of how this came about, with reference to the work of a number of influential modern thinkers, namely Ockham, Machiavelli, Hobbes, Nietzsche and Foucault. Here I draw on the recent work of a number of influential Christian thinkers associated with the Radical Orthodox movement, especially John Milbank and, to a lesser extent, Catherine Pickstock. In the process I make it clear why I am in agreement with them that modernity should be understood first and foremost as a reworking of a number of Christian motifs following on the collapse of the synthesis between reason and revelation in Western Latin Christianity from the 13th century onwards. I also draw on the recent and influential book by Michael Allen Gillespie, *The theological origins of modernity*.

Gillespie's reading is based on the work of leading medieval intellectual historians such as Etienne Gilson – that Ockham opened the door for the rise of power as a heuristic concept by emphasising God's omnipotence over God's love.

The discussion of Machiavelli's *The Prince* emphasises the fact that Machiavelli broke with the traditional view of the goal of politics as being the common good, and that Machiavelli argued that the goal of politics should be to obtain and maintain centralist political power. Here mention is also made of Machiavelli's further elevation of the ontological status of power and war with his view that not peace (St Augustine) but war is the natural state of reality.

In the next step of my broad argument I show that Hobbes built on the foundation that Machiavelli laid. I follow Milbank's reading of Hobbes's *Leviathan*, pointing out that while roughly half of the book consists of theology that essentially serves to legitimate Hobbes's conception of centralist political power, a key aspect to this is Hobbes's reading of God's command to Adam and Eve to look after nature to break with the classical Christian understanding (i.e. Aquinas's) of this as stewardship and a restoration of the pagan (Roman) concept of *dominium*, that is, political authority understood in an absolutist fashion.

Next, the focus turns to Nietzsche, who further cemented the ontological status of power with his famous concept of the will to power. Arguably the most influential 20th-century French Nietzschean, Michel Foucault, then comes under the spotlight. First, I argue that Foucauldian discourse analysis with its assumption of the close link between language and power essentially builds on Ockham's rejection of the link between words and their meanings. Second I argue that an unfortunate legacy of Foucault's more pointed work on power and modern institutions includes in principle a mistrust of all institutions, of all forms of hierarchy and of all traditions, as if they are all naturally hiding some or other malicious power agenda.

This section ends with the conclusion that if the church is asked to be aware of power or to focus on its workings, it should be done with great circumspection, lest the church, under the guise of being in tune with the latest and best social theory, ends up giving further legitimacy to a concept that is ultimately its own bastard offspring.

In section two of the broad argument the attention is turned to the answers that influential contemporary Christian thinkers who work with this analysis of the genealogy of modernity have been offering to its challenges. I begin by pointing out that while modernity is ultimately the offspring of Christianity, modernity at the same time also represents a fundamental break with Christianity and the classical Christian tradition. This is discussed further with reference to only three among many other aspects, that is, the position of the church in society, the status of tradition, and the discussion between theology and philosophy.

As far as the status of the church in society is concerned I argue that since the modern territorial state arose out of the collapse of the old medieval Latin-Christian division between spiritual and temporal powers, as theorised by St Augustine in *City of God*, the church as remnant of that social order represented the main institution hindering the modern territorial state in its rise. A key philosophical strategy that was deployed to shore up the stability of this state was to redefine religion as a matter of the private sphere and politics as a matter of the public sphere – here Jean Bodin in France and John Locke in England were two of the key thinkers.

As far as the status of tradition in modernity is concerned I argue, following Alasdair MacIntyre, that modernity should be understood as the tradition that is constituted through the rejection of tradition. I also point out a rather tragic unintended consequence of the Protestant revolt against improper practices in the Catholic church, namely the de facto Protestant contribution to Christianity's forgetting its own tradition, and its liturgical self-impoverishment.

As far as theology and philosophy in modernity are concerned I briefly refer to the fact that the modern distancing between the two traditionally close disciplines have contributed to the modern ills of fideism and rationalism, which are as bad for theology as for philosophy.

In the next sub-section of this part I very briefly endorse two key ideas, those of John Milbank and Catherine Pickstock respectively, namely Milbank's plea for a renewed (Christian) ontology of peace and Pickstock's apology for the liturgical city, which I suggest could be called Irenopolis.

In part three the focus then shifts to South African Christianity and the post-apartheid context.

I begin this part with a brief discussion of the nature of the South African state. I point out that while the modern territorial state in Europe could still, to some extent, draw on indigenous sources for its self-legitimation, this was not the case in South Africa, which explains why the gap between the state and communities in South Africa is wider than in Europe. Here I also caution against the illusion that the transition from apartheid to post-apartheid brought an end to this state of affairs.

On the contrary, I contend in the next section of this part, the South African state is of an enduring colonial nature. The following non-comprehensive list of characteristics of this enduring colonial state structure are listed and briefly discussed: successive South African governments from 1910 to the present sought the model of excellence outside the country; a minority governs the majority in the name of the majority; the country's wealth is extracted and expatriated by an elite owing their position to their role as broker between local and foreign economic interests; the most important power strategy that is pursued to maintain the centralist control of the state is the colonial strategy of divide and rule; from unification in 1910 to becoming a republic in 1961 to becoming a constitutional democracy in 1994 the South African state remains centralist; from 1910 to the present one language is privileged above the other indigenous languages; the separation between where one works and where one lives, beginning with the Glenn Grey Act of 1894; the centralisation and corporatisation of the country's media and communication networks. I argue that against this background a diabolical dialectic came into existence whereby various anti-colonial forms of resistance against this state were ultimately subsumed by this state, so that if real change is to come, this dialectic must be decisively broken.

Before considering the role that the church may play in such a moment of political rebirth, I first make three cautionary speculative observations about South African Christianity: first, that with the exception of some Anglican, Catholic and Orthodox Christians the majority of South African Christians are not very deeply anchored in their own traditions and its liturgies; second, that charismatic theology, which is essentially a Christianised modernist aberration, sets the tone for most South African Christians; and third, that the South African Christian ecumenical discussion is not going too well.

This part, and the article itself, ends with four remarks on what the church in South Africa has to consider and to offer in the elusive South African struggle of justice for all. First, the church should not flirt with secular theories and ideas under the misconception that this is a sort of with-it response to the challenges of modernity. Second, while unity in the church remains a pressing concern, this unity should, as far as confessions are concerned, be sought on the basis of the Apostolic Creed of Nicea (325 AD). Third, the church has a specific contribution to make to a deepened sense of community in South Africa, of which the co-celebration of the Eucharist should be the centre. Fourth, the prophetic voice of the church against injustice is needed more than ever.

Keywords: church; colonialism; post-apartheid; power; South African Christianity; South African state and economy

Inleiding

Op heel ironiese wyse het die ideologiekritiese ontleding van mag en kennis wat in die vroeë 1970's in Frankryk as kontrahegemoniese minderheidsposisie na vore getree het, in die eietydse maatskaplike en geesteswetenskappe 'n bykans onaantasbare posisie verwerf. Haas elke kennisvorm, elke identiteit en elke instelling word vandag met een of ander magskonstruk verbind. Michel Foucault, wie se werk 'n groot rol in hierdie toedrag van sake gespeel het, het in sy beroemde werk *Discipline and Punish* Bentham se panoptikon gebruik om aan te voer dat moderne mag so doeltreffend is juis omdat elke individu sigself polisieer. Sou Foucault ook kon voorsien het dat die ideologiekritiese ontleding van mag en kennis so invloedryk sou word dat elke tweede maatskaplike of geesteswetenskaplike agterdogtig – indien nie sinies of paranoïes nie – al wat kennisvorm, identiteit en instelling is polisieer om sinistere magsagendas triomfantelik in die naam van 'n progressiewe agenda te ontmasker? Kortom, die kritiek van mag is in die eietydse akademie 'n magtige posisie.

Maar hoe het dit gebeur, en waar laat dit die kerk?

In hierdie artikel sal eerstens ingegaan word op die ideehistoriese agtergrond van die opkoms van die ideologiekritiese ontleding van mag en kennis met verwysing na Ockham, Machiavelli, Hobbes, Nietzsche en Foucault. Sodoende sal betoog word dat die ideologiekritiese ontleding van mag en kennis in die eerste plek berus op 'n ontologiese keuse vir mag en geweld en téén vrede. Anders gestel, in die moderniteit word gekies téén die klassieke Christelike ontologie en vir 'n heidense Grieks-Romeinse ontologie, waarvan Nietzsche se neopaganisme en die neopaganistiese Nazi-regime van die beste voorbeelde is.

In die tweede plek sal stilgestaan word by die betekenisvolle Christelike kritiek op die ontologie van mag wat oor die afgelope sowat drie dekades na vore getree het. In hierdie verband is die werk van Christelike denkers soos John Milbank, Catherine Pickstock, John Zizioulas en David Bentley Hart van groot belang.

Dan sal, in die derde plek, met behulp van die hernude Christelike filosofies-teologiese voorspraak vir 'n ontologie van vrede gevra word wat die implikasies daarvan vir die kerk se posisie in die eietydse Suid-Afrika is. In die lig van die standpunt dat die Suid-Afrikaanse staat steeds koloniaal van aard is, sal ingegaan word op hoe die kerk as vernaamste alternatiewe sentrum van mag en waarheid haar rol in die Suid-Afrikaanse samelewing kan speel.¹

Voor daar ingegaan word op die opkoms van die moderne akademiese obsessie met mag, net eers enkele opmerkings oor die agtergrond van hierdie betoog. Oor die afgelope dekade of meer is as ek as filosoof en vriend van die kerk dikwels met 'n nogal ironiese houding vanuit kerklike geledere gekonfronteer. Dit is 'n houding wat dikwels deur kerkleiers of predikante verwoord word met die woorde: “Julle filosowe moet ons help om te verstaan wat vandag aangaan.”

Hoewel die vriendskaplike gees van hierdie versoek altyd waardeur word, is die ironie van die versoek onmiskenbaar, omdat wat in 'n sekere sin nodiger is, is dat die *teoloë* die *filosowe* moet kom help om ons tyd te verstaan. Nog juister: die tyd waarin ons leef, kan nie begryp word sonder 'n begrip van een van die mees bepalende en rampspoedigste gebeure die afgelope duisend jaar nie, naamlik die skeiding tussen die teologie en die filosofie wat in die

Westerse kerk plaasvind vanaf die laat Middeleeue, en wat danksy die Suid-Afrikaanse koloniale en sendinggeskiedenis min of meer net so in Suid-Afrika gereproduseer is.² Om ons tyd te begryp, is die hernude gesprek tussen die teologie en die filosofie dus van die allergroutste belang, soos wat hopelik hier onder duideliker sal word.

Laat ek voorlopig bondig verduidelik waarom ek hierdie standpunt inneem. Oor die afgelope eeu of wat is 'n hele aantal teorieë oor die opkoms en aard van, en gepaste antwoord op, die uitdagings van die moderniteit ontwikkel. In sy uitstaande boek *The theological origins of modernity* (2008) som Michael Allen Gillespie die vernaamste posisies sedert die Tweede Wêreldoorlog op. Volgens 'n eerste posisie, verteenwoordig deur denkers soos Leo Strauss, Hannah Arendt en Eric Voegelin, spruit die katastrofes van moderniteit uit 'n vertekende Verligtingsopvatting van rasionaliteit. Die voorgestelde kuur hiervoor is 'n terugkeer na die Griekse oudheid en dié se opvattinge van die rede, die waarheid en die politiek.

'n Tweede posisie sien in navolging van Martin Heidegger die Westerse tradisie as sodanig as die sondebok en betoog vir 'n filosofie van verskil as die gepaste regstelling. Die invloedryke Franse filosowe Jacques Derrida en Gilles Deleuze sluit hierby aan. 'n Derde posisie wil dit weer hê dat ons nog nie modern genoeg is nie, en bevorder die ideaal van 'n estetiese, multikulturele projek. Ná 9/11, voer Gillespie aan, is laasgenoemde posisie nie meer so invloedryk nie, omdat dié se aanname van die meerderwaardigheid van die rede bo die godsdiens nou nie meer so oortuigend is nie.

Dit bring ons dan by 'n vierde posisie, waar die genealogie van die moderniteit herlees word om aan te toon dat die religie onderliggend aan die moderne rede en die moderniteit is. Hierdie posisie noem ek die teologies-filosofiese kritiek van moderniteit.³ Volgens hierdie posisie is die opkoms van die moderniteit die gevolg van die herbewerking van Christelike motiewe en praktyke teen die agtergrond van die ineenstorting van die Latyns-Christelike Middeleeuse orde.⁴ Denkers wat oor die afgelope vyf dekades en meer met hierdie posisie verbind word, sluit in Henri De Lubac,⁵ Karl Löwith,⁶ Hans Blumenberg,⁷ Ivan Illich⁸ en Charles Taylor.⁹ In die afgelope twee dekades is hierdie posisie veral deur die sogenaamde Radikale Ortodoksie onder leiding van John Milbank, Graham Ward en Catherine Pickstock sterk uitgebou. Milbank se eerste groot boek, *Theology and social theory: Beyond secular reason*, waarvan die eerste uitgawe in 1990 verskyn het, is die grondteks van die Radikale Ortodoksie, en ek sal in hierdie artikel sterk by Milbank aansluit. Ek doen dit ook teen die agtergrond van die moontlik foutiewe waarneming dat veral die (Suid-) Afrikaanse Protestantse wêreld nog min aandag aan hierdie idees gegee het, en met die hoop dat hierdie artikel sal help om dié saak reg te stel.¹⁰

Hiermee kan vervolgens oorgegaan word tot 'n ideehistoriese oorsig oor die opkoms van die moderne akademiese obsessie met mag.

1. Die moderne opkoms van mag

1.1 Ockham

Ons verhaal begin by die nalatenskap van die Franciskaanse teoloog-filosof Willem van Ockham (c. 1288 – c. 1348), wat later as die grondlegger van die nominalisme bekend sou

staan, ofskoon hy nie self die term gebruik het nie. Ockham is in belangrike opsigte dié voorloper van die Westerse moderniteit, naamlik met sy klem op die wilsmatige individu wat sy vrye keuses uitoefen, sy verwerping van 'n geordende kosmos, sy skeiding tussen God en mens, sy skepsis oor die verband tussen woorde en dit waarna hulle verwys, en sy grondlegging van die moderne wetenskap met sy klem op kennis deur empiriese toetsing en ervaring. 'n Kritieke versteuring van die balans tussen die Christelike skeppingsverhaal en die rasonale kosmos van die filosofie vind plaas wanneer Aristoteles se denke in onderskeidelik 1270 en 1277 vanuit die Katolieke kerk verketter word deur plasing van die klem op God se almag en vryheid eerder as op God se liefde en redelikheid. Dit is 'n benadering wat ook deur Ockham gevolg is. Ockham voer aan dat alles wat bestaan, suiwer die gevolg van God se genade en vryheid is, en dat die enigste kennis van God wat moontlik is, gebaseer is op openbaring deur geloof, waarmee afgesien word van die gedagte van 'n kenbare God deur sy ordelike skepping. God word nou 'n onverskillige wese wat slegs teenoor Godself verantwoordelik is.

Hiermee laat vaar Ockham ook die gedagte van universeles en voer hy aan dat elke ding wat bestaan, radikaal individueel en vir sy bestaan van God afhanklik is. Daar is nie meer so iets soos algemene nature of kategorieë nie, slegs unieke syndes (beings). Voorts word die gedagte van 'n kenbare synsorde vernietig, en daarmee saam die gedagte van die verband tussen taal en dit wat geken word: aangesien ons geen universele uitsprake kan maak nie, is die stabiele betekenis van begrippe as samehangend met dit waarna dit verwys, onmoontlik. God se onvoorspelbare, onkenbare wil word die skrikwekkende hoeksteen van die werklikheid, en die logiese uitspraak word in die wetenskap vervang met die hipotese getoets aan ervaring. God word so wilsmatig deur Ockham verstaan dat hy aanvoer dat God net sowel 'n donkie of 'n klip in plaas van die Seun as ons verlosser kon gestuur het. Ockham probeer nog orde bewaar met sy onderskeid tussen God se *potentia absoluta* en *potentia ordinata*, waarvolgens God mag ordelik uitoefen, maar hy kon geen waarborg gee oor waarom God hierby moet hou nie. Ockham verwerp die rol wat natuurlike teologie (teologiese filosofie) kan speel om God se eienskappe vas te stel, en daarmee begin hy om openbaring bo rede te beklemtoon, wat uiteindelik sou uitloop op die moderne fideïsme. Aangesien Ockham die natuur as bron van kennis oor God verwerp het, het hy nog 'n ironiese gevolg met sy denke laat plaasvind, naamlik dat hy die gesag van die Bybel as enigste bron van kennis oor God sterker beklemtoon het, maar suiwer op grond van geloof – die oomblik wat hierdie standpunt uit 'n rasonale hoek uitgedaag is, sou dit groot probleme hê, soos tans ook gebeur in die filosofie na die Verligting. Uiteindelik het Ockham se denke gelei tot die siening van 'n donker, onkenbare, vreesaanjaende God en 'n onkenbare, chaotiese natuur. Deur God se almagtige wil bo God se liefde en rede te beklemtoon, soos wat die klassieke Christendom gedoen het, het van Ockham se volgelingen uiteindelik ook spanning gedryf tussen God se goedheid en God se almag – as God ook die bose geskape het, so lui die argument, kan God nie absoluut goed wees nie, en as God nie die bose geskape het nie, kan God nie almagtig wees nie.¹¹

1.2 Machiavelli

In een van sy vroeëre boeke, *Nihilism before Nietzsche*,¹² wys Gillespie daarop dat niemand minder nie as die grondlegger van die moderne rasionalisme en een van die vaders van die moderne wetenskap, René Descartes, by die Jesuïeteskool La Flèche, waar hy opgelei is, grondige blootstelling aan die nominalisme en dié se siening van 'n donker, onkenbare, wilsmatige God gekry het. Descartes se metafisiese worsteling, wat uiteindelik die grondslag

van sy beroemde uitspraak *cogito ergo sum* en sy wetenskaplike metode geword het, begin by die vraag: Sê nou maar dié siening van God is reg, en God blyk 'n aartsmisleier te wees, wat kan die mens doen om sekerheid te kry? Anders gestel, deur Descartes se uiters invloedryke denkeksperiment word Ockham se afdwaling van die klassieke Christelike Godsbeeld onbedoeld die grondslag van die moderne wetenskap.

Maar die obsessie met 'n almagtige, wilsmatige God was nie slegs op die terrein van die kennisleer invloedryk nie. Dit was ewe invloedryk op die terrein van die politieke filosofie. In hierdie verband staan ons eerstens kortliks stil by die grondlegger van die moderne politieke filosofie, Niccolò Machiavelli (1469–1527).

Soos alom bekend is, het die briljante Machiavelli sy politieke en militêre loopbaan in die Renaissance-republiek van Florence in onstuimige tye deurgebring. Om meer presies te wees: Machiavelli dien Florence teen die agtergrond van die oorgang vanaf die Middeleeuse *Respublica Christiana* na die moderne territoriale staat wat, soos die Amerikaanse politieke wetenskaplike, Thomas Ertman aangedui het, gebou is op gebiedsuitbreiding, oorlog en belasting.¹³ Waar die *Respublica Christiana*, geskoei op St. Augustinus se *Stad van God*,¹⁴ 'n duidelike onderskeid tussen pous en prins gestel het, en ook duidelike grense aan hulle onderskeie ambisies binne een Christelike orde, leef Machiavelli in die tyd waarin hierdie grense sienderoë, skromeloos en met baie bloedvergieting uitgewis word. Machiavelli het as Florence se minister van buitelandse sake hierdie oorgang nie net eerstehands in die regeersale van Europa meegemaak nie, maar dit ook meer bepaald aan sy eie lyf gevoel toe die magtige Medici-familie Florence in 1512 herower het en Machiavelli vir sy offervaardigheid beloon is met 'n jaar van tronkstraf en marteling. Hierna het hy hom in betreklike armoede teruggetrek op sy plasie buite die stad en onder meer sy invloedryke boek *Die prins* geskryf. Enigiemand wat die aard van die moderne staat en die moderne staatspolitiek wil verstaan, hoef nie verder as hierdie merkwaardige teks te soek nie.

Vir die doeleindes van my breë argument verwys ek hier kortliks na net twee aspekte van *Die prins*. Die eerste is dat *Die prins* afskeid neem van die siening van die politiek as die nastrewing van die openbare goeie wat nagenoeg vanaf Perikles se Grafrede in Athene (431 v.C.) tot met Aquinas gestaan het. In die plek hiervan voer Machiavelli aan dat die politiek in die eerste plek gaan om die verkryging en handhawing van mag.¹⁵ Die tweede aspek van *Die prins* wat vir die opkoms van moderne mag belangrik is, is Machiavelli se beskouing van die werklikheid as een waarin vrede die uitsondering en oorlog die reël is. In hoofstuk 14 van *Die prins* skryf hy:

'n Ongewapende man is hoegenaamd nie met 'n gewapende man te vergelyk nie, en dit is nie redelik om te verwag dat 'n gewapende man 'n ongewapende een gewilliglik sal gehoorsaam nie, of dat 'n ongewapende man veilig sal wees tussen gewapende dienaars nie; want in die laaste geval sal daar aan die een kant agterdog en aan die ander kant minagting wees, en gevolglik sal goeie samewerking onmoontlik wees. Daarom sal 'n prins wat nie kennis dra van militêre sake nie ... ook nie deur sy soldate gerespekteer word nie, en hy kan hulle daarom ook nie vertrou nie. Hy behoort dus nooit sy gedagtes van die onderwerp van krygskunde af te neem nie, en in vredestyd moet hy selfs meer aandag daaraan bestee as in oorlogstyd ... (Machiavelli:60-61)

Met hierdie werklikheidsbeskouing staan Machiavelli volledig haaks op St. Augustinus, wat op beroemde wyse in sy *Stad van God* vrede tot die wesenskenmerk van die werklikheid verklaar het toe hy geskryf het:

Anyone who joins me in an examination, however slight, of human affairs, and the human nature we all share, recognizes that just as there is no man who does not wish for joy, so there is no man who does not wish for peace. Indeed, even when men choose war, their only wish is for victory; which shows that their desire in fighting is for peace with glory.¹⁶

1.3 Hobbes

Die Engelse politieke denker Thomas Hobbes (1588–1679), wat ’n eeu ná Machiavelli die volle bloedige implikasies van die opkoms van die moderne territoriale staat ook eerstehands meegemaak het, lewer met sy beroemde boek *Leviathan* ’n verdere belangrike bydrae om mag te verhef tot ’n hoeksteen van die politiek. Soos welbekend is, was Hobbes ’n ondersteuner van koning Karel die Eerste. Hierdie ondersteuning was vir Hobbes so gevaarlik dat hy uit ’n erg onstabiele Engeland na Parys moes uitwyk, waar hy *Leviathan* geskryf het. Soos Milbank sy lesers herinner, bestaan ongeveer die helfte van *Leviathan* uit teologiese besinnings, waarmee Hobbes die weg vir sy politieke filosofie voorberei het. Volgens Milbank is ’n sleutelaspek van Hobbes se teologiese besinnings die wyse waarop hy die begrip van *dominium* hersien. Volgens dié hersiening beteken die mens se dominium oor die aarde nie trusteeenskap soos wat Aquinas dit wou hê nie, maar eerder die vroeëre Romeinse begrip van “absolute besit van” en “beheer oor”. Kortom, Milbank toon aan hoe Hobbes met swak teologie ’n heidense element in sy politieke teologie insmokkel, wat wesenlik blyk te wees vir sy regverdiging vir die noodsaak van ’n bykans almagtige soewerein, wat as’t ware die menslike eweknie van Ockham se donker, wilsmatige God is.¹⁷ Dit doen Hobbes ook teen die agtergrond van sy tipering van die natuurstaat as ’n toestand waarin alle mense kwansuis gelyk is, dieselfde dinge begeer en dus in ’n potensiële oorlog van almal teen almal gewikkel is.¹⁸ Die soewerein, aan wie ons dan almal by wyse van ’n maatskaplike verdrag die sentrale mag moet oordra, kom dan tot stand as ’n wesenlik almagtige figuur wie se eerste verpligting teenoor die burgers die versekering van hulle veiligheid is. Dit is danksy Hobbes se teoretisering van moderne staatsmag dat daar vandag nog geredeneer word dat indien die staat nie sy burgers se veiligheid kan verseker nie, die staat se legitimiteit in die gedrang kom. Laastens moet ook in verband met Hobbes gewys word op die beroemde voorblad van *Leviathan*, wat vandag nog byvoorbeeld op die buiteblad van die Penguin-uitgawe gebruik word, en wat duidelik uitbeeld hoe die soewerein sowel die gesag van die staat as die gesag van die kerk in sy persoon verenig. Daarmee het die Augustynse Middeleeuse orde van die skeiding van die magte van pous en prins dan ook finaal ten einde geloop.

1.4 Nietzsche

Ter wille van die argument en op gevaar van erge vereenvoudiging af, word die verhaal voortgesit deur vier eeue verder te spring na die Duitse denker Friedrich Nietzsche (1844–1900). Min moderne denkers kan daarop aanspraak maak dat begrippe soos Nietzsche se dood van God, die ewigdurende wederkeer, die Oppermens of, les bes, die wil-tot-mag so bekend geword het ver buite formele filosofiese of akademiese kringe. Die Nietzsche-literatuur en die verskillende vertolkings van hom is vandag omvattend en toon ook geen einde aan sy groei nie, maar vir die doeleindes van my breë argument wil ek in aansluiting by

Milbank kortliks stilstaan by Nietzsche se neoheidense beskouing van die werklikheid as 'n nimmereindigende spel van kragte, 'n ewigdurende magstryd.

Dit is veral in twee van sy latere werke, *Die genealogie van morale*¹⁹ en *Die wil-tot-mag*,²⁰ dat Nietzsche sy magsontologie²¹ grondig ontwikkel teen 'n ewe betekenisvolle politieke agtergrond as in die gevalle van Machiavelli en Hobbes, naamlik die magsopbou van die industriële Wes-Europese nasiestate wat uiteindelik sou uitloop op die twee industriële oorloë beter bekend as die Eerste en Tweede Wêreldoorlog. Soos Milbank Nietzsche se sienings opsom, het Nietzsche met 'n soort donker antisipatie hierdie oorlogsugtige dekades voorsien. Met verwysing na die gewelddadige uiteinde van Nietzsche se magsontologie skryf Milbank: "Nietzsche ... taught that, in future, for those unable to sustain the rigours of artistic self-determination, the best that could be hoped for was the discipline of a State organized for war" (Milbank:318).

Vir die doeleindes van die eietydse gesprek tussen teologie en filosofie is dit ook belangrik om daarop te let dat Nietzsche se projek ten diepste anti-Christelik was. Die eietydse Italiaanse denker Giuseppe Fornari beskryf in sy onlangse boek *A God torn to pieces* (2013) hoe Nietzsche se ganse filosofie vertolk kan word as 'n verwoede en mislukte mimetiese poging om die Christendom te troef, in die sin dat hy die Christendom wou nadoen betreffende die omvattende maatskaplike verandering wat dié te weeg gebring het, dog uiteraard op eksplisiet anti-Christelike, neopaganistiese wyse.

1.5 Foucault

Waar Nietzsche gedurende sy eie leeftyd slegs enkele honderde van sy boeke kon verkoop, was dit ietwat anders gesteld met een van sy bekendste en invloedrykste eietydse erfgename, die Franse historiese denker Michel Foucault (1926–1984). Foucault het gedurende sy lewe nie net honderde, duisende boeke verkoop nie, maar was eweneens met sy afsterwe 'n filosofiese rockster wie se roem van Kalifornië tot Japan gestrek het. Ofskoon Foucault se ster tans in die Anglo-Saksiese filosofiese wêreld nie meer so helder soos die sterre van Deleuze en Derrida skyn nie, bly sy nalatenskap steeds baie invloedryk in die humaniora.

In hierdie verband wil ek net kortliks na enkele aspekte verwys. In die eerste plek het sy metode van sogenaamde diskoersontleding, waarvolgens die noukeurige aandag aan taalgebruik ons in staat sal stel om onderliggende magspatrone te identifiseer, geweldig invloedryk blyk te wees. Soos in die geval van Derrida en die dekonstruksie word daar vandag geredelik na diskoersontleding verwys sonder om noodwendig Foucault se naam te noem. Die merkwaardige hiervan is dat beoefenaars van die diskoersontleding oënskynlik totaal onkrities staan oor die onderliggende aanname van die beweerde verband tussen taalgebruik en magspatrone, so asof alle taalgebruik noodwendig magspatrone weerspieël. In hierdie opsig is Foucault en sy volgelinge vandag die erfgename van Ockham se verbreking van die band tussen taal en die werklikheid waarna dit verwys, en is mag nou verhef tot die somtotaal van die werklikheid.

'n Tweede aspek van Foucault waarna ek kortliks hier wil verwys, is die diepgesetelde wantroue in instellings en hiërargieë waartoe veral sy beroemde werk oor moderne, dissiplinêre staatsinstellings bygedra het.²² Die onderliggende tese van die werk, wat voortspuit uit die Nietzscheaanse beskouing van die werklikheid as 'n nimmereindigende magstryd, is dat instellings áltyd een of ander magsagenda dien, en dat moderne instellings

die agenda van maatskaplike beheer ter wille van die stabiliteit van die staat dien. Hoewel Foucault wel in sy laaste fase, waarin hy op die Grieks-Romeinse oudheid gefokus het,²³ blyke gegee het van 'n minder eensydig negatiewe opvatting van mag, is hierdie nuanse nie altyd by sy eietydse volgelinge sigbaar nie. Tekens hiervan is dat instellings soos universiteite en kerke as't ware by verstek met agterdog bejeën word, dat alle vorme van hiërargie noodwendig met magsmisbruik verbind word, en dat enige aanspraak op tradisie en die waarheid van tradisie – om maar van die waarheid self te swyg – met agterdog bejeën word. In sy uiterste vorm kom hierdie benadering op volslae paranoia neer, in die sin dat alle vorme van waarheid en betekenis sonder meer met agterdog bejeën word. Paranoia is die teenoorgestelde van geloof, waarvolgens alle vorme van waarheid en betekenis in die eerste plek met ontvanklikheid en verwondering bejeën word.

Om saam te vat: in hierdie afdeling het ek kortliks 'n oorsig gegee oor vyf moderne denkers wat bygedra het tot die opkoms van die moderne akademiese obsessie met mag. Ek het aangevoer dat Ockham se beklemtoning van God se almag en wil ten koste van God se liefde en rede lei tot die vestiging van 'n uiters invloedryke moderne Godsbeeld en werklikheidsbeskouing. Teen hierdie agtergrond tree eers Machiavelli en dan Hobbes na vore as figure wat die moderne instelling by uitstek, naamlik die moderne territoriale staat, legitimeer met verwysing na 'n magsontologie. Vier eeue later voer Nietzsche hierdie magsontologie tot sy uiteinde in 'n soort geperverteerde, omgekeerde Christendom waarin geweld en oorlog gevier word, en wat Foucault 'n eeu later verhef tot 'n oënskynlik respektabele akademiese studieveld. Kortom, wat ek probeer aantoon het, is hoe die einde van die Latyns-Christelike Middeleeuse orde en die skeiding tussen teologie en filosofie uiteindelik uitloop op 'n nuwe werklikheidsbeskouing waarvan mag die groot kenmerk is.

Hiermee wil ek nie voorgee dat die vraag na mag nie van die grootste belang is nie. Ek wil bloot aandui dat indien juis die kerk die vraag oor mag aan die orde stel, dit met die grootste omsigtigheid gedoen moet word. Daarmee bedoel ek dat in plaas daarvan om moderniteit as perversie van die Christendom en sy profete na te praat, die kerk eerder erns moet maak met haar eie tradisie as dit by die nadenke oor die aard van die werklikheid kom. Anders gestel: as die moderniteit en sy uitdagings verstaan moet word as die basterkind van die Christendom, dan is die aangewese weg vir die Christendom om die moderniteit met verwysing na haar eie bronne te hanteer.²⁴ Voor ek die implikasies hiervan in die slotafdeling met verwysing na die Suid-Afrikaanse konteks probeer uiteensit, staan ons nou eers in die volgende afdeling kortliks stil by die teologies-filosofiese kritiek van die moderniteit, en die afgelope eeu se herlewering van die Patristiek as voorbeeld van 'n Christelike antwoord op die moderniteit en die vraag na mag.

2. 'n Christelike antwoord op die moderniteit

Hier bo is reeds verwys na 'n aantal Christelike denkers wat oor die afgelope halfeeu en meer die moderniteit vanuit Christelike uitgangspunte begin bevraagteken het en 'n alternatief daarvoor begin soek het. In hierdie afdeling sal slegs 'n bondige oorsig van die vernaamste aspekte van hulle werk uitgelig word, ten einde ons in die slotafdeling in staat te stel om in die Suid-Afrikaanse konteks oor mag, die staat en die kerk na te dink.

2.1 Die kerk en die breuk van die moderniteit met die tradisionele Christendom

Wat hopelik in die loop van die uiteensetting hier bo duidelik geword het, is dat ofskoon die moderniteit verstaan moet word as gebou op die brokstukke van die Latyns-Christelike Middeleeuse orde, dit terselfdertyd ook 'n radikale breuk met daardie orde verteenwoordig. Hierdie breuk kan op verskillende vlakke uitgewys word, maar vir die doeleindes van my breë argument word slegs na drie van hierdie vlakke verwys, naamlik die posisie van die kerk in die samelewing, die aansien van tradisie, en die gesprek tussen die teologie en die filosofie.

Wat die posisie van die kerk in die samelewing betref, het dit hopelik in afdeling 1 hier bo duidelik geword dat die moderne territoriale staat se vernaamste institusionele teenstander niks anders nie as die kerk is.²⁵ Tekenend hiervan is hoe Machiavelli reeds in sy tyd die sekulêre heerser aangemoedig het om 'n blaadjie uit die boek van die kerk te neem as dit kom by die vestiging van sy absolute gesag oor sy onderdane.²⁶ Soos onder andere die politieke teoloog William T. Cavanaugh²⁷ en die Suid-Afrikaanse politieke regsfilosoof Koos Malan²⁸ aangetoon het, word die kerk se beslissende nederlaag teenoor die staat beseël met die erkenning van godsdiensvryheid en veral John Locke (1632–1704) se omskrywing van godsdiens as 'n private, innerlike aangeleentheid. Die erkenning van godsdiensvryheid, wat deur die Franse filosoof Jean Bodin (1530–1596) aangevoer is teen die agtergrond van 'n magstryd tussen Katolieke en Protestante wat die stabiliteit en integriteit van die opkomende Franse staat bedreig het, was 'n eerste tree om die kerk van die politieke en openbare terreine te verwyder. Locke se privatisering van geloofsoortuigings het dit 'n stappie verder geneem deur sy verklaring dat die politiek eintlik die terrein van die staat is. Enige kerkverband wat in die lig hiervan nie in spanning met die magsambisieuse moderne staat verkeer nie, ly aan historiese geheueverlies.

Dit bring ons by die aansien van tradisie. As daar een ding is wat moderne denkers vanaf Machiavelli tot Nietzsche gemeen het, is dit die afwys van tradisie en die aanspraak op 'n radikaal nuwe manier van dink en doen. Dit is waarom ek die moderniteit omskryf as die tradisie wat gekonstitueer word deur die afwys van tradisie. 'n Tradisiegerigte filosoof soos Alasdair MacIntyre wys daarom ook in sy werk dat die moderniteit nie die *einde* van tradisie is nie, maar bloot nóg 'n tradisie.²⁹ In die lig van die feit dat die moderniteit, soos in afdeling 1 belig, verstaan kan word as die pervertering van die Christelike tradisie, kan in aansluiting by MacIntyre geredeneer word dat in plaas daarvan om die tradisioneel moderne gewaande afskeid van tradisie te neem, die gepaste posisie eerder is om vanuit die Christelike tradisie antwoorde op die uitdagings van die moderniteit en die vraag na mag te soek. Hieraan kan egter nie uitvoering gegee word as nie ook rekening gehou word met die feit dat die moderniteit ook ernstige skade aan die Christendom se bewustheid en kennis van haar eie tradisie aangerig het nie. Dit val buite die bestek van hierdie artikel om verder op hierdie wesenlike saak in te gaan, maar ter wille van volledigheid verwys ek die leser na twee belangrike boeke wat in die afgelope jare hieroor gepubliseer is, naamlik Ross Douthat se *Bad religion* en Brad S. Gregory se *The unintended Reformation*. Waar Douthat aandui hoe die Amerikaanse Christendom se geheueverlies sedert die jare sewentig van die vorige eeu manifesteer as die uiters ironiese herlewing van oeroue dwaalleringe wat reeds in die eerste eeue na Christus deur die kerk afgewys is, toon Gregory weer hoe die Hervorming se breuk met die tradisie verreikende gevolge vir die moderne politiek, kennisleer, etiek, kultuur en so meer gehad het. Wat boeke soos hierdie duidelik maak, is dat die Christen wat vanuit haar tradisie op die moderniteit en die vraag na mag wil antwoord, baie seker moet maak sy weet wat haar eie tradisie behels, want die kans is goed dat sy nie sonder meer sal weet nie.

Wat die derde aspek, naamlik die gesprek tussen die teologie en die filosofie, betref, is dit hopelik nou ook duidelik waarom hulle mekaar vandag broodnodig het. Die filosoof wat die teoloog van irrasionale fideïsme verdink, is ewe onverantwoordelik as die teoloog wat die filosoof as die draer van verligte rede beskou. Natuurlik is hierdie stereotipes soms waar, soos dit maar met alle stereotipes gaan, maar in soverre sowel die moderne filosofie as die moderne teologie gebrekkige, fragmentariese antwoorde op die moderniteit en die vraag na mag bied, is dit van wesenlike belang dat die twee dissiplines saamwerk aan 'n rekonstruksie van die Christelike tradisie ten einde te soek na 'n maatskaplike orde waarin die mens die geskenk van die goeie werklikheid volledig uit die hand van die *Mensliewende* kan ontvang.

2.2 'n Ontologie van vrede

Aan die einde van die hoofstuk waarin hy sy kritiek op Nietzsche, Heidegger en die Franse postmoderne denkers lewer, stel Milbank die volgende vraag:

The crucial question here would be: why, if power is only an idea, a fiction (albeit a fiction in whose trammels we seem inextricably caught), cannot there be an alternative invention of a social and linguistic process that is not the dominance of arbitrary power (that is to say, of power in the sense of violence)? (Milbank 2006:324)

Milbank se eie antwoord op hierdie vraag is om aan te sluit by St. Augustinus se ontologie van vrede. Milbank skryf:

Or can we take again Augustine's step beyond the Manichees, can we conceive an alternative that is a real social practice, a transmission of desire that is (despite the overlays of power) still faintly traceable as a pure persuasion without violence? "To conceive" means of course to experience, to discover, for we cannot know in the abstract that there is such a desire.

Only, therefore, if we can reinvoke, like Augustine, another city, another history, another mode of being, can we discover for ourselves a social space that is not the space of the pagus crossed with the dominium of an arbitrary, voluntarist God. (Milbank 2006:326)

Hierop brei Milbank uit in die slothoofstuk van sy boek met die mooi en uitdagende titel *The other city: Theology as a social science*. Die essensie van Milbank se betoog is dat die motief van die stad teenoor die allesomvattende staat in beskerming geneem moet word, en dat die kerk as hierdie stad met die teologie as haar vertolker beskou moet word. Ter wille van die breë argument word Milbank se standpunte hieroor nie hier verder opgesom nie, maar sal ek eerder in die slotafdeling hier onder stilstaan by wat dit beteken om die kerk as vredestad, Irenopolis, teenoor die geweldsugtige moderne staat in Suid-Afrika te bedink.

2.3 Die liturgiese stad

Een van Milbank se bekendste doktrale studente, Catherine Pickstock, publiseer in 1998 op die ouderdom van 28 die baanbrekende boek *After writing: On the liturgical consummation of philosophy*. Die tese van Pickstock se boek, wat onder meer 'n vernietigende kritiek op Jacques Derrida se sofisme en nihilisme bevat,³⁰ is dat die moderniteit verstaan moet word as

'n proses van enorme liturgiese verarming. Wat liturgie as bindmiddel vir die Latyns-Christelike Middeleeuse Christendom was, is wat dissipline vir die moderne staat is.³¹ In die verlenging van hierdie tese skryf Pickstock elders: "Traditional communities governed by liturgical patterns are likely to be the only source of resistance to capitalist and bureaucratic norms today."³²

In aansluiting by Pickstock en by die punt wat pas hier bo aangaande die Christendom se herontdekking van haar eie tradisie gemaak is, moet gesê word dat dié herontdekking nie slegs op die vlak van idees lê nie, maar ook en veral op die vlak van liturgie. Dit is nie om dowe neutte nie dat die Kappadosiese kerkvader St. Gregorius die Teoloog (Naziansus) per geleentheid geskryf het dat die asketiese lewe die voorwaarde van die beoefening van die teologie is.³³ Veral vir die toutologies-benoemde gebied van die praktiese teologie is hierdie insig 'n belangrike rigtingwyser in gesprek met die moderniteit en die vraag na mag. Om maar een voorbeeld vanuit die tradisionele Christelike liturgie te noem: Watter beter demonstrasie van oorgawe kan daar wees as om die siklus van meer as 20 dienste in die week tot met Opstandingsondag te doen?

Om op te som: In hierdie afdeling het ek bondig verwys na slegs drie vername aspekte van die Christelike antwoord op die moderniteit en die vraag na mag. In die eerste plek is verwys na die kerk in die samelewing teen die agtergrond van die herwinning van ons eie tradisie, die noodwendig gespanne verhouding met die staat, en die gesprek tussen die teologie en die filosofie. In die tweede plek is verwys na Milbank se pleidooi vir 'n ontologie van vrede, en in die derde plek na Pickstock se pleidooi vir 'n hernude liturgiese lewe.

Dit bring my nou by die laaste afdeling, waarin vanuit 'n tradisioneel Christelike hoek besin sal word oor mag, die staat en die kerk in Suid-Afrika.

3. Mag, die staat en die kerk in Suid-Afrika

Hier bo is aangevoer dat die skeiding tussen die teologie en die filosofie, en by implikasie die moderniteit self, grootliks na Suid-Afrika oorgedra is in ons koloniale en sendinggeskiedenis. As ons nie onself wil koloniseer deur bloot Westerse gespreksgenote na te praat nie, is dit noodsaaklik dat ons as Suid-Afrikaners ook ons eie konteks behoorlik moet takseer. In hierdie afdeling sal ek dit probeer doen deur eerstens stil te staan by die aard van die Suid-Afrikaanse staat, tweedens enkele opmerkings oor die aard en stand van die Suid-Afrikaanse Christendom te maak, en derdens en laastens enkele voorstelle te maak oor die kerk en die vraag na mag in Suid-Afrika.

3.1 Die Suid-Afrikaanse staat

'n Belangrike verwarring wat gereeld in die politieke besinning oor Suid-Afrika voorkom, is dié tussen die staatkundige bestel en die staat self. Hierdie verwarring manifesteer veral wanneer geredeneer word dat die verandering vanaf die staatkundige bestel van apartheid na die staatkundige bestel van 'n grondwetlike demokrasie ook neerkom op 'n verandering in die aard van die Suid-Afrikaanse staat self. Natuurlik laat staatkundige verandering in Suid-Afrika die struktuur van die Suid-Afrikaanse staat nie heeltemal onveranderd nie, maar vir praktiese doeleindes het hierdie struktuur vanaf die Britse koloniale era tot vandag in so 'n

mate onveranderd gebly dat ek dit beskryf as die durende koloniale aard van die Suid-Afrikaanse staat. Kortom, ek voer aan dat ons steeds in 'n koloniale staat leef. Waarom?

Uit wat hier bo oor die moderne territoriale staat vanaf die 16de eeu gesê is, kan afgelei word dat dié staat toenemend gekenmerk is deur 'n sameval tussen die staat en sy gemeenskap. Hierdie sameval is weliswaar te danke aan massiewe projekte van maatskaplike dissipline waarin die onderwysstelsel, die misbruik van die religie deur die opkomende moderne territoriale staat as instrument van politieke mobilisasie (veral in die sogenaamde Europese godsdiensoorloë van die tyd) asook dié se wetlike monopolie op geweld alles 'n rol speel. Maar hoe onaptylik hierdie tegnieke ook al is, bly die feit dat dit alles gehelp het om die moderne staat en sy gemeenskap as spieëlbeelde van mekaar te vorm.

In die geval van Suid-Afrika het kolonialisme onder meer die uitvoer van die moderne territoriale staatsopvatting hierheen behels. Dit sou dan ook beteken dat Suid-Afrikaanse gemeenskappe onder die gesag van hierdie staat gebring moes word en uiteindelik spieëlbeelde van die staatsideologie word. Maar waar die staat in Europa, soos hier bo aangetoon is, voorafbestaande fragmente van die Latyns-Christelike Middeleeuse samelewingsorde kon herbewerk en inspan om hierdie oogmerk te bereik, was daardie middele nie in Suid-Afrika beskikbaar nie. Anders gestel, vanaf die vroegste koloniale staatsboupoging in Suid-Afrika was die gaping tussen die staat en die gemeenskappe baie groter as in Wes-Europa. Die implikasie hiervan is dat die mate van dwang wat ingespan sou moes word om staat en gemeenskap hier nader aan mekaar te bring, baie groter as in Wes-Europa was. In soverre die onderwysstelsel 'n minder gewelddadige vorm van maatskaplike manipulasie is as polisiëring, en in soverre die openbare onderwysstelsel in Suid-Afrika sedert 1652 tot vandag óf onderontwikkeld óf wanfunksioneel was en is, in dieselfde mate sou die gemeenskappe nie onder die gesag van die staat gebring word nie, en sou geweldpleging vanuit en teen die staat potensieel groter as in Wes-Europa wees. Die aanname van 'n geweldlose maatskaplike orde, wat Charles Taylor beskryf as 'n toenemende gegewe in Wes-Europa ná die Tweede Wêreldoorlog,³⁴ sou dus tot vandag toe nog nie werklik in Suid-Afrika posvat nie – buiten onder die blanke bevolking, ironies genoeg vanweë die sukses waarmee hulle wel met 'n funksionele onderwysstelsel gemanipuleer is om die gesag van die staat tydens apartheid te aanvaar. Die staat se verwaarlosing van hierdie deel van die bevolking sedert die einde van apartheid verklaar dan ook waarom hulle toenemend die gesag van die staat uitdaag, en waarom die huidige regering alles in sy vermoë doen om met die rassekaart 'n bondgenootskap oor rasgrense heen te ondermyn. Die dag as so 'n bondgenootskap gevorm word, mag die einde van die huidige bedeling beteken, en dalk selfs 'n geskiedkundige geleentheid tot werklike staatshervorming. Maar ek loop my verhaal vooruit.

Die belangrikste grondtrekke van Suid-Afrika as kolonie is tussen 1850 en 1910 neergelê. Hierdie grondtrekke sluit die volgende in:

- Die model van voortreflikheid wat binnelands deur die Unie-, Afrikaner-nasionalistiese en Afronasionalistiese regerings nagestreef is, val buite die land se grense: in die Britse koloniale era was die model Londen; tydens apartheid was dit die Westerse wêreld; en sedert die einde van apartheid is dit China.
- 'n Minderheid beheer die meerderheid in die naam van die meerderheid: in die Britse koloniale era het 'n Britse elite die meerderheid in die naam van 'n

beskawingsprojek beheer; tydens apartheid het 'n wit elite dit in die naam van voogdyskap gedoen; en vandag doen 'n sogenaamde voorhoedeparty dit in die naam van transformasie.

– Die land se rykdom word onttrek en geëkspatrieer deur 'n elite wat sy posisie te danke het aan die rol wat hy as makelaar tussen binnelandse en buitelandse ekonomiese belange speel – veral die mynboubedryf is die groot deurlopende voorbeeld hiervan, asook hoe Britse, Afrikaner- en swart regerings hulle sukses gemeet het aan die posisie wat hulle ondersteuners in die mynbedryf geniet het.

– Die vernaamste magstrategie wat gevolg word om 'n sentralistiese staat se beheer te behou, is dié koloniale strategie van verdeel en heers: tydens apartheid was stamverband en die afspel van wit, swart en bruin teen mekaar voorbeelde hiervan, soos wat die spel van die rassekaart en die instandhouding van faksies sedert die einde van apartheid voorkom.

– Vanaf Uniewording in 1910 tot Republiekwording in 1961 tot konstitusionalisme in 1994 bly die Suid-Afrikaanse staat sentralisties.

– Dwarsdeur die drie staatkundige tydvakke vanaf 1910 tot vandag word een taal bo die ander inheemse tale bevoordeel: eers Engels, toe Afrikaans en nou weer Engels – in navolging van die groot Keniaanse skrywer Ngũgĩ wa Thiong'o³⁵ kan gesê word dat Suid-Afrika sonder 'n werklik veeltalige bestel koloniaal sal bly.

– Die skeiding van woon- en werkplek vir die meeste Suid-Afrikaners: dit begin by die Glenn Grey-wet van 1894, deur trekarbeid, en deur die koppeling van vernaamlik ryk, nywerheidsgebiede in die nasionale vervoerstelsel; in die geval van die ANC het dit nou gelei tot die ironie van 'n tradisioneel stedelike party wat nou vir sy steun van 'n sistemies uitgeslote tradisionele landelike kieserskorps afhanklik is.

– Die sentralisering en korporatisering van die land se kommunikasie- en medianetwerke ter wille van die sentralisering en sensurering van inligting.

Teen hierdie agtergrond word dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse staat nie net van 'n durende koloniale aard is nie, maar ook van meet af gedompel is in 'n voortdurende legitimeitskrisis, wat op beslissende oomblikke in die Suid-Afrikaanse geskiedenis lei tot 'n diaboliese dialektiek van populêre uitdaging van die staat en verhoogde geweldpleging vanuit staatsgeledere en vanuit burgerlike geledere. Soos onder meer Marikana en die hoë burgerlikeprotes-koers met toenemende geweldpleging aandui, is die land tans weer op so 'n breuklyn. Dit is opvallend dat sowel Afrikaner- as Afrika-nasionaliste die breuklyne van 1948 en 1994 hanteer het met 'n sekulêre burgerlike religie³⁶ wat aan hul ondersteuners 'n beter toekoms met staatsmag beloof het. Om redes waarop nie hier ingegaan kan word nie, is hierdie hoop telkens slegs in 'n mate verwesenlik.

Dit kan voorts aangevoer word dat aangesien albei nasionalismes uiteindelik misluk het om aan hulle verwagtinge te voldoen, en aangesien nie een van hulle die staat wesenlik kon hervorm nie, die land nou voor 'n beslissende kruispad te staan gekom het, waar die twee uiterstes van staatsverbrokkeling of wesenlike samewerking oor ou koloniale verdelingslyne heen nou die twee hoofopsies is.

Binne 'n Christelike vredesmodel is die opsie van wesenlike samewerking bykans vanselfsprekend die aangewese weg, maar voor ek in my gevolgtrekking hier onder daarby stilstaan, eers 'n kort besinning oor die Suid-Afrikaanse Christendom.

3.2 Die Suid-Afrikaanse Christendom

As 'n land waar die Christendom deur hoofsaaklik Westerse sendingwerk gevestig is, vertoon hierdie land se Christendom in sommige opsigte dieselfde breuklyne as die Westerse Christendom, waarna reeds hier bo verwys is. Daarbenewens is daar natuurlik 'n ryk geskiedenis van die verinheemsing van die Christendom in Suid-Afrika, wat onder meer tot die vestiging van die Afrikaanse Gereformeerde tradisie en die onafhanklike inheemse swart kerke gelei het.

Dit val buite my kundigheid en buite die bestek van hierdie artikel om behoorlik op die kenmerke van die Suid-Afrikaanse Christendom in te gaan, maar wat ek wel sal waag, is om in die lig van die argument wat tot dusver ontwikkel is, enkele opmerkings oor die Suid-Afrikaanse Christendom te maak.

My eerste indruk is dat dit in weerwil van 'n lofwaardige openbare uitgesprokenheid, nie baie diep in die klassieke Christendom verwortel is nie. Die Anglikaanse en die Katolieke kerk geniet natuurlik wel 'n mate van aanhang, maar die Ortodokse kerk is so te sê volledig onsigbaar in Suid-Afrika. As hierdie waarneming korrek is, beteken dit dat Suid-Afrikaanse Christelike leiers 'n groot taak het om hulleself en hul kuddes op te voed in die idees en praktyke van die klassieke Christendom as ons ons eie antwoord op die moderniteit in Suid-Afrika wil ontwikkel.

My tweede indruk is dat in weerwil van 'n betreklik sterk liturgiese bewussyn onder die inheemse swart kerke, die toon in die Suid-Afrikaanse Christendom vandag oorwegend deur 'n charismatiese teologie aangegee word. Binne hierdie teologie staan die fideïsme en 'n teologie van emosionele ervaring voorop, maar van 'n deurlopende liturgiese bewussyn in die alledaagse lewe, wat noodsaaklik in antwoord op die moderniteit is, is daar nie genoeg sprake nie.

My derde indruk is dat die ekumeniese gesprek, oftewel die hereniging van die liggaam van Christus, maar 'n sukkelbestaan voer. Suid-Afrikaanse Christelike leiers is oënskynlik meer besorg oor voete in die kerk as oor 'n wesenlike getrouheid aan die kernwaarhede van die Christendom, en die noodwendig uitdagende, verontrustende en selfs revolusionêre implikasies wat dit het.

Teen die agtergrond van hierdie baie skrapse, spekulatiewe opmerkings oor die Suid-Afrikaanse Christendom sluit ek nou af met enkele voorstelle oor wat die Suid-Afrikaanse Christendom tot die samelewing kan bydra.

3.3 Die kerk en die vraag na mag in Suid-Afrika

In die eerste plek het dit hopelik uit my breë argument duidelik geword dat die kerk in haar gesprek met die filosofie en die breër akademie kan luister, maar beslis ook moet praat. 'n Kerk wat twyfel aan haar eie gesag in 'n sekulêre moderniteit, is besig met 'n proses van selfsekularisering, wat nóg vir die kerk, nóg vir die wêreld goed kan wees.

In die tweede plek lê dit op die weg van die kerk in Suid-Afrika om rondom die idees en praktyke van die klassieke Christendom diep erns met eenheid te maak. Hierdie eenheid moet nie nagejaag word rondom belydenisskrifte nie – Nicea (325) is genoeg – maar rondom die gesamentlike viering van die liturgiese hart van die Christendom, oftewel die Kommunie, ook bekend as die Eucharistie of die Nagmaal. Die moderne staat en mark maak 'n geweldige deurlopende appèl op die bewussyn en liggaam van die individu, en slegs 'n hernude liturgiese lewe vanuit 'n verenigde kerk kan hierop werklik 'n antwoord bied.

In die derde plek behoort dit ook uit my breë argument duidelik te geword het dat die eintlike politieke verdelingslyn van toeke tot nou in Suid-Afrika dié tussen die staat en die gemeenskap is. Hoe die woordjie *gemeenskap* gedefinieer word, is vers twee, maar die Suid-Afrikaanse Christendom as draer van die gemeenskapsbegrip waarmee van die Grieks-Romeinse heidendom afskeid geneem is, moet die begrip van gemeenskap ten alle koste kultiveer. Waar gemeenskap beliggaam word, word die ontologie van die geskenk en van vrede beliggaam. Irenopolis is in die eerste plek daar waar die Kommunie saam gevier word, maar ook daar waar die gees van die Kommunie deursyfer na dade van gemeenskap in die alledaagse lewe. Hierdie dade van gemeenskap beteken nie net die sorg vir die armes, die weduwees en die wese nie, maar ook die soeke na bondgenootskappe ter wille van die totstandkoming van 'n Suid-Afrikaanse staat wat geregtigheid najaag.

In die vierde en laaste plek moet die Suid-Afrikaanse Christendom sy profetiese stem laat hoor. Twintig jaar ná die koms van 'n grondwetlike demokrasie is die gaping tussen die land wat ons belowe is en die land wat ons gekry het, groter as ooit. 'n Suid-Afrikaanse kerk wat werklik in gemeenskap met God leef deur die instandhouding van 'n liturgiese lewe, kan nie anders as om haar oor hierdie gaping uit te spreek nie.

Bibliografie

Augustine. 1984. *City of God*. Uit die Latyn vertaal deur Henry Bettenson. Londen: Penguin.

Bellah, Robert. 1970. *Beyond Belief: Essays in religion in a post-traditional world*. New York: Harper & Row.

Blumenberg, Hans. 1985. *The legitimacy of the Modern Age*. Cambridge, MA: MIT Press.

Cavanaugh, William T. 2009. *The myth of religious violence: Secular ideology and the roots of modern violence*. Oxford: Oxford University Press.

De Klerk, W.A. 1975. *The Puritans in Africa: A story of Afrikanerdom*. Londen: Rex Collings.

De Lubac, Henri. 1998. *The mystery of the supernatural*. Uit die Frans vertaal deur Rosemary Sheed. New York: Crossroad Publications.

Dohrn-Van Rossum, Gerhard. 1998. *History of the hour: Clocks and modern temporal orders*. Uit die Duits vertaal deur Thomas Dunlap. Chicago: University of Chicago Press.

Douthat, Ross. 2012. *Bad religion: How we became a nation of heretics*. New York: Free Press.

Ertman, Thomas. 1997. *Birth of the Leviathan: Building states and regimes in medieval and early modern Europe*. Cambridge: Cambridge University Press.

Fornari, Giuseppe. 2013. *A God torn to pieces: The Nietzsche case*. Uit die Italiaans vertaal deur Keith Beck in samewerking met die skrywer. East Lansing, MI: Michigan State University Press.

Foucault, Michel. 1977. *Discipline and punish. The birth of the prison*. Uit die Frans vertaal deur Alan Sheridan. New York: Pantheon Books.

—. 1988. *The history of sexuality, vol. 3: The care of the self*. Uit die Frans vertaal deur Robert Hurley. New York: Vintage.

—. 1990. *The history of sexuality, vol. 2: The use of pleasure*. Uit die Frans vertaal deur Robert Hurley. New York: Vintage.

Gillespie, Michael Allen. 1995. *Nihilism before Nietzsche*. Chicago: University of Chicago Press.

—. 2008. *The theological origins of modernity*. Chicago: University of Chicago Press.

Gorski, Philip S. 2003. *The disciplinary revolution: Calvinism and the rise of the State in early modern Europe*. Chicago: University of Chicago Press.

Gregory, Brad S. 2012. *The unintended Reformation: How a religious revolution secularized society*. Boston, MA: The Belknap Press.

Hobbes, Thomas. 2006. *Leviathan*. In moderne Engels verwerk deur Jonathan Bennett. <http://www.earlymoderntexts.com/assets/pdfs/hobbes1651part1.pdf> (6 Junie 2017 geraadpleeg).

Illich, Ivan. 2005. *The rivers north of the future: The testament of Ivan Illich as told to David Cayley*. Toronto: House of Anansi Press.

Löwith, Karl. 1957. *Meaning in history*. Chicago: University of Chicago Press.

Machiavelli, Niccolò. 2006. *Die prins*. Uit die Italiaans vertaal deur Delamaine du Toit. Kaapstad: Delamaine du Toit.

MacIntyre, Alasdair. 1988. *Whose justice? Which rationality?* Notre Dame, IN: University of Notre Dame Press.

Malan, Koos. 2011. *Politokrasie: 'n Peiling van die dwanglogika van die territoriale staat en gedagtes vir 'n antwoord daarop*. Pretoria: Pretoria University Law Press.

McGuckin, John Anthony. 2008. *The Orthodox Church: An introduction to its history, doctrine, and spiritual culture*. Oxford: Blackwell.

Milbank, John. 2006. *Theology and social theory: Beyond secular reason*. Tweede uitgawe. Oxford: Blackwell.

Nietzsche, Friedrich, 1968. *The will to power*. Uit die Duits vertaal deur Walter Kaufmann e.a. New York: Vintage.

—. 1989. *On the genealogy of morals and ecce homo*. Uit die Duits vertaal deur Walter Kaufmann. New York: Vintage.

Pickstock, Catherine. 1998a. *After writing: On the liturgical consummation of philosophy*. Oxford: Blackwell.

—. 1998b. Liturgy and modernity, *Telos*, (113), New York.

Taylor, Charles. 2007. *A secular age*. Boston: The Belknap Press.

wa Thiong'o, Ngũgĩ. 2011. *Decolonising the mind: The politics of language in African literature*. Londen: Heinemann.

Eindnotas

¹ Hiermee word nie gesuggereer dat die kerk ook as alternatiewe sentrum van politieke mag teenoor die staat verstaan moet word nie, en nie in die minste nie omdat die kerk, soos enige ander instelling waarby (gevalle) mense betrokke is, soveel meer vatbaar vir pervertering is wanneer dit as politieke akteur probeer handel.

² In die bronne van Gillespie, Gregory en Milbank wat hier gebruik is, toon hulle almal op verskillende gronde aan dat moderne verbreking van die noue band tussen die teologie en die filosofie wat sedert die vroegste Christelike tye bestaan, en besondere hoogtepunte bereik in onder meer die denke van St. Gregorius van Nyssa, St. Gregorius die Teoloog (Naziansus), St. Basileios die Grote, St. Augustinus en St. Thomas van Aquinas, sowel die filosofie as die teologie groot skade berokken het. Om 'n omvattende, ingewikkelde stuk ideeësgeskiedenis erg te vereenvoudig kan gesê word dat die skade aan die teologiese kant veral neergekom het op 'n verdiepende skepsis jeens die rede, wat regstreeks uitloop op die moderne fideïsme en die dikwels gepaardgaande affektiewe foefies wat in fideïstiese kerkverbande ingespan word om mense tot "blinde geloof" te manipuleer, en wat tereg groot argwaan uit sekulêre en ateïstiese gelede jeens die Christendom aanwakker. Aan die filosofiese kant is die teenhanger van die moderne fideïsme die moderne rasionalisme en 'n vernietigende verlies aan 'n sin vir die mistiese, die poëtiese en die buiteredelike soos dit neerslag vind in die oorwegend materialistiese paradigma van die eietydse wetenskapsbeoefening.

³ Met *die moderniteit* word baie spesifiek verwys na die ideologie ten grondslag van die samelewingsorde soos wat dit veral vanaf die 16de eeu beslag begin kry, en nie na die moderne wêreld of moderne tye nie. Hierdie onderskeid is belangrik omdat, ondanks die

onbetwisbare winste van die moderniteit in veral die wetenskap en die tegnologie, waarsonder die “moderne wêreld” ondenkbaar is, hierdie einste winste ook teen groot verlies kom, wat onder meer insluit oorlogvoering op industriële skaal, skade aan die ekologie en geweldige skade aan tradisionele gemeenskapstrukture te midde van die opmars van die moderne staat. Die breë oogmerk waarop hierdie artikel dus afstuur, is nie om “terug te keer” na ’n voormoderne wêreld nie, maar om met inbegrip van die winste van die moderniteit te soek na ’n ander moderniteit – noem dit maar ’n liturgiese moderniteit – wat ons kan help om die verlies van die oorheersende vorm van die moderniteit te verminder.

⁴ Gillespie:1–19.

⁵ De Lubac (1998) se ontleding van hoe in die laat-Middeleeuse en vroeg-moderne Westerse teologie onderskeid getref is tussen die bonatuurlike en die natuurlike, en hoe dit tot die opkoms van die moderniteit bygedra het, bly baanbrekerswerk.

⁶ Löwith (1957) ontleed hoe ’n aantal Christelike idees in die moderniteit gesekulariseer is.

⁷ In waarskynlik sy beroemdste boek voer Blumenberg (1985) aan dat die moderniteit die vakuum vul wat deur die ineenstorting van die Latynse Christendom gelaat is.

⁸ In sy laaste boek, wat bestaan uit onderhoude met ’n Kanadese joernalis, gee Illich ’n terugblik op hoe sy werk inhoud gegee het aan sy stelling dat die moderniteit die gevolg van die Christendom se selfpervertering is. Kyk Illich (2005).

⁹ Taylor se laaste groot boek is ’n omvattende studie van hoe die moderniteit sy wortels nie slegs in die Latynse Christendom vind nie, maar inderdaad daaruit gegroei het. Kyk Taylor (2007).

¹⁰ Ek verwys spesifiek na die Suid-Afrikaanse, en veral die Afrikaanse, Protestantse wêreld, omdat veral laasgenoemde die vertakking van die Christendom is waarin die meeste Afrikaanse Christene hulle geloof beoefen, en ek skryf as Ortodokse vriend van hierdie wêreld in ’n ekumeniese gees.

¹¹ Hier som ek Gillespie se oorsig oor Ockham op (Gillespie:19–30).

¹² Gillespie (1995).

¹³ Ertman (1997) verskaf een van die heel beste oorsigte oor die opkoms van die moderne territoriale staat.

¹⁴ Augustine (1984).

¹⁵ Die kwessie van die verowering en behoud van mag as die vernaamste oogmerk van die politiek word veral in die eerste tien hoofstukke van *Die prins* behandel. Die mate waartoe Machiavelli afskeid neem van die mate waartoe hy in byvoorbeeld hoofstuk 16 en 17 eksplisiet aanbeveel dat die besluit of ’n regeerder deugde soos vrygewigheid en barmhartigheid, of ondeugde soos suinigheid en wreedheid, moet beoefen of nie, bloot afhang van of dit in die gegewe konteks sy houvas op mag sal verstewig of verslap. Een van die duidelikste verwoordings van Machiavelli se verbintenis tot ’n beeld van die werklikheid

en van die politiek as een van 'n volgehoue magstryd kom voor aan die begin van hoofstuk 14: "Prins moet daarom geen ander oogmerk of gedagte hê, of hom op enigiets anders toelê, as op die wette en dissipline van oorlogvoering nie; want dit is die enigste kundigheid wat van 'n heerser verlang word" (Machiavelli:60).

¹⁶ Augustinus: Deel II, Boek XIX, hoofstuk 12, bl. 866, Kindle-ligging 17315.

¹⁷ Milbank (2006:13–16). Ter stawing hiervan haal Milbank Hobbes uit hoofstuk 32, Deel II van *Leviathan* aan: "The right of Nature, whereby God reigneth over men, and punisheth those that break his Lawes, is to be derived, not from his creating them, as if he required obedience as of gratitude for his benefits; but from his *Irresistible Power*" (klem in die oorspronklike).

¹⁸ Hobbes (2006:56–9).

¹⁹ Nietzsche (1989).

²⁰ Nietzsche (1968).

²¹ Sekerlik een van Nietzsche se bekendste en mees verteenwoordigende uitsprake van sy magsontologie is sy "*This world is the will to power – and nothing besides!*" (Nietzsche 1968:550; klem in die oorspronklike).

²² Foucault (1977).

²³ Foucault (1990, 1988).

²⁴ Dit is belangrik om hier te beklemtoon dat as die moderniteit hier vertolk word as pervertering van die Christendom, sodanige pervertering vanaf ten minste Ockham in die eerste plek moontlik was omdat veral die Westerse Christendom in die laat Middeleeue van sy klassieke vorm en tradisie afskeid begin neem het, en soos dit baie spesifiek rondom en ná die Protestantse Hervorming beslag kry. Daarmee word nie gesê dat dit die bewuste oogmerk van die Protestante was nie, maar eerder dat dit, om na Gregory (2012) se titel te verwys, 'n onbedoelde gevolg van die verset teen baie geldige griewe was. Bygevolg, as ek my beroep op die Christendom wat haar eie tradisie as remedie vir die donker kante van die moderniteit moet herontdek, het ek veral die Protestantse wêreld in gedagte, ofskoon dit eweseer gesê moet word dat selfs in die meer liturgies selfbewuste en tradisieverankerde verbande, soos die Anglikane, die Katolieke en die Ortodokses, daar ook tragiese en noodlottige vorme van tradisieverlies plaasgevind het.

²⁵ Die kerk word as die vernaamste institusionele teenstander van die moderne territoriale staat uitgelig (en nie andersom nie), omdat die moderne territoriale staat die groot aggressor is in die aanval op die tradisionele Westerse Middeleeuse Latyns-Christelike skeiding van die geestelike mag en die tydelike mag, soos bedink deur St. Augustinus in *Stad van God*. Heel bondig dus: dit is die moderne territoriale staat wat die geveg met die kerk as verteenwoordiger van die ouer orde aanknoop, en nie andersom nie.

²⁶ “[V]ir hulle wat [’n prins] sien en wat na hom luister, moet dit voorkom asof hy ’n barmhartige, betroubare, eerbare, mensliewende en godsdienstige persoon is. En niks is meer belangrik as om die skyn van die laaste kwaliteit te hê nie.” (Machiavelli 2006:74)

²⁷ Cavanaugh (2009).

²⁸ Malan (2011).

²⁹ Kyk byvoorbeeld MacIntyre (1988).

³⁰ Pickstock (1998a:3–46).

³¹ Kyk in hierdie verband Dohrn-Van Rossum (1998) se oorsig oor hoe die aanvaarding van die uur as vernaamste tydseenheid vanaf die 16de tot die 18de eeu nie net liturgie as die houer van tyd in die kerk vervang nie, maar ook tot enorme liturgiese verarming lei, soos versinnebeeld in ’n staaltjie wat ’n gerekende Vrystaatse kerkleier onlangs vertel het. Toe sy gemeente ’n nuwe predikant moes beroep, doen hulle ’n opname oor wat gemeentelêde se siening van ’n goeie predikant is. Een gemeentelid verklaar toe dat ’n goeie predikant ’n diens binne ’n uur afhandel. Dit is baie ver van die manjifieke siklus van die klassieke kerkjaar wat in die Pase sy klimaks bereik met meer as 20 dienste in die week in aanloop tot die viering van die Opstanding. Kyk ook Gorski (2003), waarin aangetoon word hoe die moderne staat praktyke van die kerk oorgeneem het om beter beheer oor sy burgers uit te oefen.

³² In Pickstock (1998b).

³³ “Discussion of theology is not a matter for anyone, only for those who have been tested and have solid foundations in learning and, more important, have undergone, or are in process of, purification of body and soul. It is as dangerous a thing for someone to lay hold of pure things who is not pure himself, as it is for weak eyes to look at the sun's radiance.” (Gregorius soos aangehaal in McGuckin 2008:164)

³⁴ Kyk na sy bespreking van wat hy die moderne morele orde noem in Taylor (2007).

³⁵ wa Thiong’o (2011).

³⁶ Ek verwys hier na die beroemde artikel van Robert Bellah (1970) oor die ideologie wat ’n gegewe staat gebruik om sigself te legitimeer as ’n sogenaamde burgerlike religie (*civil religion*), ’n begrip wat aansluit by die denke van een van die groot teoretici van die moderne territoriale staat, Jean-Jacques Rousseau. Bellah se studie fokus veral op hoe hierdie burgerlike religie in die Amerikaanse konteks ingespan word, terwyl my betoog hier is dat sowel Afrikaner- as Afronasionalisme tussen onderskeidelik 1948 en 1994, en sedert 1994 op dieselfde wyse deur die twee onderskeie bewinde gebruik is om die durende koloniale staat se legitimeitsgebrek te verdoesel. In die Amerikaanse geval toon Bellah aan dat dit veral gaan om die Puriteinse opvatting dat die VSA ’n spesiale Godgegewe sending het; onder Afrikaner-nasionalisme, met sy eie Puriteinse elemente, soos W.A. de Klerk (1975) aangetoon het, het dit gegaan om ’n gewaande Godsbestemdheid vir die Afrikaners om ’n bepaalde beskawingsopvatting na hierdie land te bring; onder Afronasionalisme, veral in die vorm wat Thabo Mbeki in sy denke met die Afrika-rennaissance daaraan gegee het, was en is die verwagting dat Suid-Afrika onder die ANC ’n historiese rol te speel het om Afrika tot nuwe hoogtes op die wêreldverhoog te voer.

Die liturgie van die 1995-Wêreldrugbybeker-eindwedstryd: 'n ruimtelik-liturgiese refleksie deur die lens van 'n sosiale-kohesie-model¹

Daléne Flynn

Daléne Flynn, Departement Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria

Opsomming

Die taak van praktiese teologie is om voortdurend te soek na nuwe modelle wat die praxis kan dien en verbeter. Hierdie praxis fokus op handeling van mense eerder as op georganiseerde godsdiens. Rick Osmer (2008) se interdisiplinêre benadering met sy vier take vir interpretasie bied 'n waardevolle bydrae tot praktiese teologie. In hierdie artikel word daar beweeg van die vraag “Wat is aan die gang?” as die beskrywende-empiriese taak na die vraag “Hoe kan ons reageer?” as die pragmatiese taak. Die pragmatiese taak het ten doel om hermeneutiese denke en reflektiewe gesprek te bevorder. Dit poog met ander woorde om dit wat beskrywend-empiries waargeneem en geïnterpreteer is, deur middel van die interpretatiewe en normatiewe take aan te wend tot voordeel van verbeterde praxis en om die samelewing te dien.

Daar is momente in die geskiedenis wat 'n groot impak het op die sosiale kohesie van 'n gemeenskap en/of 'n hele volk. Hierdie bydraes kan as positief of as negatief gesien word, afhangende van die lens waardeur dit beskou word. Hierdie artikel ondersoek 'n spesifieke moment in die geskiedenis van Suid-Afrika wat die verbeelding van mense regoor die wêreld aangryp. Die moment word in die artikel beskryf, die liturgiese karakter daarvan word ontleed, en dan word dit deur die lens van 'n model vir sosiale kohesie bekyk. Hierdie moment het plaasgevind binne die spesifieke ruimte van die sportstadion waaraan 'n spesifieke leëwêreld (liturgie) gekoppel is. Sulke ruimtelik-liturgiese gebeurtenisse is waardevol binne gemeenskappe waar tradisionele eredienste nie meer die enigste liturgiese ruimtes is nie. Hulle dien gemeenskappe ook op ander wyses, soos hierdie gebeurtenis sal toon wanneer dit deur die lens van sosiale kohesie ondersoek word.

'n Positiewe gebeurtenis soos die Wêreldrugbybeker toernooi mag die indruk skep dat sport slegs 'n positiewe kant het. Om balans te handhaaf word die Olimpiese Spele van 1936 as 'n ander sportgebeurtenis kortliks ondersoek om aan te toon dat sport ook 'n donker kant het. Sport bied talle moontlikhede, onder andere tot nuwe verbeterde ruimtelik-liturgiese praxis en sosiale kohesie binne gemeenskappe.

Hierdie artikel steun uiteraard op literatuur oor hierdie gebeure. 'n Hermeneutiese proses word gevolg waar metodes van eksegeese op die konteks van die kulturele liturgieë, in hierdie geval 'n sportliturgie, toegepas word. Daar word dus beweeg van konteks na interpretasie en terug na konteks met die oog op verbeterde praxis. Die doel van hierdie artikel is om daarop te wys dat momente wat binne die liturgie van sport aangetref word, die pragmatiese taak van prakties-teologiese interpretasie kan dien. Hierdie ondersoek word gedoen binne die raamwerk van die liturgiewetenskap, wat 'n vakgebied binne die praktiese teologie is. Ondersoek van gebruike as 'n benadering binne die liturgiewetenskap word hier as uitgangspunt geneem.

Trefwoorde: liturgie; Nelson Mandela; praktiese teologie; ruimtelike liturgie; sosiale kohesie; 1995 Wêreldrugbybeker

Abstract

The liturgy of the 1995 Rugby World Cup: a spatial-liturgical reflection through the lens of a social cohesion model

“Francois, fantastic support from 63 000 South Africans here today?”, TV anchor man David van der Sandt remarked after the Springboks had beaten the mighty All Blacks in the final of the 1995 Rugby World Cup. Without missing a beat, Pienaar replied: “David, we didn’t have the support of 63 000 South Africans today, we had the support of 42 million South Africans” (Gallagher 2010:2).

There are moments in history that contribute greatly to the social cohesion of an entire community and even nation. In this article, the author reflects on a specific moment in the history of South Africa that captured the attention of people all over the world as an example of such a contribution.

Both religion and sport are ritual domains. In the words of Paul Post: “Rituals were thought to offer an effective entrance into a culture, allowing one to penetrate it deeply” (2015:1). The approach followed in this article may be summed up in the words of Post (2015:5): “Often ritual is liturgy and ceremony.” Sport rituals and liturgy play an important part in this investigation, the purpose of which is to show the impact that a sport liturgy can have on the social cohesion of society in general, using an in-depth example of the 1995 Rugby World Cup as the specific event.

This article shows how the liturgy of this event resembles the liturgy of a church service. People no longer worship only in church. They use other spaces where they experience the same “feeling” they experience during a church service. Theology and the church in general should take note of this and use the knowledge to reach out to people in a different way. The original meaning of word *liturgy* is “service”. This service includes our service to God, but also to one another. Liturgy includes the way we live our daily lives and not only the way we live for an hour or two on a Sunday. Christian liturgy is, therefore, not necessarily elevated over sport liturgy, but is simply different. The one is not epistemologically or morally better than the other. They both serve their communities. During the World Cup event there were liturgists participating; it took place in different liturgical spaces; and as is typical of liturgy,

there was a definite entrance, followed by a greeting, silence, a time of praise, commitment and dedication, a message, prayer, offering, final praise and a blessing.

The World Cup as a spatial-liturgical event is examined through the lens of a social cohesion model. *Social cohesion* refers to the way in which members of a community create space for one another in such a way that individuals feel they belong in the community and are recognised in it as members. The components of this social cohesion model are: trust, cooperation, affiliation, personal well-being and safety. Trust has two dimensions: character and competence. In the words of Covey (2009:2): "Character includes your integrity, motive, and intent with people. Competence includes your capabilities, skills, results, and track record." Both dimensions are necessary to establish trust, which is the basis for cooperation. In turn, individuals will cooperate if the welfare of both parties is served. *Affiliation* refers to the fundamental need people have to belong and to be part of something meaningful along with other people. For example, people head off to work daily as much for daily meaning as for daily bread and this experience of meaningfulness contributes greatly to personal well-being. The last component of this model is safety. The greater a person's experience of safety, both mental and physical, the greater their ability to connect to others and the greater their sense of belonging, which in turn enables them to make a difference.

The important role that sport plays in South Africa is captured in this quotation on South African Tourism's website: "Sport and South Africa are intricately intertwined. In our country, sport is something of a religion, and no matter what our differences are, we all worship at the sporting altar."²

The words of Desmond Tutu describe what this affiliation did for the whole nation: "That match did for us what speeches of politicians or archbishops could not do. It galvanised us, it made us realize that it was actually possible for us to become one nation" (Carlin 2007; 2008:245–6). Trust played an important role during this event, as the different role players had been enemies in the past. Politics could not establish trust between these opposing parties, but Mandela, as a clever strategist, used the medium of sport to establish trust between himself and the Springboks, starting with the captain, through him to the team and onwards eventually between himself and his previous enemies, the Afrikaners. Cooperation was established with different role-players: the media, the public, the players, even South African Airways, and, via Mandela, with the ANC as the political party of the day. The Springbok team experienced a feeling of safety and well-being because of the trust of their captain, administrators, president and supporters. This enabled them to perform as they did. By cooperating with and supporting one another, Mandela, the Springboks and the whole of South Africa contributed to the welfare of the nation.

Sport does have the potential to change the world. One must, however, be aware that, as with all things in life, there should be a balance, always keeping the greater good of all involved in mind.

Nelson Mandela understood this when he said, "Sport has the power to change the world. It has the power to inspire; the power to unite people that little else has ... It is more powerful than governments in breaking down racial barriers."

This vision of a charismatic leader determined the success of this event from beginning to end. The victory of the Springboks in the Rugby World Cup was the positive outcome of this

liturgy. Although a defeat might still have brought many positive outcomes, it could easily have had the opposite effect. Mandela was clearly aware of how delicate the situation was.

Sport had a favourable influence on social cohesion in this event. The well-being of Nelson Mandela, his willingness to forgive and to work for the greater good of all, contributed to the well-being and social cohesion of an entire nation.

It could, however, happen that although a sporting event has a positive outcome, it does not benefit the whole of society. Such an event was the 1936 Olympic Games. Joseph Goebbels, Hitler's propaganda minister, remarked on 23 April 1933, "German sport has only one task: to strengthen the character of the German people, imbuing it with the fighting spirit and steadfast camaraderie necessary in the struggle for its existence" (Levine 2016:1). The focus of the 1936 Games was less on promoting sport than on promoting a country and its leader. The Germans used the 1936 Olympic Games to promote nationalism under a smokescreen. Hitler's regime was fortunate that the outcome was positive on the level of sporting achievement. There were, however, at that time already groups in German society who were paying a high price without the rest of the world's knowing it. This example indicates how sport can, on the surface of things, have a positive appearance, although, in reality, negative events are happening behind the scenes.

How can the liturgy of a sporting event be of value to practical theology? Practical theology wants to improve the praxis through new models and theories. The objective of this article is to show how exegesis of context and the rituals within a liturgical space can serve the pragmatic task of practical-theological interpretation. The article moves from the descriptive-empirical task of practical-theological interpretation (asking the question "What is going on?"), through the interpretive task (asking the question "Why is it going on?"), to the pragmatic task (asking the question "How might we respond?"). The concepts *praxis* and *lived religion* focus on the actions of people, rather than on abstract theoretical knowledge, religious institutions, sacred sources and doctrines. What is important is lived religion in daily life, and how it contributes to the relationship with God. There is constant interaction with other disciplines and life in general to stimulate new understanding and ways of thinking through the hermeneutic cycle and the interaction that takes place.

Spectators at a sporting event can have an experience like that of participants in a church service. One cannot ignore spatial-liturgical and ritual-liturgical events outside traditional church buildings, especially since traditional spaces of worship and church buildings are no longer the only places where worship takes place. Participants in these liturgies experience them in no way as trivial, but rather as meaningful ways of being in the world.

The reflection in this article is done within the framework of liturgical and ritual studies as a subject within practical theology.

Keywords: liturgy; Nelson Mandela; practical theology; spatial liturgy; social cohesion; 1995 Rugby World Cup

1. Inleiding

Daar is 'n duidelike verband tussen liturgie en sport. Sport skep unieke ruimtes waar skares toeskouers in 'n groot en unieke openbare ruimte byeenkom.³ Die impak hiervan op 'n hele samelewing blyk uit 'n opmerking van Francois Pienaar, die kaptein van die Springbokrugbyspan wat die wêreldbeker in 1995 se Wêreldrugbybeker-eindwedstryd gewen het. “Francois, dit was darem fantastiese ondersteuning wat julle vandag hier ontvang het van 63 000 Suid-Afrikaners?” Dit was die woorde van televisie-aanbieder David van der Sandt net nadat die Springbokke die All Blacks verslaan het. Sonder om twee keer te dink het Pienaar geantwoord: “David, ons het nie vandag die ondersteuning gehad van 63 000 Suid-Afrikaners nie, maar van 42 miljoen Suid-Afrikaners” (Gallagher 2010:2).

Die verhouding tussen sport en liturgie is nie maar net bloot 'n analogie nie. Die rol wat sport in die hedendaagse samelewing speel, illustreer die afwesigheid van en die versugting na sinvolle liturgiese strukturering van die alledaagse sosiale lewe (Edgar 2012:20). Pickstock (2000:160–1) argumenteer dat die gefragmenteerdheid van die hedendaagse samelewing teëgewerk kan word as die samelewing stewig geanker kan word in liturgiese praktyke. Volgens haar is liturgie 'n noodsaaklike aspek van alle gemeenskappe. Cilliers (2008:43) sê dat mense nie sonder simbole en rituele kan lewe nie en dat die “unieke rol van die liturgie is om 'n integrasie van ons simbool-ervaring te bewerkstellig.” Liturgie maak dit moontlik dat mense hul lewenservarings kan bring en dit in die liturgie kan integreer. Liturgie is dus nou met die mens se lefwêreld verbind.

Die oorspronklike betekenis van die woord *liturgie* is “om te dien” of “diens” (Liddell 1996:467). Op semantiese gronde plaas Louw en Nida (1988:461, 533) die gebruik van die term *liturgie* in twee hoofdomeine, naamlik: as algemene term vir hulp en diens in die gewone samelewing, maar ook as sterk religieuse aktiwiteit wat rondom die tempeldiens sentreer. Dit is binne hierdie lefwêreld (waar mense diens aan mekaar lewer) dat mense in staat is om met ander interaksie te hê, om die wêreld rondom hulle te verstaan, asook om te verstaan wie hulle is en hoe hulle inpas in die wêreld. Verskillende kulture sal verskillende lefwêrelde hê en mekaar op verskillende maniere dien. Een lefwêreld is nie epistemologies of moreel beter as 'n ander nie. Christelike liturgie is dus nie noodwendig verhewe bo sportliturgie nie, maar is bloot net anders. Beide dien egter hulle bepaalde gemeenskappe.

Liturgie is dan ook 'n patroon van aktiwiteite wat sosiale aksie in die geheel deurdrenk. Barnard, Cilliers en Wepener (2014:29) noem hedendaagse liturgie “bricolage”. Dit gee uitdrukking aan betekenis en is nie bloot 'n leë herhaling van handeling of rituele nie. Om die lefwêreld, en dus die liturgiese basis van die samelewing te ontken, stroop die sosiale lewe van betekenis en stel die individu se ervaring van plek in gevaar (Pickstock 2000:167). Daar is 'n daaglikse blootstelling aan 'n verskeidenheid kulturele liturgieë en ruimtes wat 'n wesenlike invloed op die individu het en nie geïgnoreer kan word nie (Smith 2009:349). 'n Liturgiese gemeenskap help om 'n burger van daardie gemeenskap se gevoel van behoort te handhaaf (Edgar 2012:24). Dit sluit nou aan by die sosiale-identiteitsteorie (Mael en Ashforth 2001:198–201) wat daarop wys hoe deelnemers, binne die lefwêreld van sport, vind dat hulle “behoort” as deel van 'n spesifieke span (gemeenskap).

Die openbare forum van sport is beskikbaar as kommunikasiemedium om gemeenskappe te dien, maar word nie altyd na behore benut nie. Hierdie artikel ondersoek die 1995-Wêreldrugbybeker-eindwedstryd. Eerstens word verskillende liturgiese momente in die

eindwedstryd uitgelig, waarna hulle deur die lens van 'n sosiale kohesie-model ondersoek word. Die komponente van die model is: vertroue, samewerking, affiliasie, persoonlike welstand, en veiligheid. Die artikel veronderstel dat godsdiens en sport beide rituele domeine is wat insig in kulture gee.⁴ Post (2015:1) merk hieroor op: "Rituals were thought to offer an effective entrance into a culture, allowing one to penetrate it deeply." Rituele is dikwels liturgie en seremonie (Post 2015:5).

Die artikel fokus op rituele en liturgie in sport om hul impak op die sosiale kohesie van 'n gemeenskap in die algemeen te ondersoek. Die fokus is op hierdie eindwedstryd toegespits omdat dit 'n positiewe invloed op die sosiale kohesie van die Suid-Afrikaanse samelewing gehad het. Dit kan verstaan word teen die agtergrond van 'n opmerking van Darnell (2012:879) wat wys op die groeiende insig dat daar 'n integrale verhouding tussen sport, gemeenskapsbou, sosiale kohesie en integrasie bestaan. Hierdie verhouding word by tye as oorwegend positief ervaar. Sport het egter ook 'n donker kant en dit sal kortliks in hierdie artikel aangetoon word.

Die belangrike rol wat sport in Suid-Afrika speel, word in die volgende aanhaling op SA Toerisme se webblad weerspieël: "Sport and South Africa are intricately intertwined. In our country, sport is something of a religion, and no matter what our differences are, we all worship at the sporting altar."⁵ Juis omdat dit so belangrik is vir Suid-Afrikaners, kan die kerk en teologie dit nie ignoreer nie. Dit is sinvol om kennis te neem van sosiale verskynsels en gebeure binne sport. Die rol van sport kan dus verreken word in die nadenke oor hoe daar beter met mekaar saamgeleef (sosiale kohesie) kan word. Hierdie artikel wil aantoon hoe 'n spesifieke oomblik in die geskiedenis funksioneer om drempels te oorskry, nuwe moontlikhede te ontsluit en onwaarskynlike partye te verenig.

2. Liturgiese momente van die 1995-Wêreldrugbybeker-eindwedstryd

Tydens 'n liturgiese gebeurtenis is daar 'n patroon van aktiwiteite. Liturgie dui dus ook op die gestruktureerde vorm waarin die omvattende patroon van aktiwiteite gegiet word, met ander woorde die volgorde waarin hierdie aktiwiteite plaasvind (Strydom 1994:5). Hierdie volgorde van aktiwiteite kan aan die hand van 'n ontmoetingsmodel beskryf word. Tydens enige ontmoeting is daar 'n toetrefase waar daar tot mekaar se teenwoordigheid toegetree word; daarna vind daar gesprekke plaas wat kan wissel van alledaagse oppervlakkige gesprekke tot diep emosionele gesprekke. Hierna sal daar 'n uitnodiging wees tot iets te drinke of om te gaan aansit aan tafel vir 'n gesamentlike maaltyd. Tydens 'n maaltyd vind daar 'n verdieping in die gesprek plaas. So 'n maaltyd is gewoonlik die hoogtepunt van die ontmoeting. Die gaste sal dikwels op hierdie tydstip die gasheer en gasvrou bedank vir die uitnodiging, die samesyn en die heerlike maaltyd. Na die ete vind die afskeid plaas, met 'n uitruil van goeie wense, en dan vertrek die gaste as verrykte mense. As gevolg van die ontmoeting kan hulle na hulle eie konteks terugkeer en gaan vertel. Hierdie hele ontmoetingsgebeure vind nie maar net op kognitiewe vlak plaas nie, maar daar is ook 'n bewussyn van mekaar se liggaamlike teenwoordigheid (Van der Merwe 2009:171–2).

In die woorde van Wepener en Van der Merwe (2009:196) beleef die "postmoderne mens 'n hunkering ... na die meer misterieuse kant, die mistieke kant, die nie-rasionele en simboliese kant van die lewe". Die saamwees tydens 'n sportbyeenkoms, die rituele en simbole wat

weselik deel is daarvan, bied aan die postmoderne mens daardie iets meer as net verbale en kognitiewe belewenisse. Dit spreek ook die nierasionele, liggaamlike kant van menswees aan.

In hierdie afdeling word verskillende elemente geïdentifiseer (beskrywend-empiriese taak van praktiese teologie) wat tydens die ontmoetingsgebeure van die 1995-eindwedstryd plaasgevind het en wat dit as liturgie karakteriseer.

2.1 Liturge

Die toernooi het liturge vanuit verskillende agtergronde gehad. Die een was Nelson Mandela, wat tot op daardie stadium deur 'n groot deel van die wit gemeenskappe in apartheid-Suid-Afrika beskou is as 'n terroris wat agter tralies hoort. Die ander een was Francois Pienaar, kaptein van die Springbokrugbyspan, wat in so 'n Afrikaanse huis grootgeword het. Hy het hierdie siening oor Nelson Mandela onkrities geglo (Smith 2013:1).

Die rol van Mandela as liturg kan voorts gesien word teen die agtergrond van sy doel om die toernooi te gebruik as 'n instrument om swart en wit groepe met mekaar te versoen (Carlin 2008:4). Dit sluit nou aan by wat Kearney (2010:47–8) beskryf as 'n beweging van vyandigheid na gasvryheid. Hier word ruimte gemaak vir die “ander”. 'n Bekende stelling van Nelson Mandela is: “Sport has the power to change the world. It has the power to inspire, the power to unite people that little else has ... It is more powerful than governments in breaking down racial barriers” (Carlin 2008:4). Sport bied 'n unieke geleentheid waar die “ander” nie eers soos ek hoef te word voor ons met mekaar interaksie kan hê nie. Tydens 'n sportgeleentheid word die “ander” die ruimte gegun om sy/haar gekose span te ondersteun, maar teenstanders dien saam sport se saak.

Die prominente rol van Mandela as liturg blyk uit sy insig in en gebruik van sport as 'n belangrike middel om mense met mekaar te versoen. Sy plan om die mag van sport te gebruik het al in die tronk begin vorm aanneem. Hy het besef dat Springbokrugby deur swart mense gesien is as die sport van die vyand en van wittes. Die vyandigheid teenoor die Springbokke was so erg dat beeldmateriaal van die toer van die Britse Leeus na Suid-Afrika in 1974 toon hoe swart toeskouers die Leeus aanmoedig en ondersteun. Vir die toeskouers was dit 'n geval van “my vyand se vyand is my vriend” (Cleary 2013:1). Vir Mandela sou dit dus moeilik wees om sy eie mense te oortuig om die Springbokke te ondersteun (Carlin 2008:4).⁶ Dit was 'n groot uitdaging ook omdat nie al sy volgelinge met sy standpunt saamgestem het nie. Dit het ook in die openbaar geblyk: tydens 'n byeenkoms in Ezakheni in KwaZulu-Natal wat die Soweto-opstand in 1976 herdenk het, is hy deur die skare uitgejou toe hy die Springbokpet van Hennie le Roux op sy kop gesit en gesê het: “Sien julle hierdie pet wat ek opsit?: Dit is ter ere van ons manne wat môremiddag teen Frankryk speel.” Mandela het nietemin gevra dat almal vir nasiebou moet werk.

Tog het Mandela wel uit eie geledere ondersteuning geniet. Ander liturge het gevolglik ook tot die liturgie bygedra en Mandela se voorbeeld gevolg. Steve Tshwete, die minister van sport, het in dié tyd die volgende gesê: “The importance of the World Cup could not be overestimated. It offered a wonderful opportunity and also sets a considerable test. If we pass the test, there could be important benefits for our country and people as a whole” (Grundlingh 1998:76). Hy het dus gehelp om rugby as ritueel gevestig te kry waaraan selfs mense wat bitter vyande was, saam kon deelneem.

2.2 Liturgiese ruimtes

Daar was verskillende liturgiese ruimtes waarbinne hierdie liturje opgetree het. Hierdie verskillende ruimtes sal vervolgens aandag geniet. Soos reeds vermeld is, het Mandela se plan reeds in die tronk vorm aangeneem, sodat Robbeneiland as die eerste van hierdie liturgiese ruimtes beskou kan word waar die toekomstige ritueel gekonseptualiseer is. 'n Volgende ruimte was sy kantoor by die Uniegebou in Pretoria, waar hy Francois Pienaar vir die eerste keer op 17 Junie 1994 ontmoet het om sy plan te bespreek (Carlin 2008:160). Ezakheni in KwaZulu-Natal was die ruimte waar Mandela sy volgelinge moes oortuig dat nasiebou tot almal se voordeel is en dat die ondersteuning van hierdie toernooi daartoe sou bydra.

Die beplanning vir die Wêreldbeker en die implementering daarvan het op 25 Mei 1995 'n volgende fase betree toe Mandela die span by Silwermyl besoek het. Dit was die dag voor hul eerste wedstryd in Kaapstad teen Australië, die verdedigende wêreldkampioene. Die span kon skaars hulle oë glo toe Mandela met 'n groot militêre helikopter daar aangekom het (Pienaar 2000:174; Niehaus 2014:77). Hy het 'n kragtige boodskap vir hulle as span gehad waarin hy uitdruklik hulle versoenende rol in die Suid-Afrikaanse samelewing uitgespel het:

You are playing the World Cup champions, Australia. The team who wins this match will go right through to the end. You now have the opportunity of serving South Africa and uniting our people. From the point of view of merit, you are equal to anything in the world. But we are playing at home and you have got an edge. Just remember, all of us, black and white, are behind you. (Carlin 2008:184)

Hy het ook tyd ingeruim om individueel met elke speler te praat. Dié fase het 'n positiewe loop geneem toe spanlede besonder gunstig op sy besoek gereageer het. Hennie le Roux was so dankbaar oor hierdie besoek dat hy sy groen Springbokpet vir Mandela gegee het, wat hom toe belowe het dat hy dit sou dra. Al die spelers het verder die nuwe volkslied "Nkosi sikelel' iAfrika" geleer en kon dit voluit sing (Cleary 2013:3).

Die reis van die span na hul wedstryd het ook besondere betekenis gekry en kleur aan die ritueel van die toernooi gegee. Die ruimtes langs die pad waarlangs hul met hul spanbus gery het, het aan die algemene publiek die geleentheid gegee om deel te neem aan hierdie besondere liturgie. Ondersteuners het tydens hulle ritte tussen hul hotel en oefensessies weerskante van die pad gestaan en hulle toegejuig. Hoe verder die Springbokke in die toernooi gevorder het, hoe meer swart ondersteuners het langs die pad opgedaag. Dit het die toegeneentheid tussen bevolkingsgroepe geïllustreer, maar ook die span verder geïnspireer en laat voel dat Mandela tog reg was oor die hele land wat aan hulle kant was (Carlin 2008:185, 194, 197). Die belangrikste ruimte was egter die stadion waarin die eindstryd plaasgevind het. Hier sou die liturgie ontvou wat deur verskeie liturgiese elemente gekenmerk is, soos nou beskryf sal word.

2.3 Toetrede

Die finale en belangrikste fase van hierdie liturgie was met die eindstryd in die Ellisparkstadion. Weer eens het Mandela die inisiatief geneem deur die Springbokke in hul kleedkamer te besoek voor hul toetrede tot die liturgiese ruimte, die stadion, waar die skare met opgewondenheid en groot verwagting op hulle gewag het. Dit was, soos Pienaar vertel,

nadat Mandela hom ook die dag voor die eindstryd geskakel het om die span sterkte toe te wens. Mandela se betrokkenheid het verder daaruit geblyk dat hy gemeld het dat hy amper meer senuweeagtig as die span was (Carlin 2008:201).

Vyf minute voor die afskop van die wedstryd het Nelson Mandela sy openlike steun in die openbaar laat blyk toe hy, tot verbasing van 63 000 toeskouers, op die veld gegaan het en daarmee as liturg formeel tot die liturgie toegetree het. Hy was geklee in liturgiese drag, gepas vir die geleentheid, met 'n groen Springboktrui met dieselfde nommer op sy rug as dié van die kaptein en tweede liturg, Francois Pienaar. Hy het ook 'n groen Springbokpet op sy kop gehad. Hy het elkeen van die spelers se hand geskud (Carlin 2007:3) in 'n gebaar wat visueel voor die skare afgespeel het. Hulle was aanvanklik tjoepstil in ongeloof, maar het toe responsories toegetree en begin om Mandela se naam herhaaldelik in dreunsang uit te roep: “Nel-son! Nel-son! Nel-son!” (Carlin 2007:4; Pienaar 2000:17).

2.4 Aanvangswoord

In nog 'n opmerklieke ritueel is die eindstryd verder ingelui deur 'n verrassende ritueel. Hierdie aanvangswoord is deur die voorsanger Dan Moyane, 'n aanbieder by Radio 702, gedoen. Hy was 'n onverwagte deelnemer weens sy geskiedenis van verset teen die vorige politieke bedeling. Hy het na die 1976-studente-opstande in ballingskap gegaan en eers in 1991 weer na Suid-Afrika teruggekeer. Voor die toernooi was hy nie geïnteresseerd in rugby nie, omdat hy dit as 'n simbool van Afrikaner-oorheersing beskou het. Moyane het begin deur die skare te vra of hulle hom kon hoor en is met 'n oorverdowende “Ja!” beantwoord. Op sy versoek het die skare heeltemal stil geraak. Die woorde van “Shosholozza” het in Zoeloe op die twee groot skerm aan weerskante van die stadion verskyn. Sy uitroep: “Ons sal hierdie lied sing om die All Blacks uit die stadion te verdryf” is deur die skare toegejuig. Hy het eers die woorde hardop gelees voordat hy die skare in die sing van die lied voorgegaan het (Carlin 2008:214, 216). Hierdie gebeurtenis, wat die mense verder met entoesiasme gevul het, het die skare as 'n hegte eenheid saamgebring in 'n konteks waarin hulle voorheen deur feitlik onversoenbare teenstellings van mekaar geskei was.

2.5 Stilte

Stilte kan as 'n liturgiese moment enige plek in die liturgie gebruik word. Daar is ook verskillende redes waarom stilte as moment ingespan word. Stilte kan spontaan gebeur wanneer die mens met ontsag vervul word, soos in die teenwoordigheid van 'n grootse natuurtoneel. Stilte bied die geleentheid om aandag te fokus op dit wat besig is om te gebeur. 'n Oomblik van stilte kan meehelp om gespanne senuwees te kalmeer en die hartklop te verlaag. Korporatiewe stilte kan meehelp om die grootsheid van 'n moment uit te lig en te beklemtoon. Stilte kan 'n dramatiese pouse skep wat die spanning verhoog, waarin asem opgehou word en waarna die finale ontvouing plaasvind. Stilte kan dan ook gebruik word om 'n moment van afwagting te skep (Strauss 2004:26–8).

Na die treffende responsoriese aanvangswoord wat die wedstryd ingelui het, was daar 'n spontane oomblik van stilte. Dit het meegehelp om die skare se aandag te sentreer en om hulle diep bewus te maak van die grootsheid van die wedstryd wat voorlê. Die stilte is deur 'n verrassende ritueel onderbreek toe Laurie Kay met 'n Boeing 747 van die Suid-Afrikaanse Lugdiens oor die stadion gevlieg het. Op die onderkant van die vliegtuig was die woorde “Good Luck Bokke” duidelik sigbaar. Die impak van hierdie oorvlug was des te sterker

omdat die vliegtuig laag gevlieg het. Dit was teenstrydig met lugvaartregulasies en sou 'n strafbare handeling gewees het as die Burgerlike Lugvaartowerheid nie ingestem het om die reëls vir die middag op te skort nie. Die skare was aanvanklik verras en uit die veld geslaan. 'n Dramatiese pouse is geskep, daar was 'n ophou van asem, en 'n verdere spannende oomblik van stilte, waarna die ontvouing gekom het in die vorm van 'n oorverdowende gejuig wat losgebars het (Carlin 2008:219-21).

2.6 Liturgiese sang/musiek

Musiek is 'n belangrike deel van enige liturgie. Dit is waar die meeste energie gegenereer word. Long (2001:53) vergelyk dit met 'n kernreaktor waar radioaktiewe materiaal geberg word. Elke generasie het sy eie musiekvoorkeure en mense raak gou warm om die kraag as daar aan hul musiek gekarring word. Musiek skep atmosfeer en musiek met hoë energie dwing feitlik deelname en liggaamlike betrokkenheid af. Musiek kan emosionele, sosiale en geestelike belewenisse skep. Hierdie belewenisse kan bloot oppervlakkig wees, maar daar is ook tye wanneer musiek 'n mens laat met 'n gevoel van ontsag, 'n belewenis dat jy ingetrek word in die teenwoordigheid van 'n groot en heilige misterie. Musiek bemagtig 'n mens en skep 'n wyse om uitdrukking te gee aan gedagtes en gevoelens (Long 2001:52-64). Strydom (1994:283) beskryf dit as "'n onontbeerlike medium vir menslike ekspressie, 'n unieke emosioneel-terapeutiese uitlaatklep, 'n kommunikasiemedium wat die totale mens aanspreek". Wanneer teks en musiek verbind word, beskik dit oor die vermoë om die mens meer toeganklik te maak vir diepgaande resonansies van die werklikheid. Melodie giet woorde in die hart wat die begeerte binne 'n mens laat ontbrand om te sing. Sang binne die liturgie is 'n korporatiewe handeling en dit bind mense op 'n unieke wyse saam (Strydom 1994:287-9).

Voor 'n groot wedstryd is daar 'n moment waar die onderskeie spanne se volksliedere gesing word. Voor hierdie eindwedstryd was dit so 'n gelade oomblik dat Francois Pienaar nie 'n woord kon uitkry nie – die oomblik was vir hom te groot. Die skare het egter met volle oorgawe deelgeneem aan hierdie belangrike deel van die liturgie en "Nkosi sikilel' iAfrika" uit volle bors gesing. Die tafel was nou gedek en reg vir die volgende belangrike deel van die liturgie, die wedstryd self.

2.7 Verbintenis/Toewyding

Daar was egter nog een ritueel wat moes volg voor die wedstryd afgeskop het. Die Springbokke het hulself geestelik voorberei vir die oomblik dat die All Blacks hul verbintenis tot die wedstryd sou toon met hul tradisionele oorlogskreet en dans (Carlin 2007:232). Dit is 'n oomblik waarna hul teenstanders nie uitsien nie. Die Springbokke het hulself gestaal en hul verbintenis met strak, vreeslose gesigte getoon.

Mandela het na buite vir die groter gemeenskap sy geneentheid teenoor en verbintenis met die Springbokke gewys. Gedurende die hele Wêreldbekertoernooi het hy met trots gepraat van die span as "the boys" of "my boys". Die seuns/manne was gereed.

2.8 Boodskap

Die verloop van die wedstryd het ook 'n bepaalde boodskap bevat. Na 'n telling van 9-6 in Suid-Afrika se guns met halftyd, het die wedstryd geëindig met 'n gelykoptelling van 9-9,

waarna die spel met ekstra speelyd van 20 minute verleng is (Carlin 2008:236). Teen hierdie tyd het die spanning hoog geloop en was die spanne moeg en lusteloos. Pienaar het toe, in 'n poging om hulle te motiveer, sy spelers gevra het om in die stadion rond te kyk, op die vlakte te let en vir Suid-Afrika se onthalwe wêreldkampioene te word (Carlin 2008:236-7). Dié dringende boodskap het die nodige effek gehad, maar nie sonder dat die res van die wedstryd met groot spanning verloop het nie: die All Blacks het na een minuut van die verlengde speelyd met 12-9 die voortou geneem, voordat die Springbokke die telling in die tiende minuut weer met 12 elk gelyk gemaak het (Carlin 2008:237). Joel Stransky het uiteindelik die Springbokke met 'n skepdoel laat voorloop. Hoe hoog die spanning geloop het, blyk uit verslae van waarnemers dat Mandela vir die oranje ses minute aanhoudend bly vra het: “Wanneer gaan die eindfluitjie dan nou blaas?” (Carlin 2008:237-8). Die eindtelling was 15-12 in die Springbokke se guns.

2.9 Gebed

Cilliers (2008:44) sê dat liturgie gaan oor “die blote daar-wees voor God..., nie net om sin te soek nie, maar veral ook om dit te vier.” Hierdie gebed sou dan kon gaan oor die blote daar-wees voor God, dit soek nie na sin nie, dit gee net dankbaar uitdrukking aan 'n viering voor God. Toe die eindfluitjie geblaas het, het die liturg en kaptein, Pienaar, van vreugde in die lug gespring en met spelers in 'n groep gekniel en dankbaar gebid. Hoewel daar kritiese vrae oor gebed in sport gevra word (Hochstetler 2009:325-6), is hierdie liturgiese element 'n teken dat die spelers op so 'n groot oomblik erken het dat iets groter as hulself gebeur het (Ward 2012:64).

2.10 Offergawes

'n Christen se hele lewe is in wese 'n offerhandeling. Daar word in Romeine 12:1 'n oproep gedoen om aan God oor te gee as “lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is”. Dit gaan hier oor hoe godsdienst beoefen moet word, beide in die liturgie van die lewe en in die liturgie waaraan daar op 'n Sondag deelgeneem word. Die offerhandelinge sluit soveel meer in as net die blote gee van finansiële gawes. Hierdie ware offer van die self veroorsaak dat gelowiges die samekoms ryker verlaat as toe hulle daar ingegaan het (Strydom 1994:174-5).

In die gebeure wat hierdie toernooi voorafgegaan het, en ook tydens die toernooi, is baie opofferings gemaak. Op die dag van die eindstryd het dit weer gebeur. Die afloop van die eindstryd is deur uitbundigheid gekenmerk toe spelers, skare en selfs vreemdelinge mekaar omhels het. Op die pawiljoen het Mandela en Louis Luyt, wat nie altyd goed met mekaar oor die weg gekom het nie, mekaar ook omhels.⁷ Beide partye was dus bereid om van hulself te offer en hierdie unieke gebeurtenis met vreugde saam met vroeëre teenstanders te vier. Linga Moonsamy, wat Mandela se lyfwag was, het gesê dat hy Mandela nog nooit so gelukkig gesien het nie (Carlin 2008:238-9).

2.11 Wegsending

Die liturgie eindig altyd met 'n oproep om dit wat binne hierdie spesifieke ontmoetingsruimte plaasgevind het, te gaan voortsit in ruimtes buite die byeenkoms. Die wegsending gaan dikwels gepaard met aankondigings, getuienisse en 'n seënwenk om die deelnemers die beste toe te wens op hul weg (Van der Merwe 2009:177-8).

Mandela het op die veld verskyn terwyl die ondersteuners hul vroeëre dreunsang van “Nel-son! Nel-son!” herhaal het. Die slagspreuk van die toernooi, “One Team, One Country”, kon tasbaar gevoel word (Cleary 2013:3; Carlin 2007:3). Toe Mandela die beker aan Pienaar oorhandig en hom bedank vir wat hy vir Suid-Afrika gedoen het, was Pienaar se reaksie: “Nee, Meneer die President. Dank u vir wat u vir ons land gedoen het” (Pienaar 2000:204; Farred 2010:21–36). Daarmee het hy as ‘t ware die seën oor Mandela uitgespreek en hom erkenning gegee vir die belangrike rol wat hy in hierdie liturgie gespeel het. Dit was oomblikke van spesiale emosie. Die skare het onophoudelik geglimlag, terwyl trane van blydschap oral in die stadion en die land gevloei het.⁸

3. Komponente van die sosiale-kohesie-model en die toernooi

In die volgende gedeelte van die artikel speel die interpretatiewe taak van praktiese-teologiese interpretasie ‘n rol. Deur die lens van ‘n sosiale-kohesie-model word daar gekyk na die eindstryd aan die hand van vraag: “Hoekom is dit aan die gang”?

Sosiale kohesie kan gedefinieer word as die wyse waarop daar binne ‘n gemeenskap ruimte geskep word sodat individue voel dat hulle behoort aan en erken word as lede van die gemeenskap (Flynn 2015:223; Jenson 2010:6 en Ferlander 2007:118–9). ‘n Sosiale-kohesie-model met die volgende komponente (wat vanaf punt 4.1 tot 4.5 verduidelik sal word) word hier gebruik om te ondersoek hoe die verskillende momente van die toernooi ‘n bydrae tot sosiale kohesie in Suid-Afrika gelewer het.

Affiliësie. Dit behels om te behoort, sosiale netwerke, sosiale insluiting, gelyke geleenthede, emosionele ondersteuning en rasse- en geslagsverdraagsaamheid.

Persoonlike welstand. Dit behels tevredenheid met die lewe, finansiële sekerheid, erkenning, gesondheid, persoonlike verhoudings, spiritualiteit, onderrig en opleiding.

Veiligheid. Dit behels fisieke en emosionele sekerheid.

Hierdie drie komponente vloei voort vanuit ‘n basis van **vertroue** en **samewerking** (Flynn 2015:239–40).

3.1 Vertroue

Vertroue was ‘n belangrike basis vir hierdie liturgie in die lig daarvan dat die rolspelers voorheen vyande was. Mandela, wat reeds die vertroue van die swart mense in Suid-Afrika geniet het, moes ook die vertroue van wit mense wen. Om dit deur politiek te probeer doen, was feitlik ‘n onbegonne taak. Hy het derhalwe ‘n ander roete deur sport gevolg omdat hy besef het dat dit die mag het om die wêreld te verander en vertroue tussen voormalige vyande te bewerkstellig. Soos reeds gesien is, het hy ‘n hele reeks rituele geïnisieer om sosiale kohesie deur die Wêreldbekertoernooi te bevorder.


Mandela was ‘n meester in die wen van vertroue. Sy opregtheid het ‘n groot rol gespeel. Hy was egter ook ‘n slim strateeg en charismatiese leier wat alle mense met respek behandel het. Dié respek blyk uit sy houding teenoor Afrikaans as taal toe hy nog in die tronk was. Daar het

hy Afrikaanse handboeke en gedigte gelees om Afrikaans te leer praat en sodoende die denke van Afrikaanssprekendes te verstaan. In teenstelling met sy medestryders, was hy oortuig dat 'n mens die vyand kan wen deur sy taal te verstaan en so sy hart te bereik (Stengel 2009:140–1; Mandela 2013:492). Voorts het Mandela soveel as moontlik oor 'n persoon uitgevind voordat hy hom of haar ontmoet (Stengel 2009:15).

Volgens Covey (2009:2) bestaan vertroue uit die twee dimensies van karakter en bevoegdheid. Karakter behels integriteit, gekombineer met die regte motiewe en voornemens. Bevoegdheid behels vermoëns, vaardighede, resultate en prestasies. 'n Persoon mag opreg en eerlik wees, maar wen nie vertroue sonder resultate nie. Die omgekeerde is egter ook waar. 'n Oneerlike persoon mag goeie vaardighede hê en resultate verkry, maar sal moeilik vertrou word. Mandela het dit reggekry om 'n balans tussen die twee te handhaaf en uitstekende resultate te verkry.

In hierdie positiewe interaksie van Mandela met voormalige vyandige groepe is daar 'n wisselwerking tussen twee politieke paradigmas wat 'n belangrike bydrae tot beeld- en identiteitsvorming gelewer het. Die een is die paradigma van die moderne wêreld waar mag en geopolitiek belangrik is, en die ander is die paradigma van die postmoderne wêreld waar beelde en invloed van belang is. Regerings en regeringsorganisasies fokus toenemend daarop om deur beelde te inspireer eerder as om te beheer. Om dit te laat slaag, is die beeld wat na buite uitgedra word, belangrik. Hiervoor is posisionering (“branding”) waardevol (Van Ham 2002:252–5). Mandela het besef dat hy homself moes herposisioneer (“rebrand”) onder sy voormalige vyande, maar hy moes ook Suid-Afrika in die wêreld herposisioneer. Hy was dus besig met 'n omvattende proses van identiteitsvestiging.

Identiteit as verhoudingskonstruk wat gevorm word in interaksie met andere, kan die beste verduidelik word aan die hand van Hatch en Schultz (2002:991–2) se organisatoriese-identiteitsmodel met sy drie konsepte van kultuur, identiteit en beeld wat op mekaar inwerk:



Organisatoriese-identiteitsmodel (Hatch en Schultz 2002:991–2)

Soos die diagram toon, gee identiteit uitdrukking aan kulturele begrip. Identiteit word op sy beurt weer weerspieël in die beeld van ander. Imponering is die proses waardeur identiteit indruk op ander maak. Reflektering is die proses waardeur identiteit in kulturele begrip ingebed word.

Mandela het dit dus reggekry om identiteit te skep deur homself te herposisioneer teenoor sy voormalige vyande en Suid-Afrika teenoor die wêreld. Hy het in die proses 'n wêreldbekende handelsmerk gebou. 'n Opname in 2002 het bevind dat hy die bekendste handelsmerk naas Coca-Cola is (Black en Van der Westhuizen 2004:1197). Deur hom is die Suid-Afrikaanse samelewing as "Reënboognasie" ('n term wat deur Desmond Tutu geskep is) wêreldwyd (na buite) bekend gestel. Hy het egter besef dat die positiewe indruk (imponering) wat die land na buite maak, nie altyd in die land self beleef word nie.⁹

3.2 Samewerking

Diekmann en Lindenberg (2001:2) definieer samewerking as die optrede van 'n persoon wat 'n plan van aksie kies. Dit, tesame met die optrede van ander rolspelers wat ook kies om saam te werk, sal tot 'n kollektiewe, rasonale uitkoms lei. Netwerke speel 'n rol in samewerking, omdat mense dikwels omgee wat ander mense van hulle dink en oor hulle sê. Volgens Hercock (2009:2973–82) is 'n basis van vertroue noodsaaklik om samewerking te bewerkstellig. Vertroue skep ruimte. Samewerking maak dit moontlik vir groter getalle mense en gemeenskappe om voordeel te trek uit 'n ruimte wat geskep word. Sodoende word kollektiewe waarde uitgelig.

Individue is bereid om met mekaar saam te werk wanneer hierdie samewerking bydra tot mekaar se welstand. Wat samewerking behels, wissel van situasie tot situasie. Dit kan beteken om by te dra tot openbare welstand, om nie te veel van 'n gedeelde hulpbron te gebruik nie, of soms net om ander se welstand en gerief bo 'n mens se eie welstand te stel (Van Lange, Balliet, Parks en Van Vrugt 2014:5).

Mandela was sy tyd vooruit deurdat hy die voordele besef het wat sport tot politieke samewerking en vereniging bied. Black en Van der Westhuizen (2004:1196) noem dit "semi-peripheral sensibility" wat toenemend na vore tree namate regerings en ander organisasies die benutting van groot sportgeleenthede as 'n politiek-ekonomiese strategie beskou om verhoogde sigbaarheid en aansien te kry binne die konteks van globalisasie. Hulle regverdig die kostes en risiko's hieraan verbonde op grond van politieke en sosiokulturele voordele wat hieruit voortvloei. Hierdie groot sportgeleenthede word platforms van waar aangeleenthede soos ongeregtegtigheid, ongelykheid en die ekologie met die wêreld gedeel word. Hoofstroom internasionale betrekkinge gebruik die politiek van sport as die mees respekvolle manier om hierdie kwessies te verken, sowel as 'n manier om nasiebou te bevorder (Black en Van der Westhuizen 2004:1196–8).

Tydens die toernooi was daar ook samewerking van die media se kant af. *The Sowetan* het die Springbokke die "Amabokoboko" gedoop. Dan Moyane en John Robbie van Radio 702 het die temalied "Shosholoza" bevorder. In 'n gesprek oor die slagspreuk "One Team, One Nation" verwys Van der Merwe (2006:5) daarna dat joernaliste op daardie tydstip liries geword en allerhande vorme van hiperbool gebruik het wat 'n stortvloed van retoriek oor nasiebou tot gevolg gehad het. Grundlingh (1998:70) haal 'n Britse joernalis aan wat op 24 Junie 1995 in die *Eastern Province Herald* geskryf het dat "The 1995 Springboks are

politically correct, user-friendly, polite and accessible, they offer daily photo opportunities, attend regular press conferences that provide stage-managed sound-bites.” Die spelers het verder saamgewerk deur hulle harte uit te speel en ook deur die aanleer van die nuwe volkslied, “Nkosi sikelel’ iAfrika”.

Die Suid-Afrikaanse Lugdiens het saamgewerk om die straler oor die stadion te laat vlieg. Die skare het hulle samewerking gegee deur Mandela se naam te dreunsang. Pienaar sluit die hele Suid-Afrikaanse bevolking in by hierdie samewerking wanneer hy tydens sy toespraak na die wedstryd nie net erkenning gee aan die skare op Ellispark se ondersteuning nie, maar ook aan die ondersteuning van 42 miljoen Suid-Afrikaners (Farred 2010:27). Op hierdie dag het almal saamgewerk om aan die buitewêreld ’n verenigde front te wys.

3.3 Affiliasie

Affiliasie kan beskryf word as die behoefte om saam met en by ander te wees en te behoort. Hierdie behoefte beïnvloed mense se kognitiewe vermoëns, emosies en optrede en kan negatiewe gevolge hê as dit kronies onvervuld bly (Gere en MacDonald 2010:110). Dit hou ook verband met sake soos sosiale netwerke, sosiale insluiting, gelyke geleenthede, emosionele ondersteuning, en rasse- en geslagsverdraagsaamheid. Swann, Jetten, Gómez, Whitehouse en Bastian (2012:441) wys daarop dat mense daaglik buitengewone dinge doen ter wille van hul sosiale groepe. Hulle waag hul lewens, blaas hulself op of skenk al hul geld en besittings. In die wegbeweeg van modernisme, waar die klem sterk op die individu was, raak netwerke, groepe en groepsidentiteit toenemend belangrik. Mense het ’n behoefte aan sinvolle verhoudings en om in gemeenskap te wees met andere (Niemandt 2007:19, 21, 31). Inherent het mense ook ’n diep behoefte om hul lewe te wy aan iets wat groter is as hulleself en wat sin aan die lewe gee. Onderliggend aan al die selfliefde en selfsugtigheid van ons tyd is daar ’n diep menslike honger om deel te wees van ’n groter geheel en om saam met andere iets sinvol te doen (Long 2001:19).

Affiliasie het ’n belangrike rol gespeel tydens die Wêreldbekertoernooi. Eerstens was daar ’n span wat geïnspireer is deur hulle president om saam te werk tot voordeel van die hele land. Stadig maar seker het dit deurgesypel na die res van die land dat hulle ondersteuning daarin ’n rol kan speel. Hoe groter die ondersteuning geraak het, hoe meer vertrouwe het die span ontwikkel in Mandela se woorde dat die hele land hulle steun (Carlin 2008:185–97). Direk na die eindwedstryd het hierdie gevoel van affiliasie voortgeduur. Khulu Sibiya, die redakteur van *City Press*, was in die koerant se kantore oorkant Ellispark. Hy sê dat hy nog nooit so baie swart mense in die straat sien feesvier het nie. Daar was meer stories hieroor in die volgende dag se koerant as oor Pienaar en die beker self (Carlin 2008:245; Tutu 2013). Desmond Tutu het gesê:

What we saw that day was a revolution. If you had predicted just a year – just months – earlier that people would be dancing in the streets of Soweto to celebrate a Springbok victory, most people would have said, “You have been sitting in the South African sun too long, and it’s affected your brain.” That match did for us what speeches of politicians or archbishops could not do. It galvanised us, it made us realize that it was actually possible for us to become one nation. (Carlin 2007; 2008:245–6)

Die Springbokke het grootliks bygedra tot hierdie gevoel van affiliasie. Die feit dat hulle hul wedstryde gewen het, het die openbare belangstelling lewend gehou. Suid-Afrika se eerste deelname aan die toernooi het die oorwinning soveel meer spesiaal gemaak.

Grundlingh (1998:75) sê dat openbare gemoedstoestand 'n nuttige konsep is om te help om sosiale gedrag beter te verstaan, veral ten opsigte van die groep se verwagtinge en die doeltreffendheid van die groep. Die openbare gemoedstoestand met die aanvang van die toernooi was grootliks positief na die groot sukses van die oorgang na demokrasie. Dit het gelyk asof Suid-Afrika as 'n kollektief geslaag het. In Van der Merwe (2006:10) se woorde was Suid-Afrika besig is om die golf van demokratisering te ry, gedra deur "Mandela-mania" en geïnspireer deur onverwagte prestasies. Alles het nou moontlik gelyk – op politieke vlak sowel as binne die sportarena. Dit was in hierdie gees dat die land die Springbokke ondersteun het, wel wetende dat hulle deel is van 'n groter saak wat tot voordeel van almal gestrek het.

3.4 Persoonlike welstand

Mense het die behoefte om te word wat hulle inherent is en wat hulle in staat is om te wees, met ander woorde, om hul volle potensiaal te bereik. Dié potensiaal wissel van persoon tot persoon. Dit kan wees om jou te kan uitdruk in musiek, as atleet of om die ideale pa of ma te wees. Die bereiking van 'n mens se potensiaal bring vervuldheid mee. Wat baie nou hierby aansluit, is die mens se soeke na betekenis (Maslow 1943:182–91, 221).

Freedman (2005:ii) maak die opmerking dat mense daaglik werk toe gaan, nie maar net vir daaglikse brood nie, maar ook vir daaglikse sin en betekenis. Rath en Harter (2010:3–4) wys daarop dat welstand nie maar net daaroor gaan om gelukkig, ryk, suksesvol of gesond te wees nie. Mense koop maklik boeke of programme wat belowe om hulle te leer geld maak of om gewig te verloor of om verhoudings te verbeter. Mense sal dan vir 'n ruk hiertoe verbind wees, maar dit is nie iets wat hou nie. Dit bevestig Churchill¹⁰ se opmerking: "Continuous effort – not strength or intelligence – is the key to unlocking our potential." Die rede hoekom mense nie aanhou nie, is waarskynlik dat hierdie boeke of programme net op een aspek van die lewe fokus. Ten einde algehele welstand te verseker moet 'n mens se hele lewe in balans wees.

'n Mens sou dan hier kon vra hoe die welstand van een persoon kan bydra tot die welstand van 'n hele nasie. Mandela is 'n goeie voorbeeld van hoe persoonlike welstand die mense naby jou kan beïnvloed, maar ook wyer kan uitkring om selfs 'n hele nasie te beïnvloed. Daar is in dié verband verskeie verhale oor sy optrede in die tronk en die indruk wat hy op ander gevangenes en op bewaarders gemaak het. Mary Morrissey (2016:4–5) het Mandela in 2001 ontmoet. As kenner van die geestelike kant van sukses was dit vir haar belangrik om hom uit te vra oor sy bereidheid om te vergewe. Hoe het hy dit reggekry om na amper drie dekades in die tronk, gevonnissen tot harde arbeid, nie 'n greintjie woede of 'n wrok met hom saam te dra nie? Hy het soveel tyd verloor – jare wat hy saam met sy gesin kon deurgebring het. Dit is alles van hom gesteel. Hy het nie net sy gevangenes vergewe nie, maar hy het sy land in die stryd teen apartheid gelei. Hoe het hy dit gedoen? Hoe het hy dit reggekry om te vergewe?

Mandela het geantwoord: "Die man wat tronk toe is sou nooit president kon word nie." Morrissey sê dat sy antwoord vir haar verwarrend was. Hy het egter verduidelik dat hy in sy

jong dae gewelddadig en kwaad was, en nie in staat was om sin te maak van sy omstandighede en situasie nie. Aanvanklik het hy oor en oor gedink dat alles verlore en verby is. Op 'n dag het hy egter begin dink dat alles tog nie verlore was nie, al het hy geen rede gehad om te glo dat dinge kon verbeter nie. Hy was in die tronk met geen hoop op vrylating in sy leeftyd nie. Vir baie jare het daar ook niks gebeur om hierdie hoop te regverdig nie. Maar op 'n keer het die gedagte by hom opgekom dat sy tronkverblyf die begin van die einde van apartheid kon beteken. Hy het stadig begin besef dat daar dalk 'n groter doel is met sy gevangenskap. Hy het homself toe afge vra: "As my gevangenskap deel is van die einde van apartheid, hoe sal ek wees terwyl ek hier in die tronk is?" Hy het gekies om 'n sterk en deernisvolle leier te word wat sy visie kon vervul om apartheid te beëindig. Hy het begin om getrou weekliks briewe aan die media en verskeie invloedryke persone te skryf om te help om apartheid te beëindig en so van sy eie pyn te vergeet. Hy het toenemend die rol verkry van 'n simbool van hoop en vryheid vir sy mense.

Mandela het dus aan sy eie welstand aandag gegee. Hy het vergewe en gefokus op die goeie wat hy kon doen om by te dra tot die welstand van sy mense en later die hele Suid-Afrika. Sy invloed word vandag steeds wêreldwyd gevoel.

3.5 Veiligheid

Mense is oor die algemeen meer gemaklik met die bekende as die onbekende. Die mens se behoefte om te weet dat godsdiens of 'n filosofie die heelal organiseer en in stand hou, sluit hierby aan. Die soeke om dinge te verstaan, te benoem en te orden spruit voort uit 'n behoefte aan veiligheid. Wanneer dinge in die samelewing handuit ruk, byvoorbeeld in tye van oorlog, epidemies, natuurfratse en misdaad, kom veiligheidsbehoefte op die voorgrond en word hulpbronne aangewend om dit te bekamp en dinge weer na normaal en georden terug te bring (Maslow 1943:133–43). Comaford (2013:39) meld dat hoe groter jou belewenis van geestelike en fisieke veiligheid is, hoe groter sal jou vermoë wees om jouself aan andere te kan verbind en hoe groter sal jou gevoel wees dat jy behoort en dat jy 'n verskil kan maak. May, Gilson en Harter (2004:15) omskryf emosionele veiligheid as die gevoel dat jy jouself kan wees en kan uitdruk sonder vrees vir negatiewe konsekwensies ten opsigte van jou selfbeeld, status of loopbaan. In 'n veilige omgewing is mense bewus van die grense waarbinne aanvaarbare gedrag ter sprake is. 'n Omgewing word as onveilig ervaar wanneer omstandighede dubbelsinnig, onvoorspelbaar en bedreigend is. Wanneer mense rondom jou jou ondersteun en jy hulle kan vertrou, skep dit gevoelens van veiligheid.

In die Wêreldbekertoernooi het Mandela by Pienaar begin, sy vertrou gewen en hom veilig en geborge laat voel met die wete dat hy die ondersteuning van die hele nasie en die President self geniet het. Pienaar het op sy beurt die vertrou en ondersteuning van die Springbokspan gehad en kon hulle voorberei vir die taak wat op hulle gewag het. Die spelers het veilig gevoel as gevolg van die vertrou van hulle kaptein, administrateurs, president en later ook hul ondersteuners.

Hierdie gedeelte van die artikel het getoon hoe 'n spesifieke liturgie sosiale kohesie kan skep wat 'n hele nasie kan verryk. Alles het goed uitgewerk omdat die Suid-Afrikaanse span die Wêreldbeker gewen het. Dit illustreer die positiewe kant van 'n spesifieke sportliturgie. Om 'n gebalanseerde uitkyk te verseker, is dit egter ook nodig om na 'n voorbeeld uit die geskiedenis te kyk waar 'n positiewe sportuitslag nie die "donker" geskiedenis tot almal se

voordeel gedien het nie. Die twee sportgebeure is vergelykbaar omdat ook hier 'n charismatiese leier by betrokke is.

4. Die 1936 Olimpiese Spele

Sport as instrument tot nasiebou kan ook aan die hand van die Olimpiese Spele in 1936 as 'n ander prominente wêreldgebeurtenis verduidelik word.

Die eerste Olimpiese Spele het in 776 v.C. plaasgevind in Olimpus in Griekeland. Die Grieke het elke vier jaar van regoor die wêreld opgetrek na die heiligdom van Zeus by Berg Olimpus. Dit het die Griekse wêreld verenig met 'n aanbidding van een god. Tydens die eerste 13 Olimpiese Spele was daar net een item, 'n wedloop van 600 voet (192,28 m). Stoei, boks en perdesies het later bygekom. Daar is geglo dat Zeus behaag word deur harde oefening en dat oorwinning 'n teken was van goddelike guns. Die vyfdagfees het nie net deelname aan sport behels nie, maar het ook 'n besoek aan die tempel, offer rituele, sang en seremonies ingesluit. Liturgiese elemente was dus van die begin van die Olimpiese Spele 'n belangrike deel daarvan. As gevolg van hierdie vermenging van sport en aanbidding het keiser Theodosius I, 'n Christen, die Olimpiese Spele in 393 n.C. verban. Pierre de Coubertin, 'n Fransman, het in 1896 daarin geslaag om die Olimpiese Spele weer ingestel te kry. Seremonies, musiek en rituele het weer eens 'n groot deel van die Spele uitgemaak. Van die antieke simbole en rituele het behoue gebly en nuwes is bygevoeg. Sedert 1928 was die beeld van Nike, die godin van oorwinning, op goue medaljes afgedruk. Die aflos met die Olimpiese vlam is vir die eerste keer in 1936 tydens die Berlynse Spele ingestel. Die vlam is van Olimpus tot in Berlyn gedra. Dit was 'n poging deur Nazi-Duitsland om die Duitse staat met antieke Griekeland te verbind (Lisee 2012:1–2; Papantoniou 2008:38–40).

Adolf Hitler het in 1933 aan bewind gekom nadat die Olimpiese Spele van 1936 in Mei 1931 aan Duitsland toegeken is. Hitler was nie 'n sportentoesias nie, maar Goebbels, sy minister van propaganda, het hom oortuig dat die Spele van 1936 die perfekte geleentheid sou bied om 'n vertoonvenster te wees vir die “nuwe Duitsland” en die Ariesse ras wat deur die Nazi's as meerderwaardig beskou is as gevolg van hulle genetiese samestelling. Hoewel hulle atletiese vermoëns nie spesifiek beklemtoon is nie, het sport tog 'n belangrike rol gespeel in die strewe om die Ariesse ras te versterk (Weikart 2013:537–8; Fitzpatrick 2008). Goebbels het die volgende op 23 April 1933 gesê: “German sport has only one task: to strengthen the character of the German people, imbuing it with the fighting spirit and steadfast camaraderie necessary in the struggle for its existence” (Levine 2016:1). Die fokus van die 1936-Spele was meer op die bevordering van 'n land en sy leier as op die bevordering van sport ingestel (Walters 2016:1)

Weens pogings om die Spele te boikot as gevolg van Hitler se anti-Joodse propaganda is alles moontlik tydens die Spele gedoen om Duitsland se beeld na buite goed te laat lyk. Reëls en regulasies in Duitsland om Jode uit te sluit van alle fasette van die Duitse samelewing is vir die duur van die Spele opgeskort. Plakkate met slagspreuke soos “Jode nie welkom nie” wat in openbare plekke opgeplak was, is vir die duur van die Spele verwyder. Die pogings om Duitsland se beeld te poets, was geslaagd: die meeste koerante het op die “seremoniële prosessie” van die Spele eerder as op “ander gebeure” in Berlyn gefokus.

Die Spele het meegehelp om die aanvanklike teenstand teen Hitler te verminder. Dit het aan hom die geleentheid gebied om normaal, rasioneel en verdraagsaam voor te kom. Die werklike situasie is deur die beeldpoetsery van Duitsland goed weggesteek. Agter die skerms het Nazisme en die invloed daarvan egter onverpoosd voortbestaan, selfs tydens die Spele. Selfs besoekers het meegewerk aan rassitiese vooroordele: twee Joodse naellopers van die VSA is onttrek uit die 4 x 100 meter-aflosspan op die dag voor hulle wedloop. Dit was blykbaar 'n poging van hulle afrigter se kant om nie verleentheid vir Duitsland te veroorsaak nie. Hoe ernstig die bedreiging vir sportlui was, blyk daaruit dat Wolfgang Furstner, die hoof van die Olimpiese dorpie, homself twee dae na die Spele gedood het omdat hy uit die militêre diens ontslaan is weens sy Joodse afkoms. Later sou Joodse atlete wat aan die 1936 Olimpiese Spele deelgeneem het, in konsentrasiekampe sterf. Onder hulle was 'n Poolse swemmer en 'n Poolse skerm (Ockerman 2016:1–3; *The Triumph of Hitler* 2001:1–4; Levine 2016:1).

Aan die ander kant is dit wel die geval dat Jesse Owens, 'n Afro-Amerikaanse atleet, vier goue medaljes, en 18 Afro-Amerikaanse atlete 14 medaljes gewen het. Amerikaanse joernaliste het hulle oorwinnings as 'n terugslag vir die Nazi-mite van Ariese oorheersing voorgedhou. Hoewel perssensuur verhoed het dat Duitse koerante hulle vooroordele gepubliseer het, het een van die belangrikste Nazi-koerante tog na die swart atlete as “auxiliaries” verwys (Levine 2016:3–4).

Die uitkoms vir Duitsland was positief: die land het die meeste medaljes verower en is vir hulle gasvryheid en goeie organisasie geloof. Dit het Hitler se planne om Duitsland se mag uit te brei, bevorder. In 1937 het hy selfs opgemerk dat al sou die 1940 Olimpiese Spele in Tokio plaasvind, dit daarna vir ewig in Duitsland gehou sou word (Levine 2016:5).¹¹

5. Die sosiale-kohesie-model en 'n minder positiewe sportgebeurtenis

Die verskillende komponente van die sosiale-kohesie-model speel ook duidelik binne die liturgiese gebeure van die 1936-Spele uit.

5.1 Vertroue

Hitler se eie mense het hom vertrou, alhoewel daar in ander dele van die wêreld twyfel oor hom was. Al het sekere groepe in Duitsland, soos die Jode en Sigeuners, geweet dat hulle hom nie kon vertrou nie en dat hulle nie welkom was in Duitsland nie, het die sukses van die Spele, die positiewe terugvoer van die media en die groot getal medaljes wat Duitse atlete gewen het, vertroue ingeboesem. Duitsers was trots op hulle land en Führer (Ockerman 2016:2; Walters 2016:1–2; Levine 2016:3, 5).

5.2 Samewerking

Gedurende die voorbereidings vir die Olimpiese Spele en gedurende die Spele self het die mense van Duitsland saamgewerk om 'n Spele aan te bied wat glad verloop en wat hulle gaste beïndruk het. Hulle het so goed saamgewerk dat hulle daarin geslaag het om baie van wat agter die skerms aangegaan het, te verberg. Die Duitse atlete het ook goed saamgewerk deur die meeste medaljes tydens die Spele te verower.

5.3 Affiliasie

Onder die charismatiese leierskap van Hitler was die grootste deel van die Duitse volk bereid om te doen wat dit ook al van hulle verg om Hitler se suiwer Duitse ras te ondersteun. Hulle was oortuig dat hierdie Ariese ras die plig gehad het om die wêreld te oorheers. Nie-Ariërs is gesien as onsuiver en boos. Die Duitse volk is aangemoedig om saam te werk om die vyande van die Nazi's te verslaan. Dit was gevaarlik om weerstand te bied (Silbert en Wray 2004:18, 20). Propaganda is op groot skaal en effektief gemaak. Die 1936 Olimpiese Spele het aan die Minister van Propaganda en aan Hitler 'n uitstekende geleentheid gebied om die mense van Duitsland te laat verenig en saamwerk om van hierdie Spele die beste een ooit te maak. Dit het hulle ook die geleentheid gegee om 'n ander prentjie aan die wêreld te toon as wat die media tot toe van hulle geskilder het. Hierdie affiliasie van die Ariese ras het nie meegewerk tot die sosiale kohesie van die hele Duitse nasie nie. Joodse Duitsers en Sigeuner-Duitsers is steeds uit die samelewing uitgeskuif. Sommige van hulle was gelukkig genoeg om na ander lande te ontsnap, maar hulle wat nie kon nie, het in konsentrasiekampe beland waar hulle onmenslik behandel is of gesterf het (Walters 2016:2; Fitzpatrick 2008; Ockermann 2016).

5.4 Persoonlike welstand

In hierdie periode het die Nazi's en/of Ariese ras 'n hoë vlak van persoonlike welstand bereik. Dieselfde sou gesê kon word van die Duitse atlete wat aan die Spele deelgeneem het. Hulle persoonlike welstand het egter nie bygedra tot die welstand van die hele nasie nie. Die persoonlike welstand van die nie-Ariërs of enige Duitsers wat gekant was teen die Nazi's, was ver uit hulle gedagtes (Fitzpatrick 2008; Weikart 2013).

5.5 Veiligheid

Nazi's en wie ook al in die Ariese ras geglo het, is beskerm deur Hitler en sy bewind. Dit was vir hulle maklik om veilig te voel en om goed te presteer. Dit kan gesien word aan die aantal medaljes wat hulle tydens die Spele gewen het. Nie-Ariërs was geestelik of fisiek nie veilig nie. Hulle het bly hoor dat hulle onwaardig en boos is, en hulle is fisiek in die konsentrasie kampe gemartel as hulle nie gelukkig genoeg was om uit die land te vlug nie (Walters 2016:2; Fitzpatrick 2008; Ockermann 2016).

In hierdie gedeelte is aangetoon dat sport die potensiaal het om ten alle tye deur 'n charismatiese leier ingespan te word om sosiale kohesie te bevorder. Dit is egter nie altyd die geval nie, veral nie waar dit nie tot voordeel van alle rolspelers gebeur nie. Dus het sport ook 'n donker kant. Wepener (2010:1) waarsku daarom dat sport ten onregte en maklik as 'n "quick fix" gesien word. Dit maan tot versigtigheid, maar die potensiaal wat sport bied om tot sosiale kohesie by te dra kan nie ontken of oor die hoof gesien word nie.

6. Pragmatiese taak

Hoe kan die liturgie van 'n sportbyeenkoms enigsins van waarde wees vir die praktiese teologie?

Praxis is dit wat binne die praktiese teologie bestudeer word. Praktiese teologie wil deur nuwe modelle en teorieë praxis verbeter. Die konsepte *praxis* en *geleefde godsdiens* (“lived religion”) fokus op dit wat mense doen eerder as op abstrakte teoretiese kennis, amptelike godsdiens, heilige geskrifte, instellings en dogma. Dit gaan oor godsdiens wat elke dag geleef word en hoe dit bydra tot die verhouding met God, eerder as oor formele, geïnstitutionaliseerde godsdiens (Ganzevoort en Roeland 2014:93–4, 98). Daar word voortdurend met ander wetenskappe en die lewe in gesprek getree om deur middel van ’n hermeneutiese beweging en interaksie met mekaar nuut te dink. Die liturgie van sport toon dat mense ’n belewenis binne ’n sportstadion ervaar wat gelykstaande is aan ander se belewenis binne ’n erediens.¹² Dit is nodig om ag te slaan op ruimtelik-liturgiese gebeurtenisse wat op plekke buite die tradisionele kerkgebou plaasvind aangesien tradisionele eredienste nie meer die enigste ruimtes is waarbinne aanbidding plaasvind nie (Wepener 2011:267–9). Vir die individue wat aan hierdie liturgieë deelneem, is hierdie aktiwiteite nie onbeduidend of onbenullig nie. Vir hulle is dit ’n hoogs sinvolle deelname aan die lewe (Ganzevoort en Roeland 2014:95). Nadenke oor verskillende liturgieë en liturgiese ruimtes dien teologiese praxis deur te ontleed waarna mense soek. Teologie wil gemeenskappe dien. As sport sosiale kohesie bevorder, kan die teologie nie sy oë daarvoor sluit nie. ’n Reoriëntasie van godsdiens (na aanleiding van onder andere Mandela se voorbeeld) kan die praktiese teologie positief dien. ’n Sportliturgie kan nuwe moontlikhede vir verbeterde praxis open.

Bibliografie

- Barnard, M., J. Cilliers en C. Wepener. 2014. *Worship in the network culture: liturgical ritual studies. Field and methods, concepts and metaphors*. Leuven: Peeters.
- Black, D.R. en J. van der Westhuizen. 2004. The allure of global games for “semi-peripheral” politics and spaces: a research agenda. *Third World Quarterly*, 25(7):1195–1214.
- Carlin, J. 2007a. How Nelson Mandela won the rugby World Cup. *The Telegraph*, 19 October 2007. <http://www.telegraph.co.uk/news/features/3634426/How-Nelson-Mandela-won-the-rugby-World-Cup.html> (9 April 2016 geraadpleeg).
- . 2007b. Interview: Archbishop Desmond Tutu <http://www.pbs.org/wgbh/pages/frontline/shows/mandela/interviews/tutu.html> (17 April 2017 geraadpleeg).
- . 2008. *Invictus: Nelson Mandela and the game that made a nation*. New York: Penguin Books.
- Cilliers, J.H. 2008. Liturgie as spel: ’n besinning oor die nie-funksionaliteit van die erediens. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 49(3-4):40–8.
- . 2016. *A space for grace: towards an aesthetics of preaching*. Stellenbosch: Sun Press.

Cleary, M. 2013. Nelson Mandela seized the opportunity of the Rugby World Cup 1995. *The Telegraph*, 6 December 2013. <http://www.telegraph.co.uk/news/worldnews/nelson-mandela/10140763/Nelson-Mandela-seized-the-opportunity-of-the-Rugby-World-Cup-1995.html> (9 April 2016 geraadpleeg).

Comaford, C. 2013. *Smart tribes: how teams become brilliant together*. New York: Penguin Books.

Covey, S. 2009. *How the best leaders build trust*. <http://www.leadershipnow.com/CoveyOnTrust.html> (12 Januarie 2015 geraadpleeg).

Darnell, S.C. 2012. *Olympism in action*, Olympic hosting and the politics of “Sport for Development and Peace”: investigating the development discourses of Rio 2016. *Sport in Society*, 15(6):869–87.

Diekmann, A. en S. Lindenberg. 2001. Sociological aspects of cooperation. In Smelser en Baltes (reds.) 2001.

Edgar, A. 2012. Sport as liturgy: towards a radical orthodoxy of sport. *Studies in Christian Ethics*, 25(1):20–34.

Farred, G. 2010. The final “thank you”. *Derrida Today*, 3(1):21–36.

Ferlander, S. 2007. The importance of different forms of social capital for health. *Acta Sociologica*, 50(2):115–28.

Fitzpatrick, M.P. 2008. The pre-history of the Holocaust? The *Sonderweg* and *Historikerstreit* debates and the abject colonial past. *Central European history*, 41:477–503.

Flynn, D.S. 2015. Aanbidding, sport en sosiale kohesie: ’n ruimtelik-liturgiese perspektief. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Freedman, M. 2005. New face of work survey: documenting the desire for good work in the second half of life. San Francisco: MetLife Foundation/Civic Ventures. [http://encore.org/wp-content/uploads/files/new_face_of_work\[1\].pdf](http://encore.org/wp-content/uploads/files/new_face_of_work[1].pdf) (28 Januarie 2015 geraadpleeg).

Gallagher, B. 2010. Former South Africa captain Francois Pienaar recalls the day no one fluffed his lines. *The Telegraph*, 29 January 2010. <http://www.telegraph.co.uk/sport/rugbyunion/international/southafrica/7103855/Former-South-Africa-captain-Francois-Pienaar-recalls-the-day-no-one-fluffed-his-lines.html> (9 April 2016 geraadpleeg).

Ganzevoort, R.R. en J. Roeland. 2014. Lived religion: the praxis of practical theology. *International Journal of Practical Theology*, 18(1):91–101.

Gere, J. en G. MacDonald. 2010. An update of the empirical case for the need to belong. *The Journal of Individual Psychology*, 66(1):93–115.

Grimes, R.L. 2014. *The craft of ritual studies*. New York: Oxford University Press.

Grundlingh, A. 1998. From redemption to recidivism? Rugby and change in South Africa during the 1995 World Cup and its aftermath. *Sporting Traditions*, 14(2):67–86.

- Hatch, M.J. en M. Schultz. 2002. The dynamics of organizational identity. *Human relations*, 55(8):99–1018.
- Hercok, R.G. 2009. *Cohesion: the making of society*. Raleigh, NC.: Lulu Press.
- Hochstetler, D.R. 2009. Striving towards maturity: on the relationship between prayer and sport. *Christian Education Journal*, 6(2):325–336.
- Jenson, J. 2010. *Defining and measuring social cohesion*. Londen: Commonwealth Secretariate.
- Joyce, P. 1999. *A concise dictionary of South Africa*, Vol. 2. Kaapstad: Francolin.
- Kavaratzis, M. en M.J. Hatch. 2013. The dynamics of place brands: an identity-based approach to place branding theory. *Marketing Theory*, 13(1):69–86.
- Kearney, R. 2010. *Anatheism: (returning to God after God)*. New York: Columbia University Press.
- Levine, J. 2016. The Nazi Olympics (August 1936). <http://www.jewishvirtuallibrary.org/jsource/Holocaust/olympics.html> (22 Desember 2016 geraadpleeg).
- Liddell, H. 1996. *A lexicon: Abridged from Liddell and Scott's Greek-English lexicon*. Oak Harbor, WA: Logos Research Systems, Inc.
- Lisee, C. 2012. Religion has played role at Olympics since days of ancient Greece. <http://episcopaldigitalnetwork.com/ens/2012/07/26/religion-has-played-role-at-olympics-since-days-of-ancient-greece/> (12 Junie 2017 geraadpleeg).
- Long, T.G. 2001. *Beyond the worship wars: building vital and fruitful worship*. Washington DC: The Alban Institute.
- Louw, J.P. en E.A. Nida. 1988. *Greek-English Lexicon of the New Testament*. New York: United Bible Societies.
- Mael, F.A. en B.E. Ashforth. 2001. Identification in work, war, sports, and religion: contrasting the benefits and risks. *Journal for the Theory of Social Behaviour*, 31(2):197–222.
- Mandela, N. 2013. *Long walk to freedom: the autobiography of Nelson Mandela*. Londen: Abacus.
- Maslow, A.H. 1943. *Hierarchy of needs: a theory of human motivation*. <http://www.all-about-psychology.com/hierarchy-of-needs.html> (7 Desember 2014 geraadpleeg).
- May, D.R., R.L. Gilson en L.M. Harter. 2004. The psychological conditions of meaningfulness, safety and availability and the engagement of the human spirit at work. *Journal of Occupational and Organizational Psychology*, 77:11–37.
- Morrissey, M. 2016. What my conversation with Nelson Mandela taught me about finding purpose amidst suffering. *Mind Power*, 27:1–10.
- Niehaus, I. 2014. Warriors of the rainbow nation? South African rugby after apartheid. *Anthropology Southern Africa*, 37(1–2):68–80.

- Niemandt, N. 2007. *Nuwe drome vir nuwe werklikhede: geloofsgemeenskappe in pas met 'n postmoderne wêreld*. Wellington: Lux Verbi.
- Ockerman, E. 2016. What happened when Hitler hosted the Olympics 80 years ago. *Time Inc.*, 1 August 2016:1–3, <http://time.com/4432857/hitlerhostedolympics1936> (22 Desember 2016 geraadpleeg).
- Osmer, R.R. 2008. *Practical theology: an introduction*. Grand Rapids, MI: William B. Eerdmans.
- Papantoniou, G. 2008. Religiosity as a main element in the ancient Olympic Games. *Sport in society*, 11(1):32–43.
- Pickstock, C. 2000. Liturgy, art and politics. *Modern Theology*, 16(2):159–80.
- Pienaar, F. en E. Griffiths. 2000. *Rainbow warrior*. Londen: Harper Collins Willow.
- Post, P. 2015. Ritual studies. *Religion: Oxford Research Encyclopaedias*. New York: Oxford University Press.
- Rath, T. en J. Harter. 2010. *Wellbeing: the five essential elements*. New York: Gallup Press.
- Silbert, M. en D. Wray. 2004. *The Holocaust: lessons for humanity*. Kaapstad: New Africa Books.
- Smelser, N.J. en P.B. Baltes (reds.). 2001. *International Encyclopedia of the Social and Behavioral Sciences*. Amsterdam: Elsevier.
<http://www.sciencedirect.com/science/article/pii/B0080430767018477> (22 Januarie 2015 geraadpleeg).
- Smith, D. 2013. Francois Pienaar: When the whistle blew, South Africa changed forever. *The Guardian*, 8 December 2013. <https://www.theguardian.com/world/2013/dec/08/nelson-mandela-francois-pienaar-rugby-world-cup> (9 April 2016 geraadpleeg).
- Smith, D. 2010. Twice as many in half the time. *American Forests*, 116(2):7
- Smith, J.K.A. 2009. *Desiring the Kingdom: worship, worldview and cultural formation*. Volume 1 of Cultural Liturgies. Grand Rapids: Baker Academic.
- Stengel, R. 2009. *Op pad met Mandela: 15 lewenslesse*. Kaapstad: Kwela Boeke.
- Strauss, M. 2004. Stilte as liturgiese moment. *Kruisgewys*, 4(2):26–8.
- Strydom, W.M.L. 1994. “Sing nuwe sange, nuutgebore”: *liturgie en lied*. Bloemfontein: Departement Musiek (Afdeling Kerkmusiek), Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Swann, W.B., J. Jetten, A. Gómez, H. Whitehouse en B. Bastian. 2012. Membership gets personal: a theory of identity fusion. *Psychological Review*, 119(3):441–56.
- The Triumph of Hitler: the Berlin Olympics. 2001. *The History Place*, 1–4.
<http://www.historyplace.com/worldwar2/triumph/tr-olympics.htm> (22 Desember 2016 geraadpleeg).

- Tutu, D. 2013. Tutu: We thank God for Madiba. *Mail & Guardian*, 6 Desember.
<https://mg.co.za/article/2013-12-06-00-tutu-we-thank-god-for-madiba> (17 April 2017 geraadpleeg).
- Van der Merwe, J. [Johan]. 2009. Ontdek die bewegings in die erediens. In Wepener en Van der Merwe (reds.) 2009.
- Van der Merwe, J. [Justin]. 2006. Comparing South Africa's hosting of the Rugby and Cricket World Cups: lessons for the 2010 Football World Cup and Beyond.
<http://www.hsrc.ac.za/en/research-outputs/view/2749> (22 Desember 2016 geraadpleeg).
- Van Ham, P. 2002. Branding territory: inside the wonderful worlds of PR and IR Theory. *Millennium: Journal of International Studies*, 31(2):249–69.
- Van Lange, P.A.M., D. Balliet, C.D. Parks en M. van Vrugt. 2014. *Social dilemmas: the psychology of human cooperation*. New York: Oxford University Press.
- Walters, G. 2016. Hitler's Olympic charade: New documentary tells how the Nazi dictator turned the 1936 Berlin Games into a weapon for war. *Mail Online*, 16 July 2016.
<http://www.dailymail.co.uk/femail/article-3680682/Hitler-s-Olympic-charade-New-documentary-tells-Nazi-dictator-turned-1936-Berlin-Games-weapon-war.html> (22 Desember 2016 geraadpleeg).
- Ward, G. 2012. A question of sport and incarnational theology. *Studies in Christian ethics*, 25(1):49–64.
- Weikart, R. 2013. The role of Darwinism in Nazi racial thought. *German Studies Review*, 36(3):537–56.
- Wepener, C. 2010. Die liturgie van die Wêreldbeker. *Teo.co.za*, 10 September.
<http://teo.co.za/die-liturgie-van-die-waareldbeker/> (17 April 2017 geraadpleeg).
- . 2011. Nuwe tendense buite-om die erediens van die 21ste eeu. 'n Beskrywende liturgie-historiese en hedendaagse verkenning. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 52(1–2):257–71.
- Wepener, C. en J. van der Merwe. 2009. Ontdek die kenmerke en waarde van simbole en rituele. In Wepener en Van der Merwe (reds.) 2009.
- Wepener, C. en J. van der Merwe (reds.). 2009. *Ontdekkings in die erediens*. Wellington: Lux Verbi.

Eindnotas

¹ 'n Gedeelte van hierdie artikel is aangebied tydens 'n konferensie *Conversations after God* wat plaasgevind het by die Universiteit van Pretoria, 26–27 September 2016. Met dank ook aan die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns vir 'n beurs wat hulle in 2016 aan my toegeken het.

² <http://www.southafrica.net/za/en/articles/entry/article-southafrica.net-game-for-sport> (7 Januarie 2017 geraadpleeg).

³ Dit is weer eens gesien tydens die onlangse opening van die Olimpiese Spele in Rio de Janeiro op 5 Augustus 2016. Kyk *Live your passion: Rio 2016*. www.verocom.co.uk/wp-content/uploads/2014/.../Rio-2016---Live-Your-Passion.pdf (23 Februarie 2017 geraadpleeg). Hierdie enorme platform is gebruik as spreekbuis om die belangrike onderwerp van omgewingsbewaring en klimaatsverandering aan te spreek (Darnell 2012). Daar is 'n beroep op die wêreld gedoen om op te hou om die planeet skade te berokken en om te begin om heling te bewerkstellig. Deur die heraanplanting van bome en ander plante kan 'n poging aangewend word om die planeet te red (Smith 2010:7).

⁴ Grimes (2014).

⁵ <http://www.southafrica.net/za/en/articles/entry/article-southafrica.net-game-for-sport> (7 Januarie 2017 geraadpleeg).

⁶ Sy belangrike rol om sosiale kohesie tussen groepe te skep het ook op ander vlakke na vore gekom. Hy het byvoorbeeld gesukkel om kritici te oortuig wat geglo het dat daar min hoop was dat Suid-Afrika kon wen.

⁷ Luyt het, as president van die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie (SARFU), van tyd tot tyd koppe met die ANC gestamp oor transformasie. Kyk Grundlingh (1998:69–70, 79–81) en Joyce (1999).

⁸ Cilliers (2016).

⁹ Kyk Kavaratzis en Hatch (2013:77) in verband met interne en eksterne vorming van identiteit. The dynamics of place brands: an identity-based approach to place branding theory. *Marketing Theory*, 13(1):69–86).

¹⁰ <http://www.brainyquote.com/quotes/quotes/w/winstonchu385862.html> (22 Desember 2016 geraadpleeg).

¹¹ Ironies genoeg was daar geen Olimpiese Spele vir die volgende 12 jaar nie, as gevolg van die oorlog wat Hitler toe reeds aan die beplan was (Walters 2016:4).

¹² Kyk hier ook Smith (2009) se kulturele liturgieë en Barnard, Cilliers en Wepener (2016) se aanbidding binne die netwerkkultuur.

D.J. Opperman se verbond met die skeppende God: 'n Interpretasie van *Heilige beeste* en *Negester oor Ninevé*

Lina Spies

Lina Spies, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

D.J. Opperman se verhouding met God en sy geloof is 'n sentrale motief in sy poësie waardeur die Bybel 'n prominente plek inneem in die groot verwysingsveld van sy werk. Soos uit die titels van sy debuut, *Heilige beeste* (1945), en sy tweede bundel, *Negester oor Ninevé* (1947) blyk, is die religieuse motief reeds daarin 'n essensiële gegewe en is die twee bundels 'n wesenlike komponent in die geheelbeeld van sy geloof binne sy oeuvre. In hierdie artikel bepaal ek my by die bespreking van die religieuse gedigte binne hierdie komponent as selfstandige tekste, maar in noue samehang met mekaar. Die neerslag van die Bybel in Opperman se werk getuig van sy Calvinistiese opvoeding. Nogtans het hy nie grootgeword binne 'n streng behoudende Calvinisme nie, as gevolg van sy vader, D.J. Opperman sr., se geloof in die spiritisme, waarvan hy sy seun en naamgenoot wou oortuig, veral ten opsigte van die lewe ná die dood. Op die lange duur het hy nie daarin geslaag nie, maar "spiritisme" het 'n belangrike impuls gebly vir Opperman se poësie. Die spiritistiese opvatting dat die mens eers in die hoogste hemel van sy liggaamlikheid bevry word tot lewe in sy volle sin, het hy omgekeer: die "gevangene geeste" is nie gekerker in die liggaam nie, maar is hulle wat, losgemaak van die aarde deur die dood, sintuiglik daarna terugverlang ("Gestorwene": *Heilige beeste*). Opperman se aardeverbondenheid gaan ook gepaard met sy intense bewussyn van die pyn in die skepping wat aanleiding is daartoe dat hy kies vir die navolging van Jesus, maar as 'n aweregse dissipel, soos spreek uit die titel van sy gedig "Dertiende dissipel". Paradoks en ironie lê aan die grond van die "dertiende dissipel" se wegkeer van die kruis om terug te keer tot God; 'n toe-eiening vir homself van 'n worstelende God in sy onveilige, pynlike selfvolmakingsproses binne die skepping. *Heilige beeste* is voorafgegaan deur ongeveer dertien jaar waarin Opperman met oorleg en geduld gedigte gesif en gekeur het soos blyk uit die beskikbare manuskriptomateriaal alvorens hy tot bundeling oorgegaan het (Spies 1992:25). In teenstelling met dié lang ontstaansperiode verskyn *Negester oor Ninevé* slegs twee jaar ná sy debuut as 'n sterk eenheidsbundel. Die polêre spanning wat daaraan ten grondslag lê, word deur die titel gesimboliseer. Die *Negester*-tema verteenwoordig *droom, geboorte, verlossing* en vind uitdrukking in die verwagting en geboorte van 'n kind in die drieluik "Spel", "Grot" en "Ark", met die oorkoepelende titel "Genesis". Die *Ninevé*-tema

verteenwoordig *werklikheid*, *skuld*, *doem* en vind uitdrukking in “Ballade van die gryslan” as die ondergangsverhaal van ’n jongman in die stad as “gryslan” en in “Legende van die drenkelinge”, wat Opperman se weergawe van die sondvloed is. Die Bybelboek Genesis is die belangrikste interteks van dié bundel. Met die geboorte van sy eersteling besef die vader dat liefde vir die vrou en die verwagting van hul kind ’n proses van selfontdekking, maar ook van selfvervreemding was wat sy hergeboorte as digter noodsaak. Vir dié hergeboorte vind hy in die Bybelse profeet Jona die ideale skuilfiguur. Die Jona-legende word die omdigting van sy vlug en terugkeer na die “gryslan”, waar hy as begenadigde enkeling staan voor Kaapstad as ’n “God-erbarmde Ninevé”. Binne die werklikheid waaraan Opperman gestalte gee in die gedigte waarop ingegaan is in hierdie artikel, is hy as “dertiende dissipel” ’n geroepene van die Ou-Testamentiese skeppende God van die verbond en andersyds deelhebber aan God se selfvolmakingsworsteling in al die aardse bestaansordes. Hierdie twee kante sluit naatloos binne Opperman se komplekse religie in sy eerste twee bundels.

Trefwoorde: D.J. Opperman; *Heilige beeste*; *Negester oor Ninevé*; verbond

Abstract

D.J. Opperman’s covenant with God who creates: an interpretation of *Heilige beeste* and *Negester oor Ninevé*

An investigation of the religious motif in the poetry of D.J. Opperman focuses on the religious poems in his first two collections of poetry, *Heilige beeste* (1945) and *Negester oor Ninevé* (1947), an essential component in the overall picture of his religious experience and beliefs. Unpublished poems in the Opperman Collection of the Stellenbosch University and in *Die Huisgenoot* are also incorporated in so far as they deepen and enrich the interpretation of the published poems. The most important intertexts in *Negester oor Ninevé* are Genesis, the Bible book behind the collection of poetry, and *The nine bright shiners* (1943), the collection of poetry by the poet Anne Ridler. Vital for my understanding of Genesis is *In the beginning: A new interpretation of Genesis* (2011), the study by the religion specialist Karen Armstrong.

The large Biblical field of reference in Opperman’s oeuvre can be ascribed to the prominent role of the Bible in the Calvinism to which his generation belonged. In his essay “Kuns is boos!” (“Art is evil!”), Opperman writes that his grandfather was a strict but humane Calvinist (1959:142). The humanity of his grandfather and his father’s faith in spiritualism were responsible for the fact that the young Opperman did not grow up in a strict, conservative Calvinistic milieu. The Christianity of his father, D.J. Opperman Snr, was closely connected with spiritualism, that is, “the belief that the spirits of the dead can communicate with the living, esp. through mediums” (*The Concise Oxford Dictionary*). Opperman Snr wanted to convince his son of spiritualism, especially regarding life after death.

An understanding of his father’s spiritualism is important for an adequate interpretation of several religious poems in Section 4 of *Heilige beeste*, especially the introductory elegiac verse, “Nagedagtenis aan my vader” (“Memory of my father”). In this poem, the son’s increasingly concrete and sensory perception of reality is combined with a growing

scepticism of his father's spiritualism. In the concluding two-line stanza the concrete, sensory reality remains the lasting, unbridgeable divide between father and son.

Although Opperman gave up his father's faith in spiritualism, it remained an important impulse in his poetry. He reversed the spiritualist view of humanity as being incarcerated in its body from which it will be liberated only in the "highest heaven", into the directly opposing view: the "captured spirits" are not the ones who are incarcerated in the body, but those who yearn for earth after they had been separated from it, through death, as in the poem "Gestorwene" ("Deceased").

In Opperman's consciousness of his connectedness to the earth he chooses discipleship of Jesus, but this discipleship has an unusual nature, as is evident from the title of his poem "Dertiende dissipel" ("Thirteenth disciple"). The "dassie" (hyrax) that "huil onder die daeraad" ("cries under the morning") in the first line of "Dertiende dissipel" scares Opperman's speaker to such an extent that he leaves the "skuilings by die kruis" ("shelter at the cross"). The abandoning of the cross happens through pain because of the violence in the animal kingdom, described in "Verbond" ("Covenant"), which precedes "Dertiende dissipel". The covenant between humanity and animals has existed since their creation, and is confirmed by God's covenant with Noah after the Flood. According to Christian dogma, Jesus' crucifixion assures believers of their salvation so that they are safe at the cross. But abandonment of the cross represents, for the "thirteenth disciple", his paradoxical return to God in his exposure to the pain in creation; an appropriation for himself of the unsafe, painful process of self-consummation of a God wrestling in all the orders of existence.

In *Negester oor Ninevé*, the idea of the covenant finds its full meaning in association with the story of the Flood. What Karen Armstrong writes about the Flood led me from the interpretation of "Legende van die drenkelinge" ("Legend of the drowning people") as the great retribution poem to its interpretation as the great destruction poem in the collection of poems. Armstrong writes about the Flood: "When we think about this story, we tend to focus on the harbour of the Ark and forget about the flood itself. Poussin's picture *The Deluge* is a useful corrective: we scarcely see the Ark. Instead we focus on the despair and terror of the men and women who are about to be drowned" (2011:43).

Opperman provides the same correction in "Legende van die drenkelinge" as the title already indicates. In the third stanza, a "reus uit die verdorwe ras" ("giant from the corrupt race") (Gen. 6:4), becomes the protagonist in Opperman's dramatic version of the Flood. He and the narrator describe the events that take place as the Flood violently destroys all life (Gen. 2-5), their focus throughout on the animals. After the disastrous night, the giant man as the last survivor realises that he, too, will not survive. He no longer thinks of God as the God of the "uitverkore groepie" ("chosen little group"), but as the God outside of whose "Ark of Mercy" there are only the wasting waters and the senseless actions of humanity. The "big rainbow" that appears in the final two lines of the verse presupposes that the cruel God as the Destroyer of humanity and the animal kingdom has also changed.

"Ballade van die gryslan" ("Ballad of the grey land") is the great poem about guilt. It is the story of the downfall of a young man from the countryside. He escapes from his meaningless urban working conditions by committing fraud. After realising his guilt he, together with his "confused brothers", longingly stares from behind bars to the city they had not been able to transform into an Eden.

In direct contrast to “Ballade van die gryslan”, stands “Negester en stedelig” (“Nine bright shiners and city lights”), in which Opperman consciously gives a male perception of the expecting and the birth of a child. “Negester” is a symbolic constellation that refers to the nine months preceding the birth of a child. The direct stimulus for his “Negester” was the title of the English poet Anne Ridler’s volume of poetry, *The nine bright shiners*, and especially the poem, “For a christening” in which she refers in the second line to the “Nine Bright Shiners and the Seven Stars”. In this poem the “nine bright shiners” shine above the child in his safe foetal sleep, whereafter he will be safe in God’s hand, in his “terrible mercy”. Opperman temporarily decides on the teaching of Christ and the Ten Commandments as guidelines for the child’s safe journey through the grey land, but then liberates him from the Christian confession. What he asks for the child is a realisation that his deeds verge upon eternity and, together with that, that the “Suiderkruis en Negesterre witter/ as die stedeligte in [sy] siel bly skitter” (“Southern Cross and Nine Bright Shiners will keep shining whiter in his soul than the city lights”).

For Opperman, the birth of his first-born, a daughter, represents his rebirth as a poet. For this rebirth he finds the Biblical prophet Jonah the ideal objective correlative. Like a Jonah, he has abandoned God’s commandment. The metaphors in which Jonah prays in the belly of the fish become the metaphors of the waters from which the poet Opperman is reborn. In the final poem of this volume, “Moederstad” (“Mother City”), the reborn poet finds himself in Cape Town as the “God-erbarmde Ninevé” (“God-mercified Nineveh”).

In my investigation into the religious motif in Opperman’s poetry in this article I come to the conclusion that in the most important poems in Opperman’s first two volumes of poetry, the God of the Old Testament is revealed as the Creator and Covenant God. Opperman, as a man and poet, gives his own individual meaning to the covenant. God is at once transcendent as the God of the Old Testament and immanent as the God in the process of his on-going self-consummation in his creation. Through his crucifixion, Jesus was the great “example” of the Saviour of God caught up in his creation (“God in hierdie skepping vasgevang” in “Legende van die drie versoekinge” (“Legend of the three temptations”)). To this, the poet as the “dertiende dissipel” is also called.

Keywords: D.J. Opperman; *Heilige beeste*; *Negester oor Ninevé*; covenant

1. Inleiding en probleemstelling: *Heilige beeste* en *Negester oor Ninevé*, ’n wesenlike komponent in die geheelbeeld van Opperman se religie

Die siening van wie God is en in watter verhouding hy tot God staan, behoort tot die wese van D.J. Opperman se poësie. Die poëtiese uitdrukking van sy besinning oor en belewenis van die Christelike godsdiens in sy debuut, *Heilige beeste*, en sy tweede bundel, *Negester oor Ninevé*, is ’n wesenlike komponent in die geheelbeeld van sy geloof binne sy oeuvre. Hierdie artikel fokus op die bespreking van die religieuse gedigte as selfstandige tekste in dié twee bundels en in samehang met mekaar binne bundel- en ook binne oeuvreverband, waar dit die betekenis van die enkelgedig en die bundel verryk. Eweneens kom die verband wat die digter se menswees hou met sy poësie, waar dit bekend en ter sake is vir groter begrip van dié poësie, aan bod in my betoog.

Die debuutbundel van 'n groot digter is altyd van beslissende betekenis vir sy digterskap en dis in die besonder waar van D.J. Opperman se debuut. *Heilige beeste* het oor 'n tydperk van ongeveer 13 jaar ontstaan, vanaf die digter se middelbare skooljare toe hy in 1932 begin dig het tot die verskyning van hierdie eersteling in 1945. In dié periode het hy twee maal 'n manuskrip aan G.S. Nienaber, sy eertydse professor aan die Natalse Universiteit, Pietermaritzburg voorgelê, en uit 'n brief aan hom blyk dit met hoeveel sorg en oorleg Opperman sy verse gesif en gekeur het voordat dit as bundel gepubliseer is (Spies 1992:25, 26). *Heilige beeste* is nie jeugwerk nie, maar 'n indrukwekkende bundel wat tereg met die Hertzogprys bekroon is. Reeds uit dié volwasse debuut blyk dit dat Opperman se digterskap nie los te dink is van sy verbondenheid aan die aarde en die aardse nie, en by implikasie dus ook nie sy geloof nie. Hy is sintuiglik verbind aan die aarde met die wete van God se teenwoordigheid in sy skepping en sy worstelstryd binne al die bestaansordes tot groter selfvolmaking.

In teenstelling met die lang ontstaansperiode van Opperman se debuut het sy tweede bundel slegs twee jaar ná sy eersteling verskyn. Die titel van dié tweede bundel, *Negester oor Ninevé*, dui reeds op 'n tematiese vernuwing met verwysing na Ninevé, die stad in die Bybel waarheen die profeet Jona deur God gestuur is om sy vernietiging te verkondig, tensy die inwoners hulle bekeer. Vir die vergestaltung van die skuld- en verlossingsmotief is die belangrikste bron egter nie die boek Jona nie, maar die eerste boek van die Bybel, Genesis. Nie net vir sekere gedigte kom die intertekste uit Genesis nie, maar in sy geheel is Genesis die boek agter *Negester oor Ninevé*; en in 'n hoë mate geld dit ook vir *Heilige beeste*.

2. Die oorsprong van 'n oorwoë digterskap: die heilige drie drifte

Die lang ontstaansperiode van *Heilige beeste* het noodwendig tot gevolg gehad dat die eenheid van die bundel nie uit die gedigte self gegroei het nie, maar hoofsaaklik van buite af daaraan opgelê is. Die titelgedig "Heilige beeste" het nie deel uitgemaak van die inhouds-opgawe van die manuskrip nie en is kennelik later gekonsipieer en deur die digter bedoel om die bundel te oorkoepel. Dit is met dié bedoeling afsonderlik van die vier afdelings waarin die verse opgeneem is, afgedruk. As mottovers dien dit, soos Kannemeyer (1979:14) tereg sê, as "tematiese wegwyser en strukturele sleutel," nie net vir die bundel nie, maar vir Opperman se hele oeuvre:

Dit is my laaste besit
wat ek bedags langs die Taka verdedig
en snags in die kraal tussen kiepersol en klip:

hulle wat wei
waar die hadida in die noorsboom wag
bo peule, miershoop en gras;

hulle wat afhanklik is
van die bul wat die sand krap
en die reuk van die koei nog vat;

hulle wat afstam
van kuddes deur dansende impi's omring
in die koningskrake van Senzangakona en Dingaan;

hulle my drie drifte:
die aardse, die vrou en die Groot-Groot-Gees
oor die kraal tussen kiepersol en klip.

Die Zoeloewagter kom as ek-spreker in die gedig onmiddellik aan die woord en sê oor die beeste wat in die titel genoem is dat dit as sy laaste besit vir hom so kosbaar is dat hy dag en nag, buite en binne die kraal, oor hulle waak (strofe 1). Hulle is "*heilige* beeste", want hulle stam af van die kuddes uit die trotse verlede van die Zoeloe as dapper krygsman (strofe 3). Die "*heilige beeste*" word in die slotstrofe die "*drifte*" van die digter, verteenwoordig deur die drie verskillende hoedanighede van die beeste in die drie middelstrofes van die gedig: "die aardse, die vrou en die Groot-Groot-Gees". Dié drie drifte is deel van die digter se menswees buite sy gedig en sy oeuvre, maar as verwesenlikte impulse is hulle motiewe, onlosmaaklik aan mekaar verbonde binne sy gedig en sy oeuvre.

3. Die onlosmaaklike verbondenheid aan die aarde

Die Afrikanerkind het minstens gedurende die drie generasies ná die Anglo-Boereoorlog grootgeword met huisgodsdienst waarbinne die Bybel, getrou aan die Calvinisme, 'n sentrale plek ingeneem het. Die vanselfsprekende gevolg daarvan was dat momente uit die grootse verhaal van die Bybel in die poësie van prominente Afrikaanse digters geassimileer is in die klein, kompakte wêreld-in-woorde van gedigte. Opperman was, as lid van die tweede generasie ná die Anglo-Boereoorlog, geen uitsondering nie. In die groot verwysingsveld van sy poësie neem die Bybel 'n prominente plek in.

Nogtans is die seun Diederik Johannes, naamgenoot van die vader, met wie hy 'n noue band gehad het, nie opgevoed in 'n behoudende Calvinisme nie, want Opperman sr. se geloof het nie berus op die leerstelling van Calvin nie, maar op "*spiritisme*" waarvan hy sy seun wou oortuig, veral ten opsigte van die lewe ná die dood. Alhoewel hy op die lange duur nie daarin geslaag het nie, was die ingrypende gevolg daarvan dat die digter ook nie die Calvinistiese geloof in die hiernamaals aangehang het nie. In 'n manuskripboekie van Opperman sr. (Opperman-versameling, J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit Stellenbosch) noem hy homself 'n "*spiritualis*" en beskou hy "*spiritisme*" as "*duiwelsheerskappy*", maar sy eie definisie van "*spiritualisme*" is identies aan die woordeboekbetekenis van "*spiritisme*": "Geloof dat die geeste van afgestorwenes in verbinding kan tree met lewendes d.m.v. 'n medium" (HAT).

Vir Christene wat, soos Opperman sr., die spiritisme wil versoen met die Christelike geloof, is 1 Petrus 3: 19 'n sentrale teks: nadat die skrywer van die sendbrief in vers 18 gekonstateer het dat "Christus een maal vir ons sondes gely het, Hy die Regverdige vir ons die onregverdiges om ons tot God bring", lui sy gevolgtrekking in vers 19: "... in Wie Hy ook heengegaan en gepreek het vir die geeste in die gevangenis". Opperman sr. haal hierdie 19de vers aan en sê Christus is "na sy dood na 'n plek (gevangenis genoem) waar hy die evangelie gaan verkondig het; later is Hy toe van die aarde af reëlreg opgevaar na die hoogste trap van bestaan ..."

Die vierde afdeling van *Heilige beeste*, wat bestaan uit Opperman se religieuse verse, word ingelei deur die elegiese vers “Nagedagtenis aan my vader”. Uit dié gedig blyk die digter se onsekerheid oor sy vader se spiritistiese beskouing van die hiernamaals. Die betekenis van die vers kan nie voldoende ontsluit word sonder dat die leser kennis neem van die spiritisme nie.

Die gedig neem ’n aanvang met die woord “Buite” aan die einde van ’n tipografiese blanko ruimte wat enjambeer en die reël voltooi in ’n volsin:

Buite
waai ’n vaal misreën, en teen die ruite
buig rooi huise en die silwereike skeef
in druppels wat vergly; ...

Die digter sien die buitedinge in die “waterglans” soos deur ’n “soort half-deurlatende lens” (J.P. Spies 1975:106). In teenstelling met die vervloeiende wêreld waarvan die ruit hom afsonder, dink hy in strofe 2 terug aan die konkrete, aardse werklikheid wat volgens sy vader nie streng afgeskei was van die onbekende anderkant nie; ’n opvatting waarmee hy hom aanvanklik vereenselwig:

Ek weet die wêreld was ’n oop kol lig om
my, waar geeste uit die donker streke kom
soos in ’n akwarium se groot kring glas
en water, skuwe visse nader tas
tot teen die skelle lig, dan vlug van hier
na verre skemeringe groen koraal en wier.

Sy wete van die oorskrybaarheid van die sintuiglik-waarneembare werklikheid na die aangrensende donker geesteswêreld het die seun egter steeds meer betwyfel, soos die uitsprake van onsekerheid in die aanvangsreëls van die derde, vierde en die vyfde strofe respektiewelik te kenne gee: “So kon ek dink ...”; “Ek het verwag ...”; “Nou wag ek ...” Die wêreld van die eerste strofe met sy vervloeiende grense word in die verloop van die gedig steeds sterker en definitiewer omlyn; steeds konkreter. Sowel die “bonte kransie” wat die seun op die vader se graf neerlê as sy herinnering aan die skilderye wat sy vader, ’n Sondagskilder, van die Drakensberge gemaak het, is in strofe 3 konkreet. By die neerlê van die kransie het die seun nog geglo dat sy vader “in die diepte/ van die aarde eers ’n rukkierus” (reëls 3, 4) en dat hy in die Drakensberge, ’n “stapelwerk van klippe” soos hy dit geskilder het, ’n “toegang tot die hemel” sou “vind” (reëls 9,10). Dit is volgens die leer van die spiritisme die aanvanklike toegang van die gees uit die “gevangenis” tot die uiteindelijke bereiking van die hoogste hemele, waar vader Opperman sy skilderwerk sou kon voortsit.

In die vierde en voorlaaste strofe word die intieme vader-seun-verhouding die sterkste verwoord en is die seun nog ontvanklik vir sy vader se geloof in die spiritisme, maar met aanmanings van skeptisisme. Dié strofe neem ’n aanvang met ’n veronderstelling, nie ’n stelling nie: “Ek het verwag jy sou ook nie vergeet/ van ons gesprekke ...” By implikasie het die vader daarvan vergeet en is dit die seun wat onthou hoe sy vader in hulle nagtelike gesprekke hom “kon lei/ langs luiperd, leeu en wyfiewolf verby/ deur bosse, af teen steiltes van die Skulp ...”

Opperman (1974:82) verklaar die betekenis van hierdie reëls wat duister sal wees vir lesers wat nie vertrou is met Dante se *Divina Comedia* nie, as volg: “Die primêre beeld is die vader wat die seun lei en die gevare van die wêreld aantoon; die assosiatiewe beeld is Vergilius wat Dante verby die luiperd, leeu en wyfiewolf lei en hom die Inferno wys met sferes wat in sy wentelinge vir my lyk soos ’n omgekeerde skulp ...” Opperman maak die “Skulp” die metafoor vir die stygende bestaansordes en onthou hoe hy as seun in die opstygende rysmiere “uit ’n donker gat ... ná die reëns” “engele” gesien het. Die reën in strofe 1 wek hierdie herinnering, maar dit is belangrik dat die vader se geloof vir die seun geopenbaar is in ’n konkrete sintuiglike ervaring:

...
Ek het van ver gesien toe eens
rysmiere uit ’n donker gat vlieg na die reëns
met ligte vlerkgeritsel, hoe die engele
so lank gevange, opstyg na die hemele ...

As die vader nie woord hou en in die afsluitende strofe 5 verskyn nie, bly alles soos dit was: “strak/ afgesluit deur hoek en lyn en vlak”, en is die konkrete, sintuiglike, harde werklikheid van die skeiding al wat bly:

Ek weet nie waar jy is, of hoe verkeerd
ons menslike denke tas, ek weet
maar net die petrea se trossies blou
rank daagliks digter tussen my en jou.

Die “petrea se trossies blou” is die metafoor vir die toenemende onbereikbaarheid van die gestorwe vader deur die agtergeblewe seun in sy verbondenheid aan die aarde. Dié metafoor suggereer die onderliggende pyn van die seun by die wete van dié onoorbrugbare geskeidenheid wat nie direk bely word nie. By wyse van die metafoor het Opperman van die begin af uitdrukking gegee aan die persoonlike ervaring in die gedig. Hiervan is die “petrea se trossies blou” ’n voorbeeld. Die metafoor setel in ’n digter se sintuiglikheid. Opperman se ontdekking van sy sintuiglikheid was sinoniem met sy ontwaakte besef van sy onlosmaaklike verbondenheid met die aarde. Dié ontdekking was ’n bewuste breuk met sy vader se spiritisme, maar uit sy poësie blyk die belang daarvan vir sy digterskap. Hy het die spiritistiese beskouing van die mens as gekerker in sy liggaam waarvan hy eers in die hoogste hemel hierna bevry word, omgekeer. Die “gevangene geeste” is vir hom nie hulle wat in die liggaam gekerker is nie, maar wat, losgemaak van die aarde deur die dood, sintuiglik daarna terugverlang.

Die onvermoë om afskeid te neem van die sintuie en die aarde is die samebindende tema van drie gedigte wat al drie vooraf in *Die Huisgenoot* gepubliseer is, respektiewelik “Gevange geeste” (19.1.1940), “Absalom” (29.3.1940) en “Kind van die aarde” (20.12.1940). “Gevange geeste” is nie in *Heilige beeste* opgeneem nie, omdat dit met sy uitgesponne, abstrakte redeneringe kennelik nie voldoen het aan Opperman se voorkeur vir die beeldende gedig nie. “Gevange geeste” is egter van besondere waarde vir insig in sy komplekse religie. Daaruit blyk dat Opperman se keuse vir verbondenheid aan die aarde nie die opheffing van sy religieuse bewussyn is nie; intendeel, die Groot-Groot-Gees is ’n blywende drif vir sy digterskap. In “Gevange geeste” roep hy die “Grote Gees” aan met die versoek om “ons siele” te “verlos, deur liefde, van ’n folterende band” wat die lot is van diegene wat

ongevoelig is vir die “fyner trillings van gevorderde bestaan”. Die laaste en dringendste versoek is dat die Groot-Groot-Gees die “dooie vlies” van dié “aardgebondenes” se “blinde oë” moet “afhaal” en aan hulle ’n “eie doel, ’n nuwe horison” sal toon en iedere persoon sal omgewe deur ’n spiraal van lig wat steeds wyer uitkring (Spies 1992:58).

In “Gestorwene” is die “gevange gees” nie self aan die woord nie, maar praat die digter as anonieme verteller namens hom. Die vliese word in dié gedig wel van sy blinde oë afgehaal, maar anders as by die spiritisme word hy nie daardeur verlos van sy folterende, maar heerlike band met die aarde waarom hy in “Gevange geeste” gebid het nie. In die eerste vierreëlige strofe bevind die “gevange gees” hom in die hiernamaals as die “donker streek” waarbinne hy “wanhopig” bly soek na “openinge” (reël 3) “om die *verlore mooie plekke* te aanskou” (reël 4; my kursivering). Die tweede en derde inspringende strofes verteenwoordig die vervlugtigende momente van die “gevange gees” se verwesenlikte verlange na die verlore skone plekke deur die oë van twee lewendes: ’n steeds wyer wordende landskap deur die oë van ’n Zoeloemeisie, Tonjenani, en ’n stadsgesig in die vroeë “moreson” deur die oë van ’n anonieme grysaard. In die vierreëlige slotstrofe is die gestorwene die “tiermot van die duisternis” wat hom, gelok deur die “geheime vlam” van die aarde, radeloos bevind teen die “harde mure en bedekte ruit” wat hom toegang weier.

4. Die digter as dertiende dissipel

Opperman was wars van alle “ismes”, met die gevolg dat nóg die deïsme nóg die panteïsme van toepassing is op sy Godsbeskouing soos dit uitdrukking vind in sy poësie. Volgens die deïsme het God die wêreld geskep en Hom toe daaraan onttrek. Volgens die panteïsme is God nie transendent nie, maar uitsluitlik in sy skepping teenwoordig. Die deïs en die panteïs kan nie bid nie. Opperman tree in gesprek met God (wat ’n vorm van gebed is) oor sy verhouding met die hiermaals en die hiernamaals. Hy kies in sy debuut reeds vir dissipelskap, maar dan as ’n aweregse dissipel, soos spreek uit die titel van die gedig “Dertiende dissipel”, waarin hy die aard van sy dissipelskap bely.

“Dertiende dissipel” vra om in samehang met “Verbond”, wat direk daaraan voorafgaan, gelees te word om sy betekenis ten volle te verwesenlik. In die agtreëlige “Verbond” speel twee gewelddadige episodes tussen verskillende diere af. Elkeen word voltrek binne vier reëls wat deur ’n kommapunt ten nouste met mekaar skakel. “Die apie deur die tierboskat gevang,/ kla droewig.../ met die verdriet van God.” Soos daar by die apie geen “verwyf” is as hy sterf “teenoor die tande wat hom byt nie”, “breek” die “wedersydse mededoë” aan die einde van hulle geveg tot die dood toe deur die twee koedoes se “stywe oë”. Die geweld in die diereryk word gegenereer deur dryfkragte wat ook eie is aan die mens, nl. die hongerdrang en die heersersdrang, waar laasgenoemde ten nouste verbonde is aan die seksuele drif. Die verbondsgedagte is subtiel vervat daarin dat die “verdriet van God” nie net betrekking het op die apie se kreet as die tierboskat hom vang nie, maar op God se verdriet oor die geweld in sy skepping. Dié geweld binne die mense- en die diereryk is die uiteindelijke aanleiding tot die sondvloed en die verbond wat God daarna met Noag sluit wat as ’n sentrale motief in my bespreking van *Negester oor Ninevé* aan die orde kom.

Die bewuswording van die pyn in die diereryk is die impuls van die “dertiende dissipel” se aanvaarding van sy besondere dissipelskap:

Toe die dassie huil onder die daeraad
het ek verskrik die skuiling by die kruis verlaat,
terug na U, o God, wat onvermoeid tot selfvolmaking
deur gestaltes van die aarde wring,
deur die geslote sluimer van die ysterklip, die tas
in die trae ranke van die wildedruif, die slu-gekaste
oë van die mamba; terug om in alleengeveg
volgens my sterkte U verlossing te besleg.
Toe die dassie huil moes ek Sy kruis verlaat
want teenoor U was dit my lang verraad.

Die titel “Dertiende dissipel” is reeds veelbetekenend. Met die woord “dissipel” sluit die spreker hom aan by die Christelike tradisie: hy is ’n dissipel van Jesus; ’n volgeling, maar nie een van die twaalf nie; hy loop buite die gewone orde. In die eerste reël “verskrik” die “huil” van die “dassie” (wat terugspeel op die “apie” wat “droewig” “kla” in “Verbond”) “onder die daeraad” – met die koms van die *lig* –hom in so ’n mate dat hy die “skuiling by die kruis” verlaat om terug te keer na God. Om by die kruis te wees, beteken vir die Christen juis om by God te wees. Die kruisdood van Jesus verseker volgens die Christelike dogma die redding van die gelowige deur God, maar paradoksaal en ironies is die wegwees van die kruis vir Opperman se spreker om by God te wees.

“Skuiling” suggereer beskutting, beveiliging, en die wegkeer van die kruis is vir hom ’n blootstelling aan die pyn in die skepping; ’n toe-eiening vir homself van die onveilige, pynlike selfvolmakingsproses van ’n worstelende God wat hy bespeur in al die skeppingsordes: anorganiese (“ysterklip”), organiese (“wildedruif”) en dierlike (“mamba”). Die paradoks wat aan die grond van die gedig lê, kulmineer in sy “lang verraad” wat na die verlede verwys waarin hy te lank by die kruis geskuil het en na die toekoms waarin hy Jesus as Verlosser verrai deur hom weg van die kruis oor te gee aan die skepping. Die oplossing van die spanning lê vir Opperman uiteindelik daarin om die “dertiende dissipel” met die kunstenaar te identifiseer.

Binne die raamwerk van *Heilige beeste* en Opperman se eie verworwe godsdiensbeskouing is dit voor die hand liggend dat hy as verteenwoordigers van die “dertiende dissipel” Vincent van Gogh, die skilder, en William Blake, die skilderdigter, sou kies. Vincent word groot binne die Calvinistiese sfeer van die pastorie in Zundert in Brabant, ’n oorwegend Rooms-Katolieke Nederlandse provinsie. Gedrewe deur ’n fanatiese Christenskap wat ver afwyk van sy dominee-vader se sober Calvinisme, werk hy sonder toestemming as sendeling in die mynstreek van België, die Borinage, ’n troostelose vlakte van steenkool en armoede. Sy fanatisme wat onder meer daartoe aanleiding gee dat hy sy gesig en hande met roet besmeer, lei tot sy ontslag (Perruchot 1965:61–9). Daarna verwys die eerste drie reëls van Opperman se Shakespeariaanse sonnet “Vincent van Gogh”:

Jy het as ’n miskende
heilige vergeefs geveg teen die ellende
en die onreg in die krotte van die myn ...

Vincent het egter van kleins af geteken en uiteindelik in die Franse hoofstad, Parys, tot ontdekking van sy ware roeping gekom: dié van skilder. In Arles, die sonnige suide, het hy die Mediterreense landskap tot lewe gewek: bloeiende vrugteboorde, sonneblomme, sipresse.

Dié ommekeer van Vincent gee Opperman weer in reëls 7 en 8, en in die laaste vyf reëls van sy sonnet, reëls 10 tot 14, roep hy die kort kreatiewe periode van sy “dertiende dissipelskap” op:

... maar eers toe jy die koringgerwe
in aanbidding van die son kon verwe
...
die kantelende landskap in die snelle ligte
geel en groen en blou – alles met koorsige gevlek
tot branding van die skone kon verwek
toe is Sy hartstog eers in jou volbring
soos groen sipresse tot ’n vlam verwring.

Dit lê voor die hand dat Opperman aanklank gevind het by Blake se belangstelling in die mediumistiese en spiritisme na aanleiding van sy vader se geloof in die spiritisme waarna hy verwys in sy lesing oor sy kreatiewe skryfkursus vir voornemende jong digters op Stellenbosch by sy aanvaarding van erelidmaatskap van die Afrikaanse Skrywerskring op 9 Augustus 1978, gepubliseer onder die titel “Letterkundige Laboratorium – 20 jaar” in *Tydskrif vir Letterkunde* (1978:3). Opperman sê onder andere: “William Blake het geglo dat sy werk van die anderkant af aan hom gedikteer word, hy was slegs die sekretaris”. Blake se onrustige nagtelike togte deur Londen se strate het gelei tot sy “dertiende dissipelskap” toe hy “teruggedryf” is “tot by die grens” van die sienlike en die onsienlike “waar hy gesels het met blom en dier en gees” (reëls 4, 5), maar met die wete “dat God in iedereen moet wees/ met eienskappe ingeperk/ teenstrydiglik in tand en vlerk/ in wurm en die roos, die lam, die tier” (reëls 6–9).

Blake se verse in sy bundel *Songs of Innocence and of Experience* neem inderdaad die vorm van gesprekke aan. Opperman se noem van sy “gespreksgenote” is nie willekeurig nie, maar bewuste verwysings na spesifieke gedigte waarin Blake plante en diere direk aanspreek: “wurm en die roos” verwys na “The Sick Rose” en “tier” na “The Tiger” in “Songs of Experience”; “lam” verwys na “The Lamb” in “Songs of Innocence”. “The Sick Rose” neem ’n aanvang met die reël “O rose thou art sick ...” en dan kom die wurm ter sprake wat die roos verteer. In sy gedig oor die tier vra Blake: “Did he who made the lamb make thee?” en eindig met die vraag:

Tiger, tiger burning bright,
In the forests of the night:
What immortal hand or eye
Could frame thy fearful symmetry?

Soos Blake staan Opperman verwonderd voor die wonders van die skepping met sy inherente teenstrydige skeppende en vernietigende kragte. Waar Vincent van Gogh so dikwels sonneblomme geskilder het dat hy na die sonneblom verwys het as sy persoonlike embleem (Mancoff 2001:96), spreek dit van Opperman se briljantheid en vindingrykheid as digter dat hy die sonneblom nie in verband bring met Vincent nie, maar wel met William Blake. Die eerste strofe van Blake se “Ah! Sunflower” lui:

Ah! sunflower, weary of time,
Who countest the steps of the sun,

Seeking after that sweet golden clime
Where the traveller's journey is done ...

By Opperman word dit die kunstenaar wat weet dat God die skeppende hartstog is, maar uiteindelik ook die suiwerende vuur wat alles in Hom saamtrek:

dat Hy die hartstog is, maar ook die vuur
wat alles lok tot daardie gulde gang
waarna die moeë sonneblom verlang.

Die sonneblom as gemeenskaplike metafoor verbind die twee skeppende kunstenaars, Van Gogh en Blake, met mekaar en met Opperman as “dertiende dissipel”.

Waar die aardse werklikheid nie strak afgesluit is van die bo-aardse nie, ontstaan die moontlikheid van vereenselwiging met die transendente wat 'n mistieke ervaring van God en die goddelike moontlik maak. In die gedig “Stasie” suggereer die titel stilstand. In teenstelling daarmee sou die digter vanuit die bewegende trein die “klipkoppies en klein landerye” sien “ontdaan van strakheid” (strofe 1) en die “dorp” as 'n “kortstondige blom” (strofe 2) en God dus by implikasie op mistieke wyse “ken”. Deurdat die vervlugtigende landskap vanuit die voortsnellende nagtrein nie meer “strak afgesluit” is “deur hoek en lyn en vlak” (“Nagedagtenis aan my vader”) nie, sou die digter, Opperman, die grens kon oorskry na die geesteswêreld en een word met God.

As teenpool van “Stasie” blyk dit in “In die landskap” dat die mistiek as 'n sodanige transendente ervaring egter wesensvreemd is aan Opperman. In dié gedig word hy, anders as in die mistiek, nie opgeneem in God soos die landskap in die “teer lig” uit 'n bewegende trein nie, maar word die landskap oor “vervloeide grense” opgeneem in sy “liggaam”. Die “maroelaboom” is asof in hom “gewortel” (strofe 1), die “berge, bome en die gras” sy “vlees” (strofe 2), en so word hy deel van God se “worsteling na 'n volmaakter droom” (strofe 3).

5. Skuld en verlossing binne die Verbond

In teenstelling met die dekade waarin Opperman se vroeë verse ontstaan het en in *Heilige beeste* gebundel is, het Opperman se tweede bundel, soos reeds genoem, 'n kort ontstaansperiode gehad en in 1947, ongeveer twee jaar ná sy debuut, onder die titel *Negester oor Ninevé* verskyn.

Negester oor Ninevé het organies gegroei vanuit die lewe self tot 'n eenheidsbundel, waaraan die polêre spanning wat deur die titel gesimboliseer word, ten grondslag lê. Die *Negester*-tema verteenwoordig *droom*, *geboorte* en *verlossing*, in teenstelling met die *Ninevé*-tema wat *werklikheid*, *skuld* en *doem* verteenwoordig, motiewe waaruit by nadere beskouing blyk dat Opperman met sy volle menswees betrokke was by sy digterskap. Gedurende die wording van die bundel het Opperman vir die eerste en enigste keer in sy lewe dagboek gehou (Opperman-versameling, J.S. Gericke-biblioteek). Uit die dagboek lei 'n mens die tydperk van intense kreatiwiteit (1945–1947) af waaruit *Negester oor Ninevé* ontstaan het, wat verband hou met twee gebeurtenisse wat die digter se lewe ten diepste geraak en beïnvloed het.

Vaagweg verwys hy in sy dagboek na die “geval” wat as model gedien het vir die hoofpersonasie van “Ballade van die gryslan”, die groot skuldgedig van die bundel. Die dokument agter die gedig is die verhoor van Opperman se jongste broer, Louis, op 33 aanklagte van diefstal en ses van vervalsing, waarvoor hy ’n vonnis van 14 maande gevangenisstraf uitgedien het. Die berig het verskyn in *Die Vaderland* van 12 Desember 1946. In een van ons seldsame gesprekke tydens die skryf van my proefskrif by A.P. Grové van die Universiteit van Pretoria het Opperman my gevra om die berig oor sy broer se misdaad en skuldoplegging in my proefskrif aan te haal as impuls vir “Ballade van die gryslan” (Spies 1992:79).

Ek het voldoen aan sy verbasende versoek waarvan ek die redes slegs kon vermoed, maar met geldige oorwegings wat intussen by my oortuigings geword het. Opperman was nooit wars van die bybring van ’n digter se lewe by sy digterskap nie, mits dit ter sake was vir groter begrip van die gedig. Hy was hiperbewus van die blywende konflik in die digter tussen sy menswees en sy digterskap, soos blyk uit sy gepubliseerde lesing “Kuns is boos!": Teen ’n digter wat wil *onthul* om aan sy eerlikheid as mens getrou te bly, kies Opperman (1959:147) om te *verhul* deur die metafoor en die “objective correlative” en dus teen sy menswees te sondig. Sy vreemde versoek aan my om die agtergrond van “Ballade van die gryslan” te openbaar, het myns insiens hoofsaaklik ’n literêre bedoeling gehad, nl. om sy literêre kredo opnuut te bevestig: sy vermoë om die persoonlike volkome te verhul.

Die titel “Ballade van die gryslan” is geïnspireer deur Totius se *Trekkerswee*, soos wat die sitaat by die titel te kenne gee: “Die vroegre boere-paradijs/ is nou één molshoop, groot en grijs”. Totius verwys met “boere-paradijs” na die stad Johannesburg wat ná die ontdekking van goud as ’t ware ’n molshoop op ondergrondse myne geword het; ’n bouse stad wat vir Afrikaners as landelike mense die gevaar van ondergang inhou. In *Negester oor Ninevé* kry “gryslan” simboliese betekenis as ’n oord van menslike vereensaming en verval wat, anders as by Totius, die besondere nasionale geval transendeer.

“Ballade van die gryslan” word tot die weergee van slegs die essensiële gebeure in die noodlottige verloop van ’n menselewe beperk. Die anonieme jongman vertel as ek-spreker self die verhaal van sy ondergang in die stad. In sy strukturering van die gedig hou die digter hom by ’n patroon van drie genommerde afdelings, bestaande uit sewe driereëlige strofes met aanvanklik titels na aanleiding van Dante se *Divina Commedia*: I. “Inferno”, II. “Paradissimo” en III. “Purgatoria”. By publikasie is die titels laat vaar, maar in die drie afdelings gee die *hellevaart*, die *hemelvaart* en die *puring* respektiewelik uitdrukking aan die noodlottige verloop van die ek-spreker se lewe in die stad. Terselfdertyd neem sy menswees in die drie afdelings die gestalte aan van die *swoegende*, *spelende* en *lydende* mens. In I beweeg die ek-spreker as swoegende mens van werkkring tot werkkring in sy soeke na ’n sinvolle bestaan. Sy wisselende, uitmergelende lewe is vervat in die metafoor “vet van viskafes” waaruit hy, saam met die vrou wat deel in sy bestaan, “ontsnap” “na ’n paradys”. Maar in hierdie kunsmatige paradys is die skuldgevoel oor sy misdaad met hom:

Na tuine van die nag, waar neonligte blom,
het ek met haar gevlug; maar by my was
die vrees – die rekenmeester kom.

In dié “feëland” word sy vrees nie gedemp nie, maar dit neem inteendeel toe in omvang en intensiteit deur die kaartjie wat ’n “pennieslotmasjien” na hom “uitspoeg”: “Wees veral

versigtig met geldsake.” Dit wek sy vrees vir die rekenskap wat van hom gevra kan word oor sy misdaad van die verlede:

O die vrees! as die rekenmeester kom
hoe sal ek kan verantwoord
en verslag gee van sy eiendom?

In III bevind die ek-spreker as lydende mens hom in die “purgatoria”. Dié “purgatoria” het nie ’n vaste lokale betekenis nie, maar wissel na aanleiding van die jongman se liggaamlike en geestelike toestand. Die hospitaal waarin hy hom bevind, is tegelykertyd ’n inrigting vir geestesiekes en in laaste instansie ’n gevangenis. En waar hy sy straf vir sy ontdekte misdaad uitdien, het die rekenmeester van mens na God verander. Toe hy ontroer is by die sien van die “peerboom/ in die steenkoolwerf” wat “wit blom”, het hy pynlik daarvan bewus geword dat hy gefaal het om, ondanks sy omstandighede, die bedoeling van God met sy lewe te verwesenlik. Sy skuld en sy vrees oorstyg die persoonlike:

O as die rekenmeester kom!
wat sal ek van sy wêreld
nog kan wys aan hom?

Die ek-spreker bevind hom saam met sy “verwarde broers” agter “tralies”, weliswaar in ’n tuin, maar soos die “tuine van die nag” die verlore paradys; die mislukte tuin van Eden. Opperman het oor die arbeider wat deur die stad verontmenslik word, in *Heilige beeste* geskryf en in *Negester oor Ninevé* oor die stad wat die siel van die mens verongeluk, maar hierdie verse is nie vlugverse van die stad nie. “Deur tralies wat die tuin omsluit” “kyk” die verwarde “verlangend na die stad nog uit”; die stad wat hulle in gebreke gebly het om tot Eden te herskep.

Naas die geskiedenis van sy broer se misdaad en straf is die ander ervaring wat radikaal ingegryp het in Opperman se lewe tydens die wording van *Negester oor Ninevé* die geboorte van sy eersteling, Catharina Elizabeth, op 10 Mei 1946. Die dagboekinskrywing getuig van die diepe ontroering wat deur dié gebeurtenis by hom gewek is. Die verwagting van ’n kind vind neerslag in die gedig “Negester en stedelig”, wat die direkte teenpool van “Ballade van die grysland” is. “Negester” is ’n simboliese sterrebeeld, gevorm na aanleiding van die nege maande swangerskap van ’n vrou wat die geboorte van ’n kind voorafgaan. Die astronomie ken nie ’n “Negester” nie en kritici het nie ten onregte nie aangeneem dat dit ’n Opperman-neologisme is, gevorm n.a.v. die bestaande “Sewegesternte” of “Sewester”. Maar ’n bron vir “Negester” binne die literatuur was wel aan Opperman bekend.

Die leidraad na dié bron vind mens in sy *Verspreide opstelle* (1977), waarin o.a. sy resensie oor Olga Kirsch se debuut, *Die soeklig*, opgeneem is. Opperman karakteriseer Kirsch se bundel tematies en tegnies met verwysing na eienskappe wat kenmerkend is van die poësie van vrouedigters: “’n Mens dink onwillekeurig aan Anne Ridler se bundel *The nine bright shiners* waar hierdie gevoelens met groter aanskoulikheid en rypheid uitgebeeld word” (1977:35). *The nine bright shiners* was onmiskenbaar die direkte prikkel vir Opperman se “Negester” en het as bundel bevrugter ingewerk op sy geboorteverse in *Negester oor Ninevé*, waarin hy die manlike persepsie van geboorte wou vergestalt.

“Negester en stedelig” gee betekenis aan die begrip *Negester* in Opperman se bundeltitel, net soos “For a christening” lig werp op die titel *The nine bright shiners* van Anne Ridler se bundel. As man is Opperman uitgesluit van die ervaring van die groei van die fetus, letterlik “onder die vel”, soos Anne Ridler sê: “In June the early signs,/ And after, the steady labour of subcutaneous growth”. Maar soos die vrou kan hy veranderinge in die omringende natuur waarneem wat in ooreenstemming is met die voorgeboortelike groei van die ongeborene. Anne Ridler sê: “Hidden but with heart throbbing, while stars sharpen and/ throb in the skies”, terwyl die aanvangsreëls van Opperman se gedig lui:

Terwyl die Negesterre en die stedeligte witter
in die donker nagte óm ons skitter
slaap jy nog weg in nag en swye.

In teenstelling met die gepubliseerde gedig was die vroeë variante van “Negester en stedelig” in die manuskrip vormlik en inhoudelik retories en konvensioneel. Onder die aanvanklike titel “Gebed vir die ongeborene” lui die eerste twee reëls: “Groot Gees wat in ’n lig-spiraal/ van goue kringe in hom daal”, wat gewysig word tot “Groot-Gees wat in die donker nagte witter/ in die Suiderkruis en Sewesterre skitter ...” Daarnaas het Opperman “Negesterre” as moontlike variant aangeteken. Die “nine bright shiners” kom in Ridler se gedig eers in die slotstrofe ter sprake waar haar vers ’n gebed is vir die suigeling vir wie sy nog lank die veilige slaap sou wou gun. Hierdie beveiliging in die slaap sien sy oorgaan in die beveiliging in die hand van God:

Sleep, little honey, then; sleep while the powers
Of the Nine Bright Shiners and the Seven Stars
Harmless, encircle: the natural world
Lifegiving, neutral, unless despoiled
By our greed or scorn. And wherever you sleep –
My arms outgrown – or waking weep,
Life is your lot: you lie in God’s hand,
In His terrible mercy, world without end.

Swangerskap en geboorte is vir Anne Ridler wesenlik verbonde met haar Christelike belydenis wat op verskillende maniere in haar geboortegedigte uitdrukking vind. Vir haar is elke geboorte heilig, omdat dit verband hou met die geboorte van Christus, soos in die gedig met die sprekende titel “Christmas and common birth”. Titels soos

“For this time”, “For a child expected” en “For a christening” gee te kenne dat die gedigte ten diepste gebede is. Die “Groot Gees” wat nog in Opperman se “Gebed vir die ongeborene” in die liggende hemelruim aanwesig is, word in strofe 1 van “Negester en stedelig” ’n “Oerson” wat “deur water” in die “ongeborene”, geborge in sy fetale slaap, “daal”. Hierdie water as metafoor vir die vrugwaters in die moederskoot suggereer die “waters” waaroor die gees van God sweef in Genesis 1. Die gedig as ’n gesprek van die vader met die ongeborene verkry in die slotstrofe die allure van ’n gebed as hy hom, in aansluiting by die eerste strofe, bewus losmaak van die Christelike belydenis:

Watter kaart of watter ster sal ek jou wys
om veilig deur die grysland heen te reis?
Sal ek van ’n God praat wat verdoem,

van Christus, en die Tien Gebooie noem?
Voorlopig dan, maar onthou altyd
aan jou daade grens 'n ewigheid;
gee sin aan voorgeslagte deur die eeue heen,
besef jy is 'n vegter weer van die begin, alleen;
en mag die Suiderkruis en Negesterre witter
as die stedeligte in jou siel bly skitter.

Die metafoor van “gryslan” vir die stad in “Ballade van die gryslan” gee aan die gebed vir die ongebore kind se veilige lewensreis deur die grootstad van die 20ste eeu in “Negester en stedelig” ’n omvattender en dieperliggende betekenis. Dit is ’n gebed om behoud van die kind as “vegter” in sy eenmalige menslike deelname aan die durende selfvolmakingsworsteling van God in sy skepping. Die versaking van dié roeping vra om meer as straf en begenadiging van ’n enkeling. Die individuele skuld en straf neem reeds in “Ballade van die gryslan” ’n groter dimensie aan, en in die kort gedig “Beskuldigde” klink die individuele kreet om begenadiging in die slotstrofe op:

Ek vra die hof nie wat die aanklag is
met dag en datum van misdade;
ek wag net op die vonnis
en ... genade.

In Opperman se “Legende van die drenkelinge” omskep hy die sondvloedverhaal tot ’n sinvolle mite deur te fokus op die drenkelinge, mense en diere, wat ondergaan in die vloed, in teenstelling met die Bybelse verhaal wat sentreer op die uitverkorenes in die Ark wat oorleef (Gen. 6–9). Die reën as ’n gepersonifieerde, mistieke mag word nie in die eerste twee reëls van strofe 1 herken as die vernietigende mag wat dit is nie. Ná die aanvanklike vreugde by mens en dier oor die reën wat die dorstende aarde deurdrenk, openbaar hierdie anonieme “Hy” in strofe 2 hom as ’n toornige “Watergees” wat die plante verniel en die ang in die diere- en menseryk laat ontwaak.

Die derde strofe begin met ’n verwysing na ’n “reus uit die verdorwe geslag” (Gen. 6:4), wat in Opperman se dramatiese weergawe van die vloed die hoofrolspeler word. Die gebeure soos wat die vloed alle lewe uitwis in sy meesleurende geweld, word wisselend deur hom en die verteller opgeroep. In die twee slotreëls van strofe 3 stel dié “reus” die vlug voor die waters uit in vooruitsig met die vraag: “Is dit nou die wraak van die aardse dinge/ wat ons jaag na die hemeltinne?” In strofe 4 volg die vlugtendes ’n “Herder” voor die stygende waters uit; aanvanklik gevolg deur die diere as ’n vreedsame kudde verenig in hul nood: “maanhaar-leeu en kalf, duikerlam en wolf” (strofe 4, reël 4). Maar in strofe 5 deurgrond die verteller die “reus” se groeiende haat wat daartoe lei dat hy geen dier, plant of boom ontsien nie en met sy mes vir hom sy pad boontoe veg om “in genade” te “bly”. As die enigste oorlewende “sprei” hy “sy hand oor die laaste kriekie”, ’n versoenende bevestiging van sy aardeverbondenheid. Maar toe ná sy laaste nag die “more rooi oor die waters skyn” en die aarde “soos ’n dier onder hom ruk”, voorsien hy dat God sy lewe nie gaan spaar nie: “Al was ek op aarde U sterkste mens/ tot die end ...”

Maar die blink sens
van die golwe maai oor die rots
“Ag, alles bly stroming en donker geklots

van diep branders ... buite U Ark van Genade.
En wat is die mens, en wat is sy dade
sonder U? Ek spartel in seë, snik
in U branding, sink tot slik ...”

Toe breek uit die nastuiwende wolke hoog
en diep in die waters ’n groot reënboog.

Opperman se gedig eindig by die dood van die laaste lewende drenkeling in die vloed. Hy is saam met die res van die mensdom en die diereryk uitgesluit deur die God van die “uitverkore groepie” (strofe 3, reël 6) wie se beeld as Verdelger in Genesis 6–9 in totale stryd is met die beeld van ’n eerbiedwaardige Skepper in Genesis 1. Volgens Karen Armstrong in haar studie oor Genesis, *In the beginning*, is dit onmoontlik dat die God wat sy skepping met welbehag aanskou het as “baie goed” (Gen. 1:31), die besluit kon geneem het om die mens in wie God niks goeds meer gesien het nie, saam met die onskuldige diere te verdelg (Gen. 6:12). Maar sy voeg by (2011:39) dat hierdie God van die Vloed in die verloop van die Genesis-verhaal verander: “Yet by the end of the story, this seemingly immature and cruel God has changed. We will see that he has to accept the ‘evil inclination’ that he created in the hearts of human beings.”

Dié verandering by God word in die slot van “Legende van die drenkelinge” in die vooruitsig gestel deur die laaste oorlewende drenkeling wat in sy sterwensoomblikke die ark nie meer sien as die “uitverkore groepie” se lewensbehoudende vaartuig nie, maar as die “Ark van God se Genade”, simbool van die nuwe aarde. Die reënboog wat na sy sterwe verskyn, is die teken van God se belofte om nooit weer die aarde deur ’n vloed te vernietig nie. Wanneer God al die oorlewendes by die ark laat uitgaan, herhaal God die opdrag aan Noag en sy seuns soos dit gegee is aan die eerste mensepaar, gepaardgaande met God se seën (Gen. 1:28): “En God het Noag en sy seuns geseën en aan hulle gesê: ‘Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde’” (Gen. 9:1). Daarna gaan God die verbond met Noag aan en herhaal die opdrag aan hom om voort te plant, wat groter betekenis kry omdat dié verbond ook Noag se nageslag insluit.

Die kontinuering van die familiestamboom is die sentrale motief in Opperman se “Nagwaak by die ou man”. Die ek-spreker waak by die bejaarde uit sy stamboom wie se “beroerteliggam” “soos ’n maan/ oor stukke seilskip teen ’n kaap vergaan” (strofe 1, reëls 7 en 8). Dié sterwe is nie ’n rustige wegsink in kalm waters nie, maar het ’n element gemeen met die geweld van die ondergaan van die drenkelinge in die Vloed (strofe 4):

Nou dat die berge, sterre, in hom stort
en baard en oë riet en water word,
sien jy in hom die ruie oer-moeras
waaruit jy kruip en veggend verder tas
...

Met hierdie woorde gee Opperman opnuut uitdrukking aan die gedagte van die mens se lewe as stryd; ’n alleengeveg wat onlosmaaklik saamhang met die opdrag om voort te plant. Onder die “streng blik/ van voorgeslagte” besef die wakende jongman: die “gloed/ wat in hul oë brand, mag in my bloed,/ mag in my lende nie sy einde vind” (strofe 2, reëls 6–9). In die drieluik “Genesis” word dié voorneme bevestig in die verhaal van ’n jong egpaar se

verwekking van 'n kind tydens die wittebrood wat aanleiding is tot die gedagtes en emosies van die man en vrou tydens die afwagting van die geboorte.

Die drieluik ontleen sy titel ook aan Genesis, die eerste boek van die Bybel. Die jongste Nederlandse Bybelvertaling gee 'n verklaring van die naam Genesis wat belangrik is vir begrip van Opperman se trilogie: "Het boek Genesis dankt zijn naam aan de Septuaginta, de oudste Griekse bijbelvertaling. Het Griekse woord *genesis* betekent 'ontstaan', 'oorsprong', 'wording'. De titel in de Hebreeuwse bijbel is Beresjiet, 'In het begin', naar het eerste woord van het boek" (2004:15). Die verhaal wat hom voltrek in die drie gedigte "Spel", "Grot" en "Ark" wat "Genesis" in sy geheel uitmaak, word gekenmerk deur die onsekerhede waarmee elke "begin" van die groot "onbekendes" soos geboorte en dood gepaard gaan. In "Spel" gooi die dood reeds sy skaduwee oor die jong getroudes se sinnevreugde en hulle genot aan swem as sy hom beangs smee om nie weer die diep see in te waag nie. In die eensaamheid van haar stedelike woonstel in "Grot" beknel die vrees die swanger vrou soos in die grot tydens die wittebrood toe haar eie stem net met die een woord, "Doem", weerklink het. En in "Ark" dink sy aanvanklik aan haar "skoot" as 'n "klein ark! maar in die dood/ se waters reeds" tot daar aan die einde van die gedig 'n ommekeer in haar gedagtes kom: sy dra van haar eggenoot die "gloed/ dan en die God, van alles wat verlore/ gaan van ryk tot ryk". Die "gloed" wat die jongman in sy nagwaak by die sterwende ou man in sy lende gevoel het, het dus sy deurgang na die lewe gevind, soos blyk uit die slotreëls van die gedig:

...
en ruime van haar skoot
word ark oor waters van die dood.
En eindelijk vir 'n ander ewigheid
voer haar siel oor die verganklikheid
van stede, see en die platane
'n klein nagwaak van nege mane.

Vir die man, Opperman, is daar toe nie die verwagte seun gebore nie, maar 'n dogter. Hy skryf daarvoor soos volg in sy dagboek:

Met swart sambreel en jas het ek om seweur vanoggend deur die kwaai wind en reën gestap om na my dogter te gaan kyk ... Eerlik gesê, ek het heimlik gewens dat dit 'n seun moes wees, want ek is die sewende Diederik Johannes, 'n direkte afstamming, die oudste kind wat nog altyd 'n seun was ... en onderwyl ek na haar kyk, die dik toegies, het sy begin huil: toe raak sy my waar ek nog nooit geraak is nie ... (Opperman-versameling, J.S. Gericke- biblioteek).

Met die geboorte van sy kind besef die vader dat die liefde vir die vrou, haar swangerskap en die geboorte van hulle kind 'n proses was van selfontdekking, maar ook van selfvervreemding wat sy digterlike hergeboorte noodsaak. Vir die verwoording van hierdie ervaring by die geboorte van sy dogter vind Opperman in die Bybelse profeet Jona, die ideale skuilfiguur. "Jona" is die eerste gedig van die ses gedigte, deur 'n blanko bladsy geskei van die "Genesis"-trilogie, waarmee Opperman die bundel afsluit. Binne die 12 tweereëlige strofes word die Jona-legende Opperman se omdigting van sy vlug uit en sy terugkeer na die "gryslan". Die ek wat as 'n Jona aan die woord is, versak sy opdrag as digter: die vrou is die skip wat hom, die *man*, wegvoer van sy Godgegewe roeping (strofes 1–2):

Van U opdrag en U aangesig
het ek uit die gryslan gevlug;

sy was die skip wat oor die see
my voer na Tarsis, weg van Ninevé.

Opperman identifiseer hom in 'n Bybelgetroue weergawe met Jona se lotgevalle op sy seevaart na Tarsis tot met die uitwysing van sy skuld deur die lewensbedreigende storm en sy versoek om oorboord gegooi te word (strofes 3–8). Jona se daaropvolgende ervaring in die ingewande van die groot vis wat hom op God se bevel insluk en sy redding wanneer die vis hom op droë grond uitspuug, word die uitgebreide metafoor van die digter Opperman se hergeboorte waarin Jona 2:5 letterlik neerslag vind: “Waters het my omring tot aan die siel toe, die vloed was rondom my; seegras was om my hoof gebind.” Opperman se hergeboorte in ooreenstemming met die Jona-verhaal vind uitdrukking in die slotgedeelte van die gedig, strofes 9–12:

Hoe kon ek van U aangesig, my lot
as mens ooit vlug! O God,

ek sink ... U seegras maal en bind
my nietig in U draaikolk soos 'n kind

weer in die moer; maar wand na wand
sluit U genade na alkant.

En op 'n reënerige kus is ek een more
voor 'n God-erbarmde Ninevé herbore.

In Opperman se gedig het die verhaal 'n ander afloop as dié van Jona in die derde en vierde hoofstuk van die Bybelboek. Jona se nasionalisme staan vir hom voorop. By sy aanvanklike sending het hy geweet dat sy God so genadig is dat Hy ook aan die Assiriërs genade sou kon skenk as die inwoners van hulle bese stad hulle sou bekeer. En nou dat dit ná sy profesie gebeur het, is die nasionalistiese Hebreër kwaad dat God die vyande van sy volk, Israel, gespaar het (Deist 1981:23, 35). Anders as die Bybelse Jona is die herbore digter dankbaar oor God se genade. Hy staan uiteindelik as enkeling voor Ninevé; 'n mens aan wie genade bewys is voor 'n begenadigde stad.

“Moederstad”, die slotgedig van die bundel, verwys terug na “Jona” waarmee dit 'n noue verbintenis aangaan. Die vernaamste motiewe in die bundel word hier saamgetrek: skuld, genade en digterskap. Die digter wonder wat die rede is dat die bekende bakens van Kaapstad, “Tafelberg en Baai”, “vreemd” voor hom “verskyn”: Het hy “geslaap” en “oor seë heen geswerf” of is dit net omdat hy “kind/ en vrou ná al die spanning veilig vind”? Terug uit die “streke van die gees” kom hy egter tot die besef dat hy “dier en ding en plek ná plek/ die aarde met my kind moet herontdek”. Maar as die “grys voorlopers van die woestyn” snags in sy droom verskyn, hoor hy beklem in sy kamer (soos sy vrou, gevange in haar woonstel in “Grot”) God se stem van genade en word die gryslan “Hollywood, Moskou, Kaapstad,/ almal voorstede van één stad” weer 'n God-erbarmde Ninevé:

Solank die mens aan My geboorte gee
hang nog My Negester oor Ninevé.

6. Slot: die selfvolmaking en verbond van die skeppende God

Om aan God geboorte te gee, beteken in Opperman se eerste twee bundels en in sy oeuvre in sy geheel dat die mens deelnemer word aan God se worstelstryd tot groter volmaaktheid in die skepping. Vir die toereikende verstaan van dié sentrale tema in Opperman se vroeëre poësie het die belangrikheid van die Bybelboek Genesis as 'n haas onontbeerlike interteks geblyk. Daarbenewens gee sekere verse in *Heilige beeste* en *Negester oor Ninevé* uitdrukking aan Opperman se verhouding met die Ou-Testamentiese God van die verbond. Dié Verbondsgod se opdrag aan die mens om voort te plant, is volkome afhanklik van die vrou. In die trilogie "Genesis" in *Negester oor Ninevé* is die aandag toegespits op die vrou in haar lewenskeppende aard: as die man se medespeler in hul erotiese spel tydens hul wittebrood ("Spel") en op die swanger vrou as draer van hulle eerste kind, respektiewelik in "Grot" en "Ark". Haar gedagtes en emosies tydens haar swangerskap word dié van die man in "Moederstad".

In hierdie artikel het ek kortliks stilgestaan by die enkele gedigte waarin die voortplantingsopdrag verwesenlik word, met die fokus op die vrou. Die ontginning van die volle betekenis van die "vrou" as een van Opperman se drie drifte, naas die "aardse" en die "Groot-Groot-Gees" (titelvers van *Heilige beeste*), vra egter om binne die geheel van sy oeuvre bespreek te word. Die reikwydte daarvan oorskry die grense van hierdie artikel.

Op grond van die religieuse gedigte waarop ingegaan is, kan myns insiens die afleiding gemaak word dat die Ou-Testamentiese God van die Verbond die God van die digter Opperman is aan wie hy in meerdere gedigte met sy eie aksente poëtiese gestalte verleen. In sy denke oor dié God is Opperman streng monoteïsties: die "Groot-Groot-Gees" is sinoniem met God en bestaan nie naas God nie. Jesus is nie volkome mens en volkome God nie, maar die groot profeet binne die verbond in "Legende van die drie versoekinge", die groot verlossingsgedig in *Negester oor Ninevé*. Opperman mitologiseer die versoeking van Jesus in die woestyn soos Matteus (4:1–11) en Lukas (4:1–13) dit beskryf. Die woestyn word die Natalse "Vallei van Duisend Heuwels", simbool van die volle aarde as agtergrond waarteen Jesus se konfrontasie met die duiwel afspeel. Opperman omskep die duiwel se verleidings in visioene van algemeen-menslike versoeke deur die eeue heen: om spele, brood en beskerming teen die dood. Maar Jesus wys die versoekings af en word Opperman se groot voorbeeld van die mens wat aan God geboorte gee deur God uit die skepping te verlos:

... vir God in hierdie skepping vasgevang
sal Ek as voorbeeld aan die kruishout hang
en Hom verlos – die Son wat brandend sprei
oor valk en das en mis, en in die blou
opstyg van kreits na kreits waar die Vallei
van Duisend Heuwels brokkig vou en vou.

Daarmee bevestig Opperman sy roeping as "dertiende dissipel" om na die voorbeeld van Jesus aan die skeppende God van die Verbond in sy poësie gestalte te gee en terselfdertyd deelhebber te wees aan die selfvolmakingsworsteling van God in al die aardse bestaansordes.

Bibliografie

- Armstrong, K. 2011. *In the beginning: A new interpretation of Genesis*. Londen: Random House.
- Blake, W. 1980. *Songs of innocence and of experience*. Oxford: Oxford University Press.
- De Bijbel. 2004. Haarlem: Nederlands Bijbelgenootschap.
- Deist, F. 1981. *Die God van Jona*. Kaapstad: Tafelberg.
- Die Bybel. 1957. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.
- Kannemeyer, J.C. 1979. *Kroniek van klip en ster*. Pretoria, Kaapstad: Academica.
- Mancoff, D.N. 2001. *Sunflowers*. New York: Thames & Hudson.
- Opperman, D.J. 1947. *Heilige beeste*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- . 1959. *Wiggelstok*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- . 1974. *Naaldekoker*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 1976. *Negester oor Ninevé*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 1978. Letterkundige Laboratorium – 20 jaar. *Tydskrif vir Letterkunde*. Nuwe reeks 16(3), Augustus 1978.
- . 1987. *Versamelde poësie*. Kaapstad: Tafelberg, Human & Rousseau.
- . s.j. Ms. *Negester oor Ninevé*. Opperman-versameling, J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit Stellenbosch.
- Opperman, D.J. sr. s.j. Ms. *Dagboek*. Opperman-versameling, J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit Stellenbosch.
- Perruchot, H. 1965. *Het leven van Vincent van Gogh*. Vertaal deur Casper de Jong. Uitgeverij Het Spectrum: Utrecht, Antwerpen.
- Ridler, A. 1943. *The Nine Bright Shiners*. Londen: Faber & Faber.
- Spies, J.P. 1975. Intergetdigtelike konteks. In Van Rensburg (red.) 1975.
- Spies, L. 1992. *Kolonnade: 'n Studie van D.J. Opperman se Heilige beeste, Negester oor Ninevé en Komas uit 'n bamboesstok binne verband van sy oeuvre*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Van Rensburg, F.I.J. (red.). 1975. *Die kunswerk as taal*. Kaapstad: Tafelberg.

Afdeling: Opvoedkunde

'n Neurowetenskaplike beskouing van die leeshandeling

Ansie Lessing en Marike W. de Witt

Ansie Lessing en Marike W. de Witt
Departement Sielkundige Opvoedkunde, Universiteit van Suid-Afrika

Opsomming

Die leesprestasie van Suid-Afrikaanse graad 3-leerlinge vertoon baie swak in vergelyking met die prestasie van leerlinge in ander wêrelddele. Verskillende onderrigstrategieë is al deur die onderwysowerhede aanbeveel en groter klem word tans gelê op die rol van opvoeders in die voorskoolse fase en ontluikende geletterdheid. Die teenstrydigheid tussen leesprestasie en onderriginset laat die vraag ontstaan of opvoeders nie 'n ander invalshoek in hulle siening en die onderrig van lees moet gebruik nie. Om die leeshandeling te bemeester vereis verskillende vaardighede wat gegroepeer kan word as voorvereistes of voor-leesvaardighede vir die leeshandeling en perseptuele en konseptuele vaardighede wat spesifiek verband hou met leesbemeestering. Die bewuswording van en grondslag vir hierdie vaardighede behoort reeds in die voorskoolse jare en tydens ontluikende geletterdheid vasgelê te word. Afgesien van die toepaslike vaardighede is daar ook konsepte soos vorm-en klankkonstantheid, volgorde en patroonvoltooing, versameling, antisipering, skemapassing, denke en verhoudings wat ontluikende lees en leesvaardigheid ten grondslag lê en deur kinders bemeester moet word. Navorsers gee baie aandag aan die verskillende aspekte van ontluikende lees, perseptuele vaardighede en ander aspekte van die leeshandeling, maar weinig inligting verwys direk na die belangrike onderliggende konsepte wat noodsaaklik is om die leeshandeling te kan bemeester. Die bevindinge van 'n omvattende literatuurstudie is gebruik om 'n eenvoudige skematiese verloop van die leeshandeling uit te beeld. Aan die hand van dié voorstelling argumenteer ons in hierdie artikel dat konsepvorming en die bemeestering van voor-leesvaardighede in die voorskoolse jare nie net 'n belangrike en onontbeerlike faset in die bemeestering van latere leesvaardigheid is nie, maar ook nou verbonde is aan die prosesse van die uitvoerende funksie, soos in die neurowetenskap beskryf. Ons besin oor die verwerwing van die nodige konsepte vir die bemeestering van die leeshandeling deur die lens van die neurowetenskap. Hierdie artikel weerspieël ons beskouing van die leeshandeling, die aard van konsepte wat nodig is vir leesbemeestering en ons

besinning oor die rol van die uitvoerende funksie van die brein in konsepvorming en die leeshandeling.

Trefwoorde: konsepte; leeshandeling; ontluikende lees; perseptuele vaardigheid; uitvoerende funksie; voor-leesvaardighede

Abstract

A neuroscientific view of the reading process

Mastering the reading process requires different skills that could be grouped as prerequisites for reading and perceptual and conceptual abilities. The awareness of and the foundation for these skills are embedded during the pre-school years and in the phase of emergent literacy. Subjacent to these skills are concepts that form the basis for emergent reading and reading proficiency. The conclusion we have drawn after a comprehensive literature study is that concept formation during the pre-school years is not only an important and an indispensable facet in the mastery of reading skills, but is also closely connected to the processes of the executive function of the brain as described in neuroscience. Our understanding of acquiring the necessary concepts for mastery of the reading action in line with the neuroscientific approach is reflected in this article. Attention is given to our view of the reading process, the nature of the concepts necessary for mastering the reading process and the role of the neuroscientifically based executive function in forming concepts, as well as in the actual reading.

Reading skills imply decoding or recognising the written word by means of the merging of the sounds – an action requiring not only certain prerequisites, but also an action where a number of perceptual and cognitive skills are used to gain understanding of the concept. Acquiring these skills is based on the mastery of applicable concepts that boils down to a conceptual perception of a unit of knowledge which is used to organise and categorise sensory experience. By deconstructing the reading process we can identify a number of concepts that are fundamental to the reading ability. Some of these are sound consistency, sequence, patterning, segmentation, association, rhythm and scheme-matching. The research question underpinning this research is: What is the role of the executive function within the framework of the neuroscientific approach in the acquisition of concepts and skills subjacent to emergent reading and the reading process? Purposeful behaviour is the result of the executive function of a group of interrelated processes and the mastery thereof enables the individual to control his behaviour, to work purposefully and to manage complex cognitive processes. Characteristics of the executive function are attentiveness, cognitive fluency, inhibition, taking the initiative, metacognition, organising, planning, reaction to feedback, self-modulation, switching as well as active memory. A wide variety of motor actions and cognitive activities are used to arrange different successive actions in achieving a goal.

While considering the role of neuroscience in acquiring reading skills we paid attention to its role in perceptual and cognitive skills. Visual and auditory perceptual skills play a very important role in emergent reading and the reading process. Controlled attention is necessary for the reader to focus visually on certain particulars being read and to ignore unnecessary information. The ability to focus on a word, sentence or passage goes hand in hand with figure-background distinction and the combining and grouping of letters and words in a required order. Comprehension requires that the reader recognises particular forms, letters and words, be it in global unity like sight vocabulary or through synthesis of letters, and in this respect controlled attention, cognitive flexibility, organising, planning and an active memory play a vital role.

In order to comprehend a passage the letters, words and sentences are read in a particular sequence which requires comprehension from the reader of spatial order and the succession of events as well as the ability to apply this metacognitive function. The learner needs to understand that events and the letters in words follow a logical order to portray a particular message leading to understanding.

Concurrent with visual perception are the auditive perceptual skills which play an important role especially in initial reading as well as in the decoding of unknown words by means of analysis and synthesis. The reader is able to recognise particular sounds in a word through auditive perception – a skill which requires memory, recall and schematising. Mastery of the phonological system is based particularly on the visual knowledge of different letters and this is a real challenge for the preschooler. By utilising the working memory sounds, words and sentences are memorised and comprehension can be formed of the section being read. Comprehension is also related to the long-term memory because reading comprehension is based largely on experience and knowledge. Planning as an executive function is important in the acquisition of comprehension. Apart from the importance of memory and recall of experience and knowledge the reader should also be able to schematise. This needs memory and is related to planning, organising, self-regulating and metacognition.

When the learner masters the basic reading activity, there is little difference between perceptual and cognitive processing of the reading matter. Some of the applied skills could be classified as perceptual as well as cognitive. The perceptual skills utilised in the reading process are metacognitive in nature because they fulfil the vital role of the cognitive processing of what is read.

The first and probably the most important aspect of cognitive processing of a reading passage is the integration of the information received through the different sensory modalities. Sounds and letters are integrated to form sentences. While reading, competent readers are able to control attentiveness, to show cognitive flexibility, to inhibit automatic reactions, to plan and organise and to utilise the working memory in processing the passage being read. With readers in the initial reading phase, integration is a slow process because they have not mastered the different processes in the executive function and often still use sounds to comprehend what they read. Learners with reading disorders often experience problems with recalling what they have read, because the active memory is not yet fully exploited.

Conceptualisation of the read passage takes place when readers utilise known words and sentences that are supported by memory. Comprehension is obtained by retrieving experience and knowledge from the long-term memory to gain meaning and understanding of the read passage. Accommodation and/or assimilation of concepts with existing information have an important role in the process of conceptualisation and depend largely on the different aspects of the executive function.

Considering the importance of the executive function in acquiring basic concepts leads to an answer to the research question: What role do the processes of the executive function, within the framework of the neuroscientific approach, play in the acquisition of the concepts that are subjacent to emergent reading and the reading process? It is clear that the acquisition and establishment of the underlying concepts depend on the mastery of the different aspects of the executive function. The teacher therefore has the obligation, in accordance with theories of Piaget and Vygotsky, to support the emergent and beginner reader towards mastery and application of the different aspects of the executive function that are essential in the formation of concepts and the acquisition of prereading skills.

Educators in the foundation phase need to pay attention to the development and establishment of the underlying concepts and the concurrent processes of the executive function. Even young children can be taught to manage their behaviour and to focus their cognitive processes to obtain specific goals, but it requires the development of the executive function of the brain with the emphasis on the following processes: focused attention, cognitive flexibility, inhibition, metacognition, organising, planning, response to feedback, self-regulating, the ability to move from one activity to another and active memory.

By using a neuroscientific perspective in the search for the cause of and solution to the poor reading performance of South African readers, the importance of the mastery of the different aspects of the executive function of the brain and the value thereof was highlighted and emphasised. The question that arises as a result of the neuroscientific view of the reading performance is whether preschool educators focus sufficiently on the different aspects of the executive function of the brain which, according to this interpretation, is underlying to the essential concepts for reading activity.

Key words: concepts; emergent reading; executive function; perceptual skill; pre-reading skills; reading process

1. Agtergrond

Die leeshandeling en faktore wat bydra tot toereikende leesprestasie is 'n onuitputlike bron van kennis en navorsing. Navorsers gee aandag aan ontluikende lees, voor-leesvaardighede, die uitbreiding van woordeskat, ontsyfering van onbekende woorde, die rol van die werkende geheue, begrippeles, spoedlees en talle ander aspekte van belang vir leessukses. Benewens die waarde van navorsingsbevindinge vir die betrokkenes word onderwysers ook deur amptelike

dokumente van die onderwysdepartemente en werksinkels bemagtig vir hulle taak om kinders te leer lees. Ten spyte van al die insette presteer ongeveer twee derdes van Suid-Afrikaanse leerlinge egter nie na wense nie. Volgens die PIRLS-verslag (Progress in International Reading Literacy Study 2006; Howie, Venter, Van Staden, Zimmerman, Long Scherman en Archer 2008) het Suid-Afrikaanse leerlinge in 2006 die swakste leesprestasie van 45 deelnemende lande getoon. Alhoewel verbete pogings op baie vlakke in die daaropvolgende jare aangewend is, het hierdie prestasie geensins verbeter nie en toon die jaarlikse nasionale evalueringsverslag (Annual National Assessment, ANA) van 2013 en 2014 dieselfde kommerwekkende neiging (Department van Basiese Onderwys 2014; Rademeyer 2013).

Die onrusbarende feit dat leerlinge se leesprestasie ten spyte van doelgerigte aandag aan ontluikende geletterdheid en leesonderrig steeds ontoereikend is, noop ons om met nuwe oë na die oorsaak van Suid-Afrikaanse leerlinge se swak leesprestasie te kyk. Hierdie herbesinning van ons oor leessukses lei tot die volgende vrae: Behels die leeshandeling meer as bloot leesvaardighede? Is die fokus van opvoeders dalk onvoldoende of verkeerd geplaas? Waaraan moet onderwysers en navorsers aandag gee om leerlinge tot leessukses te lei? Watter handelinge en konsepte is onderliggend aan leesvaardigheid?

Na aanleiding van dié vrae het ons met 'n nuwe lens na die leeshandeling gekyk en die dekonstruksie van die leeshandeling is as vertrekpunt gebruik (De Witt en Lessing 2016). Deur die herbeskouing van die leeshandeling het ons konsepte geïdentifiseer wat nodig is vir die verwerwing van ontluikende geletterdheid (wat voor-leesvaardighede insluit) en gevolglik leessukses in volgorde en patroonvoltooiing, versameling, antisipering, skemapassing, denke en verhoudings behoort voorskools verwerf en vasgelê te word. Die verwerwing van konsepte is 'n neurologiese proses wat plaasvind deur die uitvoerende funksie van die brein en die volgende behels: aandagbeheer, kognitiewe vloeibaarheid, inhibisie, inisiëring, metakognisie, organisering, beplanning, reaksie op terugvoer, selfregulering, die vermoë om van een aktiwiteit na 'n ander oor te skakel, asook die gebruik van die werkende geheue (Cartwright 2012).

Duidelikheidshalwe praat ons in die artikel van “neurologiese uitvoerende funksie” wat dan die uitvoerende funksie van die brein om take te voltooi impliseer. Benewens die rol in konsepvorming speel neurologie ook 'n belangrike rol in die leeshandeling, want om leesbegrip te verwerf moet die leser verstaan dat klanke verband hou met spesifieke letters en wanneer die letters in 'n bepaalde volgorde geplaas word, dit 'n patroon vorm ('n woord) wat bekend kan wees (skemapassing), al dan nie. Woorde wat geskryf is, kan ook weer in letters en klanke gesegmenteer word. Daar bestaan dus 'n wisselwerking tussen letters en klanke (omskakeling van die een na die ander) wat die leser in staat stel om onbekende woorde deur kognitiewe prosesse te ontsyfer. Hierdie proses berus op die bemeestering van toepaslike konsepte.

Die vraag is egter watter rol die neurologiese uitvoerende funksie in die bemeestering van konsepte en die verwerwing van voor-leesvaardighede speel. Ons argument berus op hierdie vrae en bevindings en lei tot die navorsingsvraag waarom in hierdie artikel besin word,

naamlik: Watter rol speel die prosesse van die neurologiese uitvoerende funksie binne die raamwerk van die neurowetenskaplike benadering in die verwerwing van konsepte en vaardighede wat onderliggend is aan ontluikende lees en die leeshandeling?

Die teorieë van Piaget (1952) oor kognitiewe ontwikkeling en Vygotsky (1978) se sosiale konstruktivisme speel 'n belangrike rol in ons siening oor die verwerwing van die leeshandeling. Aansluitend hierby kan die teorie van Kolb (McLeod 2013) genoem word wat op karaktereenskappe van ervaringsleer fokus. Leer word as 'n proses gesien wat op ervaring steun en plaasvind uit 'n posisie van aanpassing en 'n onderlinge wisselwerking tussen die individu en die wêreld. Hierdie proses het tot gevolg dat daar 'n sogenaamde ooreenkoms of uitruiling plaasvind tussen sosiale en persoonlike kennis.

Ons bekijk die leeshandeling deur die lens van kognitiewe neurowetenskap met die klem op die kognitiewe funksies van die brein (neurologiese uitvoerende funksie) en die verband daarvan met die kognitiewe handeling van geheue, taal, besluitneming, leer en die mens se vermoë om voorwerpe te herken en te identifiseer (Thiessen, Kohler, Churches, Coussens en Keage 2015). Die leeshandeling kan nie as 'n geïsoleerde verskynsel gesien word nie, maar funksioneer in noue samehang met ontluikende geletterdheid en die verwerwing van voorleesvaardighede, wat woordeskat, perseptuele vaardighede en toepaslike konsepte insluit. Die doel van hierdie artikel is om 'n literatuuroorsig van die leeshandeling en die onderbou daarvan weer te gee en verder om die rol van die neurologiese uitvoerende funksie in die leeshandeling te ondersoek.


2. Teoretiese raamwerk

Die beantwoording van 'n navorsingsvraag vereis 'n teoretiese raamwerk oor die verskynsel wat ondersoek word (Mouton en Marais 1992). As vertrekpunt is 'n grondige literatuurstudie gedoen ten einde insig te verkry in die betrokke navorsingsveld en kennis in te samel oor die navorsing wat deur ander navorsers gedoen is.

Vir die teoretiese raamwerk van die artikel is die biblioteek katalogus en verskeie soekenjins (ERIC, Academic Search Premier, ProQuest Social Science Journals, ProQuest Education Journals, Psyc EXTRA) gebruik om inligting na te spoor met behulp van toepaslike kernwoorde vir ontluikende lees, leesvaardigheid en die leeshandeling. Verder is ondersoek ingestel na die neurowetenskaplike siening van lees. Die inligting wat uit die literatuur verkry is, word vervolgens weergegee.

2.1 Die ontwikkeling van leesvaardigheid

Alvorens ons in die besonder aandag aan die leeshandeling gee, is dit nodig om oorsigtelik na die progressiewe ontwikkeling van die leesvaardigheid te kyk. Figuur 1 verskaf 'n oorsig oor die bemeestering van die leesvaardigheid.



Figuur 1. 'n Holistiese voorstelling van die bemeestering van die leesvaardigheid (Aangepas uit Lessing en De Witt 2016)


Die verwerwing van die leesvaardigheid is 'n holistiese proses wat die mens in sy geheel betrek. Lees impliseer die fisieke, gevoelsmatige, sosiale en kognitiewe betrokkenheid van die leser. Die ervare leser deurloop 'n ontwikkelingsproses vanaf preleser, ontluikende leser, ontwikkelende leser, vroeë vloeiende leser tot onafhanklike leser (Maharaj 2007). As preleser begin die peuter in boeke en prente belangstel. 'n Omvangryke woordeskat, belangstelling in boeke en die gedrukte woord, mondelinge taalvaardigheid, vorm- en klankbewustheid, kennis van die alfabetiese beginsel en die ontwikkeling van die werkende geheue is tekens van ontluikende lees by die voorskoolse kind. Ontluikende lees hou verband met die klein kind se konkrete ervaring, mondelinge taalervaring en 'n verskeidenheid perseptuele ervarings. Die uiteindelijke doel van leesonderrig is om die kind tot onafhanklike leser en denker te lei wat in staat is om begrip, kennis en genot uit lees te verkry. Volgens die teorieë van Piaget, Vygotsky en Kolb speel opvoeders, omgewing en ervaring 'n belangrike rol in hierdie ontwikkeling.

Die grondslag van suksesvolle lees is die bemeestering van toepaslike voor-leesvaardighede en konsepte wat aspekte van ontluikende lees is. Die bemeestering van die leesvaardighede en die verwerwing van konsepte vind veral gedurende die voorskoolse jare en by sommige kinders in die grondslagfase plaas en speel 'n belangrike rol in die leeshandeling. Die toepassing van die gekombineerde leesmetode wat in die onderrig van lees in die grondslagfase gebruik word, is daarop gerig om die leerling sowel visueel as auditief tydens aanvangslees te ondersteun. Die gekombineerde leesmetode veronderstel klank- en vormbewustheid by die leerling sowel as kennis van die alfabetiese beginsel en die gedrukte woord wat gewoonlik tydens die fase van leesontluiking bemeester word. Ons negeer nie die belangrikheid van leesbegrip as uiteindelijke doel van leesonderrig nie, maar die fase van aanvangslees, voor-leesvaardighede en die vaardighede wat die aanvangsleser moet bemeester, is die fokus van hierdie artikel. Onderzoek na die aard van die leeshandeling soos by die aanvangsleser kan nie los staan van ontluikende lees en voor-leesvaardighede nie, want leessukses impliseer 'n progressiewe proses van bemeestering van verskillende vaardighede wat op mekaar bou (figuur 1). Hierdie proses begin by die ontluikende leser se mondelinge taalervaring en informele omgang met boeke en verdiep uiteindelik tot leesgenot en begrip by die onafhanklike leser.

Die swak leesprestasie van Suid-Afrikaanse leerlinge impliseer dat nie alle kinders noodwendig die vaardighede en konsepte wat vir aanvanklike leesbemeestering nodig is onder die knie het wanneer hulle met formele skool en formele leesonderrig begin nie. Die holistiese siening van die leesverloop versterk ons gedagte dat leesonderrig vanuit 'n nuwe invalshoek benader behoort te word. Die dekonstruksie van die leeshandeling mag moontlik tot nuwe insigte in die verwerwing van leessukses lei.

2.2 Die leeshandeling

Die massa inligting wat deur 'n omvattende literatuurstudie oor die aard van die leeshandeling versamel is, is op 'n vereenvoudigde wyse in figuur 2 voorgestel en word aan die hand daarvan bespreek. Die leser moet in gedagte hou dat die skematiese voorstelling die leeshandeling in komponente verdeel ten einde begrip van die proses te bewerkstellig.



Figuur 2. Die verloop van die leeshandeling (De Witt en Lessing 2016)

Die persoon wat lees, dink nie aan die handeling wat gevolg word, of aan die voorvereistes om begrip van die gedrukte woord te verkry nie. Die leser swiep die oë oor die leesstuk en die inligting word geëien sonder dat enige aandag gegee word aan die proses wat gevolg word (Thiessen e.a. 2015). Leesvaardigheid impliseer die outomatiese ontsyfering of herkenning van die geskrewe woord deur die samevloeiing van klanke (Campbell 2015) – 'n handeling wat nie net bepaalde voorvereistes veronderstel nie, maar waarin ook 'n verskeidenheid perseptuele en kognitiewe vaardighede gebruik word om begrip van die gelese stuk te verkry (Corso, Cromley, Sperb en Salles 2016; Deacon 2012). Inoefening van die vaardigheid om woorde vinnig te herken is noodsaaklik, want wanneer te veel aandag aan die ontsyfering van woorde geskenk word, kan leesbegrip verlore gaan (Walczyk en Griffith-Ross 2007).

Die aanvangsleser maak aanvanklik van 'n metode van hardoplees gebruik, maar leerlinge word in die praktyk aangemoedig om die verworwe vaardighede met betrekking tot lees ook geleidelik in 'n proses van stillees toe te pas. Dit is veral die leerling wat ouditief ingestel is wat die klanke in 'n woord sintetiseer om betekenis te verkry, terwyl die visuele leser op vorm ingestel is en woorde globaal lees. Die aanvangsleser vorder dus progressief van hardoplees na stillees – 'n proses wat by die vaardige leser impliseer dat klanke nie meer 'n rol in die leeshandeling speel nie. Die uiteindelijke doel van leesonderrig is om van leerlinge onafhanklike lesers te maak wat volle begrip het van wat gelees is en oor die inhoud kan dink en redeneer.

Alhoewel ons ter verduideliking van die proses verskillende fases van verwerking van inligting onderskei, moet die leser verstaan dat die suksesvolle leeshandeling in die praktyk 'n ononderbroke handeling is wat by die vaardige leser in 'n breukdeel van 'n sekonde tot begrip lei. Die waarneming van woorde (lees) wat op perseptuele vlak herken word, word op kognitiewe vlak geïntegreer met waarnemings en gewaarwordinge van ander sensoriese modaliteite (ouditief en kinesteties), asook inligting wat in die geheue vasgelê is. 'n Aantal visuele en ouditiewe perseptuele vaardighede wat deur kinestetiese vaardighede gerugsteun word, word in die leeshandeling onderskei, naamlik figuur-agtergrondonderskeiding, vormwaarneming, volgorde, analise en sintese, assosiasie, geheue en herroeping (Andrich, Hill en Steenkamp 2015; Rushton, Juola-Rushton en Larkin 2010). Om begrip van die leesstuk te verkry behels egter meer as bloot perseptuele waarneming. Dit vereis ook 'n kognitiewe handeling waardeur die konsepte, in ooreenstemming met Piaget se teorie, deur assimilasie of akkommodasie by bestaande kennis en konsepte in die geheue gevoeg word van waar dit weer vir latere gebruik herroep kan word. Met die sosiaal-konstruktivistiese teorie in gedagte sal die persepsies en konsepte wat uit die leesstuk gevorm word, moontlik van persoon tot persoon verskil, afhangende van persoonlike ervarings en die sosiale konteks van die leser (Bender en Beller 2013).

Hoewel figuur 2 'n baie eenvoudige voorstelling van die leeshandeling weergee, is dit duidelik dat lees 'n komplekse kognitiewe handeling behels (Campbell 2015:19) waartydens sensoriese kanale en denkhandelinge tot begrip geïntegreer word. Die leeshandeling, wat 'n aspek van geletterdheid is, betrek die mens in totaliteit. Afgesien van die belangrike rol van ontluikende lees sluit die leeshandeling ook fisieke, sosiale, gevoelsmatige en psigologiese aspekte in wat onder andere toepaslike oogbewegings, perseptuele en konseptuele handelinge impliseer (Farrall 2012; Lessing en De Witt 2016; Stauffer, Abrams en Pikulski 1978).

Die ontwikkeling van ontluikende lees word aangehelp deur mondelinge taalervaring en perseptuele ervaring en word gekenmerk deur toereikende woordeskat, klankbewustheid, begrip van die alfabetiese beginsel en die interverwantskap daarvan met taal asook kennis van die gedrukte woord (figuur 1; Buckingham, Beaman en Wheldall 2014). 'n Goeie woordeskat en perseptuele ervaring dra by tot die verbetering van die kind se werkende geheue. Hierdie vaardighede speel 'n belangrike rol in die voorbereiding van die kind vir die leeshandeling (Beaty 2008).

Lees behels nie net die sien en uitspreek van woorde, of die herkenning van geïsoleerde woorde nie, maar is 'n kognitiewe proses wat op die neurologie berus, waardeur begrip van 'n gelese stuk verkry word (Lessing en De Witt 2016). Om begrip te verkry moet die leser die woord interpreteer, bedink en beelde uit die geheue herroep (Andrich e.a. 2015; Beaty 2008; Fields, Groth en Spangler 2008; Harvey en Goudvis 2007; Landry, Swank, Smith, Assel en Gunnewig 2006; Smith en Read 2005). Die leeshandeling vereis van die leser toepaslike vaardighede, soos gevoelsmatige stabiliteit, konsentrasievermoë, ontluikende-lees- en voorleesvaardighede. Verder is lees 'n besluitnemingsproses wat met die toepassing van 'n verskeidenheid strategieë konstruksie en betekenis aan die gelese teks gegee word (Arya en Feathers 2012).

Vroeër het navorsers sterk klem gelê op die belangrikheid van toereikende perseptuele vaardighede as voorvereiste vir leesgereedheid en leerlinge is aan 'n verskeidenheid gereedmakingsprogramme vir die leeshandeling onderwerp (Faas 1978; Frostig 1972; Hargrove 1982; Lawrence 1982; Wender 1972). Hierdie siening van leesgereedheid is in die

literatuur en praktyk opgevolg deur 'n benadering van ontluikende lees met die klem op fonemiese bewustheid, alfabetiese beginsel, klank-letter-ooreenkoms, kennis van sintaksis en woordeskat (Beauchat, Blamey en Philippakos 2012; Commission on Reading s.j.; McCutchen, Abbott, Green, Beretvas, Cox, Potter, Quiroga en Gray 2002; Snow, Burns en Griffin 2002; Wasik en Iannone-Campbell 2012). Die aanhangers van ontluikende lees verwys selde, indien ooit, na die onderliggende perseptuele vaardighede wat 'n noodsaaklike onderbou vir die verwerwing van leesvaardigheid is. Ons stem egter saam met navorsers wat van mening is dat perseptuele vaardighede en ontluikende geletterdheid belangrike aspekte van vroeë geletterheidsvaardighede is en bydra om die basis van latere leessukses te vorm (Beauchat e.a. 2012; De Witt, Lessing en Lenyai 2008; McConnell en Rabe 1999; Priyadarshi, Goswami en Madhuban 2012).

Indien opvoeders leessukses by leerlinge wil bewerkstellig, is dit noodsaaklik om te verseker dat die leerlinge al die nodige vaardighede, soos in figuur 2 aangedui, bemeester om die leeshandeling vlot te laat verloop. Wanneer die leesvaardighede verwerf is, moet dit ook deur oefening en toepassing versterk word om optimale leessukses te behaal (Lyon 1998; Walczyk en Griffith-Ross 2007). Dit is baie belangrik dat opvoeders moet besef dat leesonderrig nie met aanvangslees eindig nie, maar dat onderwysers moet toesien dat dié vaardigheid verdiep word deur leesbegrip en leesspoed te bevorder. Volgens Vygotsky se teorie moet leerlinge deur meerdere kenners ondersteun word om groter hoogtes te bereik en op so 'n wyse word leerlinge se taalvaardighede en ontluikende-geletterdheidsbegrippe en voor-leesvaardighede ontwikkel (Nicolopoulou 2010; Sukhram en Hsu 2012; Vally 2012).

Alhoewel ons in hierdie artikel op aanvangslees en die voorvereistes daarvoor fokus, moet in gedagte gehou word dat toereikende leesvaardigheid versterk word deur verskillende leesstrategieë toe te pas, waaronder die trek van verbande, stel van vrae, maak van afleidings, tref van onderskeid tussen belangrike en onbelangrike inligting, opsommings, visualisering en die monitering van begrip (Pomerantz en Pierce 2013). Die bemeestering van die verskillende leesstrategieë het egter konsepvorming ten grondslag want die leser kan nie werklik sonder die nodige toepaslike denke begrip van die gedrukte woord verkry nie. Hierdie denke vereis selfmonitering, semantiese organisering, opsomming, interpretering, verstandelike voorstellings, gebruik van bestaande kennis en metakognisie (Owen 2008).

2.3 Die rol van konsepvorming in die leeshandeling

Die dekonstruksie van die leeshandeling, waar konsepvorming prominent in die kognitiewe verwerking na vore kom, het by ons die gedagte laat ontstaan om 'n ander invalshoek tot die leeshandeling te gebruik. Hierdie nuwe lens het gelei tot 'n besinning oor die onderliggende konsepte waarop die leeshandeling moontlik gegrond kan wees (De Witt en Lessing 2016), die toepassing daarvan en die rol van die onderliggende konsepte in die leeshandeling.

Dit moet in gedagte gehou word dat konsepte in groter kennisstrukture ingebed is en nie as geïsoleerde komponente gesien en verstaan moet word nie (Gelman 2009). Die verwerwing van konsepte is 'n voortdurende proses wat plaasvind as gevolg van ervaring en stimulasie uit die omgewing. Konsepte vorm in werklikheid die boublokke van kennis wat die mens in staat stel om inligting te orden (Charlesworth en Lind 2013).

In ooreenstemming met De Witt (2016) en Gelman (2009) sien ons 'n konsep as 'n denkvoorstelling of 'n eenheid van kennis wat gebruik word om sinuïglike ervaring te

organiseer en in kategorieë te plaas. Sodanige denkvoorstelling kan 'n presiese voorstelling van die sintuiglike ervaring wees of dit kan 'n kombinasie van 'n verskeidenheid ervarings wees (Gelman 2009). Die kind se ondersoekende gees, ontdekking van die wêreld, spel, en interpretering van voorwerpe dra by tot die ontwikkeling van konsepte. Verder ontwikkel konsepte wanneer begrip verkry word van die natuurlike verband daarvan met die self, ander en die fisiese omgewing (Rushton e.a. 2010).

Konsepte word neurologies gevorm deur die perseptuele verwerking van waarnemings asook onderliggende bestaande konsepte wat onbewustelik die perseptuele verwerking van sintuiglike waarneming (wat lees insluit) moontlik maak. Die bevinding van Bixler (2006) dat kinders wat voorskools 'n verskeidenheid konsepte bemeester het, 'n groter kans het om sukses op skool te behaal, verhoog opvoeders se verantwoordelikheid ten opsigte van die toepaslike neurologiese ontwikkeling van kinders tydens die voorskoolse fase.

In ons soeke na die konsepte onderliggend aan die leeshandeling het ons eerstens na die visuele en ouditiewe vaardighede en die rol van dié vaardighede in die leeshandeling gekyk. Die inligting wat hieruit verkry is, is deurgetrek na die konsepte wat onderliggend aan die leeshandeling is. Die aanvangsleser wat byvoorbeeld die vaardigheid bemeester het om tussen belangrike en onbelangrike inligting te onderskei (figuur- en agtergrond-diskriminasie), is in staat om op bepaalde woorde of sinne in die leesstuk te fokus. Die lesersal die vaardigheid kan toepas slegs indien die konsep van vormkonstantheid bemeester is. Die bemeestering van die konsep vormkonstantheid is dus 'n voorvereiste vir figuur-agtergronddiskriminasie as voor-leesvaardigheid. Die blyk dat die verwerwing van die voorvereistes vir die leeshandeling en konsepvorming hand aan hand loop. Tabel 1 is 'n opsomming van ons bevindinge en siening oor die rol van konsepte in die verwerwing van die leesvaardigheid (kyk ook figuur 2).

Tabel 1. Konsepte in die leeshandeling

Visuele persepsie			
<i>Vaardigheid</i>	<i>Toepassing van vaardigheid</i>	<i>Belangrikheid in die leeshandeling</i>	<i>Onderliggende konsepte</i>
• Figuur-agtergrond-diskriminasie	• Vermoë om op besonderhede te fokus	• Fokus op spesifieke vorme, letters en woorde	• Vormkonstantheid
• Vormwaarneming	• Visuele integrasie • Waarneming van grootte, kleur en vorm • Visuele passing • Waarneming van verskille en ooreenkomste • Kennis van lettername	• Herkenning van verskillende vorme, letters en woorde	• Vormkonstantheid • Ruimtelike verhoudings • Klassifikasie • Vergelyking • Versameling

• Organiserings van visuele ruimte • Volgorde	• Begrip van rigting • Begrip van eksterne ruimte • Kennis van volgorde • Herhaling van stories • Voorspelling van volgorde • Kennis van lettername • Patroonherkenning en herhaling • Voltooiing van prentstories	• Die lees van woorde in 'n spesifieke volgorde om begrip te verkry	• Ruimtelike verhoudings • Ordening • Verhouding • Patroonvorming • Volgorde
• Analise en sintese	• Opbreek van woorde in letters • Globale herkenning	• Dekodering van onbekende woorde (analise) • Woorde en sinne word globaal gelees vir betekenis	• Logiese denke • Probleemoplossing • Skatting en voorspelling • Oorsaak-en-gevolg-verhouding • Een-tot een-ooreenkoms • Divergente denke • Konvergente denke
• Geheue en herroeping	• Onthou en herroep kennis en ervaring • Onthou die volgorde van letters en herroep woorde en sinne	• Verkry begrip van wat gelees word	• Skemapassing
• Assimilasie en akkommodasie	• Groepering • Voltooiing van 'n storie	• Nuwe inligting word deur akkommodasie in verband gebring met bestaande kennis in die geheue • Nuwe konsepte en woordeskat word deur assimilasië ontwikkel	• Assosiasie • Vergelyking

Ouditiewe persepsie

<i>Vaardigheid</i>	<i>Toepassing van vaardigheid</i>	<i>Belangrikheid in die leeshandel</i>	<i>Onderliggende konsepte</i>
• Figuur-agtergrond-diskriminasie	• Identifiseer klanke	• Identifiseer spesifieke klanke in die dekodering van onbekende woorde	• Klank-konstantheid • Analise • Globalisering
• Diskriminasie	• Klankbewustheid (begin-, middel- en eindklanke in woorde) • Fonetiese bewustheid • Rymbewustheid • Trek verbande tussen letters en klanke	• Herken klanke in woorde en sinne	• Klank-konstantheid • Klassifikasie • Vergelyking • Versameling
• Volgorde	• Begrip van rigting • Begrip van eksterne ruimte • Kennis van volgorde • Voorspelling van volgorde • Patroonherkenning en herhaling • Tik van ritmepatrone	• Plaas klanke in 'n bepaalde volgorde om woordbetekenis te verkry	• Ruimtelike verhouding • Reeksvorming • Orde • Verhoudings • Patroonvorming
• Analise (dekodering) en sintese (samevloeiing)	• Neem woorde wat rym waar • Analitiese kode-ontsyfering • Breek woorde in foneme op	• Dekodering van onbekende woorde • Sintetisering van klanke om begrip van 'n woord te verkry	• Logiese denke • Probleemoplossing • Skatting en voorspelling • Oorsaak-en-gevolg-verhouding • Een-tot-een-ooreenkoms • Divergente denke • Konvergente denke • Segmentering

• Geheue en herroeping	• Klanke en woorde word onthou	• Woorde wat geklank is, word onthou • Sinne wat hardop gelees word, word onthou en begrip verkry	• Skemapassing vir klanke
• Assimilasie en akkommodasie	• Groepering (bv. groente of vrugte) • Mondelinge voltooiing van 'n storie of gebeure	• Nuwe inligting wat gehoor is, word deur akkommodasie in verband gebring met bestaande kennis in die geheue • Nuwe konsepte en woordeskat wat gehoor is, word deur assimilasie ontwikkel	• Assosiasie

(De Witt en Lessing 2016:11–3)

Die konsepte wat geïdentifiseer en in tabel 1 weergegee is, word ter wille van bespreking verder gegroepeer tot die volgende oorkoepelende konsepte: vorm- en klankkonstantheid, volgorde en patroonvoltooiing (reeksvorming, ordening en patroonvorming), versameling (groepering, klassifikasie en vergelyking), antisipering (skatting en voorspelling), skemapassing (segmentering, een-tot-een-ooreenkoms en assosiasie), denke (logiese denkhandelinge, probleemoplossing, divergente denke, konvergente denke en oorsaak en gevolg) en verhoudings (ruimtelike verhoudings, oorsaak-en-gevolg-verhoudings).

Uit tabel 1 blyk dit dat daar konsepte is wat met die verwerwing van voor-leesvaardighede gepaard gaan. Wanneer die konsep van *assosiasie* bemeester is, sal die leser in staat wees om die vaardigheid van assimilasie of akkommodasie in die leeshandeling toe te pas. Alleenlik wanneer die leser woorde met bestaande woorde in die geheue kan assosieer, word begrippe versterk of nuwe begrippe ontwikkel. Hierdie ontleding van die rol van konsepte in die ontwikkeling van voor-leesvaardighede en die leeshandeling versterk ons vermoede van die belangrikheid van kennis van die neurowetenskap in leesonderrig.


2.4 'n Neurowetenskaplike benadering tot die leeshandeling

Uit die voorgaande bespreking is dit duidelik dat daar onderliggende konsepte is wat leesbemeestering in die hand werk. Die verwerwing van konsepte is 'n neurologiese proses wat ons laat wonder wat in die neurowetenskap oor die leeshandeling te vind is. Sonder om indringend op die aard van die neurowetenskap in te gaan, word die volgende ter verduideliking gegee. Die neurowetenskap maak afleidings van die werking van die brein op grond van die gebruik van tegnologie, soos byvoorbeeld die EEG (electroencephalogram;

elektro-ensefalogram) waardeur die brein se neurale aktiwiteit tydens bepaalde kognitiewe take gemeet word. Die EEG word gebruik om die verhoging van elektriese impulse en aktiwiteite wat in die brein as gevolg van spesifieke handeling ontstaan, te meet (Gage en Baars 2013, soos aangehaal deur Thiessen e.a. 2015). Deur 'n EEG word data oor breinaktiwiteit verskaf vanaf die oomblik dat 'n visuele stimulus gegee word met insluiting van die tyd voor die mens bewus raak van die waarneming (Gage en Baars 2013, soos aangehaal deur Thiessen e.a. 2015). Uit die verandering wat dan in die elektriese impulse en aktiwiteite plaasvind, kan bepaalde afleidings oor die breinaktiwiteit gemaak word.

Namate kinders deur middel van leerervarings begin om verskillende aspekte en verhoudings in die omgewing met mekaar in verband te bring, of om byvoorbeeld die rol van die letter A of die klank daarvan in die maak van “appelsous” te verstaan, word nuwe dendriete in die brein gevorm wat weer neurone oor die verskillende areas van die brein vorm (Whalen en Phelps 2009, soos aangehaal deur Rushton e.a. 2010). Hierdie verbindings geskied sonder dat dit deur die kind, onderwyser of ouers waargeneem word. Met elke nuwe leerervaring vind elektrochemiese reaksies in die buitenste korteks plaas en beweeg daar chemiese stowwe (sinapse en neuro-oordragstowwe) wat die kind se gemoedstoestand, fokus en aandag beïnvloed. Die hoeveelheid, tipe en tempo van die neuro-oordragstowwe wat van die eindpunt van een neuron na die beginpunt van 'n volgende neuron gaan, verander voortdurend namate die kind van een leerervaring na 'n ander beweeg (Rushton e.a. 2010).

Die proses waardeur leer plaasvind, word in die neurowetenskap die uitvoerende funksie van die brein genoem. Cartwright (2012) beskryf die uitvoerende funksie van die brein as 'n groep interverwante prosesse, soos voorgestel in figuur 3, wat doelgerigte gedrag tot gevolg het en waarvan die bemeestering die individu in staat stel om sy gedrag te beheer, doelgerig te werk en komplekse kognitiewe prosesse te bestuur. Die uitvoerende funksie van die brein word dus deur 'n verskeidenheid prosesse gekenmerk, naamlik aandagbeheer, kognitiewe vloeibaarheid, inhibisie, inisiëring, metakognisie, organisering, beplanning, reaksie op terugvoer, selfregulering, die vermoë om van een aktiwiteit na 'n ander oor te skakel en die gebruik van die werkende geheue.



Figuur 3. Die uitvoerende funksie van die brein (neuologiese uitvoerende funksie)


Die ontwikkeling van die neurologiese uitvoerende funksie wat in die neurowetenskap gegrond is, geskied lewenslank, dog talle kritiese aspekte van die ontwikkeling vind reeds in die voorskoolse jare plaas. Die suigeling begin al op die ouderdom van vier maande aandag op voorwerpe vestig en tekens van geheue toon en teen die ouderdom van drie jaar toon kinders tekens dat hulle inligting kan onthou om take te voltooi, aandag van een aspek van 'n taak na 'n ander kan verskuif en in staat is om hulle gedrag tot 'n mate te beheer (Anderson 2002; Cartwright 2012).

Die uitvoerende funksie van die brein is 'n omvattende funksionele stelsel wat betrekking het op 'n wye verskeidenheid motoriese en kognitiewe aktiwiteite met die doel om verskillende opeenvolgende handelingte te orden om 'n doel te bereik (Anderson 2002; Fuster 2008, soos aangehaal deur Corso e.a. 2016). Dit wil vir ons voorkom of die werking van die neurologiese uitvoerende funksie 'n definitiewe rol in sowel konsepvorming as in die leeshandeling speel. Om byvoorbeeld 'n konsep soos *skemapassing* te bemeester vereis van die kind om onder andere aandag aan die besonderhede van dit wat waargeneem word, te gee, die werkende geheue in te span, selfregulering toe te pas, op terugvoer te reageer en kognitiewe vloeibaarheid te toon. Prosesse soos aandaggewing, inisiëring, werkende geheue en reaksie op terugvoer is handelingte wat, hoewel onbewustelik, deur die aanvangsleser gebruik sal word. Afgesien van die basiese waarneming van letters en woorde, soos by die aanvangsleser, span die vaardige leser ook verskeie van die prosesse van die neurologiese uitvoerende funksie in om gevolgtrekkings en afleidings te maak op grond van wat gelees is. Hierdie bevinding ten opsigte van die neurowetenskap versterk ons navorsingsvraag oor die rol van die neurologiese uitvoerende funksie in die verwerwing van konsepte wat onderliggend is aan ontluikende lees en die leeshandeling.

3. Bespreking

3.1 Die leeshandeling as neurokognitiewe handeling

Begrip van 'n leesstuk word verkry deur die wisselwerking tussen letters, klanke, woordbetekenisse, grammatiese en kontekstuele verbande en die leser se vorige ervaring en kennis. Die aktiwiteite wat nodig is om die leeshandeling te bemeester hou verband met die neurologiese uitvoerende funksie. Die bemeestering van die leeshandeling berus onder andere op ontluikende geletterdheid en hou verband met 'n verskeidenheid perseptuele en kognitiewe vaardighede wat op verworwe konsepte berus. Die neurologiese uitvoerende funksie speel 'n belangrike rol in die verwerwing van die konsepte wat noodsaaklik is vir ontluikende lees en die leeshandeling. Alhoewel die kind nie noodwendig bewus is van die verwerwing of toepassing van die verworwe konsepte en die neurologiese uitvoerende funksie nie, berus ontluikende geletterdheid en die bemeestering van die leeshandeling daarop. Figuur 4 is 'n skematiese voorstelling van die rol van die uitvoerende funksie in die leeshandeling en die toepaslike konsepte wat die leser in die proses benut.



Figuur 4. Die rol van die neurologiese uitvoerende funksie in die leeshandeling

Die neurologiese uitvoerende funksie word gekenmerk deur 'n aantal belangrike neurologiese handelinge wat die mens in staat stel om 'n taak te voltooi, en dus ook op aanvangslees van toepassing kan wees. Sommige van die prosesse, soos metakognisie, sal egter nie 'n prominente rol by aanvangslees speel nie. Die konsepte soos aangedui in figuur 4, is in 'n meerdere of mindere mate van toepassing op elkeen van die verskillende aspekte van die neurologiese uitvoerende funksie. Vervolgens let ons op die rol van die neurologiese uitvoerende funksie op aanvangslees, en waar moontlik dui ons die onderliggende konsepte aan.

- 1) Aandagbeheer, wat dui op die vermoë om op 'n bepaalde taak te fokus ongeag aandagafleiers of vermoeidheid, en dit impliseer dat die leser se aandag op die leesstuk gefokus moet word. Fokus vereis van die aanvangsleser konsentrasievermoë en om 'n spesifieke figuur (woord of sin) teen die agtergrond van die leesstuk te onderskei. Om op 'n woord of sin te fokus vereis die konsepte, soos vorm- en klankkonstantheid, volgorde, patroonvoltooiing en denkhandelinge.
- 2) Kognitiewe buigsaamheid, waardeur mens in staat is om 'n verskeidenheid grepe inligting gelyktydig te oorweeg en daartussen te beweeg. Hierdie funksie is veral van toepassing by die vaardige leser wat in staat is om die inligting te interpreteer en met ander aspekte in verband te bring deur assimilasië en akkommodasië. Die relevante konsepte wat by die aanvangsleser bemeester moet word, is vorm- en klankbewustheid, selfregulering en skemapassing.
- 3) Inhibisie, wat dui op die vermoë om normale of gewoontereaksies te vermy. Dié vermoë stel die leser verder in staat om op die leesstuk te fokus en nie die leesstuk foutiewelik te antisipeer nie. Alhoewel dit nie 'n bewuste proses is nie, sal die aanvangsleser gewoontereaksie kan vermy net wanneer die konsepte vir verhoudings, volgorde en patroonvoltooiing, skemapassing en korrekte antisipering gevestig is.
- 4) Inisiëring, wat die mens in staat stel om inersie (stolling) te oorkom en 'n taak aan te pak. Inisiëring het besondere waarde veral by die aanvangsleser wat probleme ervaar om onbekende woorde aan te pak en te ontsyfer. Die aanvangsleser wat die nodige konsepte, soos in figuur 4 aangedui, bemeester het, sal die nodige selfvertroue toon om 'n woord of leesstuk aan te pak.
- 5) Metakognisie, wat op die vermoë dui om terug te staan en denke, perspektiewe, verstandsprosesse se effektiwiteit te evalueer. Metakognisie speel veral 'n rol in die verkryging van leesbegrip en die leerling se evaluering van eie leesprestasie en berus op konsepte soos skemapassing, antisipering, oorsaak en gevolg, onderlinge verbande, analise en sintese.
- 6) Organiserings, waardeur inligting en voorwerpe georden word. Deur organiserings word 'n stelsel vir logika en begrip ontwikkel om sodoende die bestuur van inligting en voorwerpe moontlik te maak. Organiserings dui op die vermoë van die leser om op 'n geordende wyse met die inligting in die leesstuk om te gaan. Die proses van organiserings berus op konsepte soos versameling, groeperings en klassifikasie, begrip van verhoudings, volgorde en patroonvoltooiing.
- 7) Beplanning, waardeur take geïdentifiseer word en die belangrikste take wat vir die bereiking van 'n doelwit nodig is, uitgelig word. Beplanning stel die vaardige leser in staat om die essensie van dit wat gelees is te orden en saam te vat. Beplanning het 'n belangrike rol te speel in die werkende geheue en die berging van inligting en die onderliggende konsepte is groeperings en klassifikasie, begrip van verhoudings, volgorde en patroonvoltooiing.
- 8) Die vermoë om op terugvoer te reageer en gedrag ooreenkomstig nuwe inligting te verander – 'n belangrike aspek in die leeshandeling. Wanneer die leser nie sin maak uit wat gelees is nie, kan begrip van die leesstuk deur regressie verkry word. Die aanvangsleser se

vermoë om foute reg te stel hou verband met die verworwe konsepte van begrip van verhoudings, volgorde en patroonvoltooing, skemapassing en antisipering.

9) Selfregulering, waardeur gedrag en emosies beheer word ten einde doelstellings te bereik. Selfregulering is 'n belangrike aspek in die totale leerproses, omdat die leerling doelwitte voor oë moet hê en daarop moet fokus. Die konsepte soos in figuur 4 aangedui, stel die leser in staat om doelwitte te bereik.

10) Omskakeling, wat met kognitiewe buigsaamheid verband hou, en wat dui op die vermoë om aandag en fokus van die oorspronklike idee af te verplaas. Omskakeling van gedagtes vind plaas wanneer die leser 'n foutiewe begrip wat van die leesstuk gevorm is, omskakel na 'n ander begrip om 'n nuwe insig te verkry. Skemapassing is 'n belangrike konsep onderliggend aan die vermoë tot die omskakeling van begrippe.

11) Werkende geheue, wat die mens in staat stel om inligting in die geheue te hou (stoor) ten einde 'n taak te voltooi. Die werkende geheue speel 'n groot rol by veral die aanvangsleser wat nog woorde analiseer of klanke sintetiseer om betekenis daaruit te verkry (Anderson 2002; Cartwright 2012). Al die konsepte, soos in figuur 4 aangetoon, speel 'n rol in die werkende geheue.

Die konsepte wat in tabel 1 aangedui is, word vervolgens in terme van die neurologiese uitvoerende funksie in groter besonderhede bespreek. Hierdie besinning geskied aan die hand van die verskillende perseptuele en kognitiewe vaardighede wat vir die leeshandeling nodig is.

3.1.1 Neurokognitiewe funksie en perseptuele vaardighede

Visuele en ouditiewe perseptuele vaardighede speel 'n baie belangrike rol in ontluikende lees en die leeshandeling (Priyadarshi e.a. 2012). Die eerste stap in die leeshandeling is dat die leser visueel fokus op bepaalde besonderhede wat gelees word en dat alle onnodige inligting geïgnoreer word. Hierdie handeling vereis die bemeestering van die uitvoerende funksie van aandagbeheer. Die vermoë om op 'n woord, sin of leesstuk te fokus vereis van die leser om die vaardigheid van figuur-agtergrondonderskeiding te bemeester. Verder moet die leser insien dat bepaalde letters en woorde saamgevoeg en gegroepeer word en dat die lees van die groepering tot begrip kan lei. Woorde word in 'n bepaalde orde gegroepeer en die vermoë van die leser tot aandagbeheer om op die volgorde te fokus dra by tot begrip van wat gelees word. Die konsepte onderliggend aan dié vaardigheid wat deur die aanvangsleser bemeester moet word, is versameling en groepering en die noodsaaklike aspekte van die uitvoerende funksie wat toegepas word is kognitiewe buigsaamheid, organisering, beplanning en die werkende geheue (Priyadarshi e.a. 2012). Wanneer die kind volgens die teorie van Vygotsky begelei word tot die uitbreiding van kennis, gaan dit in die eerste instansie nie oor geletterdheidsverwante vaardighede soos die herkenning van letters en die dekodering van woorde nie, maar oor die ontwikkeling van 'n breë spektrum van kognitiewe en taalvaardighede wat motivering en toekomstige leer in die hand werk (Nicolopoulou 2010).

Die verdere belangrike vaardigheid wat nodig is vir die bemeestering van die leeshandeling is die vermoë van die leser om bepaalde vorme, letters en woorde te herken, hetsy as 'n eenheid soos in sigwoordeskat, of deur die sintese van die letters. Ook hier speel aandagbeheer, kognitiewe buigsaamheid, organisering, beplanning en die werkende geheue 'n onontbeerlike

rol. Die kind wat visuele diskriminasie bemeester het, toon kennis van grootte, kleur en vormkonstantheid, het die vermoë om items te groepeer en by mekaar te pas op grond van ooreenkomste en verskille, en is in staat tot die herkenning van lettername (Andrich e.a. 2015; Petelin 2014). Die vermoë tot visuele diskriminasie word sigbaar by voorskoolse kinders wat hulle eie name herken en “lees”. Wanneer die leerling egter ’n leesfout begaan, sal ook metakognisie, selfregulering, reaksie op responsies en omskakeling inskop om die leerling in staat te stel om die fout te herstel. Om bepaalde vorme te onderskei beteken dat leerlinge toepaslike konsepte bemeester het. Visuele-onderskeidingsvermoë berus op die begrip van vormkonstantheid, ruimtelike verhoudings, klassifikasie, vergelyking en versameling (Kaiser en Hemmeter 2015) en die uitvoerende funksie speel ’n belangrike rol in die vorming van die konsepte.

Om begrip van ’n leesstuk te verkry word letters, woorde en sinne in ’n bepaalde volgorde gelees en dit vereis van die leser begrip van ruimtelike orde en die opeenvolging van gebeure asook die vermoë om hierdie metakognitiewe funksie toe te pas. Die leerling moet verstaan dat gebeure en die letters in woorde mekaar op ’n logiese wyse opvolg om ’n bepaalde boodskap oor te dra wat tot begrip lei. Wanneer lesers die begrip van visuele volgorde bemeester het, stel dit hulle in staat om woorde en gebeure vooruit te skat en voorspellings in die leesstuk te waag. Hierdie vermoë dra by tot die verdieping van die leeshandelinge deur denke (Kaiser en Hemmeter 2015), en verhoog die leser se leesspoed. Die konsepte onderliggend aan die bemeestering van visuele volgorde is begrip van verhoudings, patroonvoltooiing en volgorde en berus onder andere op beplanning, organisering, selfregulering en werkende geheue. Hierdie kognitiewe vaardighede vorm ’n onontbeerlike fondament vir ontluikende geletterdheid en die belangrikheid daarvan neem toe namate die kind van eenvoudige ontsyfering van woorde tot die lees van woorde vir betekenis en begrip vorder (Nicolopoulou 2010).

Analise en sintese is belangrike fasette in die leeshandelinge. Die proses van analise word gebruik om onbekende woorde te ontsyfer. Die letters of lettergrepe in woorde word geïdentifiseer en met die ouditiewe voorstelling geassosieer en geïntegreer om ’n woordbeeld te vorm waaraan betekenis geheg kan word. Daarteenoor staan sintese, wat op die vaardigheid dui om letters en woorde tot sinne van betekenis saam te voeg. Veral in aanvangslees loop analise en sintese hand aan hand en vereis onder andere die vermoë om impulsiewe reaksies te vermy, inersie te oorkom, te organiseer, te beplan en op responsies te reageer. ’n Groot verskeidenheid konsepte is onderliggend aan die vaardighede van analise en sintese, naamlik probleemoplossing, logiese denke, die vermoë om te voorspel en te skat, begrip van oorsaak en gevolg, sowel as om divergente en konvergente denke toe te pas.

Om begrip te verkry van wat gelees is, word die geheue eerstens ingespan om die leser te laat onthou wat gelees is waarna die betekenis daarvan uit die langtermyngeheue herroep word (Andrich e.a. 2015). Die werkende geheue van die leser lê hierdie vaardigheid ten grondslag en die belangrike onderliggende konsepte wat nodig is vir die bemeestering van optimale geheue is kognitiewe buigsaamheid en skemapassing wat tot aanpasbaarheid lei en die leser in staat stel om semantiese verbintenisse te maak.

Gelyklopend met visuele persepsie is ouditiewe perseptuele vaardighede wat veral in aanvangslees en die ontsyfering van onbekende woorde ’n belangrike rol speel. Bemeestering van die fonologiese stelsel berus veral op die visuele kennis van die verskillende letters en suksesvolle bemeestering hiervan is ’n groot uitdaging vir die voorskoolse kind (Campbell

2015; Priyadarshi e.a. 2012). Soos in die geval van visuele persepsie speel ouditiewe geheue 'n baie belangrike rol in die bemeestering van die leeshandeling. Deur die gebruik van die werkende geheue word die klanke van letters, woorde en sinne onthou en kan begrip verkry word van die gedeelte wat gelees word. Begrip hou egter ook verband met die langtermyngeheue omdat leesbegrip grootliks op ervaring (Corso e.a. 2016; Lyon 1998) en kennis berus. Beplanning as uitvoerende funksie speel 'n groot rol in die verkryging van begrip (Corso e.a. 2016). Afgesien van die noodsaaklikheid van geheue en herroeping van ervaring en kennis deur beplanning moet die leser ook in staat wees tot skemapassing wat dus die konsep onderliggend aan geheue is en verband hou met beplanning, organiserings, selfregulering en metakognisie.

Sommige leestekorte (soos disleksie) is die gevolg van probleme met die prosessering van taal en hou primêr verband met die fonologiese prosessering van spraakklanke en meer spesifiek met klankbewustheid. Leerlinge met leestekorte ervaar probleme met die herkenning en manipulerings van klank en dit manifesteer in probleme met rymwoorde, herkenning van lettergrepe en die ontsyfering (dekodering) van onbekende woorde (Temple, Deutsch, Poldrack, Miller, Tallal, Merzenich en Gabrieli 2003; Thiessen e.a. 2015). Bemeestering van die neurologiese uitvoerende funksie dra grootliks by tot die bemeestering van ouditiewe perseptuele vaardighede en 'n ontoereikende neurologiese uitvoerende funksie kan leestekorte in die hand werk (Anderson 2002; Cain en Oakhill 2006).

Wanneer 'n leser probleme ervaar om 'n onbekende woord te lees, is ouditiewe figuur-agtergrondonderskeiding nodig om spesifieke klanke te onderskei, te herroep en tot 'n sinvolle eenheid saam te voeg. Soos by visuele persepsie speel die konsepte, versameling en groepering 'n belangrike rol in die bemeestering van ouditiewe figuur-agtergrondonderskeiding en al die aspekte van die uitvoerende funksie is onontbeerlik.

Deur ouditiewe diskriminasie is die leser in staat om spesifieke klanke in 'n woord te herken – 'n vaardigheid wat in lees en spelling 'n baie belangrike rol speel. Die vermoë tot ouditiewe diskriminasie word gekenmerk deur klankherkenning-, ritme- en rymbewustheid, die identifisering van begin-, middel- en eindklanke in 'n woord, herkenning van gelykluidende en diskriminering van verskillend-klankende klanke. Hierdie aktiwiteite staan in noue verband met posisie in die ruimte en spel speel 'n belangrike rol in die bemeestering daarvan (Campbell 2015). Die kind wat ouditiewe diskriminasievaardighede bemeester het, toon belangrike tekens van ontluikende lees en kan soms selfs letters en klanke met mekaar in verband bring (Buckingham e.a. 2014; Priyadarshi e.a. 2012). Kinders wat in staat is om tussen ouditiewe stimuli te onderskei, het die onderliggende konsepte van klankkonstantheid, klassifikasie, vergelyking en versameling bemeester en is in staat om die uitvoerende funksie toe te pas en in die leeshandeling te gebruik.

In die lees van 'n woord, sin of leesstuk word die verskillende klanke in 'n bepaalde volgorde waargeneem ten einde begrip te verkry. Ouditiewe persepsie speel veral by aanvangslees wat deur die klankmetode onderrig word, 'n groot rol. Lesers hoor die klanke in 'n bepaalde volgorde, sintetiseer die klanke en verkry so begrip van wat gelees is (Owen 2010; Petelin 2014). Kinders se bemeestering van die waarneming van ouditiewe volgorde word gekenmerk deur hulle begrip van ruimte, opeenvolging, die vermoë om 'n storie te herhaal, volgorde te voorspel, die vermoë tot prentlees, herkenning van lettername vir bepaalde klanke, die herkenning en herhaling van patrone en die vaardigheid om 'n bepaalde ritme na te boots (Buckingham e.a. 2014). Leerlinge wat die basiese konsepte van ruimtelike

verhoudings, ordening, patroonvoltooiing, volgorde en reekse bemeester het, ondervind selde probleme met aktiwiteite wat ouditiewe volgorde vereis.

Ouditiewe analise en sintese stel die kind in staat om onbekende woorde te lees. Die klanke in die woord word geanaliseer en dan gesintetiseer tot 'n geheelbeeld van die woord. Die bemeestering van ouditiewe analise en sintese word aan die volgende toepassings herken: rymbewustheid, analitiese kode-ontsyfering en die vermoë om die gesproke woord in die verskillende klanke op te breek (Buckingham e.a. 2014; Xu, Chin, Reed en Hutchinson 2014). Om hierdie vaardigheid te bemeester vereis die bemeestering van 'n groot verskeidenheid konsepte: probleemoplossing, logiese denke, voorspelling, oorsaak-en-gevolg-verhouding, een-tot-een-ooreenkomste, divergente en konvergente denke, segmentering, asook skemapassing.

Deur skemapassing is die leser in staat om te bepaal of dit wat gelees is, bekend is, al dan nie. Wanneer die inhoud van leesstukke (of in die vroeë stadium klanke en sinne) uit die geheue herroep word, vind die proses van assimilasië plaas. Nuwe begrippe sal egter, volgens Piaget se teorie, in die geheuebank geakkommodeer moet word; om die gelese gedeeltes te assimileer of te akkommodeer, vereis dat die kind in staat is tot assosiasies. Alhoewel dit onbewustelik plaasvind, is metakognisie, beplanning en organisering belangrike funksies wat in hierdie handeling toegepas word. Die leser moet egter in gedagte hou dat alhoewel fonologiese vaardighede noodsaaklik is vir die dekodering van woorde, begrip slegs as gevolg van deeglike kennis van sintaksis (begrip van woordorde in sinne), morfologie en semantiek (Nation en Norbury 2005) verkry word.

Alhoewel weinig direkte beskrywing oor die verband daarvan met lees in die literatuur gevind is, speel ook kinestetiese gewaarwording en ervaring 'n rol in die verwerwing van die leeshandeling. Die konsepte van ruimtelikheid, ritme en volgorde is onderliggend aan 'n verskeidenheid vaardighede wat met die leeshandeling verband hou (Andrich e.a. 2015). Deur oogbewegings fokus die leser van Afrikaans op spesifieke woorde of sinne en beweeg die oë van links na regs en bo en onder oor die bladsy. Hierdie beweging van die oë hou verband met die leerling se toepassing van beweging in ruimte en die kruising van die persoonlike middellyn.

Ruimtelike begrippe soos bo, onder, links, regs, agter en voor is duidelike tekens dat leerlinge die noodsaaklike konsepte bemeester het. Verder dui die leerling se vermoë om met ritme en intonasie te lees ook op die belangrikheid van kinestetiese gewaarwording.

Wanneer kinders sukses beleef met wat hulle doen, werk dit selfvertroue in die hand. Hand aan hand met die verwerwing van selfvertroue lê kinders se liggaamsbeeld. Wanneer leerlinge 'n positiewe beleving het van hoe hulle lyk, sal hulle die selfvertroue hê om te waag en nuwe dinge aan te pak. Leerlinge wat selfvertroue het, pak die leeshandelinge met meer waagmoed aan. Hierdie handelinge word gerugsteun deur die aspekte inhibering, selfregulering en inisiëring van die uitvoerende funksie.

3.1.2 Neurokognitiewe funksie en kognitiewe vaardighede

Wanneer die leerling die basiese leeshandeling bemeester het, is daar weinig onderskeid te maak tussen die perseptuele en kognitiewe verwerking van 'n leesstuk. Sommige van die vaardighede wat bemeester word, sou ook as perseptueel sowel as kognitief geklassifiseer

kon word. Die perseptuele vaardighede wat in die leeshandeling toegepas word, is metakognitief van aard, omdat dit 'n onontbeerlike rol in die kognitiewe verwerking van wat gelees word, speel.

Die eerste en seker die belangrikste aspek van die kognitiewe verwerking van 'n gedeelte wat gelees word, is die integrasie van die inligting wat deur die verskillende sensoriese modaliteite ontvang word (Priyadarshi e.a. 2012). Klanke en letters word geïntegreer om tot woorde en sinne te lei. By die vaardige leser sal hierdie integrasie onbewustelik en in 'n breukdeel van 'n sekonde geskied, sonder dat hy/sy aandag aan die proses gee, omdat die onderskeie aspekte van die neurologiese uitvoerende funksie bemeester is (Campbell 2015; Thiessen e.a. 2015). Vaardige lesers is in staat om wanneer hulle lees die vermoë om aandag te gee te beheer, kognitiewe buigsaamheid te toon, outomatiese reaksies te inhibeer, te beplan en te organiseer en die werkende geheue te benut in die verwerking van die leesstuk. By aanvangslesers, daarenteen, is die integrasie 'n stadige proses omdat hulle nog nie die verskillende aspekte van die neurologiese uitvoerende funksie bemeester het nie en dikwels nog van klanke gebruik maak om begrip te verkry van wat hulle lees. Leerlinge met 'n leesstoornis ervaar dikwels probleme om te onthou wat hulle gelees het, omdat die werkende geheue nie optimaal benut word nie.

Konseptualisering van die leesstuk vind plaas wanneer lesers met bekende woorde en sinne omgaan wat deur inligting in die geheue gerugsteun word. Begrip word verkry van wat gelees is deur ervaring en kennis uit die langtermyngeheue te herroep om betekenis en begrip uit die gelese stuk te verkry. Die akkommodasie en/of assimilasie van konsepte by bestaande inligting speel 'n belangrike rol in die konseptualiseringsproses en berus tot 'n groot mate op die verskillende aspekte van die neurologiese uitvoerende funksie. Wanneer die leser begrip van die leesstuk verkry, word die inligting deur opeenvolging, klassifikasie en volgorde (Smith 2006) in die geheue geberg. Die kognitiewe verwerking van die leesstuk berus op die integrasie van inligting uit die verskillende sintuiglike modaliteite en die konseptualisering daarvan deur herroeping, assimilasie en akkommodasie. Dié proses vereis behoorlike organisering en beplanning van inligting in die geheue sodat bestaande inligting maklik herroep kan word. Voldoende kennis stel die kind in staat tot klassifikasie wat dui op voldoende begrip van stelsels, en die vermoë tot sortering en vergelyking (Fleer en Raban 2010).

Die konsepte wat onderliggend is aan leerlinge se vermoë tot die kognitiewe verwerking van dit wat hulle gelees het, is: probleemoplossing, logiese denke, voorspelling, begrip van oorsaak-en-gevolg-verhouding, een-tot-een-ooreenkomste, en divergente en konvergente denke, en al die aspekte van die uitvoerende funksie word hierby betrek.

Alhoewel ons die leeshandeling vir die bespreking daarvan gedekonstrueer het, wil ons weer eens die leser se aandag daarop vestig dat die verskillende vereiste vaardighede in die praktyk van lees nie so maklik onderskeibaar is nie en beslis nie in opeenvolgende stappe geskied nie. Ons herhaal dat lees 'n komplekse intellektuele handeling is, en dit blyk ook dat 'n suksesvolle leeshandeling op die leser se suksesvolle toepassing van die verskillende aspekte van die uitvoerende funksie berus.

Deur die dekonstruksie van die leeshandeling is 'n verskeidenheid onderliggende konsepte wat vir leessukses bemeester moet word, geïdentifiseer, naamlik: vorm- en klank-konstantheid, volgorde en patroonvoltooiing, versameling, antisipering, skemapassing, denke

en verhoudings. 'n Besinning oor die belangrikheid van die uitvoerende funksie in die verwerwing van dié basiese konsepte het gelei tot 'n antwoord op die navorsingsvraag: Watter rol speel die uitvoerende funksie, binne die raamwerk van die neurowetenskaplike benadering, in die verwerwing van konsepte en vaardighede wat onderliggend is aan ontlukende lees en die leeshandeling? Dit is duidelik dat die vaslegging en verwerwing van die onderliggende konsepte op die bemeestering van die verskillende aspekte van die uitvoerende funksie berus.

3.2 Die praktyk en die leeshandeling

Die identifisering van konsepte onderliggend aan die leeshandeling en 'n besinning oor die neurokognitiewe rol van die brein in die leeshandeling is egter nie voldoende as ons nie ook kyk na hoe kinders hierdie konsepte en voor-leesvaardighede kan bemeester en watter rol die opvoeders in die proses speel nie. Daar bestaan 'n interaksie tussen die bemeestering van 'n konsep en die toepassing daarvan as vaardigheid in die praktyk. Dit is moontlik dat jong lesers nie die nodige onderliggende konsepte soos vorm- en klankkonstantheid, volgorde en patroonvoltooiing, versameling, antisipering, skemapassing, denkhandelinge en verhoudings om woorde en leesstukke te ontsyfer, bemeester het nie (Walczyk en Griffith-Ross 2007). Die vraag wat na aanleiding hiervan by ons ontstaan, is of onvoldoende konsepvorming 'n moontlike oorsaak van die swak leesprestasie van Suid-Afrikaanse kinders kan wees. Gepaardgaande daarmee, na aanleiding van die voorafgaande besinning, word moontlik ook onvoldoende aandag gegee aan die verskillende prosesse van die neurologiese uitvoerende funksie wat 'n rol speel in konsepvorming.

Uit die voorgaande besinning blyk dat die bemeestering van die verskillende aspekte van die neurologiese uitvoerende funksie 'n onmisbare rol speel in die bemeestering van die basiese konsepte en voor-leesvaardighede wat nodig is vir die bemeestering van die leeshandeling. Die onderwyser het dus 'n taak om, in ooreenstemming met die teorieë van Piaget en Vygotsky, die ontlukende leser, aanvangsleser en selfs leerlinge met leestekorte te begelei tot die bemeestering en toepassing van die verskillende aspekte van die neurologiese uitvoerende funksie wat noodsaaklik vir konsepvorming is.

Aangesien ontlukende leesvaardighede 'n voorwaarde vir die leeshandeling is, impliseer dit dat opvoeders reeds op voorskoolse vlak aandag moet gee aan die ontwikkeling en vaslegging van die onderliggende konsepte vir die leeshandeling. Baie aandag word wel by voorskoolse onderwys aan die inskerping en vaslegging van konsepte gegee, maar dit blyk dat die ontwikkeling van konsepte gerugsteun kan word deur oefening in die verskillende aspekte van die neurologiese uitvoerende funksie. Selfs klein kinders kan geleer word om hulle gedrag te bestuur en verstandelike prosesse te rig om spesifieke doelwitte te bereik, maar dit vereis ontwikkeling van die neurologiese uitvoerende funksie met die klem op die volgende prosesse: aandagbeheer, kognitiewe vloeibaarheid, inhibisie, inisiëring, metakognisie, organisering, beplanning, reaksie op terugvoer, selfregulering, die vermoë om van aktiwiteite van die een na die ander om te skakel en werkende geheue (Cartwright 2012). Voorskoolse opvoeders moet kennis neem van die rol van die verskillende neurologiese prosesse in ontlukende lees en die ontwikkeling van voor-leesvaardighede en doelgerigte aktiwiteite gebruik vir die ontwikkeling daarvan.

Die verband tussen die neurologie, ontlukende geletterdheid en 'n ouderdomstoepaslike kurrikulum vir voorskoolse kinders vorm die basiese vertrekpunt van hierdie navorsing. Die

daarstel van 'n stimulerende leer- en speelomgewing wat jong kinders aktief betrek kan gesien word as die voorwaarde om leer, wat ontluikende lees insluit, te laat plaasvind. In wat vir die buitestander as chaos mag voorkom, ontdek die spelende kind deur sy sintuie 'n wêreld wat sin maak. In die woorde van Gallagher (2005, soos aangehaal deur Rushton e.a. 2010) is dit die neurologiese ontwikkeling, streshormone (wat tot vlug- of vegreaksies lei) en breinontwikkeling wat die onderbou van 'n ontwikkelingstoepaslike kurrikulum en praktyk behoort te vorm. Die opvoeders en onderwysers van voorskoolse kinders moet hierdie geleentheid benut en hulle toelê op spel en aktiwiteite wat bydra tot die ontwikkeling van die neurologiese uitvoerende funksie by die jong kinders.

In die voorskoolse fase kan die opvoeder van storieboeke gebruik maak om die kind deur spel, rympies en dramatisering van klanke bewus te maak en die konsep van *klankkonstantheid* by die jong kind te vestig (Campbell 2015). Sodanige benadering verskaf genot aan die kind en bied aan die opvoeder geleentheid om 'n verskeidenheid perseptuele en kognitiewe aktiwiteite in te oefen. Hamilton-Smith en Georgeson (2015) sluit hierby aan deur klem daarop te plaas dat daar deur aktiewe luister en gesprekke 'n gevoel van verwondering by die kind geskep kan word wat deur spel beleef en ondersoek kan word. Spel is 'n belangrike hulpmiddel in die neurologiese ontwikkeling van die kind en die kreatiewe opvoeder kan dit benut vir die vestiging van konsepte soos vorm- en klankkonstantheid, volgorde en patroonvoltooiing, versameling, antisipering, skemapassing en 'n verskeidenheid denkhandelinge.

Die neurowetenskap bied aan die opvoeder nuwe insigte in die benadering tot leesonderrig en die skep van geleentheid vir ontluikende lees as voorvereiste vir leessukses. 'n Sinvolle kurrikulum vir voorskoolse kinders behoort dus gegrond te wees op beginsels wat die holistiese ontwikkeling van die kind ondersteun en die volgende aspekte insluit: estetiese en kreatiewe uitdrukking; aktiwiteite wat die ontdekking van die wêreld moontlik maak, taal en ontluikende geletterdheid bevorder, motoriese ontwikkeling ondersteun, gesyferdheid bevorder en die emosionele en sosiale aspekte van die kind ontwikkel (Tang 2015). In al hierdie aktiwiteite kan die opvoeder die versterking en vestiging van die neurologiese uitvoerende funksie wat 'n belangrike rol in konsepvorming en die ontwikkeling van voorleesvaardighede speel, in gedagte hou.

4. Gevolgtrekking

Die leeshandeling is die sintetisering van 'n komplekse netwerk van perseptuele en kognitiewe en taalhandelinge op 'n kontinuum wat strek van herkenning en dekodeeringsvaardighede tot begrip en integrasie (Corso e.a. 2016; Owens 2010). Afgesien van die basiese waarneming sal die vaardige leser ook in staat wees om gevolgtrekkings en afleidings te maak op grond van wat gelees is. Begrip van 'n leesstuk word verkry deur die wisselwerking tussen letters, klanke, woordbetekenisse, grammatiese en kontekstuele verbande en die leser se vorige kennis en ervaring. Die prosesse wat nodig is om die leeshandeling te bemeester hou verband met die neurologiese uitvoerende funksie, soos in die neurowetenskap beskryf.

Deur die dekonstruksie van die leeshandeling het ons gelet op die voorvereistes vir die leeshandeling sowel as op die perseptuele en kognitiewe verwerking van inligting wat uit 'n

leesstuk verkry word. Konsepte onderliggend aan die leeshandeling is vanuit die neurokognitiewe wetenskap bekyk en dit blyk dat die uitvoerende funksie van die brein, soos in die neurowetenskap beskryf, 'n belangrike rol in die bemeestering van konsepte en die leeshandeling speel. Bemeestering van die neurologiese uitvoerende funksie is nie vir slegs die skoolgaande kind van waarde nie, maar kan reeds voorskools deur opvoeders in talle kleuteraktiwiteite toegepas en versterk word.

Deur van 'n neurowetenskaplike lens gebruik te maak in die soeke na die oorsaak van en oplossing vir die swak leesprestasie van Suid-Afrikaanse lesers, is oor die belangrikheid van die bemeestering van die verskillende aspekte van die neurologiese uitvoerende funksie besin en die waarde daarvan vir die ontwikkeling van konsepte en voor-leesvaardighede uitgelig en beklemtoon. In antwoord op die navorsingsvraag is dit duidelik dat die uitvoerende funksie, binne die raamwerk van die neurowetenskaplike benadering, 'n belangrike rol te speel het in die verwerwing van konsepte en vaardighede wat onderliggend is aan ontluikende lees en die leeshandeling.

Hoewel nie voldoende nie, is ons bewus daarvan dat voorskoolse onderwysers van spel gebruik maak om 'n verskeidenheid konsepte by die voorskoolse kind vas te lê. Opvoeders van die voorskoolse kind moet bewus gemaak word van die belangrike rol van die neurologiese uitvoerende funksie in leer en die verwerwing van konsepte en voor-leesvaardighede. Die verskillende aspekte van die neurologiese uitvoerende funksie verdien meer aandag van opvoeders en kan op 'n kreatiewe wyse in die voorskoolse kurrikulum ingewerk word.

Ons het dit as leemte ervaar dat ons weinig navorsing kon opspoor waarin 'n verband gelê word tussen lees en die neurowetenskap. Verder ook dat ons slegs Afrikaans en Engels magtig is, en dus nie literatuur in ander tale kon ondersoek nie. Dit kan seker ook as 'n leemte beskou word dat hierdie navorsing slegs 'n besinning is en nie empiries gegrond is nie. Ons meen egter dat ons deur hierdie besinning 'n bydrae tot die wetenskap en navorsing oor die leeshandeling gedoen het deur neurowetenskaplike aspekte te belig wat vir die onderwyser wat lees onderrig, van waarde kan wees.

Die vraag wat egter nou, na hierdie neurowetenskaplike beskouing van die leeshandeling, by ons ontstaan het, is of voorskoolse opvoeders voldoende aandag gee aan die vestiging van die verskillende aspekte van die neurologiese uitvoerende funksie wat volgens hierdie besinning onderliggend is aan die noodsaaklike konsepte en vaardighede vir die leeshandeling. Verder sal dit van groot waarde wees om 'n program vir die ontwikkeling van die neurologiese uitvoerende funksie te ontwikkel en die invloed daarvan op die leesvaardigheid van leerders in die praktyk te toets.

Bibliografie

Anderson, P. 2002. Assessment and development of executive function (EF) during childhood. *Child Neuropsychology*, 8:71–82.

Andrich, C., A. Hill en A. Steenkamp. 2015. Training Grade R teachers to impart visual perceptual skills for early reading. *Reading and Writing*, 6(1):1–9.

Arya, P. en K.M. Feathers. 2012. Reconsidering children's readings: Insights into the reading process. *Reading Psychology*, 33:301–22.

Beaty, J.J. 2008. *Skills for preschool teachers*. 8ste uitgawe. Columbus: Pearson.

Beauchat, K.A., K.L. Blamey en Z.A. Philippakos. 2012. *Effective read-alouds for early literacy. A teacher's guide for pre K-1*. Londen: Guilford.

Bender, I. en S. Beller. 2013. Cognition is ... fundamentally cultural. *Behavioral Sciences*, 3:42–54.

Bixler, M. 2006. Pre-Kindergarten Math Concepts.
www.unce.unr.edu/publications/files/cy/2006/fs0691.pdf (12 Augustus 2013 geraadpleeg).

Buckingham, J., R. Beaman en K. Wheldall. 2014. Why poor children are more likely to become poor readers: The early years. *Educational Review*, 66:428–46.

Cain, K. en J. Oakhill. 2006. Profiles of children with specific reading comprehension difficulties. The *British Journal of Educational Psychology*, 76:683–96.
<http://dx.doi.org/10.1348/000709905X67610> (13 Oktober 2016 geraadpleeg).

Campbell, S. 2015. Feeling the pressure: Early childhood educators' reported views about learning and teaching phonics in Australian prior-to-school settings. *Australian Journal of Language and Literacy*, 38(1):12–22.

Cartwright, K.B. 2012. Insights from cognitive neuroscience: The importance of executive function for early reading development and education. *Early Education and Development*, 23:24–36.

Charlesworth, R. en K.K. Lind. 2013. *Math and science for young children*. 7de uitgawe. Belmont: Wadsworth Cengage Learning.

Commission on Reading. s.j. Reading definitions.
<http://lrs.ed.uiuc.edu/students/jblanton/read/readingdef.htm> (23 Januarie 2014 geraadpleeg).

Corso, H.V., J.G. Cromley, T. Sperb en J.F. Salles. 2016. Modeling the relationship among reading comprehension, intelligence, socioeconomic status, and neuropsychological functions: The mediating role of executive functions. *Psychology and Neuroscience*, 9(1):32–45.

Deacon, S.H. 2012. Sounds, letters and meanings: The independent influences of phonological, morphological and orthographic skills on early word reading accuracy. *Journal of Research in Reading*, 35(4):456–75.

Department of Basic Education. 2014 Report on the annual national assessment of 2014, Grades 1 to 6 & 9. [http://www.saqa.org.za/docs/repannual/2014/REPORT %20ON%20THE%20ANA%20OF%202014](http://www.saqa.org.za/docs/repannual/2014/REPORT%20ON%20THE%20ANA%20OF%202014) (21 September 2016 geraadpleeg).

De Witt, M.W. 2016. *The young child in context. A psycho-social perspective*. Pretoria: Van Schaik.

De Witt, M.W. en A.C. Lessing. 2016. The deconstruction and understanding of pre-literacy development. Navorsingsverslag. Pretoria: Unisa.

De Witt, M.W., A.C. Lessing en E.M. Lenyai. 2008. An investigation into the state of early literacy of preschool learners. *South African Journal for Language Teaching*, 41(2):38–48.

Faas, L.A. 1978. *Learning disabilities: A competency based approach*. Boston: Houghton Mifflin.

Farrall, M.L. 2012. *Reading assessment. Linking language, literacy and cognition*. Hoboken: Wiley.

Fields, M.V., L.A. Groth en K.L. Spangler. 2008. *Let's begin reading right. A developmental approach to emergent literacy*. 6de uitgawe. Columbus: Pearson.

Fleer, M. en B. Raban. 2010. Literacies in early childhood: The preschool period. In Peterson, Baker en McGaw (reds.) 2010.

Frostig, M. 1972. Education for children with learning disabilities. In Myklebust (red.) 1972.

Gelman, S.A. 2009. Learning from others: Children's construction of concepts. *Annual Review of Psychology*, 60(1):115–40.

Hamilton-Smith, S. en D. Georgeson. 2015. Language to literacy: Professional development for the early learning sector 0–5 years. *Practically Primary*, 20(1):36–42.

Hargrove, M.L. 1982. Learning disabilities: Early identification signals for parents and teachers. *Education*, 102(4):366–8.

Harvey, S. en A. Goudvis, 2007. *Strategies that work. Teaching comprehension for understanding and engagement*. Portland Maine: Sternhouse.

Howie, S., E. Venter, S. van Staden, L. Zimmerman, C. Long, V. Scherman en E. Archer. 2008. *PIRLS 2006 summary report: South African children's reading achievement*. Universiteit van Pretoria: Sentrum vir Evaluering en Assessering.

Kaiser, A.P. en M.L. Hemmeter. 2015. Introduction to Special Issue on the Center for Response to Intervention in Early Childhood: Developing evidence-based tools for a multi-tier approach to preschool language and literacy instruction. *Journal of Early Intervention*, 36(4):243–5.

Landry, S.H., P. Swank, K. Smith, A. Asselen en S. Gunnewig. 2006. Enhancing early literacy skills of preschool children. Bringing a professional development model to scale. *Journal of Learning Disabilities*, 39(4):306–23.

Lawrence, P. 1982. *Is my child stupid?*. Cornwall: United writers.

Lessing, A.C. en M.W. de Witt. 2016. Die ondersteuning van die voorskoolse kind met betrekking tot ontluikende leesvaardigheid – 'n loodsstudie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(2):660–77.

Lyon, G.R. 1998. Why reading is not a natural process. *Educational Leadership*, 55(6):14–8.

McConnell, S.R., en H.L.S. Rabe. 1999. Home and community factors that promote early literacy development for preschoolaged children.
www.extention.umn.edu/distribution/familydevelopment/components/7286-05.html (14 November, 2003 geraadpleeg).

McCutchen, D., R.D. Abbott, L.B. Green, S.N. Beretvas, S. Cox, N.S. Potter, T. Quiroga en A.L. Gray. 2002. Beginning literacy: Links among teacher knowledge, teacher practice, and student learning. *Journal of Learning Disabilities*, 35(1):69–86.

McLeod, S.A. 2013. Kolb – Learning Styles. Retrieved from
www.simplypsychology.org/learning-kolb.html (23 Januarie 2017 geraadpleeg).

Myklebust, J.E. (red.). 1972. *Progress in learning disabilities*. Volume 1. New York: Grune & Stratton.

Nation, K. en C.F. Norbury. 2005. When reading comprehension fails: Insights from developmental disorders. *Topics in Language Disorders*, 25(1):21–32.

Nicolopoulou, A. 2010. The alarming disappearance of play from early childhood education. *Human Development*, 53:1–4.

- Owen, J.E. 2008. Excerpt from language development: An introduction. <http://www.education.com/reference/article/process-reading> (21 September 2016 geraadpleeg).
- Owen, R.E. 2010. The process of reading. <http://www.education.com/reference/article/process-reading> (21 September 2016 geraadpleeg).
- Petelin, I.B. 2014. Assessment of prereading competence. *Journal of Contemporary Educational Studies*, 2:24–41.
- Peterson, P., E. Baker en B.B. McGaw (reds.). 2010. *International encyclopedia of education*. 3de uitgawe. Oxford: Academic Press.
- Piaget, J. 1952. *The origins of intelligence in children*. New York: International University Press.
- Pomerantz, F. en M. Pierce. 2013. “When do we get to read?” Reading instruction and literacy coaching in a “failed” urban elementary school. *Reading Improvement*, 22:101–15.
- Priyadarshi, B., S.P. Goswami en S. Madhuban. 2012. The relationship of auditory and visual perception with reading related skills. *Journal of All India Institute of Speech and Hearing (JAIISH)*, 31:168–76.
- Rademeyer, A. 2013. Nasionale assesseringsuitslae. Geletterdheidsvlak by krisispunt. *Die Burger*, 6 Desember, bl. 5.
- Rushton, S., A. Juola-Rushton en E. Larkin. 2010. Neuroscience, play and early childhood education: Connections, implications and assessment. *Early Childhood Education Journal*, 37:351–61.
- Smith, J.A. en S. Read. 2005. *Early literacy instruction: A comprehensive framework for teaching reading and writing*. Upper Saddle River, NJ: Pearson Merrill/Prentice Hall.
- Smith, S.S. 2006. *Early Childhood Mathematics*. 3de uitgawe. New York: Pearson Education.
- Snow, C.E., M.S. Burns en R. Griffin (reds.). 2002. *Preventing reading difficulties in young children*. Washington, DC: National Academy Press.
- Stauffer, R.G., J.C. Abrams en J.J. Pikulski. 1978. *Diagnosis, correction, and prevention of reading disabilities*. New York: Harper & Row.

Sukhram, D.P. en A. Hsu. 2012. Developing reading partnerships between parents and children: A reflection on the Reading Together program. *Early Childhood Education*, 40:115–21.

Tang, A. 2015. The use of literacy materials in early childhood English language and literacy programmes in Singapore: Local responses to global trends. *Education Research and Perspectives*, 42:65–90.

Temple, E., G.K. Deutsch, R.A. Poldrack, S.L. Miller, P. Tallal, M.M. Merzenich en J.D.E. Gabrieli. 2003. Neural deficits in children with dyslexia ameliorated by behavioral remediation: Evidence from functional MRI. *Proceedings of the National Academy of Sciences (PNAS)*, 100(5):2860–5.

Thiessen, M., M. Kohler, O. Churches, S. Coussens en H. Keage. 2015. Brainy type: A look at how the brain processes typographic information. *Visible Language*, 49(1–2):174–89.

Vally, Z. 2012. Dialogic reading and child language growth – combating developmental risk in South Africa. *South African Journal of Psychology*, 42(4):617–27.

Vygotsky, L.S. 1978. *Mind in society: The development of higher psychological processes*. Cambridge, MA: Harvard University Press.

Walczyk, J.J. en D.A. Griffith-Ross. 2007. How important is reading skill fluency for comprehension? *The Reading Teacher*, 60(6):560–9.

Wasik, B.A. en C. Iannone-Campbell. 2012. Developing vocabulary through purposeful, strategic conversations. *The Reading Teacher*, 66(2):321–32.

Wender, P.H. 1972. *Minimal brain dysfunction in children*. New York: Wiley-Interscience.

Xu, Y., C. Chin, E. Reed en C. Hutchinson. 2014. The effects of a comprehensive literacy project on preschoolers' school readiness skills. *Early Childhood Education Journal*, 42:295–304.

Rolkonflik by getroude manlike onderwysers vroeg in die 21ste eeu

Deon Vos en Philip van der Westhuizen

Deon Vos en Philip van der Westhuizen
Fakulteit Opvoedingswetenskappe, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

Opsomming

Die doel van die navorsing was om vas te stel in welke mate die getroude manlike onderwyser rolkonflik ervaar. Die studie is uitgevoer deur middel van 'n literatuurstudie en, daarna, 'n empiriese ondersoek. Die doel van die literatuurstudie was om moontlike oorsake van rolkonflik te identifiseer en die doel van die empiriese ondersoek was om die mate van die belewing van rolkonflik by die respondente vas te stel. Die volgende probleemstelling is geformuleer: In watter mate ervaar getroude manlike onderwysers rolkonflik? Die volgende navorsingsdoelwitte is geïdentifiseer: eerstens, om uit die literatuur die aard van die getroude manlike onderwyser se rol in die samelewing te bepaal; tweedens om uit die literatuur te bepaal watter faktore 'n rol by rolkonflik by die getroude manlike onderwyser speel, en laastens, om empiries te bepaal watter faktore 'n rol by rolkonflik by die getroude manlike onderwyser speel. Die studiepopulasie bestaan uit getroude manlike onderwysers in die Klerksdorp Onderwysdistrik van die Noordwes Onderwysdepartement.

Enkele beskrywings wat verband hou met die begrip *rol* werp lig op die plek en aard van die rol van die man vanuit 'n juridiese perspektief gesien. Die aard van die rol van die man binne en buite die huis word ook bespreek. Vervolgens is die aard van rolkonflik by die getroude manlike onderwyser bespreek deur te verwys na begrippe soos *inter-* en *intrarolkonflik*. Moontlike faktore wat bydra tot die belewing van rolkonflik by die getroude manlike onderwyser is vanuit die literatuur geïdentifiseer. Hierdie faktore wat aanleiding gee tot die belewing van rolkonflik, is in twee kategorieë verdeel, naamlik binne die gesin en by die werk.

Die doel van die empiriese ondersoek was om vas te stel of die respondente wel rolkonflik beleef as gevolg van die bespreekte faktore en in welke mate rolkonflik beleef word. Die navorsingsontwerp het 'n oorsig van die omvang van die empiriese ondersoek gegee. Die ingevulde vraelyste is empiries ontleed en sekere interpretasies is daaruit geformuleer. Die studie is afgesluit met 'n samevatting, bevindinge en enkele aanbevelings wat op die bevindinge gebaseer is. Die bevindinge het daarop gedui dat rolkonflik wel by die respondente beleef word en dat die oorsake wat aanleiding gee tot rolkonflik, afkomstig is

van die gesin, die samelewing en die werkplek. Daar is ook bevind dat daar prakties betekenisvolle verskille bestaan tussen sekere biografiese data van die respondente en enkele faktore wat aanleiding gee tot die belewing van rolkonflik. Die minimalisering van hierdie faktore is 'n tema waaraan in toekomstige navorsing aandag geskenk kan word.

Die rede vir hierdie navorsing is om vas te stel tot watter mate manlike getroude onderwysers rolkonflik ervaar asook om vas te stel watter faktore aanleiding gee tot die belewing van rolkonflik.

Trefwoorde: eggenoot; getroud; manlike onderwyser; professioneel; rol; rolkonflik; vader

Abstract

Role conflict in married male educators early in the 21st century

The aim of this article is to determine to what extent married male teachers experience role conflict early in the 21st century. The need for the study arose as a result of the prevalent concerns with regard to the experience of role conflict, not only by male teachers, but also by female teachers. During an extensive literature review the observation was made that role conflict does occur within teachers (male and female). In the literature review it was also found that role conflict is experienced by all teachers on all job levels and with various years of teaching experience throughout the entire education sector. The extent of the experience of role conflict, however, differs. During the interpretation of a variety of laws, it has been observed that principles such as the implementation of democratic values in the appointment and role description of teachers, equal treatment of all (male and female teachers), correction of inequalities of the past (male and female teachers), and fair labour practices with regard to the appointment of teachers result in role conflict in married male teachers. The reality arising from the laws is that preference is given to female teachers with appointments in promotional positions. A further trend is that the woman assumes her rightful position as leader in the community and that she is seen as a respected and valuable source of income for the family. The latter two trends result in role conflict in the male teacher, as he is no longer seen as the sole respected leader (inside and outside the family) and provider for the needs of the family. The man still fulfils a variety of roles outside the home, including the following: he stands in a career with various roles posing challenges; he needs to develop his career; he needs to generate an income; and it is expected from him to fulfil various roles in the community and society. At home, the man also has to fulfil a variety of roles, including: he has to act as the head of the family; he is co-responsible for the physical, emotional and spiritual well-being of the family; he is also co-responsible for the socialisation of the family; and in some cases he has to act as a single parent of his family.

The experience of intra-role conflict by the married male teacher within his family means that he has to give up personal values to perform a specific job. Consequently, he experiences conflict, because of these conflicting and opposing forces. In the man's role as father, husband and head of the family, in some cases he experiences that he needs to neglect the latter roles or even give them up in order to fulfil the role expectations of his employer and society. Furthermore, he also experiences intra-role conflict within his profession. The reasons for the latter include the following: discrimination against his gender, where the

traditional role of the man as a figure of leadership in his profession is now being opposed by the appointment of women in positions of leadership; role confusion where vague and unclear guidelines for the role of the man are laid down; as a result of the restriction on the appointment of the man in a leadership position, less job satisfaction; and finally, the current organisational climate of the school's also perhaps having a significant influence on the experience of intra-role conflict.

Inter-role conflict occurs when the man has to carry out his duties as a professional teacher simultaneously with his family responsibilities. The following causes of inter-role conflict were identified in the literature: firstly, events at work and at home, where the man has to act as a role model within the family and at work; where the man has to be involved at work and with his family at the same time, the limited support of his family and colleagues; secondly, the views of the family and society, in which the man is not allowed to show emotion, should always be in control and not require any assistance; and finally, economic pressure, as society, his family and his work environment expect him to meet all economic needs.

An empirical study was carried out in order to determine the extent of the experience of role conflict by the married male teacher. The structured questionnaire was used as a measuring instrument in this quantitative research methodology. The study population consisted of 21 primary schools in the Klerksdorp, Orkney, Stilfontein and Hartebeesfontein (KOSH) region. One hundred and sixty-one married male teachers participated in the study.

After the data had been analysed, the following was found:

The questionnaire may be declared reliable with a Cronbach Alpha value of 0,70. Role conflict within the family occurred due to the following: being involved in family activities, a high pace of living, the experience of work pressure on the role of spouse, to meet the responsibilities of a husband, to act as caretaker of the family, and, finally, the division of responsibilities between the man and the woman. Role conflict at work occurred for the following reasons: uninvolved colleagues, autocratic behaviour of the school principal, colleagues not taking pride in their school, and colleagues not supporting one another. The following aspects that caused role conflict at work and at home, are as follows: non-involvement in family activities because of work commitments, inadequate support at work and at home, the view of colleagues and family members that the man does not need help, the time available to fulfil duties at home and at work properly, family involvement that affects activities away from home, always to be in control, and finally, that the man is of the opinion that he should be the main source of income. During the determination of the practical significance of this, the following emerged: practically no significant differences in the experience of role conflict were found because of differences in the age of the respondents, the number of learners in the school, or the distance between home and school, and. It was, however, found that there are practically significant differences in the experience of role conflict depending on the number of years of experience, the number of children in the family, and race.

From the above findings, the following recommendations were made: (1) Parents and teachers should educate children and learners to fulfil their future roles properly in both the home/family and at work. (2) People in authority should be trained in how to act with understanding towards male teachers who have more than one role to fulfil, and, more specifically, the family role as husband and father. (3) Further research should be undertaken

with regard to the role and involvement of the school principal in the career planning and development of specifically the married male teacher. (4) Clear guidelines should be given to married male teachers regarding the planning of their careers in education. (5) Further study should, firstly, be conducted in order to determine what the psychological implications of the married male teacher, who needs to fulfil this dual role, entail and secondly, how these implications can be minimised.

From the above it can be seen that the married male teacher, like the married female teacher, experiences role conflict as a result of a variety of factors. According to literature, this experience of role conflict has occurred for many years and according to the findings in this study, role conflict is still being experienced well into the early 21st century by married male teachers because of similar factors that previously occurred. Surely it can be argued, that it seriously hampers the standard of education in South Africa. The latter hypothesis, however, requires further research and evidence.

Keywords: educator; father; husband; male educator; married; professional; role; role conflict

1. Inleiding

Die getroude man (en dus ook getroude manlike onderwyser) se deelname aan 'n verskeidenheid strukture binne die samelewing is onmisbaar vir 'n "gesonde" samelewing. Vanuit 'n tradisionele sienswyse word aanvaar dat die getroude man sy rol moet volstaan en as leier in daardie rol sy plek in die samelewing inneem. Die navorsing van Murray (1994) dui daarop dat laasgenoemde siening verander het en dat die vrou as mededingende rolspeler haar plek naas die man of selfs gelykwaardig aan die man in die samelewing inneem. Rolkonflik word onder twee afdelings bespreek, naamlik inter- en intrarolkonflik. Die getroude man moet 'n groot verskeidenheid rolle binne sy gesin vervul. As vader, eggenoot en gesinshoof moet hy sy plek op verskillende terreine volstaan en dit kan rolkonflik tot gevolg hê. Laasgenoemde neiging word as intra-rolkonflik by die getroude manlike onderwyser beskryf. Ook as onderwyser ondervind die getroude man 'n groot verskeidenheid rolle wat hy binne die skool moet vervul. Faktore soos diskriminasie teen sy geslag, die veelsydigheid van die manlike onderwyser se rolverwagting en die algemene werksontevredenheid dra by tot rolkonflik by die getroude manlike onderwyser. Laasgenoemde ervarings word ook as intrarolkonflik by die getroude manlike onderwyser gesien. Die rolverwagting van die samelewing dui daarop dat die getroude man tegelykertyd verskillende rolle binne sy gesin en as onderwyser moet vervul. Hierdie sienswyse word as interrolkonflik by die getroude manlike onderwyser gesien.

Bogenoemde navorsing is in 2005 voltooi, maar is steeds baie relevant in ons hedendaagse onderwysgemeenskap. Rolkonflik is steeds 'n realiteit by die getroude manlike onderwyser en werk steeds negatief op die werks- en gesinslewe van hierdie onderwysers in (Martin en MacNeil 2007; Dhurup en Mahomed 2011; Hooper 2013). Die vraag is egter of dit steeds dieselfde faktore is wat rolkonflik tot gevolg het. Hierdie vraag kan in toekomstige navorsing beantwoord word, maar vir die doel van hierdie artikel word aanvaar dat waarskynlik sommige van die faktore wat in die artikel bespreek word, steeds aanleiding gee tot die

beleving van rolkonflik by die getroude manlike onderwyser in Suid-Afrika (Banda en Mutambo 2016).

2. Probleemstelling en -vraag

Manlike onderwysers vervul 'n verskeidenheid rolle in die samelewing. Dit skep 'n groot verwagting dat onderwysers hul plek op vele terreine moet volstaan (Lemon 1995:5–71). Die neiging is dat daar van die man verwag word om sy plek binne en buite die huis vol te staan en sodoende 'n vennootskap met sy eggenote te sluit (Sangster 1990:12–3).

Hierdie verwagting plaas druk op manlike onderwysers. Die verskeidenheid rolle wat die onderwyser binne die onderwysprofessie moet vervul, vereis korrekte en professionele optrede binne alle professionele take wat hy moet uitvoer en plaas dus 'n hoë premie op sy rol binne sy professie (Van der Westhuizen 1996b:90–6). Kwellinge ten opsigte van professionele uitbranding word 'n al groter faktor waaraan duidelik aandag binne die onderwysprofessie geskenk moet word.

Die nuutste neiging is dat die vrou ook 'n verskeidenheid rolle binne en buite die huis moet vervul (Steyn 2000:32–4). Laasgenoemde neiging plaas druk op die man, aangesien hy nou ook 'n bydrae tot die algemene huishouding moet lewer. Volgens Khumalo(2004) plaas laasgenoemde neiging 'n verdere stremming op die vrou in haar rol as moeder, huisvrou en professionele persoon. Dit kan dus met reg gestel word dat hierdie neiging ook nuwe klem op die rol van die man as vader, helper met die huishouding en professionele persoon plaas. Die man moet nou ook sy plek as helper met die algemene huishoudelike take en as lid van die gemeenskap volstaan, aangesien die vrou ook 'n professionele rol moet vervul.

Die algemene sienswyse van die samelewing is dat mans alle vorme van emosies suksesvol moet kan hanteer en dat emosionele uitbarstings nie bestaansreg het in die werkslewe van die man (manlike onderwyser) nie (Steyn en Botha 1998:60–1). Uit bogenoemde sienswyse oor die rol wat die man moet vervul, kan rolkonflik 'n realiteit wees wat elke man in die gesig staar. Rolkonflik moet deur elke manlike onderwyser op 'n effektiewe wyse hanteer word om sodoende effektiewe onderwys te verseker. Die omvang van rolkonflik by getroude manlike onderwysers is beslis 'n studieveld wat aandag behoort te geniet.

'n Verdere vraag is wat die oorsake van rolkonflik by getroude manlike individue is. Steyn en Botha (1998:60–1) bevestig die feit dat die samelewing hoë verwagtinge koester ten opsigte van die rol waaraan mans moet voldoen en dat dit konflik kan ontken.

In die studie van Owens (1991:64) word die kommer uitgespreek dat rolkonflik ook 'n uitvloeisel is van persoonlike behoeftes, voor- en afkeur en persoonlikheidseienskappe. Die mate van beleving van werkstevredenheid en werkskwaliteit dien as twee belangrike oorsake van rolkonflik. Met die term *rolkonflik* word verwys na die onvermoë om suksesvol aan die eise van bepaalde verskillende rolle te voldoen (Van der Westhuizen 1996b:91). Beperkte tyd waarbinne die rolle vervul moet word en die hoë verwagtinge wat ander koester, het 'n verdere nadelige implikasie vir hierdie onaangename ervaring van rolkonflik. Die verwagtinge wat deur die samelewing, die gesin en die onderwysberoep gestel word, naamlik

dat die manlike onderwyser sy plek op alle terreine moet volstaan, oefen ook 'n duidelike invloed op die beskikbaarheid van tyd uit.

'n Groot aantal implikasies van rolkonflik kom voor wat 'n negatiewe invloed op die bestaans- en werkswyse van die onderwyser uitoefen (Van der Westhuizen 1996b:535–612). Good en Robertson(1996:44) bevind dat rolkonflik die volgende gevolge inhou: lae selfbeeld, verhoogde angs, 'n verlaagde ontvanklikheid vir psigologiese hulp, 'n aantal psigosomatiese verstourings en verlaagde sosiale intimiteit. Bogenoemde gevolge in ag genome, kan dit nie anders as om kommer te wek in onderwysgeleedere nie.

Baie navorsing is reeds gedoen oor rolkonflik by professionele persone en spesifiek oor rolkonflik by onderwysers. In die studie van Khumalo (2004) word aandag geskenk aan die dubbele rol wat die vroulike onderwyser as moeder en onderwyser moet vervul. Jiang (2000:43–7) bevestig ook dat die rolkonflik wat die vroulike onderwyser ervaar, 'n realiteit is en dat dit veel meer aandag behoort te geniet. In die studie van Redelinghuys, Botes en De Wet (1999:92–6) word klem gelê op die uitdagings wat die enkelouer as professionele werkende persoon in die gesig staar.

Die studie van Murray (1994) toon duidelik aan dat rolkonflik 'n realiteit by getroude vroulike onderwysers is. Rolkonflik is nie slegs 'n fiktiewe beleving deur vroulike onderwysers nie, maar 'n realiteit waarmee rekening gehou moet word en wat aanleiding tot uitbranding kan gee (Redelinghuys e.a. 1999).

Dat rolkonflik 'n realiteit in die professionele werksmilieu van die getroude vroulike onderwyser is, versterk die behoefte aan 'n studie oor rolkonflik by getroude manlike onderwysers, aangesien gelyke rolle tans vir beide groepe voorgehou word. Die rol wat die vader as professionele persoon en as hoof van sy gesin moet vervul, kan die oorsaak van rolkonflik wees (Steyn 2000:32–4). Binne Suid-Afrika is navorsing oor rolkonflik slegs by professionele persone opgespoor (Gerdes, Moore, Ochse en Van Eck 1998:87–122). Van der Westhuizen (1996b:90–92) bespreek die begrip *rolbenadering* en vanuit hierdie perspektief kan rolkonflik 'n uitvloeisel wees van rolvoorskrifte, rolverwagtinge, rolbegrip en rolbesetting.

Uit die voorgaande blyk dit dat navorsing in Suid-Afrika gedoen is oor rolkonflik by getroude vroulike onderwysers. Geen navorsing is egter nog oor rolkonflik by getroude manlike onderwysers gedoen nie.

Die volgende probleemvraag is dus hier ter sprake: In watter mate ervaar getroude manlike onderwysers rolkonflik?

In die volgende paragraaf gaan die navorsingsdoelwitte belig word.

3. Navorsingsdoelwitte

Uit die voorgaande is die volgende doelstellings van hierdie navorsing geformuleer: om uit die literatuur die aard van die getroude manlike onderwyser se rol in die samelewing te

bepaal, om uit die literatuur te bepaal watter faktore 'n rol by rolkonflik by hom speel, en laastens om empiries te bepaal watter faktore 'n rol by rolkonflik by hom speel.

Die konseptuele begroning vorm 'n integrale deel van hierdie navorsing en gaan vervolgens aandag geniet.

4. Konseptuele begroning

In hierdie navorsing word vasgestel tot watter mate die getroude manlike onderwyser (voortaan “getroude onderwyser”; “manlik” word binne die konteks hiervan oral veronderstel tensy spesifiek anders aangedui) rolkonflik binne sy beroep en by die huis beleef. Die beleving van intra- en interrolkonflik word deur sekere determinante veroorsaak en gaan ook in hierdie paragraaf aandag geniet.

4.1 Die rol van die man binne beroepsverband

Die man moet 'n verskeidenheid rolle binne sy beroep as onderwyser vervul; hierdie rolle gaan vervolgens aandag geniet.

4.1.1 Die rol van die man as werker

Tydens die Wêreldgeestesgesondheidsdag op 10 Oktober 1998 is klem gelê op die feit dat die man in die arbeidsektor onder druk verkeer. Die belange van en gelyke geleenthede vir die vrou, wat tans sterk gepropageer word, plaas druk op die rol van die man, en die arbeidsektor se rolverwagting rakende die man word daardeur verplaas na dié van 'n gelyke verdeling van mag tussen mans en vroue (Steyn en Botha 1998:60–1). Lemon (1995:61–71) wys daarop dat hierdie rolverwarring by mans aanleiding kan gee tot psigosomatiese versteurings wat hartsiektes, kanker, dwelmgebruik, geweld en selfs 'n verkorte lewensverwagting tot gevolg kan hê. Lemon wys verder daarop dat 'n verskeidenheid rolverwagtinge van die man vereis om aanpasbaar te wees. Hierdie aanpasbaarheid moet 'n bydrae lewer tot die suksesvolle ontmoeting tussen tradisionele sienswyses en hedendaagse rolverwagtinge (Lemon 1995:61–71). Steyn (2000:32–4) beklemtoon die feit dat die effektiewe vervulling van die rol van die individu bepaal gaan word deur sy vermoë om aan te pas en verandering suksesvol te bestuur. Die vraag is nie wat die man alles moet prysgee of verbeur nie, maar hoe hy hierdie veranderde rolverwagting gaan hanteer ten einde sy rol steeds effektief te vervul.

Die man vervul 'n verskeidenheid rolle binne 'n organisasie, wat eiesoortige eise aan hom stel (Renzetti en Curran 1995:253–305). Voorbeelde van hierdie rolle is werknemer/werkgewer, werknemer/kliënt en kollega. Die suksesvolle en effektiewe vervulling van hierdie rolle sal 'n bepalende faktor binne die sukses van die organisasie wees.

4.1.2 Die rol van die man as ontwikkelaar van sy loopbaan

In die navorsing van Gerdes e.a.(1998:1–161) word aangetoon dat die mens voortdurend besig is om sy loopbaan uit te brei deur homself te ontwikkel, sy kwalifikasies te verbeter en ervaring op te doen. Ouderdom speel 'n belangrike rol by die tempo en aard van die loopbaanontwikkeling van die individu. Volgens Gerdes e.a. (1998:1–161) is doeltreffende

besluitneming en die beplanning ten opsigte van sosio-ekonomiese komponente die belangrikste faktore wat teenwoordig moet wees binne die rol van die man as die ontwikkelaar van sy loopbaan. Die ontwikkeling van die man se loopbaan is uiters belangrik ten einde hom te laat geld en as 'n mededingende individu binne 'n veranderde beroepswêreld te laat optree. Hieruit kan ook afgelei word dat konflik in 'n groot mate effektief beheer kan word deurdat die man hom kwalifiseer as 'n mededingende rolspeler binne die arbeidsektor.

4.1.3 Die rol van die man as genereerder van 'n inkomste

Daar word algemeen aanvaar, en dit is praktyk binne die moderne Westerse samelewing, dat sowel die man as die vrou inkomste-genererend moet wees (Steyn en Botha 1998:1–61). Deur te werk en 'n inkomste te genereer, voldoen die man nie slegs aan die opdrag soos dit in die Bybel (1983) voorgeskryf word nie, maar voorsien hy ook in die algemene finansiële behoeftes en welsyn van sy gesin. Hierdeur vervul hy sy rol as gesinshoof (Bolger, De Longis, Kessler en Wethington 1990:95–114).

Edley en Wetherell (1995:116–20) wys daarop dat die man in 'n groot mate alleen verantwoordelik is vir voorsiening in die finansiële behoefte van die gesin. Volgens hulle is die algemene persepsie dat die man steeds die hoofbron van inkomste is en dat die vrou se inkomste as aanvullend beskou word. Hieruit kan afgelei word dat die man as genereerder van 'n inkomste 'n groot verantwoordelikheid ten opsigte van sy gesin dra en dat hy 'n dubbele rol het om te vervul, naamlik een binne en een buite die huis.

Hedendaags (2015–17) is die inkomste van die vrou in baie gevalle dieselfde of selfs meer as die inkomste van die man. Hierdie tendens kan ook rolkonflik by die man teweeg bring, aangesien dit sy rol as gesinshoof en hoofgenereerder van inkomste misken (Boundless Sociology 2016).

4.1.4 Die rol van die man binne 'n dubbelloopbaanhuwelik

Louw e.a. (1999:548) definieer 'n dubbelloopbaanhuwelik as 'n huwelik waarin die man voltyds en die vrou 20 of meer uur per week werk. In sommige dubbelloopbaanhuwelike werk sowel die man as die vrou voltyds (Louw e.a. 1999:548). 'n Voordeel van hierdie verskynsel is dat dit gelykheid tussen die man en die vrou meebring en dat beide die vrou en die man 'n gevoel van eiewaarde en persoonlike vervulling beleef. Nog 'n voordeel is dat dit ekonomiese stabiliteit verseker en 'n hoër lewenstandaard meebring. 'n Nadeel is egter dat dit 'n oorbelading van werk en verantwoordelikhede kan meebring en rolkonflik tot gevolg kan hê.

4.1.5 Die man se rol as lid van verskillende gemeenskapsorganisasies in die samelewing

Sommige mans vervul nie slegs 'n rol in die arbeidsektor nie, maar dien ook op vele ander terreine binne die samelewing of gemeenskap. Die gemeenskap verwag van die man dat hy betrokke sal wees by aktiwiteite wat die nodige norme en standaarde vir die spesifieke gemeenskap stel (Edley en Wetherell 1995:131–212; Lemon 1995:61–71).

Volgens Bryson (2000:1) het laasgenoemde siening heelwat verandering ondergaan en word die vrou ook aangemoedig om haar bydrae op hierdie terreine te lewer. Die persepsie kan

wees dat vroulike rolspelers die rol as leiers in die samelewing oorneem, maar dit is nie die geval nie (Steyn en Botha 1998:60–1). Die realiteit is dat die vrou en die man ’n vennootskap vorm en saam ’n rol binne die gemeenskap vervul. Manlike rolspelers moet besef dat die terrein van mededinging vergroot is en dat ’n persoon ’n bepaalde rol sal vervul op grond van effektiwiteit en sukses en nie op grond van geslag nie (Steyn en Botha 1998:60–61).

4.2 Rol van die man binne die huis

Die man moet aan verskillende verwagtings in sy rol as vader en eggenoot in die huis voldoen. Vervolgens gaan aandag aan hierdie verskillende verwagtings geskenk word.

4.2.1 As hoof van die gesin

In die brief aan die Efesiërs vergelyk Paulus die man se rol as hoof van sy vrou met Jesus se rol as hoof van die kerk en uit hierdie vergelyking word beredeneer dat die man as hoof van sy gesin (priester en profeet van die gesin) as ’n liefdevolle toesighouer moet optree (Bybel 1983). Die man vervul dus ’n rol wat bepaalde gesag en verantwoordelikhede aan hom opdra, wat hy met eerbied, wysheid en liefde moet vervul. Steyn (2000:32–4) wys daarop dat die man as hoof van sy gesin sy plek op alle terreine wat die vaderlike rol impliseer, moet volstaan, byvoorbeeld help met die aandete, versorging van die kinders, godsdiensbeoefening, versiering van die huis en vele ander terreine wat vroeër beskou is as dié van die vrou. Laasgenoemde neiging bied groot uitdagings aan die man, en sy aanpasbaarheid speel ’n groot rol by die korrekte hantering van sy rol as hoof van sy gesin.

4.2.2 As onderhouer van die fisiese welstand van die gesin

Sangster (1990:12–3) wys daarop dat die vrou ook ’n verantwoordelikheid het om finansieel by te dra tot die gesin se behoeftes en dus nie die tyd het om alleen alle verantwoordelikheid ten opsigte van die fisiese versorging van die gesin te dra nie. Hierdie verdeling van rolle tussen die man en die vrou bring mee dat ’n verdeling in die verantwoordelikhede tussen die twee plaasvind en die fisiese versorging van die gesin dus nie by die vrou of man alleen berus nie, maar by albei (Sangster 1990:12–3; Lewenhak 1992:106; Hirsch 1996:103–21; Steyn 2000:32–4).

Soos in die vorige gedeeltes aangedui is, is ook hier sprake van verandering. Die samelewing stel nuwe eise aan die man en beklemtoon sy verantwoordelikhede as vennoot in die versorging van sy gesin (Verwoerd 1996:83–93).

4.2.3 As versorger van die geestelike en psigiese welstand van die gesin

Die woorde van Paulus in Efesiërs 6:4 dui aan dat daar van die vader verwag word om na die geestelike en psigiese welstand van die gesin om te sien: “En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil.” In Genesis 1 lees ons dat God die mens geskape het volgens sy beeld en die vrou aan die man se sy as helper. Die uitdrukking “man van God” word meer as 80 keer in die Bybel gebruik en daaruit kan ons aflei dat God van die man verwag om as hoof van sy gesin hul geestelike en psigiese welstand op die hart te dra. Laasgenoemde sienswyse is steeds ’n realiteit in die hedendaagse samelewing.

4.2.4 As onderhouer van die sosialisering van die gesin

Die teenwoordigheid van die vader het 'n positiewe uitwerking op kinders van die gesin. Die selfbeeld en interpersoonlike verhoudings van seuns sowel as dogters word positief gestimuleer deur die teenwoordigheid en betrokkenheid van die vader (Beaty 1995:873–80).

Plug, Louw en Meyer (1997:340) wys daarop dat sosialisering die proses is waardeur die individu leer om aan die morele standaarde, rolverwagtinge en eise vir aanvaarbare gedrag van 'n betrokke samelewing te voldoen. Uit hierdie definisie kan afgelei word dat die man as gesinshoof 'n plig het om die morele standaarde, rolverwagtinge en eise vir aanvaarbare gedrag, soos deur die samelewing gestel, aan sy gesin oor te dra. Die verantwoordelikheid van die moeder om hierdie sosialiseringsbeginsels aan haar gesin oor te dra word nie deur die man vervang nie, maar word in vennootskap gedoen (Sangster 1990:12–3). Negatiewe sosialiseringsbeginsels wat deur ouers aan hul kinders oorgedra word, toon 'n “sneeubal-effek”, aangesien hierdie kinders nie slegs self swak met ander mense sosialiseer nie, maar ook later dieselfde negatiewe beginsels aan hulle kinders sal oordra (Gerdes e.a. 1998:87–123).

4.2.5 As versorger van die emosionele welstand van die gesin

Dit is 'n Bybelse waarheid, wat in Efesiërs 5 aangedui is, dat die man as gesinshoof die sekuriteit en struktuur van sy gesin in stand moet hou en sodoende emosionele stabiliteit vir alle belanghebbendes moet verseker. Mackler (2001:28–32) wys daarop dat 'n gesonde verhouding tussen alle lede van die gesin soms baie opofferings verg, maar daardeur kan stabiliteit verseker word. Emosionele stabiliteit begin reeds in die babajare van 'n kind en dit is 'n onvergeeflike oortreding indien die ouers hierdie beginsel verontagsaam (Louw, Van Eck en Louw 1999:204–33).

4.2.6 Die rol van die enkelouer

Die navorsing van Cohen, Johnson, Lewis en Brook (1990:117–30) beklemtoon die implikasies van die afwesigheid van die vader binne die gesin. As rolmodel skep die vader 'n belangrike opvoedingstruktuur vir die jong kind. Die enkelouer, hetsy die man of die vrou, word dus blootgestel aan 'n dubbele rolverdeling waarbinne hierdie ouer die nodige opvoedingstruktuur vir die kind moet skep (Louw e.a. 1999:581–3). In die rol van die moeder as enkelouer moet vroulike waardes aan kinders oorgedra word en in die rol van vader as enkelouer moet manlike waardes aan kinders oorgedra word. In die meeste gevalle word hierdie dubbele rol van die ouer gekenmerk deur 'n verskeidenheid optredes wat in die rol van 'n vader en 'n moeder sal voorkom. Voorbeelde is tugtiging, vriendskap, sagmoedigheid, vertroosting, geduldig luister, raadgewing, dissiplinering, aanmoediging en selfs ferm optrede.

4.2.7 Die rol om ewewig te handhaaf tussen werk en gesinsrolle

Gerdes e.a. (1998:121–2) wys daarop dat dit vir die man nie 'n maklike taak is om die ewewig tussen die werk en die gesin te handhaaf nie. Hierdie rol word omskryf as sy rol as voorsiener vir sy gesin wat persoonlike en sosiale stelsels in stand hou. Die aard van sy beroep sal 'n groot bydrae lewer tot die moeilikheidsgraad om hierdie ewewig te handhaaf. Gerdes e.a. (1998:121–2) wys daarop dat ouderdom 'n groot faktor is by hierdie rol van die

man as balanseerder van werk en gesin. Binne die huwelik van die jong getroude paartjie, met 'n eerste aankomeling in die gesin, sal baie meer tyd ingeruim moet word vir die man om as voorsiener van sy gesin op te tree en sal groot uitdagings ten opsigte van hierdie rol aan hom gestel word. Die rede vir die voorsiening van meer tyd by die werk vir die jong vader, is dat langer ure moontlik tot bevordering kan bydra, wat ook 'n groter inkomste genereer.

4.3 Faktore wat 'n rol speel by rolkonflik by getroude onderwysers

Verskillende determinante vir die beleving van intra- en interrolkonflik by die getroude onderwyser word vervolgens bespreek.

4.3.1 Rolkonflik

Plug e.a. (1997:311) beskryf rolkonflik as 'n situasie waarin 'n persoon hom bevind en waarin dit van hom verwag word om twee of meer rolle, wat volgens hom onversoenbaar is, te vervul. So kan verwag word dat die getroude onderwyser rolkonflik kan beleef omdat hy tegelykertyd as eggenoot, vader van sy gesin en ook onderwyser moet optree terwyl hy 'n verskeidenheid verantwoordelikhede binne en buite die huis moet nakom. 'n Persoon kan ook rolkonflik beleef indien daar verskille of onduidelikheid bestaan ten opsigte van die verwagtinge van die persoon se hoof (Johnson en La France 1998:28). Louw e.a. (1998:542) wys daarop dat die diverse rolverwagtinge by 'n organisasie en tuis intense spanning en angs kan meebring en aanleiding kan gee tot rolkonflik. Tipping en Farmer (1991:111) beskryf rolkonflik as 'n psigologiese gesteldheid wat by 'n persoon heers wat twee of meer belangrike waardes as onversoenbaar ervaar.

4.3.2 Intrarolkonflik

Intrarolkonflik ontstaan wanneer 'n persoon persoonlike waardes moet prysgee om 'n spesifieke werk te verrig, en gevolglik konflik ervaar weens die botsing van hierdie twee opponerende kragte (Schwab, Iwanicki en Pierson 1990:588). Die samelewing beskik oor 'n rolverwagting dat mans nie verantwoordelik is vir die persoonlike versorging, soos die kleredrag van die gesin, fisiese voorkoms, en die voorbereiding van voedsel, van die gesin nie (Hirsch 1996:103–21). Laasgenoemde neiging dra tot 'n groot mate by tot die beleving van intrarolkonflik by mans, aangesien die teendeel ook 'n realiteit is, naamlik dat mans tóg 'n verantwoordelikheid teenoor hul gesin het (Sangster, 1990:12–3). Lemon (1995:65) bevind dat die tradisionele sienswyse van die rol wat die man moet vervul, fisiese sowel as psigiese probleme vir hom kan inhou. Intrarolkonflik ontstaan by mans weens 'n botsing tussen sy persoonlike beleving van sy rol as vader, eggenoot en gesinshoof en die teenstellende rolverwagting van die samelewing rakende sy rol binne sy gesin.

4.3.3 Intrarolkonflik binne die rol as vader

Die belangrikheid van die vader as rolmodel vir sy gesin en alle verantwoordelikhede wat daarmee gepaardgaan, word deur Haeseler (1996:275–81) bevestig. In die studie van Mancus (1992:109–28) word aangedui dat manlike onderwysers as rolmodelle 'n groot invloed uitoefen op veral seuns se gedrag en vordering. Beaty (1995:873–80) wys daarop dat swak interpersoonlike verhoudings veral by seuns voorkom waar die vaderfiguur afwesig is. Herb en Willoughby-Herb (1998:44–9) wys ook daarop dat die betrokkenheid van die vader by sy gesin uiters belangrik is vir die ontwikkeling van die kinders. Hulle bevind ook dat die

akademiese prestasie van die kinders beïnvloed word deur die rol wat die vader binne die gesin vervul. Loscocco (1997:204–26) toon in haar studie aan dat die gesin ’n groot invloed uitoefen op die werk van die beroepsvrou en dat die werksomstandighede van die man weer ’n groot invloed uitoefen op sy rol as vader binne sy gesin.

4.3.4 Intrarolkonflik binne die rol as eggenoot en gesinshoof

Verwoerd (1996:83–93) wys daarop dat, net soos die getroude man rolkonflik as vader van sy kinders ervaar, hy as eggenoot ook rolkonflik ervaar. Die man ervaar homself as broodwinner van die gesin aan die een kant, en aan die ander kant word daar van hom verwag om as liefdevolle eggenoot op te tree. Werksdruk en ’n vinnige lewenstempo laat vir die man soms min ruimte om liefdevol op te tree.

4.3.5 Diskriminasie teen geslag as oorsaak van intrarolkonflik

Ingevolge artikel 1(b) van die Suid-Afrikaanse Grondwet (Suid-Afrika 1996) is diskriminasie ten opsigte van geslag nie versoenbaar met die wet nie. Sangster (1990:12–3) bevind dat mans oor ’n besonder effektiewe aanpasbaarheidsvermoë beskik. Mans wat take verrig wat tradisioneel as die werk van ’n vrou beskou is, pas hulle baie goed daarby aan sonder om manlike waardes prys te gee.

Dit is egter ook ’n feit dat die tradisionele sienswyse van die samelewing wat die man as gesagsdraer gesien het, waardes openbaar wat lynreg teenoor die sogenaamde “new man”-sienswyse staan, wat op sy beurt die man in ’n baie “sagter” rol plaas (Lemon 1992:5–20). Laasgenoemde “sagter” rol verwys daarna dat daar ook nou van die man verwag word dat hy sekere take, soos voorbereiding van voedsel, huisskoonmaak, was van klere en skottelgoed en die versorging van die kinders se klere, sal uitvoer. Uit die voorgaande kan afgelei word dat die beleving van intrarolkonflik ’n onafwendbare realiteit is.

Uit bogenoemde blyk dit dat die rol van die man binne sy professie aansienlik verander het en dat hy die kollig ten opsigte van outoriteit en werk met die kompeterende en bevoegde dame moet deel. Sosiale norme en waardes en tradisionele sienswyses aan die een kant en die veranderde rol van die manlike onderwyser binne sy professie aan die ander kant plaas druk op die man en kan intrarolkonflik tot gevolg hê.

4.3.6 Rolverwarring as oorsaak van intrarolkonflik

Rolverwarring by ’n onderwyser ontstaan wanneer onduidelike en vae riglyne neergelê word ten opsigte van die verwagte rol wat hy moet vervul. Die onsekerheid van ’n onderwyser ten opsigte van wat van hom verwag word en die afname in sy werkslewing kan voorkom word deur duidelike riglyne en rolverwagtinge aan hom te stel (Jackson en Schuler 2000:37). Die individu wat duidelike riglyne vir die uitvoer van sy werk benodig en ’n sukses daarvan wil maak, beleef intense intrarolkonflik wanneer hy rolverwarring beleef (Owens 1991:64; O’Driscoll en Beehr 2000:151–9). Bogenoemde siening word ook deur Conley en Woosley (2000:183) ondersteun en hulle wys daarop dat rolverwarring aanleiding gee tot oneffektiewe werkverrigting.

4.3.7 Min werksbevreëdiging as oorsaak van intrarolkonflik

Zeitz (1990:420) bevind dat hoe hoër die rangorde van die pos wat 'n persoon beklee, hoe hoër die werksbevreëdiging en hoe minder die rolkonflik wat hy beleef. Laasgenoemde feit impliseer dat die hoof en sy bestuursplan daarvan seker moet maak dat die onderwysers in gepaste posisies met gepaste verantwoordelikhede geplaas word en dat hulle gepaste uitdagings stel ten einde te verseker dat die onderwysers werksbevreëdiging sal ervaar en hulle sodoende die beleving van intrarolkonflik daardeur sal beperk.

Erasmus (1998:26) bevind dat individue 'n hoë mate van werksbevreëdiging beleef wanneer hulle hul werk interessant vind, erkenning geniet vir dit wat hulle doen en geleentheid kry om hul vaardighede te ontwikkel. Die bestuursplan van 'n skool behoort hierdie waardevolle feite as 'n prioriteit te beskou. Smith (1995:261–82) bevind in sy navorsing dat druk binne die individu se werksomstandighede en werkoorsading aanleiding gee tot werkstres. Werkstres kan weer op sy beurt aanleiding gee tot die beleving van intrarolkonflik.

4.3.8 Die organisasieklimaat as oorsaak van intrarolkonflik

Mentz (2002:146–69) wys daarop dat 'n bepaalde organisasieklimaat geskep word deur die persepsie en beleving van die onderwysers van veral die bestuursaspekte van 'n skool. 'n Gesonde organisasieklimaat is dus afhanklik van die persepsie en beleving van die onderwyser van die gehalte van sy werkslewe en is die resultaat van 'n bepaalde bestuursituasie. Volgens die definisie van intrarolkonflik word hierdie konflik ervaar weens die feit dat die individu persoonlike waardes moet prysgee om 'n spesifieke werk te verrig. Persoonlike waardes sluit onder meer in dat die onderwyser waarde daaraan heg om sy werk in 'n positiewe organisasieklimaat te verrig (Mentz 2002:146–69). Persoonlike waardes soos om meer tyd saam met die gesin te spandeer, om met positiewe kollegas saam te werk en om die ondersteuning van die hoof te geniet, kan in sommige gevalle botsend inwerk met dit wat in skole die realiteit is.

4.3.9 Interrolkonflik

Konflik wat ervaar word as gevolg van druk wat teenwoordig is wanneer die manlike onderwyser sy pligte as professionele onderwyser gelyktydig met sy gesinsverantwoordelikhede uitvoer, is 'n vorm van interrolkonflik. Hierdie beleving van interrolkonflik is nie noodwendig slegs binne sy rolle as onderwyser en gesinsmens teenwoordig nie, maar kan ook teenwoordig wees binne verskillende rolle wat die onderwyser binne sy werkplek moet vervul (Schwab e.a. 1990:588; Hammer en Grimsby 1998:220). Interrolkonflik kan dus gesien word as die mate waarin 'n persoon druk ervaar binne 'n rol wat onversoenbaar is met druk wat ervaar word binne 'n ander rol wat gelyktydig deur dieselfde persoon vervul moet word (Zimble en Ortlepp 1996:588).

4.3.10 Die man as rolmodel en betrokkenheid binne die gesin en by die werk asook die ondersteuning van sy gesin en kollegas

Die faktore wat vervolgens uitgewys word, is voorbeelde uit die literatuur wat aanleiding kan gee tot die beleving van interrolkonflik by die getroude onderwyser (Weiss 1990:27–32; Doyle en Wells 1996:37; Steyn 2000:32–4; Gerstel en Gallagher 2001:197–217; Mackler 2001:28–32; Zamarripa, Wampold en Gregory 2003:6; Blazina 2004:151–60; Eckman

2004:366–84): die verwagting dat die man gelyktydig as rolmodel binne en buite die huis moet optree, die verantwoordelikheid van die man teenoor sy vrou as eggenoot, die verantwoordelikheid van die man as vriend teenoor sy familie en vriende, die beperkte tyd tot die man se beskikking om die rolle binne en buite die huis te vervul, sekere eienskappe wat van die man as rolmodel verwag word: 'n hulpvaardige, ondersteunende en sensitiewe rolspeler, die man se beleving van homself as 'n onbetrokke gesinsmens as gevolg van werksomstandighede, die man se beleving van homself as 'n onbetrokke werker as gevolg van gesinsverwagtinge, die man se beleving daarvan dat hy nie genoegsaam deur sy gesin ondersteun word nie, en die man se beleving daarvan dat hy nie genoegsaam deur sy kollegas ondersteun word nie.

4.3.11 Verskillende sienswyses ten opsigte van die man se rol binne die gesin en die samelewing as oorsaak van interrollkonflik

Volgens die literatuur blyk dit dat die uiteenlopende sienswyses van die samelewing en die gesin ten opsigte van die verskeidenheid rolle van die man as oorsaak kan dien vir die beleving van interrollkonflik. Die volgende faktore wat aanleiding kan gee tot die beleving van interrollkonflik is geïdentifiseer (Good en Robertson 1996:44; Verwoerd 1996:83–93; Steyn en Botha 1998:60–1; Gallagher en Smith 1999:211–33; Jiang 2000:7; Steyn 2000:32–4; Davis 2003:138–43): daar word van die man verwag om geen emosies te toon nie, om altyd in beheer te wees, om geen hulp te verlang nie; 'n spesifieke godsdienstige sienswyse vereis dat die man alleen verantwoordelikheid moet aanvaar en min ruimte laat vir effektiewe rolverdeling; 'n sienswyse heers dat sekere rolle in die samelewing wat in die verlede slegs vir die man gereserveer was, nou ook deur die vrou vervul kan word; en laastens beleef die man dat sy meer prominente en beklemtoonde rol binne die gesin 'n verswakte rol buite die huis tot gevolg het.

4.3.12 Ekonomiese druk as oorsaak van interrollkonflik

Uit die literatuur is die volgende faktore wat aanleiding daartoe kan gee dat die man interrollkonflik beleef, geïdentifiseer (Mackler 2001:28–32; Nordenmark 2002:21; Davis 2003:138–43; Khumalo 2004:59): die druk wat die man ervaar as gevolg van sy eie sienswyse ten opsigte van sy rol as genereerder van inkomste en die sienswyse van die man ten opsigte van sy selfbeeld dat die samelewing hom slegs as 'n medegenerereerder van inkomste sien.

Vervolgens gaan die empiriese ondersoek aandag geniet.

5. Empiriese ondersoek

5.1 Navorsingsontwerp

5.1.1 Empiriese ondersoek

'n Kwantitatiewe navorsingsmetode is gevolg en die vraelys is as meetinstrument gebruik. Die respondente is versoek om op grond van die 4-punt-Likert-skaal op die vrae te reageer. Die doel van die empiriese ondersoek was om vas te stel in welke mate die getroude manlike

onderwyser rolkonflik ervaar binne sy gesin as vader en eggenoot en binne sy beroep as professionele onderwyser.

5.1.2 Struktuur van die vraelys

Die vraelys het uit vyf afdelings bestaan: Afdeling A om die algemene inligting van die respondente verkry; Afdeling B om die mate van intrarolkonflik binne die gesin te bepaal; Afdeling C om die mate van intrarolkonflik binne sy professie te bepaal; Afdeling D om die mate van interrolkonflik binne die gesin en die werk te bepaal; Afdeling E, waar 'n oop vraag gestel is om enige ander oorsake vir die belewing van rolkonflik te bepaal.

5.1.3 Loodsondersoek

Die konsepvraelys is aan getroude onderwysers in twee (n=2) skole in die Potchefstroom-distrik gestuur ten einde te bepaal of die vraelys aan die nodige verwagtinge en vereistes voldoen. Hierdie skole en respondente was nie deel van die studiepopulasie nie. Die nodige veranderinge is aangebring nadat die vraelyste terugontvang is.

5.1.4 Studiepopulasie

In hierdie studie is gebruik gemaak van respondente uit die populasie van die Dr Kenneth Kaunda-distrik van die Noordwes Onderwysdepartement in primêre skole in die Klerksdorp-streek wat gereedelik beskikbaar was.

Op grond van bogenoemde was die studiepopulasie dan alle getroude onderwysers (posvlak 1 en 2) in primêre skole in die Klerksdorp-streek. Dit het tot gevolg gehad dat slegs 71 (n=71) van die 74 skole (n=74) gebruik is, aangesien die 71 skole almal getroude onderwysers (posvlak 1 en 2) as personeellede gehad het. Die aantal respondente in die betrokke skole was 161 (n=161). By die ander drie skole was daar geen getroude manlike onderwysers nie.

5.2 Etiese aspekte en administratiewe prosedure

'n Skrywe is aan die direkteur-generaal van die Noordwes Onderwysdepartement gestuur om toestemming te verkry dat hierdie vraelyste na die geïdentifiseerde skole gestuur mag word. Die nodige etiese klaring is van die Noordwes-Universiteit se etiekomitee verkry. Die vertroulike hantering van die vraelyste, asook die anonimiteit van die respondente is verseker. Die vrywillige deelname van die respondente is ook onder hulle aandag gebring. Omdat die respondente volwasse manlike onderwysers was, het dit geïmpliseer dat die studiepopulasie 'n lae-risiko-populasie was.

Die statistiese tegnieke wat in hierdie navorsing gebruik is, gaan vervolgens bespreek word.

5.3 Statistiese tegnieke

5.3.1 Beskrywende statistiek

Die SAS-program (SAS Institute Inc. 1999) is gebruik.

Frekwensies en persentasies is bereken deur middel van die “FREQ-procedure” van die SAS-program.

5.3.2 Betroubaarheid van die meetinstrument

Die betroubaarheid van die meetinstrument word gemeet deur die Cronbach Alpha-koëffisiënt (SAS Institute In. 1999). Volgens die verwerkte data is die geïnterpreteerde faktore groter as 0,70 en verklaar dus dat dit 'n betroubare meetinstrument is.

5.3.3 Die praktiese betekenisvolheid

Cohen (1988) gee riglyne vir die interpretasie van effekgroottes en word soos volg toegepas vir die doel van hierdie studie:

Klein effek: $d=0,2$ (*), wat daarop dui dat groepe nie in die praktyk verskil nie.

Mediumeffek: $d=0,5$ (**), wat daarop dui dat groepe moontlik in die praktyk verskil.

Groot effek: $d=0,8$ (***), wat daarop dui dat groepe wel in die praktyk verskil.

5.4 Interpretering van die data

Die volgende afdelings is onderskei in die interpretering van die data: 'n oorsig ten opsigte van die algemene inligting oor die respondente (biografiese en demografiese gegewens); 'n oorsig ten opsigte van die beleving van rolkonflik binne die gesin; 'n oorsig ten opsigte van die beleving van rolkonflik by die werk; 'n oorsig ten opsigte van die beleving van rolkonflik by die werk en die gesin; resultate van die Cronbach Alpha-koëffisiënt; en laastens 'n ontleding van die praktiese betekenisvolheid van response ten opsigte van die volgende faktore: ondervinding, ras, grootte van die skool, afstand na die skool, ouderdomme van die respondente en die aantal kinders van die respondente.

5.4.1 Biografiese en demografiese gegewens

Die doel met die vrae was om algemene inligting rakende die respondente te verkry. Daar is ook in die literatuur waargeneem dat 'n verband tussen sekere van die algemene inligting en die oorsake van rolkonflik bestaan. Die profiel van die studiepopulasie ten opsigte van algemene inligting was soos volg: 60% van die respondente is ouer as 40 jaar, 52% het meer as vier jaar ondervinding, 77% is gekleur, 65% het twee of meer kinders, 70% is werksaam in skole wat meer as 600 leerders bevat, en 68% reis minder as 10 km na die skool.

5.4.2 Rolkonflik in die gesin

Die doel met die vrae was om te bepaal in watter mate sekere faktore bydra tot die beleving van rolkonflik by die man of vader in die gesin. Uit die response wat verkry is, blyk dit dat sekere faktore in 'n redelike tot ernstige mate bydra tot die beleving van rolkonflik. Slegs die faktore (ses) wat in laasgenoemde kategorie val, gaan vervolgens genoem word, en nie faktore wat geensins of in 'n geringe mate tot rolkonflik bydra nie. Elk van die bevindinge in die faktore is ook in die literatuur waargeneem en bevestig: om by gesinsaktiwiteite betrokke te wees (gemiddeld 2,76, rangorde 1, faktor 12), in die beleving van 'n vinnige lewenstempo

(gemiddeld 2,68, rangorde 2, faktor 16), die belewing van werksdruk op die rol as eggenoot (gemiddeld 2,68, rangorde 3, faktor 15), om die verantwoordelikheid van 'n eggenoot na te kom (gemiddeld 2,56, rangorde 4, faktor 14), om as versorger van die gesin op te tree (gemiddeld 2,56, rangorde 5, faktor 11) en die verdeling van verantwoordelikhede tussen man en vrou (gemiddeld 2,48, rangorde 6, faktor 13).

5.4.3 Rolkonflik by die werk

Die doel met die vrae was om te bepaal watter faktore in die werksituasie aanleiding gee tot die man se belewing van rolkonflik. Daar is vier uit die 19 faktore wat 'n gemiddelde respons van 3,11 en meer op die 4-punt-skaal opgelewer het. Daarna word ook van die ander 15 faktore wat 'n gemiddeld van tussen 2,08 en 2,86 opgelewer het, melding gemaak. In die literatuur is ook bevestig dat die volgende faktore 'n bydraende faktor tot die belewing van rolkonflik is: wanneer onbetrokke kollegas 'n negatiewe invloed op gebeure in die skool het (gemiddeld 3,24, rangorde 1, faktor 35), wanneer outokraties opgetree word (gemiddeld 3,13, rangorde 2, faktor 31), wanneer kollegas nie trots op hul skool is nie (gemiddeld 3,12, rangorde 3, faktor 34), en wanneer kollegas mekaar nie ondersteun nie (gemiddeld 3,0, rangorde 4, faktor 33).

Alle faktore bo 3,0 is reeds in besonderhede bespreek. Dit beteken egter nie dat die ander faktore nie rolkonflik tot gevolg het nie. In ag genome dat die laagste rangorde 'n gemiddelde respons van 2,08 opgelewer het en voorafgegaan is deur rangordes wat tot by 'n gemiddeld van 2,86 gestrek het, blyk dit dat die respondente steeds rolkonflik ervaar het as gevolg van hierdie faktore. By verdere ontleding van die data is bevind dat 50% van die respondente by 10 van die 15 faktore 'n redelike tot ernstige mate van rolkonflik ervaar het. Volgens laasgenoemde gegewens kan afgelei word dat hierdie faktore beslis nie buite rekening gelaat kan word nie.

5.4.4 Rolkonflik by die werk en die gesin

Die doel van hierdie afdeling was om vas te stel in welke mate die getroude onderwyser interrolkonflik ervaar, met ander woorde binne sy werk en gesin. Uit die 10 geïdentifiseerde faktore word daar aandag gegee aan slegs die faktore met 'n gemiddelde respons van tussen 2,47 en 2,75. Die volgende faktore as bydraend tot die belewing van rolkonflik is ook so in die literatuur bevestig: onbetrokke by gesinsaktiwiteite as gevolg van werksverpligtinge (gemiddeld 2,75, rangorde 1, faktor 38); kry nie genoegsame ondersteuning by die werk sowel as die gesin nie (2,70, rangorde 2, faktor 39); die gesin en kollegas is van mening dat die man nie hulp nodig het nie (gemiddeld 2,56, rangorde 3, faktor 42); die beskikbare tyd om pligte by die huis en die werk na behore na te kom (gemiddeld 2,50, rangorde 4, faktor 37); gesinsbetrokkenheid wat buitenshuise aktiwiteite beïnvloed (gemiddeld 2,48, rangorde 5, faktor 44); om altyd in beheer te wees (gemiddeld 2,47, rangorde 6, faktor 41); en laastens is die man van mening dat hy die hoofbron van inkomste moet wees (gemiddeld 2,47, rangorde 7, faktor 45).

5.4.5 Interpretiering van data ten opsigte van die oop afdeling/vrae

Die doel van hierdie afdeling (Afdeling E) was om die geleentheid aan die respondente te bied om faktore wat 'n bydrae lewer tot die belewing van rolkonflik wat nie in die vraelys voorgekom het nie, by te voeg. Die faktore wat deur 30 (n=30) van die respondente bygevoeg

is, het die faktore wat in die vraelys voorgekom het, wel ondersteun, maar kan nie as nuwe faktore beskou word nie.

5.5 Die prakties betekenisvolle verskille ten opsigte van biografiese data

Die doel van hierdie ontleding was om vas te stel in welke mate daar 'n verband bestaan tussen die biografiese data van die studiepulasie en die faktore onderliggend aan die drie afdelings waar rolkonflik by die respondente kan ontstaan. Hierdie drie kategorieë/afdelings van konflik (by die huis, werk, tussen huis en werk) word vervolgens in verband gebring met ses faktore binne die biografiese data.

5.5.1 Ouderdom (item 1)

Daar is geen prakties betekenisvolle effekgrootte verkry nie. Daar word afgelei dat daar in die praktyk nie 'n verskil bestaan tussen die ouderdomsgroepe wat betref hul beleving van rolkonflik nie.

5.5.2 Die aantal jare ondervinding (item 4)

Vir die doel van die verwerking van die data is die aantal jare ondervinding onderskeidelik in die twee posvlakke nie werklik ter sprake nie, maar wel oor die totale jare ondervinding van die studiepulasie. 'n Onderskeid is dus getref tussen nul tot drie jaar, en vier en meer jare ondervinding.

- Gesagsgrense wat optrede bepaal (rangorde 1, faktor 21)

Die effekgrootte van aantal jare ondervinding is 0,65. Volgens hierdie effekgrootte bestaan daar 'n mediumeffek wat dui op 'n prakties betekenisvolle verband tussen die aantal jare ondervinding en die feit dat gesagsgrense die optrede van die respondente bepaal. By die verwerking van die data is afgelei dat respondente wat in die vier-en-meer-jare-ondervinding-kategorie pas, meer rolkonflik ervaar as ander respondente as gevolg van gesagsgrense wat gestel word.

- Dames wat in bevorderingsposte aangestel word (rangorde 2, faktor 17)

Volgens die effekgrootte (0,52) is bogenoemde oorsaak ook geïdentifiseer as 'n mediumeffek, wat dui op praktiese betekenisvolheid. By die verwerking van laasgenoemde data blyk dit dat respondente wat in die vier-en-meer-jare-kategorie val, meer rolkonflik ervaar as die ander respondente as gevolg van die aanstelling van dames in bevorderingsposte.

5.5.3. Die aantal kinders in die gesin (item 5)

Die response is in twee kategorieë ingedeel, naamlik geen kinders in die gesin nie en kinders in die gesin. Die rede vir laasgenoemde verdeling was dat geoordeel is dat konflik deur kinders in die gesin verhoog kan word en dit nie noodwendig afhanklik is van die aantal kinders in die gesin nie. Uit bogenoemde data blyk dit dat by hierdie afdeling 'n gemiddelde effekgrootte van 0,8 (0,79) verkry is. Dit 'n groot prakties betekenisvolle effekgrootte verkry is en dat daar dus in die praktyk betekenisvolle verskille bestaan by respondente wat

rolkonflik by die werk ervaar en die feit of daar kinders in die gesin is of nie. By die verwerking van die data is bevind dat respondente wat kinders het, meer rolkonflik by die werk ervaar, terwyl respondente wat nie kinders het nie, minder rolkonflik ervaar.

5.5.4 Ras (item 7)

Tydens die verwerking van die data blyk dit dat by afdeling B (0,68) en afdeling D (0,54) 'n medium effekgrootte verkry is, wat kan dui op betekenisvolle verskille in die praktyk. Die gemiddelde response wat in afdeling B verkry is, dui daarop dat die gekleurde respondente (2,76 uit 4) meer rolkonflik beleef in vergelyking met die wit respondente (2,19 uit 4) as gevolg van faktore wat 'n rol speel by die belewing van rolkonflik binne die gesin. In afdeling D word waargeneem dat die gekleurde respondente 'n gemiddelde respons van 2,54 op 'n skaal van 4 verkry het. Die wit respondente se gemiddelde respons was 2,18 uit 4, wat daarop dui dat hulle minder rolkonflik beleef as die gekleurde respondente as gevolg van faktore wat 'n rol by die werk en gesin speel. Uit bogenoemde data blyk dit dat die gekleurde respondente meer rolkonflik as die wit respondente beleef het as gevolg van die bespreekte faktore. 'n Moontlike rede hiervoor kan die verskil in tradisionele en kulturele agtergrond wees.

5.5.5 Die aantal leerders in die skool (item 8)

Die inligting is in twee kategorieë verdeel, naamlik skole met 600 leerders en meer en skole met 599 leerders en minder. Die rede vir die verdeling is dat laerskole met meer as 600 leerders as groot skole in die praktyk beskou word en skole met minder as 600 as kleiner skole. Die data dui daarop dat daar geen betekenisvolle effekgrootte verkry is nie en daar dus geen betekenisvolle verband tussen die aantal leerders in 'n skool en die belewing van rolkonflik bestaan nie.

5.5.6 Die afstand tussen die tuiste en die skool (item 10)

Die inligting is in twee kategorieë verdeel, naamlik 0 tot 10 km, en 11 km en verder. Die rede vir hierdie verdeling was dat die meeste response maklik in hierdie twee afdelings verdeel kon word. Uit die data is geen betekenisvolle effekgrootte verkry nie, en dit blyk dat daar in die praktyk geen betekenisvolle verband bestaan tussen die afstand wat na die skool gereis moet word en die belewing van rolkonflik nie.

5.5.7 Gevolgtrekking

Uit bostaande bespreking van die data blyk dit dat daar wel 'n prakties betekenisvolle verband tussen sekere faktore in die biografiese eienskappe van die respondente en faktore in die drie afdelings/kategorieë van die response bestaan. Dit beteken dus dat daar 'n verband bestaan tussen hierdie eienskappe van die respondente en sekere faktore (by die werk, binne die gesin en by die werk en gesin) wat aanleiding gee tot rolkonflik. Hierdie eienskappe van die respondente sluit die volgende in: aantal jare ondervinding, kinders in die gesin en die respondente se ras.

Die bevindinge wat uit hierdie navorsing voortgespruit het, gaan in die volgende paragraaf uiteengesit word.

6. Bevindinge

Die bevindinge met betrekking tot die drie navorsingsdoelwitte, naamlik: die aard en rol van die getroude onderwyser binne die samelewing, faktore wat 'n rol speel by rolkonflik by die getroude onderwyser en laastens die mate waarin rolkonflik ervaar word, word kortliks bespreek.

6.1 Bevindinge met betrekking tot navorsingsdoelwit 1

Die eerste doelwit was om die aard van die rol van die getroude onderwyser binne die samelewing te bepaal en die volgende is bevind: dat die getroude onderwyser 'n verskeidenheid rolle vervul; dat voldoende wetlike regulering bestaan wat die rol van die man stipuleer en beskerm; dat daar steeds van die man verwag word om 'n verskeidenheid rolle te vervul sowel binne werkverband as in die samelewing; dat vanweë stygende lewenskoste die man nie meer die enigste of hoofbroodwinner in die gesin is nie, maar wel 'n medegenerer van inkomste; en laastens dat die rol van die getroude man binne gesinsverband ook verander en dat hy nou ook 'n huisrol het wat die nakoming van sekere pligte insluit; die man en vrou het nou komplementêre rolle.

6.2 Bevindinge met betrekking tot navorsingsdoelwit 2

Die tweede doelwit was om die faktore wat 'n rol speel by rolkonflik by die getroude onderwyser te bepaal en die volgende is bevind: dat die getroude onderwyser vanweë 'n verskeidenheid faktore intrarolkonflik beleef, dit wil sê binne sy rol in die gesin/huis en sy rol binne werkverband; dat die man nou op gelyke voet met die vroulike kollegas moet meeding op verskillende terreine, soos bevordering; dat daar tans nie voldoende riglyne is vir die getroude onderwyser ten opsigte van 'n duidelike loopbaan en loopbaanbeplanning nie; dat faktore soos die gebrek aan interessantheid van die werk, erkenning, verbetering van vaardighede, die belewing van werk as nie vervullend nie, werklading en die organisasieklimaat in die skool aanleiding gee tot rolkonflik; dat die man rolkonflik ervaar in die versoening en volvoering van sy pligte (dubbele rol) by sowel die huis as die werk; en laastens dat die sienswyse van sowel die gesinslede as die samelewing verandering ondergaan het ten opsigte van die rol van die man binne en buite die huis/gesin. Hierdie veranderende sienswyse plaas druk op die man om sy pligte en verskillende rolle na te kom, wat tot rolkonflik lei.

6.3 Bevindinge met betrekking tot navorsingsdoelwit 3

Vanuit die empiriese ondersoek, naamlik om te bepaal tot watter mate rolkonflik ervaar word, is die volgende bevind:

6.3.1 Interrolkonflik: binne die gesin

Al die faktore (ses) wat rolkonflik van 'n redelike tot ernstige mate veroorsaak, is binne die gesin geïdentifiseer: om by gesinsaktiwiteite betrokke te wees; die belewing van 'n vinnige lewenstempo; die belewing van werksdruk; om die verantwoordelikhede van 'n eggenoot na te kom; om as versorger van die gesin op te tree; en die verdeling van verantwoordelikhede tussen man en vrou.

6.3.2 Interrolkonflik: binne die werk

Vier uit die 19 faktore wat rolkonflik van 'n redelike tot ernstige mate by die getroude onderwyser veroorsaak, is by die werk geïdentifiseer: wanneer onbetrokke kollegas 'n negatiewe invloed op gebeure in die skool het; outokratiese optrede; wanneer kollegas nie trots is op hul skool nie; en wanneer kollegas mekaar nie ondersteun nie.

6.3.3 Intrarolkonflik

Sewe uit die 10 faktore wat rolkonflik van 'n redelike tot ernstige mate by die respondente veroorsaak het, is binne die gesin en by die werk geïdentifiseer: om onbetrokke by gesinsaktiwiteite te wees as gevolg van werksverpligtinge; nie genoegsame ondersteuning nie by sowel die werk as die gesin; die gesin en kollegas wat van mening is dat die man nie hulp nodig het nie; gebrek aan tyd wanneer gesinsaktiwiteite die buitenshuise aktiwiteite beïnvloed; die sienswyse dat die man altyd in beheer moet wees; en die sienswyse dat die man die hoofbron van inkomste moet wees.

6.3.4 Praktiese betekenisvolheid van verbande (d-waarde) as gevolg van biografiese gegewens

Vanuit die ontledings van die praktiese betekenisvolheid het die volgende geblyk: respondente wat vier jaar en meer ondervinding het, beleef meer rolkonflik as jonger respondente as gevolg van die gesagsgrense wat optredes bepaal en die aanstelling van dames in bevorderingsposte; respondente wat kinders in die gesin het, beleef meer rolkonflik as respondente wat nie kinders het nie; onvoldoende werksbevrediging; afbrekende kritiek; kollegas wat nie trots is op hul skool nie en mekaar nie ondersteun nie; die wit respondente het meer rolkonflik as die gekleurde respondente ervaar as gevolg van die toepassing van regstellende aksie; die gekleurde respondente het weer meer rolkonflik as die wit respondente ervaar as gevolg van die volgende faktore: om by gesinsaktiwiteite betrokke te wees en om verantwoordelikhede as eggenoot na te kom; die verdeling van verantwoordelikhede tussen man en vrou; om as versorger van die gesin op te tree; die sienswyse dat die man nie hulp nodig het nie; balansering van gesins- en buitenshuise betrokkenheid; wanneer gesagsgrense optrede bepaal; dat die man meen dat hy die hoofbron van inkomste moet wees.

Die aanbevelings wat uit hierdie navorsing voortgespruit het, word vervolgens bespreek.

7. Aanbevelings

Daar is vyf aanbevelings wat uit die studie te maak is:

7.1 Aanbeveling ten opsigte van ouers, onderwysers, kinders en leerders

Dat ouers en onderwysers kinders en leerders sal opvoed ten einde sowel hul toekomstige rolle in die huis/gesin as die werk na behore te vervul. *Motivering:* 'n Groot verskeidenheid rolle bestaan wat die man binne die gesin moet vervul. Rolkonflik word veroorsaak weens die feit dat die sienswyses van die samelewing en die gesin nie ooreenstem ten opsigte van hoe die man hierdie rolle moet vervul nie.

7.2 Aanbeveling ten opsigte van persone in gesagsposisies

Dat persone in gesagsposisies opleiding moet ontvang oor hoe om met begrip op te tree teenoor onderwysers wat meer as een rol moet vervul en dan meer spesifiek die huisrol as eggenoot en pa. *Motivering:* Negatiewe en outokratiese optrede deur persone in gesagsposisies en onderwysers ontlok rolkonflik by die getroude onderwyser. Hierdie neiging breek die organisasieklimaat by die skool af en het rolkonflik tot gevolg. Daar is ook nie begrip daarvoor dat die manlike onderwyser ook 'n rol by die gesin/huis moet vervul nie. By tyds- en taakbeplanning moet ook vir nakoming van hierdie rol voorsiening gemaak word.

7.3 Aanbeveling ten opsigte van die skoolhoof

Verdere navorsing behoort onderneem te word oor die taak van die skoolhoof ten opsigte van sy taak by die loopbaanbeplanning en -ontwikkeling van spesifiek die getroude onderwyser. *Motivering:* Uit aanbeveling 2 blyk dit duidelik dat indien opleiding aan skoolhoofde gegee wil word ten opsigte van hulle professionele taak en spesifiek oor die hantering van manlike onderwysers, daar 'n bestuurstrategie opgestel moet word wat op deeglike navorsing gebaseer is.

7.4 Aanbeveling ten opsigte van die getroude manlike onderwyser

Duidelike riglyne moet aan getroude manlike onderwysers gegee word ten opsigte van die beplanning van hulle loopbane in die onderwys. *Motivering:* Onduidelikheid ten opsigte van loopbaanbeplanning ontlok rolkonflik by die getroude onderwyser en effektiewe leiding kan hierdie faktor van rolkonflik minimaliseer.

7.5 Aanbeveling vir verdere studie

Verdere studie behoort eerstens onderneem te word om te bepaal wat die psigologiese uitwerkings op die getroude onderwyser wat hierdie dubbele rol moet vervul, behels, en tweedens oor hoe hierdie uitwerkings geminimaliseer kan word. *Motivering:* Die werklike psigologiese uitwerking wat die vervulling van 'n dubbele rol op die getroude manlike onderwyser het, kan verreikende gevolge hê vir 'n samelewing en daarom sal dit belangrik wees om hierdie uitwerkings eerstens te identifiseer en tweedens te minimaliseer.

8. Slotopmerking

Die beleving van beide intrarolkonflik en interrolkonflik het 'n onvermydelike negatiewe uitwerking op die psigiese funksionering van die getroude manlike onderwyser, op sy funksionering as professionele onderwyser, op sy rol as vader en eggenoot, asook op die rol wat hy in die breë samelewing moet vervul. In die bespreekte literatuur is aangetoon dat die beleving van rolkonflik katastrofiese gevolge kan inhou vir die man binne die groot verskeidenheid rolle wat hy moet vervul en vir dit wat in hierdie rolle van hom verwag word. Tydens die beleving van intrarolkonflik bevind die getroude manlike onderwyser hom in 'n situasie waar hy rolkonflik binne homself ervaar wat veroorsaak word deur twee of meer botsende rolle of belange binne homself. Hierdie rolle is gewoonlik onversoenbaar en moet gelyktydig deur hom vervul word. Faktore wat 'n bydrae lewer tot die beleving van

intrarolkonflik is die verskillende rolle wat die manlike onderwyser as vader, eggenoot en gesinshoof moet vervul. As professionele opvoeder is die belewing van rolkonflik binne sy professie nie uitgesluit nie, en diskriminasie teen sy geslag, rolverwarring en min werksbevreëdiging dien as bydraende faktore tot hierdie negatiewe belewing.

Rolkonflik ontstaan ook wanneer botsende belange binne die manlike opvoeder, sy gesin, die samelewing en sy professie bestaan. Die belewing van interrolkonflik het nie alleen nadelige gevolge vir die verhoudings waarbinne die man hom bevind nie, maar ook vir die suksesvolle vervulling van sy verskeidenheid rolle.

Die getroude manlike onderwyser beleef rolkonflik weens verskeie faktore. Oor die algemeen word hierdie rolkonflik beleef as gevolg van teenstrydige sienswyses van die samelewing, die gesin, kollegas by die werkplek en by die man self. Die verskeidenheid rolle wat die man binne sy gesin, by die werk en binne die samelewing moet vervul, raak soms oorweldigend en dit het rolkonflik tot gevolg. Faktore soos beperkte tyd en ekonomiese druk dra ook by tot die intensiteit van die belewing van hierdie rolkonflik. In die navorsing is bevind dat die getroude manlike onderwyser in die studiepopulasie oor die algemeen meer rolkonflik ervaar as wat in die media en navorsingsverslae gerapporteer word.

Bibliografie

- Banda, M. en P.P. Mutambo. 2016. Sociological perspective of the role of the teacher in the 21st century. *International Journal of Humanities, Social Sciences and Education*, 3(1):162–75.
- Beatty, T.A. 1995. Effects of parental absence on male adolescents' peer relations and self-image. *Adolescence*, 30(120):873–80.
- Blazina, C. 2004. Gender role conflict and the disidentification process. *Journal of Men's Studies*, 12(2):151–60.
- Bolger, N., A. De Longis, R.C. Kessler en E. Wethington. 1990. The microstructure of daily role-related stress in married couples. In Eckenrode en Gore (reds.) 1990.
- Boundless Sociology. 2016. Role conflict. <https://www.boundless.com> (27 Julie 2016 geraadpleeg).
- Bryson, V. 2000. Men and sex equality: What have they got to lose? *Politics*, 20(1):3–9.
- Bybel. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Cohen, J. 1988. Statistical power analysis for behavioral sciences. 2de uitgawe. Hillsdale, NJ: Erlbaum.
- Cohen, P., J. Johnson, S.A. Lewis en J.S. Brook. 1990. Single parenthood and employment: double jeopardy? In Eckenrode en Gore (reds.) 1990.

Conley, S. en S.A. Woosley. 2000. Teacher role stress, higher order needs and work outcomes. *Journal of Educational Administration*, 38(2):179–201.

Davis, S. 2003. As jy meer as hy verdien. *Sarie*, Mei, ble. 138–43.

Departement van Onderwys. Kyk Suid-Afrika.

Dhurup, M. en F.E. Mahomed. 2011. Role ambiguity, role conflict and work overload and their influence on job satisfaction of sports coaches in public schools in the Vaal Triangle, South Africa. *African Journal for Physical Health Education, Recreation and Dance*, 17(2):172–88.

Doyle, J.L. en S. Wells. 2000. LMS: The managerial climate and its effects on the interpersonal climate of the school. *International Journal of Educational Management*, 10(6):32–41.

Eckenrode, J. en S. Gore (reds.). 1990. *Stress between work and family*. New York: Plenum Press.

Eckman, E.W. 2004. Similarities and differences in role conflict, role commitment and job satisfaction for female and male high school principals. *Educational Administration Quarterly*, 40(3):366–84.

Edley, N. en M. Wetherell. 1995. *Men in perspective, practice, power and identity*. New York: Simon en Schuster.

Erasmus, B. 1998. Woman power: Aspects of working life in the late 1990s. *Management Today*, 14(5):25–9.

Gallagher, S.K. en C. Smith. 1999. Symbolic traditionalism and pragmatic egalitarianism: Contemporary evangelical, families and gender. *Gender and Society*, 13(2):211–33.

Gerdes L.C., C. Moore, R. Ochse en D. van Eck. 1998. *Die ontwikkelde volwassene*. Durban: Butterworth.

Gerstel, N. en S.K. Gallagher. 2001. Men's caregiving: Gender and the contingent character of care. *Gender and Society*, 15(2):197–217

Good, G.E. en J.M. Robertson. 1996. The relation between masculine role conflict and psychological distress in male universities. *Journal of Counseling en Development*, 75(1):44–9.

Grondwet. Kyk Suid-Afrika.

Haeseler, M. 1996. The absent father, gender identity considerations for art therapists working with adolescent boys. *Journal of the American Art Therapy Association*, 13(4):275–81.

Hammer, L.B. en T.D. Grimsby. 1998. The conflicting demands of work, family and school. *Journal of psychology*, 132(2):220–7.

Herb, S. en H.S. Willoughby-Herb. 1998. A focus on fathers, the role of males in children's literacy development. *Knowledge quest*, 26(4):44–9.

Hirsch, C. 1996. Understanding the influence of gender role identity on the assumption of family caregiving roles by men. *International Journal of Aging and Human Development*, 42(2):103–21.

Hooper, R.P. 2013. *Role conflict experienced by teachers: Its relationship to stress and burnout*. USA: Lulu.com.

Jackson, S. en D. Schuler. 2000. A meta-analysis of the relationship between role ambiguity, role conflict and job performance. *Journal of management*, 26(1):115–55.

Jiang, A. 2000. The conflict between male sand the role of contemporary female professionals. *Chinese education and society*, 33(6):7.

Johnson, J.D. en B.H. La France. 1998. The impact of formalization role conflict. *Evaluation and the Health Professions*, 21(1):27–51.

Khumalo, M.G. 2004. Role conflict experienced by married black woman educators. Ongepubliseerde MEd-verhandeling, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).

Lemon, J. 1995. Masculinity in crisis? *Agenda*, 11(24):61–71.

Lewenhak, S. 1992. *The revaluation of women's work*. Londen: Earthscan Publications Limited.

Loscocco, K.A. 1997. Work–family linkages among self-employed women and men. *Journal of vocational behaviour*, 50(2):204–26.

Louw, D.A., D.M. van Eck en A.E. Louw. 1999. *Menslike ontwikkeling*. Pretoria: Kagiso.

Mackler, B. 2001. Fatherhood: A furtive search for reality. *Psychology and Education: An Interdisciplinary Journal*, 38(3–4):28–32

Mancus, D.S. 1992. Influence of male teachers on elementary school children's stereotyping of teacher competence. *Sex roles: a Journal of Research*, 26(3-4):109–28.

Martin, G.E. en A. MacNeil. 2007. *Define roles and resolve role conflict*. OpenStax CNX. Houston: Creative Commons Attribution.

Mentz, P.J. 2002. Organizational climate in schools. In Van der Westhuizen (red.) 2002.

Murray, M. 1994. Die beweerde rolkonflik by die getroude onderwyseres. Ongepubliseerde MEd-verhandeling, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).

Nordenmark, M. 2002. Multiple roles-a resource or a burden: Is it possible for men and women to combine paid work with family life in a satisfactory way? *Gender, work and organization*, 9(2):21.

- O'Driscoll, M.P. en T.A. Beehr. 2000. Moderating effects of perceived control and need for clarity on the relationship between role stressors and employee affective reactions. *Journal of Social Psychology*, 140(2):151–9.
- Owens, R.G. 1991. *Organizational behaviour in education*. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice Hall.
- Plug, C., D.A. Louw en W.F. Meyer. 1997. *Verklarende en vertalende Sielkunde-woordeboek*. Johannesburg: Heineman.
- Redelinghuys, N., L.J.S. Botes en M. de Wet. 1999. Role conflict among women employees: Fact or fiction. *Society in transition*, 30(1):54–68.
- Renzetti, C.M. en D.J. Curran. 1995. *Women, men and society*. Boston, Mass.: Allyn en Bacon.
- Sangster, N. 1990. It's the nineties, so, blame it on dad. *Prisma*, 5(6):12–3.
- SAS Institute Inc. 1999. SAS Online Doc, Version 8, Cary, N.C. www.sas.com (10 Januarie 2004 geraadpleeg).
- Schwab, R.L., E.F. Iwanicki en D.A. Pierson. 1990. Assessing role conflict and role ambiguity, a cross validation study. *Educational and Psychological Measurement*, 43(2):587–93.
- Steyn, H. 2000. Is daar iets soos 'n superman? *Rooi rose*, 58(1):32–4.
- Steyn, L. en P. Botha. 1998. Cowboys may cry. *Salut*, 5(11):60–1.
- Suid-Afrika. 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, soos aanvaar deur die grondwetlike byeenkoms op 8 Mei 1996 en soos voorgestel op 11 Oktober 1996.
- Van der Westhuizen, P.C. 1996a. Onderwysbestuurstake. In Van der Westhuizen (red.) 1996.
- Van der Westhuizen, P.C. (red.). 1996b. *Doeltreffende Onderwysbestuur*. Pretoria: Kagiso.
- Verwoerd, W. 1996. Tensions between my fatherhood and feminism. *Agenda*, 28:83–93.
- Weiss, K.S. 1990. Bring work stress home. In Eckenrode en Gore (reds.) 1990.
- Zamarripa, M.X., B.E. Wampold en E. Gregory. 2003. Male gender role conflict, depression and anxiety: Clarification and generalizability to women. *Journal of Counseling Psychology*, 50(3):333–6.
- Zeitz, G. 1990. Age and work satisfaction in a government agency: A situational perspective. *Human Relations*, 43(5):419–38.
- Zimbler, Y.N. en K. Ortlepp. 1996. The relationship between material employment status, material employment experience and children's scholastic achievement. *South African Journal of Education*, 16(1):9–15.

'n Vergelykende studie van die standaardisering van die ontwikkeling van skoolleierskap in die VSA en Suid-Afrika

Clarence G. Williams

Clarence G. Williams, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Wes-Kaapland

Opsomming

In 1996 het die Interstate School Leadership Licensure Consortium (ISLLC) in die VSA die aanvanklike stel ISLLC-standaarde geskep om 'n raamwerk vir die herkonseptualisering van leierskap in skole beskikbaar te stel. Die ISLLC-model is sedertdien in talle lande nagevolg – ook in Suid-Afrika. Onder die vaandel van die South African Qualifications Authority (SAQA) is stelsel eenheidsstandaarde ontwikkel wat die basis vir die ontwikkeling van skoolbestuurspanne en departementele amptenare moes vorm. Die ISLLC-standaarde het gemengde gevoelens gewek. In teenstelling hiermee is die standaard in Suid-Afrikaanse skole onkrities aanvaar ten spyte van tekortkominge. Die uiteenlopende reaksie wat die standaardisering van leierskapsontwikkeling in die VSA en Suid-Afrika ontlok het, het my laat besluit om verdere ondersoek in te stel.

Die doel van hierdie artikel is om 'n vergelyking te tref tussen die standaardisering van leierskapsontwikkeling in die skole van die VSA en Suid-Afrika. Die studie van die standaardisering van leierskapsontwikkeling in die VSA is gebaseer op 'n literatuuroorsig van verskillende ontledings van die ISLLC-standaarde. Die hoofpunte van kritiek teen die ISLLC-standaarde is gebruik as die raamwerk waarbinne die Suid-Afrikaanse voorbeeld geëvalueer is. Die studie van die standaardisering van leierskapsontwikkeling in Suid-Afrika is gebaseer op 'n ontleding van die SAQA-eenheidsstandaarde, amptelike beleidsdokumente, asook die resultate van empiriese navorsing. Hierdie studie het aangedui dat daar talle gebreke in die standaardisering van leierskapsontwikkeling in Suid-Afrika bestaan. 'n Ontleding van die daaropvolgende "Policy on the South African standard for principalship 2015" toon dat dieselfde foute herhaal word. Van hierdie foute kon voorkom gewees het indien die Departement van Basiese Onderwys die lesse van the ISLLC-model ter harte geneem het. Daar word egter nie aanbeveel dat die ISLLC-model of enige ander model net so in Suid-Afrika toegepas word nie. Daar moet geleer word van die lesse van die internasionale ervarings met behoorlike inagnome van die plaaslike konteks, wat deur verskeie politieke, sosiale, ekonomiese en kulturele faktore bepaal word.

Trefwoorde: bestuursgerigtheid; empirisme; leierskapsontwikkeling; sosiale geregtigheid; standaardisering

Abstract

A comparative study of the standardisation of the development of school leadership in the USA and South Africa

During the mid-1990s the Interstate School Leadership Licensure Consortium (ISLLC) was established in the United States of America with the purpose of creating a set of professional standards for school leadership. In 1996 this initiative resulted in the formulation of the initial set of ISLLC standards which were intended to provide a framework for reconceptualising leadership in schools. The ISLLC model has since been emulated in many areas in the world, notably Australia, Canada, the United Kingdom and South Africa. In South Africa a Standards Generating Body (SGB) was established by the South African Qualifications Authority (SAQA) to generate unit standards that could serve as the basis for the continuing professional development of school management teams and departmental officials. These unit standards form the basis of the Advanced Certificate of Education: School Management and Leadership (ACE: SML) programme that was introduced in 2007. Although the ISLLC standards generally elicited favourable responses from various quarters and gained widespread acceptance in the United States, the standards also met with adverse criticism – especially from within academic circles. However, in South Africa the standardisation of leadership development has generally been accepted uncritically in spite of some intrinsic deficiencies. While some research has been done on the formulation and implementation of the ACE: SML, there has been a lack of systematic analysis of the conception of standards-based education as the basis for leadership and management development. This has served as the main rationale for the writing of this article.

The purpose of the research paper is to make a comparison of the standardisation of leadership development in the schools of the USA and South Africa. The article is guided by the following research question: What are the similarities and differences in the standardisation of leadership development in the schools of the USA and South Africa?

The study of the standardisation of leadership development in the USA is based on a literature survey of the various critiques of the implementation of the ISLLC standards. This study of the standardisation of leadership and management development in South Africa is based on an analysis of the unit standards as contained in official ACE: SML documents, official policy documents relating to the role and development of school leaders and managers, as well as the results of some South African empirical research on the implementation of the ACE: SML. A conscious decision was taken not to use the ACE: SML study materials as the basis of this study as these are not always in compliance with the unit standards.

In this article the foci of the comparative study are the following areas of concern: the origins of the standardisation of school leadership development in the USA and South Africa; the empirical base of the standards; the extent to which the standards address the issue of social justice; the managerialist orientation of the standards; the influence which the standards exert

on the role of school leaders; and the review and revision of the standards. These areas of concern are derived primarily from the framework that was used to assess the ISLLC standards, and serve as the theoretical framework of the article.

The overarching aim of the ISLLC standards was to foster successful teaching and learning by providing a framework for leadership development in the schools of the USA. Within 10 years the ISLLC standards were accepted unaltered or with some amendments in the overwhelming majority of states. In the process leadership development in the schools of the USA was largely transformed. This can be attributed to various factors. A wide variety of influential associations in the USA were involved in the formulation of the standards. This ensured that the ISLLC standards were the product of a high level of collaboration among the most important stakeholders and role players. It is claimed that the ISLLC standards were based on a deep historical analysis, the best available research, and sound professional judgement. Furthermore, certain tactical decisions were taken to ensure the acceptance of the ISLLC standards.

Although the ISLLC standards enjoyed general acceptance within professional circles, it elicited fierce and often contradictory criticism from academic circles. Criticism was levelled against, among others, the lack of an empirical base of the standards, the managerialist orientations of the standards, and the neglect of the issue of social justice. To ensure the relevance of the ISLLC standards and to address the adverse criticism, the ISLLC standards were subjected to regular scrutiny and revision. The latest version of the ISLLC standards represents a remarkable improvement of the original version while a measure of continuity has been maintained. In spite of certain deficiencies that still persist, the ISLLC example is a model worth emulating on condition that cognisance is taken of the local context.

The South African example of the standardisation of leadership development in schools differed in many respects from the ISLLC example on which it was partly based. The SAQA unit standards were formulated exclusively to serve as programme standards, which gave it limited scope and influence. Unlike the ISLLC standards, the SAQA unit standards were thus never used to determine the accreditation of leadership programmes, to evaluate leadership and managerial effectiveness, and to determine the licensing and relicensing of school principals. Also, the origin of the SAQA unit standards was not well documented, and this resulted in speculation and suspicion. Conspicuously absent in the development of the SAQA unit standards was the collaboration of all influential stakeholders and role players, although interested parties were provided with limited opportunity to respond to the draft unit standards. The SAQA unit standards were based primarily on work done in first-world countries, and not on empirical research in South Africa. This makes the applicability of the unit standards suspect. In spite of these and other serious shortcomings – like the neglect of the issue of social justice – the SAQA unit standards were never subjected to any form of scrutiny and revision. In spite of this the footprints of the SAQA unit standards are clearly visible in the modules of the newly developed “Advanced Diploma in Education: School Management and Leadership”. Up to 2016 the greatest deficiency in the South African context has been the lack of a clearly defined circumscription of the role of school leaders. This has resulted in a fragmented and uncoordinated approach to leadership development in South African schools. The latest effort to provide such a circumscription in the form of the “Policy on the South African standard for principalship 2015” is doomed to fail due to the many deficiencies contained within the policy.

Although not beyond criticism, the ISLLC model provides a possible solution for the South African attempt to standardise leadership development in schools. It is imperative that any such standardisation should be accepted as official policy so that it can form the basis of initial and continuing development of leaders and managers, of the accreditation of leadership development programmes, of the appraisal of leadership and management effectiveness, and of the licensing and relicensing of school principals. Furthermore, it is important the standards should be the product of collaboration among all stakeholders and role players. It is also important that the empirical basis of the standards be made explicit and that the empirical sources be made readily available to allow the verification thereof. To ensure its relevance, social justice should underpin each of the standards. Lastly, the standards should be subjected to regular scrutiny and revision to ensure their continued validity and relevance. These are the lessons which can be learnt from the international experience. However, it is important that cognisance should be taken of the South African context with its various political, social, economic and cultural realities. Factors that should be borne in mind are, among others, the influence of vested interests in the policy processes, the professionalism and capacity of state administration, the availability of financial resources, and the ideologies and benevolence of educational organisations. It is thus not recommended that the ISLLC model or any other model be applied uncritically in South Africa.

Keywords: empiricism; leadership development; managerialism; social justice; standardisation

1. Inleiding

Gedurende die middel-1990's is die Interstate School Leadership Licensure Consortium (ISLLC) in die VSA gestig om 'n stel professionele standaard vir skoolleierskap te ontwikkel. In 1996 het hierdie voorneme gelei tot die vorming van die aanvanklike stel ISLLC-standaarde wat bedoel was om 'n raamwerk te bied vir die herkonseptualisering van leierskap in skole. Die ISLLC-model het sedertdien 'n invloed uitgeoefen op die standaardisering van leierskapsontwikkeling in verskillende wêrelddele, veral Australië (Ingvarson, Anderson, Gronn en Jackson 2006), die Verenigde Koninkryk (Department of Education and Skills, Verenigde Koninkryk 2004), en Suid-Afrika (SAQA 2004:4). In Suid-Afrika is die Standards Generating Body (SGB) deur die South African Qualifications Authority (SAQA) gestig om stelle eenheidstandaarde te ontwikkel. Hierdie eenheidstandaarde was bedoel om die basis vir voortgesette professionele ontwikkeling van skoolbestuurspanne en departementele amptenare te vorm, en dit vorm die basis van die Gevorderde Onderwysertifikaat: Skoolbestuur en -leierskap (GOS: SBL) wat onder leiding van die destydse Departement van Onderwys ontwikkel is en wat vanaf 2007 dwarsdeur Suid-Afrika aangebied is. In die VSA het die ISLLC-standaarde oor die algemeen breë aanvaarding onder beleidmakers, navorsers en skoolleiers geniet: teen 2016 is die standaard onveranderd in nege state toegepas en met enkele klein wysigings in 36 state aanvaar, terwyl slegs ses state hulle eie leierskapstandaarde ontwikkel het (McCarthy, Sheldon en Murphy 2016:226–7).

Die ISLLC-standaarde het egter ook tot hewige negatiewe kritiek aanleiding gegee, veral vanuit die geledere van die akademiese gemeenskap. Van die vurigste antagonist was Anderson (2001), Canole en Young (2013), English (2003; 2005), Furman en English (2002),

Hess (2003) en Leithwood en Steinbach (2005). In teenstelling hiermee is die standaardisering van leierskapsontwikkeling in Suid-Afrika onkrities aanvaar, ten spyte van inherente tekortkominge. Alhoewel navorsing (Msila 2012; Ngcobo 2012; Bush, Kiggundu en Moorosi 2011; Heystek 2007; Mestry en Singh 2007; Van der Westhuizen en Van Vuuren 2007) wel oor die ontwikkeling en implementering van die GOS: SBL gedoen is, is daar 'n gebrek aan 'n stelselmatige en kritiese ontleding van die konseptualisering van standaardgebaseerde opleiding as die basis vir die ontwikkeling van skoolleierskap en -bestuur.

Die doel van hierdie artikel is om 'n vergelyking te tref tussen die standaardisering van leierskapsontwikkeling in die skole van die VSA en Suid-Afrika om sodoende ooreenkomste en verskille te identifiseer. Die inhoud van die artikel sal deur die volgende navorsingsvraag gelei word: Wat is die ooreenkomste en verskille tussen die VSA en Suid-Afrikaanse ervaring van die standaardisering van leierskapsontwikkeling in skole?

Die studie van die standaardisering van leierskapsontwikkeling in die VSA is gebaseer op 'n literatuuroorsig van verskillende ontledings van die ISLLC-standaarde. Soos hier bo aangedui, is daar 'n gebrek aan 'n stelselmatige ontleding van die standaardisering van leierskapsontwikkeling soos in die GOS: SBL beliggaam is. Gevolglik is die studie van die standaardisering van leierskapsontwikkeling in Suid-Afrika gebaseer op 'n ontleding van die eenheidstandaarde soos vervat in amptelike GOS: SBL-dokumente, amptelike beleidsdokumente wat op die rolle en ontwikkeling van skoolleiers en -bestuurders betrekking het, asook op die resultate van sommige Suid-Afrikaanse empiriese navorsing oor die implementering van die GOS: SBL-program. 'n Doelbewuste besluit is geneem om nie die amptelike GOS: SBL-studiemateriaal as die basis van hierdie studie te gebruik nie, aangesien dit nie altyd in ooreenstemming met die eenheidstandaarde is nie.

2. Ooreenkomste en verskille tussen die VSA- en Suid-Afrikaanse ervaring

Murray (2005:169–80) het die hoofkritiek teen die ISLLC-standaarde in ses omvattende temas gegroep: die standaard het 'n gebrekkige empiriese basis; die standaard is oordrewe op nie-empiriese ideale gebaseer; die standaard dek nie alles nie, of sluit nie konsep x in nie of ondersoek nie konsep y diep genoeg nie; die standaard is oor- of ondergespesifiseerd; daar is nie 'n regmatige plek vir geneigdhede (“disposisies”) nie; en die standaard oefen oormatige invloed op die beroep uit.

Sedert 2008 was ek betrokke by implementering van die GOS: SBL in noue samewerking met agt kollegas by 'n Suid-Afrikaanse universiteit. Vanaf 2008 is die program aan vier groepe van ongeveer 50 studente aangebied. Uit samesprekings met my kollegas en terugvoering van die studente is vrae rondom die volgende kwessies rakende die SAQA-eenheidstandaarde gereeld geopper: die oorsprong van die standaard; die empiriese basis van die standaard; die bestuursgerigte (“managerialist”) geneigtheid van die standaard; die mate waartoe die standaard aandag aan die vraagstuk van sosiale geregtigheid skenk; die invloed wat die standaard op die rol van skoolleiers uitoefen; en die hersiening van die standaard. 'n Vergelyking van die twee groepe kwessies toon 'n groot mate van ooreenstemming – eksplisiet en implisiet. Vir die doel van hierdie artikel is daar besluit om die hoofkritiek teen die ISLLC-standaarde as die teoretiese raamwerk te gebruik.

2.1 Die oorsprong van die standaardisering van die ontwikkeling van skoolleierskap in die VSA en Suid-Afrika

Die National Policy Board for Educational Administration (NPBEA) in die VSA is 'n sindikaat van belangegroepe, insluitend akademici, primêre en sekondêre skooladministrateurs en verenigings, asook skoolrade. In die middel-1990's het die NPBEA die Interstate School Leadership Licensure Consortium (ISLLC) gestig om 'n stel professionele standaarde vir skoolleierskap te formuleer (Canole en Young 2013:5). Die algemene doelstellings van die ISLLC-standaarde was tweërlei van aard: om gedagtes en dialoog oor gehalte-onderwysleierskap tussen belanghebbendes te stimuleer, en om die basis te bied wat belanghebbendes in die onderwyslandskap kon benut om die gehalte van onderwysleierskap in die skole van die VSA te verhoog (CCSSO 1996:iii). Die oorkoepelende doel was om suksesvolle onderrig en leer te verseker.

Die 24 state wat aanvanklik deel van ISLLC gevorm het, was: Arkansas, Kalifornië, Connecticut, Delaware, Georgië, Illinois, Indiana, Kansas, Kentucky, Maryland, Massachusetts, Michigan, Mississippi, Missouri, New Jersey, Noord-Karolina, Ohio, Pennsilvanië, Rhode Eiland, Suid-Karolina, Texas, Virginië, Washington en Wisconsin (CCSSO 1996:6). Verder was die volgende professionele verenigings by ISLLC geaffilieer: American Association of Colleges for Teacher Education, American Association of School Administrators, Association for Supervision and Curriculum Development, Association of Teacher Educators, National Association of Elementary School Principals, National Association of Secondary School Principals, National Association of State Boards of Education, National Council of Professors of Educational Administration, National Policy Board of Educational Administration, National School Boards Association, en University Council for Educational Administration (CCSSO 1996:6). Hierdie verenigings het 'n wesenlike bydrae tot die totstandkoming van die ISLLC-standaarde gelewer. Elke lidorganisasie van die NPBEA was versoek om insette van hul lidmate te kry, en die konsep-ISLLC-standaarde is onder NPBEA-lidorganisasies, ander professionele groepe en 'n navorsingspaneel versprei vir insette. Dit het verseker dat die ISLLC-standaarde die produk van 'n hoë vlak van samewerking tussen die belangrikste belanghebbendes was. Verder is sekere taktiese besluite geneem om die aanvaarding van die ISLLC-standaarde te verseker. ISLLC is byvoorbeeld strategies geplaas in die CCSSO om te verseker dat die standaarde gebruik sou word om die lisensiering van skoolhoofde en die akkreditering van programme vir leierskapsontwikkeling te bepaal (Murphy 2003:2). Verder was die National Council for the Accreditation of Teacher Education ten nouste betrokke by die ontwikkeling van die ISLLC-standaarde (Murphy 2003:19). Dit het verseker dat die ISLLC-standaarde vir akkreditasiedoeleindes gebruik sou word.

Die eenheidstandaarde wat die grondslag van die GOS: SBL vorm, is ontwikkel deur 'n SGB onder die vaandel van SAQA. Presies hoe hierdie liggaam saamgestel is, is nie duidelik nie. Al wat bekend is, is dat die SGB bestaan het uit verteenwoordigers van die nasionale Departement van Onderwys, ses provinsiale onderwysdepartemente, ses universiteite, een technikon, drie laerskole en agt organisasies wat betrokke is by leierskap- en bestuursontwikkeling met 'n fokus op skoolopleiding (SAQA 2004). Die SGB was dus beslis nie verteenwoordigend van alle gesaghebbendes en rolspelers nie. Die SGB is gelas om eenheidstandaarde wat uit kritieke uitkomst- en gepaardgaande assesseringskriteria bestaan, te ontwikkel. Die bedoeling was dat dit as die basis vir die voortgesette professionele ontwikkeling van skoolbestuurspanne en departementele amptenare kon dien. Hierdie

eenheidstandaarde het later die basis van die verskeie modules van die GOS: SBL gevorm. Deel van die rede vir die aanvaarding van eenheidstandaarde as die basis van die GOS: SBL is die aanname dat 'n mate van standaardisering noodsaaklik is indien die kursus 'n intreevlakvereiste vir nuwe skoolhoofde moes word – wat die aanvanklik bedoeling was (Bush e.a. 2011:35). 'n Ontleding van die doelwitte van die program dui daarop dat die hoofdoel van die GOS: SBL-program is om te verseker dat gehalte-onderrig en -leer in alle Suid-Afrikaanse skole plaasvind – ondanks die verskeidenheid van skooltipes en -kontekste (DvO 2008:3).

Soos in die geval van ISLLC, het die Suid-Afrikaanse SGB ook probeer om aan die eenheidstandaarde regmatigheid te gee. Die konsep-eenheidstandaarde is in die *Staatskoerant* van 11 Junie 2004 gepubliseer en belanghebbendes is uitgenooi om teen 13 Julie 2004 kommentaar te lewer – net meer as 'n maand later. Dit is veelseggend dat daar verwag is dat belanghebbendes en rolspelers gedurende die skool- en universiteitsvakansies kommentaar moes lewer. 'n Informele opname onder akademici betrokke by leierskap- en bestuursontwikkelingsprogramme het aangedui dat baie akademici nie die promosietoer wat op provinsiale vlak gehou is om die konsep-eenheidstandaarde te publiseer, bygewoon het nie, en hulle het nie op die publikasie daarvan reageer nie. Die regmatigheidsoefening was dus gebrekkig.

Die eenheidstandaarde is wel 'n mate van regmatigheid gegee deur die stigting van die National Management and Leadership Committee (NMLC). Die opdrag aan die komitee was om gepaste kurrikulumraamwerk vir elkeen van die eenheidstandaarde te ontwikkel en om moontlike assesseringsaktiwiteite te identifiseer om te bepaal of die assesseringskriteria verwesenlik is. Die NMLC het bestaan uit verteenwoordigers van die universiteite wat belangstelling getoon het om die nuwe program aan te bied, asook nieregteringsorganisasies soos die Delta Stigting, die Mark Shuttleworth Stigting en die Zenex Stigting, onder die vaandel van die nasionale Departement van Onderwys. Die universiteite het "consultative constituency through their nominated members on the NMLC" aan die proses gebied en sodoende deur verteenwoordiging goedkeuring aan die proses verleen (Van der Westhuizen en Van Vuuren 2007:440). Dit, tesame met die feit dat die GOS: SBL ten volle deur die Departement van Onderwys gefinansier is, het die aanvaarding daarvan deur die universiteite en skoolleiers vergemaklik.

'n Vergelyking van die oorsprong van die ISLLC-standaarde en die SAQA-eenheidstandaarde dui een ooreenkoms en heelwat verskille aan. Beide stelde standaarde is gegenereer om die oorkoepelende doel van die verbetering van onderrig en leer in skole te bereik. Die ISLLC-standaarde is egter bedoel om beleidstandaarde te wees (CCSSO 2008:8), terwyl die SAQA-eenheidstandaarde bedoel is om as programstandaarde te dien. Meer spesifiek: die ISLLC-standaarde is bedoel om die grondslag te vorm vir die ontwikkeling van skoolleierskap in die breedste sin – deur te dien as die basis vir die aanvanklike en voortgesette professionele ontwikkeling van skoolleiers, vir die akkreditasie van programme, vir die bepaling van lisensiëring en herlisensiëring en die evaluering van skoolhoofde. In teenstelling hiermee is die SAQA-eenheidstandaarde eng bedoel om te dien as die basis van 'n amptelik geakkrediteerde program vir leierskapsontwikkeling. Verder kon die ISLLC-standaarde onveranderd toegepas word of aangepas word om by plaaslike omstandighede te pas of verwerp word. Aan die ander kant is die SAQA-eenheidstandaarde bedoel om slaafs toegepas te word. Laastens was die formulering van die ISLLC-standaarde 'n goedgegedokumenteerde, omvattende proses wat 'n hoë vlak van samewerking tussen alle

belanghebbendes en rolspelers behels het, terwyl die oorsprong van SAQA-eenheidstandaarde nie goed gedokumenteerd is nie – en dit kon tot bespiegeling en agterdog aanleiding gee. Opvallend afwesig in die ontwikkeling van die SAQA-eenheidstandaarde was die samewerking van alle belanghebbendes en rolspelers.

2.2 Die empiriese basis van die ISLLC-standaarde en die SAQA-eenheidstandaarde

In die formulering van die ISLLC-standaarde is omvattend geput uit navorsing oor produktiewe onderwysleierskap, eerstehandse kennis van die verskeie verteenwoordigers in ISLLC, en die gesamentlike wysheid van kollegas in skole en skooldistrikte, en inrigtings van hoër onderwys (CCSSO 1996:7). Desnieteenstaande voer Hess (2003:23) aan dat die ISLLC-standaarde nie op stelselmatige getuienis berus het nie. In reaksie hierop het Murphy (2003:9) beweer dat empiriese navorsing gedoen is oor die profiele van doeltreffende leiers en die tendense in die onderwysomgewing wat 'n invloed op die onderwyssektor uitgeoefen het. Dit sluit in die ekonomiese, politieke en sosiale omgewing waarin onderrig plaasvind. Murphy (2003:11) beweer verder dat die ontwikkeling van die ISLLC-standaarde ook beïnvloed is deur die groot veranderinge wat in die skoolstelsel plaasgevind het, meer spesifiek in die kerntegnologie van onderrig en leer, die maniere waarop skole georganiseer en bestuur word en die skole met hul leerders omgaan (Murphy 2003:11–2). As deel van die ISLLC-strategie het al die vennote, soos state, professionele verenigings, universiteite, privaatmaatskappye en nieregteringsorganisasies, oor verskeie strategiese gebiede (byvoorbeeld lisensiëring, professionele ontwikkeling, programakkreditering) saamgewerk. Op grond hiervan het Murphy (2003:18) tot die gevolgtrekking gekom dat die ISLLC-standaarde op 'n diep historiese ontleding, die beste beskikbare navorsing, en 'n gesonde professionele oordeel berus het. Hy gee egter toe dat ISLLC nie die empiriese kennisbasis waarop die standaard gegrond is, eksplisiet bekend gemaak het nie. Dit kon gelei het tot die ontwikkeling van verskeie wanopvattinge.

Nieteenstaande Murphy se verduidelikings volhard English (2003:120) met die stelling dat die ISLLC-standaarde gebaseer is op "the untested and unvalidated assumption that the current state of knowledge regarding the operation of schools is at some sort of apex so that they can be embodied in an apparatus which awards and denies licensure to practice". Later som English (2005:83) die proses wat deur ISLLC gevolg is – soos uiteengesit deur Murphy – soos volg op:

the culling of selected extant research, some of which is empirical and some not, and much craft knowledge ... "validated" by various forms of consensus from "representative" individuals and agencies, to samples of "expert" audiences selected from time to time.

In Suid-Afrika het die SGB 'n paar internasionale owerhede met betrekking tot die eenheidstandaarde vir skoolleiers en -bestuurders geraadpleeg. Dit sluit in die National College for School Leaders in die Verenigde Koninkryk, die Scottish Executive, en ISLLC in die VSA. Die eenheidstandaarde wat gegenereer is, is verder gebaseer op verskeie beleidsdokumente in Suid-Afrika, soos die "Norms and Standards for Educators, en Qualifications for the Educators in Schooling". Soos ISLLC het ook die SGB nie die empiriese kennisbasis waarop die eenheidstandaarde gebaseer is, eksplisiet gestel nie. Kritici kon dus bloot oor die oorsprong van die SAQA-eenheidstandaarde spekuleer.

Bush en Jackson (2002:420–1) het 'n vergelykende studie van die ontwikkeling van leierskapsentrums in Australië, China, Kanada, Nieu-Seeland, Singapoer, Swede en die VSA gemaak. Hul belangrikste bevinding was dat die inhoud van programme vir leierskapsontwikkeling by hierdie sentrums merkwaardige ooreenkomste toon. Die meeste van die programme wat deur hierdie sentrums aangebied is, fokus op visie, missie en transformasionele leierskap, sake van leer en onderrig, die taakgebiede van bestuur, soos menslike-hulpbron- en professionele ontwikkeling, finansies, kurrikulum en eksterne betrekkinge. Dit geld ook vir die SAQA-eenheidstandaarde. Hieruit kan afgelei word dat die SGB sy eenheidstandaarde gebaseer het op die werk wat in die eerstewêreldlande gedoen is, en nie op empiriese navorsing wat in Suid-Afrika gedoen is nie. Dit maak die toepaslikheid van die eenheidstandaarde twyfelagtig. Die uitspraak van English (2005) dat die ISLLC standaard afgelei is van "the culling of selected extant research" is dus net so van toepassing op die SAQA-eenheidstandaarde.

Op grond van bostaande is dit nie moontlik om tot die gevolgtrekking te kom dat die SAQA-eenheidstandaarde op 'n diep historiese ontleding, die beste beskikbare navorsing, en goeie professionele oordeel gebaseer is nie.

2.3 Die bestuursgerigtheid van die ISLLC-standaarde en die SAQA-eenheidstandaarde

Daar is 'n doelbewuste besluit geneem om 'n yl ("parsimonious") model na te streef in die formulering van die ISLLC-standaarde (CCSSO 1996:8). Dit het tot heelwat meningsverskil aanleiding gegee. Die bestuursteoretiese oriëntasie van die ISLLC-standaarde is 'n kwessie waaroor daar meningsverskil onder kritici heers. Sommige kritici beweer dat ISLLC oormatig deur bestuursteorie beïnvloed is. Hulle voer aan dat die uitermatige prominensie wat in die ISLLC-standaarde aan doeltreffendheid en tegniese vaardighede verleen is, daarvan 'n aanduiding is (Catano en Stronge 2007:38). Veral English (2005:92) is krities teenoor "the abandonment of democracy and the service ethic for public education in favour of the market theory of leadership". Hy definieer die markteorie van leierskap as "a mindset that looks at all situations, interactions and potentialities as an economic exchange resulting in the maximization of profit". Een manier om dit te bereik is deur die minimalisering van verskeidenheid. Dit sluit in die standaardisering van rolle en die uitwissing van spesialisasie. Hy beweer dat die ISLLC-standaarde 'n toonbeeld is van hierdie benadering tot leierskap. In hierdie raamwerk word skole beskou as instrumente vir die produksie van korporatiewe werkers wat by die bestaande ekonomiese hegemoniese orde sal inpas. In hierdie scenario is die rol van die skoolleiers om die innerlikhede ("interiorities") van die skool te harmoniseer of glad te stryk sodat dit nie die skoolproses steur nie. Dit alles word gedoen onder "the rhetoric of choice and liberty within a carefully controlled notion of corporate consumerism" (English 2005:95).

Op dieselfde trant wyse verwys Pitre en Smith (2004:11) na "the centrist stance of the ISLLC standards". In teenstelling met hierdie kritici meen ander kritici, soos Hess (2003:13), dat ISLLC 'n "dismissive stance toward conventional management theory" inneem.

Murphy (2003:26–7), die vernaamste apologet van die ISLLC-standaarde, gee toe dat die volgende die verklaarde beleid van ISLLC was: "to replace the heavy emphasis on management with empirical evidence and values from productive schools and to link everything else instrumentally to student learning". Dit verklaar waarom aspekte soos die bestuur van finansies en fisiese fasiliteite en die gebruik van tegnologie in die ISLLC-

standaarde onderbeklemtoon is. Ter versagting toon Murphy (2005:172) dat die state daarop geregtig was om hierdie aspekte te beklemtoon indien hulle dit gerade geag het. Baie state het inderdaad meer klem geplaas op die gebruik van tegnologie toe hulle die ISLLC-standaarde aangepas het.

Heystek (2007:502) is, in 'n soortgelyke trant as English, krities ten opsigte van die bestuursgerigtheid van die GOS: SBL. Heystek (2007:497) verwys na Bates (1996:5) wat beweer dat die bestuursgerigtheid sosiale, kulturele en politieke probleme reduceer tot tegniese en bestuurprobleme wat met minimale aandag aan die "menslike dimensie" opgelos kan word.

English (2005:87) verwys na die sosiale, kulturele en politieke probleme as die "exteriorities" van skoolopvoeding. In teenstelling met Heystek regverdig Bush (2007:393) die fokus op bestuursteorie in die GOS: SBL – veral vir skoolleiers en -bestuurders in onderpresterende skole in Suid-Afrika waar die grootste strewe is om die skole funksioneel te maak. Hy beweer dat die fokus moet wees op die versekering van gereelde bywoning deur leerders en opvoeders, die handhawing van dissipline in die klaskamers, en die verskaffing van voldoende hulpbronne vir doeltreffende onderrig en leer. Slegs wanneer goeie bestuur gevestig is, moet die fokus verskuif na die ontwikkeling van leierskap en die visie wat 'n integrale deel van leierskap vorm.

'n Ontleding van die eenheidstandaarde wat die basis van die GOS: SBL vorm, toon dat voldoende aandag gegee word aan die daaglikse bestuur van die skool – in teenstelling met die ISLLC-standaarde. In die kernmodule "Manage organisational systems, physical and financial resources" word onderwerpe soos die bestuur van finansiële en fisiese hulpbronne, sowel as die gebruik van inligting- en kommunikasietegnologie (IKT) om organisatoriese stelsels te bestuur, in voldoende besonderhede behandel. Die insluiting van die kernmodule "Manage teaching and learning", waarin die klem op onderrigleierskap val, verseker dat die kernbesigheid van skoolleierskap en -bestuur nie in die GOS: SBL-program afgeskeep word nie. Die insluiting van die kernmodule "Lead and manage people" verseker dat prominensie verleen word aan die mensgeoriënteerdheid van skoolleierskap om sodoende 'n mate van balans tussen taak- en mensgeoriënteerdheid binne die program te verseker. Dit is in teenstelling met die ISLLC-standaarde, waar die basiese bestuursfunksies van die skoolleier heeltemal verwaarloos is.

2.4 Oorweging van die idee van sosiale geregtigheid

In die ISLLC-standaarde word daar slegs sydelings melding gemaak van die kwessie van sosiale geregtigheid (CCSSO 1996). Verskeie akademici (Furman en English 2000; Marshall en McCartney 2002; en Young en Liable 200) het kritiek gelewer teen die verwaarloosing van sosiale geregtigheid as 'n oorweging. Vir English (2005:87) het die konsep van standaardgebaseerde onderwys vereis dat die omvang van die doelwitte wat aan 'n werk gekoppel is, asook die pligte wat verband hou met die uitvoering van die werk, vasstaande en onveranderlik was. In wese vereis dit dat ook die skool en die gemeenskap waarbinne dit funksioneer, as onveranderlik en vasstaande beskou word. In die proses word groter sosiale ongelykhede versterk.

English (2005:92) maak ook beswaar teen die gebruik van die term "core" om die standaard te beskryf omdat dit iets "quite enduring, stable and fixed" te kenne gee. Dit is teenstrydig

met die idee van verandering en versinnebeeld "a changeless notion of society, the antithesis to social change and to democracy". Volgens English (2005:87) plaas die standaard-gebaseerde onderwys klem op die "interiorities" van skoolopvoeding – dit wat binne die skool gebeur – terwyl "any concept of social justice dealing with the school's exteriorities is vitiated".

English beweer ook dat die ISLLC-standaarde gewortel is in wat hy noem "cultural forms and perspectives that are themselves barriers to the very agenda (such as social justice) that ISLLC claims to support". Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat die standaard nie die rol van die skole in die vestiging van sosiale ongelykhede uitdaag nie (2005:91). Intendeel, die standaard dra by tot die bevordering en voortbestaan van sosiale ongelykhede. Hy beskou die ISLLC-standaarde as "a pursuit of power, privilege and position within a community of practice" (2005:84). In die proses word dit "an exercise in normative political policing". Gekoppel hieraan is die verwaarlosing van die konteks waarbinne onderwysleierskap beoefen word. Volgens English (2005:85), word daar prominensie verleen aan die "conjecture of a 'core technology'" en alle ander kwessies word as ondergeskik daaraan beskou. Dit lei tot die afskaling van konteks tot 'n posisie van verwaarlosing en tot die ontwikkeling van 'n stel rubrieke wat bedoel is om vir alle tye, plekke en leiers toegepas te word.

Murphy, wat as die hoofprotagonis van die ISLLC-standaarde beskou kan word, het nie gereageer op hierdie ernstige bewerings wat deur English en ander gemaak is nie.

Navorsing van Van der Berg, Van der Berg, Taylor, Gustafsson, Spaull en Armstrong (2011:24) het aangedui dat die Suid-Afrikaanse skoolstelsel bestaan uit twee substelsens wat op verskillende vlakke funksioneer. Die meerderheid van die skole dien histories benadeelde gemeenskappe wat hoofsaaklik uit swart en bruin kinders bestaan. Binne die tweede substelsen is skole wat hoofsaaklik uit wit en Indiërkinders bestaan, en in 'n toenemende mate al hoe meer swart en bruin kinders.

Taylor (2008:9–13) skryf die onderprestasie van leerders in die meerderheid van die skole toe aan die probleem van afwesigheid en laatkommery onder onderwysers, wat hy beskou as 'n manifestasie van "a weakly framed regulatory order"; fokus op roetine administratiewe aangeleenthede; die lae vlakke van vakkennis van baie Suid-Afrikaanse onderwysers; en die gebruik van konvensionele "kryt-en-praat"-onderrigmetodes. Fleisch (2008:121) beskryf die klaskamer as die hoofbron van krisis in primêre onderwys. Ander bydraende faktore is swak gesondheid, armoede en 'n gebrek aan hulpbronne (Fleisch 2008:121).

Christie (2010:694) beweer dat diskoerse wat nie ernstig met die plaaslike konteks en die daaglikse ervarings van skoolhoofde betrokke raak nie, geneig is om te lei tot verwarrende voorstellings en onrealistiese verwagtinge van die skoolhoof se werk.

Volgens Bush, Joubert, Kiggundu en Van Rooyen (2010:166) dui internasionale navorsing daarop dat die sosio-ekonomiese konteks die belangrikste voorspeller van leeruitkomst is. Dit word bevestig deur die Suid-Afrikaanse navorsing. Tog is dit verwaarloos in die SAQA-eenheidstandaarde, ten spyte van die feit dat erkenning gegee word aan die effek van diverse kontekste op die doeltreffendheid van skole (DvO 2008:3). 'n Mens sou verwag dat die GOS: SBL-eenheidstandaard "Understand school leadership and management in the South African context" skoolleiers sou help om bewus te raak van die plaaslike konteks en daaglikse uitdagings van die skoolleiers en -bestuurders. In hierdie eenheidstandaard word die fokus

egter geplaas op regulerende wetgewing en beleidsraamwerke wat skole beïnvloed. Hierdie regulerende wetgewing en beleidsraamwerke sluit die Suid-Afrikaanse Grondwet en die Geïntegreerde Gehaltebestuurstelsel in.

Alhoewel dit belangrik is vir skoolleiers en -bestuurders om vertrouwd te wees met hierdie regulerende raamwerke, word dit voldoende gehanteer in die ander modules, veral in die module genaamd “Manage policy, planning, school development and governance”.

Christie (2010:708) waarsku teen generiese in plaas van gesitueerde benaderings tot leierskap en bestuur. Veël meer gepas sou wees “to recognise the situated complexities of the work of running schools”. Ongelukkig dra die SAQA-eenheidstandaarde nie by tot ’n meer deeglike begrip van wat Christie beskryf as “the landscapes of leadership” nie. Die verdeling van die sosiale, kulturele en politieke konteks waarbinne onderrig plaasvind, beteken dat die GOS: SBL-program nie bydra tot die verwydering van sosiale ongelykhede nie, maar in werklikheid bydra tot die versterking en voortbestaan daarvan.

Dit word vererger deur die feit dat die GOS: SBL van skoolleiers en -bestuurders vereis om staatsbeleid onkrities as staatsfunksionariesse te implementeer. Dit word gedoen deur die beklemtoning van “the ability to highlight generic leadership and management principles with regard to planning, organizing, governance, evaluation and control” (DvO 2008:17).

Heystek (2007:502) beskryf die ontwikkeling van leierskap wat binne die GOS: SBL plaasvind as “leadership moulding” waarvan die doel is om leiers voor te berei wat gewillig is en die vermoë besit is om aan die verwagte standaarde te voldoen. English (2003:120) verwys met minagting na sulke leiers as “‘cookie-cutter’ leaders for cloned school models defined by and limited to indices of rational technical approaches to schooling”. Die homogenisering van skoolleierskap in ’n kultureel en etnies diverse land lei noodwendig tot die verwaarlosing van vraagstukke soos sosiale geregtigheid en ekonomiese ongelykhede.

Na aanleiding van bostaande is dit duidelik dat die sosiale geregtigheid-kwessie gruwelik in beide die ISLLC-standaarde en die SAQA-eenheidstandaarde verwaarloos word. In ’n era waarin daar ’n hoë premie op sosiale geregtigheid geplaas word, is dit ’n ernstige gebrek.

2.5 Die invloed van die ISLLC-standaarde en die SAQA-eenheidstandaarde in die beroep

Volgens ISLLC, soos aangedui deur Murphy (2003:36), was die bedoeling onbeskaamd om die karakter van onderwysleierskap te beïnvloed. Kritici meen dat ISLLC doelbewus gebruik gemaak het van “government-grounded, professional-based, and market-anchored strategies to weave the Standards into the fabric of the profession” (Murphy 2005:179) – soos voorheen aangedui. Murphy (2003:36) betwis die bewering dat die standaarde op die beroep afgedwing is. Hy beskryf die standaarde as ’n produk van die beroep. Hierdie stelling is gebaseer op die feit dat ISLLC geskep is deur die NPBEA, wat bestaan het uit tien van die mees invloedryke professionele verenigings met noue bande met skoolleierskap, sowel as professore verteenwoordigend van skooladministrasie in die VSA (CCSSO 1996:6). Murphy (2003:39) beskryf die strategie van die ontwikkeling van die standaarde as “broad-based, inclusive, professionally anchored” – wat tot die wydverspreide gewildheid in die VSA gelei het.

Teen 2005 het 46 state in die VSA die ISLLC-standaarde net so aangeneem of effens aangepas, of hul eie staatstandaarde op die basis van die ISLLC-standaarde ontwikkel

(Canole en Young, 2013:5). In baie van hierdie state is dit 'n vereiste vir akkreditasie dat programme in leierskapsontwikkeling met duidelik omlynde leierskapstandaarde moet strook (UCEA 2012:1). In sommige state is die ISLLC-standaarde gebruik as die basis van skoolhooflisensiëring (Catano en Stronge, 2007:264) en herlisensiëring (Murphy 2003:19), en is die bevoegdheid van skoolhoofde aan die hand van die ISLLC-standaarde bepaal (Glenewinkel 2011:27). As gevolg van die wydverspreide gebruik daarvan in die VSA is die ISLLC-standaarde as die de facto nasionale leierskapstandaarde beskou (Canole en Young 2013:6). Murphy (2003:1) verwys na die ISLLC-standaarde as “one of the most significant reshaping initiatives to appear in the profession in recent times”. In 'n soortgelyke trant beweer George (2008:28) dat die ISLLC-standaarde 'n paradigmaskuif in die verwagtinge van onderwysleiers in die VSA veroorsaak het. Volgens die CCSSO (2006:1) het die ISLLC-standaarde “the most significant recalibration of educational administration in decades” veroorsaak. Die ISLLC-model is sedertdien in baie ander lande nagevolg (Murphy 2005:181). Dit is deel van waarna Mombourquette (2013:10) verwys as 'n internasionale neiging om die rol van skoolleiers te definieer en te kodifiseer. In die vorming van hierdie raamwerk het die ISLLC-standaard 'n deurslaggewende rol gespeel. Dit is dus duidelik dat die ISLLC-standaarde 'n beduidende invloed in die VSA en elders in die wêreld het.

Soos hier bo aangedui, het die ISLLC-standaarde nietemin 'n mate van kritiek uitgelok. Verder het baie die doeltreffendheid van die ISLLC-standaarde bevraagteken. Canole en Young (2013:6) beweer dat daar geen duidelike verband nog tussen die implementering van die ISLLC-standaarde en die prestasie van leerlinge vasgestel is nie. Daar word sonder meer aanvaar dat sodanige leerlingwinste noodwendig sal volg, maar geen empiriese bewyse bestaan dat dit eintlik die geval is nie.

Soos voorheen aangedui, het die SAQA-eenheidstandaarde 'n beperkte omvang en invloed gehad omdat hulle as programstandaarde ontwerp is, eerder as beleidstandaarde. Gevolglik is die SAQA-eenheidstandaarde nie gebruik as die raamwerk waarteen die evaluering van skoolleiers onderneem word nie. Die DvBO (2014:1) erken dat daar geen duidelike begrip bestaan van die rol van skoolleierskap nie – behalwe die beperkte definisies wat in die Personnel Administrative Measures (PAM) en die Geïntegreerde Gehaltebestuurstelsel (GGBS) bevat is. Met ander woorde, die DvBO het nie die SAQA-eenheidstandaarde as 'n amptelike definisie van die rol van skoolleierskap en -bestuur erken nie. Trouens, die eenheidstandaarde wat die grondslag van die GOS: SBL vorm, is teenstrydig met die rol van die skoolhoofde soos vervat in die PAM en die GGBS. In PAM word byvoorbeeld voorkeur gegee aan die algemene en administratiewe pligte en verantwoordelikhede van skoolhoofde en ander opvoeders, terwyl slegs sydelings na onderrigleierskap verwys word (Christie 2010:704). Die SAQA-eenheidstandaarde word ook nie deur onderwysdistrikte gebruik as die basis vir die voortgesette professionele ontwikkeling van die skoolleiers en -bestuurders nie. Die SAQA-eenheidstandaarde dien dus slegs as die basis van die GOS: SBL-program wat deur die meeste Suid-Afrikaanse universiteite aangebied is. Die oorspronklike bedoeling was dat dit as 'n intreevlak kwalifikasie vir nuwe skoolhoofde moes dien. Dit is nie duidelik waarom dit nie voltrek is nie.

Navorsing is gedoen om die doeltreffendheid van die GOS: SBL te bepaal. Bush e.a. (2011:38) het bevind dat die meeste kandidate wat aan die loodsprojek van die program deelgeneem het, aangedui het dat alhoewel daar verbetering in hul bestuurspraktyk plaasgevind het, dit nie tot verbeterde onderrig en leer gelei het nie. Dit is dus duidelik dat die

eenheidstandaarde wat deur die SGB onder die vaandel van SAQA ontwikkel is, slegs as die basis vir die GOS: SBL gedien het.

Van der Westhuizen en Van Vuuren (2007:433) gee 'n moontlike verklaring vir die relatiewe gebrek aan invloed van die SAQA-eenheidstandaarde. Op grond van 'n literatuuroorsig van internasionale ontwikkelings het hulle afgelei: "[T]he formal training and professional development ... of school principals can only be made real, effective practice if it forms part of a national qualification policy." In Suid-Afrika was dit beslis nie die geval nie.

Soos ek alreeds gesê het: 'n wesenlike verskil tussen die ISLLC-standaarde en die SAQA-eenheidstandaarde is die feit dat eersgenoemde as beleidstandaarde aanvaar is terwyl laasgenoemde slegs as programstandaarde gedien het. Die verskil in die omvang en invloed van die onderskeie standaarde kan hoofsaaklik hieraan toegeskryf word.

2.6 Die hersiening van die ISLLC-standaarde en die SAQA-eenheidstandaarde

Meer as 10 jaar ná die publikasie van die aanvanklike ISLLC-standaarde is 'n besluit geneem om die geldigheid en doeltreffendheid van die standaard in heroënskou te neem (Glenewinkel 2011:18). Die hersiening van die 1996-standaarde was 'n proses wat twee jaar geduur het (CCSSO 2008). Die betrokkenes was die NPBEA en sy geaffilieerde organisasies asook "other policy-oriented, practitioner-based organizations, researchers, higher education officials, and leaders in the field" (CCSSO 2008:7). Elke lidorganisasie van die NPBEA moes insette van hulle lede kry, en die konsep van die hersiene standaard is vir insette onder NPBEA-lidorganisasies en ander professionele groepe en 'n navorsingsprojekpaneel versprei. Die navorsingsbasis, wat bestaan het uit empiriesenavorsingsverslae, beleidsontledings, leierskaptekste, ander "craft knowledge"-bronne en ander gesaghebbende bronne is aanlyn beskikbaar gestel (CCSSO 2008:7).

Die gevolg was die effens hersiene weergawe van die ISLLC-standaarde, bekend as die ISLLC 2008-standaarde. Volgens CCSSO (2008) het die ISLLC 2008-standaarde die "voetspore" van die oorspronklike ISLLC-standaarde gehandhaaf. Dit word bevestig deur CCSSO (2014:6), wat beweer dat die 2008-weergawe "important, but modest, revisions to the 1996 standards" bevat het. In die 2008-weergawe is die oorspronklike ses standaarde behou, maar die 183 aanwysers van kennis, vaardighede en gesindhede is tot 31 breë funksies gedistilleer (CCSSO 2008). Dit het die standaard 'n meer strategiese fokus gegee en minder voorskriftelik gemaak (Glenewinkel 2011:8).

Om kommer oor die empiriese basis te besweer, het ISLLC 'n verteenwoordigende monster van die empiriese navorsing waarop die ISLLC 2008-standaarde gebaseer is, beskikbaar gestel. Nog een van die vernuwings van die ISLLC 2008-standaarde was die feit dat tegnologiefunksies binne drie van die standaard gesetel is. Dit was 'n erkenning van die belangrikheid van die gebruik van IKT, wat tot op daardie stadium nie die nodige erkenning gekry het nie.

In 2012 is die ISLLC-standaarde weer aan hersiening onderwerp. Hierdie keer was die wysigings baie meer indringend. Die ISLLC 2015-standaarde (NPBEA 2015) plaas groter klem op onderrigleierskap en erken dat die faktore buite die klaskamer 'n aansienlike impak op onderrig en leer uitoefen. Sodoende is die sosiale aspek van onderrig en leer erken. Dit is belangtig in die toevoeging van kategorieë soos gemeenskappe van sorg vir studente,

gemeenskappe van betrokkenheid vir families, gelykheid en kulturele reaksie, en etiese leierskap. Alhoewel die nuutste weergawe van die ISLLC-standaarde nie verhef bo kritiek is nie, verteenwoordig dit 'n merkwaardige verbetering in die oorspronklike weergawe, terwyl 'n mate van kontinuïteit behoue gebly het.

In Suid-Afrika is daar in die veldtoets van die GOS: SBL slegs vyf universiteite en die Matthew Goniwe School of Leadership and Governance se programme geëvalueer. Die doel van die evaluering was "to inform the development of the course and to provide advice to the Minister of Basic Education about the suitability and sustainability of the qualification for its intended purpose, to improve school leadership and management" (Bush e.a. 2011:33). Die navorsing is gedoen deur 'n span navorsers onder leiding van Tony Bush, 'n internasionale navorser in onderwysleierskap. Die navorsing het ingesluit lessenaarnavorsing van internasionale en Suid-Afrikaanse praktyke in leierskapsontwikkeling, dokumentêre ontleding van die aanvanklike veldtoetsmateriaal, en basislyn- en impakopnames met al die studente in die veldtoetsgroep, longitudinale gevallestudies (met ander woorde gevallestudies wat onderneem is aan die begin van die program en dan weer aan die einde) met 27 van die studente, onderhoude met verskeie universiteitspersoneel, en die waarneming van die verskillende aspekte van die program (Bush, Duku, Glover, Kiggundu, Kola, Msila en Moorosi 2009). Die evaluering het gefokus op verskeie aspekte van die veldtoets, soos kontaksessies, onderrigmateriaal, mentorskap, netwerke en assessering. Dit het 'n ideale geleentheid verskaf om die eenheidstandaarde wat die grondslag van die GOS: SBL-program vorm, te evalueer. Nie eens sydelingse melding is van die eenheidstandaarde gemaak nie. Dit laat vrae ontstaan oor die betroubaarheid en geloofwaardigheid van hierdie evaluering. In wese beteken dit dat die SAQA-eenheidstandaarde nie onderhewig was aan 'n stelselmatige hersiening sedert die implementering daarvan in 2007 nie.

Daar is voorsiening voor gemaak dat die huidige GOS: SBL deur 'n Gevorderde Diploma in Onderwys: Skoolbestuur en Leierskap (GOD: SBL) vervang sal word in ooreenstemming met die "Minimum Requirements for Teacher Education Qualifications". Die proses vir die ontwikkeling van die GOD: SBL het die volgende behels: die voltooiing van 'n eksterne literatuuroorsig deur die reeds genoemde Tony Bush (Universiteit van Nottingham, Engeland) en D. Glover (Universiteit van die Witwatersrand); die opstel van 'n kernkurrikulum deur die South African Institute of Distance Education; en die goedkeuring van die kernkurrikulum deur die National Management and Leadership Committee tydens 'n tweedagwerkswinkel. Hierdie proses is problematies, aangesien dit beteken dat die GOD: SBL grootliks die produk sal wees van 'n proses waarin die universiteite en ander belanghebbendes bloot geraadpleeg is. Die feit bly staan dat die SAQA-eenheidstandaarde wat sedert 2007 die grondslag van die GOS: SBL gevorm het, ook nie gedurende die proses van die formulering van die nuwe program aan 'n deeglike hersiening blootgestel is nie. Ten spyte daarvan is die raamwerk van die kurrikulum vir die GOD: SBL basies dieselfde as dié van die GOS: SBL. Van die eenheidstandaarde het behoue gebly, met enkele wysigings, terwyl nuwe eenheidstandaarde (sogenaamde modules) bygevoeg is. Daar is egter geen blyke van SAQA se betrokkenheid by die hele proses nie. Daar is dus 'n gebrek aan stelselmatigheid en kontinuïteit in die hele proses.

Die nuutste ontwikkeling in die standaardisering van leierskapontwikkeling in Suid-Afrika is die publikasie van die "Policy on the South African for principalship 2015" (DvBO 2016). 'n Ontleding van die beleidsdokument toon talle gebreke. Dit is nie duidelik watter rol hierdie beleid veronderstel is om te vervul nie. Die volgende stelling is vaag: "The Standard, in line

with other policy initiatives, is designed to improve professional standards of leadership and management for the benefit of learners and the quality of the education service as a whole” (DvBO 2016:3). Waar die Departement van Basiese Onderwys in gebreke bly, is om aan te toon watter rol die beleid sal speel in die aanvanklike en voortgesette ontwikkeling van leierskap en bestuur, die akkreditasie van die leierskapsprogramme, die evaluering van leierskap- en bestuursdoeltreffendheid, en die bepaling van lisensiëring en herlisensiëring van skoolhoofde. Daar word geen melding gemaak van die SAQA-eenheidstandaarde wat die basis vir die GOS: SBL gevorm het nie. ’n Vergelyking tussen die SAQA-eenheidstandaarde en die nuwe beleid toon baie min ooreenkomste. Die indruk word geskep dat die SAQA-eenheidstandaarde summier verwerp is. Die empiriese basis waarop die standaard berus, is nie bekend gemaak nie. Die beleid maak nie voorsiening vir ander skoolleiers nie, net skoolhoofde. Daar word die veronderstelling gemaak dat ook die ander leiers deur die beleid gedek word as gevolg van die beginsel van gedeelde leierskap. Dit is egter ’n wanveronderstelling, aangesien daar ’n wesenlike verskil is tussen die rolle wat die verskillende posbektelers veronderstel is om te vervul. Die beleid maak ook nie voorsiening vir die gereelde hersiening daarvan deur alle belanghebbendes en rolspelers aan die hand van die nuutste empiriese navorsingsverslae, beleidsontleding, leierskapstekste en ander hulpbronne van “accumulated craft knowledge” nie. Die beginsel van sosiale geregtigheid ontvang nie die vereiste aandag nie. Dit word grotendeels gereleë tot die funksie van die skoolhoof in die module wat bekend staan as “Working for and with the community”. Van hierdie gebreke kon voorkom gewees het indien die Departement van Basiese Onderwys die lesse van die ISLLC-model asook die SGB-voorbeeld ter harte sou geneem het.

Op grond van bostaande is dit duidelik dat die ISLLC-standaarde van die VSA gereeld aan hersiening onderworpe was. In die hersiening is kennis geneem van die kritiek wat teen die oorspronklike en daaropvolgende standaarde uitgespreek is, en die hersiening daarvan het ’n wesenlike verbetering teweeggebring, alhoewel dit ook verdere kritiek uitgelok het. Daarteenoor is die SAQA-eenheidstandaarde nooit aan ’n indringende hersiening blootgestel nie.

3. Slotopmerkings

Die oorkoepelende doel van die ISLLC-standaarde was om suksesvolle leer en onderrig te bevorder deur ’n raamwerk vir leierskapsontwikkeling in die skole van die VSA daar te stel. Binne 10 jaar is die ISLLC-standaarde onveranderd of met enkele wysiginge deur die oorgrote meerderheid van state aanvaar en is leierskapsontwikkeling in die skole van die VSA getransformeer. Verskeie faktore is verantwoordelik vir hierdie situasie. ’n Wye verskeidenheid gesaghebbende organisasies in die VSA is by die formulering van die standaard betrek. Dit het verseker dat die ISLLC-standaarde die produk van ’n hoë vlak van samewerking tussen die belangrikste rolspelers was. Daar is beweer dat die ISLLC-standaarde op ’n diep historiese ontleding, die beste beskikbare navorsing, en ’n gesonde professionele oordeel berus het. Verder is sekere taktiese besluite geneem om die aanvaarding van die ISLLC-standaarde as beleidstandaarde te verseker. Alhoewel die ISLLC-standaarde algemene aanvaarding binne professionele geledere geniet het, het dit hewige, en dikwels teenstrydige, kritiek vanaf sekere akademici ontlok. Kritiek was gemik teen, onder andere, die gebrek aan ’n empiriese basis van die standaard, die oordrewe klem op die bestuursgerigte oriëntering van die standaard, asook die verwaarloos van sosiale

geregtigheid as 'n beginsel of vertrekpunt. Om die relevansie van die ISLLC-standaarde te verseker en om die kritiek te besweer is die ISLLC-standaarde aan gereelde hersiening onderwerp. Die nuutste weergawe van die ISLLC-standaarde verteenwoordig 'n merkwaardige verbetering van die oorspronklike weergawe, terwyl 'n mate van kontinuïteit behoue gebly het. Ten spyte van sekere gebreke is die ISLLC-standaarde in baie opsigte 'n navolgenswaardige model, mits daar terdeë van die plaaslike konteks kennis geneem word.

Daarteenoor verskil die Suid-Afrikaanse voorbeeld van die standaardisering van leierskapsontwikkeling in skole wesenlik van die ISLLC-model, alhoewel dit deels daarop geskoei is. Die SAQA-eenheidstandaarde is ontwerp uitsluitlik om te dien as programstandaarde en het dus uit die staanspoor 'n beperkte omvang en invloed gehad. Anders as die ISLLC-standaarde is die SAQA-eenheidstandaarde dus nooit gebruik vir die akkreditasie van leierskapsprogramme, die evaluering van leierskap- en bestuursdoeltreffendheid, en die bepaling van lisensiëring en herlisensiëring van skoolhoofde nie. Die oorsprong van SAQA-eenheidstandaarde is nie goed gedokumenteer nie, wat tot bespiegeling en agterdog aanleiding gee. Opvallend afwesig in die ontwikkeling van die SAQA-eenheidstandaarde was die samewerking van alle belanghebbendes en rolspelers, alhoewel hulle beperkte geleentheid gegun is om kommentaar te lewer oor die konsepeenheidstandaarde. Die SAQA-eenheidstandaarde is hoofsaaklik gebaseer op die werk wat in die eerstewêreldlande gedoen is, en nie op empiriese navorsing in Suid-Afrika nie. Dit maak die toepaslikheid van die eenheidstandaarde twyfelagtig. Ten spyte van ernstige leemtes – soos die verwaarloosing van sosiale geregtigheid as 'n belangrike vertrekpunt – is die SAQA-eenheidstandaarde nooit aan enige hersiening onderwerp nie. Tog is die voetspore daarvan duidelik sigbaar in die modules van die nuutontwikkelde GOD: SBL. Die grootste leemte in die Suid-Afrikaanse opset is die gebrek aan 'n duidelik omlynde omskrywing van die rol van skoolleiers. Tot 2016 het 'n gemeenskaplike begrip van wat die onderwysstelsel van die land verwag van diegene wat belas is met die leierskap en bestuur van skole nie in Suid-Afrika bestaan nie. Dit was 'n deurslaggewende tekortkoming en het gelei tot 'n gefragmenteerde en onsamehangende benadering tot die ontwikkeling van skoolleiers in Suid-Afrikaanse skole. Die nuutste poging om so 'n omskrywing vir Suid-Afrikaanse skole daar te stel in die vorm van die “Policy on the South African standard for principalship 2015” (DvBO 2016) hou nie veel belofte in nie, weens die talle gebreke daarvan – soos hier bo beskryf.

Alhoewel die ISLLC-model nie perfek is nie, toon dit 'n moontlike uitweg vir die Suid-Afrikaanse poging tot die standaardisering van leierskapsontwikkeling. Dit is uiters noodsaaklik dat die standaardisering van leierskapsontwikkeling in Suid-Afrikaanse skole die amptelike beleid word, sodat dit die basis sal vorm van die aanvanklike en voortgesette ontwikkeling van leiers en bestuurders, die akkreditasie van die leierskapsprogramme, die evaluering van leierskap- en bestuursdoeltreffendheid, en die bepaling van lisensiëring en herlisensiëring van skoolhoofde. Verder is dit noodsaaklik dat die standaardie die produk moet wees van samewerking tussen alle gesaghebbendes en rolspelers sodat dit algemene aanvaarding sal geniet. Dit is ook noodsaaklik dat die empiriese basis van die standaardie eksplisiet bekend gemaak word en dat die empiriese bronne algemeen beskikbaar gestel word ten einde bevestiging moontlik te maak. Om relevant te wees is dit belangrik dat die beginsel van sosiale geregtigheid 'n wesenlike deel van elkeen van die standaardie behoort te vorm en nie as 'n byvoegsel beskou word nie. Laastens moet die standaardie gereeld aan hersiening onderwerp word om blywende geldigheid en relevansie te verseker. Dit is die lesse wat uit die internasionale ervaring geleer kan word. Hierdie lesse kan met goeie vrug aangewend word, mits die Suid-Afrikaanse konteks in ag geneem word.

Die konteks waarin amptelike beleidsrigtings geformuleer word, word bepaal deur verskeie politieke, sosiale, ekonomiese en kulturele faktore. Hierdie faktore sluit onder andere in die invloed van gevestigde belange in die beleidsprosesse, die professionalisme en vermoë van staatsadministrasie, die beskikbaarheid van finansiële hulpbronne, die ideologieë en raamwerke en die welwillendheid van onderwysorganisasies. Hierdie faktore wissel van land tot land, en enige poging tot die standaardisering van leierskapsontwikkeling sal terdeë daarvan moet kennis neem. Daar word dus nie aanbeveel dat die ISLLC-model of enige ander model net so in Suid-Afrika toegepas word nie, maar daar is baie lesse wat uit die internasionale ervaring geleer kan word.

Bibliografie

Anderson, G. 2001. Disciplining leaders: A critical discourse analysis of the ISLLC national examination and performance standards in educational administration. *International Journal of Leadership in Education*, 4(3):199–216.

Bates, R. 1996. The educational costs of managerialism. Referaat gelewer by die “Joint conference of the Educational Research Association and the Australian Association for Research in Education”, Singapore, 25–9 November.
<http://files.eric.ed.gov/fulltext/ED413644.pdf> (27 Mei 2017 geraadpleeg).

Bush, T. 2007. Educational leadership and management: Theory, policy, and practice. *South African Journal of Education*, 27(3):391–406.
www.ajol.info/index.php/saje/article/viewFile/25107/4321 (20 Mei 2014 geraadpleeg).

Bush, T., N. Duku, D. Glover, E. Kiggundu, S. Kola, V. Msila en P. Moorosi. 2009. External evaluation report of the “Advanced Certificate in Education: School Leadership and Management”. Pretoria: Departement van Basiese Onderwys.

Bush, T. en D. Glover. 2016. School leadership and management in South Africa: Findings from a systematic literature survey. *International Journal of Educational Leadership*, 30(2):211–31. www.emeraldinsight.com/doi/pdfplus/10.1108/IJEM-07-2014-0101 (23 April 2017 geraadpleeg).

Bush, T. en D. Jackson. 2002. Preparation for school leadership: International perspectives. *Educational Management and Administration*, 30(4):417–29.

Bush, T., R. Joubert, E. Kiggundu en J. van Rooyen. 2010. Managing teaching and learning in South African schools. *International Journal of Educational Development*, 1–7.
[http://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/11085/Bush_Managing\(2009\).pdf?sequence=1](http://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/11085/Bush_Managing(2009).pdf?sequence=1) (19 Mei 2014 geraadpleeg).

Bush, T., E. Kiggundu en P. Moorosi. 2011. Preparing new principals in South Africa: The ACE: School Leadership Programme. *South African Journal of Education*, 31:31–43.
<http://www.ajol.info/index.php/saje/article/viewFile/63489/51332> (12 Mei 2014 geraadpleeg).

Canole, M. en M. Young. 2013. Standards for educational leaders: An analysis. ISLLC analysis report. Washington: Council of Chief State School Officers.
www.ccsso.org/documents/analysis%20of%20leadership%20standards-final-070913-rgb.pdf (24 Mei 2014 geraadpleeg).

Catano, N. en J.H. Stronge. 2007. What do we expect of school principals? Congruence between principal evaluation and performance. *International Journal in Education*, 10(4):379–99. <http://alex.state.al.us/leadership/Principals%20%20Files/RC-7,%20Virginia%20study%20of%20Eval%20Instruments.pdf> (23 Junie 2014 geraadpleeg).

Christie, P. 2010. Landscapes of leadership in South African schools: Mapping the changes. *Educational Management Administration and Leadership*, 38(6):694–711.
http://www.education.uct.ac.za/sites/default/files/image_tool/images/104/landscapes.pdf (15 Junie 2014 geraadpleeg).

CCSSO (Council of Chief State School Officers). 1996. Interstate School Leaders Licensure Consortium standards for school leaders. Washington, DC: Council of Chief State School Officers. <http://www.ccsso.org/Documents/Analysis%20of%20Leadership%20Standards-Final-070913-RGB.pdf> (29 April 2017 geraadpleeg).

—. 2006. Updating educational leadership professional standards in a changing public education environment. Washington, DC: Council of Chief State School Officers
<http://www.mpea.org/assessmentinfo/NPBEA%20Proposal%20Final%20Draft.pdf> (20 Mei 2014 geraadpleeg).

—. 2008. Educational Leadership Policy Standards: ISLLC 2008. As adopted by the National Board for Educational Administration. Washington, DC: Council of Chief School Officers.
http://www.ccsso.org/Documents/2008/Educational_Leadership_Policy_Standards_2008.pdf (20 Mei 2014 geraadpleeg).

—. 2014. 2014 ISLLC Standards. Draft for public comment. Washington, DC: Council of Chief School Officers.
<http://www.ccsso.org/Documents/2014/Draft%202014%20ISLLC%20Standards%2009102014.pdf> (20 Mei 2014 geraadpleeg).

Creighton, T., S. Harris en J. Coleman (reds.). 2005. *Crediting the past, challenging the present, creating the future*. Huntsville, Texas: National Council of Professors of Educational Administration.

DvBO (Departement van Basiese Onderwys). 2014. Policy on the South African standard for principalship. *Staatskoerant nr. 37897*. Pretoria: Staatsdrukkery.

—. 2016. Policy on the South African Standard for principalship 2015. *Staatskoerant nr. 323*. Pretoria: Staatsdrukkery.

DvO (Departement van Onderwys). 2008. Core curriculum outline. Advanced Certificate: Education (School Management and Leadership). Pretoria: Staatsdrukkery.

Department of Education and Skills, Verenigde Koninkryk. 2004. National standards for head teachers. Nottingham: DfES Publications.

English, F.W. 2003. *The postmodern challenge to the theory and practice of educational administration*. Springfield, Illinois: Charles C Thomas Publisher.

—. 2005. Educational leadership for sale: Social justice, the ISLLC standards, and the corporate assault on public schools. In Creighton, Harris en Coleman (reds.) 2005. <http://cnx.org/resources/b824232538d12dc8cfb35530248eecfdbdf8283b/8englishsmall.pdf> (20 Mei 2014 geraadpleeg).

Fleisch, B. 2008. *Primary education in crisis: Why South African children underachieve in reading and mathematics*. Kaapstad: Juta.

Furman, G. en F. English. 2002. Guest editors' introduction: Can leadership be legislated? *Journal of School Leadership*, 12(5):476–9.

George, H.W. 2008. *It is the principal of the thing: Georgia's school principals' understanding of the Interstate School Leadership Consortium (ISLLC) and the relevance of the ISLLC standards in 21st century principal preparation programs*. Minneapolis: Capella University.

Glenewinkel, J.R. 2011. How do superintendents use the ISLLC standards to evaluate principals? Or do they? Ongepubliseerde DEd-verhandeling, Washington Staatsuniversiteit. <https://research.wsulibs.wsu.edu/xmlui/handle/2376/3025> (4 April 2014 geraadpleeg).

Hallinger, P. (red.). 2005. *Global trends in school leadership*. Lisse, Nederland: Swets en Zetlinger.

Hess, F.M. 2003. *A license to lead? A new leadership agenda for America's schools*. Washington: Progressive Policy Institute.

Heystek, J. 2007. Reflecting on principals as managers or moulded leaders in a managerialistic school system. *South African Journal of Education*, 27(3):491–505. <http://www.ajol.info/index.php/saje/article/download/25114/4328> (2 Junie 2014 geraadpleeg).

Ingvarson, L., M. Anderson, P. Gronn en A. Jackson. 2006. *Standards for school leadership. A critical review of literature*. http://www.aitsl.edu.au/docs/default-source/default-document-library/standards_for_school_leadership_-_a_critical_review_of_literature (24 April 2017 geraadpleeg).

Leithwood, K. en R. Steinbach. 2005. Toward a second generation of school leadership standards. In Hallinger (red.) 2005.

Marshall, C. en M. McCarthy. 2002. School leadership reforms: Filtering social justice through dominant discourse. *Journal of School Leadership*, 12(5):480–502.

McCarthy, M., S. Sheldon en J. Murphy. 2016. Policy penetration of the ISLLC standards. *Leadership and Policy in Schools*, 15(2):221–30.

<http://www.tandfonline.com/doi/full/10.1080/15700763.2015.1093149?src=recsys> (24 April 2017 geraadpleeg).

Mestry, R. en P. Singh. 2007. Continuing professional development for principals: A South African perspective. *South African Journal of Education*, 27(3):477–90.

http://reference.sabinet.co.za/sa_epublication_article/educat_v27n3a10 (15 Junie 2013 geraadpleeg).

Mombourquette, C. 2013. Principal leadership: Blending the historical perspective with the current focus on competencies in the Alberta context. *Canadian Journal of Educational Administration and Policy*, 147:1–19.

http://www.uleth.ca/vp_research/sites/vp_research/files/2014Celebrating_Research_Booklet.pdf (30 Julie 2014 geraadpleeg).

Msila, V. 2012. Mentoring and school leadership: Experiences from South Africa. *Journal of Social Science*, 32(1):47–57. [http://www.krepublishers.com/02-Journals/JSS/JSS-32-0-000-12-Web/JSS-32-1-000-12-Abst-PDF/JSS-32-1-047-12-1336-Msila/JSS-32-1-047-12-1336-Msila-V-Tx\[5\].pdf](http://www.krepublishers.com/02-Journals/JSS/JSS-32-0-000-12-Web/JSS-32-1-000-12-Abst-PDF/JSS-32-1-047-12-1336-Msila/JSS-32-1-047-12-1336-Msila-V-Tx[5].pdf) (6 Junie 2014 geraadpleeg).

Murphy, J. 2003. Reculturing educational leadership: the ISLLC standards ten years out. Fairfax, VA: National Policy Board for Educational Administration.

<http://files.eric.ed.gov/fulltext/ED481619.pdf> (15 April 2014 geraadpleeg).

—. 2005. Unpacking the foundations of ISLLC standards and addressing concerns in the academic community. *Educational Administration Quarterly*, 41(1):154–91.

<http://www.npbea.org/wp/wp-content/uploads/2014/11/Unpacking-the-Foundations-of-the-ISLLC-Standards-and-Addressing-Concerns-of-the-Academic-Community.pdf> (27 April 2007 geraadpleeg).

National Policy Board for Educational Administration. 2015. Professional standards for educational leaders 2015. Reston, VA: Author. <http://www.npbea.org/wp/wp-content/uploads/2014/11/ProfessionalStandardsforEducationalLeaders2015forNPBEAFINAL-2.pdf> (29 April 2017 geraadpleeg).

Ngcobo, T. 2012. Leadership development challenges in South African schools: The Advanced Certificate: Education (School Management and Leadership). *Africa Education Review*, 9(3):417–33.

<http://www.tandfonline.com/doi/abs/10.1080/18146627.2012.742644#.VMFGTC5PLW8> (20 Mei 2014 geraadpleeg).

Pitre, P. en W. Smith. 2004. Standards and school leadership: Who's leading this band? *Teachers College Record*. <https://www.tcrecord.org/content.asp?contentid=11382>

(19 Oktober 2014 geraadpleeg).

SAQA (South African Qualifications Authority). 2004. Advanced Certificate: Education (School Management and Leadership). *Staatskoerant nr. 26443*, 11 Junie. Pretoria:

Staatsdrukkery. http://www.gov.za/sites/www.gov.za/files/26443b_0.pdf (10 Mei 2014 geraadpleeg).

Taylor, N. 2008. What's wrong with South African schools? Referaat gelewer by die konferensie "What's working in school development". *Jet Education Services*, 28–29 Februarie.

<http://www.jet.org.za/events/conferences/What%20works%20in%20school%20development/Papers/Taylor%20Whats%20wrong%20with%20SA%20schools%20JET%20Schools%20Conf%20final.pdf> (2 Junie 2014 geraadpleeg).

University Council for Educational Administration (UCEA). 2012. *Designing purposeful and coherent leadership preparation curriculum: A curriculum mapping guide*. Charlottesville, Virginia. <http://3fl71l2qoj4l3y6ep2tqpwwr.wengine.netdna-cdn.com/wp-content/uploads/2015/02/Curriculum-Mapping-Guide-for-Leadership-Development.pdf> (15 Mei 2014 geraadpleeg).

Van der Berg, S., S. Taylor, M. Gustafsson, N. Spaull en P. Armstrong. 2011. Improving education quality in South Africa. Report for the National Planning Commission. Stellenbosch: Stellenbosch Universiteit, Departement van Ekonomie. <http://resep.sun.ac.za/wp-content/uploads/2012/10/2011-Report-for-NPC.pdf> (31 Julie 2014 geraadpleeg).

Van der Westhuizen, P. en H. van Vuuren. 2007. Professionalising principalship in South Africa. *South African Journal of Education*, 27(3):431–45. www.ajol.info/index.php/saje/article/download/25110/4324 (10 Junie 2013 geraadpleeg).

Young, M.D. en J. Liable. 2000. White racism, antiracism, and school leadership preparation. *Journal of School Leadership*, 10(1):374–415.

Performatiwiteit as verskynsel in die onderwys

Milton van Wyk en Lesley le Grange

Milton van Wyk en Lesley le Grange
Departement Kurrikulumstudie, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Performatiwiteit in die onderwys is 'n neoliberale verskynsel. Die neoliberalisme is 'n gedagterigting wat effektiwiteit, doeltreffendheid en gehalte beklemtoon. Met hierdie artikel word daar op die toenemende belang van hierdie tipies besigheidsbeginsels in skole gefokus. Binne 'n performatiewe bestel word oordrewe klem op die regulering en bestuur van die onderwyser se werksverrigting geplaas. Deur performatiwiteit in die dagtake van onderwysers in te dwing, het regerings toenemend beheer oor daardie onderwysers se werkslewe verkry. Spesifieke tegnieke van dophouding en moniteringstelsels, soos selfbeheer, beheer deur ander, beheer deur inligtingsvervaardiging, beheer deur leerderprestasie en beheer deur assesseringsdata, is ingestel sodat onderwysers verplig word om hul toerekenbaarheid aan die onderwysowerhede te demonstreer. Die bestuur van hierdie toerekenbaarheidsprosesse is 'n soort skrikbewind wat ook die “gruwels (*terrors*) van performatiwiteit” genoem word. Hierdie gruwelhouding kan nie net ernstige gevolge vir die aard van onderrig en leer in skole inhou nie. Die negatiewe uitwerking kan ook fel op die innerlike lewe en die professionele identiteit van die onderwyser wees. Dit blyk dat onderwysers deur die gruwels van performatiwiteit verswelg word. Daar behoort weerstand teen die nuwe-effekte van performatiwiteit gebied te word, maar is so 'n optrede moontlik? Ten einde dit vir onderwysers moontlik te maak om konstruktiewe betekenis aan 'n weerstandsbeweging te verleen, word die volgende aanbevelings gemaak: Eerstens moet deelname aan onderlinge gespreksvoering tussen onderwysers aangemoedig word, sodat hulle saam oor hul professionaliteit kan besin. Tydens hierdie geleenthede van kollektiewe reflektoring behoort onderwysers betrokke te wees in kritiese gesprekke oor die gevare van performatiwiteit, en eie ervarings binne 'n kultuur van performatiwiteit behoort met mekaar gedeel te word. Tweedens behoort onderwysers die geleenthede te inisieer om in interaksie met die beleidmakers oor onderwysbeleide te tree. Die uitdaging hier is om die ingesteldheid van die beleidmakers tot so 'n mate te verander dat onderwysers die geleentheid kan kry om nie bloot passiewe ontvangers van beleide te wees nie. Sodoende sal onderwysers die geleentheid kry om meer aktief by die vorming van onderwysbeleide betrokke te wees.

Trefwoorde: beheermeganismes; gruwels (“terrors”); neoliberalisme; onderwysers; performatiwiteit; toerekenbaarheid

Abstract

Performativity as phenomenon in education

As in the case of other Western countries the South African government has put education policies in place to regulate the work of teachers. This development needs to be understood in the context of a shift in the role of the state from that of being primarily a provider to that of being a regulator and monitor. This shift accompanies the erosion of the welfare state across the globe. In the context of education, the introduction of new measures such as accountability regimes has direct implications for all teachers in public schools in the Republic of South Africa. This has given rise to a phenomenon in schools termed a *culture of performativity*, whereby teachers' work and worth are continuously measured and the quickest input-output ratio is pursued at all costs.

Ball (2003b:216) argues that, "performativity is a technology, a culture and a mode of regulation that employs judgements, comparisons and displays as means of incentive, control, attrition and change – based on rewards and sanctions". The rising culture of performativity is closely intertwined with the ascendancy of neoliberalism in the past four decades. In this article we suggest that performativity is one of the manifestation of neoliberalism. Neoliberalism can be traced back to liberal perspectives of the 17th century which became marginalised due to the rise of welfare state liberalism of the late 19th century and Keynesian economics of the 20th century. The revival of neoliberal politics in the late 20th century has witnessed the erosion of the welfare state, the privatisation of state assets and a return to neo-classical economics. *Neoliberalism* is a contentious term (among both its proponents and its critics). However, there are principles which all neoliberals share. I shall briefly mention three of these: a commitment to individual liberty and a reduced state; a shift in policy and ideology against government intervention; and that market forces are self-regulating.

Performativity plays out in the school context in different ways. In this article we discuss the following effects of performativity that are pertinent to institutionalised education (schooling): the control over the self (Foucault's *technologies of the self*); control over others as evident in performance appraisal systems; control through the production of information; control over learners' performances; control over assessment data; systems of rewards and sanctions; increase in workload; attitudinal and behavioural change; negative physiological and emotional effects; and deprofessionalism. Concerning the latter, performativity results in the erosion of the professional soul of the teacher and teaching/learning becomes a dehumanising practice – a cold and heartless exercise.

This literature review shows that teachers are confronted by the "terrors of performativity" (Ball 2003b:215) that erode the professional souls. However, to ensure that good education takes place, the harmful effects of performativity in schools should be counteracted or resisted. But is resistance possible? In the school – or within the *performative society* as Ball (2003b:226) calls it – teachers should be the first line of defence. Teachers should take responsibility for their professionalism, otherwise there is a danger of their continuing to function merely as technicians of the state or agents of the markets. As "resisting professionals" (Kim 2010:69) teachers can harness their professional selves – individual and collective – as a means to resist the dangers of performativity. In order to mobilise teachers to give constructive meaning to a resistance movement, the following recommendations are made in the article:

First, because this is a political matter, teachers should create opportunities and set aside time to meet with colleagues. Mechanisms should be put in place to ensure that participation and dialogical deliberations among teachers occur. Collective action whereby teachers have the time to reflect together on their profession and professionalism is peremptorily necessary. During such moments of collective reflection teachers should engage in critical discussions, not only about the dangers of performativity, but also about their respective lived experiences of teaching within a culture of performativity – thereby “giving voice to the silenced”, as Weber (2007:299) puts it.

Secondly, to maintain teachers’ identities as professionals there needs to be a “call to action” (Wilkins 2011:393). Solidarity and collective action of teachers should be encouraged because “there is no action in isolation” (Arendt 1993 in Rue 2006:125). Teachers must have the professional courage and commitment to collectively resist so that a balance between professional and political power is put into effect. Therefore, teachers should initiate processes of seeking opportunities for interaction with education policy-makers. The teaching corps should, in consultation with the state, establish a *power-with* instead of a *power-over* relationship with the state (Waghid, Berkhout, Taylor and De Klerk 2005:179). Within a *power-with* relationship teachers have opportunities to speak about the policy changes that they are uncomfortable with (White 2010:292). In this context the aims of policy changes should be more explicitly articulated and debated so that free and open discussions between participants occur (Delandshere and Arens 2001:564). It is important that policy-makers’ and teachers’ views are brought into conversation with one another, “not only in order to achieve a sense of consensus, which is one way to achieve the success of educational reforms, but also to make any necessary adjustments to policy after getting first-hand feedback on how it works at the grass-roots level” (Wong 2008:268). The challenge here is to change the ideas and intentions of policy-makers so that teachers become more active participants in the forming of education processes rather than passive receivers of policies. In this regard, the teachers as part of a resistance movement would display characteristics of what has been referred to as an “activist professional” (Sachs 2003 in Avis 2005:215). Judyth Sachs’s (2003) notion of an “activist identity” (Whitty 2006:12; Wilkins 2011:393) has the potential of the development of a “transformative professionalism” (Wilkins 2011:393). The new teacher professionalism can be seen as a product of negotiations between governments’ needs and teachers’ expectations of their work (Wong 2008:272). Within a democratic discourse (Wilkins et al. 2012:67) teachers therefore take on the societal role as change agents (Carl 2009:206).

Keywords: accountability; control mechanisms; neoliberalism; performativity; teachers; terrors

1. Inleiding

Reddy, Le Grange, Beets en Lundie (2015:1) meen dat ons in ’n wêreld woon waar ons gedurig uitgedaag word om te presteer, hetsy op die sportveld, in die werkplek, op skool, op kollege of universiteit. Binne die huidige skoolstelsel word daar van onderwysers vereis om in meetbare terme te presteer en hulle aan die regime van effektiwiteit en doeltreffendheid te onderwerp (Van der Walt, Mentz, Breed en Coetsee 2008:469). Hierdie tendens om prestasie te verwag waaraan die onderwyser se waarde voortdurend gemeet word, het aanleiding gegee

tot 'n verskynsel in die skoolpraktyk – die verskynsel van prestasiegedrewe optrede – waarna Ball (2000; 2003a; 2003b; 2004; 2012) veelseggend as “performativity” verwys. Ball (2003b) suggereer dat performatiwiteit in die onderwys die resultaat/uitkoms van die samelewing se beheptheid met teikens, toetsings, statistieke, rangordes en vergelykings is.

Dit blyk dat performatiwiteit, wat ten doel het om standaarde in skole en onderwysprestasie landswyd te verhoog (Craft en Jeffrey 2008:577), tans een van die magtigste en deurdringendste diskoerse in die onderwys is. Performatiwiteit mag gesien word as 'n politieke en burokratiese meganisme van beheer waarin onderwysers moet demonstreer dat hulle toerekenbaar is vir die verantwoordelikhede wat op hulle rus. Die onderwyser se pogings om aan die eise van performatiwiteit te voldoen, dit wil sê “om waarde toe te voeg ... om produktiwiteit te verbeter, [en om] 'n bestaan van berekening te voer” hou belangrike implikasies in vir die betekenis van onderwysers se werk (Ball 2003b:223) (Skrywers se vertaling). Die performatiwiteitsdruk mag bepaalde uitwerkings en nuwe-effekte vir die onderwyser se werkslewe inhou. Dit bring mee dat onderwysers soms geen keuse gelaat word as om met die eise van performatiwiteit te konformeer nie. Gevolglik sal onderwysers, ten einde toerekenbaar te wees, soos Ball (2003b:225) dit stel: “arrive at different forms of strategic response ... [and] may submit to becoming *whatever it seems necessary to become* in order to survive” (Kursivering in oorspronklike). Dit kom daarop neer dat onderwysers, vanweë die brutale oorheersing van die eise van performatiwiteit, strategies sal optree ten einde te oorleef. Met ander woorde “what is important is *what works*” (Ball 2003b:222). Die onus rus dus vierkantig op die skouers van onderwysers “to lift their game” (Meadmore 2001:27).

In hierdie artikel sal ons eerstens poog om aan te dui tot watter mate 'n groter wordende kultuur van performatiwiteit in die onderwys tot werksoorlading van onderwysers lei. Tweedens word die moontlikheid van 'n veranderde houding en 'n gedragsverandering by onderwysers in hul skoolpraktyk as die gevolg van performatiwiteit ondersoek. Derdens sal ons poog om die fisiologiese en intense emosionele prosesse aan te dui wat onderwysers moet verduur tydens hul pogings om aan die performatiwiteitseise te voldoen. Vierdens sal die aspekte van belonings en strafgevolge, as kernelemente van performatiwiteit, ondersoek word. Vyfdens sal ons die rol van performatiwiteit in die deprofessionalisering van die onderwys as beroep bespreek. Ten laaste sal ons die implikasies wat hierdie bespreking vir onderwysers, beleidmakers en onderwysadministrateurs inhou, uitlig.

2. Teoretiese inslag

Die teoretiese inslag van hierdie artikel is ingegee deur die werke van die Franse filosoof Foucault. Insigte oor hoe mag deur gedurige dophouding uitgeoefen word, word in Foucault se bekende skrywes oor die panoptikon verskaf. Die woord *panoptikon* wat letterlik “almal sien” (Perryman 2006:155) beteken, is die naam van 'n argitektoniese ontwerp vir 'n modeltronk waar die individuele selle rondom 'n sentrale wagtoring gerangskik is, en van waar dit vir 'n enkele toesighouer moontlik is om binne elke sel te sien sonder dat die “bewoners” daarvan bewus is dat hulle dopgehou word. In sielkundige terme is die panoptikon 'n soort bewusmakingstoestel en die ontwerp daarvan beskryf die funksionering van dissiplinêre mag in die moderne Westerse gemeenskappe, aldus Gallagher (2010:263).

In *Discipline and punish: the birth of the prison* (1977) verwys Foucault juis na die panoptikon as 'n model waarmee eenvoudige parallele met ander sosiale organisasies soos skole getrek kan word. Foucault verleng hierdie idee na die skool omdat die panoptikon ook daar as 'n model van effektiewe dophouding kan dien (Kim 2010:68). Volgens Perryman (2006:148–9) was die dophou van onderwysers altyd op die politieke agenda, omrede dit vir die staat noodsaaklik is om die onderwys te hervorm en dat hierdie hervorming aan verhoogde dophouding en monitering onderwerp behoort te word. Performatiwiteit word verbind met die verhoogde dophouding waaronder onderwysers hulle bevind en onderwysers word in terme van uitkoms en prestasie beoordeel. Ten einde aan die performatiewe regime te ontsnap presteer onderwysers op 'n bepaalde wyse wat lei tot ontmagtigings- en normaliseringseffekte. Soos Perryman (2006:150) skryf: “Performativity is about performing the normal within a particular discourse.” Dit is binne-in hierdie raamwerk – 'n “technology of education governmentality” (Loh 2016:3) dat onderwysers se werkslewe nou gereguleer en beheer word.

3. Navorsingsmetode

Ten einde insigte te verskaf in hoe regerings wêreldwyd spesifieke dophoutegniese ingestel het om beheer oor onderwysers se werkslewe te verkry, het ons 'n oorsig van die literatuur wat relevant tot hierdie ondersoek is, onderneem. In die literatuuroorsig, wat 'n navorsingsbenadering uit eie reg is, het ons weer na vorige navorsing oor die begrip performatiwiteit gaan kyk. In die proses kon ons identifiseer wat vorige navorsers as belangrik bevind het. Die belangrikheid hiervan word oortuigend deur Neuman (1997:89) beskryf:

Wetenskaplike navorsing is nie 'n aktiwiteit van afgesonderde kluisenaars wat ander se bevindinge miskyk nie. Dit is eerder 'n gesamentlike poging van menige navorsers wat hul resultate met ander deel en kennis as 'n gemeenskap nastreef. (Skrywers se vertaling)

Die literatuuroorsig het aan ons 'n mate van bevoegdheid binne die navorsingsgebied verskaf, en ook was dit behulpsaam om ons kennis van die navorsingsgebied te ontwikkel. Die oorsig van die literatuur het aan ons kennis van onder andere bruikbare definisies, terme en konsepte verskaf wat aan ons die grense van vorige navorsing duidelik afgebaken het. Deur 'n oorsig te verkry van wat reeds in die literatuur bekend is, word hierdie studie nie net gekontekstualiseer nie, maar ook word die relevantheid van die onderwerp uitgelig deurdat dit binne 'n bepaalde kennisgebied ingebed is. Verder belowe die bevindinge van die literatuuroorsig om insigte te bied vir heroorweging van huidige onderwyspraktyke.

4. Die groei van neoliberalisme in die onderwys

Instansies soos die Wêreldbank en die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OESO), wat ekonomiese groei, welvaart en volhoubare ontwikkeling bevorder, is, volgens Ball (2003b:215), magtige agente wat die “draers” van die beleidsepidemie regoor die wêreld is. Die beleidsepidemie, wat “unstable, uneven but

apparently unstoppable” is (Ball 2003b:215), het blykbaar regerings wêreldwyd daartoe gedryf om hul posisies op die wêreld se ekonomiese markranglyste te verbeter. Daarom was regerings wêreldwyd vanaf die einde van die 1970's tot die 1990's met wydverspreide hervormings besig (Tolofari 2005:87). Hierdie hervormings het tot 'n revolusionêre verandering by die lewering van maatskaplike dienste, toerekenbaarheid vir regeringsuitgawes en die bestuurstrukture gelei. Die verandering is versterk en aangevuur deur 'n tydgees wat drie of vier dekades wêreldwyd, en ook onder Suid-Afrikaners, merkbaar geword het en wat oorkoepelend as *postmodernisme* bekend staan. In hierdie tydgees van postmodernisme het die verandering, wat veral in die ekonomiese kontekste ingetree het, weer op hul beurt 'n impak op onderwys hervorming gehad.

Ten grondslag van die onderwysbeleidsveranderinge was die vasberadenheid om die intellektuele vermoëns van skoolverlaters sodanig te verbeter dat die nasie meer mededingend in die wêreldmarkplek sal wees (Wong 2008:269). Onder 'n beleidsbestel van globale ekonomiese mededinging is daar die hoë eise van prestasieskoling (McKenzie 2004). Versterk deur die geloof dat onderwys 'n hoogs bekwame werksmag kan ontwikkel, het die neoliberale ideologie grootliks onbetwis in die samelewing ontluk (Biraimah, Gaudelli en Zajda 2008). Ball (2003b:216) meen dat “the new technologies of reform play an important part in aligning public sector organizations with the methods, culture and ethical system of the private sector.” Skole het nie die invloed van neoliberale beleidstoepassings vrygespring nie. 'n Ekonomiese “mark”-struktuur vir skole is geskep ten einde effektiwiteit, doeltreffendheid en gehalte van die leeruitsette te verbeter. Terminologie tipies aan die bedryfswêreld, soos *teikens*, *doelwitte*, *lewering*, *inset* en *uitset*, *aandeel* en *toegevoegde waarde*, het deel van die woordeskat in die onderwys geword. In hierdie opsig word onderwys gedefinieer op grond van die bydrae wat dit in ekonomiese terme mag lewer. Dit het die wese van die skool begin bedreig en skole genoop om as't ware sakeondernemings te word (Van der Walt e.a. 2008:473). Met sy wortels in die kultuur van die korporatiewe besigheidswêreld het onderwys 'n verhandelbare produk geword (Lyotard 1984). Daarom word onderwys al meer deur beleidmakers, sowel as in die openbare mening, gesien as 'n belegging wat 'n opbrengs lewer, en dus moet skole doeltreffend bestuur word. Die heerskappy van neoliberalisme het, volgens Hursh (2001:4), daartoe bygedra dat onderwys aan die menslikekapitaalteorie verbind word. In hierdie opsig merk Welch (1993:3) in Van der Walt e.a. (2008:475) op dat daar na onderwysers as “menslike kapitaal” of as “hulpbronne” verwys word.

Binne die neoliberale, markgerigte skoolomgewing word onderwysers aangemoedig om hulself as ondernemende neoliberale te beskou. Volgens hierdie gedagterigting moet onderwysers tot hulself waarde kan toevoeg, hul produktiwiteit kan verbeter, kan streef na uitnemendheid en 'n berekende bestaan kan voer. So 'n ingesteldheid is wat Rose 1989 (in Ball 2003b:217) “'n onderneming van die self” noem. Volgens Ball (2003b:223) word 'n nuwe soort onderwyser sodoende geskep, een wat “opgeroep is tot onderwys hervorming”, “a teacher who can maximize performance ... for whom excellence and improvement are the driving force of their practice”. Om hierdie rede is professionele standaarde ingestel waaraan hierdie “nuwe soort onderwyser-subjekte” (Ball 2003b:217) gehoor moet gee. Volgens Liew (2012:285) is dit hierdie verhoging van standaarde ter wille van die prestasie wat aanleiding gegee het tot die neoliberale paradigma van politiek-ekonomiese administrasie, beter bekend as prestasiebestuur. Dus is die manier waarop die onderwyser se prestasie tans in die skool gereguleer en bestuur word, die gevolg van die vestiging van neoliberale idees in die onderwys.

5. Die manifestering van neoliberalisme in die vorm van performatiwiteit

Die verwerkliking van neoliberalisme in die onderwys word deur die beklemtoning van 'n nuwe vorm van bestuur gekenmerk. Ball (2003b:217) noem dit “die vestiging van ’n nuwe vorm van beheer”. Die toepassing van neoliberale idees, soos doeltreffendheid en ’n ensiening van gehalteonderwys, het ’n oordrewe klem op die regulering en bestuur van onderwysers se werkswynging geplaas. Binne hierdie raamwerk beleef onderwysers toenemend dat die toepassing van besigheidsbeginsels in die skole benadruk word. Garratt, Phillips en Piper (2003:442) meen dat druk van die sentrale regering “to harness schooling towards the need of the economy have led to moves to control education ... and the drive towards ‘standards, accountability and measurement’”. Die besigheidspraktyke en die markgedrewe bestuurskultuur in die onderwys, onder meer evaluerings-, gehalte- en kontrolemaatreëls, word as politieke en burokratiese beheermeganismes, bekend as *performatiwiteit* (Ball 2003b:216), aangewend. Ball (2003b:216) beskryf die begrip *performatiwiteit* as:

a technology, a culture and mode of regulation that employs judgements, comparisons and displays as means of incentive, control, attrition and change – based on rewards and sanctions (both material and symbolic). The performances (of individual subjects or organizations) serve as measures of productivity or output, or displays of “quality”, or “moments” of promotion or inspection. As such they stand for, encapsulate or represent the worth, quality or value of an individual or organization within a field of judgement.

Loh (2016:1) meen dat performatiwiteit ’n markgerigte regeringsbeginsel en ook ’n vorm van magstegnologie is. Insigte in die magsuitoefening in skole kan verbind word aan Foucault (1977–8; 2007) se opvatting van “... the conduct of conduct ...”. Foucault se idee van “conduct of conduct” wat met die kuns om te regeer verbind kan word, het twee dimensies. Eerstens is daar die tegnieke van bevolkingsbestuur en die politieke rasionaal daaragter, en tweedens is daar *selfbestuur*, of wat Foucault (1977–8; 2007) “tegnieke van die self” deur individuele subjekte noem, waar eie gedrag volgens geïnternaliseerde sosiale norme gereguleer word (Suspitsyna 2010:570).

Volgens Ball (2003b:217) is performatiwiteit ’n nuwe modus van regulering wat dit moontlik maak om op ’n gevorderde, liberale wyse te regeer. Deur die toepassing van besigheidsbestuursteorieë en –praktyke is nuwe, verskerpte vorme van dophouding in die skoolstelsel in werking gestel. Volgens Ball (2003a) het die aanwending van spesifieke dophoudings regerings in staat gestel om onderwysers se werk van ’n afstand af sorgvuldig te monitor en te evalueer. Tans is daar verskeie meganismes van dophouding (Jansen 2004:53) of moniteringstelsels (Ball 2003b:216) wat ingestel is sodat onderwysers verplig word om hul toerekenbaarheid aan die onderwysowerhede te demonstreer. Loh (2016:1) beklemtoon hierdie opvatting deur te noem dat performatiwiteit

’n vorm van regulerende kultuur is wat onderwysers se lewens aan toerekenbaarheidsmaatreëls onderwerp. Hierdie maatreëls plaas ’n fel soeklig op hulle prestasie, of die gebrek daarvan, en word as ’n maatstaf vir vergelyking aangewend. (Skrywers se vertaling)

Dit is juis om hierdie rede dat Ball (2004:143) beweer dat performatiwiteit in die onderwys die nuwe magsdiskoers geword het, waarvan toerekenbaarheid die lingua franca is.

Dit blyk dat verskeie lande, as gevolg van 'n verhoogde belangstelling in beter en gehalteonderwys nasionaal en internasionaal, toerekenbaarheidstelsels ingestel het om onderwysers meer verantwoordbaar te maak vir die onderrig en leer wat in skole plaasvind. Die onderliggende rasionaal vir die instelling van toerekenbaarheidstelsels is dat onderwysers kwansuis nie vertrou kan word om die openbare diens wat hulle moet lewer, effektief te verrig sonder om beheer te word nie (Mosoge en Pilane 2014:1). Møller (2007) meen dat politici twyfel oor die mate waartoe onderwysers aansprake namens hul kliënte (die ouers) of selfs in hul eie belang as 'n groep, kan maak. Daar bestaan die opvatting dat onderwysbeleide nie meer op die algemeen aanvaarde vertroue in die professionele bevoegdheid van onderwysers kan staatmaak nie; onderwysers se prestasie moet gevolglik beheer en beoordeel word. Dit is moontlik die rede waarom monitering op verskeie vlakke van die onderwys tans die fokus is.

6. Moniteringstelsels

Die kultuur van performatiwiteit gedy. Dit het oor die afgelope aantal jare heen in skole ontluik en gegroei (MacRuairc en Hartford 2008). Skole, as staatsinstellings, word as politieke beskou. 'n Skool word gesien as 'n arena waar magsverhoudings aan die orde van die dag is. Binne hierdie politieke speelveld word onderwysers as “politieke akteurs” (Jansen 2001:243) beskou wat volgens bepaalde beleide moet optree. Deur performatiwiteit in die daaglikse praktyke van onderwysers in te dwing, het regerings toenemend beheer oor onderwysers se arbeidslewe verkry. Soos reeds genoem, is moniteringstelsels een van die toerekenbaarheidsmaatreëls binne 'n kultuur van performatiwiteit. Hierdie stelsels is niks anders as beheermeganismes nie.

6.1 Beheer deur die self

Een van die internasionale neigings in opvoedkundige hervorming tans is die afwenteling van besluitnemingsmagte vanaf die sentrale regering na skoolvlak. Hierdie magverskuiwing vanaf nasionale na plaaslike vlak het aanleiding gegee tot skoolgebaseerde bestuur, of “plekgebaseerde bestuur” (Ball 2003b:219). Kenmerkend van die “devolved, entrepreneurial institutions” (Ball 2003a:6) is dat die institusionele gesag wel onsigbaar is, maar dat die onderwyser, as die “objek van dophouding” (Kim 2010:68) voortdurend sigbaar is en onder toesig verkeer. In hierdie verband merk Ball (2010:126) tereg op: “We and our workplace are made visible.” Hierdie vorm van “goewermentaliteit” mobiliseer onderwysers “to undertake self-governing tasks” (Ball 2010:129). Binne hierdie raamwerk aanvaar die onderwyser self die verantwoordelikheid om sy/haar prestasie te moniteer. By skole waar selfbestuur toegepas word, vind ook selfregulering plaas waar onderwysers hulself bestuur soos gemeet aan eksterne-ingestelde standaarde. Hierdie standaarde is ingestel volgens die definisie van wat dit behels om 'n “goeie onderwyser” te wees. Volgens Doherty en McMahon (2007:256) is selfmonitering 'n opvallende aspek van die performatiewe klimaat in skole. Hierdie aspek kom duidelik in die nuwe opvoedertakseringstelsel in Suid-Afrika na vore, en staan as die Geïntegreerde Gehaltebestuurstelsel (GGBS) bekend. Een van die vereistes van die GGBS is dat onderwysers eers hulleself, aan die hand van die einste instrument wat tydens die

ontwikkelingstaksering deur die ondersteuningsontwikkelingsgroep (OOG) binne die skool gebruik gaan word, moet evalueer. Die selfevalueringsverslag help die onderwyser en die OOG om sterk- en swakpunte van die onderwyser te identifiseer, waarop die onderwyser dan verplig word om 'n Persoonlike Groeiplan (PGP) op te stel (Mosoge en Pilane 2014:8). Hierdie selfmoniteringsapparaat kan gesien word as 'n verlengstuk van die selfdophoudingsapparatuur binne die skool (Wilkins, Busher, Kakos, Mohammed en Smith 2012:67).

6.2 Beheer deur ander

Behalwe dat onderwysers in die skool self 'n keuse uitoefen en hul praktyke beoordeel, word hulle ook deur ander beoordeel op grond van hul organisatoriese prestasie (Ball 2003b:223). “They have to attend to the external demands and pressures of performing, and to demonstrate improved performance themselves (Perold, Oswald en Swart 2012:115). Ballet en Kelchtermans (2008:47) meen dat onderwysers toenemend aan eksterne druk (eise vanaf beleidmakers) onderwerp word. Die onderwyser se prestasie word aan nog meganismes van performatiwiteit, soos portuuroorsig en inspeksies, onderwerp (Ball 2003b:220). Interne portuurgroepevaluering, ook bekend as portuurgroepwaarneming van onderrig (Karagiorgi 2012:443) maak 'n belangrike deel van die GGBS-proses uit. Volgens Msila (2009:541) word portuurgroepevaluering, met die fokus op klaskamerbesoek, as 'n strategie aangewend om onderwysergehalte te verhoog.

Benewens selfmonitering en portuurgroepevaluering, is eksterne monitering 'n verdere strategie van die staat om beheer oor onderwysers se werkslewe te verkry. Inspeksies, 'n vorm van eksterne monitering, is een van die hoofbeheermeganismes in onderwys. Skoolbesoeke is belangrike instrumente vir inspektore, en daardeur word die vlak van onderwysergehalte en die nakoming van statutêre regulasies geassesseer (De Wolf en Janssens 2007:381). Skoolbesoeke, wat waarneming van lesse insluit, is 'n algemene kenmerk van inspeksie waartydens die onderwyser se prestasie aan die hand van prestasie-aanwysers beoordeel word. In die Suid-Afrikaanse konteks word onderwysers se werksverrigtinge deur die amptenare van onderwysdistrikskantore gemeet, aangesien hierdie kantore deel van die stelsel van onderwystoesighouding, -ondersteuning en -monitering (Adendorff en Moodley 2014:425) vorm. Perold e.a. (2012:115) skryf dat “education district offices have become sites from where these accountability measures – which have been developed on the national and provincial levels – have to be enforced”. Kurrikulummonitering is 'n wesenlike aspek van hierdie burokratiese en voorskriftelike benadering wat die waarneming van die onderwyser se klaskamerpraktyk behels.

Behalwe klaskamerwaarneming tydens die *site visits* (Ball 2003b:220) by skole, word die monitering van die dekking van die nasionale kurrikulum gedoen deurdat onderwysers se beplanning, leerders se werk en die onderwysers se assessering van daardie werk noukeurig ondersoek word. Dit gee aanleiding tot wat Suspitsyna (2010:571) 'n ouditkultuur noem.

6.3 Beheer deur inligtingvervaardiging

Perryman (2009:614) meen dat by moderne instansies soos skole die beheer van daardie instelling deur die voortdurende monitering van effektiwiteit behou word. Die vervaardiging van kennis is die lewensaar van alle toerekenbaarheidsmeganismes. Die individu lewer verslag aan iemand oor iets. Hierdie verslaggewing word deur middel van inligtingsoordrag

gedoen (O'Day 2002:3). In hierdie opsig merk Lyotard (1984) op dat performatiwiteit tot die kommodifisering van kennis en inligting lei en dat kennis die “principle force of production” oor die afgelope aantal dekades geword het (1984:5).

Dit blyk dat 'n aansienlike deel van wat dit behels om 'n onderwyser te wees, is om 'n vervaardiger en verbruiker van teks te wees. “Performativity seeks to reform the teacher as an instrument of productivity” (Loh 2016:1). Tans spandeer onderwysers baie tyd en energie aan die vervaardiging van inligting wat met prestasie verband hou (Oswald 2010 in Perold e.a. 2012:116). Binne 'n toenemende “produkgedrewe onderwysstelsel” (Hennessy en McNamara 2013:10) word daar van onderwysers verwag om 'n verskeidenheid van formele tekstuele verslae oor hulself te vervaardig (Ball 2003b:225). Hierdie “papierspoor” dien as “bewyslewing van gehalte” (Ball 2003b:218) van die onderwyser se werkverrigting. Gevolglik lei dit tot 'n papiergedrewe stelsel (Bisschoff en Mathye 2009:401) in die onderwys.

6.4 Beheer deur leerderprestasie

Ball (2010:129) noem dat een van die onderwyser se verantwoordelikhede in die skool dié is van “performance done by working on and with students”. Prestasie is tans die *raison d'être* van onderwysinstellings (Tolofari 2005:86), en dit is om hierdie rede dat daar toenemend klem op die akademiese prestasies van leerders in die skool geplaas word. Valli, Croninger en Walters (2007:644) meen dat daar 'n duidelike verband tussen leerderprestasie en onderwyserprestasie bestaan. Dit is dan ook die rede vir die opvatting dat onderwysers meer toerekenbaar vir die akademiese prestasies van hul leerders gehou moet word. Møller (2007) beweer dat die nuwe verstaan van toerekenbaarheid die gedagte behels dat leerders se prestasies as eenhede vir die evaluering van 'n onderwyser se onderrigpraktyk aangewend word. Sodoende word leerderprestasie as 'n maatstaf vir onderwysergehalte gebruik (Ingvarson en Rowe 2008:14).

Arens (2005:6) merk op dat toerekenbaarheid deur leerdertoetsing 'n redelik bestendige kenmerk van die onderwyslandskap geword het. Wiliam (2010:106) argumenteer dat

almal met 'n aandeel in die uitkoms van onderwys – leerders, onderwysers, ouers, ander belastingbetalers, werkgewers, en die breër gemeenskap – wil weet wat die leerders geleer het, en dit blyk geloofwaardig te wees dat dit maklik deur die aanwending van eenvoudige en bekende instrumente soos toetse geëvalueer kan word. (Skrywers se vertaling)

Leerders se prestasies word, behalwe deur skoolgebaseerde assessering, ook deur provinsiale en nasionale gestandaardiseerde toetse gemeet. Die hoofdoel van gestandaardiseerde toetsing is nie net om te assesser en te monitor of leerders aan die gestelde kurrikulumstandaarde voldoen nie, maar ook om die gehalte van die onderwyser se onderrig te bepaal. Volgens Nicholl en McLellan (2008:587) word leerders se prestasies tydens eksaminering aan die uitsette van die onderwyser se performatiwiteit gemeet.

6.5 Beheer deur assesseringsdata

Nog een van die beheermaatreëls waarmee onderwysers toenemend te kampe kry, is die beheer deur data. Kenmerkend aan 'n performatiewe kultuur is die insameling van

performatiewe data (Ball 2003b:221). Orga (2008:264) noem dit “’n nuwe soort kennis – ’n regime van getalle – en ’n bron waardeur dophouding uitgevoer kan word”. (Skrywers se vertaling)

Orga (2003:2) beweer voorts: “[P]olicy-makers have always collected data on the functioning of education systems, and have drawn on these data to monitor systems.” Tans is die leerders se toetsuitslae onder meer in skoolgebaseerde assessering, Sistemiese Evaluering en die Jaarlikse Nasionale en Provinsiale Assesserings van die belangrikste data-insamelingsoefeninge wat dit ten doel het om leerders se akademiese vlakke te bepaal.

Binne ’n kultuur van performatiwiteit berus die verantwoordelikheid van “working on and with data itself” (Ball 2010:129) op die onderwyser. Om hierdie rede word daar van onderwysers verwag om die skoolgebaseerde assesseringsdata in te samel en dit dan, as skoolrapporte, aan die ouers te versend. Op hulle beurt publiseer die departemente van onderwys die uitslae van die gestandaardiseerde toetsing in die vorm van sogenaamde ligatabelle in plaaslike en nasionale nuusblaaie, asook op webtuistes. Lingard (2010:137) meen die “policy-as-numbers approach necessitat[es] school league tables”, en dat hierdie prestasie-inligting as ’n bron vir vergelyking (Orga 2008:268) dien. Die assesseringsdata, wat aan die publiek beskikbaar gestel word, word nie net gebruik om skole te gradeer nie, maar ook om skole onderling met mekaar te vergelyk. Hierdie statistieke is nuuswaardig in ’n kultuur van mededinging waar die beskikbaarheid van keuse vir verbruikers (die leerders) van groot belang is (Meadmore 2001:27). Dit is fundamenteel tot die mededingende welsyn van die skool (Ball 2010:129). Hierdeur word ouers ’n vrye keuse van skole toegelaat en dit gee aan hulle die geleentheid om hulle kinders na die “beste” skole te stuur – skole waar daar op goeie onderrig gereken kan word (Malan 2013:2).

Die wyse waarop die “taal van statistieke” tans die onderwysklimaat oorheers, word deur Ball (2003b) beklemtoon wanneer hy vir Boyle (2001) aanhaal:

We take our collective pulse 24 hours a day with the use of statistics. We understand life that way, though somehow the more figures we use, the more the great truths seem to slip through our fingers. Despite all that numerical control, we feel as ignorant of the answers to the big questions as ever. (Ball 2003b:215)

7. Beloning en straf as gevolge

Die genoemde verantwoordelikhede van die onderwyser, naamlik prestasie gerig deur “working on and with students” en “working on and with data”, sal noodwendig beloning en/of straf tot gevolg hê. Beloning en straf as gevolge, wat immer die kernelemente van performatiwiteit is (Ball 2003b:216; 2010:129), kan van toepassing op prestasie op individuele sowel as op organisatoriese vlak wees. In ’n performatiewe werksomgewing word die onderwyser se prestasie aan individuele en sosiale beloning en straf gekoppel (Chisholm en Hoadley 2006:28). Arthur (2009:442) beweer dat performatiwiteit die meet van personeelproduktiwiteit vereis en dat dit beloning en straf aanwend om personeelprestasies te rig ten einde organisatoriese doelwitte te bereik. Om hierdie rede word daar in die onderwysprestasiebestuurstelsels van sommige oorsese lande onder meer voorsiening vir die

erkenning en beloning van goeie prestasies gemaak, asook vir die bestuur van swak prestasies.

7.1 Beloning

Binne 'n kultuur van performatiwiteit word daar van onderwysers verwag om goeie prestasies te lewer ten einde 'n weerspieëling te wees dat die onderwyser aan die eise van performatiwiteit voldoen. Tans bestaan daar voorstelle ten einde prestasievergoeding deel van die onderwyser se vergoedingspakket te maak. Binne so 'n prestasiebestuurstelsel sal die verband tussen onderwyserprestasie en beloning sterk na vore kom. Een van die aannames wat tot die voorstelle gelei het, is redelik eenvoudig: "Teachers will be more motivated to do high-quality work if they know they're eligible to receive performance pay" (Hulleman en Barron 2010:27). Volgens Ball (2003b:219) kan prestasiegebaseerde betaalstelsels 'n verskeidenheid van vorme aanneem.

Marsh en McCaffrey (2012:52) meen dat die gebruik van finansiële aansporings wat met prestasie verbind kan word, 'n gewilde hervormingstrategie in die onderwyssektor geword het. Alhoewel geldelike belonings die mees algemene aansporing in prestasieverwante beloning is, kan aansporingskemas ook niefinansiële vorme aanneem. Voorbeelde van niefinansiële aansporings sluit intrinsieke motivering, bevordering, verminderde onderriglading, werkstabiliteit en oorsese reise in. Die Nasionale Onderwystoekennings wat in 2000 in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel ingestel is, is een van die wyses waarop die Departement van Onderwys aan toegewyde onderwysers erkenning gee en waarvolgens onderwysers aangemoedig word om elke leerder te ontwikkel (DvO 2011). Hierdie idee om die basis van vergoeding van onderwysers te transformeer, is om dit gelyk te stel aan die vergoedingspraktyke wat tans in die privaat sektor geïmplementeer word.

7.2 Straf

Volgens Burnard en White (2008:764) kan die gebrek aan suksesvolle prestasie uiters negatiewe gevolge vir die onderwyser inhou. Dit is byvoorbeeld die gebruik in Engeland om 'n skool wat onderpresteer, aan strawwe strafmaatreëls, bekend as *speciale maatreëls*, te onderwerp. Tydens hierdie strafproses word onderwysers verplig om stiptelik te hou by 'n rigiede en vooropgestelde suksesresept wat op skooleffektiwiteitsteorieë gebaseer is. In uiterste gevalle, waar die Office for Standards in Education (OFSTED), wat verreikende magte het om onderwysers wat onderpresteer te dissiplineer, nie verbetering waarneem nie en dit dus 'n aanduiding is dat die skool faal, word daardie skool summier gesluit (Perryman 2006:149). Ander tipes strafmaatreëls sluit ernstige vermanings, heropleiding, plasing onder mentorskap, summiere afdanking en die openbare vertoon van onderwysers se name in – sogenaamde "naming and shaming" (Fitzgerald 2008:116). Hierdie toedrag van sake sal moontlik daartoe lei dat die onderwysberoep as onaantreklik deur toekomstige nuwe toetreders gesien sal word, wat 'n onderwysertekort kan meebring. In hierdie opsig verwys Ball (2003b:222) na 'n geval in die Verenigde Koninkryk waar die beleid van performatiwiteit al meer onderwysers uit die onderwysstelsel dwing. Wat as 'n werwingsprobleem gesien word, is eintlik 'n kwessie van terughouding. In hierdie verband merk Buchanan (2010:200) tereg op: "[T]he teaching pool keeps losing water because no one is paying attention to the leak."

8. Werksoorlading

Die bestuur van die toerekenbaarheidsprosesse (soos aangedui) kan ernstige eise aan onderwysers se tyd en energie stel. Wong (2008:274) meen dat een van die gevolge van die groeiende performatiewe kultuur is dat onderwysers 'n oormatige werkslading en uitgebreide werksure ondervind. Die verhoging van onderwysers se werkslading kan op verskillende maniere manifesteer. Volgens Penrice (2011:105) mag oorlading, wat uit meer werk binne die klaskamer spruit, ontstaan. Daar is bepaalde kwessies wat beduidend bydra tot die verhoogde werkslading van onderwysers in die klaskamer, soos 'n oorvol kurrikulum, klasgrootte en ook die hoofstroming van leerders met struikelblokke tot leer. Behalwe onderrig in die klaskamer, wat as eerste-orde-aktiwiteite beskou word, moet onderwysers ook nie-onderrig- en administratiewe pligte, wat dikwels met oormatige papierwerk gepaardgaan, uitvoer. Die papierwerk, of tweede-orde-aktiwiteite, soos beplanning, nasienwerk en optekening, moet soms by die huis in die aande en oor naweke aangepak word (Webb, Vulliamy, Hämäläinen, Sarja, Kimonen en Nevalainen 2004:172). Sodanige aktiwiteite “consume vast amounts of time and energy and reduce the time and energy which teachers can spend on genuine innovative teaching” (Turner-Bisset 2007:195). Taylor (2008:4) meen dat die lastige en onnodige papierwerk nie net “serves to distract teachers from their core task of teaching” nie, maar ook tot frustrasie en uitputting by onderwysers lei.

Die oorlading van onderwysers mag ook gebeur as gevolg van die groter omvang van onderwyserverantwoordelikheid met betrekking tot die klaskamer. Onderwysers moet beskikbaar wees ná ure en oor naweke vir buitemuurse aktiwiteite soos sport, ouervergaderings, skoolfunksies en opleidingsessies. Ballet en Kelchtermans (2008:60) voer aan dat werk meer en meer tyd in beslag neem ná skool en gedurende vakansies. Werk wat nie gedoen is nie, beïnvloed die lewe van die onderwyser op ander wyses. Baie onderwysers ervaar dit so en vir talle is die balansering van werk en gesinslewe nie maklik nie. Veral vir vroulike onderwysers, wat steeds die hoofverantwoordelikhede in die huishouding opneem, is dit 'n moeilike situasie. Die stryd om hierdie rolle te balanseer, skep spanning en erge skuldgevoelens (Ballet en Kelchtermans 2008:60–61).

9. 'n Houding- en gedragsverandering

Uit voorgaande paragraaf is dit duidelik dat daar in die onderwys heelwat negatiewe gevalle van performatiwiteit is wat 'n geweldige impak op onderwysers se werk en lewe kan hê. In so 'n mate dat die beheermeganismes in die onderwys bepaalde uitwerkings en nuwe-effekte vir onderwysers inhou. In hierdie verband voer Ball (2003b:221) aan dat, vanweë die feit dat onderwysers aan voortdurende dophouding onderworpe is, die toerekenbaarheidsregime oor die potensiaal beskik om nadele of sogenaamde “koste” tot gevolg te hê. Een van “koste” of pryse wat onderwysers moet betaal, is dat hulle, ten einde nie aan strafmaatreëls onderwerp te word nie, hul optrede binne die skoolpraktyk moet verander. Onderwysers wat as onderpresteerders beoordeel word, word tot strategiese gedragsverandering in die skoolpraktyk gedwing ten einde onderprestering reg te stel.

Binne 'n kultuur van performatiwiteit leer onderwysers hoe om op bepaalde, strategiese wyses te presteer (Orga 2003:3). Doelbewuste, strategiese gedrag, soos “kurrikulum-verenging”, wat aan 'n “onderrig-volgens-die-toets-ideologie” te wyte is, mag waarneembaar

wees in die daaglikse praktyke van onderwysers. Hierdie soort optrede kan manifesteer soos wat onderwysers en leerders se ingesteldheid teenoor die leerinhoud en akademiese werk verander. Soms maak onderwysers hulle skuldig aan praktyke soos die afskeep van werk (*corner-cutting*) deur slegs op die lewering van bepaalde leerinhoud en op die leerareas/vakke van die voorgeskrewe kurrikulum wat getoets sal word, te fokus. Troman (2008:624) noem dit die “afrigting” van kinders, terwyl Lauder e.a. (1998:15) in Ball (1999:202) daarna verwys as “ge oefende onbevoegdheid”. Volgens Ball (1999:202) behels hierdie strategie ’n “indrilproses” waar leerders “individually and competitively, in and for specific, context bound, abstract tasks” afgerig word. Die klem is hier op herhaling, op korttermyngeheue, wat Ball (1999:202) “narrowed focused, classroom-based knowledge and skills aimed at maximising test or examination performance” noem. Hierdie proses kan tot ’n gebrek aan hoë-orde-betrokkenheid en kritiese denke (Hennessy en McNamara 2013:9) by leerders lei. Eisner (2004:300) waarsku dat die boodskap wat sodoende aan leerders uitgestuur word, een van ’n oorbeklemtoning van toetspunte is.

Nog vorme van strategiese gedrag sluit kullery en versinsels of “fabrikasies” in, “as teachers ... find themselves under pressure to perform or ‘improve’ in a competitive environment” (Ball 2003b:225).

Fabrications are versions of an organisation (or person) which ... [do] not exist, they are not “outside the truth” but neither do they render simply true or direct accounts – they are produced purposefully in order to be accountable ... the work of fabricating the organisation requires submission to the rigours of performativity and the discipline of competition – resistance and capitulation. It is ... a betrayal even, a giving up of claims to authenticity and commitment, it is an investment in plasticity. (Ball 2000:9)

Versinsels verberg net soveel as wat hulle openbaar maak, voer Ball (2003b:225) aan. Hy argumenteer voorts dat fabrikasies “ways of presenting oneself within particular registers of meaning, ... in which only certain possibilities of being have value” is. Volgens Loh (2016:3) is hierdie versinsels veral tydens die openbare rangordenings en die inspeksietydperk belangrik.

Verdere voorbeelde van doelbewuste strategiese gedrag is die voorlegging van vervalste dokumente, hulp aan leerders tydens die aflê van toetse, uitsluiting van swak leerders van toetsing ten einde die gemiddelde toetspunte te verhoog, en ook dat siek of swak onderwysers afwesig bly om te verhoed dat hulle lesse geassesseer word (De Wolf en Janssens 2007:382).

In die “performatiwiteitspel” (Blackmore 2004:455) van “cynical compliance, or what one might see as an ‘enacted fantasy’, which is there simply to be judged” (Ball 2003b:222), raak die onderwyser besorgd oor die behaal van tegniese sukses. Die “[t]eacher-as-enlivened-performer, enacting and modelling desired values and attitudes” (Kong 2011:77) word beskou as ’n “tegnikus van die staat” (Samuel 2008:6). Ball (2003b:224) meen dat binne ’n kultuur van performatiwiteit: “Beliefs are no longer important – it is output that counts. Beliefs are part of an older, increasingly displaced discourse.” Ball (2003b:222) argumenteer voorts dat die klem eerder op die effektiwiteit en gehalte van die uitsette of produkte geplaas word, en nie soseer op die waarheid nie. Ball (2012:19) beweer dat onderwysers nuwe vaardighede van “presentation and inflation” benodig om hulself te bemark en van hulself ’n “spektakel” te maak. Met verwysing na genoemde verwronge opvoedkundige newe-effekte

merk Ball (2003b:225) tereg op dat “the heart of the educational project is gouged out and left empty. Authenticity is replaced by plasticity.” Binne hierdie proses is ’n “verroesting van karakter” (Sennett 1998:10) duidelik onder onderwysers te bespeur. Onderwysers word dikwels gedwing om persoonlike waardes en oortuigings opsy te skuif ten einde die teikens te bereik wat binne ouditkulture voorgeskryf word (Perryman, Ball, Maguire en Braun 2011).

Die druk om te presteer, wat Ball (2003b:216) “die gruwels van performatiwiteit” noem, veroorsaak dat onderwysers kritieke insidente of praktiese, etiese dilemmas in hul daaglikse werk mag teëkom. Volgens O’Neill en Bourke (2010:161–2) is ’n etiese dilemma

’n situasie wat ’n individu in die werksplek teëkom waarvoor daar meer as een moontlike oplossing is en waarvan elkeen ’n sterk morele regverdiging inhou. ’n Dilemma vereis dat ’n persoon moet kies tussen twee alternatiewe waarvan elkeen voordele maar ook nadele het. (Skrywers se vertaling)

Ten einde die druk van die situasie van “gruwels” te oorleef, sal onderwysers noodgedwonge ’n keuse moet uitoefen. In hierdie geval het ons te doen met ’n potensiële versplintering van die onderwyser se eie oordeel oor goeie praktyk en nougesette prestasie (Ball 2003b:221). Vir onderwysers beteken dit om die emosionele keuse te maak tussen om as “goed” gesien te word in terme van die nakoming van beleid en standarde wat elders bepaal word, en “goed te presteer” in terme van hul eie professionele etiek en oordeel (Blackmore 2004:454). Aangesien onderwysers voortdurend tussen alternatiewe moet kies, gedurig moet oordeel oor wat goed of sleg, of reg of verkeerd is, mag hulle verward raak. O’Neill en Bourke (2010:167) merk op dat alhoewel onderwysers mag weet wat reg is en wat die regte ding is om te doen, hulle nie altyd weet hoe om op te tree nie.

Hierdie voortdurende staat van onsekerheid met betrekking tot die onderwyser se werkslewe binne ’n performatiewe klimaat word soos volg deur Ball (2003b:220) verwoord:

Ons is onseker aan watter werksaspekte waarde geheg word en hoe om voorkeur aan pogings te gee. Ons word onseker oor die redes vir optredes. Doen ons dit omdat dit belangrik is. Of word dit uiteindelik gedoen omdat dit beoordeel of vergelyk sal word? (Skrywers se vertaling)

Geen wonder dat onderwysers spanning ervaar soos wat hulle onder druk deur teenstrydige agendas geplaas word nie (Collay 2006:3). In hierdie verband praat Lyotard (1984) van die “wette van teenstrydigheid” en Ball (2003b:221) van die “waardes van skisofrenie” wanneer hulle die gevolglike internalisering van hierdie spanning en die oorheersende druk om te konformeer wil beklemtoon. Hierdie toedrag van sake – waar oortuigings en beginsels daaglik geskik moet word – mag onderwysers se selfvertroue ondermyn.

10. Fisiologiese en emosionele newe-effekte

Die gruwels van performatiwiteit hou nie net nadelige gevolge vir die aard van onderrig en leer in nie, maar ook vir die “binnelewe” van die onderwyser (Ball 2003b:226; Dickson 2007:4). Die uitwerking van performatiwiteit kan fisiologies sowel as emosioneel van aard wees. Performatiwiteit werk intern sowel as ekstern op die menslike liggaam in (Ball

2004:145; Blackmore 2004:451). Vanweë die kwesbaarheid van onderwysers binne 'n performatiewe klimaat mag hulle bekommerd oor hul gesondheidstoestand raak.

Performatiwiteit kan 'n negatiewe uitwerking op die emosionele lewe van die onderwyser hê. Emosies wat die kern van die onderwys vorm (Hargreaves 2001:1075), is “mental states accompanied by intense feeling and (which involve) bodily changes of a widespread character” (Koestler 1967 in Hargreaves 1998:835). Binne 'n kultuur van performatiwiteit kan onderwysers verskeie intense negatiewe gevoelens soos vrees, spanning, ongemak, ooreising, hulpeloosheid en selfvertwyfelings ervaar. Hierdie onaangename gevoelens mag 'n hindernis tot doeltreffendheid in die performatiewe werkplek van die onderwyser wees (Robson en Bailey 2009), tot so 'n mate dat dit onderwysers verhoed om hul pligte na die beste van hul vermoëns uit te voer. Dit kan ook as verdringingsfaktore dien wat onderwysers kan noop om die onderwysberoep vroeg te verlaat (Cheng 1998:37 in Lo 2000:105).

11. Deprofessionalisering

Die performatiewe diskoers mag 'n diepgaande invloed op die professionele identiteit van die onderwyser hê, tot so 'n mate dat performatiwiteit nie net 'n radikale verandering in die aard van onderwysers se werk mag teweegbring nie, maar ook 'n verandering in “wie” hulle is (Ball 2003b:215) en “wat” hulle is (Turner-Bisset 2007:195). Rose 1989 in Ball (2003b:217) meen dat binne 'n kultuur van performatiwiteit die onderwyser se “subjektiewe bestaan” kan verander, of die onderwyser se professionele identiteit omvorm kan word. Performatiwiteitsbeleide vereis dat onderwysers hul praktyk op so 'n manier moet vestig dat dit eintlik uitsluitlik fokus op die bereiking van standaarde met die oog op gehalteversekering.

Whitty (2006:4) beweer dat beleide wat markkragte en staatsbeheer kombineer, die veranderings in die konseptualisering van onderwyserprofessionalisme versterk en konkretiseer. Om hierdie rede argumenteer Fitzgerald (2008:115) dat 'n prestasiebestuurskultuur in skole niks minder as 'n direkte aanval op die onderwysberoep, en die onderwysers as professionele persone, is nie. Tydens die ondermyningsproses van die professionaliteit van onderwysers (Blackmore 2004:448) word die onderwyser se beeld in die onderwys doelbewus verander. Onderwysers word omvorm tot onder meer produksiewerkers, onderwysondernemers en voorsieners wat in die behoeftes van die ouers, as “kliënte”, en dié van die leerders, as die “verbruikers”, moet voorsien. Hierdie wegvreting van die professionele bevoegdheid van die onderwyser “affects teachers’ professional lives and sense of professional worth ... the very souls of teachers” (Lingard 2010:137). Die skade van die gruwels van performatiwiteit kan as “die stryd om die onderwyser se professionele siel” beskou word (Chua 2009:161).

Uit die bespreking is dit duidelik dat die idees en beginsels van Foucault aangewend kan word om die dissiplinering en beheer van onderwysers in die skool te verduidelik. In 'n performatiewe skoolomgewing is 'n wakende oog toenemend orals sigbaar (Perryman 2006:148). Die beheer van onderwysers word vergesel deur dophoumeganismes soos selfbeheer, beheer deur ander, beheer deur inligtingsvervaardiging, beheer deur leerderprestasie en beheer deur assesseringsdata. In die onderwerping aan die performatiewe klimaat raak onderwysers daaraan gewoond om gedurig dopgehou te word. In hierdie opsig

merk Foucault (1977:187) tereg op: “It is the fact of being constantly seen, of being always able to be seen that maintains the disciplined individual in his subjection.” Onderwysers moet hulle gedra asof hulle te alle tye dopgehou en beoordeel word. Dit word vir onderwysers ’n tweede natuur om goeie prestasies te lewer, en dus word die dissiplinêre meganismes geïnternaliseer (Perryman 2006:155) en word normalisasie binne die performatiewe diskoers bereik.

12. Gevolgtrekking en aanbevelings

Uit die inhoud van hierdie artikel blyk dit dat die kultuur van performatiwiteit tans een van die magtigste en deurdringendste diskoerse in die onderwys is. In ’n performatiewe kultuur, met sy klem op effektiwiteit, doeltreffendheid en gehalte, word daar van onderwysers verwag om toerekenbaar te wees – om rekenskap te gee van hul skoolpraktyk. Ingebed in die eksterne toerekenbaarheidsbeleid is daar dophoumeganismes of moniteringstelsels wat dit ten doel het om die gehalte van die individuele onderwyser te bepaal en te beoordeel. Daar word van onderwysers verwag om aan die vooropgestelde teikens/standaarde te voldoen of, anders gestel, om te konformeer aan die vooropgestelde reëls en regulasies van die heersende toerekenbaarheidsbestel in die onderwys.

Onderwysers wat as onderpresteerders geïdentifiseer word, word daartoe gedwing om hul gedrag in die skoolpraktyk te verander en dienoreenkomstig op te tree ten einde goeie prestasies te lewer. Verder het die beheermeganismes in die onderwys bepaalde uitwerkings en nuwe-effekte, onder andere die onaangename emosionele gevolge wat onderwysers moet verduur in hul pogings om aan die eksterne toerekenbaarheidstelsel te konformeer. Slegs wanneer die dissiplinêre meganismes geïnternaliseer is, is normalisasie voltoë.

Binne die performatiewe diskoers is daar strategieë om die professionaliteit van onderwysers te herdefinieer tot ’n beroep van ondergeskiktheid aan die sentrale regering. Die heersende kultuur van performatiwiteit het ’n geweldige impak op die professionele identiteit van die onderwyser. In so ’n mate dat die onderwyser se professionele identiteit verander en dat daarmee saam die *performatiewe* (Wilkins 2011:392) of *hervormde* (Ball 2003a:7) onderwyser se werkslewe in ’n staat van onsekerheid gelaat word.

Voorts hou die kultuur van performatiwiteit belangrike implikasies vir die betekenis van die onderwyserberoep in. Dit gee aanleiding tot ’n stelsel van verskrikking wat nie net vir die aard van onderrig en leer nadelige gevolge inhou nie, maar ook vir die innerlike lewe van die onderwyser. Die vreesagtigheid, wat persoonlik sowel as sielkundig van aard is, veroorsaak nie net ’n radikale verandering in onderwysers se werk nie, maar verander ook *wie* en *wat* hulle is. Hier wil ons saamstem met die gedagte dat “eerder as agente van verandering, word dit toenemend duideliker dat baie voorskrifte vanuit die sentrale gesag, onderwysers as agente wat verander moet word, beskou” (Samuel 2008:6) of dat onderwysers “agente en subjekte van meting” is, soos wat Perryman (2006:152) dit stel.

Uit die voorgaande literatuuroorsig blyk dit dat onderwysers deur die gruwels van performatiwiteit verswelg word. Daar behoort weerstand gebied te word teen die nuwe-effekte van performatiwiteit waaraan onderwysers in skole onderwerp word. Die vraag is egter of so iets moontlik is.

Binne die skool – of die “performatiewe samelewing” soos wat Ball (2003b:226) dit noem – behoort onderwysers in die eerste verdedigingslinie te staan. Onderwysers sal die verantwoordelikheid vir die behoud van hul professionaliteit moet neem, anders bestaan die gevaar dat hulle vir altyd as tegnisi van die regering of as blote regeringsagente gesien sal word. As “resisting professionals” (Kim 2010:69) kan onderwysers hul professionele self – individueel of kollektief – teen die gevare van performatiwiteit verdedig. Ten einde konstruktiewe betekenis aan ’n weerstandsbeweging te verleen, word die volgende aanbevelings aan onderwysers gemaak:

Eerstens, weens die politieke aard van die aangeleentheid, behoort onderwysers geleenthede te skep en tyd in te ruim om met kollegas te vergader. Meganismes moet daargestel word om deelname aan gesprekvoering tussen onderwysers te optimaliseer. Kollektiewe optrede waarin onderwysers tyd het om saam te besin oor hul bekwaamheid en professionaliteit, is gebiedend noodsaaklik. Tydens sodanige geleenthede van kollektiewe refleksie behoort onderwysers betrokke te wees in kritiese gesprekvoering, nie net om oor die gevare van performatiwiteit te praat nie, maar ook om hul onderskeie geleefde ervarings binne ’n kultuur van performatiwiteit te deel. Volgens Weber (2007:299) is hierdie proses nodig ten einde “’n stem aan die stilgemaaktes te verleen”.

Tweedens, ten einde die professionele identiteit van onderwysers te handhaaf, behoort daar vir onderwysers ’n “oproep tot optrede” (Wilkins 2011:393) te wees. ’n Samehorigheidsgevoel en kollektiewe optrede deur onderwysers moet aangemoedig word, want, “there is no action in isolation” (Arendt 1993 in Rue 2006:125). Onderwysers moet die professionele moed en oortuiging hê om gesamentlik weerstand te bied ten einde ’n balans te bewerkstellig tussen professionele optrede en politieke mag oor die onderwys. Onderwysers behoort dus die geleenthede te inisieer om in interaksie met die beleidmakers oor onderwysbeleide te tree. Die onderwysmag behoort ’n samewerkingsverhouding met die staat te ontwikkel – ’n “mag-saam”-verhouding in plaas van ’n “mag-oor”-verhouding (Waghid, Berkhout, Taylor en De Klerk 2005:179). Binne ’n “mag-saam”-verhouding moet die beleidmakers onderwysers geleenthede gun om te praat oor die beleidsveranderings waarmee hulle ongemaklik voel (White 2010:292). Die doelwitte van die beleidsveranderings behoort meer eksplisiet gedebatteer en geartikuleer te word in ’n oop en vry gesprek tussen die verskeie deelnemers (Delandshere en Arens 2001:564). Dit is belangrik vir die beleidmakers om onderwysers se sieninge in oorweging te neem, “not only in order to achieve a sense of consensus, which is one way to achieve the success of educational reforms, but also to make any necessary adjustments to policy after getting first-hand feedback on how it works at the grass-roots level” (Wong 2008:268). Die uitdaging hier is om die gedagtes van die beleidmakers te verander en onderwysers die geleenthede te gee om tot ’n mindere mate passiewe ontvangers van beleide te wees en om meer daadwerklik aan die vorming van die onderwysprosesse deel te neem. In hierdie opsig sal die onderwyser tydens sy weerstandsbeweging kenmerke van ’n “activist professional” toon (Sachs 2003 in Avis 2005:215). Judyth Sachs (2003) se gedagte van ’n “activist identity” (Whitty 2006:12; Wilkins 2011:393) het die potensiaal vir die ontwikkeling van ’n “transformative professionalism” (Wilkins e.a. 2012:67). Hierdie nuwe onderwyserprofessionalisme kan dus gesien word as ’n produk van die onderhandelings tussen die regering en onderwysers oor albei se behoeftes en verwagtinge (Wong 2008:272). Binne ’n “demokratiese diskoers” (Wilkins e.a. 2012:67) het onderwysers ’n rol in die samelewing as “veranderingsagente” te speel (Carl 2009:206).

Bibliografie

- Adendorff, S.A. en T. Moodley. 2014. Intermediate and Senior Phase Mathematics Teachers' Perceptions of Curriculum Advisors. *Mediterranean Journal of Social Sciences*, 5(15):424–33.
- Arendt, H. 1993. *La condición humana*. Barcelona: Paidós.
- Arens, S.A. 2005. Examining the meaning of accountability: Reframing the construct. A Report on The Perceptions of Accountability. *Issues Brief*. Aurora, CO: Mid-Continent Research of Education and Learning.
- Arthur, L. 2009. From performativity to professionalism: Lecturers' responses to student feedback. *Teaching in Higher Education*, 14(4):441–54.
- Avis, J. 2005. Beyond performativity: Reflections on the activist professionalism and the labour process in further education. *Journal of Education Policy*, 20(2):209–22.
- Ball, S.J. 1999. Labour, learning and the economy: A “policy sociology” perspective. *Cambridge Journal of Education*, 29(2):195–206.
- . 2000. Performativities and fabrications in the education economy: Towards the performative society. *Australian Educational Researcher*, 87(3):1–24.
- . 2003a. The State, performativity and authenticity. Referaat gelewer tydens die Kenton-SACHES Konferensie. Goudini Spa, Suid-Afrika.
- . 2003b. The teacher's soul and the terrors of performativity. *Journal of Education Policy*, 18(2):215–28.
- . 2010. New voices, new knowledge and the new politics of education research: The gathering of a perfect storm? *European Educational Research Journal*, 9(2):124–37.
- . 2012. Performativity, commodification and commitment: An I-spy guide to the neoliberal university. *British Journal of Educational Studies*, 60(1):17–28.
- Ball, S.J. (red.). 2004. Performativities and fabrications in the education economy. *The Routledge-Falmer Reader in Sociology of Education*. Londen: Routledge-Falmer.
- Ballet, K. en G. Kelchtermans. 2008. Workload and willingness to change: Disentangling the experience of intensification. *Journal of Curriculum Studies*, 40(1):47–67.
- Biraimah, K., W. Gaudelli en J. Zajda. 2008. *Introduction: Education and social inequality in the global culture*. In Zajda, Biraimah en Gaudelli (reds.) 2008.
- Bisschoff, T. en A. Mathye. 2009. The advocacy of an appraisal system for teachers: A case study. *South African Journal of Education*, 29:393–404.

- Blackmore, J. 2004. Leading as emotional management work in high risk times: Counterintuitive impulses of performativity and passion. *School Leadership and Management*, 24(4):439–59.
- Boyle, D. 2001. *The Observer Review*. 14 January, bl 1.
- Buchanan, J. 2010. May I be excused? Why teachers leave the profession. *Asia Pacific Journal of Education*, 30(2):199–211.
- Burnard, P. en J. White. 2008. Creativity and performativity: Counterpoints in British and Australian education. *British Educational Research Journal*, 34(5):667–82.
- Carl, A.E. 2009. *Teacher empowerment through curriculum development: Theory into practice*. Kaapstad: Juta.
- Cheng, F.C. 1996. Reflections on the problems of teacher wastage in secondary and primary schools. *Journal of Beijing Normal University: Social Science edition*, 1:36–40.
- Chisholm, L. en U. Hoadley. 2006. The new accountability and teachers' work in South Africa. RGN Navorsingsuitsette, 1–35. www.hsrc.ac.za/en/research-outputs/view/2630 (22 Februarie 2010 geraadpleeg).
- Chua, S.M.J. 2009. Saving the teacher's soul: Exorcising the terrors of performativity. *London Review of Education*, 7(2):159–67.
- Collay, M. 2006. Respecting teacher professional identity as a foundational reform strategy. School of Education at Johns Hopkins University. [http://education.jhu.edu/PD/newhorizons/Transforming education](http://education.jhu.edu/PD/newhorizons/Transforming%20education) (19 Desember 2012 geraadpleeg).
- Craft, A. en B. Jeffrey. 2008. Creativity and performativity in teaching and learning: Tensions, dilemmas, constraints, accommodations and synthesis. *British Educational Research Journal*, 34(5):577–84.
- Delandshere, G. en S.A. Arens. 2001. Representations of teaching and standards-based reform: Are we closing the debate about teacher education? *Teaching and Teacher Education*, 17:547–66.
- Departement van Onderwys (DvO). 2011. Information Guide: National Teaching Awards. Pretoria: Staatsdrukkery.
- De Wolf, I.F. en F.J.G. Janssens. 2007. Effects and side effects of inspections and accountability in education: An overview of empirical studies. *Oxford Review of Education*, 33(3):379–96.
- Dickson, B. 2007. Defining and interpreting professional knowledge in an age of performativity: A Scottish case-study. *Australian Journal of Teacher Education*, 32(4):1–15.

Doherty, R.A. en M.A. McMahon. 2007. Politics, change and compromise: Restructuring the work of the Scottish teacher. *Educational Review*, 59(3):251–65.

Eisner, E.W. 2004. What does it mean to say a school is doing well? In Flinders en Thornton (reds.) 2004.

Fitzgerald, T. 2008. The continuing politics of mistrust: Performance management and the erosion of professional work. *Journal of Educational Administration and History*, 40(2):113–28.

Flinders, D.J. en S.J. Thornton (reds.). 2004. *The curriculum studies reader*. New York, NY: Routledge Falmer.

Foucault, M. 1977. *Discipline and punish: The birth of the prison*. Harmondsworth: Penguin.

Gallagher, M. 2010. Are schools panoptic? *Surveillance and Society*, 7(3):262–72.

Garratt, D., R. Phillips en H. Piper. 2003. Globalisation and its impact upon education. *British Educational Research Journal*, 29(1):441–9.

Hargreaves, A. 1998. The emotional practice of teaching. *Teaching and Teacher Education*, 14(8):835–54.

—. 2001. Emotional geographies of teaching. *Teachers College Record*, 103(6):1056–80.

Hennessy, J. en P.M. McNamara. 2013. At the altar of educational efficiency: Performativity and the role of the teacher. *English Teaching: Practice and Critique*, 12(1):6–22.

Hulleman, C.S. en K.E. Barron. 2010. Performance pay and teacher motivation: Separating myth from reality. *Kappan*, 91(8):27–31.

Hursh, D. 2001. Neoliberalism and the control of teachers, students, and learning: The rise of standards, standardization, and accountability. *Culture Logic*, 4(1):1–8.

Ingvarson, L. en K. Rowe. 2008. Conceptualising and evaluating teacher quality: Substantive and methodological issues. *Australian Journal of Education*, 52(1):5–35.

Jansen, J.D. 2001. Image-ing teachers: Policy images and teacher identity in South African classrooms. *South African Journal of Education*, 21(4):242–6.

—. 2004. Autonomy and accountability in the regulation of the teaching profession: A South African case study. *Research Papers in Education*, 19(1):51–66.

Karagiorgi, Y. 2012. Peer observation of teaching: Perceptions and experiences of teachers in a primary school in Cyprus. *Teacher Development*, 16(4):44–61.

Kim, K.T. 2010. “Panoptic” accountability: Supervisory leaders and normalizing or resisting professionals. *KJEP*, 7(1):67–90.

- Koestler, A. 1967. *The ghost in the machine*. Londen: Hutchinson.
- Kong, Y. 2011. Cultural shifts in teaching with teacher professionalism. *International Journal of Information and Education Technology*, 1(1):74–9.
- Lauder, H., I. Jamieson en F. Wikeley. 1998. Models of effective schools: Limits and capabilities. In Slee, Weiner en Tomlinson (reds.) 1998.
- Liew, W.M. 2012. Perform or else: The performative enhancement of teacher professionalism. *Asia Pacific Journal of Education*, 32(3):285–303.
- Lingard, B. 2010. Policy borrowing, policy learning: Testing times in Australian schooling. *Critical Studies in Education*, 51(2):129–47.
- Lo, Leslie N.K. 2000. Professionalism in teaching: Educational reform and teacher development in Hong Kong and the Chinese Mainland. *Prospects*, XXX(2):98–114.
- Loh, J. 2016. From fantasy to depression: A beginning teacher's encounter with performativity. *AsTEN Journal of Teacher Education*, 1(1):1–12.
- Lytard, J.F. 1984. *The postmodern condition: A report on knowledge*. Minneapolis: University of Minneapolis Press.
- MacRuairc, G. en J. Hartford. 2008. Researching the contested place of reflective practice in the emerging culture of performativity in schools: Views from the Republic of Ireland. *European Educational Research Journal*, 7(4):501–11.
- Malan, M. 2013. Jansen kap ramp-skole. *Rapport*, 12 Januarie, bl 2.
- Marsh, J.A. en D.F. McCaffrey. 2012. What Are Achievements Gains Worth – to Teachers? *Kappan*, 93(4):52–6.
- McKenzie, J. 2004. High performance schooling. *Parallax*, 10(2):50–62.
- Meadmore, D. 2001. Uniformly testing diversity? National testing examined. *Asia-Pacific Journal of Teacher Education*, 29(1):19–30.
- Møller, J. 2007. School leadership and accountability: Moving beyond standardization of practice. Referaat gelewer tydens die 20th Annual International Congress for School Effectiveness and Improvement. Portorož, Slovenia, 3-6 Januarie.
- Mosoge, M.J. en M.W. Pilane. 2014. Performance management: The neglected imperative of accountability systems in education. *South African Journal of Education*, 34(1):1–18.
- Msila, V. 2009. Peer evaluation: Teachers evaluating one another for an effective practice. *The International Journal of Learning*, 16(6):541–57.
- Neuman, L.W. 1997. *Social research methods: Qualitative and Quantitative approaches*. Needman Heights, MA: Allyn & Bacon.

Nicholl, B. en R. McLellan. 2008. “We’re in all in this game whether we like it or not to get a number of A’s to C’s”: Design and technology teachers’ struggles to implement creativity and performativity policies. *British Educational Research Journal*, 34(5):585–600.

O’Day, J.A. 2002. Complexity, accountability, and school improvement. *Harvard Educational Review*, 72(3):1–23.

O’Neill, J. en R. Bourke. 2010. Educating teachers about a code of ethical conduct. *Ethics and Education*, 5(2):159–72.

Orga, J. 2003. Measuring and managing performance in education. *Briefings*, 27:1-4.

—. 2008. Governing knowledge: Research steering and research quality. *European Educational Research Journal*, 7(3):261–72.

Oswald, M. 2010. Teacher learning for inclusion in a primary school. Ongepubliseerde Doktorale Proefskrif, Universiteit Stellenbosch.

Penrice, G. 2011. The effects of intensification on rural teachers’ work. *New Zealand Journal of Teachers’ Work*, 7(2):104–13.

Perold, M., M. Oswald en E. Swart. 2012. Care, performance and performativity: Portraits of teachers’ lived experiences. *Education as Change*, 16(1):113-27.

Perryman, J. 2006. Panoptic performativity and school inspection regimes: Disciplinary mechanisms and life under special measures. *Journal of Education Policy*, 21(2):147–61.

—. 2009. Inspections and the fabrication of professional and performative processes. *Journal of Education Policy*, 24(5):611–31.

Perryman, J., S. Ball, M. Maguire en A. Braun. 2011. Life in the pressure cooker – School league tables and English and Mathematics teachers’ responses to accountability in a results-driven era. *British Journal of Educational Studies*, 59(2):179–95.

Reddy, C., L. le Grange, P. Beets en S. Lumbie. 2015. *Quality assessment in South African schools*. Lansdowne, Kaapstad: Juta.

Robson, J. en B. Bailey. 2009. “Bowling from the heart”: An investigation into discourses of professionalism and the work of caring for students in further education. *British Educational Research Journal*, 35(1):59–75.

Rose, N. 1989. *Governing the Soul: the shaping of the private self*. Londen: Routledge.

Rue, J. 2006. Reconstructing teaching professionalism in the new modernity: An agenda for a new action narrative. *Educational Action Research*, 14(1):119–38.

Sachs, J. 2003. *The activist teaching profession*. Maidenhead: Open University Press.

Samuel, M. 2008. Accountability to whom? For what? Teacher identity and the Force Field Model of teacher development. *Perspectives in Education*, 26(2):3–49.

Sennett, R. 1998. *The corrosion of character: The personal consequences of work in the new capitalism*. New York, NY: W.W. Norton.

Slee, R., G. Weiner en S. Tomlinson (reds.) 1998. *School Effectiveness for Whom? Challenges to the school effectiveness and school improvement movements*. Londen: Routledge.

Suspitsyna, T. 2010. Accountability in American education as a rhetoric and a technology of governmentality. *Journal of Education Policy*, 25(5):567–86.

Taylor, N. 2008. What's wrong with our schools and how can we fix them? Referaat gelewer tydens die CSR in Education Conference, TSIBA Education, Kaapstad, 21 November.

Tolofari, S. 2005. New Public Management and education. *Policy Futures in Education*, 3(1):75–89.

Troman, G. 2008. Primary teacher identity, commitment and career in performative school cultures. *British Educational Research Journal*, 34(5):619–33.

Turner-Bisset, R. 2007. Performativity by stealth: A critic of recent initiatives on creativity. *Education 3-13*, 35(2):193–203.

Valli, L., R.G. Croninger en K. Walters. 2007. Who (else) is the teacher? Cautionary notes on teacher accountability systems. *American Journal of Education*, 113 (4):635–62.

Van der Walt, J.L., P.J. Mentz, J.A. Breed en L.D. Coetsee. 2008. Performatiwiteit en die hedendaagse skool(hoof). *Koers*, 73(3):469–87.

Waghid, Y., S. Berkhout, D. Taylor en J. de Klerk. 2005. In defence of institutional autonomy and academic freedom: Contesting state regulation of higher education. *South African Journal of Higher Education*, 19(6):1177–95.

Webb, R., G. Vulliamy, S. Hämäläinen, A. Sarja, E. Kimonen en R. Nevalainen. 2004. Pressures, rewards and teacher retention: A comparative study of primary teaching in England and Finland. *Scandinavian Journal of Educational Research*, 48(2):169–88.

Weber, E. 2007. Globalization, “glocal” development, and teachers’ work: A research agenda. *Review of Educational Research*, 77(3):270–309.

White, J. 2010. Speaking “over” performativity. *Journal of Educational Administration and History*, 42(3):275–94.

Whitty, G. 2006. Teacher professionalism in a new era. Teks van die eerste General Teaching Council for Northern Ireland Annual Lecture, gelewer te Queens University, Belfast. 14 Maart.

Wilkins, C. 2011. Professionalism and the post-performative teacher: New teachers reflect on autonomy and accountability in the English school system. *Professional Development in Education*, 37(3):389–409.

Wilkins, C., H. Busher, M. Kakos, C. Mohammed en J. Smith. 2012. Crossing borders: New teachers co-constructing professional identity in performative times. *Professional Development in Education*, 38(1):65–77.

Wiliam, D. 2010. Standardized testing and school accountability. *Educational Psychologist*, 45(2):107–22.

Wong, J.L.N. 2008. How does the new emphasis on managerialism in education redefine teacher professionalism? A case in Guangdong Province of China. *Educational Review*, 60(3):267–82.

Zajda, J.I., K. Biraimah en W. Gaudelli. 2008. *Education and social equality in the global culture*. New York, NY: Springer.

Omgewingsdiskoers in wetenskapfiksie vir kinders met verwysing na die *Anna Atoom*-reeks deur Elizabeth Wasserman

Henriëtte Loubser

Henriëtte Loubser, Departement Kurrikulumstudie, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Die bykans onomkeerbare skade wat die mens aan die natuurlike omgewing van ons planeet aanrig, is reeds 'n gegewe. Tog, eerder as om oorval te word deur 'n gevoel van hopeloosheid oor die voortbestaan van lewe op aarde, kan oor nuwe moontlikhede besin word. fiksietekste beskik oor die potensiaal om omgewingskwessies onder die loep te neem en moontlike oplossings te bied. Volgens Greg Garrard (2004:116) is dit nodig dat daardie moontlikhede verbeeld word: "Only if we imagine that the planet has a future, after all, are we likely to take responsibility for it." Met hierdie ondersoek word daar egter nie hoofsaaklik gefokus op die gekose tekste as voorbeelde van kreatiewe oplossings vir omgewingskwessies nie, maar eerder op wetenskapfiksie as instrument vir omgewingsbewusmaking. Voorts word daar gesoek na voorbeelde van omgewingsdiskoers in die reeks en tot beter begrip van die mens-natuur-verhouding.

Fantasieverhale, dus ook wetenskapfiksie, kan 'n oordenking van en nabetragting deur die skrywer oor die reële werklikheid wees. Wetenskapfiksie beskik oor die potensiaal om aan die leser te wys wat verborge is, maar wat tog terselfdertyd eintlik heel bekend is. Al word lesers aan 'n vreemde wêreld voorgestel, bly hulle altyd binne hulle eie realiteit (Baratta 2012:3–4). (Voortaan sal na wetenskapfiksie as WF verwys word. Alhoewel dit nie 'n afkorting is wat gereedlik in woordeboeke voorkom nie, word hierdie Afrikaanse afkorting reeds algemeen in die konteks van wetenskapfiksie gebruik.)

Russ (1995:7) definieer WF as "literature that attempts to assimilate imaginatively, scientific knowledge about reality and the scientific method, as distinct from the merely practical changes science has made in our lives". Die omgewingsdiskoers in WF neem boonop gemeenskappe se verhouding met die natuur onder die loep ten einde 'n kultuurverandering ten gunste van ekologiese bewustheid te bewerkstellig. Alhoewel ek glo in die potensiaal van fiksietekste tot oorreding en tot besinning oor die mens-natuur-verhouding en tot die kweek van ekologiese bewustheid, is ek nie van mening dat alle WF noodwendig kultuurveranderinge teweegbring nie.

WF kan gebruik word as 'n verbeeldingsforum om te fokus op die verhouding tussen die mens en die natuur. WF kan idees oor wat nuut en vreemd is op 'n herkenbare manier kommunikeer, en wel as geskrewe teks. 'n Literêre teks beskik oor die vermoë om die reële werklikheid uit te beeld. Dit kan 'n platform bied van waar die verhouding tussen die mens, die wetenskap, tegnologie, kultuur en die natuur bespreek en gedebatteer kan word.

Met hierdie artikel word die manifestering van omgewingsdiskoers in die *Anna Atoom*-reeks ondersoek. Daar word ook ondersoek ingestel na die moontlikheid dat WF dalk tegnologie en die wetenskap sodanig vereer dat die beskawing as dominant oor natuurlike ruimtes voorgestel word. Daar word ondersoek ingestel na die spesifieke maniere waarop die tekste in die reeks met weerstands- en/of reprodutiewe diskoers resoneer. Voorts word die uitbeelding van kwessies soos die rol van tegnologie, die mens-natuur-verhouding en die waarde van die natuur in die tekste ondersoek.

Alhoewel daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die *Anna Atoom*-reeks nie werklik werkbare oplossings vir bestaande omgewingskwessies verbeel en bied nie, kan die reeks 'n waardevolle bydrae tot omgewingsdiskoers lewer, aangesien dit die leser bewus kan maak van die onderlinge verbondenheid tussen die mens en die ekosisteme van die natuur.

Trefwoorde: *Anna Atoom*-reeks; ekofeminisme; Elizabeth Wasserman; kinderliteratuur; mens-natuur-verhouding; natuur; omgewingsdiskoers; omgewingskwessies; omgewingsopvoeding; tegnologie; wetenskapfiksie (WF)

Abstract

Environmental discourse in science fiction for children with reference to the *Anna Atoom* series by Elizabeth Wasserman

It is evident that humankind has caused almost irreversible damage to the natural environment of our planet. Nevertheless, rather than being overcome by feelings of hopelessness about the survival of life on earth, we can reflect on new possibilities. Fictional texts have the potential to expose environmental issues and to offer potential solutions. This study does not focus on the chosen texts as examples of creative solutions for environmental issues, but rather on science fiction (SF) as a tool for creating environmental awareness and a better understanding of the human-nature relationship. The role of SF in environmental discourse is addressed and examples of reproductive and/or resistance discourse in the series are discussed.

This article is an ecocritical examination of three fictional texts by Elizabeth Wasserman, namely *Anna Atoom en die seerower se dolk* (2011), *Anna Atoom en die magnetiese meermin* (2012) and *Anna Atoom en die digitale draak* (2012). The texts have been chosen on account of the ecological messages that they convey, and the study involves environmental discourse as it is portrayed in the genre of SF. The ecocritic fosters a language of symbols that enables thought on the influence of humankind on the environment as well as our complex relationship with the earth.

Ecocriticism is an umbrella term that comprises various theoretical and methodological approaches in search of a better understanding of the relationship between human culture and the environment (Weidner 2016:2). An ecocritical lens is directed at the role of technology in the relationship between humankind and the natural environment in the fictional texts mentioned. The focus will be mainly on environmental discourse as it is identified in the texts. Concepts such as *nature* and *natural* environment, as encoded in the texts, will be explored by means of text analysis (Podeschi 2002:254). An ecocentric reading approach is followed. In this approach, the intrinsic value of nature is recognised. This is in contrast to an anthropocentric approach where human behaviour is justified mainly in relationship to human motives and desires. The investigation of forms of environmental discourse is an ecocritical approach to literature. This study searches for environmental messages on the human-nature relationship communicated to the reader. Two types of environmental discourse are identified, namely reproductive and resistance discourse, as forms that Podeschi (2002:254) called green culture studies.

Considering that the protagonist in the series is female, that the nature-culture dualism frequently crops up, and that nature, like the female body, is considered as consumable and inferior by fellow characters in the series, it was inevitable that ecofeminism was entailed in the study. Central to ecofeminism is the idea that patriarchy leads to hierarchy and exploitation and therefore patriarchy is seen as instrumental in the suppression of women and nature. According to Podeschi (2002:256), numerous feminists and ecofeminists accuse Western science and technology of being a significant accessory to this dominance.

It is essential that a love for nature and the natural environment is fostered and encouraged in the child so as to ensure a lifelong care for the earth and its life forms. Children's and youth literature is one of the ways to accomplish this. Children's literature is a genre in which the natural world regularly features and seen in the light of the current global environmental crisis, the children's book is being increasingly employed as a didactic tool regarding ecological issues (Steenkamp 2015:95). Ecoliterary texts comprise stories that view humankind and its relationship to nonhuman things critically, and therefore the value of these texts should not be underestimated. These are texts that create awareness, that appeal to the conscience, and that (hopefully) will lead to action. An ecocentric reading approach creates the potential for environmental awareness and action. As I have written elsewhere (Loubser 2016:636), fictional texts can serve as educational, ideological and political instruments, and can appeal to the reader's values, morality, emotions and imagination.

The article is a reflection on the manifestation of, on the one hand, a reproductive discourse, and on the other hand a resistance discourse or alternatively an amalgamation of the two forms of discourse in the series. Brief reference to the *Anna Atoom* series is also made from an ecofeministic perspective. The protagonist, Anna Atoom, is female, and according to Murray (2012:113) nature itself is often viewed as a female space (which can be dominated) from a patriarchal conviction. For Murray (2012:113) the struggle for the preservation and protection of the earth and of gender equality are closely related issues. According to Murray (2012:113), ecofeminists view the androcentric man/woman dualism as the source of anti-ecological practices where the woman is associated with nature, the materialistic, the emotional, while humankind is associated with culture, non-material, rational and the abstract (2012:113).

Important concepts in this study are *nature* and *environment*. According to Weidner (2016:2) the concept *nature* can be wrapped up in a description of the earth and her geological biological diversity and ever-changing ecosystems. Turner (2015:xxx) uses the phrase *natural world* in her description of the “entirety of the living planet beyond the human-built environment”. For the purpose of this study, I will use *natural environment* to refer to nature.

In his professorial inaugural speech, Danie Schreuder (2002) mentions that the concept *environment* does not only implicate the biophysical reality, but also the dimensions that people add to it as a result of their cultural function. The human environment is a social construction and it can be referred to in social, political and economic dimensions. These dimensions exist in an intimate interrelatedness. The biophysical environment is, furthermore, according to Schreuder (2002:3), the earth with all natural life-maintaining resources and processes, and these serve as “essential infrastructure for all social-constructed dimensions”.

This article reflects on humankind’s relationship with the natural environment and non-human forms of existence. It is also a reflection on the impact that the natural environment has on humankind and on the impact that humankind has on the natural environment and other beings. With this research, I attempt an ecocritical investigation of the chosen fictional texts as representative of SF as a genre. SF offers useful alternative ways of thinking of the natural environment (Canavan 2014:xi). Furthermore, the future projections of SF are a social reality, and are therefore culturally significant. It foresees what may be possible in the future. Furthermore, SF provides a holistic view on what will, may or should be, and therefore shows what communities will or may or should think about nature and the environment (Podeschi 2002:254).

Technology is significantly present in SF where ideas of continued technological power and progress are reproduced. It is also the case in the *Anna Atoom* series. Concern about technology is, nevertheless, not totally absent. The three stories debate and comment critically on the environment, and express anxiety about technology. In the analysis of the stories, the focus is mainly on the impact of technology on the natural environment. Examples that emphasise the effect of technology on nature, rather than on humankind and its future, were looked for in the text. Frequently, the finding was that technology is in fact developed for the benefit of humankind. However, the development of technology and the useful application thereof in order to preserve and protect the natural environment was also found in parts of the text. I therefore view the *Anna Atoom* series as representative of a fusion of the two forms of discourse as identified by Podeschi (2002:264).

The value of nature relative to the community is a critical issue. The *Anna Atoom* series shows the beauty of nature and emphasises the worth of the non-human. There is in general no negative portrayal of nature. The so-called civilised person is also not portrayed as more worthy than other life forms, even though technology is at times developed for the benefit of humankind. On reflection, it proves that the texts do not portray civilisation as dominant over natural spaces. Rather, the *Anna Atoom* series, as representative of SF, leaves the reader with the conclusion that scientific and technological development can be utilised in the conservation and protection of natural spaces.

It was found that nature is not portrayed as unapproachable and unpleasant. There is, rather, a deep awareness that treading upon natural space has to take place with the necessary respect,

and that humankind in its interaction with nature should allow space for harmonious coexistence. There is hence no destructive nature-civilisation dualism in the *Anna Atoom* texts, rather an aspiration to harmonious coexistence of human and non-human forms of life. After reading the *Anna Atoom* series the child should be more informed about the scientific, technological and aesthetic components involved in debates on the environment.

Although it is not dogmatically expected of SF to necessarily be ecocentric, the SF author can nonetheless inform and create awareness and dialogue that examines humankind's relationship with the natural environment. SF, such as the *Anna Atoom* series, has the potential to serve as a sort of environmental discourse in the end, as a new form of holistic thinking, and interconnectedness with the ecosystems of nature. I agree with Grendon et al. (2012:13) that SF presents hypotheses about the future of humankind – and more specifically the future of the humankind-nature relationship. As shown in the analysis of the texts, examples of creative possibilities regarding humankind's role in the conservation of nature is also found in the *Anna Atoom* series.

Keywords: *Anna Atoom* series; children's literature; ecofeminism; Elizabeth Wasserman; environmental education; environmental issues; environment discourse; human-nature relationship; nature; science fiction (SF); technology

1. Inleiding

Niemand hoef meer te wonder oor die omvang van die skade wat die mens aan die natuurlike omgewing berokken nie. Dit is immers 'n bewese feit dat gemeenskappe die aarde op verskeie ingrypende maniere beskadig en dat die einde van ons planeet as 'n bewoonbare wêreld, 'n waarskynlikheid is. Gegewe die dringendheid daarvan om die probleem van die mens-natuur-verhouding onder die loep te neem en 'n veranderde ingesteldheid te bepleit, is dit noodsaaklik om by die jeug te begin. Steenkamp (2015:96) verwys na Lesnik-Oberstein se bevinding dat kinderliteratuur een van die mees ekstensiewe bronne bied vir 'n bestudering van die begrippe *natuur*, die *natuurlike omgewing*, *ekologie* en die rol van die mens se verhouding ten opsigte hiervan.

In 'n onlangse artikel (Loubser 2016) ondersoek ek die waarde van omgewingsgeoriënteerde fiksietekste met die oog op omgewingsbewusmaking en omgewingsopvoeding by kinders en doen dit aan die hand van Adrian Rainbow (2014) se besinning oor die krag en opvoedkundige waarde van die ekoliterêre teks. Die waarde van hierdie tipe tekste lê daarin dat dit verhale is wat krities na die mens en sy verhouding met die niemenslike kyk. Dit is tekste wat bewus maak, wat tot die gewete spreek en wat (hopelik) aanleiding sal gee tot optrede. Met 'n ekosentriese leesbenadering kom die potensiaal vir omgewingsbewustheid en moontlike optrede ter sprake. Fiksietekste kan as opvoedkundige, ideologiese en politieke werktuie dien en kan tot die leser se waardes, moraliteit, emosie en verbeelding spreek. Ek steun in my navorsing op die bevindinge van Adrian Rainbow (2014:117) dat die rol van fiksie nie onderskat moet word in die onderrig van wetenskaplike en ekologiese beginsels nie en verwys voorts na die ontwikkeling van 'n soort kritiese bewuswording en *praxis* (begrippe/terme van die opvoedkundige Paulo Freire 1970:118) wat lesers kan ontwikkel in agente vir verandering ('n konsep van Blincoe 2011:206) en natuuronderskrywers ('n konsep van Love 2003:7) (kyk Loubser 2016:636). Hierdie begrip van Blincoe kan egter volgens

Rainbow (2011:117) ook van toepassing wees op die rol van die skrywer/verteller as ekopvoeder en agent vir verandering, wat die leser/leerder kan lei tot 'n groter bewuswees van en omgee vir die natuurlike omgewing. Voorts voer Rainbow (2011:117) aan dat fiksietekste oor die vermoë beskik om kritiese denke te stimuleer, wat uiteindelik tot optrede kan lei.

Hierdie studie is 'n ekokritiese ondersoek na drie fiksietekste deur Elizabeth Wasserman, naamlik *Anna Atoom en die seerower se dolk* (2011), *Anna Atoom en die magnetiese meermin* (2012) en *Anna Atoom en die digitale draak* (2012)¹. Die tekste is gekies vanweë die ekologiese duidings wat hulle dra en die studie betrek omgewingsdiskoers soos wat dit in die genre van Wetenskapfiksie uitgebeeld word. Die ekokritiek koester 'n taal van simbole wat denke oor die invloed van die mens op die omgewing en ons komplekse verhouding met die aarde moontlik maak. *Ekokritiek* is 'n sambreelterm wat verskeie teoretiese en metodologiese benaderings insluit in 'n soeke na beter begrip van die verhouding tussen menslike kultuur en die omgewing (Weidner 2016:2). Met hierdie studie is die ekokritiese lens gerig op die rol van tegnologie in die verhouding tussen die mens en die natuurlike omgewing in die genoemde fiksietekste en die fokus sal hoofsaaklik wees op omgewingsdiskoers soos wat dit in die tekste geïdentifiseer kan word. Deur middel van teksanalise sal gesoek word na konsepte van *natuur* en *natuurlike omgewing* soos in die tekste geënkodeer (Podeschi 2002:254).

Die oksimoroniese kombinasie van *wetenskap* en *fiksie* in die term *wetenskapfiksie* suggereer volgens Canavan en Robinson (2014:ix) die innerlike spanning wat 'n ontleding van hierdie genre mag inhou. Volgens Podeschi (2002:251) verheerlik WF gewoonlik wetenskap en tegnologie, dit beeld beskawing as dominant tot “wilderness of space” uit en stel die natuur as vyandig en minderwaardig in verhouding tot beskawing voor. Daar bestaan talle definisies van WF, maar hulle kom min of meer almal daarop neer dat dit 'n literatuur is wat daarna streef om verbeelding, wetenskaplike kennis oor die werklikheid en die wetenskaplike metode te assimileer (Loubser 2012:2). Met hierdie ondersoek word daar vanuit die veronderstelling gewerk dat WF die moontlikhede van wetenskap en tegnologie aandui. Daar word voorts aanvaar dat die genre oor die potensiaal ten opsigte van die ontwikkeling van kritiese denke en kritiese diskoers oor omgewingsgeletterdheid beskik.

My metode sal 'n ekosentriese leesbenadering wees, waar die intrinsieke waarde van die natuur erken word, in teenstelling met 'n antroposentriese (mensgerigte) benadering, waar menslike optrede hoofsaaklik in verhouding tot menslike motiewe en begeertes geregverdig word. Die ondersoek na vorme van omgewingsdiskoers is 'n ekokritiese benadering tot literatuur.

Met hierdie studie word daar gesoek na omgewingsboodskappe wat die tekste aan die leser kommunikeer oor die mens-natuur-verhouding. Daar word twee vorme van omgewingsdiskoers geïdentifiseer, naamlik reprodutiewe en weerstandsdiskoers, as vorme van wat Podeschi (2002:254) groenkultuurstudies noem. By reprodutiewe diskoers word die natuur as van minder waarde as sogenaamde beskawing geag, terwyl weerstandsdiskoers die intrinsieke waarde van die natuur erken en waar die natuur as ewe belangrik tot “beskawing” voorgestel word. Volgens Podeschi (2002:251) is omgewingsdiskoers ingebed in WF en resoneer dit gewoonlik met reprodutiewe diskoers. In hierdie verband verwys Podeschi (2002:267) byvoorbeeld na die *Star Trek*-reeks (1979, 1982 en 1986) wat tegnologie voorhou as onskuldig en sonder gevaar daaraan verbonde. In hierdie rolprente word die impak van tegnologie op die natuurlike omgewing feitlik geïgnoreer en 'n toekoms word voorgedou

waarin die omgewing ekologies heel gesond is, ten spyte van die oordadige teenwoordigheid van kragtige tegnologie. Podeschi (2002:268) verwys ook na die rolprent *Destination Moon* (1950), as “explicit in its opposition to environmental concerns”. In my navorsing huldig ek die standpunt dat ’n kombinasie van estetiese teks en wetenskaplike feite tot ’n beter begrip van die natuurlike omgewing by kinders kan lei en noem voorts die waardevolle navorsing wat reeds oor hierdie onderwerp met kinder- en jeugliteratuur gedoen is, soos onder andere dié deur Wylie (2014), Jenkins (2004), Martin (1994) en Meyer (2009) (kyk (Loubser 2016:630). Hierby kan ook die onlangse navorsing deur Steenkamp (2015) gevoeg word.

Die gekose tekste behoort tot die genre van WF en is om die ekologiese duidings wat hulle dra vir die studie gekies. Ek wil ondersoek instel na die uitbeelding van die mens-natuurverhouding en die voorstelling van die natuurlike omgewing in hierdie drie tekste en ek wil ondersoek instel of Podeschi se aanname (dat WF gewoonlik reprodutiewe omgewingsdiskoers steun) op hierdie drie tekste van toepassing is. Daar is dus spesifiek gesoek na vorme van omgewingsdiskoers wat in die drie tekste manifesteer. Soos reeds genoem, is die vind van oplossings vir bestaande omgewingskwessies nie die fokus van hierdie ondersoek nie.

WF-skrywers bespiegel graag oor huidige of toekomstige veranderinge in die wetenskap en tegnologie en beeld wêreld uit wat op die een of ander manier (hoe gering of drasties ook al) van ons werklikheid verskil. WF is ook dikwels ’n vorm van kommentaarlewing op kwessies en ongeregthede in gemeenskappe. WF stel moontlike toekomstige scenario’s voor en dit vra die vraag “Wat sou gebeur as ...?” of “Sê nou maar ...?”. Canavan (2012:139) stel byvoorbeeld ’n “catastrophic breakdown – and the subsequent emergence of other kinds of lives, after the end of history” in Margaret Atwood se *Oryx and Crake* (2003) en *The year of the flood* (2009) voor. Melanie Dawson (2012:69–89) stel ook die vraag “wat sou gebeur as?” en belig as voorbeeld die *Harry Potter*-reeks deur J.K. Rowling, waar ’n verbeeldingswêreld van towerkunste voortdurend met natuurlike ruimtes oorvleuel. Magid (2012:47–68) bespreek die lewe in ruimtestasies en utopiese dorpie soos in William Morris se *News from nowhere*, Gene Roddenberry se rolprent *Deep space 9* (1993) en Marge Piercy se werk *He, she and it* (1991). Ook die spekulatiewe fiksiewerke van Margaret Atwood, *The year of the flood* (2009), *The Handmaid’s tale* (1986) en *Oryx and Crake* (2003) “offer glimpses into futures where the abuse of women and the environment go hand-in-hand” (Murray 2012:112). Plaaslik kan Lauren Beukes se *Zoo City* (2010) genoem word as voorbeeld van die voorstelling van toekomstige gedeelde leefruimtes (met diere in hierdie geval). Ook die *Nova*-reeks van Fanie Viljoen (2013) neem hierdie “sê nou maar?”-vraag onder die loop met voorstellings van ’n wêreld waarin geheimsinnige eksperimente uitgevoer word en waar vreemde wesens saam met verhaalkarakters leefruimtes bevolk. Alhoewel nie WF nie, kan selfs Deon Meyer se futuristiese *Koors* (2016) die vraag “Wat sou gebeur as?” vra, waar die teenswoordige wêreld deur ’n epidemie tot ’n einde kom en nuwe maniere van oorleef en saambestaan gevind moet word.

Aangesien die protagonis in die *Anna Atoom*-reeks vroulik is, die natuur-kultuur-dualisme ter sprake kom en die natuur dikwels, soos die vroulike liggaam, as verbruikbaar en minderwaardig beskou word deur medekarakters in die reeks, was dit onvermydelik om die ekofeminisme in die ondersoek te betrek. Sentraal tot die ekofeminisme staan die idee dat patriargale magte tot hiërargie en uitbuiting lei en daarom word patriargie beskou as instrumenteel in die sistematiese uitbuiting van vroue en die degradering van die natuurlike omgewing (Murray 2012:113). Volgens Podeschi (2002:256) beskuldig talle feministe, soos

Carolyn Merchant (1980), Sandra Harding (1986) en Vandana Shiva (1988), die Westerse wetenskap en tegnologie daarvan dat dit beduidend aandadig aan hierdie dominansie is.

Dit is nodig dat 'n liefde vir die natuur en die natuurlike omgewing by die kind gekoester en aangemoedig word ten einde 'n lewenslange ingesteldheid van omgee vir die aarde en sy lewensvorme te verseker. Een van die maniere waarop dit gedoen kan word, is deur middel van kinder- en jeugliteratuur. Kinderliteratuur is 'n genre waarin die natuurlike wêreld dikwels figureer en, gesien in die lig van die huidige globale omgewingskrisis, word die kinderboek al meer ingespan as 'n didaktiese instrument vir ekologiese kwessies (Steenkamp 2015:95).

Volgens Podeschi (2002:251) is populêre WF-tekste belangrik as toekomsmites vanweë die teenwoordigheid van 'n ingebiede omgewingsdiskoers,

because they conceptualize and problematize the voyage into the near and distant future. These projections of social reality are our future myths, and whether intended or not, these projections comment on nature and the social relationship with nature. (Podeschi 2002:254)

Fantasieverhale, en dus ook WF, kan gebruik word as 'n verbeeldingsforum om op die verhouding tussen die mens en die natuur te fokus. WF, as 'n geskrewe teks, kommunikeer idees oor wat nuut en vreemd is op 'n herkenbare manier. Al word lesers/kykers aan 'n vreemde wêreld bekendgestel, bly hulle altyd binne hul eie realiteit (Baratta 2012:3–4). Volgens Canavan (2014:16) verskaf WF aan ons 'n omvangryke argief van moontlikhede oor “tegno-utopieë” en “ekotopieë”. Dit is die WF-genre wat eerste gepoog het om die globale veranderinge wat vir ons voorlê, te artikuleer:

[I]t is the transmedia genre of SF that has first attempted to articulate the sorts of systemic global changes that are imminent, or already happening, and begins to imagine what our transformed planet might eventually be like for those who will come to live on it. Especially taken in the context of escalating ecological catastrophe, in which each new season seems to bring with it some new and heretofore-unseen spectacular disaster [...]. (Canavan 2014:16–7)

WF deel dus met die leser moontlike scenario's oor die toekoms, soos byvoorbeeld in Lauren Beukes se *Zoo City* (2010) of Fanie Viljoen se *Nova*-reeks (2013), soos in die inleiding tot hierdie artikel genoem. Voorts verskaf WF 'n platform van waar die verhouding tussen die mens, die wetenskap, tegnologie en kultuur bespreek en gedebatteer kan word (Hamdan, Vengadasamy, Yusof en Hashim 2012:154).

Russ (1995:7) definieer WF as “literature that attempts to assimilate imaginatively, scientific knowledge about reality and the scientific method, as distinct from the merely practical changes science has made in our lives”. Die omgewingsdiskoers in WF neem boonop gemeenskappe se verhouding met die natuur onder die loep ten einde 'n kultuurverandering ten gunste van ekologiese bewustheid te bewerkstellig. In my reeds genoemde artikel oor die opvoedkundige waarde van ekoliterêre tekste (Loubser 2016) verwys ek na Rainbow (2012:91) se beskouing dat die outeur van literêre tekste as 'n ekopedagoog en 'n natuuronderskrywer onderskat en onderwaardeer word. Dit is veral die geval in terme van 'n skrywer se potensiele rol in die aktivering van kritiese denke by jong lesers. Fiksie kan

volgens Rainbow (2012:95) 'n belangrike rol speel in omgewingsdiskoers, aangesien verhale 'n stem verleen aan wat ook al voorheen stemloos was; dit benoem wat voorheen naamloos was. Fiksie bemagtig die skrywer as 'n radikale opvoeder.

Podeschi (2002:254) se siening is dat WF as 'n kulturele narratief ingespan kan word om die belang van die natuur en die omgewing te beklemtoon. Hy is van mening dat WF die toekomsreis konseptualiseer en problematiseer, dat hierdie vooruitskouings sosiale werklikhede is en dat dit kommentaar lewer op die natuur en die sosiale verhouding met die natuur. Die sosiale vooruitskouings in WF gee riglyne, leiding en selfs hoop. Terselfdertyd bevat WF elemente van fantasie wat die leser in staat stel om te droom, te verbeeld en te ontdek. WF is boonop 'n gewilde genre by kinders. In die VSA was die kategorieverkope van WF vir tieners byvoorbeeld 32 900 in 2013 en 45 511 in 2014, wat 'n toename van 38% in verkope verteenwoordig (www.publishersweekly.com). In die Verenigde Koninkryk is die topverkopers in jeugfiksie humor en fantasie, met robotte die vinnig-groeiendste subkategorie (Jarrad 2016). Alhoewel statistieke oor die gewildheid van WF by kinders en jongmense in die Suid-Afrikaanse lesersmark nie gevind kon word nie, is die verkoopstatistieke, volgens Miemie du Plessis van Lapa Uitgewers van die *Nova*-reeks deur Fanie Viljoen (2013) byvoorbeeld reeds bykans 35 000 eksemplare (Du Plessis 2017). Volgens Michelle Cooper van Tafelberg Uitgewers is die verkope van die *Anna Atoom*-reeks reeds meer as 12 000 kopieë (Cooper 2017).

Die artikel is 'n besinning oor die manifestering in die reeks van enersyds 'n reproduktiewe diskoers en andersyds 'n weerstandsdiskoers, of dan 'n vermenging van die twee vorme van omgewingsdiskoers. 'n Reproduktiewe diskoers vervat die degradering van die natuur as minderwaardig teenoor die beskawing. 'n Reproduktiewe diskoers vereer grootliks die wetenskap en tegnologie en die beskawing word voorgestel as oorheersend oor die natuurlike omgewing. Die natuur word as vyandig en minderwaardig ten opsigte van die beskawing uitgebeeld. Hier moet dit egter duidelik gestel word dat met Podeschi, as navorser, se beskouing van die konsep *reproduktief* gewerk word. Die betekenis van *reproduksie* as neutrale term is om weer voort te bring of na te boots. Die uitbeelding/nabootsing van die natuur in die drie gekose tekste gebeur nie oor die algemeen op 'n degraderende wyse nie. 'n Weerstandsdiskoers, aan die ander kant, vereis 'n groter bewustheid van, en respek en waardering vir, die natuur as 'n lewende organisme in eie reg (Podeschi 2002:251).

Daar word ook kortliks vanuit 'n ekofeministiese perspektief na die *Anna Atoom*-reeks gekyk. Die protagonis, Anna Atoom, is vroulik en volgens Murray (2012:113) word die natuur op sigself dikwels vanuit 'n patriargale oortuiging as vroulike ruimte (wat oorheers kan word) beskou. Vir Murray (2012:113) is die stryd om die behoud en beskerming van die aarde en van geslagsgelykheid nou verwante kwessies. Volgens Murray (2012:113) beskou die ekofeminisme die androsentriese man/vrou-dualisme as die bron van anti-ekologiese praktyke, waar die vrou geassosieer word met die natuur, die materiële, die emosionele, terwyl die man geassosieer word met kultuur, die niemateriële, rasonale en die abstrakte (2012:113).


2. Omgewing en natuur

Belangrike begrippe vir hierdie studie is die begrippe *natuur* en *omgewing*. Volgens Weidner (2016:2) kan die konsep *natuur* vervat word in 'n beskrywing van die aarde en haar geologiese en biologiese diversiteit en immerveranderende ekosisteme. Turner (2015:xxx) gebruik die frase *natural world* in haar omskrywing van die “entirety of the living planet beyond the human-built environment”. Vir die doel van hierdie studie verwys ek na die konsep *natuur* as *natuurlike omgewing*.

In sy professorale intreerede (2002) noem Danie Schreuder dat die konsep *omgewing* nie alleen die biofisiese werklikheid impliseer nie, maar ook alle dimensies wat mense as gevolg van hulle kultuurfunksie daaraan toevoeg. Die menslike omgewing is 'n sosiale konstruksie en daar kan in sosiale, politiese en ekonomiese dimensies daarna verwys word. Hierdie dimensies bestaan in 'n intieme onderlinge verwantskap. Die biofisiese omgewing is voorts volgens Schreuder (2002:3) die aarde met alle natuurlike lewensonderhoudende hulpbronne en prosesse, en dien as “essensiële infrastruktuur vir alle sosiaal-gekonstrueerde dimensies”:

Elke enkele menslike aktiwiteit berus uiteindelik op die kapasiteit van die naturomgewing om lewe te onderhou, om materiaal/grondstowwe in natuurlike siklusse te akkommodeer, om natuurlike hulpbronne te voorsien en om afval te absorbeer en te prosesseer deur natuurlike siklusse. Wat in enige van hierdie dimensies gebeur, het onvermydelik impak op al die ander en uiteindelik op die biofisiese. (Schreuder 2002:4)

Schreuder (2002:3) stel *omgewing* soos volg diagrammaties voor:



Figuur 1: Omgewing

Die konsep *omgewing* kan dus gedefinieer word as 'n sosiale konstruksie wat verwys na die interaksie tussen sosiale en biofisiese sisteme.

Smith (2012:887) noem in haar navorsing dat ekologie as dissipline fokus op die bestudering van die verhouding tussen alle organismes, menslik en niemenslik, en hulle omgewing of *plek* as dele van die geheel. Sy is voorts van mening dat alle menslike ondervinding begin by *plek* (2012:890). Hierdie *plek* waarna Smith verwys is die omgewing wat die mens met niemenslike bestaansvorme deel. Op sy beurt meld Coetzee (2015:5) die invloed van omgewing en lewende organismes op mekaar en hy identifiseer die mens se verhouding met sy omgewing as “een van die mees standhoudende temas van die letterkunde”. In onlangse navorsing noem Meyer (2016:1203) die bestudering van hierdie verhouding tussen die mens en die niemenslike, naamlik die ekokritiek, 'n studieveld wat nog 'n onderontginde plek in die Afrikaanse literatuurkritiek inneem, maar sowel Meyer (2016 en 2017) as Smith (2012 en 2014) en Coetzee (2015) het reeds waardevolle bydraes in hierdie verband gelewer. Ook in my reeds genoemde navorsing, Loubser (2016), word die opvoedkundige waarde van ekoliterêre tekste vir kinders en die jeug ondersoek. Ek bestudeer die potensiaal van omgewingsgeoriënteerde fiksietekste met die oog op omgewingsbewusmaking en -opvoeding van die jeug (2016:630) en voer voorts aan dat navorsing oor die waarde van fiksie in die onderrig van wetenskaplike en ekologiese beginsels en die skrywer as eko-opvoeder nog in die Suid-Afrikaanse konteks geringgeskat word.

Met hierdie artikel word daar besin oor die mens se verhouding met die natuurlike omgewing en met niemenslike bestaansvorme. Dit is ook 'n besinning oor die impak wat die natuurlike omgewing op die mens het en oor die impak van die mens op die natuurlike omgewing en op ander wesens. Met hierdie navorsing onderneem ek 'n ekokritiese ondersoek na die gekose fiksietekste as verteenwoordigend van WF as genre. WF bied nuttige alternatiewe denkwyses oor die natuurlike omgewing (Canavan 2014:xi). Voorts is WF toekomsprojeksies van sosiale realiteit en is daarom kultureel beduidend. Dit is dikwels vooruitskouend oor wat in die toekoms moontlik mag wees. Voorts verskaf WF 'n holistiese blik op wat sal, mag of behoort te wees en wys dus wat gemeenskappe sal of mag of behoort te dink oor die natuur en die omgewing (Podeschi 2002:254).

3. Teoretiese agtergrond

3.1 Die ekokritiek

Aangesien hierdie studie 'n ondersoek na die mens-natuur-verhouding en omgewingsdiskoers in WF is, is die studieveld van die ekokritiek ter sake. Dit was Glotfelty (1996:xviii) wat die konsep van die ekokritiek gedefinieer het as 'n ondersoek na die verhouding tussen letterkunde en die fisiese, natuurlike omgewing. Dit is 'n studieveld wat volgens Meyer (2016:1204) op omgewingsverwante probleme fokus en waar die onderlinge spanning tussen die natuurlike omgewing en plek binne 'n globale omgewingskultuur ondersoek kan word.

Buell (1995:11) brei uit op hierdie idee van Glotfelty as hy die ekokritiek verder beskryf as die bestudering van die verhouding tussen letterkunde en die omgewing. Hierdie idee word uitgebrei wanneer Meyer (2017:6) verwys na die bestudering van die verhouding tussen

letterkunde en die omgewing as 'n proses wat onderneem word in 'n gesindheid van toewyding aan omgewingskundige praktyke of gebruike.

Die ekokritiek kan gesien word as die “bestudering van kultuurprodukte, soos kunswerke, skryfwerk en wetenskaplike teorieë wat hulle bemoei met die menslike verhouding tot die natuurlike wêreld” (Smith 2012:506). Vir Smith (2015:1) is die ekokritiek 'n “opwindende literatuurkritiese en ekofilosofiese teoriëruimte” wat tot “talle nuwe insigte lei”, 'n opmerking waarmee ek ten volle saamstem en een wat ek met hierdie ondersoek steun. Volgens Smith (2012:506) sluit die ekokritiek 'n verskeidenheid teorieë en uitgangspunte in. In aansluiting hierby noem Meyer (2016:1203) dat *ekokritiek* 'n “sambreelterm” vir die literêr-teoretiese benaderings is waarvolgens ondersoek ingestel kan word na die mens-natuur-verhouding; dat die ekokritiek interdisiplinêr van aard is, aangesien dit in gesprek tree met ander vakgebiede, soos fisiese wetenskappe, ekologie, lewenswetenskappe en omgewingsgeskiedenis (Meyer 2016:1204). Smith (2012:506) noem ook dat die interdisiplinêre aard van die ekokritiek deur “deelnemers aan hierdie kritiese beweging benadruk” word. Hierdie interdisiplinariteit van die ekokritiek impliseer dus diskoerse en gesprekvoering, oor studieveldde heen, oor die mens se verhouding met die natuurlike omgewing ten einde met voorstelle vir die oplossing van omgewingskwessies te kom.

As wêreldwye reaksie op die toenemende vernietiging van die verhouding tussen die mens en die natuur bied ekokritiek 'n interdisiplinêre kyk op die wyse waarop kultuurprodukte soos poësie hierdie verhouding ontgin en verwoord en dien dit as 'n reaksie op die behoeftes, probleme en krisis wat die mensdom in die gesig staar. (Smith 2015:506)

Volgens Smith (2015:1) ondersoek die ekokritiek die “meer-as-menslike wêreld in tekste” en met hierdie studie ondersoek ek die voorstelling van daardie wêreld (waarna Smith verwys) in die *Anna Atoom*-reeks. Smith (2015:1) noem ook dat dit opvallend is dat internasionale kritici eerder met die teorieë van die ekokritiek omgaan as wat hulle aandag gee aan die toepassingsmoontlikhede van die ekokritiek binne die literatuur. Met die ontleiding van die *Anna Atoom*-reeks as WF word daar juis gesoek na die wyses waarop die natuurlike omgewing en die verhouding met die natuur in die tekste manifesteer. Volgens Podeschi (2002:257) moet daar gekyk word na die wyse waarop die kultuur-natuur-gesprek in WF aangeroei word en tot watter mate WF die grens tussen kultuur en natuur kan belig.

Die voorstelling van die natuurlike omgewing en die dierelewe in die Afrikaanse letterkunde is geen nuuttjie nie. “Reg van die begin van die geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde af was die prominensie van die natuur opvallend” (Marais 1997:4). Ook Jenkins (2004:108) noem die belang wat natuurlewe (*wildlife*) en die natuurlike omgewing vroeg reeds in die Suid-Afrikaanse letterkunde-kanon gespeel het. Die aanloop tot die geskrewe Afrika-letterkunde en voorbeelde van hierdie bemoeienis met die natuur word volgens Marais (1997:4) veral gevind in optekeninge van stories uit die Khoisan se orale tradisie. Die sestigers het, volgens Marais (1997:8), min aandag aan die natuur gegee, terwyl “daar in die res van die wêreld 'n besef posgevat [het] dat alles nie pluis is met die mens se verhouding met moederaarde nie”. Voorbeelde in wêreldliteratuur van hierdie tendens manifesteer in werke deur skrywers soos Rachel Carson, byvoorbeeld haar baanbrekerswerk *Silent Spring* (1962) en haar latere *The sense of wonder* (1965); *Never cry wolf* (1963) deur Farley Mowat; Paul Ehrlich se *The population bomb* (1968); *Desert solitaire* (1968) deur Edward Abbey;

The Lorax (1971) deur dr Seuss; en *Encounters with the Archdruid* (1971) deur John McPhee.

'n Bewusmaking van grondbewaring, oordeelkundige watergebruik en die bekamping van skadelike landboupraktyke in die Afrikaanse letterkunde word byvoorbeeld gevind in N.P. Van Wyk Louw se *Berei in die woestyn die pad* (1968), waar menslike bedreiging van die natuurlike omgewing aandag kry:

Die aarde het in wondere ewewig gehang
– soos God dit geskep en gesien het: dis goed –
Nié op 'n skaal geweeg nie
geweeg in die hande van God [...]
Maar deur die sonde van oormoed
– selfs dié mag is ons gegee –
kon ons die goddelike orde
van vlakke en woud en dier
tot in sy kern versteur.
En dier en mens, en mens en aarde
het vréemd vir mekaar geraak [...]

(N.P. Van Wyk Louw 1968:27–8)

Voorts noem Marais (1997:10) dan ook voorbeelde van hierdie manifestering van die mens-natuur-verhouding en van 'n pleidooi tot omgewingsbewustheid in die gedigte en sketse van Boerneef (1897–1967), in Wilma Stockenström (1933–) se natuurverse oor Afrika, in Dalene Matthee se bosromans, *Kringe in 'n bos* (1984), *Fiela se kind* (1985) en *Moerbeibos* (1987), asook in die bundel oor die vernietiging van die omgewing met die titel *Groen: gedigte oor die omgewing* deur Johan Lodewyk Marais (1992). Ook Meyer (2016:1204) noem dat “natuursentriese tekste reeds van die vroegste tye af deel vorm van ons literêre korps en sy verwys in hierdie verband na Eugène Marais se “sterk natuursensitiewe stem”. Voorts verwys Meyer (2016:1206) na natuurgesentreerde skryfwerk as die “uitbeelding van 'n persoonlike verbintenis met die tuisomgewing en persoonlike interpretasie van die natuur, maar ook deur getrouheid aan analitiese waarneming en (natuur)wetenskaplike feite”.

Volgens Canavan (2014:ix) is WF as genre in 'n gespreksverhouding met ekologie, die natuurlike omgewing en die ekokritiek. Page (2014:41) beklemtoon voorts dat die ekokritiek oor belangrike ooreenkomste met WF beskik en sy verwys na Buell (2005:56-57) se aanhaling in hierdie verband:

For half a century science fiction has taken a keen, if not consistent interest in ecology, in planetary endangerment, in environmental ethics, in humankind's relation to the nonhuman world ... no genre potentially matches up with a planetary level of thinking 'environment' better than science fiction does.

Hierdie raakpunte tussen WF, ekologie en die ekokritiek lê vir Canavan (2014:16) opgesluit in WF se vermoë om die mens kollektief te laat herbesin, want:

SF is our culture's vast, shared polyvocal archive of the possible; from techno-utopias to apocalypses to ectopian *fortunate falls*, [Canavan se kursivering] it is the

transmedia genre of SF that has first attempted to articulate the sorts of systemic global changes that are imminent, or already happening, that begins to imagine what our transformed planet might eventually be like for those who will come to live on it.

Volgens Smith (2012:519) laat die ekokritiek die leser toe om nuut na poësie (en dus ook ander vorme van die geskrewe woord) te kyk en om “gevestigde ideologiese persepsies van plek en omgewing en natuur uit te daag”. So ook stel WF die mens in staat om terug te tree, om onself te distansieer van die kontemporêre wêreldstelsel sodat ons opnuut kan kyk (Canavan 2014:xi).

3.2 Die ekofeminisme

Ecofeminism also blames the androcentric dualism man/woman. Ecofeminism involves the recognition that [...] women have been associated with nature, the material, the emotional and the particular, while men have been associated with culture, the nonmaterial, the rational and the abstract. (Garrard 2004:23)

’n Literêr-teoretiese studieveld wat onder die sambreelterm *ekokritiek* hoort, is die ekofeminisme. Podeschi (2002:256) identifiseer patriargale stelsels, wat lei tot hiërargie en uitbuiting, as die kernidee waarmee die ekofeminisme bemoeienis maak. Smith (2012:507) beskou voorts die ekofeminisme as kritiek op die patriargale verhouding van die mens met die natuurlike omgewing.

Volgens Blok (2002:11) berus die verbintenis tussen vroue en die natuurlike omgewing reeds vir eeue lank op twee uiteenlopende opvattinge waarvolgens die aarde en die natuur gesien word as die versorgende moeder, maar ook as wild en onbeheerbaar. Hierdie beelde het as kulturele begrensing gedien omdat mense in hul daaglikse bestaan afhanklik was van die natuur en hierdie wilde natuur moes, soos vroue, getem en beheer word (Blok 2002:11). Ook Smith (2012:504) verwys na hierdie idee van die wilde natuur as sy noem dat die ekokritiese terrein van ondersoek onder andere die vraagstuk van die begrip *wildernis* ondersoek. Hierdie standpunt spruit uit die dualismes natuur/kultuur, lewend/nielewend en menslik/niemenslik wat deur ekokritici bevraagteken en teengestaan word.

Voorts noem Kahn (2010:146) dat die ekofeminisme ’n “sensitivity” tot die ekokritiese beweging gebring het wat die deure vir vroue oopgemaak het om meer betrokke te raak en leidende rolle as omgewingsaktiviste te vertolk. Volgens Garrard (2004:26) beklemtoon die ekofeminisme omgewingsregverdigheid, waar die logika van dominansie beskou word as aandadig aan diskriminasie en onderdrukking op grond van ras, seksuele oriëntasie, klas, spesie en gender.

Weidner (2016:5) wys daarop dat die ekofeministiese ekokritiek kulturele tekste ondersoek vir maniere waarop die konsep *gender* deur ekokritiese leesstrategieë belig kan word. Hy stel dit voorts: “Ecofeminism might ask ‘How are the liberation of women and the liberation of nature linked?’ To go a step further, one wonders how the treatment of nature and women reflect larger cultural attitudes and practices.”

In die verhaaldeure van die *Anna Atoom*-reeks bevind vroulike karakters hulle dikwels in gevaar en hierdie gevaar hou gewoonlik verband met dreigende situasies wat deur manlike protagoniste veroorsaak word. Hierdie kombinasie van vroulike hoofkarakters en

omgewingskrisisse in die verhalende tekste bring gevolglik die kwessie van die onderdrukking van die natuurlike omgewing (en van vroue) onder die aandag van die leser. Volgens Indu (2013:7) kan die onreg binne heersende patriargale stelsels teen vroue vergelyk word met vergrype teen die natuurlike omgewing en sal 'n poging om vroue te bevry nie suksesvol wees sonder 'n soortgelyke poging om die natuur te bevry nie. Ten einde 'n gebalanseerde, vredige voortbestaan vir die mens op aarde te verseker, is die bewaring van die omgewing noodsaaklik.

Die term *éco-féminisme* is vir die eerste keer in 1974 deur die Franse feminis Francoise d'Eaubonne gebruik (Murray 2012:113) en wel in haar boek *Le Féminisme ou la Mort* (1974). Volgens Agraso (2016:1) het d'Eaubonne hierdie term gebruik om vroue se potensiaal tot 'n ekologiese revolusie, ten einde oorlewing van die menslike spesie op die planeet te verseker, te benoem. Ekofeminisme is 'n denkrigting wat die uitbuiting van die natuurlike omgewing en ook van vroue visualiseer, teenstaan en omverwerp. Ekofeministe glo in die noue vervlegtheid van alle lewende dinge en vors manlike dominansie oor vroue en die natuur na. Volgens Murray (2012:123) vra ekofeminisme ook vir 'n "kinder, gentler version of capitalism that's in tune with preserving the planet". Verbruikerskapitalisme, patriargie en sosio-ekonomiese stelsels word verantwoordelik gehou vir die misbruik van natuurlike hulpbronne en hierdie vergrype word vergelyk met vergrype teen vroue en die vroulike liggaam.

Met die lees van die *Anna Atoom*-reeks sal ondersoek ingestel word na die vroulike protagoniste, Anna en haar ma, professor Sabatina, en hulle betrokkenheid by die oplossing van werklike omgewingskrisisse. Alhoewel hierdie twee verhaalkarakters telkens as sterk, selfgeldende vroue uit die stryd tree, word hulle (soos die natuurlike omgewing) telkens deur oorheersing, uitbuiting en vernietiging bedreig. Hierdie bedreiging wat as deel van die verhaaldebeure aan die leser gebied word, beklemtoon die boodskap wat die skrywer/verteller oor die welstand van die natuurlike omgewing, as 'n sentrale en herhalende tema in die verhale, aan die leser kommunikeer. Daar sal in die ontleding van die tekste gesoek word na die uitbeelding van omgewingskwessies en van vroulike karakters as slagoffers van manlike dominansie en onderdrukking. Die verbruikbaarheid van die vrou (die vroulike liggaam) en die aarde as verbruikbare natuurlike bron kom in so 'n ondersoek ter sprake.

4. Omgewingsdiskoers

Omgewingsdiskoers is gesprekvoering oor die aarde en die mens se plek in die natuur. Hierdie gesprekvoering behels gedeelde, gestruktureerde maniere van praat en dink oor, asook interpretasie en representasie van, bestaansvorme (menslik en niemenslik). Dryzek (1997:20) beskryf gesprekvoering in 'n "politics of the earth" as "deliberations about environmental policies and politics".

Vir die doel van hierdie ondersoek word omgewingsdiskoers gedefinieer as die gesprek tussen die mens (die skrywer, die verteller, die karakters in die teks, die implisiete leser sowel as die werklike leser buite die teks) en die natuur (hier die eiland, omringende seegebied en ander natuurlike omgewings wat ter sprake kom en wat as verhaalmilieu dien). Die studie vervat ook 'n terugvoer van bevindinge oor dit wat met hierdie drie tekste aan jong kinders oor die natuurlike omgewing en die mens se verhouding tot die natuur gekommunikeer word.

Die artikel beoog 'n tekstuele ontleding van die reeks in 'n poging om die omgewingsbetekenis in die gekose tekste te ontdek. Die ontleding van die tekste word aan die hand van omgewingsdiskoers gedoen.

Volgens Podeschi (2002:264) is daar twee vorme van omgewingsdiskoers wat van toepassing is by die bestudering van WF, naamlik 'n reprodutiewe diskoers (*reproductive discourse*) en 'n weerstandsdiskoers (*resistant discourse*) (2002:264).

4.1 Reprodutiewe diskoers

1. Die natuur is waardevol slegs omdat dit hulpbronne voorsien.
2. Die natuur is 'n samevoeging van dele wat soos 'n masjien funksioneer.
3. Sonder die nodige ontwikkeling en ingryping deur die mens is die natuur “onbeskaafd”, wild en vyandig; daarom moet dit gevrees en beheer word. “Beskaafde” natuur is mooi en waardevol. “Beskawing” en “beskaafde” natuur is goed; “onbeskaafde” natuur is sleg.
4. Gemeenskappe moet op die hede ingestel wees.
5. Die belangrikste ekonomiese doelwit is verhoogde produksie, wat groter welvaart sal verseker; groter is beter.
6. Menslike beheer en ontwikkeling van die natuurlike omgewing ter wille van die mens se voordeel/behoefte/oorlewing is van kardinale belang; die mens het 'n reg om die natuur te gebruik en te beheer, want ons is apart van en verhewe bo die natuur.
7. Inkomste en verbruik behoort maksimaal te wees om lewenstandaarde te verbeter. Massaproduksie, so goedkoop as moontlik en wegdoenbaar; groter en meer is beter, en kapitalisme is die ekonomiese weg na bereiking van hierdie doelstellings.
8. Die natuurlike omgewing is 'n ideale asblik vir menslike gemeenskappe.
9. Tegnologie bevorder lewe en sal uiteindelik menslike probleme oplos. Dit kan ontwikkel, uitgebrei en gebruik word.
10. Bevolkingsgetalle kan onbeheersd uitbrei.
11. Daar is 'n oorfloed natuurlike hulpbronne tot die mens se beskikking wat ongekende, onbeperkte ekonomiese groei moontlik maak.

4.2 Weerstandsdiskoers

1. Menslike waardes strek verder as die ekonomie en sluit bewaring van natuur in al sy diversiteit in, want die natuur het intrinsieke waarde; die natuur is net so waardevol as “beskawing”.
2. Natuurlike sisteme is selfskeppende, evolusionêre eenhede wat nie gereduseer kan word tot die som van hulle dele nie.

3. Die “wilde” natuur is nie die vyand van gemeenskappe nie; gemeenskappe is die vyand van die “wilde” natuur.
4. Gemeenskappe behoort toekomsgeoriënteerd te wees.
5. Primêre ekonomiese doelwitte behoort omgewingsvolhoubaarheid in te sluit.
6. Menslike behoefte aan natuurlike hulpbronne behoort volhoubare verbruik voorop te stel. Verbruik is nie ’n reg nie. Die mens moet in harmonie met die natuur leef.
7. Bemarkbaarheid dryf verbruikstoename; dit is skadelik vir die natuur. Inkomste en verbruik behoort beperk te word om lewensgehalte vir alle vorme van lewe te verseker. Goedere behoort eenvoudig, uniek, handgemaak, duursaam en van hoë gehalte te wees.
8. Gemeenskappe se afval behoort minimaal te wees en waar moontlik herwin te word.
9. Die tegnologie veroorsaak net soveel probleme as wat dit oplos. Dit is altyd riskant en behoort deurentyd geëvalueer te word.
10. Bevolkingstoename en menslike ingesteldhede ten opsigte van die natuur hou gevaar in vir die rykheid en diversiteit van lewe.
11. Natuurlike hulpbronne is beperk en moet bewaar word. Ekonomiese groei moet oordeelkundig beplan word. Skaarsheid en tekorte sal die ekonomiese toekoms kenmerk.

5. Ontleding van die *Anna Atoom*-reeks

Die *Anna Atoom*-reeks van Elizabeth Wasserman bestaan uit drie dele (boeke): *Anna Atoom en die seerower se dolk* (2011); *Anna Atoom en die digitale draak* (2012a) en *Anna Atoom en magnetiese meermin* (2012b). Hierdie reeks is gekies vanweë die feit dat dit die mens-natuur-verhouding aansny. In elke teks word ’n dreigende omgewingskrisis op ’n kreatiewe wyse aangespreek, sodat dit die jong leser met hoop laat. Telkens is daar ’n oplossing vir die dreigende ramp: die ekologiese ramp van alge- oorgroeiing wat seelewe kan vernietig, word suksesvol afgeweer; die pogings van die antagonis om die magneetvelde van die aarde te versteur en wat die uitwissing van spesies tot gevolg sal hê, word stopgesit; die gelyktydige aktivering van vulkane op aarde wat rampspoedige gevolge vir alle lewensvorme tot gevolg kan hê, word gestuit. Die reeks spreek genoemde voorbeelde van dreigende ekologiese rampe aan, maar dit bied ook kreatiewe oplossings vir elke spesifieke krisis aan, al is dit soms vergesog en hoofsaaklik met behulp van tegnologie. Voorts word moeilike wetenskaplike konsepte verstaanbaar aan die leser gekommunikeer. Etlike feiteblokke in die tekste stel hierdie inligting op ’n verstaanbare wyse aan die leser bekend, soos:

Het haaie neusgate?

Ja! ’n Haai se neusgate sit onder sy neus se punt. Haaie gebruik dit net om mee te ruik, en nie om mee asem te haal nie. Hulle reuksin is besonder skerp. Wetenskaplikes

reken 'n haai kan 'n enkele druppel bloed ruik selfs al is dit opgelos in 'n swembad vol water [...] (*Anna Atoom en die seerower se dolk* 2011:10).

Hierdie boeke is opeenvolgend en moet nie net gelees word as in gesprekvoering met mekaar nie, maar ook as vorme van omgewingsdiskoers.

Ek pas kwalitatiewe-onderzoekmetodes toe in die vorm van twee stappe, naamlik identifikasie en interpretasie. Identifikasie behels die vind van relevante inhoud vir ontleding. Hier is gesoek na dit wat breedweg as omgewingsdiskoers bestempel kan word. Omgewingsdiskoers lewer kommentaar oor die waarde van die natuur en oor die vorm wat die verhouding tussen die gemeenskap en die natuur aanneem.

Interpretasie behels die aanwend van semiotiese tegnieke en dit veronderstel 'n voortdurende beweging tussen data, kategorieë en patrone. Betekenis is ontleed vir ooreenstemming met en afwykings van bestaande omgewingsdiskoers.

Temas oor die omgewing en die natuur is teenwoordig in WF en dus ook in die *Anna Atoom*-reeks. Hierdie ontleding word aangebied in terme van die spesifieke maniere waarop die tekste by die weerstands- en/of die reprodutiewe diskoers aanklank vind. Die verhouding met die natuur word ook in ag geneem in terme van (i) die voorstelling van 'n koloniserings van natuurlike plekke en (ii) die voorstelling van omgewingsgevolge.

5.1 Die rol van tegnologiese

As dryfkrag agter WF as genre kry die tegnologiese uiteraard heelwat aandag in die *Anna Atoom*-boeke. Tegnologiese is in hierdie tekste fundamenteel tot die verhouding met die natuur en tot diskoers oor die natuur en die omgewing. Telkens speel tegnologiese 'n beduidende rol in die afwering van ekologiese rampe, soos reeds genoem.

Brand en Fischer (2013:235) redeneer dat omgewingsdiskoers óf 'n protegnologiese óf 'n tegnoskeptiese vorm kan aanneem. Die rol van tegnologiese, die verhouding met die natuur en die waarde van die natuur kom aan die lig soos wat WF gelees word met behulp van tegnieke waarmee die omgewingsdiskoers ontdek/blootgelê word (Podeschi 2002:266). In hierdie ondersoek sal die rol van tegnologiese binne die verhale sterk na vore tree. Die tegnologiese word beskou in terme van die voorstelling van die potensiële mag daarvan.

Volgens Podeschi (2002:267) word die weerstandsperspektief of dan tegnoskeptisisme (2002:238) gekenmerk deur 'n argument dat tegnologiese gevaarlik/riskant is en as die wortel van die kwaad van omgewingskrisisse gesien moet word, terwyl reprodutiewe denke (oftewel tegnofilie) fokus op die voordele wat tegnologiese vir die mensdom bring of belowe.

In die *Anna Atoom*-reeks manifesteer 'n vermenging of versmelting van hierdie twee perspektiewe, waar die gevaar van die misbruik van tegnologiese ontwikkeling vir menslike gewin gestel word teenoor die moontlikhede van tegnologiese as hulpmiddel in die bewaring van die natuur. Daar is byvoorbeeld die BioGolf-ontwikkeling: Uranus Draak gebruik hierdie tegniek om alge vinnig te laat groei en dan "sal al die lewe in die suidelike Stille Oseaan binne twee dae daarmee heen wees" (*Seerower se dolk*:52). Volgens Maks, die superrekenaar, lê die oplossing vir hierdie dreigende natuurramp daarin dat die spesifieke frekwensie en golflengte aangepas kan word om die ramp af te weer: "Die een wat volgens

my uitwerkings die omgekeerde van die BioGolf is. Dit sal die alge laat ophou groei en laat doodgaan, natuurlik!” (*Seerower se dolk*:84). Die rekenaar beskik oor die vermoë om hierdie potensiële ramp suksesvol af te weer. Voorts is daar die tegnologie van Uranus Draak wat “mense weer in spitsverkeer kan laat sit sonder om hulle te bekommer oor die CO₂-dampe wat hul motors afgee”, want “die oplossing lê in sy nuutste uitvindsel. Hy noem dit die Magnetiese Meermin: ’n briljante stuk tegnologie wat hy [...] beskikbaar stel ten einde aardverwarming vir eens en vir altyd die nekslag toe te dien” (*Magnetiese meermin*:57). Hierdie teksgedeeltes spreek van kreatiewe moontlikhede met betrekking tot die mens se rol in die behoud van die natuurlike omgewing, al kan die praktiese uitvoerbaarheid daarvan soms bevraagteken word.

Tegnologie is telkens in die reeks deel van die skep van die krisis, maar ook van die oplossing daarvan. Daar is werklik geen perke aan die mag van die toekomstige tegnologie nie. In WF word tegnologie as verbluffend voorgestel. Die veronderstelling word naamlik voorgehou dat tegnologie uiteindelik in staat sal wees om feitlik enigiets denkbaar te kan vermag. Telkens in die reeks kom hierdie voortreflikheid van tegnologie ter sprake, wat dui op die moontlikheid dat WF eerder ’n soort verering van wetenskap en tegnologie is en dat beskawing gevolglik as dominant oor natuurlike ruimtes voorgestel word.

In WF word die ongelooflikheid van toekomstegnologie ook dikwels vereer. Daar word gekonsentreer op dinge soos asemrowende ruimtereise, vlieënde karre, ruimtestasies en fantastiese nuwe tegnologiese uitvindings, soos biotrone of siborgs (mens-diere wat gedeeltelik robotte is), monstermense en ruimtewesens (soos byvoorbeeld in *Nova: Sterreloper* deur Fanie Viljoen 2013) en soos die Magnetiese Meermin in *Anna Atoom en die magnetiese meermin*. Hierdie stuk tegnologie is

meer as net ’n mooi gesiggie [...] [I]n die hart van die meermin is ’n digte kern van torium, omring deur ’n sfeer gevul met vloeibare kwik [...] [B]inne sekondes nadat sy aangeskakel word, is die meermin die kragtigste magneet wat nog ooit bestaan het: selfs sterker as die aantrekkingskrag van die maan op die oseane! (*Magnetiese meermin*:60).

In die *Anna Atoom*-trilogie word velerlei sulke voorbeelde van magtige tegnologie aan die leser voorgehou, soos ook:

Die ruimtetuig wat GROEN gebruik om voorrade na die RuimteArk te neem, is ook so ’n pendeltuig, maar kleiner en baie meer gevorderd as daardie eerste Amerikaanse modelle. Dit kan, net soos die JetKopter, horisontaal land en weer loodreg in die lug opstyg. (*Digitale draak*:87)

GROEN (wat staan vir Geografiese en Ruimtelike Organisasie vir Ekologiese Navorsing) is “’n internasionale netwerk van wetenskaplikes wat op aarde en in die ruimte saamwerk om ons ekosisteem te bewaar” (*Seerower se dolk*:18). GROEN is deel van die oplossing van omgewingsprobleme. Die omgewingsprobleem wat met die RuimteArk, as verbeelde oplossing, hanteer word, is die uitwissing van spesies. Pare van elke lewende spesie wat op aarde voorkom, word hier deur middel van gevorderde tegnologie in spesiale omstandighede aangehou: “Die doel daarvan is om ’n mannetjie en wyfie van elke dier op aarde veilig te bewaar, ingeval een of ander ramp hul spesie op aarde uitwis” (*Seerower se dolk*:42).

Die leser se heel eerste kennismaking met die voorstelling van tegnologiese wonders is wanneer Anna “soos ’n vis op die rustige seestrome dryf” en daar iets “vreemds” aan haar op te merk is. Anna swem naamlik sonder “snorkel of ander duiktoerusting” (*Seerower se dolk*:4). Sy haal met ander woorde “soos ’n vis” asem, iets wat normaalweg vir ’n mens onmoontlik is. Dan kom die oplossing van die raaisel: tegnologie. Anna se ouers is wetenskaplikes en kan “allerhande slim toerusting uitdink en bou” (*Seerower se dolk*:4–5):

Anna dra ’n pers waterbril met ’n rubberraam wat netjies om haar oogkasse pas. Die waterbril is kleiner en ligter as ’n gewone duikmasker, maar daarmee sien sy die seelandsap reg rondom haar net soos wat dit vir ’n vis sou lyk. In haar mond byt sy ’n klein toestel vas. Dis ’n waterlong, ’n vernuftige stuk toerusting wat haar pa jare gelede ontwerp het toe hy nog op die aarde gebly het. Dit werk op dieselfde manier as die kieuë van ’n vis, en daarmee kan sy suurstof direk uit die seewater suig. (*Seerower se dolk*:4–5)

Die *Anna Atoom*-reeks is deurtrek van hierdie “vernunftige” vorme van tegnologie, soos die intelligente robot, Maks (*Seerower se dolk*:16): Maks is superslim, maar hy is vol streke. Hy kan enigiets bereken en die ingewikkeldste probleme binne nanosekondes oplos. Maks kan ook in enige van 27 tale praat, afhangend van hoe hy gestel word.

Maks is ’n tegnologiese, mensgemaakte ding. Hy word egter vermenslik deurdat hy benoem word (hy het ’n naam) en daar menslike eienskappe aan hom toegeken word. Hy is byvoorbeeld intelligent (“superslim”), hy kan praat en hy is “vol streke”. Die funksie van die vermensliking van die robot is waarskynlik om op tegnologie as waardevol en nie noodwendig as bedreigend nie te fokus. In waardering vir wat tegnologie kan bied, word die robot met menslike eienskappe voorgestel. Die robot is, alhoewel ’n tegnologiese uitvindsel, in diens van Sabatina, ten einde omgewingskwessies te identifiseer. Die vermensliking van die robot maak van Maks ’n geliefde karakter in die reeks, want hy is ’n belangrike vennoot in konflikoplossing. Tog kan die ontwikkeling van so ’n superrekenaar ook gesien word as ’n verheerliking van tegnologie en dus van sogenaamde beskawing.

Die mag van tegnologie word in die reeks uitgebeeld in die vorm van tegnologiese skeppings soos die RuimteArk, die Breingolf-herkenner, die JetKopter, die siklotron, die vlione en superrekenaars. Elk van hierdie skeppings is ’n manifestering van die asemrowende krag van tegnologie. Die RuimteArk is die ruimtestasie waarin admiraal Atoom bly en waar dierspesies, behandel word met ’n BioPlasmied om hulle metabolisme te vertraag, bewaar word. Die Breingolf-herkenner is ’n unieke sekuriteitstelsel wat breingolwe “lees en herken om byvoorbeeld ’n deurslot te aktiveer” (*Seerower se dolk*:VI). Die JetKopter is “’n gevorderde soort vliegtuig waarmee die Atoom-familie reis. Die vlerke kan roteer soos die lemme van ’n helikopter, wat die JetKopter in staat stel om loodreg op te styg en weer te land” (*Magnetiese meermin*:VIII). Die siklotron is “’n gesofistikeerde apparaat waarmee wetenskaplikes subatomiese partikels tot ’n geweldige hoë spoed kan laat versnel. Dit word gebruik in eksperimente wat ons meer leer oor atome en wat probeer verklaar hoe die heelal dalk kon ontstaan het” (*Digitale draak*:IX). Vlione is “bioniese vuurvliegies propvol tegnologie wat gebou is om die toestande in vulkaniese grotte te monitor” (*Digitale draak*:IX).

Al kan hierdie voorbeelde as ’n soort waardering vir die wonder van tegnologie beskou word, word tegnologie fundamenteel tot die verhouding met die natuur en tot gesprekvoering oor

die natuur en die omgewing gestel, want sonder hierdie tegnologie kan kwessies wat die natuurlike omgewing bedreig, nie doeltreffend en suksesvol opgelos word nie. Telkens word hierdie tegnologie ingespan in die blootlegging van en selfs die oplossing van die potensieel vernietigende omgewingskwessie soos alge-oorgroeiing (*Magnetiese meermin*), die versteuring van die aarde se magneetvelde (*Digitale draak*) en die gelyktydige aktivering van vulkane en die gevaar van atoomversnelling (*Digitale draak*). WF word sodoende 'n veranderende mag, waar tegnologie tot voordeel en bewaring van die natuurlike omgewing aangewend word. WF beweeg tipies verby die bekende en die voorspelbare na 'n vooruitskouing van wat kan gebeur en hoe omgewingskwessies deur die aanwending van tegnologie opgelos kan word. As motivering vir hierdie stelling kan genoem word dat in die benadering van werklike kwessies die aanwending van tegnologiese toestelle geregverdig word vanweë die potensiaal daarvan (Podeschi 2002:269). In die *Anna Atoom*-reeks word hierdie potensiaal waaroor tegnologiese uitvindings beskik, kreatief aangewend in die voorkoming van die genoemde potensiele omgewingskwessies.

Tegnologie word ook gekoppel aan heldedade en word ingespan as kritieke vennoot in konfliktoplossing (Podeschi 2002:247), soos Maks wat alles doen om die veiligheid en die beskerming van sy geliefde mens-familie te verseker. Verdere bewyse hiervan is insidente soos wanneer Pip (die halfrobot) in die ysige see duik om vir Ton te red: "Hy [Pip] sien die donker water, 'n poort na die ysige see onder hulle. Dit is waar sy Ton is! Sonder om 'n oomblik te huiwer vlieg hy weg en spring reguit in die gapende gat in" (*Magnetiese meermin*:177).

Toekomstige tegnologie is per definisie altyd nuut en word aan die leser gebied in die vorm van byvoorbeeld vlugte na die buitenste ruimte en vlieënde karre. Ander soorte tegnologie voer dit selfs verder deur op 'n skynbaar fundamentele vlak beheer oor die natuur te neem. Robotte word gewoonlik in WF in 'n positiewe lig gesien en uitgebeeld en hiervan is Pip 'n voorbeeld. Hy is half-mens, half-robot, 'n biotron. 'n Biotron is 'n "mens of dier wat gedeeltelik 'n robot is, maar met 'n rekenaar vir 'n brein. Sommige spiere en sintuie kan versterk wees met elektronika" (*Seerower se dolk*:VI). Pip is egter volwaardig mens wanneer hy die gevaar (ysige, donker diepsee) verontagsaam en tot die redding van sy oppasser tree. 'n Intens menslike kwaliteit is hier ter sprake, naamlik die heldhaftige selfopoffering ter wille van 'n geliefde. Die beklemtoning van die menslike element in die robot word gevind in die toe-eiening wat die woord "sy" inhou in "sy Ton".

Ook dink Anna na haar onderonsie met die haai daaraan dat sy Brak as beskerming kon saamneem:

Volgende keer vat ek jou sowaar saam! sê Anna. Hy sal waarskynlik maklik met 'n haai kan afreken, dink Anna. Want sien, Brak is geen gewone hond nie. (*Seerower se dolk*:11).

Brak kan as 'n soort tegnologiese held beskou word, een wat vir Anna teen gevare kan beskerm. Dan volg 'n verduideliking hoekom Brak so spesiaal is: hy is naamlik 'n "robothond", gemaak van 'n "ligte soort metaal, en sy rekenaar is geprogrammeer met gevorderde sagteware". Hierdie beskrywing van Brak dui op die waardering van en bewondering vir tegnologie. Brak is 'n manifestering van wat in WF 'n siborg genoem word. Dit is 'n fiktiewe of hipotetiese persoon/dier wie se fisiese vermoëns, weens ingeboude meganiese elemente, verby die normale strek. Volgens Haraway (2006:117) is 'n siborg 'n

“cybernetic organism”; ’n hibried van mens en organisme en ’n wese van sosiale realiteit, maar ook van die fiksieverhaalwêreld. Die terme *biotron* en *siborg* is voorbeelde van die groot aantal benamings waaroor WF vir verhaalkarakters beskik en waarvan die skrywer in die *Anna Atoom*-reeks gebruik maak.

Voorts is daar die Magnetiese Meermin, wat aanvanklik die instrument tot vernietiging moes wees, wat doktor Draak se duikboot buite aksie stel en sodoende tot die redding van mens en natuur kom (*Magnetiese meermin*:187).

Die waardering van en emosionele betrokkenheid by tegnologie kom in die reeks ter sprake. Anna is byvoorbeeld lief vir haar robothond en vir haar halfrobot-broer. Die halfrobot is ook volledig in staat tot menslike emosies. Anna en die res van die gesin is ook besonder geheg aan Maks, die rekenaar:

Die rekenaar is so slim dat professor Sabatina dikwels vergeet dat dit net ’n masjien is. Sy beskou die rekenaar as haar vriend en getroue kollega. Hy is vir haar veel meer as net ’n blikbrein, en daarom het sy vir hom ’n naam gegee: Maks. (*Seerower se dolk*:15–6)

Ook in die RuimteArk beleef Anna se pa, die admiraal, sy vroulike rekenaar, U6, as beskermend teenoor hom na die aanslag op sy lewe:

Sy [U6] het al haar lojaliteit en toewyding na admiraal Atoom verskuif. Maks se digitale skerm sou groen van jaloesie word as hy moes hoor hoe sy met die admiraal flankeer! (*Magnetiese meermin*:45)

Hierdie teksgedeeltes is sprekend van die aandag wat tegnologie, as die dryfkrag agter WF as genre, kry. Volgens Podeschi (2011:266) is dit belangrik, want tegnologie is fundamenteel tot die verhouding met die natuur en tot die diskoers oor die natuur en die omgewing. Weerstandsdiskoers lewer gewoonlik betoog teen tegnologiese vooruitgang as skadelik en as bydraend tot omgewingskwessies, terwyl reproduktiewe diskoers fokus op die voordele wat tegnologiese ontwikkeling vir die mensdom bring. In die *Anna Atoom*-reeks word tegnologie ingespan as hulpmiddel vir die mens. Tegnologie word egter ook in pogings aangewend om dreigende omgewingskrisisse te ondersoek en aan te spreek. Voorbeelde hiervan is teksgedeeltes soos:

Maks se verslag is volledig en korrek. Dit beskryf elke stukkie detail van die vreemde gebeure wat so pas in die Stille Oseaan plaasgevind het. [...] [T]ot laat in die nag probeer professor Sabatina en haar rekenaar antwoorde kry [...] [H]ulle bepaal die waarskynlike effek van die golwe op elke deeltjie van die ekosisteem. (*Seerower se dolk*:22)

Die nut van tegnologie vir omgewingsbewaring (hier teenkamping teen die uitwissing van spesies) kom ook byvoorbeeld voor in ’n teksgedeelte soos:

In die RuimteArk word derduisende diere bewaar, sommige reeds uitgestorwe op aarde. In die groot ruim van die stasie sluimer hulle rustig in hul groot deursigtige sfere [...]. (*Magnetiese meermin*:45)

Nog 'n voorbeeld wat die voordeel van tegnologiese uitvindings vir die mens inhou, is te vinde in teksgedeeltes soos:

As ons loodsprojek werk, kan ons die bioniese vuurvliegies in elke aktiewe vulkaan ontplooi. Dit sal die vermoë van AardWag om vulkaniese uitbarstings te voorspel aansienlik verbeter. (*Digitale draak*:7)

Tog is daar ook voorbeelde van die bevraagtekening van tegnologie in die drie *Anna Atoom*-boeke en dus 'n manifestering van weerstandsdiskours. Een van hierdie voorbeelde is die beskrywing van die Magnetiese Meermin, spesifiek ontwerp vir die versteuring van die aarde se energievelde:

In haar hart is die kragtigste elektromagneet wat nog ooit gebou is. Sy is veel gevaarliker as 'n atoombom, want sy het die mag om die ysteratome in die hart van die aarde met haar kragte te lok totdat hulle hul natuurlike rigting van beweging omdraai. Sy sal die balans van die aarde so erg versteur dat die pole sal verskuif. (*Magnetiese meermin*:98–9)

Die woorde “gevaarlik”, “atoombom”, “sy het die mag”, “lok” en “versteur” is aanwysings van dreigende onheil en boonop is hierdie kragtige tegnologie in die hande van Uranus Draak, die skurk in die reeks. Alhoewel daar nie noodwendig negatieweiteit aan woorde soos “lok” en “sy het die mag” te koppel is nie, en dit eweneens as positiewe woorde gelees kan word, is daar binne hierdie spesifieke konteks wel 'n gevoel van onheil ter sprake. Spanning word geskep en die potensiële gevaar van tegnologie word hiermee onder die aandag van die leser gebring. In die hande van die verkeerde mense (soos die magsbehepte Uranus Draak) kan tegnologie dus verwoestend wees en hier kom 'n vorm van beheer oor die natuur ter sprake. Uiteindelik is dit hier wel tegnologie as sodanig wat die ramp afweer.

Pip, die halfrobot, halfmens, is egter die kragtigste vorm van natuurmanipulasie in die *Anna Atoom*-reeks. Soos reeds genoem, is hy die resultaat van 'n versmelting tussen tegnologie en menswees. Alhoewel Maks en U6 ook verteenwoordigend van hierdie vorm van tegnologie kan wees, is dit in hulle geval, waar 'n kombinasie van tegnologie en die menslike liggaam aangebied word, eerder 'n simulatie, soos byvoorbeeld kunsmatige intelligensie of robotte, van menslikheid (Podeschi 2002:270). Met Pip is daar 'n bykans goddelike ingryping. Die mens neem as't ware hier die skeppingsproses oor en 'n hoogtepunt in tegnologiese ontwikkeling manifesteer met die uitbeelding van hierdie karakter. Dit gaan nie hier om blote menslike oorheersing oor die natuur nie. Dit gaan om 'n besitname, genetiese manipulasie en 'n tegnologiese vereniging met die menslike liggaam. Hierdie soort tegnologie ondervind volgens Podeschi (2002:271) die meeste weerstand, want al spreek WF normaalweg baie min kritiek teen tegnologie uit, word hierdie soort tegnologie as potensiële gevaarlik beskou. Dit is nie vanweë die beduidende omgewingsinvloed wat dit kan hê nie, maar wel die tegnologiese impak op en bedreiging vir menswees.

In die geval van Pip is die resultaat egter nie weersinwekkend en afstootlik nie. Die robotseun word nooit as meer masjien as mens voorgestel nie. Die feit dat die kind halfrobot is, maak nie van hom 'n obskure en onooglike karakter nie; intendeel, hy is 'n liewe, hiperintelligente, liefdevolle seuntjie. Een vir wie mens en masjien lief is. Uit die versmelting van tegnologie en mens is daar in hierdie geval geen bose resultaat nie. 'n Versagtende vorm van die blatante inmenging in die natuur is dus ter sprake. Die uitbeelding van Pip as 'n

versmelting tussen mens en masjien is waarskynlik die naaste aan 'n voorbeeld van kubernpunk (*cyberpunk*) in die reeks. Kubernpunkliteratuur ondersoek die uitwerking van tegnologiese ontwikkeling op die toekomstige lewe van individue (Toerien 2000:2). Ook Laurie (2013:154) verwys na kubernpunk:

Cyberpunk describes a highly technologised and urbanised near future in which computer technology, microbiological engineering, genetics and information are the primary modes of production, controlled by multinational corporations and para-criminal clans. (Laurie 2013:154)

Laurie (2013:155) verwys voorts na kubernpunk se bemoeienis met alternatiewe (toekomstige) wêreld, maar ook na ontologies-alternatiewe wêreld (hoofsaaklik die kuberruim). Kubernpunk kan myns insiens breedweg beskou word as 'n soort ondermynende konsep, waar grense oorskry word en die onderskeid tussen mens en masjien vervaag.

Admiraal Atoom is op sy beurt 'n voorbeeld van die potensiële gevaar wat menslike inmenging in die natuurlike staat van dinge kan inhou. Weer is dit nie noodwendig 'n impak op die omgewing nie, maar op die toekoms van die mens self. As gevolg van 'n ongeluk met 'n molekulêre verplaser het dit vir Abraham Atoom onmoontlik geword om in die natuurlike atmosfeer van die aarde te kan leef. Die aantrekkingskrag tussen die molekules in sy liggaam is versteur en daarom het swaartekrag geen invloed meer op hom nie. Hy moet gevolglik in die buitenste ruimte woon om te keer dat sy liggaam (letterlik) uitmekaar dryf (*Seerower se dolk*:XI).

Die reeks is geskryf as fantasie, maar die beskrywende attribuut vir tegnologie is ook van toepassing op die verduideliking van begrippe. Die outeur gee aan die leser 'n definisie van die “fantastiese” tegnologie van so 'n molekulêre verplaser:

Hierdie apparaat kan die aantrekkingskrag tussen die molekules in jou liggaam kanselleer. Dan kan jou losgemaakte molekules teen 'n hoë spoed na 'n ander plek verplaas word en daar weer aanmekaargesit word in jou oorspronklike vorm. As dit werk, sal dit 'n fantastiese manier wees om van een plek na 'n ander te reis. Verkeersknoppe sal iets van die verlede wees! Ongelukkig kon niemand nog 'n Molekulêre Verplaser bou wat veilig werk nie. (*Seerower se dolk*:VII)

Volgens Brand en Fischer (2013:248) kan 'n tegnologiese verandering of 'n gedragsverandering alleen nie 'n meer volhoubare omgewing verseker nie. Gedragsgewoontes is diep ingebed in netwerke van weerstand teen verandering. Die manier waarop volhoubaarheid verseker kan word, is deur 'n meer geïntegreerde benadering waar argumente vanuit sosiologiese, geografiese, wetenskaplike en ook tegnologiese studies deel uitmaak van 'n interdisiplinêre beskouing. Tegnofilie en tegnoskeptisisme het elk sy eie tekortkominge en sterk punte; daarom moet hierdie afsonderlike benaderings eerder ondersoek word vir die moontlikheid van 'n goue middeweg vir omgewingsdiskoers.

Die *Anna Atoom*-boeke kan beskou word as 'n waardevolle manier van kyk, kategorisering en kommunikasie binne heersende omgewingsdiskoerse. Die reeks is 'n voorstelling van wat kan wees. In die *Anna Atoom*-reeks word weliswaar min werklike oplossings vir omgewingskwessies gevind, maar talle voorbeelde van magtige en verbluffende tegnologie word aangetref, wat wel as 'n soort verering van tegnologie vertolk kan word.

5.2 Die verhouding met die natuur

In die *Anna Atoom*-reeks is die binnedringing of koloniserings van die buitenste ruimte 'n minder belangrike element van die mens-natuur-verhouding wat waargeneem kan word. Admiraal Atoom woon wel in die ruimte, omdat hy buite die aantrekkingskrag van die aarde moet leef. Hierdie inligting in die reeks raak dus die kwessie aan van alternatiewe verblyf vir die mens indien die aarde onbewoonbaar sou raak. Tog val die klem in hierdie geval eerder op die verlange, die afsondering, die eensaamheid en die beperkinge van so 'n situasie, sodat die onwenslikheid daarvan eerder vooropgestel word. As Anna en haar gesin kon, sou hulle eerder haar pa veilig terug op aarde en by hulle wou hê:

Hy lyk skielik 'n bietjie hartseer en Anna wens sy kan hom 'n drukkie gee. Sy kan net raai hoe hy dit mis om te kan rondswem in die see waarvoor hy so lief is. (*Seerower se dolk*:33)

Die betreding (koloniserings) van die ongerepte, wilde natuurplek (MonPetit-eiland) word gedoen met die nodige agting en respek vir die omgewing. Alle menslike bedrywighede op die eiland geskied met inagneming van die natuur en word, waar moontlik, met die minste skade aan die natuur uitgevoer. Hier word voortdurend daarna gestreef om 'n harmonieuse saamleef met die natuur te verseker:

En hy was baie lief vir die natuur en vir die eilande. Destyds toe niemand anders nog besef het dat Moeder Natuur nie net kan aanhou gee en gee nie, was hy sy tyd ver vooruit: hy was begaan oor die lot van plante en diere en het gekeer dat al die groot bome afgekap word om skepe te bou. Hy was ook die eerste man wat 'n reservaat vir die eilande se reuseskilpaaie gebou het. (*Seerower se dolk*:57)

Al is Anna gedurig in die water en betree sy sodoende die natuurlike ruimte van seelewe, is sy nooit werklik 'n bedreiging nie. Die verteller maak die leser ook daarvan bewus dat betreding met die nodige respek gepaard behoort te gaan:

Anna loer in die donker holte onder 'n takbokkoraal in. Dis die huis van 'n knorrige ou paling by wie sy gereeld kom kuier. Die paling hou niks van haar besoeke nie. Hy wil eerder met rus gelaat word. (*Seerower se dolk*:7)

Anna weet dus dat die paling se ruimte nie betree moet word nie. Sy weet dat sy dit moet respekteer en nie met hom moet peuter nie. Haar nuuskierigheid noop haar om "te loer" (met ander woorde net skelm en vinnig te kyk) of hy daar is, maar verder laat sy hom "met rus" (verstuur hom nie) (*Seerower se dolk*:7).

MonPetit beteken letterlik "my kleintjie". Hierdie interpretasie kan beskou word as deel van die inname van die ongerepte eiland. Die woord "my" dui hier voorts op eienaarskap. Hier gaan dit egter gepaard met vertedering. Die rede vir menslike teenwoordigheid op die eiland en die hele doel met die inrig van AardWag op MonPetit is om "die impak van die mensdom se bedrywighede op die ekosisteem [te] bestudeer en die internasionale gemeenskap vroegtydig te waarsku as die delikate balans van die natuur verstuur word" (*Seerower se dolk*:26). Die intensie is dus omgewingsgerig en die doel is om uiteindelik omgewingskwessies te ondersoek en vroegtydig aan te spreek en op te los.

Wat voorop staan in hierdie reeks is die klem wat geplaas word op omgewingsbeskerming/-bewaring deur middel van tegnologie. Telkens, in elke teks, is daar 'n potensiële omgewingskrisis wat ter sprake kom en voorkom moet word. In *Anna Atoom en die seerower se dolk* is dit die ekologiese krisis van indringer-alge, in *Anna Atoom en die magnetiese meermin* is dit die versteuring van die aarde se natuurlike balans, en in *Anna Atoom en die digitale draak* is dit die potensiële krisis wat atoomversnelling tot gevolg kan hê.

Hierdie beskermings sentiment impliseer gewoonlik 'n aarde waar menslike ingryping en bedrywighede potensieel vernietigend kan wees en word die natuur uitgebeeld as die onskuldige prooi van beskawing, maar in die *Anna Atoom*-reeks word tegnologie ingespan juis om die waardevolle aarde te beskerm en te bewaar, al is dit in hierdie geval dan ook tot voordeel van die mens. Professor Sabatina is in beheer van AardWag:

Blitsig word 'n stormwindwaarskuwing elektronies versend na die skepe aan die weskus van Suider-Afrika. (*Seerower se dolk*:15)

Op hierdie manier “monitor” Sabatina weerpatrone en hou sy “ook die algemene welstand van ons ekosisteem stip dop. Sy waarsku die wêreld as rampe soos 'n tsoenami of 'n vulkaniese uitbarsting dreig” (*Seerower se dolk*:15). Deur middel van die gevorderde rekenaarstelsels van die AardWag ontvang en verwerk Sabatina eko-inligting wat sy van dwarsoor die wêreld ontvang. Al hierdie inligting word vir navorsingsdoeleindes in die “geheuebank van die superrekenaar op MonPetit-eiland” gestoor (*Seerower se dolk*:15). Die identifisering van potensiële omgewingsprobleme word gesteun deur benoemings soos “stormwindwaarskuwing”, “monitor”, “weerpatrone”, “welstand”, “ekosisteem”, “waarsku” en “rampe” (*Seerower se dolk*:15). Die meeste van hierdie gestoorde navorsingsdata blyk wel op die mens se welstand gerig te wees, eerder as op dié van die natuur, maar die afleiding kan wel ook gemaak word dat hierdie navorsing sal kan bydra tot pogings vir die bekamping en oplossing van ekologiese krisissituasies.

Tog is dit in die reeks juis ook tegnologie wat die katastrofe veroorsaak. In *Anna Atoom en die magnetiese meermin* stel die verteller die leser bekend aan die dreigende natuurramp wanneer daar met behulp van ingewikkelde en gesofistikeerde tegnologie met die balans van die aarde gepeuter word. Uranus Draak gee voor dat hy met die Magnetiese Meermin aardverwarming “vir eens en vir altyd die nekslag toe [sal] dien” (*Magnetiese meermin*:57). Die meermin is 'n behoorlike verheerliking van menslike intelligensie en in hierdie geval van die vermoëns van die antagonis Uranus Draak. Twee teksgedeeltes in die boek kan uitgelig word as 'n manifestering van hierdie magtige tegnologiese wonder:

In die Meermin se hart is 'n digte kern van torium, omring deur 'n sfeer gevul met vloeibare kwik. 'n Eenvoudige elektriese motortjie laat die torium vinnig tol. Die wrywing tussen die twee elemente wek 'n massiewe elektrostatiese krag op. Binne sekondes nadat sy aangeskakel word, is die Meermin die kragtigste magneet wat nog ooit bestaan het, selfs sterker as die aantrekkingskrag van die maan op die oseane! (*Magnetiese meermin*:60)

Die tweede teksgedeelte van toepassing hier is:

In haar hart is die kragtigste elektromagneet wat nog ooit gebou is. Dit is maar so groot soos 'n kleinerige wynvaatjie, maar dit werk op die beginsels van

kwantumfisika wat die slimste professore aan die beste universiteite nog self nie mooi verstaan nie. Sy is veel gevaarliker as 'n atoombom, want sy het die mag om die ysteratome in die hart van die aarde met haar kragte te lok totdat hulle hul natuurlike rigting van beweging omdraai. Sy sal die balans van die aarde so erg versteur dat die pole sal verskuif. (*Magnetiese meermin*:98).

Die duikboot is 'n manifestering van die bykans eindelose mag van toekomstige tegnologie. Hierdie tegnologiese wonder is aanvanklik geskep ter versteuring van die aarde se magneetveld, maar uiteindelik kon sy ingespan word in 'n reddingspoging wat byvoorbeeld die skool walvisse van uitwissing sou red:

Deur die glasmasker van sy duikpak glimlag hy vir die Meermin. Hy het saam met haar geswem tot by die koördinate wat Uranus vir hom aangedui het, en die vinne aan haar stert en haar helm gestel sodat sy regop dryf. [...] Hy kan net hoop die verstellings wat hy aan die Meermin aangebring het, werk. (*Magnetiese meermin*:179)

Wanda en Willie, die walvis en haar kalf, het die oop see bereik. [...] Agter haar draai die ander walvisse ook weg uit die besige hawe van New York. Die versteurings wat hulle voorheen van koers af gelei het, is eensklaps weg. (*Magnetiese meermin*:183)

Soos met die eerste verhaal, is die plan van die bese Draak die uitwissing van “die pes van menslike oorbevolking” om sodoende die “planeet te red” (*Magnetiese meermin*:62), sonder om aan die impak van hierdie tegnologiese inmenging op die natuur self te dink. Dit gaan egter hier eerder oor selfverheerliking as oor 'n omgee vir die natuur:

Amper ondenkbaar! dink Uranus Draak in sy skik. Ek is die enigste man op aarde wat selfs kan droom om iets so katastrofies te vermag! (*Magnetiese meermin*:99)

Soos genoem, kom omgewingskwessies eksplisiet in die reeks ter sprake, aangesien daar in elke teks in die reeks 'n spesifieke bedreiging tot die ekosisteem uitgelig word. Oplossings vir hierdie spesifieke kwessies word gewoonlik gevind in 'n kombinasie van menslike vernuf en een of meer tegnologiese wonders. Daar is 'n voortdurende waarskuwing teen of bewusmaking van dinge soos oorbevolking, aardverwarming, die uitsterf van spesies en die impak op die omgewing, soos wanneer Sabatina saam met haar superrekenaar swoeg in 'n soeke na antwoorde op omgewingsvrae. Sy en haar rekenaar vorm 'n gedugte span en “hulle ondersoek elke moontlike oorsaak van so 'n ongewone verskynsel. Hulle bepaal die waarskynlike effek van die golwe op elke deeltjie van die ekosisteem” (*Seerower se dolk*:22).

Alhoewel daar nie baie voorbeelde in die tekste voorkom waar werklike, praktiese oplossings vir algemene omgewingsprobleme “verbeel” of voorgestel word nie, is daar tog teksgedeeltes waar hierdie aspek van WF ter sprake kom en waar die karakters se houdings/ingesteldheid teenoor die natuurlike omgewing voorgestel word: Sabatina is byvoorbeeld ten volle toegewyd aan die bewaring van die natuurlike omgewing, en die kwessie van herwinning en hergebruik ter wille van die aarde manifesteer byvoorbeeld in die volgende teksgedeelte:

[...] het 'n battery ontwerp wat die energie kan stoor wat motorenjins opwek, om dit later terug te gee as elektrisiteit. 'n Ma kan byvoorbeeld die battery aan 'n laaier by die gesinsmotor se enjin koppel, haar kinders in die oggend skool toe neem en dan genoeg elektrisiteit hê om die huishouding die res van die dag aan die gang te hou. Op

dié manier word brandstof dubbel benut, en dit het belofte om die wêreld van 'n dreigende energiekrisis te red. (*Seerower se dolk*:26)

Dit is egter ironies dat een van die felste voorbeelde van weerstandsdiskoers in die reeks van 'n rekenaar kom in 'n gesprek tussen U6 en Maks. Die rekenaar spreek haar direk uit oor die menslike verhoudings met die natuur en die gevaar wat onverantwoordelike menslike optredes vir die rykheid en diversiteit van lewe inhou. U6 reken dat die aarde bedreig word deur menslike toedoen en die potensiële krisis word in die gesprek uitgelig:

Jou aarde is baie meer onveilig as my ruimtestasie. Wanneer laas het jy na jou data gekyk? Julle sit op 'n tydbom, 'n ekologiese ramp! Jou dierbare *Homo sapiens* is besig om hul eie planeet te vernietig met oorbevolking en gulsigheid. Jy bly tussen honderde bedreigde spesies, om nie eens te praat van al die wat jou mense klaar uitgeroei het nie. (*Seerower se dolk*:37)

In hierdie teksgedeelte word die situasie van die aarde as ploffbaar en gevaarlik bestempel. U6 gebruik woorde soos “onveilig”, “tydbom” en “ekologiese ramp” om die felheid van die bedreiging te beklemtoon. Sy identifiseer ook redes vir die bedreiging en onderstreep die gevaar wat die situasie vir diere- en plantspesies inhou. Die uitwissing van spesies kom in die gesprek ter sprake wanneer daar na die reeds uitgestorwe dodo verwys word: “Daar’s nou vir jou ’n spesie wat vir ewig verlore is” (*Seerower se dolk*:47). Tog gee U6 nie werklike oplossings tot hierdie omgewingskwessie nie.

Die hartseer realiteit van die bedreiging van spesies word ook byvoorbeeld in *Anna Atoom en die magnetiese meermin* in 'n feiteblok gegee. Die mens se aandadigheid word uitgelig en geïdentifiseer as “die knelgreep van menslike ontwikkeling op die natuur” wat hierdie spesies nie kon “vryspring” nie. Die “roekelose walvisjagte” het naamlik die blouwalvis “baie na aan die rand van uitsterwing gebring” (*Magnetiese meermin*:9). Die oplossing wat in verband met die uitwissing van die walvisse genoem word, is: “Danksy internasionale ooreenkomste word die jag van walvisse nou baie meer beperk, en hulle getalle neem weer toe” (*Magnetiese meermin*:9).

Sabatina is druk besig om 'n oplossing vir die versteuring in die magnetiese pole van die aarde te vind:

Maks! Dit is die walvisse! Dit lyk my of tientalle van hulle heeltemal van koers af is? Die AardWag se satelliete volg mos hul migrasie na die noorde, en iets is nie plus nie. Dit lyk of hulle verdwaal! (*Magnetiese meermin*:42)

Haar kinders aanvaar haar afwesigheid, omdat hulle weet sy is met belangrike dinge besig: “Al was sy weet, is dat iets aan die gebeur is wat weer al haar ma se aandag verg [...]” (*Magnetiese meermin*:42) en ook: “Binne minute weet die klein seuntjie alles. Hy weet van die versteuring in die magnetiese pole van die aarde, hy weet van die verdwaalde walvisse wat sy ma so bekommer” (*Magnetiese meermin*:75).

Ook wanneer Anna 'n seun by haar skool berispe oor sy rommelstrooiing, kom die bewusmakingspotensiaal van teksgedeeltes in WF na vore: “‘Mense soos jy sal maak dat hierdie mooi eilande binnekort soos ’n vuilgoedhoop lyk!’ snou sy hom toe. Hy kyk haar verbaas aan en tel maar sy papiere op” (*Seerower se dolk*:56). Die verhouding met die

natuurlike omgewing, die blootlegging van besoedelingskwessies kan deur eenvoudige, individuele ingesteldhede opgelos word, soos wat Anna hier bepleit.

Dit is teksgedeeltes soos hierdie wat omgewingsbewusmaking en 'n waardering en beter begrip vir die natuur by die leser kan aanwakker, eerder as dat werklike antwoorde op bestaande omgewingskwessies gebied word. In hierdie opsig is die *Anna Atoom*-reeks dan nie noodwendig tipiese WF wat werkbare oplossings vir algemene omgewingskwessies verbeeld en voorstel nie (soos wat dit in die inleiding tot hierdie artikel gestel word). Verbeelde oplossings vir omgewingskwessies manifesteer in voorbeelde soos die rolprent *Avatar* (2009) deur James Cameron, waarin omgewingskwessies soos disrespek vir die aarde, hulpbronnuitputting en die idee dat die mens nodig het om die natuur te oorwin, te ontdek en te herontwerp, oopgeplek word. Voorts, in Paolo Bacigalupi se *The windup girl* (2009), word die omgewingsministerie se troepe, die White Shirts (2009:3), aangewend om Thailand teen besmette genome te beskerm. Al die besmette plantasies is verbrand en nuwe, siektebestande gewasse is ontwikkel. Daar is ook die ontwikkeling van groen batterye of “kink springs” (2009:5) vir die verskaffing van energie om motors, vliegtuie en fabriek van krag te voorsien. Hierdie vere word styf opgewen en stadig weer afgewen om sodoende energie op te wek. In dieselfde teks is daar ook 'n saadbank: 'n versameling van “heirloom seeds” (2009:86) van lank reeds uitgestorwe plantspesies word byvoorbeeld ook versigtig bewaar vir toekomstige gebruik.

Dit is fiksietekste soos hierdie, sowel as die *Anna Atoom*-reeks, wat die leser losmaak van kultureel en sosiaal gestruktureerde denkpatriene en wat nuwe maniere van skakeling tussen die leser en die natuurlike wêreld kan bring (Baratta 2012:3).

5.3 Die waarde van die natuur en die waarde van beskawing

Oor die algemeen word 'n versigtige, verantwoordelike verhouding met die natuur in die reeks beklemtoon. Hierdie houding van karakters soos Sabatina Atoom is 'n erkenning van die ononderhandelbare waarde van die natuurlike omgewing. Daar is in hierdie reeks 'n oproep om tegnologie versigtig aan te wend, wat dui op 'n soort weerstandsdiskours.

Tog kom die voorstelling van die natuur as vyandige wildernis (alhoewel slegs enkele kere) ook wel in die *Anna Atoom*-reeks voor. Hiervan is Anna se versigtigheid vir 'n hamerkophaai in *Anna Atoom en die seerower se dolk* 'n voorbeeld. Anna weet sy moet die seedier se natuurlike ruimte respekteer, want “almal weet dat mens liewer uit die see moet bly na sonder. Dis die jagtyd van honger haaie ...” (*Seerower se dolk*:6). Anna loop dan wel die “vyand” raak en “soos 'n donker duikboot pyl 'n reusagtige hamerkophaai op haar af [...] wat 'n aaklige gedierte! Koue oë bult uit aan die punte van sy T-vormige kop, en rye wrede tande versier sy grynsende bek” (*Seerower se dolk*:8).

Alhoewel hier sprake van gevaar uit die natuurlike omgewing is, is die doel daarmee waarskynlik die skep van spanning ter wille van die verhaal eerder as wat dit 'n uitbeelding van die natuur as wreed en selfs afstootlik is. Die natuur word nie noodwendig as teenpool van die beskawing gestel nie. Beskawing word eerder binne die natuur uitgebeeld – in samewerking en in harmonie eerder as in vyandigheid en opposisie. Seediere wat potensieel gevaarlik is, word in vrede gelaat. Daar word eerder van tegnologie gebruik gemaak om veiligheid in die natuur te verseker, meestal sonder negatiewe gevolge vir mens en omgewing:

Die ArmAlarm werk soos 'n miniatuursonar wat ultrasoniese klankgolwe, onhoorbaar vir die menslike oor, onder die water uitstuur. As die klankgolwe terugboks van 'n groot rondswemmende voorwerp, raas die alarm en 'n beeld van die voorwerp flits op die skerm. Gewoonlik is dit net 'n uitgegroeide pylstert, of 'n seeskilpad. (*Seerower se dolk*:6)

Met behulp van hierdie alarm kan Anna vroegtydig padgee uit 'n potensieel gevaarlike situasie, sonder skade aan haar of die betrokke seedier.

Tipiese voorbeelde van 'n vermenging van die twee omgewingsdiskoerse manifesteer in al drie die dele van die reeks. Die waarde van tegnologie en die voordele daarvan (reproduktiewe diskoers) word gestel in situasies waar dit tot voordeel van die natuurlike omgewing (weerstandsdiskoers) sal wees. Daar is byvoorbeeld die voorstelling van die waarde van beskawing waar die organisasie GROEN en ook die AardWag tegnologie ('n resultaat van beskawing) inspan om navorsing te doen, die natuur te monitor, ekosisteme te bewaar en die omgewing van verwoesting deur menslike toedoen te red. Sabatina het vir Ton aangestel om na haar kinders en huishouding om te sien, aangesien sy voltyds die AardWag beman, waar sy waardevolle navorsing doen: "Professor Sabatina is salig onbewus van alles: [...] haar aandag word vasgevang deur die weerpatrone wat op die AardWag se hologram wys" (*Seerower se dolk*:14).

[Sabatina hou] die algemene welstand van ons ekosisteem stip dop. [...] Nêrens anders is daar iets soos die AardWag met sy hologram-aardbol en die superrekenaar wat dit bedryf nie. Die rekenaar ontvang inligting [...] verwerk die data en projekteer sy berekening op die AardWag. Van Arkansas tot Antarktika [...] mariene bioloë wat besoedeling in die Rooi See meet: almal stuur hul inligting na die geheuebank van die superrekenaar op MonPetit-eiland. (*Seerower se dolk*:15)

Ton moet telkens vir Anna en Pip maan om hulle ma nie te steur nie: "Vandag, juffrou Anna, is nie die regte dag vir stories en avontuur nie. Die planeet is in 'n reusekrisis gedompel. Jou moeder en Maks doen hul bes om die ekologie van die aarde van algehele ondergang te red" (*Seerower se dolk*:100). Hierdie is voorbeelde van die ingesteldheid/houding van een van die hoofkarakters in die reeks. Sabatina se lewe draai om die bewaringswerkzaamhede van die AardWag.

In die eerste scenario word die taak van AardWag, die weerstasie, "met al sy gesofistikeerde toerusting" ingespan om "die aarde se klimaat dop [te] hou" (*Magnetiese meermin*:vi). Voorts is dit "GROEN se taak om vroegtydig waarskuwings uit te reik rakende sulke gebeure". Al is hierdie waarskuwings hoofsaaklik voordelig vir die mens, is dit ook tot voordeel van die natuurlike omgewing, want dit is telkens gevare wat nie net menslike bestaan bedreig nie, maar wat ook uiters nadelige gevolge vir die natuurlike omgewing inhou. Of dit werklik van die *Atoom*-reeks 'n goeie voorbeeld van WF maak, is sekerlik onderhandelbaar, maar enige fiksieteks wat oor die potensiaal tot omgewingsbewusmaking beskik, kan wel suksesvol wees, al bied dit nie daadwerklike, plotselinge oplossings vir 'n verskeidenheid van omgewingskwessies nie. Die *Atoom*-reeks bied wel kreatiewe oplossings vir die gestelde, potensiele krisisse (soos wat in die verhaaldebeure voorgestel word) wat weens onverantwoordelike optredes kan ontstaan. Uranus Draak beraam byvoorbeeld allerhande planne om menslike voortbestaan, maar terselfdertyd ook die voortbestaan van ander lewensvorme, op aarde te vernietig. Die *Anna Atoom*-reeks moet eerder as 'n instrument vir

omgewingsbewusmaking en omgewingsgeletterdheid gesien word as dat dit oplossings vir omgewingskwessies bied.

Daar word nie net tred gehou met omgewingskade nie. Tegnologie word ook telkens doeltreffend ingespan om 'n potensiële omgewingskwessie te verhoed, soos wanneer Ton “'n paar verstellings” maak aan die dodelike magneet “wat dalk net kan keer dat die Meermin so sterk sal wees as wat Uranus beplan” (*Magnetiese meermin*:148) en die magneetveld van die aarde belemmer, wat katastrofiese gevolge vir alle lewensvorme op aarde sal hê.

Nie net word die skoonheid van die natuurlike omgewing beskryf nie, byvoorbeeld in teksgedeeltes soos: “die lomerige son”, “die sagte gesuis van die branders” en “die hele eiland sluimer” (*Magnetiese meermin*:2), maar ook word die waarde van die natuur vir alle lewensvorme op aarde benadruk. Hiervan is 'n beskrywing van die groot reënwoorde van Suid-Amerika, Afrika en Indonesië 'n voorbeeld, want die “woude werk soos die ‘longe’ van ons planeet:

[D]ie blare absorbeer CO₂ en bind dit saam met water en sonlig om nuwe organiese materiaal te bou en die atmosfeer te verryk met suurstof. Dit is die wonderlike proses van fotosintese. En die wortels van al die bome wat voortdurend water opsuig uit die grond, laat die groot woude werk soos pompe wat die waterkringloop dryf. (*Magnetiese meermin*:36–7)

Hierdie beskrywings is vorme van weerstandsdiskoers wat daarop dui dat natuur en beskawing ewe waardevol is.

Voorts word die natuur nooit as minderwaardig voorgestel nie en is daar ook geen sprake daarvan dat die natuur net deur menslike ontwikkeling waardevol is nie. Intendeel, Uranus Draak is so fanaties oor die waardevolle natuur dat hy 'n plan beraam om die mens se getalle te verminder. Volgens Draak is “die mensdom 'n ras van gekke” (*Seerower se dolk*:45) wat deur oorbevolking diere uit hul “regmatige plek verdryf” (*Seerower se dolk*:45). Draak beklemtoon die omgewingskwessie van onbeheerste vernietiging van die natuur, maar dit is sy antwoord vir die oplossing van die kwessie wat onder verdenking is. Hy wil naamlik die menslike spesie (“tweebeenparasiete”, *Digitale draak*:15) uitwis ten einde die uitwissing van ander spesies te verhoed:

Die mariene bioloog se spits gesig is pers van frustrasie. “Verbeel jou hoe ons wêreld weer kan lyk as ons van al die mense op aarde ontslae kan raak,” gaan hy voort. “As die oerwoude weer kans kan kry om te groei, as die oseane bevry kan wees van al die vissersbote wat die see plunder met hulle sleepnette!” (*Magnetiese meermin*:45)

Draak glo dat hy 'n verskil met sy radikale tegnologie sal kan maak om die waardevolle natuur te help. Hy sien sy uitvindsel as 'n oplossing tot omgewingskwessies, want die “bio-Golf-tegnologie wat hy ontwikkel het, kan die reënwoorde en natuurlike grasvelde weer supervinnig laat groei, terwyl die diere in die RuimteArk weer hul regmatige plek kan inneem” (*Magnetiese meermin*:15). Dit is 'n tipiese voorbeeld van die verbeelde oplossings vir omgewingskwessies soos wat dit in WF manifesteer. Uranus Draak se planne is egter nie altyd werkbaar nie en kan eerder tot groter ekologiese rampe lei. Hieruit is dit dus duidelik dat die *Anna Atoom*-reeks nie volkome daarin slaag om altyd werkbare planne teen

omgewingskade te “verbeel” nie. Die uitwissing van die menslike spesie is ’n baie ekstreme (onpraktiese) voorstel wanneer oor omgewingsprobleme gedink word.

Hierdie utopiese visie van Draak van ’n wêreld sonder die “ras van gekke” herinner sterk aan wat Canavan (2012:140) as ’n postapokaliptiese bestaan beskryf. Volgens Hambrick (2012:129) is een van die gewildste en kragtigste metafore in omgewingstekste die apokalips. Deur taal en verbeelding word ’n dreigende ramp voorspel en word daar teen totale uitwissing van die menslike spesie gewaarsku. Draak verbeel hom ’n wêreld na hierdie ramp. ’n Katastrofe wat hy wil veroorsaak. Sy monsteragtige planne is naamlik daarop gemik om die wêreldbevolking uit te wis, met hom as laaste waardige oorlewende. Hierdie radikale visie van Draak kan selfs as ’n vorm van diep-ekologiese denke bestempel word, want “deep ecologists argue for long-term population reduction throughout the world” (Garrard 2012:24). Draak reken dat die vermindering van die mens se getalle op aarde die bedreiging van menslike aktiwiteite sal verminder. ’n Voortbestaan op aarde, na die vernietigende einde (apokalips), word sodoende vir die niemenslike spesies (en ’n uitverkore paar, van wie Draak een sal wees) in die vooruitsig gestel.

Die mens se afhanklikheid van die waardevolle natuur word uitgebeeld in mededelings soos:

Plante vorm die basis van die voedselpiramide; sonder hulle wonderbaarlike vermoë om te fotosinteer, sou daar geen lewe op aarde kon wees nie. (*Magnetiese meermin*:124)

Weer kom die vervlegtheid en die interafhanklikheid van lewensvorme ter sprake. Die een spesie is van die ander afhanklik vir voortbestaan en plante vorm ’n belangrike deel van hierdie lewenskringloop. Dit is hierdie soort inligting wat die noue simbiose van lewe op aarde verwoord. Die leser kom met wetenskaplike feitekennis in aanraking wat die leersaamheid en opvoedkundige waarde van die teks verhoog.

Soos reeds genoem, is die skoonheid van die natuur immer teenwoordig in die beskrywings. Tog is daar nooit ’n gevoel by die leser dat die natuur mooi is net wanneer dit op ’n veilige afstand beskou word nie. Wanneer Anna in die see swem, waar gevare dreig, kan sy die skoonheid van die natuur nie miskyk nie:

Die rif is oortrek met die sagte kleurskakerings van verskillende soorte koraal. Sonlig val deur die helder water en flits oor die rûe van die tropiese visse wat daar rondswem. Anna skop luidweg met haar swemvinne en gly so glad soos ’n vis deur die water. Sy is tuis in die wêreld onder die see. (*Seerower se dolk*:4)

Anna kan die natuur beleef en geniet as volwaardige mens binne ’n uiters waardevolle omgewing. Telkens, in al drie die verhale, word die waarde van die natuur beklemtoon. Die absolute bestaansreg van albei, mens en natuur, manifesteer in hierdie reeks.

5.4 Ekofeministiese temas in die reeks

Soos reeds in die inleiding genoem is, word vroue binne patriargale denke as nader aan die natuur beskou en mans nader aan kultuur (Blok 2002:14). Dit impliseer dat vroue ondergeskik en minderwaardig is in vergelyking met mans. Sommige feministe, byvoorbeeld Susan Griffin (1978) en Carolyn Merchant (1980), betoog dat daar ’n verwikkelde en heel

besondere en eiesoortige verband tussen die vrou en die natuur bestaan, soos duidelik blyk uit die liriese woorde van Griffin (1978:229):

When I let this bird fly to her own purpose, when this bird flies in the path of his [sic] own will, the light from this bird enters my body, and when I see the beautiful arc of her flight, I love this bird, when I see, the arc of her flight, I fly with her, enter her with my mind, leave myself, die for an instant, live in the body of this bird whom I cannot live without.

Ook Sean Murray (2012:113) beweer dat “feminism and environmentalism are not isolated sets of politics; rather, fighting for gender equality and the protection of the Earth are very much aligned.”

Volgens Agraso (2016:1) behoort ekofeminisme die patriargale sisteem van dominansie, nayswer en aggressie af te breek en te bou aan ’n gemeenskap met gebalanseerde verhoudings tussen mans en vroue, maar ook tussen die mens en die natuurlike omgewing. Podeschi (2012:256) wys daarop dat ekofeminisme Westerse wetenskap en tegnologie beskou as ’n belangrike deel van hierdie patriargale proses van dominansie.

Die drie *Anna Atoom*-tekste beskik oor die potensiaal om deel uit te maak van die debat oor die oorsake van en oplossings vir die verwante kwessies van genderongelykheid en omgewingsdegradering. Die probleem van genderongelykheid manifesteer byvoorbeeld in teksgedeeltes waar vroulike karakters deur manlike karakters verbaal en ook deur hulle optrede as minderwaardig geag word en waar manlike oorheersing en beweerde meerderwaardigheid duidelik waargeneem kan word:

“Jou onnosele blik!” snou hy in die verbygaan na een van U6 se mikrofone.

“Om my onnosel te noem is geweldig ... onnosel!”

Uranus kan skaars sy ore glo. Hy het nog nooit gehoor dat iets met kunsmatige intelligensie so kan redekawel nie, nes ’n regte vroumens.

“Bly stil!” snou by boos.

Anders as ’n regte vroumens voer U6 dadelik hierdie bevel uit. (*Seerower se dolk*:164)

Uit *Draak* se gebruik van woorde soos “onnosel” en “vroumens” spreek minagtig en disrespek, en boonop verwag *Draak* dat ’n vrou nie sal teëpraat nie, en dat sy onmiddellik sy bevel sal gehoorsaam. Ook in die gedeelte: “Juffrou, met vulkane weet ’n mens nooit nie. Hulle is onvoorspelbaar soos vroumense” (*Digitale draak*:81) word ’n parallel tussen vroue en die natuur getrek in ’n vergelyking van wispelturigheid en dus negatiwiteit. Teksgedeeltes soos hierdie kan in klaskamergesprekke oor geslagsongelykheid en stereotiepe gedrag aangewend word.

Ten spyte van hierdie genoemde voorbeelde, word vroulike karakters in die reeks grotendeels as sterk, selfgeldend en onafhanklik uitgebeeld.

Rondom die kwessie van gender en tegnologie, kunsmatige ingryping en konstruksie van lewensvorme is Sabatina se optrede allermens allesgedogend en onderdanig. Hiervan is haar besluit om Pip, die siborg, te skep, 'n voorbeeld:

Professor Sabatina het gedink dis 'n goeie idee om vir Anna 'n boetie te kry. Omdat die admiraal nooit weer kon terugkom aarde toe nie, moes hulle 'n ander plan maak. (*Seerower se dolk*:28)

Sabatina gebruik naamlik haar wetenskaplike genialiteit om (sonder dat haar man teenwoordig is) nog 'n kind te hê. Sy "skep" haar seun, Pip, kunsmatig deur "genetiese ingryping" (*Seerower se dolk*:174). As sterk, selfgeldende vrou, tree Sabatina op: sy span tegnologie in en verwesenlik sodoende haar droom op 'n sterk, onafhanklike wyse.

Anna Atoom is 'n dapper, waaghalsige meisie wat nie skroom om te baklei vir die beskerming en die behoud van die natuurlike omgewing nie, soos uit hierdie reeds genoemde voorbeeld blyk:

Tydens die lang pouse raak Anna betrokke in 'n argument met 'n groter seun wat sy lekkergoedpapiere net so op die skoolgrond neergegooi het.

"Mense soos jy sal maak dat hierdie mooi eilande binnekort soos 'n vuilgoedhoop lyk!" snou sy hom toe.

Hy kyk haar verbaas aan en tel maar sy papiere op. (*Seerower se dolk*:56)

Ter beskerming van die brose aarde skroom Anna nie om die omgewingskwessie van besoedeling aan te spreek nie. Sonder om te huiwer veroordeel Anna die ouer seun se optrede. Sy wys met haar woorde en haar houding dat sy nie hierdie degradering van die natuurlike omgewing gaan aanvaar nie.

Voorts huiwer Anna selfs nie om in lewensbedreigende omstandighede terug te veg nie. Sy, 'n skoolmeisie, sien kans om op eie houtjie vir Uranus Draak te fnuik in sy bese plan om van haar pa ontslae te raak: "Anna vra dit, want sy wil alleen na die Noordpool reis om haar pa uit die kloue van 'n gewetenlose skurk te gaan red" (*Magnetiese meermin*:163).

Hierdie representasie van 'n vroulike hoofkarakter as selfgeldend en 'n mens uit eie reg is kenmerkend van fiksietekste (waarin dit mag voorkom) as grensoorskrydend. Die transgressie van patriargale magte, tipies van ekofeministiese kritiek, kom ter sprake. Anna word byvoorbeeld deur 'n reuse-biotron-inkvis aangeval en sy moet haarself teen hom verdedig. Sy beroep haar op haar intelligensie en vaardighede en op tegnologie: "Sy druk die knop op die stuurstok van die Verkenner na sy maksimumposisie om volle versnelling aan die twee motore te gee" (*Seerower se dolk*:154). Sy wend ook lasertegnologie aan om die monster af te weer: "sy beweeg haar vinger oor die druksensitiewe skerm wat die laser beheer" en 'n "wolk inkvisbloed spreid deur die water" (*Seerower se dolk*:155). Anna kan, al is sy 'n meisie, haarself laat geld en sy kry dit reg met behulp van tegnologie.

Sabatina Atoom is ook geen gewone ma en huisvrou nie. As wetenskaplike navorser werk sy hard en laat sy gevolglik die versorging van haar kinders aan Ton oor, terwyl sy saam met Maks, die rekenaar, omgewingskwessies ondersoek en ekologiese rampe afweer: "Sy het al

weer aandete misgeloop, en die kinders is lankal in die bed” (*Seerower se dolk*:22). In ’n omverwerping van gender-gestereotipeerde rolle is Ton (manlik) die versorger, die een wat kook, vir Anna by die skool besorg, Anna aanpraat oor haar skoolwerk en ook die een wat na die kinders omsien wanneer hulle siek word: “Hy tel Pip op en stap met hom na sy kamer. Hy sit die slaperige seuntjie op sy bed neer en koppel hom aan die rekenaar” (*Seerower se dolk*:74). ’n Manlike karakter neem dus die rol van die koesterende moeder oor. Hierdie neiging in die reeks is verteenwoordigend van wat Indu (2013:7) ’n bevraagtekening van genderstereotipering noem en beskou as “exposing cultural fictions and artificial limits they impose”.

Teksgedeeltes waar manlike oorheersing soms deurskemer, is nie volop in die reeks nie. Tog is daar in enkele gevalle optredes van manlike karakters (gewoonlik kollegas van Sabatina en ook Uranus Draak), wat op die manifestering van ’n uitbuihouding dui. Sabatina se “baas” is Meneer Amsterdam, die direkteur van GROEN, en hy is veeleisend. Hy misbruik sy mag en probeer Sabatina manipuleer met sy “brulpaddastem” (*Seerower se dolk*:19). Sabatina laat haar egter nie onderkry nie; sy sit hom op sy plek: “Ek dink net u verwag my verslag ’n bietjie te vinnig ...” (*Seerower se dolk*:19). Meneer Amsterdam word ook in uiters negatiewe terme beskryf met woorde soos “slakkerige”, “irriteer” en “ontydig” en “Sabatina trek haar neus op, so asof sy ’n sterk en onwelriekende kaas ruik” (*Seerower se dolk*:19). Meneer Amsterdam bevraagteken soms Sabatina se intelligensie deur byvoorbeeld haar bevinding oor die dreigende alge-plaag as “loutere bog” (*Seerower se dolk*:79) en as “twak en nonsens” (*Seerower se dolk*:80) af te maak. Hy beskuldig haar ook daarvan dat sy en haar “simpel” rekenaar “nie weet wat hulle doen nie” (*Seerower se dolk*:80) en dat hulle geld verkwis. Hy beskou Sabatina se bevinding as ’n verbeeldingsvlug: “[O]ns moet eerder ’n oplossing daarvoor vind as om ons ’n oorsaak daarvan te verbeel!” (*Seerower se dolk*:80). Na aanleiding van hierdie opmerking kan die afleiding gemaak word dat Meneer Amsterdam irrasionele denkpatrone as tipies van die vroulike geslag beskou. Meneer Amsterdam se oplossing vir die omgewingskwessie ter sprake is dat vegvliegstuie die Stille Oseaan met onkruidodder bespuit. Wanneer Sabatina aan hom verduidelik dat so ’n stap die ekosisteem sal vergiftig, minag hy haar en bestempel hy die navorsing wat sy doen as tydmors en minderwaardig: “... terwyl jy hier sit en speel” (*Seerower se dolk*:81).

Uranus Draak word in elke teks uitgebeeld in negatiewe, bykans monsteragtige terme, as bedreiging vir die natuur, maar ook vir Anna en haar ma. Dit is hy wat omgewingskrisisse skep vir sy eie bouse gewin. Deur die alge-plaag te skep, versteur Draak die suurstofbalans in die water en “miljoene plantselletjies keer die sonlig af van die lewe in die see”, wat tot gevolg het dat “die suurstoftekort hulle versmoor” (*Seerower se dolk*:114 en 115). Hierdie skade aan die ekosisteem word veroorsaak deur Draak se onverskilligheid teenoor die natuurlike omgewing en is die gevolg van sy optrede. Dit laat Sabatina “magteloos” oor die “grootskaalse verwoesting”.

Telkens, in al drie die verhale, word Anna se lewe direk deur Draak se toedoen bedreig. Die bedreiging van die natuur, maar ook van die lewe van die meisie, is telkens ’n voorstelling van die gevolge van manlike oorheersing.

Teksgedeeltes wat negatiewe vooroordele oor die vroulike geslag verteenwoordig, is byvoorbeeld waar Admiraal Atoom opmerk: “[D]is nie hoe regte vroumense is nie. Hulle stry altyd oor alles!” (*Seerower se dolk*:87).

Die skrywer se siening van die verhouding tussen die mens en die natuur manifesteer in talle teksgedeeltes in die *Anna Atoom*-reeks, soos in 'n gesprek tussen Anna en haar pa:

Jy moet weet hoe mense werk en dink. Hoe anders gaan jy ooit die ingewikkelde verhouding tussen mens en natuur verstaan? Mense het kos, beskutting en vermaak nodig om aan hul basiese behoeftes te voldoen. Eers dan sal hulle aan die omgewing begin dink. (*Seerower se dolk*:56)

Hierdie gedeelte beklemtoon die verbruikbaarheidswaarde van die natuurlike omgewing vir die mens. Die teenpool van hierdie ingesteldheid manifesteer in teksgedeeltes soos hierdie een, wat ook alreeds vroeër aangehaal is:

En hy was baie lief vir die natuur en vir die eilande. Destyds toe niemand anders nog besef het dat Moeder Natuur nie net kan aanhou gee en gee nie, was hy sy tyd ver vooruit: hy was begaan oor die lot van plante en diere. (*Seerower se dolk*:57)

Professor Sabatina is slim en sy betree die tradisioneel “manlike” wêreld van tegnologie en die wetenskappe ten einde die aarde van uitbuiting en vernietiging te red. Sabatina gebruik haar wetenskaplike kennis en haar skerp intellek om 'n sterk posisie as beskermvrou van die aarde in te neem. As gelyke van haar man, Admiraal Atoom, kan sy allerhande “slim toerusting uitdink en bou” (*Seerower se dolk*:4). Met behulp van AardWag en Maks “hou [sy] die algemene welstand van ons ekosisteem stip dop” (*Seerower se dolk*:15). Soos reeds genoem, het Sabatina ook besluit dat sy nog 'n kind wil hê. Sy span tegnologie in om aan Pip, haar seun, lewe te gee: “Op die oog af lyk Pip soos 'n doodgewone seuntjie. 'n Deel van sy brein bestaan egter uit 'n gesofistikeerde rekenaar, en die beheer van sy spiere en sintuie is ook ietwat anders” (*Seerower se dolk*:29). Sabatina tree dus onafhanklik op; sy leef nie in “die skaduwee van manlik-beheerste reprodusktiewe tegnologieë” nie en sy “eis beheer van hierdie tegnologie vir haarself op” (Martinson 2003:51).

In 'n poging om ongelykhede en omgewingsdegradering oop te vlek en omgewingskwessies op te los, wend die twee vroulike protagoniste tegnologie aan. Sabatina is byvoorbeeld, met die hulp van haar superrekenaar, besig om die rede vir die versteurings in die Stille Oseaan wat omgewingskade kan aanrig, te vind en moontlike oplossings daarvoor voor te stel, maar sy word onderbreek deur Meneer Amsterdam. Hy trap haar uit oor sy nie vinnig genoeg na sy sin met antwoorde kom nie, maar sy sit hom vinnig op sy plek:

Ek stel voor dat u eerder u kosbare aandag aan moontlike skeepvaartprobleme gee. Dit sal my en Maks die nodige tyd gun om hierdie saak uit te sorteer. Sy glimlag so vriendelik as wat sy kan, maar die angel in haar woorde is onmisbaar en haar persblou oë is yskoud. (*Seerower se dolk*:20)

Sabatina staan geen tree terug vir 'n man wat aan haar wil voorskryf hoe sy haar werk moet doen nie. Sy is vasberade om oplossings vir hierdie omgewingsprobleem te vind en “tot laat in die nag probeer professor Sabatina en haar rekenaar antwoorde kry” (*Seerower se dolk*:22).

Ook wanneer Sabatina onverpoosd soek na 'n oplossing vir 'n dreigende omgewingsramp, skram sy nie van haar belangrike taak weg nie. Selfs nie as dit haar dapper dogter se einde kan beteken nie:

Hoe kan sy haar dogter aan sulke gevaar blootstel?

Maar sy is besig om 'n deurbraak te maak met Uranus se rekenaarsel. Nog so 'n uur of wat, en sy kan al sy programme deaktiveer. Dit sal die wêreld red van 'n ramp. Die hele wêreld is in gevaar [...]. Hulle het geen ander keuse as om alles in die stryd te werp nie. (*Magnetiese meermin*:164)

Sabatina is 'n magtige vrou. Die AardWag behoort aan haar en sy beheer die stasie vrou-alleen.

Selfs die superrekenaar, U6, laat haar nie onderkry deur haar vroulikheid nie:

Omdat ek 'n vroulike rekenaar is, het hulle my ongelukkig geprogrammeer om ook 'n paar emosies te hê. Dis nogal lastig. Maar ek laat nooit toe dat dit my werk beïnvloed nie. (*Seerower se dolk*:38)

U6 en Sabatina is twee baie sterk vroulike karakters in die reeks, want beide van hulle skroom nie om manipulerende manlike karakters teen te staan nie. Soos Sabatina vir Meneer Amsterdam hanteer, laat ook U6 haarself gereeld geld in gesprekke met Maks, die manlike rekenaar:

U6: Staak eers jou nonsens. Luister: ek het agtergekom dat Uranus in GROEN se rekenaarsels ingebreek het.

Maks: Grote genugtigs!

U6: Hou op om my in die rede te val. Sintetiese elemente is al voorheen gebou, maar hulle is gewoonlik onstabiel. Hierdie element het egter die perfekte atoomgetal: een honderd. (*Digitale draak*:71–3)

In 'n poging om 'n oplossing te vind vir die bedreiging van atoomversnelling op die natuurlike omgewing (spesifiek op die vulkane), laat hierdie rekenaar haar deur niks en niemand stuit nie.

Omgewingskwessies en potensiële skade aan ekosisteme kom onder die loep: “Die meeste mense het hulle nog nooit veel gesteur aan die stadige proses van ontbossing en besoedeling wat ook die aarde in 'n wurggreep beet het nie” (*Seerower se dolk*:115). In *Anna Atoom en die seerower se dolk* is die omgewingskwessie wat Draak veroorsaak, die bedreiging van alge wat die oseane kan verstik. Sabatina span laefrekwensieklankgolwe in om die alge-plaag onder beheer te kry en “die onbeheerste verdeling van miljoene klein selletjies hou dadelik op” (*Seerower se dolk*:160). In *Anna Atoom en die magnetiese meermin* is dit die dreigende ramp wat die natuurlike balans van die aarde sal versteur en wat Uranus Draak beplan in 'n poging om aardverwarming te keer. Weer is dit Sabatina wat die manlike antagonis uitoorlê. As vroulike wetenskaplike gryp sy in en kom tot die redding wat die dreigende omgewingskrisis gaan afweer: “Nog so 'n uur of wat, en sy kan al sy [rekenaar]programme deaktiveer. Dit sal die wêreld van 'n ramp red” (*Magnetiese meermin*:164). Die vroulike protagonis Sabatina word as 'n sterk, selfgeldende karakter aan die leser voorgestel.

In *Anna Atoom en die digitale draak* behels Draak se bese plan die uitwissing van 'n groot deel van die menslike bevolking ten einde die natuurlike balans te herstel. Hierdie plan van beheer oor die natuur wat Draak beraam is verteenwoordigend van die patriargale uitgangspunt van beheer oor die natuurlike omgewing: "Ek kan dit [die natuur] tem, ek belowe jou" (*Magnetiese meermin*:160). Ook hierdie bedreiging word egter gefnuik deur die samewerking van Maks (tegnologie) en Anna (die vroulike karakter). In die reeks is die antagonis, die karakter Uranus Draak, 'n representasie van patriargale mag. Hy is die verpersoonliking van onderdrukking en vernietiging. In 'n poging om ongelykhede en omgewingsdegradering oop te vlek en omgewingskwessies op te los, wend die twee vroulike protagoniste, Anna en haar ma, tegnologie aan.

Volgens Martinson (2013:53) bestaan die argument dat tegnologie deur mans vir mans ontwerp is. Aangesien mans gewoonlik in posisies van mag is, bepaal hulle die spesifikasies vir nuwe tegnologie. Sodoende kan tegnologie 'n vernietigende instrument van manlike beheer oor die vrou en oor die natuur wees. Alhoewel tegnologie in die *Anna Atoom*-reeks deur Draak ingespan word vir beheersing en ook ter beskadiging van die natuurlike omgewing, word dit (tegnologie) ook deur vroulike karakters soos Sabatina en Anna vir bewaringsdoeleindes ingespan. Nie Anna of Sabatina leef in die skadu van manlike oorheersing en van tegnologie nie. Hulle neem beheer oor tegnologie ter beskerming van hulself en vir die behoud van die natuurlike omgewing.

In ekofeministiese argumente is daar selde 'n algehele teenkanting teen tegnologie. Volgens Martinson (2013:55) beklemtoon ekofeminisme eerder 'n "aanvaarbare vorm van tegnologie" wat die verhouding tussen tegnologie en die gemeenskap, asook die impak van tegnologie op die omgewing, beklemtoon. Soos in die voorgaande besprekings aangedui, is die *Anna Atoom*-reeks deurspek van teksgedeeltes waarin hierdie vorme van tegnologie en van 'n sin vir verantwoordelikheid teenoor die niemense lewensvorme op aarde aan bod kom. Soos aangedui, is dit teksgedeeltes wat die kern vorm van my argument dat verantwoordelike denke en optrede as antwoord vir ons omgewingskrisisse aangebied word in die *Anna Atoom*-reeks.

In die *Anna Atoom*-reeks kom die uitbuiting en beskadiging van die natuurlike omgewing wel aan bod. Hier is geen voorbeelde van gedienstige vroue en onderdanige vroulike karakters nie. Intendeel, die vroulike protagoniste is selfstandige, selfgeldende en onafhanklike karakters. Wat wel duidelik aan die leser gebied word, is die ontstellende gevolge wat 'n destruktiewe ingesteldheid teenoor die natuurlike omgewing inhou. Daar is 'n pleidooi in die reeks dat die natuur, soos die vroulike liggaam, teen uitbuiting en mishandeling beskerm en bewaar moet word. In die reeks word daar grootliks op bewusmaking gefokus. Die reeks bied 'n geleentheid tot besinning oor die mens-natuur-verhouding eerder as moontlike oplossings vir omgewingskwessies.

6. Ten slotte

Tegnologie is beduidend teenwoordig in WF waar idees van voortgesette tegnologiese mag en vooruitgang reproduseer word. Dit is ook so in die *Anna Atoom*-reeks. Kommer oor tegnologie is nogtans nie totaal afwesig nie. Die drie verhale debatteer en lewer wel omgewingskritiek en spreek vrese oor tegnologie uit. In die ontleding van die verhale is

hoofsaaklik gefokus op die impak van tegnologie op die natuurlike omgewing. Daar is gesoek na voorbeelde in die tekste wat spesifiek die uitwerking van tegnologie op die natuur, eerder as op die mens en sy/haar toekoms, beklemtoon. Dikwels is bevind dat tegnologie juis tot voordeel van die mens ontwikkel word. Tog word die ontwikkeling van tegnologie en die nuttige aanwending daarvan ten einde die natuurlike omgewing te bewaar en te beskerm, ook in teksgedeeltes aangetref. Ek beskou die *Atoom*-reeks dus as verteenwoordigend van 'n versmelting van die twee vorme van omgewingsdiskoers, soos deur Podeschi (2002:264) geïdentifiseer.

Die waarde van die natuur relatief tot die gemeenskap is 'n kritieke vraagstuk. Die *Anna Atoom*-reeks verwys na die skoonheid van die natuur en beklemtoon die waarde van die niemenslike. Daar is oor die algemeen geen negatiewe voorstelling van die natuur nie. Die sogenaamd beskaafde mens word ook nie as van meer waarde as ander lewensvorme uitgebeeld nie, al word tegnologie soms tot voordeel van die mens ontwikkel. By nabetraging blyk dit dat die tekste nie beskawing as dominant oor natuurlike ruimtes voorstel nie. Die *Anna Atoom*-reeks, as verteenwoordigend van WF, laat die leser eerder met die gevolgtrekking dat wetenskaplike en tegnologiese ontwikkeling aangewend kan word in die beskerming en bewaring van natuurlike ruimtes.

Voorts is bevind dat die natuur nie as ongenaakbaar en onaangenaam voorgestel word nie. Diere wat in die natuur raakgeloop word, word nie as bloot vyandig en gevaarlik uitgebeeld nie. Daar is eerder 'n diepe bewusmaking dat betreding van die natuurlike ruimte met die nodige respek moet geskied en dat die mens in sy interaksie met die natuur, ruimte vir 'n harmonieuse saambestaan moet toelaat. In die *Anna Atoom*-tekste is daar dus nie bloot 'n vernietigende natuur-beskawing-dualisme ter sprake nie, maar eerder 'n strewe na 'n harmonieuse saambestaan van die mens en niemenslike bestaansvorme.

Die *Anna Atoom*-reeks bied 'n vorm van omgewingsdiskoers wat nuwe insigte oor die natuur en die mens se plek daarin bring. Diskoers wat 'n uitbuitverhouding met die natuur ontmoedig, soos wat in hierdie reeks aangetref word, kan 'n belangrike rol speel in die stryd teen misbruik en vernietiging van die aarde.

Die toekoms wat in die *Anna Atoom*-reeks voorgestel word, is een van volhoubare lewe op aarde en van harmonie met ongerepte plekke en wilde lewe (diere, voëls en plantegroei). 'n Visie van verandering op toekomstige gemeenskappe se betrokkenheid by die omgewing word gegee.

Die *Anna Atoom*-reeks is 'n besinning oor moontlikhede vir die oplossings van omgewingskwessies. Juis omdat die reeks kinderliteratuur is, word daar klem gelê op avontuur en nie op geweld en komplekse, omstrede kwessies soos in jeugliteratuur of in volwasseneliteratuur sou voorkom nie. Dit is juis ten opsigte hiervan dat WF vir kinders en WF vir ouer lesersgroepe verskil. In die bestek van hierdie artikel word hierdie verskille nie nagevors nie. Daar word volstaan met die feit dat WF as kinderliteratuur meer klem op avontuur lê.

Na die lees van die *Anna Atoom*-verhale behoort die kind meer ingelig te wees oor die wetenskaplike, tegnologiese en estetiese komponente betrokke by debatte oor die omgewing. Aangesien die inligting wat die kind (tussen ongeveer agt en twaalf jaar oud) by die lees van hierdie verhale bekom, ietwat oorweldigend kan wees, kan vrae ontstaan oor die rol van die

volwassene as bemiddelaar. 'n Bemiddelende volwassene is nogtans nie 'n voorwaarde vir die geniet van die verhale deur die kind nie. Daarom word die rol van die volwassene as bemiddelaar nie in die bestek van hierdie artikel ondersoek nie. Hierdie reeks, as voorbeeld van WF, verbeeld wel die impak wat dié literêre genre op die menslike bewussyn kan hê. 'n Opvolgstudie kan gedoen word om te bepaal hoe WF suksesvol in 'n omgewingsopvoedingklas aangewend kan word.

Alhoewel daar nie dogmaties van WF verwag kan word om noodwendig ekosentries te wees nie, kan die WF-skrywer tog inlig, bewus maak en dialoog skep wat die mens se verhouding met die natuurlike omgewing ondersoek. 'n Belangrike fokuspunt van WF is om oor nuwe moontlikhede te besin, om moontlike scenario's oor die toekoms met die leser te deel en om oplossings vir probleme te verbeeld en te ontdek. WF, soos die *Anna Atoom*-reeks, beskik oor die potensiaal om uiteindelik as 'n soort omgewingsdiskoers te dien, as 'n nuwe vorm van holistiese denke en onderlinge verbondenheid met die ekosisteme van die natuur. Ek stem saam met Grendon e.a. (2012:13) dat WF kreatiewe hipoteses oor die toekoms van die mens voorstel – en meer spesifiek dan oor die toekoms van die mens-natuur-verhouding. Soos in die ontleding van die tekste uitgewys is, word daar ook in die *Anna Atoom*-reeks voorbeelde van hierdie kreatiewe moontlikhede ten opsigte van die mens se rol in die behoud van die natuur aangetref.

Bibliografie

Agraso, P.V. 2016. Feminist science fiction from a spiritual ecofeminist perspective: Atwood, Butler and Starhawk. *Informes USA*, 35:1–8. <https://www.institutofranklin.net> (29 Maart 2017 geraadpleeg).

Baratta, C. 2012. Introduction. In Baratta (red.) 2012.

Baratta, C. (red.). 2012. *Environmentalism in the realm of science fiction and fantasy literature*. New Castle upon Tyne: Cambridge Scholars Publishing.

Bartosch, R. en S. Grimm. (reds.). 2014. *Teaching environments: Ecocritical encounters*. Frankfurt: Peter Lang.

Blincoe, K. 2011. Re-educating the person. In Stibbe (red.) 2011.

Blok, M.M. 2002. Herwinning as 'n kunsvorm: 'n Ekofeministiese perspektief. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.

Brand, R. en J. Fischer. 2013. Overcoming the technophilia/technophobia split in environmental discourse. *Environmental Politics*, 22(2):235–54.

Buell, L. 1995. *The environmental imagination: Thoreau, nature writing, and the formation of American culture*. Cambridge en Londen: Harvard University Press.

—. 2005. *The future of environmental criticism: Environmental crisis and literary imagination*. Oxford: Blackwell.

Canavan, G. 2012. Hope, but not for us: Ecological science fiction and the end of the world in Margaret Atwood's *Oryx and Crake* and *The year of the flood*. *Literature Interpretation Theory*, 23:138–59.

—. 2014. Introduction: If this goes on. In Canavan en Robinson (reds.) 2014.

Canavan, G. en K.S. Robinson (reds.). 2014. *Green planets: Ecology and science fiction*. Middletown: Wesleyan University Press.

Cecire Sachiko, M., H. Field, K. Mudan Finn en M. Roy (reds.). 2015. *Space and place in children's literature 1789 to the present*. Londen: Routledge.

Cooper, M. 2017. Korrespondensie met skrywer per e-pos, 24 April.

Dawson, M. 2012. Sugared violets and conscious wands: Deep ecology in the Harry Potter series. In Baratta (red.) 2012.

Dryzek, J.S. 1997. *The politics of the earth: Environmental discourses*. New York: Oxford University Press.

Du Plessis, M. 2017. Korrespondensie met skrywer per e-pos, 18 Maart.

Garrard, G. 2004. *Ecocriticism*. Londen: Routledge.

Glotfelty, C. 1996. Introduction: Literary studies in an age of environmental crisis. In Glotfelty en Fromm (reds.) 1996.

Glotfelty, C. en H. Fromm (reds.). 1996. *The ecocriticism reader: Landmarks in literary ecology*. Athens, GA: University of Georgia Press.

Griffin, S. 1978. *Woman and nature: The roaring inside her*. New York: Harper.

Hambrick, K. 2012. Destroying imagination to save reality: Environmental apocalypse in science fiction. In Baratta (red.) 2012.

Hamdan, S.I., R. Vengadasamy, N.M. Yusof en R.S. Hashim. 2012. Ideas in science fiction: Probing contemporary contexts through science fiction texts. *Asian Social Science*, 8(4):153–8.

Haraway, D. 2006. A cyborg manifesto: Science, technology, and socialist-feminism in the late 20th century. In Weiss, Nolan, Hunsinger en Trifonas (reds.) 2006.

Harding, S. 1986. *The science question in feminism*. Ithaca, New York: Cornell University Press.

Indu, B.C. 2013. Flowers of survival: An ecofeminist reading of Margaret Atwood's *The Handmaid's tale*. *International Journal of Humanities and Social Science Invention*, 2 (4):7–9.

- Jarrad, S. 2016. Publishing insights from the Nielsen children's book summit. <http://www.bookweb.org/news/publishing-insights-nielsen-children%E2%80%99s-book-summit-34861> (16 Maart 2017 geraadpleeg).
- Jenkins, E.R. 2004. English South African children's literature and the environment. *Literator*, 25(3):107–23.
- Kahn, R. 2010. *Critical pedagogy, ecoliteracy and planetary crisis*. New York: Peter Lang.
- Laurie, H.D.G. 2013. Transreferentiality: Mapping the margins of postmodern fiction. Ongepubliseerde PhD-tesis, Noordwes-Universiteit.
- Loubser, H. 2012. Van 'n tegnologiese moontlikheid tot 'n ryke leergeleentheid: Die opvoedkundige waarde van wetenskapsfiksie. LitNet. <http://www.litnet.co.za/van-n-tegnologiese-moontlikheid-tot-n-ryke-leergeleentheid-die-opvoedkundige-waarde-van> (16 Maart 2017 geraadpleeg).
- . 2016. Die opvoedkundige waarde van ekoliterêre tekste: 'n Toepassing van Adrian Rainbow se sienings op 'n Afrikaanse jeugverhaal, 'n oorgangsroman en 'n prenteboek vir kinders. *LitNet Akademies*, 13(3):630–71.
- Louw, N.P. Van Wyk. 1968. *Berei in die woestyn die pad*. Johannesburg: Nasionale Boekhandel Bpk.
- Love, G. 2003. *Practical ecocriticism*. Londen: University of Virginia Press.
- Magid, A.M. 2012. Seeking spaces: Analysis of environmental solutions in science fiction and utopian literature. In Baratta (red.) 2012.
- Marais, J.L. 1997. Voorwoord: Natuur, omgewing en letterkunde. In Marais en Zuiderent (samests.) 1997.
- Marais, J.L. en A. Zuiderent (samests.). 1997. *Ons klein en silwerige planeet: Afrikaanse, Nederlandse en Vlaamse gedigte oor die omgewing*. Pretoria: Van Schaik.
- Martinson, A.M. 2003. Ecofeminist perspectives on technology in the science fiction of Marge Piercy. *Extrapolation* 44(1):50–7.
- Merchant, C. 1980. *The death of nature: Women, ecology, and the scientific revolution*. New York: Universe.
- Meyer, S. 2016. Natuurgesentreerde skryfwerk as ekosisteem: 'n Ondersoek na *Boomkastele: 'n Sprokie vir 'n stadsmens* (Schalk Schoombie). Deel 1. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(4-2):1200–12.
- . 2017. Mens-plant-verbintnisse in *Die sideboard* (2014) van Simon Bruinders. *LitNet Akademies*, 14(1). <http://www.litnet.co.za/mens-plant-verbintnisse-die-sideboard-2014-van-simon-bruinders> (30 Januarie 2017 geraadpleeg).

- Murray, S. 2012. The pedagogical potential of Margaret Atwood's speculative fiction: Exploring ecofeminism in the classroom. In Baratta (red.) 2012.
- Page, M. 2014. Evolution and Apocalypse in the golden age. In Canavan en Robinson (reds.) 2014.
- Podeschi, C.W. 2002. The nature of future myths: Environmental discourse in science fiction film, 1950-1999. *Sociological Spectrum*, 22:251–97.
- Rainbow, A. 2012. Ecoliteracy, enchantment and consilience. *University of Bucharest Review*, XIV (2)1.
- . 2014. Pedagogy and the power of the ecoliterary text. In Bartosch en Grimm (reds.) 2014.
- Russ, J. 1995. *To write like a woman: Essays in feminism and science fiction*. Indiana: Indiana University Press.
- Schreuder, D. 2002. Omgewingsopvoeding: 'n Groen kurrikulum of kritiese pedagogiek. Ongepubliseerde professorale intreerede, Universiteit Stellenbosch.
- Shiva, V. 1988. *Staying alive*. Londen: Zed Books.
- Smith, S. 2012. Die aard van ekopoësie teen die agtergrond van die ekokritiese teorie met verwysing na enkele gedigte van Martjie Bosman. *LitNet Akademies*, 9(2):500–23. <http://www.litnet.co.za/die-aard-van-ekopoësie-teen-die-agtergrond-van-die-ekokritiese-teorie-met-verwysing-na/> (20 Julie 2016 geraadpleeg)
- . 2014. Ekokritiek en die nuwe materialisme: 'n Ondersoek na die nuwe materialisme in enkele gedigte van Johann Lodewyk Marais uit die bundel *In die bloute* (2012). *LitNet Akademies*, 11(2):749–74. <http://www.litnet.co.za/ekokritiek-en-die-nuwe-materialisme-n-ondersoek-na-die-nuwe-materialisme-in-enkele-gedigte/> (15 Oktober 2016 geraadpleeg)
- Steenkamp, E. 2013. Ekokritiek: In gesprek met Susan Smith. *LitNet*. <http://www.litnet.co.za/ekokritiek-in-gesprek-met-susan-smith> (12 November 2016 geraadpleeg).
- . 2015. Sinister ecology: Space, environmental justice, and belonging in Jenny Robson's *Savannah 2116 AD*. In Cecire Sachiko, Field, Mudan Finn en Roy (reds.) 2015.
- Stibbe, A. (red.). 2011. *The handbook of sustainability literacy: skills for a changing world*. Totnes: Green Books.
- Toerien, M. 2002. Boundaries in cyberpunk fiction: William Gibson's *Neuromancer* trilogy, Bruce Sterling's *Schismatrix*, and Neal Stephenson's *Snow Crash*. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- Turner, R.J. 2015. *Teaching for ecojustice: Curriculum and lessons for secondary and college classrooms*. New York en Londen: Routledge.

Viljoen, F. 2013. *Nova: Sterreloper*. Pretoria: Lapa Uitgewers.

Wasserman, E. 2011. *Anna Atoom en die seerower se dolk*. Kaapstad: Tafelberg.

—. 2012a. *Anna Atoom en die digitale draak*. Kaapstad: Tafelberg.

—. 2012b. *Anna Atoom en die magnetiese meermin*. Kaapstad: Tafelberg.

Weidner, C. 2016. *The green ghost: William Burroughs and the ecological mind*. Carbondale: Southern Illinois University Press.

Weiss, J., J. Nolan, J. Hunsinger en P. Trifonas (reds.). 2006. *The international handbook of virtual learning environments*. Dordrecht: Springer.

Eindnotas

¹ In die ontleding van die tekste sal voortaan met verkorte titels na hierdie tekste verwys word.

Die gebruik van fiksie vir die ontwikkeling en optekening van navorsing in die sosiale wetenskappe

Julian Müller en Marguerite Müller

Julian Müller, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat
Marguerite Müller, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Die gangbare manier van rapportering van navorsing is die sogenaamde “expository essay” (verklarende opstel). In so ’n opstel sal die navorser die lesers volledig en duidelik inlig oor die probleem, die navorsingsvraag, die agtergrondliteratuur, metodologie, dataversameling en die implikasies van die bevindinge (Wade 2008:13). Die meeste akademiëci beskou hierdie manier van skryf oor navorsing as die enigste geldige manier. Proefskrifte en artikels wat ander opsies ondersoek, kry dikwels die wind van voor, omdat dit nie inpas by die gangbare en aanvaarde nie. Tog is dit interessant dat die gebruik van fiksie vir die rapportering van navorsing glad nie so vergesog is nie, en eintlik reeds goed gedokumenteer en beskryf is.

Narratiewe navorsing is deel van ’n groot skool van poststrukturealistiese denke en as benadering tot navorsing het dit gelukkig reeds inslag gevind. Binne hierdie skool van denke en praktyk word verskillende kunsvorme beproef as maniere om navorsing te doen en ook aan navorsingsbevindinge beslag te gee. In hierdie artikel word veral oor die genre van fiksie as een van daardie uitdrukkingsvorme besin.

Wat aangebied word, is nie ’n neutrale besinning oor die vraag hoe fiksie gebruik kan word in die rapportering van navorsing nie. Die twee skrywers is dit met mekaar eens oor, en oortuig van, die waarde en betekenis van fiksie in die navorsingsomgewing. Die artikel behels ’n refleksie op die pad wat beide van hulle al met fiksie en navorsing gestap het. Hulle besin oor die bydrae wat fiksie in hulle verstaan en doen van navorsing gemaak het. Hulle toon aan dat fiksie aangewend kan word om die bevindinge van navorsing in stories uit te pak en te ontwikkel. Dit beteken dat die feite van die navorsing (temas, kategorieë, kulturele insigte, ens.) in fiksie weergegee word. So word dit ’n lewende verslag wat die navorsing as ’n verhaal oordra.

Trefwoorde: fiksie; narratief; navorsingsmetode; rapportering van navorsing

Abstract

The use of fiction in the development and presentation of research in the social sciences

The expository essay is the most widely accepted way to report on research findings. In such an essay the researcher usually discusses the research problem, research question, background literature, methodology, data collection, implications and findings (Wade 2008:13). Most academics see this way of writing about research as the only valid way to do so. Theses and articles that explore other possibilities, such as through fiction writing, are often perceived as problematic as they do not fit the generally accepted conventional research practices. Yet the use of fiction as a research methodology is not unheard of and has, in fact, been well documented and discussed in academic literature. Narrative research is part of a larger school of poststructuralist thought and as an approach to research it has already found acceptance. Within this school of thought and practice different art forms are being tested as ways of doing research and reporting on research findings. Narrative research, which emerged from poststructuralist thought, is a well-established research approach. Within narrative research it is possible to experiment with different artistic forms and ways to approach research. In this article we focus on the genre of fiction as one such a form of expression.

The narrative approach is not concerned in the first instance with data and truth within the story, but rather with the story in and of itself, and particularly with the telling of the story as a way in which we construct our realities. The process of storytelling has meaning in and of itself, and not just the content of the story that can be broken up into fragments and analysed by means of themes, codes, and even computerised analysis. In the narrative approach no distinction is made between fact and fiction, between “story” and “history”.

This article is not an attempt at neutral or “objective” research on the question of how fiction can be used in the reporting of research. It is, rather, the unpacking of our conviction that fiction makes an enriching contribution to the process of doing research and interpreting it. This article is therefore a description of the road that both of us have already walked with fiction and research in order to reflect on the contribution that fiction, in our understanding, can make to the research process.

According to Caine, Murphy, Estefan, Clandinin, Steeves and Huber (2016:1) there are three objectives that can be achieved with “fictionalizing in narrative inquiry”: the protection of the identities of co-researchers, the creation of distance between ourselves and our experiences, and its use as an imaginative way to enrich the research space and the interpretation of research. Something that could possibly be added is that it also makes academic research more accessible to non-academic audiences.

It is interesting and important to discover that the accepted use of fictional names (pseudonyms) is, in actual fact, already a form of fiction writing. It is used out of ethical concern to protect people who participate in the research. The purpose of pseudonyms is to disguise time, place and other indicators of identity. One could also express the second objective above as “a process of creating an other to tell more” (Caine et al. 2016:3). Fiction creates the possibility of a deeper or thicker description (“more”) and at the same time also creates protection for the writer/researcher so that he/she does not become unnecessarily exposed and vulnerable.

The article is an exploration of how we have both used fiction in our research. We argue that fiction can add much value to the research process and reporting thereof through reflecting on our journey as researchers and how we have incorporated the use of fiction in our research. Julian looks specifically at the successes and challenges of using fiction as a way of reporting on a research project about ubuntu at the University of Pretoria, and Marguerite tells of her use of fiction in writing her PhD thesis on the theme of educator identity and anti-oppressive theory at the University of the Free State. Julian writes about the anxiety that many researchers have around the use of fiction as a research tool, as the perception still largely exist that research should be factual and scientific. However, he also writes about how the researchers on the ubuntu project came to use fiction to open up new research spaces and new readings of their narratives. Julian uses the example of one of his PhD students, John Eliastam, who uses auto-ethnography to create an emotionally resonating piece that shares many elements of fiction writing. This type of research reporting is shown as useful to help the researcher give expression to the emotions and feelings that usually form part of a research process, but often go unreported. It is also useful in drawing in the audience, and intentionally eliciting an emotional rather than a purely rational response from the reader.

In her thesis Marguerite creates a range of characters to tell the story of her research journey. The characters are based on real research participants and how their contributions helped the fictional narrative to take shape around academic theory. As such, fiction is used to grapple with theory, but also to bring it to life and create a text in which we can explore our understandings, and also look beyond the limits of what we understand. Fiction in this sense is used to push the boundaries of what is acceptable in academic writing and reporting, but also to push the boundaries of the researcher's learning by bringing the *what if* question to the centre of the research process. The *what if* question propels the story forward and helps the researcher to explore unexplored territory as the story is formulated using the research theories, data and interpretations.

By reflecting on our use of fiction in our research we consider the use thereof for research practice in general and show how fiction can be used to unpack research findings; in other words, how the "facts" of research (themes, categories, cultural insights etc.) can be repackaged as fiction and how research reporting can become storytelling. This means that the so-called "facts" of research are integrated with fiction in order to create a living account of the research that demonstrates rather than tells.

Keywords: fiction; narrative; research method; research reporting

1. Inleiding

In hierdie artikel skryf ons oor die gebruik van fiksie in navorsing. Ons verwys na beide die konstruering van navorsing en die optekening daarvan. Daar is 'n paar redes waarom ons hieroor skryf. Eerstens wil en moet ons albei ons eie voorkeur vir fiksie as genre openbaar. Statistiek as sodanig, behalwe wanneer dit 'n storie vertel, het nog nooit tot ons gespreek nie.

Julian: In die boekwinkel bevind ek my gedurig by die fiksierak en op universiteit was my lekkerste kursus Afrikaans tot op derdejaarsvlak – lekkerder as die meeste teologiese vakke.

Marguerite: Ek het nog altyd gevoel dat ek meer en makliker leer deur stories as deur wetenskaplike feite. Op skool was kuns en geskiedenis my gunstelingvakke, juis omdat ek in hierdie vakke ondervind het dat ek die wêreld en myself beter leer verstaan het deur stories.

Ons albei se belangstelling was dus nog altyd in letterkunde en dit het mettertyd na ons navorsing oorgespoel. Maar daar is 'n tweede en miskien belangriker oorweging waarom ons hierdie tema behandel. By die lees van navorsingsartikels, en veral skripsies en proefskrifte, word ons so dikwels met 'n gevoel van onbevrediging gelaat. Dit is asof mens telkens weer wil vra: *So what?* Daar leef dikwels by ons die gevoel dat daar tog meer ontdek moet word as die paar algemene en dikwels holruggeryde stellings aan die einde van sulke geskrifte. Kortom, ons het 'n behoefte daaraan om navorsing wat gedoen is, beter te laat tuiskom. Om iets opwindends te kan raaksien en dit so te verwoord dat dit verhelder en inspireer. Hier kan fiksie moontlik nuwe deure oopmaak vir navorsing wat meer toeganklik en opwindend is.

Ongelukkig word die gebruik van fiksie in die navorsingsomgewing steeds (internasionaal, en beslis ook in Suid-Afrika) met agterdog bejeën. Selfs net by die gebruik van die woord *fiksie* saam met die woord *navorsing* ontstaan daar vrae en besware. Vir wetenskaplikes en akademici wat hulle in die denkrigting bevind waarvolgens die werklikheid iets objektiefs is en die navorser 'n buitestander, bly konsepte soos *narratief* en *fiksie* moeilik verteerbaar – vir hulle is dit “aesthetic forms which is are seen as the writing of literature and not the writing of scientific research” (Wade 2008:17). By kritici bestaan die persepsie steeds dat die gebruik van hierdie genres daartoe sal lei dat maklike aannames gemaak word en dat foutiewe voorstellings van die navorsing gedoen kan word. Dit is, interessant genoeg, en gelukkig nie meer, die geval met 'n konsep soos *narratiewe navorsing* nie. Narratiewe navorsing as deel van 'n groot skool van poststrukuralistiese denke en as benadering tot navorsing het gelukkig al inslag gevind. Die woord *fiksie*, aan die ander kant, ontlok steeds meer weerstand as die term *narratief*.

Die groter openheid vir die “narratiewe benadering” berus moontlik op 'n verwarring met wat “narratologie” genoem kan word. Narratologie behels die kennis en wetenskap van stories as 'n verskynsel. Net soos in die geval van die narratiewe benadering, behels dit 'n positiewe beoordeling van stories. Daardie stories word dan “wetenskaplik” bestudeer en ontleed. Op hierdie manier word die storie dan net 'n ander vorm van data, terwyl die narratiewe benadering 'n alternatiewe verstaan van die werklikheid behels. Laasgenoemde werk eerder met verhaal as metafoor vir die verstaan van hoe ons ons realiteit konstrueer. Dit fokus meer op die proses van “story-ing” as op die verhaal as objek of bron van data.

Die narratiewe benadering gaan nie oor data en waarheid binne-in die storie nie, maar eerder oor die storie as sodanig en veral oor die vertel van die verhaal as 'n manier waarop ons ons werklikhede konstrueer. Die proses van storievertel as sodanig het betekenis en nie net die inhoud van die storie wat met temas en kodes en selfs rekenaargebaseerde programme in fragmente opgebreek en ontleed kan word nie. In die narratiewe benadering word daar nie onderskeid getref tussen feit en fiksie, tussen “story” en “history”, nie.

Hierdie artikel is geen poging tot neutrale of “objektiewe” navorsing oor die vraag na die verhouding tussen fiksie en navorsing nie. Dit is eerder 'n uiteensetting van ons oortuiging dat fiksie 'n verrykende en verreikende bydrae lewer tot die doen van navorsing en die interpretering daarvan. Wat volg, is dus 'n uiteensetting van die pad wat beide van ons (Julian

en Marguerite) al met fiksie en navorsing gestap het ten einde te reflekteer op die bydrae wat fiksie in ons verstaan en doen van navorsing gemaak het.

2. Geleidelike ontdekking en groeiende oortuiging

2.1 Julian vertel

Toe ek jare gelede 'n kursus in narratiewe terapie in Chicago by Freedman en Combs (Evanston Family Centre) bygewoon het, het ek een middagetepouse in die boekwinkel oorkant die straat verwyl en op 'n boek van Anne Lamont afgekom. Die titel, *Bird by bird*, het my onmiddellik geïnteresseer. Dit gaan daaroor dat skryfwerk metafories gesproke voëltjie vir voëltjie aangepak moet word. Jy moenie wegval met voëls in die algemeen nie, maar eerder begin by die één voëltjie wat jy nou daar op die grasperk sien. Van daar af gaan jy na die volgende en dié lei jou weer verder. Lamont ontwikkel 'n eie metode van fiksie skryf en na aanleiding daarvan het ek in die maande daarna op my eie en later ook saam met kollegas artikels in vakwetenskaplike tydskrifte gepubliseer. Daarin het ons fiksieskryf as metafoer gebruik vir die doen van pastorale terapie, en ook vir navorsingsmetodologie. Dit was lekker skryfwerk, maar noudat ek daaraan terugdink, besef ek dat dit nie werklik oor die skryf van fiksie as genre gegaan het nie, maar eerder oor Lamont se model van fiksieskryf wat ons as metafoer vir terapie en navorsing gebruik het.

Daarteenoor is die bedoeling van hierdie artikel om die verweefdheid van fiksie met die doen van navorsing en die skryf daaroor te ontgin. Fiksie en fiksie skryf word nie net as metafoer gebruik om na te dink oor navorsing nie, maar ondersoek as genre vir beide die ontwikkeling van navorsing asook die sinvolle rapportering daarvan in die akademiese omgewing.

Ek onthou dat ek lank gelede nog op 'n manier geglo het aan die doodstraf, ten spyte daarvan dat ek bewus was van allerlei formeel-akademiese argumente daarteen. Toe lees ek *The green mile* van Stephen King en dit het my finaal genees. Ek glo nie iemand kan steeds 'n voorstander van die doodstraf wees na die lees van daardie boek nie. 'n Spul feite en statistiek oor die doodstraf kan nooit dieselfde effek hê nie.

Ek is tans betrokke by 'n navorsingsprojek van die Universiteit van Pretoria oor ubuntu.¹ Die projek staan nou einde se kant toe, en terwyl ons besig was om die moontlikhede van verslaggewing te ontgin, het iemand (wat anoniem wil bly) per e-pos aan ons geskryf: "Ubuntu is in no way 'fictional' and/or a mere 'reflection' and/or 'reports', but a locally lived experience." Hierin kom die vrees ook na vore dat verskynsels wat nagevors word (in hierdie geval ubuntu) tot blote fiksie "verlaag" sal word. Die onderskeid tussen die sogenaamde werklike lewe van elke dag en fiksie is hier die uitgangspunt. Die onderliggende siening is dat fiksie verwyder is van die werklikheid en dat fiksieskryf die harde werklikheid sal ondermyn. Presies die teenoorgestelde as wat ek met die lees van *The green mile* en my siening van die doodstraf ervaar het.

Ons benadering is die teenpool en ons vind aansluiting by die woorde van Carr (soos aangehaal deur Pendery 2015:339): "The belief in a hard core of historical facts existing objectively and independently of the interpretation of the historian is a preposterous fallacy." Met 'n tema soos ubuntu wat lae en lae van betekenis het en wat omring is met nostalgie en

verbeelding, het dit steeds duideliker geword dat “hi-story” en “story” vermeng is en dat dit om alternatiewe formulerings vra. Die tema vra om metafore en stories. Dit ontglimp ons as navorsers voortdurend en uiteindelik het dit die meeste sin om daarvoor in die genre van fiksie te besin en te rapporteer. Later in die artikel word ’n gedeelte van die outo-etnografiese fiksie van een van my PhD-studente, John Eliastam, aangehaal.

2.2 Marguerite vertel

Alhoewel ek dit nog altyd geniet het om te lees en te swot, het ek nooit juis belang gestel om ’n PhD te doen nie. Ongelukkig was ek onder die (valse) indruk dat navorsing slegs vraelyste en statistiek en getalle behels, en strak verslaggewing het my nog nooit aangestaan nie. Toevallig sien ek toe eendag ’n video op YouTube met die titel “Dance your Phd” en daar maak dit vir my ’n nuwe wêreld oop. Die verband tussen kuns en navorsing het ewe skielik vir my soos ’n lig aangegaan. Die kreatiewe en interessante omgang met navorsing het my dadelik aangestaan. Ek begin toe meer lees oor narratiewe navorsing in onderwys en veral die werk van Clandinin en Connelly (2000; 1998; 1989) wat fokus op die ervaringswêreld van leerders en onderwysers. Verder het ek begin lees oor kuns as navorsingsmetode. “Arts-based research” (Leavy 2009) en veral die gebruik van fiksie as navorsingsmetode het tot my gesprek (Clough 2002; 1999; 1995; Leavy 2013). Die temas waarmee ek in my proefskrif werk, is sosiale geregtigheid en anti-onderdrukkende onderwys, en die benadering van kuns en fiksie het my gehelp om hierdie komplekse begrippe op ’n kreatiewe en persoonlike wyse te ontgin. Die hele proefskrif is as ’n storie geskryf en ek verweef die werklikheid met fiktiewe elemente om ’n narratiewe geheel te vorm. My proefskrif was toe eindelijk ’n ontginning van my eie storie soos wat dit vervleg is met dié van ander mense wat in dieselfde veld as ek werk. As ’n hulpmiddel om die storie te vertel het ek ’n karakter met die naam Daisy in die lewe geroep. Dit was ’n manier om myself as ’n fiktiewe karakter te herskep. Sodoende het ek ’n manier gevind om “nie ek” te wees:

... because “to be oneself no longer makes sense” (Zembylas 2007:140). Zembylas (2007:138) also points me in the direction of Foucault who claims that, “... a work of art transfigures, interrupts and opens a void which forces the world to question itself. This void opens possibilities for interrogating our experiences in the world; it is the passion of the experience with which a subject is constantly dismantling and recreating itself.” (Müller 2016:66)

Toe ek eers begin skryf, was dit asof die Daisy-verhaal my navorsingservaringe gestuur, verryk en verander het. Daisy het ’n lewe van haar eie gekry terwyl sy steeds in interaksie met my eie verhaal verkeer het. Sy worstel byvoorbeeld met haar eie ondervindings met onderdrukking in die onderwys as ’n student, ’n onderwyser en ook as ’n ma. Sy wonder hoe sy dinge kan verander en gaan op ’n fiktiewe reis, oor stormagtige seë na verlore eilande, op soek na ’n “beter” plek. Die reis is deels geïnspireer deur die kinderboek *Where the wild things are* (Sendak 1963), en neem haar op ’n avontuur na onbekende plekke waar sy nuwe dinge sien en op nuwe maniere leer dink. Sy is op soek na “andersheid”, net soos ek. Die narratief wat ontwikkel het, is dus ’n fiktiewe storie wat geïnspireer is deur regte ervaringe en belewenisse, kuns, teorie en bestaande fiksie.

The sun disappears behind a cloud and Daisy looks up at a dark ceiling of lush forest green – these trees are tall and she feels very small. She listens to a nostalgic tune as the wind hums through the thick branches of memory and forgetting. The desolate

beach remains barely visible between the silhouettes of tree trunks and they seem to be closing in on her like an army of silent faceless soldiers. A cold shiver of fear runs down her spine. She jumps at a sudden yet strangely familiar sound. “Don’t worry,” Past reassures her, “That is only the sound of ‘Future’ who followed us here.” (Müller 2016:75)

So kom daar met die skryf van die storie talle nuwe karakters by. Past is byvoorbeeld ’n rot wat onder Daisy se tafel bly en saam met haar op reis na die onbekende vertrek, en Future is ’n voëltjie wat altyd maar vooruit vlieg en liedjies sing oor dit wat dalk mag kom. Soos wat die verhaal ontwikkel, het herinneringe, ondervindings en verbeelding verweef geraak. Die storie het dus ’n lewe van sy eie begin kry en my somtyds na onverwagte plekke geneem, waar ek nuwe karakters ontmoet het en nuwe insigte gekry het.

I get up from my chair to open up the window and draw the curtain. I see the swing set outside my window. I can only choose to get on the swing and swing in unison with others, or not. When a butterfly comes in through my window it is both part of my story and part of its own story. When the sun shines through my window it shows me a stain on my tablecloth I never noticed before, I can look at that stain forever and think of what it might represent and accept it, or get up and wash my tablecloth. (Müller 2016:76–7)

Die metafoor van die skoenlapper wat by die venster invlieg en beide deel word van my verhaal en ook ’n verhaal van sy eie het, help ons om die funksie van fiksie in die navorsingsverslag te verstaan en te verwoord. Dit is deel van die navorsingsverhaal terwyl dit ook ’n eie verhaal behels. Maar die skoenlapper wat invlieg, bring meteens nuwe perspektiewe en ervarings. Nadat die skoenlapper ingevlieg het, is daar ’n nuwe prentjie en nuwe verhaal. Tog is dit ook dieselfde storie. Die invoer van fiksie in die navorsingsverslag het dieselfde funksie. Dit konstrueer dieselfde storie op ’n nuwe manier en so word ’n alternatiewe perspektief geskep.

Ek maak gebruik van Kumashiro (2000; 2002) se raamwerk van anti-onderdrukkende onderwys om uiteindelik die verhaal te lees. Kumashiro se “space-between” is ’n spasie waar die realiteit opgeskort word en waarbinne nuwe moontlikhede ontwikkel word. ’n Fiksieverhaal wat uit, langs en teenoor die tradisionele navorsingsverhaal ontwikkel is ’n gedeeltelike storie. Dit vertel nie alles nie, maar dit is op soek na iets tussenin en ook anderkant die opsigtelike grense. Op hierdie manier help dit ons om dit wat ons weet te bevraagteken en dit wat ons nie weet nie, te soek.

I find myself standing in the middle of my table. The essays are coming to life and the red pen marks run like veins over the paper figures. The sun disappears for a second and I see the silhouettes of figures standing in straight rows. We all look up at the school inspector stepping out of the crumpled newspaper to take his place on top of the pile of theory books. “Do we want reflective practitioners or teachers who can teach children to read?” he asks in the voice of reason and clarity. (Müller 2016:68)

In die uittreksel van Daisy se verhaal is dit duidelik dat sy toenemend ’n verbeeldingswêreld betree waarin onwerklike dinge kan gebeur. Haar storie ontstaan uit ’n konstante soeke na iets buite die grense van dit wat sy weet en verstaan, ’n soeke na iets nuuts en anders.

Hierdie gebruik van die fiktiewe narratief het my gehelp om dit wat ek verstaan in terme van akademiese teorieë te verwoord, maar terselfdertyd verby hierdie verstaan te kyk na die plekke en dinge wat ek nog nie verstaan nie. Die storie neem my dus deurentyd na die grense van my verstaan. Ek moes keer op keer vra: Maar wat lê net om die draai? Wat weet ek nog nie?

In die skepping van 'n fiksiestorie val die klem van die akademiese reis met kennis juis op die proses van ontdekking en skepping eerder as die eindproduk. Die fiktiewe help om onsekerheid te verwoord, eerder as om sekerheid voor te gee. Fiksie as 'n navorsingsmetode spreek tot 'n postkwalitatieve benadering wat St. Pierre (1997:176) beskryf as “research that aims to produce different knowledge and to produce knowledge differently”.

Die storie van Daisy se avontuur is dus metafories van die proses waardeur ek self moes gaan om sin te maak van my eie identiteit as wit, Afrikaans, heteroseksueel, en vroulik in die Suid Afrikaanse konteks. Die fiksieverhaal het my gehelp om deur sekere ervaring te werk, dit te kontekstualiseer, en uiteindelik binne 'n bepaalde raamwerk te lees. Verder het die skryf van die verhaal my gehelp om aan te hou vra: Wat weet ek nie? Of: Wat mis ek? Dit kom alles neer op 'n soeke na “andersheid” of 'n nuwe manier van wees. Vir my maak die kreatiewe omgang met navorsing hierdie soeke moontlik.

Daisy's problem is that she feels troubled by her experiences with oppression in education (both as a student, an educator and a mother). She wonders how she can change things. She is now on a journey in search of a “better” place. The journey takes her into unknown territory in which she sees new things and thinks new thoughts. And when she returns she will not be better, just different. (Müller 2016:67)

3. Feit en fiksie in die rapportering van navorsing

Die gangbare manier van rapportering van navorsing is die sogenaamde “expository essay” (verklarende opstel). In so 'n opstel sal die navorser die lesers volledig en duidelik inlig oor die probleem, die navorsingsvraag, die agtergrondliteratuur, metodologie, dataversameling en die implikasies van die bevindinge (Wade 2008:13). Die meeste akademici beskou hierdie manier van skryf oor navorsing as die enigste geldige manier. Proefskrifte en artikels wat ander opsies ondersoek, kry dikwels die wind van voor omdat dit nie inpas by die gangbare en aanvaarde nie. Tog is dit interessant dat die gebruik van fiksie vir die rapportering van navorsing glad nie so vergesog is nie en eintlik reeds goed gedokumenteer en beskryf is (Alvermann en Hruby 2003).

So word fiksie dan aangewend om die bevindinge van navorsing in storievorm “uit te pak” en te ontwikkel. Dit beteken dat die feite van die navorsing (temas, kategorieë, kulturele insigte, ens.) geneem word en met fiksie geïntegreer word ten einde 'n lewende verslag van die navorsing te ontwerp wat demonstreer eerder as sê (Alvermann en Hruby 2003:261). De Oliveira Andreotti (2016) praat van die “performative text”:

“[P]erformative” texts are very different from texts that claim to represent something literally. As an expression of an aesthetic force the text has a life of its own and is out of my control – in the artistic sense, I cannot claim responsibility for what it does or

even where it comes from. My experience with this force is that it intends to “touch” each reader differently, in order to bring forward something needing to surface and to become visible. (Oliveira Andreotti 2016:80)

Volgens Caine e.a. (2016:1) is daar drie doelwitte wat bereik kan word met ’n “fictionalizing in narrative inquiry”, naamlik (i) die beskerming van medewerkers se identiteit, (ii) die skep van afstand tussen die self en persoonlike ervarings, en (iii) om op ’n verbeeldingryke manier die ondersoekruimtes en die navorsingsinterpretasies te verryk. Iets wat moontlik hier bygevoeg kan word, is dat die gebruik van fiksie ook akademiese navorsing meer toeganklik kan maak vir nie-akademiese gehore.

Dit is interessant en belangrik om te ontdek dat die aanvaarde gebruik om fiktiewe name (pseudonieme) te gebruik inderwaarheid reeds ’n vorm van fiksieskryf is. Dit het ontstaan ter wille van die etiese oorweging om persone wat aan die navorsing deelneem te beskerm. Die bedoeling van pseudonieme is om tyd, plek en ander identiteitsaanduiders te verbloem.

Mens sou die tweede doelwit hier bo ook kon verwoord met “a process of creating an other to tell more” (Caine e.a. 2016:3). Dit is wat Marguerite bewerkstellig het met die skep van haar Daisy-karakter. Dit is ook ’n voorbeeld van outo-etnografiese fiksie. Fiksie skep die moontlikheid van ’n dieper of dikker beskrywing (“meer”) en terselfdertyd skep dit ook beskerming vir die skrywer/navorsers sodat sy/hy nie onnodig kwesbaar, weerloos en uitgelewer gelaat word nie.

In ’n artikel deur John Eliastam (2016) reflekteer hy op sy reis as navorsers in die ubuntu-navorsingsprojek, en verwys ook na die verhouding tussen hom en die medenavorsers. Interessant is dat hy oënskynlik die teenoorgestelde as Caine e.a. (2016:1) beklemtoon. Laasgenoemde praat van skep van die nodige afstand met die medenavorsers, terwyl Eliastam verwys na Meerwald (2013:45) en verduidelik wat hy wou bereik: “to diminish the gap between myself as the researcher and what is being researched in order to reflect my simultaneous involvement in the research process”. Op die oog af lyk dit na teenoorgesteldes, maar dit is maar net verskillende perspektiewe op dieselfde argument. Fiksieskryf help die navorsers om te besin oor die komplekse prosesse en verhoudings tussen hom-/haarself, die navorsing en die verskillende rolspelers op die navorsingsreis.

Die derde doelwit kan ook sommer kortweg aangedui word as “creating ‘as if’ worlds” (Caine e.a. 2016:3). Met die skep van ’n verbeeldingryke “asof”-verhaal word die interpretasie (selfs “ontleding”) na ’n volgende vlak gevoer. “[I]t provides a way for researchers and participants to understand their experiences in new ways, in different contexts” (Caine e.a. 2016:4). Dit skep moontlikhede vir ’n meer egte en kleurrike verhouding tussen die navorsers en die medenavorsers wanneer hulle saam betrek word in ’n nuwe fiktiewe wêreld. Eliastam (2016) verwys daarna as “contextually situated stories of people”.

Met verwysing na die werk van Sarbin (2004) sê Caine e.a. (2016:4):

The worlds created are narrative constructions, fictionalized out of the stuff of memory and drawing on field texts that are composed and co-composed with participants. In this way, like Sarbin, we understand imagining as a form of perceptual and embodied knowing.

So vervaag die skeidslyn tussen navorser en medenavorsers. Die gebruik van fiksie help dus om sekere teenpole wat in tradisionele navorsing aanvaar word, te bevraagteken. Die mees ooglopende teenpole is dié van feit/fiksie, maar daar kom ook ander ter sprake, soos rasioneel/emosioneel, wetenskaplik/kunstig en publiek/persoonlik. Baie kwalitatiewe navorsers aanvaar lankal reeds dat hulle persoonlike ervaring en persepsies altyd hulle navorsing en navorsingsvrae beïnvloed. Die navorser kan onmoontlik as 'n objektiewe buitestander gesien word (Leavy 2009). Binne die feminisme word die rasioneel/emosioneel-skeidslyn wat ons in positivistiese navorsing vind, bevraagteken. Verder sien ons in navorsingsmetodes soos die outo-etnografie dat die teenwoordigheid van die navorser dikwels sigbaar gemaak word en/of verbloem word deur stories en narratiewe. Dit alles het aanleiding gegee tot die ontstaan van navorsing wat klem lê op die gebruik van fiksie as navorsingsmetode soos in die werk van Clough (2002) en Leavy (2013). In sulke navorsing is daar 'n klemverskuiwing weg van "die" waarheid na gedeeltelike waarhede en meerdere waarhede.

Fiksie maak dit vir die skrywer moontlik om af te sien van die "single story" (Adichie 2009), dikwels omdat die gebruik van fiksie in navorsing meestal gepaard gaan met meerdere deelnemers. Die uiteindelijke storie word as't ware saam geskryf. Die saamvloei van meerdere stories help ons om ander se perspektiewe in ag te neem soos dit verweef word in ons eie storie. Medenavorsers se stemme word in hierdie tipe navorsing net so belangrik geag soos dié van die navorser en hulle insette gee ook leiding aan hoe die storie ontvou en verstaan word. Die belangrikheid hiervan lê daarin dat die tradisionele magsverhouding tussen die navorser en die persoon wat nagevors word, afgebreek word. Die objekte van navorsing word nou "medenavorsers". Hulle word deel van die storie, maar help ook met die interpretasie van die storie en help die navorser om tot nuwe insigte te kom en sy/haar eie storie te bevraagteken of uit ander hoeke te benader.

In Marguerite se PhD (Müller 2016) gebruik sy meerdere stories, afkomstig van meerdere bronne en vervleg dit uiteindelik in een fiksiestorie. Die vraag is egter of die fiktiewe element werklik nodig is. Kon sy nie maar liewers net 'n outobiografiese werk of 'n lewensgeskiedenis geskryf het nie? Dit sou miskien ook kon gewerk het, maar die resultaat sou heel anders gewees het. Fiksie maak dit vir haar moontlik om keer op keer te vra: "Wat sou gebeur as?" of "Sê nou maar ...?" ("What if?"), en dit is juis daardie soort vraag wat die storie vorentoe neem en ontwikkel.

Net so het die invoer van 'n metafoor vir Julian deure van verstaan en interpretasie oopgemaak. Sy navorsingsprojek oor ubuntu is besig om na drie jaar ten einde te loop. Hy en sy span is tans in die proses van die skryf van 'n boek² wat gebaseer is op die deurlopende metafoor van die begraaftplaas wat geleë is tussen die "town" en die "township". Die metafoor maak dit moontlik om na te dink oor ubuntu as ontmoetingsplek tussen die hede en die verlede, die lewendes en die afgestorwe voorvaders. Dit skep ook ruimte vir die ontwikkeling van taal wat praat oor die dinamiek van verhoudinge wat ontwikkel tussen 'n verskeidenheid mense in en rondom die begraaftplaas. Die metafoor wat deel is van 'n fiktiewe verhaal maak dit vir die navorsers moontlik om te besin oor meersydigheid van ubuntu as 'n gelaagde en komplekse begrip.

Dus is die gebruik van fiksie vir ons 'n soort navorsingsinstrument wat ons help om ons eie stories te vertel, op verskillende maniere te lees en te interpreteer, te sien hoe ander se stories by ons s'n aansluit, en dan nuwe moontlikhede te ontgin in ons soeke na "andersheid". Dit

help ons om die fees van tekstuele moontlikhede te vier. Barone (2016:16) verwoord die vreugde van hierdie proses onverbeterlik mooi: “Within this celebration, social researchers can be found dancing back and forth across what was once a clearly delineated and closed border between the true and the false, the factual and the fictional.”

Navorsing wat handel oor die self en persoonlike ervaringe lê ook klem op emosie en sintuiglike ervaringe (*embodiment*) wat dikwels te kort skiet in tradisionele positivistiese navorsing. Die deelnemer aan narratiewe navorsing stel hom-/haarself bloot aan 'n proses wat moontlik krisis, pyn en emosie kan meebring. Die fiktiewe spasie, of die skep van fiktiewe karakters, is moontlik een manier om die deelnemer te “beskerm”. Dit was byvoorbeeld vir Marguerite makliker om oor moeilike ervaringe in die klaskamer te skryf uit Daisy se oogpunt as uit haar eie. Die fiktiewe karakter maak dit sodoende moontlik vir die navorser om 'n treetjie terug te gee in die vertel van haar eie ervaringe. Dit gee die navorser ook die geleentheid om nuwe moontlikhede te skep. Om op nuwe maniere te onthou.

In die rolprent *Saving Mr. Banks* sê die karakter van Walt Disney die volgende oor sy skep van fantasieë en fiktiewe wêreld:

I am just so tired of remembering in that way. Aren't you tired too? Now we all have our sad tales, but don't you want to finish the story, let it all go, and have a life that isn't dictated by the past? (Hancock 2013)

Walt Disney se karakter verwys na die skep van alternatiewe wat fiksie so aantreklik maak.

Maar fiksie het ook 'n ander belangrike funksie: dit het die potensiaal om akademiese navorsing aan nie-akademiese gehore oor te dra. bell hooks (2003:46) praat van die rol van die onderwyser om die gaping tussen die “akademiese” en “regte” wêreld te bewerkstellig. 'n Demokratiese benadering tot navorsing vereis van ons om kennis aan almal beskikbaar te stel. “We share the knowledge gleaned in classrooms beyond those settings thereby working to challenge the construction of certain forms of knowledge as always and only available to the elite” (hooks 2003:41). In aansluiting by hooks se demokratiese benadering tot kennis kan fiksie die moontlikheid daarstel om dit wat voorheen net in akademiese kringe sou gebly het, na nie-akademiese lesers te laat oorspoel.

4. Fiksie – 'n soeke na “andersheid” vir die nadenkende navorser

Daar is verskeie vorme van fiksie wat aangewend kan word. Rhodes en Brown (2005:471) onderskei die volgende kategorieë:

- Kinderliteratuur
- Poësie
- Televisie-“cartoons”
- Wetenskapfiksie
- Drama
- Populêre musiek.
- Prosa soos die novelle, roman, kortverhaal, ens.

Fiksie maak dit vir die skrywer moontlik om die nodige afstand tussen hom-/haarself en die navorsingsgebeure te skep en sodoende bewus te raak van die hele netwerk van verhoudinge wat bestaan en daaroor te besin. Coulter en Smith (2009:587) verduidelik dat “knowledge is constructed through transactions among researchers, participants, evidence and the social context.” Die tradisionele navorsingsverslae waar die skrywer op ’n gewaand objektiewe manier verslag doen oor data en bevindinge, is geneig om hierdie “transaksies” verby te kyk en/of te ontken. Rhodes en Brown (2005:477) beklemtoon die valsheid daarvan wanneer die “fictional characteristics of research” nie erken en aanvaar word nie.

Die vraag is nie soseer wat die verskil is tussen ’n sogenaamde wetenskaplike dokument aan die een kant en ’n storie of fiksie aan die ander kant nie. Daardie verskil word toenemend bevraagteken en dit word duidelik dat fiksie en feite nie so maklik van mekaar te skei is nie. Die dieper vraag is wat die aansprake van ’n skrywer oor sy/haar teks is? Richardson en St. Pierre (2005:961) noem dit die “authorial claim for the text”. Die genre van fiksie help die skrywer om sy/haar eie aansprake te relativeer en versigtig te wees met finale gevolgtrekkings. Sodoende word die belang van etiek en veral verantwoordelikheid beklemtoon (Rhodes en Brown 2005:469) en sodoende verskuif die klem weg van die sogenaamde geldigheid of waarheid van die navorsing na die subjektiewe integriteit van die navorser in die skryf van die navorsingsverslag. Die verantwoordelikheid van die skrywer behels onder andere ook die erkenning dat taal meer is as ’n middel om die werklikheid mee te beskryf. Met taal word ’n werklikheid gekonstrueer (Goolishian en Anderson 1988). In dié sin bly taal altyd ’n onopgeloste probleem wat erken moet word.

’n Fiksieverhaal kan ’n geregverdigde en kragtige manier wees waarop navorsing en die bevindings van navorsing aangebied word (Richardson 2000; Clough 2002). Wanneer ’n persoonlike verhaal ingebed word in die beskrywing van die breë konteks, kan ons daarna verwys as outo-etnografiese fiksie (Richardson 2000:11). Volgens Richardson kan sulke “evocative representations” beskou word as ’n radikale verwerping van objektiwiteit in die sosiale wetenskappe. Dit is eerder ’n poging tot egte integrasie van persoonlike ervaring met wetenskaplike bevindinge en refleksie. “We find ourselves attending to feelings, ambiguities, temporal sequences, blurred experiences, and so on; we struggle to find a textual place for ourselves, our doubts and our uncertainties” (Richardson 2000:11).

Binne die navorsingsprojek oor ubuntu waarna vroeër in die artikel verwys is, het een van die PhD-navorsers, John Eliastam, deel van sy navorsingservaring in ’n stukkie outo-etnografie verwoord. Hy maak van evokatiewe outo-etnografie gebruik. Volgens Lemmer (2012:551) het dit ten doel “om by die leser ’n emosionele resonansie met die skrywer te skep”. As sodanig funksioneer outo-etnografie in noue verwantskap met fiksie.

Eliastam (2016) se verhaal:

Ubuntu’s disruption of space

I enjoy driving long distances. This is fortunate because my work, whether as a researcher or as a management consultant, often involves long road trips. Over the years, I have found ways to make the hours I spend behind the wheel of my car enjoyable. I am able to access the large collection of music on my smartphone via the Bluetooth on my car’s sound system. Familiarity with various routes means I know where to buy good coffee (I confess to being something of a coffee snob). And then

there is my car; I love my car. It is a BMW X3, bought second hand, but still a beautiful machine. It is powerful, safe and comfortable. It insulates me from much of the harshness of road travel, along with my carefully chosen music, coffee and a variety of snacks.

It was still dark when I left East London, heading to Mthatha – dark, cold and wet. My first stop was at a boutique coffee franchise at an all-night filling station. I ordered a double cappuccino; a large, freshly baked apple and cinnamon muffin; and added a bottle of still mineral water before paying and leaving. As I turn onto the N2 freeway, there is the familiar site of someone standing by the road, waiting for the offer of a lift. I am simultaneously moved to stop by the thought of people waiting in the rain, and tempted not to stop by thoughts of wet car upholstery and inconvenience and even the risk of being a victim of crime. I stop and lower the window to speak to the man standing next to the vehicle.

I ask him where he is going. He tells me he is going to Idutywa, a small town between Butterworth and Mthatha. I open the door and signal for him to get in. He settles into the seat nervously. It is unusual for a white South African to stop and offer a lift in this way, almost unheard of. He looks uneasy. Grateful, but uneasy. We travel without speaking for a few minutes. The music that was so relaxing a few seconds before I stopped now feels like an intruder. I cannot imagine that he is a fan of alternative rock music. I am not sure whether to simply turn it down, and allow it to fill what might otherwise be an uncomfortable silence, or turn it off. I turn the music off.

I introduce myself and ask him for his name. It is Bongani. I ask him if he lives in East London. He tells me that he is returning to a village near Idutywa after an unsuccessful attempt to find a job in East London. He tells me that there are no jobs where he lives. There is only poverty. He lives with his mother and four younger siblings. He finished matric the previous year, and now feels the pressure of providing for his family.

While he is talking, I glance at the coffee nestling in its holder in the centre console and think whether I should still drink it. It seems rude to do so, because there is only one cup and I cannot offer him any. I think about the muffin. I take it out, break it into two and offer him one of the halves. He accepts, gratefully. I tell him that I am trying to learn about ubuntu; I ask if he will tell me about it. He smiles:

Ubuntu is something that is part of our culture. It does not matter if you are poor. We are all poor, but even with that poverty you will see ubuntu. Even if what they have is a little, people will share their food with someone in the community who does not have anything.

If you take our weddings, everyone in the community is invited. Everyone can come and eat meat – even that drunk guy. Ubuntu is about treating all people with respect; it is about courtesy and compassion.

I ask Bongani if ubuntu could be an answer for how we live together in South Africa. He seems unsure:

Most white people do not have ubuntu. They only live for themselves. If you are black and poor it seems like they do not even see you. They do not want to know about your struggles.

I am aware that my small gesture of offering Bongani a lift, as an expression of ubuntu, does not really scratch the surface when it comes to the struggles he faces, living in rural poverty. It might be an act of ubuntu, but as an isolated act it leaves too much unchanged. I will continue to live in affluence and comfort. His struggle will continue.

Die bostaande uittreksel van Eliastam se verhaal wys hoe outo-etnografie die navorser help om die invloed wat persoonlike ervarings op die navorsing het, bloot te lê. In plaas daarvan om sulke ervarings te probeer onderdruk of beperk, soos gebruiklik is in die tradisionele denkskool, word dit hier doelbewus gebruik vir die verryking van die navorsing. Die konsep van verhalende outo-etnografie (Ellis en Bochner 2000; 2006) is bruikbaar met die oog op die verstaan en beskrywing van beide die ervaringswêreld van die navorser en die konteks of sfeer waarin die navorsing afspeel. Ellis (2004:46) verduidelik dat sulke outo-etnografiese verhale bydra tot 'n dieper verstaan van die self soos wat dit in kontak kom met die lewens van ander deelnemers aan die proses. Lesers word in die skrywer se wêreld ingenui en die hele proses van vertel, interpreteer, herversel en refleksie word 'n bron vir verdere verstaan.

Richardson (2000:11; Banks en Banks 1998) beskryf sulke verhalende beskrywings as “a striking way of seeing through social scientific naturalisms. We find ourselves attending to feelings, ambiguities, temporal sequences, blurred experiences, and so on; we struggle to find a textual place for ourselves, our doubts and our uncertainties”. Juis die fiksiemodus maak van so 'n navorsingsverslag 'n refleksie wat gedra word deur subjektiewe integriteit, in teenstelling met die gewaande waarheidsaansprake wat soms met 'n “feitelik korrekte” verslag gepaard gaan. Fiksie se toets is of die karakters daarin geloofwaardig is. En dit gebeur nie sommer per toeval nie. Dit gebeur slegs as daardie karakter uit ervaring of navorsing groei (Wade 2008:6).

Soos reeds genoem, kan die hele idee van fiksie in navorsing vir sommige ongemaklik wees, veral vir diegene wat opgelei is in en van harte glo aan die positivistiese tradisie van sogenaamde objektiewe kennis en kennissisteme. Baie mense verkies hulle kennis stewig en solied. Soos Eisner (1997:7) dit stel: “We prefer our knowledge solid and like our data hard. It makes for a firm foundation, a secure place on which to stand. Knowledge as a process, a temporary state, is scary to many.” Soos reeds vroeër in die artikel beredeneer, werk ons met die konsep van kennis as 'n proses van 'n voortdurend veranderende verhouding tussen 'n persoon en dit wat waargeneem word en die proses van waarneming as sodanig. Dit lê ten grondslag van die narratiewe benadering tot navorsing, wat daarom ook fiksieskryf insluit.

Bell en Desai (2011:288) skryf oor kuns en navorsing en beskryf hoe kuns ons kan help om nuut en anders gekonfronteer te word met die wêreld rondom ons. En “kuns” moet sekerlik wyd verstaan word sodat dit ook gaan oor literêre kunsvorme. Die volgende aanhaling uit Leavy (2009:15) moet ook geïnterpreteer word om fiksie as literêre en kunsvorm in te sluit:

Arts-based practices help qualitative researchers access and represent the multiple viewpoints made imperceptible by traditional research methods. For the many researchers committed to accessing subjugated voices, engaging in reflexive practice,

and opening up to a public discourse, arts-based practices are a welcome alternative to traditional modes of knowledge-building.

Navorsers as agente vir verandering en vernuwing is voortdurend besig met die soeke na alternatiewe. En fiksie is presies die soeke na en verwoording van een sodanige alternatief. Volgens Bell en Desai (2011:287): “Researchers need to engage aesthetic and sensory capacities so as to create and experiment with alternative possibilities – imagining what could otherwise be.” Fiksie is een van die kragtigste maniere om die dominante verhale te ondermyn en sodoende “andersheid” te bewerkstellig, met die moontlikheid van die skep van ’n nuwe tussen-in ruimte.

Die oopmaak van perspektiewe deur die insluiting van kuns en literêre vorme van rapportering van navorsing kan help om die illusie van universele waarhede wat gebruik word om plaaslike en gemarginaliseerde stemme stil te maak, te ondermyn. Enige kunswerk, wat fiksieverhale insluit, verteenwoordig verskillende dinge vir verskillende mense en kan dus tot ontdekkende vrae en alternatiewe perspektiewe lei.

5. Terugblik

Hierdie artikel is ’n refleksie op die pad wat ons met fiksie in ons navorsing gestap het. Ons is oop en eerlik oor ons aangetrokkenheid tot fiksie as navorsingsbenadering en -metode. Die ontwikkelingspad van navorsing en navorsingsmetodes is lank en omvattend en ons wil nie die indruk skep dat ons dit alles van die tafel vee nie. Tog is ons oortuig daarvan dat die fiksiegenre ’n geldige alternatief bied en dat dit nuwe moontlikhede skep vir navorsers wat ’n behoefte het om kreatiewe uiting aan hulle verstaan en kennis te gee.

Die verbeeldingryke en fiktiewe perspektief help die navorser om iets opwindends te kan raaksien en dit so te verwoord dat dit kommunikeer, verhelder en inspireer. Hierdie genre maak deure oop vir akademiese navorsing wat meer toeganklik en opwindend is. Dit skep die potensiaal om emosie en sintuiglike ervarings in die rapportering van navorsing in te werk en nuwe moontlikhede te ontgin.

Bibliografie

Alvermann, D. en G. Hruby. 2003. Fictive representation: An alternative method for reporting research. In Flood, Lapp, Squire en Jensen (reds.) 2003.

Anderson H. en H.A. Goolishian. 1988. Human systems as linguistic systems: Preliminary and evolving ideas about the implications for clinical theory. *Family process*, 27(4):371–93.

Banks, A. en S. Banks. 1998. *Fiction and social research: By fire or ice*. Walnut Creek, CA: Altamira Press.

Barone, T. 2016a. Creative nonfiction and social research. In Barone (2016b).

—.2016b. *Handbook of the arts in qualitative research: Perspectives, methodologies, examples, issues*. Thousand Oaks: SAGE Publications.

Bell, L.A. en D. Desai. 2011. Imagining otherwise: Connecting the arts and social justice to envision and act for change. *Equity & Excellence in Education*, 44(3):287–95.

Caine, V., M.S. Murphy, A. Estefan, D.J. Clandinin, P. Steeves en J. Huber. 2016. Exploring the purposes of fictionalization in narrative inquiry. *Qualitative Inquir*, 23(3):215–21.

Clandinin, D.J. en F.M. Connelly. 1989. Narrative and story in practice and research. <http://eric.ed.gov/?id=ED309681> (19 Julie 2015 geraadpleeg).

—. 1998. Stories to live by: Narrative understandings of school reform. *Curriculum Inquiry*, 28(2):149–64.

—. 2000. *Narrative inquiry: Experience and story in qualitative research*. San Francisco: Jossey-Bass Publishers.

Clough, P. 1995. *Making difficulties: Research and the construction of special educational needs*. Londen: Paul Chapman.

—. 1999. Crises of schooling and the “Crisis of representation”: The story of Rob. *Qualitative Inquiry*, 5(3):428–48.

—. 2002. *Narratives and fictions in educational research*. Philadelphia: Open University Press.

Daiute, C. en C. Lightfoot (reds.). 2004. *Narrative analysis: Studying the development of individuals in society*. Thousand Oaks, CA: SAGE.

Denzin, N.K. en Y.S. Lincoln (reds.). 2011. *The handbook of qualitative research*. Newbury Park, CA: Sage

De Oliveira Andreotti, V. 2016. (Re)imagining education as an un-coercive re-arrangement of desires. *Other Education: The Journal of Educational Alternatives*, 5(1):79–88.

Eisner, E.W. 1997. The promise and perils of alternative forms of data representation. *Educational Researcher*, 26(6):4–10.

Eliastam, J. Interrupting separateness, disrupting comfort: An autoethnographic account of lived religion, *ubuntu* and spatial justice. *HTS Teologiese Studies / Theological Studies*, 72, November 2016. <http://www.hts.org.za/index.php/HTS/article/view/3488> (12 Maart 2017 geraadpleeg).

Ellis, C. en A.P. Bochner. 2000. Autoethnography, personal narrative, reflexivity: Researcher as subject. In Denzin en Lincoln (reds.) 2000.

—. 2006. Analyzing analytic autoethnography: An autopsy. *Journal of Contemporary Ethnography*, 35(4):429–51.

Flood, J., D. Lapp, J. Squire, en J. Jensen (reds.). 2003. *Handbook of Research on Teaching the English Language Arts*. 2de uitgawe. Mahwah, NJ: Erlbaum.

hooks, b. 2003. *Teaching Community. A pedagogy of Hope*. New York: Routledge.

Kumashiro, K. 2000. Toward a theory of anti-oppressive education. *Review of Educational Research*, 70(1):25–53.

—. 2002. *Troubling education: Queer activism and anti-oppressive pedagogy*. New York: Routledge Falmer.

Leavy, P. 2009. *Method meets art, arts-based research practice*. New York: The Guilford Press.

—. 2013. *Fiction as research practice. Short stories, novellas and novels*. Walnut Creek, California: Left Coast Press.

Lemmer, E. 2012. Konstruering van die akademiese *habitus*: 'n Analitiese outo-etnografie van 25 jaar in die akademiese wêreld. *LitNet Akademies*, 9(3):548–79.

Meerwald, A.M.L. 2013. Researcher/Researched: Repositioning research paradigms. *Higher Education Research & Development*, 32(1):43–55.

Müller, J.C. en L. Bosman. 2008. Prediking aan die hand van die metafoor van fiksieskryf / Preaching according to the metaphor of fiction writing. *HTS. Teologiese Studies / Theological Studies*, 64(3):1413–23.

Müller, J.C., W. van Deventer en L. Human. 2001. Fiction writing as metaphor for research: A narrative approach. *Praktiese Teologie in Suid Afrika*, 16(2):76–96.

Müller, M. 2016. A collaborative self-study of educators working towards anti-oppressive practice in higher education. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Universiteit van die Vrystaat.

Pendery, D. 2015. Temples, towers, shifting sands: “Greater truth” in historical writing. *History Compass*, 13:338–48.

Rhodes, C. en A. Brown. 2005. Writing responsibly: Narrative fiction and organization studies. *Organization Articles*, 12(4):467–91.

Richardson, L. 2000. New writing practices in qualitative research. *Sociology of Sport Journal*, 17:5–20.

Richardson, L. en E.A. St. Pierre. 2005. Writing: A method of inquiry. In Denzin en Lincoln (reds.) 2011.

Sarbin, T. 2004. The role of imagination in narrative construction. In Daiute en Lightfoot (reds.) 2004.

St. Pierre, E.A. 1997. Methodology in the fold and the irruption of transgressive data. *International Journal of Qualitative Studies in Education*, 10:175–89.

Wade, D.G. 2008. The viability of fictional research writing in academe: Explorations of process and product. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Oklahoma Universiteit.

Zembylas, M. 2007. A politics of passion in education: The Foucauldian legacy. *Educational Philosophy and Theory*, 32(2):135–49.

Zembylas, M., P. Charalambous en C. Charalambous. 2012. Manifestations of Greek-Cypriot teachers' discomfort toward a peace education initiative: Engaging with discomfort pedagogically. *Teaching and Teacher Education*, 28:1071–82.

Eindnotas

¹ Die navorsingsprojek oor ubuntu is interdisiplinêr van aard en word befonds deur die Templeton World Charity Foundation. Julian Müller is saam met Christof Heyns (Regte) en Maxi Schoeman (Politieke Wetenskappe) deel van die span wat onder leiding van James Ogude (Afrika-letterkunde) werk en is verantwoordelik vir die teologiese aspekte van die navorsing.

² Die boekvoorstel is aan Routledge-uitgewers voorgelê en is tans onder oorweging. Die werktitel van die boek is *Ubuntuville: The unfolding story of an Ubuntu research project*.

Die invloed van selfgerigteleergereedheid op die aanleer van die blindtiktegniek

Elsie Lubbe

Elsie Lubbe, Fakulteit Opvoedingswetenskappe, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

Opsomming

Die QWERTY-toetsbord word wêreldwyd gebruik om data op rekenars in te tik. Mense wat oor die blindtiktegniek ten opsigte van toetsbordvaardigheid beskik, is in staat daartoe om data baie vinniger in te tik. Dit blyk uit die literatuur dat toetsbordvaardigheid volgens die blindtiktegniek bydra tot hoër produktiwiteit ten opsigte van die invoer van data op rekenars en daarom is dit noodsaaklik dat rekenaargebruikers hierdie vaardigheid moet aanleer.

Studente van die opleidingsinrigting waaraan die outeur verbonde is wat van voorneme was om Rekenaartoeëpassingstechnologie (RTT) op skool te gaan onderrig, moes 'n toetsbordvaardigheid-handleiding (voortaan TBV-H) saamstel ten einde hulle eie toetsbordvaardigheidsvlak te verbeter en hulle in staat te stel om toetsbordvaardigheid volgens die blindtiktegniek vir RTT-leerders te kan onderrig. Verskeie spoedtoetse is getik om hulle toetsbordvaardigheidsvlak te bepaal.

Die studente het ook 'n selfgerigteleergereedheidsvlak-vraelys ingevul, met die doel om hul selfgerigteleergereedheidsvlak te bepaal. Die doel van die navorsing was enersyds om te bepaal of die saamstel van 'n toetsbordvaardigheid-handleiding wat aan bepaalde kriteria voldoen, kan bydra tot die aanleer of die verbetering van toetsbordvaardigheid, en andersyds om te bepaal of selfgerigteleergereedheid 'n invloed het op die verhoging van / toename in tikaanslae-telling. Uit die navorsingsresultate het dit oor die algemeen geblyk dat dié studente met 'n gemiddelde selfgerigteleergereedheidsvlak en dié met 'n hoë selfgerigteleergereedheidsvlak se aantal aanslae in die natoets in 'n redelike mate toeneem het. Hierteenoor het studente met 'n hoë selfgerigteleergereedheidsvlak, en dié wat minder as 1 500 aanslae in die voortoets getik het, se aanslae in die natoets aansienlik toeneem.

Trefwoorde: blindtik; mik-en-tik; motoriese vaardigheid; selfgerigte leer; selfgerigteleergereedheidsvlak; selfleer; selfonderrig; toetsbordvaardigheid

Abstract

The influence of self-directed learning readiness level on the acquisition of the technique of touch-typing

The QWERTY keyboard is used worldwide to key in data on computers. People who possess the technique of touch-typing with regard to keyboard skills are able to key in data much faster. It is evident from the literature that keyboard skills using the technique of touch-typing contribute to higher productivity with regard to keying in of data on computers, and for this reason it is essential that computer users acquire this skill.

Mastery of the technique of touch-typing is related to skill mastery, and this technique is regarded as a task-specific skill, which must be mastered through training and practice (Baker and Rogers 2010:243). Skill mastery is defined as the change that occurs in internal processes associated with exercise or experience, and which determines whether a person is able to master or execute a skill (Seidler, Bo, Joaquin and Anguera 2012:445).

From the literature it is evident that in certain respects there is a link between handwriting and keyboard skills (Weintraub, Gilmour-Grill and Weiss 2012). Just as automation of handwriting contributes to a learner's being able to focus more on the planning and organising of thoughts during the writing process, the fact that a QWERTY keyboard-skilled user does not need to think about where the keys are on the keyboard likewise makes it possible for the computer user, in respect of conceptual typing, to devote more attention to sentence construction and structuring of paragraphs (Saperstein Associates 2012; Trubek 2011). Individuals are considered to be keyboard-skilled/-competent if they are able to master the skill in a minimum amount of time, with little energy expenditure and a high degree of accuracy, consistency, and adaptability (Russon and Wanous 1973:69).

Keyboard skill is regarded as a complex psychomotor skill, and although mastery of keyboard skills using touch-typing should preferably be acquired through structured teaching (Gillmon 1991) and should be practised by purposeful practice (Ericsson, Krampe and Tesch-Römer 1993:368), computer users with a certain level of self-directed learning readiness may also master the ability on their own.

Self-instruction is a way of learning, and involves, among other things, a person's independent planning, organising, directing, strengthening and evaluating of his or her own learning without a teacher's encouragement/support (Foreman and Turner 2000). In order to apply self-instruction successfully, it is also essential that the learner should know how to make decisions about all aspects of learning, including formulating objectives, monitoring progress, and choosing and using techniques to evaluate whether learning has taken place (Holec 1980). Regarding self-instruction in acquiring the technique of touch-typing, self-teaching learners may, among other things, choose to use certain software (Andruske 2000), for example Mavis Beacon (HMH Consumer Company 2011), or courses like Massive Open Online Courses (MOOCs) (Gutiérrez-Rojas, Alario-Hoyos, Pérez-Sanagustín, Leony and Delgado-Kloos 2014:43). This way of learning requires the learner to have self-discipline and reflective capability (Tamilarasan and Hema 2016), which relate to the concept of self-directed learning (Tamilarasan and Hema 2016; Touati 2016; Ichimura 2015). Other characteristics of self-directed learners are the ability to take ownership of own learning and the ability to manage and monitor own learning (Chee, Divaharan, Tan and Mun 2011).

The term *self-directed learning* indicates a process during which the learner takes the initiative, with or without the help of somebody else, to identify own learning needs and formulate learning objectives related to satisfying the identified learning needs. Self-directed learners are able to identify resources (both human and study material-related) to help them during the learning process. Furthermore, they themselves choose and implement the appropriate learning strategies, and they themselves evaluate whether they have achieved the set learning outcomes (Knowles 1975:18). The extent to which learners manage their own learning depends on their attitude, ability, and personal characteristics (Fisher, King and Tague 2001:516). The readiness of a learner to apply self-directedness to learning lies on a continuum, and is present to some extent in all individuals (Fisher et al. 2001:517). In the literature, this readiness is referred to as self-directed learning readiness (Fisher et al. 2001), and it can be determined by using, among other things, the Self-Rating Scale of Self-Directed Learning (SRSSDL) (Williamson 2007).

In order to master keyboard skills using touch-typing (regardless of whether it will be mastered through direct teaching or indirect teaching), the computer user should focus on a specific purpose and commit to deliberate practice. Deliberate practice relates to the deliberate practice theory (Ericsson et al. 1993:400). Key aspects of deliberate practice include focused attention on a particular task, repeated drills over a long period, interpretation of continuous feedback on progress, formulation of specific goals related to the skill that must be practised and mastered, self-perception and self-reflection of performance and progress, as well as reflection on progress after practising has taken place (Baron et al. 2010:51–2). The deliberate practice theory applies to acquisition of a skill, and it is supported by the researcher when it comes to mastery of touch-typing, since successful mastery of this technique requires that the correct posture, location of the letters of the alphabet on the keyboard, and assessment of which letters of the alphabet need to be learnt over a period of time must be deliberately and repeatedly practised. This practice requires timely feedback. The activities of practising (repeated drills) require effort, and they are often not pleasant tasks (Gobet 2012).

The connection between keyboard skills using touch-typing, the deliberate practice theory, self-directed learning, and self-directed learning readiness level may be in computer users' aptitude and self-perception of their own ability to formulate goals, to identify self-resources that they can use to acquire the skill, to practise with focus, and to monitor their progress in order to ensure that the stated goal has been achieved.

Students of the training institution with which the author is affiliated who intended to teach Computer Applications Technology (CAT) at school had to compile a keyboard skills manual in order to improve their own keyboard skills level to enable them to teach keyboard skills using touch-typing to CAT learners. Several speed tests were typed to determine their keyboard skills level. The students also completed a self-directed learning readiness level questionnaire, with the aim of determining their self-directed learning readiness level. The purpose of the research was, on the one hand, to determine whether compilation of a keyboard skills manual that meets certain criteria can contribute to the acquisition or improvement of keyboard skills and, on the other hand, to determine whether self-directed learning readiness level has an influence on increasing keystrokes. From the results of the research it appeared that the keystrokes of those students with an average self-directed learning readiness level and those students with a high self-directed learning readiness level had increased to a reasonable extent in the post-test. Contrasting with these findings, the

keystrokes of those students with a high self-directed learning readiness level and those students who scored fewer than 1 500 keystrokes in the pre-test increased significantly in the post-test.

Keywords: hunt-and-peck; keyboard skills; motor skills; self-directed learning readiness level; self-directed learning; self-learning; self-teaching; touch-typing

1. Inleiding

Die QWERTY-toetsbord was deel van die eerste tikmasjiene wat in 1868 deur Christopher Latham Sholes ontwerp is (Kay 2013; Hempstalk 2006). Ten spyte van die polemieke rakende die uitleg van die toetsbord is dit steeds die mees aanvaarde uitleg van rekenaartoetsborde, slimfone en tablette (Gkoumas, Komninos en Garofalakis 2016).

In die praktyk maak mense tans van verskillende tegnieke gebruik om data via hierdie soort toetsbord in te tik of te onttrek / af te laai. Van die algemeenste tegnieke wat gebruik word, is blindtik (*touch-typing*), mik-en-tik (*hunt-and-peck*), duimtik (*thumbing*) en *buffering* ('n kombinasie van blindtik en mik-en-tik) (Scott, Rezai, Ruszkowski, Bi en Balakrishnan 2010:171). Aangesien produktiwiteit 'n wagwoord van ons tyd geword het, is dit belangrik om die effektiwste metode of tegniek vir die intik van en soek na data en elektroniese kommunikasie van inligting deur middel van 'n verskeidenheid toestelle te kan gebruik.

2. Agtergrond en probleemstelling

Toetsbordvaardigheid word as 'n noodsaaklik vaardigheid in die 21ste eeu beskou (Salisbury 2016; Renaissance Learning 2007), aangesien dit bepaalde voordele vir die gebruikers daarvan inhou. Uit die literatuur blyk dit dat mense wat volgens die blindtiktegniek kan tik, vinniger data kan intik as diegene wat nie oor die tegniek beskik nie (Salisbury 2016). Bemeestering van hierdie tegniek dra verder daartoe by dat werknemers effektiewer en akkurater is in die uitvoering van werk wat met rekenaargebruik verband hou (Renaissance Learning 2007). Leerders wat die tegniek al op laerskool bemeester het se skryfvaardigheid is van hoër gehalte in die laer- en hoërskool, en ook na skool (Pool en Preciado 2016). Leerders/studente wat nie oor hierdie vaardigheid beskik nie en wat toetse of eksamens op rekenaars moet uitvoer, onderpresteer in sulke toetse aangesien hulle nie net kan fokus op formulering van die antwoorde van die vrae nie (Russell 1999). Studente wat toetsbordvaardig is, is in staat om opdragte wat in getikte formaat ingedien moet word, vinniger uit te voer as studente wat nie oor die vaardigheid beskik nie, aangesien eersgenoemde nie hoef te konsentreer op hóé om die data in te tik nie, maar net kan fokus op wat hulle moet tik (TypingMaster 2014a; 2014b; Trubek 2011).

Toetsbordvaardigheid word beskou as 'n komplekse psigomotoriese vaardigheid (Olsen, ORT en Knapton 2015:2; Gillmon 1991:1) en is dus nie 'n vaardigheid waarmee 'n mens gebore word nie, maar wat, soos om te kruip, te loop en fiets te ry, aangeleer moet word (Olsen e.a. 2015:2; Baker en Rogers 2010:243). Gebrekkige kennis van wat die regte manier is om die vaardigheid aan te leer veroorsaak dat talle rekenaargebruikers die mik-en-tik-

tegniek aanleer (Trubek 2011), en dit terwyl die blindtiktegniek as die effektiëfste (Salisbury 2016; Rodgers 1997) beskou word. Daar word in die literatuur na individue wat laasgenoemde tegniek kan gebruik, verwys as vaardige tikkers/tiksters (*skilled typists*) en individue wat die mik-en-tik-tegniek gebruik, as leerling-tikkers/- tiksters (*novice typists*) (Yamauchi en Logan 2016:593).

Volgens Ober (2011) behoort daar baie klem op die bemeestering van die blindtiktegniek geplaas te word, aangesien daar in die werksomgewing van persone verwag word om ongeveer 60 woorde per minuut (wpm) te kan tik om in 'n kantoor-/administratiewe pos in diens geneem te word. Ten spyte van hierdie aanbeveling van Ober blyk dit uit die literatuur dat daar steeds nie genoeg klem gelê word op die onderrig van toetsbordvaardigheid volgens die blindtiktegniek nie. Navorsing wat deur Microsoft gedoen is, het aan die lig gebring dat 41% van die Britse werknemers, 38% van die Britse studente en 29% van die Britse ouers wat by die navorsing betrek is, van mening was dat daar nie genoeg klem gelê word op die aanleer van toetsbordvaardigheid volgens die blindtiktegniek nie (Microsoft Corporation 2014).

Dit wil voorkom of die waarde van hierdie tegniek ongelukkig ook nie in Suid-Afrika beseef word nie, aangesien daar in die Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum in die grondslagfase (grade 1–3) en in die intermediêre fase (grade 4–6) geen tyd afgestaan word aan die onderrig of aanleer van blindtik by die bemeestering van toetsbordvaardigheid nie. Dieselfde geld ook vir die senior fase (grade 7–9) (Departement van Onderwys 2011a:5, 10, 16). Dit is egter belangrik dat hierdie vaardigheid op 'n vroeë ouderdom aangeleer word om te verseker dat dit *reg* aangeleer word (Renaissance Learning 2007).

Die aanleer van die mik-en-tik-tegniek kan 'n nadelige invloed hê op die doeltreffende gebruik van die toetsbord (Renaissance Learning 2007; Gillmon 1991:11). Indien die mik-en-tik-tegniek reeds aangeleer is, word dit baie moeilik afgeleer (Renaissance Learning 2007; Rogers 1997). Beperkte geleenthede om die blindtiktegniek reeds in die laerskool aan te leer dra daartoe by dat leerders genoodsaak is om van verskillende metodes (onder andere selfonderrig) gebruik te maak om toetsbordvaardigheid te bemeester en kan moontlik 'n rede wees waarom so baie leerders in Suid-Afrikaanse skole (en studente op universiteite) steeds die mik-en-tik-tegniektoepas wanneer data via die QWERTY-toetsbord ingetik word (Renaissance Learning 2007). Selfonderrig verg 'n bepaalde ingesteldheid en vermoëns van die leerder ten opsigte van leer, en kan in verband gebring kan word met selfgerigte leer.

In die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel kry slegs leerders wat Rekenaartoeëpassingstechnologie (RTT) in die Verdere Onderwys- en Opleiding- (VOO-) fase kies, die geleentheid om die blindtiktegniek aan te leer (Departement van Onderwys 2011a:23, 38, 43). Hierdie situasie is kommerwekkend, gegewe die feit dat in lande soos Finland die blindtiktegniek in plaas van handskrif sedert die begin van 2016 aan leerders op skool onderrig word (Blair 2015).

Toetsbordvaardigheid maak deel uit van die vaardighede wat RTT-onderwysers in 'n beperkte hoeveelheid tyd in die RTT-klas aan RTT-leerders moet onderrig (Departement van Onderwys, 2011b:19, 22). Uit die literatuur blyk dit dat baie onderwysers wat hierdie vaardigheid moet onderrig, nie oor die ervaring beskik om die vaardigheid doeltreffend te onderrig nie (Renaissance Learning 2007:7). Ten einde aspirant-RTT-onderwysers wat studeer aan die universiteit waaraan ek verbonde is te bemaëtig om wel hierdie vaardigheid in die praktyk te kan onderrig, word daar tydens die studente se opleiding geleentheid geskep

om hulle bestaande toetsbordvaardighede te verfyn of die blindtikvaardigheid te bemeester. Daar word gepoog om hulle in staat te stel om in die beperkte tyd wat in die kurrikulum daarvoor opsy gesit is, die blindtiktegniek met kundigheid te onderrig. In hierdie proses kom die vraag ook na vore of die vlak van selfgerigte leer waaroor die studente beskik, enige invloed het op die mate waarin hulle die blindtiktegniek bemeester (Andruske 2000).

Die voorgaande agtergrondskets het die volgende navorsingsvrae na vore geroep:

- (i) In welke mate kan die saamstel van 'n toetsbordvaardigheid-handleiding daartoe bydra dat aspirant-RTT-onderwysers toetsbordvaardigheid volgens die blindtiktegniek aanleer of hulle bestaande toetsbordvaardighede verfyn/verbeter?
- (ii) Watter verband bestaan daar tussen die punt wat die studente vir die saamstel van die toetsbordvaardigheid-handleiding verwerf het en die tikaanslae (voortaan slegs as “aanslae” aangedui) wat hulle in die spoedtoetse behaal het?
- (iii) Watter invloed het studente se selfgerigteleergereedheidsvlak op die aantal aanslae wat hulle in spoedtoetse behaal nadat hulle die geleentheid gegun is om 'n toetsbordvaardigheid-handleiding volgens bepaalde voorskrifte saam te stel om die blindtiktegniek te bemeester en/of te verbeter?

Die doel van hierdie artikel is om verslag te lewer oor die bevindinge van navorsing gerig op die beantwoording van hierdie drie navorsingsvrae. Om hierdie doel te kan bereik is die res van die artikel soos volg gestruktureer: Die volgende afdeling bevat die konseptueel-teoretiese raamwerk waarop die ondersoek gefundeer is. Daarna volg 'n verslag oor die empiriese ondersoek wat uitgevoer is, en dan die bevindinge en 'n bespreking daarvan. Die artikel word afgerond met 'n gevolgtrekking, enkele aanbevelings en 'n samevatting.

3. Konseptueel-teoretiese raamwerk

Die beskikbaarheid van rekenaars, slimfone en tablette dra daartoe by dat individue van verskillende ouderdomsgroepe hulleself verskillende toetsbordvaardigheidsmetodes leer om data via die QWERTY-toetsbord in te voer (Salisbury 2016). Hierdie metodes verskil van die geykte blindtikmetode (Logan, Ulrich en Lindsey 2016:2) wat sedert die 1870's as standaardtikmetode onderrig is (Renaissance Learning 2007:3). Van die metodes wat so op spontane wyse aangeleer word, is onder andere die mik-en-tik-metode (Trubek 2011) en buffering (AMC The School of Business 2012).

Individue wat die blindtiktegniek bemeester het, is in staat daartoe om data met agt of tien vingers in te voer sonder om te kyk waar die sleutels op die toetsbord lê (Renaissance Learning 2007:3). Hierdie tegniek word bo die mik-en-tik-tegniek (Baker en Rogers 2010:243) aanbeveel, aangesien laasgenoemde 'n negatiewe invloed het op die produktiwiteit van die rekenargebruiker (Gillespie en Leader 2005). Individue wat die mik-en-tik-tegniek toepas, tik hoofsaaklik met een, twee, vier of ses vingers (Keynomics 2014). Die posisie van die alfabetletters op die QWERTY-toetsbord word selde in die motoriese geheue gestoor (Piepgrass 2006), gevolglik moet die persoon altyd eers 'n letter op die toetsbord soek voordat dit getik kan word (Anderson 2014).

Toetsbordvaardigheid word in die breë as 'n komplekse, fyn asook perseptueel-motoriese vaardigheid beskou, aangesien dit vaardige bewegings van die hande en vingers verg (Marom en Weintraub 2015:209; Baker en Rogers 2010:243; Rieger 2004:555). Bemeestering van die blindtiktegniek hou verband met vaardigheidsbemeestering, en hierdie tegniek word as 'n taakspesifieke vaardigheid beskou wat deur opleiding en oefening bemeester moet word (Baker en Rogers 2010:243). Vaardigheidsbemeestering word gedefinieer as die verandering wat plaasvind in interne prosesse wat gepaard gaan met oefening of ervaring, en wat bepaal of 'n persoon in staat is daartoe om 'n vaardigheid te bemeester of uit te voer (Seidler, Bo, Joaquin en Anguera 2012:445). Die blindtiktegniek as vaardigheid is 'n komplekse vaardigheid wat vereis dat die individu tyd moet afstaan en 'n doelbewuste poging moet aanwend om dit in te oefen met die doel om toetsbordvaardigheid te bemeester (Kolovelonis en Goudas 2013:193; Yechiam, Erev e.a. 2003:1; Gillmon 1991).

Alhoewel motoriese vaardighede heelwat van mekaar kan verskil ten opsigte van aard en kompleksiteit, word die proses van die aanleer van vaardighede meestal aan drie fases gekoppel (Wulf 2003).

Die eerste fase wat 'n individu tydens die aanleer van 'n motoriese vaardigheid onder die knie moet kry, staan bekend as die kognitiewe fase (Wulf 2003; Gillmon 1991:10). Bewegings wat tydens hierdie fase uitgevoer word, is meestal stadig en individue kan van verskillende tipes selfgesprek gebruik maak om hulle gemotiveerd te hou met betrekking tot die aanleer van die vaardigheid (Bahari, Shojaei en Mokhtari 2012:1200).

Die tweede fase wat onder die knie gekry moet word, staan bekend as die assosiasiefase (Wulf 2003; Gillmon 1991). In die konteks van die aanleer van die blindtiktegniek is die vingerbewegings van die individu na die verskillende toetse tydens hierdie fase meer vloeiend en dink die individu nie meer doelbewus waar die toetse op die toetsbord lê nie, aangesien 'n bepaalde assosiasie gemaak word tussen die vingerbeweging en die betrokke karakter op die toetsbord (Terri en Atwell 2009).

Die laaste fase staan bekend as die outomatiese fase. Bewegings wat tydens hierdie fase uitgevoer word, is akkuraat, konsekwent en doelmatig (Wulf 2003). Waar die individu tydens die eerste fase hoofsaaklik letter vir letter tik en tydens die tweede fase woord vir woord, is die individu tydens hierdie derde fase daartoe in staat om sinne te tik so ver as wat die oogspan op die bronteks strek (indien die invoer van data verband hou met kopieertik).

Uit die literatuur blyk dit dat daar in sekere opsigte 'n verband bestaan tussen met die hand skryf en toetsbordvaardigheid (Weintraub, Gilmour-Grill en Weiss 2012). Net soos outomatisering van letters/syfers skryf met 'n pen/potlood daartoe bydra dat 'n leerder meer op die beplanning en organisering van gedagtes tydens die skryfproses kan fokus, maak die feit dat 'n QWERTY-toetsbordvaardige rekenaargebruiker nie nodig het om te dink oor waar die toetse op die toetsbord lê nie, dit eweneens vir die rekenaargebruiker ten opsigte van konseptuele tik moontlik om meer aandag te gee aan sinskonstruksie en die strukturering van paragrawe (Saperstein Associates 2012; Trubek 2011).

'n Individu word as toetsbordvaardig/-bedrewe beskou indien hy/sy in staat is daartoe om die vaardigheid in 'n minimum tyd, met min energieverbruik, 'n hoë mate van akkuraatheid, konsekwentheid en aanpasbaarheid te kan gebruik wanneer teks ingetik word via 'n QWERTY-toetsbord (Russon en Wanous 1973:69). In die konteks van hierdie navorsing

impliseer bostaande omskrywing van die vereistes vir toetsbordvaardigheid dat die individu die blindtiktegniek bemeester het wanneer hy/sy aan genoemde vereistes voldoen het. Uit die literatuur blyk dit dat die gemiddelde aantal woorde per minuut (wpm) wat verband hou met blindtik vir alledaagse rekenaargebruikers tussen 38 (1 900 aanslae) en 40 (2 000 aanslae) wissel (Ostrach 2012). 'n Individue wat die mik-en-tik-tegniek vir die invoer van data toepas, word as “funksioneel toetsbordvaardig” bestempel (Niles-Campbell, Tam e.a. 2008), aangesien die hy of sy nie aan al die kriteria voldoen wat noodsaaklik is om as bedrewe ten opsigte van toetsbordvaardigheid beskou te word nie.

Alhoewel die bemeestering van die blindtiktegniek, net soos die bemeestering van ander vaardighede, eksplisiete onderrig, oefening (Salisbury 2016; Marom en Weintraub 2015; Rieger 2007) en opleiding verg (Rieger 2004:555), maak mense ook van selfonderrig gebruik om hulleself hierdie vaardigheid te leer (Logan e.a. 2016:1; Salisbury 2016). Binne die Suid-Afrikaanse konteks kan 'n moontlike rede hiervoor wees dat die onderrig van hierdie vaardigheid nie deel vorm van die Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum nie en dat rekenaargebruikers op verskillende stadiums van hulle lewens genoodsaak voel om die vaardigheid aan te leer ten einde data op 'n QWERTY-toetsbord te kan intik. Die gebruik van selfonderrig, ook bekend as outodidaktiese onderrig (*auto-didactic education/auto-didacticism*) (Tamilarasan en Hema 2016; Peña-Lopez 2013), hou dus verband met selfgerigte leer (Tamilarasan en Hema 2016), waaroor hier onder meer gesê word. Toetsbordvaardigheid word as 'n komplekse, psigomotoriese vaardigheid beskou en alhoewel die bemeestering daarvan volgens die blindtiktegniek verkieslik deur middel van gestruktureerde onderrig aangeleer moet word (Gillmon 1991) en deur doelgerigte oefening ingeoefen moet word (Ericsson, Krampe en Tesch-Römer 1993:368) kan 'n rekenaargebruiker wat oor 'n bepaalde mate van selfgerigteleergereedheid beskik, die vaardigheid moontlik ook grootliks op eie houtjie suksesvol bemeester.

Selfonderrig is 'n manier van leer, en impliseer dat 'n individu sy/haar eie leer onafhanklik kognitief beplan, organiseer, rig, versterk en evalueer sonder die aanmoediging/ondersteuning van 'n onderwyser (Foreman en Turner 2000). Ten einde selfonderrig suksesvol te kan uitvoer is dit verder noodsaaklik dat die leerder moet weet hoe om besluite te neem oor alle aspekte van leer, insluitend die formulering van doelwitte, monitering van vordering, en die keuse en gebruik van tegnieke om te evalueer of leer plaasgevind het (Holec 1980). Wat betref selfonderrig wat verband hou met die aanleer van die blindtiktegniek, kan selfleerders onder andere kies om van spesifieke sagteware (Andruske 2000), byvoorbeeld Mavis Beacon (HMH Consumer Company 2011) of van kursusse soos die Massive Open Online Courses (MOOCs) gebruik te maak (Gutiérrez-Rojas e.a. 2014:43). Hierdie manier van leer vereis dat die leerder oor selfdisipline en refleksievermoë moet beskik (Tamilarasan en Hema 2016) en dit hou alles verband met die begrip *selfgerigte leer* (Tamilarasan en Hema 2016; Touati 2016; Ichimura 2015). Ander eienskappe van selfgerigte leerders is dat hulle eienaarskap kan neem vir eie leer, en eie leer self kan bestuur en monitor (Chee, Divaharan e.a. 2011). Uit die voorgaande kan die gevolgtrekking gemaak word dat nie enige leerder in staat sal wees om selfonderrig te gebruik om nuwe kennis of 'n vaardigheid te bemeester nie. Selfonderrig verg 'n bepaalde ingesteldheid en vermoëns van die leerder ten opsigte van leer, wat albei in verband gebring kan word met selfgerigte leer.

Selfgerigte leer verwys na 'n proses waartydens die leerder die inisiatief neem, met of sonder die hulp van iemand anders, om eie leerbehoefte te identifiseer en leerdoelwitte te formuleer wat verband hou met voldoening aan die geïdentifiseerde leerbehoefte. Leerders wat

selfgerigte leer beoefen is in staat om hulpbronne (beide menslike en studiemateriaalverwante hulpbronne) te identifiseer om hulle tydens die leerproses te help. Verder kies en implementeer hulle self die gepaste leerstrategieë, en hulle evalueer ook self of hulle die gestelde leeruitkomste bereik het (Knowles 1975:18). Die mate waartoe 'n leerder beheer oor sy eie leer aanvaar, hang af van die leerder se houding, vermoë en persoonlike karaktereenskappe (Fisher, King en Tague 2001:516). Die gereedheid van 'n leerder om selfgerigtheid ten opsigte van leer toe te pas lê op 'n kontinuum, en is tot 'n mate in alle individue teenwoordig (Fisher e.a. 2001:517). In die literatuur word na hierdie gereedheid as selfgerigteleergereedheid verwys (Fisher e.a. 2001), en dit kan bepaal word deur onder andere van die Selfwaarderingskaal van Selfgerigte Leer (SRSSDL) gebruik te maak (Williamson 2007).

Ten einde toetsbordvaardigheid suksesvol volgens die blindtiktegniek te bemeester (ongegag of dit deur middel van direkte onderrig of indirekte onderrig gaan plaasvind) behoort die rekenaargebruiker hom/haar met 'n spesifieke doel in gedagte tot doelbewuste inoefening te verbind. Doelbewuste inoefening hou verband met die aspekte van die doelbewuste-inoefeningsteorie (*deliberate practice theory*) (Ericsson e.a. 1993:400). Sleutelaspekte van doelbewuste inoefening is, onder andere, gefokusde aandag op 'n spesifieke taak, herhaalde inoefening oor 'n lang tydperk, interpretasie van deurlopende terugvoer ten opsigte van vordering, formulering van spesifieke doelwitte wat verband hou met die vaardigheid wat geoefen en bemeester moet word, selfwaarneming en selfrefleksie oor prestasie en vordering, asook refleksie oor vordering nadat oefening plaasgevind het (Baron e.a. 2010:51–2). Die aspekte van die doelbewuste-inoefeningsteorie is van toepassing op die aanleer van 'n vaardigheid, en dit word deur my ondersteun ten opsigte van die bemeestering van die blindtiktegniek, aangesien suksesvolle bemeestering van hierdie tegniek vereis dat die korrekte postuur, ligging van die alfabetletters op die toetsbord, en aanslag van watter alfabetletters oor 'n tydperk aangeleer moet word, doelbewus en herhaaldelik ingeoefen moet word. Hierdie inoefening vereis tydige terugvoer. Die aktiwiteite/inoefening (herhaaldelike inoefening) vereis inspanning, en dit is dikwels nie aangename take nie (Gobet 2012).

Toetsbordvaardigheid word as 'n komplekse psigomotoriese vaardigheid beskou en indien 'n rekenaargebruiker die vaardigheid volgens die blindtiktegniek wil bemeester, moet hy/sy spesifieke doelwitte stel en gefokus (doelbewus) oefen. Die verband tussen toetsbordvaardigheid volgens die blindtiktegniek, doelbewuste inoefeningsteorie, selfgerigte leer en selfgerigteleergereedheidsvlak lê moontlik in die rekenaargebruiker se ingesteldheid en selfpersepsie ten opsigte van sy/haar vermoë om doelwitte te formuleer, om self hulpbronne te identifiseer ten einde die vaardigheid aan te leer, om gefokus te oefen, en om sy/haar vordering te monitor ten einde te verseker dat die gestelde doelwit bereik is.

Die volgende afdeling bevat 'n verslag oor 'n empiriese ondersoek wat gedoen is om in die lig van hierdie konseptueel-teoretiese raamwerk antwoorde op die gestelde navorsingsvrae te vind.

4. Empiriese ondersoek

4.1 Navorsingsdoelwit

Die doel van die navorsing was om die gestelde navorsingsvrae te beantwoord (vgl. die probleemstelling hier bo, punt 2).

4.2 Navorsingparadigma, navorsingsontwerp en metodologie

Die navorsing is vanuit 'n kwantitatiewe postpositivistiese benadering gedoen. 'n Kombinasie van eenvoudige korrelasie (Bartsch 2013:38) en die binnegroepdeelnemers-ontwerp (Bartsch 2013:42) is gevolg.

4.3 Studiepopulasie

Die aanvanklike studiepopulasie het bestaan uit 43 studente wat die CATE 121-module in die tweede semester van hulle eerste jaar geneem het. Hierdie module is 'n verpligte module vir studente wat RTT in die Verdere Onderwys- en Opleidingsfase wil onderrig. RTT-onderwysstudente wat om die een of ander rede nie die module in hulle eerste jaar geneem of geslaag het nie, kan ook hierdie module neem, ongeag of hulle tweede-, derde- of vierdejaarstudente is.

Die aanvanklike studiepopulasie-getal het deur die loop van die semester afgeneem weens amptelike opskorting van studie deur studente, gebrekkige klasbywoning en afwesigheid tydens kontaksessies wanneer spoedtoetse getik en opdragte wat deel van die navorsing uitgemaak het, ingelewer moes word. Hierdie toedrag van sake het 'n invloed gehad op die aantal studente wie se resultate deel uitgemaak het van die data wat vir die *t*-toetse gebruik is. Uit die totale populasie van 43 het 36 studente die SRSSDL-vraelys voltooi, 31 studente het die toetsbordvaardigheid-handleiding (TBV-H) ingelewer, 31 studente het die voortoets getik en 31 studente het die natoets getik. Van die totale populasie kon 31 studente se data gebruik word.

4.4 Meetinstrumente

4.4.1 Williamson (2007) se Self-rating scale of self-directed learning (SRSSDL)

Die vraelys is voorheen reeds in die Suid-Afrikaanse konteks getoets. Die *Self-rating scale of self-directed learning* (SRSSDL)-vraelys (Williamson 2007) is aan die begin van die semester ingevul om te bepaal wat die studente se selfgerigteleergereedheidsvlak in daardie stadium was.

Die vraelys bestaan uit 65 items en dek die volgende temas: (i) bewustheid, (ii) leerstrategieë, (iii) leeraktiwiteite, (iv) evaluering en (v) interpersoonlike vaardighede (Williamson 2007).

4.4.2 Toetsbordvaardigheidhandleiding (TBV-H)

CATE 121-studente moet verskeie opdragte tydens die semester uitvoer ten einde 'n deelnamepunt op te bou om eksamentoelating in die module te verwerf. Een van die

geskeduleerde opdragte wat die CATE 121-studente moet uitvoer, is om 'n TBV-H saam te stel.

Die doel van die opdrag was drieledig van aard: (i) dit moes bydra tot die verbetering van aspirant-RTT-onderwysers se toetsbordvaardigheidsvlak; (ii) dit moes studente met kennis en vaardighede toerus sodat hulle in die toekoms toetsbordvaardigheid volgens die blindtiktegniek in 'n minimum tydperk aan RTT-leerders sou kon onderrig, en (iii) studente moes via die saamstel van die handleiding bewys kon lewer daarvan dat hulle die teoretiese inligting wat verband hou met die aanleer van toetsbordvaardigheid tydens die saamstel van die handleiding prakties sou kon toepas.

Ten einde aan die eise van doelwit (i) te voldoen moes die studente besluit van watter hulpbronne hulle gebruik gaan maak om hulle eie toetsbordvaardigheidsvlak te verbeter, spesifieke doelwitte vir hulleself stel, gefokus/doelgerig oefen en ook hulle vordering monitor om seker te maak dat hulle die gestelde doelwitte bereik. Vir voldoening aan doelwit (ii) moes hulle eers besin oor die teoretiese kennis wat hulle verwerf het in die leereenheid wat verband hou met die historiese ontwikkeling van die QWERTY-toetsbord. Dié kennis het die studente in staat gestel om te besluit watter sagtewareprogram/handboek/MOOC gepas is vir die aanleer van toetsbordvaardigheid. Indien hulle van direkte onderrig gebruik wou maak om die vaardigheid te bemeester, het die kennis hulle gehelp om te besluit in watter volgorde die alfabetletters (toetse) aangeleer moet word, hoeveel alfabetletters per sessie aangeleer moet word, en hoeveel sessies geskeduleer moet word vir die bemeestering en inoefening van die vaardigheid.

'n Raamwerk vir die struktuur van die handleiding is vooraf aan die studente verskaf, asook 'n rubriek waarvolgens die handleiding geassesseer sou word. Geen klastyd is vir die uitvoering van die opdrag gebruik nie.

4.4.3 Spoedtoetse

'n Spoedtoets hou verband met kopieertik en word afgeneem om te bepaal hoeveel aanslae in 'n gegewe tydperk gemaak word, en kan dus gebruik word om 'n rekenaargebruiker se toetsbordvaardigheidsvlak te bepaal. 'n Aanslag kan 'n alfabetletter/leesteken/syfer wees wat getik is of 'n spasiebalk wat gedruk word. 'n Formule word gebruik om die aanslae in woorde per minuut uit te druk. 'n Afrikaanse spoedtoets en Engelse spoedtoets is hiervoor as voortoetse en natoetse aangewend.

4.5 Data-insameling

Die SRSSDL-vraelys is tydens 'n geskeduleerde kontakssessie ingevul. Die vraelys was in Afrikaans en Engels beskikbaar en is aan die begin van die semester ingevul. Na aanleiding van die data wat uit die ingevulde vraelyste bekom is, is die studente se selfgerigteleergereedheidsvlak as laag, gemiddeld en hoog gekategoriseer.

Hierdie kategorisering is gebruik om te bepaal of daar 'n verskil voorgekom het tussen die aantal aanslae wat in die spoedtoetse deur studente behaal is wat met 'n lae, gemiddelde en hoë selfgerigteleergereedheidsvlak gekategoriseer is nadat hulle 'n TBV-H saamgestel het om self toetsbordvaardigheid aan te leer of hulle bestaande toetsbordvaardigheidsvlak te verbeter.

Die TBV-H wat die studente saamgestel het, is volgens 'n rubriek nagesien. Die handleiding het uit 165 punte getel en dit is tot 'n persentasie verwerk. Die volgende kriteria is tydens die nasien van die TBV-H gebruik: die seleksie van 'n gepaste onderrigbenadering en -metode vir die onderrig van die blindtiktegniek, strukturering van lesinhoud, volgorde van toets (alfabetletter) en die aantal toetse (alfabetletters) op die toetsbord wat per les onderrig word, en die koppeling van assosiasiestrekkings aan verskillende alfabetletters.

Studente se toetsbordvaardigheidsvlak is aan die begin van die semester (Voortoets: Spoedtoets 1 A Aug 2014) sowel as aan die einde van die semester (Natoets: Eks Spoedtoets) bepaal. Die duur van elke spoedsessie was 10 minute per spoedtoets en die aanslae is met behulp van een van Microsoft Word se woordverwerkingsfunksies (Word count) bepaal.

4.6 Dataverwerking

Die data wat uit die invul van die SRSSDL-vraelys bekom is, is benut om studente volgens hul selfgerigteleergereedheidsvlak te kategoriseer.

Respondente wat 'n punt van tussen 60 en 140 vir die vraelys verwerf het, is as studente met 'n lae selfgerigteleergereedheidsvlak beskou, terwyl respondente met 'n punt van tussen 141 en 220 as studente met 'n gemiddelde selfgerigteleergereedheidsvlak beskou is, en dié wat 'n punt van tussen 221 en 300 verwerf het, as studente met 'n hoë selfgerigteleergereedheidsvlak (Williamson 2007).

'n Rubriek met spesifieke kriteria is gebruik om RTT-studente se vermoëns te bepaal om 'n die TBV-H saam te stel wat gebruik kan word vir die onderrig van toetsbordvaardigheid. Van die kriteria wat in die rubriek voorgekom het, was onder andere die keuse van 'n gepaste onderrigbenadering en -metode vir die aanleer van die blindtiktegniek, strukturering van lesinhoud, volgorde waarin die toetse (alfabetletters) en die aantal toetse (alfabetletters) wat per les onderrig word, en die koppeling van assosiasiestrekkings aan verskillende alfabetletters.

Die aanslae van elke student se spoedtoets is op die toets aangedui. In die praktyk word daar van 'n gestandaardiseerde nasienskema gebruik gemaak waarvolgens spoedtoetse nagesien en 'n punt en endossement toegeken word. In hierdie navorsing is die spoedtoetse nie nagesien ten opsigte van foute nie, en 'n spoedendossement is ook nie op die spoedtoets aangedui nie. Die rede hiervoor is dat volgens die gestandaardiseerde nasienskema, punte en 'n spoedendossement vir 'n spoedtoets toegeken kan word slegs indien 'n volledige spoedvlak bereik is. Indien die spoedtoetse op hierdie manier nagesien sou word, sou geringe verbeteringe (byvoorbeeld 1–250 aanslae) nie gerapporteer kon word nie. Om van een spoedvlak na 'n volgende te verbeter vereis dat 'n student minstens 250 aanslae meer per spoedgrens moet tik.

Korrelasies is bepaal ten opsigte van die punt wat die studente vir die saamstel van die handleiding verwerf het en die aantal aanslae wat hulle in die spoedtoetse getik het.

Verskeie *t*-toetse met betrekking tot die beskikbare data is tydens hierdie navorsing afgeneem. Vir die interpretasie van effekgroottes (ook bekend as Cohen se *d*-waardes) is die volgende waardes gebruik: $d = 0,2$: klein effekgrootte, $d = 0,5$: medium-effekgrootte en $d =$

0,8: groot effekgrootte (Steyn 2007:20). Die doel van die verskillende *t*-toetse word afsonderlik saam met elke *t*-toets verduidelik.

Die data van die verskillende *t*-toetse is deur die statistiese konsultasiediens van die betrokke universiteit verwerk. Die SAS-pakket (SAS Institute Incorporated 1996) is daarvoor gebruik.

4.7 Etiese aspekte

Hierdie ondersoek is binne 'n geregistreerde navorsingsprojek uitgevoer. Aangesien die saamstel van die handleiding en die tik van spoedtoetse deel uitmaak van die assesseringplan van die kursus is die studente se instemming hiertoe nie gevra nie. Studente moes die handleiding saamstel ongeag of hulle ingestem het om aan die navorsing deel te neem of nie. Studente was onder geen verpligting om die SRSSDL-vraelys in te vul nie. Slegs studente wat die SRSSDL-vraelys voltooi het, die handleiding ingelewer het en die voortoets (Voortoets: Spoedtoets 1 A, Aug 2014) sowel as die natoets (Natoets: Eks Spoedtoets) getik het se data is in hierdie navorsingsprojek gebruik. Alle navorsingsresultate is as streng vertroulik hanteer.

4.8 Betroubaarheidsaspekte

Die Cronbach Alpha-koëffisiënte ten opsigte van die reeds genoemde verskillende temas in die vraelys, naamlik (i) bewustheid, (ii) leerstrategieë, (iii) leeraktiwiteite, (iv) evaluering en (v) interpersoonlike vaardighede het gewissel tussen 0,76 en 0,88 (Williamson 2007). Dit dui op 'n bevredigende mate van interne betroubaarheid van Meetinstrument 1.

4.9 Bevindings en bespreking

4.9.1 Selfgerigteleergereedheidsvlak

Na aanleiding van die punt wat elke student vir die invul van Williamson (2007) se SRSSDL-vraelys verwerf het, is 'n spesifieke prosedure gevolg om die respondente in die volgende drie kategorieë in te deel (tabel 1.1):

Tabel 1.1. Selfgerigteleergereedheidsvlak van eerstejaar-RTT-onderwysstudente wat CATE 121 as module neem

Kategorisering van selfgerigteleergereedheidsvlak	Verspreiding
Laag (punt van 60 – 140)	0
Gemiddeld (punt van 141 – 220)	18
Hoog (punt van 221 – 300)	18
Totaal	36 (N)

Geeneen van die studente is op grond van hul invul van die SRSSDL-vraelys as iemand met 'n lae selfgerigteleergereedheidsvlak gekategoriseer nie. Daar was 18 studente wat met 'n gemiddelde selfgerigteleergereedheidsvlak en 18 wat met 'n hoë selfgerigteleergereedheidsvlak gekategoriseer is.

4.9.2 Korrelasie tussen die punt vir die toetsbordvaardigheid-handleiding (TBV-H) en die Self-rating scale of self-directed learning-vraelys (SDL Aug)

Tabel 1.2. Korrelasie tussen die punt verwerf vir die TBV-H en die SDL Aug

Spearman's se rangorde korrelasie		% vir TBV-handleiding	Punt vir SDL Aug
% vir TBV-handleiding	Korrelasiekoëffisiënt	1	-0,056
	Tweekantige p-waarde		0,768
	N	31	30
SDL Aug punt	Korrelasie-koëffisiënt	-0,056	1
	Tweekantige p-waarde	0,768	
	N	30	36

Aangesien 'n korrelasie van 0,1 op 'n klein effek dui en dus nie as prakties betekenisvol beskou kan word nie, kan uit die data van die tabel afgelei word dat daar geen statisties of prakties betekenisvolle korrelasie tussen die selfgerigteleergereedheidsvlak van die studente en die punt wat hulle vir die TBV-handleiding verwerf het, voorgekom het nie.

'n Moontlike verklaring hiervoor kan wees dat 'n student die opdrag nougeset volgens die riglyne van die rubriek uitgevoer het, maar nie tydens die saamstel van die TBV-handleiding doelbewus op die bemeestering/verfyning van sy of haar eie vaardigheid gefokus het nie.

T-toets 1 is gedoen om te bepaal of daar 'n verskil was tussen die totale populasie se Voortoets: Spoedtoets 1 A, Aug 2014 en die Natoets: Eks Spoedtoets.

'n Onafhanklike *t*-toets is gebruik om te bepaal of die saamstel van die TBV-handleiding 'n invloed gehad het op die uitslae wat die studente in die natoets (Eks Spoedtoets) behaal het. Hierdie invloed is bepaal deur die voortoetsresultate (Spoedtoets 1 A, Aug 2014) te vergelyk met dié wat vir die natoets (Eks Spoedtoets) verwerf is. P-waardes is nie bereken nie, maar slegs effekgroottes (d-waardes), aangesien daar nie van 'n ewekansige steekproef gebruik gemaak is nie. Wat die interpretasie van d-waardes betref, dui 'n d-waarde van rondom 0,5 op 'n mediumverskil en 'n d-waarde van rondom 0,8 op 'n groot verskil.

Tabel 1.3. Vergelyking van die Voortoets (Spoedtoets A, Aug 2014) met die natoets (Eks Spoedtoets)

Gepaarde <i>t</i> -toetse	Mediaan	N	Standaardafwyking	Effekgrootte
Spoedtoets 1 A, Aug 2014	1 308,19	31	415,268	0,63
Eks Spoedtoets	1 568,74	31	212,201	

Uit die d-waardes in bostaande tabel kan afgelei word dat daar 'n prakties betekenisvolle verskil bestaan tussen die aantal aanslae in die voortoets en dié in die natoets. Studente het in die natoets aansienlik beter gevaar.

Alhoewel die gereelde gebruik van die toetsbord om ander opdragte te tik ook kon bygedra het tot die groot verskil tussen die aantal aanslae van die voortoets en dié van die natoets, word aangeneem dat die saamstel van die handleiding ten minste ook 'n faktor was wat aanleiding tot die toename gegee het.

T-toets 2 is gedoen om te bepaal of die aantal aanslae van die studente wat minder as 1 500 aanslae tydens die voortoets getik het se aantal aanslae in 'n groter mate toegeneem het in die natoets as dié van die studente wat meer as 1 500 aanslae getik het.

Tabel 1.4. Studente wat minder as 1 500 aanslae of meer as 1 500 aanslae getik het.

Gepaarde <i>t</i> -toetse		Mediaan	N	Standaard-afwyking	Effekgrootte
Minder as 1 500	Spoedtoets 1 A, Aug 2014	1 148,10	21	412,224	0,84
	Eks Spoedtoets	1 494,38	21	190,346	
1 500 en meer	Spoedtoets 1 A, Aug 2014	1 644,40	10	108,652	0,74
	Eks Spoedtoets	1 724,90	10	172,004	

Uit die *d*-waardes soos in bostaande tabel aangedui, kan afgelei word dat daar 'n groot prakties betekenisvolle verskil voorkom tussen die voor- en natoets se spoedtoetsaanslae van die studente wat minder as 1 500 aanslae getik het en 'n medium tot groot prakties betekenisvolle verskil tussen die voor- en natoets se spoedtoetsaanslae van die studente wat meer as 1 500 aanslae getik het. Studente wat minder as 1 500 aanslae tydens die voortoets getik het se aantal aanslae het dus in 'n groter mate toegeneem as dié van studente wat meer as 1 500 aanslae tydens die voortoets getik het.

Die algehele toename in beide groepe se toetsbordvaardigheid kan daaraan toegeskryf word dat die studente aanvanklik van die mik-en-tik-tegniek gebruik gemaak het. Deur die toepassing van die kriteria vir die handleiding tydens die saamstel van die handleiding het hulle moontlik die blindtiktegniek bemeester of verfyn en dit het hulle moontlik daartoe in staat gestel om vinniger te tik. Die rede waarom die een groep se natoetsresultate in 'n groter mate toegeneem het, kan moontlik wees dat hulle besef het dat hulle baie oefening nodig het ten einde die tegniek te kan bemeester en daarom het hulle moontlik meer dikwels en meer gefokus geoefen vergeleke met die ander groep.

T-toets 3 is gedoen om te bepaal of dié met 'n hoë vlak van selfgerigteleergereedheid se aantal aanslae in die natoets in 'n groter mate toegeneem het as dié van studente wat met 'n gemiddelde selfgerigteleergereedheidsvlak gekategoriseer is.

Tabel 1.5. Studente met 'n gemiddelde en hoë selfgerigteleergereedheidsvlak

Gepaarde <i>t</i> -toetse		Mediaan	N	Standaard-afwyking	Effekgrootte
Gemiddelde selfgerigteleergereedheidsvlak	Spoedtoets 1 A, Aug 2014	1 178,15	13	573,800	0,67
	Eks Spoedtoets	1 562,15	13	229,727	
Hoë selfgerigteleergereedheidsvlak	Spoedtoets 1 A, Aug 2014	1 425,76	17	205,039	0,85
	Eks Spoedtoets	1 599,82	17	177,584	

Uit die *d*-waardes in bostaande tabel kan afgelei word dat daar 'n medium prakties betekenisvolle verskil voorgekom het tussen die voor- en natoetstelling van die studente wat

met 'n gemiddelde selfgerigteleergereedheidsvlak gekategoriseer is en dat daar 'n groot prakties betekenisvolle verskil was tussen die voor- en natoetstellings van die studente wat met 'n hoë vlak van selfgerigteleergereedheid gekategoriseer is.

'n Moontlike rede waarom beide groepe se aantal aanslae in die natoets verbeter het, is dat beide groepe oor 'n mate van selfgerigtheid ten opsigte van leer beskik.

T-toets 4a is gedoen om te bepaal of daar 'n verskil was in die natoetstellings van studente met 'n gemiddelde selfgerigteleergereedheidsvlak wat minder of meer as 1 500 aanslae getik het.

Tabel 1.6. Studente met 'n gemiddelde selfgerigteleergereedheidsvlak wat minder of meer as 1 500 aanslae getik het

Gepaarde <i>t</i> -toetse			Mediaan	N	Standaard-afwyking	Effekgrootte
Gemiddelde	Minder as 1 500	Spoedtoets 1 A, Aug 2014	977,56	9	583,764	0,89
		Eks Spoedtoets	1 497,56	9	213,065	
Selfgerigteleergereedheidsvlak	1 500 en meer	Spoedtoets 1 A, Aug 2014	1 629,50	4	126,097	0,62
		Eks Spoedtoets	1 707,50	4	222,157	

Uit die *d*-waardes in bostaande tabel kan afgelei word dat daar 'n groot prakties betekenisvolle verskil voorgekom het met betrekking tot die natoetstelling van die studente wat minder as 1 500 aanslae getik het en dat daar 'n medium prakties betekenisvolle verskil was ten opsigte van die natoetstellings van die studente wat meer as 1 500 aanslae getik het. Beide groepe se aantal aanslae het egter in die natoets verbeter. Die verbetering in die aantal aanslae in die natoetse kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat hulle oor 'n mate van selfgerigtheid ten opsigte van leer beskik, en dat hulle hul vordering ten opsigte van die bemeestering van die vaardigheid voortdurend monitor en verfyn terwyl hulle data via die QWERTY-toetsbord intik tydens die uitvoering van opdragte wat in getikte formaat ingehandig moet word.

T-toets 4b is gedoen om te bepaal of daar 'n verskil was in die natoetstellings van studente met 'n hoë selfgerigteleergereedheidsvlak wat minder of meer as 1 500 aanslae getik het.

Tabel 1.7. Studente met 'n hoë selfgerigteleergereedheidsvlak wat minder en meer as 1 500 aanslae getik het

Gepaarde <i>t</i> -toetse			Mediaan	N	Standaard-afwyking	Effekgrootte
Hoë selfgerigteleergereedheidsvlak	Minder as 1 500	Spoedtoets 1 A, Aug 2014	1 301,09	11	114,522	1,96
		Eks Spoedtoets	1 525,27	11	146,686	
	1 500 en meer	Spoedtoets 1 A, Aug 2014	1 654,33	6	106,832	0,77
		Eks Spoedtoets	1 736,50	6	152,440	

Uit die d-waardes in bostaande tabel kan afgelei word dat daar 'n groot prakties betekenisvolle verskil voorgekom het in die natoetstelling van die studente wat minder as 1 500 aanslae getik het en dat daar 'n medium prakties betekenisvolle verskil voorgekom het ten opsigte van die natoetstellings van die studente wat meer as 1 500 aanslae getik het.

Beide groepe se aantal aanslae het egter in die natoets verbeter. Die verbetering in die aantal aanslae in die natoetse kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat hulle oor 'n hoë mate van selfgerigtheid ten opsigte van leer beskik, en dat hulle hul vordering ten opsigte van die bemeestering van die vaardigheid voortdurend gemonitor en verfyn het terwyl hulle data via die QWERTY-toetsbord intik tydens die uitvoering van opdragte wat in getikte formaat ingelewer moet word. Die rede waarom die studente wat met 'n hoë selfgerigteleergereedheidsvlak en minder as 1 500 aanslae in die voortoets se aantal aanslae soveel groter in die natoets was, kan moontlik in verband gebring word met 'n intrinsieke gemotiveerdheid. Hierdie eienskap is eie aan selfgerigte leerders en hou verband met die formulering van doelwitte ten einde te kan leer (Knowles 1975:18).

4.10 Bespreking van die resultate

In die navorsing is die volgende bevindings gemaak:

- Daar bestaan nie 'n korrelasie tussen die selfgerigteleergereedheidsvlak van studente en die samestelling van 'n TBV-H nie. Die rede hiervoor kan moontlik wees dat die studente die opdrag streng volgens die kriteria van die rubriek wat beskikbaar was, uitgevoer het en daarom goeie punte vir die opdrag gekry het ongeag hulle selfgerigteleergereedheidsvlak.
- Die totale populasie se aantal tikaanslae het vanaf die voortoets na die natoets verbeter, ongeag die resultate van die SRSSDL-vraelys. Die rede hiervoor kan moontlik wees dat die studente se tikspoed toegeneem het omdat hulle baie opdragte in getikte formaat moes inlewer, maar dit kan ook wees omdat daar studente was wat gefokus/doelgerig geoefen het ten einde hulle tikspoed te verbeter.
- Studente met 'n hoë selfgerigteleergereedheidsvlak en wat minder as 1 500 aanslae in die Voortoets: Spoedtoets A, Aug 2014 getik het se aanslae het in die natoets Eks Spoedtoets in 'n groter mate toegeneem as dié van die studente wat ook as studente met 'n hoe selfgerigteleergereedheidsvlak geklassifiseer is, maar wat meer as 1 500 aanslae in die voortoets getik het. Die rede hiervoor kan moontlik wees dat hulle selfgerigte leerders is wat oor die vermoë beskik om vir hulleself spesifieke doelwitte te stel, gepaste hulpbronne te identifiseer, en hulle eie vordering te monitor. Aangesien hulle moontlik hulle vordering ten opsigte van die bereiking van hulle gestelde doelwitte gemonitor het, het hulle seker gemaak dat hulle gefokus/doelgerig geoefen het ten einde die toetsbordvaardigheid te bemeester volgens die blindtiktegniek, en sodoende hulle tikspoed te verbeter.
- Die navorsingsresultate bevestig dus die moontlike verband wat daar bestaan tussen die blindtiktegniek, selfgerigte leer, selfgerigteleergereedheidsvlak en aspekte van die doelbewuste-inoefeningsteorie wat in die konseptuele-teoretiese-raamwerk geskets is. Die bevestiging is moontlik omdat daar uit die resultate afgelei kon word dat alhoewel die bemeestering van toetsbordvaardigheid 'n komplekse vaardigheid is wat verkieslik deur direkte onderrig aangeleer moet word, dit tog suksesvol deur selfonderrig bemeester kan word, mits die individu 'n selfgerigte leerder met 'n hoë

selfgerigteleergereedheidsvlak is, spesifieke doelwitte stel wat verband hou met die bemeestering van die vaardigheid, en doelgerig die vaardigheid inoefen.

4.11 Gevolgtrekkings en aanbevelings

Uit die data wat uit die invul van die SRSSDL-vraelys bekom is, blyk dit dat al die studente in 'n mate as selfgerigteleerstudente beskou kan word, aangesien nie een van hulle met 'n lae selfgerigteleergereedheidsvlak gekategoriseer is nie.

Alhoewel daar geen korrelasie was tussen die punt wat die studente vir die saamstel van die TBV-handleiding verwerf het en die aantal aanslae wat hulle in die natoets getik het nie, het studente tog in die algemeen beter in die natoets gevaar as in die voortoets. Dit impliseer dat die saamstel van 'n TBV-H wat aan bepaalde kriteria moes beantwoord, tog tot die aanleer en verfyning van studente se toetsbordvaardigheid kon bygedra het.

Uit die navorsingsresultate is afgelei dat 'n student se selfgerigteleergereedheidsvlak 'n invloed het op die verhoging van sy of haar aantal aanslae (tikspoed).

Alhoewel dit uit die navorsingsresultate geblyk het dat die selfgerigteleergereedheidsvlak verband hou met die mate waarin die aanslae in die voortoets ná die natoets verbeter het, kan die moontlike effek van gefokusde inoefening van die vaardigheid (wat gekoppel word aan die doelbewuste-inoefeningsteorie) deur die studente nie geïgnoreer word nie.

Watter een van hierdie veranderlikes die grootste invloed gehad het, is debatteerbaar en skep die ruimte vir toekomstige navorsing ten opsigte van die aanleer van toetsbordvaardigheid volgens die blindtiktegniek op 'n QWERTY-toetsbord.

Voortspruitend uit die navorsingsbevindinge kan dit gestel word dat indien die selfgerigteleergereedheidsvlak van RTT-leerders op skool verbeter word, hulle moontlik daartoe in staat sal wees om toetsbordvaardigheid volgens die blindtikmetode te bemeester en verder te verfyn ten einde hulle produktiwiteit rakende die gebruik van die rekenaartoetsbord te verhoog.

4.12 Samevatting

Hierdie studie het die invloed van die saamstel van 'n toetsbordvaardigheid-handleiding om toetsbordvaardigheid volgens die blindtiktegniek te bemeester of te verfyn ondersoek, asook die invloed van 'n persoon se selfgerigteleergereedheidsvlak op die bemeestering of verfyning van toetsbordvaardigheid. Die bevindinge was dat die saamstel van 'n TBV-H moontlik kan bydra tot die verbetering en verfyning van voornemende RTT-onderwysers se toetsbordvaardigheid. Verder is ook bevind dat die invloed van doelgerigte inoefening nie buite rekening gelaat kan word wanneer 'n vaardigheid aangeleer word nie en dat selfgerigteleergereedheid eweneens ook 'n invloed op die aanleer of verfyning van toetsbordvaardigheid het. Die sleutelbydrae van hierdie studie lê in die skakel tussen die aanleer van toetsbordvaardigheid volgens die blindtiktegniek, toepassing van aspekte van die doelbewuste inoefeningsteorie, selfgerigte leer en individue se selfgerigteleergereedheidsvlak.

Bibliografie

AMC – The School of Business. 2012. Typing skill: Keyboarding. Advanced microsystems. <https://books.google.co.za/books?id=OtEpCQAAQBAJ&lpg=PA2&dq=touch%20typing%20vs%20hunt%20and%20peck%20keyboards&pg=PA2#v=onepage&q=touch%20typing%20vs%20hunt%20and%20peck%20keyboards&f=false> (29 November 2016 geraadpleeg).

Anderson, P.P. 2014. Today's computer times. Touch typing: The home row. <http://www.breitlinks.com/qwertykids/pdf/files/homeRow.pdf> (21 November 2016 geraadpleeg).

Andruske C.L. 2000. Self-directed learning as a political act: Learning projects of women on welfare. Adult Education Research Conference. <http://newprairiepress.org/cgi/viewcontent.cgi?article=2142&context=aerc> (10 Mei 2017 geraadpleeg).

Bahari, S.M., M. Shojaei en P. Mokhtari. 2012. The effect of overt and covert self-talk on the performance of force production task. *European Journal of Experimental Biology*, 2(4):1200–3.

Baker, N.A. en J.C. Rogers. 2010. Association between computer use speed and age, impairments in function, and touch-typing training in people with rheumatoid arthritis. *Arthritis Care and Research*, 62(2):242–50.

Baron, R.A. en R.A. Henry. 2010. How entrepreneurs acquire the capacity to excel: Insights from research on expert performance. *Strategic Entrepreneurship Journal*, 4:49–65.

Bartsch, R.A. 2013. Designing SoTL studies – Part II: Practicality. *New directions for teaching and learning*, 136:35–48.

Blair, D. 2015. Finland to teach typing rather than handwriting in schools. <http://www.telegraph.co.uk/news/worldnews/europe/finland/11391999/Finland-to-teach-typing-rather-than-handwriting-in-schools.html> (4 Junie 2015 geraadpleeg).

Chee, T.S., S. Divaharan, L. Tan en C.H. Mun. 2011. Self-directed learning with ICT: Theory, practice and assessment. <http://ictconnection.moe.edu.sg/ictconnection/slot/u200/mp3/monographs/self-directed%20learning%20with%20ict.pdf> (29 November 2016 geraadpleeg).

Departement van Onderwys. Sien Suid-Afrika.

Ericsson, K.A., R.Th. Krampe en C. Tesch-Romer. 1993. The role of deliberate practice in the acquisition of expert performance. *Psychological Review*, 100(3):363–406.

Fisher, M., J. King, en G. Taue. 2011. Development of a self-directed learning readiness scale for nursing education. *Nurse education today*, 21:516–25.

Foreman, K. en S. Turner. 2000. Self-instruction. San Francisco State University. <http://classroomteacher.com/800final> (13 Julie 2016 geraadpleeg).

Gillespie, G.L. en L. Leader. 2005. We can ... can they? Touch typing for first graders. <http://citeseerx.ist.psu.edu/viewdoc/download?doi=10.1.1.548.5509&rep=rep1&type=pdf> (20 Julie 2015 geraadpleeg).

Gillmon, E. 1991. Keyboarding proficiency: An essential skill in a technological age. <http://files.eric.ed.gov/fulltext/ED348557.pdf> (26 Junie 2015 geraadpleeg).

Gkoumas, A., A. Komninos en J. Garofalakis. 2016. Usability of visibly adaptive smartphone keyboard layouts <http://www.komninos.info/sites/default/files/paper10.pdf> (25 November 2016 geraadpleeg).

Gobet, F. 2012. The deliberate practice and its role in expertise development. <http://www.chrest.info/fg/chapters/Deliberate%20practice3.pdf> (26 Julie 2016 geraadpleeg).

Gutiérrez-Rojas, I., C. Alario-Hoyos, M. Pérez-Sanagustín, D. Leony en C. Delgado-Kloos. 2014. Scaffolding self-learning in MOOCs. European MOOCs stakeholders summit. http://educate.gast.it.uc3m.es/wp-content/uploads/2014/02/Scaffolding_self-learning_in_MOOCs.pdf (24 November 2016 geraadpleeg).

Hempstalk, K. 2006. The great keyboard debate: QWERTY versus Dvorak. Proceedings of NZCSRC'07, Fifth New Zealand Computer Science Research Student Conference.

HMH Consumer Company. 2011. Mavis Beacon teaches typing. <http://www.homeschoolsupercenter.com/mavis-pdfs/administratorguide.pdf> (24 November 2016 geraadpleeg).

Holec, H. 1981. *Autonomy and foreign language learning*. Oxford: Pergamon.

Ichimura, Y. 2015. Self-directed learning as a design construct for MOOCs: A phenomenological perspective. In Proceedings of E-Learn: World Conference on E-Learning in Corporate, Government, Healthcare, and Higher Education 2015 (ble. 793–8). Chesapeake, VA: Association for the Advancement of Computing in Education (AACE). <https://www.learntechlib.org/p/152095> (29 November 2016 geraadpleeg).

Kay, N.M. 2013. The QWERTY problem. http://druid8.sit.aau.dk/acc_papers/rluar3kk4i5t4gelr7j36gx9hma5.pdf (24 November geraadpleeg).

Keynomics. 2014. Case study of the effects of the Keynomics Performance System. http://www.keynomics.com/whitepapers/CS_CC_CallCenter.pdf (November 2016 geraadpleeg).

Knowles, M. 1975. *Self-directed learning: A guide for learners and teachers*. New York, NY: Association Press.

Kolovelonis, A. en M. Goudas. 2013. The development of self-regulated learning of motor and sport skills in physical education: A review. *Hellenic Journal of Psychology*, 10:193–210.

Logan, G.D., J.E. Ulrich, en D.R.B. Lindsey. 2016. Different (key)strokes for different folks: How standard and nonstandard typists balance Fitts' law and Hick's law. <http://psycnet.apa.org/index.cfm?fa=buy.optionToBuy&id=2016-49569-001> (29 November 2016 geraadpleeg).

Marom, H.W. en N. Weintraub. 2015. The effect of a touch-typing program on keyboarding skills of higher education students with and without learning disabilities. http://ac.els-cdn.com/S0891422215001511/1-s2.0-S0891422215001511-main.pdf?_tid=3be5a26c-b2e4-11e6-98d8-00000aacb35d&acdnat=1480060580_c0773a2dd55f114dee1eefdf9596a466 (25 November 2016 geraadpleeg).

Microsoft Corporation. 2014. New research reveals why typing really does matter. <http://blogs.msdn.com/b/ukschools/archive/2014/09/02/new-research-reveals-why-typing-really-does-matter.aspx> (13 Januarie 2015 geraadpleeg).

Niles-Campbell, N., C. Tam, J. Mays en G. Skidmore. 2008. Understanding the development of keyboarding skills in children with fine motor difficulties. <http://www.caot.ca/otnow/july08/keyboarding.pdf> (4 Augustus 2015 geraadpleeg).

Ober, S. 2011. Typing speed requirements for administrative positions. http://www.gdpkeyboarding.com/Word_Files/Required_Typing_Speeds.pdf (4 Augustus 2015 geraadpleeg).

Olsen, J.Z., OTR en E.F. Knapton. 2015. Keyboarding without tears. 2nd Grade Keyboarding Teacher's Guide. https://content.plusliveinsights.com/docs/2nd_Grade_KB_Teaching_Guidelines.pdf (25 November 2016 geraadpleeg).

Ostrach, R.T. 2012. How fast is average: 4 000 typing scores statistically analyzed and interpreted. <http://orbitouch.com/wp-content/uploads/2012/03/Average-OrbiTouch-Typing-Speed.pdf> (4 Junie 2015 geraadpleeg).

Peña-Lopez, I. 2013. Heavy switchers in translearning: From formal teaching to ubiquitous learning. [http://ictlogy.net/bibliography/uploads/Pe%C3%B1a-L%C3%B3pez%20\(2013\).%20Heavy%20switchers%20in%20translearning.%20From%20formal%20teaching%20to%20ubiquitous%20learning.pdf](http://ictlogy.net/bibliography/uploads/Pe%C3%B1a-L%C3%B3pez%20(2013).%20Heavy%20switchers%20in%20translearning.%20From%20formal%20teaching%20to%20ubiquitous%20learning.pdf) (25 November 2016 geraadpleeg).

Piepgress, D. 2006. Why QWERTY, and what's better. <http://millikeys.sourceforge.net/asset/why-qwerty.pdf> (21 November 2016 geraadpleeg).

Pool, D.M. en M.K. Preciado. 2016. Touch typing instruction: Elementary teachers' beliefs and practices. <http://iranarze.ir/wp-content/uploads/2016/12/E3131.pdf> (26 Mei 2017 geraadpleeg).

Renaissance Learning. 2007. Keyboarding: An essential skill for the 21st century. <http://citeseerx.ist.psu.edu/viewdoc/download;jsessionid=A2E3DE87415211E965F36975753BC4E9?doi=10.1.1.121.7219&rep=rep1&type=pdf> (25 November 2016 geraadpleeg).

- Rieger, M. 2004. Automatic keypress activation in skilled typing. <https://www.ncbi.nlm.nih.gov/pubmed/15161386> (25 November 2016 geraadpleeg).
- Rogers, H.D. 1997. A longitudinal study of elementary keyboarding computer skills. http://www.ibrarian.net/navon/paper/A_LONGITUDINAL_STUDY_OF_ELEMENTARY_KEYBOARDING_CO.pdf?paperid=166534 (11 Augustus 2016 geraadpleeg).
- Russell. 1999. Testing on computers. <http://dx.doi.org/10.14507/epaa.v7n20.1999> (23 November 2016 geraadpleeg).
- Russon, A.R. en S.J. Wanous. 1973. *Philosophy and psychology of teaching typewriting*. Cincinnati, Ohio: Southern-Western.
- Salisbury, D. 2016. Today's self-taught typists almost as fast as touch typists – as long as they can see the keyboard. <https://news.vanderbilt.edu/2016/10/18/todays-self-taught-typists-almost-as-fast-as-touch-typists-as-long-as-they-can-see-the-keyboard> (29 November 2016 geraadpleeg).
- Saperstein Associates. 2012. Handwriting in the 21st century? Research shows why handwriting belongs in today's classroom: A summary of research presented at Handwriting in the 21st century? An educational summit. https://www.hw21summit.com/media/zb/hw21/files/H2948_HW_Summit_White_Paper_eVersion.pdf (18 Julie 2016 geraadpleeg).
- Scott, I., L.S. Rezai, D. Ruszkowski, X. Bi en R. Balakrishnan. 2010. Reartype: Text entry using keys on the back of a device. https://www.dgp.toronto.edu/~ravin/papers/mobilehci2010_reartype.pdf (25 November 2016 geraadpleeg).
- Seidler, R.D., J. Bo en A.A. Joaquin. 2012. Neurocognitive contributions to motor skill learning: The role of the working memory. *Journal of Motor Behavior*, 44(6):445–53.
- Sork T. J., V. Chapman en R. St. Clair. (reds.). 2000. Proceedings of the 41st Annual Adult Education Research Conference (ble. 11–5). University of British Columbia: Vancouver, BC. <http://newprairiepress.org/cgi/viewcontent.cgi?article=2142&context=aerc> (24 November 2016 geraadpleeg).
- Suid-Afrika. Departement van Onderwys. 2011a. Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die nasionale kurrikulumverklaing Graad R–12. <http://www.thutong.doe.gov.za/ResourceDownload.aspx?id=45676> (11 November 2016 geraadpleeg).
- . 2011b. Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring vir Rekenaartoepassingstegnologie. Verdere Onderwys- en Opleidingsfase Grade 10–12. <http://www.education.gov.za/LinkClick.aspx?fileticket=sGtqTXuBlvU%3d&tabid=570&mid=1559> (4 Augustus 2015 geraadpleeg).

- Tamilarason, K.K. en N. Hema. 2016. Auto-didactic learning framework based content development for learning English effectively in engineering classrooms. <http://www.thegaes.org/files/documents/Kongu-45-Tamilarasan-K-K-and-Hema-N.pdf> (29 November geraadpleeg).
- Terry, A. en T. Atwell. 2009. Handwriting versus keyboarding. https://www.asdk12.org/media/anchorage/globalmedia/documents/specialed/newsletters/otsavvy/2009_01.pdf (13 Julie 2016 geraadpleeg).
- Touati, A. 2016. Self-directed learning in MOOCs: A disconnect between theory and practice. http://www.achraftouati.us/uploads/2/6/0/7/26070590/sdl_in_mooc.pdf (24 November 2016 geraadpleeg).
- Trubek, A. 2011. Out of touch with typing. <http://www.technologyreview.com/view/425018/out-of-touch-with-typing> (4 Junie 2015 geraadpleeg).
- TypingMaster, Inc. 2014a. Does typing technique really matter? <http://www.typingtest.com/blog/does-typing-technique-really-matter> (2 Januarie 2015 geraadpleeg).
- . 2014b. Ergonomics and the dark side of touch typing. <https://typingblog.com/2013/01/27/ergonomics-and-the-dark-side-of-touch-typing/> (4 Augustus 2015 geraadpleeg).
- Weintraub, N., N. Gilmour-Grill en P.L. Weis. 2010. Relationship between handwriting and keyboarding performance among fast and slow adult keyboarders. <http://ajot.aota.org/article.aspx?articleid=1862643> (18 Julie 2016 geraadpleeg).
- Williamson, S.N. 2007. Development of a self-rating scale of self-directed learning. *Nurse Researcher*, 14(2):67–83.
- Wulf, G. 2003. Learning process when acquiring motor skills similar for all individuals. <http://www.humankinetics.com/excerpts/excerpts/learning-process-when-acquiring-motor-skills-similar-for-all-individuals> (21 Januarie 2015 geraadpleeg).
- Yamaguchi, M. en G.D. Logan. 2013. Pushing typists back on the learning curve: Revealing chunking in skilled typewriting. <http://www.psy.vanderbilt.edu/faculty/logan/YamaguchiLogan2014.pdf> (29 November 2016 geraadpleeg).
- Yechiam, E., I. Erev, V. Yehene en D. Gopher. 2003. Melioration and the transition from touch-typing to everyday use. <http://hfs.sagepub.com/content/45/4/671.full.pdf> (11 Augustus 2016 geraadpleeg).

Hoërskool-onderwysers in die Vrystaat se ervaring van psigologiese geweld

Nehemiah Phooko, Helen Meyer, Erika Fourie en Tiaan Kirsten

Nehemiah Phooko, Mensehulpbronopleiding en -ontwikkeling,

Skool vir Mensehulpbronwetenskappe, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

Helen Meyer, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

Erika Fourie, Statistiese Konsultasiedienste, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

Tiaan Kirsten, Fakulteit Opvoedingswetenskappe, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

Opsomming

Die algemene doelstelling van die artikel is om oor hoërskool-onderwysers in die Vrystaat se ervaring van psigologiese geweld verslag te doen. Hierdie artikel rapporteer die resultate van 'n empiriese studie wat die probleem ondersoek het deur van die Negative Acts Questionnaire-Revised (NAQ-R) gebruik te maak. Psigologiese geweld is mishandeling wat erg genoeg is om die teikenpersoon se gesondheid te beïnvloed, sy werk of totale beroep te vernietig en sy verhouding met familie of vriende te vertroebel. Die voorkoms van psigologiese geweld het reeds baie maatskappy en organisasies genoop om beleid in te stel om die voorkoms daarvan in die werksplek te stuit. In die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel blyk dit nog nie die geval te wees nie. Die bronne van psigologiese geweld (in soverre dit onderwysers aangaan), soos wat dit trouens ook in die literatuur vermeld word, is meestal bestuurslede, asook kollegas en in 'n mindere mate leerlinge en ouers. Psigologiese geweld veroorsaak dikwels enorme stres en gee aanleiding daartoe dat onderwysers depressief en getraumatiseer voel.

In die onderliggende navorsing is van die gemengdemetode-navorsingsontwerp gebruik gemaak. Die NAQ-R is onder 727 hoërskool-onderwysers by 82 skole in die vyf onderwysdistrikte van die Vrystaat versprei. In hierdie artikel sal slegs die kwantitatiewe bevindinge gerapporteer word en spesifiek die onderwysers se ervaring van psigologiese geweld.

Die bevindinge toon dat hoërskool-onderwysers wel psigologiese geweld ervaar, en verder dat daar nie verskille tussen mans en vroue is ten opsigte van blootstelling aan psigologiese geweld nie. Ouer onderwysers ervaar meer blootstelling aan psigologiese geweld; onderwyserervaring, kwalifikasies en etnisiteit is wel bepalende eienskappe ten opsigte van blootstelling. Dit is moontlik, blykens die bevindinge, dat 'n minderheidsgroep hier meer aan psigologiese geweld blootgestel word. Die aanname is dat die bevindinge van hierdie studie

daartoe sal bydra om inligting daar te stel wat nuttig sal wees ter bevordering van onderwysergesondheid by skole in Suid-Afrika.

Trefwoorde: hoërskool; kwantitatiewe navorsing; onderwysers; oortreder; psigologiese geweld; teikenpersoon; Vrystaat

Abstract

High school teachers' experience of psychological violence in the Free State

The general aim of the article is to report on high school teachers' experience of psychological violence in the Free State, based on the results of an empirical study that investigated the problem by making use of the Revised Negative Acts Questionnaire (NAQ-R). The NAQ-R is an internationally recognised and standardised instrument to measure psychological violence. The research reported in this article addresses a literature gap in the psychological violence literature, since the NAQ-R has not previously been used in the South African education sector to measure the incidence of psychological violence.

To date there has not been a generally accepted and universal definition of psychological violence, and different terms are used in the literature to describe the same broad phenomenon. *Psychological violence* is used as an umbrella term to describe negative behaviour and unacceptable acts, for example bullying, manhandling, conspiracy, harassment (sexual and racial), hostile misrepresentation (slander), employee maltreatment, emotional maltreatment, aggression and intimidation. The absence of a universally accepted definition and the use of different measuring instruments lead to contradictory findings between studies of psychological violence. The aforementioned deficiencies can be addressed by making use of the NAQ-R, as was actually the case in this research.

Psychological violence is maltreatment that is severe enough to influence the health of the targeted person, to destroy his entire career and to make his relationship with family and friends turbid. In line with this, the holistic ecosystemic theory, whereby the teacher is viewed as an individual within a holistic system consisting of five contexts, namely the psychological, biological, spiritual, ecological and metaphysical contexts, was used as the underlying theoretical framework and to explain the findings. Research indicated that the incidence of psychological violence is particularly high in the education sector. Despite the high incidence of psychological violence among teachers, the teachers are often reluctant to report psychological violence because, among other things, they fear possible intimidation and harassment at the hands of the perpetrators.

The occurrence of psychological violence has compelled many a company and organisation to establish policies that stop such occurrence in the workplace. It seems, however, not to be the case within the South African education system. The sources of psychological violence, in so far as it is applicable to teachers, are mostly management, but also colleagues and to a lesser extent learners and parents. As described in the literature, it seems as if variables such as gender, age, experience and qualifications, as well as race/ethnicity may contribute to whether persons experience psychological violence or not. Psychological violence often causes an enormous amount of stress and leads to teachers feeling depressed and traumatised.

The underlying research made use of the mixed-method research design. For the quantitative part of the research, a survey was done by making use of the NAQ-R as the measuring instrument. Based on the recommendations of the Statistical Consultation Services of the North-West University (under whose auspices the research was conducted), minor amendments were made to the NAQ-R to make it applicable to the South African education context. Biographical details such as school types, post levels, ethnicity and qualifications within the South African education context were added. The NAQ-R was distributed among 727 high school teachers at 82 schools in the five education districts of the Free State. Random sampling was used to select the respondents, which makes the quantitative findings applicable to the study population (high school teachers in the Free State). The collected data were analysed. Descriptive statistics, namely frequencies, means and standard deviations were calculated. Factor analysis was performed to determine the validity of the NAQ-R construct. Differences in the means of the various biographical groups were calculated with the aid of t-tests and ANOVAs. Cohen's d-values (effect sizes) were also calculated to determine whether statistically significant differences also point to practically significant differences. Content validity was determined, as well as reliability. Cronbach's coefficient alpha was calculated to determine whether the one extracted factor was reliable and to determine the internal consistency of the inter-item correlations. Only the quantitative findings will be reported on in this article, and specifically so, the teachers' experience of psychological violence.

The findings show that high school teachers indeed experience psychological violence. The most frequently psychological violence items experienced by these teachers include the following: their opinions were being ignored; an uncontrollable workload; excessive monitoring of their work; withholding of certain information; tasks with unreasonable deadlines; spreading of rumours about them; isolation; offensive remarks about them; and outbursts. The findings further show that there are no practically significant differences between men and women with regard to exposure to psychological violence – they are more or less equally exposed. Older teachers, however, experience psychological violence to a greater extent than younger teachers with less teaching experience do. A possible connection was also perceived between qualification improvement and psychological violence, as well as between higher post levels and psychological violence. It seems as if teachers with higher qualifications and teachers who occupy higher post levels are possibly more exposed to psychological violence than other teachers. Teachers who are employed at public schools are also more frequently subjected to psychological violence than teachers at “other” schools. It is possible, as appears from the findings, that a minority group (coloured people) are more exposed. Our research findings were also compared with those of previous similar research. The inference was also made that psychological violence manifested mostly within the ecological context (employment-related) of these teachers and to a lesser extent within the metaphysical context of the particular minority group.

Based on and in accordance with the findings, certain recommendations are made. The recommendations are directed mostly towards the ecological context of these teachers and to a lesser extent towards the metaphysical context. Recommendations include: training, support of superiors towards the realisation of constructive interpersonal relationships and effective conflict management; and application of legislation and written policy, as well as the implementation and regular monitoring of recommendations. For example, the Department of Education should be made aware of the findings in order for the employer to take actual steps in order to combat psychological violence. By carrying out regular surveys (using the NAQ-

R), the level of psychological violence can be regularly monitored. Training, for example how to handle the most-experienced forms of psychological violence, interpersonal competency training, and conflict management and assertiveness training may assist targeted persons and employers to handle and control psychological violence more effectively. Superiors and targeted persons should also receive more support. The employer has a duty towards the employee to implement measures to combat psychological violence and legislation also ought to provide for minority rights to protect minority groups against psychological violence and therefore to address the ecological (juridical) context of the minority group mentioned. The Department should implement legislation and policy measures more strictly to address psychological violence on the ecological level and to denounce the perpetrators and, in so doing, prevent the negative impact of psychological violence on the education system. Specific guidelines on departmental and school level include: the establishment of written policy; background investigation before new appointments are made to prevent the appointment of so-called serial perpetrators; use of qualified professional persons to evaluate the psychological stability of prospective teachers, school headmasters or school management teams; establishment of a committee that specifically addresses workplace aggression and to establish a more supportive environment for targeted persons; provision for anonymous reporting of incidents of psychological violence so that it can be addressed before it escalates to the other four contexts of targeted persons' existence (psychological, biological, spiritual and metaphysical); exit interviews to determine whether resignations ensue from psychological violence and collect statistics that can be related to psychological violence, such as personnel absenteeism, personnel turnover, complaints and disciplinary action. Finally, the implementation of correctional and/or proactive steps should be regularly monitored to determine its effect on the problem and the behaviour of perpetrators. Based on the holistic ecosystemic theory and given that the five contexts of human existence are intra- and interactive, it can be expected that the application of recommendations within the ecological context will also have a positive impact on the other four contexts and consequently teaching as a whole.

Recommendations for future research include that the NAQ-R also be used in future quantitative studies in order to make possible comparative studies nationally between sectors as well as internationally, and that a more in-depth investigation on the relationship between biographical detail and psychological violence be carried out to determine whether some ethnic groups are more exposed to psychological violence. Psychological violence ensuing from learners should also be further investigated. The inference can be made that the findings and recommendations presented in this article can contribute to providing information that can be useful for the enhancement of teachers' health at schools in South Africa.

Keywords: Free State; high school; perpetrator; psychological violence; quantitative research; target; teachers

1. Inleiding

Psigologiese geweld is 'n beduidend toenemende werksplekprobleem wat nie tot 'n spesifieke beroep beperk is nie. Navorsing het getoon dat die voorkoms van psigologiese geweld egter in die besonder hoog is in die onderwyssektor (Blasé, Blasé en Du 2008; Meyer 2011; Meyer en Kirsten 2015). Beale en Hoel (2011) en Fahie en Devine (2014) meen ook

dat die voorkoms van psigologiese geweld in die onderwyssektor verontrustend is omdat dit die potensiaal inhou om 'n negatiewe effek op onderrig en leer te hê (Leon-Perez, Notelaers, Arenas, Munduate en Medina 2014).

Baie werknemers is dikwels nie bewus van die konsep *psigologiese geweld* nie en hulle verwar dit dikwels met swak gedrag. Wanneer hulle aangespoor word om te besef dat hulle wel die meeste van die simptome van psigologiese geweld ervaar het en dat hulle inderdaad teikens daarvan is, ontken hulle dit of erken dit op 'n niksbeduidende vlak, omdat sulke ervarings sosiaal onaanvaarbaar is (Charilaos, Michael, Chryssa, Panagiota, George en Christina 2015:63–74).

Dit is dikwels moeilik vir onderwysers om die teenwoordigheid van psigologiese geweld te besef/herken vanweë die somtydse subtiliteit daarvan, terwyl dié wat dit wel herken, dikwels huiwerig is om dit openbaar te maak (Jacobs en De Wet 2015a:33). Volgens Perimäki-Dietrich (2002) wissel die redes by onderwysers om nie die voorkoms van psigologiese geweld bekend te maak nie van onkunde by die onderwysers self tot ontnugtering. Onderwysers verwag nie sulke optrede in die onderwysberoep nie. Daarenbove kan die oortreder se onverbiddelikheid die teiken van psigologiese geweld tot stilswye afskrik. 'n Verdere verklaring vir die stilswye kan wees dat hulle intimidasie en teistering deur die oortreder vrees. Hulle voel dalk ook te skaam om dit openbaar te maak, want hulle is bekommerd oor wat ander daaroor sal sê of hulle nie sal glo nie. Verder heers daar nog baie onkunde wat onderwysers se regte betref (Perimäki-Dietrich 2002:16-9).

Psigologiese geweld hou ernstige negatiewe gevolge vir teikenpersone in (Tee, Özçetin en Russell-Westhead 2016). Navorsing toon onder andere dat psigologiese geweld onderwysers se professionele selfvertroue en persoonlike selfbeeld 'n knou gee en aanleiding gee tot verskeie ernstige gesondheidsprobleme (Blasé en Blasé 2003:368; Finne, Knardahl en Lau 2011). Hoewel die erns van psigologiese geweld wêreldwyd nog geringgeskat word, bepaal wetgewing in Noorweë, die Verenigde State van Amerika, Australië en Finland dat die verantwoordelikheid ten opsigte van beheer van psigologiese geweld in die werksplek by die organisasie berus (Paoli en Merllié 2001; Hoel 2004; Vartia 2004). In Suid-Afrika is wetgewing wat spesifiek psigologiese geweld in die werksplek doeltreffend aanspreek, en oortreders aan die kaak stel, nog grootliks afwesig. In teenstelling hiermee dui Heystek en Lethoko (2001) aan dat 'n openbare gesag of amptenare 'n grondwetlike plig het om die grondwetlike regte van onderwysers te beskerm. Dit is in ooreenstemming met die beginsel dat regerings- en staatsamptenare verantwoordbaar is vir hul gedrag (Suid-Afrika 2010) en is dus ook van toepassing op die onderwyssektor. Beskikbare navorsing wat reeds in die Suid-Afrikaanse onderwyssektor gedoen is, toon egter dat psigologiese geweld onder onderwysers 'n wesenlike probleem is (Kirsten 2007; De Vos 2010; De Wet 2010; Meyer 2011, Phooko 2013:268).

Die afleiding kan dus gemaak word dat psigologiese geweld steeds nie die nodige aandag geniet nie. In hierdie artikel word die probleem onder die soeklig geplaas deur die voorkoms daarvan te rapporteer soos ervaar deur hoërskool-onderwysers in die Vrystaat ten opsigte van hulle geslag, ouderdom, onderwyservaring, kwalifikasies, posvlakke, skooltipes en etnisiteit. Die resultate is verkry deur gebruik te maak van die internasionaal erkende Negative Acts Questionnaire-Revised- (NAQ-R-) opname-instrument om psigologiese geweld te bepaal. Die instrument is egter vir die doeleindes van die studie aangepas om spesifiek Suid-Afrikaanse onderwysers se ervaring van psigologiese geweld te bepaal. Dit is die eerste keer

dat hierdie instrument onder Suid-Afrikaanse onderwysers toegepas word, en die navorsing soos hier gerapporteer lewer derhalwe 'n bydrae tot die Suid-Afrikaanse onderwysliteratuur.

2. Probleemstelling

Daar was nog nooit voorheen so 'n sterk oproep deur die Suid-Afrikaanse samelewing dat daar indringend na die stand van onderwys in die algemeen gekyk moet word soos wat tans die geval is nie (Jansen 2012:2). In die lig van Suid-Afrika se behoefte aan onderwysers kan die land en die onderwyssektor nouliks 'n verlies aan onderwysers as gevolg van psigologiese geweld bekostig. Volgens navorsing deur De Vos (2010) beland teikenonderwysers dikwels in die hospitaal net na blootstelling aan psigologiese geweld.

Mattice (2012) wys ook daarop dat daar groter nadele aan psigologiese geweld verbonde is as wat instellings besef. Gepaard met verlies aan produktiwiteit en verlaagde konsentrasie, is daar die tyd wat aan berading vir beide die oortreder en die teikenpersoon bestee word; tydverlies deur kollegas wat oor die oortreder en sy optredes skinder; tyd bestee aan die herorganisering van departemente en (onderwys-) spanne; verlies aan voornemende onderwysers wat van die negatiewe optredes te hore gekom het; en uitbranding deur teikenpersone indien die oortreder nie ontslaan word nie. Hierdie nadele en baie ander moet in berekening gebring word wanneer die algehele skade wat deur 'n enkele oortreder aangerig word, bereken word (Heape 2012:1). Indien effektiewe optrede vir die bekamping van psigologiese geweld nie geskied nie, kan dit 'n negatiewe effek op produktiwiteit hê (Ayoko, Callan en Hartel 2003:283–301; Hogh, Mikkelsen en Hansen 2012). Onderwysers wat aan psigologiese geweld blootgestel word, sal ook nie in staat kan wees om 'n wankelende Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te herbou nie (Jansen 2012:2).

Internasionaal is daar 'n toename te bespeur van publikasies oor psigologiese geweld (Chirilă en Constantin 2013; Power, Brothridge e.a. 2013). Internasionale navorsing in die onderwyssektor sluit dié van Blasé en Blasé (2003); Blasé, Blasé en Du (2008), Astrauskaitė, Perminas en Kern (2010), Fox en Stallworth (2010) en meer onlangs Fahie en Devine (2014) en Charilaos e.a. (2015) in. Die voorgenoemde navorsers is dit eens dat, op 'n internasionale vlak, psigologiese geweld onder onderwysers problematies is. Navorsers in Griekeland het bevind dat 20,3% van die respondente binne die kategorie van teikenpersone geval het (Galanaki en Papalexandris 2011). Navorsing in Duitsland het byvoorbeeld getoon dat 17,4% van die onderwysers aangedui het dat hulle aan psigologiese geweld blootgestel is en dat die oortreders leerlinge uitgesluit het (Astrauskaitė, Perminas en Kern 2010). In Turkye het studies hoë vlakke van psigologiese geweld in die onderwyswerksplek blootgelê (Astrauskaitė e.a. 2010).

In Suid-Afrika het onder andere Steinman (2003), De Wet (2003), Kirsten (2007), Meyer (2011), Meyer en Kirsten (2014) en Meyer en Kirsten (2015) baanbrekerswerk oor die onderwerp verrig. Navorsing rakende psigologiese geweld onder Suid-Afrikaanse onderwysers is egter steeds beperk en sluit in dié van De Wet (2014), Jacobs en De Wet (2015a en 2015b) en De Vos en Kirsten (2015). Hul bevindings, tesame met dié van die voorgenoemdes, het aangetoon dat die voorkoms van psigologiese geweld nasionaal aan die toeneem is, en dus meer aandag behoort te geniet. Die navorsing wat in hierdie artikel gerapporteer word, poog om die voorgenoemde leemte te vul. Tesame hiermee, en alhoewel

genoemde Suid-Afrikaanse navorsers psigologiese geweld in die onderwyssektor bestudeer het, is die internasionaal erkende kwantitatiewe vraelys om die voorkoms van psigologiese geweld in die werksplek te bepaal, naamlik die Revised Negative Acts Questionnaire (NAO-R), nog nie voorheen in die Suid-Afrikaanse onderwyssektor gebruik nie. Met die uitsondering van Meyer (2011) en Phooko (2013), wat beide gemengde studies gebruik het om psigologiese geweld te bestudeer, het die ander navorsers in die Suid-Afrikaanse onderwyssektor meestal van kwalitatiewe navorsingsmetodes gebruik gemaak. Alhoewel Jacobs en De Wet (2015b) 'n kwantitatiewe studie uitgevoer het, is daar nog nie voorheen gebruik gemaak van 'n ewekansige steekproef soos in hierdie navorsing nie, wat veralgemening na die studiepopulasie (hoërskool-onderwysers in die Vrystaat) moontlik maak.

Die navorsing onderliggend aan hierdie artikel poog ook om hierdie leemte in die literatuur aan te spreek. Voorts het Meyer (2011:426), op grond van haar kwalitatiewe bevindings, naamlik dat minderheidsgroepe aan psigologiese geweld blootgestel word en ras as tema gefigureer het, aanbeveel dat soortgelyke toekomstige studies ras in die biografiese besonderhede behoort in te sluit om dié aspek verder te ondersoek. Meer onlangs het Gardner, Bentley e.a. (2013) ook aangedui dat verdere navorsing nodig is om te bepaal of persone wat deel vorm van etniese minderheidsgroepe 'n verhoogde risiko het om aan psigologiese geweld blootgestel te word. Voorgenoemde leemte in die literatuur is ook deur hierdie navorsing aangespreek aangesien die ras van respondente in die biografiese besonderhede ingesluit is in die aangepaste NAQ-R.

Die doel van die bevindingsrapportering is met behulp van die volgende artikelstruktuur bereik: literatuurstudie; navorsingsmetode; bevindinge, bespreking van die bevindinge; aanbevelings op grond van die bevindinge, en gevolgtrekkings.

3. Literatuurstudie

3.1 Onderliggende teoretiese raamwerk

My paradigmatische beskouing (Phooko 2013) ten opsigte van psigologiese geweld is die wêreld van ervaring wat die aard van daardie wêreld, die individu se plek binne daardie wêreld en 'n verskeidenheid moontlike verhoudings met daardie wêreld en dele daarvan insluit. Ek het, as onderwyser, baie jare se ervaring opgedoen van onderwysers wat ly as gevolg van psigologiese geweld. My paradigmatische perspektief is hierdeur gevorm en geslyp, en ek is op grond van my genoemde ervaring die mening toegedaan dat onderwysers wat aan psigologiese geweld blootgestel word, ondersteun moet word. Die paradigmatische perspektief waaruit ek die navorsingsprobleem benader het, was dié van 'n holistiese ekosistemiese teorie wat deur Kirsten, Van Der Walt en Viljoen (2009) ontwikkel is.

Gedurende die navorsing het ek holisties na die onderwyser in die studie gekyk. Volgens Kirsten e.a. (2009) en die ekosistemiese teorie word die onderwyser as 'n individu en as 'n geheelsisteem beskou – 'n geheelsisteem wat vyf kontekste, naamlik die ekologiese (sosiaal, gemeenskap, ekonomie, opvoedkundig, juridies), biologiese (liggaamlik of fisies, insluitend simptome), psigologiese (sielkundig, insluitend simptome), spirituele (eksistensiële prosesse

en interpretasie van realiteit) en metafisiese (religieuse, kulturele en beskouing van realiteit) bevat.

Die teoretiese aannames vir die studie is ook op voorgenoemde vyf bestaanskontekste geskoei en hulle is deurgaans intra- en interaktief. Die mens funksioneer binne hierdie vyf kontekste en die aard van psigologiese geweld word meestal in al vyf kontekste ervaar. Binne die ekologiese konteks (werksverband) kan psigologiese geweld byvoorbeeld ervaar word as verminderde ondersteuning deur kollegas of afdanking (Namie en Namie 2009:137), terwyl psigologiese geweld in die psigologiese konteks as, byvoorbeeld, depressie (Namie en Namie 2009:135) kan manifesteer. In die fisiese konteks kan psigologiese geweld lei tot byvoorbeeld hoofpyne en in die spirituele konteks as 'n negatiewe siening van die wêreld (Meyer en Kirsten 2014). In die metafisiese konteks kan psigologiese geweld byvoorbeeld as rassisme manifesteer (Meyer en Kirsten 2014). Die identifisering van die aard van psigologiese geweld in die werksplek kan help om hierdie onplesierige ervaring raak te voorspel, te voorkom en te verlig en tot algehele skoolgesondheid by te dra.

3.2 Psigologiese geweld

Tot op hede bestaan daar nie een algemeen aanvaarde en universele definisie vir die begrip *psigologiese geweld* nie, en verder word verskeie terme gebruik om dieselfde verskynsel te beskryf (Matthiesen en Einarsen 2007; Chirilă en Constantin 2013:1176). *Psigologiese geweld* word in hierdie navorsing gebruik as 'n oorkoepelende term vir bullebakkerie, afknouery, samespanning, teistering (seksuele en rasseteistering) (Steinman soos aangehaal in die Work Trauma Foundation 2008), sleggesinde wanvoorstelling (laster), werknemermishandeling, emosionele mishandeling, aggressie, intimidasie, en negatiewe en onaanvaarbare handeling (Lutgen-Sandvik, Tracy en Alberts 2006:840–1; Johnson 2009; Hauge, Skogstad en Einarsen 2010:427; Meyer en Kirsten 2014; Meyer en Kirsten 2015). Lutgen-Sandvik e.a. (2006) het psigologiese geweld binne die werksplek gedefinieer as volgehoue verbale en nieverbale aggressie, wat persoonlike aanvalle, sosiale uitsluiting en 'n verskeidenheid pynlike boodskappe en vyandige interaksies insluit.

Chirilă en Constantin (2013) het bevind dat alhoewel terme verskil, al die definisies ooreenstem in soverre psigologiese geweld meestal bestaan uit 'n *aantal negatiewe gedragsvorme wat uitgevoer word deur 'n persoon teenoor een of meer persone met die doel om fisiese, verstandelike of morele skade te berokken* en dat die teikenpersoon of slagoffer hom of haar nie kan verdedig nie (Chirilă en Constantin 2013:1178). Die meeste outeurs is dit eens dat 'n minimum van twee ongewenste handelingte moet plaasvind om as bullebakkerie getipeer te word (Nielsen, Skogstad, Matthiesen, Glaso, Aasland, Notelaers en Einarsen 2009). Negatiewe handelingte of ongewenste gedrag is meestal aanhoudend (minstens ses maande), herhalend (minstens een maal per week), en daar bestaan 'n waargenome magswanbalans tussen die oortreder en die slagoffer (Chirilă en Constantin 2013:1176). 'n Konflik kan dus nie as psigologiese geweld geklassifiseer word indien dit 'n geïsoleerde geval is nie of indien twee partye van min of meer gelyke sterkte met mekaar in konflik is nie (Einarsen, Hoel, Zapf en Cooper 2011).

Psigologiese geweld het dus te doen met gereelde en aanhoudende blootstelling aan negatiewe handelingte en kan ontketen word deur 'n werkverwante konfliktsituasie waarin die teikenpersoon toenemend gestigmatiseer en/of geviktimiseer word. Die teikenpersoon is ook nie in staat om hom-/haarself te verdedig nie. Onder sulke omstandighede kan die

teikenpersoon nie langer die situasie hanteer nie en gevolglik verlaat hy/sy gewoonlik die werksplek (Matthiesen en Einarsen 2007; Vessey, Demarco, Gaffney en Budin 2009). In voorgenoemde situasie manifesteer psigologiese geweld byvoorbeeld metafisies (onvermoë om 'n situasie langer te verduur), wat ook nadelig op die werknemer se inkomste en gesin, asook die skool (ekologiese konteks) en dus sisteem in die geheel kan inwerk.

Matthiesen, Raknes en Rökkum (1989:761–74) redeneer dat psigologiese geweld op 'n kontinuum van “nieblootgestel” tot “hoogs blootgestel” beskou kan word en nie as 'n een-of-die-ander-verskynsel nie. Teikenpersone kan verder blootgestel word aan 'n verskeidenheid negatiewe handelinge, byvoorbeeld direkte of indirekte handelinge in die vorm van aanhoudende beledigings of aanstootlike aanmerkings (Einarsen, Hoel en Notelaers 2009:24–44). Negatiewe gedragsvorme kan verbaal of nieverbaal wees, asook fisies (uitsluitende fisieke aanranding) (Blasé e.a. 2008:266). Verbale en nieverbale negatiewe gedragsvorme sluit byvoorbeeld in: dreigemente (Blasé e.a. 2008:266; De Wet 2014:9), verspreiding van vals gerugte, rasgebaseerde teistering, buitensporige monitering en mikrobestuur (Blasé e.a. 2008:266), verspreiding van gerugte, onprofessionele en disrespekvolle gedrag (De Wet 2014:9–11), aanvalle op teikenpersone se professionele bevoegdheid en aantasting van karakter (De Vos en Kirsten 2015:4), uitermatige druk om meer werk te verrig, onredelike spertye en dat klagtes op dowe ore val (Meyer en Kirsten 2015:190). Ander teikenpersone, daarenteen, word bloot geïgnoreer, as gevolg waarvan hulle uitsluiting ervaar (Einarsen 2000; Blasé en Blasé 2003). In voorgenoemde manifesteer psigologiese geweld dus spesifiek in die werksverhouding van die teikenpersoon, dus binne die ekologiese konteks. Hierdie negatiewe handelinge berokken ernstige skade aan teikenpersone (Blasé e.a. 2008:266).

Dit blyk ook dat veranderlikes soos geslag (Salin 2005; Blasé e.a. 2008:280; Jacobs en De Wet 2015a:56; Lippel, Vèzina e.a. 2016:82; Carter, Thompson e.a. 2016:7), ouderdom (Matsela 2009; Meyer 2011; Phooko 2013:258; Jacobs en De Wet 2015a), ervaring (Blasé e.a. 2008:281; Matsela 2009; Meyer 2011) en kwalifikasies (Larmer 2005:502; Wormald 2005), asook ras/etnisiteit (Fox en Stallworth 2005; Allan, Cowie en Smith 2009; Workplace Bullying Institute 2010; Gardner e.a. 2013; Carter e.a. 2016:7) moontlik kan bydra daartoe of persone psigologiese geweld ervaar al dan nie. Alhoewel die gedrag van oortreders wel elemente van rassisme kan insluit, is rassiediskriminasie en psigologiese geweld volgens Gardner e.a.(2013:85) aparte konsepte, maar afgesien hiervan speel ras wel 'n rol soverre dit die blootstelling wat psigologiese geweld betref (Workplace Bullying Institute 2010). Sommige outeurs (Fox en Stallworth 2005; Allan e.a. 2009) verwys ook na *rasse-/etniese bullebakkerie* (Fox en Stallworth 2005) of *rassisme* (Allan e.a. 2009), byvoorbeeld in die vorm van diskriminasie en vyandige behandeling. In hierdie verband word psigologiese geweld in die metafisiese konteks as rassisme ervaar.

Psigologiese geweld kom van verskeie bronne, byvoorbeeld werkgewers (Meyer en Kirsten 2015), meerderes (Blasé en Blasé 2003; Kirsten 2007; Blasé e.a. 2008; Namie en Namie 2009:303; Fox en Stallworth 2010:940; Phooko 2013:236–8; De Wet 2014:8; Meyer en Kirsten 2015:192; Carter e.a. 2016:7), kollegas op dieselfde vlak (Nielsen, Skogstad e.a. 2015; Meyer en Kirsten 2015:192), asook ondergeskiktes (Steinman 2007:22; Hauge, Skogstad en Einarsen 2009; Fox en Stallworth 2010:940; De Wet 2014:8; Meyer en Kirsten 2015:192), dus meestal binne 'n ekologiese konteks.

Die feit dat meerderes of werkgewers dikwels die “toepassers” van psigologiese geweld is, kan daaraan toegeskryf word dat werkgewers daarvan oortuig is dat psigologiese geweld in

die werksplek tot voordeel van die organisasie toegepas word, ten spyte van uitsprake daarteen. Werkgewers beskou hierdie optrede as die oortreder se manier om die teikenpersoon tot hoër werksverrigting aan te spoor (Klein 2008). Die tendens dat meerderes, spesifiek hoofde, die “toepassers” van psigologiese geweld is, is in die internasionale (Association of Teachers and Lecturers) (Blasé e.a. 2008; ATL Annual Conference 2011) en meer onlangs ook in die nasionale onderwyssektor (De Wet 2010:1453; De Vos en Kirsten 2015) gerapporteer. Meyer en Kirsten (2015) het ook bevind dat, buiten meerderes en kollegas op dieselfde vlak, ook die Departement van Onderwys ’n bron van psigologiese geweld kan wees. Dit blyk egter dat die impak van psigologiese geweld as erger ervaar word in die geval waar die oortreder (toepasser) ’n meerdere soos ’n skoolhoof of die administratiewe sisteem is, as in die geval van enige ander oortreders in die studie, byvoorbeeld kollegas en leerlinge (Fox en Stallworth 2010:944; Beale en Hoel 2011).

Onderwysers kan ook deur leerlinge aan psigologiese geweld blootgestel wees, soos deur De Wet en Jacobs (2006) in die Suid-Afrikaanse konteks gerapporteer is. In ’n internasionale onderwyskonteks het navorsing deur Fox en Stallworth (2010:940) ook leerlinge as oortreders aangedui, maar in ’n mindere mate as kollegas, terwyl meerderes ook in hierdie geval meer as leerlinge en kollegas verantwoordelik was vir psigologiese geweld. Meyer en Kirsten (2015:192) het ook bevind dat leerlinge, ouers en die gemeenskap “toepassers” van psigologiese geweld is, maar ook in ’n mindere mate as met kollegas en meerderes. Die onderliggende navorsing wat hierdie artikel begrond, het getoon dat onderwysers in die Vrystaat psigologiese geweld ervaar wat meestal geïnisiëer is deur bestuur (hoofde en die Departement van Onderwys), kollegas, leerlinge en ouers (waaronder leerlinge en ouers die minste verantwoordelik was vir psigologiese geweld – Phooko 2013:252), dus ook binne ’n ekologiese konteks.

Suid-Afrikaanse navorsers soos Le Roux, Rycroft en Orleyn (2010) redeneer dat die bestaande wetlike hulpmiddels wat met psigologiese geweld te doen het, byvoorbeeld die wet op gelyke indiensneming (Wet 55 van 1998), die wet op arbeidsverhoudinge (Wet 66 van 1995) en die wet op vergoeding vir aandienbeserings en siektes (Wet 130 van 1993) werknemers nie genoegsaam beskerm nie. Die wet op beskerming teen teistering kan eerder gesien word as addisioneel tot die voorgemelde wette (De Wet 2010; RSA 2011; Dhar 2012). In hierdie verband behoort vermeld te word dat wetgewing ook deel van die ekologiese konteks vorm.

In ’n tipiese saak (dié tussen Jacobs en die skoolbeheerraad en andere van die Hoërskool Rhodes in 2010) ten opsigte van psigologiese geweld het verskeie bydraende faktore tot die voorval na vore gekom. Eerstens is daar oor die persoonlikheid van die klaagster (teikenonderwyser) gerapporteer. Die betrokke leerling (die beweerde oortreder) het ook persoonlike probleme ervaar, byvoorbeeld ’n afwesige pa. Tuis het hy ook sosiale probleme ervaar, byvoorbeeld met verkeerde vriende gemeng, wat ’n negatiewe invloed op hom gehad het (Suid-Afrika 2010). Die feit dat die onderwysdepartement, die beheerraad en skoolhoof ook vir nalatigheid aangekla is, toon die verantwoordelikheid van die werkgever teenoor die onderwyser, soos ook in hierdie studie aanbeveel word. In baie gevalle gaan ander, byvoorbeeld in hierdie geval die skoolhoof, óók swaar gebuk onder persoonlike probleme. Dit is dan vir so ’n persoon byna onmoontlik om effektief en voorkomend op te tree. Die skoolhoof het byvoorbeeld self persoonlike probleme voor die Jacobs-voorval ervaar en was in die proses om berading te ontvang. Hy het derhalwe self hulp benodig.

Die European Agency for Safety and Health at Work erken dat psigologiese geweld aansienlike skade vir die geestesgesondheid van die werknemer sowel as die werkgewer inhou (Ma, Chien e.a. 2014; Charilaos e.a. 2015:63–74). In voorgenoemde situasie is die uitwerking op die geestesgesondheid (psigologiese konteks) van die teikenpersoon ook sigbaar in die ekologiese konteks (werkgewer). In die psigologiese konteks word psigologiese geweld byvoorbeeld ervaar as depressie, asook psigosomatiese simptome, en slagoffers oorweeg dikwels selfmoord (Namie en Namie 2009:135; Meyer en Kirsten 2014).

Die uitwerking van psigologiese geweld kring egter ook uit na ander kontekste. Navorsing in Swede het byvoorbeeld getoon dat psigologiese geweld in die werksplek tot tussen tien en vyftien persent van alle selfmoorde per jaar bygedra het (Marsh, Patel en Gelaye 2009:51–322). Die koste vir elke slagoffer van psigologiese geweld in die werksplek het tussen \$30 000 en \$100 000 per jaar beloop (Brousse, Fontana en Ouchchane 2008:58–128).

De Vos (2013) waarsku egter dat onderwysers wat aan psigologiese geweld in die werksplek blootgestel word, hulself emosioneel en psigologies aan professionele aktiwiteite kan onttrek ten einde verdere mishandeling te voorkom. Dit kan aanleiding gee tot onderwyser-apatie teenoor die beroep, verlaging in lojaliteit en middelmatigheid in die werk en selfs teenproduktiewe werksgedrag. In hierdie geval manifesteer psigologiese geweld in die spirituele konteks as teenproduktiewe werksgedrag.

In die onderliggende studie wat hierdie navorsing begrond, is ook bevind dat psigologiese geweld die gesondheid, insluitende die biologiese konteks, maar ook die ander kontekste, van onderwysers nadelig raak (Phooko 2013:221).

Dit is dus duidelik dat psigologiese geweld 'n nadelige uitwerking op alle kontekste van slagoffers het en gesondheid in geheel benadeel. In hierdie artikel word die impak op die onderwysers se gesondheid uit voorgenoemde studie nie gerapporteer nie, aangesien die resultate te omvangryk is en nie in die beperkte ruimte van een artikel aangedui kan word nie.

Vervolgens word die NAQ-R wat gebruik is om die navorsingsresultate in te win en soos vroeër aangedui, bespreek.

3.3 Die NAQ-R

In soverre dit die persentasies van die verskynsel by die algemene populasie betref, blyk daar nie eenvormigheid tussen verskillende studies te wees nie, en in sekere gevalle toon bevindinge beduidende teenstrydighede (Moayed, Daraiseh, Shell en Salem 2006). Hierdie teenstrydighede word deels toegeskryf aan die gebrek aan 'n gestandaardiseerde definisie, soos reeds vermeld, asook die gebruik en toepassing van verskillende meetinstrumente en/of kulturele verskille tussen individuele lande (Zapf, Escartin, Einarsen, Hoel en Vartia 2011). Genoemde teenstrydighede kan deels oorkom word deur gebruik te maak van 'n algemeen internasionaal aanvaarbare meetinstrument, byvoorbeeld die NAQ-R, soos in hierdie navorsing.

Die NAQ is 'n selfrapporteringsnavorsingsinventaris wat in 2001 deur Einarsen en Hoel ontwikkel is om die blootstelling aan bullebakkerie en teistering in die werksplek te ondersoek (Einarsen en Hoel 2001; Einarsen, Hoel en Notelaers 2009:25). Die NAQ is oorspronklik ontwikkel om 'n gestandaardiseerde instrument daar te stel om bullebakkerie en

teistering in die werksplek te ondersoek (Hoel Rayner en Cooper aangehaal deur die Bergen Bullying Research Group 2009). Die gebrek aan 'n algemeen gestandaardiseerde instrument het tot gevolg dat nievergelykbare instrumente deur navorsers gebruik word om die verskynsel te ondersoek, wat twyfel laat ontstaan het of dieselfde verskynsel hoegenaamd deur hierdie verskillende instrumente ondersoek word (Bergen Bullying Research Group 2009). Hierdie leemte is vandag steeds geldig en daarom is die NAQ-R in die navorsing wat in hierdie artikel gerapporteer word, gebruik.

Die oorspronklike NAQ is saamgestel op grond van 'n omvattende literatuurstudie en verskeie gevallestudies en het bestaan uit 22 items (Einarsen e.a. 2006:27). As gevolg van verskeie geïdentifiseerde leemtes, onder andere, dat die NAQ se geldigheid slegs in 'n Skandinawiese kulturele konteks vasgestel is, asook die faktorstruktuur daarvan, is die NAQ-R ontwikkel, wat 'n hersiene weergawe van die NAQ is (Einarsen e.a. 2009:27). Die NAQ-R is dus gebaseer op die oorspronklike NAQ en ontwikkel om as omvattende, betroubare, geldige instrument te dien wat in 'n verskeidenheid werkskontekste gebruik kan word (Einarsen e.a. 2009:26). Die NAQ-R het ook bestaan uit 22 items en sluit ook 'n 23ste algemene vraag in waarin 'n definisie van psigologiese geweld gegee word. Die 23ste vraag op die NAQ-R maak dit dus moontlik om basiese navorsing te doen en daarom is die aanpassing van die definisie van psigologiese geweld nodig om die verskynsel makliker verstaanbaar binne die spesifieke kulturele milieu te maak. Hierop kan respondente volgens die selfetiketteringsmetode die graad van blootstelling aan psigologiese geweld aandui (Tambur en Vadi 2009).

In 2009 is die psigometrieë eienskappe, geldigheid en faktorstruktuur van die NAQ-R bepaal (Einarsen e.a. 2009). Altesaam 12 350 vraelyste (NAQ-R) is onder werknemers van 70 organisasies in die Verenigde Koninkryk versprei, waaronder die private, openbare en vrywilligersektor. Van hierdie 12 350 vraelyste is 5 288 terug ontvang (Einarsen e.a. 2009:28). Die resultate het getoon dat die 22-item-NAQ-R oor uitstekende interne stabiliteit beskik met 'n betroubaarheidsindeks (Cronbach alfa) van 0,90 (Einarsen e.a. 2009:31). Drie faktore kon onttrek word, naamlik persoonlike psigologiese geweld, werkverwante psigologiese geweld en fisieke intimiderende vorme van psigologiese geweld, waarvan die interkorrelasies ook hoog was (Einarsen e.a. 2009:31). Daarbenewens kan die NAQ-R ook as 'n enkelfaktor-meetinstrument gebruik word. Aldus die voorstelling van die NAQ-R as 'n gestandaardiseerde en geldige meetinstrument vir die meting van psigologiese geweld in die werksplek (Einarsen e.a. 2009:24-44).

Die NAQ-R is in verskeie lande gestandaardiseer, waaronder die Verenigde Koninkryk (Carter e.a. 2016), Estland (Tambur en Vadi 2009), Japan (Tsuno, Kawakami, Inoue en Abe 2010), Griekeland (Charilaos e.a. 2015), Italië (Giorgi, Arenas en Leon-Perez 2011), Serwië (Vukelic, Cizmic, Petrovic, Tenjovic en Giorgi 2015), Roemenië (Cramaruc 2013) en die Verenigde State van Amerika (Lutgen-Sandvik en Tracy 2011). 'n Oorsig van voorgenoemde artikels se resultate het getoon dat waar die NAQ-R in verskillende lande gebruik is, bevredigende geldigheid- en betroubaarheidskoerse gerapporteer is (Einarsen e.a. 2009; Nielsen, Notelaers en Einarsen 2011).

Voordele van die NAQ-R sluit in dat dit die insameling van groot hoeveelhede data binne 'n beperkte tyd moontlik maak en volgens die Bergen Bullying Research Group (2009) maak dit ook vergelykende studies tussen verskillende lande en werkskontekste moontlik. 'n Onlangse artikel rapporteer dan ook in hierdie verband 'n vergelykende studie wat oor ses kontinente

heen strek (Power e.a. 2013). Daar is byvoorbeeld in die voorgenoemde vergelykende studie bevind dat daar beide ooreenkomste en teenstrydighede bestaan wat betref die wyse waarop verskillende kulture psigologiese geweld interpreteer en aanvaar al dan nie. Oor die algemeen is die fisieke vorme van psigologiese geweld, soos 'n gestamperry ("shoving"), minder aanvaarbaar as werksplekbullebakkerie (Power e.a. 2013:376). In lande waar die fokus op hoë prestasie val, soos in Asië, is psigologiese geweld meer aanvaarbaar as in lande met 'n meer menslike oriëntasie, byvoorbeeld Latyns-Amerika en Sub-Sahara-Afrika (Power e.a. 2013:376–7). Oor die algemeen het mans die fisieke vorme van psigologiese geweld, byvoorbeeld om iemand te "stamp" ("shove"), meer aanvaarbaar gevind as dames; jonger persone het werksplekbullebakkerie minder aanvaarbaar gevind as ouer persone; en persone wat deel is van etniese minderhede het werksplekbullebakkerie ook minder aanvaarbaar gevind as persone wat nie deel is van 'n etniese minderheid nie (Power e.a. 2013:377). Vergelykende studies, soos voorgenoemde, kan daartoe lei dat internasionale mensehulpbrondestandaarde vir alle lande ontwikkel kan word, wat daartoe kan lei dat alle werksplekke streef na internasionale beste praktyk in die bestuur van hul personeel (Power e.a. 2013:379). Wat vergelykings op 'n internasionale vlak betref, het die ervaring van minstens een negatiewe handeling ook beduidend minder voorgekom onder Japannese werkers as onder Noorweegse werkers (Takaki e.a. 2010). Weeklikse of meer gereelde ervarings van negatiewe handelinge was, daarteenoor, beduidend meer opvallend in Japan as in Denemarke (Takaki e.a. 2010:78).

Die NAQ-R word dus in verskeie lande gebruik en die resultate voortspruitend hieruit word in die internasionale databasis (International Database on the Prevalence and Risk Factors of Bullying at Work) (IDPD) ingevoer (Bergen Bullying Research Group 2009). 'n Voorwaarde verbonde aan die gebruik van die NAQ-R is juis dat die navorsingsresultate aan die groep verskaf moet word vir invoering in die internasionale databasis.

Alhoewel die NAQ-R reeds in verskeie lande gebruik is, toon die Bergen Bullying Research Group (2009) dat data benodig word van Asië, Noord- en Suid-Amerika en ook Afrika. Die rou data voortspruitend uit die onderliggende navorsing waarop hierdie artikel gebaseer is, sal dus ook aan die internasionale databasis verskaf word. Aangesien die NAQ-R ook in hierdie navorsing gebruik is, kan die bevindinge voortspruitend hieruit ook later met dié van ander lande se bevindinge vergelyk word.

In die volgende afdeling word die empiriese navorsing gerapporteer wat gebruik is om die voorkoms van psigologiese geweld onder hoërskool-onderwysers (in die vorm van hulle ervaring daarvan) in die Vrystaat te bepaal. Die ervarings is ten opsigte van hulle (die onderwysers s'n) geslag, ouderdom, onderwyservaring, kwalifikasies, posvlakke, skooltipes en etnisiteit geklassifiseer.

4. Navorsingsmetode

'n Kwantitatiewe navorsingsontwerp is vir hierdie ondersoek ingespan. Kwantitatiewe navorsing word deur die positivistiese/postpositivistiese wêreldbeskouing gerugsteun (Creswell en Plano Clark 2007:22; Creswell 2009:4). Die kwantitatiewe navorsingsontwerp behels die insameling van data in die vorm van getalle. Die getalle verteenwoordig waardes of veranderlikes wat die kenmerke van onderwerpe of deelnemers meet (De Vos, Strydom,

Fouché en Delpont 2005). Kwantitatiewe navorsing behels die toepassing van objektiewe teorieë deur die verkenning van verhoudings tussen veranderlikes sodat numeriese data statisties ontleed kan word (Creswell 2009:7).

4.1 Studiepopulasie en steekproef

Die studiepopulasie het uit hoërskool-onderwysers in die vyf onderwysdistrikte van die Vrystaat bestaan. Verskeie hoërskooltipes is by die navorsing betrek, byvoorbeeld openbare, onafhanklike en “ander” skole.

Openbare/staatskole is skole wat deur die staat besit en befonds word; hulle hef dikwels skoolgeld wat nie regtens afdwingbaar is nie (Departement van Onderwys 1995:18). Openbare/staatskole word op verskeie vlakke, soos nasionale, provinsiale, distriks- en skoolvlak beheer.

Staatsondersteunde skole is skole waar die gemeenskap of individue die eienaar van ’n skool is, maar waar die staat ’n subsidie aan die skool vir onder andere instandhouding betaal. Die staat is ook verantwoordelik vir bedryfskoste soos die onderwysers se salarisse; handboeke; en skryfbehoeftes van die leerders. ’n Staatsondersteunde skool is dus ’n skool ten opsigte waarvan hulptoelae aan die skool toegestaan word (RSA 1995:20–1).

Privaat-/onafhanklike skole is skole wat by die onderwysdepartement geregistreer is en wat aan sekere minimum voorwaardes vir registrasie moet voldoen. Hierdie voorwaardes sluit onder meer in: gebruik van goedgekeurde kurrikula; volg van goedgekeurde skooldae, skoolweke en skoolkalender; minimumkwalifikasies vir onderwyspersoneel; goedgekeurde skoolgeboue en -gronde; en ’n minimum aantal leerders wat te alle tye ingeskryf moet wees. Die eienaars van ’n privaat- of onafhanklike skool kan óf individue óf maatskappye en trustees wees (RSA 1995:24). Onafhanklike skole kan ook ’n staatsubsidie ontvang; hulle ontvang subsidies van slegs 60% plus hulle eie skoolgeld (Rapport 2001:22).

Ander skole sluit, onder andere, internasionale skole en alternatiewe skole in. Hoewel daar nie ’n amptelike onderrigtaal vir ander skole in Suid-Afrika is nie, onderrig die meeste van hierdie skole in Engels. Internasionale skole, aan die anderkant, onderrig in die taal wat met daardie spesifieke land geassosieer word (Wikipedia 2016).

’n Proporsionele sistematiese ewekansige trossteekproef is geselekteer uit al vyf die Vrystaatse onderwysdistrikte vir die kwantitatiewe gedeelte van die studie. Die hiërargiese trosontleding is in die onderliggende navorsing aangewend om relatief homogene groepe van veranderlikes, gebaseer op geselekteerde eienskappe, elk in afsonderlike trosse te identifiseer. Die verskillende trosse is toe saamgevoeg totdat ’n enkele tros verkry is soos aanbeveel deur Sheskin (2007). Die steekproeftrekking was gebaseer op ’n lys van die 352 sekondêre skole in die Vrystaat. Die lys is gesorteer volgens die aantal leerders per skool asook volgens die vyf onderwysdistrikte. Daarna is elke vierde skool uit die lys sistematies geselekteer. Elke skool is dan as ’n tros beskou en alle onderwysers in die skole is versoek om aan die studie deel te neem. 82 van die skole se onderwysers het wel deelgeneem aan die studie, wat gelykstaande is aan ’n 94,25%-responskoers.

4.2 Data-insameling

Kwantitatiewe navorsing gebruik meetinstrumente, soos vraelyste, kontrolelyste en skale om data in te samel (De Vos e.a. 2005). In hierdie navorsing is, soos reeds gesê is, gebruik gemaak van NAQ-R om die gaping in die Suid-Afrikaanse onderwysliteratuur ten opsigte van meting van hoërskool-onderwysers in die Vrystaat se ervaring van psigologiese geweld aan te vul.

Soos reeds genoem, is die NAQ-R 'n 22-item-instrument wat ook in hierdie navorsing 'n 23ste algemene vraag ingesluit het waarin 'n definisie van psigologiese geweld gegee is. Hierop het respondente volgens die selfetiketteringsmetode die graad van blootstelling aan psigologiese geweld aangedui. Hierdie vraag het insgelyks as 'n algemene psigologiese geweldsaanwyser gedien, sowel as 'n kriteriumgeldigheidsaanwyser in samehang met die ander 22 items op die NAQ. Die besluit of iemand 'n teiken van psigologiese geweld was, het merendeels by die navorser gelê en ook nadat die navorser tussen teikenpersone en nieteikenpersone gedifferensieer het. Dié wat wel psigologiese geweld op weeklikse of daaglikse basis of meer gereeld vir 'n tydperk van ses maande ervaar het, is met 'n 1 (= teiken) gekodeer, terwyl die res van die frekwensies 'n 0 (= nieteiken) toegeken is. Teikens kon onderskei word van nieteikens indien hulle verklaar dat hulle blootgestel is aan minstens een negatiewe handeling binne een week vir 'n tydperk van ses maande (volgens Leymann), of aan twee negatiewe handelinge (volgens Mikkelsen en Einarsen), of aan drie of meer negatiewe handelinge (volgens Agervold) (Nielsen e.a. 2011). Die nieteikens was nie ingesluit in die navorsing nie.

Op aanbeveling van die Statistiese Konsultasiedienste van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus), is geringe wysigings by die NAQ-R aangebring om by die Suid-Afrikaanse onderwyskonteks aan te pas. Die wysigings het onder meer die splitsing van sekere items ingesluit om dubbelsinnigheid uit die weg te ruim. Biografiese besonderhede soos skooltipes, posvlakke, etnisiteit en kwalifikasies in die Suid-Afrikaanse onderwyskonteks is ook bygevoeg. Daar is verder aanbeveel dat daar in die demografie ook voorsiening gemaak word vir onderwysers jonger as 20 jaar en ook vir dié wat minder as 'n jaar onderwyservaring het.

Daar is ook van 'n Likertskaal gebruik gemaak. Wanneer respondente op 'n Likert-vraelys-item reageer, spesifiseer hulle hul vlakke van ooreenstemming of verskille op 'n simmetriese skaal aan die hand van 'n reeks stellings (Carifio en Rocco 2007:106-16; Burns en Burns 2008:245; McLeod 2008). Respondente moes by elke item 1 (NOOIT); of 2 (SELDE); of 3 (DIKWELS) of 4 (ALTYD) aandui.

800 vraelyste is in die vyf onderwysdistrikte in die Vrystaat versprei en ingesamel. 727 deelnemers het die vraelyste voltooi en terugbesorg. Dus was die responskoers 90,88%.

4.3 Data-ontleding

Die data-vaslegging en data-ontleding is deur die Statistiese Konsultasiedienste van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus) uitgevoer. Die SPSS statistiese program (SPSS 2011) is gebruik om die data te ontleed (Lauritsen, Bruus en EpiData Association 2003–5). Die beskrywende statistiek, naamlik frekwensies, gemiddeldes en standaardafwykings, is in die studie bereken. 'n Faktor-ontleding is gedoen ten einde die

geldigheid van die NAQ-R-konstruk te bepaal. Cronbach se alfa-koëffisiënt het 'n aanduiding gegee van die interne betroubaarheid van die konstruk. Boonop is die verskille in gemiddeldes van die verskillende biografiese groepe met behulp van t-toetse en ANOVAs gedoen. Cohen se d-waardes (effekgroottes) is ook bereken om vas te stel of die statisties beduidende verskille ook op praktiese betekenisvolheid dui.

4.4 Geldigheid

Die faktoriseerbaarheid van die items vir steekproefgeskiktheid is met behulp van die Kaiser-Meyer-Olkin- (KMO-) toets vasgestel. Die KMO-toets vir steekproefgeskiktheid vir die stel veranderlikes in die studie was 'n beduidende 0,971; gevolglik het die steekproefgeskiktheid gunstig vertoon.

Gedurende die navorsing is daar op drie tipes geldigheid gelet, naamlik sigwaarde, inhoudsgeldigheid en konstrukgeldigheid soos voorgestel deur Pietersen en Maree (2007:215).

Sigwaarde is verhoog deur te verseker dat vrae maklik verstaanbaar en beantwoordbaar is met spesifieke fokus op die duidelikheid en die onderskeidingsvermoë van die vrae. Die vraelyste is deeglik nagegaan en daar is voldoende aandag geskenk aan die uiterlike en inhoudelike samestelling, lengte en etiese aspekte en voorkoms om by die hoërskool-onderwyser aan te pas. Die vraelys is in Suid-Afrikaanse Engels opgestel aangesien die waarskynlikheid vir onderwysers wat Engels as eerste taal besig in die Vrystaat klein is en dat die vraelyste vir alle respondente in 'n tweede taal eweredig toeganklik sou wees.

Inhoudsgeldigheid is verseker deur vas te stel of die vrae teoreties deurdag en gepas is. Daarvoor was dit belangrik om duidelike teoretiese grense daar te stel. Sodoende kan ander navorsers vasstel of die bepaalde bevindinge na nuwe navorsing oor soortgelyke onderwerpe veralgemeen kan word. Creswell (2009:191) postuleer juis dat wanneer temas ontwerp word op grond van die sameloop van verskeie databronne en/of deelnemers se perspektiewe, die geldigheid van navorsing verseker word.

Konstrukgeldigheid is verseker deur vas te stel of die meetinstrument wel dit meet waarvoor dit ontwerp is (Schurink, Fouché en De Vos 2011:419), byvoorbeeld dat die vraelyste geskik is om psigologiese geweld onder hoërskool-onderwysers te meet. Konstrukgeldigheid is bepaal deur 'n bevestigende faktor-ontleding uit te voer. Die faktoriseerbaarheid van die items vir steekproefgeskiktheid is met behulp van die KMO-toets vasgestel. Die KMO-toets vir steekproefgeskiktheid vir die stel veranderlikes was 'n beduidende 0,971, wat hoër is as die riglynwaarde van minstens 0,9 (Field 2009:685), en daarom kon die steekproefgeskiktheid gunstig vertoon. Die Bartlett-toets is ingespan ter bevestiging dat die korrelasies tussen items groot genoeg is. Die gerapporteerde p-waarde van $p < 0,001$ het wel gedui op genoegsame korrelasie tussen die items. Die kommunaliteite verklaar die variansiepersentasie van 'n spesifieke veranderlike wat deur die afgeleide faktore na vore gebring word. Die riglynwaarde is dat 30% of meer van 'n item se variansie deur die onttrekte faktor verklaar moet word (Field 2009:675). Die laagste gerapporteerde kommunaliteit was 0,412 en dus word daar genoegsame variansie van die items verklaar. Die totale variansie verklaar deur die onttrekte faktor is 53,48%.

4.5 Betroubaarheid

Dit was ook moontlik om te bepaal tot watter mate die items in die vraelyste verwant is aan mekaar. Sodoende kon 'n indeksverslag van die herhaalbaarheid of interne konsekwenheid van die meetinstrument, soos ook deur Dunn en Smyth (2005:267–80) voorgestel, bekom word. Cronbach se koëffisiënt alfa is verder in die ondersoek gebruik as 'n toets vir interne konsekwenheid gebaseer op die inter-item-korrelasies. Cronbach se koëffisiënt alfa is verder gebruik om die gemiddelde korrelasie binne 'n toets te bepaal (Chien 2012). Die Cronbach alfa, met 'n hoë waarde van 0,97, het getoon dat die een onttrekte faktor betroubaar is. Die items in die faktor is ook intern konsekwent en kan dus as 'n geheel beskou word.

4.6 Etiese aspekte

Die navorsing is binne die grense van die Reëls en Gedrag rakende spesifiek die Beroep van Psigologie (RSA 2006. Aanhangsel 12 Wet 56 van 1974) uitgevoer. Die etiese aspekte van die navorsing was ook in ooreenstemming met die vier kategorieë soos voorgestel deur Leedy en Omrod (2001), naamlik beskerming teen skade, ingeligte toestemming, reg op privaatheid en eerlikheid met professionele kollegas. Etiese goedkeuring is ook vanaf die Noordwes-Universiteit se Etiese Komitee bekom (Klaringnommer: NWU-00011-11-A2).

5. Bevindinge

Eerstens word die biografiese gegewens van die respondente gerapporteer ten einde die leser 'n oorsig te gee van die demografiese profiel van die respondente.

Daarna word die resultate van die beskrywende statistiek van die mees ervaarde items van die NAQ-R-vraelys getabelleer.

Die laaste gedeelte van hierdie afdeling fokus op die NAQ-R as 'n geheel aangesien daar deur middel van die bevestigende faktorontleding en die betroubaarheid bewys is dat die items as een faktor beskou kan word. Let daarop dat die totaaltellings verwys na die gemiddelde telling, per persoon, oor die 22 vrae heen. Hierdie gedeelte ondersoek dan verskille ten opsigte van die NAQ-R tussen die biografiese groepe wat aan die hand van die beduidendheidsvlakke met behulp van tabelle uiteengesit is. Ten einde die gemiddeldes van twee groepe te vergelyk, is van onafhanklike t-toetse gebruik gemaak. Vir drie of meer groepe, byvoorbeeld ten opsigte van ouderdom, is 'n ANOVA uitgevoer. Die p-waarde, soos voorgestel deur Schwarz (2007), is bereken om die statisties beduidende verskille tussen gemiddeldes te identifiseer. Cohen se d-waarde is bereken om die praktiese betekenisvolheid van die verskille aan te dui (Ellis en Steyn 2003).

5.1 Demografiese profiel

Elke biografiese vraag in die navorsing ondersoek bepaalde kenmerke, byvoorbeeld die geslag, ouderdom, onderwyservaring, kwalifikasies, posvlakke, skooltipes en etnisiteit van respondente. Die demografiese profiel van die respondente word vervolgens kortliks weergegee.

Die resultate dui aan dat 42,64% van die respondente wat hulle geslag aangedui het, mans is, 53,51% vrouens en 3,85% het nie hul geslag aangedui nie.

Altesaam is minder as 15,0% van die respondente 30 jaar of jonger en 34,6% is 31–40 jaar oud. Die ander helfte van die respondente wat die vraag beantwoord het, is 41 jaar of ouer.

'n Derde (33,3%) van die onderwysers wat deelgeneem het, het 11–20 jaar onderwyservaring. In die kategorieë 0–5 jaar, 6–10 jaar en 21–30 jaar het min of meer 20,0% van die respondente hierdie onderskeie opsies gekies. Slegs 8,1% van die respondente het meer as 30 jaar se onderwyservaring.

Bykans 30,0% het aangedui dat hulle oor 'n diploma beskik. Onderskeidelik 21,7% en 31,5% beskik oor 'n B-graad of 'n BEd/Honneurs-graad. Die oorblywende 17,5% van die steekproef beskik oor 'n M-graad, PhD-graad of 'n ander kwalifikasie as dié wat reeds gelys is.

Die oorgrote meerderheid (65,5%) van die respondente het aangedui dat hulle posvlak 1 poste beklee, terwyl 12,1% senior onderwysers is en 14,7% departementshoofde is. Die ander deelnemers het aangedui dat hulle ander posvlakke beklee.

Sowat 90% van die deelnemende onderwysers gee onderrig by openbare skole, en die res by onafhanklike (private en internasionale) skole en beheerraadbefondsde skole.

Die meeste (68,9%) van die deelnemers het aangedui dat hulle swart is; 28,1% het aangedui dat hulle wit is. Altesaam het slegs 3,0% aangedui dat hulle bruin of Indiërs is.

5.2 Mees ervaarde psigologiesegeweldsitems

Die beskrywende statistiek van die agt mees ervaarde items word hier onder in tabel 1 gerapporteer.

Tabel 1. Die agt mees ervaarde psigologiesegeweldsitems

RESPONSE														
R A N G	N Q GR	ITEM	G e m.	S t. A f w.	Nooit		Selde		Dikwels		Altyd		O N T B R E E K	T O T A L
					F	%	F	%	F	%	F	%	F	%
1	14	Jou menings word geïgnoreer	1,87	,878	289	39,75	275	37,83	111	15,27	41	5,64	11	1,51
2	21	Blootstelling aan onbeheerbare werklading	1,79	,926	346	47,59	212	29,16	105	14,44	47	6,46	17	2,34
3	18	Buitensporige monitering van jou werk	1,76	,927	362	49,79	203	27,92	100	13,76	47	6,46	15	2,06
4	1	Weerhouding van inligting	1,75	,839	338	46,49	240	33,01	107	14,72	25	3,44	17	2,34

		wat jou werk affekteer													
4	16	Word take met onredelike spertye opgedra	1,75	,913	368	50,62	209	28,75	96	13,20	45	6,19	9	1,24	727
5	5	Verspreiding van gerugte oor jou	1,74	,850	341	46,91	254	34,94	88	12,10	34	4,68	10	1,38	727
6	6	Jy word uitgesluit	1,73	,865	356	48,97	233	32,05	97	13,34	34	4,68	7	0,96	727
7	7	Aanstootlike aanmerkings word teenoor jou gemaak	1,68	,816	366	50,34	243	33,43	82	11,28	26	3,58	10	1,38	727
8	8	Is die teiken van spontane toorn	1,61	,806	398	54,75	221	30,40	69	9,49	26	3,58	13	1,79	727

Tabel 1 toon die resultate van die agt psigologiese geweldsitems wat die meeste deur respondente ervaar word. Die gemiddeldes wissel van die hoogste (1,87) tot die laagste (1,61). Alhoewel dit die hoogs/mees ervaarde psigologiese geweldsitems is, word dit net selde ervaar aangesien 1,87 en 1,61 in hierdie studie neig na selde. Twee items, NAQ-R 1 en 16, beklee dieselfde rang op die rangorde as gevolg van hul ooreenstemmende gemiddeldes. Gevolglik word die item met die kleiner numeriese waarde eerste geplaas. Die agt mees ervaarde geweldsitems in hierdie studie stem grootliks ooreen met dié soos in navorsing deur Einarsen (2000:379-386) bevind.

5.2.1 Jou menings word geïgnoreer

Item 14 verskyn heel bo aan die rangorde met 'n gemiddeld van 1,87. Menings wat geïgnoreer word, word dus die meeste deur die respondente ervaar. 'n Groot meerderheid respondente, naamlik 438 (60,25%), het op verskillende vlakke aangedui dat hul menings geïgnoreer word. Tweehonderd-vyf-en-sewentig (39,75%) respondente het aangedui dat hul menings selde geïgnoreer word. Eenhonderd-en-elf (15,27%) van die respondente het aangedui dat hul menings dikwels geïgnoreer word. Die menings van 41 (5,64%) respondente word altyd geïgnoreer (vgl. Tabel 1). Tweehonderd-nege-en-tagtig (39,75%) van die respondente het aangedui dat hul menings nooit geïgnoreer word nie. Dit wil sê, met die uitsondering van die elf (1,51%) wat ontbreek, het 427 (58,74%) selde, dikwels of altyd psigologiese geweld ervaar.

Ignorering van menings ressorteer ook onder werkverwante bullebakkerij. Hiervolgens word die teikenpersoon se vrae of pogings om aan 'n bespreking deel te neem, soos in die bostaande tabel aangedui, met stilte begroet. Einarsen (2000:379-386) beskou psigologiese geweld in die werkplek as mishandeling en die misbruik van mag.

5.2.2 Blootstelling aan onbeheerbare werklading

Blootstelling aan onbeheerbare werklading beklee die tweede posisie met 'n gemiddeld van 1,79. Driehonderd-vier-en-sestig (50,07%) respondente het op verskillende vlakke aangedui dat hulle aan onbeheerbare werklading blootgestel word. Tweehonderd-en-twaalf (29,16%) respondente het aangetoon dat hulle selde blootstelling aan onbeheerbare werklading ervaar. Eenhonderd-en-vyf (14,44%) respondente het aangedui dat hulle dikwels aan onbeheerbare werklading blootgestel word. Sewe-en-veertig (6,46%) respondente word altyd aan onbeheerbare werklading blootgestel. Hierdie tendens ten opsigte van werklading stem ooreen met die bevindinge van Meyer (2011:151) waarin sy 'n soortgelyke tendens onder

personeellede van VOO-kolleges bevind het. Driehonderd-ses-en-veertig (47,59%) van die respondente het aangedui dat hulle nooit aan onbeheerbare werklading blootgestel word nie. Sewentien (2,34%) respondente het nie op hierdie item gereageer nie.

5.2.3 Buitensporige monitering van jou werk

Die buitensporige monitering van werk lê derde op die ranglys met 'n gemiddeld van 1,76. Driehonderd-en-vyftig (48,14%) respondente het op verskillende vlakke aangedui dat hulle buitensporige monitering van hul werk ervaar. Tweehonderd-en-drie (27,92%) respondente het aangetoon dat hulle selde buitensporige monitering van hul werk ervaar. Eenhonderd (13,76%) respondente het aangedui dat hulle dikwels buitensporige monitering van hul werk ervaar. Sewe-en-veertig (6,46%) van die respondente het aangedui dat hul werk altyd buitensporig gemonitor word. Driehonderd-twee-en-sestig (49,79%) van die respondente het aangedui dat hulle nooit buitensporige monitering van hul werk ervaar nie. Vyftien (2,06%) van die respondente het nie op hierdie item gereageer nie.

5.2.4 Iemand weerhou inligting wat jou werkverrigting beïnvloed

Die weerhouding van inligting wat die werkverrigting beïnvloed, beklee, gepaard met die opdrag van take met onredelike spertye, die vierde plek in die rangorde met 'n gemiddeld van 1,75. Driehonderd-twee-en-sewentig (51,17%) van die respondente het op verskillende vlakke aangedui dat inligting van hulle weerhou word. Tweehonderd-en-veertig (33,01%) respondente het aangetoon dat hulle dit selde ervaar dat iemand inligting wat hul werkverrigting beïnvloed, weerhou. Eenhonderd-en-sewe (14,72%) respondente het aangedui dat inligting dikwels van hulle weerhou word en dat dit hul werkverrigting nadelig beïnvloed. Vyf-en-twintig (3,44%) respondente het aangedui dat inligting altyd van hulle weerhou word. Driehonderd agt-en-dertig (46,49%) van die respondente het aangedui dat hulle nooit ervaar het dat iemand inligting wat hul werkverrigting beïnvloed, van hulle weerhou het nie. Sewentien (2,34%) van die respondente het nie op hierdie item gereageer nie.

5.2.5 Jy word take met onredelike spertye opgedra

Driehonderd-en-vyftig (48,14%) respondente het op verskillende vlakke aangedui dat take met onredelike spertye aan hulle opgedra word. Tweehonderd-en-nege (28,75%) respondente het aangetoon dat hulle dit selde ervaar dat take met onredelike spertye aan hulle opgedra word. Ses-en-neëntig (13,20%) respondente het aangedui dat take met onredelike spertye dikwels aan hulle opgedra word. Vyf-en-veertig (6,19%) respondente het aangetoon dat daar altyd take met onredelike spertye aan hulle opgedra word. Navorsing deur Matsela (2009:128) onder onderwysers in Lesotho toon, soos in hierdie studie, dat teikenpersone aan buitensporige druk onderwerp word om hul werkverrigting te verhoog. Meyer (2011:151) het ook hierdie item as een van die mees algemene psigologiese geweld-ervarings onder personeel in VOO-Kolleges uitgewys. Driehonderd-agt-en-sestig (50,62%) van die respondente het aangedui dat hulle nooit ervaar het dat take met onredelike spertye aan hulle opgedra word nie. Die inligting van 9 (1,24%) respondente ten opsigte van hierdie item ontbreek.

5.2.6 Verspreiding van gerugte oor jou

Verspreiding van gerugte rang vyfde op die ranglys met 'n gemiddeld van 1,74. Driehonderd-ses-en-sewentig (51,72%) respondente het op verskillende vlakke aangedui dat daar gerugte oor hulle versprei word. Tweehonderd-vier-en-vyftig (34,94%) respondente het aangedui dat hulle dit selde ervaar dat gerugte oor hulle versprei word. Agt-en-tagtig (12,10%) respondente het aangedui dat gerugte dikwels oor hulle versprei word. Vier-en-dertig (4,68%) respondente ervaar altyd dié negatiewe optrede. Die stelselmatige karakter-aftakeling waaraan die teikenpersoon deur die verspreiding van gerugte onderwerp word, kom in hierdie studie na vore. Driehonderd-een-en-veertig (46,91%) respondente het aangedui dat hulle dit nooit ervaar het dat gerugte oor hulle versprei word nie. Die inligting van 10 (1,38%) respondente ten opsigte van hierdie item ontbreek.

Hierdie negatiewe optrede word ook in die navorsingsliteratuur oor die mishandeling van onderwysers deur Blase en Blase (2008:632-301), Lutgen-Sandvik, Tracey en Alberts (2006:837-838) bevestig. Ten spyte van die hoë voorkomswaarskyn van hierdie tipe geweldsoptrede is die algemene intensiteitsgevoelens van respondente van hierdie studie matig tot laag ten opsigte van belangrikheid. In hierdie studie beklee verspreiding van gerugte die vyfde posisie in 'n rangorde van agt (vgl. Tabel 1).

5.2.7 Jy word uitgesluit

Na aanleiding van Tabel 1 het 364 (50,07%) respondente op verskillende vlakke aangedui dat hulle uitgesluit word. Die item verskyn sewende op die ranglys van die mees ervaarde items van psigologiese geweld met 'n gemiddelde van 1,73. Driehonderd-vier-en-sestig (50,07%) respondente het op verskillende vlakke aangedui dat hulle uitgesluit word. Tweehonderd-drie-en-dertig (32,05%) respondente het aangedui dat hulle selde uitgesluit word. Sewe-en-neëntig (13,34%) respondente het aangedui dat hulle dikwels uitgesluit word. Vier-en-dertig (4,68%) het aangedui dat hulle altyd uitgesluit word. Driehonderd-ses-en-vyftig (48,97%) respondente het aangedui dat hulle nooit uitsluiting ervaar het nie. Sewe (0,96%) het nie op hierdie item gereageer nie.

5.2.8 Aanstootlike aanmerkings word teenoor jou gemaak

Driehonderd-een-en-vyftig (48,28%) respondente het op verskillende vlakke aangedui dat daar aanstootlike opmerkings teenoor hulle gemaak word. Hierdie item verskyn agste op die ranglys van die mees ervaarde items van psigologiese geweld met 'n gemiddeld van 1,68. Tweehonderd-drie-en-veertig (33,43%) respondente het aangedui dat hulle dit selde ervaar dat daar aanstootlike opmerkings teenoor hulle gemaak word. Twee-en-tagtig (11,28%) ervaar dikwels hierdie optrede. Ses-en-twintig (3,58%) respondente het aangedui dat hulle altyd aanstootlike aanmerkings teenoor hulle ervaar. Driehonderd-ses-en-sestig (50,34%) van die respondente het aangedui dat hulle dit nooit ervaar het dat aanstootlike aanmerkings teenoor hulle gemaak word nie. Tien (1,38%) van die respondente het nie hul ervaring ten opsigte van hierdie item aangedui nie.

5.2.9 Jy is die teiken van spontane toorn

Item 8 beklee die laaste plek in die ranglys oor die mees ervaarde psigologiese geweldsitems. Driehonderd-en-sestien (43,47%) respondente het op verskillende vlakke aangedui dat hulle

aan spontane toorn blootgestel word. Tweehonderd-een-en-twintig (30,40%) respondente het aangedui dat hulle selde die teikens van spontane toorn is. Nege-en-sestig (9,49%) van die respondente het aangedui dat hulle dikwels die teiken van spontane toorn is. Ses-en-twintig (3,58%) van die respondente het aangedui dat hulle altyd die spontane toorn van kollegas of bestuur ervaar. Driehonderd-agt-en-neëntig (54,75%) van die respondente het aangedui dat hulle dit nooit ervaar het dat hulle die teiken van spontane toorn is nie. Dertien (1,79%) het nie op hierdie item gereageer nie.

5.3 Verskille ten opsigte van biografiese groepe

Die resultate van die t-toetse en ANOVAs wat uitgevoer is om te bepaal of die verskillende biografiese groepe psigologiese geweld verskillend ervaar het, word hierna gerapporteer.

5.3.1 Geslag

Tabel 2. T-toets vir verskille ten opsigte van geslagte se ervaring van psigologiese geweld

	GESLAG	N	Gem.	St. Afw.	EFFEKGROOTTE (d)	p-waarde
1	Manlik	309	1,65	0,61		
2	Vroulik	388	1,55	0,58	*0,16	0,03

*~ 0,2=Klein effek **~ 0,5=Medium effek ***~ 0,8=Groot effek

Die t-toets in die studie het aangedui of daar verskille in gemiddeldes tussen twee groepe, naamlik mans en vroue, is. Die p-waarde van 0,03 dui aan dat daar 'n statisties beduidende verskil tussen die twee groepe se gemiddeldes bestaan. Die d-waarde van 0,16 dui op 'n klein effek. Beide groepe het aangedui dat hulle nooit nie tot selde psigologiese geweld ervaar het. Mans het effens meer na "selde" geneig, maar die verskille is nie prakties betekenisvol nie.

5.3.2 Ouderdom

Tabel 3. ANOVA ten opsigte van ouderdomsgroepe en blootstelling aan psigologiese geweld

	OUDERDOM	N	Gem.	St. Afw.	EFFEKGROOTTES (d)			p-waarde
					18-25 jr	26-30 jr	31-40 jr	
1	18-25 jr	41	1,38	0,45				
2	26-30 jr	64	1,51	0,51	*0,25			
3	31-40 jr	246	1,63	0,63	**0,39	0,18		0,056
4	41-50+ jr	360	1,61	0,59	**0,39	0,17	0,03	
	TOTAAL	711	1,60	0,59				

*~ 0,2=Klein effek

**~ 0,5=Medium effek

***~ 0,8=Groot effek

Tabel 3 toon 'n p-waarde van 0,056, wat egter groter is as 0,05 en dus nie op statisties beduidende verskille tussen groepe dui nie. Wanneer daar na die gemiddeldes gekyk word,

kom die hoogste gemiddeldes by die ouderdomsgroepe 31–40 (Gem. = 1,63, St. Afw. = 0,63) en 41–50 (Gem. = 1,61, St. Afw. = 0,59) jaar voor. Na aanleiding van die verskille in gemiddeldes en die d-waarde ervaar ouer onderwysers meer dikwels psigologiese geweld as jonger onderwysers. Die grootste prakties betekenisvolle verskille (0,39) wat betref blootstelling aan psigologiese geweld ten opsigte van ouderdom kom onder onderwysers met ouderdomme 31–40, asook 41–50+ en 18–25 jaar voor. Cohen se d-waardes dui op prakties betekenisvolle verskille wat neig na mediumverskille tussen ouderdomsgroepe.

5.3.3 Onderwyservaring

Tabel 4. ANOVA ten opsigte van jare onderwyservaring en die ervaring van psigologiese geweld

ONDERWYSERVARING	N	Gem.	St. Afw.	EFFEKGROOTTES (d)			p-waarde
				0-10 jr	11-20 jr	21-31+ jr	
1 0-5 jr	137	1,35	0,39				
2 6-10 jr	132	1,59	0,52	**0,46			
3 11-20 jr	234	1,61	0,55	**0,48	0,04		<0,0001
4 21-30 jr	142	1,74	0,70	**0,55	*0,21	0,18	
5 31+ jr	57	1,74	0,73	**0,54	*0,21	0,18	
TOTAAL	700	1,59	0,58	0,58			

*~ 0,2=Klein effek

**~ 0,5=Medium effek

***~ 0,8=Groot effek

Mediumeffekgroottes of prakties betekenisvolle verskille was opmerklik tussen die groep respondente met die minste onderwyservaring (Gem. = 1,35) en alle ander ervaringsvlakke (Gem. = 1,59–1,74). Volgens die gemiddeldes word die onderwysers met meer onderwyservaring meer gereeld aan psigologiese geweld blootgestel as dié met die minste onderwyservaring. Terwyl die groep met minder onderwyservaring aangedui het dat hulle oor die algemeen “nooit” psigologiese geweld ervaar het nie, het dié met meer onderwyservaring geneig na “selde”. Die p-waarde van <0,0001, wat kleiner as 0,05 is, dui op statisties beduidende verskille tussen die gemiddeldes.

5.3.4 Kwalifikasies

Tabel 5. ANOVA ten opsigte van kwalifikasies en die ervaring van psigologiese geweld

EFFEKGROOTTES (d)									
Kwal.	N	Gem.	St. Afw.	Diploma	B-Gr.	Bed/ Hon	M-Gr.	PhD	p-waarde
1 Diploma	205	1,55	0,56						
2 B-graad	151	1,61	0,61	0,10					
3 Bed/Hon	219	1,66	0,59	0,19	0,08				
4 M-Graad	38	1,83	0,82	**0,35	*0,27	*0,21			0,002
5 PhD	2	2,38	0,88	***0,95	***0,89	***0,83	**0,63		
6 Ander	82	1,44	0,47	0,19		**0,36	**0,47	***1,07	

TOTAAL	697	1,60	0,59						

*~ 0,2=Klein effek

**~ 0,5=Medium effek

***~ 0,8=Groot effek

Die p-waarde van 0,002, wat kleiner as 0,05 is, dui op statisties beduidende verskille tussen die gemiddeldes van die groepe ten opsigte van kwalifikasies. 'n Klein tot mediumeffekgrootte is waarneembaar tussen die groep met diplomas en dié met M-grade, naamlik $d = 0,35$. Die afleiding kan gemaak word dat die groep met die M-grade (Gem. = 1,83, St. Afw. = 0,82) meer aan psigologiese geweld blootgestel word as dié met diplomas (Gem. = 1,55, St. Afw. = 0,56).

Die grootste verskille betreffende blootstelling aan psigologiese geweld ten opsigte van kwalifikasies kom tussen respondente met PhD-grade en dié met diplomas ($d = 0,95$) voor. Prakties betekenisvolle verskille is ook waarneembaar tussen groepe met B-grade en dié met PhD-grade ($d = 0,89$) en tussen groepe met BEd/Hons-grade en dié met PhD-grade ($d = 0,83$). Die afleiding kan dus gemaak word dat respondent met PhD-grade meer aan psigologiese geweld blootgestel word as dié met diplomas, B-grade en BEd/Hons-grade onderskeidelik. Alhoewel die respondente met PhD-grade aangedui het dat hulle selde tot dikwels aan psigologiese geweld blootgestel word en die ander groepe aangedui het dat hulle nooit nie tot selde blootgestel word, moet die afleiding met omsigtigheid benader word, omdat slegs twee respondente oor 'n PhD-graad beskik.

'n Medium tot groot prakties betekenisvolle verskil ($d = 0,63$) is ook opmerkbaar tussen die groep met M-grade (Gem. = 1,83, A. = 0,82) en dié met PhD-grade (Gem. = 2,38, St. Afw. = 0,88). Die groep met PhD-grade word meer as dié met M-grade aan psigologiese geweld blootgestel. Die groep met PhD-grade het aangedui dat hulle selde tot dikwels aan psigologiese geweld blootgestel word, terwyl dié met M-grade aangedui het dat hulle dit selde ervaar het. Ook hierdie afleiding moet met omsigtigheid gemaak word vanweë die groot verskil in getalle tussen die twee groepe.

Met verwysing na tabel 5 val dit veral op dat die gemiddeldes toeneem na gelang van kwalifikasieverbetering, en dit bevestig die verband tussen blootstelling aan psigologiese geweld en hoër kwalifikasies.

5.3.5 Posvlakke

Tabel 6. ANOVA ten opsigte van respondente in verskillende posvlakke se ervarings van psigologiese geweld

EFFEKGROOTTES (d)								
	Posvlak	N	Gem.	St. Afw.	Pv.1	Sen.Ond.	Dpt.hoof	p-waarde
1	Pv.1	456	1,53	0,50				
2	Sen.Ond.	83	1,83	0,74	**0,41			
3	Dpt.hoof	101	1,78	0,76	*0,33	0,07		<0,001
4	Ander	53	1,55	0,62	0,04	**0,37	*0,30	
TOTAAL				0,60				

*~ 0,2=Klein effek

**~ 0,5=Medium effek

***~ 0,8=Groot effek

Die gerapporteerde p-waarde van <0,001 dui op statisties betekenisvolle verskille in die gemiddelde ervarings van psigologiese geweld ten opsigte van posvlakke. 'n Medium-effekgrootte ($d = 0,41$) is opmerkbaar tussen posvlak 1-onderwysers (Gem. = 1,53, St. Afw. = 0,05) en senior onderwysers (Gem. = 1,83, St. Afw. = 0,74). Die afleiding is dus gemaak dat senior onderwysers meer dikwels aan psigologiese geweld blootgestel word as posvlak 1-onderwysers. Daar is ook 'n klein tot medium-effekgrootte ($d = 0,37$) opmerkbaar tussen senior onderwysers (Gem. = 1,83, St. Afw. = 0,74) en "ander" (Gem. = 1,55, St. Afw. = 0,62). Dus kan daar afgelei word dat senior onderwysers meer dikwels aan psigologiese geweld blootgestel word as "ander" onderwysers, alhoewel beide gemiddeldes neig na selde. 'n Klein tot medium-effekgrootte ($d = 0,30$) kom tussen "ander" (Gem. = 1,55, St. Afw. = 0,76) en departementshoofde (Gem. = 1,78, St. Afw. = 0,76) voor. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat departementshoofde meer dikwels aan psigologiese geweld as respondente in "ander" posvlakke, alhoewel beide in hierdie geval ook neig na selde.

'n Klein tot medium-effekgrootte ($d = 0,33$) kan opgemerk word tussen posvlak 1-onderwysers (Gem. = 1,53, St. Afw. = 0,50) en departementshoofde (Gem. = 1,78, St. Afw. = 0,76). Die verskille in gemiddeldes tussen hierdie twee groepe dui daarop dat departementshoofde meer gereeld (neig na selde) psigologiese geweld ervaar as posvlak 1-onderwysers (nooit tot selde).

5.3.6 Skooltipes

Tabel 7. ANOVA ten opsigte van ervaring van psigologiese geweld by verskillende skooltipes

EFFEKGROOTTES (d)							
	Skooltipe	N	Gem.	St. Afw.	Openbaar	Onafhanklik	p-waarde
1	Openbaar	619	1,62	0,60			
2	Onafhanklik	65	1,43	0,57	*0,32		0,009
3	Ander	9	1,24	0,40	**0,64	*0,34	
	TOTAAL	693	1,60	0,59			

*~ 0,2=Klein effek

**~ 0,5=Medium effek

***~ 0,8=Groot effek

Tabel 7 toon 'n p-waarde van 0,009, wat dui op statisties beduidende verskille tussen die gemiddeldes van die NAQ-R tussen die onderskeie tipes skole waar respondente onderrig gee. 'n Medium- tot groot effekgrootte ($d = 0,64$) is waarneembaar tussen groepe wat by openbare skole onderrig gee (Gem. = 1,62, St. Afw. = 0,60) en dié wat by "ander" skooltipes onderrig gee (Gem. = 1,24, St. Afw. = 0,40). Vanweë die verskille in gemiddeldes kan die afleiding gemaak word dat respondente by openbare skole (neig tot selde) meer aan psigologiese geweld blootgestel word as dié by "ander" skooltipes wat aandui dat hulle nooit blootgestel word nie. Daar is 'n klein tot medium effekgrootte ($d = 0,34$) waarneembaar

tussen groepe by onafhanklike skole (Gem. = 1,43, St. Afw. = 0,57) en “ander” skole (Gem. = 1,24, St. Afw. = 0,40). Na aanleiding van die verskille in gemiddeldes kan die afleiding gemaak word dat respondente by openbare skole moontlik meer dikwels aan psigologiese geweld blootgestel word as dié wat by “ander” skole onderrig gee, aangesien die onafhanklike skolegroep effens meer neig na selde. Dit is egter belangrik om daarop te let dat hierdie afleiding met omsigtigheid gemaak word aangesien slegs nege respondente aangedui het dat hulle by “ander” skole onderrig gee.

5.3.7 Etnisiteit

Tabel 8. ANOVA ten opsigte van etnisiteit en die ervaring van psigologiese geweld

EFFEKGROOTTES (d)								
	Etnisiteit	N	Gem.	St. Afw.	Swart	Wit	Bruin	p-waarde
1	Swart	488	1,62	0,57				
2	Wit	198	1,49	0,57	*0,22			
3	Bruin	19	2,25	0,80	***0,79	***0,95		<0,001
4	Indiër	2	1,95	1,35	*0,25	*0,34	*0,22	
	TOTAAL	707	1,60	0,59				

*~ 0,2=Klein effek

**~ 0,5=Medium effek

***~ 0,8=Groot effek

Die p-waarde van <0,001 dui op statisties beduidende verskille in gemiddeldes van die NAQ-R tussen groepe ten opsigte van etnisiteit. 'n Groot effekgrootte ($d = 0,79$) is opmerkbaar ten opsigte van etnisiteit tussen swart (Gem. = 1,62, St. Afw. = 0,75) en bruin (Gem. = 2,25, St. Afw. = 0,80) groepe. Vanweë die verskille in gemiddeldes kan die afleiding gemaak word dat swart onderwysers minder gereeld (neig tot selde) blootgestel word aan psigologiese geweld as bruin onderwysers (neig tot dikwels). Na aanleiding van die verskille in gemiddeldes kan die afleiding gemaak word dat swart onderwysers (Gem. = 1,62, St. Afw. = 0,57) en wit onderwysers (Gem. = 1,49, St. Afw. = 0,57) minder dikwels aan psigologiese geweld blootgestel word as hul bruin kollegas (Gem. = 2,25, St. Afw. = 0,80). Aangesien bruin onderwysers in die Vrystaat in die minderheid is, is dit moontlik dat 'n minderheidsgroep hier aan psigologiese geweld blootgestel word.

6. Bespreking

Vanuit die bevindinge kan die volgende afleidings gemaak word. Hoërskool-onderwysers in die Vrystaat het die volgende aangedui as die mees ervaarde psigologiesegewelditems: dat hul menings geïgnoreer word, onbeheerbare werklading, buitensporige monitering van hul werk, weerhouding van inligting wat hul werk nadelig affekteer, take met onredelike spertye, verspreiding van gerugte oor hulle, uitsluiting, aanstootlike aanmerkings teenoor hulle en uitbarstings. Die ervaring van psigologiese geweld is dus meestal sigbaar in die werksverband (ekologiese konteks) van hierdie onderwysers. Hierdie bevindinge toon dat die steekproefgroep psigologiese geweld ervaar, maar in 'n mindere mate ervaar, aangesien daar

oor die algemeen aangedui is dat hierdie items selde ervaar word. In ooreenstemming met hierdie bevinding het Carter e.a. (2016:4) (wat onlangs die NAQ-R in die Verenigde Koninkryk gebruik het) ook bevind dat teikenpersone onbeheerbare werkslading, weerhouding van inligting wat werk nadelig affekteer, uitsluiting en uitbarstings, as die mees ervaarde psigologiesegeweldsitems aangedui het. Soortgelyke bevindings, asook in hierdie navorsing, is ook in Estland gerapporteer, wat ook met behulp van die NAQ-R ingewin is, naamlik dat die mees ervaarde items weerhouding van inligting, uitermatige monitering, onredelike spertye en onbeheerbare werkslading insluit (Tambur en Vadi 2009:791). Blasé e.a. (2008:282) het bevind dat 40% van die respondente aangetoon het dat hulle aan werkoorslading, ignorering, isolering, uitsluiting en skinder blootgestel is. Insgelyks het Meyer en Kirsten (2015:191) in die Suid-Afrikaanse onderwyssektor ook bevind dat teikenpersone psigologiese geweld in die vorm van onredelike spertye ervaar, terwyl Meyer en Kirsten (2015:191) ook blootstelling aan onbeheerbare werkslading gerapporteer het. Isolاسie as gevolg van negatiewe gedrag is ook deur Jacobs en De Wet (2015b:35) onder opvoeders in die Vrystaat gerapporteer, asook deur De Vos en Kirsten (2015:4). Mikrobestuur, wat baie ooreenkom met uitermatige monitering van werk soos in hierdie navorsing gerapporteer, is ook deur Blasé e.a. (2008:282) en De Vos en Kirsten (2015:4) bevind.

Die bevindinge rakende geslag het getoon dat manlike en vroulike onderwysers min of meer ewe veel aan psigologiese geweld blootgestel word. Matsela (2009) en Meyer (2011) het, in ooreenstemming met hierdie bevinding, ook geen verskille in die ervaring van psigologiese geweld ten opsigte van geslag bevind nie. In teenstelling met hierdie bevinding ten opsigte van geslag, het Salin (2005) en Lippel e.a. (2016:82) bevind dat vroulike werknemers meer aan psigologiese geweld blootgestel word as hul manlike kollegas. Blasé e.a. (2008:280–92) het ook bevind dat vroulike onderwysers meer blootgestel word aan wanbehandeling as hul manlike kollegas. Navorsing in Turkye het bevind dat die oorgrote meerderheid van toepassers van psigologiese geweld in die werksplek vroulik is. Hierdie tendens is te verwagte aangesien die oorgrote meerderheid bankwerknemers in Turkye vroue is (Yilmaz en Soydas 2006:2–4). Daarteenoor het Jacobs en De Wet (2015a:50) bevind dat manlike onderwysers meer blootgestel word aan psigologiese geweld as vroulike onderwysers; so ook Carter e.a. (2016:7) in die Verenigde Koninkryk en Tambur en Vadi (2009:799) in Estland, maar wel in die gesondheidssektor en die regsberoep onderskeidelik. Die voorgenoemde navorsers het ook van die NAQ-R gebruik gemaak.

In hierdie navorsing is daar is ook bevind dat ouer onderwysers meer dikwels aan psigologiese geweld blootgestel word as jonger onderwysers met minder onderwyserervaring. Soortgelyke navorsing deur Matsela (2009:196) in Lesotho en Meyer (2011:1911) in Suid-Afrika het ook dieselfde tendens getoon. In 'n internasionale onderwyskonteks het Blasé e.a. (2008:28) ook bevind dat onderwysers in die ouderdomsgroep 50–59 jaar meer blootgestel is aan wanbehandeling as jonger kollegas (jonger as 25 jaar). Ten opsigte van die Suid-Afrikaanse onderwysopset het Jacobs en De Wet (2015a:64) bevind dat onderwysers in die ouderdomsgroep 51–60 jaar meer blootgestel word aan psigologiese geweld, terwyl onderwysers van 61 jaar en ouer die minste psigologiese geweld ervaar het, maar die voorgenoemde verskille was nie van 'n statisties beduidende aard nie. 'n Verslag oor psigologiese geweld in die VSA het ook getoon dat dit meer waarskynlik is dat ouer personeellede aan psigologiese geweld blootgestel word as jonger lede (Namie 2003). Ouer onderwysers, daarenteen, is uit ervaring versigtiger. In hierdie verband is bevind dat ouer onderwysers 'n toenemende tendens toon om nie op te tree wanneer hulle aan psigologiese

geweld blootgestel word nie. So raak ouer onderwysers dan sagte teikens vir psigologiese geweld (Ólafsonn en Jóhannsdóttir 2004:329). Ouderdomsverwante blootstelling aan psigologiese geweld kan ouer onderwysers negatief raak, veral gesien teen die agtergrond daarvan dat hulle dikwels beduidende finansiële verpligtinge het. Die kanse dat ouer werknemers weer in 'n werk aangestel sal word, is skraler as dié van jonger persone. Die bevinding oor blootstelling aan psigologiese geweld ten opsigte van ouderdom verskil egter van sommige vorige bevindinge waar jonger onderwysers meer blootgestel word as hul ouer kollegas (Russo, Milic e.a. 2008).

In ooreenstemming met hierdie navorsing het Blasé e.a. (2008:281), Matsela (2009) en Meyer (2011) bevind dat meer ervare onderwysers en personeel meermale blootgestel word aan psigologiese geweld. Blasé e.a. (2008:281) het byvoorbeeld bevind dat onderwysers met meer as 20 jaar ervaring meer aan psigologiese geweld blootgestel is as onderwysers met 1–3 jaar ervaring. Die vorm van hierdie psigologiese geweld het ingesluit dat hoofde ander onderwysers werf om teikenpersone se werksuitsette/pogings te ondermyn, om oor hierdie onderwysers te skinder, en om met ander onderwysers saam te sweer om hierdie onderwysers af te kraak / te verkleineer. Onderwysers met 10–19 jaar ervaring is ook meer blootgestel aan sekere vorme van ongewenste gedrag (weerhouding daarvan om oorgeplaas te word na ander poste) as onderwysers met 1–3 jaar ervaring (Blasé e.a. 2008:281). Onderwysers met 19 jaar ondervinding het ook meer as onderwysers met 1–9 jaar ervaring blokkering en onregverdigde evaluasies ervaar, en het ondervind dat hoofde in gebreke bly om te reageer (Blasé e.a. 2008:281).

Dit blyk ook uit die bevindings dat daar 'n moontlike verband bestaan tussen kwalifikasieverbetering en die blootstelling aan psigologiese geweld. Senior onderwysers in die Vrystaat met die hoër kwalifikasies, naamlik meestersgrade en veral PhD-grade, word meer aan psigologiese geweld blootgestel. Die groep met die M-grade is byvoorbeeld meer aan psigologiese geweld blootgestel as dié met diplomas, maar dié met PhD's word meer blootgestel aan psigologiese geweld as dié met M-grade. Laasgenoemde afleiding moet egter met omsigtigheid gemaak word vanweë die groot verskille in getalle tussen die M- en PhD-groepe. Onderwysers in hierdie studiepopulasie met PhD-grade word ook meer aan psigologiese geweld blootgestel as dié met diplomas, B-grade en BEd/Hons-grade onderskeidelik. Alhoewel die onderwysers met PhD-grade aangedui het dat hulle selde tot dikwels aan psigologiese geweld blootgestel word en die ander groepe aangedui het dat hulle nooit tot selde blootgestel word, moet ook dié afleiding met omsigtigheid benader word, omdat slegs twee respondente oor 'n PhD-grad beskik.

Hierdie bevindinge ten opsigte van kwalifikasieverbetering en psigologiese geweld stem egter ook ooreen met dié in die literatuur deur Brodsky (1976) en Neuman en Baron in Einarsen e.a. (2003:186). Zogby Internasionaal het selfs verder gegaan deur te postuleer dat oortreders dikwels die besgekwalfiseerdes aan psigologiese geweld blootstel omdat hulle (oortreders) dikwels die positiewe eienskappe van hierdie teikenpersone as 'n bedreiging beskou (Larmer 2005:502; Wormald 2005). Ander redes vir die korrelasie tussen blootstelling en beter kwalifikasies mag ook voortspruit uit die persepsie dat persone wat hoogs gekwalifiseer is, buitengewoon oplettend is, deur medewerke bewonder word, prestasiegedrewe, ongeunsteld, nadruklik en oorkrities is. Hierdie eienskappe word ook deur die oortreder as 'n bedreiging beskou. Die verdedigende oortreders, daarenteen, beskik dikwels oor 'n lae selfbeeld en voel minderwaardig, bedreig en jaloers. Gevolglik betuel

hulle die teikenpersoon, en sodoende verminder hulle hulle eie gevoel van onbevoegdheid (Neuman en Baron in Einarsen e.a. 2003:186; Buon en Buon 2007).

Dit wil ook voorkom of onderwysers wat hoër posvlakke beklee meer aan psigologiese geweld blootgestel word as dié in laer posvlakke, byvoorbeeld senior onderwysers en departementshoofde. In hierdie verband het Jacobs en De Wet (2015a:58), asook Jacobs en De Wet (2015b:44) bevind dat onderwysers wat bevorder is, meer psigologiese geweld ervaar as hul posvlak 1-kollegas. Met verwysing na die moontlikheid dat departementshoofde meer psigologiese geweld ervaar as posvlak 1-onderwysers kan die afleiding gemaak word dat die skoolhoof, byvoorbeeld, sommige departementshoofde as moontlike bedreiging vir sy/haar posisie beskou. Blasé e.a. (2008:294) en Namie en Namie (2009:57) het in hierdie verband gerapporteer dat teikenpersone dikwels as 'n bedreiging beskou word deur oortreders, vandaar die psigologiese geweld. Alhoewel die bevindings van Blasé en Blasé (2003); Workplace Bullying Institute (2007); Blasé e.a. (2008) en Meyer en Kirsten (2015) ook aangetoon het dat psigologiese geweld van “bo” na “onder” toegepas word, is die bevindings in die navorsing dus teenstrydig met voorgenoemde.

Onderwysers by openbare skole word ook meer dikwels blootgestel aan psigologiese geweld as onderwysers by “ander” skole. Ertürk (2013) en Charilaos e.a. (2015) het bevind dat, in ooreenstemming met die bevinding in hierdie navorsing, onderwysers by openbare skole meer dikwels aan psigologiese geweld blootgestel word as dié by privaatskole. Werknemers in die openbare sektor blyk meer aan psigologiese geweld blootgestel te word as dié in die privaatsektor (Hoel, Cooper en Faragher 2004). In ooreenstemming met die bevinding in hierdie navorsing het Steinman (2007:42) en meer onlangs Giorgi e.a. (2011:692) in Japan (laasgenoemde het die NAQ-R gebruik) gerapporteer dat werknemers in die openbare sektor meer blootgestel word aan psigologiese geweld as werknemers wat in die privaatsektor werksaam is. Volgens Namie en Namie (2009:23) word werknemers in die opvoeding- en openbare sektor meer blootgestel aan psigologiese geweld as gevolg van 'n gebrek aan bevordering en vergoedingsmoontlikhede. Ook Lippel e.a. (2016:83) het bevind dat die voorkoms van psigologiese geweld hoër is onder werknemers in die openbare sektor. Hulle skryf dit toe daaraan dat die meerderheid openbaresektorwerknemers aan vakunies behoort. Hulle het ook bevind dat tydelike werknemers minder blootgestel word aan wanbehandeling as permanente werknemers (Lippel e.a. 2016:83). Blasé e.a. (2008:82) het egter ook bevind dat onderwysers met 'n vakuniekontrak meer blootgestel word aan psigologiese geweld as dié daarsonder (Blasé e.a. 2008:281). In teenstelling met hierdie bevindinge het Charilaos e.a. (2015) in 'n Griekse konteks bevind dat die voorkoms van psigologiese geweld hoër is by onderwysers wat by privaatskole skoolhou as hul kollegas wat by ander skooltipes skoolhou. Charilaos e.a. (2015) maan egter ook dat die bevinding met omsigtigheid gehanteer behoort te word, aangesien die aantal onderwysers in privaatskole in hul steekproef ondervteenwoordig was.

'n Interessante bevinding wat in hierdie navorsing na vore gekom het, binne die konteks van die Vrystaatse onderwys, is dat 'n minderheidsgroep, spesifiek bruines, meer as ander groepe aan psigologiese geweld blootgestel word. Dit dui ook op die ervaring van psigologiese geweld op die metafisiese vlak vir genoemde minderheidsgroep. Ten tye van die navorsing was die bruin groep in Suid-Afrika in die minderheid, terwyl swartes in die meerderheid was (Statistiek Suid-Afrika 2010:21). Åkermark (1997) definieer 'n minderheidsgroep bondig as: “a non-dominant institutionalized group sharing a distinct cultural identity that it wishes to preserve”.

Ten einde die terme *etnisiteit* en *ras* binne die Suid-Afrikaanse konteks te verstaan is dit noodsaaklik om die samestelling van die bruin groep saaklik soos volg toe te lig. Hierdie rassegroep word in die artikel uitgesonder omdat in die navorsing bevind is dat dit die groep is wat meer aan psigologiese geweld blootgestel is as die ander twee etniese groepe. Bruin mense het hulle oorsprong te danke aan rasvermenging – van daar die term *bruin*. Sommige, indien nie die oorgrote meerderheid nie, het meer oor tot die Sanmense. Alhoewel bruin mense nie aan 'n spesifieke eie taal, wat een van vereistes vir ras-erkenning is, verbind word nie, is die bruin mense deel van 'n groter minderheidsgroep, die San. Die San voldoen aan alle aspekte van 'n minderheidsgroep, want hulle beskik oor etniese, religieuse en taalkundige kenmerke wat van dié van die res van die bevolking verskil en daardeur 'n implisiete sin van eenheid toon (Geldenhuys en Rossouw 2001). Aangesien die aantal Indiërs so minimaal was en byna geen beduidende bydrae ten opsigte van die studie blyk te maak het nie, is daar slegs na die rolle van die ander drie etniese groepe in die onderliggende studie verwys.

Die bevinding dat minderheidsgroepe, insluitend wittes, meer waarskynlik psigologiese geweld kan ervaar is ook deur Steinman (2003) en Meyer en Kirsten (2014:8) gemaak, hoewel binne verskillende kontekste. Hoel en Cooper (2000) het ook, in ooreenstemming met hierdie studie, bevind dat Asiatiese en Afro-Amerikaanse persone, as minderheidsgroepe in die VSA, meer aan psigologiese geweld blootgestel word as wit Amerikaners. Gardner e.a.(2013:89) het ook in die Nieu-Seelandse konteks bevind dat die Suidsee-eiland, Asiatiese/Indiese en Māoriese etniese groepe hoër vlakke van psigologiese geweld ervaar as Nieu-Seelandse Europeërs. Fox en Stallworth (2005:453) het ook bevind dat rasse-/etniese minderhede soos Spaans-/Latyns-Amerikaners hoër vlakke van rasse-/etniese bullebakkerij gerapporteer het as byvoorbeeld wittes. Hierdie bevinding rakende minderheidsgroepe wat meer geneig is om psigologiese geweld te ervaar, is ook in 'n internasionale vergelykende studie oor ses kontinente heen gemaak (Power e.a. 2013:377). Laasgenoemde kon volgens die outeurs daaraan toegeskryf word dat persone wat deel vorm van, onder andere, etniese minderheidsgroepe, negatiewe gedrag minder aanvaarbaar vind juis omdat hulle vrees dat hulle die risiko loop om daaraan blootgestel te word (Power e.a. 2013:377).

Carter e.a. (2016:7) het egter meer onlangs die teendeel bevind in die Verenigde Koninkryk, naamlik dat wittes meer psigologiese geweld ervaar ten opsigte van drie items, terwyl swart en etniese minderhede slegs met betrekking tot een item meer psigologiese geweld ervaar. Dit is dus teenstrydig met hierdie navorsing en vorige studies wat bespreek is, naamlik dat die voorkoms van psigologiese geweld hoër is by minderheidsgroepe, aangesien wittes 'n meerderheidsgroep in die Verenigde Koninkryk is. In hierdie verband het Meyer (2011) ook bevind dat regstellende aksie in besonder tot psigologiese geweld onder minderheidsgroepe aanleiding gee. Die teenstrydige resultate wat Carter e.a. (2016:7) ten opsigte van 'n meerderheidsgroep (wittes) bevind het, kan verklaar word aan die hand daarvan dat regstellende aksie in ander wêrelddele, insluitende die Verenigde Koninkryk, minderheidsgroepe bevoordeel, terwyl regstellende aksie in Suid-Afrika die meerderheid (swart mense en voorheen benadeelde groepe) bevoordeel (Employment Equity Act nr. 55 van 1998).

Soos vroeër genoem, en volgens die Workplace Bullying Institute (2010), speel ras wel 'n rol by blootstelling aan psigologiese geweld, hetsy dit 'n minderheid- of meerderheidsgroep is. In die oorgrote meerderheid van die literatuur is die navorsers dit eens dat daar dikwels 'n direkte verband bestaan tussen 'n etniese minderheidsgroep en die waarskynlikheid dat daardie betrokke groep aan psigologiese geweld blootgestel kan word (Pryor en Fitzgerald

2003). Gardner e.a (2013:89) bevestig die bevinding in hierdie navorsing rakende ras en 'n minderheidsgroep, naamlik bruines, deur aan te toon dat persone wat deel is van 'n minderheidsgroep, hetsy as gevolg van etnisiteit, geslag of ander persoonlike eienskappe, 'n verhoogde risiko loop om aan andere se ongewenste gedrag blootgestel te word, veral ten tye van verandering, onsekerheid en wanneer 'n gebrek aan veiligheid ervaar word. Gegewe Suid-Afrika se veranderde en onstabiele politieke klimaat wat deurspoel na staatsinstellings soos universiteite (News24 2013) en die gepaardgaande onsekerheid, asook die implementering van regstellende aksie waar minderheidsgroepe voel dat hul benadeel word, soos deur Meyer (2011) bevind, kan dit dus ook bruines, wat ook 'n minderheidsgroep is, se kwesbaarheid verhoog wat blootstelling aan psigologiese geweld betref.

Ten slotte toon die bevindinge dat hoërskool-onderwysers in die Vrystaat aan psigologiese geweld blootgestel word, dat ouer en meer ervare onderwysers, senior onderwysers, departementshoofde, dié met hoër kwalifikasies, byvoorbeeld PhD's, onderwysers wat by openbare skole skoolhou en bruin onderwysers in teenstelling met wit en swart onderwysers, meer aan psigologiese geweld blootgestel word. Psigologiese geweld manifesteer meestal in die ekologiese konteks van teikenpersone en in 'n mindere mate in die metafisiese konteks van veral bruin teikenpersone.

Vervolgens word sekere aanbevelings gemaak om die bevindings rakende psigologiese geweld te verdiskonteer.

7. Aanbevelings

Dit is gebiedend noodsaaklik dat, gegewe Suid-Afrika se huidige onderwyspeil, die werkgewer (Departement van Onderwys) ten volle ingelig word van navorsingsbevindinge. Dit kan effektief gedoen word met behulp van artikels soos hierdie en aanbiedinge wat aan onderwysamptenare gedoen word. Sodoende kan oortreders bewus gemaak word van die nadelige effek van, onder andere, psigologiese geweld teen personeellede. Gedurende hierdie bewusmaking behoort die mees ervarede psigologiesegeweldsitems soos in hierdie navorsing gerapporteer, uiteengesit te word. Oortreders mag dalk nie bewus wees daarvan dat die negatiewe handeling inderdaad psigologiese geweld behels nie. Bewuswording kan dus oortreders se self-insig bevorder (Meyer 2011:385) en mag daartoe lei dat oortreders hulle negatiewe gedrag wysig. Hierdie aanbeveling kan daartoe lei dat psigologiese geweld op die ekologiese vlak meer doeltreffend bekamp word.

Vanweë die lang uitgerektheid van psigologiese geweld kan dit gebeur dat teikenpersone dit as 'n alledaagse verskynsel beskou en mettertyd selfs 'n hoër toleransiedrempel daarvoor ontwikkel. In die lig hiervan moet die verskille in vlakke van psigologiese geweld met groot omsigtigheid benader word. Die vlak van openbare kennis rakende die probleem speel ook 'n groot rol ter bekamping daarvan (Smith, Morita, e.a. 2000). Een manier om te bepaal hoe wyd die omvang van die probleem strek, is deur vas te stel in watter mate werknemers bewus is van die aggressiewe optredes in die werksplek. Gereelde opnames kan in dié verband uitgevoer word deur gebruik te maak van 'n geskikte instrument, soos in hierdie navorsing, naamlik die NAQ-R.

Opleiding is 'n belangrike deel van die beheer van psigologiese geweld in die werksplek. Opleiding kan werknemers met die nodige kennis en vaardighede toerus om psigologiese geweld te beheer op ekologiese vlak. Interpersoonlike vaardighedsopleiding, soos konflikthantering, die effektiewe gebruik van emosies, onderhandeling, hantering van moeilike persone en assertiwiteit kan werknemers en teikenpersone se vermoë om vroegtydig bewus te raak van psigologiese geweld verhoog ten einde die moontlike “ontstaan” van psigologiese geweld in die kiem te smoor (Banner 2001:52–6; Meyer en Kirsten 2015:197). Hierdie navorsing het spesifieke psigologiesegeweldsitems uitgelig, en opleiding vir die studiepopulasie oor hoe om elk van die mees ervaarde negatiewe handelinge effektief te hanteer, kan nuttig wees.

Ondersteuning deur meerderes is ook noodsaaklik om roluitklaring en konstruktiewe persoonlike verhoudings daar te stel en konflik doeltreffend te bestuur (Gardner e.a. 2013:89), insluitend aspekte wat in hierdie navorsing uitgewys is, soos onbeheerbare werkslading, buitensporige monitering van werk, die weerhouding van inligting wat noodsaaklik is vir werksverrigting, verspreiding van gerugte en uitbarstings. Erkenning van werk wel gedaan en inagneming van menings (dus respek vir laasgenoemde, en daardeur dan ook respek vir die betrokke onderwyser) kan kommunikasie onder personeellede en tussen personeellede en die werkgewer verbeter (Mamatoglu 2008:431–8). Dit gebeur alte dikwels dat teikens van psigologiese geweld besluit om nie die oortreder te konfronteer of amptelike organisasies om hulp te nader nie (De Wet 2010). Dit is ook belangrik vir die teikenpersoon om die toepasser van psigologiese geweld vriendelik dog dringend te laat verstaan dat sy/haar gedrag onaanvaarbaar is. Om by die werksplek stil te bly oor psigologiese geweld, is nie die regte weg om op te gaan nie. Dit sal, intendeel, van die werksplek 'n ongelukkige plek maak vir die werknemer. Gereelde spanbou- en konflikthanteringsessies kan sosiale samehang bevorder (Vikesland 2009).

Die werkgewer het ook 'n verpligting teenoor die werknemer om maatreëls teen psigologiese geweld in te stel. Psigologiese geweld behoort daadwerklik aangespreek te word en oortreders behoort tot verantwoording geroep word, deur byvoorbeeld departementele beleid. Hierdie beleidsrigtings en wetgewing behoort ook vir minderheidsregte voorsiening te maak om psigologiese geweld op die metafisiese vlak te verminder / uit te skakel, aangesien hierdie bevindinge getoon het dat 'n minderheidsgroep meer blootgestel word aan psigologiese geweld. Waar daar geen wetgewing is wat spesifiek psigologiese geweld aanspreek nie, soos in Suid-Afrika, bepaal die algemene diensklousule die plig van werkgewers om werknemers teen risiko's in die werksplek te beskerm. Hierdie risiko's kan skade van beide fisieke- en psigologiese-gesondheidsaspekte insluit (CCOHS 2016). Psigologiese geweld wat verband hou met ouderdom en etniese groepering byvoorbeeld, is tegnies onwettig, maar oortreders word nie daardeur verontrus nie. Die oortreders is terdeë bewus van die teikenpersone se onvermoë om hulself te verdedig. Intussen het die situasie tot so 'n mate agteruit gegaan dat teikenpersone besluit het om die werk te verlaat, terwyl ander uitbranding ervaar as gevolg van die psigologiese geweld waaraan hulle blootgestel word. Teen hierdie tyd het psigologiese geweld reeds in verskeie kontekste (ekologies, metafisies, psigologies) gemanifesteer en die hele sisteem negatief geraak. Dit sou dus help indien wetgewing en beleid deur die Departement van Onderwys strenger toegepas word (juridiese/ekologiese konteks) wat nie net psigologiese geweld in die werksplek doeltreffend aanspreek nie, maar ook oortreders aan die kaak stel en sodoende die negatiewe impak van psigologiese geweld op die onderwysstelsel verhoed. Verandering wat vereis word, moet deur die werkgewer, en

waar moontlik in oorlegpleging met die werknemerverteenwoordigers, aangebring word. Sodoende kan albei partye eienaarskap van die maatreëls verkry.

Vervolgens word 'n lys van riglyne gegee wat kan help om psigologiese geweld in die werksplek te voorkom:

- Vestig geskrewe beleid oor geweld (insluitend psigologiese geweld) in die werksplek (Namie 2008; Gardner e.a. 2013:89), werknemersklagtes en griewe, werknemer-ondersteuningsprogramme, diskriminerende teistering, deursoekings, dreigemente en beledigende optredes ('n beleid van zero-verdraagsaamheid). Sodanige beleid behoort op departementele vlak ingestel en beter toegepas te word. Indien daar nie 'n departementele beleid bestaan nie, behoort elke skool 'n psigologiesegeweldsbeleid in te stel. Dit is belangrik om in die beleid te spesifiseer hoe psigologiese geweld hanteer gaan word en stappe uit te spel, sodat psigologiese geweld en oortreders tydig en daadwerklik aangespreek kan word. In hierdie verband het Fox en Stallworth (2010) bevind dat indien die administratiewe hantering van psigologiese geweld nie effektief is nie, dit bydra tot stres by teikenpersone. Dit blyk ook dat teikenpersone die effektiewe hantering van psigologiese geweld deur die werkgewer (administrasie) as institusionele ondersteuning ag, met die gevolg dat teikenpersone meer in beheer voel, wat moontlik stres voortspruitend uit psigologiese geweld kan verlig (Fox en Stallworth 2010:946–7). Die beleid behoort sperdatums vir die effektiewe hantering en afhandeling van psigologiesegeweld-sake in te sluit (Namie 2008).
- Hou streng by die voorgeskrewe beleid en prosedures sover dit die hantering van oortreders en enige afleggings betref.
- Voer agtergrondondersoeke op alle nuwe aanstellings uit. Sluit hierby 'n kriminelerekord-ondersoek en 'n nagaan/kontrolering van die kandidaat se verwysings in. Voorgenoemde kan moontlik die aanstel van “reeks-toepassers” (Namie en Namie 2009:46) van psigologiese geweld voorkom. Vorige navorsing dui daarop dat sommige oortreders eienskappe van 'n narsistiese persoonlikheidsversteuring en destruktiewe narsisme toon (Kirsten 2007:5; De Wet 2010:1453).
- Maak van gekwalifiseerde professionele persone gebruik om die psigiese stabiliteit van voornemende onderwysers, skoolhoofde of skoolbestuurspanne te evalueer.
- Stel 'n komitee aan om na werksplekaggressie om te sien en om sodoende 'n meer ondersteunende omgewing vir teikenpersone te skep. Die komitee kan ook kollegas insluit. Navorsing toon dat ondersteuning van kollegas en meerderes 'n buffereffek het teen stres wat teikenpersone ervaar voortspruitend uit psigologiese geweld (Gardner e.a. 2013:87).
- Voorsien 'n omgewing waar werknemers negatiewe optredes kan aanmeld (Runyan, Zakocs en Zwerling 2000:116–27; SACE 2002) sonder vrees vir vergelding, dus verkieslik anoniem (Wheeler, Halbesleben en Shanine 2010:558). Anonieme aanmelding van psigologiese geweld kan teikenpersone aanmoedig om insidente vroeër aan te meld, voordat die situasie geëskaleer het tot so 'n mate dat die persoon uit sy/haar pos bedank en daar gesondheidsprobleme manifesteer.
- Voer onderhoude om vas te stel of persone bedank as gevolg van psigologiese geweld (Meyer 2011:414).
- Versamel statistiek rakende personeel-afwesigheid, personeelomset, klagtes en dissiplinêre onderhoude, omdat dit verband kan hou met en dui op psigologiese geweld (Meyer 2011:414).

Binne die konteks van hierdie studie word die leerling ook beskou as 'n kliënt aan wie die onderwyser diens verskaf. Die nadele van psigologiese geweld maak inbreuk op die regte van onderwysers. Sodoende word die leerlinge ook hul reg op kwaliteitonderrig ontnem om deur produktiewe, emosioneel en professioneel toegewyde onderwysers onderrig te word (Jacobs en De Wet 2015:54). In hierdie verband affekteer psigologiese geweld dus ook die leerlinge negatief as deel van die onderwysstelsel. Die leerder is 'n onontbeerlike deel van die opvoedkundige triade en moet sy/haar rol positief vervul ten einde behoorlik onderrig te kan word.

Die laaste stap in die voorgestelde raamwerk is die eintlike implementering en gereelde monitering van korrektiewe en/of proaktiewe stappe om psigologiese geweld in die werksplek te beheer. Dit is dus van die uiterste belang dat die invloed van nuwe strategieë op die bepaalde probleem, asook op die gedrag van die oortreder bepaal word (Chappell en Di Martino 2000).

Wat die tekortkominge van die studie betref, is daar drie beperkings wat tot verdere navorsing oor psigologiese geweld in die werksplek aanleiding gee: Eerstens is die ondersoek slegs by sekondêre skole gedoen. Tweedens is die steekproeftrekking van 727 onderwysers slegs in die Vrystaat gedoen. Derdens het die persentasie onderwysers by privaatskole nie goed met dié by openbare skole ten opsigte van verteenwoordigende getalle vergelyk nie. Tog is ons oortuig daarvan dat die tekortkominge nie die belangrikheid van die bevindinge verminder nie.

Aangesien die verskynsel binne Suid-Afrikaanse konteks nog redelik onbekend skyn te wees, kan dit dalk van navorsers vereis om 'n meer padlangse definisie van psigologiese geweld daar te stel. Dit kan dan die verstaan van die verskynsel in die plaaslike diverse kulturele omgewings makliker maak. Verdere studies rakende psigologiese geweld in die onderwys behoort weer te kyk na die verband tussen biografiese besonderhede en psigologiese geweld en of sekere etniese groepe verhoogde blootstelling aan psigologiese geweld ervaar. Weens die omvang en toenemende aard van die verskynsel behoort die toepassing van psigologiese geweld deur leerders teenoor onderwysers ook verder ondersoek te word. Toekomstige kwantitatiewe studies behoort ook gebruik te maak van die NAQ-R om sodoende vergelykende studies nasionaal tussen sektore en ook internasionaal moontlik te maak.

Hierdie navorsing werp lig op die voorkoms van psigologiese geweld in die werksplek oftewel ekologiese konteks, spesifiek in die onderwys. Dit het verder geblyk dat die voorkoms van psigologiese geweld hoër is onder bruines as by ander bevolkingsgroepe. Die bevindings soos in hierdie artikel gerapporteer kan ook ons verstaan van die probleem binne 'n holistiese ekosistemiese perspektief verbreed in ons pogings om teikens van psigologiese geweld te ondersteun. Die aanbevelings is, in ooreenstemming met die navorsingsbevindings, meestal geskoei op die ekologiese konteks, maar aangesien kontekste intra- en interaktief is, behoort die aanbevelings ook op die ander vier kontekste (biologiese, psigologiese, spirituele en metafisiese gesondheid) en dus die onderwys in die geheel 'n positiewe impak te hê. Toekomstige navorsing oor hierdie verskynsel word sterk aanbeveel, veral in die Suid-Afrikaanse konteks, aangesien dit heel waarskynlik nog verdere diepgaande bevindinge die lig sal laat sien. Indien die nodige aandag geskenk word aan die aanbevelings hier bo uiteengesit, asook aan aanbevelings vir verdere navorsing, behoort onderwys in die geheel daarby baat te vind.

Bibliografie

Åkermark, A.S. 1997. *Justifications of minority protection in international law*. Den Haag: Kluwer Law International.

Allan, H.T., H. Cowie en P. Smith. 2009. Overseas nurses' experiences of discrimination: A case of racist bullying? *Journal of Nursing Management*, 17:898–906.

Astrauskaitė, M., A. Perminas en R.M. Kern. 2010. Sickness, colleagues' harassment in teachers' work and emotional exhaustion. *Medicina (Kaunas)*, 46:628–34.

ATL Annual Conference. 2011. A Quarter of Education Staff Have Been Bullied by Colleagues – ATL. Press release 19 April 2011 by ATL Media Office.
<https://www.atl.org.uk/latest/press-release/quarter-education-staff-have-been-bullied-colleagues-atl> (23 Junie 2017 geraadpleeg).

Ayoko, O.B., V.J. Callan en C.E.J. Hartel. 2003. Workplace conflict, bullying, and counterproductive behaviours. *International Journal of Organisational Analysis*, 11(4):283–301.

Banner, S. 2001. Hell in your hallways. *Journal of Property Management*, 66(1):52–6.

Beale, D. en H. Hoel. 2011. Workplace bullying and the employment relationship: Exploring questions of prevention, control and context. *Work, Employment and Society*, 25(1):5–18.

Bergen Bullying Research Group. 2006. Bergen: University of Bergen.
<http://www.uib.no/en/rg/bbrg/44045/naq> (8 Desember 2016 geraadpleeg).

Blasé, J. en J. Blasé. 2003. The phenomenology of principal mistreatment: Teachers' perspectives. *Journal of Educational Administration*, 14(4):376–422.

Blasé J., J. Blasé en F. Du. 2008. The mistreated teacher: A national study. *Journal of Educational Administration*, 46(3):263–301. <http://dx.doi.org/101108/0957823081086925>.

Brodsky, C.M. (red.). 1976. *The harassed worker*. Toronto: Lexington Books, D.C. Heath & Co.

Brousse, G., L. Fontana en L. Ouchchane. 2008. Psychopathological features of a patient population of targets of workplace bullying. *Journal of occupational medicine*, 58:122–8.

Buon, T. en C. Buon. 2007. The bully within. Counselling at work.
<http://buon.net/BullyingJournalArticle.pdf> (5 April 2016 geraadpleeg).

Burns, A. en R. Burns. 2008. *Basic marketing research*. 2de uitgawe. New Jersey: Pearson Education.

Carifio, J. en J.P. Rocco. 2007. Ten common misunderstandings, misconceptions, persistent myths and urban legends about Likert scales and Likert response formats and their antidotes. *Journal of Social Sciences*, 3(3):106–16.

Carter, M., N. Thompson, P. Crampton, G. Morrow, B. Burford, C. Gray en J. Illing. 2016. Workplace bullying in the UK NHS: A questionnaire and interview study on prevalence, impact and barriers to reporting. *BMJ Open*, 2013(3):1–12.
<http://bmjopen.bmj.com/content/3/6/e002628> (8 Desember 2016 geraadpleeg).

CCOHS. Kanadese sentrum vir beroepsgesondheid. 2016. Violence in the Workplace Prevention Guide. <https://www.ccohs.ca/products/publications/violence.html> (6 Julie 2016 geraadpleeg).

Chappell, D. en V. Di Martino. 2000. Violence at work. *Asian-Pacific Newsletter*.
www.occuphealth.fi/info/asian/AP199/violence04htm (2 April 2010 geraadpleeg).

Charilaos, K., G. Michael, B. Chryssa, D. Panagiota, C.P. George en D. Christina. 2015. Validation of the Negative Acts Questionnaire (NAQ) in a sample of Greek teachers. *Psychology*, 6:63–74. <http://dx.doi.org/10.4236/psych.2015.61007> (16 November 2016 geraadpleeg).

Chien T.W. 2012. Cronbach's alpha with the dimension coefficient to jointly assess a scale's quality. *Rasch Measurement Transactions*, 26(3):1379.
<http://www.rasch.org/rmt/rmt263c.htm> (16 November 2016 geraadpleeg).

Chirilă, T. en T. Constantin. 2013. Understanding workplace bullying phenomenon through its concepts: A literature review. *Procedia – Social and Behavioral Sciences*, 84:1175–9.

Cramaruc, N-M. 2013. Reliability and validity of a Romanian version of the Negative Acts Questionnaire. *Annals of the Alexandru Ioan Cuza University: Psychology series*. Alexandru Ioan Cuza University, Romania. *AAICUPS*, 22(2):133–44.

Creswell, J.W. 2009. *Research design: Qualitative, quantitative, and mixed methods approaches*. Thousand Oaks, CA: Sage.

Creswell, J.W. en V.L. Plano Clark. 2007. *Designing and conducting mixed methods research*. Thousand Oaks, California: Sage.

De Vos, A.S., H. Strydom, G.B. Fouché en L.S.L. Delpont (reds.). 2005. *Research at grassroots for social sciences and human service professions*. 3de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, J. 2010. Personal characteristics and behaviour of victimised educators and their perpetrators that contribute to workplace violence. Ongepubliseerde MEd-verhandeling, Noordwes-Universiteit.

—. 2013. Teachers' experiences of workplace bullying and its effects on health: Developing a multilevel intervention programme. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit.

De Vos, J. en G.J.C. Kirsten. 2015. The nature of workplace bullying experienced by teachers and the biophysical health effects. *South African Journal of Education*, 35(3):1–9.

De Wet, C. 2003. Eastern Cape teachers' perceptions of the causes and the scope of school violence. *Acta Criminologica: Southern African Journal of Criminology*, 16(3):89–106.

—. 2014. Educators' understanding of workplace bullying. *South African Journal of Education*, 34(1):1–15.

De Wet, C. en L. Jacobs. 2006. Educator targeted bullying: A fallacy or a fact? *Acta Criminologica: Southern African Journal of Criminology*, 19(2):53–73.

De Wet, N.C. 2010. The reasons for and the impact of principal-on-teacher bullying on the victims' private and professional lives. *Teaching and teacher education*, 26(7):1450–9.

Dhar, R.L. 2012. Why do they bully? Bullying behaviour and its implications on the bullied. *Journal of Workplace Behavioural Health*, 27(2):79–99.
<http://doi:10.1080/15555240.2012.666463>.

Dunn, P.K. en G.K. Smyth. 2005. Series evaluation of Tweedie exponential dispersion model densities. *Statistics and Computing*, 15:267–80.

Einarsen, S. 2000. Bullying and harassment at work: Unveiling an organizational taboo. In Sheehan, Ramsey en Patrick (reds.) 2000.

Einarsen, S. en H. Hoel. 2001. The Negative Acts Questionnaire: Development, validation and revision of a measure of bullying at work. Referaat 10th European Congress on Work and Organizational Psychology, Praag, 16–19 Mei 2001.

Einarsen, S., H. Hoel en G. Notalaers. 2009. *Measuring exposure to bullying and harassment at work*: Validity, factor structure and psychometric properties of the Negative Acts Questionnaire-Revised. <http://dx.doi.org/10.1080/02678370902815673> (14 November 2016 geraadpleeg).

Einarsen, S., H. Hoel, D. Zapf en C.L. Cooper (reds.). 2003. *Bullying and emotional abuse in the workplace: International perspectives in research and practice*. Londen en New York: Taylor & Francis.

Einarsen, S., H. Hoel, D. Zapf en C.L. Cooper. 2011. *The concept of bullying and harassment at work*. The European tradition. In Einarsen, Hoel, Zapf en Cooper (reds.) 2011.

Einarsen, S., H. Hoel, D. Zapf en C.L. Cooper (reds.). 2011. *Bullying and harassment in the workplace: Developments in theory, research, and practice*. 2de uitgawe. CRC press. Taylor & Francis Group. Boca Raton: Londen New York.

Ellis, S.M. en H.S. Steyn. 2003. Practical significance (effect sizes) versus or in combination with statistical significance (p-values). *Management Dynamics*, 12(4):51–3.

Ertürk, A. 2013. Mobbing behaviour: Victims and the affected. *Educational Sciences: Theory & Practice*, 13(1): 169–73. www.edam.com.tr/estp (7 Desember 2016 geraadpleeg).

Fahie, D. en D. Devine. 2014. The impact of workplace bullying on primary school teachers and principals. *Scandinavian Journal of Educational Research*, 58:235–52.

Field, A. 2009. *Discovering statistics using SPSS*. 3de uitgawe. Londen: Sage.

Finne, L.B., S. Knardahl en B. Lau. 2011. Workplace bullying and mental distress – a prospective study of Norwegian employees. *Scandinavian Journal of Work, Environment and Health*, 37(4):276–87.

Fox, S. en L.E. Stallworth. 2005. Racial/ethnic bullying: Exploring links between bullying and racism in the US workplace. *Journal of Vocational Behavior*, 66:438–56.

—. 2010. The battered apple: An application of stressor-emotion-control/support theory to teachers' experience of violence and bullying. *Human Relations*, 63(7):927–54.

Galanaki, E. en N. Papalexandris. 2011. Exploring workplace bullying in Greece: Frequency of occurrence and handling of measurement issues, under the light of previous research findings at the international level. Referaat gelewer op 11 April 2011, European Academy of Management Conference: Management Culture in the 21st Century. <http://ssrn.com/abstract=1831425> (28 November 2016 geraadpleeg).

Gardner, D., T. Bentley, B. Catley, H. Cooper-Thomas, M. O'Driscoll en L. Trenberth. 2013. Ethnicity, workplace bullying, social group support and psychological strain in Aotearoa/New Zealand. *New Zealand Journal of Psychology*, 42(2):84–91.

Geldenhuys, D. en J. Rossouw J. 2001. Die internasionale beskerming van minderheidsregte. 'n Spesiale verslag saamgestel deur die FW de Klerk-stigting. Kaapstad.
https://www.givengain.com/cause_data/images/2137/Minority_Rights_Protection_Publ.pdf.
(16 November 2016 geraadpleeg).

Gilbert, J.J. 2002. Environmental and endogenous control of sexuality in a rotifer life cycle: developmental and population biology. *Evolution and development*, 5(1):19–24.

Giorgi G., A. Arenas en J.M. Leon-Perez. 2011. An operative measure of workplace bullying: The negative acts questionnaire across Italian companies. *Ind Health*, 49(6):686–95.

Hauge, L.J., A. Skogstad en S. Einarsen. 2010. The relative impact of workplace bullying as a social stressor at work. *Scandinavian Journal of Psychology*, 51(5):426–33.

Heape, J. 2012. Bullying in the workplace. <http://ezinearticles.com/?Bullying-in-the-Workplace&id=5230690> (5 Desember 2012 geraadpleeg).

Heystek, J. en M. Lethoko. 2001. The contribution of teacher unions in the restoration of teacher professionalism and the culture of teaching and learning. *South African Journal of Education*, 21:222–8. <http://www.ajol.info/index.php/saje/article/view/24907/20519> (17 November 2016 geraadpleeg).

Hoel, D. en C. Cooper. 2000. Destructive conflict and bullying at work. Manchester School of Management: UMIST. www.le.ac.uk/unions/aut/umist1 (2 November 2015 geraadpleeg).

Hoel, H. 2004. Violence and harassment in European workplaces: Trends and political responses. Referaat aangebied by die 4de internasionale kongres oor bullebakkerie en teistering in die werksplek. 28–29 Junie, Bergen, Noorweë.

Hoel, H., C.L. Cooper en B. Faragher. 2004. Bullying is detrimental to health, but all bullying behaviours are not necessarily equally damaging. *British Journal of Guidance and Counselling*, 32:367–87.

Hogh, A., E.G. Mikkelsen en A.M. Hansen. 2012. Exposure to negative acts at work, psychological stress reactions and psychological stress response. *Journal of psychosomatic research*, 73(1):47–52.

Jacobs, L. en C. De Wet. 2015a. Workplace bullying in schools: Who are being victimised? *Acta Criminologica: Southern African Journal of Criminology*, 28(1):50–66.

—. 2015b. A quantitative exploration of the effects of workplace bullying on South African educators. *African Safety Promotion Journal*, 13(2):31–58.

Jansen, J. 2012. *Great South African teachers*. Johannesburg: Bookstorm.

Johnson, S.L. 2009. International perspectives on workplace bullying among nurses: A review. *International Nursing Review*, 56:34–40. <http://dx.doi.org/10.1111/j.1466-7657.2008.00679.x> (16 November 2016 geraadpleeg).

Kirsten, G.J.C. 2007. Psychological violence as work trauma impacting on the health of teachers: a health protection and psycho-legal issue for teacher support. Referaat aangebied by die 3de Internasionale Kongres van Psigologie en Reg. Adelaide, Australië.

Kirsten, G.J.C., H.J.L. van der Walt en C.T. Viljoen. 2009. Health, well-being and wellness: An anthropological eco-systemic approach. *Journal of Interdisciplinary Health Sciences*, 14(1):1-7. <https://www.scribd.com/document/212567302/43256-39407-1-Pb-Health-Well-Being-Wellness-Anthropol-Appr> (23 Junie 2017 geraadpleeg).

Klein, K.E. 2008. Employers can't ignore workplace bullies. *Bloomberg Businessweek*, 7 Mei. http://www.businessweek.com/smallbiz/content/may2008/sb2008_057_530667.htm (17 Junie 2015 geraadpleeg).

Larmer, C. 2005. Bully for you. *Sunday Telegraph*, 1 Mei, bl. 502. Sydney, Australië: Nationwide News (Pty) Limited.

Lauritsen, J.M., M. Bruus, M. en EpiData Association. 2003–5. *A comprehensive tool for validated entry and documentation of data*. Odense, Denemarke: The EpiData Association.

Leedy, P.D. en J.E. Omrod. 2001. *Practical research: Planning and design*. 7de uitgawe. Upper Saddle River: Prentice Hall.

Leon-Perez, J.M., G. Notelaers, A. Arenas, L. Munduate en F.J. Medina. 2014. Identifying victims of workplace bullying by integrating traditional estimation approaches into a latent class cluster model. *Journal of Interpersonal Violence*, 29(7):1155–77.

Le Roux, R., A. Rycroft en T. Orleyn. 2010. *Harassment in the workplace: Law, policies and processes*. Durban: LexisNexis.

Lippel, K., M. Vézina, R. Bourvonnais en A. Funes. 2016. Workplace psychological harassment: Gendered exposures and implications for policy. *International Journal of Law and Psychiatry*, 46:74–87.

Lutgen-Sandvik, P., S.J. Tracy en J.K. Alberts. 2006. Burned by bullying in the American workplace: Prevalence, perception, degree and impact. *Journal of Management Studies*, 4(6):837–8. <http://bullyinginstitute.org/Burned.pdf> (8 Mei 2015 geraadpleeg).

Ma, S-C, T-W. Chien, H-H. Wang, Y-C. Li en M-S. Yui. 2014. Applying computerized adaptive testing to the Negative Acts Questionnaire-Revised: Rasch analysis of workplace bullying. *Journal of Medical Internet Research*, 16(2):63–74.

<https://www.ncbi.nlm.nih.gov/pmc/articles/PMC3958675/?tool=pmcentrez> (23 Junie 2017 geraadpleeg).

Mamatoglu, N.M. 2008. Effects on organizational context (culture and climate) from implementing a 360-degree feedback system: The case of Arcelik. *European Journal of Work and Organizational Psychology*, 17(4):426–49.

<http://www.tandfonline.com/doi/abs/10.1080/13594320802281094> (23 Junie 2017 geraadpleeg).

Maree, K. (red.) 2007. *First steps in research*. Pretoria: Van Schaik.

Marsh, J., S. Patel en B. Gelaye. 2009. Prevalence of workplace abuse and sexual harassment among female faculty and staff. *Journal of Occupational Health*, 51:314–22.

Matsela, M.A. 2009. Psychological violence as work trauma impacting on teachers in Lesotho: Guidelines for teacher support for health promotion. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit.

Matthiesen, S.B. en S. Einarsen, S. 2007. Perpetrators and targets of bullying at work: Role stress and individual differences. *Violence and Victims*, 22:735–53.
<http://dx.doi.org/10.1891/088667007782793174> (16 November 2016 geraadpleeg).

Matthiesen, S.B., B.I. Raknes en O. Rökkum. 1989. Bullying at work. *Journal of the Norwegian Psychological Association*, 26:761–74.

Mattice, C. 2012. No workplace bullies. Helping you build a civil workplace by providing solutions for the problem of workplace bullying. <http://noworkplacebullies.blogspot.co.za/> (28 Junie 2017 geraadpleeg).

McLeod, S.A. 2008. Simply Psychology. Likert Scale.
<http://www.simplypsychology.org/likert-scale.html> (21 Augustus 2012 geraadpleeg).

Meyer, H.W. 2011. The nature and impact of psychological violence on staff members' health in FET Colleges: Strategies for prevention and support. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit.

Meyer, H.W. en G.J.C. Kirsten. 2014. The effect of psychological violence in the workplace on health: A holistic eco-system approach. *Health SA Gesondheid*, 19(1):1–11.
<https://www.ajol.info/index.php/hsa/article/viewFile/106835/96753> (23 Junie 2017 geraadpleeg).

—. 2015. Psychological violence at a multi-campus Further Education and Training College. *South African Journal of Higher Education*, 29(2):181–201.

Minibas-Poussard, J. en M. İdiğ-Çamuroğlu. 2016. Mobbing in a cross-sectional national sample: The Turkish case. *Australian Journal of Business and Management*, 5(6):24–34. http://www.researchgate.net/publication/314110355_MOBBING_IN_A_CROSS-SECTIONAL_NATIONAL_SAMPLE_The_Turkish_Case (2 April 2015 geraadpleeg).

Moayed, F.A., N. Daraiseh, R. Shell en S. Salem. 2006. Workplace bullying: a systematic review of risk factors and outcomes. *Theoretical Issues in Ergonomics Science*, 7(3):311–27.

Namie, G. 2003. Improving the practice of management. Workplace bullying: Escalated incivility. *Ivey Business Journal*, 68(2):1–6. <http://iveybusinessjournal.com/publication/workplace-bullying-escalated-incivility/> (28 November 2015 geraadpleeg).

—. 2008. Blueprint for a “bullying free” workplace. *The Complete Lawyer*, (4):1. <http://www.workplacebullying.org/multi/pdf/N-N-2008B.pdf> (4 Junie 2013 geraadpleeg).

Namie, G. en R. Namie. 2009. *The bully at work: What you can do to stop the hurt and reclaim your dignity on the job*. 2de uitgawe. Naperville: Sourcebooks Inc.

Neuman, J.H. en Baron, R.A. 2003. Social antecedents of bullying: A social interactionist perspective. In Einarsen, Hoel, Zapf en Cooper (reds.). 2003.

News24. 2013. The truth strikes in South Africa. 22 Januarie. <http://www.news24.com/MyNews24/THE-TRUTH-Strikes-in-South-Africa-20130122> (7 Desember 2016 geraadpleeg).

Nielsen, M.B., A. Skogstad, S.B. Mathiesen, L. Glaso, M.S. Aasland, G. Notelaers en S. Einarsen. 2009. Prevalence of workplace bullying in Norway: Comparisons across time and estimation methods. *European Journal of Work and Organisational Psychology*, 18(1):81–101.

Nielsen, M.B., G. Notelaers en S. Einarsen. 2011. Measuring exposure to workplace bullying. In Einarsen, Hoel, Zapf en Cooper (reds.) 2011.

Ólafsson, R.F. en H.L. Jóhannsdóttir. 2004. Coping with bullying in the workplace: The effect of gender, age and type of bullying. *British Journal of Guidance and Counselling*, 32(3):319–33.

Paoli, P. en D. Merllié. 2001. *Third European Survey on Working Conditions 2000, European foundation for the Improvement of Living and Working Conditions*. Luxembourg: Office for official Publication for the European Communities.

Perimäki-Dietrich, R. 2002. *TUTB-Nuusbrief*, ble. 16–9. <http://www.hesa.etui-rehs.org> (20 April 2015 geraadpleeg).

Phooko, N. 2013. Die aard en impak van psigologiese geweld op sekondêreskool-onderwysers: Riglyne vir ondersteuning. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit.

Pietersen, J. en K. Maree. 2007. Standardisation of a questionnaire. In Maree (red.) 2007.

Power, J.L., C.M. Brotheridge, J. Blenkinsopp, L. Bowes-Sperry, N. Bozionelos, Z. Buzády, A. Chunag, D. Drnevich, A. Garxon-Vico, C. Leighthon, S.M. Madero, W. Mak, R. Mathew, S.I. Monserrat, B.G. Mujtaba, M.R. Olicas-Lujan, P. Polycroniou, C.A. Sprigg, C. Axtell, D. Holman, J.A. Ruiz-Gutiérrez en A.U.O. Nnedumm. 2013. Acceptability of workplace bullying: A comparative study on six continents. *Journal of Business Research*, 66:374–80.

Pryor, J.P. en L.F. Fitzgerald. 2003. Sexual harassment research in the United States. In Einarsen, Hoel, Zapf en Cooper (reds.) 2003.

Rapport. 2001. Geld praat, ongeag soort skool. 18 Februarie, bl. 22.

RSA (Republiek van Suid-Afrika). 1995. Departement van Onderwys. Verslag van die komitee om die organisasie, bestuur en befondsing van die skole te hersien. Pretoria: Staatsdrukker.

RSA (Republiek van Suid-Afrika). Staatskoerant. Wet op gelyke indiensneming. Wet 55. Vol. 400. 19 Oktober 1998. Kaapstad.

RSA (Republiek van Suid Afrika). 2006. Health Professions (Act 56 Of 1974). Staatskoerant 29079 http://www.hpcs.co.za/downloads/ethical_rules/ethical_rules_of_conduct_2011.pdf (2 Junie 2017 geraadpleeg).

RSA (Republiek van Suid Afrika). 2011. Protection from Harassment Act, 2011 (Act 17 of 2011). Staatskoerant 558(34818). <http://www.justice.gov.za/legislation/acts/2011-017.pdf> (16 November 2016 geraadpleeg).

RSA (Republiek van Suid-Afrika) Statistiek Suid-Afrika. 2012. Suid-Afrikaanse statistieke. Privaatsak X44 Pretoria. www.statssa.gov.za.

Runyan, C.W., R.C. Zakocs en C. Zwerling. 2000, Administrative and behavioral interventions for workplace violence prevention. *American Journal of Preventive Medicine*, 18:116–27.

Russo, A., R. Milić, B. Knežević, R. Mulić en J. Mustajbegović. 2008. Harassment in the workplace among school teachers: Development of survey. *Croatian Medical Journal*, 49:545–52. <http://dx.doi.org/10.3325/cmj.2008.4.545>.

SACE (South African Council of Educators). 2002. SACE Handbook. Centurion: SACE.

Salin, D. 2005. Workplace bullying among business professionals: Prevalence, gender differences and the role of organizational politics. *Pistes*, 7(3). <http://pistes.revues.org/3159> (12 Desember 2016 geraadpleeg).

Schurink, W., C.B. Fouché en A.S. de Vos. 2011. *Kwalitatiewe data-analise en-interpretasie*. Pretoria: Van Schaik.

Schwarz, F. 2007. Introduction to ANOVAs. A basic introduction, <http://florianschwarz.net> (30 September 2015 geraadpleeg).

Sheehan, M., S. Ramsey en J. Patrick (reds.). 2000. Transcending boundaries, integrating people. Proceedings of the 2000 Conference on Business and Community Values, Griffith University, Brisbane, Australia.

Sheskin, D.J. 2007. *Handbook of parametric and nonparametric statistical procedures*. Vierde uitgawe. Boca Raton New York: Chapman en Hall/CRC.

Smith, P.K., Y. Morita, J. Junger-Tas, R. Catalano en P. Slee. 2000. *The nature of school bullying: A cross-national perspective*. Londen: Routledge.

SPSS Ing. (2011). IBM SPSS Statistieke vertaling 20, vrystelling 2000, Kopiereg© IBM Corporation and its licensors. <http://www01.ibm.com/software/analytics/spss/> (7 Maart 2015 geraadpleeg).

Steinman, S. 2003. Workplace violence in the health sector. Country case study. South Africa, ILO, ICN, International joint program of workplace violence in the health sector. http://www.icn.ch/images/stories/documents/pillars/sew/sew_country_case_studies_south_africa.pdf (2 April 2015 geraadpleeg).

Steinman, S.M. 2007. *Don't take shit from hyenas at work: Reclaim your dignity – be hyena-wise!* Roodepoort: The People Bottomline.

Suid-Afrika. 2010. Wes-Kaapse Hoër Hof, Kaapstad. Jacobs versus voorsitter van die beheerraad van Hoërskool Rhodes, Keith Long (Lid van die uitvoerende komitee van onderwys: Wes-Kaap) en Makhozasana Kunene. (Saaknommer 7953/2004) (2010) ZAWCHC 213; 2011(1) SA 160 (WCC) (4 November 2010). <http://www.saflii.org/za/cases/ZAWCHC/2010/213.html> (15 Januarie 2017 geraadpleeg).

Takaki, J., J.A. Tsutsumi, Y. Fujii, T. Taniguchi, K. Hirokawa, Y. Hibino, R.J. Lemmer, H. Nashiwa, S. Wang en K. Ogino. 2010. Assessment of workplace bullying and harassment: reliability and validity of a Japanese version of the Negative Acts Questionnaire. *Journal of Occupational Health*, 52:74–81.

Tambur, M. en M. Vadi. 2009. Bullying at work: Research in Estonia using the Negative Acts Questionnaire–Revised (NAQ-R). *Review of International Comparative Management*, 10(4):791–805.

Tee, S., Y.S.Ü. Özçetin en M. Russell-Westhead. 2016. Workplace violence experienced by nursing students: A UK survey. *Journal Nurse Education Today*.
[https://kclpure.kcl.ac.uk/portal/en/publications/workplace-violence-experienced-by-nursing-students-a-uk-survey\(62935912-76b2-494b-84ba-e300b42dd073\)/export.html](https://kclpure.kcl.ac.uk/portal/en/publications/workplace-violence-experienced-by-nursing-students-a-uk-survey(62935912-76b2-494b-84ba-e300b42dd073)/export.html) (23 Junie 2017 geraadpleeg).

Tsuno, K., N. Kawakami, A. Inoue en K. Abe. 2010. Measuring workplace bullying: Reliability and validity of the Japanese version of the Negative Acts Questionnaire. *Journal of Occupational Health*, 52(4):216–26.

Vartia, M. 2004. Research, practice and increased awareness, The Finnish experience. Referaat aangebied by die 4de Internasionale Kongres oor Bullebakkerij en Teistering in die Werksplek. 28–29 Junie, Bergen, Noorweë.
http://bora.uib.no/bitstream/handle/1956/2383/Proceedings_BBRG_2004.pdf;jsessionid=80EFCAB04BD9D59BFF8D1D54A428CB87.bora-uib_worker?sequence (23 Junie 2017 geraadpleeg).

Vessey, J.A., R.F. Demarco, D.A. Gaffney en W.C. Budin. 2009. Bullying of staff registered nurses in the workplace: A preliminary study for developing personal and organizational strategies for the transformation of hostile to healthy workplace environments. *Journal of Professional Nursing*, 25(5):299–306.

Vikesland, G. 2009. Servant leadership. Seven pillars of servant leadership: Practicing the wisdom of leading by serving. <http://www.amazon.com/Review/RIG9JZ0OLL530R>. (28 November 2016 geraadpleeg).

Vukelic, M., S. Cizmic, I.B. Petrovic, L. Tenjovic en G. Giorgi. 2015. Psychometric properties of the Serbian version of the Negative Acts Questionnaire–Revised. *Psihologija*, 48(1):19–33.

Wheeler, A.R., J.R.B. Halbesleben en K. Shanine. 2010. Eating their cake and everyone else's cake too: Resources as the main ingredient to workplace bullying. *Business Horizons*, 53:553–60.

Wikipedia. 2016. Education and schools in South Africa.
https://en.wikipedia.org/wiki/Education_in_South_Africa (16 Desember 2016 geraadpleeg).

Workplace Bullying Institute. 2007. U.S. Workplace bullying survey. Zogby Institute.
www.workplacebullying.org/targets/problem/employer-resistance.html (2 April 2014 geraadpleeg).

—. 2010. Who gets targeted? The Healthy Workplace Bill.
<http://www.workplacebullying.org/wbiforum> (12 April 2010 geraadpleeg).

Work Trauma Foundation. 2008. Definitions adopted by the Work Trauma Foundation.
<http://www.worktraumafoundation.org/change/definitions.htm> (6 Februarie 2008 geraadpleeg).

Wormald, K. 2005. When your boss is a bully. *Office Solutions*, Julie–Augustus, 22(4) bl.42.

Yılmaz, G. en A. Uzunçarşılı-Soydaş. 2006. Bullying among Turkish bank employees and its relationship with sick leave. In *Proceedings of Asia Pacific Management Conference* (ble. 1–4). In Minibas-Poussard en İdiğ-Çamuroğlu 2016.

Zapf, D., J. Escartin, S. Einarsen, H. Hoel en M. Vartia. 2011. *Empirical findings on prevalence and risk groups of bullying in the workplace*. 2de uitgawe. Boca Raton, FL: CRC.

Taalbewussyn as komponent van geletterdheidsvaardigheid: 'n ondersoek na narratiefvaardigheidontwikkeling by Graad 3-leerders

Irene Brand en Christine Anthonissen

Irene Brand, postdoktorale navorsingsgenoot,
Departement Algemene Taalwetenskap, Universiteit Stellenbosch
Christine Anthonissen, professor emerita,
Departement Algemene Taalwetenskap, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Daar word wyd verwys na ondergemiddelde prestasie van jong leerders in geletterdheidsontwikkeling in Suid-Afrikaanse skole (Donald en Condry 2005; Klop 2011; Marais 2012). Terselfdertyd word toegewyd aandag gegee aan moontlike verklarings vir die betreklik lae sukseskoers in die ontwikkeling van kinders se lees- en skryfvaardighede, asook aan moontlike ingrypings wat sukseservaring in vroeë geletterdheidsontwikkeling sal verbeter (Pretorius en Machet 2004; Olivier, Anthonissen en Southwood 2010; Murray, De Pascalis e.a. 2016). Hierdie artikel verwys na 'n studie wat uitgevoer is in Graad 3-klaskamers in twee landelike laerskole in Wes-Kaap waar spesifiek aandag gegee is aan die begrip *taalbewussyn* en hoe dit in leerders se narratiefontwikkeling waargeneem word. 'n Buitekurrikulêre program, 'n sogenaamde narratiefverrykingsprogram, is ontwikkel en oor 'n periode van ses maande in die taalonderrigperiode as stimulasie en vir diagnostiese doeleindes vir leerders aangebied. Ons kom tot die gevolgtrekking dat aandag aan taalbewussyn by leerders, binne skoolverband en spesifiek met aanmoediging van verhalende lees-, vertel- en skryfwerk, 'n geleentheid bied om geletterdheidsontwikkeling binne skoolverband te bevorder.

Trefwoorde: geletterdheidsontwikkeling; Graad 3-KABV; kleinboekies; narratiefvaardigheid; Niestandaardafrikaans; taalbewussyn; vroeë geletterdheid

Abstract

Language awareness as a component of literacy: investigating narrative skills development of grade 3 learners

The study on which this article is based was motivated by existing information on the discontinuity between home literacy practices and school literacy expectations of learners who typically speak a local variety of their mother tongue which, in various ways, is different from the standardised language of learning and teaching (LoLT). In this particular case the study refers to Afrikaans as a home language and language in education. The main concern is that these learners typically perform below par in standardised South African literacy tests such as the Annual National Assessment (ANA) and the Systemic Evaluation Test. They show slower achievement of literacy milestones, higher school drop-out rates and less achievement of access to higher-learning opportunities (Lahire 1995; Siegel 2007).

A considerable amount of scholarly attention has recently been dedicated to such apparent underperformance of young learners in literacy development assessment in South African schools (Donald and Condry 2005; Klop 2011; Marais 2012). A number of different instruments for the measurement of oral and writing skills have been discussed and evaluated; attention has also been given to possible explanations for the relatively low success rate in developing learners' reading and writing skills, as well as to interventions that can improve experiences of success in early literacy development (Pretorius and Machet 2004; Olivier, Anthonissen and Southwood 2010; Murray, De Pascalis et al. 2016). While assessment of skills is useful in directing teaching and learning practices in classrooms, concerns remain about the rather uneasy connection between learners' resources and curriculum goals.

This article refers to a qualitative study undertaken in grade 3 classrooms in two primary schools in rural Western Cape, where specific attention was given to the concept of language awareness and how it manifests as an underlying (and underutilised) resource in learners' narrative development. Language awareness is an attribute recognised in New Literacy Studies which, according to Street (2003), relates to the fact that literacy is learnt in social contexts and not in isolation of such contexts. James and Garrett (1991) emphasise the fact that the ability to read, write and manipulate language is not merely a neutral, skills-based ability; it is, rather, an ability on which all social and cognitive functions depend. Such a perspective sees language awareness as a mental predisposition that a speaker develops consciously and unconsciously in sensitive response to his/her social and linguistic environment. It enables the speaker to pay attention to how languages work on an abstract and meta-cognitive level. A person who exhibits a good understanding of the rules and conventions of language use, both on a grammatical and on a communicative level, is said to have a well-developed language awareness. This ability extends beyond awareness of a speaker's own first language to include other languages he/she may know.

For this study an extra-curricular programme, a so-called narrative enrichment programme, was developed and used in the first-language (or home language) lessons of three grade 3 classes in two different schools over a period of six months. It was aimed at stimulating and recognising typical features of the creative literacy development of the participating learners that would give information on the current state of their "language awareness". We were interested in how language and communication competencies that learners develop in a home

literacy and pre-literacy environment may be harnessed and utilised in developing educational literacy requirements. One of us gave attention to narrative forms that rely on learners' language awareness, while also observing their ability to manipulate different registers and varieties of Afrikaans (including their own). An additional aim of the enrichment programme was to encourage learners' general appreciation of spoken and written forms of language in narrative and in other everyday uses.

The narrative enrichment programme used during the first data collection term allocated contact time during the school day to the researcher for reading and discussing stories, then giving learners ample opportunity to write and illustrate their own stories in the form of "little books". The use of little books as a means of literacy development was first introduced in the Ortnergasse school in Vienna as part of a programme devised to integrate minority language learners of migrancy background into the German LoLT system, while drawing on the existing language competencies of their home environment (Busch 2011; Pernes 2013). Another project on which this study was modelled is one undertaken among Sami L1 learners in a predominantly Finnish educational environment, where one of the aims was to enhance appreciation of a home language minimally used in school literacy practices (Pietikäinen and Pitkänen-Huhta 2013). The little books learners produced in our study were studied and analysed to gain insight into the learners' understanding and use of the written genre of storytelling and of illustrating them in print. A whole range of other language development features can be observed in the same set of data.

The activities for the enrichment programme in the second data collection term were devised on the basis of specific grammatical, discursive and multimodal features that were found in learners' little books. During this phase, using different kinds of picture cards (see Southwood and Van Dulm 2012 and the Next Up board game, 2013 version), learners' difficulties in three kinds of narrative structuring skills were given specific attention. First, exercises of picture-sequencing tested learners' awareness of the chronology of events and/or causality relations between one story element and a following one. Second, picture-sentence matching exercises were introduced to enhance learners' grasp of the connection between verbal and visual elements of multimodal texts. Third, an exercise called Beginning, Middle and End was used to assess how learners recount the various components of a story presented to them in the form of a set of topically connected pictures, and in a longer narrative that was read to them. In the exercises focusing on learners' ability to reflect on more and less meaningful ways of sequencing narrative elements we drew on work of Labov and Waletzky (1997) and De Fina and Georgakopoulou (2006).

Findings show that learners have a keen appreciation of the spoken form of language in that they listened keenly to the stories. One group showed special enthusiasm for retelling stories that they had heard at home. Another aspect of the programme to which learners responded enthusiastically was the activity of illustrating little books; this they appeared to enjoy more than writing them. Enthusiastic responses of learners are important because learning is much more likely to proceed successfully if learners enjoy the developmental activities. Learners' levels of linguistic awareness regarding genre, register and grammatical aspects such as spelling differed considerably. In their little books they showed varying degrees of dependence on the already familiar genres of fables and fairy tales. Regarding writing conventions, they also showed varying degrees of awareness of, for example, appropriate punctuation. Interesting examples of regional language use which included phonological awareness of the spoken form occurred, as for example in spelling the word "broer" as

“broeg”, reflecting sensitivity to local distribution of the rhotic (uvular fricative [R]), instead of the alveolar trill [r]. There were interesting findings regarding the influence that learners’ life experiences have on their narrative products. The picture sequencing activities reflected learners’ creative use of familiar everyday events and artefacts to make sense of elements unfamiliar to them. Quite a number of instances are recorded in which learners did not recognise particular images (such as a simplified and dated version of a rocket landing on the moon), or did not have access to information underlying a certain picture sequence (such as the development of a butterfly from a chrysalis). The ways in which learners put effort into making meaning of what was presented to them testifies to linguistic awareness that deserves to be recognised and rewarded.

The rich and varied data collected illustrates theoretical positions regarding the different kinds of habitus learners encounter, the ways in which educational systems privilege some linguistic resources above others, the connections between language and identity, and the ways in which new forms of literacy may assist in better facilitating learners’ emerging literacy and the learning that such literacy should facilitate. We find that there is indeed a mismatch in literacy practices of home and school which possibly results in learners’, as well as teachers’, not sufficiently recognising the skills that learners do have. Furthermore, we find evidence that learners’ linguistic creativity which demonstrates the working of their language awareness often goes unrecognised in school language classes. Such findings, we conclude, should be utilised as a basis for developing teaching practices that will assist in developing the kinds of literacies that school curricula typically exact.

Keywords: early literacy; Grade 3 CAPS; language awareness; literacy development; little books; narrative skills; non-standard Afrikaans

1. Inleiding

Teen die agtergrond van diskontinuiteit wat dikwels aangetref word tussen huistaalpraktyke en skooltaalverwagtinge waar jong leerders in landelike gebiede met Afrikaans as eerste taal grootword, wil ons in hierdie artikel illustreer hoe taalbewussyn as ’n spesifieke element van taalvaardigheid wat verwys na sprekers se sensitiwiteit vir formele en kontekstuele aspekte van taal (volledige bespreking in afdeling 4 hier onder), in geletterdheidspraktyke sigbaar word. Ons gee aandag aan hoe taalbewussyn leerders se betreklik swak prestasie in geletterdheidstoetsing kan help verklaar, asook aan die moontlikheid dat vaardighede wat leerders wél het, nie herken en benut word nie. Die begrip *taalbewussyn* sal toegelig word omdat dit beskou word as belangrik in die ontwikkeling van algemene geletterdheid van leerders en ook in die ontwikkeling van onderrigprogramme en onderrigmateriaal in die eerste paar skooljare. Aandag aan taalbewussyn sou ’n belangrike deel kon uitmaak van die suksesvolle begeleiding van leerders in die vestiging van lees-, skryf- en leerpraktyke. Die artikel wil, met verwysing na ’n studie wat in die Wes-Kaap onderneem is, die waarde aantoon van insluiting van hierdie begrip in die hantering van geletterdheidsontwikkelingsprobleme, spesifiek waar diskontinuiteit tussen huistaal en skooltaal opvallend is. Waar die skooltaal op die oog af dieselfde as die huistaal is, maar plaaslike variantverskille nie in berekening gebring word nie, is dit moontlik dat aandag aan die ontwikkeling van taalbewussyn kan help in die verbetering van vroeë geletterdheidsprogramme vir sg. niestandaardtaalsprekers.¹

2. Konteks

Die studie waarop hierdie artikel gebaseer is (Brand 2015), het 'n aantal opvallende aspekte van taalbewussyn en geletterdheid ondersoek in 'n grootliks eentalige Afrikaanse gemeenskap van jong leerders wat in gestandaardiseerde geletterdheidstoetse tipies minder as die nasionale gemiddeld behaal. In 'n empiriese gevallestudie word die stand van geletterdheid en onderliggende taal- en kommunikasievaardighede van Graad-3 leerders (9-10 jariges) in twee skole van 'n enkele kring deur middel van 'n stimulasieprogram waargeneem en ontleed.

Taal is die medium waardeur gemeenskappe hul waardesisteme, geskiedenis, sienings en identiteit kommunikeer (Le Cordeur 2010:79). Deur taal word kennis verwerf en sosiale mobiliteit bewerkstellig. Formele skoolonderrig en die aanleer van vaardighede wat sosiale ontwikkeling meebring, berus nie net op gesproke taal nie, maar ook op die geskrewe vorm. Geletterdheid en geletterdheidsontwikkeling is dus belangrike aspekte van leer wat tydens die vroeë fase van skoling aandag moet kry. Unesco (2004:13) omskryf geletterdheid as “die vermoë om deur middel van prent- en geskrewe materiaal in verskeie kontekste spesifieke begripshandelinge te bemeester, nl. identifikasie, begrip, interpretasie, skepping, kommunikasie en berekening.”² Die ontwikkeling van geletterdheid sluit volgens hierdie definisie die breë ontwikkeling van leerders op kognitiewe, emosionele en sosiale vlak in. Dit verklaar waarom faktore wat ander fasette van 'n persoon se lewe raak, ook geletterdheidsontwikkeling sal beïnvloed, selfs as dit hoofsaaklik akademies, sosiaal of ekonomies van aard is.

Ons gee spesifiek aandag aan hoe 'n gekose groep Graad 3-leerders hulle taalbewussyn, as 'n instrument in geletterdheidsontwikkeling, bewustelik en onbewustelik demonstreer en gebruik. Omdat soveel jong leerders laer geletterdheidsvaardighede verwerf as wat die verwagte vlak in nasionale toetse ('n onderdeel van formele onderrig) is, wou ons meer inligting hê oor watter soort taalvaardighede hulle in ander kontekste as voorgeskrewe kurrikulumwerk toon. Die huidige kurrikulum word beskryf met die term KABV³ (Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring). In hierdie studie word KABV geraadpleeg om vas te stel wat in die formele skoolkonteks van leerders verwag word. Ons het beoog om dan die moontlike korrelasie (of nié) tussen leerders se alledaagse leefwêreld en hulle geletterdheidsontwikkeling, te herken. Met dié doelstelling om taalbewussyn soos dit in huistaalgebruik en skooltaalgebruik sigbaar word te ondersoek, is daar met twee skole in dieselfde distrik en kring gewerk. Ter wille van anonimiteit word na hierdie skole verwys as Skool A en Skool B.

2.1 Meting van geletterdheidsontwikkeling

Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) het tot 2014 twee toetse gebruik om die bereiking van 'n stel geletterdheidsaanwysers in skole regoor die land te peil, naamlik (1) die Jaarlikse Nasionale Asseseringstoetse (ANA) en (2) 'n Sistemiese Evalueringstoets (SET)⁴. Die ANA's is om verskeie redes wat wyd bespreek is (Spaull 2014; Nicolson 2015; Nsele 2015) in 2015 afgeskaf, maar was nog in gebruik tydens die data-insamelingstydperk van hierdie studie.

Die eerste ANA-toets is deur die Nasionale Departement van Onderwys opgestel, en alle aktiwiteite wat daarmee verband hou, is aan die toesig van elke skool se onderwysers

toevertrou. Die assessering van leerders het tussen September en Oktober van elke jaar plaasgevind. Grade 1 tot 6 en Graad 9 het in 2013 hierdie toetse afgelê. Tabel 1.1 hier onder gee die nasionale uitslae van 2012 en 2013 persentasiegewys vir Huistaal vir alle Graad 1- en Graad 3-leerders. Hierdie uitslae toon aan hoe die prestasie van leerders in grade 1 en 2 landswyd met 2% elk verbeter het vanaf 2012 tot 2013, maar vir dieselfde tydperk het die prestasie van Graad 3-leerders nasionaal met 1% afgeneem. As die aantal leerders wat die toets afgelê het, in ag geneem word, is die verskil nie beduidend nie. Wat wel beduidend (en kommerwekkend) is, is dat by alle groepe 'n slaagsyfer van tussen 50% en 60% behaal is. Vir vroeë geletterdheidsontwikkeling is dit betreklik laag, dus dui dit daarop dat buitengewoon baie leerders dwarsoor die land in 'n meer of mindere mate probleme met geletterdheidsontwikkeling ervaar.

Tabel 1.1. Nasionale ANA-uitslae, gemiddelde slaagsyfer per jaargroep vir 2012 en 2013

Grade	Huistaal 2012	Huistaal 2013
1	58	60
2	55	57
3	52	51

Om die prestasies vir spesifieke omgewings meer betekenisvol te maak, ontvang elke skool 'n spesiale verslag wat onder andere 'n vergelyking tref tussen die betrokke skool se uitslae en die nasionale gemiddeld sowel as die distriks- en kringgemiddeld. Die uitslae vir Skole A en B, wat aan hierdie studie deelgeneem het, word in tabel 1.2 hier onder opgesom:

Tabel 1.2. ANA-uitslae vir skole in vergelyking met nasionale en provinsiale prestasies

	2011 Geletterdheid	2012 Taal	2013 Taal	Afrikaans Huistaal
Nasionaal	35	52	50,8	
WKOD	43	57,1	49,9	48,75
Kring				53,63
Skool A				58,24
Skool B				66,37

In 2013 was die Graad 3-slaagsyfer vir Huistaal in Skool A 58,24% en in Skool B 66,37%. Dit dui daarop dat gemiddeld meer as 37% van die leerders in die twee skole nie aan die nodige slaagvereistes voldoen nie. Die slaagsyfer vir Afrikaans Huistaal in die kring vir dieselfde toets in dieselfde jaar was 53,63%. Dus het albei skole hoër slaagsyfers as die ander skole in die kring behaal. Hulle het ook beter gevaar in vergelyking met die Wes-Kaap in sy geheel, wat 'n slaagsyfer van 48,75% gehad het.

Die tweede stel toetse, die SET, behels provinsiale diagnostiese toetse (Western Cape Education Department 2014) wat deur die WKOD vir Wes-Kaapse skole saamgestel word. Departementele amptenare van buite die skole behartig die toesig oor en die nasien van die toetse. Hierdie instrument toets taalvaardigheid sowel as syfervaardigheid. 'n Opsomming van die uitslae word deur die WKOD aan elke skool gestuur.

Tabel 1.3 hier onder bevat persentasiegewys 'n opsomming van die Graad 3-slaagsyfer vir die SET vir beide Skole A en B sowel as elke skool se Graad 3-gemiddelde persentasie. Dit wys ook die kring- en provinsiale slaagsyfers vir 2011–13. Omdat hierdie toetse net in die Wes-Kaap afgelê word, is daar nie nasionale uitslae waarteen elke skool se uitslae gemeet kan word nie.

Tabel 1.3. Opsomming: Graad 3 Sistemiese Evaluering in Skool A and Skool B 2013

	Skool A			Skool B		
	2011	2012	2013	2011	2012	2013
Skool se slaagsyfer in persent	17,5	31,9	29,2	22,2	60,0	77,5
Gemiddelde persentasie van skool	31,2	37,0	38,1	30,7	56,8	58,4
Kringslaag-syfer	28,2	37,7	37,0	28,2	37,7	38,1
Kring-gemiddeld	37,8	42,7	43,1	37,8	42,7	43,1
Provinsiale slaagsyfer	30,4	38,9	37	30,4	38,9	37

In 2012 en 2013 het Skool B 'n SET-slaagsyfer aansienlik bo dié van Skool A en die wyer kring behaal. Die syfers, saamgevat in tabel 1.3, wys ook 'n aansienlike styging in geletterdheids- en taalprestasie van 2011 tot 2013 by Skool B. Skool A se uitslae is meer wisselvallig, met 'n lae slaagsyfer van 17,5% in 2011 vergeleke met die kring se slaagsyfer van 28,2% in dieselfde jaar. Ten spyte van die algehele verbetering in 2012 en 2013 was hulle slaagsyfer nog steeds laer as dié van die kring.

Die twee verskillende klasse van Skool A se uitslae word afsonderlik in tabel 1.4 aangedui. Die SET-slaagsyfers wys dat Graad 3A konsekwent hoër resultate as Graad 3B behaal het, met 25,9% teenoor 10,0% in 2011, 36,0% teenoor 27,3% in 2012 en 32,0% teenoor 26,1% in 2013.

Tabel 1.4. Vergelyking tussen Skool A Graad 3A en 3B se SET-uitslae

	2011	2012	2013
Graad 3A	25,9	36,0	32,0
Graad 3B	10,0	27,3	26,1

Die SET-uitslae vir 2013 word nie net per skool en per graad verskaf nie, maar word ook in agt kategorieë verdeel sodat elke skool 'n aanduiding van die prestasieverspreiding van die leerders kan kry, soos in tabel 1.5 hier onder:

Tabel 1.5. Resultate per kategorie vir SET 2013 (persentasie leerders binne elke kategorie aangedui)

Kategorieë	0-19%	20-29%	30-39%	40-49%	50-59%	60-69%	70-79%	80-100%
Skool A (%)	14,6	27,1	20,8	8,3	18,8	2,1	8,3	
Skool B (%)	5,0	5,0	7,5	5,0	17,5	37,5	17,5	5,0
Totaal	19,6	32,1	28,3	13,3	36,3	39,6	25,8	5,0

Die totale toon dat die grootste groep leerders in Skool A in die prestasiekategorie 20–29% val en in Skool B in die kategorie 60–69%. Ten spyte van die algeheel beter prestasie van Skool B, is dit duidelik dat die grootste getal leerders in die twee skole nie volgens verwagte standaarde presteer nie; intendeel, in die geheel het in beide skole gemiddeld 47,6% van die leerders 'n prestasiegemiddeld van laer as 50%. Dit is sorgwekkend, ook as dit saam met die ANA-uitslae gelees word, omdat huistaalvaardighede in vroeë geletterdheid 'n sleutel is tot kognitiewe ontwikkeling, wat ten grondslag lê van leervaardighede (Nelson 1996; Liao, Liu, Hsu, Chang, Change en Cheng 2014; Larson en Marsh 2015).

3. Doelstellings van die studie

Hierdie was nie 'n vergelykende studie tussen die deelnemende skole nie. Met die deelname van twee sosio-ekonomies eenderse plattelandse skole is die databasis vergroot om te kon beoordeel wat gebeur as aandag van die meting van gestandaardiseerde geletterdheidsvaardighede verskuif na ander moontlike aanwysers van geletterdheid, soos ook vervat in die term *Nuwe Geletterdheidstudies* (New Literacy Studies) (Gee 1999; Street 2003). Een van die vrae was of gevestigde onderrigbeginsels in hierdie skole, naamlik dat onderrig moet vertrek van en aansluit by wat leerders reeds weet, “vergeet” word (ook in die kurrikulum). Ons het in hierdie studie narratiewe verryking aangebied om aan te sluit by assessering en ontwikkeling van geletterdheidsvaardighede wat reeds in die bestaande kurrikulum aangebied word. Die studie het, bykomend tot die verskaffing van data oor taalbewussyn, 'n sigbare praktiese effek gehad: leerders se entoesiasme en deelname aan 'n wyer verskeidenheid van geletterdheidspraktyke wat in die gewone skoolleerplan ingepas word, was opvallend. Die veronderstelling waarmee gewerk is, is dat gesproke en geskrewe verhale, ook uit leerders se alledaagse ervaring en met gepaste visuele stimulasie in die vorm van illustrasies by geskrewe teks (Murray e.a. 2016), leerders kan help om by 'n andersins reeds vreemde akademiese omgewing aan te pas. Daar is gebou op vorige studies wat geletterdheidsagterstand en moontlike verklarings vir die verspreidheid daarvan ondersoek het, asook voorstelle gemaak het vir programme wat op verskeie vlakke aangewend kan word om leerders vroeër beter te help vorder (Willenberg 2004; Klop 2011; Olivier e.a. 2010). Verder was daar 'n bewuste nievoorskriftelike benadering ten opsigte van die gebruik van huistaalvariante wat moontlik andersins binne die kurrikulum as ontoereikend gereken sou word. Hier was die veronderstelling dat 'n voorskriftelike benadering wat die standaardvorme aanmoedig op 'n manier wat die leerders se huistaal en gemeenskapsvorme as ontoereikend beoordeel, 'n hindernis tot meer algemene leerontwikkeling kan wees.

4. Taalbewussyn as sleutelbegrip

In geletterdheidsontwikkeling word dikwels verwys na taalbewussyn (*language awareness*) as “explicit knowledge about language, and conscious perception and sensitivity in language learning, language teaching and language use” (Garrett en James 2000:330). Dit is 'n belangrike intuïtiewe soort kennis wat herkenbaar is by mense met gevorderde geletterdheidsvaardigheid. Volgens Carter (2003:64) behels taalbewussyn 'n verhoogde bewussyn van en sensitiwiteit vir die vorme en funksies van taal. Sodanige taalbewussyn verwys na die bewuste aandag wat 'n spreker gee aan die manier waarop taal in die skep van

betekenis aangewend word, asook in die manier waarop taal identiteite en verhoudinge bepaal. Verwant aan taalbewussyn, is die bewussyn van taal in geletterdheid: dit is die bewuste rig van aandag aan die aard en die waarde van die geskrewe of gedrukte woord en hoe mense aan geletterdheidspraktyke deelneem.

Taalbewussyn word gedefinieer as 'n kognitiewe ingesteldheid (*mental attitude*) wat voorkom by 'n spreker wat die vermoë het om spesifiek en bewustelik aandag te gee aan hoe tale op 'n abstrakte en metakognitiewe vlak funksioneer. 'n Persoon wat geïnteresseerd is in dieper begrip van die sogenaamde onbewuste kennis van taal/tale word gereken as een met 'n goedontwikkelde taalbewussyn (Bolitho, Carter, Hughes, Ivanic, Masuhara en Tomlinson 2003:251). Sodanige bewussyn van reëls en konvensies van taal het nie net op 'n spreker se eie eerste taal (T1) betrekking nie, maar ook op ander (tweede of vreemde) tale wat hy/sy mag ken. Volgens Bolitho e.a. (2003:252) het 'n taalbewussynsbenadering tot onderrig en onderwys ontstaan in reaksie op oordrag van taalkennis wat van bo (*top down*) voorgeskryf word. So verwys Street (2003) met sy sogenaamde outonomiemodel afwysend na die voorskriftelike metode van onderrig wat die aanname handhaaf dat taal in onderrig as 'n netjies verpakte stuk kundigheid oorgedra kan word. Kognitiewe en intellektuele kennis van taal (metataalvaardigheid) kan egter nie geskei word van die praktiese aanwending van taal nie. Om 'n taal te ken, beteken nie dat 'n mens dit effektief in elke moontlike konteks kan gebruik nie. Ingesteldheid op taalbewussyn beteken dat die onderwyser/opvoeder bewus is van leerders se ontluikende ontwikkeling van taalvaardigheid binne die verskillende soorte sosiale kontekste waarin hulle lewens afspeel. Dit fokus dus op sosiale en pragmatiese kennis van taal wat in Nuwe Geletterdheid-studies as belangrik beskou word.

James en Garrett (1991) benadruk die uitgangspunt van die sogenaamde *Ideological Model of Literacy*: dat om te lees, skryf en taal te manipuleer nie bloot 'n neutrale, vaardigheidsgebaseerde vermoë is nie, maar dat dit 'n vermoë is wat sterk steun op nietalige sosiale en kognitiewe vaardighede. In die koestering van taalbewussyn meen Bolitho e.a. (2003:254) dat 'n induktiewe onderrigbenadering gevolg behoort te word. Soos grammatiese vaardighede en spelling, glo hulle dat ook taalbewussyn gestimuleer, gevoed en ontwikkel kan word, enersyds deur direkte onderrig, maar veral ook deurdat leerders gehelp word om dit self te ontdek. Die onderwyser is dan 'n gids en 'n fasiliteerder.

Binne die skoolopset verwys taalbewussyn na die taalkennis en taalgebruikskennis van leerders, en na hoe hulle redelik-verwagte geletterdheidsdoelstellings verstaan. Sulke doelstellings sluit in die bewuste en onbewuste kennis van watter taalvorme, en ook registers en genres, binne bepaalde taalgebruikskonteks gepas is. Taalbewussyn by leerders sal onder andere blyk uit 'n waardering van hulle eerste taal, sowel as ander tale, as sosiale en kommunikatiewe instrumente. Ravid en Tolchinsky (2002:422) verwys in hierdie verband na die vermoë van leerders om hulle eie talige identiteit, meer bepaald hulle dialektiese of sosiolektiese identiteit te behou terwyl hulle leer om in die standaardvariant van die taal aan skoolgebaseerde aktiwiteite deel te neem. Hulle glo dat hierdie soort taalvaardigheid goed ontwikkel word slegs as leerders sowel as onderwysers die bestaande taalhulpbronne wat leerders tot hulle beskikking het, benut.

5. Metodologie: 'n narratiewe verrykingsprogram

Alhoewel hierdie empiriese studie met 'n betreklik groot aantal respondente gewerk het, is die aantal deelnemers nie verteenwoordigend van die hele Graad 3-Afrikaans Huistaalpopulasie in die Wes-Kaap nie. Verder is die data ingesamel met instrumente wat spesifiek 'n kwalitatiewe eerder as kwantitatiewe ontleding pas. Gegee die moontlike onderbreking wat navorsingsaktiwiteite in die gewone skoolprogram bring, kon hierdie studie nie etnometodologies onderneem word nie. Nogtans bevat die stimulasieprogram en waarneming van resultate elemente van die etnometodologie. Die navorsingmodel wat gebruik is, was dus een wat gedeeltelik eksperimenteel inligting voortbring het: dit was eksperimenteel in die navolging van 'n model wat elders (met name in Oostenryk en in Finland) gebruik is om verskillende aspekte van leerders se geletterdheidsvaardigheid en taalbewussyn deur middel van teksontleding te kon blootlê.

Data is tydens die tweede en derde skoolkwartaal (April tot September) van 2013 ingesamel. 'n Groep van 90 leerders uit twee skole in dieselfde distrik in die Wes-Kaap het deelgeneem.⁵ Gedurende die eerste data-insamelingskwartaal is die voorlees en vertel van verhale gebruik as stimulasie vir 'n skryfprogram waarin die leerders "kleinboekies" wat hulle eie skryf- en illustrasiewerk bevat, sou produseer. Vir 'n tydperk van vier weke by elke skool, met vier dae per week waarin daar twee tot twee en 'n halfuur kontaktyd per dag was, is leerders aan talle verhale⁶ blootgestel, aangemoedig om te luister en te lees en ook om hulle eie stories te skryf.

Hierdie deel van die program en die uitkomst daarvan word in afdeling 7.1 vollediger beskryf. Bykomende data is deur middel van klankopnames van leessessies en kleingroepsessies, veldnotas, waarneming en vraelyste⁷ (sien Addendum A) ingesamel. Tweedetaalleerders⁸ van Afrikaans is ingesluit in die program, maar hulle boekies is vir ontledingsdoeleindes uitgesluit, aangesien die fokus op T1-leerders se taal- en geletterdheidsvaardighede was.

Die tweede data-insamelingskwartaal is gestruktureer om spesifieke brandpunte wat in die vorige kwartaal se leerderbydraes voorgekom het, in ag te neem. Dit het behels dat naas die voortsetting van narratiefaktiwiteite, bykomende taalbewussynsaktiwiteite ontwikkel en aangebied is. Om 'n meer hanteerbare volume data wat meer gedetailleerde inligting kon bied, te verseker, is 'n kleiner groep van 31 leerders uit die groot groep van 90 geselekteer vir spesiale projekte tydens die kontaktyd. Die deelnemers aan hierdie tweede deel van die program was diegene wat in die eerste ronde met die skryf van hulle kleinboekies spesifieke soorte geletterdheidsagterstande getoon het. Klankopnames is tydens kontakssessies met hierdie leerders gemaak en aanvullende veldnotas het die verloop van die projek verder gedokumenteer.

Die aktiwiteite wat in die tweede deel van die verrykingsprogram aangebied is, het gestrek oor 'n periode van drie weke, met twee kontakure per dag, vier dae per week, waarin ongeveer 20–30 minute per leerder moontlik was. Die huistaalperiode is deur die klasonderwyseres aangebied; gekose leerders is een-een onttrek vir elkeen van die kontakssessies. Hierdie deel van die program is ontwerp na aanleiding van die skryfwerk wat die leerders tevore gelewer het; dit het bestaan uit die gebruik van drie verskillende soorte prentkaartaktiwiteite wat spesiaal drie soorte geletterdheidsvaardighede moes "toets" en op 'n bewuste manier help ontwikkel. Hierdie aktiwiteite word in afdeling 6.2 vollediger beskryf.

Ons gee, in wat volg, kortliks die agtergrond tot hierdie gebruik van kleinboekies in geletterdheidsontwikkeling en die bestudering van taalbewussyn. Die narratiewe verrykingsprogram wat vir hierdie studie ontwikkel is, is geskoei op soortgelyke programme wat gevolg is met jong leerders wat binne ander kontekste ook spesiale skryfvaardigheidsontwikkeling ontvang het. Die program is spesifiek geïnspireer deur projekte wat in twee afsonderlike laerskole geloods is: een in die Weense middestad met 'n betreklik groot inname van migrantekinders wie se Duits-as-onderrigtaal-vaardighede beperk was, en 'n ander in 'n plattelandse Samisprekende gemeenskap in die afgeleë noorde van Finland, waar met 'n spesiale moedertaalontwikkelingsprogram begin is om die gebruik van Fins as onderrigtaal aan te vul (Pitkänen-Huhta en Pietikäinen 2014).

In hierdie programme het leerders wat T1-sprekers van 'n ander taal as die taal van onderrig was, 'n deel van hulle vroeë leerervaring in hulle T1 te ontvang. Dit is gedoen met behulp van 'n tutor wat die leerders se T1 wel geken het. Verskillende soorte geletterdheidsoefeninge is aangebied waarin leerders toegelaat is om enige taal wat hulle magtig was, te gebruik. Één van hierdie oefeninge wat met groot sukses gebruik is, was die skryf van “kleinboekies” waarin narratiefvaardighede en bykomende illustrasies so ontwikkel het dat leerders se werk in kleinboekieformaat met behulp van 'n gewone kantoordrukker geproduseer kon word. In die Ortnergasse skool in Wenen,⁹ soos opgeteken deur Pernes (2013) en Busch (2011), is die program gebruik om leerders se selfvertroue in hulle leerproses te ontwikkel en om skryfvaardighede in hulle T1 te gebruik om sodoende bewussyn van hulle eie taal sowel as ander tale te skep. Uiteindelik het hierdie leerders ook die dominante taal van hulle omgewing binne 'n betreklik veilige ruimte begin aanleer. In die geval van die Samisprekende kinders het die program leerders tuisgemaak met die gedagte dat hulle T1 ook 'n waardevolle skryftaal kan wees, en dat deur vertaling die grense tussen sprekers van verskillende tale oorkom kan word (Pitkänen-Huhta en Pietikäinen 2014; Pietikäinen en Pietkänen-Hutha 2013). Leerders se taalbewussyn is dus ontwikkel om die waarde van tweetaligheid en veeltaligheid tuis te bring en die minderheidstale nie bloot as 'n hindernis in die leerproses te beleef nie (Busch 2011).

Die kleinboekieprojek is in die Ortnergasseskool¹⁰ deur Christian Schreger as 'n kreatieweskryfwerkprojek ontwikkel. Dit het behels dat leerders put uit hulle alledaagse en singewende ervaringe in die skryf van klein verhale. Hulle is aangemoedig om enige tyd te skryf – tydens afgebakende tye, of buite lestye. Leerders en onderwyser werk saam in die publiseer van die boekies: rekenaars, woordverwerkerprogramme en 'n drukker is in die klaskamer beskikbaar sodat 'n kleinboekie soos dit geskryf word, ook uitgegee kan word.

Alhoewel die inhoud van die boekie die leerder se keuse is, is die formaat vas. Die boekie is A6-grootte, het tussen 8 en 12 bladsye, en 'n kartonbuiteblad. Die titel sowel as die naam van die skrywer word op die voorblad aangebring, terwyl die skrywer se foto, publikasiebesonderhede en die kopieregteken op die agterblad kom. Die boekie volg die normale prenteboekformaat waar woorde en illustrasies mekaar ondersteun om 'n storie aan die leser oor te dra. Hierdie “Kleine Bücher”-projek in Oostenryk is bedryf in 'n multigraad-, meertalige klaskamer met leerders wat Koerdis, Pandjabi, Hindi, Turks en selfs Afrikaans as T1 praat. Soos reeds genoem, is hierdie leerders kinders van migrante wat Duits nie ten volle magtig is nie. Leerhulpmiddels soos woordeboeke en ensiklopedieë is tot hulle beskikking, en hulp van betrokke ouers, ander leerders en onderwysers word deurlopend toegelaat.

Vir die navorsing in 'n oorwegend Afrikaanse gemeenskap is die kleinboekieprojek gebruik in 'n leeromgewing met kinders wat 'n niestandaardvariant van Afrikaans praat, maar terselfdertyd geleetterheidsvaardighede in die standaardvorm moet ontwikkel. Die metodologie wat in die Oostenrykse en Finse projekte gebruik is, is as gepas vir ons studie gereken, aangesien daardie navorsers ook met jong leerders gewerk het wie se taalbewussyn – soos dié in hierdie studie – dikwels beter ontwikkel is as die spesifieke taalvaardigheid wat in die klaskamer verwag word. Die Afrikaanstalige Graad 3-leerders is toegelaat, en selfs aangemoedig, om te skryf soos hulle praat.¹¹ Terugvoer aan die leerders is gedoen deur standaard geskrewe konvensies agterna by te voeg. Daarmee is woordeskat en spelling bygebring sonder om direk voorskriftelik en inhiberend te wees. Die leerders het vrye keuse met betrekking tot die inhoud van hulle stories gehad: die fokus was op hulle belangstellings en alledaagse lewenservaringe as basis vir verhalende skryfwerk.

6. Instrumente vir nagaan van taalbewussyn

6.1 Kleinboekies

In hierdie navorsing was die skryf van kleinboekies aanvullend tot die inhoud van die bestaande kurrikulum en nie deel van die gereelde lees- en skryfontwikkelingsprogram van die leerders nie.

Leerders is tydens geskeduleerde leestyd aan verskeie nuwe verhale blootgestel. Ek¹² het, as een van die navorsers (Brand 2015), 'n storie voorgelees, en hulle daarna tyd gegee om hulle eie te skryf. Aangesien die verrykingsprogram nie deel van 'n remediërende of terapeutiese ingryping was nie, was daar nie 'n voor- of natoets om moontlike ontwikkeling te monitor nie. Die studie is só ontwerp dat dit gemaklik by leerders se alledaagse ervarings sou aansluit, om sodoende die spontaneïteit wat die projek vereis te behou.

Oor die verloop van vier weke is daar vier verhale in Skool A¹³ en ses verhale in Skool B¹⁴ voorgelees. Omdat Skool A twee Graad 3-klasse gehad het, is die verhale wat by die een groep gelees is, by die tweede herhaal.

Die produksieproses vir elke geïllustreerde boekie het langer geneem as wat verwag is, onder andere vanweë minder gevorderde tegnologie vir die uitdruk en bind van die werk. Ten spyte daarvan dat leerders nie aangejaag is om hulle boekies klaar te skryf nie, was daar steeds genoeg tyd vir elke leerder om twee boekies te skryf.¹⁵

Die eerste twee weke is aan die lees van stories gewy, sowel as die skryf van hulle eie werk. Dit was gou duidelik dat die meerderheid leerders nie sonder riglyne goed gevorderd was nie, dus is spesifieke temas, soos verhale oor hulleself en hulle families, voorgestel. Die doel was om leerders soveel kreatiewe ruimte as moontlik te bied en dus ook geleentheid vir ons om die soort taalbewussyn wat leerders het, te peil. Ek (Brand) was onvoorbereid op hoe min vorige blootstelling leerders aan “storieboekies” gehad het, sodanig dat hulle die prosesse van skryf en in druk uitgee nie onmiddellik kon konseptualiseer nie. Die voorstel dat jy 'n skrywer kan wees met 'n boek wat in die regte formaat gepubliseer word, het nie dadelik die verbeelding aangegryp nie. Dit het meegebring dat hulle die aktiwiteit nie goed genoeg begryp het om die oorgang van luister na stories tot die skryf daarvan goed te hanteer nie.

Terugskouend kon die opdrag met meer voorafbeplanning beter hanteer gewees het; die bestek van een kwartaal was te kort vir die omvang van die taak soos dit aanvanklik voorsien is. Nogtans het daar, soos uit die aanbieding van bevindinge sal blyk, baie waardevolle inligting uit die projek na vore gekom.

Vir die tweede boekie in die volgende fase van die skryfoefeninge het leerders die geleentheid gehad om stories van die huis af te bring wat deur familieledes vertel of voorgelees is. Skool A se leerders het met baie entoesiasme hierop gereageer. In Skool B was die reaksie egter anders: leerders het nie tydens die vertelsessie stories wat hulle by die huis sou gehoor het, vertel nie. Net een leerder het 'n storie geskryf wat haar ouma haar vertel het. Hulle geesdrif was wel duidelik uit die aantal kere wat hulle gevra het dat *Die bakker se kat* (Aiken 1983:75) wéér gelees moes word. Al die leerders het nog steeds die geleentheid gehad om stories van die huis of van hulle eie keuse te skryf. Skool B se leerders wat tematies leiding nodig gehad het, is na aanleiding van hulle deelname met *Die bakker se kat* aangemoedig om oor enige dier te skryf.

Die deurlopende tema vir die eerste boekie het, uit 'n navorsingsoogpunt, die voordeel gehad dat leerders se skryf- en taalvaardighede goed op vergelykbare manier ontleed kon word, en dat hulle werk dus volgens hulle gedemonstreerde vlakke van geskrewe geletterdheid gekategoriseer kon word.


Die produksie van die boekies in netjies gebonde vorm het ongeveer twee weke per stel boekies geneem. Voor leerders aan die tweede boekie in die reeks begin werk het, het hulle die eerste boekie in sy gepubliseerde formaat terugontvang. Dit was bedoel om te demonstreer wat as eindproduk moontlik is, en moes dus ook as inspirasie vir die tweede boekie dien.

Microsoft Office Publisher 2010 is gebruik om die boekies te formateer en te druk. 'n Templaar is geskep waarop die A6-grootte-boekies verwerk kon word. Voorafgesnyde A6-boekies is aan leerders verskaf waarop elkeen hulle stories kon skryf en terselfdertyd die formaat van die uiteindelijke produk in gedagte kon hou. In die geheel het elke boekie ses bladsye gehad: drie vir skryf en drie vir illustrasies. Figuur 1 hier onder is 'n voorbeeld van 'n bladsy uit een van die boekies.

Aan die einde van die data-insamelingstyperk is onderwysers voorsien van die nodige papier en skryfbehoeftes om aan leerders die geleentheid te bied om aan te hou skryf as hulle sou wou. Die leerders is dienooreenkomstig versoek om aan te hou "stories skryf" as hulle die program geniet het. Die werk wat so na afloop van die data-insamelingsperiode geskep is, het 'n indruk gegee van hoeveel geesdrif die projek by leerders ontwikkel het. Aan die einde van die tweede skoolkwartaal het twee leerders van Skool A bykomende boekies geskryf. Die geleentheid om voort te gaan hiermee, is steeds in die tweede data-insamelingskwartaal (dus skoolkwartaal drie) gebied.

Vrydagmiddag toe ek by die huis kom
 kom haal hulle my.
 Vrydagnag slaap ek en my niggie
 en neefie op die grond.
 Die volgende dag moet ons gou
 aan trek.
 Van dit was die dag van die
 troue.
 Die bruid het mooi gelyk.

Vrydagmiddag toe ek by die huis kom, kom haal hulle my. Vrydagnag slaap ek, my niggie en neefie op die grond.
 Die volgende dag moet ons gou aantrek, want dit was die dag van die troue. Die bruid het mooi gelyk.



Figuur 1. Kleinboekie

Die narratiewe verrykingsprogram is nie met rigiede lesplanne ontwikkel nie, aangesien een van die doelstellings was om leerders betreklik ongestruktureerd te laat werk. Alhoewel KABV 'n sekere aantal ure per week vir elkeen van die leerareas voorskryf, en meer bepaald agt uur per week vir huistaalontwikkeling, staan dit skole vry om die ure op die mees gepaste wyse vir hulle spesifieke konteks te organiseer. Die verrykingsprogram met die kinders is in oorleg met die betrokke onderwysers gedoen.

Om anonimiteit te verseker is daar aan elkeen van die boekies 'n unieke kode toegeken op grond waarvan ons steeds die verwysing na die presiese opdrag kan terugherlei. Van daar teksverwysings soos [A1-3-1 ZN] wat aandui watter werkstuk of leerder die bron of skrywer van 'n bepaalde aanhaling is.

6.2 Prentkaarte

Na die kategorisering en 'n oorsigtelike ontleding van die kleinboekies wat in die eerste deel van die verrykingsprogram gelewer is, is daar drie probleemareas in leerders se narratiefvaardighede geïdentifiseer wat geïnterpreteer is as iets wat waarskynlik met gereelde blootstelling aan verrykte geletterdheidspraktyke verbeter kon word. Leerders uit al twee skole het tydens die skryf van die stories onsekerheid getoon met die volgende drie eienskappe van vroeë geletterdheid:

- Prentangskikking volgens chronologiese volgorde
- Pas van sinne by prente
- Luisterherkenning van 'n narratiewe tydlyn.

In die ontwikkeling van die volgende kwartaal se program is gewerk met die aanname dat bogenoemde aspekte van lees- en skryfvaardigheid meestal met gereelde blootstelling aan verrykte geletterdheidspraktyke intuïtief ontwikkel word. Met behulp van prente en prentverhale is spesifiek aandag hieraan gegee met leerders wat in die skryf van kleinboekies daarmee gesukkel het. Buiten die moontlike nadenke en remediëring wat hierdie aktiwiteite kon stimuleer, het dit geleentheid gegee om aspekte van taalbewussyn by die betrokke leerders waar te neem.


Soos reeds aangedui, het ons in die tweede deel van die program met 'n kleiner groep leerders uit elke skool gewerk. Die deelnemers is gekies op grond van die beoordeling van

die boekies wat hulle tydens die tweede kwartaal geskryf het. 'n Aantal basiese kriteria is gebruik om die boekies volgens 'n Lickert-skaal in vyf groepe te kategoriseer, met 5 as die hoogste gradering en 1 as die laagste. Die kriteria vir kategorisering is gebaseer op kenmerke van die storieboekgenre, wat ingesluit het: outeur se aandag aan 'n titelblad; 'n gepaste titel; ordening van links na regs in skrif; en chronologie wat bewussyn van lineêre ordening vertoon. Leerders wie se werk met 'n 3 of 4 gemerk is, is in die volgende deel van die program ingesluit.¹⁶

Die volgende deel van die verrykingsprogram het uit drie afsonderlike aktiwiteite bestaan. In die eerste moes leerders individueel prente wat 'n reeks opeenvolgende gebeure uitbeeld, in die regte volgorde rangskik. In die tweede het hulle prente en sinne by mekaar gepas sodat 'n geskommelde versameling sinne in chronologies sinvolle orde die storie vertel. In die derde oefening, genaamd Begin, Middel en Einde (BME), het leerders geluister na die voorlees van 'n verhaal wat nie vooraf aan hulle bekend was nie. Daarna is elkeen gevra om drie prentjies te teken: een wat aan die begin van die storie kom, een wat in die middel kom en een wat aan die einde kom.

Die prentstelle wat in die eerste twee oefeninge gebruik is – Prente-rangskikking (PR) en Sinne-en-prente-rangskikking (SPR) – is hoofsaaklik uit 'n bestaande bordspeletjie met die naam Next Up¹⁷ geneem. Next Up is deur Smile Educational Toys ontwikkel. Ander prentmateriaal is geneem uit spraakterapeutiese oefeninge wat privaat besit word, of wat ontwikkel is vir die deurlopende REALt-navorsingsprojek (Southwood en Van Dulm 2012). REALt beoog om “bewys-gesentreerde taaltherapeutiese materiaal te verskaf wat linguisties, kultureel en visueel vir kindersprekers van Afrikaans en Engels” in Suid-Afrika geskik is (Nel 2015:79). Die visuele materiaal wat in hierdie projek se data-insameling gebruik is, is aangebied omdat dit reeds as ouderdomsgepas getoets is. Soos met die Weense en Finse studies wat visuele stimulasie gebruik het, is die spesifieke navorsingsveld en soorte navorsingsvrae wat bogenoemde navorsers ondersoek het,¹⁸ verskillend van hierdie studie s'n.

Figure 2 en 3 is onderskeidelik voorbeelde van die PR- en SPR-aktiwiteite.




Figuur 2. Prent-rangskikking

Die prente in figuur 2, wat 'n reënsiklus voorstel, is geskommel en aan die deelnemers voorgelê sodat hulle dit kon orden. Van leerders is dus verwag om 'n betekenisvolle storie

daaruit te maak. Elke leerder kon werk met soveel prentstelle as wat hy/sy in die beskikbare tyd kon behartig. Hulle is nie openlik onder tydsdruk geplaas nie, aangesien die oefening bedoel was om hulle geleentheid te gee om sin te maak van die stel prente, nie om teen die tyd te werk nie. Die tydsgrens is wel gestel op tussen 20 en 30 minute per individuele sessie, om genoeg tyd binne die toegelate navorsingskontak toe te laat.

Die prosedure was dat elke leerder gevra is om te help om 'n paar kaarte in volgorde te pak. Hulle het begin met stelle wat twee kaarte elk bevat en is gevra om te kies watter een eerste kom. Daarna is die moeilikheidsgraad verhoog deurdat stelle van drie en vier aangebied is, en indien die tyd dit toegelaat het, ook stelle van vyf prente elk.

Vir elke prentestel was daar 'n voorafbepaalde konvensionele volgorde. Indien die leerder se ordening verskil het van hierdie standaardorde is hulle gevra om hulle volgorde te verduidelik. Sulke verduidelikings is spesifiek gevra wanneer die betrokke prentestel iets uitgebeeld het wat binne die leerders se verwysingsraamwerk behoort te val, maar wat hulle nie in die standaardorde kon plaas nie. Die bogenoemde prentestel van die reënsiklus is so 'n geval, aangesien die skole in 'n boerderygemeenskap geleë is waar ervaring van natuursiklusse dus deel van die alledaagse bestaan is. Benewens sulke "bekende" prentstelle is daar ook stelle wat stories oor vuurpyle en ski-avonture uitgebeeld het, wat heel waarskynlik buite leerders se ervaringsraamwerk val en dus aanspraak gemaak het op óf wat hulle tweedehands deur boeke of televisie sou leer ken het, óf hulle verbeelding.



Figuur 3. Sinne-en-prente-rangskikking (SPR)

1. John het besluit om met sy fiets te gaan ry.
2. Langs die pad sien hy 'n gebarste pyp.
3. Hy het toe dadelik terug gery om iemand te vertel.
4. Hy sien meneer Martin in sy tuin en sê: "Kom gou, Oom. Daar het 'n pyp gebars."

Die prente in figuur 3, wat die verhaal wat die teks vertel, uitbeeld, is 'n voorbeeld van die SPR-aktiwiteit. Vir hierdie aktiwiteit is die prentstelle nie geskommel nie; 'n reeks sinne is bygegee wat leerders by die ooreenstemmende prente moes pas. Weer eens was daar 'n moeilikheidsgraad wat gewissel het van stelle met drie prente tot stelle met vyf prente.

Party van die prentstelle van die PR-aktiwiteit is ook vir die SPR-aktiwiteit gebruik, met bykomende sinne. Vir hierdie stelle is leerders gevra om net die sinne by die prente te pas. So is die sinne hier onder verskaf om by figuur 2 te pas:

1. Lank, lank gelede was dit baie droog.
2. Toe het dit begin reën.
3. Na die storm het die reënboog uitgekom.
4. Toe het dit mooi groen geword.

Deur vir die SPR-aktiwiteit prente te kry wat alreeds georden was, kon leerders konsentreer op die teks-tot-illustrasie-verbintenis eerder as die chronologie/logiese opeenvolging.

Waar leerders eers die prente moes rangskik en dan die sinne pas, is hulle vooraf gevra om hulle eie weergawe van die gebeure te vertel, en daarna te kyk of hulle die sinne daarby kan pas. Die bestaande teks het in sommige gevalle die leerders gehelp om die chronologie van hulle storie te verbeter. Die tweede oefening het insig gegee daarin of leerders se rangskikkingsvaardigheid na afloop van die vorige PR-aktiwiteit verbeter het. Waar die leerders se weergawe van gebeure anders was as wat die vooraf uitgewerkte teks dit gehad het, maar hulle vertelling tóg gepas was, is dit as gepas aangeteken. Sodoende is die leerders se unieke weergawes van prentverhale nie sonder meer as “verkeerd” gekenmerk nie en het hulle weergawe sy narratiewe waarde behou. Die bedoeling was steeds om deur hierdie oefening kenmerke van toenemende taalbewussyn te kan herken.



Figuur 4. Begin, Middel en Einde (BME)

Figuur 4 is 'n voorbeeld van 'n leerder se BME-aktiwiteit. Hierdie aktiwiteit is gebaseer op die boek *Maar hy't dan meer as ek!* (Roehe 2012) Die drie prentjies moes onderskeidelik 'n gebeurtenis uit die begin, middel en einde van die boek voorstel. Die oefening moes nie soseer geheue toets nie, maar eerder of hulle die chronologie van gebeure in die verhaal kon

herken en dit kon weergee. Die visuele medium van die aktiwiteit is gekies omdat dit op Graad 3-vlak nog makliker is om gebeure visueel voor te stel as om dit op geskrewe wyse weer te gee, en taalbewussyn ook uit so 'n weergawe afgelei kan word. Leerders wat bykomende sinne wou skryf, is natuurlik toegelaat om dit te doen. Baie van die leerders het 'n kombinasie van prente en sinne gekies, wat nie verbasend was nie, aangesien dit die formaat van die kleinboekies gevolg het. In die voorbeeld hier bo het die leerder begrip van die opdrag gewys deur die betrokke prentjies as “Middel” en “Einde” te etiketteer. Verder het sy ook 'n sin by een van die prentjies gevoeg.

Deur middel van veldnotas en klankopnames is rekord gehou van die leerders se deelname aan en ingesteldheid teenoor die projek, om ook dááruit tekens van ontluikende taalbewussyn af te lees. Die boekies en aktiwiteite is op 'n individuele basis beoordeel om elke leerder se taalbewussyn en praktyke wat dáárop steun, te kan herken en aanteken. Waarneming van leerders se deelname, hulle vlak van betrokkenheid in geletterdheidspraktyke, betrokkenheid in die lees- en skryfaktiwiteite sowel as spesifieke interessante soorte taalgebruik, soos in die aanbied en herkenning van sinonieme, woordspelings, en fonologiese variante, is as eienskappe van taalbewussyn aangeteken. Ons het aandag gegee aan hoe die verskillende oefeninge van die narratiewe program by individuele leerders verskillende vlakke van taalbewussyn gedemonstreer het, en ook aan hoe dit met verloop van die twee kwartale by elkeen ontwikkel het.

7. Resultate – Illustrasies van taalbewussyn

Die voorbereiding en skryf van kleinboekies het 'n verskeidenheid voorbeelde van leerders se taalbewussyn opgelewer. Ter toeligting word enkele interessante voorbeelde uitgelig vir bespreking.

Die eerste twee voorbeelde val onder die groter tema van streektaalgebruik. Tydens transkribering van die kleinboekiedata is 'n korpus van die leerders se taalgebruik met die Wordsmith-sagteware saamgestel. Die data kon dus gekodeer word om die spesifieke voorkoms van interessante vorme soos dit in die volledige stel versprei is, presies na te gaan. So kon variante skryf- en spelvorme nagegaan word, asook die invoeging en weglating van woorde of woorddele wat 'n volsin andersins as “ongrammatikaal” of gewoon 'n “skryffout” sou merk, en spesifieke streektaalvorme wat algemeen in die taalgebruik van die gemeenskap voorkom. Die bespreking hier onder lig enkele taal- en diskoers-/narratiefverskynsels uit wat met behulp van die korpus geïdentifiseer is en leerders se taalbewussyn kan demonstreer.

7.1 Letter- en klankverhouding

Graad 3-leerders behoort, volgens verskeie studies wat realistiese geletterdheidsteikens ondersoek (Mullis, Kennedy, Martin en Sainsbury 2004; Pretorius, Jackson, McKay, Murray en Spaul 2016), reeds 'n redelike bewussyn te hê van skryfkonvensies en die manier waarop letters klanke verteenwoordig. In heelwat van hierdie studie se data het spelvorme voorgekom wat hierdie soort bewussyn op 'n interessante manier gedemonstreer het: enkele leerders uit albei skole het in sekere woorde die letter *r* met die letter *g* vervang. So het die woord *varkie* in geskrewe vorm as *vagkie* voorgekom (B-2-2 CLJ), en woorde soos *kar* en *broer* het respektiewelik *kag* en *broeg*¹⁹ geword (A1-3-1 RR). As in gedagte gehou word dat

die sg. bry-r 'n baie algemene uitspraakvariant in hierdie omgewing is, is dit onmiddellik verstaanbaar. Die /r/ word dan as [x]/[R] uitgespreek – /kar/ word dus as [kax] gerealiseer. Aangesien die [x]-klank in Afrikaanse ortografie as *g* geskryf word, is dit nie verbasend dat leerders wat spreektaal as riglyn vir skryftaal aanvaar, dan die [x]-klank met 'n [g] voorstel nie. Hulle toon daarmee 'n hoë vlak van fonetiese geletterdheid en 'n duidelike bewussyn van hoe klanke in geskrewe taal voorgestel word. Die “spelfout” is dus een wat juis die soort bewussyn waarop skryfvaardigheid gebaseer word, vertoon.

7.2 Besitsaanduiding: **hom pa**; **hom broer**

'n Frase wat ook in drie leerders se boekies voorgekom het, is een wat die manlike besitlike voornaamwoord sy vervang met *hom*. In plaas van byvoorbeeld *sy pa* is *hom pa* gebruik. Dit is nie 'n onbekende spreektaalvariant nie, en word moontlik verklaar deur die homonimie van die manlike besitsvorm sy en die vroulike derdepersoonssubjekvorm sy. Sprekers hou dus vir manlike vorme by vorme wat nie anders as manlik geïnterpreteer kan word nie. Hoewel jong sprekers selde so besin oor vorme wat hulle met taalverwerwing aanleer, is die gebruik van hierdie vorm, hoewel “niestandaard”, binne die omgewing 'n algemene variant. In die data word *hom* wel net in kollokasie met *pa* gebruik, maar met meer data en skryfwerk oor ander temas sou ander kollokasies soos in “Hy soek *hom* boektas” waarskynlik ook voorgekom het. Interessant is wel dat leerders van albei skole in ander gevalle die besitlike voornaamwoorde konvensioneel gebruik, wat aantoon dat sowel die streektaalvariant as die standaardtaalvariant by leerders in gebruik is, soos (1) hier onder illustreer.

(1) ... my Pa se ouers se naam is Cariem²⁰ en **hom pa** se naam is Chris. (B-3-1 AT)

Dieselfde leerder het die manlike besitlike voornaamwoord sy in haar ander boek op die konvensionele manier gebruik toe sy na 'n wolf se poot as *sy poot* en nie as *hom poot* nie, verwys het (B-5-2 AT). In (1) toon sy ook die konvensionele gebruik van die eerste persoon besitlike voornaamwoord *my* in *my pa* en later ook *my ma* en *my ouma* en *oupa*.

(2) ... En toe gewys vir **hom pa** sy skoene is gebreek. (B-2-1 JHB)

In die brondokument van (2) het die leerder *sy pa* in 'n aanvangsposisie van 'n sin gebruik, nl. “Sy pa het gesê ouky²¹ ek sal dit koop” (B-2-1 JHB). Die gebruik van *hom pa* soos in (2) mag dalk aan die posisie van die frase in die sin toegeskryf word, maar moet ook binne die groter talige konteks beoordeel word. Daar is byvoorbeeld 'n ander sy-frase baie na aan die *hom pa*, naamlik die frase *sy skoene*. Die gebruik van die twee verskillende vorme is tipies van baie soortgelyke “onstabiliteit” wat voorkom by ontwikkelende taalvorme, soos in vroeë stadia van eerste- of tweedetaalverwerwing.

(3) En die ander varkie het na **hom broer** toe gehartloop. (B-3-2 NZ)

Hierdie leerder is ook daartoe in staat om 'n eerste persoonsvornaamwoord in die besitlike posisie reg te gebruik soos in die sin “Die een varkie het gesê ek gaan **my huis** van strooi bou.” In haar ander boek gebruik sy ook sy eerder as *hom* (soos hier bo) in die volgende sin: “Sy naam is Roxy” (B-3-1 NZ).

Dit is duidelik dat die leerders beide vorme, soos in *sy broer* en *hom broer*, verstaan en gebruik. Dit kan gelees word as 'n normaalontwikkelende taalaanleerverskynsel wat met die

intuïtiewe ontwikkeling van taalbewussyn moontlik sal stabiliseer, sodat net één vorm behoue bly. Dit is egter ook moontlik dat die streekgebonde *hom*-gebruik as variant vir syin hulle spreektaal behou sal word. Taalbewussyn is 'n eienskap wat die herkenning van sulke variante ondersteun, en later vermyding of aanvaarding van die variasie onderlê. Dat hierdie spesifieke gebruik 'n wisselvorm is wat tipiese streeksgebruik is, is ook uit volwassenes van die omgewing se gesproke taal duidelik.

7.3 Verbeeldingryke hantering van onbekende materiaal


Die twee volgende voorbeelde wys hoe leerders hulle bestaande verwysingsraamwerk gebruik om sin te maak van materiaal wat hulle nie tevore teëgekom het nie. Taalbewussyn word hier gedemonstreer as 'n vermoë om taal kreatief aan te wend as instrument in singewing. Die eerste voorbeeld (4) kom uit die kleinboekiedata en die tweede (5) uit die PR-aktiwiteit.

Twee leerders uit Skool A het saamgewerk aan 'n storie wat hulle *Die kaasman* genoem het. Dit word in (4) gegee soos hulle dit bewoord het, met een van hulle illustrasies daarby

- (4) Die kaas man.
Een dag was daar 'n kaas man.
Hy het nie 'n meisie gehat nie.
Daar was 'n kaas man.
Hy het in 'n pynapel gewoon.
Hy het by 'n hotel gewerk.
Toe het hy vir Petrick geontmoet.

(A2-4-2 MMJR)

Figuur 5 is die outeurs se illustrasie van die hoofkarakter.



Figuur 5. Kaasman

Die leerders het duidelik in die verhaal self sowel as in die illustrasie verwys na die bekende TV-program *SpongeBob Squarepants*, 'n Amerikaanse animasieprogram wat deur 'n mariene bioloog geskryf is en waarskynlik meer interessante vlakke van betekenis dra as wat die deursnee kyker sonder meer daaruit sal haal. Torres (2017) verwys na die reeks as 'n kinderprogram wat postmoderne temas aansny "to grapple with some of the core issues of a theoretical and cultural movement". Sy noem ook dat die sogenaamde metanarratiewe en selfrefleksie wat deel uitmaak van die reeks se gewildheid uitmaak, selde direk deur kinders herken word. Nietemin, kinders haal wel heelwat daaruit en geniet die programme kennelik sodanig dat hierdie twee leerders besluit het om hulle weergawe van een van die episodes in storieformaat op te skryf. Die Afrikaanse benaming wat hulle aan die hoofkarakter gee, wys dat hulle onbekend is met die konsep van 'n spons en die herkoms van seesponse. Alhoewel heelparty van die gegewens in die oorspronklike Engelse program steun op kennis van die soort seelewe waarin sponse voorkom, was dit nie genoeg om hulle te help met herkenning van die karakter as 'n spons eerder as 'n stuk kaas nie. Die kreatiewe vermoë van die leerders blyk dan uit hulle verbintenis van die geanimeerde vorm met iets waarmee hulle wél bekend was: 'n blok kaas. Die rekonstruksie van SpongeBob as Kaasman toon aan hoe leerders kennisgapings vul deur terug te gryp na wat binne hulle leëwêreld goed sin maak. 'n Oefening soos hierdie bied die geleentheid om binne die klaskamer die visuele ooreenkomste tussen seesponse en die stereotiepe beelde van kaas te herken, maar dan ook gesprek oor seesponse te begin.

Figuur 6 wys die prentestel wat die storie *Die Vuurpyl en die Maan* uitbeeld. Dit is, in kinderkunsformaat, 'n uitbeelding van die reis van 'n vuurpyl van die lansering tot by die maanlanding. Vir leerders wat tevore aan (i) fiktiewe uitbeeldings van ruimtetuie uit 'n preruimte-reistydperk en (ii) die geskiedenis van onlangse ruimtevaart blootgestel is, sou hierdie speelse weergawe betekenisvol gewees het. Die leerders uit gemeenskappe waarbinne die twee skole van hierdie projek geleë is, sou waarskynlik net in heel uitsonderlike omstandighede sulke blootstelling gehad het. Diegene wat ruimtevaart deur televisieprogramme ken, sou 'n baie ander voorstelling van 'n ruimteskip of vuurpyl gehad het, in terme van vorm en kleur. Van daar dat party leerders die prentverhaal nie kon interpreteer nie, of 'n kreatiewe nuwe interpretasie daaraan toegeken het. Twee leerders het die maanoppervlak in die derde en vierde prentkaarte as skulpe (A2-PSM-JA) of sand (B-PSM-CM) beskryf. Dit is 'n volgende illustrasie van die vermoë van die leerders om aan onbekende beelde betekenis toe te ken in terme van wat wel aan hulle bekend is.



Figuur 6. Die Vuurpyl en die Maan

Die leerder wat die maanoppervlak as skulpe beskryf het, het die vuurpyl as 'n kasteel beskryf. Sy het elke prentjie afsonderlik beskryf, soos volg:

- (5) Daar is die kasteel (kaart 1).
Daar is die kasteel weer (kaart 2).
Daar is die kasteel alleen, en hier is die aardbol (kaart 3)
en daar is die kasteel op die skulpe (kaart 4).

Die leerder het vier sekondes lank gehuiwer voor sy haar laaste sin voltooi het, omdat sy eers moes besin oor wat sy sien, en moes nadink oor hoe sy dit kon beskryf. 'n Nuwe kyk na die prentkaartreeks wys 'n baie vars manier van kyk na betreklik geïllustreerde beelde – iets wat moontlik is net as die leerder nie met reeds gevestigde beelde na die illustrasies kyk nie. Hierdie nuwe narratief vir 'n “ou verhaal” toon besonder goeie taalbewussyn daarin dat sy haar verbeelding kon aanwend, dit goed kon verwoord en 'n oortuigende uiteensetting kon gee.

Die taalbewussyn van die leerders wie se werk hier aangehaal is, sou as besonder goed en beslis gepas vir hulle ouderdom gereken kon word. 'n Standaardkurrikulumbeoordeling van hierdie reaksies sou moontlik een wees wat leerders wil korrigeer sonder om krediet te gee vir die manier waarop bestaande kennis in die taalgebruik aangewend is. Vir ons is hierdie voorbeelde egter sprekend van 'n soort taalbewussyn wat in die klaskamer herken en beloon moet word. Dit is redelik om van die onderwyser te verwag om aanvullende onderrig te gee wat by sodanige bewussyn aansluit. In hulle bekendstelling van die sogenaamde standaard wat op die lange duur binne die skoolleerplan verwag word, sowel as in woordeskattuitbreiding en kennisontwikkeling, kan die onderwysers die taalbewussyn van leerders benut. Hulle kan veral help met die uitbou van sodanige taalbewussyn deur eksplisiet uit te brei op taal- en narratiefkennis wat leerders implisiet weergee.

8. Opsomming en bevindinge

Die hoofdoel van die studie was om deur middel van 'n narratiewe verrykingsprogram insig te verwerf in spesifieke aspekte van die taalbewussyn van 9–10-jarige Afrikaans-T1-sprekers. Aandag is spesiaal gerig op hulle kennis en gebruik van die plaaslike taalvariante binne skoolverband, sowel as aan narratiefpraktyke, registers vir die skryf van kreatiewe werk, en hoe hulle in hulle taalgebruik blyke gee van hulle vermoë om nuwe idees op die basis van voorafkennis te artikuleer.

Die data verwys na 'n konteks waarin die huistaal 'n ander variant verteenwoordig as wat die kurrikulum (en die onderrigtaal) aanbied. Die deelnemers kom uit 'n konteks waar die Graad 3's tipies laer presteer as wat die verwagting in nasionaal gestandaardiseerde geletterdheidstoetse is. Die narratiewe verrykingsprogram kon lig werp op bepaalde aspekte van hul huistaalgeletterdheidspraktyke, en op hoe hierdie praktyke moontlik verskil van wat tipies in die skoolkonteks van hulle verwag word. Die studie het taal-in-narratief as teken van leerders se taalbewussyn ondersoek soos dit gedemonstreer is in aktiwiteite wat die plaaslike variant van Afrikaans erken en toelaat. Daar is onder andere gekyk na hulle bewussyn van verskillende modusse (gesproke/geskrewe/gepubliseerde tekste), verskillende genres en registers. Leerders se bewussyn van verskillende konvensies in verskillende kontekste is

waargeneem, en moontlik in die proses ook gestimuleer en ontwikkel. Die leerders se waardering van die gesproke en geskrewe taal, spesifiek in verhale, was sentraal tot die aktiwiteite waaraan hulle blootgestel is.

Daar is oorsigtelik verwys na die spesifieke deelnemers se ANA- en SET-uitslae en hoe dit op provinsiale en nasionale vlak vergelyk het. Uit die oorsig kon afgelei word dat daar sekere leerders is wat goed presteer, maar dat die oorgrote meerderheid leerders onder die verwagte peil presteer.

Die voorbeelde uit die data is bespreek ter illustrasie van geselekteerde elemente van taalbewussyn. Onder meer het daaruit geblyk dat leerders dikwels 'n onverwagte en ondergewaardeerde vindingrykheid het in hulle reaksies op onbekende illustratiewe materiaal.

Op grond van die bevindinge kan sekere aanbevelings gemaak word vir verdere navorsing en vir meer toepaslike opvoedkundige praktyke. Die mees voor die hand liggende moontlikhede word hier onder bespreek.

Leerders het buitengewoon entoesiastiese waardering vir die mondelinge vertel van stories, nie net dié wat tydens die navorsing aan hulle voorgelees is nie, maar ook dié wat hulle vir mekaar voor die skryf van die tweede boekie vertel het. Die geesdrif wat hierdie leerders getoon het, kan benut word as vertrekpunt in die bestudering van toekomstige aktiwiteite waarin leerders gesproke stories in geskrewe stories omskakel. 'n Verdere navorsingsvoorstel sou wees dat die huidige program uitgebrei word deur 'n verskeidenheid van ander genres daarby in te sluit.

Leerders het opvallende waardering getoon vir die kunsgebaseerde, visuele deel van die tekste wat deel uitmaak van die skryfproses. Diegene wat met die skryfwerk gesukkel het, het meer selfvertroue tydens die illustrasieproses getoon. In gevalle waar leerders nie die gepaste peil van skryfvaardigheid toon wat die leerplan verwag nie, kan hulle visuele vermoëns ingespan word as 'n middel tot verbetering van die skryfproses.

9. Opvoedkundige aanbevelings

Die studie het, ten spyte van 'n beperkte aantal deelnemers, resultate gelewer wat vir onderwysers en onderwyspraktyke waarde kan inhou. Hierdie voorstelle is gerig nie net op die onderwysers van die betrokke leerders nie, maar ook op onderwysers wat elders in soortgelyke kontekste werk.

Soos genoem, verskaf mondelinge verhale groot plesier. Kennis van die kinderverhaalgenre en leerders se voorkeur daarvoor kan meer direk gebruik word in die proses om hulle skryfvaardighede aan te leer. Die navorsing oor taalbewussyn toon dat mondelinge stories suksesvol tot geskrewe stories kan lei; leerders se entoesiasme vir een medium kan gebruik word in die ontwikkeling van die ander. Uit 'n emosionele perspektief vind leerders dit minder intimiderend om stories te skryf as hulle dit tevore vertel het.

Leerders se waardering van die visuele, dus ook van eie illustrasie, bied die moontlikheid om brûe te bou tussen leerders se bestaande vaardighede en die vaardighede wat onderwysers wil ontwikkel. Kuns is 'n medium wat baie beskrywende taalgebruik ontlok, wat nuttig is in die ontwikkeling van narratiewe. Kuns kan dus benut word om mondelinge storievertelvermoëns te ontwikkel en vas te lê om sodoende ook taalbewussyn te bevorder.

Alhoewel die studie in 'n betreklik beperkte tyd en met 'n groep leerders in slegs een uit baie landelike onderwysgemeenskappe uitgevoer is, het dit steeds waardevolle insigte opgelewer. Met meer tyd en fasiliteite beskikbaar, en met spesifieke aandag aan die ontwikkeling van taalbewussyn by leerders, is die potensiaal vir benutting van kreatiewe skryf- en illustrasiegeleenthede in basiese geletterdheidsontwikkeling baie goed. Die narratiewe verrykingsprogram wat hier gebruik is, het getoon dat leerders meer taalhulpbronne tot hulle beskikking het as wat in die gewone loop van onderrig gebruik word. Streektaalvorme, aandag aan kreatiewe en eiesoortige interpretasies, en waardering van lewenservaringe moet met meer toewyding as hulpbronne ondersoek word sodat hulle met meer sukses in die formele-onderrigkonteks geïnkorporeer kan word. Die herkenning van verskillende taalvorme, ook van hulle eie taalvariant, kan leerders help met respek vir en doelgerigte gebruik van hulle eie taalinsigte en artikulasievermoë. Dit kan dan die basis vorm vir die aanleer van die soort standaardtaalverwagtinge wat mettertyd deur die skoolkurrikulum aan hulle gestel word. Wanneer leerders die bruikbaarheid van hulle T1 ontwikkel, het hulle 'n sterker basis om enige ander taalpraktyke te bou, ook waar taal in algemene kognitiewe en leerontwikkeling gebruik word.

Bibliografie

Blackledge, A. en A. Creese (reds.). 2014. *Heteroglossia as practice and pedagogy*. New York: Springer.

Bolitho, R., R. Carter, R. Hughes, R. Ivanič, H. Masuhara en B. Tomlinson. 2003. Ten questions about language awareness. *ELT journal*, 57(3):251–9.

Brand, I. 2015. A narrative enrichment programme in literacy development of Afrikaans speaking Grade 3 learners in monolingual rural schools. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Universiteit Stellenbosch.

Busch, B. 2011. Building on heteroglossia and heterogeneity: The experience of a multilingual classroom. 3rd International Conference on Language, Education and Diversity (22–25 November). Auckland, Nieu-Seeland.

—. 2014. Building on heteroglossia and heterogeneity: The experience of a multilingual classroom. In Blackledge en Creese (reds.) 2014.

Byram, M. en A. Hu (reds.). 2000. *Routledge encyclopedia of language teaching and learning*. 2de uitgawe. Londen: Routledge.

Carter, R. 2003. Key concepts in ELT: Language awareness. *ELT Journal*, 57(1):64–5.

- De Fina, A. en A. Georgakopoulou. 2008. Analysing narratives as practices. *Qualitative Research*, 8(3):379–87.
- Donald, D. en J. Condry. 2006. Ten years of literacy development in South Africa: An outcomes evaluation. *Africa Education Review*, 2(1):3–15.
- Garrett, P. en C. James 2000. Language awareness. In Byram en Hu (reds.) 2000.
- Gee, James. 1999, The New Literacy Studies and the “Social Turn”. Opinion Paper. <http://files.eric.ed.gov/fulltext/ED442118.pdf> (11 April 2017 geraadpleeg).
- Helot, C., R. Sneddon en N. Daly (reds.). 2014. *Children's literature in multilingual classrooms*. Stoke-on-Trent: Trentham Books.
- James, C. en P. Garrett. 1991. *Language awareness in the classroom*. Londen: Longman.
- Klop, D. 2011. The relationship between narrative skills and reading comprehension: When mainstream learners show signs of specific language impairment. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Universiteit Stellenbosch.
- Labov, W. en J. Waletzky. 1997. Narrative Analysis: Oral versions of personal experience. *Journal of Narrative and Life History*, 7(1-4):3–38.
- Lahire, B. 1995. *Tableaux de familles*. Parys: Gallimard Le Seuil.
- Larson, J. en J. Marsh. 2015. *Making literacy real: Theories and practices for learning and teaching*. New York, Thousand Oaks, CA.: Sage.
- Le Cordeur, M. 2010. The struggling reader: Identifying and addressing reading problems successfully at an early stage. *Per Linguam*, 26(2):77–89.
- Liao, S., J. Liu, C. Hsu, M. Chang, T. Chang en H. Cheng. 2014. Cognitive development in children with language impairment, and correlation between language and intelligence development in kindergarten children with developmental delay. *Journal of Child Neurology*, 30(1):42–7.
- Marais, S.G.E. 2012. Die bevordering van vroegtydige geletterdheid deur middel van multimedia as voorbereiding vir aanvangslees om leesvermoë, -begrip en -vlotheid te verseker. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- Meyer, L. en H. Offen. 1983. *Vertel my 'n dierestorie*. Pretoria: J.P. van der Walt.
- Mullis, V.S., A.M. Kennedy, M.O. Martin en M. Sainsbury. 2004. PIRLS 2006 Assessment Framework and Specifications. Chestnut Hill, MA.: TIMSS & PIRLS International Study Center, Lynch School of Education, Boston College. http://resep.sun.ac.za/wp-content/uploads/2016/05/RESEPP_Zenex-Teaching-ReadingWriting_Email.pdf (7 Junie 2017 geraadpleeg).

Murray, L., L. De Pascalis, M. Tomlinson, Z. Vally, H. Dadomo, B. MacLachlan, C. Woodward en P.J. Cooper. 2016. Randomized controlled trial of a book-sharing intervention in a deprived South African community: Effects on carer-infant interactions, and their relation to infant cognitive and socio-emotional outcome. *Journal of Child Psychology and Psychiatry*, 57(12):1370–9.

Nel, J.H. 2015. The comprehension and production of later developing language constructions by Afrikaans-, English- and isiXhosa-speaking Grade 1 learners. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Universiteit Stellenbosch.

Nelson, K. 1996. *Language in cognitive development. Emergence of the mediated mind*. Cambridge, VK, New York, Kaapstad: Cambridge University Press.

Next Up Bordspel: die mees onlangse weergawe van die spel Next Up is beskikbaar by: <https://www.toys4you.co.za/catalogue/smile-education/literacy/next-up-jk-2041> (21 Junie 2017 geraadpleeg).

Nicolson, G. 2015. Annual national assessments: A challenging test. *Daily Maverick*, 23 September. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2015-09-23-annual-national-assessments-a-challenging-test/#.WOz526JUVfc> (11 April 2017 geraadpleeg).

Nsele, S. 2015. ANA tests postponed, Department leaves schools in the dark. *News24. The Witness*, 16 September 2015. <http://www.news24.com/SouthAfrica/News/ANA-tests-postponedEducaion-Department-leaves-Schools-in-the-dark-20150911> (28 Maart 2017 geraadpleeg).

Olivier, A.-M., C. Anthonissen en F. Southwood. 2010. Investigating literacy development among non-mother tongue English speaking learners with English as medium of instruction. *South African Journal of Communication Disorders (SAJCD)*, 57:58–65.

Pernes, S. 2013. Die große Freiheit kleiner Bücher. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Universiteit Wene, Oostenryk.

Pietikäinen, S. en A. Pitkänen-Huhta. 2013. Multimodal literacy practices in the indigenous Sami classroom: Children navigating in a complex multilingual setting. *Journal of Language, Identity and Education*, 12(4):230–47.

Pitkänen-Huhta, A. en S. Pietikäinen. 2014. From a school task to community effort: Children as authors of multilingual picture books in an endangered language context. In Helot e.a. (reds.) 2104.

Pretorius, E.J., M. Jackson, V. McKay, S. Murray en N. Spaull. 2016. Teaching reading (and writing) in the foundation phase. A concept note. http://resep.sun.ac.za/wp-content/uploads/2016/05/RESEPP_Zenex-Teaching-ReadingWriting_Email.pdf (7 Junie 2017 geraadpleeg).

Pretorius, E.J. en M.P. Machet. 2004. Literacy and disadvantage: Learners' achievements in the early primary school years. *Africa Education Review*, 1(1):128–46.

Ravid, D. en L. Tolchinsky. 2002. Developing linguistic literacy: A comprehensive model. *Journal of Child Language*, 29(2002):417–47.

Schreger, C. 2010. *PROJEKT: Kleine Bücher*.
<http://ortnergasse.webonaut.com/m2/projekte/pdf/kb.pdf> (21 Junie 2017 geraadpleeg).

Siegel, J. 2006. Language ideologies and the education of speakers of marginalized language varieties: Adopting a critical awareness approach. *Linguistics and Education*, 17:157–74.

Southwood, F. en O. van Dulm. 2012. *Receptive and expressive activities in language therapy*. Johannesburg: JvR Psychometrics.

Spaull, N. 2014. Assessment results don't add up. *Mail & Guardian*, 12 Desember.
<https://mg.co.za/article/2014-12-12-assessment-results-dont-add-up> (11 April 2017 geraadpleeg).

Street, B. 2003. What's "new" in New Literacy Studies? Critical approaches to literacy in theory and practice. *Current Issues in Comparative Education*, 5(2):77–90.

Torres, L. 2017. On the postmodern ethos of "Spongebob Squarepants". *NYULocal*, 21 Maart 2017. <https://nyulocal.com/on-the-postmodern-ethos-of-spongebob-squarepants-6b18ff09bd82#.zcvpcwdlm> (29 Maart 2017 geraadpleeg).

Unesco. 2004. Plurality of literacy and its implications for policy and practices.
<http://unesdoc.unesco.org/images/0013/001362/136246e.pdf> (24 April 2017 geraadpleeg).

Western Cape Education Department. 2012. WCED Education Districts in brief.
<https://wcedonline.westerncape.gov.za/branchIDC/Districts/briefly.html> (4 Junie 2014 geraadpleeg).

Willenberg, I.A. 2004. Getting set for reading in the Rainbow Nation: Emergent literacy skills and literacy environments of children in South Africa. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Harvard Universiteit.

Verhale wat voorgelees is:

Aiken, Joan. 1983. Die bakker se kat. In Meyer en Offen 1983.

Corrin, Stephen. 1983. Die gommedraai-boom. In Meyer en Offen 1983.

De Villiers, Leon en Emily Bornoff. 2010a. Die bome luister. In *Maroelaboomstories*. Pretoria: LAPA uitgewers.

—. 2010b. Die olifantneste. In *Maroelaboomstories*. Pretoria: LAPA uitgewers.

Esopus. 1983. Die leeu en die muis. In Meyer en Offen 1983.

- . 1983b. Plaasmuis en Stadmuise. In Meyer en Offen 1983.
- Grimm-broers. 1983. Die musikante van Bremen. In Meyer en Offen 1983.
- Mahy, Margaret. 1983. Die leeu in die tuin. In Meyer en Offen 1983.
- Roehe, S. 2012. *Maar hy’t dan meer as ek*. Pretoria: Fantasi Boeke.

Addendum A

Vraelys aan leerders oor geletterdheidspraktyke

1. Hou jy van lees? / Do you like reading?
2. Hoekom? / Why?
3. Hou jy van skryf? / Do you like writing?
4. Hoekom? / Why?
5. Lees julle stories by die huis? / Do you read stories at home?
6. Noem vir my watter stories julle by die huis lees. / Name the stories you read at home.
7. Lees julle koerante en/of tydskrifte by die huis? / Do you read newspapers and/or magazines at home?
8. Noem vir my watter koerante en tydskrifte julle by die huis lees? / Name which magazines and newspapers you read.
9. Vertel jou familie vir mekaar en vir jou stories? / Do your family members tell each other, and you, stories?
10. Is daar ’n biblioteek naby jou huis of op die plaas waar jy bly? / Is there a library near your house or on the farm where you live?
11. Is jy ’n lid van die biblioteek? / Are you a member of the library?
12. Watter tipe boekies het hulle daar? / What kinds of books do they have at the library?
13. Is daar baie Afrikaanse boekies in die biblioteek? / Are there lots of Afrikaans books in the library?
14. Het jy gehou daarvan om jou boekie te skryf? / Did you like writing your little book?
15. Sal jy dit weer wil doen? / Would you like to do it again?
16. Waaroor sal jy nog wil stories skryf? / What will you write about next?

Eindnotas

¹ Die skrywers is daarvan bewus dat die term *standaardtaal* in baie omstandighede omstrede is vanweë die arbitrêre aard daarvan en die historiese inrig van hiërargieë wat die standaard as verkieslik en die sprekers daarvan as mense met meer aansien konstrueer. Die term word dus meestal vermy, maar moet steeds in ag geneem word omdat die skryfkonvensies wat skole verwag, nog dikwels deur die “standaard” bepaal word.

² Oorspronklike uit Engels vertaal deur die skrywers.

³ Curriculum and Assessment Policy Statement.

⁴ SET is nie 'n amptelike akroniem vir Sistemiese Evalueringstoets nie, maar word gebruik vir makliker verwysing.

⁵ Ons het op 25 September 2012 van die WKOD toestemming ontvang om hierdie navorsing by die betrokke twee skole te doen (Verwysingsnr. 20120925). Hierdie toestemming het ingehou dat die skoolhoofde ook instem, en dat die betrokke onderwysers asook die ouers van leerders toestemmingvorme teken. Alle dokumentasie is verder in September 2012 aan die Navorsingsetiekkomitee van die Universiteit Stellenbosch voorgelê, wat die vereiste etiese klaring toegestaan het.

⁶ Die verhale wat voorgelees is, was Afrikaanse publikasies wat geskik is vir kinders in die ouderdomsgroep 8–10 jaar. Leerders wat die teikenleesvlak vir Graad 3 bemeester het, sou die verhale ook self kon geles het, maar daar is spesifiek besluit dat dit voorgelees sou word. Gespreksdeelname van die groep is daarna toegelaat.

⁷ Die vraelyste is aan leerders gegee ten einde agtergrondinligting in te win. Die fokus was op hulle geletterdheidspraktyke by die huis, byvoorbeeld watter boeke/koerante/tydskrifte hulle lees, wie lees, of hulle saam lees, ens.

⁸ Die Suid-Afrikaanse skoolleerplanne gebruik die terme *huistaal* en *addisionele taal* om verskillende soorte dubbelsinnigheid uit te skakel. In hierdie teks hou ons egter by die terminologie wat wyer in akademiese literatuur gebruik word, om te onderskei tussen eerste taal (ook soms moedertaal of huistaal genoem) en tweede taal (enige ander tale as die eerste taal wat 'n spreker ken of aanleer).

⁹ Vir meer inligting oor navorsing oor en met die kleinboekies in Oostenryk sien: http://ortnergasse.webonaut.com/m2/projekte/pdf/slon_en.pdf

¹⁰ Inligting oor die oorspronklike klasprojek en die variasies daarvan kan hier gevind word: <http://ortnergasse.webonaut.com/m2/projekte/index.html>.

¹¹ Rakende die gebruik van verskillende variante van Afrikaans in die onderwys word leerders in sekondêre onderwys, en spesifiek in die skooleindeksamen, toegelaat om vraestelle van nietalige aard, byvoorbeeld geskiedenis en biologie, in hulle eie variant van Afrikaans te beantwoord en nie vir enige gebruik van die variant gepenaliseer nie. Wanneer hulle taalvraestelle soos Afrikaans of Engels beantwoord, word standaardtaalvereistes egter gestel. Leerders wat 'n streektaalvariant as eerste taal het, moet dus ook standaardnorme, veral betreffende skryfkonvensies, baasraak. (Persoonlike korrespondensie met onderwyseres, Afrikaans Huistaal, Gr. 12, Hoërskool Dirkie Uys, Moorreesburg, 2015.)

¹² Tensy anders vermeld, verwys 'ek' altyd na die eerste skrywer (Brand).

¹³ Lys van stories geles in Skool A: *Leeu en muis*, *Gommedraaiboom*, *Die olifantneste*, *Die bome luister* en stories wat leerders van die huis af gebring het. (Volledige verwysing in Bibliografie).

¹⁴ Lys van stories geles in Skool B: *Leeu en muis*, *Gommedraaiboom*, *Die bakker se kat*, *Die musikante van Bremen*, *Daar is 'n leeu in die tuin*, *Stadmuis en Plaasmuis*. (Volledige verwysing in Bibliografie.)

¹⁵ Enkele leerders het met hulle deelname in die eerste navorsingskwartaal werk gelewer wat, na my waarneming (Brand 2015), sodanig agterstand getoon het dat hulle waarskynlik buitengewone onderwys nodig het. Nogtans is hulle ingesluit by die verrykingsprogram, maar om te verseker dat die werk wat ontleed is, wel verteenwoordigend van die betrokke ouderdomsgroep is, is werk van leerders wat nie sinvol kon reageer nie (en andersins ook as kinders met spesiale behoeftes herken is), vir die doeleindes van die ontleding uit die proefneming uitgehaal.

¹⁶ Die leerders wat nie gesukkel het met die spesifieke probleem wat in die tweede fase hanteer is nie, is om verstaanbare redes hier uitgesluit, alhoewel hulle steeds aangemoedig is om voort te gaan met eie skryfwerk, en party dit inderdaad ook gedoen het. Leerders wat besonder swak skryfwerk in hulle kleinboekies gelewer het, wie se werk dus met 'n 2 gemerk is, is ook nie hierby ingesluit nie. Dit was enersyds omdat ons met hanteerbare getalle vir die toegelate tyd moes werk, en andersyds omdat geoordeel is dat – gegee die beperkte omvang van die studie – die effens beter skrywers meer sou baat by die tweede deel van die verrykingsprogram. Die verwagting was dat met so 'n keuse ons ryker data sou kry wat minder waarskynlik gekontamineer is deur geletterdheidsprobleme wat saamhang met ander oorsake as wat met gewone stimulasie ondervang kon word. Vergelyk ook die oorweging vir uitsluiting in nota 14 hierbo.

¹⁷ 'n Nuwe weergawe van die speletjie kan by hierdie skakel besigtig word:
<https://www.toys4you.co.za/catalogue/smile-education/literacy/next-up-jk-2041>

¹⁸ Hierdie prentkaarte is onder andere benut binne 'n studie wat instrumente ontwikkel vir die betroubare herkenning van spesifieke taalgestremdheid onder jong dialeksprekende kinders. Die betrokke studieveld was psigolinguistiek en kliniese taalwetenskap.

¹⁹ Dit is hoe die leerder dit geskryf het – wys wel dat hy bewus is van die spellingkonvensies – in vroeë taal-/geletterdheidsontwikkeling is dit baie algemeen dat die “regte” vorme soms met die “ontwikkende” vorme afgewissel word.

²⁰ Skuilname word deurlopend gebruik om deelnemers se identiteit te beskerm.

²¹ In hierdie materiaal word die leerders se skryfvorme sonder korrigerende aanbeveling aangebied.

Neurowetenskaplike insigte oor leer en wording aan die hand van twee gevallestudies

Petro van Niekerk

Petro van Niekerk, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Suid-Afrika

Opsomming

Hierdie artikel fokus op die navorsingsvraag: Watter bydrae kan die teorie van menslike evolusie soos dié van die neurowetenskap lewer om meer lig te werp op die verskynsel van leer en wording? Hierdie artikel berus op konseptuele navorsing en is gebaseer op 'n uitgebreide literatuuroorsig sowel as die ontleding van twee gevallestudies. Die teoretiese lens wat ek gebruik het om die navorsing te fokus is die neurowetenskap wat aansluit by Bourdieu se begrippe *habitus* en *veld*. Die doel van hierdie artikel is dus om aan te dui wat die implikasies van die neurowetenskap vir onderwysgebeure in die algemeen is, veral met betrekking tot menslike interaksie en wording en leer as totaliteitsgebeure. Deur die bevindinge van twee gevallestudies te evalueer aan die hand van die neurowetenskap, word aangetoon waarom dit noodsaaklik is vir onderwysers en leerders om kennis te dra van beide die neurowetenskap en die invloed wat die eie affek en innerlike *habitus* op selfaktualisering het. Ek voer aan dat onderwysers wat ingelig is hieroor, kennis sal dra van die wyse waarop kinders gesonde leergewoontes internaliseer en aan hulle beter leiding sal kan gee. Die bydrae van die neurowetenskap is primêr daarin geleë dat dit die evolusionêre ontwikkeling van die brein, en dan spesifiek die sentrale rol van die affektiewe domein onderliggend aan leerprosesse, aandui. Dit impliseer dat alle onderwysgebeure waardebelaë is en met innerlike wording te make het. Een van die kernbevindinge van die neurowetenskap oor menslike interaksie en leer kom daarop neer dat leerders bemagtig kan word om te midde van ongunstige omstandighede van armoede en geweld selfhandhawende individue te word wat beskik oor emosionele veerkragtigheid en deursettingsvermoë wat hulle in staat kan stel om te selfaktualiseer. Die oordrag van sulke waardes en houdings vind nie noodwendig plaas deur te fokus op uiterlike hulpbronne in skole en vakinhoud nie, maar veel eerder deur die affektiewe dimensie (houdings, disposisies, emosies, gevoelens) in die leer- en wordingsprosesse.

Trefwoorde: affektiewe domein; bewussyn; breinontwikkeling; emosionele veerkragtigheid; evolusionêr; *habitus*; heelheid; spiritualiteit; verwondering

Abstract

Neuroscientific findings on learning and becoming: Insights from two case studies

This article focused on the following research question: What are the key insights which the theory of human evolution, embodied in neuroscience, can contribute to learning and becoming? Thus, the purpose of this article is to indicate some implications of neuroscience for learning and becoming as interconnected processes embedded in human interaction. The article is based on conceptual research comprising an extended literature study as well an analysis of two case studies. The theoretical lens used to analyse data is Bourdieu's concepts of *habitus* and *field*, which are closely related to the tenets of neuroscience. The primary contribution of neuroscience lies in knowing how the human brain has evolved and how affect (i.e. mood, disposition, emotions, values) influences learning habits and self-actualisation. That implies that education as a whole is value-laden and aims primarily at leading learners to self-awareness and self-actualisation. I argue that if teachers were informed about these implications, they would be better equipped to assist learners to internalise long-term, healthy learning habits and higher levels of inner self-awareness and self-actualisation. The transfer of values and dispositions does not necessarily take place through an abundance of external resources found in the school, nor through focusing on subject knowledge exclusively within the cognitive domain, but rather by paying more attention to the affective dimension of human interaction, such as disposition, values, attitudes, emotions and feelings. A core finding of neuroscience is that learners can transcend their unfavourable circumstances due to a disposition of inner strength, thus becoming more assertive and resilient, which enables them to self-actualise despite socio-economic hardships. This is due to emergent properties inherent in human evolution.

Many neuroscience scholars have pointed to the fact that most learning and becoming processes are holistic, which assume a human person within his/her totality of inter- and intrarelations in the world (Wetherell 2012; Snaevarr 2010). Du Toit (2014) puts it succinctly:

... not just unity of body and mind, but also of brain and thought, emotion and judgement, affect and action, conscious and subconscious, language and emotion, emotional inner and outside worlds should be preserved as far as possible ... To understand human behaviour we must take into account all factors such as the unity of the organism, interaction with the world, the connection between the conscious and subconscious and the mutual influencing between reason and emotion, reason and affect.

At the same time, an affective turn since the early 1990s has indicated the important role of dispositions, emotions, feelings and habits underpinning successful learning processes. Healthy habits are established over time as people make positive changes in their lifestyle based on their experiences of meaningful changes in the biocultural world of a community or their own life world. The biocultural world links up with Bourdieu's (1984) concepts of *habitus* and *field*. *Field* is an intellectual construct which signifies unique structures and cultural conventions or rules of the game by which a specific community operates. *Habitus* points to the internalisation of past, present and future experiences of an individual as well as in relation to both his/her objective and subjective social experiences. Therefore, *habitus* forms the basis of all perceptions and value judgements pertaining to human experience

(Bourdieu 1984). To sum up: If learners could navigate successfully in their *field*, their *habitus* would change gradually, enabling them to gain more social capital to become more assertive beings. Assertive persons usually gain more self-confidence to become empowered and behave confidently in society without being disrespectful towards others. They thus have acquired *agency* which enables them to act with legitimacy. Such empowered dispositions are attributed primarily to the affective domain. This facet of Bourdieu's conceptual framework links up with the key findings of neuroscience, namely the important relationship between the affective as a contributing factor to long-term academic success and social fulfilment. (Joorst 2015; Damasio 2003:195–7; Bourdieu 1998).

In the first part of this article I examine the role which neuroscience could play in both cognitive and affective development in formal education. I advocate an investment in teacher awareness of their own affective dispositions to enable them to realise how their own professional behaviour, including values, attitudes and dispositions, will influence their teaching across curricula. Moreover, my plea is that education policies and curriculum choices ought to focus less on the measuring of performance and more on the healing of learners and society. At the same time I argue that human consciousness will always be able to transcend adverse circumstances due to emergent evolutionary properties. Learners are not victims of their circumstances; they can acquire human agency and develop a sense of resilience, thus transcending external disadvantages by the unique manner in which they attribute meaning to their own learning experiences (Bourdieu 1994).

In the second part of the article I discuss the implications of neuroscience by way of investigating two vastly different, real-life case studies which I encountered in the literature (Meyer 2016; Joorst 2015). The first concerns an extra-curricular learning project based on holistic brain science. The project involved a few teachers who accompanied a selected group of underperforming grade 10 learners in Mitchells Plain to enable them to improve their academic performance. I chose this case study because the specific methods of teaching and learning are in congruence with neuroscientific principles: a holistic approach towards learning by using the whole brain effectively. The other case study describes the school learning experiences of working-class youths (aged 17–18 years) in a rural town situated on the West Coast. This case study centres on the manner in which these youths create meaning from their learning experiences despite their dysfunctional school environment. Due to their positive dispositions, all of them succeeded to position themselves favourably in the community and to utilise available resources so that they could function effectively and realise their dreams to a certain extent. This case study highlights the importance of an inner *habitus* (primarily an affective characteristic), which can serve as an enabling force whereby adverse circumstances can be transcended and self-actualisation can become possible.

Hence the most important message of neuroscience flows from this case study, namely that human behaviour can never be fully comprehended without a holistic understanding of a unique human being who interacts with the world; the interconnectedness between conscious and subconscious; and mutual influences between reason and emotion, reason and affect – a total mystery. At the same time it can be concluded that the affective domain determines to a larger extent our becoming (human) and of self-actualisation than our cognitive abilities, because our survival, sense-making abilities and eventual fulfilment as human beings are dependent on this.

In conclusion, neuroscience advocates for educational policies and curricula to embody a greater emphasis on humaneness and wholeness, and a lesser emphasis on the measuring of achievements, in order to bring about significance (meaningfulness), reverence and a sense of wonderment.

Keywords: affective domain; brain development; consciousness; emotional resilience; evolutionary; habitus; humaneness; wholeness; wonderment

1. Inleiding

Hoe vind die vestiging van gesonde leergewoontes plaas? Watter rol kan innerlike veerkragtigheid speel om leer en wording tot gevolg te hê? Watter rol speel spiritualiteit en verwondering in leer- en wordingprosesse? Watter bydrae kan die teorie van menslike evolusie soos dié van die neurowetenskap lewer om gesprekke oor wording en leer te verryk? Hoe kan die neurowetenskap 'n verruiming van bestaande leerteorieë teweegbring en lei tot groter klem op 'n geheelperspektief van die mens in leer- en wordingsprosesse?

Die doel van hierdie artikel is dus om eerstens die evolusionêre oorsprong van leer en wording te ontgin à la die neurowetenskap en tweedens aan die hand van toepaslike gevallestudies te illustreer hoe sommige van die nuanses van neurowetenskaplike bevindinge in die praktyk neerslag kan vind.

Talle navorsers in die neurowetenskap toon aan dat leer- en wordingsprosesse ten diepste gaan om te alle tye die geheel van die menslike persoon in ag te neem (Wetherell 2012; Snaevarr 2010). Du Toit (2014) stel dit so:

... not just unity of body and mind, but also of brain and thought, emotion and judgement, affect and action, conscious and subconscious, language and emotion, emotional inner and outside worlds should be preserved as far as possible ... To understand human behaviour we must take into account all factors such as the unity of the organism, interaction with the world, the connection between the conscious and subconscious and the mutual influencing between reason and emotion, reason and affect.

Sedert die 1990's het 'n belangrike klemverskuiwing plaasgevind om aan die affektiewe domein groter voorrang te verleen, waarskynlik omdat navorsers al meer onder die indruk gekom het van die sentrale rol wat gesonde houdings, ingesteldheid, emosies, gevoelens en gewoontes speel in die sukses van leer en wording. Daar is bevind dat die aankweek van gesonde leergewoontes nie outomaties deur 'n reduksionistiese fokus op uitsluitlik kognitiewe vakinhoudelike onderrig en prestasies geïnternaliseer word nie. Gesonde houdings en gewoontes vind eers oor 'n lang tydperk neerslag, wanneer dit vir mense sin maak om positiewe veranderinge in hulle leefstyl te maak of wanneer veranderinge plaasvind in die biokulturele wêreld van 'n gemeenskap of individu.

Die biokulturele wêreld is in ooreenstemming met Bourdieu (1984) se begrippe *habitus* en *veld*. *Veld* is 'n intellektuele konstruk wat dui op die unieke strukture en kulturele konvensies of spelreëls waarbinne 'n bepaalde gemeenskap opereer. *Habitus* dui op die internalisering

van die verband tussen die individu se ervarings uit die verlede, hede en toekoms, asook die verband tussen die sosiale en die individuele, die objektiewe en subjektiewe ervarings. Derhalwe vorm *habitus* die basis van alle persepsie en waardering van menslike ervaring (Bourdieu 1984). Die onderliggende boodskap kan soos volg verduidelik word: Indien leerders hulleself suksesvol binne hulle *veld* kan navigeer, kan hulle *habitus* stelselmatig verander om hulle in staat te stel om voldoende *sosiale kapitaal* te verwerf om selfhandhawende persone te word. Selfhandhawende mense beskik oor voldoende selfvertroue om hulleself in die samelewing te handhaaf sonder om disrespekvol teenoor ander op te tree. Hulle beskik oor sogenaamde innerlike veerkragtigheid (*human agency*), of is bemagtig volgens Bourdieu. Sodanige bemagtiging word primêr deur die affektiewe domein bepaal, en nie noodwendig slegs deur uitstaande kognitiewe vermoëns nie. Dit is juis hierdie raakpunt wat die kernbevindinge van die neurowetenskap by Bourdieu laat aansluit, naamlik dat die affektiewe domein 'n groter bydraende faktor is vir langtermyn akademiese sukses en sosiale vervulling (Joorst 2015; Damasio 2003:195–7; Bourdieu 1998).

In die eerste deel van hierdie artikel gaan dit om 'n kritiese besinning oor die rol van neurowetenskap in beide affektiewe en kognitiewe ontwikkeling in formele onderwyssituasies. Ek voer aan dat 'n belegging in onderwysers se bewustheid van hul eie affektiewe vermoëns (houdings, emosies, ingesteldheid, gevoelens, waardes) gemaak moet word sodat hulle bewus is van hoedanig hul professionele optrede en gedrag 'n bepalende invloed het op hulle onderrig oor die hele kurrikulêre spektrum heen. Meer nog: dat onderwysbeleid en -kurrikulum minder fokus op die meet van prestasiepeile en meer op die heelwording van leerders en gemeenskappe. Maar terselfdertyd argumenteer ek ook dat leerders nie noodwendig uitgelewer hoef te wees aan die tekortkominge van die formele skoolomgewing nie. Die menslike individu bly altyd moontlikheid en beskik derhalwe oor die vermoë om bo uiterlike omstandighede uit te styg (Bourdieu 1994). Leerders kan vanweë hulle eie innerlike veerkragtigheid aanpas by veranderende omstandighede en deur unieke singewing aan hulle leerervarings tog sukses behaal.

My argument word gevoer binne die raamwerk van onlangse ontwikkelings in die neurowetenskap wat aansluit by kernbegrippe van Bourdieu, soos *habitus* en *veld*, wat terselfdertyd die waarde van 'n geheelperspektief oor leerprosesse sowel as die deurslaggewende krag van die affek uitbeeld (Du Toit 2014; Arbib 1999; Lakoff en Johnson 1999; Bourdieu 1994).

In die tweede deel van die artikel bespreek ek enkele implikasies van die neurowetenskaplike insigte aan die hand van twee uiteenlopende gevallestudies wat ek in die literatuur teëgekom het. Die een handel oor 'n breingebaseerde-leer-projek waartydens onderwysers 'n groep geselekteerde graad 10-leerders in Mitchells Plain buitekurrikulêr begelei op 'n leerprogram om hulle as mense in totaliteit te bemagtig om hulle akademiese prestasies te verbeter. Die keuse van hierdie gevallestudie het te make met die spesifieke leermetodes wat deur neurowetenskaplike navorsing bevestig word om die brein op holistiese wyse in te span ten einde suksesvolle leer moontlik te maak. Die ander gevallestudie fokus op die ervaringe van werkersklas-jeugdiges van 'n minderbevoorregte landelike Weskusgemeenskap wat deur middel van die wyse waarop hulle betekenis aan hulle skoolervaringe, individuele aspirasies en disposisies gee, hulself gunstig posisioneer om in die postapartheid Suid-Afrika effektief te funksioneer. Hierdie gevallestudie belig die noodsaaklikheid van die innerlike *habitus* (hoofsaaklik affektiewe dimensie) wat ten spyte van uiterlike ongunstige omstandighede tuis en by die skool tog tot selfvervulling kan lei. Die data vir hierdie gedeelte van die artikel wat

handel oor die gevallestudies is in onlangse literatuurstudies verkry (Meyer 2016; Joorst 2015). In my data-ontleding van beide hierdie projekte het ek die kernbegrippe wat uit neurowetenskaplike navorsing spruit, sowel as Bourdieu se konsepte van *habitus* en *veld*, as kriteria aangewend om die betekenisvolheid van die gevallestudies vir die doel van hierdie artikel te beoordeel. Laastens neem ek die hoofbevindinge en implikasies van neurowetenskaplike insigte vir leer en wording onder die loep.

2. Argument

Die hoofargument in hierdie artikel is dat enige vorm van leer wording veronderstel en primêr deur kognisie, houdings, gevoelens, ingesteldheid en emosionaliteit onderlê word. Dus bepleit ek 'n groter belegging in opvoeder- en leerderbewusmaking deur op die affektiewe domein, heelheid en verwondering te fokus eerder as om slegs op die kognitiewe of inhoudelike vlak van leer en wording te fokus. Ek argumenteer dat sodanige belegging groter langtermynvoordele vir onderwysers en leerders sal inhou, omdat onderwysers onvermydelik waardes, houdings en disposisies oordra tydens hulle interaksie met leerders. Verder stem ek saam met Bruner (1996) dat enige onderrig en leer wording (karakterontwikkeling) ten doel het. Wording is wesenlik waardebelaaie en alhoewel kognitiewe ontwikkeling belangrik is, behoort waardes, houdings, ingesteldheid, disposisies voorop gestel te word, veral in ontwikkelende kontekste soos in die huidige Suid-Afrika, wat gekwêl word deur geweld, armoede en korrupsie en 'n gebrek aan sinvolle doelgerigtheid in die samelewing.

Die Bourdieuaanse konsepte – wat deur die neurowetenskap ondersteun word – van *habitus* (verkryging van effektiwiteit), *kapitaal* (akkumulاسie van kennis) en *veld* (die konstruksie van sosiale werklikheid) impliseer dat indien onderwysers leerders se sosiokulturele agtergronde op sowel individuele as gemeenskapsvlak begryp, dit hulle begrip en empatie vir leerders kan verbeter (Joorst 2015; Bourdieu 1984). Daardeur kan opvoeders leerders bewustelik bemagtig om met selfvertroue optimaal van beskikbare hulpbronne gebruik te maak en deur effektiewe aanpassings hulle eie aspirasies uit te leef.

Maar terselfdertyd kan die krag van leerders wat, ten spyte van swak en oninspirerende onderrigsituasies, hulleself bemagtig om hulle beperkende sosio-ekonomiese leefomstandighede te transendeer en hulle drome ten spyte van hindernisse te realiseer, ook nie onderskat word nie (Joorst 2015). Gevolglik bied neurowetenskaplike insigte wat klem lê op die affek (innerlike *habitus*) van mense, 'n nuwe perspektief op wording en leer. Dit kan selfs impliseer dat die oordrewe hoë premie op formele onderrig, gepaardgaande met luukse hulpbronne, hierdeur gerelativeer kan word. Hieroor sal ek breedvoerig uitwei wanneer die tweede gevallestudie bespreek word.

In die volgende afdeling bespreek ek kortliks belangrike insigte vanuit die neurowetenskap en gee voorbeelde van die implikasies wat hierdie bevindinge inhou vir leer en wording, die noodsaaklikheid van interaksies tussen mense, en die vestiging van 'n gepaste *habitus* te midde van ongunstige sosio-ekonomiese omstandighede.

3. Die neurowetenskap

In 'n bespreking van die bevindinge van die neurowetenskap kom verskeie oorwegings na vore, soos die oorspronge van die teorie en die evolusie van bewussyn. Dit is belangrik om te let op die gevaar van dualisme en reduksionisme wanneer menslike bewussyn ter sprake is. Ek fokus op die belang van gevoelens, singewing, verwondering en intensionaliteit wanneer beide kognitiewe en affektiewe leer plaasvind.

Enkele belangrike bydraes van die neurowetenskap met betrekking tot effektiewe leer en wording van leerders word vervolgens onder die loep geneem. Ek sluit die hoofbespreking oor die internalisering van bepaalde houdings, disposisies en ingesteldhede af deur te verwys na die kwessie van heelheid en spiritualiteit wat die sienings oor leer en wording in die samelewing kan verryk. Trouens, ek lewer saam met De Beer (2016) 'n pleidooi vir die “herinvensie van menslike geestelikheid om die ont-towering van die wêreld en hoop-lose verduistering van die toekoms teë te werk” (De Beer 2016:15)

3.1 Oorspronge van die neurowetenskap

Die oorspronge van die neurowetenskap blyk duidelik ingebed te wees in die breë terrein van die wetenskaplike teorieë oor die menslike verstand, bestaande uit kognitiewe wetenskap en kunsmatige intelligensie (Du Toit 2002). Hoewel die neurowetenskap deel uitmaak van die kognitiewe wetenskap, bestaan daar belangrike klemverskille. Kognitiewe wetenskap beklemtoon oorwegend die verstandsfunksie van die brein, en prosesse van motoriese beheer, van persepsie, van herkenning, retensie en geheue in menslike leer, terwyl die neurowetenskaplikes poog om die neurobiologiese substraat van menslike gedrag te verstaan (Arbib 1999). Teen die middel-1990's het onlangse ontwikkelings binne die neurowetenskap self plaasgevind, soos die neurobiologiese fokus op die biologiese/evolusionêre basis van rasionaliteit, menslike emosies en ervarings (Du Toit 2002). Die vermoë om betekenis te gee, en daarmee saam die ontstaan van waardestelsels en religie, was byvoorbeeld nie moontlik totdat die neokorteks evolusionêr te voorskyn getree het en die kapasiteit vir bewussyn, taal en woorde voorsien het nie.

Die tevoorskyntrading van bewussyn sowat 300 000 jaar gelede het 'n deurslaggewende rol gespeel in die menslike kapasiteit vir morele ontwikkeling. Dit is interessant om daarop te let dat bewussyn, hetsy dierlik of menslik, 'n bewuste liggaam asook 'n besielde liggaam impliseer. Dit beteken dat ons die vermoë om emosies soos woede, vrees en verlies te ervaar – sowel as die behoefte om te speel – met alle bewuste diere deel. Dit spreek vanself dat hoe meer kompleks die bewuste brein is, en hoe meer kompleks die sosiale struktuur is waarin daardie brein gevorm is, hoe wyer is die spektrum van emosies wat gedemonstreer kan en sal word. Wanneer die linguistiese verstand te voorskyn tree, ontstaan 'n volkome nuwe stel moontlikhede in die heelal, onder andere religie en wetenskap, kuns, kultuur, lag en huil (Kriel 2002).

Verder stel Lakoff en Johnson (1999) die belangrike punt dat ons kan aanvaar dat wat ons deur evolusie oorgeërf het met betrekking tot persepsie, denke en optrede, onder die vlak van bewussyn opereer. Met ander woorde, al ons kennis en oortuigings word uitgedruk in terme van 'n konseptuele stelsel wat hoofsaaklik in die kognitiewe onbewuste gesetel is. Dit gee dus vorm aan die wyse waarop ons outomaties en onbewustelik verstaan wat ons ervaar. Hierdie skrywers haal voorbeelde aan van dié tipe aksies wat voortkom uit 'n vlak onder die

bewuste wete. 'n Voorbeeld is wanneer 'n mens betrokke is in 'n gesprek, soos om herinneringe op te diep wat relevant is tot dit wat gesê word; of om 'n stroom klanke as taal te interpreteer, dit in duidelik onderskeie fonetiese segmente op te deel, dit in morfeme te groepeer, 'n struktuur aan die sin te gee, woorde uit te soek en betekenis daaraan te gee wat toepaslik is in die konteks, en te beplan wat om in reaksie te sê. Dit illustreer die komplekse aard van ons wese as gevolg van ons evolusionêre verlede. Indien iets wat so eenvoudig is, sulke komplekse gevolge kan hê, kan 'n mens jou net voorstel watter vlak van kompleksiteit die internalisering van innerlike morele waardes by onvolwasse leerders behels. Die feit dat kinders soms optree as gevolg van primitiewe emosies soos vrees, ang of gevoelens van bedreigtheid, stam uit ons evolusionêre verlede en dit kan nie noodwendig altyd moreel geïnterpreteer word nie, aangesien dit voortkom uit ons onderbewuste waartoe ons nie onmiddellike toegang het nie. Aangesien sulke aksies morele implikasies vir die samelewing inhou, rig dit des te meer 'n groter opvoedkundige appèl tot opvoeders, omdat morele waardes aangeleer en gemoduleer moet word.

Die bestaande literatuur suggereer ook dat neurowetenskap alleen nie volledig rekenskap kan gee van die menslike aard of menslike spiritualiteit nie, omdat dit ontluikende (“evolving”) eienskappe bevat wat ontstaan as gevolg van sosiale en omgewingsinteraksie (Wetherell 2012; Teske 2001:96; Damasio 1994).

'n Laaste maar meer prominente aspek van die neurowetenskap is om die belang van gevoelens en emosies te erken wanneer jy enige keuse maak. Damasio (1994) wys daarop dat emosie en gevoelens van wesenlike belang is vir die prosesse van rasonele denke. Hierdie gevolgtrekking is gebaseer op kliniese studies van pasiënte met letsels aan die prefrontale lobbe, wat daarop dui dat die verlies van emosie en gevoel en 'n onvermoë om te redeneer direk met mekaar verband hou. Damasio (1994) onderskei ook nog tussen primêre emosies en sekondêre emosies. Primêre emosies soos vrees, die vluginstink, honger en die paringsbehoefte is geleë in die “ou” brein in die limbiese stelsel, die *amigdala*, en word in die onderbewuste gestoor. Primêre emosies word gevolg deur meganismes van sekondêre emosies wat in die prefrontale korteks geleë is. Sekondêre emosies word vertoon wanneer ons gevoelens begin ervaar, en vorm stelselmatig verbindings tussen kategorieë van objekte of situasies aan die een kant en primêre emosies aan die ander kant. Persone met skade in die prefrontale korteks kan nie emosies genereer relatief tot beelde van 'n situasie of stimuli nie en kan dus nie die gevolglike gevoel ervaar nie. Primêre en sekondêre emosies werk in samehang en beïnvloed besluitneming, aangesien dit sommige opsies meer wenslik maak as ander. Damasio (1994) wys daarop dat 'n mens kan sê dat rasonele keuses net soveel afhang van die uitdrukking van emosie en gevoelens as van logiese beredenering. Dit is belangrik om albei in balans te hou. Dit is presies hierdie aspek wat die jongste bevindinge van die neurowetenskap so boeiend maak. Sowel die prefrontale korteks (rasionele vermoë) as die emosionele sentrums van ons brein is kwesbaar vir ons stresvlakke, unieke omstandighede en pynlike ervarings in die verlede wanneer ons besluite wil neem. Daarom is dit belangrik om die brein se funksionering in balans te hou deur korrekte voeding, fisieke aktiwiteit, verstandelike stimulasie maar nie oorlading nie. Dis hier waar spiritualiteit en sosialisering van kardinale belang is om beter besluite te kan neem en in die geheel meer sinvol en gebalanseerd te lewe (Wallace en Nussbaum 2012).

3.2 Bydrae van die neurowetenskap

Hoewel die neurowetenskap die oorkoepelende indruk kan skep dat dit slegs op breinprosesse wat uit ons evolusionêre verlede voortkom gefokus is, is dit nie die laaste woord nie. Neurowetenskaplike navorsing bewys afdoende (Walmsley 2002; Freeman 1999; Edelman 1989) dat ander faktore, soos intensionaliteit, gevoelens, waardes en betekenis wat die individu in sy of haar sosiale omgewing teëkom – selfs spiritualiteit – baie meer invloed het wanneer dit kom by die uitoefening van keuses. Wetherell (2012:115) toon juis aan dat “affective practices, comparable to Bourdieu’s habitus, where affect is unreflective, and non-conscious, never planned, self and other regulated, narrated, agentic and negotiated are inherently imbedded in the relational nature of life.”

Dus kan nóg gedagtes, nóg emosies bedink word sonder die verhoudinge met ander mense en dinge. Daarbenewens is dit ook van belang om te onthou dat ons oor spieëlneurone beskik wat ons inherent die vermoë gee om empatie te hê met mense wat soortgelyke ervarings as ons ondergaan het (Du Toit 2014)

Dit bring ons by die belangrike rol van opvoeding as ’n invloedryke arena van ervaring waar betekenis en waarde in die neuronverbindings van studente geassimileer word (Sankey 2006). Ons het ander mense nodig vir ons om werklik ons eie ware self te kan word. Sankey bepleit dus dat ons “recognise that we are multi-levelled psychosomatic neuronal selves”, waardeur ons die Cartesiaanse dualisme kan oorkom. Daarom is dit uiters belangrik om nie in die slaggat van dualisme of reduksionisme te trap wanneer ons keuses maak of oordele vel nie. Ons behoort die hele persoon in sy of haar omgewing en verskillende kontekste in ag te neem om reduksionisme te vermy (Du Toit 2002:2). Nóg menswees nóg die verskynsel van verstand en bewussyn kan in isolasie verklaar word.

Our brains have evolved primarily as organs of social cooperation and understanding, involving the construction of symbolic representation and the development of mechanisms to reach social agreement. Individual aspects of neuro-dynamics and neurochemistry cannot be properly understood without taking the societal aspects into account (Teske 2001).

Dit is presies hierdie aspek wat die bydrae van die neurowetenskap so kragtig maak: dit laat ons beseef dat die rede of die affek nooit ontliggaam is nie, maar voortkom uit die aard van ons brein en liggaamlike ervarings. Die neurowetenskap konfronteer ons dus met ’n radikaal ander posisie as dié van Kohlberg en Piaget se teorieë, waar rasonale nadenke die hoofinstrument is vir die hantering van dilemmas wanneer moeilike keuses gemaak moet word. Die neurowetenskap vra van ons om na te dink oor ons evolusionêre verlede en dus te erken dat mense holistiese wesens is met gevoelens, emosies, behoeftes, genetiese erfenisse en omgewingsfaktore wat alles ’n rol speel wanneer ons besluite neem. Sankey (2006:165) stem met hierdie gedagte saam en voer aan dat hoewel ons breine ’n belangrike rol speel in die vorming van ons ervarings, dit nie te sê is dat ons niks anders is as die fisieke prosesse in ’n stoflike brein nie. Die brein is primêr beliggaam in die hele organisme (die individu). Die voorveronderstelling vir hierdie argument is die siening dat elke menslike wese ’n veelvlakke psigosomatiese eenheid is, maar ook ’n biologiese organisme.

Die bydrae van die neurowetenskap is dus dat dit aantoon dat die affektiewe dimensie van menswees, dit wil sê die assimilasie van ingesteldhede, waardes, houdings, artikulasie van

gevoelens en betekenisgewing in opvoeding, van deurslaggewende belang is. Unieke prosesse van betekenisgewing wat in die prosesse van opvoeding teëgekom word “not only influence the conscious choices and actions of students, they also contribute to the making of each individual brain and influence what each self would do when actions and choices are initiated subconsciously” (Sankey 2006:173–4).

Op dieselfde trant wei Barnett (2015:200–1) breedvoerig uit dat studente in tersiêre onderwys onsuksesvol sal leer indien hulle nie oor ses noodsaaklike disposisies beskik nie. Hy stel dit soos volg:

In order for learning to be authentic, one has to venture into learning. And for that one has to have the appropriate six dispositions, ... a will to learn, a will to encounter strangeness, a will to engage, a preparedness to listen, a willingness to be changed as a result of one's learning, a determination to keep going.

Dus kom dit daarop neer dat sekere wording- of karaktereienskappe voortvloei uit bogenoemde disposisies – waagmoed, omsigtigheid, veerkragtigheid, selfdisipline, integriteit en respek vir ander (Barnett 2015:200). Al hierdie affektiewe eienskappe dra derhalwe by tot suksesvolle leer en kom ooreen met die insigte wat voortvloei uit die neurowetenskap (Du Toit 2014).

In hierdie afdeling het ek aangetoon dat geen leer sonder wording kan plaasvind nie en dat alle wording en leer met beliggaamde disposisies te make het.

In die volgende afdeling bou ek voort op die argument wat deur die sienings van die neurowetenskap ingelei is deur aandag te gee aan die belangrike dimensie van spiritualiteit en heelheid. Daarsonder is ons begrip van leer, en wording, onvolledig en oneffektief, omdat die aspek van verwondering 'n sleutelbegrip is vir suksesvolle en volhoubare wording en leer. Ek steun hoofsaaklik op die werk van Prozesky (2006), Kruger (2007) en De Beer (2016).

3.3 Heelheid en spiritualiteit lei tot welsyn

Prozesky (2006) wys daarop dat alle kulture dit eens is oor die hoogste kernwaardes, soos grootmoedigheid van gees en onselfsugtige optrede en integriteit. Dit is dus vir ons moontlik om verby kulturele verskille oor wording en leer te praat. Waardes, sê Prozesky (2006), moet altyd uitgebrei word na die welsyn van ander mense in die samelewing plaaslik en wêreldwyd, asook van die omgewing. As sodanig is etiek die trekkrag teen ons selfsugtige begeerte om ander mense te sien as 'n middel tot 'n doel, naamlik ons eie behoeftebevrediging, en nie as 'n einddoel uit eie reg nie. In daardie sin kan etiese wording nooit minder wees as 'n diepe besorgdheid oor die vervulling van die ander nie – en dit ten opsigte van liggaam, emosies, verstand, sosiale verhoudings en gees. Dit maak van spiritualiteit 'n wesenlike komponent van wording indien dit veronderstel is om transformerend en holisties verrykend te wees. Spiritualiteit kan gedefinieer word as

that dimension of our existence which enables us to experience ourselves as part of a greater totality, able to give to the physical world a certain translucence and warmth suggestive of a deeper higher kind of reality in contact with which we feel ourselves to be most truly fulfilled. (Prozesky 2006:132).

In hierdie sin kan 'n noue verwantskap tussen spiritualiteit en die welsyn van die ander bevorder word. Spiritualiteit kan meehelp om te transendeer vanaf geregtigheid na liefde en deernis. Meer nog, spiritualiteit kan 'n balans tussen selfaktualisering en die diens aan die ander bewerkstellig wat kan lei tot beide selfaanvaarding en selfopoffering. Ek onderskryf die sienings van Prozesky met betrekking tot die noue verband tussen wording en spirituele groei wat ontstaan wanneer waardes, houdings, kennis en besorgdheid oor andere ineenvloei met ryke harmonie en sosiale aksie. Kruger (2007) praat van heelheid as 'n unieke vermoë vir die ervaring van mistisisme, verwondering en transendensie. Vir hom is *siel* nie 'n geheimsinnige woord nie, maar

a coming together into unity – all that is best in us – a caring heart, creative love that joins us to others in friendship and compassion, a free spirit and deep understanding of the Other born of a love of truth. Thus the soul in each of us, the living heart of our spirituality, enables us to become passionately ethical, ready to combat armies of greed and violence and to live and let live. (Kruger 2007).

De Beer (2016) gaan verder deur aan te toon dat die wêreld tans aan 'n ernstige krisis ly vanweë die afwesigheid van geestelikheid. Hy bepleit die herinvensie – of herontdekking van menslike geestelikheid om sodoende die sinvolheid van lewe te herstel en alles wat verniel, vernietig, beskadig en afgeskaal raak en dit wat lei tot uitbuiting teë te werk. Hy verwys na die onttowering van die wêreld waar kennis en mense dinge en kommoditeite word. Daarmee bedoel hy die gedagte dat kennisverwerwing en wording ontliggaam word en dus slegs met bruikbaarheid en verbruikbaarheid te doen het. Die meetbare word vooropgestel en dit wat sin gee word opgeoffer; hiervan is die afskaling van geesteswetenskappe in skole en universiteite slegs een manifestasie (De Beer 2016:141–4).

In hierdie gedeelte van die artikel het ek probeer aantoon dat die affektiewe fasette van menswees deur die neurowetenskap van kardinale belang geag word, en spesifiek relevant is vir die verstaan van beide kognitiewe en affektiewe kennisverwerwing in formele leersituasies. In die volgende gedeelte van die artikel berig ek oor twee gevallestudies wat in die literatuur bespreek is. Ek het met spesifieke oogmerke elkeen van die gevallestudies gekies. Die eerste gevallestudie getuig van 'n werklike breingebaseerde-leer-projek waartydens 'n intensiewe ingryping 'n groot impak maak op 'n groepie graad 10-leerders uit 'n township-omgewing. Die metodes wat tydens die intervensie gebruik is, sluit doelbewus aan by die neurowetenskaplike beginsels van breingebaseerde of holistiese leer. Die tweede gevallestudie berig oor hoe vyf minderbevoorregte, landelike werkersklas-graad 11-leerders hulle onderwyservaringe deel en daardeur uitbeeld hoe hulle hulself kon bemagtig om by moeilike en veranderende omstandighede aan te pas deur 'n selfgeskoolde *habitus* te ontwikkel en sodoende hulle aspirasies kon uitleef ten spyte van beperkings in die formele-onderwysomgewing. Die belewenisse van die leerders vertel die verhaal van hoe hulle bo uiterlike armoedige omstandighede kon uitstyg vanweë innerlike emosionele veerkragtigheid.

Die keuse van hierdie gevallestudie berus op die feit dat die klem op die innerlike krag van menslike bewussyn val wat ongeag uiterlike omstandighede kan seëvier. Ek gaan beide gevallestudies beoordeel deur die lens van die neurowetenskap. Verder gaan ek Bourdieu se konsepte van *habitus* en *veld* – as beliggaming van innerlike bewussyn – aanwend om te kyk watter implikasies dit vir leer en wording kan hê.

4. Gevallestudie van die breingebaseerde-leer-projek

4.1 Agtergrond en konteks van projek

Die projek het ontstaan toe mn. R¹ medies ongeskik verklaar is by die universiteit waar hy as dosent werkzaam was omdat hy in 'n ernstige motorongeluk breinskade opgedoen het. Die beserings het verband gehou met sy spraak- en skryfvermoë. Hy het tydens die traumatiese en lang rehabilitasieproses onder die indruk gekom van die wonderbaarlike neuroplastisiteit van die brein (Wallace en Nussbaum 2012). Hy moes van voor af leer praat en skryf. Omdat hy baie moete gedoen het om te leer hoe die brein werk en aangegryp was deur sy eie herstelproses, het hy besef hoe belangrik kennis van die werking van die brein vir suksesvolle leer is. Vandaar ook die benaming van die projek, wat grootliks gebaseer is op die beginsels van die verskillende funksies van dele van die brein. Verder het hy tot die slotsom gekom dat motivering, die stel van doelwitte asook emosies 'n sleutelrol speel in die leerproses. Uit dankbaarheid vir sy eie herstel en nuwe insigte het hy besluit om die vergoeding wat hy van die Padongelukkefonds gekry het, aan te wend vir 'n breingebaseerde-leer-projek vir onderpresteerders by 'n sekondêre skool in Mitchells Plain. Die keuse van die spesifieke skool is gemaak op grond van sy geroepenheid om terug te ploeg in 'n gemeenskap waarmee hy bekend was en waar hy vantevore vir 12 jaar kurrikulumadviseur was vir Afrikaans. Verder het hy geweet dat die skool oor 'n uitstekende infrastruktuur beskik en baie goed bestuur word (Meyer 2016). Hy het sy kollega, dr. E, wat spesialiseer in skryfonderrig en die skep van kreatiewe leergeleenthede, genader om as programontwikkelaar op te tree. Hulle het lank reeds 'n sterk kollegiale en vriendskapsverhouding gehad. Die senior skoolsielkundige is betrek om oor aspekte van emosionele intelligensie en motivering 'n bydrae te lewer. 'n Ouer het vrywillig aangebied om as mentor vir leerders op te tree by die skool deur toe te sien dat hulle alles verstaan het wat tydens die vorige lesse verduidelik is. Sy het hulle ook fisiek en emosioneel ondersteun met gesonde kos (growwe broodjies en vrugte) en genoeg water sodat die brein gevoed kan wees.

Almal was baie opgewonde oor die projek. Die skoolhoof, mn. K, was ingenome met die projek – met die voorwaarde dat die leerders nie soos proefkonyne gehanteer moet word nie. Mn. W, die onderhoof, het gehelp om 30 leerders wat toe in graad 9 was, as onderpresteerders te identifiseer. Die seleksiekriteria was dat leerders nie voorheen moes gedruip het of deurgesit moes gewees het nie. Daaropvolgend moes die gekose leerders vraelyste invul en aandui waarom hulle sou wou deelneem. Uiteindelik is 20 gekies vir die volgende jaar, waarin hulle dus in graad 10 sou wees. Gesprekke is met ouers en onderwysers gevoer om alles rondom die projek mooi duidelik te maak en die projek het in Januarie 2015 werklikheid geword.

4.2 Doelwitte en inhoud van projek

Die doelwitte van die projek was van meet af aan om selfvertroue te verbeter, holistiese groei van die leerders as mense te bewerkstellig en akademiese prestasie te verbeter. Ek was verras oor die ooreenkomste tussen neurowetenskaplike sleutelbeginsels soos breinplastisiteit en die leerprojek (Merzenich 2013; Doidge 2007).

Die leerprojek strek oor die hele jaar, en behels intensiewe sessies van twee uur op elke Saterdag wat nie binne skoolvakansies val of waarop toetse afgelê word nie. Aspekte soos die anatomie van die brein en geheue, die gebruik van breinkaarte, legkaarte, verskillende

funksies van die brein, studiemetodes, doelwitstelling en motivering, bringim-oefeninge, verskillende leerstyle, meervoudige intelligensies, en die vyf dimensies van emosionele intelligensie is met die leerders behandel op interaktiewe wyse. *Spel* en *interaksie* is sleutelbegrippe om die toonaard van die aanbiedings te beskryf. Heelwat konstruktiewe terugvoer is deur die programontwikkelaar aan aanbieders verskaf op grond van haar waarnemings van die sessies en gesprekke met die mentor. Haar boodskap was deurgaans dat niemand perfek hoef te wees nie, solank almal se geesdrif vir die projek steeds blyk. Haar oorwoë mening kom daarop neer dat alles wat die leerders kry, vir hulle leersaam en voordelig is. Die affektiewe konsepte van geesdrif en entoesiasme is baie belangrik en kom ooreen met die spirituele dimensie van verwondering en heelheid uit die neurowetenskap (Du Toit 2014; Kruger 2007).

Aan die einde van 2015, met die sertifikaatuitreikseremonie, is daar bevind dat die leerders se akademiese prestasies oor die algemeen merkbaar verbeter het. Trouens, twee van die leerders is tans onder die top 10 in die skool. Verder het talle van die skaam en teruggetrokke leerders uit hulle dop gekruip en meer selfvertroue gekry, wat hulle spontaan laat deelneem het. Vir 2016 is beplan om slegs twee kwartale, dus 12 Saterdag, te gebruik om die kursus vir nuwe graad 10's aan te bied en dan die huidige groep een Saterdag per maand byeen te bring vir beroepsvoorligtingssessies.

4.3 Data-ontleding: Onderliggende hoofkategorieë van leerprojek

Die vraag bly nou: Wanneer al hierdie data uit die gevallestudie ontleed word, wat is die onderliggende hoofkategorieë van die projek? Deur die lens van die neurowetenskap het ek die volgende kategorieë geïdentifiseer:

4.3.1 Kognitiewe kennis

Kognitiewe kennis is onvermydelik die eerste laag van ontleding. Dit wil sê die fokus is gerig op die spesifieke inhoud wat oorgedra is, die sogenaamde *wat-vraag*. Die kennis wat op kognitiewe vlak oorgedra is, behels die brein se funksionering, inligting oor studiemetodes, hoe breinkaarte ingespan kan word om beter te leer, die stel van doelwitte, en kennis van meervoudige intelligensies. Al hierdie fasette kan die volhoubaarheid van effektiewe kognitiewe kennisverwerwing ondersteun. Dit blyk ook duidelik uit die sukses wat behaal is in die vorm van verbeterde akademiese prestasies by die meerderheid van die leerders wat vroeër onderpresteerders was.

4.3.2 Interaksie en bewussyn

Die tweede laag van ontleding sal die vraag vra: *Hoe* is die kennis oorgedra? Die *hoe-vraag* het meestal te doen met die affektiewe domein wat onderliggend aan alle leer is (Damasio 1984). Dit wil sê die verskuilde kurrikulum fokus op die aard van die interaksie tussen leerders en onderwysers, hoedanig die atmosfeer (*mood*) was tydens die interaksie. Was dit inhiberend van aard of het kinders vrymoedigheid gehad om vrae te vra? Was daar humor en spel ter sprake? Al die data toon dat die atmosfeer en leeromgewing lig, veilig en uitnodigend was (onderhoud met mnr. R en dr. E oor terugvoer Desember 2015). Dus kon die leerders affektief groei – van daar die suksesse wat behaal is. Verder is daar voorbeelde van 'n meer holistiese kyk na volwassewording en leer, deur die spesifieke aandag wat gegee is aan die inneem van gesonde kos en water, asook oefeninge soos bringim. Bringim behels onder

andere spesifieke nekoefeninge, laterale strekke, diep asemhaling en so meer om konsentrasie te verbeter en spanning te verlig. Samevattend kan al bogenoemde affektiewe aspekte bydra om 'n soort *habitus* te vestig wat vir die kinders uit minderbevoorregte omstandighede van onskatbare waarde is, omdat hulle moontlik nie dié soort stimulasie by hulle huise kry nie.

4.3.3 Selfbeeld en selfvertroue

Die verskuilde kurrikulum van die projek is duidelik gemik op die verwerwing van selfvertroue en die bou van 'n positiewe selfbeeld by die leerders; albei aspekte vorm ook deel van die affektiewe domein of innerlike bewussyn. In hierdie verband kan die waarde wat motivering inhou, nie onderskat word nie. Ook die ekstra bemoeienis van die mentor by die skool is tekenend van omgee en liefde. Sodanige bemoeienis versterk die boodskap dat elke leerder spesiaal is en unieke betekenis het. Dus het die liefde en aanvaarding binne 'n veilige omgewing tot die verhoogde selfvertroue en 'n positiewe selfbeeld by die leerders gelei. Al hierdie aspekte tesame het ooreenkomstig neurowetenskaplike insigte bygedra tot die verbetering van akademiese prestasie (Wetherell 2012; Doidge 2007; Damasio 1984).

4.3.4 Elke kind het potensiaal ongeag die konteks

Die uitkomste van die projek wys duidelik dat enige leerder, ongeag sy huislike omstandighede of persoonlike eienskappe, kan baat vind by ekstra stimulasie waartydens sy of haar potensiaal ontsluit kan word. Die brein moet stimulasie en voldoende medemenslike interaksie binne 'n veilige omgewing van omgee en liefde kry (Doidge 2007; Sankey 2006).

Ten slotte kan die projek bestempel word as uiters betekenisvol, ten spyte van die klein skaal waarop dit plaasgevind het. Die verskil wat so 'n projek in die skool en gemeenskap maak, kan nie onderskat word nie, aangesien talle mense se lewens positief beïnvloed word omdat menslike leer en leef ingebed is in verhoudinge (Du Toit 2014). Derhalwe kan die verskynsel van die vestiging van gesonde waardes en *habitus* met verloop van tyd verder uitkring en by leerders die vermoë skep om bo omstandighede uit te styg (Bourdieu 1977). Hier geld die beginsel van *klein begin, groot gewin*.

5. Die tweede gevallestudie: Vyf hoërskoolleerders se leerervaringe in 'n landelike Weskusdorp

5.1 Beskrywing van die gevallestudie

Die gevallestudie speel af in 'n armoedige woonbuurt aan die Weskus waar hoofsaaklik werkersklasleerders hulself moet posisioneer tussen die huis, gemeenskap en die skool in die postapartheid Suid-Afrika. Deur middel van 'n multivlakkige etnografiese studie word 'n ontleding gedoen deur Bourdieu se lens van *habitus*, *veld* en *kapitaal* (Joorst 2015). Deur die leef- en leerervaringe van vyf graad 11-leerders mee te maak, noukeurig waar te neem en te interpreteer, doen Joorst (2015) 'n deeglike ontleding van die wyse waarop die leerders dit regkry om ten spyte van al die sosio-ekonomiese hindernisse tog sukses te behaal in die skool. Sy bevindinge weerlê die bekende stereotipes van landelike, arm en minderbevoorregte leerders wat noodwendig gedoem is tot mislukking en vir wie selde enige vervulling van opvoedkundige aspirasies moontlik skyn te wees.

Al vyf leerlinge – Samantha, Snerra, Bia, Bishop en Thabo (skuilname) – beskryf hulle skool, Endurance High, as ontoereikend, met gebrekkige fasiliteite soos die afwesigheid van laboratoria of rekenarsentrums en weelderige sportvelde soos te sien in die naburige Model C-skool. Verder lê daar meestal papiere rond op die speelgrond, terwyl die toilette dikwels onhigiënies voorkom.

5.2 Data-ontleding van gevallestudie

5.2.1 Aspirasies en betekenisgewing

Thabo (17) bly saam met sy gesin in 'n drievertrekhuus. Sy vader is 'n grafgrawer en sy moeder 'n deeltydse huishulp. Hulle voer 'n stryd om finansieel te oorleef. Thabo droom daarvan om 'n gevegsvlieënier te word. Die roman wat hy lees oor soldaatwees inspireer hom om sy studies ywerig te benader en daarvan 'n sukses te maak ten spyte van gebrekkige omstandighede. Bia (17), 'n vriendelike meisie wat 'n viervertrekhuus met haar pa, ma en jonger suster, tante en dié se twee kinders deel, wil graag 'n klimatoloog word. Haar aspirasies motiveer haar om doelgerig te studeer. Sy wil tog net nie terugkeer na armoede nie. Samantha wil eweneens nooit in 'n situasie verkeer waar sy nie vir haar kinders sal kan koop wat hulle benodig nie. Daarom studeer sy ywerig. Snerra wil graag 'n paramedikus word en daarom is hy uiters gemotiveerd om al sy vakke te slaag. Bishop wil 'n suksesvolle en beroemde musiekproduksieregisser word en matriek suksesvol slaag. Joorst haal Yosso (2005) aan wat praat van *aspirasiekapitaal*, dit wil sê die vermoë wat persone motiveer om drome en hoop vir die toekoms lewend te hou ten spyte van gebrekkige omstandighede. Sodoende word die aspirasies van leerders 'n motiveringskrag en vorm uiteindelik deel van hulle onderskeie disposisies. 'n Disposisie saam met 'n bepaalde uitkyk op die lewe of waardestelsel vorm deel van die affektiewe domein van menswees – 'n faset wat ook deur die neurowetenskap beklemtoon word.

5.2.2 Religie

Vir al vyf hierdie leerders is godsdienst 'n motiveringskrag en inspirasie om aan te hou ten spyte van allerlei uitdagings. Snerra se pa is 'n deeltydse pastoor en gevolglik glo Snerra dat God aan sy kant is. Thabo vertel dat 'n mens reg moet lewe en dus altyd moet probeer om 'n verskil in iemand anders se lewe te maak. Dit motiveer hom ook om nie moed op te gee nie. Bishop glo die “man daar bo” sal jou altyd help, terwyl Samantha en Bia glo dat God hulle altyd sal bystaan. Yosso (2005) is van mening dat die som van aspirasies en religie veerkragtigheid is. Dit blyk duidelik dat religie vir al die leerders 'n bron van motivering is wat hulle deur moeilike tye dra en veerkragtig maak. Die neurowetenskap bevestig ook die waarde van spiritualiteit en heelheid (Kruger 2007).

5.2.3 Verbeelding en emosionele intelligensie om te kan oorleef

Appadurai (1996) beskryf die kreatiewe wyse waarop mense in armoedige omstandighede met hulle werklikheid omgaan as 'n kritieke verlossing en emansipasie van inperkende leefomstandighede. Hierdie leerders het al vyf 'n soort optimisme oor die toekoms en verkry algaande meer oorlewingstrategieë om aan te pas by die werklikhede waarmee hulle daaglik te doen het. Maar dit demp nie hulle geloof in wat hulle kan vermag in die toekoms nie. Bia weet byvoorbeeld hoe om haar optrede tuis en by die skool so te plooi dat sy goed kan oorleef. Sy is uitermatig gehoorsaam aan haar ouers en help met huishoudelike take sodat sy

die guns wen van die volwassenes en hulle haar gevolglik genoeg tyd en spasie toelaat om haar huiswerk te doen. Sy vermy enige vyandige situasies wat haar toekoms in die wiele kan ry. Thabo sosialiseer effektief by die skool met sy portuurgroep, sonder om enigiemand te affronteer, maar sorg dat hy uit die skollies se kloue bly en voldoende tyd aan sy skoolwerk spandeer.

Dit blyk duidelik dat al hierdie leerders oor 'n hoë vlak van emosionele intelligensie beskik en derhalwe oorlewingstrategieë aan die dag kan lê om op koers te bly met hulle skoolwerk. Die verhale getuig van besondere emosionele veerkragtigheid wat spruit uit die krag van innerlike bewussyn wat deel vorm van die affektiewe domein – iets wat deur die neurowetenskap as van kardinale belang bestempel word vir suksesvolle selfaktualisering, of soos Joorst dit noem, die vestiging van 'n *self-schooled* spandeer *habitus* (Joorst 2015; Du Toit 2014).

5.3 Sintese

Populêre sienings wil dit hê dat landelike werkersklasleerders oor die algemeen 'n lae vlak van akademiese prestasie handhaaf. Selfs die Departement van Basiese Onderwys verwys na sulke leerders en skole as 'n gebrekkige deel van die totale skoolstelsel. In skrilte kontras hiermee toon hierdie gevallestudie 'n heel ander prentjie van leerders se ervarings van die skoollewe en hulle akademiese vermoë. Die lewende ervarings van die doelgerig gekose vyf leerders getuig van 'n bepaalde affektiewe veerkragtigheid. Die besondere manier waarop hulle vir hulself spasie beding en aanpas by die onvermydelike omstandighede waarin hulle hul bevind, bewys alle stereotiepe weergawes van landelike werkersklasleerders verkeerd.

Die verhale van die vyf leerders se onderwyservaringe en die kreatiewe wyse waarop hulle vir hulleself 'n toekoms beding te midde van armoede en geweld is inspirerend en eggo die sentimente van Bourdieu se *habitus* en *veld* wat op die selfgeskoolde *habitus* uitmond. Dit strook met neurowetenskaplike insigte se erkenning dat 'n mens altyd moontlikheid is en oor ontluikende bewussynseienskappe beskik (Merzenich 2013; Wetherell 2012; Doidge 2007; Bourdieu 1984).

In die volgende afdeling kom ek tot 'n paar oorkoepelende bevindings en gevolgtrekkings en ten slotte dui ek 'n paar implikasies van die neurowetenskap vir leer en wording aan.

6. Oorkoepelende bevindings en gevolgtrekkings

Wanneer daar oorkoepelend oor die hele aangeleentheid van leerprosesse deur die lens van die neurowetenskap besin word, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

Volgens die neurowetenskap vind effektiewe leer en wording primêr deur middel van menslike interaksie en verhoudinge plaas. Dit is veral wenslik dat die mens as holistiese wese beskou moet word, waarvolgens aspekte van spiritualiteit en verwondering 'n rol behoort te speel (Du Toit 2014; Kruger 2007; Prozesky 2006; Sankey 2006). Hier kan veral na die Weskusdorpgevallestudie as voorbeeld verwys word (Joorst 2015).

Indien die interaksies met mense in aangename en liefdevolle omstandighede geskied, sal die aanleer van affektiewe houdings en waardes wat 'n verskil aan mense se lewens maak, meer volhoubaar wees, omdat dit mense kan motiveer om hulle uiterlike omstandighede te bowe te kom (Du Toit 2014; Wetherell 2012). Dit het ook duidelik geblyk in die uitkomst van die bringebaseerde gevallestudie waartydens leerders se akademiese prestasies verbeter het en hulle selfvertroue as presteerders toegeneem het (Meyer 2016).

Die neuroplastisiteit van die brein beklemtoon die noodsaaklikheid van stimulasie deur middel van gesonde menslike interaksies en verhoudinge. Hierdie eienskap van die brein kan mense motiveer om talle fisiologiese en sosiologiese uitdagings te oorkom (Merzenich 2013; Wallace en Nussbaum 2012; Doidge 2007).

Gevolglik kan leerders ten spyte van trauma en minderbevoorregte omstandighede 'n intrinsieke motiveringsdrang of *habitus* ontwikkel wat hulle lewenslank in staat stel om te selfaktualiseer en gelukkige mense te wees (Joorst 2015; Bourdieu 1998).

Die kern van die neurowetenskap beklemtoon dat positiewe veranderinge aan mense se vervulling hoofsaaklik van die innerlike bewussyn afkomstig is – die affektiewe dimensie van menswees – dit wil sê die assimilasië van waardes, houdings, ingesteldheid teenoor die lewe, en dat dit van deurslaggewende belang is. Waardes en betekenis wat in die prosesse van opvoeding (wording) en leer teëgekom en geïnternaliseer word, beïnvloed nie alleen die bewuste keuses en aksies van leerders nie, maar ook aksies en keuses wat onderbewustelik geïnisieer word (Sankey 2006). Verder kan die mens nie anders beskou word as as 'n geheel van liggaam en gees, maar ook van brein en denke, emosies en oordeel, affek en aksie, bewussyn en onbewussyn, taal en emosie, emosionele binne- en buitewêreld nie (Du Toit 2014).

In hierdie afdeling van die artikel het ek kortliks die gevolgtrekkings van beide die gevallestudies van Mitchells Plain en die plattelandse Weskusdorp en die oorkoepelende bevindings uit die neurowetenskap onder die loep geneem. In die volgende afdeling wys ek op enkele implikasies vir leer en wording.

7. Neurowetenskap: implikasies vir leer en wording

Indien onderwyseropleiding die bydraë van die neurobiologie op die voorgrond sou plaas, sou onderwysers beter in staat wees om kinders bewus te maak van gesonde leergewoontes en disposisies. Dit impliseer dat onderwysers leerders as mense in totaliteit moet begryp. Sankey (2006:173) beklemtoon die waarde van die skool: “The school is an influential arena where meanings and values are assimilated into the neuronal connections that make students who they are.” Meer nog, indien opvoeders in voeling is met hulle eie waardevoorkeure en affektiewe dimensies, waaronder ook emosionele intelligensie en vermoë om ander te motiveer of te inspireer, kan hulle 'n groot invloed uitoefen op hulle leerders se volwassewording. Dit is dus ook belangrik vir onderwysers om altyd te fokus op die *hoe* (wyse van optrede, leeromgewing en atmosfeer, interaksies) van kennisoordrag en nie net op die *wat* (vakinhoudelike) nie.

Die eerste gevallestudie toon duidelik dat daar wel positiewe resultate ten opsigte van akademiese prestasies en die volwassewording van die leerders kan voortspruit uit doelgerigte bemoeienis met leerders. Uit die breingebaseerde-leer-projek blyk dit dat die stel van doelwitte, motivering en emosionele intelligensie meer prominensie moet kry in leerprosesse (Meyer 2016). Sowel aanbieders as leerders het getuig dat hulle die interaksies positief beleef. Leerders voel meer volwaardig en bemagtig om die toekoms tegemoet te gaan met selfvertroue en intrinsieke motivering om 'n sukses van hulle lewens te maak, ten spyte van sosiale agterstande. Dit stem ooreen met die konsep van Joorst (2015) se selfgeskoolde habitus uit die tweede gevallestudie. In teenstelling met die eerste gevallestudie, waar 'n doelgerigte ingryping die leerders ondersteun het om konstruktiewe leergewoontes aan te leer, beklemtoon die tweede gevallestudie die waarde van *innerlike* selfbemagtiging van die vyf gekose graad 11-leerders wat ten spyte van hindernisse en beperkte hulpbronne in die omgewing kon uitstyg en hulle aspirasies kon inspan om akademies op koers te bly. Hulle kon dit doen deur konstruktiewe oorlewingstrategieë in te span, soos verbeelding, aspirasies, kreatiwiteit, religie en emosionele intelligensie wat hulle in staat gestel het om 'n selfgeskoolde habitus aan te leer.

Soos wat ook deur die meer onlangse bevindings van neurowetenskapstudies aangetoon word, is 'n holistiese en geïntegreerde siening van die mens as persoon noodsaaklik. Volgens hierdie siening is 'n menslike wese 'n unieke, veelvlakkige psigosomatiese eenheid, 'n biologiese organisme wat in konstante dialoog met sy/haar omgewing verkeer. Dit het ook duidelik geword dat ons sosiale interaksies, ons oorgeërfde individualiteit, kan transformeer tot 'n hoër bewussynsvlak terwyl dit bydra tot die verbetering of agteruitgang van ons vermoë om keuses te maak. Dit impliseer dat die skool en die huis 'n invloedryke rol te speel het as 'n omgewing wat 'n waardegebaseerde leeromgewing kan word waar kinders verstaan moet word as bewuste/onderbewuste selwe op weg om volwassenes te word – sosiaal, psigologies, neurobiologies en spiritueel. In hierdie opsig bestaan 'n ernstige behoefte in Suid-Afrikaanse skole aan groter deernis en 'n etiek van omgee wat voortgeleef word deur volwassenes in formele en informele opvoedingsituasies (Giddy 2012:23; Christie 2008).

8. Slotsom

In hierdie artikel het ek die insigte van die neurowetenskap bespreek en ook probeer aantoon hoe belangrik 'n holistiese siening van die mens is – en meer spesifiek die affektiewe domein of innerlike bewussyn – wanneer daar oor leer en wording besin word. Ek het verder aangetoon dat die konsepte van Bourdieu van *habitus* en *veld* in die affektiewe domein hiermee in verband gebring kan word. Ek stel ook voor dat 'n ingesteldheid van heelheid en verwondering aangemoedig moet word – dus 'n pleidooi vir groter klem op menslikheid en minder op prestasies en meting van prestasies as sodanig, dit wil sê onderliggende houdings van verwondering, kreatiewe inspirasie en liefde wat klaskamerinteraksie kenmerk, eerder as slegs die meganiese indril van vakinhoud, wat nie noodwendig op lang termyn opvoedkundig bydra tot karakterontwikkeling of affektiewe welsyn van leerders nie. Die affektiewe welsyn van mense is deur die neurowetenskap aangetoon as deurslaggewend vir oorlewing en vervulling van menswees. Daarom is dit belangrik dat opvoeders aandag gee aan houdings, gevoelens, ingesteldheid, spiritualiteit en kreatiwiteit – alles fasette wat in die verskuilde kurrikulum opgesluit lê.

Die besondere gevallestudie uit Mitchells Plain illustreer die bruikbaarheid van neurowetenskaplike insigte en hoe dit leerders wat voorheen onderpresteerders was, tot suksesvolle akademiese prestasie gelei het. Daarbenewens kan dit leerders in staat stel om holisties te groei as volwaardige mense, verantwoordelike burgers van 'n samelewing wat met selfvertroue die toekoms kan tegemoet gaan en 'n verskil kan maak in hulle gemeenskappe. Die breingebaseerde-leer-projek is 'n goeie voorbeeld van hoe daar op klein skaal 'n groot verskil gemaak kan word. Daarom dink ek dat enige klein begin 'n groot verskil kan maak aan 'n samelewing wat gekenmerk word deur konflik, geweld en hebsug. Dit is presies hierdie boodskap wat in die verskuilde kurrikulum van die breingebaseerde-leer-projek onderliggend is wat dit so suksesvol maak.

In die tweede gevallestudie kom die aanleer van 'n *self-schooled habitus* (Joorst 2015) sterker na vore. Hier is die klem egter nie op die ingryping van onderwysers nie. Intendeel, volgens hierdie leerders is hulle skool vuil, sonder veel hulpbronne, en glad nie inspirerend van aard nie. Desnieteenstaande het elkeen van die vyf leerders 'n besondere manier van betekenisgewing gevind wat getuig van volhardende selfhandhawing ten spyte van wat die konteks hulle bied. Dit behels die verwerping van 'n *innerlike* emosionele veerkragtigheid wat hulle in staat stel om uiterlike omstandighede van armoede en minderbevoorregting te oorskry en self verantwoordelikheid op te neem vir eie aspirasies en die realisering daarvan. Uit die ryk data van hierdie gevallestudie blyk dit dat leerders deur middel van verbeelding, religie en emosionele veerkragtigheid optimaal van beskikbare hulpbronne in die gemeenskap gebruik gemaak het. Hierdie verkryging van veerkragtigheid en die wyse waarop hulle geleer het om menslike verhoudinge vrugbaar vir oorlewing in te span, het leerders bemagtig om alle vorme van 'n slagoffermentaliteit te bowe te kom. Joorst (2015) illustreer hoe die leerders die soms onoorkomelike uiterlike belemmeringe die hoof gebied het en ook aan hulle opvoedkundige aspirasies uiting gegee het. Sodoende het hulle hulself geposisioneer as aktiewe deelnemers binne hulle eie konteks en nie as slagoffers daarvan nie. Daarmee bring hulle verandering aan die *veld* en hulle eie habitus aan en kom 'n *self-schooled habitus* tot stand. Dit kom ooreen met die neurowetenskap se nosie van ontluikende eienskappe in die affektiewe domein wat deel is van ons evolusionêre verlede en wesensard as mense (Du Toit 2014).

Die heel belangrikste boodskap van die neurowetenskap word hierdeur bevestig, naamlik dat menslike gedrag nie ten volle begryp kan word sonder 'n holistiese verstaan van 'n unieke eenheidswese in sy interaksie met die wêreld, die konneksies tussen bewussyn en onderbewussyn, die wedersydse beïnvloeding van rede en emosie, rede en affek— ten diepste 'n misterie. Terselfdertyd blyk dit dat die affektiewe domein meer bepalend vir selfaktualisering en wording is as slegs ons kognitiewe vermoëns, omdat dit ons oorlewing, singewing en uiteindelijke vervulling as mense bepaal.

Ten slotte is die pleidooi van die neurowetenskap dat alle onderwysgebeure, insluitend die bepaling van beleid en kurrikulum, gevul sal word met die herontdekking van menslike geestelike sodat die oordrewe klem op meetbare prestasies kan plek maak vir meer betowering en 'n strewe na sinvolheid.

Bibliografie

Appadurai, A. 1996. *Modernity at large: Cultural dimensions of globalization*. Minneapolis: University of Minnesota Press.

Arbib, M. 1999. Towards a neuroscience of the person. In Russell (red.) 1999.

Barnett, R. 2015. *Thinking and rethinking the university: The selected works of Ronald Barnett*. Londen: Routledge Taylor and Francis Group.

Bourdieu, P. 1977. *Outline of a theory of practice*. Cambridge: Cambridge University Press.

—. 1984. *Distinction: A social critique of the judgement of taste*. Boston: Harvard University Press.

—. 1998. *Practical reason: On the theory of action*. Cambridge: Polity Press.

Bruner, J. 1996. *The culture of education*. Cambridge: Harvard University Press.

Christie, P. 2008. *Changing schools in South Africa: Opening the doors of learning*. Sandton: Heinemann.

Damasio, A. 1994. *Descartes' error: Emotion, reason, and the human brain*. New York: Putman Books.

—. 2003. *Looking for Spinoza: Joy, sorrow, and the feeling brain*. New York: Harvest.

De Beer, C.S. 2016. *Die krisis van die afwesige gees*. Pretoria: Malan Media

Doidge, N. 2007. *The brain that changes itself: Stories of personal triumph from the frontiers of brain science*. New York: NY Penguin.

Du Toit, C.W. (red.). 2002. *Brain, mind and soul: Unifying the human self*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

—. 2002. The metaphysical mind in its physical environment: Religious implications of neuroscience. In Du Toit (red.) 2002.

—. 2014. Emotion and the affective turn: Towards an integration of cognition and affect in real life experience. *HTS Theological Studies*, 70(1):50–65.

Du Toit, C.W. en C.P. Mason (reds.). 2006. *Secular spirituality as a contextual critique of religion*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Edelman, G.M. 1989. *The remembered present: A biological theory of consciousness*. New York: Basic Books.

Freeman, W. 1999. *How brains make up their minds*. Londen: Weidenfield & Nicholson.

Giddy, P. 2012. Philosophy for children: Developing a framework. *South African Journal of Education*, (32):15–25.

- Joorst, J. 2015. Towards a self-schooled habitus: High school students' educational navigations in an impoverished rural West Coast township. *Southern African Review of Education*, 21(2):53–68.
- Kriel, J. 2002. And the flesh became mind: Evolution, complexity and the unification of animal consciousness. In Du Toit (red.) 2002.
- Kruger, J.S. 2007. *Turning points in Buddhist mysticism and philosophy*. Pretoria: Aurora Press.
- Lakoff, G.A. en M. Johnson. 1999. *Philosophy in the flesh: The embodied mind and its challenge to Western thought*. New York: Basic Books.
- Merzenich, M. 2013. *Soft-wired: How the new science of brain plasticity can change your life*. San Francisco CA: Parnassus.
- Meyer, N. 2016. Onderhoud: Richard Stanley en Estelle Kruger se breingebaseerde-leerprojek. <http://www.litnet.co.za/onderhoud-n-brein> (15 Augustus 2016 geraadpleeg).
- Pillay, J. 2012. Keystone Life Orientation (LO) teachers: Implications for educational, social, and cultural contexts. *South African Journal of Education*, 30(2):167–77.
- Prozesky, M. 2006. Ethics, spirituality and the secular. In Du Toit en Mason (reds.) 2006.
- Russell, J.R. (red.) 1999. *Neuroscience and the person*. Vatican City State: Vatican Observatory Publications.
- Sankey, D. 2006. The neuronal synaptic self: Having values and making choices. *Journal of Moral Education*, 35(2):63–178.
- Snaevarr, S. 2010. *Metaphors, narratives, emotions. Their interplay and impact*. Amsterdam, NY: Rodopi.
- Teske, J.A. 2001. The genesis of mind and spirit. *Zygon*, 36(1):93–104.
- Wallace, R.K. en P.D. Nussbaum. 2012. Your brain is plastic. *Odyssey*, 36(1):68–71.
- Walmsley, G. 2002. Methodology, modalities of consciousness and the mind-body problem. In Du Toit (red.) 2002.
- Wetherell, M. 2012. *Affect and emotion*. Los Angeles: Sage.
- Yosso, J. 2005. Whose culture has capital? A critical race theory discussion of community cultural wealth. *Race, Ethnicity and Education*, 8(1):69–91.

Eindnota

¹ Ter wille van anonimiteit noem ek nie in hierdie afdeling persone se werklike name nie.

Afdeling: Regte

Vonnisbespreking: Die regspraak bevestig die gedingsvatbaarheid van afrokkeling as *iniuria*

Roberts v Van Schalkwyk en Roberts

2017-3-16 saaknr. 1984/2014 (FSB)

Johann Neethling

Johann Neethling, Departement Privaatreg, Universiteit van die Vrystaat

Abstract

Case law confirms the actionability of enticement as *iniuria*

In this case note the decision in *Roberts v Van Schalkwyk* has been evaluated against the positive law background of the delictual action for enticement. First of all Mhlambi J confirmed that the action is part of our law. To succeed with a claim for enticement, it is required that there must be a positive element of persuasion or convincing on the part of the third party that caused the spouse involved to lose his or her affection for the other spouse and persuaded him or her to leave the common home. The fact that adultery was also committed by the third party (which is no longer actionable), is not an impediment to institute an action for enticement against the third party. This is also evident from the judgment of the Supreme Court of Appeal in *DE v RH* 2014 6 SA 436 (SCA) 441. In *Roberts* it was also accepted that the action for enticement is the *actio iniuriarum* and therefore by implication also that enticement is an *iniuria* which lies in the wrongful, intentional infringement of the personality interests of the prejudiced spouse. Initially the plaintiff based her claim on two grounds, namely loss of *consortium* and *contumelia*, as was always the case as regards the action for adultery. These two grounds in the case of enticement can probably follow in the footsteps of their application with regard to adultery where they became well established over many years, but with two reservations: Firstly, it must be expressly recognised that loss of *consortium* hurts the feelings of the innocent spouse; fortunately there are indications that that is already occurring, such as in *Roberts*, where the plaintiff is claiming compensation for, *inter alia*, loss of *consortium* with the resultant hurting of her feelings. Secondly, in the case of adultery the concept of *contumelia* was incorrectly equated with insult or infringement of dignity. This narrow interpretation of *contumelia* can result, as happened with adultery, in there being no scope under this concept for the protection of other interests of personality. In order to remove this objection, it is submitted that *contumelia* should be seen as the equivalent of *iniuria*. This concept is wide enough to include the infringement of all the personality interests for which the plaintiff claimed compensation in *Roberts*, namely her

reputation, dignity, physical-mental integrity and even her feelings. Since enticement is considered to be an *iniuria*, the requirements of the *actio iniuriarum* must be present to establish liability on the part of the third party, that is conduct, causation, wrongfulness, *animus iniuriandi* and harm to personality.

Keywords: abduction; *actio iniuriarum*; adultery; *animus iniuriandi*; *consortium*; *contra bonos mores*; *contumelia*; dignity; enticement; feelings; harbouring; *iniuria*; personality rights (interests); physical-psychological integrity; reputation; wrongfulness

Trefwoorde: abduksie; *actio iniuriarum*; afrokkeling; *animus iniuriandi*; *consortium*; *contra bonos mores*; *contumelia*; eer(-gevoel); fisies-psigiese integriteit; gevoelslewe; herberging; *iniuria*; onregmatigheid; owerspel; persoonlikheidsregte (-goedere); reputasie

1. Inleiding

Tensy gades geskei van mekaar woon, geregteik of vrywillig, is die een geregtig op die *consortium* van die ander (*Rosenbaum v Margolis* 1944 WLD 147, 151; sien Neethling e.a. 2005:209, 212 oor die betekenis van hierdie begrip). 'n Derde party wat deur sy optrede die *consortium* verbreek, stel hom in beginsel teenoor die benadeelde gade aanspreeklik (sien *Rosenbaum* 151). Tot onlangs nog is owerspel, asook die afrokkeling, abduksie en herberging van 'n gade, as 'n gedingsvatbare verlies van *consortium* geag (sien Neethling e.a. 2005:253 e.v.). In *RH v DE* 2014 6 SA 436 (HHA) maak die Hoogste Hof van Appèl egter 'n radikale ommekeer, wat deur die Konstitusionele Hof in *DE v RH* 2015 5 SA 83 (KH) bekragtig word, en beslis dat owerspel nie langer as deliktueel onregmatig beskou kan word en gevolglik nie meer die *actio iniuriarum* kan fundeer nie. (Vir omvattende besprekings van hierdie beslissings, sien bv. Scott 2015:421 e.v.; Neethling 2016:259 e.v.; Neethling 2015:379 e.v.; Barnard-Naudé 2016:16 e.v.; Carnelley 2015:334 e.v.; Potgieter 2016:397 e.v. Die beslissings is onlangs ook deur die Namibiese Supreme Court in *Sibonga v Chaka* (SA 77/2014) [2016] NASC 16 (19 Augustus 2016) bekragtig.) In *RH v DE* (HHA) 455 (sien Neethling en Potgieter 2015:386; vgl. *DE v RH* (KH) 86) wou appèlregter Brand hom nie uitspreek oor die voortbestaan van afrokkeling, abduksie en herberging as aksiegronde nie. Nou is dit so dat, sover bekend, 'n gade nog nooit in ons reg 'n aksie op grond van die abduksie van die ander gade teen 'n ontvoerder ingestel het nie en dat die laaste geval van 'n aksie op grond van die herberging van 'n gade in 1958 (59 jaar gelede) voor 'n hof gedien het (sien *Woodiwiss v Woodiwiss* 1958 3 SA 609 (D); sien ook Neethling 2016:283). 'n Mens sou dus kon aanvoer dat hierdie twee aksies waarskynlik weens onbruik verval het. Dit is egter glad nie die geval wat die afrokkeling van 'n gade deur 'n derde party betref nie. (Sien nietemin Sonnekus 1976:129, 133, 258, 270, 276 e.v. se afwysende houding teen afrokkeling as eisorsaak.) In wat volg, word eers aandag aan die huidige stand van sake met betrekking tot afrokkeling gegee, en daarna word die beslissing in *Roberts* van naderby beskou.

2. Afrokkeling

'n Derde party pleeg 'n delik teenoor 'n eggenoot deur die ander eggenoot af te rokkel of weg te lok (vgl. in die algemeen *RH v DE* (HHA) 441; *Pearce v Kevan* 1954 3 SA 910 (D); *Woodiwiss*; *Van den Berg v Jooste* 1960 3 SA 71 (W); *Grobbelaar v Havenga* 1964 3 SA 522 (N); *Wassenaar v Jameson* 1969 2 SA 352 (W) 352; *Smit v Arthur* 1976 3 SA 378 (A) 387; *Gower v Killian* 1977 2 SA 393 (OK); *Diemer v Solomon* 1982 4 SA 13 (K); Neethling e.a. 2005:212 e.v.; McKerron 1971:168–9). Uit die aard van die saak moet die afrokkeling teen die sin en wil van die benadeelde eggenoot geskied (sien *Woodiwiss* 615–6). Baie belangrik is die vraag wanneer die gewraakte optrede op afrokkeling neerkom. In *Gower* 395 (sien ook *Smit* 387; *Van den Berg* 73; *Grobbelaar* 529; vgl. *Pearce* 912) verklaar regter Kannemeyer: “It must be shown that the defendant coaxed the plaintiff’s wife away from him, that he talked her over and persuaded her to leave him.” Daar moet dus 'n positiewe element van ompraat of oorreding aanwesig wees (sien *Woodiwiss* 617). In *Wassenaar* 352 (sien ook *RH v DE* (HHA) 441) stel die hof dit so:

According to the authorities, in order to prove such a delict, the applicant has to show not merely that his wife left him for the respondent, but that the respondent actually induced her to leave him, i.e. actively caused her to leave him, or as was stated in [*Van den Berg* 73], that he had coaxed her away from the applicant, that he had talked her over, or that he had persuaded her to leave the applicant, and as a result thereof she had lost her affection for him. That is usually a very formidable *onus* to discharge.

Hierdie element ontbreek byvoorbeeld in omstandighede waar die derde party op versoek van die eiser se gade haar geadviseer het om hom te verlaat (vgl. *Van den Berg* 72); of waar die eiser slegs kan bewys dat sy gade hom verlaat het na gereelde en voortdurende kontak met die derde party (sien *Woodiwiss*; *Gower* 395; *Grobbelaar* 529; *Smit* 387). Dit was beslis die geval in *RH v DE*, aangesien die eiser se gade hom nie as gevolg van die verweerder se oorredende optrede verlaat het nie, maar omdat albei partye uit eie beweging met mekaar in 'n romantiese verhouding betrokke geraak het. Dus, selfs al het die eiser sy eis ook op afrokkeling gebaseer, beslis regter Brand 441 tereg dat afrokkeling om hierdie rede nie sou geslaag het nie.

Hierteenoor bied die feite in *DS v VW* 2014-10-02 saaknr. 12537/2012 (GP) 'n voorbeeld van afrokkeling in die ergste graad. Hier was die eiseres (E) en haar man (M) gelukkig getroud totdat die verweerderes (V) op die toneel verskyn het. E het deur haar seun ontdek dat M en V in 'n owerspelige verhouding betrokke geraak het. Sy het M daarvoor gekonfronteer, waarna hy die gemeenskaplike woning verlaat en by V ingetrek het. V het E ingelig dat sy en M “madly in love” is en het selfs 'n foto van haar vagina (m.a.w. 'n “pelfie”) aan M gestuur via hul selfone wat die seun onder E se aandag gebring het. Sy het E ingelig dat sy die ring sal dra sodra E en haar man geskei is, daarmee gespog dat E van haar man se mediese fonds verwyder is, 'n foto op haar (V) se Facebook-blad geplaas waarin sy (V) en M mekaar soen, en te kenne gegee dat sy M nooit sal verlaat nie. V was dus oteenseglik daarop ingestel om E se huwelik te vernietig. Regter Msimeki kom tot die volgende slotsom en ken R85 000 *solatium* aan E toe:

The plaintiff successfully proved the defendant’s wrongful conduct; her intention to destroy the plaintiff’s marriage; her intention to humiliate the plaintiff as well as hurting her feelings; the adulterous relationship which came into being and which

caused the abrupt end to the plaintiff's and her ex-husband's marital relationship. *The defendant intended to win the plaintiff's ex-husband for her own gratification. She succeeded.*(My kursivering)

Dit behoef geen betoog nie dat V se laakbare gedrag, ongeag haar owerspel met M, daarop ingestel was om M af te rokkel en dat E ook op hierdie grond teen V behoort te geslaag het. Daarom behoort 'n hof, selfs na die beslissings in *RH v DE* en *DE v RH*, steeds genoegdoening aan E toe te ken.

Dieselfde kan van die feite in *KG v AG* 2009-08-20 saaknr. 270/2006 (KZP) gesê word (sien ook *Van der Westhuizen v Van der Westhuizen* 1996 2 SA 850 (W); Scott 2015:424). Hier het die eiseres (E) se man (M) in 'n owerspelige verhouding met die verweerderes (V) betrokke geraak nadat hulle gedurende 'n langnaweek heimlik weggegaan het. Voor dié verhouding was die gades gelukkig getroud en twee kinders is uit die huwelik gebore. V het E by verskillende geleenthede gebel en voorgestel dat sy M moet verlaat, aangesien sy (V) 'n verhouding met hom het. By een geleentheid het sy selfs te kenne gegee dat sy in E se bed in die gades se gemeenskaplike woning geslaap het. 'n Ander keer het V herhaal dat sy M liefhet en dat sy 'n kind by hom gehad het. Boonop het sy haar kop deur die passasiersvenster van die voertuig waarin E en haar kinders was, gedruk en die kinders vertel dat hulle nou 'n babasussie het. Hierbenewens blyk dit dat V ook M se sportwinkel herhaaldelik besoek en die indruk gewek het dat sy "was chasing after him" en dus aktief daarop ingestel was om hom af te rokkel. Waarnemende regter Hollis beslis dat V se gedrag, veral ook omdat dit openlik geskied en ander persone betrek het, "a serious infringement of the plaintiff's rights" (te wete *contumelia*, verlies van *consortium* en afrokkeling) daargestel het en ken R75 000 *solatium* toe. Daar word aan die hand gedoen dat selfs al is owerspel op sigself nie meer onregmatig nie, die afrokkeling van M so ernstig was dat dit 'n selfstandige eisorsaak daarstel en daarom op sigself die toekenning van genoegdoening regverdig het.

Uit bostaande blyk dit dat 'n mens dus geheel en al op die omringende omstandighede aangewese om te bepaal of die vervreemding of verlating die gevolg was van die derde party se oorredende optrede, dan wel of dit uit eie beweging geskied het.

Alhoewel dit vasstaan dat afrokkeling 'n selfstandige skuldoorsaak uitmaak, het die hof hulle nog selde uitgelaat oor die vraag of dié optrede 'n *iniuria* daarstel, wat omskryf word as die onregmatige en opsetlike aantasting van 'n persoonlikheidsbelang (sien *Hofmeyr v Minister of Justice* 1993 3 SA 131 (A) 154). Nietemin word in *RH v DE* 455 deur die Hoogste Hof van Appèl aanvaar dat die aksie weens afrokkeling op die *actio iniuriarum* gebaseer is en by implikasie dat afrokkeling dus 'n *iniuria* daarstel. Die *actio iniuriarum* word deur regter Madlanga in *DE v RH* (KH) 86 vn. 5 soos volg beskryf:

This is the general remedy for the infringement of personality rights. Its main aim is to protect plaintiffs against wrongful and intentional infringement of these rights and allow for the recovery of damages if infringement is proved. Under Roman-Dutch law, the personality rights protected by this action are bodily integrity (*corpus*), dignity (*dignitas*) and reputation (*fama*) ... *Dignitas* essentially functions as an umbrella for all personality rights apart from physical integrity and good name and includes the concept of *contumelia*.

(Sien ook Neethling 2006:85 e.v.; Neethling en Potgieter 2015:13–6; Neethling e.a. 2005:39 e.v.)

In die geval van afrokkeling word die betrokke persoonlikheidsgoedere nie geïdentifiseer nie, aangesien die aksie meesal op verlies van *consortium* gebaseer word en daarmee uit en gedaan. Dit is nietemin duidelik dat verlies van *consortium* die onskuldige gade se persoonlikheid krenk, primêr wat sy of haar gevoelslewe betref. In *Van den Berg* 73 verwys die hof in hierdie verband na die verlies van die liefde van 'n gade as 'n element van verlies van *consortium*. 'n *Obiter dictum* van appèlregter Innes in *Union Government v Warneke* 1911 AD 657, 667 onderskryf hierdie opvatting. Hy sê naamlik:

The loss of a wife's comfort and society (as distinguished from her support and assistance) is a loss which only affects the feelings and not the property of the husband ... The cases referred to in the judgement, where damages were awarded for depriving a man of the society of his wife, were actions of iniuria. In such proceedings, as already explained, damages may be given by way of satisfaction to the feelings. (My kursivering)

In *RH v DE* 453 is appèlregter Brand krities oor die erkenning van die gevoelslewe as selfstandige persoonlikheidsgoed. Hierdie kritiek gaan egter nie op nie (sien veral Potgieter 2016:397 e.v.; sien o.a. ook *Van der Merwe v Road Accident Fund (Women's Legal Centre Trust as amicus curiae)* 2006 4 SA 230 (KH) 253; *Wiese v Moolman* 2009 3 SA 122 (T) 124–6; Neethling 2015:404–5; Neethling 2016:277–9; Neethling en Potgieter 2015:383–4, veral vn. 317; Neethling e.a. 2005:29, 201–4). Afgesien van krenking van die gevoelslewe, kan die persoonlikheidskrenking ook geleë wees in die aantasting van die gekwetste gade se eer of selfs haar fisiese integriteit (soos waar die vrou 'n senuwee-ineenstorting a.g.v. die afrokkeling van haar man gehad het). Hierdie persoonlikheidskrenkinge bevestig dat afrokkeling in beginsel 'n *iniuria* is.

Aangesien afrokkeling as 'n *iniuria* geld, moet die vereistes vir die *actio iniuriarum* aanwesig wees om die derde party aanspreeklik te stel. Daar kan aanvaar word dat indien die verweerder se optrede werklik neerkom op die afrokkeling van die eiser se gade, wat veroorsaak het dat sy die gemeenskaplike woning verlaat het (voldoening aan die handeling en kousaliteit as deliksvereistes), asook dat by afrokkeling die subjektiewe gevoels- of eerkrenking van die eiser in beginsel sodanig is dat die redelike persoon ook as gevolg daarvan beledig en gekrenk sou gevoel het (vgl. Neethling en Potgieter 2015:379, 384 vn. 317), sy optrede as *prima facie* onregmatig (*contra bonos mores*) geag kan word. Onregmatigheid kan weerlê word slegs indien die verweerder 'n regverdigingsgrond (soos toestemming, noodweer of noodtoestand) vir sy optrede kan aantoon. Hierbenewens moet die eiser bewys dat die afrokkeling *animo iniuriandi* (opsetlik) geskied het en dat hy persoonlikheidsnadeel (soos gevoels- of eerkrenking) gely het (sien hieroor Neethling e.a. 2005:214–6; Neethling en Potgieter 2015:386–7). In laasgenoemde verband moet dit vasstaan dat die onskuldige gade se persoonlikheid inderdaad as gevolg van die afrokkeling aangetas is. Indien nie – omdat sy byvoorbeeld nie gekrenk of beledig voel nie – is daar, soos die posisie by owerspel was (sien Neethling e.a. 2005:209–10), natuurlik nie sprake van 'n *iniuria* nie. Beantwoord die verweerder se optrede aan al die vereistes vir die *actio iniuriarum*, is die eiser geregtig op genoegdoening.

3. *Roberts v Van Schalkwyk*

Soos blyk uit die bespreking van *DS v VW* en *KG v AG* hier bo, asook uit die aandag wat appèlregter Brand in *RH v DE* daaraan gee, is afrokkeling as aksiegrond nog springlewendig in ons reg. Nietemin is die beslissing in *Roberts* die eerste – na die afskaffing van owerspel as aksiegrond in *RH v DE* (HHA) en *DE v RH* (KH) – waarin die bestaan van afrokkeling as selfstandige aksiegrond in ons reg weer onomwonde bevestig word.

In *Roberts* het die respondent (eiseres) vergoeding van die eksipiënt (verweerderes) geëis weens die verlies van haar man se *consortium* as gevolg van die eksipiënt se afrokkeling en *contumelia*. Volgens die eksepsie het die respondent se besonderhede van eis egter nie 'n aksiegrond openbaar nie. Daar word geargumenteer (par. 2) dat die eis gebaseer is op die *actio iniuriarum* weens owerspel ingevolge waarvan die onskuldige gade 'n aksie kon instel vir sowel *contumelia* as verlies van *consortium*. Sodanige aksie bestaan egter nie meer in die Suid-Afrikaanse reg nie. Volgens die besonderhede van eis word slegs melding gemaak dat die verweerderes bewus daarvan was dat die eiseres en haar man in die huwelik verbind was, en dat die verweerderes desnieteenstaande doelbewus daarop uit was om hom te verlei ten einde 'n buite-egtelike verhouding met haar aan te knoop (my parafrasing). Daar is geen blyke daarvan dat afrokkeling daarop gerig moet wees om die gade oor te haal om die gemeenskaplike woning te verlaat en nie om 'n buite-egtelike verhouding aan te knoop nie. Nietemin gee die eksipiënt toe (par. 3) dat die woord “afrokkel” op 'n latere plek in die besonderhede van eis genoem word en wel soos volg: Die verweerderes was doelbewus daarop uit om die eiseres se man af te rokkel en sodoende die huwelik tussen die eiseres en haar man te vernietig, waarin sy geslaag het (my parafrasing). Volgens die eksipiënt (parr. 3–4) is die eis wesenlik gebaseer op afrokkeling as morfeem van owerspel wat as aksiegrond in *RH v DE* en *DE v RH* afgeskaf is.

Hierteenoor argumenteer die respondent (par. 5) in die besonderhede van eis dat sy die eksipiënt aangespreek het op grond van afrokkeling as deliktuele skuldoorsaak en dat sy vergoeding eis vir die verlies van die *consortium* van haar man en *contumelia*. Haar eis is dus geensins op owerspel as aksiegrond gebaseer nie. Met verwysing van *Wassenaar* 349 en *RH v DE* 441 is afrokkeling aanwesig (par. 6)

when a third party persuades or induces a spouse to alienate itself from the other spouse. To succeed with the delict for enticement, the plaintiff must show that his wife left him for the defendant, that the defendant had persuaded her to leave him, as a result of which she had lost her affection for him.

Die respondent sit dan die feite waarop haar eis gebaseer is, soos volg in die besonderhede van eis uiteen (par. 7; my parafrasing): Die eiseres is in 1994 met haar man Willem van Schalkwyk getroud totdat die huwelik in 2013 deur middel van 'n egskeidingsbevel ontbind is. Gedurende die bestaan van die huwelik was die egpaar gelukkig getroud. In 2013 het Willem die eiseres om 'n egskeiding versoek. Die vernaamste rede daarvoor was volgens Willem dat hul huwelik onherstelbaar verbrokkel het omdat hy nie meer gelukkig was nie. Kort na die egskeiding het die eiseres daarvan bewus geword dat die vernaamste en eintlike rede waarom Willem die egskeiding versoek het, was omdat hy tydens hulle huwelik 'n buite-egtelike verhouding met die verweerderes gehad het en tans nog het. Die eiseres voer aan dat sy 'n welbekende persoon in die wildboerderygemeenskap is en dat as gevolg van die verweerderes se bovermelde optrede haar lewenskwaliteit, karakter en menswaardigheid in

die wildboerderygemeenskap en ten opsigte van familieledede direk aangetas is. Gevolglik is die eiseres deur die verweerderes verneder. Die eiseres beweer dat sy skade van R1 500 000 gelyk het vir die verlies van *consortium*, seermaak van gevoelens, aantasting van haar waardigheid en vernedering in die publieke oog. Boonop is die eiseres sedert die egskeiding as gevolg van bogemelde optrede deur die verweerderes onder behandeling vir depressie en angs.

Hierop (par. 7) ontken die verweerderes in haar besonderhede van eis dat sy 'n owerspelige verhouding met die eiseres se vorige eggenoot gehad het en/of steeds het, en sy ontken ook iedere en elke bewering soos hier bo uiteengesit.

Regter Mhlambi (par. 9) wys die eksepsie van die hand en verklaar:

Enticement, abduction and harbouring as common law actions deriving from the *actio iniuriarum* are still part of our law [*RH v DE* 455]. I am therefore satisfied that the requirements necessary to constitute a cause of action based on enticement are disclosed in the particulars of claim.

4. Kommentaar en slotsom

In eerste instansie bevestig die hof in *Roberts* dat die aksie weens afrokkeling deel van ons reg is. Vir 'n geslaagde beroep op afrokkeling word steeds vereis dat daar 'n positiewe element van ompraat of oorreding deur die derde aanwesig moet wees wat die betrokke gade van haar man of sy vrou vervreem het en oorreed het om die gemeenskaplike woning te verlaat. Die feit dat daar in 'n bepaalde geval ook owerspel deur die derde party gepleeg is (wat nie meer gedingsvatbaar is nie), is nie 'n beletsel om 'n aksie op grond van afrokkeling teen die derde party in te stel nie. Dit blyk ook duidelik uit die uitspraak in *DE v RH* (HHA) 441. Die hof aanvaar dat die aksie weens afrokkeling die *actio iniuriarum* is en daarom by implikasie ook dat afrokkeling 'n *iniuria* daarstel wat geleë is in die onregmatige, opsetlike aantasting van die benadeelde gade se persoonlikheidsbelange. Aanvanklik baseer die eiseres *in casu* haar eis op twee gronde, naamlik verlies van *consortium* en *contumelia*, soos immer die geval by die aksie weens owerspel was (sien Neethling e.a. 2005:208–9; Neethling en Potgieter 2015:385; *RH v DE* 441–3; *DE v RH* 85–6). Hierdie twee gronde by afrokkeling kan waarskynlik in die voetspore van die toepassing daarvan by owerspel volg waar hulle oor baie jare goed gevestig geraak het, maar met twee voorbehoude: Eerstens moet openlik erken word dat verlies van *consortium* die gevoelslewe van die onskuldige gade kwets; gelukkig is daar aanduidings dat dit reeds gebeur, soos in *Roberts*, waar die eiseres vergoeding eis vir onder andere verlies van *consortium* met die gevolglike seermaak van haar gevoelens. Tweedens is die begrip *contumelia* by owerspel ten onregte gelyk geskakel met eerskending of belediging. Hierdie eng uitleg van *contumelia* kan tot gevolg hê, soos reeds die geval by owerspel was, dat daar onder hierdie begrip geen ruimte gelaat word vir die beskerming van ander aspekte van die persoonlikheid nie (vgl. Neethling e.a. 2005:208–9). Ten einde hierdie beswaar uit die weg te ruim, word aan die hand gedoen dat *contumelia* verstaan moet word as optrede wat 'n ander se persoonlikheidsregte opsetlik minag of krenk (sien hieroor Neethling e.a. 2005:44–5), dit wil sê as 'n *iniuria*, soos dit in *D 47 10 1 pr* gestel word: *Specialiter autem iniuria dicitur contumelia*. Hieronder kan dan al die persoonlikheidsgoedere waarvoor die eiseres vergoeding eis, te wete haar reputasie (vernedering in die publieke oog), eergevoel

(waardigheid), haar fisies-psigiese integriteit (depressie en angs) en selfs haar gevoelslewe (seermaak van gevoelens) goedsikks tuisgebring word. Aangesien afrokkeling as 'n *iniuria* geld, moet die vereistes vir die *actio iniuriarum* aanwesig wees om die derde party aanspreeklik te stel, te wete die handeling, kousaliteit, onregmatigheid, *animus iniuriandi* en persoonlikheidsnadeel.

Bibliografie

- Barnard-Naudé, J. 2016. The pedigree of the common law and the “unnecessary” constitution: A discussion of the Supreme Court of Appeal’s decision in *RH v DE*. *South African Law Journal*, 133(1):16–28.
- Carnelley, M. 2015. Die doodskoot of slegs die verwonding van die eise teen die derdeparty-egbreker? *LitNet Akademies*, 12(2):334–46.
- Koziol, H. en U. Magnus (reds.). 2016. *Essays in honour of Jaap Spier*. Wene: Jan Sramek Verlag.
- Mckerron, R.G. 1971. *The law of delict*. 7de uitgawe. Kaapstad: Juta.
- Nagel, C.J. (red.). 2006. *Gedenkbundel vir JMT Labuschagne*. Durban: LexisNexis.
- Neethling, J. 2006. Die betekenis en beskerming van die eer, *dignitas* en menswaardigheid in gemeenregtelike en grondwetlike sin. In Nagel (red.) 2006.
- . 2015. Owerspel as gedingsvatbare aksiegrond. *LitNet Akademies*, 12(2):397–415.
- . 2016. Adultery as actionable tort – a South African perspective. In Koziol en Magnus (reds.) 2016.
- Neethling, J. en J.M. Potgieter. 2015. *Neethling-Potgieter-Visser Deliktereg*. 7de uitgawe. Durban: LexisNexis.
- Neethling, J., J.M. Potgieter en P.J. Visser. 2005. *Neethling’s law of personality*. 2de uitgawe. Durban: LexisNexis Butterworths.
- Potgieter, J.M. 2016. Die reg op die gevoelslewe (en die moontlike relevansie daarvan by ’n aksie weens owerspel). *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, 3:397–411.
- Potgieter, J.M., J.C. Knobel en R.-M. Jansen (reds.). 2015. *Essays in honour of / Huldigingsbundel vir Johann Neethling*. Durban: LexisNexis.
- Scott, J. 2015. Delictual liability for adultery: a healthy remedy’s road to perdition. In Potgieter, Knobel en Jansen (reds.) 2015.
- Sonnekus, J.C. 1976. Die privaatregtelike beskerming van die huwelik. Ongepubliseerde LLD-proefskrif, Universiteit van Leiden.

Skoonlief en die ondier: 'n Onderzoek na die nut van aanlyn bemiddeling in gesinsgeskille in Suid-Afrika

Amanda Boniface en Andreas Velthuisen

Amanda Boniface, Departement Privaatreg, Universiteit van Johannesburg
Andreas Velthuisen, Institute for Dispute Resolution in Africa (IDRA), Regskollege,
Universiteit van Suid-Afrika

Opsomming

Die vertrekpunt van hierdie bespreking is die belangrikheid van die gebruik van tegnologie om individue se lewens te vergemaklik en te verbeter. Gevolglik kan daar gevra word: “Sal aanlyn bemiddeling voordelig vir Suid-Afrika wees?” Hierdie artikel ondersoek die Suid-Afrikaanse wetgewende bepalings rakende gesinsbemiddeling binne ons land se sosiale konteks. Laastens word sowel die waarde van aanlyn bemiddeling in gesinsgeskille as die voor- en nadele van aanlyn bemiddeling vir Suid-Afrika ondersoek. Daar word uiteindelik bevind dat aanlyn bemiddeling steeds nie dieselfde voordele as tradisionele bemiddeling, wat van aangesig tot aangesig geskied, bied nie. Desnieteenstaande kan aanlyn bemiddeling voordelig wees in gevalle waar bemiddeling oor 'n lang afstand moet plaasvind. Die artikel maak ook enkele aanbevelings aangaande vertroulikheid en privaatheid, asook aangaande riglyne vir die insluiting van minderjariges, tradisionele gewoontes (gewoontereg) en gemeenskapsgebaseerde bemiddelaars in die bemiddelingsproses.

Trefwoorde: aanlyn bemiddeling; alternatiewe geskilbeslegting; bemiddeling; gesinsgeskille; gewoontereg

Abstract

Beauty and the beast: An investigation of the usefulness of online mediation in family disputes in South Africa

This work was inspired by the need for online mediation in South Africa, particularly in remote areas of our country where there is a lack of qualified mediators. The discussion has as its starting point the recognition that the use of technology is important to improve the lives of people. Subsequently the question is asked whether online mediation will be beneficial for South Africa. Online mediation needs to benefit its users. Originally online

mediation was used to resolve disputes in e-commerce transactions. The online mediation referred to in this article is similar to traditional mediation, but makes use of technology in the mediation process. In the online mediation process both parties can fill out forms identifying the problem and the mediator can propose a solution. If the parties are not satisfied with the proposed solution they can make use of a chatroom to have an online mediation session with the mediator. The role that the mediator fulfils in online mediation is similar to the role played by a traditional mediator; the difference is that, unlike in traditional mediation, in online mediation the mediator is not physically in the same room as the mediation participants.

The discussion starts with examining the provisions of South African legislation on family mediation, moving to an explanation of the social context of South Africa. The Children's Act 38 of 2005 makes particular provision for mediation. In particular, section 6(4) of the act stipulates that in any matter concerning children a conciliatory approach should be used and confrontation should be avoided. In certain instances mediation is compulsory in terms of, for example, section 2(1) of the Children's Act. Section 33(2) and (5) state that before parties approach a court, the parties entering into a parenting plan must first make use of the services of a family advocate, social worker, psychologist or other suitably qualified person. The Children's Act also makes provision for lay forum hearings and family group conferences. Of course, the best interests of the child, as stipulated in section 28(2) of the Constitution, must always be taken into consideration in every matter concerning the child – this will also be the case during online mediation, just as it is in traditional face-to-face mediation. The child also has the right to be heard during the mediation process. Thus the provisions of both South African legislation and international documents such as the Convention on the Rights of the Child must be complied with and implemented during the online mediation process.

In South Africa humanistic values such as respect for others must be taken into consideration. Positive values that can be associated with *ubuntu/botho*, including humanistic morality, inter-dependency and individual responsibility, form the moral basis of individual and community values. Within this context, mediators must be facilitators who have integrated holistic and trans-disciplinary insights and abilities. Mediators need to understand the humanistic values of a community in the process of transformation.

One of the greatest challenges in South Africa is the unequal access to basic services in the different demographic segments of the community. The National Development Plan, 2030 aims to eliminate poverty and to drastically reduce inequality by 2030. It is expected of the Department of Telecommunications and Postal Services to use technology for the improvement of service delivery and to address inequality and poverty. A key area regarding connectivity is the universal, affordable and equitable access to communication infrastructure by all South Africans. The digitisation of information and communication can lead to cultural change, particularly with regard to the way in which people communicate and work on a daily basis. There are indications that South Africa will soon experience an internet revolution, where almost six million internet users will have access to the internet through their cell phones.

The value of online mediation for family disputes in South Africa is discussed, exploring the advantages and disadvantages of online mediation in South Africa. The advantages of online mediation include many of the advantages of traditional mediation. The mere presence of a mediator will help the parties to talk to one another. Additionally, mediation allows for the

parties to “vent”. Another advantage of online mediation is that children can be included in the online mediation process, thus fulfilling their right to be heard. But there is a need for regulations to be developed that regulate online mediation in particular. It has been found that online mediation in South Africa is still not suitable for offering the same benefits as traditional face-to-face mediation. However, online mediation can be advantageous as an option where mediation has to be over a long distance.

Some recommendations are made concerning confidentiality, privacy and legal guidelines for the inclusion of children and the inclusion of traditional customs and the involvement of community-based mediators. It is acknowledged that technology can be important in the improvement of the quality of lives of people. However, online mediation is still in its infancy in South Africa and must be developed and refined. Video conferencing can be used in South Africa as well, as the infrastructure for video conferencing exists. However, video conferencing does not always have the same benefits as one-on-one mediation. Legislation is also needed to provide rules for the regulation of confidentiality and privacy during online mediation. The existing forms of mediation in communities, such as the traditional community-based mediators who work in community centres, must be expanded to enable community mediators to mediate in family disputes in accordance with traditional mediators. It is proposed that the inclusion of traditional values can be done in online mediation, just as it can be done in face-to-face mediation. Additionally, community mediators need to have regard to the provisions of relevant legislation. In other words, there must be a marriage between the practices of the modern law, including the use of online mediation, and customary law.

Keywords: alternative dispute resolution; customary law; family mediation; mediation; online mediation

1. Inleiding

Hierdie werk is geïnspireer deur die behoefte aan aanlyn bemiddeling wat in Suid-Afrika geïdentifiseer is, veral in verafgeleë gebiede van die land waar daar ’n gebrek aan toegang tot gekwalifiseerde bemiddelaars is. Nietemin het die ontslape Steve Jobs gewaarsku dat tegnologie nie die wêreld verander nie. Tegnologie kan ’n mens se lewe wel makliker maak en ’n mens in kontak bring met persone wat hul andersins nie sou kon bereik nie, maar dit sou ’n wanvoorstelling wees om te beweer dat tegnologie altyd alles verbeter. “Things don’t have to change the world to be important.”¹ Dit is veral in die Suid-Afrikaanse konteks, waar ’n groot deel van die bevolking nie toegang tot informasie- en kommunikasietegnologie geniet nie, dat versigtig te werk gegaan moet word in die toepassing van tegnologie sonder om dit daadwerklik te ondersoek. Indien aanlyn bemiddeling goedsmoeds as oplossing aangewend word, kan dit maklik in ’n “ondier” ontaard, tot nadeel van elke een of meer betrokkenes (die “Skoonlief” in ons “verhaal”).² Dit is veral belangrik dat die benadeling van gesinne, en veral kinders, verhoed word en dat duidelike voordele na vore moet kom.

Met hierdie waarskuwing in gedagte, maar met erkenning van die belangrikheid van tegnologie vir die verbetering van individue se daaglikse bestaan, kan daar egter gevra word: “Sal aanlyn bemiddeling voordelig vir Suid-Afrikaners wees?”

Om hierdie vraag te beantwoord, bestaan daar 'n behoefte om beide die voor- en nadele van aanlyn bemiddeling te ondersoek en dit binne 'n spesifieke nasionale, sosiale en regs konteks te plaas. Eerstens moet ondersoek word of aanlyn bemiddeling aan Suid-Afrika se wetgewende bepalings voldoen. Verder moet die sosiale konteks hier te lande oorweeg word om die aanvaarbaarheid en praktiese uitvoerbaarheid van aanlyn bemiddeling in gevalle waar gesinne betrokke is, te bepaal. Gevolglik is die doel van hierdie bespreking om die nut van aanlyn bemiddeling in gesinsgeskille in Suid-Afrika uit te lig.

Om hierdie doel te bereik moet teoretiese begrippe soos *bemiddeling*, *aanlyn bemiddeling*, *gesinsbemiddeling* en die rol van die bemiddelaar in aanlyn bemiddeling verduidelik word. Die toepaslike Suid-Afrikaanse wetgewing, onder meer die bepalings van die Kinderwet 38 van 2005 en die hoftoegevoegdebemiddelingsreëls, word as die regsraamwerk aangebied waarbinne aanlyn bemiddeling moet geskied. 'n Aantal belangrike waardes wat in die Suid-Afrikaanse konteks in ag geneem moet word, word hierna bespreek. Laastens word die voor- en nadele van aanlyn bemiddeling in Suid-Afrika ondersoek, gevolg deur spesifieke gevolgtrekkings en aanbevelings.

2. Teoretiese begrippe in verband met aanlyn bemiddeling

2.1 Bemiddeling

Bemiddeling is 'n onderhandelingsproses wat samewerkend van aard is en waar die bemiddelaar die partye in die onderhandeling bystaan met die doel om 'n ooreenkoms of skikking te bereik.³ Dit kan ook gedefinieer word as

the intervention in a negotiation or a conflict of an acceptable third party who has limited or no authoritative decision-making power, but who assists the involved parties in voluntarily reaching a mutually acceptable settlement of the issues in dispute.⁴

Bemiddeling kan ook deel van 'n herstellingsproses⁵ uitmaak, wat enige proses behels waarin die slagoffer, die oortreder en/of enige ander individue of lede van die gemeenskap wat deur 'n misdaad geaffekteer is, aktief saam betrokke is by die oplos van aangeleenthede wat uit die misdaad voortgespruit het, dikwels met die hulp van 'n regverdige en onpartydige derde party. Die bemiddelingsproses is betreklik informeel, veral indien dit met die hofproses vergelyk word, en dit is ook 'n private aangeleentheid.⁶ 'n Ooreenkoms wat tussen die partye tot die bemiddelingsproses bereik is, kan deur die bemiddelaar of hul prokureur(s) opgestel word.⁷

2.2 Gesinsbemiddeling

Gesinsbemiddeling is 'n proses waarin die bemiddelaar, wat altyd onpartydig moet wees,⁸ die partye bystaan om 'n ooreenkoms te bereik wat die behoeftes en regte van al die gesinslede erken. Om hierdie doel te bereik, moet die bemiddelaar verskeie metodes, soos herfrasering, empatiese luistervaardighede en magsbalansering (*power balancing*), inspan.⁹ Die bemiddelaar is nie 'n gesinsterapeut nie, maar kan wel voorstel dat die gesin van terapie gebruik maak.¹⁰ Dit is belangrik om hierdie benadering in gedagte te hou wanneer aanlyn

bemiddeling oorweeg word, aangesien daar binne die grense van bepaalde reëls en beginsels opgetree moet word. Enkele van hierdie beginsels is onder meer die vereiste dat bemiddeling binne die grense van die reg moet geskied¹¹ en dat dit (behalwe die uitkoms daarvan in die vorm van die skikkingsooreenkoms) privaat en vertroulik moet wees.¹² Verder kan bemiddelaars hul kliënte ook na lede van ander beroepe verwys, aangesien bemiddeling 'n multidissiplinêre veld is.¹³

Aangesien bemiddeling “geslote” of “oop” kan plaasvind, moet daar vooraf besluit word welke vorm die aanlyn bemiddeling moet aanneem.

3. Aanlyn bemiddeling

3.1 Inlywing van tegnologie in bemiddeling

Aanlyn bemiddeling is soortgelyk aan tradisionele bemiddeling, maar maak gebruik van tegnologie.¹⁴ Dit is al gedefinieer as “the use of technology to assist parties with the resolution of a dispute outside the courtroom”¹⁵ en as “resolving disputes on the Internet”. Aanlyn bemiddeling kan in die konteks van geskilvoorkoming, ombudsmanprogramme, spontane onderhandeling, arbitrasie en deskundige vasstellings gebruik word.¹⁶ Brennan¹⁷ meen dat onderhandeling, bemiddeling en arbitrasie 'n versameling van uiteenlopende prosedures omvat wat die voorkoming, bestuur en beslegting van geskille in die aanlyn omgewing behels.

Aanlyn geskilbeslegting, wat ook aanlyn bemiddeling insluit, is aanvanklik ontwikkel vir geskille binne die veld van e-handel.¹⁸ Hierdie e-handelsgeskille ontstaan dikwels tussen individue van verskillende lande en is geskille met 'n relatief lae waarde.¹⁹ Een van die eerste aanlyngeskilbeslegtingsprogramme is die Online Ombudsman Office²⁰ waar geskille besleg word via 'n aanlyn e-pos-proses deur 'n ombudsman.²¹ Aanlyn bemiddeling kan gebaseer wees op e-posse, webgebaseerde kletskamers en kitsboodskappe (*instant messaging*) en/of videokonferensies.²² Volledig geoutomatiseerde bemiddelingsprosesse kom ook voor.^{23 24}

Die gebruik van aanlyn geskilbeslegting het egter verder as blote e-handel uitgebrei, hoewel webtuistes wat bemiddeling aanbied, veral egskeidingsbemiddeling, nie algemeen is nie.²⁵ 'n Voorbeeld van sodanige webtuiste kan gevind word by <http://themediationonline.com> en bied partye drie bemiddelingsopsies: tradisionele (“een-tot-een”) bemiddeling, “doen dit self”-bemiddeling, of aanlyn bemiddeling.²⁶ Voorheen kon aanlyn geskilbeslegting nie werklik van videokonferensies gebruik maak nie, weens probleme met bandwydte,²⁷ maar verbeterings in tegnologie het hierdie posisie beduidend verbeter.

Hierdie vorme van aanlyn bemiddeling sal egter nie altyd geskik wees vir die beslegting van gesinsgeskille nie. In die geval van gesinsbemiddeling sal die een party byvoorbeeld eers 'n vorm invul. Die bemiddelaar sal dan die vorm oorweeg en die ander party kontak. Indien die ander party aan die bemiddelingsproses wil deelneem, moet hy of sy ook 'n vorm invul. Indien die dispuut steeds nie opgelos is nie, sal die bemiddelaar die partye help om die geskilpunte te bepaal, hul belange te verwoord en moontlike oplossings te identifiseer.²⁸ Die bemiddelaar sal met die partye in bepaalde “(klets)kamers” of op kanale met wagwoorde kommunikeer. Daar kan ook twee kanale wees: een vir private gesprekke tussen een van die

partye en die bemiddelaar, en 'n ander kanaal vir algemene gesprekke tussen die partye en die bemiddelaar.

3.2 Die rol van die bemiddelaar in aanlyn bemiddeling

Volgens Brennan²⁹ is aanlyn bemiddeling in verskeie opsigte soortgelyk aan tradisionele bemiddeling. Voor die aanvang van die bemiddeling moet partye ooreenkom oor die voorwaardes of reëls van hul bemiddelingsproses; die bemiddelaar gaan die dokumente na en bepaal die geskilpunte; en die partye word gevra om hul eie oplossings vir die probleme voor te stel. Die bemiddelaar staan die partye by deur die geskilpunte met hulle te bespreek, te ontleed en te sintetiseer. Die bemiddelaar poog dan om 'n voorstel wat beide partye tevrede sal stel, te ontwikkel. Elke party word hierna 'n geleentheid gegee om te reageer of vrae te vra en hierdie proses duur voort totdat 'n skikking bereik is. Aan die einde van die proses voltooi die bemiddelaar 'n geskilafhandelingsvorm (*dispute closure form*) wat die bepalinge van die ooreenkoms uiteensit. Om geldig en afdwingbaar te wees, moet enige ooreenkoms wat bereik is, in ooreenstemming met die reg wees. Die partye mag ook te eniger tyd die bemiddeling opskort en hulle na 'n gepaste hof wend.

Uit die voorgaande bespreking kan afgelei word dat daar bepaal moet word hoe bemiddelaars in die aanlyn bemiddelingsproses geïnkorporeer behoort te word. Bemiddelaars wat bestaande sosiaalnetwerkverhoudings met partye kan hê, ten spyte van die feit dat hulle gerespekteerde lede van die gemeenskap kan wees, kan probleme ondervind om effektief in die aanlyn omgewing geïnkorporeer te word, ongeag die fisiese afstand tussen hulle en die partye. As alternatief is daar 'n moontlikheid dat gemeenskapsleiers wat bestaande verhoudings met die partye het, ingespan kan word as fasiliteerders by 'n gemeenskapsentrum waar aanlyn bemiddeling met 'n aanlyn bemiddelaar wat geen verhouding met die partye het nie, sal plaasvind. Daar kan egter steeds gevra word of dit gedurende aanlyn bemiddeling vanuit 'n praktiese oogpunt beter sou wees as 'n bemiddelaar daarop fokus om die proses te beheer terwyl die partye die resultaat beheer, dan wel of daar binne aanlyn bemiddeling vir sogenaamde terapeutiese/transformerende bemiddeling plek is. Sou dit binne 'n aanlyn omgewing kon werk? Sou dit met die hulp van beraders en terapeute kon werk?

4. Die wetgewende raamwerk

4.1 Bepalings van die Kinderwet 38 van 2005

Boniface³⁰ dui aan dat die Kinderwet uitdruklik vir bemiddeling as geskilbeslegtingsmetode voorsiening maak, veral ten aansien van geskille wat met ouerlike verantwoordelikhede en regte te make het. Artikel 6(4) van die wet bepaal dat tydens enige aangeleentheid wat kinders raak, 'n benadering wat bevorderlik is vir geskilbeslegting en versoening gevolg moet word en dat alle konfronterende benaderings sover moontlik vermy moet word.³¹ Verskeie bepalinge van die wet maak voorsiening vir verpligte bemiddeling (byvoorbeeld artikel 21(1)). Artikel 33(2) en (5) stel dit duidelik dat voordat 'n hof genader word, persone wat 'n ouerskapsplan opstel, eers eenstemmigheid van die partye oor die plan moet kry en dat die partye gebruik moet maak van die dienste van 'n gesinsadvokaat; gemeenskapswerker; sielkundige of 'n ander toepaslik-gekwalfiseerde persoon (*suitably qualified person*). Indien

bemiddeling suksesvol is, moet die partye hul ouerskapsplan by die gesinsadvokaat registreer of 'n bevel van die hof maak.³²

Die wet bepaal verder dat die hof mag gelas dat 'n lekeforumverhoor (*lay forum hearing*) gehou moet word voordat daar uitspraak gelewer word. Hierdie proses mag bemiddeling met die gesinsadvokaat, 'n maatskaplike werker of 'n ander persoon met gepaste kwalifikasies, of 'n gesinskonferensie (*family group conference*), of bemiddeling by 'n lekeforumverhoor, asook die insluiting van 'n verteenwoordiger van 'n tradisionele owerheid insluit. Indien 'n bestrede aangeleentheid in die Kinderhof aanhangig gemaak word, mag die hof beveel dat 'n voorverhoorkonferensie gehou moet word om verskille tussen die partye te bemiddel asook die geskilpunte te bepaal. Of aanlyn bemiddeling hier voldoende sou wees om die geskilpunte te identifiseer en die partye se verskille op te los, is egter onseker.

Ook die Wet op Kinderberegting 75 van 2008 maak voorsiening vir bemiddeling, veral ten aansien van gesinskonferensies. Hoewel dié wet hoofsaaklik met strafreg te make het, kan gesinskonferensies ook in egskeidings- en gesinsbemiddeling in Suid-Afrika aangewend word.³³ Nietemin is dit onwaarskynlik dat aanlyn bemiddeling suksesvol aangewend sou kon word in 'n gesinskonferensiesituasie.

4.2 Hoftoegevoegdebemiddelingsreëls van die Landdroshowe

Hierdie reëls maak voorsiening vir vrywillige onderwerping aan bemiddeling voor die aanvang van litigasie in die Landdroshowe,³⁴ en vir die aanwending van bemiddeling tydens litigasie wat reeds plaasvind³⁵ waar die partye hul geskil vir bemiddeling verwys (reël 6) of waar die hof die geskil vir bemiddeling verwys.³⁶ Die reëls maak voorsiening daarvoor dat partye die verrigtinge persoonlik moet bywoon³⁷ en verwys ook na die “oorlegplegende”³⁸ rol van die bemiddelaar met die partye. Ooreenkomste wat bereik is, moet verder ook “geliasseer” word. Dit wil nie voorkom of die reëls bedoel was om gevalle van aanlyn bemiddeling te dek nie. Die definisie van bemiddeling, soos vervat in die reëls, is nietemin wyd genoeg om aanlyn bemiddeling in te sluit. Bemiddeling word naamlik beskryf as

the process by which a mediator assists the parties in actual or potential litigation to resolve the dispute between them by facilitating discussions between the parties, assisting them in identifying issues, clarifying priorities, exploring areas of compromise and generating options in an attempt to solve the dispute.

Volgens die Lesotho Legal Information Institute³⁹ het Lesotho ook hoftoegevoegdebemiddelingsreëls ingevoer wat steun op hofpersoneel wat as bemiddelaars opgelei is, en nie op bemiddelaars van buite of aanlyn bemiddelaars nie.

As die voordele van aanlyn bemiddeling beoordeel word, is dit duidelik dat dit tyd- en kostebesparende voordele vir die hof en die litigante sal inhou, veral op lang termyn wanneer 'n behoorlike aanlynbemiddelingsprogram gevestig is. Dit sou ook makliker wees vir 'n goedgekwalifiseerde bemiddelaar wat 'n deskundige in die betrokke soort geskil is indien hy of sy nie lang afstande hoef af te lê nie en dus hoëkwaliteit-bemiddelingsdienste aan die partye sou kon verseker.

5. Die Suid-Afrikaanse konteks

5.1 Die oorweging van kulturele waardes

In Suid-Afrika is humanistiese waardes soos respek, menswaardigheid, verbondenheid en welwillendheid teenoor alle mense steeds sterk gemene delers in die gemeenskap, ondanks die bestaan van rassiespanning. Die meeste Suid-Afrikaners is trots op die herstel van individuele menswaardigheid en is ook besorg oor insidente van onverdraagsaamheid in die gemeenskap.⁴⁰ Positiewe waardes wat geassosieer word met *ubuntu/botho*, 'n gewoonteregkonsep wat gemeenskaplike menswees omvat en gebaseer is op waardes van die Afrika-etiese stelsel, naamlik humanistiese moraliteit, medelye, mededeelsaamheid, wederkerigheid, menswaardigheid, interafhanklikheid en individuele verantwoordelikheid teenoor ander, vorm die morele basis van individuele en gemeenskapswaardes.⁴¹

Velthuisen⁴² argumenteer dat binne hierdie konteks, bemiddelaars besonder vaardige fasiliteerders met geïntegreerde holistiese en transdissiplinêre insigte en vaardighede moet wees. Hulle moet ook oor kreatiewe vaardighede beskik en die humanistiese waardebasis van 'n gemeenskap in die proses van transformasie kan begryp. Veral vaardighede wat kan bydra tot versoening en die herstel van verhoudinge, die proses van sogenaamde herstellende geregtigheid (*restorative justice*) is noodsaaklik. So ook die vermoë om eenheid en gelykheid te help bevorder, terwyl die land se unieke historiese konteks en ander probleme wat steeds verdeeldheid in die Suid-Afrikaanse gemeenskap veroorsaak, in gedagte gehou word. Velthuisen⁴³ verduidelik verder dat hierdie kreatiwiteit 'n bewustheid van en 'n gevoel vir geregtigheid benodig wat 'n spesifieke kulturele, sosio-ekonomiese en politieke konteks, asook die nodigheid om te verseker dat geregtigheid in die belang van 'n vreedsame transformasie in die gemeenskap is, erken. Velthuisen⁴⁴ dui verder aan dat die pionierswerk vir die vestiging van effektiewe geskilbeslegting in Afrika, hoewel meesal endogeen van aard, reeds gedoen is. Dit beteken dat nie net wetgewing van Europese oorsprong oorweeg word nie, maar ook die spesifieke kulturele konteks en sosio-ekonomiese omstandighede van die land waarin die geskil plaasvind. 'n Endogene benadering vereis die vermoë om 'n informele proses gebaseer op humanistiese beginsels, eenheid en die betrokkenheid van die gemeenskap in sy geheel, teweeg te bring. Die uiteindelijke doel is dus om gemeenskapsverhoudinge te bestuur, te versoen en te herstel.

'n Gepaste voorbeeld is die welbekende gesinsgeskil⁴⁵ wat ontstaan het toe een van voormalige president Nelson Mandela se dogters, Makaziwa Mandela, een van sy kleinseuns daarvan beskuldig het dat hy die oorskot van drie van Mandela se kinders wat in 2011 in die gesinsbegraafplaas begrawe is, verskuif het sonder die gesin se medewete. Hierdie geskil het die kultuur- en waardeverskille tussen landelike swart gemeenskappe in Suid-Afrika en die moderne mediese en regstelsel duidelik aangetoon. Makaziwa Mandela was uiteindelik suksesvol met haar saak in 'n plaaslike afdeling van die Hooggeregshof in die Oos-Kaap. Gevolglik het die Suid-Afrikaanse owerhede die oorskot opgespoor om herbegrawe te word in Qunu, die klein tuisdorp van die ontslape voormalige president. Sy kleinseun, 'n tradisionele leier, het aangevoer dat alle prosedures in interne gesinstrukture eers uitgeput moes word om die geskil op te los. Gemeenskapsleiers het saamgestem dat die Mandela-gesin eerder Afrika-bemiddelingsmetodes moes gebruik het om die geskil te besleg, alvorens die Westerse hofstruktuur ingespan is.

Malan⁴⁶ verduidelik hoe ouer persone in die Afrikakultuur as betroubare bemiddelaars beskou word. Ouer persone as bemiddelaars word gesien as individue met 'n leeftyd se kennis en praktiese ervaring. Tradisioneel is voorkeur aan mans gegee, maar geslagsgelykheid in hierdie opsig word nou meer algemeen aanvaar en beoefen. Afhangende van tradisies, omstandighede en persoonlikhede het bemiddelaars verskeie rolle om te vervul, insluitende die uitoefening van druk en manipulasie, om aanbevelings te maak, of om voorstelle te maak namens 'n party wat weier om self oplossings voor te stel. Tradisionele bemiddelaars mag ook fasiliteerders wees – hulle kan inligting ophelder, kommunikasie bevorder, standpunte uitlê, gesprekke opsom, reëls en norme beklemtoon, die gevolge voorsien indien 'n ooreenkoms nie bereik word nie, of 'n opsomming gee van ooreenkomste wat bereik is. Bemiddelaars mag selfs 'n meer passiewe rol aanneem en bloot belangrike gedeelde waardes beklemtoon. Die tradisionele bemiddelingsproses volg nie 'n voorgeskrewe struktuur nie; bemiddelaars kan hul rolle van tyd tot tyd verander soos die behoefte daaraan ontstaan. Tradisionele bemiddelaars mag nie toelaat dat hul persoonlike voorkeure hul gedrag beïnvloed nie, hoewel die sosiale konteks in sekere omstandighede wel hul benadering tot die geskil kan beïnvloed.

In die konteks van aanlyn bemiddeling vereis Suid-Afrikaanse waardes dat inheemse instellings soos tradisionele bemiddelaars (gemeenskapsleiers) en lekeforums (soos gemeenskapsbyeenkomste in landelike/informele nedersettings) en landelike huishoudings, in aanlynbemiddelingsnetwerke geïnkorporeer word om sodoende te kan baat by die voordele wat die moderne tegnologie inhou. 'n Gemeenskapsentrum waar aanlyn bemiddelaars kan werk, kan dalk 'n oplossing bied, maar dit sou 'n bepaalde konnektiwiteitsvermoë en bandwydte vereis.

5.2 Die Suid-Afrikaanse proses van oorgang na aanlynbemiddelingsdienste en aanlyn verskaffing van welsynsdienste

Volgens Nnadozie⁴⁷ is een van die grootste uitdagings in Suid-Afrika die ongelykhede in die toegang tot basiese dienste tussen verskillende demografiese segmente van die gemeenskap. Die kloof tussen die *haves* en *have-nots* in die konteks van welsynsdienste is die nalatenskap van die apartheidsstelsel wat die verdeling en ontmagtiging van die swart meerderheid wou bewerkstellig.⁴⁸ Sedert 1994, na die formele beëindiging van apartheid, is die bestaande sosiale welsynsontwikkelingsbenadering vervang deur 'n welsynstaatbenadering.⁴⁹

Die Nasionale Ontwikkelingsplan, 2030⁵⁰ beoog onder meer om teen 2030 armoede te elimineer en ongelykheid drasties te verminder het. Volgens hierdie plan kan hierdie doelwitte bereik word deur die potensiaal van die mense van Suid-Afrika te ontgin om sodoende 'n inklusiewe ekonomie te bou, vaardighede te verbeter, die staat se vermoë uit te brei, en leierskap en samewerking in die gemeenskap te bevorder. In 'n persverklaring deur minister Naledi Pandor, "Media briefing on Science and Technology",⁵¹ het sy die oogmerke van die Nasionale Ontwikkelingsplan as "ambisieus" beskryf, maar aangedui dat sy glo dat die Human Capital Development Strategy tot die bereiking van hierdie oogmerke sal kan bydra. Daar word verder van die Departement van Telekommunikasie- en Posdienste verwag om sowel die gebruik van tegnologie vir die verbetering van dienslewering in te span as om oplossings vir die gevolge van "persistent unemployment, inequality and poverty" te vind.

Volgens minister Gugile Nkwinti is sleutelbeleidsgebiede ten aansien van konnektiwiteit, onder meer die "universal, affordable and equitable access to communication infrastructure

by all South Africans”; die ontplooiing van konnektiwiteitsinfrastruktuur wat tot bekostigbare dienste sal bydra; en om vertroue in die veiligheid en sekuriteit van hierdie netwerke te bevorder. Gedurende 2015 is die eerste fase van die staat se breëbandplan, wat regeringsdienste in agt distriksmunisipaliteite verbind het, ontplooi. Telkom is aangewys as die instelling vir die ontplooiing van hierdie breëbandplan.⁵²

Ten aansien van aanlyn dienste bevat die National Infrastructure Plan⁵³ ’n strategiese geïntegreerde projek (SIP) ten aansien van kennis =(SIP 15). Hierdie projek is op die verbetering van toegang tot kommunikasietegnologie gemik, insluitende: breëbanddekking aan alle huishoudings teen 2020; die vestiging van kern-*points of presence* (POPs) in distriksmunisipaliteite; die uitbreiding van nuwe internet-veselnetwerke tussen provinsies om sodoende distriks- en plaaslike munisipaliteite te verbind en netwerke na verafgeleë landelike gebiede uit te brei. Daar sal van die privaatsektor verwag word om in hierdie inligtings- en kommunikasietegnologiese netwerke te belê, terwyl die regering in die uitbreiding van infrastruktuur na informele nedersettings, landelike gebiede, e-regering, skole en mediese fasiliteite sal belê.

Hierdie voornemens van die regering moet verwelkom word. Nietemin is hul benadering primêr gefokus op die konnektiwiteit van formele regeringsinstellings en nie noodwendig op die konnektiwiteit van die man op straat nie. Hierdie bo-na-onder-benadering verhoed die ontwikkeling en implementering van hulpmiddels wat aktiwiteite soos aanlyn bemiddeling in landelike gemeenskappe moontlik sou maak.

5.3 Tegnologiese oorwegings

In Suid-Afrika, nes elders, word aanvaar dat die digitalisering van inligting en kommunikasie tot kulturele verandering kan lei, veral ten aansien van die wyses waarop mense kommunikeer en werk. Aanwysers dui daarop dat Suid-Afrika binnekort ’n sogenaamde internetrevolusie sal ondervind, waar nagenoeg ses miljoen internetgebruikers toegang tot die internet deur middel van hul selfone sal hê. Werkverwante aktiwiteite sal in nagenoeg 40% van gevalle enige plek en enige tyd kan plaasvind. Die implikasies hiervan moet egter begryp word. As daar geen balans tussen tegnologie en diegene wat dit gebruik, is nie, kan dit probleme veroorsaak. Dataverlies (opsetlik en onopsetlik), die oorlaai van stelsels en mense met te veel inligting, asook die sogenaamde *amputation of tongues*, wat beteken dat persone die vermoë verloor om van aangesig tot aangesig te kommunikeer, is alles voorbeelde van probleme wat kan voorkom.⁵⁴

Volgens Mohamed Abdel Wahab⁵⁵ word aanlyntegnologie nie ten volle in geskilbeslegting in Afrika benut nie weens ekonomiese en tegnologiese uitdagings. Suid-Afrika is egter een van die min Afrikalande wat ’n hoë gradering in die Network Readiness Index ontvang het. Die ontwikkeling van behoorlike infrastruktuur is egter onontbeerlik vir die implementering van aanlyn bemiddeling. Die faktore wat in ag geneem behoort te word, sluit in:

1. Infrastruktuuraanduiders (persoonlike rekenaars; selfoondiensverskaffers; internetgebruikers; 3G-intekenaars; breëbandverbruik; aantal internetdiensverskaffers; en sekuriteit van internetbedieners).
2. Kapasiteitsaanduiders (ongeleterdheidskoers; openbare besteding aan onderwys; en internasionale internetbandwydte).

3. Finansiële aanduiders (bruto binnelandse produk (BBP)); direkte buitelandse belegging; en publieke en private beleggings in telekommunikasiedienste).

Wahab dui aan dat daar in Suid-Afrika 'n toename in die besit van persoonlike rekenaars en sowel die aantal landlyn- as selfoonintekenaars is. Intekening op 3G-toepassings en dienste het ook 'n 100%-groeikoers in Suid-Afrika getoon. Daar is ook 'n skerp toename in internetgebruikers. Suid-Afrika het die meeste internetdiensverskaffers in Afrika. Suid-Afrika het ook onlangs 10% van die totale BBP aan internet- en rekenaartegnologie spandeer. Nes in ander Afrikalande is vroue meer ongeletterd as mans en is daar ook 'n verband tussen geslagsongeletterdheid en -internetgebruik. Hierdie probleem moet dus in ag geneem word by die implementering van aanlyn bemiddeling en gepaste bystand sal dus gelewer moet word wat dit in ag sal neem.

6. Evaluasie: Die voor- en nadele van aanlyn bemiddeling

6.1 Voordele

Standaard- (“een-tot-een”-) bemiddeling het verskeie voordele. Een voordeel is dat die blote teenwoordigheid van die bemiddelaar die partye help om met mekaar te begin praat.⁵⁶ Bemiddeling is ook bevorderlik vir meningslug (*venting talk*).⁵⁷ Verder kan kinders by die bemiddelingsproses ingesluit word, wat voldoen aan hul reg om gehoor te word,⁵⁸ die bepalinge van die Convention on the Rights of the Child,⁵⁹ asook die African Charter on the Rights and Welfare of the Child.^{60, 61}

Daar kan egter gevra word of kinders maklik by aanlyn bemiddeling ingesluit kan word. Boniface⁶² beklemtoon dat die hoofoorweging by bemiddeling met kinders altyd die beste belang van die kind is – en hierdie posisie sal nie verander by aanlyn bemiddeling nie. Nietemin bevind sy⁶³ dat die deelname van kinders, en die vervulling van hul reg om gehoor te word, bevredig kan word deur die insluiting van 'n derde party, soos 'n sielkundige, om die kinders se standpunte aan die ander partye bekend te maak. Wanneer kinders oor die algemeen aan bemiddeling deelneem, hou dit verskeie langtermynvoordele vir die kinders in, naamlik die vermindering van vrees en spanning, 'n beter begrip van die proses en beter aanpassing by hul omstandighede na 'n egskeiding. McIntosh e.a.⁶⁴ beweer dat hierdie proses nie net verseker dat die kind deelneem aan die verrigtinge en gehoor word nie, maar verbeter ook ouerlike verhoudings en emosionele beskikbaarheid van ouers en lei tot ooreenkomste waarmee ouers en kinders selfs na 'n jaar steeds tevrede is. Dieselfde voordele kan ook ten opsigte van aanlyn bemiddeling geld. 'n Bemiddelingsooreenkoms wat alle moontlikhede dek, bied ook die bykomende voordeel van “decreasing the probability of long-term psychological effects on children”.⁶⁵

Boniface⁶⁶ identifiseer die moontlikheid om van 'n prebemiddelingsessie gebruik te maak waar 'n afsonderlike gesprek met die kinders plaasvind, en dit sou ook in die aanlynbemiddelingsproses gebruik kon word. Kinders hoef dan nie by die bemiddeling self teenwoordig te wees nie, solank hulle menings en wense aan die partye tot die bemiddeling oorgedra word. Kinders moet ook ingelig word aangaande enige besluite wat geneem is, wat ook tydens aanlyn bemiddeling kan geskied. Iemand sal wel die aanlyn bemiddeling vir

jonger kinders moet kan opstel, maar maatskaplike werkers of gemeenskapsentrums kan hiermee behulpsaam wees.

De Jong⁶⁷ wys daarop dat bemiddeling 'n informele proses is wat maklik is om te verstaan. Dis is ook 'n private proses. Privaatheid gedurende die aanlynbemiddelingsproses sal dus verseker moet word. Brennan⁶⁸ stel voor dat aanlyn bemiddeling partye kan help om 'n meer onpersoonlike (en minder emosionele) verhouding te hê en kan dus voordelig vir toekomstige kommunikasie of mede-ouerskap wees. Dit is duidelik dat waar kinders betrokke is, emosies altyd 'n rol sal speel.

Goodman⁶⁹ dui aan dat wanneer partye deur middel van boodskappe kommunikeer, soos deur middel van e-posse, dit aan hulle die geleentheid bied om hul boodskap te oordink en te wysig voordat dit gestuur word. Braeutigam⁷⁰ beaam dat hierdie feit die bemiddelaar toelaat om deurgaans met die partye te kous (in private vergaderings) sonder om die proses te onderbreek of te vertraag, wat wel die geval sou wees in tradisionele bemiddeling. Morek⁷¹ beweer dat “[o]nline dispute resolution moves alternative dispute resolution from a physical to a virtual place and makes dispute resolution even more flexible and convenient”.

Skrywers soos Morek, Braeutigam, Goodman, Brennan en Szöke identifiseer verminderde koste as 'n verder belangrike voordeel van aanlyn bemiddeling. Dit is ook nie nodig om ver te reis, 'n fasiliteit te huur waar die verrigtinge kan plaasvind, of die relevante dokumente te vervoer nie. Bemiddeling kos minder as bestrede litigasie en is dus baie meer bekostigbaar en bespaar ook tyd. Dit is ook moontlik dat aanlyn bemiddeling gebruik kan word in hoftoegevoegde of privaat-gedrewe bemiddeling. Aanlyn bemiddeling is dus gerieflik en het verskeie koste besparings, soos op reisonkoste.

Dit is ook makliker om goeie bemiddelaars te vind wat beskik oor die spesifieke vaardighede wat in 'n besondere geval benodig word.⁷² Verder kan sake betreklik vinnig afgehandel word.⁷³ Dit is ook gerieflik dat alle kommunikasie geskeduleer kan word (e-posse kan byvoorbeeld gestuur word wanneer dit geskik is); dit verseker ook dat daar 'n rekord van alle kommunikasie tussen die partye is, wat tot meer deurdagte optrede kan lei nadat al die kommunikasie oorweeg is.⁷⁴ Daar word hierna verwys as asinchrone kommunikasie – dit is wanneer kommunikasie nie dadelik geskied nie⁷⁵; die vermoë om 'n situasie of 'n antwoord te kan oorweeg is dan baie voordelig, veral wanneer daar baie emosionele aangeleenthede ter sprake is.⁷⁶

Navorsing toon dat 'n aanlyn situasie kan help om magswanbalanse tussen partye in 'n egskeiding op te los. Die anonimiteit wat die internet bied, werk “netokrasie” in die hand – 'n situasie waar al die partye gelyke status geniet. Dit is veral behulpsaam vir persone wat gewoonlik konflik vermy en nie maklik hul menings lug nie.⁷⁷

Om te kan staatmaak op teksgebaseerde kommunikasie is voordelig. Dit maak ononderbroke kommunikasie moontlik. Dit laat partye fokus op dit wat gekommunikeer word sonder dat hulle aandag afgetrek word.⁷⁸ Dit skakel ook die moontlikheid van lyftaal uit, wat 'n meer neutrale kommunikasieproses verseker aangesien onbewuste lyftaal maklik in emosionele omstandighede misverstaan kan word.⁷⁹ Lyftaal is egter wel 'n belangrike bestanddeel van kommunikasie, omdat dit bemiddelaars in staat kan stel om die emosies, behoeftes, motiewe en belange van die partye te identifiseer. Maar aanlyn bemiddeling kan voordelig wees in omstandighede waar die emosionele betrokkenheid van die partye van so 'n aard is dat dit nie

wenslik is dat hulle mekaar in dieselfde kamer moet kan sien nie.⁸⁰ Aangesien konfliktsituasies 'n neurologiese reaksie by mense veroorsaak wat tot spanning en angstigheid kan lei, voer Brennan⁸¹ aan dat “physical distance between the parties may be especially advantageous from a therapeutic jurisprudence point of view by creating a rational, emotionally sterile online conversation while at the same time allowing parties to express their emotions”. Brennan⁸² verwys na 'n voorbeeld waar die partye besluit het om nie bemiddeling deur middel van videokonferering te benut nie (hoewel dit in hierdie geval beskikbaar was), aangesien die vrou nie haar man verder wou sien nie. Hier het telefoonkonferering 'n suksesvolle bemiddelingsproses in die hand gewerk. Dieselfde resultaat kan waarskynlik ook bereik word deur van byvoorbeeld nievideo-Skype-oproep gebruik te maak.

6.2 Nadele en voorbehoude

Daar is 'n behoefte aan gepaste wetgewing en regulasies wat aanlyn bemiddeling kan reguleer, veral aanlyn gesinsbemiddeling. Hierdie regulasies is noodsaaklik om die vertroulikheid en privaatheid van die partye gedurende aanlyn bemiddeling te verseker. Wetgewing ten opsigte van e-handel- en digitale handtekening het e-handel⁸³ in die besonder⁸⁴ bevoordeel. Ook die sekuriteit en vertroulikheidsbeskerming van aanlyn kommunikasie moet oorweeg word. Gray⁸⁵ stel voor dat 'n statutêre aanlynbemiddelingsprivilegie noodsaaklik is. Meltzer⁸⁶ voer ook aan dat aanlyn bemiddelaars voldoende privaatheidsbeleide moet ontwikkel en dat hierdie beleide deur al die partye verstaan en aanvaar moet word alvorens hulle aan die bemiddelingsproses kan deelneem.

Aanlyn bemiddeling behels onder meer die elektroniese uitruiling van dokumente. Gevolglik word die geldigheid en die bewyswaarde van die e-dokumente baie belangrik. In Suid-Afrika reël die Wet op Rekenaargetuienis 57 van 1983 die toelaatbaarheid van rekenaardrukstukke in siviele aangeleenthede.⁸⁷ Artikel 15 van die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies 25 van 2002 reguleer “databoodskappe” en bepaal die algemene toelaatbaarheid van databoodskappe indien daar aan die algemene regulasies van die Suid-Afrikaanse bewysreg voldoen word.⁸⁸ Daar is verdere argumente ten gunste van die akkuraatheid van beide besigheidsrekords en gevorderde elektroniese handtekeninge.

Daar is ook nadele en voorbehoude verbonde aan standaardbemiddeling. Die vraag is of 'n bemiddelaar binne 'n aanlynomgewing met hierdie nadele en voorbehoude sou kon werk. Sou die teenwoordigheid van die partye op verskillende plekke die swakker partye meer gerus laat voel? Brennan⁸⁹ voer aan dat “untested assumptions about mediating without face-to-face contact” en onwilligheid om aanlyn geskilbeslegting te probeer, onredelik kan wees, aangesien baie terapeute wel van telefoon- en videokonferensies gebruik maak om met hul kliënte te konsulteer wanneer een-tot-een-sessies nie moontlik is nie.

Kinders se reg om gehoor te word sal ook tydens aanlyn bemiddeling verseker moet word. Artikel 10 van die Kinderwet bepaal:

Elke kind van sodanige ouderdom, volwassenheid en fase van ontwikkeling dat hy of sy in staat is om deel te neem aan enige aangeleentheid betreffende daardie kind het die reg om op enige gepaste wyse deel te neem en behoorlike oorweging moet gegee word aan sienswyses wat deur die kind uitgespreek is.

Artikel 12(1) van die United Nation's Convention on the Rights of the Child, 1989 bepaal dat "[s]tate Parties shall assure to the child who is capable of forming his or her own views the right to express those views freely, in all matters affecting the child, the views of the child being given due weight in accordance with the age and maturity of the child". Artikel 12(2) stel dit duidelik dat

[f]or this purpose the child shall in particular be provided with the opportunity in any judicial or administrative proceedings affecting the child, either directly or through a representative or an appropriate body, in a manner consistent with the procedural law of national law.

Artikel 4(1) van die African Charter on the Rights and Welfare of the Child bepaal verder:

In all judicial and administrative proceedings affecting a child who is capable of communicating his or her views, an opportunity shall be provided for the views of the child to be heard either directly or through an impartial representative to the proceedings, and these views shall be taken into consideration by the relevant authorities with the provisions of appropriate laws.

Gose⁹⁰ voer aan dat "there can be no freedom of expression if the individual cannot receive the information necessary to form his or her opinion". Evans en Haverkamp⁹¹ noem dat die mate waarin kinders by die bemiddelingsproses betrokke behoort te wees, van die betrokke kind se ouderdom afhang. Dieselfde voorbehoude wat bestaan ten aansien van die betrokkenheid van kinders in een-tot-een-bemiddeling, bestaan ook ten aansien van aanlyn bemiddeling. Daar moet nie toegelaat word dat die onderskeid tussen die kind se reg om gehoor te word en die uiteindelijke verantwoordelikheid vir die ouers se besluite vertroebel word nie;⁹² kinders moet ook nie "in die middel" van hul ouers se geskille geplaas word⁹³ of voel dat hulle tussen hul ouers moet kies nie.⁹⁴

Wat die papierwerk ten aansien van aanlyn bemiddeling betref, sou dit byvoorbeeld voor die tyd aan die bemiddelaar geskandeer en per e-pos gestuur word. Daar sal vanselfsprekend koste-implikasies wees en 'n basiese kennis van rekenaars sal ook benodig word. Boniface⁹⁵ bespreek die basiese kwessies van hoe aanlyn bemiddeling moet plaasvind wanneer gekompliseerde regs kwessies ter sprake is. Bemiddelaars kan byvoorbeeld 'n "different cultural background than the parties in the mediation" hê – hierdie probleem moet opgelos word indien aanlyn bemiddeling gaan plaasvind. Sal die bemiddelaar vertrou wees met die gebruike in die gebied waar die partye woon? Bemiddelaars moet ook bevoeg wees en behoorlike opleiding in aanlyn bemiddeling ontvang.

Boniface⁹⁶ vra tereg of aanlyn bemiddeling die godsdienstige oortuigings en gebruike van die partye sal kan inkorporeer waar daar afstand tussen die partye en 'n gebrek aan fisiese interaksie is. Kan die beginsels van Afrika-humanisme in die bemiddelingsproses ingesluit word wanneer daar van aanlyn bemiddeling gebruik gemaak word? Kan daar steeds persoonlike gebondenheid tussen individue bestaan terwyl hulle aanlyn is?

Murithi⁹⁷ beaam dat geskilbeslegting beginsels van Afrika-humanisme moet onderskryf, soos gemeenskapsgeborgtheid en die belangrikheid daarvan om die goeie in ander te ontwikkel, om simpatiek teenoor ander te wees, en die belangrikheid van een-tot-een-kommunikasie. In Afrika-humanistiese geskilbeslegting word beklemtoon dat vrede 'n gemeenskaps-

aangeleentheid is, maar ons hedendaagse gemeenskap is gefragmenteerd en partye woon ver van hul gesinne en hul gemeenskappe af. Aanlyn bemiddeling kan dus hier 'n rol hê om te vervul as gevolg van die (fisiese) afstand tussen die partye.

Afrika-humanisme hou ook voordele vir bemiddeling in,⁹⁸ maar dit sou nie moontlik wees om al hierdie voordele in aanlyn bemiddeling te inkorporeer sonder om 'n sterk ondersteuningstelsel in die gemeenskap waar die partye hulle bevind, daar te stel nie. Boniface stel voor⁹⁹ dat sekere elemente van die beginsels van Afrika-humanisme in egskeidings- en gesinsbemiddeling in Suid-Afrika ingesluit behoort te word. Ten spyte van die moontlike verskil in geografiese ligging van die bemiddelaars en die partye in aanlyn bemiddeling, kan sekere van hierdie elemente steeds in aanlyn bemiddeling ingesluit word. Malan¹⁰⁰ en Brigg¹⁰¹ bevestig dat hierdie elemente die volgende insluit: multigenerasie-bemiddeling; die vertel van stories; en om te verseker dat emosionele en geestelike sfere integraal tot die bemiddelingsproses word en om ook te fokus op sintetisering en integrering. As gevolg van die aard van aanlyn bemiddeling sal bemiddelaars egter nie werklik persoonlik betrokke kan raak by die partye nie, byvoorbeeld deur hulle by hul wonings te besoek.

Malan¹⁰² voer aan dat aanlynbemiddelaars steeds kan poog om werklike versoening, vergoeding en rehabilitasie te bewerkstellig indien nodig. Die gesindheid van samewerking en eerbiediging van wedersydse verpligtinge kan vir seker ook in aanlyn bemiddeling beklemtoon word. Murithi¹⁰³ stel voor dat bemiddelaars steeds moet probeer om partye tydens die bemiddelingsproses aan te moedig en te ondersteun, hoewel dit dalk ietwat onpersoonlik kan voorkom gedurende die aanlynbemiddelingsproses. Miskien kan derde partye, soos beraders en terapeute, hierdie rol tydens die aanlynbemiddelingsproses vervul.

Die belang van gemeenskapsbemiddeling is alreeds in hierdie bydrae beklemtoon. Boniface¹⁰⁴ meen egter dat dit onseker is of gemeenskapsbemiddeling aanlyn moontlik is, behalwe indien die samewerking van gemeenskapsentrums gedurende die aanlynbemiddelingsproses verkry word. Die belangrikheid van emosionele herstel as deel van die humanistiese benadering tot bemiddeling sou ook deur derde partye tot die bemiddeling (benewens die bemiddelaar) onderskryf moet word. Dit sou ook moeilik vir bemiddelaars wees om partye direk met die implementering van hul besluite by te staan, hoewel aanlyn aanmoediging en -leiding steeds moontlik is.

Boniface¹⁰⁵ waarsku dat hierdie bemiddelingstelsel aan die huidige wetgewing ten aansien van die beskerming van fundamentele regte moet voldoen en dat kwessies rakende die regte van vroue aandag sal moet ontvang. Verskeie waardes in die Afrika-styl van bemiddeling kom in 'n kombinasie van transformerende en gesinsbemiddeling voor, hoewel Afrika-geskilbeslegting verder gaan as hierdie (meer tradisionele) tipes bemiddeling deur waardes van *ubuntu* daarby in te sluit.

Alle lede van die gemeenskap is daarop geregtig om aan Afrika-styl-geskilbeslegting deel te neem, maar in Westerse bemiddelingsmodelle is dit nie gewoonlik die geval nie en is verskeie van hierdie modelle geslote. Dit is duidelik dat nie alle lede van die gemeenskap gedurende aanlyn bemiddeling kan deelneem nie, maar dit beteken nie dat hierdie bemiddelingsmodel 'n geslote model is nie, aangesien ander gesinslede byvoorbeeld steeds aan die proses kan deelneem. Daar bestaan dus die moontlikheid dat uitgebreide familie by die bemiddeling ingesluit kan word.

Die beginsels van Afrika-styl-groepsbemiddeling is ook al in Suid-Afrikaanse wetgewing erken, byvoorbeeld in die Kinderwet, waar daar voorsiening gemaak word vir lekeforum-verhore, en in die Wet op Kinderberegting, waar daar voorsiening gemaak word vir herstellende geregtigheid en gesinskonferensies. Daar word aangevoer dat dit besonder moeilik is om gesinskonferensies aanlyn te hou, veral in die geval van groot groepe, maar verstedeliking het gelei tot die afbreking in gesins- en gemeenskapsbande en partye kan ver van mekaar woon, wat aanlyn konferensies dus noodsaaklik maak.

Haloush¹⁰⁶ het bevind (hoewel hy meer fokus op e-handelsdispute) dat verpligte aanlyn bemiddeling dalk onwerkbaar kan wees en dat aanlyn bemiddeling nie as plaasvervanger vir ander geskilbeslegtingsmetodes gebruik moet word nie, maar eerder as 'n bykomende opsie vir internetverbruikers ingespan moet word.

Goodman¹⁰⁷ en Szőke¹⁰⁸ voer aan dat daar geen plaasvervanger vir een-tot-een-gesprekvoering is nie en dat aanlyn bemiddeling dus onpersoonlik kan voorkom. Aangesien partye tot tradisionele bemiddeling fisies teenwoordig is, kan dit help om 'n atmosfeer van vertroue te skep, wat hierdie tipe bemiddeling meer effektief as aanlyn bemiddeling kan maak. Dit is ook moeiliker om emosies in aanlyn bemiddeling in ag te neem en om verhoudings met die partye op te bou en in stand te hou, hoewel videokonferensies meer behulpsaam hiermee kan wees as e-posse en boodskappe. Die gebrek aan persoonlike en fisiese teenwoordigheid kan dit ook vir die bemiddelaar moeilik maak om effektiewe kontrole oor die partye uit te oefen.

'n Verdere probleem wat by oorgrensbemiddelingsgeskille kan ontstaan, en wat dus meer voorkom in aanlyn bemiddeling, is dat die partye verskillende tale kan praat.¹⁰⁹ Die probleem van onbereikbaarheid sal verder ook in ag geneem moet word. Die partye tot aanlyn bemiddeling sal ononderbroke internettoegang moet hê vir die duur van die bemiddelingsproses en die oplossing van die geskil. Natuurlik hou aanlyn bemiddeling ook nadele in vir diegene wat nie vertrouwd met rekenaars is nie.¹¹⁰

Szőke¹¹¹ identifiseer die onvoldoende regulering en onsekerheid verbonde aan die afdwinging van aanlyn geskilbeslegting as verdere struikelblokke. Verder word verbruikers beter beskerm deur sekere maatreëls as deur ander. Nietemin kan regulering 'n negatiewe effek op aanlyn bemiddeling hê (soos in Hongarye). Dit is dus belangrik om wetgewing te vermy wat die kreatiewe en diverse aard van bemiddeling sou beperk, byvoorbeeld deur die minimum getal een-tot-een-vergaderings te spesifiseer. Die regulering van bemiddeling behoort slegs as 'n riglyn te dien en moet ook buigsaam wees.

7. Gevolgtrekkings

Die bespreking het begin met 'n erkenning van die belangrikheid van tegnologie in die verbetering van menslike lewenskwaliteit. Vervolgens is gevra: "Hoe kan aanlyn bemiddeling voordelig vir Suid-Afrikaners wees?" Om hierdie vraag te beantwoord, is 'n uiteensetting van die Suid-Afrikaanse wetgewende raamwerk ten aansien van gesinsbemiddeling gegee, waarna 'n bespreking van die Suid-Afrikaanse sosiale konteks gevolg het. Laastens is die waarde van aanlyn bemiddeling in gesinsgeskille ondersoek, en is die voor- en nadele van aanlyn bemiddeling binne Suid-Afrika se unieke regs-, sosiale en nasionale konteks uiteengesit.

Daar is bevind dat aanlyn bemiddeling in Suid-Afrika steeds in sy kinderskoene is; aanlyngeskilbeslegtingsmetodes moet dus verfyn en verder ontwikkel word. Videokonsferensiesieriewe is in Suid-Afrika beskikbaar en kan ingespan word om een-tot-een-bemiddeling te vervang, maar kan ongelukkig nie altyd dieselfde voordele as tradisionele een-tot-een-bemiddeling bied nie. Aanlyn bemiddeling vergoed egter hiervoor deur bemiddeling oor lang afstande beskikbaar te stel, in egskeidingsgevalle, en waar baie emosionele gesinskewessies ter sprake is. Daar is verder bevind dat erkenning en afdwinging van die resultaat van die aanlynbemiddelingsproses en die verskille tussen moderne regstelsels en tradisionele (gewoontereg-) gebruike bykomende struikelblokke vir die implementering van aanlyn bemiddeling kan skep. Dit is dus noodsaaklik dat Suid-Afrikaanse wetgewing voorsiening moet maak vir die toekoms van aanlyn bemiddeling, terwyl gewoonteregtelike bemiddelingspraktyke asook die tegnologiese beperkings binne 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika in ag geneem word.

Wetgewing moet reëls ten aansien van die vertroulikheid en privaatheid van aanlyn bemiddeling bevat en verseker dat gesinslede, veral kinders, gedurende die proses regverdig hanteer word. Spesifieke riglyne moet ook deur praktisyns ontwikkel word ten aansien van die insluiting van kinders in die aanlynbemiddelingsproses. Die vermoë van organisasies wat aanlyn bemiddeling verskaf, moet ook ontwikkel word, veral om verafgeleë gemeenskappe behulpsaam te wees. Die bestaande vorme van bemiddeling in gemeenskappe, soos met behulp van die tradisionele gemeenskapsgebaseerde bemiddelaars wat in gemeenskap-sentrums werk, moet verder uitgebou word om gemeenskapsbemiddelaars te help om bemiddeling in gesinsgeskille te kan verrig, nie net ingevolge tradisionele gebruike nie, maar ook ingevolge wetgewing – met ander woorde, om werklik die spreekwoordelike huwelik tussen die praktyke van die moderne reg en die gewoontereg te bewerkstellig.

Bibliografie

- BBC. 2013. Remains exhumed from Nelson Mandela grandson's homestead [html]. <http://www.bbc.com/news/world-africa-23159159> (3 Julie 2016 geraadpleeg).
- Beahm, G. 2011. *I, Steve: Steve Jobs in his own words*. Londen: Hardie Grant Books.
- Boezaart, T. 2009. *Child law in South Africa*. Kaapstad: Juta.
- Boniface, A.E. 2012a. African-style mediation and Western-style divorce and family mediation: Reflections for the South African context. *Potchefstroom Electronic Law Journal*, 15(5):377–401.
- . 2012b. A humanistic approach to divorce and family mediation in the South African context: a comparative study of Western-style mediation and African humanistic mediation. *African Journal on Conflict Resolution*, 3(12):101–29.
- . 2013. Resolving disputes with regards [sic] to child participation in divorce mediation. *Speculum Juris*, 1:130–47.

- Braeutigam, M. 2006. Fusses that fit online: Online mediation in non-commercial contexts. *Appalachian Journal of Law*, 5(2):275–301.
- Brennan, B. 2011. Mismatch.com: Online dispute resolution and divorce. *Cardozo Journal of Conflict Resolution*, 13(1):197–224.
- Brigg, M. 2003. Mediation, power and cultural difference. *Conflict Resolution Quarterly*, 20(3):287–306.
- De Jong, M. 2005. An acceptable, applicable and accessible family-law system for South Africa – some suggestions concerning a family court and divorce mediation. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaans Reg*, 1:33–47.
- . 2008. Opportunities for mediation in the new Children’s Act 38 of 2005. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 71(4):630–41.
- . 2010. A pragmatic look at mediation as an alternative to divorce litigation. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, 3:515–31.
- Eisen, J.B. 1998. Are we ready for mediation in cyberspace? *Brigham Young University Law Review*, 1998(4):1305–58.
- Emery, R.E. 2003. Easing the pain of divorce for children: Children’s voices, causes of conflict and mediation: Comments on Kelly’s “resolving custody disputes 2002”. *Virginia Journal for Social Policy and Law*, 10(1):164–78.
- Evans, W.P. en M.J. Havercamp. 2007. An analysis of mediation assumptions: Strategies to help mediators in child custody disputes. *Mediation Quarterly*, 11(3):229–45.
- Ganeles, C.M. 2002. Cybermediation: a new twist on an old concept. *Albany Law Journal of Science and Technology*, 12(2):715–45.
- Goodman, J.W. 2003. The pros and cons of online dispute resolution: An assessment of cyber-mediation websites. *Duke Law & Technology Review*, 4:1–15.
- Gose, M. 2002. The African Charter on the Rights and Welfare of the Child [html]. www.communitylawcentre.org.za/children/publications/africancharter.pdf (15 Desember 2015 geraadpleeg).
- Gray, O.V. 1998. Protecting the confidentiality of communications in mediation. *Osgoode Hall Law Journal*, 36(4):667–702.
- Haloush, H.A. 2008. The liberty of participation in online dispute resolution schemes. *International Journal of Legal Information*, 36(1):102–17.
- Heaton, J. 2014. *The law of divorce and dissolution of life partnerships in South Africa*. Kaapstad: Juta.

Katsch, M.E. 1996. Dispute resolution in cyberspace. *Connecticut Law Review*, 28(4):953–80.

Lansky, D.T., L.H. Swift, E.E. Manley, A. Elomore en C. Gerety. 1996. The role of children in mediation. *Mediation Quarterly*, 14(2):147–54.

Lesotho Legal Information Institute. 2016. www.lesotholii.org. (4 Januarie 2017 geraadpleeg).

Levy, M.H. en J.G. Mowatt. 1991. Mediation in the legal environment. *De Jure*, 24(1):63–76.

Malan, J. 1997. *Conflict resolution wisdom from Africa*. Durban: Accord.

Mcintosh, J.E., Y.D. Wells en C.M Long. 2007. Child-focused and child-inclusive family law dispute resolution: One year findings from prospective study of outcomes. *Journal of Family Studies*, 13(1):8–25.

Meltzer, C. 2012. From conference rooms to chat rooms: The need to protect confidentiality in online mediation. The Mayhew-Hite report on dispute resolution and the courts. http://moritzlaw.osu.edu/epub/mayhew-hite/wp-content/uploads/2012/10/Meltzer_ODR-Paper.pdf (15 Desember 2015 geraadpleeg).

Morek, R. 2005. Regulation of online dispute resolution: Between law and technology. http://www.odr.info/cyberweek/Regulation%20of%20ODR_Rafal%20Morek.doc (9 Januarie 2007 geraadpleeg).

Murithi, T. 2006. Practical peacemaking wisdom from Africa: Reflections on ubuntu. *Journal of Pan African Studies*, 1(4):25–34.

Nabudere, D.W. en A.G. Velthuisen. 2011. *Restorative justice in Africa. From trans-dimensional knowledge to a culture of harmony*. Pretoria: AISA.

NIP (National Infrastructure Plan). 2017. <http://www.gov.za/node/302> (15 Desember 2015 geraadpleeg).

Nkwinti, G. 2015. Economic Sector, Employment and Infrastructure Development Cluster post-SoNA media briefing 24 Feb 2015. <http://www.gov.za/speeches/minister-gugile-nkwinti-economic-sector-employment-and-infrastructure-development-cluster> (15 Desember 2015 geraadpleeg).

Nnadozie, R.C. 2013. Access to basic services in post-apartheid South Africa: What has changed? Measuring on a relative basis. *The African Statistical Journal*, 16:81–103.

NOP (Nasionale ontwikkelingsplan, 2030). 2017. <http://www.gov.za/node/301> (15 Desember 2015 geraadpleeg).

Paleker, M. 2008. Mediation in South Africa's new Children's Act: a pyrrhic victory. Paper presented at the Asia-Pacific mediation conference 2008.

<http://www.asiapacificmediationforum.org/resources/2008/7>, 16:81–103 (2 Februarie 2017 geraadpleeg).

Parkinson, L. 1997. *Family mediation*. Londen: Sweet and Maxwell.

Pandor, N. 2015. Media briefing on Science and Technology Budget Vote 2015/16 21 May 2015. <http://www.gov.za/speeches/budget-vote-media-briefing-naledi-pandor-mp-minister-science-and-technology-21-may-2015> (15 Desember 2015 geraadpleeg).

Roberts, M. 1998. *Mediation in family disputes: principles of practice*. Ashgate: Hampshire.

Shailor, J.G. 1994. *Empowerment in dispute mediation: A critical analysis of communication*. New York: Praeger.

Szöke, G.L. 2007. The possibility of online mediation under the Hungarian Mediation Act. *Masaryk University Journal of Law and Technology*, 1(1):129–40.

United Nations. 2000. *Basic principles on the use of restorative justice programmes in criminal matters*. ECOSOC Res. 2000/14, U.N. Doc.E/2000/INF/2/Add. 2:34.

Van Zyl, L. 1997. *Divorce mediation and the best interests of the child*. Pretoria: RGN.

Velthuisen, A.G. 2012. Applying indigenous knowledge in the African context: Towards the integrated competence of dispute resolution practitioners. *Africa Insight*, 42(1):73–86.

Wahab, M.S.A. 2010. Dispute resolution for Africa. <http://www.mediate.com/pdf/wahab1.pdf> (2 Januarie 2017 geraadpleeg).

Weyers, M. 2013. Towards the reconceptualisation of social welfare in South Africa: an analysis of recent policy trends. *Social Work / Maatskaplike Werk*. <http://socialwork.journals.ac.za> (15 Desember 2015 geraadpleeg).

Eindnotas

¹ Beahm (2011:95).

² Vandaar die beskrywing in die titel van die artikel.

³ Roberts (1998:4–6).

⁴ Ganeles (2002:715).

⁵ United Nations (2000:34).

⁶ De Jong (2010:519).

⁷ Parkinson (1997:10).

⁸ Parkinson (1997:10–4).

⁹ *Ibid.*

¹⁰ Boniface (2012b:15–6). *Ibid*

¹¹ Levy en Mowatt (1991:64).

¹² Roberts (1998:95).

¹³ *Ibid.*; Boniface (2012b:105).

¹⁴ Goodman (2003:1); Braeutigam (2006:285).

¹⁵ Brennan (2011:197).

¹⁶ Morek (2005:21).

¹⁷ (2011:206).

¹⁸ *Ibid.*; Katsch (1996:953).

¹⁹ Katsch (1996:953); Brennan (2011:207).

²⁰ 'n Akademiese program wat ontwikkel is deur eBay en die Centre for Information Technology and Dispute Resolution aan die Universiteit van Massachusetts in 1999.

²¹ Brennan (2011:207).

²² Soos Square Trade, Webmediate en Cybersettle; Goodman (2003:1).

²³ Goodman (2003:1).

²⁴ Voorbeelde van geoutomatiseerde prosesse is Square Trade, wat gebruik maak van 'n aanlyn proses om geskille tussen verkopers en kopers op te los, terwyl Cybersettle 'n aanlyn aanbod-geskilbeslegting stelsel (“bid dispute resolution system”) saam met telefonies bystand, indien nodig, benut om geskille op te los.

²⁵ Brennan (2011:209).

²⁶ Brennan (2011:210).

²⁷ Goodman (2003:1); Brennan (2011:210).

²⁸ Goodman (2003: 1).

²⁹ (2011:211–2).

³⁰ (2012a:378). Sien ook De Jong (2005:33); (2008:630).

³¹ Sien verder Boezaart (2009:112).

³² Sien ook Paleker (2008).

³³ *Ibid.* Vir 'n algemene bespreking van bemiddeling tydens egskeiding sien Heaton (2014:577).

³⁴ Reël 2(1).

³⁵ Reël 2(2).

³⁶ Reël 7.

³⁷ Reël 13(1).

³⁸ Reël 4(3).

³⁹ (2016).

⁴⁰ Nabudere en Velthuisen (2011:45).

⁴¹ Nabudere en Velthuisen (2011:82).

⁴² (2012:182).

⁴³ (2012:129).

⁴⁴ Velthuisen (2012:73–6).

⁴⁵ BBC (2013).

⁴⁶ (1969:28).

⁴⁷ (2013:98).

⁴⁸ *Ibid.*

⁴⁹ Weyers (2013).

⁵⁰ NOP (2017).

⁵¹ Pandor (2015).

⁵² Nkwinti (2015).

⁵³ *NIP* (2017).

⁵⁴ Duarte (2011:25).

⁵⁵ (2014:561).

⁵⁶ Roberts (1998:64).

⁵⁷ Shailor (1994:11).

⁵⁸ *Ibid.*; Boniface (2012b:107)

⁵⁹ Art. 12(1) en (2).

⁶⁰ Art. 4(1) en (2).

⁶¹ De Jong (2010:519).

⁶² Boniface (2013:13).

⁶³ *Ibid.*

⁶⁴ (2007:105).

⁶⁵ *Ibid.*; Brennan (2011:213).

⁶⁶ (2013:13).

⁶⁷ (2010:519).

⁶⁸ (2011:213).

⁶⁹ (2013:1–16).

⁷⁰ (2006:287).

⁷¹ (2005:21).

⁷² *Ibid.*

⁷³ Morek (2005:21); Brennan (2011:212).

⁷⁴ *Ibid.*; Morek (2005:21).

⁷⁵ Morek (2005:21); Brennan (2011:218).

⁷⁶ *Ibid.*

⁷⁷ Brennan (2011:212).

⁷⁸ Morek (2005:21); Brennan (2011:221).

⁷⁹ *Ibid.*; Braeutigam (2006:287).

⁸⁰ Braeutigam (2006:287); Morek (2005:214).

⁸¹ (2011:215).

⁸² (2011:210).

⁸³ Suid-Afrika het ook domeinnaamdispuutresolusie-regulasies en 'n aanlyn ombudsman vir verbruikersgeskille (Electronic Communications and Transactions Act 25 of 2002)

⁸⁴ Telekommunikasiewet 103 van 1996.

⁸⁵ (1998:667).

⁸⁶ (2015).

⁸⁷ 'n Beëdigde verklaring kan voorgelê word ter verifiëring van die rekenaardrukstuk.

⁸⁸ Bv. die egtheid en vermoë om die dokument in oorspronklike vorm te sien.

⁸⁹ (2011:212).

⁹⁰ (2002:125).

⁹¹ (2007:229–39).

⁹² Van Zyl (1997).

⁹³ Lansky e.a. (1996:147).

⁹⁴ Emery (2003:164).

⁹⁵ Boniface (2012b:110).

⁹⁶ *Ibid.*

⁹⁷ (2006:32).

⁹⁸ *Ibid.*; Boniface (2012b:116).

⁹⁹ (2012b:123–4); sien ook Murithi (2006:32).

¹⁰⁰ (1997:24).

¹⁰¹ (2003:302).

¹⁰² (1997:24).

¹⁰³ (2006:32).

¹⁰⁴ (2012b:124).

¹⁰⁵ (2012b:121).

¹⁰⁶ (2008:103).

¹⁰⁷ (2003:1.

¹⁰⁸ (2007:132).

¹⁰⁹ (2007:151).

¹¹⁰ *Ibid.*; Goodman (2003:1).

¹¹¹ (2007:160).

Caveat magister! Die uitsetting van kosgangers uit koshuise van openbare skole weens onbetaalde koshuisgeld

Danie Kloppers en Henk Kloppers

Danie (D.F.) Kloppers, konsultant, EduKat Educational Consulting
Henk (H.J.) Kloppers, Fakulteit Regte, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

Opsomming

Verskeie openbare skole dui in briewe, op webtuistes en in aansoekvorme aan dat 'n kosganger uit die skool se koshuis gesit kan word indien koshuisgelde nie betaal word nie. In hierdie artikel word besin oor die regsgeldigheid van uitsetting in die lig van nasionale en provinsiale wetgewing en hofuitsprake. Die artikel wys daarop dat, wat Noordwes betref, dit in die lig van regulasies en die uitspraak in *MEC: Department of Education Northwest Province v Fedsas* 2016-12-1 saaknr. 021/2016 (HHA) onwettig is om 'n leerder weens wanbetaling van koshuisgeld toegang tot die koshuis te weier. Ten opsigte van die ander agt provinsies word provinsiale wetgewing en regulasies ontleed en dit blyk dat daar nie spesifieke maatreëls is wat uitsetting weens wanbetaling reguleer nie. In die lig van die Konstitusionele Hof en ander hofse uitsprake oor die reg op 'n basiese onderwys en die "beste belang van die kind"-standaard, kom skrywers tot die gevolgtrekking dat uitsetting weens wanbetaling nie oorweeg behoort te word nie, selfs indien geen direkte maatreëls van toepassing is nie. Vervolgens word moontlikhede tot 'n beheerliggaam se beskikking, soos subsidies, onderhandeling en regstappe, kortliks hanteer, en die gevolgtrekking is dat nie een van die alternatiewe werklik suksesvol is nie. Ten slotte word besin oor die beheerliggaam se aanspreeklikheid indien 'n leerder wel uitgesit of toegang geweier word en 'n waarskuwing word aan beheerliggame gerig dat hulle persoonlik aanspreeklik gehou mag word vir onregmatige uitsetting en dus moet waak voordat hulle optree.

Trefwoorde: beste belang van die kind; kosgangers; koshuise; openbare skole; reg op basiese onderwys; uitsetting

Abstract

Caveat magister! The expulsion of boarders from public school hostels due to non-payment of hostel fees

A number of public schools in South Africa indicate on their websites, on application forms and in letters to parents that a learner will be expelled from the school's hostel if the hostel fees are not paid. In this article the legality of such expulsion is considered in view of national and provincial legislation as well as judgments of the Constitutional Court and the Supreme Court of Appeal. The legality issue is not a mere academic exercise, as is clear from media reports on the expulsion of boarders as well as a letter quoted in the article which warns parents that their children will not be readmitted to the hostel unless all arrear hostel fees have been paid.

In terms of the South African Schools Act 84 of 1996 (SASA) the administration and control of school hostels vest in the school's governing body (SGB), which is considered to be an organ of state and is also empowered to levy school fees. However, neither the SASA nor the *National guidelines for the provision of boarding facilities in public ordinary schools* refers to the levying of hostel fees or the consequences of non-payment. Thus, to ascertain whether a school may legally expel a non-paying boarder, provincial legislation and court rulings must be considered.

With regard to provincial legislation, North-West regulations promulgated in 2012 deal with hostel fees and the expulsion of boarders due to non-payment. The legality of these regulations was questioned, but the Supreme Court of Appeal found in *MEC: Department of Education Northwest Province v Fedsas* 2016-12-1 case no.021/2016 (SCA) that they were valid. In this judgment the court referred, *inter alia*, to previous judgments of the Constitutional Court, including *Fedsas v MEC for Education, Gauteng* 2016 4 SA 546 (CC) and *Governing Body of the Juma Musjid Primary School v Essay* 2011 8 BCLR 761 (CC), and came to the conclusion that the right to basic education enshrined in the Constitution also includes the right to school hostels. It further held that a provincial legislature and the member of the Executive Council were entitled to regulate school hostels in their province as education is a functional area of concurrent national and provincial legislative competence.

The effect of the ruling of the Supreme Court of Appeal is that schools in North-West are explicitly prohibited from expelling boarders due to the non-payment of hostel fees, meaning that public schools that expel learners are acting illegally. With regard to the other provinces, the position is not clear. In Gauteng the provincial schools act determines that any expulsion from a school hostel must be done in accordance with legal requirements. However, both the act and regulations promulgated in terms thereof are silent on the question of non-payment of hostel fees. Although some of the other seven provinces refer (either in the provincial education acts or in regulations) to hostel fees, none deals with the issue of expulsion due to non-payment of such fees. In both the Northern Cape and the Western Cape the practice seems to be that the provincial department will engage with the SGB to come to an agreement. However, this practice is not founded on any existing legal measures.

Since, except for North-West, no provincial measures exist with regard to the expulsion of boarders due to non-payment of hostel fees, it is necessary to consider judgments to find an answer.

South African courts consider the constitutional right to a basic education as an important right which is “immediately realisable”. This right also includes the right to a hostel if necessary. Another important aspect when dealing with children is the “best interest of a child” principle which any organ of state dealing with children should always take into consideration. As an SGB is an organ of state, it follows that the best interest of the learner to be expelled from a hostel due to non-payment of hostel fees should be taken into account. Thus in *Head of Department, Department of Education, Free State Province v Welkom High School* 2014 4 SA 228 (CC) the court held that both the provincial department and SGB should serve the educational needs of the children involved. A further factor is the courts’ dealings with evictions in terms of the Prevention of Illegal Eviction from and Unlawful Occupation of Land Act (PIE) where children are involved. Thus in the *Juma Musjid* matter the Constitutional Court held that an eviction order should not be granted if the best interest of the children involved had not been canvassed.

In view of the aforementioned it seems that the expulsion of a boarder due to non-payment of hostel fees in provinces where no explicit legislation exists should not be considered, as the combination of the abovementioned rights will make it practically impossible to evict the learner.

This raises the question as to alternatives available to SGBs to recover outstanding hostel fees or to ensure that funds are available to keep non-paying learners in hostels.

In North-West, the Western Cape and Eastern Cape an SGB may apply to the provincial department for a hostel subsidy to obtain some measure of relief. However, provincial legislation in the other six provinces does not deal with this, meaning that it is not clear how the right to a hostel subsidy referred to in the *Norms and standards for school funding* would be realised in those provinces. A second alternative is to settle issues of outstanding hostel fees through negotiation between the school and provincial departments of education. However, this alternative is probably doomed, as the law reports contain a number of cases which indicate that there is little goodwill between schools and officials of the various departments of education. This tendency is underlined by judgments like the *Welkom High School* matter, where the Constitutional Court held that the “overly aggressive communication” between the parties and their losing patience with each other was not in the best interest of the children involved. A third alternative is legal action against the non-paying parent. As with the previous alternatives, this route is fraught with obstacles, with provisions of SASA and provincial legislation allowing legal action only once it has been found that the parent is able (but not willing) to pay and, in the case of North-West, a resolution to approve the school fees has been resolved through a secret ballot. These difficulties with recovery will force schools to consider other options, such as public-private partnerships, utilising the school’s property to raise funds or to obtain indemnity insurance for non-payment.

Finally, the consequences for SGBs that do proceed with expulsions should be considered. The legal position in North-West is explicit and as is evident from the discussion, in the other provinces it would probably also be illegal. Should an SGB thus proceed with expulsion it may find itself at the wrong end of a claim for damages. Although the SASA provides that the state is liable for any damage or loss caused by a public school, it has a right of recovery against the SGB or a member. Furthermore, an SGB cannot plead ignorance as it is the duty of the school principal to inform the SGB about policy and legislation. Secondly, the SGB

will most probably be held to have the same duty of care towards learners that is applicable to teachers. This duty is more onerous than merely to act reasonably. Finally, the Supreme Court of Appeal held that “ignorance of the law” is indeed “no excuse” and that a person who engages in a regulated activity (like an SGB) can be expected to keep abreast of the law in that particular field.

In conclusion it is clear that schools and SGBs should appraise themselves of the legality and consequences of the practice of expelling learners due to the non-payment of hostel fees. Thus SGBs should heed the motto: *Caveat magister!* – Beware before you act, Master!

Keywords: best interest of the child; boarders; expulsion; hostels; public schools; right to basic education

1. Inleiding

’n Plattelandse skool stuur onlangs die volgende brief aan ouers van koshuisgangers wie se koshuisgeld agterstallig is:

Na aanleiding van bogenoemde koshuisgeld wat agterstallig is, word u dus in kennis gestel dat u kind/kinders ... nie welkom is om terug te kom koshuis toe na die naweek nie. U moet maar alternatiewe reëlins tref vir u kind(ers) vir verblyf. ... **Die leerder sal slegs weer toegelaat word indien alle agterstallige (2016) en huidige koshuisgeld ten volle, met bewys, vereffen is.**¹ Indien ’n leerder net by die koshuis afgelaai word en gelde uitstaande is, sal ons die leerder by die SAPD gaan aflaai en u sal verwittig word dat u kind daar is, u kan hom/ haar daar gaan afhaal.²

Die brief was op die skool se amptelike briefhoof en is deur die koshuisvader onderteken. Dit het, soos te verwagte, veral in die lig van die laaste stelling ongelukkigheid en emosionele kinders tot gevolg gehad. Alhoewel die briewe in geseëde koeverte aan die betrokke leerders oorhandig is, het die meeste van die leerders, waarskynlik ook soos te verwagte, die briewe oopgemaak.

Hoewel die betrokke skool se optrede by baie lesers ’n wrang smaak sal laat, is dit belangrik om verby die verontwaardiging te kyk en vas te stel of die skool geregtig was om ’n brief met die aangehaalde strekking aan ouers te rig. Dit gesien in die lig daarvan dat verskeie openbare skole op hul webtuistes aandui dat ’n leerder uit die koshuis gesit sal word indien koshuisgeld nie betyds betaal is nie. Voorbeelde sluit ’n hoërskool in KwaZulu-Natal in, wat dit duidelik in sy prospektus stel dat leerders wie se losies agterstallig raak, toegang tot die koshuis geweier sal word; ’n Wes-Kaapse hoërskool wie se aansoekvorm vir koshuisverblyf aandui dat ’n koshuisganger wie se losiesgelde aan die einde van ’n kwartaal nie betaal is nie, nie die volgende kwartaal in die koshuis toegelaat sal word nie; en ’n bepaling in die aansoekvorm van ’n hoërskool in Noordwes wat lui:

[i]ndien losiesgelde nie op die eerste dag van die maand in die skool se bankrekening reflekteer nie, sal die leerder met onmiddellike effek toegang tot koshuis geweier word.³

Dat die aangeleentheid ook nie bloot akademies van aard is nie, blyk uit die berig van Nkonkobe⁴ waarin beweer word dat 'n leerder toegang tot die skool geweier is weens die wanbetaling van koshuisgelde.

In hierdie artikel val die fokus eerstens op die vraag of openbare skole⁵ geregtig is om leerders wie se koshuisgeld agterstallig is, toegang tot die koshuis te weier. Daarna sal besin word oor die middele wat beskikbaar is om die agterstallige koshuisgeld te verhaal, en ten slotte word kortliks verwys na die regs aanspreeklikheid van die beheerliggaam ten opsigte van die uitsetting van 'n leerder uit 'n koshuis.

2. Wetgewing met betrekking tot koshuise

2.1 Inleidende opmerkings

Kragtens die Skolewet⁶ moet 'n provinsiale Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) openbare skole uit fondse wat deur die provinsiale wetgewer beskikbaar gestel is, voorsien. Hierdie voorsiening kan ook koshuise vir leerders insluit.⁷ Die bestuur en beheer van 'n openbare skool berus in die skool se beheerliggaam.⁸ Die beheerliggaam is 'n staatsinstelling⁹ wat in 'n vertrouensverhouding jeens die skool staan en funksies kan verrig of regte uitoefen wat in die Skolewet omskryf is.¹⁰ Die beheer en bestuur van 'n skoolkoshuis berus by die beheerliggaam van die skool waarvan die koshuis deel is, onderhewig aan die voorwaarde dat die bestuur en beheerliggaam nie by 'n besluit van die LUR mag inmeng, of die uitvoering daarvan mag verhinder nie.¹¹ Anders as skoolgeld,¹² bepaal die Skolewet nie uitdruklik dat 'n beheerliggaam koshuisgeld kan vasstel of hef nie.

Die Departement van Basiese Onderwys het riglyne ten opsigte van die verskaffing van koshuise in openbare skole uitgereik.¹³ Die beweegrede agter die riglyne is onder meer dat koshuise toegang tot onderwys aan leerders in plattelandse en plaasgemeenskappe bied.¹⁴ Die riglyne bevestig dat die beheer en bestuur van 'n koshuis by die beheerliggaam berus wat deur sy subkomitee oor koshuisaangeleenthede die koshuisgeld na konsultasie met ouers kan vasstel.¹⁵ Die riglyne bevestig ook dat koshuisgeld die belangrikste bron van inkomste vir die koshuis is en dat die subsidie wat verskaf word ten opsigte van leerders wie se ouers dit nie kan betaal nie, onvoldoende is.¹⁶ Die riglyne verskaf egter nie leiding ten opsigte van wanbetaling van koshuisgeld en die uitsetting van kosgangers vanweë wanbetaling nie.

Die Skolewet en ander nasionale wetgewing handel nie verder met koshuise nie, maar die verskillende provinsies het provinsiale onderwyswetgewing gepromulgeer wat aspekte van openbare skole, waaronder koshuise, beheer. Ongelukkig is die bepalings in die onderskeie provinsiale wette en die regulasies wat daarkragtens afgekondig is, nie eenvormig nie, wat 'n eenvoudige antwoord op die vraag oor die geldige uitsetting van koshuisgangers met agterstallige rekeninge, vertroebel.

Ten einde dié fokusvraag te beantwoord, sal die posisie in Noordwes eers hanteer word, waarop 'n bespreking van die ander provinsies volg.

2.2 Noordwes

2.2.1 Agtergrond

In die Noordwes-provinsie word skoolkoshuise kragtens die Skolewet, die Noordwes Onderwyswet vir Skole¹⁷ en die regulasies daarkragtens uitgevaardig beheer. Die Noordwes-wet verwys nie direk na koshuise nie, maar die LUR het in 2012 regulasies ten opsigte van die bestuur van koshuise in openbare skole uitgevaardig.¹⁸ Die geldigheid van hierdie regulasies is egter eers in die hof getoets, soos uit die volgende paragraaf sal blyk.

2.2.2 Geldigheid van die regulasies

Kort na die afkondiging van die Noordwes-regulasies het die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (Fedsas), die geldigheid daarvan in die Noordwes Hooggeregshof betwis. Fedsas se belangrikste besware teen die regulasies was dat dit sonder die nodige magtiging uitgevaardig is en dat dit ook nie die toets van grondwetlikheid sou deurstaan nie. As alternatief het Fedsas aangevoer dat die regulasies in stryd met die Skolewet en die Grondwet¹⁹ en derhalwe ongeldig en onafdwingbaar is.²⁰ Die LUR se verweer was dat sy kragtens beide die Skolewet en die Noordwes-wet by magte was om die regulasies te promulgeer. In die alternatief betoog sy dat sy 'n grondwetlike plig het om toegang tot onderwys te fasiliteer.²¹

In die uitspraak verwys regter Kgoele na die verwysings na koshuise in die Skolewet en kom tot die gevolgtrekking dat die betrokke artikels slegs ten doel het om die LUR te magtig om koshuise te verskaf en dat die wetgewer die beheer en bestuur van koshuise uitdruklik in die hande van beheerliggame geplaas het.²² Die hof is van oordeel dat die regulasies die magte van beheerliggame beperk en dat die LUR deur die regulasies die mag van 'n beheerliggaam om 'n koshuis te bestuur en te beheer vir haarself toe-eien.²³ Verder beslis die hof dat omdat die Skolewet nie met die beheer en bestuur van koshuise handel nie, die Noordwes-wet en -regulasies wat daarkragtens uitgevaardig is, ook nie daarmee mag handel nie.²⁴ Verder bevind die hof dat die aanhef van beide die Grondwet en die Skolewet nie voorsiening maak vir kwaliteitonderrig en dus, soos die LUR betoog het, vir koshuise nie.²⁵ Ten opsigte van die LUR se betoog dat die geldigheidsbeginsel onder meer beteken dat die bepalinge van die Grondwet ten opsigte van onderwys en die beste belang van kinders voorrang moet geniet, bevind die hof dat die Grondwet na 'n basiese reg op onderwys en nie na 'n reg op behuising, koshuisgeriewe of een of ander vorm van huisvesting verwys nie.²⁶

Uiteindelik bevind die hof dat provinsiale wetgewing en regulasies ondergeskik is aan die Skolewet (wat nie met die bestuur van koshuise handel nie) en dat daar ook geen grondwetlike noodsaak vir die verskaffing van koshuise bestaan nie. So beskou, word die regulasies ongeldig verklaar op grond daarvan dat die LUR nie gemagtig was om dit te promulgeer nie.²⁷ Die LUR het die uitspraak in appèl geneem. Die uitspraak word in die volgende paragraaf bespreek.

2.2.3 MEC North West v Fedsas²⁸

Die appèl is deur 'n volbank van die Hoogste Hof van Appèl aangehoor en die uitspraak is deur waarnemende appèlregter Dlodlo gelewer. Hoewel die hof *a quo* verlof tot appèl geweier het, het die appèlhof verlof toegestaan nadat mondelinge betoë aangehoor is. In die

uitspraak verwys die hof aanvanklik na die agtergrond van die aangeleentheid en haal uit die LUR se beantwoordende verklaring aan waarin sy meld dat koshuise toegang tot onderrig aan leerders in afgeleë gebiede en plaasgemeenskappe bied.²⁹ Die hof wei daarna uit oor die belang van koshuise en dui aan dat koshuise uiteindelik 'n aantal onderwysprobleme die hoof kan bied, soos om gebrekkige toegang tot onderwys uit te wis en die leerderuitvalkoers te verlaag.³⁰

Vervolgens hanteer appèlregter Dlodlo die regsposisie. Hy dui ter inleiding aan dat die regulasies, Noordwes-wet en Skolewet in die lig van die grondwetlike bepalinge oor die reg op toegang tot basiese onderwys en die beste belange van kinders gelees moet word.³¹ Daarna haal hy die toepaslike gedeeltes uit die Konstitusionele Hof se uitsprake in *Fedsas v MEC Gauteng*³² en *Juma Musjid*³³ aan en kom, anders as die hof *a quo*,³⁴ tot die gevolgtrekking dat die reg op 'n basiese onderwys die reg op koshuise, waar van toepassing, insluit, omdat dit basiese onderwys toeganklik maak.³⁵

Vervolgens wys die hof daarop dat onderwys 'n gedeelde bevoegdheid tussen nasionale en provinsiale wetgewers is en haal ter ondersteuning daarvan uit *Fedsas v MEC Gauteng* aan.³⁶ Die hof haal ook uit *Hoërskool Ermelo*³⁷ aan waar die Konstitusionele Hof daarop wys dat skole gesamentlik deur drie vennote, naamlik die nasionale regering, die provinsiale regering en ouers en die gemeenskap verteenwoordig deur die beheerliggaam, bestuur word.³⁸

Die hof verwys daarna na verskeie argumente wat deur Fedsas voorgehou is, maar wys daarop dat wetgewing doelgerig, kontekstueel en in ooreenstemming met die Grondwet uitgelê moet word en die gees en doel van die handves van regte in die Grondwet moet verwesenlik.³⁹ Volgens die hof is Fedsas se betoog dat die LUR nie by magte is om die regulasies uit te vaardig nie, teenstrydig met die aanvaarde beginsel dat magte wat uitdruklik toegestaan word, uitgelê moet word sodat dit ook magte wat redelikerwys noodsaaklik of bykomstig daartoe is, insluit.⁴⁰ Ten opsigte van onderwys is die hof van oordeel dat wetgewing wat uitvoering aan die reg op onderwys gee, in die lig van die reg op basiese onderwys en die beste belang van kinders wat vooropgestel moet word,⁴¹ 'n milde ("generous") uitleg regverdig, en dat die voorsiening van koshuise 'n noodsaaklike deel van die toeganklikheid van onderwys is.⁴²

Ten opsigte van die LUR se magte om regulasies oor koshuise uit te vaardig, wys die hof daarop dat die LUR kragtens die Noordwes-wet daartoe gemagtig is, dat beheerliggame nie uitsluitlike beheer oor skole en dus ook oor koshuise het nie en dat 'n beheerliggaam se optrede in elk geval nie die implementering van 'n besluit van die LUR mag verhinder nie.⁴³ Wat die verhouding tussen die drie onderwysvennote betref, haal appèlregter Dlodlo uit *Welkom*⁴⁴ aan waarin die Konstitusionele Hof bevind het dat die Skolewet 'n fyn balans tussen die drie rolspelers handhaaf om effektiewe onderwys te verseker. Die hof verwys ook na die grondwetlike bepalinge oor samewerkende regering en die LUR se plig om basiese onderwys beskikbaar te stel wat die daarstelling van koshuise en dus ook regulasies oor die koshuise insluit.⁴⁵

'n Belangrike aspek van die uitspraak is die verhouding tussen nasionale en provinsiale wetgewing gesien in die lig van die hof *a quo* se houding dat provinsiale wetgewing ondergeskikte wetgewing is.⁴⁶ Die hof verwys weer na *Fedsas v MEC Gauteng* en haal die gedeelte uit die uitspraak aan waarin die Konstitusionele Hof bevind het dat die Grondwet afwyk van die "konvensionele hiërargie" van wetgewing dat provinsiale wetgewing nie in

stryd met nasionale wetgewing mag wees nie.⁴⁷ Die Konstitusionele Hof het ook bevind dat indien daar 'n konflik bestaan, dit nie die provinsiale wetgewing nietig maak nie, maar dat 'n hof die wetgewing op 'n redelike wyse moet uitlê sodat die konflik verwyder kan word. Indien die konflik voortbestaan, sal die provinsiale of nasionale wetgewing, afhangende van die bepalings van artikels 146 en 148 van die Grondwet, voorrang geniet. Die wetgewing wat nie voorrang geniet nie, word ook nie dan nietig nie, maar bly slegs oneffektief totdat die konflik verwyder is.⁴⁸

Die hof bevind verder dat Fedsas die doelstellings van die regulasies in die lig van die vereistes van die beste belang van kinders en die reg op onderwys ignoreer en dat, in teenstelling met wat Fedsas betoog het, koshuise 'n integrale deel van skole is.⁴⁹ In die lig van die bevindings word die LUR se appèl toegestaan.⁵⁰

2.2.4 Gevolge van die uitspraak

Die uitspraak hou 'n aantal belangrike gevolge vir skole met koshuise in. Dit is ten aanvang belangrik om in gedagte te hou dat die uitspraak direk slegs op Noordwes van toepassing is, omdat die geldigheid van die Noordwes-regulasies bevraagteken is.⁵¹ Dit beteken egter nie dat die uitspraak geïgnoreer sal kan word as ander provinsies ter sprake kom nie, omdat die *stare decisis*-beginsel laer hoër om die uitspraak te volg,⁵² en die Hoogste Hof van Appèl self aandui dat die grondwetlike reg op 'n basiese onderwys die uitspraak ten gronde lê.⁵³

Die uitspraak hou 'n aantal belangrike gevolge vir skole in Noordwes in, gevolge waarvan sommige klaarblyklik nog nie kennis geneem het nie. Eerstens is die Noordwes-regulasies geldig en dus afdwingbaar. Dit beteken dat die LUR nou by magte is om die beheer van skoolkoshuise te reguleer.⁵⁴ Tweedens word die magte en pligte van beheerliggame ten opsigte van koshuise duidelik in die regulasies uiteengesit. Dit sluit onder meer voorskrifte in oor die wyse waarop koshuisgeld bepaal word,⁵⁵ en bepaal uitdruklik dat leerders nie toegang tot 'n koshuis geweier mag word bloot omdat hul ouers dit nie kan bekostig nie.⁵⁶ Daar rus egter 'n plig op 'n "ouer" om die koshuisgeld te betaal behalwe indien en in die mate waartoe hy vrygestel is.⁵⁷

Derdens kan 'n kosganger nie uit 'n koshuis gesit word of toegang tot die koshuis geweier word bloot omdat koshuisgelde agterstallig is nie. Die Noordwes-regulasies bevat twee regulasies wat hierdie aspek uitdruklik reël. Regulasie 5(2)(c) bepaal dat die beheerliggaam 'n leerder se hertoelating tot die koshuis kan weier indien die leerder se koshuisgeld ten opsigte van die vorige akademiese jaar nie ten volle vereffen is nie. Die beheerliggaam is egter gemagtig om dit te doen slegs indien die provinsiale Departement van Onderwys nie 'n koshuissubsidie ten opsigte van die leerder teen 30 September betaal het nie en die leerder 'n billike geleentheid gehad het om sy/haar saak te stel.⁵⁸

Volgens regulasie 9(11) mag 'n leerder nie gedurende 'n akademiese jaar sy of haar regte om aan skool- of koshuisaktiwiteite deel te neem, ontsê word bloot omdat sy of haar koshuisgeld agterstallig is nie. Daar mag ook nie teen die betrokke leerder gediskrimineer word nie en die subregulasie verwys spesifiek na 'n aantal wyses van diskriminasie, waaronder skorsing uit die koshuis, verbale en nieverbale mishandeling en 'n verbod op deelname aan sport en ander aktiwiteite.⁵⁹

In die lig van die Noordwes-regulasies sal die brief waarna in die inleiding verwys is, onwettig wees indien die skool in Noordwes geleë is. Insgelyks tree die hoërskool waarna in die aansoekvorm verwys word, onwettig op. Dit is egter belangrik om daarop te let dat sowel die Skolewet as die Noordwes-wet, asook die Noordwes-regulasies 'n leemte bevat ten opsigte van die afdwinging van bepalings. Nie een van die drie dokumente verwys spesifiek na die gevolge van die nienakoming van die bepalings daarvan nie.

In die volgende paragraaf verskuif die fokus egter eers na die regulasies oor koshuise in die ander provinsies.

2.3 Die posisie in die ander provinsies

Anders as in Noordwes, is die wetgewing en koshuisregulasies in die ander provinsies nie duidelik oor die uitsetting van kosgangers as koshuisgeld nie betaal is nie. In hierdie paragraaf word bepalings wat op die fokusvraag van toepassing kan wees, hanteer. Ten aanvang word na die provinsies verwys wat nog nie koshuisregulasies uitgevaardig het nie.

2.3.1 Provinsies sonder spesifieke bepalings

Vyf provinsies het nog nie spesifieke bepalings ten opsigte van koshuise uitgevaardig nie, hetsy by wyse van wetgewing of regulasies.

2.3.1.1 Gauteng

In Gauteng bepaal die Gauteng School Education Act⁶⁰ dat die LUR gemagtig is om koshuise te skep en te onderhou.⁶¹ Die uitsetting en skorsing van leerders uit 'n koshuis moet kragtens die bepalings van die wet en enige ander toepaslike wetgewing geskied.⁶² Alhoewel die LUR gemagtig is om regulasies uit te vaardig oor enige aspek wat in die Gauteng-wet voorgeskryf is, asook enige aangeleentheid ten opsigte waarvan die LUR dit noodsaaklik of raadsaam ag ten einde die doel van die wet te bereik,⁶³ is geen koshuisregulasies nog uitgevaardig nie. Die LUR het wel regulasies ten opsigte van beheerliggame uitgevaardig.⁶⁴ Hierdie regulasies bepaal onder meer dat die beheerliggaam die skool se eiendom, insluitende die koshuis, moet beheer, onderhou en verbeter,⁶⁵ maar verwys verder glad nie na koshuise nie, ook nie in die regulasies wat met skoolgeld verband hou nie.

Die LUR het ook regulasies ten opsigte van die hantering van wangedrag van leerders in openbare skole uitgevaardig.⁶⁶ Hierdie regulasies hanteer die uitsetting of skorsing van leerders en ook van kosgangers.⁶⁷ Geen leerder mag uit 'n koshuis gesit word nie, tensy die leerder skuldig is aan 'n ernstige oortreding soos in bylaag 2 bedoel en die bepalings ten opsigte van uitsetting nagekom is.⁶⁸ Alhoewel hierdie regulasies op dissiplinêre aangeleenthede betrekking het, kan die afleiding gemaak word dat uitsetting slegs in die geval van 'n dissiplinêre oortreding wettig is en dus nie van toepassing is in die geval van wanbetaling van koshuisgeld nie.

2.3.1.2 Noord-Kaap

In die Noord-Kaap word onderwys gereël deur die Northern Cape School Education Act.⁶⁹ Die LUR is gemagtig om koshuise te skep en te onderhou.⁷⁰ Die LUR mag ook, indien dit nie raadsaam is om 'n koshuis of koshuise onder die beheer van 'n spesifieke skool se

beheerliggaam te laat nie, 'n beheerliggaam vir daardie koshuis of koshuise instel.⁷¹ Die beheerliggaam moet die koshuis beheer en bestuur en toesien dat dit onderhou en verbeter word.⁷² Die wet bevat geen verdere spesifieke bepalings ten opsigte van koshuisgeld of die uitsetting van leerders nie, maar die LUR is gemagtig om regulasies uit te vaardig.⁷³ In teenstelling met die wetgewing waarna reeds verwys is, bevat die Noord-Kaap-wet 'n bepaling dat die regulasies ook 'n boete of straf, wat nie drie maande gevangenisstraf te bowe gaan nie, kan insluit indien die regulasies oortree word.

Ten spyte van die magtigende bepaling is geen koshuisregulasies nog in die Noord-Kaap afgekondig nie. Anders as in Gauteng bestaan daar ook nie ander regulasies wat lig op die fokusvraag kan werp nie.

2.3.1.3 Limpopo

Onderwys word in Limpopo deur die Limpopo Province School Education Act⁷⁴ gereël en die LUR is by magte om koshuise te skep en te onderhou.⁷⁵ Die wet bepaal verder dat die beheer, skorsing en uitsetting van leerders uit 'n koshuis volgens voorskrif gedoen moet word.⁷⁶ Die bestuur van die koshuis berus by die beheerliggaam wat ook, indien dit 'n staatsondersteunde skool is, die koshuisgeld kan vasstel wat deur die kosganger se ouer betaal moet word.⁷⁷ Die wet bevat geen verdere bepalings wat op die fokus van hierdie artikel van toepassing is nie, behalwe die magtiging dat die LUR regulasies kan maak en sanksies kan voorskryf vir die verbreking daarvan.⁷⁸

Die LUR het, soos in die Noord-Kaap, nog geen regulasies afgekondig ten opsigte van koshuise of die wanbetaling van koshuisgeld nie.

2.3.1.4 KwaZulu-Natal

Die wetgewing in KwaZulu-Natal⁷⁹ is soortgelyk aan die wetgewing waarna reeds verwys is. Die betrokke LUR het ook die mag om regulasies te maak, hoewel sy magte beperk word.⁸⁰ Geen regulasies ten opsigte van koshuise of koshuisgeld is egter nog uitgevaardig nie.

2.3.1.5 Mpumalanga

In Mpumalanga word onderwys deur die School Education Act (Mpumalanga)⁸¹ gereël. Die wetgewing stem grootliks ooreen met die Limpopo-wet en maak ook geen voorsiening vir die wanbetaling van koshuisgeld nie.⁸² Insgelyks is geen regulasies daaromtrent uitgevaardig nie.

2.3.1.6 Vrystaat

Die Free State School Education Act⁸³ bevat soortgelyke bepalings as dié waarna reeds verwys is oor die plig van die LUR om koshuise op te rig en te onderhou en sy magte om regulasies uit te vaardig, die plig van die beheerliggaam om die koshuis te beheer en te bestuur en met die LUR se goedkeuring ook te onderhou en te verbeter.⁸⁴ Alhoewel die wet bepalings ten opsigte van skoolgeld bevat⁸⁵ is daar geen bepalings wat spesifiek op koshuisgeld van toepassing is nie. Die enigste artikels wat na uitsetting uit 'n koshuis verwys, handel met dissiplinêre aangeleenthede.⁸⁶

Die LUR het nog geen regulasies uitgevaardig ten opsigte van koshuise of koshuisgeld nie.

2.3.2 Die Oos-Kaap

In die Oos-Kaap word onderwys deur die Eastern Cape Schools Education Act⁸⁷ gereguleer. Die Oos-Kaap-wet bevat die gebruikelike artikels wat die LUR magtig om koshuise te skep en te onderhou en regulasies uit te vaardig, asook bepalings oor die instelling van 'n beheerliggaam.⁸⁸ Die wet sit, anders as by die meeste ander provinsies, nie die magte en funksies van die beheerliggaam uiteen nie, maar bepaal dat die LUR dit by wyse van regulasie mag bepaal.⁸⁹ Ten opsigte van koshuisgeld moet die ouer van 'n kosganger van losies wat deur die departement voorsien word, die koshuisgeld wat deur die LUR bepaal word, betaal.⁹⁰

Die *Hostel policy for public ordinary schools*⁹¹ het ten doel om onder meer 'n regulatoriese raamwerk vir koshuise daar te stel.⁹² Alhoewel die beleid nie in 'n provinsiale koerant afgekondig is nie, en dus nie as regulasies beskou kan word nie, is dit binne die raamwerk van die Oos-Kaap-wet uitgevaardig en is dit van toepassing op alle openbare skole met koshuise in die provinsie.⁹³

'n Leerder moet jaarliks aansoek doen om toelating tot 'n koshuis en die koshuisbestuurskomitee⁹⁴ kan leerders teen betaling van koshuisgeld in 'n koshuis toelaat.⁹⁵ Koshuisgeld moet jaarliks deur die beheerliggaam bepaal word, met inagneming van die bedryfskoste van die koshuis, die kwintiel waarbinne die skool val en drempels wat deur die LUR bepaal word.⁹⁶ Daar word van ouers verwag om die koshuisgeld kwartaalliks ingevolge 'n glyskaal vooruit te betaal.⁹⁷ Hoewel 'n ouer ingevolge die voorgeskrewe aansoekvorm ook onderneem om koshuisgeld te betaal, maak die beleid nie voorsiening vir wanbetaling nie. Ten opsigte van die uitsetting van 'n kosganger is daar slegs 'n bepaling dat 'n leerder om dissiplinêre redes uit 'n koshuis gesit mag word.⁹⁸

2.3.3 Die Wes-Kaap

Die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys⁹⁹ bepaal ook dat die LUR gemagtig is om koshuise te skep en te onderhou¹⁰⁰ en dat die skool se beheerliggaam¹⁰¹ op skriftelike versoek die koshuis kan onderhou en verbeter.¹⁰² Die LUR is ook by magte om regulasies uit te vaardig vir die bestuur van koshuise asook die bestuur van koshuisfondse.¹⁰³ Ten opsigte van koshuisgeld bepaal die wet dat die ouer van 'n kosganger die koshuisgeld wat deur die beheerliggaam bepaal is, moet betaal,¹⁰⁴ maar maak nie voorsiening vir 'n geval waar dit nie betaal word nie.

Die LUR het regulasies ten opsigte van die beheer en bestuur van koshuise en ander aangeleenthede uitgevaardig¹⁰⁵ wat bevestig dat die beheer van 'n koshuis, onderhewig aan die regulasies, in die skool se beheerliggaam setel.¹⁰⁶ Ten opsigte van koshuisgeld moet 'n skool met 'n koshuis koshuisgeld hef gelykstaande aan die gemiddelde bedryfskoste van die koshuis¹⁰⁷ en die ouer van die kosganger moet die koshuisgeld betaal.¹⁰⁸ Toelating tot 'n koshuis en die voorwaardes vir die betaling van koshuisgeld word deur die beheerliggaam bepaal.¹⁰⁹ Alhoewel die regulasies voorsiening maak vir die skorsing en uitsetting van leerders wat binne die reëls van natuurlike geregtigheid moet geskied, is die betrokke regulasie¹¹⁰ se opskrif "Leerdergedrag en dissipline by koshuise", wat beteken dat dit nie op wanbetaling van koshuisgeld van toepassing is nie.

2.4 Opsomming

Soos uit die bespreking blyk, word skoolkoshuise, koshuisgeld en die uitsetting van leerders weens wanbetaling nie eenvormig hanteer nie. In vier provinsies, naamlik die Noord-Kaap, Limpopo, Mpumalanga en KwaZulu-Natal, bestaan geen maatreëls wat die aspekte onder bespreking hanteer nie. In die Vrystaat en Gauteng is daar ook nie spesifieke regulasies ten opsigte van uitsetting en wanbetaling nie. Die enigste bepaling wat moontlik hierop van toepassing kan wees, is die Gautengse dissiplinêre regulasies en artikels in die Vrystaat-wet wat bepaal dat 'n leerder slegs weens 'n ernstige oortreding, en nadat die voorgeskrewe proses gevolg is, uit 'n koshuis gesit mag word.

Wat die provinsie wat wel maatreëls uitgevaardig het, betref, verskil die posisie in die Oos-Kaap en Wes-Kaap nie werklik van die provinsies sonder regulasies nie. Die Oos-Kaapse beleid maak nie voorsiening vir wanbetaling nie, alhoewel dit op ouers die verpligting lê om koshuisgeld te betaal. Die enigste verwysing na uitsetting is ten opsigte van dissiplinêre optrede. Dit is ook die posisie in die Wes-Kaap. Dus bestaan daar in agt provinsies geen direkte bepalinge nie.

Die enigste duidelikheid is die Noordwes-regulasies wat, na die uitspraak in *MEC North West v Fedsas*, geldig en afdwingbaar is. Alhoewel die regulasies dit baie duidelik uitspel dat 'n koshuisganger nie uitgesit mag word bloot omdat koshuisgeld nie betaal is nie, beantwoord dit nie alle vrae nie. So byvoorbeeld maak die Noordwes-regulasies nie voorsiening vir sanksies indien dit oortree word nie.

In die volgende paragraaf fokus die bespreking op die vraag of 'n leerder wel in die ander provinsies uitgesit kan word indien koshuisgeld nie betaal is nie.

3. Uitsetting by gebrek aan voorskrifte

Die vraag wat in hierdie paragraaf beantwoord word, is of 'n beheerliggaam suksesvol sal wees om 'n leerder uit 'n koshuis te sit indien die leerder se koshuisgeld nie betaal is nie, of daarop geregtig is om die leerder toegang tot die koshuis te weier.¹¹¹ Dat die vraag nie net bloot akademies van aard is nie, blyk uit die talle skole wat so 'n bepaling in hul aansoekvorms en op hul webblaaie het.

3.1 Praktyk

Alhoewel die Wes-Kaap en Noord-Kaap nog nie regulasies uitgevaardig het nie, het die twee provinsies praktyke met betrekking tot die uitsetting van kosgangers ontwikkel. In die Noord-Kaap het 'n amptenaar van die Noord-Kaapse Onderwysdepartement ons telefonies meegedeel¹¹² dat die praktyk in die provinsie is dat die departement met die beheerliggaam onderhandel om te voorkom dat die leerder uit die koshuis gesit word. Die partye onderhandel oor 'n subsidie en indien dit onvoldoende is, betaal die departement die verskil aan die beheerliggaam.

In die Wes-Kaap gebruik onderwysowerhede dieselfde uitgangspunt as dié van die Noordwes-regulasies, naamlik dat 'n kosganger nie uitgesit mag word nie. Tydens 'n

telefoniese onderhoud met 'n amptenaar is ons meegedeel dat die provinsie op grond van 'n regsmening optree en onlangs 'n skool verplig het om 'n leerder in die koshuis te hou.¹¹³

3.2 By gebrek aan maatreëls of praktyk

Wat behoort die posisie te wees indien geen maatreëls bestaan nie of die beheerliggaam nie met die provinsiale praktyk saamstem nie? Om dié vraag te beantwoord, is dit nodig om die howe se benadering te bestudeer.

3.2.1 Reg op onderwys

Dit is ten aanvang duidelik dat die howe onderwys met erns bejeën. So byvoorbeeld het die Konstitusionele Hof dit al as “primordial and integral to the human condition”¹¹⁴ beskryf. Aansluitend hierby is basiese onderwys 'n reg wat in die handves van regte in die Grondwet verskans is.¹¹⁵ Hierdie reg is volgens die Konstitusionele Hof 'n reg waarvan die belangrikheid nie verontagsaam kan word nie.¹¹⁶ Dit is 'n belangrike sosio-ekonomiese reg wat “dadelik gerealiseer moet word” en gefokus is op die ontwikkeling van 'n kind se persoonlikheid, talente en vermoëns¹¹⁷ met die doel om die demokratiese verandering van die samelewing te ondersteun.¹¹⁸

Die basiese reg op onderwys kan ook benadeel word waar versuim word om die reg te respekteer of deur die direkte inbreuk op die reg deur 'n ander persoon te verhinder.¹¹⁹

3.2.2 Beste belang van die kind

'n Volgende belangrike reg wat op die fokusvraag van toepassing is, is die beste belang van 'n kind.¹²⁰ Die beste-belang-maatstaf moet toegepas word in enige handeling en besluite oor 'n kind of 'n groep kinders wat deur 'n staatsorgaan geneem word.¹²¹ Die belangrikheid van hierdie bepaling is by verskeie geleenthede deur die hoogste howe in Suid-Afrika bevestig. In *S v M*¹²² wys regter Sachs daarop dat die belangrikheid van hierdie reg beteken dat wetstoepassing altyd kindsensitief moet wees, dat wetgewing en die gemenereg uitgelê moet word op 'n wyse wat kinders se regte beskerm en bevorder, en dat howe so moet funksioneer dat hulle altyd hul respek vir kinderregte aantoon. In die *DPP Transvaal*-saak¹²³ bevestig hoofregter Ngcobo die belang van die reg en wys hy daarop dat dit nie “nodig of wenslik” is om die reg presies te definieer nie.¹²⁴ Die beste-belang-beginsel is egter nie beslissend nie en kan, soos ander fundamentele regte, redelikerwys ingeperk en teen ander regte afgewee word.¹²⁵

Die beste belang van die kind behoort ook die uitgangspunt te wees wanneer daar oor die onderwys van kinders besin word.¹²⁶ In die *Rivonia*-saak verwys die Konstitusionele Hof trouens daarna dat die spesifieke belange van die leerder wat deur die geskil geraak is en die invloed wat die regstryd op haar kan hê, klaarblyklik nie in ag geneem is nie.¹²⁷ In die *Welkom*-saak raak die hof 'n soortgelyke aspek aan en wys daarop dat die regte van beide die provinsiale departementshoof en die skool se beheerliggaam ondergeskik aan kinders se behoeftes is.¹²⁸ In die *Fochville*-saak moes die Hoogste Hof van Appèl beslis oor die openbaarmaking van vraelyste waarin leerders onder meer hulle ervarings oor die skool verwoord het. Die hof bevind dat dit nie in belang van die leerders sou wees om die vraelyste aan die skool beskikbaar te stel nie en dat die opsomming van die inhoud van die vraelyste voldoende was.¹²⁹

3.2.3 *Howe se benadering*

Die reg op basiese onderwys en die beste belang van kinders is die basis vir die samewerking wat daar tussen die nasionale en provinsiale departemente van onderwys en beheerliggame behoort te wees.¹³⁰ In *MEC Northwest v Fedsas* het die hof hierdie twee bepalings saam ge lees en bevind dat die reg op basiese onderwys meer as bloot die beskikbaarstelling van klasse beteken. Die hof wys daarop dat die reg wyd uitgelê moet word sodat dit ook die reg op koshuise vir leerders wat ver van skole af woon, insluit.¹³¹

Indien die reg op koshuisinwoning 'n basiese reg is, beteken dit dat hierdie reg dus dieselfde beskerming as die reg op basiese onderwys behoort te geniet. Die reg op basiese onderwys word in die Skolewet¹³² en in provinsiale wetgewing¹³³ beskerm in die mate dat 'n leerder nie uit 'n skool gesit mag word indien 'n leerder of sy ouer nie die skoolgeld kan betaal of betaal het nie. Dieselfde behoort dus te geld vir die wanbetaling van koshuisgeld.

3.2.4 *Uitsetting – die Prevention of Illegal Eviction from and Unlawful Occupation of Land Act (PIE-wet)*

'n Kosganger se reg op inwoning kan egter ook oor 'n ander boeg gegooi word. Indien die ouer nie betaal nie, beteken dit dat die leerder onwettig in die koshuis is en derhalwe as 'n onregmatige besetter beskou kan word. Dit beteken dat wetgewing en uitsprake ten opsigte van die uitsetting van kinders in ag geneem moet word. Die sogenaamde PIE-wet¹³⁴ is van toepassing op alle gevalle waar 'n onregmatige besetter van grond – wat 'n koshuis insluit – uitgesit word.¹³⁵ Die wet bepaal dat ongeag enige ander of gemeenregtelike bepaling, die uitsettingsprosedure wat deur PIE voorgeskryf word, van toepassing is.¹³⁶ Die prosedure is taamlik omslagtig. Die proses word in die hof afgehandel¹³⁷ en kennis moet ook aan die plaaslike munisipaliteit gegee word.¹³⁸ Die betrokke kosganger is, as 'n party tot die saak, ook geregtig op regsverteenwoordiging wat op staatsonkoste aan die kind verleen mag word.¹³⁹

PIE bepaal spesifiek dat die hof, voordat hy 'n bevel maak, die reg van onder meer kinders in ag moet neem. Aansluitend hierby het die Konstitusionele Hof bevind dat 'n hof wat 'n uitsettingsaansoek hanteer, nie bloot passief mag wees nie, maar verplig is om al die omstandighede te ondersoek, veral waar kwesbare persone betrokke is.¹⁴⁰ In die *PE Municipality*-saak¹⁴¹ beslis die hof verder dat dit die belange en die omstandighede van 'n besetter in ag moet neem en behoorlik oorweging moet skenk aan beginsels van billikheid en ander grondwetlike waardes ten einde 'n regverdige en billike bevel te maak.¹⁴² Dit beteken dat 'n uitsettingsbevel nie verleen mag word totdat die hof in staat is om 'n besluit gegrond op feite te neem nie. Omdat die landdros in die *Hendricks*-saak¹⁴³ nie voldoende inligting gehad het oor onder meer die kinders wat moontlik uitgesit sou word nie, het die Hoogste Hof van Appèl beslis dat die aangeleentheid terugverwys word sodat 'n behoorlike ondersoek ingestel kan word.

Die wyse waarop uitsetting in 'n onderwysverband hanteer word, is in die *Juma Masjid*-saak geïllustreer wat hierna hanteer word.

3.2.5 *Die Juma Masjid-saak*

Die aangeleentheid het gehandel oor uitsetting deur 'n openbare skool. Die Konstitusionele Hof wys daarop dat die reg op onderwys belangrik is en in streeks- en internasionale

instrumente erken word,¹⁴⁴ en die grondeienaar in hierdie geval 'n “negatiewe” plig gehad het om nie op die leerders se reg op onderwys inbreuk te maak nie.¹⁴⁵ Hoewel die hof in aanvanklike verrigtinge bevind het dat die grondeienaar redelik opgetree het en daarop geregtig was om om 'n uitsettingsbevel aansoek te doen omdat die LUR nie haar samewerking gegee het om saak te skik nie, is die uitsettingsbevel van die hof *a quo* nie bekragtig nie omdat dit nie die belange van die leerders wat geraak is, oorweeg het nie.¹⁴⁶ Die hof het egter die partye versoek om 'n ooreenkoms te bereik.¹⁴⁷

Ten opsigte van die verskillende regte wat in die saak belangrik was, waaronder die reg op eiendomsreg, die reg op onderwys en die belangrikheid van kinders se belange, haal die hof met goedkeuring 'n gedeelte uit die uitspraak in die *PE Municipality*-saak¹⁴⁸ aan. In die uitspraak wys regter Sachs daarop dat dit nie die taak van die hof is om 'n hiërargiese orde vir regte te bepaal nie, maar eerder om opponerende aansprake te balanseer en te versoen op so 'n regverdigende wyse as moontlik. Dit doen die hof terwyl dit alle betrokke belange en faktore spesifiek tot die besondere saak in ag neem.¹⁴⁹

Tydens die finale verrigtinge is die uitsettingsbevel wel toegestaan omdat die LUR nie 'n ooreenkoms met die grondeienaar wou sluit nie en reeds alternatiewe skoolgeriewe vir leerders gereël het.¹⁵⁰

3.3 Opsomming

Uit die bespreking hier bo blyk dit dat die uitsetting van 'n kosganger wie se koshuisgelde nie betaal is nie, nie ligtelik oorweeg behoort te word nie en is die geldigheid van 'n stelling soos “in case of non-payment of hostel fees, a learner may be refused further residence in a school hostel”¹⁵¹ onder verdenking. Die bepalinge van die Grondwet, tesame met die hoogste hof se uitleg van die regte, bring mee dat hof waarskynlik huiwerig sal wees om so 'n bevel toe te staan. Verder bring die omslagtige prosedure in die PIE-wet mee dat die uitsettingsproses tydrowend en duur sal wees, met die uiteindelijke vraag steeds of die uitsetting in die beste belang van die betrokke kind sal wees.

Beheerliggame is dus gesnoeker deurdat een van die belangrikste wyses waarop ouers gedwing kan word om te betaal, naamlik om te dreig om die kosganger uit te sit, waarskynlik ongrondwetlik en ten minste nie in die beste belang van die kind sal wees nie. Hierdie gevolgtrekking noep twee verdere vrae. Eerstens: wat staan die beheerliggaam dan te doen, veral in die lig daarvan dat dit verantwoordelik is vir die daaglikse bestuur van die koshuis? Tweedens, kan die beheerliggaam of individuele lede aanspreeklik gehou word vir skade wat die leerder as gevolg van die uitsetting ly?

4. Middele tot 'n beheerliggaam se beskikking

4.1 Inleiding

Alhoewel hierdie artikel aandui dat 'n beheerliggaam nie 'n leerder wie se koshuisgeld agterstallig is, kan uitsit nie, hetsy omdat dit verbied word, soos die Noordwes-regulasies bepaal, of omdat 'n hof dit waarskynlik nie sal toestaan nie, is daar 'n aantal moontlikhede

beskikbaar om die agterstallige bedrae te verhaal. Dit sluit aansoeke om subsidies, onderhandeling met die provinsiale departemente en regstappe teen die ouers in.

4.2 Aansoeke om subsidies

Die Noordwes-regulasies maak spesifiek daarvoor voorsiening dat 'n leerder om 'n subsidie vir koshuisgelde kan aansoek doen.¹⁵² Die regulasies bepaal egter nie hoe die aansoek gedoen kan word nie, behalwe om na die *Norme en standaarde vir skoolbefondsing*¹⁵³ te verwys. Die norme en standaarde verwys egter nie na prosedure nie en bepaal slegs dat provinsiale onderwysdepartemente fondse vir koshuissubsidies beskikbaar moet stel.¹⁵⁴ Die wese van hierdie bepaling word ook in die riglyne herhaal,¹⁵⁵ met die belangrike byvoeging dat hoewel die befondingsnorme vir koshuissubsidies voorsiening maak, die subsidies nie voldoende vir die bedryfskoste van die koshuis sal wees nie en koshuisgeld steeds die hoofbron van inkomste is.¹⁵⁶

Subsidies word ook in die Wes-Kaap-regulasies hanteer, waar die LUR gemagtig word om finansiële hulp aan 'n koshuisloseerder te verskaf.¹⁵⁷ Die betrokke regulasies bepaal verder dat ouers jaarliks by die departementshoof aansoek kan doen om 'n subsidie, “ooreenkomstig die wyse deur hom of haar bepaal”.¹⁵⁸

In die Oos-Kaap bepaal die beleid dat subsidies ooreenkomstig die glyskaal van ouers se inkomste aan leerders beskikbaar gestel sal word.¹⁵⁹ Die beleid bepaal verder dat die doel van die subsidie is om die bedryfskoste van die koshuis te dek en dat die departementshoof kan bepaal hoeveel subsidie elke koshuis moet ontvang.¹⁶⁰ Anders as by die ander twee provinsies sluit die Oos-Kaap-beleid 'n volledige aansoekvorm in, asook 'n bepaling dat fondsinsameling om die hulpbronne van die koshuis aan te vul, gemagtig word.¹⁶¹

In die ander ses provinsies is daar geen bepalings wat die verkryging van koshuissubsidies reël nie, wat beteken dat ouers en/of die beheerliggaam by streekskantore moet aanklop om vas te stel op welke wyse die betrokke provinsie uitvoering aan die norme en standaarde en riglyne gee.

Die probleem met 'n subsidie is natuurlik dat dit nie die werklike koste ten opsigte van die kosganger se inwoning betaal nie en dat dit te laat is om daarvoor aansoek te doen indien die ouer gedurende die jaar ophou om te betaal. Subsidies bied dus nie werklik 'n oplossing nie.

4.3 Onderhandeling

Indien 'n kosganger se losiesgeld nie betaal is nie, behoort onderhandelinge tussen die beheerliggaam en provinsiale departement die oplossing te wees, omdat beide staatsorgane se primêre fokus die beste belange van die betrokke leerder behoort te wees.¹⁶² Die Skolewet bepaal verder dat elke LUR moet toesien dat openbare skole – wat koshuisgeriewe insluit – in die provinsie beskikbaar is,¹⁶³ en aansluitend hierby verlang die Grondwet dat staatsorgane “in wedersydse vertroue en goeie trou” met mekaar moet saamwerk deur onder meer vriendskaplike betrekkinge te bevorder en regsverrigtinge teen mekaar te vermy.¹⁶⁴

Ongelukkig is dit die teorie. Die praktyk soos wat dit in die hofverslae en artikels weerspieël word, wys dat onderhandeling en “vriendskaplike betrekkinge” die uitsondering is en dat die howe hulle al by verskeie geleenthede uitgespreek oor die gebrek aan onderhandeling en

samewerking.¹⁶⁵ In die *Welkom*-saak wys die Konstitusionele Hof daarop dat die beheerliggaam en departement slegs 'n oppervlakkige poging om samewerking aangewend het, en dat aggressiewe kommunikasie tussen die partye samewerking ondermyn het.¹⁶⁶ Die hof dui verder aan dat dit vir beide die departement en die beheerliggaam klaarblyklik nie oor die belange van die leerders gegaan het nie, maar oor 'n magspel om te bepaal wie in beheer van skoolhoofde se optrede is.¹⁶⁷

Die gedurige onmin tussen onderwysdepartemente en beheerliggame het ook in *Fedsas v MEC Gauteng* na vore gekom, waar adjunkhoofregter Moseneke daarop wys dat daar voortdurende geskille tussen die partye oor die toelating van leerders is¹⁶⁸ en dat die basis van die geskille die reg op gelyke toegang tot onderwys is.¹⁶⁹

Die *Juma Masjid*-saak het veral op die gebrek aan samewerking van die LUR se kant af gefokus. Die hof verwys na verskeie ondernemings wat deur die departement gemaak en nie nagekom is nie en beslis dat die LUR 'n "belangelose houding" ingeneem het.¹⁷⁰ Regter Nkabinde wys verder daarop dat die hofproses moontlik nie nodig sou gewees het as die LUR haar ondernemings nagekom het of betyds alternatiewe onderwysgeriewe vir die leerders gereël het nie.¹⁷¹

'n Ander saak wat ook moontlik nie tot regstappe sou gelei het as die provinsiale onderwysdepartement betyds opgetree het nie, is die *Ermelo*-saak. Adjunkhoofregter Moseneke dui aan dat, ten opsigte van die taalvraagstuk, die departementshoof onregmatig en in stryd met die grondwetlike beginsel van legaliteit opgetree het.¹⁷² Die onderliggende rede hiervoor is te vind in die departement se versuim om voldoende stappe te doen om voldoende skoolgeriewe vir leerders te skep.¹⁷³

In *Fedsas v HOD Northern Cape* het die departementshoof ook onder skoot gekom omdat hy nie aan Fedsas se billike versoeke om konsultasie voldoen het nie en eerder in hofstukke die applikante op 'n afjakkende wyse geantwoord het.¹⁷⁴ Die hof verwys na "the unnecessarily aggressive and insulting contents" van die verklarings,¹⁷⁵ terwyl die Skolewet 'n vennootskap en dus konsultasie en kommunikasie tussen rolspelers veronderstel.¹⁷⁶

Dit is egter nie net onderwysdepartemente wat die howe se argwaan ontketen nie. In *MEC Northwest v Fedsas* is waarnemende appèlregter Dlodlo van mening dat Fedsas, wat skoolbeheerliggame verteenwoordig, die doel van die reg op onderwys en die beste belange van kinders verontagsaam.¹⁷⁷

Uit die bespreking blyk dit dat samewerking tussen skole en onderwysdepartemente dus meestal nie die gewenste uitwerking sal hê nie, wat beheerliggame dan met die moontlikheid van regstappe laat.

4.4 Regstappe

Die Skolewet magtig 'n beheerliggaam om skoolgeld – en dus ook koshuisgeld – vas te stel¹⁷⁸ en agterstallige gelde te verhaal. Die wet bepaal dat "'n ouer" aanspreeklik is vir die betaling van skoolgeld, behalwe indien, of in die mate waartoe, hy of sy daarvan vrygestel is.¹⁷⁹ Indien die ouer nie betaal nie, kan die skool 'n regsproses ter invordering volg,¹⁸⁰ maar hierdie proses is aan 'n aantal voorwaardes gekoppel, onder meer dat die skool eers 'n skrywe aan die ouer moet rig om hom te verwittig dat hy nie om vrystelling aansoek gedoen het nie en

steeds nie betaal nie, en 'n tydperk van drie maande na die skrywe verloop het en die ouer steeds nie betaal nie.¹⁸¹ Tydens uitwinning mag die skool nie op die woning waarin 'n ouer woon, beslag lê nie.¹⁸²

Die bepalinge van die Skolewet is egter nie die enigste waaraan 'n beheerliggaam gehoor moet gee nie. 'n Beheerliggaam kan nie stappe teen 'n wanbetaler doen voordat dit nie eers 'n ondersoek ingestel het om te bepaal of die ouer nie moontlik vir kwytskelding kwalifiseer nie.¹⁸³ Dit beteken dat die beheerliggaam nie daarop geregtig is om sonder meer stappe in te stel nie. Verder bepaal die Noordwes-skolewet dat die bedrag van skoolgeld – en dus ook koshuisgeld in daardie provinsie – deur 'n geheime stemming goedgekeur moet word.¹⁸⁴

Dit is nie die doel van hierdie paragraaf om die betaling en vordering van koshuisgeld volledig te hanteer nie, maar uit hierdie kort bespreking blyk dit dat 'n beheerliggaam in elk geval nie sonder meer regstappe kan instel nie. Die beheerliggaam sal ten minste eers moet seker maak dat die koshuisgeld volgens die toepaslike wetgewing en regulasies bepaal is, dat die ouer dit kan bekostig en nie op kwytskelding geregtig is nie.

4.5 Opsomming

Die bespreking hier bo skets 'n donker prentjie vir beheerliggame wat agterstallige koshuisgeld moet invorder. Aan die een kant gaan veral kleiner, plattelandse koshuise die finansiële druk voel om kosgangers wat nie betaal nie, in die koshuis te hou omdat dit in die belang van die leerder is. Dit teen die agtergrond van koerantberigte oor 'n skoolkoshuis wat sy deure moes sluit omdat verskaffers hulle weens niebetaling onttrek het.¹⁸⁵ Aan die ander kant wil dit voorkom of nie een van die bestaande middele tot die beheerliggaam se beskikking werklik effektief is nie.

Wat bly oor?

Eerstens gaan beheerliggame al hoe meer gedwing word om fondsinsamelings te hou en skenkings of borgskappe te vra om hul skoolkoshuise te onderhou en voorsiening te maak vir leerders wie se ouers nie kan of wil betaal nie. Dit is egter makliker gesê as gedaan. In onlangse navorsing is aangetoon dat ouers en die gemeenskap nie ondersteunend teenoor fondsinsameling is nie en dit as die taak van die skoolbestuur en personeel beskou.¹⁸⁶

Tweedens kan beheerliggame die moontlikheid van vennootskappe met die privaatsektor ondersoek met die oog daarop om fondse vir koshuise te genereer. Dit sluit die gebruik van die skoolseiendom in, omdat die Skolewet 'n beheerliggaam magtig om skoolseiendom aan te wend om skoolfondse aan te vul.¹⁸⁷ Alhoewel die privaatsektor reeds by verskillende onderwysprojekte betrokke is, is dit meestal op die verskaffing van leermateriaal en infrastruktuur gefokus.¹⁸⁸ Die generering van fondse vir koshuise is dus 'n nuwe veld waarin beheerliggame hulle moet begewe.

'n Derde opsie is dat beheerliggame en hul versekeraars die moontlikheid oorweeg om versekering vir oninvorderbare skulde te beding. Dit kan 'n praktiese – hoewel duur – oplossing vir die probleem bied.

5. Aanspreeklikheid van die beheerliggaam

'n Laaste aspek wat aandag verdien, is die moontlike regs aanspreeklikheid van die beheerliggaam as 'n kosganger onregmatig uit 'n koshuis gesit is weens wanbetaling van koshuisgeld. Soos reeds hier bo vermeld, dui die Noordwes-regulasies, wat uitsetting uitdruklik verbied, nie enige sanksie aan nie, terwyl dit uit die bespreking blyk dat uitsetting waarskynlik 'n onregmatige aantasting van die leerder se grondwetlike regte sou meebring. Die feit dat die Noordwes-regulasies nie 'n sanksie insluit nie en dat ander uitdruklike sanksies ten opsigte van die uitsetting weens wanbetaling van koshuisgeld nie bestaan nie, beteken egter nie dat daar geen gevolge is nie. In Suid-Afrika geld die beginsel dat daar 'n remedie vir elke reg is en dat indien die remedie nie duidelik is nie, die howe, as opperbeskermers van regte, die taak het om 'n geskikte remedie te bepaal.¹⁸⁹

'n Beheerliggaam is 'n statutêre instelling, wat beteken dat dit slegs daardie funksies mag verrig wat in magtigende bepalings daaraan toegewys is.¹⁹⁰ Dit is, soos reeds aangedui, een van die drie vennote in die onderwysmilieu wat saam met die nasionale en provinsiale owerheid moet toesien dat die verwerkliking van die ideaal van kwaliteitsonderwys bereik word. Dit beteken ook dat die beheerliggaam die beginsels van deursigtige en verantwoordbare bestuur en die nakoming van regs beginsels moet openbaar.¹⁹¹ Indien die beheerliggaam dit nie doen nie, kan dit regtens verantwoordbaar gehou word.

As 'n leerder onregmatig uit 'n koshuis gesit word, kan die leerder emosionele of psigologiese skade ly weens die uitsetting en die skool en/of beheerliggaam kan aanspreeklik gehou word vir die skade indien aan die beginsels van 'n onregmatige daad voldoen word.¹⁹² Ten opsigte van deliktuele en kontraktuele aanspreeklikheid bepaal die Skolewet egter dat die staat aanspreeklik is vir enige skade of verlies wat veroorsaak word deur 'n doen of late in verband met 'n skoolaktiwiteit en waarvoor die skool normaalweg aanspreeklik sou wees.¹⁹³ Dit beteken nie dat die beheerliggaam of lid van die beheerliggaam wat vir die onregmatige optrede verantwoordelik was, nie self persoonlik aanspreeklik gehou sal kan word nie. Indien die beheerliggaam of die betrokke lid egter grof nalatig of roekeloos opgetree het, sal die staat steeds 'n verhaalsreg teen die lid of beheerliggaam hê.¹⁹⁴ Dit sal veral in byvoorbeeld Noordwes die geval wees, omdat 'n beheerliggaam deur die uitsetting roekeloos – dus opsetlik – of grof nalatig sou optree omdat daar 'n duidelike bepaling teen uitsetting op grond van wanbetaling bestaan.¹⁹⁵

Die vraag kan gevra word of die beheerliggaam hom kan verweer deur aan te dui dat hy nie van die betrokke regulasie bewus was nie. Die vraag moet om drie redes ontkennend beantwoord word. Eerstens bepaal die Skolewet dat skoolhoofde die taak het om beheerliggame oor wetgewing en beleidsmaatreëls in te lig.¹⁹⁶ Indien die beheerliggaam hom op onkunde wil beroep, gaan hy hom net vasloop teen die bepaling wat een van sy lede¹⁹⁷ regtens verplig om die ander lede oor die bepalings in te lig.

Tweedens werk 'n beheerliggaam met leerders en staan hulle in 'n vertrouensverhouding teenoor die skool en dus sy leerders. Dit beteken dat lede van die beheerliggaam, al is hulle nie onderwysers nie, waarskynlik dieselfde sorgsaamheidsplig ten laste gelê sal word waaraan onderwysers onderhewig is.¹⁹⁸ Hierdie plig hou onder meer in dat daar op 'n onderwyser 'n verpligting rus om “op 'n versigtige wyse om te sien na die veiligheid (en welsyn) van die kinders wat aan hom toevertrou is”¹⁹⁹ en hou meer in as om bloot redelik op te tree.²⁰⁰

Derdens het die Suid-Afrikaanse reg in so 'n mate ontwikkel dat van 'n persoon verwag word om op die hoogte te bly van regsontwikkeling op sy terrein. Dus kan onkunde oor die reg nie as verskoning voorgelê word nie, ook nie in onderwysgeledere nie.²⁰¹ Hierdie beginsel is onlangs weer deur die Hoogste Hof van Appèl in *Nuance Investments*²⁰² bevestig. In die uitspraak verwys appèlregter Tshiqi met goedkeuring na die beginsel wat in *De Blom*²⁰³ gestel is dat daar van 'n persoon verwag kan word om die nodige stappe te doen ten einde ingelig te wees oor die wyse waarop die reg sy aktiwiteite kan beïnvloed, veral ten opsigte van spesifieke handeling.²⁰⁴ Die hof kom tot die gevolgtrekking dat die appellant in hierdie saak deur redelike sorg kennis van die regsbeginnels kon bekom het.²⁰⁵

6. Slot

Die artikel het gefokus op stappe wat 'n beheerliggaam kan doen indien 'n koshuisganger se ouer(s) nie die koshuisgelde betaal nie. Die bespreking het aanvanklik gewentel om die vraag of so 'n leerder uit die koshuis gesit mag word en die gevolgtrekking was dat dit weens Noordwes se regulasies beslis nie in Noordwes gedoen kan word nie, en in die lig van die reg op basiese onderwys en die beste belang van kinders ook nie in die ander provinsies nie. Daarna is kortliks verwys na alternatiewe wat vir beheerliggame beskikbaar is om agterstallige gelde te vorder en ons het tot die gevolgtrekking gekom dat nie een van die bestaande meganismes – subsidies, onderhandeling en regsprosesse – probleemvry funksioneer nie.

Die praktiese implikasie van die artikel se gevolgtrekkings is dat 'n groot aantal skole in sommige gevalle onwettig en in sommige gevalle ongrondwetlik te werk gaan as hulle op webblaaie of in skrywes aandui dat leerders uit die koshuis gesit mag word as koshuisgelde nie betaal word nie. Beheerliggame, en veral skoolhoofde – wat die taak het om beheerliggame oor beleid en wetgewing in te lig²⁰⁶ – moet ernstig hieroor besin, want die laaste deel van die bespreking het aangedui dat 'n uitsetting onregmatig kan wees en uiteindelik tot die persoonlike aanspreeklikheid van die beheerliggaam of die betrokke lid kan lei. Dus behoort beheerliggame en hul lede, veral wat uitsettings uit koshuise betref, die volgende spreuk as leuse te neem: *Caveat magister* – Waak voor jy optree, Meester!

Bibliografie

Beckmann, J. en I. Prinsloo. 2009. Legislation on school governors' power to appoint educators: friend or foe? *South African Journal of Education*, 29:171–84.

Besharati, N. 2015. Private sector investment in South Africa's education sector: nature, extent and incentives. *JET Research Brief* (December):1–8. <http://www.clear-aa.co.za/wp-content/uploads/2015/12/Besharati-JET-Research-Paper-Dec-2015-WEB.pdf> (3 April 2017 geraadpleeg).

Bremner, L.P. 2013. A legal interpretation of the duty of care of teachers regarding learner truancy. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

- Carnelley, M. 2011. Liability for the payment of public school fees. *Potchefstroomse Elektroniese Regstydskrif*, 14(6):34–60. <http://dx.doi.org/10.4314/pelj.v14i6.2> (27 Maart 2017 geraadpleeg).
- De Waal, E. 2000. The educator-learner relationship within the South African public school system: an educational-judicial perspective. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
- Dieltiens, V.M. 2015. Grounds for boarding: Shifting responsibilities in the education and care of children living on farms. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Universiteit van die Witwatersrand.
- Goba, N. 2017. Outrage over school letter threatening to bar pupils with foreign parents. *Times Live*. Februarie, 24. <http://www.timeslive.co.za/local/2017/02/24/Outrage-over-school-letter-threatening-to-bar-pupils-with-foreign-parents> (27 Maart 2017 geraadpleeg).
- Laas, A. en T. Boezaart. 2014. The legislative framework regarding bullying in South African schools. *Potchefstroomse Elektroniese Regstydskrif*, 17(6):2667–702. <http://dx.doi.org/10.4314/pelj.v17i6.12> (30 Maart 2017 geraadpleeg).
- Loock, C. en S. Gravett. 2014. Towards a governance and management model for teaching schools in South Africa. *South African Journal of Childhood Education*, 4(3):174–91.
- Mestry, R. 2016. The management of user fees and other fundraising initiatives in self-managing public schools. *South African Journal of Education*, 36(2):1–11.
- Meyer, A. 2015. Criminal case against SA school highlights liability risk for board members. *FANews*. 25 Augustus. <https://www.fanews.co.za/article/short-term-insurance/15/general/1217/criminal-case-against-sa-school-highlights-liability-risk-for-board-members/18568> (3 April 2017 geraadpleeg).
- Moses, S. 2014. Koshuis weer gesluit oor skuld. *Die Son*. 14 Julie, bl. 5.
- Nkonkobe, Z. 2012. Cathcart school refuses pupil entry; Mother claims daughter sent home due to unpaid hostel fees. *Daily Dispatch*. 24 Oktober, bl. 2.
- Oosthuizen, I.J., J.P. Rossouw en A. de Wet. 2010. *Inleiding tot die onderwysreg*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Reyneke, M. 2013. The best interest of the child in school discipline in South Africa. Ongepubliseerde LLD-proefskrif, Universiteit van Tilburg.
- . 2016. Realising the child's best interests: lessons from the Child Justice Act to improve the South African Schools Act. *Potchefstroomse Elektroniese Regstydskrif*, 19:1–29.
- Scheun, C.L. 2014. Kinders bly tuis ná koshuis weer sluit; Departement glo agter met subsidie. *Die Burger*. 13 Mei, bl. 5.

Serfontein, E. 2010. Liability of school governing bodies: a legislative and case law analysis. *Journal for transdisciplinary research in Southern Africa*,6(1):93–112.

Serfontein, E.M. en E. de Waal. 2013. The effectiveness of legal remedies in education: A school governing body perspective. *De Jure*,46(1):45–62.

Stoop, P.N. 2010. The impact of the National Credit Act 34 of 2005 on school fees charged by public schools. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*,73(3):451–60.

Suid-Afrika. 2004. National norms and standards for school funding. *Staatskoerant* nr. 27014, GK 1357. 19 November.

—. 2012. Guidelines for the provision of boarding facilities in public ordinary schools. Pretoria: Departement van Basiese Onderwys.

—. 2013. Province of the Eastern Cape: Hostel policy for public ordinary schools. Bhisho: Oos-Kaapse Departement van Onderwys.

Van der Merwe, S. 2012. Die verhouding tussen die beheerliggaam van 'n openbare skool en die onderwysowerhede, met spesifieke verwysing na die dualistiese rol van die skoolhoof. Ongepubliseerde LLM-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Eindnotas

¹ Die beklemtoning in vetdruk is deur die skool aangebring. Die skool is in Noordwes geleë.

² Die stelling herinner aan die woorde van die ouers van die leerder in *Tshona v Principal, Victoria Girls High* 2007 5 SA 66 (OK) 72D: “You stated that ... we could throw her out onto the pavement”, en meer onlangs, aan 'n stelling in 'n omsendbrief van 'n Gautengse skool: “If any foreign child arrives here on Monday we will phone the police to come and collect your child and you can collect your child at the police station” – Goba (2017).

³ Omdat die artikel nie op spesifieke skole gemik is nie, word verwysings na die skole en hul webtuistes nie gegee nie.

⁴ Nkonkobe (2012).

⁵ 'n Openbare skool is kragtens die woordskrywing in art. 1 van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 (die Skolewet) 'n skool soos in hfst. 3 (artt. 12–33A) bedoel en ten opsigte waarvan die betrokke minister norme en standaarde rakende befondsing, bestuur en onderwerpvoorsiening kan vasstel – art. 12(3)(b). Die artikel behandel nie die posisie in privaatskole nie.

⁶ Art. 12(1) van die Skolewet.

⁷ Art. 12(2) van die Skolewet.

⁸ Loock en Gravett (2014:177).

⁹ *Head of Department, Department of Education, Free State Province v Welkom High School* 2014 4 SA 228 (KH) (hierna *Welkom*) par. 141.

¹⁰ Art. 16(2) en 16(1) van die Skolewet. Die taak van 'n beheerliggaam word bondig in *Welkom* par. 63 deur regter Khampepe opgesom: "To my mind, therefore, a governing body is akin to a legislative authority within the public-school setting, being responsible for the formulation of certain policies and regulations, in order to guide the daily management of the school and to ensure an appropriate environment for the realisation of the right to education." Sien ook Beckmann en Prinsloo (2009:172); Serfontein (2010:95).

¹¹ Art. 20(1)(g). Die beheerliggaam mag ook kragtens art. 21(1)(a) die LUR skriftelik versoek om toegelaat te word om die skoolleiers, wat die koshuis insluit, te onderhou en te verbeter.

¹² Art. 39(1) van die Skolewet; Carnelley (2011:34).

¹³ Suid-Afrika (2012) (hierna die riglyne).

¹⁴ Riglyn 2.1 van die riglyne. Sien ook die bespreking van Dieltiens (2015:46–63) t.o.v. die redes en belang van koshuisinwoning m.b.t. leerders in plaasgemeenskappe en afgeleë gebiede.

¹⁵ Riglyn 15.1 en 15.6(e) van die riglyne.

¹⁶ Riglyn 21.4 van die riglyne.

¹⁷ 3 van 1998 (hierna die Noordwes-wet).

¹⁸ Die *Regulations relating to the administration of public school hostels* (hierna die Noordwes-regulasies) is in *Buitengewone Provinsiale Koerant* 7031 van 31 Augustus 2012 afgekondig.

¹⁹ Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (hierna die Grondwet).

²⁰ *Fedsas v MEC Department of Education and Training North West Province* saaknr. 1133/13 (NWHH) par. 10 (hierna *Fedsas v MEC North West*). Die applikante het ook alternatiewe gestel, onder meer dat die betrokke regulasies *ultra vires* is en die bepalings van die Wet op Administratiewe Geregtigheid 3 van 2000 oortree.

²¹ *Fedsas v MEC North West* par. 11.

²² *Fedsas v MEC North West* par. 28–9.

²³ *Fedsas v MEC North West* par. 29.

²⁴ *Fedsas v MEC North West* par. 43.

²⁵ *Fedsas v MEC North West* par. 44. Die hof is van oordeel dat die provinsiale wet nie “verder as die Skolewet” kan gaan nie – par. 45.

²⁶ *Fedsas v MEC North West* par. 61.

²⁷ *Fedsas v MEC North West* par. 67.

²⁸ *MEC: Department of Education Northwest Province v Fedsas* 2016-12-1 saaknr.021/2016 (HHA).

²⁹ *MEC North West v Fedsas* par. 4.

³⁰ *MEC North West v Fedsas* par. 7. Dieltiens (2015:191) betoog dat die doel van sg. plaaskoshuise binne ’n “political ethics of care” gevind word waarin verhoudings, die regverdigde verdeling van hulpbronne en sosiale reproduksie en geslagsverhoudings ’n rol speel.

³¹ *MEC North West v Fedsas* par. 8.

³² *Federation of Governing Bodies for South African Schools (Fedsas) v MEC for Education, Gauteng* 2016 4 SA 546 (KH) par. 3.

³³ *Governing Body of the Juma Musjid Primary School v Essay* 2011 8 BCLR 761 (KH) par. 42–3.

³⁴ *Fedsas v MEC North West* par. 61.

³⁵ *MEC North West v Fedsas* par. 10.

³⁶ *Ibid.* Die gedeelte in *Fedsas v MEC Gauteng* par. 26 lui: “Education is a functional area of concurrent national and provincial legislative competence. Parliament may legislate on education and a province too. In turn, the Premier and MECs in a province exercise authority by implementing provincial legislation. The legislative competence of a province cannot be snuffed out by national legislation without more. The Constitution anticipates the possibility of overlapping and conflicting national and provincial legislation on concurrent and national legislative competences.”

³⁷ *Head of Department, Mpumalanga Department of Education v Hoërskool Ermelo* 2010 2 SA 415 (KH) par. 56.

³⁸ *MEC North West v Fedsas* par. 11.

³⁹ *MEC North West v Fedsas* par. 18.

⁴⁰ *MEC North West v Fedsas* par. 19.

⁴¹ Artt. 28(2) en 29(1) van die Grondwet.

⁴² *MEC North West v Fedsas* par. 21.

⁴³ *MEC North West v Fedsas* par. 22.

⁴⁴ *Welkom* par. 37.

⁴⁵ *MEC North West v Fedsas* par. 23.

⁴⁶ *Fedsas v MEC North West* par. 24.

⁴⁷ *Fedsas v MEC Gauteng* par. 27.

⁴⁸ *Fedsas v MEC Gauteng* par. 28. Die beginsel van samewerkende regering word ook in art. 41 van die Grondwet hanteer en in die *Welkom*-saak par. 140 bespreek.

⁴⁹ *Fedsas v MEC North West* par. 27.

⁵⁰ Geen kostebevel is gemaak nie, omdat die LUR dit nie versoek het nie.

⁵¹ *MEC North West v Fedsas* par. 1.

⁵² Kriegler R verduidelik die leerstuk in *Ex Parte Minister of Safety and Security: In Re S v Walters* 2002 4 SA 613 (KH) parr. 55 e.v. en veral par. 61: “High courts are obliged to follow legal interpretations of the SCA, whether they relate to constitutional issues or to other issues, and remain so obliged unless and until the SCA itself decides otherwise or this Court does so in respect of a constitutional issue.”

⁵³ *MEC North West v Fedsas* par. 17.

⁵⁴ Reg. 2(1) van die Noordwes-regulasies.

⁵⁵ Reg. 9 van die Noordwes-regulasies.

⁵⁶ Reg. 9(3) van die Noordwes-regulasies.

⁵⁷ Reg. 9(5) van die Noordwes-regulasies. Die regulasies ondervang dus die onduidelikheid waarna Stoop (2010:454) verwys t.o.v. die regsbasis van die betaling van koshuisgeld, wat kragtens die betrokke subregulasie duidelik *ex lege* is en dus nie kontraktueel ooreengekom hoef te word nie.

⁵⁸ Reg. 5(2)(c) saamgelees met die aanhef tot reg. 5(2) en die definisie van “cut off date” in reg. 1. Die leerder moet teen 31 Oktober van sy/haar hertoelating al dan nie in kennis gestel word – reg. 5(4).

⁵⁹ Reg. 9(11)(a)-(d) van die Noordwes-regulasies.

⁶⁰ 6 van 1995 (hierna die Gauteng-wet).

⁶¹ Art. 6(a)(ii) van die Gauteng-wet

⁶² Art. 23(2) van die Gauteng-wet.

⁶³ Art. 106(1)(a) en (b) van die Gauteng-wet.

⁶⁴ *Governing Body Regulations for Public Schools* gepubliseer in *Provinsiale Koerant* 331 van 28 Februarie 1997 (hierna die Gauteng-regulasies).

⁶⁵ Regg. 48(b) en 57(1)(b) van die Gauteng-regulasies.

⁶⁶ *Misconduct of learners at public schools and disciplinary proceedings* gepubliseer in *Provinsiale Koerant* 144 van 4 Oktober 2000 (hierna die Gautengse dissiplinêre regulasies).

⁶⁷ Reg. 7 van die Gautengse dissiplinêre regulasies bepaal dat die bepalings van “paragrafe” 3 tot 6 ook op die skorsing en uitsetting van kosgangers van toepassing is.

⁶⁸ Reg. 3(3) saamgelees met reg. 7 van die Gautengse dissiplinêre regulasies. Die oortredings in bylaag 2 sluit nie die niebetaling van skool- of enige ander gelde in nie.

⁶⁹ 6 van 1996 (hierna die Noord-Kaap-wet).

⁷⁰ Artt. 5(a)(ii) en 46(1) van die Noord-Kaap-wet.

⁷¹ Art 26(3) van die Noord-Kaap-wet. Hierdie artikel wyk af van die formaat wat in art. 21(1)(a) van die Skolewet, art. 26(2)(b) van die Gauteng-wet en reg. 3(1) van die NW Regulasies gevolg word waarin die skool se beheerliggaam ook die koshuis beheer.

⁷² Artt. 28(3)(g) en 28(6)(a) van die Noord-Kaap-wet.

⁷³ Art. 104(1) van die Noord-Kaap-wet. Die artikel is dieselfde as in die Gauteng-wet waarna hier bo verwys is.

⁷⁴ 9 van 1995 (hierna die Limpopo-wet).

⁷⁵ Art. 5(a) van die Limpopo-wet.

⁷⁶ Art. 21(2) van die Limpopo-wet.

⁷⁷ Artt. 46 en 47(1) van die Limpopo-wet. Die wet maak in art. 24(3), soos die geval in die Noord-Kaap, daarvoor voorsiening dat ’n beheerliggaam slegs vir ’n koshuis of koshuise ingestel mag word.

⁷⁸ Art. 104(1) en (4) van die Limpopo-wet.

⁷⁹ KwaZulu-Natal School Education Act 3 van 1996 (hierna die KZN-wet).

⁸⁰ Art. 72(1) van die KZN-wet. Die betrokke artikel verwys na die LUR as ’n “minister” en bepaal dat hy of sy slegs “na konsultasie met die Parlementêre Portefeuljekomitee oor Onderwys en Kultuur en mits die regulasies nie in stryd met enige ander wet is nie” regulasies mag maak.

⁸¹ 8 van 1995 (hierna die Mpumalanga-wet).

⁸² Art. 49 plaas die beheer van die koshuis in die beheerliggaam se hande en art. 50(1) bepaal dat 'n kosganger se ouer die koshuisgeld wat deur die beheerliggaam bepaal is, moet betaal.

⁸³ 2 van 2000 (hierna die Vrystaat-wet).

⁸⁴ Artt. 10(2) en 72, 41(10)(g) en 42(1)(a) van die Vrystaat-wet.

⁸⁵ Art. 57 van die Vrystaat-wet.

⁸⁶ Art. 34(7). Die artikel stem ooreen met die Gautengse dissiplinêre regulasies, wat dus ook die afleiding regverdig dat 'n leerder nie om 'n ander rede uit die koshuis gesit mag word nie.

⁸⁷ 1 van 1999 (hierna die Oos-Kaap-wet).

⁸⁸ Artt. 5(b), 22(1) en 65 van die Oos-Kaap-wet. Wanneer 'n beheerliggaam slegs t.o.v. 'n koshuis of koshuise ingestel word, word dit 'n "hostel council" genoem – art. 22(2).

⁸⁹ Art. 25(a) van die Oos-Kaap-wet.

⁹⁰ Art. 52(2) van die Oos-Kaap-wet. Die wet maak dus nie voorsiening daarvoor dat 'n beheerliggaam of "hostel council" die gelde kan bepaal nie.

⁹¹ Die beleid is op 28 Februarie 2013 uitgereik (hierna die Oos-Kaap-beleid).

⁹² Par 1.3.1 van die Oos-Kaap-beleid.

⁹³ Parr. 1.4.10 en 1.5 van die Oos-Kaap-beleid. Wat die status van beleidsdokumente betref, stel die HHA in *Akani Garden Route (Pty) Ltd v Pinnacle Point Casino (Pty) Ltd* 2001 4 SA 501 (HHA) par. 7 dit duidelik dat "laws, regulations and rules are legislative instruments, whereas policy determinations are not. As a matter of sound government, in order to bind the public, policy should normally be reflected in such instruments."

⁹⁴ Wat volgens par. 1.7(13) van die Oos-Kaap-beleid verantwoordelik is vir die dag-tot-dag-bestuur van die koshuis.

⁹⁵ Parr. 1.8(3) en (4) van die Oos-Kaap-beleid. Die beleid is oënskynlik in stryd met art. 52(2) van die Oos-Kaap-wet. Die probleem word vererger deur art. 52(3)(c) wat aandui dat die LUR 'n leerder "with the concurrence of the ... governing body" van betaling kan vrystel, wat dus magtiging aan 'n beheerliggaam om die koshuisgeld vas te stel, suggereer.

⁹⁶ Par. 3.2(10(a)) van die Oos-Kaap-beleid.

⁹⁷ Par. 3.2(1)(d) van die Oos-Kaap-beleid. Die glyskaal in bylaag B geld t.o.v. ouers wie se jaarlikse inkomste tussen R15 000 en R100 000 bedra en geld t.o.v. koshuisgeld van R1 000 per kwartaal. Indien die bedrag hoër is, is die ouer vir betaling verantwoordelik.

⁹⁸ Par. 18(g) van die Oos-Kaap-beleid.

⁹⁹ 12 van 1997 (hierna die Wes-Kaap-wet).

¹⁰⁰ Art. 4(1)(a) van die Wes-Kaap-wet.

¹⁰¹ Kragtens art. 21 van die Wes-Kaap-wet.

¹⁰² Art. 8(1)(a) van die Wes-Kaap-wet. Dit verskil van die Noordwes-regulasies wat in reg. 3(1) bepaal dat die beheer van die koshuis behoudens die regulasies in die beheerliggaam gesetel is, art. 28(3)(g) van die Noord-Kaap-wet bepaal dat die bestuur van die koshuis in die beheerliggaam gesetel is.

¹⁰³ Art. 63(1) van die Wes-Kaap-wet. Soos die Noord-Kaap-wet kan die regulasies ook sanksies vir oortreders bepaal – art. 63(3).

¹⁰⁴ Art. 49(2) van die Wes-Kaap-wet.

¹⁰⁵ *Regulasies betreffende die bestuur van en beheer oor koshuise by openbare skole en die beheer oor die onroerende eiendom en toerusting van koshuise onder die Wes-Kaapse Onderwysdepartement* gepubliseer in *Buitengewone Provinsiale Koerant* 7066 op 28 November 2012 (hierna die Wes-Kaap-regulasies).

¹⁰⁶ Reg. 5(1) van die Wes-Kaap-regulasies.

¹⁰⁷ Reg. 16(3) van die Wes-Kaap-regulasies.

¹⁰⁸ Reg. 14(3) van die Wes-Kaap-regulasies.

¹⁰⁹ Reg. 17 van die Wes-Kaap-regulasies.

¹¹⁰ Reg. 18 van die Wes-Kaap-regulasies.

¹¹¹ Hoewel die bespreking verder net na uitsetting verwys, sluit dit weiering om toegang tot die koshuis te gee, in.

¹¹² Telefoniese gesprek met me. Louw op 2 Maart 2017.

¹¹³ Me. LaRey op 3 Maart 2017. Ons was ook telefonies in verbinding met 'n amptenaar van die Oos-Kaap wat koshuisaangeleenthede by die provinsiale kantoor hanteer. Hy het ons egter meegedeel dat hy nie van enige geval in sy provinsie bewus is waar 'n koshuisganger weens wanbetaling uit die koshuis gesit is nie, ten spyte van die bewerings van Nkonkobe (2012).

¹¹⁴ *Fedsas v MEC Gauteng* par. 1.

¹¹⁵ Art. 29(1) van die Grondwet.

¹¹⁶ *Fedsas v MEC Gauteng* par. 3; *Juma Masjid* par. 43; *MEC Northwest v Fedsas* par. 9.

¹¹⁷ *Juma Masjid* parr. 37, 43.

¹¹⁸ *Hoërskool Ermelo* par. 55.

¹¹⁹ *Juma Musjid* par. 58.

¹²⁰ Art. 28(2) van die Grondwet en art. 6(2)(a) van die Kinderwet 38 van 2005; Laas en Boezaart (2014:2682). Vir 'n omvattender bespreking van hierdie bepaling, sien Reyneke (2013:16–26).

¹²¹ Art. 6(1)(b) van die Kinderwet; Reyneke (2016:4).

¹²² *S v M (Centre for Child Law as Amicus Curiae)* 2007 2 SACR 539 (KH) par. 15.

¹²³ *Director of Public Prosecutions, Transvaal v Minister of Justice and Constitutional Development* 2009 2 SACR 130 (KH) par. 73.

¹²⁴ Ander sake waar die beste belang van 'n kind hanteer is, sluit o.m. in *Du Toit v Minister of Welfare and Population Development* 2003 2 SA 198 (KH), wat oor aanneming deur selfdegeslag pare handel het, *Singh v Ebrahim* 2010-11-26 saaknr. 413/09 (HHA), waar die HHA nie die beginsel wou uitbrei om 'n “voordeel” aan 'n kind by die bepaling van skadevergoeding te gee nie, en *De Villiers v S* 2016 1 SACR 148 (HHA), wat oor strafreg handel.

¹²⁵ Art. 36(1) van die Grondwet; *Centre for Child Law v The Governing Body of Hoërskool Fochville* 2016 2 SA 121 (HHA) (*Fochville-saak*) par. 27. *De Villiers v S* is 'n voorbeeld van waar die hof bevind het dat die beste belang van die kinders nie swaarder weeg as die belange van die gemeenskap nie en dat oortreders gestraf moet word.

¹²⁶ *Fedsas v HOD: Department of Education, Northern Cape Province* 2016-7-8 saaknr. 887/2016 (NKHH) (*Fedsas v H.O.D. Northern Cape*) par. 21; *Rivonia* par. 2; *Welkom* parr. 129, 167.

¹²⁷ *Rivonia* par. 76.

¹²⁸ *Welkom* par. 132.

¹²⁹ *Fochville* par. 29.

¹³⁰ *Rivonia* par. 69, 71.

¹³¹ *MEC Northwest v Fedsas* par. 21. Die hof beklemtoon dit twee keer in die paragraaf: “[A]ccess to education must necessarily include the provision of hostels” en “The provision of hostels is thus an essential component.”

¹³² Art. 5(3)(a) van die Skolewet.

¹³³ Art. 14 van die Mpumalanga-wet; art. 17(7)(a) van die Vrystaat-wet; art. 15 van die Limpopo-wet; art. 10(3)(a)(i) van die Noord-Kaap-wet; art. 17(1) van die Gauteng-wet.

¹³⁴ Wet op die Voorkoming van Onwettige Uitsetting en Onregmatige Besetting van Grond 19 van 1998.

¹³⁵ *Machele v Mailula* 2010 2 SA 257 (KH) par. 14.

¹³⁶ Art. 4(1) van PIE. Die aansoek kan deur die eienaar of persoon in beheer gebring word. Omdat die beheer en bestuur van 'n koshuis aan die beheerliggaam oorgedra is, kan die beheerliggaam die aansoek bring.

¹³⁷ Art. 9 van PIE magtig 'n landdroshof om die verrigtinge aan te hoor.

¹³⁸ Art. 4(2) van PIE.

¹³⁹ Art. 28(1)(h) van die Grondwet; *Fochville* par. 21–3.

¹⁴⁰ *Pitje v Shibambo* 2016 4 BCLR 460 (KH) par. 19.

¹⁴¹ *Port Elizabeth Municipality v Various Occupiers* 2005 1 SA 217 (KH) (hierna *PE Municipality*).

¹⁴² *PE Municipality* par. 36.

¹⁴³ *A Hendricks v M Hendricks* 2016 1 SA 511 (HHA).

¹⁴⁴ *Juma Musjid* par. 40.

¹⁴⁵ *Juma Musjid* par. 60.

¹⁴⁶ *Juma Musjid* parr. 61, 68.

¹⁴⁷ *Juma Musjid* par. 76.

¹⁴⁸ *PE Municipality* par. 7.

¹⁴⁹ *PE Municipality* par. 23.

¹⁵⁰ *Juma Musjid* par. 76.

¹⁵¹ Stoop (2010:454).

¹⁵² Reg. 4(8) van die Noordwes-regulasies.

¹⁵³ Suid-Afrika (2004).

¹⁵⁴ Standaard 122 van die norme en standaarde.

¹⁵⁵ Riglyn 12.1 van die riglyne.

¹⁵⁶ Riglyn 21.4 van die riglyne.

¹⁵⁷ Reg. 16(1)(b) van die Wes-Kaap-regulasies.

- ¹⁵⁸ Reg. 16(4)–(6) van die Wes-Kaap-regulasies.
- ¹⁵⁹ Par. 3.2(2) van die Oos-Kaap-beleid.
- ¹⁶⁰ Par. 3.2(3) van die Oos-Kaap-beleid.
- ¹⁶¹ Par. 3.2(4) van die Oos-Kaap-beleid.
- ¹⁶² *Welkom* par. 132.
- ¹⁶³ Art. 12(1) en (2) van die Skolewet.
- ¹⁶⁴ Art. 41(1)(h) van die Grondwet.
- ¹⁶⁵ Van der Merwe (2012:116–42) wy ’n hele hoofstuk aan die konflik tussen skole en onderwysamptenare.
- ¹⁶⁶ *Welkom* par. 120.
- ¹⁶⁷ *Welkom* par. 132.
- ¹⁶⁸ *Fedsas v MEC Gauteng* par. 4.
- ¹⁶⁹ *Fedsas v MEC Gauteng* parr. 23, 45.
- ¹⁷⁰ *Juma Musjid* par. 46.
- ¹⁷¹ *Juma Musjid* par. 47.
- ¹⁷² *Ermelo* par. 89.
- ¹⁷³ *Ermelo* par. 103.
- ¹⁷⁴ *Fedsas v HOD Northern Cape* par. 57.
- ¹⁷⁵ *Fedsas v HOD Northern Cape* par. 32.
- ¹⁷⁶ *Fedsas v HOD Northern Cape* par. 49.
- ¹⁷⁷ *MEC North West v Fedsas* par. 27.
- ¹⁷⁸ Art. 39(1) van die Skolewet; Stoop (2010:452–3).
- ¹⁷⁹ Art. 40(1) van die Skolewet. Die begrip “ouer” word wyd gedefinieer – sien Carnelley (2011:48).
- ¹⁸⁰ Art. 41(1) van die Skolewet.
- ¹⁸¹ Art. 41(5) van die Skolewet.

¹⁸² Art. 41(6) van die Skolewet.

¹⁸³ Reg. 3(1)(e) van die *Regulations relating to the exemption of parents from payment of school fees in public schools* (hier bo eindn. 18).

¹⁸⁴ Art. 14(2) van die Noordwes Skolewet. Die ander provinsies se bepalings stem met die Skolewet ooreen.

¹⁸⁵ Moses (2014:5); Scheun (2014:5).

¹⁸⁶ Mestry (2016:8).

¹⁸⁷ Art. 36(4)(a) van die Skolewet. Hierdie funksie kan slegs met die toestemming van die LUR uitgeoefen word.

¹⁸⁸ Besharati (2015:5).

¹⁸⁹ Serfontein en De Waal (2013:55).

¹⁹⁰ Beckmann en Prinsloo (2009:172) som die posisie goed op: “It may be concluded that since the public school is an ‘organ of state’, the governing body acts as its functionary to perform its functions in terms of SASA [die Skolewet]. Thus, although the governing body has no original power to act on its own outside the provisions in SASA, it has original power to perform its functions in terms of SASA.”

¹⁹¹ Serfontein (2010:98).

¹⁹² Oosthuizen, Rossouw en De Wet (2010:73). Die beginsels van deliktuele aanspreeklikheid val nie binne die fokus van hierdie artikel nie. Dit is egter onlangs in *Pro Tempore v Van der Merwe* 2016-3-24 saaknr. 20853/2014 (HHA) hanteer.

¹⁹³ Art. 60 van die Skolewet. Sien ook art. 100(3) van die Noord-Kaap-wet en art. 19(1) van die Wes-Kaap-wet.

¹⁹⁴ Van der Merwe (2012:82). ’n Aspek wat hiermee verband hou, is die moontlikheid dat selfs die pensioengeld van die “oortreder” gebruik kan word om vir die skade te vergoed – Bremner (2013:193).

¹⁹⁵ In hierdie verband waarsku Meyer (2015) dat selfs “onskuldige” lede van ’n beheerliggaam aanspreeklik gehou kan word indien hulle toegelaat het dat voorskrifte oortree word.

¹⁹⁶ Art. 16A(2)(f) van die Skolewet.

¹⁹⁷ Die skoolhoof is ampshalwe ’n lid van die beheerliggaam – art. 23(1)(b) van die Skolewet.

¹⁹⁸ Bremner (2013:170). In *Jacobs v Chairman of the Governing Body of Rhodes High School* 2011 1 SA 160 (WKK) par. 15 som die hof die bepaling van ’n regsplig soos volg op: “The conduct of a State functionary which is at variance with the State’s duty to protect the rights

in the Bill of Rights, would be an important factor to be considered in determining whether a legal duty ought to be recognised in a particular case.”

¹⁹⁹ Oosthuizen e.a. (2010:68).

²⁰⁰ *Transvaal Provincial Administration v Coley* 1925 AD 24: “It is not the care which the man takes in his own affairs, nor that which the ordinary or average man would take. It is higher than that.” Sien ook die bespreking deur De Waal (2000:82–4).

²⁰¹ Bremner (2013:9); De Waal (2000:89).

²⁰² *Nuance Investments v Maghilda Investments* 2015-9-23 saaknr. 15914/2012 (HHA) (hierna *Nuance Investments*).

²⁰³ *S v De Blom* 1977 3 SA 513 (A).

²⁰⁴ *Nuance Investments* par. 64.

²⁰⁵ *Nuance Investments* par. 65.

²⁰⁶ Art. 16A(2)(f) van die Skolewet.

Vonnisbespreking: Die nuwe onregmatigheidstoets: 'n Trojaanse perd wat delikteregbeginsels bedreig? *Pro Tempore v Van der Merwe* 2016-3-24 saaknr. 20853/2014 (HHA) ([2016] ZASCA 39)

Johan Potgieter

Johan Potgieter, Departement Privaatreg, Universiteit van Suid-Afrika*

Abstract

The new wrongfulness test: A Trojan horse endangering delictual principles?

In the case under discussion, a 13-year-old schoolboy, Jaco, was seriously injured in an extraordinary manner when he sat on a steel dropper on the school's playground. The dropper was one of five, each of which had been placed by the school alongside one of five saplings planted within the playground. Jaco was impaled by the dropper, which tore through his rectum and bladder. He suffered pain and discomfort and required medical attention and surgery. A delictual action for damages on behalf of Jaco succeeded in the trial court. The trial judge pointed out that the existence of a legal duty on the part of the school to prevent injury to Jaco and the school's failure to do so were common cause between the parties and not in dispute. Wrongfulness was thus not in issue. The school argued that negligence was absent because the specific manner in which the damage occurred – namely as a result of Jaco's sitting on a steel dropper – had not been reasonably foreseeable. However, the court rightly held that in our law it is sufficient for negligence if damage in general, in contrast with the specific harmful result or the precise manner in which it occurred, was reasonably foreseeable. In this case it was indeed reasonably foreseeable that children could be injured by playing in the vicinity of a steel dropper in an area where children run and play. In addition, a reasonable person would not have placed a steel dropper in that area and would have secured the tree in a less hazardous manner. Negligence was therefore also present.

This was, however, not the end of the investigation. Strangely enough, despite the fact that wrongfulness was already present, the trial court found it necessary to revisit the wrongfulness issue. With reference to the new test for wrongfulness, as formulated in *Hawekwa Youth Camp v Byrne* 2010 6 SA 83 (SCA), the court enquired whether, in view of legal and public policy considerations in accordance with constitutional norms, the (already existing) legal duty was *in fact* present, and declared that an omission will be regarded as wrongful only if public policy requires that the defendant should be held liable. The new test

for wrongfulness was therefore applied as an “additional” test to determine whether, on policy grounds, an already existing wrongfulness was actually present. In the end, the school was held liable. Jaco was, however found contributorily negligent, with the result that the court made an award for damages for 80% of the proven loss.

The school’s appeal to the Supreme Court of Appeal was based on the argument that the trial court had erred in not having sufficient regard to wrongfulness as a requirement for delictual liability (par. 14). The school contended, once again utilising the wording of the new test for wrongfulness (as formulated in, *inter alia*, *Le Roux v Dey (Freedom of Expression Institute and Restorative Justice Centre as Amici Curiae)* 2011 3 SA 274 (CC) par. 122 and *Hawekwa*), that in the present case public policy considerations demand that, in view of the most extraordinary and peculiar act of Jaco when he sat on a dropper, liability should not be extended to the school. Therefore the new wrongfulness test was embraced also in the Supreme Court of Appeal to revisit wrongfulness after its existence had already been accepted by both parties and the matter could thus have been regarded as settled. This was achieved by asking an additional question, namely whether the defendant, in the light of the strange and extraordinary manner in which the loss had occurred, should, for reasons of policy, be held liable or not.

Both courts utilised the new test for wrongfulness as a Trojan horse to bring the extraordinary manner in which the loss occurred through the back door of the wrongfulness issue in order to ask whether wrongfulness, despite its having been already determined, had *in fact* been present because of the reasonableness to hold the defendant liable in the circumstances on grounds of policy.

This approach by the courts undermines the substance of the wrongfulness inquiry, denatures the wrongfulness element and violates the sound structure and principles of the law of delict. It is in any event not clear whether the new test for wrongfulness was ever intended to requestion wrongfulness after the parties had agreed that a legal duty existed and had not been adhered to. Nevertheless, the almost bizarre manner in which the new test for wrongfulness was embraced in the cases under discussion, albeit without success, is an example of how this test, in the words of Scott (2015:433), “is running out of control” and an indication of the damage and confusion that this unnecessary approach to wrongfulness can cause to the law of delict. (For general criticism of the new test, see Neethling and Potgieter 2015:84–90.)

Where the delictual liability of an actor who has acted wrongfully and negligently is questioned on the grounds of the extraordinary manner in which the loss occurred, it makes more sense to investigate this consideration under the banner of legal causation, instead of attempting to revisit wrongfulness. The rich jurisprudence and case law on legal causation, where the flexible approach and subsidiary considerations such as reasonable foreseeability and *novus actus interveniens* can play a role, offer a better opportunity and a sounder theoretical basis to consider whether an extraordinary course of events should lead to the exclusion of delictual liability.

Keywords: causation; contributory negligence; damage; damages; dangerous situation; delict; extraordinary course of events; flexible approach; foreseeability; injury; legal causation; legal duty; legal policy; negligence; new wrongfulness test; *novus actus*

interveniens; omission; playground; policy; public policy; reasonable foreseeability; reasonable person; reasonable teacher; school; wrongfulness

Trefwoorde: beleid; besering; buitengewone kousale verloop; delik; bydraende nalatigheid; gevaarlike situasie; juridiese kousaliteit; kousaliteit; late; nalatigheid; *novus actus interveniens*; nuwe onregmatigheidstoets; onregmatigheid; openbare beleid; redelike onderwyser; redelike persoon; redelike voorsienbaarheid; regsbeleid; regsplig; skade; skadevergoeding; skool; soepel benadering; speelgrond; toesig; voorsienbaarheid

1. Inleiding

Gewoonlik wentel die belangrikste dispuut in sake oor deliktuele aanspreeklikheid vir persoonlike beserings opgedoen in skoolverband om die vraag of nalatigheid aanwesig was, en, teoreties, oor die formulering van die nalatigheidstoets by die vasstelling van die betrokke opvoeder se nalatigheid: Geld die redelike-persoon-toets, of die redelike-ouer-toets, of die toets van die redelike opvoeder of skoolhoof? (Sien bv. *Hawekwa Youth Camp v Byrne* 2010 6 SA 83 (HHA); Potgieter 2013:13–26; Potgieter 2015:81–9.) Onregmatigheid as delikselement is selde, indien ooit, ’n kwelvraag: waar ’n leerder by ’n skool beseer word, word geredelik aanvaar dat daar ’n regsplig op die skool en sy personeel gerus het om skade te voorkom (onregmatigheid), met gewoonlik in geskil of daar redelike stappe gedoen was om voorsienbare nadeel te vermy, met ander woorde, die tweede been van die geykte redelike voorsien-en-voorkombaarheidsnalatigheidstoets (soos in *Kruger v Coetzee* 1966 2 SA 428 (A) 430 geformuleer; sien in die algemeen Neethling en Potgieter 2015:144 e.v., 156 e.v.). In hierdie verband stel *Pro Temp*, die saak onder bespreking, oënskynlik ’n uitsondering daar. Die grondslag van die appèl na die Hoogste Hof van Appèl is naamlik dat die verhoorhof nie voldoende oorweging geskenk het aan onregmatigheid as deliksvereiste nie (par. 14). Die korrektheid en implikasies van hierdie argument word vervolgens onder die loep geneem teen die agtergrond van die feite van die saak en die uitsprake van die verhoor- en appèlhof.

2. Feite

Die dertienjarige Jaco was ’n skoolkind by Pro Tempo Akademie BK (Pro Tempo) (“die skool”), ’n skool vir leerders met leergebreke, toe hy deurboor is deur een van vyf staalpaaltjies (“droppers”) langs vyf jong boompies wat op die speelgrond geplant was waar leerders onder andere krieket gespeel het. Volgens getuienis het Jaco waarskynlik op die paaltjie, wat ongeveer 30 cm bokant die boom uitgesteek het en ongeveer 60 cm hoog was, gaan sit of daarteen geleun. Die paaltjie het hom binnegedring, deur sy rektum en blaas geskeur, erge pyn en ongemak meegebring en mediese sorg en chirurgie genoodsaak. Jaco moes ook vir ongeveer drie maande na die ongeluk ’n stoma dra.

Die eiseres was Jaco se moeder. In haar hoedanigheid as Jaco se voog stel sy in die Gautengse afdeling van die Hooggeregshof in Pretoria ’n skadevergoedingseis op grond van nalatigheid teen Pro Tempo in vir die skade wat Jaco gely het. Die eis slaag in die Hooggeregshof waar waarnemende regter Strauss vergoeding vir 80% van Jaco se skade

toeken (sien *Van der Merwe v Pro Tempo Academy CC* 2014–11–18 saaknr. 15919/2011 (GP)) en die skool appelleer na die Hoogste Hof van Appèl.

3. Die verhoorhofuitspraak

In die verhoorhof word namens die eiser aangevoer dat die skool die regsplig wat op hom gerus het, op verskeie nalatigheidsgronde verbreek het, onder meer deurdat die skool 'n gevaarlike situasie geskep het deur 'n ysterpaaltjie in die middel van die speelterrein te plant waar minderjarige kinders gespeel het wat bekend was vir hul impulsiewe gedrag en die verontagsaming van reëls of hul eie veiligheid (parr. 12, 43, 55). Daarteenoor ontken die verweerder dat die plant van die paaltjie om die boom te ondersteun, op sigself nalatig was, voer aan dat die verweerder nooit kon voorsien het dat Jaco op die paaltjie sou gaan sit en sodoende beseer sou word nie, en betoog dat Jaco self uitsluitlik nalatig was deur op die ysterpaaltjie wat hom deurboor het, te gaan sit (parr. 14, 45, 48). (Daar word hier nie ingegaan op die verweerder se betoog (par. 47) dat (feitelike) kousaliteit ontbreek het nie.)

Na oorweging van die getuienis (parr. 15–42), verwys regter Strauss (par. 49), wat nalatigheid betref, na die geïllustreerde redelike voorsien-en-voorkombaarheidstoets in *Kruger v Coetzee* 1966 2 SA 428 (A) 430 en steun dan veral op *Transvaal Provincial Administrator v Coley* 1925 AD 24 waarin die feite soortgelyk was aan dié in *Pro Tempo* (parr. 50 e.v.): 'n klompie jong bome is op 'n gedeelte van 'n skool se speelterrein geplant met houtpaaltjies in piramidevorm daaromheen om die boomstamme te beskerm. Die paaltjies het skerp en hakerige punte gehad. 'n Spelende sesjarige dogtertjie het teen 'n bultjie afgehardloop en op een van die paaltjies geval. Dit het haar oog binnegedring, wat verwyder moes word. Die eis om skadevergoeding namens die dogtertjie in die verhoorhof was suksesvol en die appèl teen die beslissing is deur die Appèlhof van die hand gewys. In *Coley* beslis hoofregter Innes (26) dat die vraag uiteindelik is “whether a *diligens paterfamilias*, a reasonably prudent person, would have foreseen that [die paaltjies] would be likely to cause harm – in which case he would have been bound either to remove them or to take other steps to obviate the danger”, en bevind (27), soos ook appèlregter De Villiers (27–8), dat nalatigheid in die omstandighede wel bewys is. In 'n minderheidsuitspraak was appèlregter Wessels (29) egter van mening dat die ongelukkige voorval nie deur nalatigheid veroorsaak is nie.

Vanselfsprekend het die eiser in *Pro Tempo* sterk op die meerderheidsuitsprake in *Coley* gesteun (par. 52), terwyl die skool hom op regter Wessels se minderheidsuitspraak beroep het (par. 51). Voorts argumenteer die skool dat *Coley* van die saak onder verhoor onderskei kan word op grond daarvan dat die kind in *Coley* oor 'n bultjie gehardloop het, terwyl Jaco op die paaltjie gaan sit het (par. 56) en dat dit nie redelikerwys voorsienbaar was dat Jaco op die paaltjie sou gaan sit het en sodoende beseer sou word nie (par. 69). Dit is egter nie nodig dat die spesifieke skadestigende handeling voorsienbaar moet gewees het nie; dit is voldoende as skade in die algemeen aan kinders voorsienbaar was (par. 73). Regter Strauss bevind dat skade in die algemeen inderdaad voorsienbaar was “due to the fact that a dropper sticking out on ... a field where children play ball, would cause injury if any children either stepped in or fell on such dropper, as underlined in the *Coley* matter” (par. 57; sien ook parr. 58–9, 70). Boonop is geen stappe gedoen om te voorkom dat skade deur die paaltjies meegebring word nie (parr. 60–1, 71). Die redelike persoon in die skoene van die verweerder sou nie die paaltjie in die omgewing geplaas het waar kinders hardloop en speel nie, en sou ook die

boom op 'n ander, minder gevaarlike of potensieel minder skadelike wyse ondersteun het (par. 71). Nalatigheid staan dus vas.

(Alhoewel regter Strauss aandag gegee het aan die moontlike rol wat die afwesigheid van speelgrondtoesig deur onderwysers op die ongelukkige dag by die bepaling van nalatigheid en feitelike kousaliteit kon gespeel het (parr. 62–5, 74; sien o.a. ook *Knouws v Administrateur Kaap* 1981 1 SA 544 (K) 553–4; *Williams v LUK van Gauteng, Departement van Onderwys* 2004 JOL 12450 (T); vgl. Potgieter 2008:193 e.v.), beskou sy die kwessie vir doeleindes van hierdie saak uiteindelik as spekulatief en selfs irrelevant (par. 74): Die eiser se saak was in elk geval nie op die gebrek aan toesig gebaseer nie, maar hoofsaaklik op die feit dat die paaltjie 'n gevaarlike situasie geskep het, dat dit voorsienbaar was dat skade daardeur veroorsaak kon word, en dat die verweerder nalatig opgetree het deur nie die besering wat skade aan Jaco veroorsaak het, te voorkom nie (par. 65). Daarom word in hierdie bespreking nie verder aandag aan die verhoorhof se hantering van die gebrek aan toesig gegee nie.)

Wat onregmatigheid betref, dui waarnemende regter Strauss meer as een keer aan dat die bestaan van 'n regsplig (en dus onregmatigheid) “common cause” tussen die partye was (par. 43) en nie in geskil geplaas is nie (par. 72). Namens die eiser is dan ook aangevoer dat onregmatigheid bewys is “when the defendant accepted that a legal duty existed for the defendant to prevent any loss and/or injury to the minor child and once the legal duty stood, the neglect to prevent a dangerous situation to exist, led to prima facie wrongfulness” (par. 54). Onregmatigheid het dus vasgestaan en sou as afgehandel beskou kon word. Desnieteenstaande verwys regter Strauss (par. 53), skynbaar ter bepaling van “the principles of wrongful omission”, na *Hawekwa* par. 22 en haal appèlregter Brand aan waar hy beslis dat die onregmatigheid van 'n late op die bestaan van 'n regsplig berus en dat die “imposition of this legal duty is a matter of judicial determination involving criteria of public and legal policy consistent with constitutional norms”. Regter Brand gaan dan voort om die onregmatigheidsondersoek in die vorm van die nuwe onregmatigheidstoets (sien in die algemeen Neethling en Potgieter 2015:83–90) te giet: “In the result, a negligent omission causing loss will only be regarded as wrongful and therefore actionable if public or legal policy considerations require that such omission, if negligent, should attract legal liability for the resulting damages.”

(Oënskynlik as deel van die onregmatigheidsondersoek – en moontlik in navolging van regter Brand wat in die pasaangehaalde gedeelte uit *Hawekwa* nalatigheid by implikasie as vereiste vir onregmatigheid stel – verwys regter Strauss (par. 55) dan onder meer na die argument dat die skool nalatig was deur die ysterpaaltjie op die speelterrein te plaas, maar sonder om aan te dui hoe dit onregmatigheid beïnvloed.)

By die formulering van haar finale bevindinge (parr. 70 e.v.) keer regter Strauss terug na onregmatigheid (parr. 72–3, 75) en bevind, met verwysing na *Hawekwa*, dat (selfs) waar daar (reeds) 'n regsplig bestaan, daar aan die hand van openbare en regsbeleid ooreenkomstig grondwetlike norme vasgestel moet word “whether the legal duty was *in fact* present” (my kursivering) en dat enige nalatige late deur die verweerder wat skade veroorsaak, as onregmatig beskou sal word net “if public policy requires such a deduction of negligence would result in legal liability for damages” (par. 72). Die regter bevind dan dat die versuim om die gevaarlike situasie te voorkom of te beheer, “*prima facie* wrongful” was (par. 73), en “that the planting of the dropper in the playing field was wrongful” (par. 75).

Die hof bevind uiteindelik dat die skool onregmatig en nalatig opgetree het en dus aanspreeklik is (par. 75). Na 'n ondersoek na die verweerder se betoog dat Jaco bydraend nalatig was (parr. 76–84), beslis regter Strauss (par. 85) dat die verweerder 80% tot die vergoeding van Jaco se skade moet bydra.

Die verweerder appelleer na die Hoogste Hof van Appèl.

4. Die appèlhofuitspraak

Nadat waarnemende adjunkpresident Navsa (parr. 1–8) in die Hoogste Hof van Appèl die feite van die saak weergegee het, verskaf hy (parr. 9–13), sonder om kommentaar daarop te lewer, 'n oorsig van waarnemende regter Strauss se hantering van nalatigheid en bydraende nalatigheid en haar bevinding in die verhoorhof. Daarna sit die regter (par. 14) die grond van die skool se appèl uiteen:

Before us it was submitted that the court below erred in not having sufficient regard to wrongfulness as a requirement for delictual liability. It was contended ... that in the present case public policy considerations demanded that “in view of the most extraordinary and peculiar act of Jaco when he sat on a dropper”, liability should not be extended to [the] Appellant.

By die oorweging van hierdie betoog van die skool dat die verhoorhof nie die onregmatigheidselement van 'n delik voldoende verreken het nie, verwys waarnemende adjunkpresident Navsa (parr. 15 e.v.) onder meer na die Konstitusionele Hof se verklaring in *Carmichele v Minister of Safety and Security (Centre For Applied Legal Studies Intervening)* 2001 4 SA 938 (KH) par. 42 dat onregmatigheid as delikselement, veral met betrekking tot lates en die verbreking van 'n regsplig, oor jare in ons gemenereg ontwikkel is, selfs voor ons nuwe grondwetlike bedeling. Regter Navsa (par. 16) verwys dan na appèlregter Brand se behandeling van die beginsels rakende die onregmatigheid van 'n late in *Hawekwa* par. 22 waar die hof moes oorweeg of 'n onderwyser (en die verantwoordelike minister) aanspreeklik is waar 'n kind beseer is toe hy tydens 'n skoolkursie van die boonste deel van 'n stapelbed met onvoldoende beskerming afgeval het (sien Potgieter 2013:13–26). Regter Brand het die geykte beginsel onderstreep dat positiewe optrede wat fisiese skade aan 'n ander se eiendom of persoon veroorsaak, *prima facie* onregmatig is (sien ook *Country Cloud Trading CC v MEC, Department of Infrastructure Development, Gauteng* 2015 1 SA 1 (KH) par. 22) terwyl gedrag in die vorm van 'n late nie *prima facie* onregmatig is nie maar dat die onregmatigheid daarvan afhang of 'n regsplig om positief op te tree, aanwesig was. (In hierdie verband kan terloops verwys word na Mogoeng HR se standpunt in *Mashongwa v Passenger Rail Agency of South Africa* 2016 3 SA 528 (KH) par. 19 dat *prima facie*-onregmatigheid tog ook by 'n late kan bestaan waar daar 'n “pre-existing duty, such as the failure to provide safety equipment in a factory or to protect a vulnerable person from harm” is. Sien vir kritiek hierop Scott 2016:551, 567.)

In *Hawekwa* formuleer regter Brand die benadering waarvolgens bepaal word of sodanige regsplig bestaan, deels aan die hand van die sogenaamde nuwe onregmatigheidstoets:

The imposition of this legal duty is a matter for judicial determination, involving criteria of public and legal policy consistent with constitutional norms. In the result, a negligent omission causing loss will only be regarded as wrongful and therefore actionable if public or legal policy considerations require that such omission, if negligent, should attract legal liability for the resulting damages.

(Sien byvoorbeeld ook *Telematrix (Pty) Ltd t/a Matrix Vehicle Tracking v Advertising Standards Authority SA* 2006 1 SA 461 (HHA) par. 14; *Local Transitional Council of Delmas v Boshoff* 2005 5 SA 514 (HHA)) parr. 19–20; *Gouda Boerdery BK v Transnet* 2005 5 SA 490 (HHA) par. 12; en vir 'n algemene bespreking van en kritiek op hierdie toets Neethling en Potgieter 2015:83–6).

Vervolgens haal waarnemende adjunkpresident Navsa (par. 19), sonder om kommentaar daarop te lewer, die nou reeds bekend geworde formulering van die nuwe onregmatigheidstoets aan wat waarnemende regter Brand in *Le Roux v Dey (Freedom of Expression Institute and Restorative Justice Centre as Amici Curiae)* 2011 3 SA 274 (KH) par. 122 só verwoord het:

In the more recent past our courts have come to recognise, however, that in the context of the law of delict: (a) the criterion of wrongfulness ultimately depends on a judicial determination of whether – assuming all the other elements of delictual liability to be present – it would be reasonable to impose liability on a defendant for the damages flowing from specific conduct; and (b) that the judicial determination of that reasonableness would in turn depend on considerations of public and legal policy in accordance with constitutional norms. Incidentally, to avoid confusion it should be borne in mind that, what is meant by reasonableness in the context of wrongfulness has nothing to do with the reasonableness of the defendant's conduct, but it concerns the reasonableness of imposing liability on the defendant for the harm resulting from that conduct.

Alhoewel appèlregter Brand in *Hawekwa* aanvaar het dat onregmatigheid namens die verweerder toegegee is, verklaar hy nietemin, met verwysing na regter Desai se uitspraak in *Minister of Education v Wynkwart NO* 2004 3 SA 577 (K) 580, dat “teachers owe young children in their care a legal duty to act positively to prevent physical harm being sustained by them through misadventure”, dat hy tevrede is dat onregmatigheid in *Hawekwa* aanwesig was. Omdat onregmatigheid in *Hawekwa* streng gesproke nie in geskil was nie, was die kernkwessie in daardie saak, soos in *Wynkwart*, nalatigheid en nie onregmatigheid nie. Daarom was regter Brand se opmerkings oor onregmatigheid in *Hawekwa* grootliks *obiter dicta*, met die gevolg dat die gesaghebbendheid van waarnemende adjunkpresident Navsa se aanwending daarvan in *Pro Tempo* in 'n mate betwyfelbaar is. (Sien Neethling en Potgieter 2011:162 e.v. se kritiek op regter Brand se verdere hantering van die onregmatigheidselement in *Hawekwa*.)

Waarnemende adjunkpresident Navsa (par. 21) vereenselwig hom dan met die *Coley*-saak 26 waar die inplant van houtpaaltjies op 'n speelterrein tereg as voldoende geag is om 'n plig aan die kant van die verweerder te skep om te voorkom dat 'n gevaar vir kinders ontstaan, en beslis dat *Coley* nie van die onderhawige saak onderskei kan word nie. Hy vervolg:

By placing a steel rod within a playground where children engaged in ball games the appellant created a dangerous situation. It did not take reasonable steps to prevent a foreseeable risk of harm through misadventure from materialising. Section 28(1)(b) of the Constitution dictates that every child has the right to appropriate alternative care when removed from the family environment. Having regard to all the circumstances of the case, including the fact that one is dealing with children who struggle with learning disabilities and that Jaco's hyperactivity was known to the school and considering the factors set out in para 19 above [waarin die nuwe onregmatigheidstoets soos in *Le Roux v Dey* geformuleer, weergegee word], the conclusion is compelled that the appellant's submission that public policy considerations demand that liability should not be extended to the appellant is wholly unfounded.

Die skool se appèl word gevolglik met koste van die hand gewys (par. 22).

5. Kommentaar

Nadat dit in die verhoorhof duidelik geword het dat 'n regsplig, en dus onregmatigheid, aanwesig was ("it was common cause that the defendant had a duty of care in regard to the minor child in particular" (par. 43) en die bestaan van 'n regsplig "was not in dispute to exist in this case" (par. 72)), het die skool probeer aantoon dat nalatigheid ontbreek het spesifiek omdat dit nie redelikerwys voorsienbaar was dat die kind op die ysterpaaltjie sou gaan sit nie (parr. 45, 46). Hierdie benadering tot die voorsienbaarheidsbeen van nalatigheid – dat onder meer die presiese wyse waarop skade ingetree het, redelikerwys voorsienbaar moet gewees het ('n ekstreme toepassing van die sg. konkrete of relatiewe benadering tot voorsienbaarheid; sien Neethling en Potgieter 2015:154–5) – word egter nie in ons reg gevolg nie. Vir nalatigheid word nie vereis dat die spesifieke aard en omvang van die skadelike gevolg(e), of die presiese wyse waarop die skade ingetree het, redelikerwys voorsienbaar hoef te gewees het nie. Dit is voldoende as die algemene aard van die gevolg(e) en van die wyse waarop dit ingetree het, aldus voorsienbaar was.

In *Standard Chartered Bank of Canada v Nedperm Bank Ltd* 1994 4 SA 747 (A) 765 stel hoofregter Corbett die algemene beginsel soos volg:

In delict, the reasonable foreseeability test does not require that the precise nature or the exact extent of the loss suffered or the precise manner of the harm occurring should have been reasonably foreseeable for liability to result. It is sufficient if the general nature of the harm suffered by the plaintiff and the general manner of the harm occurring was reasonably foreseeable. (Sien hieroor in die algemeen Neethling en Potgieter 2015:154 e.v., 155 vn. 148 en die gesag daar aangehaal; vgl *Premier of the Western Cape Province v Loots NO* [2011] JOL 27067 (HHA) par. 13.)

Die skool se argument dat nalatigheid ontbreek het omdat dit nie voorsienbaar was dat Jaco op die paaltjie sou gaan sit en, deur dit te doen, beseer sou word nie, misluk dan ook tereg in die verhoorhof. Waarnemende regter Strauss bevind naamlik dat "[i]njury in general ... was foreseeable due to the fact that a dropper sticking out on a general playing field such as a rugby field or a field where children play ball, would cause injury if any children either

stepped in or fell on such dropper ...” (par. 57; sien ook par. 73) (en voorts dat ’n redelike persoon nie die paaltjie in die omgewing waar kinders hardloop en speel, sou geplaas het nie en ook die boompie op ’n minder gevaarlike wyse sou beveilig het (par. 71)).

Terloops, wat die nalatigheidstoets betref, is dit opvallend dat nóg die verhoorhof, nóg die Hoogste Hof van Appèl na die redelike-onderwyser- (of redelike-skoolhoof-) toets verwys het wat in gevalle van deliktuele aanspreeklikheid in skoolverband toepassing vind (sien byvoorbeeld *Hawekwa* parr. 27–32; vgl. o.a. Potgieter 2013:13 e.v. en die ander gesag in par. 1 hier bo aangehaal). Afhangend van die omstandighede, kan hierdie toetse ’n swaarder sorgsaamheidsplig op die verweerder se deskundige werknemers plaas as die “gewone” redelike-persoon-toets (sien in die algemeen oor die nalatigheid van deskundiges Neethling en Potgieter 2015:151–3 en die gesag daar bespreek). In die lig van die sprekende feite van die *Pro Tempore*-saak sou die toepassing van die redelike-onderwyser-toets heel waarskynlik nie ’n verskil aan die hof se bevinding oor nalatigheid gemaak het nie: nalatigheid was waarskynlik volgens sowel die redelike-onderwyser- as die minder veeleisende redelike-persoon-toets aanwesig. Nietemin sal die aanwending van die korrekte redelike-onderwyser- (of redelike-skoolhoof-) nalatigheidstoets in skoolverband presieser regspleging bevorder.

Om nou tot die onregmatigheidskwessie in *Pro Tempore* terug te keer. Soos aangetoon, het waarnemende regter Strauss in die verhoorhof meer as een keer aangedui dat die bestaan van ’n regsplig (en dus onregmatigheid) “common cause” (par. 43) was en dus nie in geskil nie (par. 72). Onregmatigheid het dus vasgestaan en sou as afgehandel beskou kon gewees het. Daarom is dit moeilik om te verstaan waarom regter Strauss dit nodig gevind het om die onregmatigheidskwessie verder te oorweeg (parr. 72 e.v.) en die bestaan daarvan opnuut te bevestig (par. 75), nadat sy ook daarop gewys het dat die plant van die boom met die ysterpaal daarnaas op die speelgrond “created a hazardous and dangerous situation” (par. 70). (Soos bekend, is voorafgaande positiewe optrede (*prior conduct*) en die skep van en beheer oor ’n gevaarlike situasie (hier die plant van die ysterpaal en die beheer oor die gevaarlike speelgrond) bekende faktore wat dui op die bestaan van ’n regsplig om skade te vermy (sien in die algemeen Neethling en Potgieter 2015:60 e.v.)). In hierdie verband is dit ook onduidelik waarom dit vir die regter nodig was om daarbenewens, op die volgende wyse, die nuwe onregmatigheidstoets te betrek, soos dit in *Hawekwa* teëgekom word (par. 72):

I also agree with the *Hawekwa* matter *supra*, which one I am bound to follow, that once the legal duty existed, which was not in dispute to exist in this case, it would be a [criterion] of public and legal policy consistent with constitutional norms to determine whether the legal duty was in fact present and any negligent omission, by the defendant, when causing loss will only be regarded as wrongful if public policy requires [that] such a deduction of negligence would result in legal liability for damages.

Behalwe dat dit onnodig was om onregmatigheid verder te ontleed nadat die bestaan daarvan deur die verweerder toegegee is, is hierdie uiteensetting nie ’n toonbeeld van duidelikheid nie. Die regter gee te kenne dat die *Hawekwa*-benadering daarop neerkom dat, waar ’n regsplig (en, bygevolg, onregmatigheid) reeds vasstaan, daar (opnuut) bepaal moet word of die (bestaande) regsplig *werklik* (*in fact*) aanwesig was en dat ’n late onregmatig sal wees net indien openbare beleid verg dat die optrede tot regs aanspreeklikheid vir skadevergoeding lei. ’n Mens moet aanvaar dat die regter die *Hawekwa*-toets wel toegepas het (gesien haar verklaring dat sy haar aan die saak gebonde ag), maar sy sê nie hoe sy dit gedoen het nie; sy

konkludeer eenvoudig, sonder verdere omhaal, in die daaropvolgende paragraaf: “I find therefore that failure ... to prevent or control the dangerous situation by the defendant was *prima facie* wrongful” (par. 73) (waarmee waarskynlik bedoel word dat onregmatigheid dan inderdaad aanwesig is (sien ook par. 75)). Die afleiding kan gemaak word dat die hof die toepassing van die nuwe toets só verstaan: Selfs al word die bestaan van ’n regsplig erken en onregmatigheid dus vasstaan, moet bowendien gevra word of daar op grond van beleidsoorwegings aanspreeklikheid moet volg. Eers dan is onregmatigheid “inderdaad” aanwesig.

In die eerste plek is dit sekerlik onnodig om die bestaan van onregmatigheid verder te ondersoek wanneer die partye saamstem dat dit bestaan. Tweedens is dit nie duidelik of die nuwe toets vir onregmatigheid bedoel is om toegepas te word soos regter Strauss dit gedoen het nie, dit wil sê in die vorm van ’n bykomende vraag wat gestel word nadat onregmatigheid (volgens geykte norme) reeds vasstaan, naamlik of dit (boonop) redelik is om die verweerder op grond van beleidsoorwegings aanspreeklik te hou. Ter versagting vir die verhoorhof se benadering moet gesê word dat dit in elk geval nie uit die sake waarin die nuwe onregmatigheidstoets vermeld word, duidelik is hoe dit toegepas moet word nie. Die toets gaan naamlik mank aan konkrete riglyne en selfs die Hoogste Hof van Appèl, niesteenstaande lippediens aan die toets, val telkens terug op die geykte toetse vir onregmatigheid, te wete subjektiewe regskrenking en regspligverbreking aan die hand van die *boni mores* (sien bv. *Crown Chickens (Pty) Ltd v Rocklands Poultry v Rieck* 2007 2 SA 118 (HHA) 122; *Mediterranean Shipping Co (Pty) Ltd v Tebe Trading (Pty) Ltd* [2007] 2 All SA 489 (HHA) 494; vgl. Neethling en Potgieter 2015:87–8 vir ’n bespreking), of gaan in ander gevalle eenvoudig voort om die regspligbenadering by die onregmatigheid van ’n late toe te pas sonder om (weer) na die nuwe toets te verwys (sien bv. *Harrington v Transnet Ltd t/a Metrorail* 2010 2 SA 479 (HHA) 485; *Du Preez v Swiegers* 2008 4 SA 627 (HHA); *McIntosh v Premier, KwaZulu-Natal* 2008 6 SA 1 (HHA) 8; Neethling en Potgieter 2015:87).

Dit lyk of selfs die Konstitusionele Hof partykeer nie mooi weet hoe om die nuwe toets prakties toe te pas nie. So verklaar regter Froneman in *Masstores (Pty) Ltd v Pick n Pay Retailers (Pty) Ltd* 2017 1 SA 613 (KH) par. 48 dat die (konvensionele) *boni mores*- of redelikheidskriterium onlangs deur die Hoogste Hof van Appèl verfyn is en dat dié verfyning waarskynlik in die gedagte lê dat die onregmatigheidsondersoek “questions the reasonableness of imposing liability” (die kern van die nuwe onregmatigheidstoets). Hierop laat regter Froneman volg: “Recognising that reality, however, does not necessarily assist in determining when it is reasonable to do so.” Met ander woorde, om dit krasser te stel: die nuwe toets help ’n mens nie juis om onregmatigheid te bepaal nie.

Die onsekerheid oor hoe om die nuwe onregmatigheidstoets prakties aan te wend, blyk ook uit waarnemende adjunkpresident Navsa se uitspraak in *Pro Tempo*. Soos gestel, het die verweerders hul appèl vierkantig op die argument geskoei dat die verhoorhof nie voldoende aandag aan die onregmatigheidsvereiste gegee het nie omdat, in die woorde van die nuwe toets vir onregmatigheid, “public policy considerations demanded that ‘in view of the most extra-ordinary and peculiar act of Jaco when he sat on a dropper, liability should not be extended to [the school]’” (par. 14). Hieruit blyk duidelik dat die skool die nuwe onregmatigheidstoets aangryp het om die argument dat die verhoorhof onvoldoende aandag aan onregmatigheid gegee het, voor die appèlhof te plaas. By die oorweging van hierdie submissie haal regter Navsa (sien bv. parr. 16, 19) dan ook uitvoerig aan uit beslissings waarin die nuwe onregmatigheidstoets geformuleer word, soos *Hawekwa* en *Le Roux*. Maar

sonder om te verduidelik hoe die nuwe toets aangewend word om onregmatigheid te bepaal, kom die hof eenvoudig tot die slotsom dat die betoog ongegrond is dat die skool op grond van beleidsoorwegings aanspreeklikheid moet ontkom (par. 21). Regter Navsa verklaar (*ibid.*):

In *Coley* the planting of wooden stakes in a play area was rightly seen as constituting a sufficient basis to create a duty on the part of the Administration to prevent there being a danger to children in that vicinity. *Coley* is not distinguishable from the present case. By placing a steel rod within a playground where children engaged in ball games the appellant created a dangerous situation. It did not take reasonable steps to prevent a foreseeable risk of harm through misadventure from materialising. Section 28(1)(b) of the Constitution dictates that every child has the right to appropriate alternative care when removed from the family environment. Having regard to all the circumstances of the case, including the fact that one is dealing with children who struggle with learning disabilities and that Jaco's hyperactivity was known to the school and considering the factors set out in para 19 above [waarin Brand Wn R se beskrywing van die nuwe onregmatigheidstoets in *Le Roux* par. 122 aangehaal word], the conclusion is compelled that the appellant's submission that public policy considerations demand that liability should not be extended to the appellant is wholly unfounded.

Die enigste aanduiding dat waarnemende adjunkpresident Navsa wel die nuwe onregmatigheidstoets in gedagte gehou het, is geleë in sy verklaring dat die faktore oorweeg is wat hy in par. 19 van sy uitspraak uiteengesit het. Paragraaf 19 bevat egter net waarnemende regter Brand se formulering van die nuwe onregmatigheidstoets in *Le Roux* par. 122 en regter Navsa dui nie aan hoe dié toets gebruik is om tot sy slotsom te kom nie. Uit regter Navsa se aangehaalde konklusie (par. 21), soos in die verhoorhof, wil dit voorkom of die nuwe onregmatigheidstoets – die vraag of die verweerder op grond van beleidsoorwegings aanspreeklik gestel moet word of nie – as 'n “bykomende” onregmatigheidstoets aan bod gekom het, dit wil sê, nadat reeds aanvaar is dat onregmatigheid (en ook nalatigheid) vasstaan. Dit maak egter nie sin om, nadat onregmatigheid reeds vasstaan, dié delikselement deur middel van die nuwe onregmatigheidstoets opnuut te besoek met die doel om (weer) te bepaal of onregmatigheid “inderdaad” aanwesig is nie. Op hierdie manier funksioneer die nuwe toets soos 'n Trojaanse perd wat verwarrende elemente by die lankgevestigde benadering tot onregmatigheid indra, tot nadeel van die gesonde struktuur van die deliktereg.

Knobel 2008:652 spreek hom dan ook sterk uit teen hierdie eienskap van die nuwe benadering, wat hy beskryf as “a kind of final wrap-up after the court has dealt with the other elements” met die gevolg dat “[s]uch an approach arguably results in wrongfulness usurping the functions of the other elements, particularly fault and legal causation, and this breeds much confusion.” (Sien ook Loubser 2008:122.)

In aansluiting hierby waarsku Scott 2015:433 dat die nuwe toets vir onregmatigheid “is running out of control and is now threatening the fabric of our law of delict which has been so carefully developed with the help of academics over many decades”. Die vraag of dit redelik is om 'n verweerder deliktueel aanspreeklik te stel, hou ten ene male nie (net) met die aan- of afwesigheid van onregmatigheid verband nie, maar met die bestaan al dan nie van al die delikselemente (sien o.a. Neethling en Potgieter 2015:85).

Die verwarring wat die nuwe onregmatigheidstoets onder die delikselemente kan saai, blyk reeds uit *Cape Empowerment Trust Limited v Fisher Hoffman Sithole* 2013 5 SA 183 (HHA) 197–8. Daar wil dit voorkom of appèlregter Brand se formulering van die nuwe toets vir onregmatigheid in 'n groot mate oorvleuel met die formulering van die toets vir juridiese kousaliteit (*remoteness*) wat te make het met die vraag of dit redelik sou wees om 'n gevolg aan die verweerder toe te reken en hom daarvoor aanspreeklik te stel. Regter Brand verklaar ook dat sowel onregmatigheid as juridiese kousaliteit deur regs- en openbare beleidsoorwegings bepaal word, dat hulle dieselfde funksie vervul en dat die meeste van die oorwegings wat dien om 'n bevinding van onregmatigheid uit te sluit, ook 'n bevinding van juridiese kousaliteit elimineer (terwyl hy nietemin erken dat onregmatigheid en regsoorsaaklikheid nie in alle opsigte dieselfde is nie en dat sekere maatstawwe vir regsoorsaaklikheid nie 'n rol by die bepaling van onregmatigheid speel nie) (sien Neethling en Potgieter 2015:86; Neethling en Potgieter 2014c:895 e.v.; Neethling en Potgieter 2014b:118–9). Die ooreenstemming tussen die nuwe onregmatigheidstoets en die toets vir juridiese kousaliteit kan uiteindelik die ongelukkige en onaanvaarbare gevolg hê dat regsoorsaaklikheid as 'n selfstandige element van 'n delik oorbodig geag word, wat onafwendbaar tot 'n verskraling van die deliktereg sal lei. Sodanige ontwikkeling sal ook in botsing wees met die erkenning en ontwikkeling van juridiese kousaliteit as 'n essensiële en selfstandige delikselement in vele regstelsels (sien European Group on Tort Law 2005:59 e.v.; sien in die algemeen Neethling en Potgieter 2014c:898–900). In finale instansie sal hierdie ongelukkige gevolg hoofsaaklik toegeskryf kan word aan die formulering en toepassing van die nuwe toets vir onregmatigheid wat, soos aangedui, die toets vir juridiese kousaliteit weerspieël.

Aangesien onregmatigheid in *Pro Tempore* onbetwisbaar vasgestaan het, sou dit teoreties suiwerder gewees het om die besonder ongewone wyse waarop Jaco se skade veroorsaak is, aan die orde te stel deur dit oor die boeg van juridiese kousaliteit te gooi, waar die basiese vraag ingevolge die heersende soepel benadering in ons reg is of daar 'n voldoende noue verband tussen die verweerder se onregmatige, nalatige gedrag en die slagoffer se skade bestaan het dat die skade aan die verweerder toegerekend kan word, met inagneming van beleidsoorwegings gebaseer op billikheid, redelikheid en geregtigheid (sien in die algemeen Neethling en Potgieter 2015:201 e.v.). 'n Ongewone of uitsonderlike kousale verloop van skadestigende gebeure kan naamlik 'n rol speel by die vraag na toerekenbaarheid of *remoteness*. Só wys Van Rensburg 1972:58 daarop dat waar die gebeure “'n heel buitengewone verloop geneem het ... die beoordelaar ook [moet] besluit of die kousale verloop met 'n genoegsame graad van waarskynlikheid voorsienbaar was om die dader ten aansien van die gevolg of gevolge wat op die buitengewone manier ingetree het, aanspreeklik te stel”. Ook Boberg 1984:443 wys daarop dat die “‘manner of occurrence’ of the harm” 'n rol kan speel by die uitsluiting of toewysing van aanspreeklikheid.

By die toerekenbaarheidsvraag ooreenkomstig die soepel maatstaf kan regsbeleid en verskeie subsidiêre toetse, soos redelike voorsienbaarheid, direkte en adekwate veroorsaking, asook die aan- of afwesigheid van 'n *novus actus interveniens* (nuwe tussentredende oorsaak), 'n rol kon speel. In *Pro Tempore* sou daar byvoorbeeld ten minste geredeneer kon gewees het dat Jaco se optrede deur op die paaltjie te gaan sit, 'n *novus actus* was wat die juridiese kousale ketting tussen die skool se nalatige optrede en die ingetrede skade verbreek het. 'n *Novus actus interveniens* is 'n onafhanklike gebeurtenis wat na afloop van die verweerder se handeling die gewraakte gevolg veroorsaak of daartoe bygedra het (sien in die algemeen Neethling en Potgieter 2015:221–4; Van der Walt en Midgley 2016, par. 184; Loubser en

Midgley (reds.) 2012:99–100). 'n *Novus actus interveniens* kan juis ook deur die (skuldige) optrede van die benadeelde self (soos Jaco *in casu*) meegebring word (vgl. bv. *S v Mokgethi* 1990 1 SA 32 (A); Neethling en Potgieter 2015:223 vn. 242), mits die bedoelde optrede voorts nie redelikerwys voorsienbaar was nie (sien *OK Bazaars (1929) Ltd v Standard Bank of South Africa Ltd* 2002 3 SA 688 (HHA) 679, 699; vgl. *Ebrahim v Minister of Law and Order* 1993 2 SA 559 (T) 566; Neethling en Potgieter 2015:224 vn. 245 en die verdere gesag daar vermeld). Aan die ander kant is al beslis dat doelbewuste optrede deur iemand wie se verstandelike vermoëns geïnhibeer is, nie 'n *novus actus interveniens* daarstel wat die juridiese kousale ketting verbreek het nie (sien *Road Accident Fund v Russell* 2001 2 SA 34 (HHA) 41: selfmoord deur die benadeelde wie se verstandelike vermoëns aangetas is weens 'n breinbesering en depressie, stel nie 'n *novus actus interveniens* daar nie; Neethling en Potgieter 2015:223 vn. 242). In die saak onder bespreking kan Jaco se rare optrede om op 'n ysterpaaltjie te gaan sit, hoewel moontlik onvoorsienbaar, dalk (in die lig van die *Russell*-uitspraak) nie as 'n *novus actus interveniens* kwalifiseer nie, omdat sy optrede beïnvloed kon gewees het deur sy verstandelike uitdagings. Volgens waarnemende regter Strauss in die verhoorhof (parr. 4–9, 22) was daar getuienis dat Jaco nie die intellektuele vermoë gehad het om in 'n hoofstroomskool aan te pas nie; vandaar sy plasing in 'n privaatskool wat remediërende onderrig verskaf aan leerders met leer- en ander emosionele uitdagings. Daarbenewens was hy onder meer hiperaktief en impulsief en het hy aan angstigheid, depressie en aandagafleibaarheid gely. Hy het medikasie vir epileptiese aanvalle en hiperaktiwiteit gebruik. Voeg hierby waarnemende adjunkpresident Navsa (par. 13) se opmerkings dat Jaco weens sy “youthful inability to control irrational and impulsive acts” en die feit dat hy hiperaktief was, leerprobleme gehad het en aan een of ander vorm van trauma gely het as gevolg van sy ouers se egskeiding, en die feit dat kinders dikwels impulsief optree (*Coley* 25–6; *Pro Tempore* (HHA) par. 10). Al hierdie faktore kan tot die gevolgtrekking lei dat Jaco ook in die kategorie val van die breinbeseerde en depressiewe oorledene in *Russell* wie se selfmoord nie as 'n *novus actus interveniens* gekwalifiseer het nie: “[A] person who is not of sound mind ... cannot be said to have acted with unimpaired coalition informing the decision to commit suicide and ... such suicide does not constitute a *novus actus interveniens*” (41).

Die soepel benadering tot juridiese kousaliteit bied ook die moontlikheid dat, afgesien van die *novus actus interveniens*-argument, onder andere aangevoer sou kon word dat dit op grond van beleid onredelik en onbillik sou wees om die skool aanspreeklik te hou, omdat Jaco se optrede nie redelikerwys voorsienbaar was nie (sien oor die rol van redelike voorsienbaarheid by juridiese kousaliteit Neethling en Potgieter 2015:219–21; Van der Walt en Midgley 2016, par. 185 en Loubser en Midgley (reds.) 2012:95–6). In hierdie verband is dit belangrik om daarop te let dat die kriterium van redelike voorsienbaarheid by juridiese kousaliteit verskil van redelike voorsienbaarheid by nalatigheid: “The reasonable foreseeability test for remoteness is not the same as the test for fault in the form of negligence” (Van der Walt en Midgley 2016, par. 185 vn. 5; sien ook Neethling en Potgieter 2015:212, 221).

In *Premier of the Western Cape Province v Loots NO* [2011] JOL 27067 (HHA) par. 23 verwoord appèlregter Brand hierdie beginsel soos volg:

I do not believe, however, that the foreseeability criterion in the context of legal causation can be exactly the same [as by nalatigheid nie]. Once we accept, as we must, that foreseeability plays a role in determining both negligence and legal causation, logic dictates that the same criterion cannot find application in both

instances. After all, repetition of exactly the same tests on two occasions can serve no purpose other than to confuse. Moreover, the different roles performed by the enquiries into fault, on the one hand and imputability of harm on the other, are so fundamentally different, that the appropriate criteria can hardly be the same. Unfortunately our law as it stands does not provide a clear picture of the content of the foreseeability criterion in the context of legal causation. But as I see it, if it means anything, it must mean foreseeability of the actual harm as opposed to harm of a general kind.

Die regspraak bied inderdaad nie 'n duidelike beeld van die inhoud van die redelikevoorsienbaarheidskriterium by juridiese kousaliteit nie en dikwels word eenvoudig beslis dat 'n bepaalde gevolg voorsienbaar was, of nie, en daarmee uit en gedaan (sien vir verskillende formulerings o.a. Van Rensburg 1972:48–9, 56–9; Boberg 1984:443; Van der Walt en Midgley 2016, par. 185; Neethling en Potgieter 2015:220–1).

Van Rensburg 1972:56, na wie appèlregter Brand ook in die *Loots*-saak par. 23 vn. 14 verwys, doen as algemene maatstaf die volgende kriterium aan die hand:

[W]as die gevolg, asook die kousale verloop tussen die handeling en die gevolg, vanuit die tydstip van die handeling met so 'n graad van waarskynlikheid voorsienbaar dat die gevolg, in die lig van die omstandighede, redelikerwys aan die dader toegereken kan word?

By die toepassing van hierdie maatstaf kan volgens Van Rensburg (*ibid.*) as algemene reël geld “dat 'n dader normaalweg vir al die gevolge van sy skuldige, onregmatige handeling aanspreeklik is, buiten die gevolge wat besonder onwaarskynlik was”.

Daarby moet in gedagte gehou word dat sedert die aanvaarding van die oorkoepelende soepel maatstaf vir juridiese kousaliteit, subsidiêre kriteria, insluitend redelike voorsienbaarheid, nie noodwendig deurslaggewend sal wees nie, maar dat aanspreeklikheid in 'n bepaalde geval op grond van beleid toegereken sal kan word selfs al was die gevolg so uitsonderlik dat dit nie as redelikerwys voorsienbaar aangemerkt kan word nie (soos deur die Appèlhof uitgewys in *Smit v Abrahams* 1994 4 SA 1 (A) 19 en by implikasie toegepas in die *Loots*-saak, waar die betrokke gevolg nie redelikerwys voorsienbaar was nie (par. 24), maar die hof die verweerders nogtans op grond van redelikheid, billikheid en regverdigheid aanspreeklik gehou het (par. 26); vgl. Neethling en Potgieter 2015:220). Daarom kan nie aanvaar word dat die skool in *Pro Tempore* noodwendig aanspreeklikheid sou vrygespring het indien bevind sou gewees het dat dit nie redelikerwys voorsienbaar was dat die skade op so 'n buitengewone manier sou intree nie. Al die konkrete besonderhede van die saak moet in aanmerking geneem word en redelike voorsienbaarheid speel as een van die relevante faktore 'n subsidiêre rol by die oorkoepelende soepel maatstaf om te bepaal of die skade die verweerder op grond van redelikheid, billikheid en regverdigheid toegereken moet word. Maar ten minste sou die hantering van die buitengewone kousale verloop van gebeure onder die vaandel van juridiese kousaliteit dit in *Pro Tempore* moontlik gemaak het om Jaco se rare optrede behoorlik te oorweeg as moontlike faktor wat aanspreeklikheid op grond van beleid kan uitsluit, pleks daarvan om dit deur middel van die nuwe onregmatigheidstoets as 't ware by die agterdeur van die onregmatigheidselement, waarvan die ondersoek reeds afgesluit was, te probeer inbring. Duidelik het beide die verhoorhof en die Hoogste Hof van Appèl nie mooi gewet hoe om die nuwe onregmatigheidstoets as sleutel te gebruik om Jaco se buitengewone

optrede op grond van beleid as moontlike aanspreeklikheidsuitsluitende optrede te oorweeg nie. Daarteenoor sou die soepel maatstaf vir juridiese kousaliteit, teen die agtergrond van omvangryke vergelykende regspraak en uitgebreide akademiese navorsing oor hierdie delikselement, ruim geleentheid gebied het om dié kwelvraag op 'n teoreties suiwerder manier aan te pak.

As nagedagte kan gevra word of die appellant nie ook die verhoorhof se bevinding oor Jaco se bydraende nalatigheid (parr. 76–84) in die Hoogste Hof van Appèl kon aangeveg het ten einde 'n gunstiger skadevergoedingsverdeling te bekom nie (soos gemeld, is Jaco se skadevergoeding in die verhoorhof op grond van sy bydraende nalatigheid met 20% verminder, 'n bevinding waarmee die HHA nie ingemeng het nie). Die slagoffer se bydraende nalatigheid vervul immers ook 'n temperingsrol by die omvang van die verweerder se aanspreeklikheid (sien in die algemeen Neethling en Potgieter 2015:172 e.v.). Aan die ander kant was die moontlikheid dat die appèlhof, in die lig van die feite van die saak, Jaco se graad van nalatigheid beduidend sou verhoog, waarskynlik skraal. (Self het die verweerder in die verhoorhof 'n verdeling van 60/40 in die guns van die verweerder aan die hand gedoen (par. 77).) Om bloot ter wille van 'n moontlik gunstiger skadevergoedingsverdeling te appelleer, sou waarskynlik te riskant gewees het, en nie die moeite en koste werd nie. Vandaar die appèl om die verhoorhof se bevinding van aanspreeklikheid in die geheel omvergewerp te probeer kry. Nietemin kan dit interessant wees om dieper in te gaan op die vraag of die hof die buitengewone verloop van die gebeure in die saak – Jaco se impulsiewe en ondeurdagte gedrag – voldoende verreken het by die bepaling van sy graad van bydraende nalatigheid, en of Jaco se sielkundige en ander persoonlike tekortkominge genoegsaam by toerekeningsvatbaarheid in ag geneem is. In die lig van die oorkoepelende tema van hierdie bydrae word egter nie op hierdie kwessies ingegaan nie.

6. Samevatting en slotsom

Om saam te vat: In *Pro Tempore* is 'n dertienjarige skoolseun, Jaco, op 'n buitengewone en vreemde manier ernstig beseer toe hy tydens 'n spelery op 'n skoolspeelgrond op 'n ysterpaaltjie gaan sit het en sy rektum en blaas deurboor is. 'n Delikseis om skadevergoeding word namens Jaco teen die skool ingestel weens die skade wat die besering meegebring het. Die partye was dit eens dat die skool, wat die paaltjie op die speelgrond geplant het om 'n jong boompie te stut, 'n regsplig gehad het om beserings te voorkom. Onregmatigheid het dus vasgestaan. Die skool voer aan dat nalatigheid ontbreek het omdat die spesifieke wyse waarop die skade ingetree het – naamlik weens die slagoffer se gaan-sit op 'n ysterpaaltjie – nie redelikerwys voorsienbaar was nie. Die hof bevind egter tereg dat dit in ons reg vir nalatigheid voldoende is as skade in die algemeen, in teenstelling met die spesifieke skadelike gevolg of die presiese wyse waarop dit ingetree het, redelikerwys voorsienbaar was. In hierdie saak was dit inderdaad redelik voorsienbaar dat kinders beseer sou kon word deur die teenwoordigheid van 'n ysterpaaltjie in die omgewing waar kinders hardloop en speel. Boonop sou 'n redelike persoon nie die paaltjie daar geplaas het nie en die boom op 'n minder gevaarlike wyse ondersteun het. Ook nalatigheid was dus aanwesig. Wat nalatigheid betref, kon beide howe die redelike-onderwyser- of redelike-skoolhoof-toets binne skoolverband as verfyning van die redelike-persoon-toets toegepas het, alhoewel hierdie

akkurater hantering van nalatigheid waarskynlik nie 'n verskil aan die bevinding oor nalatigheid sou gemaak het nie.

Dit was egter nie die einde van die ondersoek nie. Al het onregmatigheid reeds vasgestaan, vind die verhoorhof, vreemd genoeg, dit nodig om die onregmatigheidskwessie weer te besoek. Met verwysing na die nuwe onregmatigheidstoets, soos in *Hawekwa* geformuleer, vra die hof naamlik of die (reeds bestaande) regsplig aan die hand van beleidsoorwegings en in ooreenstemming met grondwetlike norme inderdaad (*in fact*) aanwesig is en verklaar dat 'n late as onregmatig beskou sal word net as openbare beleid verg dat die verweerder aanspreeklik gehou moet word. Die nuwe onregmatigheidstoets word derhalwe as "bykomende" toets toegepas om te bepaal of reeds bestaande onregmatigheid op grond van beleid *inderdaad* aanwesig was.

Die skool se appèl na die Hoogste Hof van Appèl berus oënskynlik uitsluitlik op die argument dat die verhoorhof onvoldoende aandag aan onregmatigheid as deliksvereiste gegee het (par. 14). Die skool betoog, weer eens aan die hand van die nuwe onregmatigheidstoets soos in onder meer *Le Roux* en *Hawekwa* verwoord, dat openbare beleid verg dat die skool nie aanspreeklik behoort te wees nie in die lig van die "most extra-ordinary and peculiar act of Jaco when he sat on a dropper" (*ibid.*). Ook in die appèlhof word die nuwe onregmatigheidstoets dus aangegryp om onregmatigheid, nadat die bestaan daarvan reeds deur beide partye aanvaar is en dit dus as afgehandel beskou kon word, agterna met 'n bykomende vraag te besoek, naamlik of die verweerder, in die lig van die uitsonderlike en rare wyse waarop die nadeel ingetree het, op grond van beleid aanspreeklik gehou behoort te word of nie.

Beide howe span dus die nuwe onregmatigheidstoets as Trojaanse perd in om die buitengewone wyse waarop die skade ingetree het, as 't ware by die agterdeur van die onregmatigheidskwessie in te sleep ten einde te vra of onregmatigheid, wat reeds vasstaan, op grond van beleid *inderdaad* aanwesig is omdat dit in die omstandighede redelik sou wees om die verweerder aanspreeklik te hou. Hierdie werkswyse ondermyn die wese van die onregmatigheidsondersoek, denatureer die onregmatigheidselement en doen die gesonde struktuur van die erkende deliksbeginsels geweld aan. Dit is in elk geval nie duidelik of die nuwe onregmatigheidstoets ooit bedoel was om onregmatigheid agterna te bevraagteken waar die partye saamgestem het dat 'n regsplig bestaan en onregmatigheid daarmee as afgehandel beskou kan word nie. Nogtans is die amper bizarre wyse waarop die nuwe onregmatigheidstoets in die twee uitsprake onder bespreking beetgeneem kon word, weliswaar onsuksesvol, om onregmatigheid te bevraagteken wat alreeds vasgestaan het, nog 'n aanduiding dat dié toets "is running out of control" (in die woorde van Scott 2015:433) en van die skade en verwarring wat hierdie onnodige benadering tot onregmatigheid kan meebring (sien vir algemene kritiek op die nuwe toets Neethling en Potgieter 2015:84–90).

Waar deliktuele aanspreeklikheid van 'n dader wat onregmatig en nalatig opgetree het, bevraagteken word op grond van die buitengewone wyse waarop die skade ingetree het, maak dit meer sin om dié oorweging onder die vaandel van juridiese kousaliteit op die tafel te plaas eerder as om onregmatigheid in die lig daarvan te probeer herondersoek. Die ryk jurisprudentie en regspraak oor juridiese kousaliteit, waar die soepel benadering en subsidiêre oorwegings soos redelike voorsienbaarheid en die *novus actus interveniens*-verskynsel 'n rol kan speel, bied 'n beter ruimte vir die oorweging van 'n buitengewone kousale verloop as faktor ter uitsluiting van deliktuele aanspreeklikheid. Die hantering van die kwelvraag oor die

buitengewone wyse waarop skade ingetree het as 'n juridiese kousaliteitskwessie, sou nie noodwendig tot 'n ander uitslag gelei het nie, maar sekerlik die geleentheid gebied het om dit op 'n teoreties suiwerder grondslag te ondersoek.

Bibliografie

- Boberg, P.Q.R. 1984. *The law of delict. Volume one: Aquilian Liability*. Kaapstad, Johannesburg en Wetton: Juta.
- Boezaart, T. en P. de Kock (reds.). 2008. *Vita Perit, Labor Non Moritur – Liber Memorialis PJ Visser*. Durban: LexisNexis.
- European Group on Tort Law. 2005. *Principles of European tort law*. Wene, New York: Springer.
- Knobel, J.C. 2008. Thoughts on the functions and application of the elements of a delict. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 71(4):650–60.
- Loubser, M. 2008. Unlawfulness in the South African law of delict: focus areas in the debate. In Boezaart en De Kock (reds.) 2008.
- Loubser, M. en R. Midgley (reds.). 2012. *The law of delict in South Africa*. 2de uitgawe. Kaapstad: Oxford University Press.
- Neethling, J. 2008. *Van Heerden-Neethling Unlawful competition*. 2de uitgawe. Durban: LexisNexis.
- . 2015. Aanspreeklikheid weens 'n late: Versoening tussen die tradisionele en nuwe toets vir deliktuele onregmatigheid, of nie? *LitNet Akademies*, 12(3):810–22.
- Neethling, J. en J.M. Potgieter. 2011. Deliktuele aanspreeklikheid in skoolverband. *De Jure*, 44(1):161–70.
- . 2012. Borderline between the law of contract and the law of delict. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 75(1):107–16.
- . 2013. The law of delict. *2011 Annual Survey of South African Law*, 747–847. Claremont: Juta.
- . 2014a. Wrongfulness and delictual liability for rugby injuries: *Roux v Hattingh* (SCA). *South African Law Journal*, 131(2):244–53.
- . 2014b. Wrongfulness in delict: A response to Brand JA. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 77(1):116–23.
- . 2014c. Wrongfulness and legal causation as separate elements of a delict: Confusion reigns. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, 2014(4):889–900.

- . 2015. *Neethling-Potgieter-Visser deliktereg*. 7de uitgawe. Durban: LexisNexis.
- . 2016. The law of delict. *2014 Annual Survey of South African Law*, 740–89. Claremont: Juta.
- . 2017. The law of delict. *2015 Annual Survey of South African Law*. Claremont: Juta.
- Potgieter, J.M. 2008. Deliktuele aanspreeklikheid vir nalatige optrede in skoolverband. *De Jure* 41(1):193–200.
- . 2013. Steeds meningsverskil oor die deliktuele-nalatigheid-toets vir onderwysers. *LitNet Akademies*, 10(2):13–26.
- . 2015. School discipline and the delictual negligence test for teachers – a case in point. *Tydskrif vir Regswetenskap*, 40(2):81–9.
- Potgieter, J.M., J.C. Knobel en R.-M. Jansen (reds.). 2015. *Essays in honour of / Huldigingsbundel vir Johann Neethling*. Durban: LexisNexis.
- Scott, T.J. 2015. Delictual liability for adultery – a healthy remedy’s road to perdition. In Potgieter, Knobel en Jansen (reds.). 2015.
- . 2016. Revisiting the elements of delict – the *Mashongwa* judgments. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 79(4):551–79.
- Van der Walt, J.C. 1979. *Delict: Principles and cases*. Durban: Butterworths.
- Van der Walt, J.C. en J.R. Midgley. 2016. *Principles of delict*. 4de uitgawe. Durban: LexisNexis.
- Van Rensburg, A.D.J. 1972. *Normatiewe voorsienbaarheid as aanspreeklikheidsbegrensiingsmaatstaf in die privaatreë*. Durban: Butterworths.
- * Finansiële steun van die Navorsings- en Innovasiekomitee van die Universiteit van Suid-Afrika se Regskollege word met dank erken; die kollege is nie verantwoordelik vir enige menings of gevolgtrekkings in hierdie bydrae nie.

Putatiewe noodweer as verweer in die Suid-Afrikaanse strafreg: 'n Kritiese oorsig van die onseker pad tot by *Pistorius* en daarná

Rinda Botha

Rinda Botha, Departement Publiekreg, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

In misdaadgeteisterde Suid-Afrika glo mense dikwels verkeerdelik dat hulle in lewensgevaar verkeer en derhalwe in noodweer optree. Wanneer hierdie persone hulle dan skielik in die beskuldigdebank bevind, is putatiewe noodweer die verweer waarop hulle kan steun. Hierdie verweer word reeds langer as 50 jaar in Suid-Afrikaanse howe geopper. Tog het die onlangse *Pistorius*-saak opnuut belangstelling in putatiewe noodweer gewek en boonop die beduidende regsonsekerheid daaroor blootgelê. Hoewel die Hoogste Hof van Appèl bevind het dat Pistorius nie met putatiewe noodweer kon slaag nie en skuldig is aan moord, meen toonaangewende strafregkenners dat die verhoorhof korrek was om hom oorspronklik aan strafbare manslag skuldig te bevind. Hierdie artikel onderneem 'n kritiese chronologiese oorsig van Suid-Afrikaanse howe en strafregkenners se benadering tot putatiewe noodweer oor die afgelope dekades. Dié oorsig onthul 'n betreklik onbestendige benadering. In die 1950's stel die howe die (objektiewe) vereiste dat die foutiewe oortuiging van noodweer redelik en die beskuldigde se verdedigende optrede regverdigbaar moet wees. In die 1990's blyk die enigste vereiste 'n (subjektiewe) foutiewe oortuiging te wees, hoewel sake met 'n deels objektiewe "redelike persoon"-toets vertroebel word. Hierna volg 'n rits uitsprake tot in die 2000's waarin 'n suiwer subjektiewe toets toegepas en slegs 'n opregte foutiewe oortuiging van noodweer vereis word om wederregtelikheidsbewussyn uit te skakel. Die verhoorhof in die *Pistorius*-saak blyk eers koers te hou deur na 'n foutiewe dog opregte oortuiging as die enigste vereiste te verwys, maar verwerp dan putatiewe noodweer weens Pistorius se uitlating dat hy nooit bedoel het om enigiemand te skiet nie. Tog is dit die Hoogste Hof van Appèl wat hierná enige sekerheid oor putatiewe noodweer verydel deur te bevind dat die verweer misluk omdat Pistorius se foutiewe oortuiging van noodweer onder meer nie "rasioneel" was nie, wat weer op 'n objektiewe toets sinspeel. Dié wipplankryery beteken uiteindelik die verskil tussen skuldigbevinding aan moord of strafbare manslag, wat regsekerheid noodsaaklik maak. Die hoofaanbeveling is daarom dat akademië en die howe hulle voortaan moet beywer vir die konsekwente toepassing van 'n suiwer subjektiewe toets om wederregtelikheidsbewussyn te bepaal. Slegs indien wederregtelikheidsbewussyn

ontbreek, behoort die objektiewe “redelike persoon”-toets gebruik te word om nalatigheid vas te stel.

Trefwoorde: opregte foutiewe oortuiging; *Pistorius*; putatiewe noodweer; Suid-Afrika; redelike persoon; regsekerheid; wederregtelikheidsbewussyn

Abstract

Putative self-defence as a defence in South African criminal law: A critical overview of the uncertain path to *Pistorius* and beyond

In crime-ridden societies such as South Africa it often happens that people genuinely though mistakenly believe that their lives are in danger and that, should they act, they would be acting in self-defence. When these people are then criminally prosecuted and suddenly find themselves in the dock, the only defence available to them is putative self-defence. Unlike regular self-defence, putative self-defence relates to the state of mind of the accused at the time of the crime and, therefore, whether the person was conscious of the wrongfulness of his/her actions or was acting based on an honestly held, albeit erroneous, belief.

Putative self-defence is nothing new in South African criminal law. In fact, as the case law discussed in this contribution will demonstrate, it has been raised as a defence in South African courts for over half a century. In addition, the difference between self-defence and putative self-defence, as well as the criminal liability resulting from putative self-defence, has been firmly entrenched and clearly explained in our law over the years. Yet despite this long history, the recent *Pistorius* matter not only reignited interest in putative self-defence, but also turned the spotlight on the considerable legal uncertainty regarding our courts' approach to it: although the Supreme Court of Appeal found that Pistorius could not succeed with putative self-defence and was in fact guilty of murder, a range of leading criminal law experts still believe that the court *a quo* was correct in initially finding Pistorius guilty of culpable homicide only.

Against this backdrop, the article embarks on a critical chronological overview of the South African courts' and criminal law experts' approach to putative self-defence over the past few decades. This overview of case law points to an approach that can at best be described as uncertain and inconsistent. When putative self-defence was raised in *R v Bhaya* 1953 3 SA 143 (N), the court insisted that the accused's mistaken belief of self-defence had to be reasonable and his defending actions justifiable – thus clearly pointing to an objective test. In *S v De Oliveira* 1993 2 SASV 59 (A), however, the then Appellate Division in a rather drastic turnabout insisted on a purely subjective “erroneous belief” as the only requirement to eliminate *dolus* (intent). At the same time, though, in deciding whether the accused in *De Oliveira* could successfully raise putative self-defence against a murder charge, the court unfortunately and unnecessarily clouded the issue by applying a partially objective test, stating that the “reasonable person” in the circumstances of the accused would not have believed that he was entitled to shoot. This was followed by a series of judgments well into the 2000s that all applied a solely subjective test and required only a genuinely mistaken belief of self-defence in order to eliminate consciousness of wrongfulness. In *S v Naidoo* 1997 1 SACR 62 (T), for example, the court focused on whether the accused himself had

been honestly yet mistakenly convinced that he was being attacked and was therefore acting within the parameters of self-defence. If so, the court argued, even though the subjective belief turned out to have been held erroneously, there was no consciousness of wrongfulness, and the accused could be found guilty only of culpable homicide. In *Kgaleng v Minister of Safety and Security* 2001 4 SA 854 (W) too, the court required only a *bona fide* belief as prerequisite to find that consciousness of wrongfulness, and thus intent, was absent. Exactly ten years following *De Oliveira*, the matter of *S v Joshua* 2003 1 SACR 1 (SCA) afforded the Supreme Court of Appeal another chance to reflect on putative self-defence. The court referred to the requirements established in *De Oliveira*, then stated a subjective mistaken belief as the only requirement to eliminate intent, and finally overturned the court *a quo*'s convictions in *Joshua* from murder to culpable homicide. By that time, the approach seemed to have been firmly established. Sticking with the trend, a truly mistaken belief served as sole requirement to eliminate intent in *S v Dougherty* 2003 2 SACR 36 (W) also, again resulting in a conviction of culpable homicide instead of murder. But then the much publicised, media-hyped *Pistorius* matter came before our courts. At first, the court in *S v Pistorius* CC 113/2013 [2014] ZAGPPHC 793 (12 September 2014) seemed to pick up where previous judgments had left off, remaining on course by referring to a mistaken though genuine belief as the only requirement to eliminate intent. However, based on inconsistencies in the accused's testimony and, more specifically, Pistorius's statement that he had never intended to shoot anyone, the court eventually rejected putative self-defence in its entirety – a pity, as a contrary conclusion would have been far more logical. Yet it was the Supreme Court of Appeal's subsequent finding in *Director of Public Prosecutions, Gauteng v Pistorius* 2016 2 SA 317 (SCA) that dealt any potential certainty regarding the approach to putative self-defence a particularly severe blow. The court found that putative self-defence had to fail, *inter alia* since Pistorius's mistaken belief of self-defence was not "rational". In the proverbial one fell swoop, therefore, the Supreme Court of Appeal returned the countries' courts to the 1950s approach to putative self-defence, applying an objective test – no more, no less.

This seesawing between divergent views is not only confusing from a legal theoretical point of view, but to many accused means the difference between a conviction of culpable homicide and a conviction of murder, and thus also widely differing sentences. The importance of obtaining legal certainty in this regard cannot be overemphasised. Based on the examination of the uncertain path up to *Pistorius* and beyond, this contribution finally offers a few recommendations to facilitate a more clear-cut, uncomplicated and constant approach to putative self-defence in future. The primary recommendation is for academics and practitioners (the courts) to collaborate in working towards the consistent application of a solely subjective test to establish consciousness of wrongfulness. Only where consciousness of wrongfulness is found to have been absent, the objective "reasonable person" test should be used to determine negligence. In two secondary recommendations, the article also advocates that defence against either real or perceived intruders at home be dealt with differently from other cases, particularly in light of current societal trends, with burglary and robbery the order of the day. Taking into account the facts and circumstances of each matter, people's homes should be regarded and approached as their safe haven. This implies that decisive action should be permitted if you or a family member were to be confronted by an intruder at home in the middle of the night. In this regard, Snyman's remarks in *Criminal Law* (2014) are particularly relevant: "Experience tells us that even a moment's hesitation by [a homeowner] in such circumstances is to require her to gamble with her life or that of the other people in the house, and the law cannot expect this of her." In addition, consensus is

urgently required on the need for firing warning shots at home, which may in some instances be unreasonable to expect of a homeowner faced with an intruder in the current climate of brutal violence.

Keywords: consciousness of wrongfulness; genuine mistaken belief; legal certainty; *Pistorius*; putative self-defence; reasonable person; South Africa

1. Inleiding

In 'n onvolmaakte wêreld is foute onvermydelik, selfs gedurende misdaadpleging. Die betrokkenes is doodgewone mense wat hulle moontlik “op die verkeerde tyd op die verkeerde plek” bevind en gevolglik met onvoorsiene omstandighede te doen kry. Daar is geen manier om 'n mens daarop voor te berei nie, en bedoelde persone het in sulke omstandighede dikwels slegs enkele sekondes om lewensbelangrike besluite te neem.

Veral in die lig van die hoë misdaadsyfers in Suid-Afrika¹ gebeur dit dikwels² dat die betrokkenes verkeerdelik glo dat hulle in lewensgevaar verkeer en derhalwe in noodweer optree. Hierdie persone word dan as “misdadigers” strafregtelik vervolgt, en wend hulle dus noodgedwonge tot die verweer wat in die Suid-Afrikaanse strafreg as putatiewe noodweer bekend is.³ Anders as noodweer, hou putatiewe noodweer verband met die beskuldigde se denke of gedagtes gedurende misdaadpleging, oftewel wat die beskuldigde in daardie stadium gedink het.⁴

Putatiewe noodweer is geen nuutjie in die Suid-Afrikaanse strafreg nie. Inteendeel, die saakbesprekings in hierdie bydrae toon dat dié verweer plaaslik al meer as 'n halwe eeu gelede geopper is.⁵ Eweneens is die verskil tussen noodweer en putatiewe noodweer, asook die strafregtelike aanspreeklikheid wat uit putatiewe noodweer spruit, reeds jare gelede in ons reg neergelê en op eenvoudige wyse uiteengesit.⁶

Tog het die onlangse *Oscar Pistorius*-saak⁷ en die gepaardgaande mediasirkus opnuut belangstelling in putatiewe noodweer gewek, en terselfdertyd die beduidende regsonsekerheid daaroor in Suid-Afrika onderstreep. In dié saak het die Hoogste Hof van Appèl bevind dat die beskuldigde nie met putatiewe noodweer kon slaag nie, en dus skuldig is aan moord,⁸ terwyl van die land se voorste strafregkenners weer meen dat die verhoorhof korrek was om Pistorius oorspronklik aan strafbare manslag skuldig te bevind.⁹ Sulke uiteenlopende sienings is nie net verwarrend uit 'n regsteoretiese oogpunt nie, maar beteken vir menige beskuldigde die verskil tussen skuldigbevinding aan strafbare manslag of moord.

Teen dié agtergrond word in hierdie artikel 'n kritiese ondersoek gedoen na die Suid-Afrikaanse howe en sommige Suid-Afrikaanse strafregkenners se vertolking van putatiewe noodweer oor die jare, en die vereistes om daarmee te slaag. Dit sluit af met sowel sekere vrae oor die mislukking van die verweer in die *Pistorius*-saak,¹⁰ as aanbevelings oor die toekomstige hantering van putatiewe noodweer in Suid-Afrika.

2. Boustene van strafregtelike aanspreeklikheid

Om 'n beskuldigde in Suid-Afrika aan 'n misdryf skuldig te bevind, moet sy/haar gedrag aan sekere misdaadelemente, oftewel aanspreeklikheidsvereistes, voldoen, naamlik handeling, kousaliteit, wederregtelikheid, toerekeningsvatbaarheid en skuld.¹¹ By die vervolging van 'n beskuldigde moet voldoening aan hierdie vereistes ook in hierdie spesifieke orde bewys word.¹²

Beskuldigdes beskik op hul beurt oor verskeie verwerpe om op die afwesigheid van hierdie elemente te dui. 'n Suksesvolle beroep op noodweer skakel byvoorbeeld die vereiste van wederregtelikheid uit.¹³ Omdat putatiewe noodweer met 'n persoon se gedagtegang verband hou,¹⁴ sal 'n suksesvolle beroep op putatiewe noodweer weer die laaste vereiste, naamlik die skuldelement, uitskakel.¹⁵

Die volgorde van bogenoemde misdaadelemente impliseer dat die kwessie van 'n suksesvolle beroep op putatiewe noodweer aan bod kom eers wanneer al die ander misdaadelemente, waaronder wederregtelikheid van gedrag, reeds vasstaan. Met ander woorde, die vraag of 'n persoon met putatiewe noodweer kan slaag, word gevra eers nadat daar bevind is dat hy nie met ware noodweer kan slaag nie.

3. Die verskil tussen noodweer en putatiewe noodweer

3.1 Noodweer

Soos reeds genoem is, sal 'n suksesvolle beroep op noodweer die vereiste van wederregtelikheid uitskakel.¹⁶ Volgens Snyman¹⁷ is gedrag wederregtelik indien dit “in stryd is met die gemeenskap se opvattinge van regverdigheid of met die regsoortuiging van die gemeenskap”. Dus, hoewel dit moontlik volgens die gemeenskap verkeerd is om 'n ander se lewe te neem, sal hulle dit byvoorbeeld as regverdig beskou indien 'n aanvaller gedurende selfverdediging sou sterf.

Snyman¹⁸ omskryf noodweer soos volg:

Iemand tree in noodweer op, en haar handeling is gevolglik regmatig, indien sy haar weer teen 'n wederregtelike aanval, wat reeds begin het of wat onmiddellik dreigend is, op haar of iemand anders se lewe, liggaamlike integriteit, eiendom of ander beskermwaardige regsbelang, mits die afweerhandeling noodsaaklik is om die bedreigde belang te beskerm, dit gerig is teen die aanvaller en dit in 'n redelike verhouding tot die aanval is.

Die vereistes wat in hierdie omskrywing van noodweer opgesluit lê, kan ingedeel word in vereistes waaraan die aanval moet voldoen en vereistes waaraan die verdedigende handeling moet voldoen. Hierdie vereistes is ewe belangrik vir die latere bespreking van putatiewe noodweer: 'n persoon wat in putatiewe noodweer opgetree het, het immers (verkeerdelik) geglo dat hy in noodweer optree en dat sy handeling aan die perke en vereistes van ware noodweer voldoen.

3.1.1 Vereistes om met noodweer te slaag

Om met noodweer te slaag, kan die vereistes vir die aanval op die verdediger soos volg saamgevat word:¹⁹ die aanval moet wederregtelik wees,²⁰ gerig op 'n belang wat regtens beskerm word,²¹ en onmiddellik dreigend wees.²² Kortom kan daar dus afgelei word dat indien iemand verkeerdelik sou glo dat hy hom in noodweerstandighede bevind (en dus in putatiewe noodweer verkeer), hy ook glo dat daar sprake is van 'n wederregtelike aanval op sy of 'n derde se belang (soos lewe, liggaamlike integriteit of eiendom). Boonop moet hy onder die indruk verkeer dat die aanval onmiddellik dreigend is – dit moet met ander woorde nie reeds afgeloop óf net 'n toekomstige moontlikheid wees nie.

Die vereistes vir die verdedigende handeling is soos volg:²³ die verdediging moet teen die aanvaller gemik, noodsaaklik, redelik in verhouding tot die aanval, en 'n doelbewuste noodweerhandeling wees. Die eerste en laaste van hierdie groep vereistes spreek vanself. Die middelste twee vereistes – noodsaaklikheid en 'n redelike verhouding tussen die aanval en verdediging – het egter al heelwat vrae in die praktyk laat ontstaan, en word dus kortliks hier onder bespreek.

By die vereiste dat die verdedigende handeling noodsaaklik moet wees, is dit veral die vraag of 'n persoon (die verdediger) nie eerder moes gevlug het as om eie reg te gebruik nie, wat kenners laat kopkrap. Burchell²⁴ glo daar is inderdaad geen sodanige absolute plig om te vlug nie. Snyman²⁵ meen die howe het nog nie onomwonde besluit of daar wel so 'n plig bestaan nie, maar is wél seker dat daar nie so 'n plig bestaan wanneer dit byvoorbeeld gevaarlik is om te vlug of jy by jou eie huis aangeval word nie²⁶ – 'n besonder tersaaklike opmerking vir die doeleindes van hierdie artikel. 'n Mens se huis is op stuk van sake jou toevlug en veilige hawe, waar jy jou teen enige gevaar mag beskerm.²⁷

Wat betref die vereiste dat die verdediger se gedrag redelik in verhouding tot die aanvaller s'n moet wees, gebruik Snyman²⁸ nóg 'n baie tersaaklike voorbeeld vir hierdie artikel:

Assume that X, sleeping in her home, is woken in the middle of the night by a burglar Y, who approaches her room or that of a family member. May X summarily shoot Y in order to kill her, or must she first ask Y to identify herself and state the purpose of her visit, in order to decide what, objectively, the appropriate defensive measures would be in the circumstances? Must she first try to arrest Y and then call the police? It is submitted that in such a situation X is entitled summarily to resort to extreme measures of shooting at Y. Even if subsequent investigation reveals that Y was an unarmed or a physically weak person who could easily have been overpowered by X, and who wanted to steal, say, only a cell phone, *it is extremely unlikely that any court would hold that X acted unlawfully in shooting at Y*. A celebrated phrase emanating from English law reads “a person’s home is her castle”. Experience tells us that even a moment’s hesitation by X in such circumstances is to require her to gamble with her life or that of the other people in the house, and the law cannot expect this of her.

Burchell²⁹ wys op sy beurt op die kwessie van waarskuwingskote – 'n verdere vraag wat baie aandag in die howe geniet met betrekking tot die vereiste van redelike gedrag. Hy argumenteer soos volg:

The issuing of a warning or the firing of a warning shot must, however, be examined in the light of all the circumstances. It may, in certain circumstances, *be unreasonable to expect a person faced with an intruder in his or her home to call out a warning or fire a warning shot*. By calling out he or she might simply sign his or her own death warrant by identifying his or her position to the intruder or by provoking an armed intruder into returning fire. *The emergency situation faced by the homeowner might not give time for warnings.*

Alhoewel die *Pistorius*-saak³⁰ eers heelwat later bespreek word, kan daar interessantheidshalwe nou reeds daarop gewys word dat Pistorius geglo het hy word in sy eie huis aangeval. Wat die noodsaaklikheidsvereiste betref, was hy in daardie geval geensins verplig om te vlug nie. Wat die redelikheidsvereiste betref, en in teenstelling met Burchell se mening hier bo, het die hof egter geargumenteer dat 'n rasonale persoon, hoewel angstig, nie sou glo dat hy geregtig is om in sy eie huis op so 'n "aanvaller" te skiet sonder om minstens 'n waarskuwingskoot af te vuur nie.³¹

Hoe dit ook al sy, wanneer bogenoemde vereistes vir die verdedigende handeling op putatiewe noodweer toegepas word, kan daar dus afgelei word dat die verdediger moet glo dat sy gedrag op 'n aanvaller gerig is, noodsaaklik is (hoewel daar geen plig is om van jou eie huis te vlug óf te vlug indien dit gevaarlik blyk te wees nie), redelik is in verhouding tot die aanvaller s'n (hoewel dít volgens Burchell³² nie noodwendig die afvuur van waarskuwingskote behels wanneer jy in die nag glo jy word in jou huis aangeval nie) en 'n doelbewuste noodweerhandeling is.

Let laastens daarop dat die toets vir ware noodweer objektief is. Die sukses van noodweer word objektief bepaal, en die aard van die aanval en verdedigende handeling word dus objektief bekyk.³³ 'n Objektiewe toets behels inagneming van alle tersaaklike faktore, onder meer faktore waarvan die verdediger nie in daardie stadium kon kennis gedra of geneem het nie.³⁴ Daarteenoor word die sukses van putatiewe noodweer met 'n subjektiewe toets bepaal. Snyman³⁵ wys in dié verband uitdruklik daarop dat sowel die verdediger se ware gedagtes as sy opvatting van die betrokke gebeure en omstandighede vasgestel moet word.

3.2 Putatiewe noodweer

Indien 'n persoon egter glo dat hy in noodweer handel, terwyl dit nie die geval is nie, is noodweer nie, maar eerder putatiewe noodweer, as verweer beskikbaar.³⁶ Anders as noodweer, hou putatiewe noodweer verband met die beskuldigde se gedagtes en denke,³⁷ en dus sy wederregtelikheidsbewussyn. As sodanig kan dit op die afwesigheid van die laaste aanspreeklikheidsvereiste van misdad, naamlik skuld, dui.

In die Suid-Afrikaanse strafreg word skuld hoofsaaklik in twee groepe ingedeel, naamlik opset (*dolus*) en nalatigheid. Terwyl sekere misdade, soos moord, skuld in die vorm van opset vereis, vereis ander misdade, soos strafbare manslag, bloot skuld in die vorm van nalatigheid.³⁸

Die toets vir opset in ál sy vorme, naamlik *dolus directus*, *dolus indirectus*, *dolus eventualis*³⁹ en *dolus indeterminatus*⁴⁰ ('n onderafdeling van eersgenoemde drie), is subjektief.⁴¹ Wederregtelikheidsbewussyn – oftewel die wete dat jy wederregtelik optree – maak deel uit van elk van hierdie vorme van opset.⁴² Volgens Snyman⁴³ bestaan opset uit 'n kognitiewe en

'n wilselement ("volitional element"). Wat die kognitiewe element betref, het die beskuldigde geweet dat sy gedrag aan die misdaadelemente voldoen? Wat die wilselement betref, was die beskuldigde bewus van die wederregtelikheid van sy gedrag? Bewustheid van wederregtelikheid impliseer dat die persoon geweet het dat sy gedrag nie as byvoorbeeld noodweer geregverdig sou kon word nie. Slegs indien die antwoord op albei die vrae hier bo positief is, kan daar tereg gesê word dat so 'n persoon met opset opgetree het. Hoctor⁴⁴ wys daarop dat hierdie tweede element van opset, naamlik wederregtelikheidsbewussyn, juis by putatiewe noodweer ontbreek, wat 'n skuldigbevinding aan moord uitskakel.

Aan die ander kant is die toets vir nalatigheid bekend as die meer objektiewe "redelike persoon"-toets, wat soos volg uiteengesit kan word:⁴⁵

A person's conduct is negligent if

1. the reasonable person in the same circumstances would have foreseen the possibility

(a) that the particular circumstance might exist; or

(b) that his conduct might bring about the particular result;

2. the reasonable person would have taken steps to guard against such a possibility; and

3. the conduct of the person whose negligence has to be determined differed from the conduct expected of the reasonable person.

Na gelang van die feite en omstandighede van die saak kan putatiewe noodweer dus ook skuld in die vorm van nalatigheid uitskakel.⁴⁶

Indien 'n persoon sonder wederregtelikheidsbewussyn opgetree het, ontbreek opset. Indien daar egter méér van die redelike persoon in die beskuldigde se omstandighede verwag sou kon word, kan so iemand aan 'n "nalatigheidsmisdaad" skuldig bevind word. Botha⁴⁷ wys tereg daarop dat indien so 'n persoon nie aanspreeklik gehou word nie omdat skuld ontbreek, hy "verskoon" kan word ondanks sy wederregtelike gedrag. Ook De Wet⁴⁸ meen dat hoewel so 'n persoon wederregtelik opgetree het, hy steeds onskuldig bevind kan word.

3.2.1 Vereistes om met putatiewe noodweer te slaag, en strafregtelike aanspreeklikheid wat uit putatiewe noodweer spruit

Baie strafregkenners het al die vereistes uiteengesit om met putatiewe noodweer te slaag. Vir Burchell⁴⁹ is die vereistes

whether the accused *genuinely, albeit mistakenly, believed* that he or she was acting in lawful private defence (where the charge requires **intention** to be proved) or whether this belief was also *held on reasonable grounds* (where *negligence* is sufficient for liability).

Uit Burchell se verduideliking blyk duidelik dat die toets vir opset by putatiewe noodweer op die persoon se eie gedagtes en denke konsentreer en dus subjektief is, terwyl die toets vir nalatigheid die meer objektiewe “redelike persoon”-toets behels.

Visser en Vorster⁵⁰ maak die volgende opmerking oor die vraag of die beskuldigde se feitedwaling redelik moet wees by misdade wat opset vereis:

Of die feitedwaling *redelik of onredelik is, is nie ter sake nie omdat die toets subjektief is*. Die begrip van redelikheid of onredelikheid, en die graad daarvan in die omstandighede en feite van elke saak, kom alleen ter sprake by bewyslewering of die beskuldigde wel *bona fide* gedwaal het al dan nie.

Sowel Kemp en kollegas⁵¹ as Snyman⁵² ondersteun die siening dat die feitedwaling by opsetmisdade bloot *bona fide* hoef te wees, en nie noodwendig redelik nie, en dat dit ten tye van misdadpleging moet bestaan. Met betrekking tot opsetmisdade wys Snyman⁵³ voorts daarop dat die beskuldigde se ware gemoedstoestand en opvatting van die betrokke gebeure en omstandighede vasgestel moet word. Hy sê uitdruklik dat die vraag nie is of die redelike persoon in die beskuldigde se omstandighede dieselfde fout sou begaan nie – dít sou ’n objektiewe toets veronderstel, terwyl die toets vir opset subjektief is.⁵⁴ Juis omdat die toets subjektief is, kan onder meer die beskuldigde se unieke karaktereienskappe, bygelowe, intelligensie en agtergrond in ag geneem word om te bepaal of sy feitedwaling opset uitgeskakel het.

Wat nalatigheid betref, herinner Neethling en Potgieter⁵⁵ ons op hul beurt daaraan dat putatiewe noodweer skuld in die vorm van sowel opset as nalatigheid kan uitskakel. ’n *Bona fide*-oortuiging dat jou liggaamlike integriteit of lewe in gevaar is, skakel opset uit weens ’n gebrek aan wederregtelikheidsbewussyn. Indien ’n redelike persoon in die verdediger se omstandighede boonop óók sou glo dat sy lewe in gevaar is en presies so sou optree, ontbreek nalatigheid ook.

Die afleiding is dus dat indien die bestaan van putatiewe noodweer aanvaar word, ’n persoon nie aan ’n opsetmisdad skuldig bevind kan word nie. Ingeval sy gedrag afgewyk het van die maatstaf van die redelike persoon, kan hy egter steeds aan ’n nalatigheidsmisdad, byvoorbeeld strafbare manslag, skuldig bevind word.

Die volgende afdelings spoor die Suid-Afrikaanse howe se vertolking van putatiewe noodweer en die vereistes om daarmee te slaag na van so ver terug as die vyftigerjare tot die meer onlangse, opspraakwekkende *Pistorius*-saak.

4. Historiese oorsig

4.1 *R v Bhaya* 1953 3 SA 143 (N)

Die beskuldigde in hierdie saak is van saakbeskadiging aangekla en in die verhoorhof skuldig bevind, waarteen die beskuldigde geappelleer het. Die aanklag was gegrond op die beskuldigde se bekentenis dat hy ene Essop Moosa se voertuig met ’n piksteel geslaan en beskadig het.⁵⁶

Die beskuldigde se gedrag het gespruit uit sy foutiewe oortuiging ten tye van die voorval dat sy broer se lewe in gevaar was en dat die persone in Moosa se motor op die punt was om op sy broer af te jaag en hom te steek met 'n mes wat die beskuldigde in die een persoon se hand gesien het.⁵⁷ Die beskuldigde se foutiewe oortuiging is deur die volgende aangevuur:⁵⁸

- a) Die persone in die motor en die beskuldigde se broer was in verskillende bendes wat gereeld in konflik was.
- b) Die beskuldigde het dieselfde motor die vorige twee middae geparkeer sien staan net mooi op die plek van waar en tyd waarop sy broer sy werkplek sou verlaat.
- c) Die beskuldigde het gesien een van die persone in die voertuig hou 'n mes in sy hand.
- d) Die oomblik toe sy broer die pad wou oorsteek, is die motorenjin aangeskakel.

Na aanleiding van sy foutiewe oortuiging het die beskuldigde na sy winkel gehardloop, 'n piksteel gaan haal en in wat hy geglo het 'n noodweerhandeling was, die piksteel gebruik om die motor te beskdig om sy broer te probeer beskerm. Terselfdertyd het hy geskree om sy broer te waarsku.⁵⁹

In die appèl teen die skuldigbevinding het die hof geargumenteer dat die volgende twee vrae deurslaggewend is om te bepaal of die beskuldigde met putatiewe noodweer kon slaag of nie:⁶⁰

Whether the *belief entertained* by the appellant that the complainant and his companions were about to assault his brother (Nr 1 accused) *was or was not reasonable*. If it was not a reasonable belief, then although actually and bona fide entertained by the appellant, it would not, if mistaken, afford in law an excuse for conduct based upon that belief.

If it was reasonable, the question remains whether the *steps taken* by him to protect No. 1 accused by forestalling the assault upon him *were justified* in law.

Dit is teleurstellend dat die hof hier verwag het dat die foutiewe geloof nie net *bona fide* nie, maar ook redelik moet wees. Daar is immers reeds hier bo⁶¹ op gewys dat die vraag na die redelikheid van die dwaling slegs by die bepaling van nalatigheid ter sprake behoort te kom. Saakbeskadiging is egter 'n misdadig wat skuld in die vorm van opset vereis.⁶² Die beskuldigde se *bona fide*-oortuiging dat hy in noodweer opgetree het, en sy gepaardgaande gebrek aan wederregtelikheidsbewussyn, behoort dus voldoende te gewees het vir 'n onskuldigbevinding aan saakbeskadiging.

Nietemin kom die hof steeds tot die gevolgtrekking dat die beskuldigde onskuldig is⁶³ omdat sy foutiewe oortuiging en gevolglike gedrag inderdaad redelik en ook die enigste optrede in die omstandighede was.

4.2 *S v De Oliveira 1993 2 SASV 59 (A)*

Die appellant in hierdie saak is in die verhoorhof aangekla en skuldig bevind aan moord en twee klagtes van poging tot moord.⁶⁴

Op die betrokke dag het die appellant se vrou hom ná 'n middagslapie wakker gemaak en beangs meegedeel dat daar onbekende mans in hul oprit is. Die appellant het gesê hy sal dit hanteer, met sy pistool na die venster geloop en bykans onmiddellik ses skote na buite afgevuur. Die “onbekende mans” was inderwaarheid die beskuldigde se jare lange inwoonwerknemer en vriend, ene Vusi, en sy makkers. Nadat die beskuldigde Vusi persoonlik vroeër die middag in Hillbrow afgelaai het, het laasgenoemde nou teruggekeer en gesukkel om toegang te verkry tot sy kamer, wat agter in die erf was.⁶⁵ Een van die skote het Vusi in die been getref, 'n ander het sy vriend noodlottig getref, terwyl 'n derde skoot nóg 'n vriend rakelings getref het.⁶⁶

Om te beslis of die beskuldigde met putatiewe noodweer kon slaag, met ander woorde of die beskuldigde *bona fide* oortuig was dat hy in noodweer gehandel het,⁶⁷ verduidelik die hof die verskil tussen noodweer en putatiewe noodweer, asook die strafregtelike aanspreeklikheid verbonde aan putatiewe noodweer, soos volg:

A person who acts in private defence acts lawfully, provided his conduct satisfies the requirements laid down for such a defence and does not exceed its limits. The test for private defence is objective – would a reasonable man in the position of the accused have acted in the same way. In putative private defence it is not lawfulness that is in issue but culpability. If an accused honestly believes his or her property to be in danger, but objectively viewed they are not, the defensive steps he takes cannot constitute private defence. If in those circumstances he kills someone his conduct is unlawful. His *erroneous belief* that his life or property was in danger may well (depending upon the precise circumstances) exclude *dolus* in which case *liability for the person's death based on intention will also be excluded*; at worst for him he *can then be convicted of culpable homicide*.⁶⁸

Die belang van dié riglyn blyk daaruit dat daaropvolgende uitsprake⁶⁹ telkens daarna verwys. Hierdie beslissing deur die Appèlhof (nou bekend as die Hoogste Hof van Appèl) is immers bindend vir alle ander strahowe in die land.⁷⁰

Tog het die beskuldigde verkies om nié te getuig nie, en moes sy gemoedstoestand of gedagtes ten tye van misdaadpleging dus van ander bewyse en afgeleide beredenering afgelei word. Die volgende het teen hom getel:

a) Alhoewel hy en sy vrou in 'n gevaarlike gebied gewoon het waar inbrake en huisrowe aan die orde van die dag was,⁷¹ was daar in die omstandighede geen rede om te glo dat sy lewe of eiendom in onmiddellike gevaar was nie. Daar was geen teken van enige poging tot inbraak nie.⁷² Die hof het voorts genoem dat dit in die bepaalde omstandighede ondenkbaar was dat 'n redelike persoon sou glo dat hy daarop geregtig was om op persone buite die huis te skiet.⁷³ Dit is jammer dat die hof hier na die “redelike persoon”-maatstaf verwys om te bepaal of die beskuldigde met putatiewe noodweer kon slaag. Dit sou straks beter gewees het om te sê dat die beskuldigde se foutiewe oortuiging dat hy in die omstandighede daarop geregtig was om te skiet, nie as geloofwaardig beskou kon word nie.

b) Boonop was die appellant veilig in sy kamer, in 'n koeëlvaste huis én gewapen.⁷⁴

c) In hierdie omstandighede was daar volgens die hof *prima facie*-bewys dat die beskuldigde nie so opreg oortuig was dat hy in noodweer gehandel het nie. Sy versuim om te getuig het ook nie hierdie *prima facie*-bewys weerlê nie.⁷⁵

Die Appèlhof bevind dus dat die verhoorhof korrek was om die verweer van putatiewe noodweer te verwerp.⁷⁶

4.3 *S v Naidoo* 1997 1 SACR 62 (T)

Alhoewel die feite effens verskil, is daar sterk ooreenkomste tussen die *Naidoo*-⁷⁷ en *Pistorius*-sake.⁷⁸ In albei sake het die beskuldigdes 'n geliefde tuis doodgeskiet onder die wanindruk dat hulle op 'n inbreker geskiet het, en in albei sake het die beskuldigdes die verweer van putatiewe noodweer geopper.

In *Naidoo*⁷⁹ is die oorledene en een van sy seuns (Ugandian) in die vroeë oggendure na die beskuldigde ('n ander seun van die oorledene) se huis. Die beskuldigde was nog wakker en aan die gesels met sy ma en suster oor sy planne om sy kind na sy pa te vernoem.⁸⁰ Buite die beskuldigde se huis het die oorledene en Ugandian die gesprek staan en afluister. Die oorledene het Ugandian aangesê om stil te wees sodat hy die gesprek kon hoor. Toe Ugandian egter teen 'n veiligheidshek leun, het dit 'n geluid gemaak. Die beskuldigde het hierna na buite geskree: "Wie is daar?" Toe hy geen antwoord kry nie, het hy die kombuisdeur effens oopgemaak en 'n skoot na buite afgevuur. Toe die beskuldigde sien dat hy sy pa geskiet het, het hy huilend gevra hoekom sy broer-hulle hom nie geantwoord het toe hy geroep het nie.⁸¹

In die bepaling of die beskuldigde met putatiewe noodweer kon slaag, het die hof op die vereistes gewys dat die beskuldigde moet glo dat hy aangeval word en dat sy gevolglike handeling redelik en noodsaaklik⁸² moet wees om die aanval af te weer. Indien wel, het wederregtelikheidsbewussyn, en dus skuld in die vorm van opset, ontbreek. Die beskuldigde kan dan egter steeds aan strafbare manslag skuldig bevind word.⁸³ Die hof⁸⁴ verwys voorts na *S v Bailey*⁸⁵ waar appèlregter Jansen soos volg opgemerk het:

[Dit is] ... ook denkbaar dat selfs by ontstentenis van so 'n hoë graad van vrees hy in bepaalde omstandighede bona fide kan glo dat hy geregtig is om 'n ander se belang op te offer. In al dié gevalle sal daar afwesigheid van wederregtelikheidsbewussyn wees.

Om te bepaal of die beskuldigde in *Naidoo* subjektief geglo het dat hy daarop geregtig was om te skiet, het die hof die volgende in ag geneem:⁸⁶

a) Die beskuldigde was 19 jaar oud.

b) Daar is voorheen by sy huis ingebreek.

c) Hy het redelike gronde gehad om te glo dat iemand by sy huis wou inbreek, selfs al was die lig aan en daar mense saam met hom in die huis was.

d) Hy was die enigste man in die huis, en dit was 'n gevaarlike woonbuurt.

e) Toe hy die kombuisdeur oopmaak, was daar net 'n veiligheidshek tussen hom en die “onbekende getal inbrekers”, wat oor enige soort wapens kon beskik het.

f) In die lig van die gewelddadigheid van misdadigers in Suid-Afrika, is dit te verstane dat die beskuldigde in die vroeë oggendure geglo het dat die enigste redelike uitweg was om te skiet, soos hy wel het.

Die verdediging het ook tereg aangevoer dat die beskuldigde nie hoef te gewag het vir die “aanvallers” om deur die veiligheidshek te bars nie, maar daarop geregtig was om vroeër te skiet.⁸⁷

Die hof aanvaar dat die beskuldigde die moontlikheid voorsien het dat hy iemand met die skoot kon dood,⁸⁸ maar wys op die vereiste van wederregtelikheidsbewussyn om 'n skuldigbevinding aan moord te verseker, met ander woorde die beskuldigde moes geweet het dat hy wederregtelik optree.⁸⁹ So 'n besef het hier ontbreek. Daarbenewens verwys die hof⁹⁰ na Burchell en Hunt,⁹¹ waar die volgende verklaar word:

Where X, in intentionally killing Y, *bona fide but mistakenly believed* that his act was justified or authorized by law, his mistake would preclude a finding of *dolus* on his part in respect of the unlawfulness of the killing. However, his mistake would not necessarily preclude a finding that, in intentionally killing Y, he acted with negligence required to support a conviction of culpable homicide.

Gevolglik beslis die hof só:

In this case we find that the accused *reasonably believed* that he was under attack. Whether, for the defence which I am now discussing to succeed, *it is necessary that the belief should be reasonable, is not something which we have to decide*. The effect of these authorities is therefore that if a person *believes* that he is under attack, and if the *force* which he is applying to resist the putative attack *is reasonable and justified and necessary* to ward off the attack, then he *does not have the necessary “wederregtelikheidsbewussyn” or knowledge of wrongfulness which would constitute the dolus necessary to sustain a conviction of murder, but he may be convicted of culpable homicide*.⁹²

Die gebrek aan wederregtelikheidsbewussyn met die afvuur van die skoot na buite het dus 'n skuldigbevinding aan moord verhoed, hoewel die beskuldigde se nalatigheid in die omstandighede tot 'n skuldigbevinding aan strafbare manslag gelei het.⁹³

4.4 S v Sataardien 1998 1 SASV 637 (KH)

*Sataardien*⁹⁴ dien as 'n voorbeeld van waar die verweer van putatiewe noodweer tot algehele onskuldigbevinding gelei het.

Die beskuldigde in die saak het saam met sy twee minderjarige seuns van 'n moskee af gestap toe die oorledene hom nader. Die beskuldigde en oorledene het in 'n woordewisseling betrokke geraak en die oorledene het gedreig om die beskuldigde aan te rand. Die oorledene het daarna daad by die woord gevoeg en die beskuldigde oomblikke later 'n paar keer teen die kop geslaan. Die oorledene het toe agteruit beweeg met sy hande op sy regtersy terwyl hy

die beskuldigde toegesnou het: “Vanaand gaan jy vrek.” Onder die (wan)indruk dat die oorledene ’n vuurwapen te voorskyn sou bring, het die beskuldigde sy eie vuurwapen uitgehaal en na die oorledene se hande geskiet. Die skoot was egter noodlottig.⁹⁵

In die beoordeling of die beskuldigde met putatiewe noodweer kon slaag, het die hof die kernvraag gestel of

die beskuldigde *eerlik, dog foutiewelik, geglo* het dat sy lewe in gevaar was en dat hy derhalwe daarop *geregtig was om homself te beskerm teen wat hy gesien het as ’n dreigende aanval op hom*. Daar moet *subjektief na die gemoedstoestand* van die beskuldigde gekyk word, en die Hof moet hom, sover moontlik, in die posisie plaas van die beskuldigde ten tyde van die gebeurte.⁹⁶

Dit was die enigste vereiste wat die hof geopper het, en word verwelkom. Om die vraag te beantwoord, het die hof die volgende in ag geneem:⁹⁷

- a) Wat liggaamsbou betref, was die beskuldigde heelwat kleiner as die oorledene.
- b) Alles het te vinnig gebeur vir die beskuldigde om alternatiewe te oorweeg soos om weg te hardloop of die oorledene te waarsku voordat hy geskiet het.
- c) Die oorledene se dreigement aan die beskuldigde, tesame met die beweging van sy hand na sy regtersy, het die beskuldigde oortuig dat hy in gevaar was.

Alhoewel die beskuldigde nie op daardie oomblik daaraan gedink het nie, het hy geweet dat die koeël uit sy wapen iemand se dood kon beteken.⁹⁸ Hy het die skoot egter afgevuur in “’n toestand van angs en vrees, en in ’n stadium toe hy, reg of verkeerd, geregverdig of ongeregtverdig, vir sy lewe gevrees het”.⁹⁹

Die hof bevind uiteindelik dat die beskuldigde inderdaad opreg vir sy lewe gevrees het en geglo het dat sy enigste uitweg in die omstandighede sou wees om na die oorledene se hande te skiet en hom sodoende te probeer “ontwapen”. Hy het dus nie wederregtelikheidsbewussyn, en gevolglik opset, gehad om die oorledene te dood nie.¹⁰⁰

Die hof wys voorts tereg daarop dat om te bepaal of die beskuldigde aan strafbare manslag skuldig bevind kon word, ’n objektiewe redelikheidstoets moet geld, met ander woorde of die beskuldigde redelikerwys onder die indruk was dat hy in noodweerstandighede verkeer, en of sy gedrag in daardie omstandighede redelik was.¹⁰¹ Die hof se duidelike onderskeid tussen die subjektiewe toets vir opset en die objektiewe redelikheidstoets vir nalatigheid is ook lofwaardig.

In die lig van die spesifieke omstandighede beslis die hof dat die beskuldigde redelik opgetree het en nie nalatig was wat die oorledene se dood betref nie,¹⁰² en word die beskuldigde onskuldig bevind.¹⁰³

4.5 Kgaleng v Minister of Safety and Security 2001 4 SA 854 (W)

Alhoewel hierdie aangeleentheid nie ’n strafsak was nie, maar eerder ’n deliktuele eis deur die oorledene se vrou teen die Minister van Veiligheid en Sekuriteit as eerste verweerder en

inspekteur Myburgh as tweede verweerder, is die verweer van putatiewe noodweer ook hiër suksesvol geopper.

Uit die feite blyk dat inspekteur Myburgh en kaptein Jurgens gereageer het op 'n radioverslag dat daar by 'n elektrisiteitsverdeelkas ingebreek is. Toe hulle by die betrokke kas aankom, het 'n groep mense wat daar bymekaar was, uiteengespat. Myburgh, wat met sy R5-geweer gewapen was, het die oorledene agternagesit. Die oorledene het skielik met geboë skouers en albei hande teenaan sy bors op 'n erf gaan staan. In die oorledene se hande het Myburgh iets gesien wat vir hom na die blink knalmeganisme van 'n handgranaat gelyk het. Onder die indruk dat sy lewe in onmiddellike gevaar was, het Myburgh aan die oorledene geskree om die "handgranaat" te laat val, en het hy terselfdertyd 'n skoot in die grond afgevuur. Toe die oorledene geen reaksie toon nie, het Myburgh oomblikke ná die eerste skoot 'n tweede skoot afgevuur, dié keer in die rigting van die oorledene, wat noodlottig was. Toe kaptein Jurgens op die toneel aankom, het Myburgh hom gewaarsku om versigtig te wees, want daar was 'n "handgranaat" op die toneel. Toe niks ontplof nie, het Myburgh by nadere ondersoek 'n blik traangas naby die oorledene se hand sien lê,¹⁰⁴ wat hy verkeerdelik vir 'n handgranaat aangesien het.

Om die verweerders se aanspreeklikheid te bepaal, het die hof die volgende logies uiteengesette vrae gevra:¹⁰⁵ Het Myburgh in noodweer opgetree? Het Myburgh *bona fide* geglo dat hy daarop geregtig was om die oorledene te skiet? Was Myburgh nalatig? Wat die eerste vraag betref, verduidelik Neethling¹⁰⁶ dat die toets objektief is. Die vraag oor noodweer berus dus op die ware feite wat agterna vasgestel is, en nie die verweerder se subjektiewe toestand nie. Die ander twee vrae hou egter verband met die kwessie van skuld.

Omdat daar objektief geen gevaar (en dus geen noodweer) ter sprake was nie, kon die verweer van noodweer nie slaag nie.¹⁰⁷ Wat die vraag oor skuld betref, het die hof egter bevind dat die verweerder se *bona fide*-oortuiging dat hy daarop geregtig was om op te tree, sy wederregtelikheidsbewussyn – en dus skuld in die vorm van opset – uitgeskakel het.¹⁰⁸ Die hof verduidelik dan tereg dat skuld in die vorm van *dolus* uitgeskakel is omdat *dolus* nie net bestaan uit die bedoeling om 'n sekere doel te bereik nie, maar ook uit 'n wederregtelikheidsbewussyn, dit wil sê die wete dat jou gedrag wederregtelik is.¹⁰⁹

'n *Bona fide*-oortuiging dat gedrag geregverdig is, was dus in hierdie geval die hof se enigste kriterium vir 'n suksesvolle beroep op putatiewe noodweer. In die bepaling van nalatigheid het die hof geargumenteer dat Myburgh nie in die omstandighede afgewyk het van die gedrag wat 'n mens van 'n redelike persoon sou verwag nie, en dus ook nie nalatig opgetree het nie.¹¹⁰ Gevolglik het die eis deur die oorledene se vrou misluk.¹¹¹

4.6 S v Joshua 2003 1 SACR 1 (HHA)

In nóg 'n beslissing deur die Hoogste Hof van Appèl waar die verweer van putatiewe noodweer geopper is, het die hof twee klagtes van moord (ten opsigte van die oorledenes in klagtes 2 en 3) en een van poging tot moord tersyde gestel en vervang met twee skuldigbevindings aan strafbare manslag, en algehele kwytskelding wat betref die klagte van poging tot moord.¹¹²

Die klagtes het gespruit uit gebeure vroeër die dag nadat die appellant se vrou van R200 beroof is. Op grond van 'n beskrywing van die twee rowers het die appellant met 'n geweer

by hom die verdagtes later die aand trompop geloop.¹¹³ Die verdagtes was aan die bier drink en dagga rook saam met ander jong mans. Die appellant het twee tot drie treë van die groep af gaan staan en hulle oor sy vrou se beursie uitgevra.¹¹⁴ Die appellant het getuig dat toe hy ene Marlin (oorledene in klag 1) oor die beursie uitvra, het laasgenoemde met bierbottel in die hand opgestaan en gesê: “Moenie kak praat nie.”

Die res van die groep het hierna óók opgestaan. Toe hy die vraag oor die beursie herhaal, het Marlin gedreig om hom aan te rand, die bierbottel opgelig en nader aan die appellant beweeg. Die appellant het teruggestaan en Marlin gewaarsku dat hy hom sou skiet indien hy verder vorentoe sou tree. Die groep jong mans het die appellant omring, waarna Marlin die bevel “up” gegee het, wat die appellant vertolk het as ’n bevel om hom aan te val. Die appellant het verder getuig dat die groepie jong mans aggressief en byna op hom was toe hy sy vuurwapen uitgehaal en begin skiet het. Hy het ook gesê dat indien hy sou omdraai om te vlug, hulle hom met die bierbottel sou slaan, en dus was sy lewe in gevaar. Hy het eers op Marlin geskiet en daarna skote van regs na links afgevuur.¹¹⁵ Marlin (klagte 1), Fabian Rossouw (klagte 2) en Mervyn du Plessis (klagte 3) is in die voorval oorlede, terwyl Ivan Mootjie (die klaer in die klagte van poging tot moord) in die arm beseer is.¹¹⁶

Ná deskundige getuienis in verband met die afstand waarop die skote afgevuur en die plek waar die oorledenes geskiet is (Marlin is van naby reg van voor geskiet, en die ander twee oorledenes ook van naby, maar in die sy), het die verhoorhof die beskuldigde tereg onskuldig bevind op klagte 1.¹¹⁷ In daardie geval het die beskuldigde in noodweer opgetree. Volgens die hof het die oorledenes wat in die sy gewond is (klagtes 2 en 3) waarskynlik nie meer aangeval toe hulle geskiet is nie, maar was hulle so naby aan die appellant dat hy wel verkeerdelik kon glo dat hy steeds in onmiddellike gevaar verkeer het. Die hof verwys dan na die uitspraak in *S v De Oliveira*,¹¹⁸ wat ook hier bo aangehaal is, naamlik:¹¹⁹

The test for private defence is objective – would a reasonable man in the position of the accused have acted in the same way. In putative private defence it is not lawfulness that is in issue but culpability (“skuld”). If an accused honestly believes his life or property to be in danger, but objectively viewed they are not, the defensive steps he takes cannot constitute private defence. If in those circumstances he kills someone his conduct is unlawful. His *erroneous belief* that his life or property was in danger may well (depending upon the precise circumstances) *exclude dolus in which case liability for the person’s death based on intention will also be excluded; at worst for him he can then be convicted of culpable homicide.*

Die hof het verder gesê dit was ongegrond van die verhoorhof om die appellant skuldig te bevind aan moord ten opsigte van die oorledenes in klagtes 2 en 3 slegs omdat hulle in die sy geskiet is en nie van voor nie (wat daarop kan dui dat hulle waarskynlik besig was om te vlug). Hierdie persone was immers ook baie na aan die beskuldigde, en die voorval het vinnig gebeur, dus was daar nie tyd vir die appellant om sy opsies rustig te oorweeg nie. Ivan Mootjie (die klaer in die klagte van poging tot moord) was eweneens baie naby.¹²⁰

In navolging van *S v De Oliveira*¹²¹ kon die appellant dus wat die dood van die oorledenes in klagtes 2 en 3 betref, hoogstens aan strafbare manslag skuldig bevind word, op grond van sy foutiewe oortuiging dat hy steeds onder aanval was, terwyl hulle waarskynlik sywaarts gedraai het om te vlug. Sy foutiewe oortuiging (putatiewe noodweer) het dus *dolus* uitgeskakel. Wat Ivan Mootjie se besering betref, kon die appellant aan geen misdad skuldig

bevind word nie, omdat *dolus* ontbreek het, en selfs nie aan aanranding (as bevoegde uitspraak op die klagte van poging tot moord) nie, omdat dit skuld in die vorm van *dolus* vereis.¹²²

4.7 *S v Dougherty* 2003 2 SACR 36 (W)

In hierdie saak het die beskuldigde geappelleer teen 'n skuldigbevinding aan moord en poging tot moord in die verhoorhof, waar die beskuldigde noodweer en, as alternatief, putatiewe noodweer geopper het.¹²³

Die skuldigbevinding deur die verhoorhof het gevolg ná gebeure die aand van die beskuldigde se 63ste verjaardagpartytjie. Twee van die beskuldigde se vriende is die aand ernstig aangerand nadat hulle die partytjie verlaat het. Die beskuldigde het hiervan te hore gekom, sy pistool geneem en gaan ondersoek instel. Met sy pistool gereed in die hand het hy op die oorledene, 'n 31-jarige man,¹²⁴ en dié se vriend, Elias Dlomo, afgekom. Nadat die beskuldigde die twee oor die aanranding uitgevra het, het die oorledene na die pistool gewys en die beskuldigde beveel om dit nie te gebruik nie. Hierna het die oorledene nader aan die beskuldigde beweeg. Ten spyte daarvan dat die beskuldigde 'n waarskuwingskoot afgevuur het, het die oorledene steeds nader gekom. Alhoewel die oorledene ongewapen was en net 'n broek aangehad het, het die beskuldigde vir sy lewe gevrees en 'n aantal skote in die rigting van die oorledene en Elias afgevuur. Toe hulle neerval, het hy huis toe gehardloop.¹²⁵ Die beskuldigde het dit soos volg in sy eie woorde verduidelik:¹²⁶

I immediately thought that this man was going to take the firearm away from me after telling me that I would not use it and the commanding tone of his voice that left no doubt in my mind that he was actually coming for that firearm. I am afraid had he got the firearm, I would not be sitting here today.

Volgens deskundige getuienis¹²⁷ is die skote in hierdie saak ook op 'n baie kort afstand (ongeveer 3,5 meter) afgevuur.

Nieteenstaande bogenoemde, asook die oorledene se jong ouderdom vergeleke met dié van die beskuldigde, het die hof met die verhoorhof se bevinding saamgestem dat die beskuldigde nie met noodweer kon slaag nie. Die hof het na die gebruik van die objektiewe toets by wederregtelikheid verwys, en geargumenteer dat die beskuldigde objektief onredelik opgetree het in die doodslag van die ongewapende oorledene.¹²⁸ Tog stem Snyman¹²⁹ nie saam met die hof se bevinding dat die beskuldigde se gedrag die perke van noodweer hier oorskry het nie, en meen tereg dat dit 'n klassieke voorbeeld is van iemand wat aan ál die vereistes van noodweer voldoen het. Snyman motiveer sy standpunt deur te sê dat die vrees redelik was: dit is objektief waar dat die oorledene en Elias van die beskuldigde se gaste aangerand het;¹³⁰ daar was geen getuienis dat die beskuldigde se eerste skoot direk op hulle afgevuur is nie; dit was 'n geval van twee teen een, en die beskuldigde het nie veel ander opsies tot sy beskikking gehad nie.¹³¹

Hoe dit ook al sy, ná die verwerping van ware noodweer was die volgende vraag of die beskuldigde dan wel met putatiewe noodweer kon slaag. Hiervoor het die hof die volgende as vereistes gestel:¹³²

If an accused person *honestly but erroneously believed* that his conduct in killing another was justified, *then dolus is excluded*.

The reason is that there had been a *lack of consciousness of the wrongfulness* of the act and thus fault in the form of dolus.

Die hof verwys ook na 'n artikel waarin Manfred Nathan¹³³ meer as 100 jaar vantevore reeds gesê het:¹³⁴

[T]here will be cases where, despite the fact that there was an unlawful, intentional killing of another human being, the proper verdict is nevertheless culpable homicide. These will be the rare instances where the intention had not been evil (ie where there was a lack of consciousness of the wrongfulness of the act on the part of the perpetrator).

Die hof stel hierdie foutiewe dog *bona fide*-oortuiging as die enigste vereiste om opset uit te skakel, maar verduidelik dan dat, na gelang van omstandighede, 'n persoon steeds aan nalatigheid (in die vorm van strafbare manslag) skuldig bevind kan word.¹³⁵ Uiteindelik het die hof beslis dat hoewel skuld in die vorm van opset hier ontbreek het,¹³⁶ die appellant inderdaad nalatig was omdat 'n redelike persoon in dieselfde omstandighede nie 'n aantal skote in die rigting van die oorledene en Elias sou afgevuur het nie, maar eerder slegs nienoodlottige skote om sy aanvallers buite aksie te stel.¹³⁷ Hoewel die hof se verwagting van die redelike persoon in dieselfde omstandighede en binne dieselfde kort tydsbestek hier kommerwekkend is, val dit buite die bestek van hierdie artikel.

Die skuldigbevinding aan moord is gevolglik met strafbare manslag vervang¹³⁸ en dié aan poging tot moord tersyde gestel omdat daar nie 'n "nalatighedsopsie" vir 'n klag van poging tot moord bestaan nie.¹³⁹

4.8 Coetzee v Fourie 2004 6 SA 485 (HHA)

Nóg 'n deliktuele aangeleentheid waar putatiewe noodweer as verweer voor die Hoogste Hof van Appèl gedien het, is *Coetzee v Fourie*.¹⁴⁰ Die verweerder in hierdie saak het een aand laat (ongeveer 23:00) by die huis aangekom. Dit was donker toe hy met sy pistool in die hand na die motorhuis se deur gestap het om dit te sluit. Toe hy naby die agterwiel van sy voertuig kom, het hy die silhoeët opgemerk van iemand wat na hom toe stap. Hierdie persoon was ongeveer 7,5 meter van die verweerder af toe hy opgemerk is, en het vinnig en met swaaiende arms na die verweerder toe aangekom. Volgens die verweerder het die armbewegings by hom die indruk gewek dat die persoon hom op 'n dreigende wyse nader. Die verweerder was ook bang omdat hy glad nie geweet het waarom die persoon hom daardie tyd van die nag sou nader nie. Toe hy geen reaksie kry op sy vraag oor wat die persoon wil hê nie, en die persoon reeds ongeveer 2 tot 3 meter van hom af was, het hy 'n skoot in die rigting van die persoon afgevuur. Die persoon het neergesak, waarna die verweerder die ambulans en polisie ontbied het.¹⁴¹ Die eiser was inderwaarheid 'n man wat daar naby gewoon en self laat by die huis gekom het, en bloot wou navraag doen oor 'n waentjie wat hy by die verweerder wou koop. Sy teenwoordigheid was dus onskuldig.

Omdat dit nie 'n strafregtelike aangeleentheid was nie (die eiser het aanvaar dat die verweerder hom geskiet het slegs in die oortuiging dat sy lewe in gevaar was),¹⁴² maar eerder

'n deliktuele aangeleentheid op grond van nalatigheid, moes die hof slegs bepaal of die verweerder se foutiewe oortuiging redelik was, oftewel of die redelike persoon in die verweerder se skoene ook in die omstandighede só sou opgetree het.¹⁴³

Die verweerder het die voorval soos volg in sy eie woorde verduidelik.¹⁴⁴

Ek het geskrik u Edele ... Dit was donker, dit was nag, ek het nie enige persoon verwag om na my toe te kom nie. Dit was 'n totale onbekende persoon. Ek kon aan geen rede dink waarom 'n persoon my daardie tyd van die nag sou wou nader nie. Ek was alleen gewees. Ek was in die motorhuis, vasgekeer in die sin dat ek nie kon vorentoe of agtertoe. Hier het 'n persoon na my toe aangekom, onverwags, sonder dat ek geweet het wat die persoon se bedoelings is en daardie tyd van die aand het ek geweldig geskrik daarvoor.

Die hof het egter geargumenteer dat daar onvoldoende bewyse was dat die verweerder in onmiddellike gevaar verkeer het: Die manier waarop hy genader is, was nie uitermate dreigend nie; hy het geen vuurwapen by die eiser gewaar nie, en net omdat die eiser homself nie onmiddellik geïdentifiseer het nie, het dit nie sy gedrag outomaties dreigend gemaak nie. Indien die verweerder bedreig gevoel het, was daar volgens die hof genoeg tyd om ten minste 'n waarskuwingskoot af te vuur.¹⁴⁵ Deur te skiet, het die verweerder dus nalatig opgetree.¹⁴⁶

Hierdie uitspraak het heel tereg kwaai onder skoot gekom. Neethling en Potgieter¹⁴⁷ verskil soos volg met die hof se siening:

[I]n the present-day South Africa where people are in similar circumstances summarily shot and killed in their driveways, usually in an attempt to hijack the victim's vehicle, it is probably more reasonable to accept that the plaintiff's conduct, especially his failure to identify himself when requested to do so, was indicative of imminent danger and that the defendant therefore acted as a reasonable person in the circumstances.

Hulle¹⁴⁸ motiveer hul sienswyse met die volgende stelling:

Precisely because of the often complete disrespect for life, limb, dignity and property, it is no longer realistic to expect of "the average prudent person" not to be a nervous, timorous faintheart, often in trepidation lest he or others suffer some injury, and to act accordingly.

In teenstelling met die bevinding van die hof, wat die appèl van die hand gewys het, meen Neethling en Potgieter¹⁴⁹ dus dat die verweerder in die omstandighede opgetree het soos 'n redelike persoon sou, en inderwaarheid aanspreeklikheid moes vrygespring het.

5. Meer onlangse hofgesag

5.1 *S v Pistorius CC 113/2013 [2014] ZAGPPHC 793 (12 September 2014)*

Die “Oscar-saak”¹⁵⁰ is stellig die mees opspraakwekkende onlangse hofsaak waarin die verweer van putatiewe noodweer geopper is. Die beskuldigde het in sy eie woorde soos volg oor die betrokke voorval getuig:¹⁵¹

During the early hours of the morning I brought two fans in from the balcony. I had shortly spoken to Reeva who was in bed besides me. Unbeknown to me, Reeva must have gone to the toilet in the bathroom, at the time when I brought in the fans, closed the sliding doors and drew the blinds and the curtains. I heard the bathroom window sliding open. I believed that an intruder or intruders had entered the bathroom through the bathroom window which was not fitted with burglar bars. I approached the bathroom, armed with my firearm so as to defend Reeva and I. At that time I believed Reeva was still in bed. The discharging of my firearm was precipitated by a noise in the toilet which I, in my fearful state, knowing that I was on my stumps, unable to run away or properly defend myself physically, believed to be the intruder or intruders coming out of the toilet to attack Reeva and me.

Die verhoorhof het bevind dat die staat nié bewys het dat die beskuldigde om enige ander rede geskiet het as sy foutiewe oortuiging dat daar ’n inbreker agter die toiletdeur was nie. Volgens die verhoorhof kon daar ook nie gesê word dat die beskuldigde onopreg was in sy oortuiging dat die inbreker ’n gevaar ingehou het nie.¹⁵² Die beskuldigde het weliswaar uit die staanspoor verskeie persone van sy foutiewe oortuiging in kennis gestel, onder wie dr Stipp, ’n onafhanklike getuie, en die polisie.¹⁵³ Stipp het voorts getuig dat die beskuldigde minute ná die voorval “genuinely distraught” voorgekom het, gebid het en Stipp gesmeek het om die oorledene te red.¹⁵⁴ Die verhoorhof, wat hierdie gedeelte van die beskuldigde se getuienis aanvaar het, het dit soos volg gestel:¹⁵⁵

Counsel for the defence correctly argued that it was highly improbable that the accused would have made this up so quickly and be consistent in his version, even at the bail application before he had access to the police docket and before he was privy to the evidence on behalf of the State at the bail application.

Nietemin verwerp die verhoorhof steeds die verweer van putatiewe noodweer op grond van die beskuldigde se getuienis dat hy nooit bedoel het om enigiemand te skiet nie.¹⁵⁶ Soos reeds hier bo verduidelik,¹⁵⁷ vereis putatiewe noodweer juis dat gedrag spesifiek op ’n veronderstelde wederregtelike aanvaller gemik moet wees. Dit is jammer dat die beskuldigde se eierdans onder kruisondervraging die verhoorhof hieroor laat twyfel het terwyl ’n teenoorgestelde afleiding maklik en meer logies sou gewees het.

Die beskuldigde se verduidelikings waarom hy die skote na die toiletdeur afgevuur het, het die volgende ingesluit:¹⁵⁸

The shooting was an accident ...

[I] shot in the belief that the intruders were coming out to attack [me] ...

[I] did not have time to think ...

[I] never intended to shoot anyone ...

[I] pulled the trigger when [I] heard the noise ...

I pulled the trigger at that moment when I heard the noise. I did not have time to think about what was happening ...

Before thinking, out of fear, I fired the shots ...

[I] shot because I was at that point, with that split moment, I believed somebody was coming out to attack me. That is what made me fire out of fear. I did not have time to think. I discharged my firearm ...

Toe hy gevra is om te verduidelik waarom hy sê die skietvoorval was 'n ongeluk, sê die beskuldigde:¹⁵⁹

The accident was that I discharged my firearm in the belief that an intruder was coming out to attack me.

The discharge was accidental, M'Lady. I believe that somebody was coming out. I believed the noise that I heard inside the toilet was somebody coming out to attack me or to take my life.

Die beskuldigde se wankelrige getuienis en versuim om deurgaans te erken dat hy “opsetlik” na “die aanvaller” geskiet het om sy eie lewe te probeer beskerm, laat dus hierdie verweer misluk. Tog stel die hof dit enkele paragrawe verder soos volg:¹⁶⁰ “The accused clearly wanted to use the firearm and the only way he could have used it was to shoot at the perceived danger.” Die hof gaan dan selfs verder en verwerp die beskuldigde se getuienis dat hy nie opset gehad het om te skiet nie met die volgende woorde:¹⁶¹ “The accused was clearly not candid with the court when he said that he had no intention to shoot at anyone, as he had a loaded firearm in his hand, ready to shoot.” Ten spyte van die verhoorhof se stelling dat¹⁶² “[t]he court is, however, entitled to look at the evidence as a whole and the circumstances of the case to determine the presence or absence of intention at the time of the incident”, weier die hof om putatiewe noodweer te aanvaar.

Burchell¹⁶³ is korrek dat 'n meer oortuigende gevolgtrekking sou gewees het dat Pistorius wél voorsien het dat die persoon agter die deur gedood kon word (en dus opset gehad het om op die “inbreker” te skiet), maar steeds verkeerdelik geglo het dat hy daarop geregtig was om te skiet weens sy opregte oortuiging dat die persoon 'n inbreker was. Selfs al sou 'n mens aanvaar dat die beskuldigde nie geskiet het om te dood nie, maar slegs skote in die rigting van die gevaar afgevuur het, behoort dit steeds onder die verweer van putatiewe noodweer te val. Die gedrag was immers gemik op die “aanvaller”. Ongeag of daar opset was om te dood of slegs opset om op die “aanvaller” of “bedreiging” te skiet om die “aanval” af te weer, sal dit steeds wederregtelikeitsbewussyn uitskakel en as putatiewe noodweer in aanmerking kom.

Ondanks die verwerping van putatiewe noodweer bevind die hof dat die beskuldigde steeds nie aan moord skuldig bevind kan word nie, weens die gebrek aan *dolus directus* – 'n

begeerte om die oorledene te dood.¹⁶⁴ Die hof aanvaar ook die beskuldigde se getuienis dat indien hy die persoon agter die deur wou gedood het, hy hoër (borshoogte) sou gemik het,¹⁶⁵ en kom daarom tot die gevolgtrekking dat opset in die vorm van *dolus eventualis* ook nie aanwesig was nie.¹⁶⁶ Vanweë sy foutiewe oortuiging dat die oorledene in die slaapkamer was, het die beskuldigde met die afvuur van die skote dus nie die moontlikheid van hár dood voorsien nie, en op grond van sy onaangevegte stelling dat hy hoër sou gemik het indien hy enigiemand agter die deur wou gedood het, hy ook nie die moontlikheid van die dood van enigiemand anders agter die deur voorsien het nie.¹⁶⁷ Tog bevind die verhoorhof dat die beskuldigde nalatig was en dus skuldig was aan strafbare manslag.¹⁶⁸

Al het dié uitspraak heelwat kritiek ontlok, soos uit die bespreking in die volgende afdeling sal blyk, het twee van die land se voorste strafregkenners¹⁶⁹ die skuldigbevinding aan strafbare manslag ondersteun. Hulle steun is egter vir die uitslag van strafbare manslag op sigself, en nie noodwendig die hof se onderliggende redenering nie. Burchell¹⁷⁰ verduidelik dat die skuldigbevinding aan strafbare manslag korrek was in die lig van die feite en die reg. Die redelike persoon (met fisieke gebreke) sou die moontlikheid van die oorledene se dood voorsien het (alhoewel die beskuldigde self nie het nie) en sou stappe gedoen het om teen die moontlikheid van dood op te tree, soos om sekuriteit te bel. Ook Snyman¹⁷¹ stem saam met regter Masipa se uitspraak en motiveer sy standpunt deur te verwys na die aanwesigheid van “kleurlose opset” by die beskuldigde, met ander woorde opset wat nie gekleur is deur wederregtelikheidsbewussyn nie. Snyman erken egter ook dat regter Masipa se stellings oor die reg “’n onindrukwekkende uiteensetting van die regsreëls” was, maar dat die uitkoms dieselfde sou gewees het “al het sy die regsreëls korrek uiteengesit”.¹⁷²

Die staat was egter nie tevrede nie, en het teen die skuldigbevinding aan strafbare manslag geappelleer.

5.2 Director of Public Prosecutions, Gauteng v Pistorius 2016 2 SA 317 (HHA)

5.2.1 Dolus eventualis

Die vernaamste rede vir die staat se appèl was sy ontevredenheid met die verhoorregter se toepassing van *dolus eventualis*. Al is *dolus eventualis* nie waaroor hierdie bydrae allereers handel nie, word dit volledigheidshalwe steeds bondig bespreek.

Om die aanwesigheid van *dolus eventualis* te bepaal, het die verhoorregter die volgende vrae gestel:¹⁷³

1. Did the accused subjectively foresee that it could be the deceased behind the toilet door and
2. Notwithstanding the foresight did he then fire the shots, thereby reconciling himself to the possibility that it could be the deceased in the toilet?

Die verhoorhof het bevind dat die beskuldigde, as gevolg van sy foutiewe oortuiging dat die oorledene steeds in die slaapkamer was, nie met die afvuur van die skote die moontlikheid van haar dood voorsien het nie. Eweneens het die beskuldigde nie die dood van enigiemand anders agter die deur voorsien nie op grond van sy getuienis dat hy in so ’n geval hoër (borshoogte) sou gemik het.¹⁷⁴ Die Hoogste Hof van Appèl verskil egter hiermee en aanvaar

dat die beskuldigde, met die tipe wapen wat gebruik is én die skote na 'n badkamer met 'n beperkte oppervlakte, inderdaad die moontlikheid voorsien het dat wie ook al agter die deur was, kon sterf.¹⁷⁵ Boonop het die staat reeds in die verhoorhof geargumenteer dat¹⁷⁶

even if the court were to find that the accused shot the deceased, thinking that he was firing the shots at an intruder, this would not assist him as he had intended to kill a human being.

Dit lyk dan ook of die Hoogste Hof van Appèl die staat met die volgende woorde gelyk gee:¹⁷⁷

What was in issue, therefore, was not whether the accused had foreseen that Reeve might be in the cubicle when he fired the fatal shots at the toilet door but whether there was a person behind the door who might possibly be killed by his actions. The accused's incorrect appreciation as to who was in the cubicle is not determinative of whether he had the requisite criminal intent.

Hierdie stelling is egter aanvegbaar. Die beskuldigde se "incorrect appreciation" van wie agter die toiletdeur was, was hier juis die bepalende faktor wat betref die kwessie van skuld. Die verhoorhof het tog die beskuldigde se foutiewe oortuiging dat hy op 'n "inbreker" geskiet het, aanvaar, wat wederregtelikheidsbewussyn uitskakel. Net soos by alle ander vorme van *dolus*, maak wederregtelikheidsbewussyn deel van *dolus eventualis* uit. Indien dit ontbreek, is daar gewoon nie opset nie.

Snyman¹⁷⁸ verduidelik ook dat *error in objecto*¹⁷⁹ nie op die Oscar-sage van toepassing is nie. Gestel jy wil Piet skiet, verduidelik Snyman, en dit blyk agterna jy het Koos geskiet, sal jy normaalweg steeds skuldig wees aan moord, want jy het geweet jy skiet op 'n mens, en jy skiet wederregtelik. As jy egter dink jy skiet op 'n inbreker, soos in Oscar se geval, verander dit die saak, want jy dink nie jy tree wederregtelik op nie. Snyman¹⁸⁰ verwoord dit só:

As ek in die middel van die nag geluide in die toilet hoor en ek glo dit is 'n inbreker en ek skiet deur 'n deur met die opset om die inbreker te dood, dan het ek nie opset in die regstegniese sin van die woord nie. Ek het nie *dolus* nie omdat ek nie wederregtelikheidsbewussyn het nie.

Volgens Snyman¹⁸¹ maak dit ook nie saak hoeveel skote geskiet is nie. Alles hang af van wat die beskuldigde subjektief ten tye van die misdadadpleging geglo het.

Nietemin het die Hoogste Hof van Appèl die aanwesigheid van *dolus eventualis* aanvaar en die verhoorhof se skuldigbevinding aan strafbare manslag deur 'n skuldigbevinding aan moord vervang.¹⁸²

5.2.2 Putatiewe noodweer

Wat die hantering van putatiewe noodweer betref, het die Hoogste Hof van Appèl dit baie kortliks oorweeg, en verwerp. Die hof verwys na die toets vir putatiewe noodweer in *S v De Oliveira*¹⁸³ en verwerp dan dié verweer om die volgende redes:¹⁸⁴

a) Teenstrydigheid in die beskuldigde se getuienis

Die verskillende weergawes van die beskuldigde se getuienis oor waarom hy in die rigting van die badkamer geskiet het, is reeds hier bo uiteengesit.¹⁸⁵ Die Hoogste Hof van Appèl maak op een van hierdie weergawes staat om die verweer van putatiewe noodweer te verwerp, naamlik dat die beskuldigde “never intended to shoot anyone”.¹⁸⁶

In hierdie opsig het die verdediging egter tereg aangevoer dat die hof uit die getuienis kon aflei dat die beskuldigde wie ook al agter die toiletdeur was, as ’n bedreiging ervaar het. Verdere ondersteuning vir hierdie standpunt is Burchell¹⁸⁷ se mening dat ’n meer oortuigende gevolgtrekking sou gewees het dat Pistorius wél die moontlikheid voorsien het van die dood van die persoon agter die deur, maar steeds verkeerdlik geglo het dat hy daarop geregtig was om te skiet weens sy opregte oortuiging dat die persoon ’n inbreker was. Trouens, die volgende toon dat selfs die verhoorhof oortuig was van die aanwesigheid van opset om te skiet:¹⁸⁸ “The accused was clearly not candid with the court when he said that he had no intention to shoot at anyone, as he had a loaded firearm in his hand, ready to shoot.”

b) Die irrasionaliteit van die vrees dat die persoon in die toilet ’n gevaar vir die beskuldigde se lewe ingehou het¹⁸⁹

As motivering hiervoor wys die hof daarop dat die “gevaar”, oftewel persoon, nie net agter ’n deur verberg was nie, maar dat die beskuldigde ook nie geweet het wé die persoon was en óf hy inderdaad enige gevaar ingehou het nie. Die beskuldigde se vrees dat so iemand sy lewe bedreig het, was dus volgens die hof “not the product of any rational thought”.¹⁹⁰ ’n Rationele persoon, alhoewel angstig, sou na die hof se mening ook nie geglo het dat hy daarop geregtig was om op so ’n “gevaar” te skiet sonder om ten minste eers ’n waarskuwingskoot af te vuur nie. Die hof lei dus af dat die beskuldigde nie opreg kon geglo het dat sy gedrag toelaatbaar was nie.¹⁹¹

Hierdie stelling deur die hof laat ’n aantal vrae ontstaan: Eerstens, móés die dwaling deur die beskuldigde dan enigsins rationeel wees? Soos reeds hier bo bespreek,¹⁹² het die hof in *S v De Oliveira*¹⁹³ die ongelukkige stelling gemaak dat ’n redelike persoon in die omstandighede van daardie saak nie sou glo dat hy geregtig was om op die persone buite sy huis te skiet nie. Die verwysing na die “redelike persoon” om die subjektiewe staat van die beskuldigde se denke te bepaal, is jammer, en waarskynlik ook waarom die Hoogste Hof van Appèl hier ’n “rasionele” feitedwaling as vereiste stel. Wat die twee sake egter van mekaar onderskei, is dat die beskuldigde in *De Oliveira* in die dag op persone buite sy huis geskiet het, wat later geblyk het persone te wees wat ook op die erf gewoon het, terwyl daar in die Pistorius-saak in die nag, of vroeë oggendure, op “iemand” binne-in die beskuldigde se huis geskiet is. In *De Oliveira* het die beskuldigde ook verkies om nie te getuig en ’n grondslag vir sy verweer te bied nie.¹⁹⁴ Menige strafregkenner¹⁹⁵ meen boonop dat om met ’n feitedwaling te slaag ten opsigte van ’n misdaad wat opset vereis, die dwaling inderdaad nie redelik hoef te wees nie. Tweedens, was die beskuldigde se foutiewe oortuiging inderdaad irrasioneel? Is dit in die hedendaagse samelewing met sy hoë voorkoms van misdaad en huisbraak werklik irrasioneel om te vermoed dat daar ’n inbreker in die huis is as jy in die vroeë oggendure geluide in die badkamer hoor? Is dit irrasioneel om te glo dat jy daarop geregtig is om in jou eie huis skote in die rigting van die “gevaar” af te vuur voordat jy die “bedreiging” oor die rede vir sy aanwesigheid ondervra, en vasstel oor watter wapens hy beskik? Is dit irrasioneel om nie eers waarskuwingskote af te vuur voordat jy skiet nie omdat dít jou posisie aan die “bedreiging” sal verklap?¹⁹⁶

c) Die beskuldigde se versuim om 'n feitelike grondslag vir sy verweer te bied¹⁹⁷

Ook hierdie rede vir die verwerping van putatiewe noodweer was verrassend. Die beskuldigde het uit die staanspoor 'n hele aantal persone van sy foutiewe oortuiging in kennis gestel, onder wie dr Stipp, 'n onafhanklike getuie en die polisie.¹⁹⁸ Volgens Stipp het die beskuldigde minute ná die voorval “genuinely distraught” gelyk, gebid en hom gesmeek om die oorledene se lewe te red.¹⁹⁹ Die verhoorhof het dít as die waarheid aanvaar. Daarbenewens het die beskuldigde self getuig en uitdruklik gesê dat sy gedrag die gevolg van sy foutiewe oortuiging was.²⁰⁰

Boonop herinner Burchell²⁰¹ ons daaraan dat 'n beskuldigde nie 'n verweer hoef te bewys nie. Dit is voldoende as bewyse van 'n verweer redelik moontlik waar kan wees en dus redelike twyfel skep. Dit is die aanklaer se werk om sowel die wederregtelikheid van gedrag as skuld bo redelike twyfel te bewys.

6. 'n Samevatting van die onseker pad van putatiewe noodweer tot Pistorius

'n Oorsig van aangeleenthede waarin die verweer van putatiewe noodweer in Suid-Afrikaanse howe geopper is, dui op 'n benadering wat op sy beste as wisselvallig beskryf kan word.

Toe putatiewe noodweer reeds in 1953 in *R v Bhaya*²⁰² geopper is, het die hof gesê die foutiewe oortuiging van die bestaan van noodweer moes redelik wees, en die beskuldigde se stappe om die gevaar af te weer regverdigbaar. Hierdie objektiewe vereiste is spesifiek gestel ten opsigte van 'n klagte (nl. saakbeskadiging) waarvoor die vereiste skuldvorm opset is.

In *S v De Oliveira*²⁰³ stel die destydse Appèlhof op sy beurt 'n “erroneous belief” as enigste vereiste om dolus (opset) uit te skakel. Tog, om te bepaal of die beskuldigde op 'n klag van moord ('n opsetmisdad) met putatiewe noodweer kon slaag, het die hof ongelukkig 'n deels objektiewe toets gebruik, en genoem dat die “redelike persoon” in die beskuldigde se omstandighede nie sou glo dat hy daarop geregtig was om te skiet nie. Dít was egter onnodig,²⁰⁴ want die beskuldigde se versuim om te getuig en die omstandighede van die saak was reeds voldoende om af te lei dat die beskuldigde se foutiewe oortuiging onopreg was.

In *S v Naidoo*²⁰⁵ pas die hof weer 'n suiwer subjektiewe toets toe en vra die vraag of die beskuldigde self verkeerdelik oortuig was dat hy aangeval word en binne die vereistes van noodweer opgetree het. Die hof sê uitdruklik dat indien daar so 'n subjektiewe oortuiging bestaan, selfs al blyk dit verkeerd te wees, wederregtelikeitsbewussyn ontbreek en so iemand slegs aan strafbare manslag skuldig bevind kan word,²⁰⁶ wat dan ook die bevinding in dié saak was.²⁰⁷ Ook *Kgaleng v Minister of Safety and Security*²⁰⁸ stel 'n *bona fide*-oortuiging as enigste vereiste om te bevind dat wederregtelikeitsbewussyn, en dus opset, ontbreek. Tien jaar ná *De Oliveira* kry die Hoogste Hof van Appèl in *S v Joshua*²⁰⁹ weer geleentheid om oor putatiewe noodweer te besin. Die hof verwys na die vereistes wat in *De Oliveira* uiteengesit is,²¹⁰ stel 'n subjektiewe foutiewe oortuiging as die enigste vereiste om opset uit te skakel, en vervang gevolglik die skuldigbevindings aan moord in *Joshua* met strafbare manslag.²¹¹

Ook in *S v Dougherty*²¹² word 'n opregte foutiewe oortuiging as enigste vereiste gestel om opset uit te skakel, en word die beskuldigde skuldig bevind aan strafbare manslag in plaas van moord.²¹³

Hoewel die verhoorhof in die meer onlangse *S v Pistorius*²¹⁴ ook na 'n foutiewe dog opregte oortuiging verwys as enigste vereiste om opset uit te skakel, verwerp die hof dan putatiewe noodweer in die geheel as gevolg van die beskuldigde se wankelrige getuienis en, meer spesifiek, die stelling dat hy nooit bedoel het om enigiemand te skiet nie. Dít is jammer – 'n teenoorgestelde afleiding sou immers 'n veel logieser gevolgtrekking gewees het.²¹⁵

Tog is die Hoogste Hof van Appèl se daaropvolgende hantering en verwerping van putatiewe noodweer selfs méér kommerwekkend. Die Hoogste Hof van Appèl verwys na *De Oliveira*²¹⁶ se vereistes om met putatiewe noodweer te slaag, maar verwerp dan die verweer – nie net as gevolg van die teenstrydigheid in die beskuldigde se getuienis en sogenaamde gebrek aan 'n grondslag vir die verweer nie, maar ook omdat die beskuldigde se foutiewe oortuiging dat hy daarop geregtig was om te skiet, nie rasioneel was nie.²¹⁷ Of die foutiewe oortuiging rasioneel of irrasioneel was, is inderdaad vatbaar vir bespreking, maar dít is 'n bespreking wat moet plaasvind slegs om 'n beskuldigde se nalatigheid te bepaal, en nie opset nie. Daar is reeds hier bo²¹⁸ daarop gewys dat verskeie strafregkenners dit eens is dat 'n foutiewe dog opregte oortuiging nie redelik of rasioneel hoef te wees om opset uit te skakel nie. 'n Subjektiewe toets moet toegepas word wat die omstandighede van elke betrokke saak oorweeg om die geloofwaardigheid van die foutiewe oortuiging te bepaal. Ook die hofgesag wat in hierdie bydrae bespreek is, huldig merendeels hierdie siening. Juis daarom is die Hoogste Hof van Appèl se aandrang daarop dat die foutiewe oortuiging “rasioneel” moet wees, so teleurstellend. Die rasionaliteit of redelikheid van gedrag dui tog op 'n objektiewe toets en is iets wat slegs by die bepaling van nalatigheid geopper behoort te word.

In die praktyk maak die howe se wipplankryery uiteindelik die verskil tussen 'n skuldigbevinding aan moord (opsetmisdad) of aan strafbare manslag (nalatigheidsmisdad), wat vanselfsprekend reuseverskille in vonnisse tot gevolg het.²¹⁹ Regsekerheid word dus dringend vereis.

7. Aanbevelings vir 'n sekerder pad vorentoe

Putatiewe noodweer is die spreekwoordelike strooihalm waaraan persone vasklou wat onder die wanindruk verkeer dat hulle in noodweer opgetree het en hulle hulle uiteindelik in strafverrigtinge in die beskuldigdebank bevind. Die belang van regsekerheid op dié gebied kan nie genoeg beklemtoon word nie.

Om die duideliker en eenvoudiger hantering van dié verweer in die toekoms in die hand te werk, behoort akademici en praktisyns (howe) in veral die volgende opsigte saam te werk:

a) Die konsekwente toepassing van 'n suiwer subjektiewe toets om wederregtelikheidsbewussyn, en dus opset, te bepaal. Slegs indien wederregtelikheidsbewussyn ontbreek, behoort die meer objektiewe “redelike persoon”-toets gebruik te word om nalatigheid in die spesifieke omstandighede vas te stel.

b) Die konsekwente hantering van 'n persoon se huis as sy veilige hawe, en die gepaardgaande toepassing van Snyman se standpunt dat daadwerklike optrede toelaatbaar behoort te wees as 'n inbreker jou of 'n familielid in die middel van die nag by die huis sou nader. Snyman verwoord dié standpunt soos volg:²²⁰

May X summarily shoot Y in order to kill her, or must she first ask Y to identify herself and state the purpose of her visit, in order to decide what, objectively, the appropriate defensive measures would be in the circumstances? Must she first try to arrest Y and then call the police? It is submitted that in such a situation X is entitled summarily to resort to extreme measures of shooting at Y. *Even if subsequent investigation reveals that Y was an unarmed or a physically weak person who could easily have been overpowered by X, and who wanted to steal, say, only a cell phone, it is extremely unlikely that any court would hold that X acted unlawfully in shooting at Y.* A celebrated phrase emanating from English law reads “a person’s home is her castle”. Experience tells us that even a moment’s hesitation by X in such circumstances is to require her to gamble with her life or that of the other people in the house, and the law cannot expect this of her.

c) Eenstemmigheid oor die vereiste van waarskuwingskote tuis, en die toepassing van Burchell²²¹ se standpunt in hierdie verband:

The issuing of a warning or the firing of a warning shot must, however, be examined in the light of all the circumstances. It may, in certain circumstances, *be unreasonable to expect a person faced with an intruder in his or her home to call out a warning or fire a warning shot.* By calling out he or she might simply sign his or her own death warrant by identifying his or her position to the intruder or by provoking an armed intruder into returning fire. *The emergency situation faced by the homeowner might not give time for warnings.*

Veral in die lig van hedendaagse samelewingstendense, met huisbraak en roof aan die orde van die dag,²²² behoort verdediging teen hetsy werklike of veronderstelde aanvallers tuis eenvoudig anders as ander gevalle hanteer te word, met inagneming van die feite en omstandighede van elke saak.

Bibliografie

Botha, M.F.T. 2013. Private defence in the South African law of delict: Rethinking the rethinker. *South African Law Journal*, 130(1):154–86.

Botha, R. 2014. Straftelike struikelblokke in die mishandelde persoon se stryd om geregtigheid. *LitNet Akademies*, 11(3):189–222.

Botha, R. en M. van der Merwe. 2013. Die tergende toekoms van provokasie as verweer in die Suid-Afrikaanse strafreg. *LitNet Akademies*, 10(2):81–108.

Botha, R. en M. van Rooyen. 2016. Dronkenskap as verweer in die Suid-Afrikaanse strafreg: 'n Sober benadering? *LitNet Akademies*, 13(2):556–93.

- Burchell, J. 2014. Masipa's decision to acquit Oscar of murder justified. BDLive. <http://www.bdlive.co.za/opinion/2014/09/17/masipas-decision-to-acquit-oscar-of-murder-justified> (28 Februarie 2017 geraadpleeg).
- . 2016. *Principles of criminal law*. 5de uitgawe. Kaapstad: Juta.
- Carstens, S. 2014. Tergende regspraak wat verdeel. Kenners nie eens oor regter Masipa se uitspraak. *Die Volksblad*, 23 September, bl. 9.
- De Wet, J.C. 1985. *De Wet en Swanepoel strafreg*. 4de uitgawe. Durban: Butterworth.
- Hector, S. 2015. Recent cases: General principles and specific offences. *South African Journal of Criminal Justice*, 28(1):73–84.
- Kemp, G., S. Walker, R. Palmer, D. Baqwa, C. Gevers, B. Leslie en A. Steynberg. 2015. *Criminal law in South Africa*. 2de uitgawe. Kaapstad: Oxford University Press.
- Maharaj, S. 2015. Fight back and you might be found guilty: Putative self-defence. *De Rebus*, 2015(555):34–6.
- Neethling, J. 2002. Self-defence: The “unreasonable” reasonable man. *South African Law Journal*, 119(2):283–7.
- Neethling, J. en J.M. Potgieter. 2004. Section 49 of the Criminal Procedure Act 51 of 1977, private defence and putative private defence. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, 3:602–8.
- Snyman, C.R. 2004. Private defence in criminal law – an unwarranted raising of the test of reasonableness: *S v Dougherty* 2003 2 SACR 36 (W). *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 67(2):325–31.
- . 2012. *Strafreg*. 5de uitgawe. LexisNexis.
- . 2014. *Criminal law*. 6de uitgawe. LexisNexis.
- Supreme Court of Appeal of South Africa. 2015. <http://www.justice.gov.za/sca/aboutsca.htm> (6 Junie 2017 geraadpleeg).
- Visser, P.J. en J.P. Vorster. 1982. *General principles of criminal law through the cases*. Durban-Pretoria: Butterworths.

Eindnotas

¹ Snyman (2014:22). Moordsyfers in Suid-Afrika is meer as vyf keer hoër as die wêreldgemiddelde. Sien ook Botha en Van Rooyen (2016:559).

² Sien bv. *R v Bhaya* 1953 3 SA 143 (N); *S v De Oliveira* 1993 2 SASV 59 (A); *S v Naidoo* 1997 1 SACR 62 (T); *S v Sataardien* 1998 1 SASV 637 (KH); *Kgaleng v Minister of Safety*

and Security 2001 4 SA 854 (W); *S v Joshua* 2003 1 SACR 1 (HHA); *S v Dougherty* 2003 2 SACR 36 (W).

³ Snyman (2014:112).

⁴ Burchell (2016:131).

⁵ *R v Bhaya* 1953 3 SA 143 (N).

⁶ *S v De Oliveira* 1993 2 SACR 59 (A) 63–4.

⁷ *Director of Public Prosecutions, Gauteng v Pistorius* 2016 2 SA 317 (HHA).

⁸ *Director of Public Prosecutions, Gauteng v Pistorius* 2016 2 SA 317 (HHA) 336–7.

⁹ Sien Snyman in Carstens (2014); Burchell (2014).

¹⁰ *Director of Public Prosecutions, Gauteng v Pistorius* 2016 2 SA 317 (HHA).

¹¹ Snyman (2014:32–4); Kemp e.a. (2015:24–8); Botha en Van der Merwe (2013:84).

¹² Snyman (2014:34).

¹³ Burchell (2016:131).

¹⁴ *Ibid.*

¹⁵ Snyman (2014:112).

¹⁶ Burchell (2016:131).

¹⁷ (2014:97–8). Sien ook Botha (2014:193).

¹⁸ (2012:106). Sien ook Snyman (2014:102) vir die Engelse weergawe.

¹⁹ Snyman (2014:103–5); Burchell (2016:122–5); Kemp e.a. (2015:94–5); Botha (2014:194).

²⁰ Snyman (2014:103).

²¹ Snyman (2014:105) waar hy o.a. na lewe, liggaamlike integriteit en selfs eiendom as belange verwys.

²² Snyman (2014:105) waar hy verduidelik dat X nie net 'n moontlikheid van 'n aanval moet voorsien nie, en dat die aanval ook nie iets in die verlede moet wees nie.

²³ Snyman (2014:106–11). Sien ook Burchell (2016:126–30) wat na die volgende verwys as vereistes vir die verdedigende handeling: die verdediging moet noodsaaklik wees; dit moet 'n redelike reaksie op die aanval wees, en dit moet teen die aanvaller gemik wees. Sien ook Kemp e.a. (2015:95–8); Botha (2014:194).

²⁴ (2016:127).

²⁵ (2014:106).

²⁶ Sien ook *S v Engelbrecht* 2005 2 SACR 41 (W) par. 354 in hierdie verband.

²⁷ (2014:107); Kemp e.a. (2015:96).

²⁸ (2014:111). Eie beklemtoning.

²⁹ (2016:128–9). Eie beklemtoning.

³⁰ *Director of Public Prosecutions, Gauteng v Pistorius* 2016 2 SA 317 (HHA).

³¹ *Director of Public Prosecutions, Gauteng v Pistorius* 2016 2 SA 317 (HHA) 328.

³² (2016:128–9).

³³ Burchell (2016:130).

³⁴ Kemp e.a. (2015:102).

³⁵ (2014:188).

³⁶ Snyman (2014:112); De Wet (1985:81).

³⁷ Burchell (2016:131); Maharaj (2015:35).

³⁸ Snyman (2014:442).

³⁹ Snyman (2014:177) verduidelik *dolus directus* soos volg: “[It] comprises a person’s directing his will towards achieving the prohibited result or towards performing the prohibited act. This result or act is his goal. He desires the act or result.” *Dolus indirectus*, daarenteen, is aldus Snyman (2014:178) ter sprake waar “the prohibited act or result is not X’s goal, but he realizes that if he wants to achieve his goal, the prohibited act or result will of necessity materialise”. *Dolus eventualis* word weer soos volg omskryf: “A person acts with intention in the form of *dolus eventualis* if the commission of the unlawful act or causing of the unlawful result is not his main aim, but (a) he subjectively foresees the possibility that, in striving towards his main aim, the unlawful act may be committed or the unlawful result may be caused, and (b) he reconciles himself to this possibility” (Snyman 2014:178).

⁴⁰ Snyman (2014:196–7) verduidelik *dolus indeterminatus* soos volg: “If X’s act is directed not at a particular person, but at anybody who may be affected by his act, he acts with *dolus indeterminatus*.”

⁴¹ Snyman (2014:184).

⁴² Burchell (2014).

⁴³ Snyman (2014:198); Botha (2013:180).

⁴⁴ (2015:75).

⁴⁵ Snyman (2014:206).

⁴⁶ Neethling en Potgieter (2004:605-6.

⁴⁷ (2013:182).

⁴⁸ (1985:155).

⁴⁹ (2016:131). Eie beklemtoning. Sien ook Kemp e.a. (2015:102).

⁵⁰ (1982:324). Eie beklemtoning.

⁵¹ (2015:248).

⁵² (2014:188).

⁵³ (2014:188).

⁵⁴ Snyman (2014:188).

⁵⁵ *Ibid.*

⁵⁶ *R v Bhaya* 1953 3 SA 143 (N) 147.

⁵⁷ *Ibid.*

⁵⁸ *Ibid.*

⁵⁹ *Ibid.*

⁶⁰ 149. Eie beklemtoning.

⁶¹ Sien par. 3.2.1.

⁶² Snyman (2014:541).

⁶³ *R v Bhaya* 1953 3 SA 143 (N) 149.

⁶⁴ *S v De Oliveira* 1993 2 SACR 59 (A) 59.

⁶⁵ 62.

⁶⁶ 60. Sien ook Maharaj (2015:35).

⁶⁷ *S v De Oliveira* 1993 2 SACR 59 (A) 64.

⁶⁸ 63–4. Eie beklemtoning.

⁶⁹ Soos dié in *S v Joshua* 2003 1 SACR 1 (HHA) en *Director of Public Prosecutions, Gauteng v Pistorius* 2016 2 SA 317 (HHA).

⁷⁰ Supreme Court of Appeal of South Africa (2015).

⁷¹ 59–60.

⁷² 64.

⁷³ 60.

⁷⁴ 64. Sien ook Maharaj (2015:35).

⁷⁵ *S v De Oliveira* 1993 2 SACR 59 (A) 65.

⁷⁶ 65.

⁷⁷ *S v Naidoo* 1997 1 SACR 62 (T).

⁷⁸ *Director of Public Prosecutions, Gauteng v Pistorius* 2016 2 SA 317 (HHA).

⁷⁹ *S v Naidoo* 1997 1 SACR 62 (T) 64.

⁸⁰ 64. Die beskuldigde se pa was blykbaar Tamil, en die beskuldigde en sy vrou Moslems, wat die belangrike gesprek oor die vernoeming van die kind verklaar.

⁸¹ *S v Naidoo* 1997 1 SACR 62 (T) 64.

⁸² Sien die vereistes om met ware noodweer te slaag in par. 3.1.1 hier bo.

⁸³ *S v Naidoo* 1997 1 SACR 62 (T) 62.

⁸⁴ 67.

⁸⁵ 1982 3 SA 772 (A) 796 C–D.

⁸⁶ *S v Naidoo* 1997 1 SACR 62 (T) 69.

⁸⁷ *Ibid.*

⁸⁸ 66.

⁸⁹ *Ibid.*

⁹⁰ 67.

⁹¹ (1983). Eie beklemtoning.

⁹² *S v Naidoo* 1997 1 SACR 62 (T) 68. Eie beklemtoning.

⁹³ 69. Sien ook Maharaj (2015:35).

⁹⁴ 1998 1 SACR 637 (KH).

⁹⁵ 1998 1 SACR 637 (KH) 637.

⁹⁶ *Ibid.* Eie beklemtoning.

⁹⁷ 641.

⁹⁸ *Ibid.*

⁹⁹ 643.

¹⁰⁰ 645.

¹⁰¹ 637. Sien ook Maharaj (2015:36).

¹⁰² *S v Sataardien* 1998 1 SACR 637 (KH) 645.

¹⁰³ *Ibid.*

¹⁰⁴ *Kgaleng v Minister of Safety and Security* 2001 4 SA 854 (W) 860. Sien ook Neethling (2002:283) vir 'n opsomming van die feite. Sien verder Botha (2013:163).

¹⁰⁵ *Kgaleng v Minister of Safety and Security* 2001 4 SA 854 (W) 856.

¹⁰⁶ (2002:284).

¹⁰⁷ *Kgaleng v Minister of Safety and Security* 2001 4 SA 854 (W) 855.

¹⁰⁸ *Ibid.*

¹⁰⁹ *Ibid.*

¹¹⁰ *Ibid.* Sien ook Neethling (2002:285).

¹¹¹ *Kgaleng v Minister of Safety and Security* 2001 4 SA 854 (W) 875.

¹¹² *S v Joshua* 2003 1 SACR 1 (HHA) 12–3. Sien ook Maharaj (2015:36).

¹¹³ *S v Joshua* 2003 1 SACR 1 (HHA) 3.

¹¹⁴ *Ibid.*

¹¹⁵ 8.

- ¹¹⁶ 4.
- ¹¹⁷ 10.
- ¹¹⁸ 1993 2 SACR 59 (A) 63–4.
- ¹¹⁹ *S v Joshua* 2003 1 SACR 1 (HHA) 10–1. Eie beklemtoning.
- ¹²⁰ 11.
- ¹²¹ 1993 2 SACR 59 (A) 63–4.
- ¹²² *S v Joshua* 2003 1 SACR 1 (HHA) 11.
- ¹²³ *S v Dougherty* 2003 2 SACR 36 (W) 44.
- ¹²⁴ 39.
- ¹²⁵ 38–9. Sien ook Snyman (2004:326).
- ¹²⁶ *S v Dougherty* 2003 2 SACR 36 (W) 39.
- ¹²⁷ Dr. Van der Westhuizen wat die *post mortem* behartig het.
- ¹²⁸ *S v Dougherty* 2003 2 SACR 36 (W) 50.
- ¹²⁹ (2004:325). Sien ook Neethling en Potgieter (2004:606).
- ¹³⁰ Snyman (2004:327).
- ¹³¹ Snyman (2004:328).
- ¹³² *S v Dougherty* 2003 2 SACR 36 (W) 47. Eie beklemtoning.
- ¹³³ 1902.
- ¹³⁴ *S v Dougherty* 2003 2 SACR 36 (W) 49.
- ¹³⁵ 47.
- ¹³⁶ 49.
- ¹³⁷ 50.
- ¹³⁸ Maharaj (2015:36).
- ¹³⁹ *S v Dougherty* 2003 2 SACR 36 (W) 50. Sien ook *S v Joshua* 2003 1 SACR 1 (HHA) 11.
- ¹⁴⁰ 2004 6 SA 485 (HHA).

¹⁴¹ *Coetzee v Fourie* 2004 6 SA 485 (HHA) 487–8.

¹⁴² 488.

¹⁴³ 489.

¹⁴⁴ 490.

¹⁴⁵ 489.

¹⁴⁶ 490. Sien ook Maharaj (2015:36).

¹⁴⁷ (2004:607).

¹⁴⁸ Neethling en Potgieter (2004:607).

¹⁴⁹ *Ibid.*

¹⁵⁰ *S v Pistorius* CC 113/2013 [2014] ZAGPPHC 793 (12 September 2014).

¹⁵¹ *S v Pistorius* CC 113/2013 [2014] ZAGPPHC 793 (12 September 2014) 3284–5. Sien ook Maharaj (2015:35).

¹⁵² *S v Pistorius* CC 113/2013 [2014] ZAGPPHC 793 (12 September 2014) 3328; *Director of Public Prosecutions, Gauteng v Pistorius* 2016 2 SA 317 (HHA) 325. Sien ook *S v Pistorius* CC 113/2013 [2014] ZAGPPHC 793 (12 September 2014) 3328, waar die hof sê: “The bathroom door was indeed open, so it was not his imagination at work when he thought he heard the window slide open. He armed himself with a loaded firearm and went to the direction of the noise. He heard a door slam shut ... On his version he was scared as he thought the intruder was coming out to attack him.”

¹⁵³ *S v Pistorius* CC 113/2013 [2014] ZAGPPHC 793 (12 September 2014) 3329; *Director of Public Prosecutions, Gauteng v Pistorius* 2016 2 SA 317 (HHA) 327.

¹⁵⁴ *S v Pistorius* CC 113/2013 [2014] ZAGPPHC 793 (12 September 2014) 3298; *Director of Public Prosecutions, Gauteng v Pistorius* 2016 2 SA 317 (HHA) 328.

¹⁵⁵ *S v Pistorius* CC 113/2013 [2014] ZAGPPHC 793 (12 September 2014) 3329–30; *Director of Public Prosecutions, Gauteng v Pistorius* 2016 2 SA 317 (HHA) 327.

¹⁵⁶ *S v Pistorius* CC 113/2013 [2014] ZAGPPHC 793 (12 September 2014) 3318.

¹⁵⁷ Sien par. 3.1.1.

¹⁵⁸ *S v Pistorius* CC 113/2013 [2014] ZAGPPHC 793 (12 September 2014) 3310.

¹⁵⁹ 3311.

¹⁶⁰ 3319.

¹⁶¹ 3322.

¹⁶² 3328.

¹⁶³ (2014).

¹⁶⁴ *S v Pistorius* CC 113/2013 [2014] ZAGPPHC 793 (12 September 2014) 3324; *Director of Public Prosecutions, Gauteng v Pistorius* 2016 2 SA 317 (HHA) 325.

¹⁶⁵ *S v Pistorius* CC 113/2013 [2014] ZAGPPHC 793 (12 September 2014) 3330.

¹⁶⁶ 3331.

¹⁶⁷ 3330.

¹⁶⁸ 3336, 3352. Sien ook *Director of Public Prosecutions, Gauteng v Pistorius* 2016 2 SA 317 (HHA) 325.

¹⁶⁹ *Snyman* in Carstens (2014); Burchell (2014).

¹⁷⁰ (2014).

¹⁷¹ In Carstens (2014).

¹⁷² *Snyman* in Carstens (2014).

¹⁷³ *S v Pistorius* CC 113/2013 [2014] ZAGPPHC 793 (12 September 2014) 3329.

¹⁷⁴ 3330.

¹⁷⁵ *Director of Public Prosecutions, Gauteng v Pistorius* 2016 2 SA 317 (HHA) 335.

¹⁷⁶ *S v Pistorius* CC 113/2013 [2014] ZAGPPHC 793 (12 September 2014) 3324.

¹⁷⁷ *Director of Public Prosecutions, Gauteng v Pistorius* 2016 2 SA 317 (HHA) 330.

¹⁷⁸ In Carstens (2014).

¹⁷⁹ *Snyman* (2014:188) verduidelik *error in objecto* as 'n geval waar X 'n fout begaan in verband met die voorwerp waarteen sy handeling gemik is.

¹⁸⁰ In Carstens (2014).

¹⁸¹ *Ibid.*

¹⁸² *Director of Public Prosecutions, Gauteng v Pistorius* 2016 2 SA 317 (HHA) 338.

¹⁸³ 1993 2 SASV 59 (A). Sien ook par. 4.2 hier bo.

¹⁸⁴ *Director of Public Prosecutions, Gauteng v Pistorius* 2016 2 SA 317 (HHA) 336–7.

¹⁸⁵ Par. 5.1.

¹⁸⁶ *Director of Public Prosecutions, Gauteng v Pistorius* 2016 2 SA 317 (HHA) 336.

¹⁸⁷ (2014).

¹⁸⁸ *S v Pistorius* CC 113/2013 [2014] ZAGPPHC 793 (12 September 2014) 3322.

¹⁸⁹ *Director of Public Prosecutions, Gauteng v Pistorius* 2016 2 SA 317 (HHA) 336–7.

¹⁹⁰ 336.

¹⁹¹ 337.

¹⁹² Par. 4.2.

¹⁹³ *S v De Oliveira* 1993 2 SACR 59 (A) 60.

¹⁹⁴ *Ibid.*

¹⁹⁵ Sien par. 3.2.1 hier bo.

¹⁹⁶ Sien Burchell se mening in par. 3.1.1 hier bo.

¹⁹⁷ *Director of Public Prosecutions, Gauteng v Pistorius* 2016 2 SA 317 (HHA) 336–7.

¹⁹⁸ 327.

¹⁹⁹ 328.

²⁰⁰ *S v Pistorius* CC 113/2013 [2014] ZAGPPHC 793 (12 September 2014) 3284–5. Sien ook Maharaj (2015:35).

²⁰¹ (2014).

²⁰² 1953 3 SA 143 (N) 149.

²⁰³ 1993 2 SACR 59 (A) 63–4.

²⁰⁴ Sien par. 4.2.

²⁰⁵ 1997 1 SACR 62 (T) 64.

²⁰⁶ *S v Naidoo* 1997 1 SACR 62 (T) 69.

²⁰⁷ *Ibid.*

²⁰⁸ 2001 4 SA 854 (W) 855.

²⁰⁹ *S v Joshua* 2003 1 SACR 1 (HHA).

²¹⁰ *S v Joshua* 2003 1 SACR 1 (HHA) 10–1.

²¹¹ 12–3.

²¹² 2003 2 SACR 36 (W) 47.

²¹³ *S v Dougherty* 2003 2 SACR 36 (W) 50.

²¹⁴ CC113/2013 [2014] ZAGPPHC 793 (12 September 2014) 3328.

²¹⁵ Sien par. 5.1.

²¹⁶ 1993 2 SASV 59 (A).

²¹⁷ *Director of Public Prosecutions, Gauteng v Pistorius* 2016 2 SA 317 (HHA) 336–7.

²¹⁸ Par. 3.2.1.

²¹⁹ Art. 51(1) en 51(2) van die Algemene Strafwysigingswet 105 van 1997 skryf onder sekere verswarende omstandighede verpligte lewenslange gevangenisstraf vir moord voor, en in alle ander gevalle 15 jaar gevangenisstraf vir die eerste oortreder, 20 jaar vir die tweede oortreder en 25 jaar vir die derde oortreder, tensy daar wesenlike en dwingende omstandighede is wat 'n korter tydperk regverdig. Hierdie voorgeskrewe minimum vonnistydperke is nie op strafbare manslag van toepassing nie.

²²⁰ (2014:111). Eie beklemtoning.

²²¹ (2016:128–9). Eie beklemtoning.

²²² *Snyman* (2014:23–4). “In 1994/1995 there were 231 355 cases of housebreaking. In 2012/2013 residential burglary alone has increased to 262 113 – an increase of 13%. ...

During a twelve-month period in 1994 to 1995 there were 32 659 cases of common robbery. During the corresponding twelve-month period in 2012 to 2013 the number has increased by 64%.”

Inligting oor LitNet Akademies

LitNet Akademies, as onderafdeling of node van LitNet waar portuurbeoordeelde artikels gepubliseer word, vorm 'n geakkrediteerde akademiese aanlynjoernaal wat Afrikaanse navorsingsartikels publiseer.

Hierdie geakkrediteerde gedeelte van LitNet is volkome geïntegreer met die LitNet-hiperteksomgewing. Die akademiese artikels word aangevul deur LitNet-onderhoude, videogrepe op LitNet se YouTube-kanaal, aanlyndebate op LitNet se Menings-afdeling en resensie-essays in ons Boeke en skrywers-node.

LitNet Akademies betaal R9 000 navorsingsgeld vir portuurbeoordeelde gepubliseerde artikels direk aan die navorser. *LitNet Akademies* vra geen bladgelde van bydraers nie, en die skrywers van artikels behou kopiereg.

Besoek <http://litnet.co.za/Category/akademies/litnet-akademies> vir nog inligting, asook styl- en voorleggingsriglyne.

Uitgewer: LitNet

LitNet Akademies is 'n geakkrediteerde akademiese aanlyn joernaal.

Besoek: <http://www.litnet.co.za/Category/akademies/litnet-akademies>

E-pos: akademies@litnet.co.za

Telefoonnommer: 021 886 5169

ISSN 1995-5928

Ondersteun deur:



LitNet Akademies (ISSN 1995-5928) is geakkrediteer by die SA Departement Onderwys en vorm deel van die Suid-Afrikaanse lys goedgekeurde vaktydskrifte (South African list of Approved Journals). Hierdie artikels is portuurbeoordeel vir LitNet Akademies en kwalifiseer vir subsidie deur die SA Departement Onderwys.
